Word of God

Proclamations in Afrikaans

A selection of godly proclamations received
through the 'Inner Word' by Bertha Dudde

Published by Friends of the New Revelation

Hans-Willi Schmitz
St. Bernardinstr. 47
47608 Geldern-Kapellen
Germany

+ + + + + + + +

Please take special notice of the fact that God's Words addressed to us are non-denominational. The contents of this publication by no means intends to attract members of any Christian religious affiliation nor to recruit members into any other religious affiliation. Its sole purpose is to make the present-day Word of God accessible to all people.

+ + + + + + + +

Source: https://www.bertha-dudde.org/

Table of Contents

0182 Herinnering om te verduur - Geestelike kennis....15
0183 Misleide mense - Fisiese en sielkundige konflikte....15
0184 Beproewinge....16
0185 Ou Testament....16
0186 Waarheid - Tekens - Wonders....17
0187 Heilige sfere - Seën van die werk vir geestelike wesens....18
0188 Gebed....18
0189 Beskerming teen valsheid -Vermaning om te bid....19
0190 Uitwerking op oningeligte geestelike wesens....19
0191 Geleerdes - Ryk en arm - Geld....20
0193 Vyande van die mensdom - Stryd -"Die oorwinning is joune"....21
0194 Gedwonge leerstellings....22
0195 Verlosser se liefde - Geestelike visie....23
0196 Die maat wat jy gebruik, is die maat wat jy ontvang....23
0197 Aarde - Stem van `n donderslag....24
0198 Stryd van die lig met die duisternis....24
0201 Verlosser se woorde - Stormwolke....25
0202 Demone swerf deur die heelal - Gebed....26
0203 Dwalende siele in die eter van die uitspansel - Lig en duisternis - Die hiernamaals - Lig....26
0204 Land van vrede - Gabriël....27
0205 Die uitspansel....28
0209 Ek het jou nodig....28
0210 Bron van liefde - Gevare - Krag van die liefde....29
0236 Lig is lewe - Invloed van God se boodskappers - Oukersaand....30
0237 Goddelike glans van die son - Lig en liefde....31
0254 Hemelliggame - Natuurwette - Ondersoeke is tevergeefs....32
0258 Sterre - Verblyfplek van die siele....33
0343 Gevaar van selfsug - Liefde vir God en die naaste....34
0373 Lyding en Beproewinge. Traagheid van die gees....34
0388 Gewete....35
0391 Afsondering van die wêreld....36
0399 Liefdadigheid - Kommer - Die Heiland teenwoordig in liefde....37
0400 Die uittree uit die moederkerk....38
0444 Vergifnis van sondes....39
0470 Dood in God - Rou - Arme siele - Gebed....40
0480 God se boodskappers en hul werk....40
0491 Twyfel - Liefdevolle vermaning....41
0543 Beïnvloeding van swak mense deur laagstaande geeste....42
0548 Vermaning om te verenig - Vrede - Liefde....43
0579 Diversiteit van die aardse bestaan -Julle sal bid vir lyding....43
0599 Depressie - Geestelike en fisiese traagheid....44
0605 Liefdeswerk teenoor vyande....45

0627 Gebed - Roep My aan in nood....45
0646 Leed is liefde - Mense sonder leed....46
0648 Kruis dra in Barmhartigheid - “Vader, laat U Wil geskied”....47
0659 Lyding is barmhartigheid - "Vader, laat U wil geskied"....48
0661 Die werksaamhede van natuurkragte in die Heer se Wil - Katastrofe....48
0662 Drie-Eenheid....50
0665 Misbruik van mag....50
0671 Waardeloosheid en verganklikheid van aardse besittings....51
0685 Wolf in skaapsklere -Voorloper van God voor Sy wederkoms....52
0687 Die seën van siekte en leed....53
0688 Aardse besit en eieliefde -Geestelike besit en naasteliefde....54
0694 Voorspelling van `n verwoestende gebeurtenis....54
0706 Gebrek aan selfkennis - Eieliefde - Hardkoppigheid....55
0716 Mikrokosmos (die gees se vordering deur verskillende vorms noodsaaklik)....56
0718 Bereidwilligheid om te skryf - Ontvangs van die lewende Woord - Egtheid....57
0720 Verdeeldheid en onvriendelikheid....58
0721 Slegs Liefde erken die Godheid -Soekers na God....58
0722 Vashou of los van gedagtes volgens God se wil - Vrees vir die dood....59
0737 Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde. (1)....59
0738 Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde (2)....60
0739 Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde (3)....61
0750 Ek is die begin van alle dinge!....61
0754 Die geloof van die Christendom vir drie jaar getoets....62
0756 Maria Verering -Die geboorte van Christus....62
0761 Kinderlike vertroue - "Kom almal na My"....63
0762 Vrees vir die dood - Die nuttelosheid van die lewe....63
0763 Woorde van die Vader....64
0764 Laatste Avondmaal....65
0765 Liefde - Haat....66
0783 Heiligverklaring (Kanonisering)....67
0786 Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (1)....68
0787 Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (2)....68
0788 Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (3)....69
0801 Geestelike chaos - Wêreldoorlog - Die Voorloper van Jesus....70
0818 Opvoedingswerk van God - Geestelike Traagheid - Doel van die Lyding....71
0826 Die uur van die dood, sonder voorbereiding -Die marteling van afsterwe....71
0832 Luglose ruimte....72
0839 Liggaamlike gestremdheid en die seën daarvan....73
0857 Vervulling van die voorspellings van die Skrif -Die ontvangs van die Woord....73
0873 Sinlike liefde....74
0930 Drie-eenheid....75
0962 Denkend besig wees - Hart - Brein....76
0963 Wederkoms van Jesus....77
0974a Selfmoord - Onverganklikheid - Ewigheid....77

0985 Werke van naasteliefde - Sonder liefde -Onder dwang....78
0992 Die leed van sy medemens help dra -verlossingswerk....79
1003 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe Mat.5:5....79
1004 Ek is by julle al die dae....80
1011 Uitvindsels - natuurkragte - Geloof....81
1017 Wêreldbrand - profesieë....81
1021 Samesyn in liefde maak die aardse weg makliker....82
1023 Genade?....82
1026 Foutiewe denke - die afwysing van iets sonder om daarmee bekend te wees....83
1027 Natuurlike instink - Liefde.1 - (Betreffende `n vorige gesprek)....84
1028 Natuurlike instink - Liefde. 2 - (vervolg van 1027)....84
1029 My kom die wraak toe....85
1032 Medelye - Siek en swak mense....85
1047 Die boodskappe is in `n bepaalde volgorde gegee....86
1055 Voorspelling van `n groot gebeurtenis....87
1066 Ateïsme. goddelike ingryping....88
1077 Sigbare aanwesigheid van die Verlosser - Graad van Liefde....88
1081 Die vorming van `n wolk in die hemel - die lyding en dood van Christus....89
1082 Gebedsverhoring - Voorwaardes....90
1083 Kerkgeboue....90
1084 Voorspelling oor die gebeure....91
1086 Ontvangs van ondenkbare betekenis - Doel van hierdie werk - Numeriese voorspelling....92
1094 Voordeel van kontak van die aarde met die hiernamaals....93
1095 Geestelike disintegrasie - Verwoede elemente - Vrugbare grond....94
1103 Die afsetting van `n aardse mag....94
1107 Voorloper - `n Nuwe geesteryk - Nuwe geslag....95
1114 Die innerlike stem - Stem van die gewete -hoorbare stem....96
1115 Liefde van God - goddelike beskerming -Storms....97
1134 Geloof is die eerste voorwaarde vir die waarheid....97
1137 Ewige verdoemenis - Nie bestaan - Onverlos wees....98
1153 Ster - Temperatuur - Voorspellings....99
1368 Lei ons uit die versoeking - Die "Onse Vader"....100
1375 Kindskap van God (1) Kerkbywoning....100
1376 Kindskap van God (2) Seremonies....101
1377 Kindskap van God (3) Seremonies....102
1380 Ondraaglike nood....102
1386 Beskikking van voorsienigheid is die goddelike wil Waarborg vir die hoogste volmaaktheid....103
1398 Katastrofe - Voorspelling....104
1400 Gesamentlike hulp van wesens in die hiernamaals vir misleide siele (1)....105
1401 Gesamentlike hulp van wesens in die hiernamaals(2)....106
1402 Droefheid oor die oorledenes....106
1408 Voortydige verwoesting -Die vry word van die gees....107
1417 Denkvermoë - Verstand - Beelde....108

1418 goddelike ingryping - Voorspelling....109
1447 Erfsonde - Vrywording....110
1456 Almag van die goddelike liefde -Wêreldgebeure....110
1459 Liefde tussen twee persone....111
1464 Die gees van gevoelloosheid -goddelike ingryping....112
1469 Volmaakte geestelike orde - Wanorde....113
1473 Woedende elemente van die natuur....114
1476 Mammon - Materie....115
1478 Aardse nood - Gewelddadige ingryping - Lewende geloof....116
1482 Vergifnis van sondes - Onfeilbaarheid - Roetine aksies....117
1500 Insig in die verganklike en onverganklike....117
1501 Tien gebooie - Motivering vir die wetgewing....119
1504 Sorg vir die heil van die siel - onbaatsugtige naasteliefde....119
1508 Krisis - Gewelddadige voortydige beëindiging -Natuurkatastrofe....120
1511 Put krag uit My Woord - Voorspelling....122
1514 Onfeilbaarheid - Kerklike gebooie....122
1516 Jy is Petrus, die rots....123
1517 Gaan en onderrig al die nasies....124
1534 Wanneer het die Woord van God geen effek nie?....125
1538 Aard van die Katastrofe....125
1559 Die poort na die ewigheid kan al voor die dood deurgegaan word....126
1565 Die stem van die gewete....127
1567 Bely Jesus Christus voor die wêreld - goddelike beskerming....128
1580 Die werking van die leuenvors op die denke van die mens....129
1586 Die skepping....130
1587 Reïnkarnasie - Geestelike aanskoue....131
1589 Onwillekeurige dood van onvolmaakte mense....132
1590 Innerlike oordenking - Uur van rus - Introspeksie....133
1594 Tyd van lyding - Die doel van aankondigings....133
1602 Depressie - Stemming....134
1610 Word soos kinders....135
1618 Die siel - die geesvonk in die mens....135
1620 Ure van Eensaamheid - Noodsaaklike skeiding van die Wêreld....136
1622 Strafgerig - Tyd van vrede - Gebreekte mag van die teenstander....137
1739 Jesus se verheerliking - " Ek en My Vader is een"....138
1742 My opdrag: Help die behoeftiges....139
1748 Bely Jesus Christus - Geestelike verandering....140
1749 Die siel se swaarkry noodsaak lyding -"Vader, laat U wil geskied."....140
1750 Stigting van geestelike kontakte op die aarde - Hulp van die wesens in die hiernamaals....141
1753 Die wraak kom My toe....142
1757 Gedagtes is geestelike krag....142
1762 Stryd teen die leer van Jesus - Vervolging van hulle wat Hom bely....143
1795 Voortekens van die wêreldkatastrofe....144
1797 Plig om die goddelike openbarings te versprei....145

1798 Die uur van die dood....145
1807 Bid vir goddelike genade - Onwillekeurige uitverkiesing....146
1810 Miniatuur skeppings....147
1811 Menslike “regstelling” aan boodskappe van bo....148
1812 Paradys toestand - Geestelike wêreld....148
1814 Gemeenskaplike diens aan God....149
1815 Die teenstander wil alle mistieke werke as vals afmaak....149
1823 Uitbarstings - Verskeidenheid van hemelliggame....150
1827 Wederkoms - Die wegneming (1)....151
1829 Pligsvervulling....151
1842 Wêreldgebeure - Bevestiging van die voorspellings....152
1849 Laat U Naam geheilig word....153
1857 Die mense glo dat die Woord van God afgesluit is....153
1862 Gelowige gebed - Voorspraak....155
1869 Gevoel vir geregtigheid - Die oordeel van julle medemens....155
1874a Onsterflikheid van die siel....156
1885 Nuwe leefwyse na die katastrofe....157
1888 Agteruitgang van die plantegroei - Storms - slegte weer....157
1893 Bruikbare werktuig - Versprei die Evangelie....158
1894 Verwarde denke - Genade - Ongeloof - Geloof....159
1899 Verbranding van die liggaam - Bespoediging van die ontbindingsproses....159
1901 Wie in My glo (1)....160
1910 Sagmoedigheid en geduld - Die uitwerking op die medemens....161
1919 Hemelliggame met verskillende ligsterkte en die doel daarvan....161
1923 Trooswoorde....163
1933a Instinkte van die vorige stadiums bepaal karakter....163
1933b Oorerflikheid en aanleg....164
1937 Wil - Genade (Teenwerping Filippense 2: 13)....165
1939 Wil - Genade - Insig (aanvulling op nr 1937)....166
1947 Verlos die siele - Draers van lig - Kennis - Lig....166
1950 Stappe teen die Christelike geloof....167
1951 Selfmoord - Lot in die hiernamaals....168
1960 Demoniese aktiwiteit - Noodsaaklikheid vir goddelike ingryping....169
2020 Innerlike stem - Gedagte - Daad....169
2033 Katastrofe - Vervulling van die Skrif - God se liefde vir die mense....170
2034 Uitverkiesingsleer....170
2039a Verstandelike aktiwiteit (a)....171
2039b Verstandelike aktiwiteit (b)....172
2044 God se toestemming - Menslike vrye wil....172
2045 Louheid - Wilswakte - verslap in die gebed....173
2046 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien - Mat.5:8....173
2056 Drie-Eenheid....174
2059 Oortreding van die goddelike gebooie - Sonde - Gebondenheid....175
2075 Siele van die oorledenes naby aan die aarde....176

2083 Misbruik van die gawes wat die mens van die dier onderskei....177
2086 Stryders vir die ryk van God - Doel van natuurrampe....178
2091 Gevaar van die aanvaarding van gevestigde leerstellings - Toets....178
2096 Aardse maatreëls - oordra van die waarheid....179
2099 God se oproep tot diens - Innerlike stem....180
2100 Skepping van die wesens - Verkeerde wil....180
2101 Genade van die verlossingswerk....182
2104 Innerlike gevoel - Leidende beginsel vir die lewensweg....183
2105 Die proses van oordrag is `n daad van geestelike uitstraling van krag....184
2106 Die afval van God - Die teruglei na die Oerkrag....184
2107 Waar twee of drie in My Naam vergader....185
2113 Geloof in `n voortsetting van die lewe - Gevolge van die aardse lewe in die hiernamaals....186
2117 goddelike voorsienigheid - Misleide wil....187
2129 Gebed - Vereniging met God - Belangrike gebeurtenis....187
2133 Werksaamheid van die goddelike Gees....188
2136 Die mens is tot niks in staat sonder goddelike genade nie - Gevaar....189
2142a Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie (a)....189
2142b Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie (b)....190
2143 Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie....191
2144 Omvorming van die uiterlike na die liggaamlike dood - Geestelik dood - Aktiwiteit - Niksdoen....191
2146 Stryd teen Jesus - Bystand van God - Twyfel - Werktuig....192
2147 Hy wat in die liefde bly, bly in My en Ek in hom....193
2165 Gebede vir die siele in die hiernamaals wat nie liefde op aarde gekry het nie....193
2172 Bid vir mense wat ver van God af staan....194
2174 Dankbaarheid van die siele in die hiernamaals wat deur gebed verlos is....195
2175 Uitbarstings is `n daad van bevryding vir die geestelike substansie wat in `n vaste vorm gebind is....196
2193 Strengste maatreëls - Vreesloos praat - Sterk wil....196
2194 Wysheid, lig en krag is een....197
2197 Katastrofe en die nood daarna....198
2203 Die Bybel - `n Lamp sonder olie....198
2204 Satan se misleiding - Masker - Materie....199
2206 Geboorte en sterwe....200
2211 Wegneming - wêreldoordeel....201
2216 Aardse omgewing - Vermoëns en kennis is onbelangrik vir die volwassewording van die siel....202
2218 Liefde is die sleutel tot waarheid....202
2221 Kerklike wêreldse mag - Opvolgers van Petrus....203
2223 Selfsug, God se ingryping is die laaste uitweg....205
2231 Leuengees en sy werktuie....206
2232 Leuen en waarheid en hul oorsprong....207
2246 Katastrofe....207
2247 Herkenning van die waarheid is `n plig om dit te verdedig....208

2250 Woorde van die Vader - Die Stem van God - Luister innerlik.....209
2259 Die aan God gelyke wil van die volmaakte wese en werksaamheid - Skep en weer tot lewe bring.....209
2267 Dien in liefde uit vrye wil.....210
2268 Eieliefde - `n Geringe wil om verlossend besig te wees.....211
2287 Die goddelike Liefdesvonk -Ware en verkeerde liefde.....212
2292 Christendom - Formaliteite - Geveg teen skole van gedagte toegelaat.....213
2296 Verwoesting van besittings.....214
2301 Die stryd om geestelike mag.....214
2302 Waarheid - Emosionele en intellektuele denke.....215
2304 Filosofie van die lewe met Jesus Christus.....216
2313 Voortydige verwoestings en die gevolge.....216
2320 Waarheid - Afwykings - Misvorming.....218
2321 Geaardheid - Instinkte van die voorafgaande stadiums.....219
2330 Lewensomstandighede volgens graad van volmaaktheid van die siel en voorkennis daarvan 219
2336 Worsteling in die hiernamaals - herhaalde beliggaming op aarde?.....220
2340 Goddelike geregtigheid - Inmenging - Ramp.....221
2342 Lyding en sterwe van Jesus aan die kruis - versoeningsoffer.....222
2344 Die siel - draer van alle skeppingswerke.....222
2345 Jesus Christus was gewy aan God, liggaam en siel.....223
2348 Sterwensuur - Lyding en smart.....224
2353 Valse christusse - Tekens en wonderwerke.....224
2360 Geestelike wedergeboorte.....225
2361 Beëindiging van die stryd tussen die nasies.....226
2363 Die brein - Toevloei van goeie of slegte kragte.....226
2369 Einde van die tyd van genade - swaarste leed.....227
2372 Die dwaalleer is `n struikelblok vir die mens wat na God soek.....228
2375 Die wysheid van die wyses sal vernietig word.....229
2381 Smeking van die behoeftige siele vir gebed.....230
2383a Onfeilbaarheid van die hoof van die kerk (a).....231
2383b Onfeilbaarheid van die hoof van die kerk (b).....231
2388a Komende gebeurtenis - Ingryping van God - Nood.....232
2401 Omgang met oorledenes - Siele in die nabyheid van die aarde.....233
2409 Hoekom gebed nodig is.....234
2412 Geestelike dwang - Menslike gebooie - veg teen Christus se onderrig.....235
2437 Aanduidings van `n natuurgebeurtenis - Jesus se verwysing op aarde.....236
2441 Lewensweg word vooraf deur God bepaal - Vrye wil - Daad en gevolg.....237
2444 Onreg - opkom vir reg.....237
2445 Stryd van die wêreld teen die leer van die liefde.....238
2448 Aktiwiteit in die binneste van die aarde - uitbarstings.....239
2449 Katastrofes in die natuur en hul geestelike verklaring.....240
2450 Verkryging van genade in die hiernamaals - Effektiwiteit in die ligsfeer.....240
2452 Jesus Christus - God se Seun.....241

2454 Die mees eenvoudige leefwyse in die komende tyd - die afsonderlike lot van elkeen.....242
2455 Bekoringe van die onderwêreld - Stryd.....243
2461 Sedeloosheid - Ongeskrewe wette.....244
2464 Heldersiendheid - Goeie of slegte kragte.....244
2465 Salig is die armes van gees.....245
2468 Wil en genade (Wat kom eerste?).....246
2474 Leuen - Waarheid - Bestry die dwaling.....247
2488 Geskille van die lewe se genade.....248
2489 Wil en daad - Verantwoording.....248
2494 Materie en Gees?.....248
2496 Verkeer met die hiernamaals - Bereidheid om te gee.....249
2510 Drie maniere van oordra van die goddelike Woord.....250
2513 Prehistoriese mense.....251
2514 Die mens van vandag - Bekwaamhede.....252
2515 Talente - Opdrag - Agteruitgang - nuwe aarde.....252
2521 Kennis van `n gebeurtenis - Geestelike transformasie (Rome).....253
2524 Verkeerde interpretasie van die Bybel - verkeerde leerstellings.....253
2534 “Ek sal kom soos `n dief in die nag”.....254
2544 Geloof aan die onsterflikheid van die siel is nodig om aan julleself te werk.....255
2553 Slaap die dode?.....255
2554 Ontstaan en vergaan - Dood - Die binnegaan in die geesteryk.....256
2555 Gebrek aan begrip vir die profesieë - Noodsaaklikheid.....257
2561 Goeie Herder - `n Hart wat bereid is om te ontvang.....258
2566 Valse profete - Toets die geeste.....258
2744 Ondeurgrondelike natuurkragte - Die wesenlike werking daarvan.....259
2749 God se weë is dikwels onbegryplik.....260
2752 Woorde van Liefde van die Vader.....261
2762 Maak jou hart oop.....262
2767 Die geloof aan `n lewe van die siel na afsterwe - God se genade.....263
2768 Betekenis van Jesus se kruisiging en gevolge van verwerping.....264
2771 Die geloof in God as oorsprong van die skepping.....265
2775 Inkarnasie - instinkte - voorlopige stadiums.....265
2776 Die wil om te lewe - Angs vir die dood.....266
2778 Verleiding in die vorm van aardse vermaak.....267
2785 Verwoestings deur menslike wil.....268
2787 Luister innerlik - Geskenke van bo - Alles wat goed is, is goddelik.....269
2795 Nakomelingskap - die siele wat wag.....270
2797 Krag van die goddelike Woord - Die voorloper - Wederkoms van Jesus.....270
2800 Professionele sendelinge - Akademiese kennis.....271
2803 Einde van die Wêreld uitbarsting - Vestiging van die goddelike orde.....272
2810 Haat en die uitwerking daarvan.....273
2828 Omvang van verwoesting - Natuurkatastrofe.....274
2829 Voorwaardes vir die ontvangs van die goddelike Woord.....275
2831 Die missie van hulle wat God wil dien. Versprei die waarheid.....275

2834 Die taal van die natuur - Skepping en Skepper....276
2839 Leed en ellende deur goddelike ingryping....278
2850 God verlang geloof in voorspellings....278
2856 Satan se werksaamheid en sy kluistering....280
2860 Siel - Onverganklikheid....281
2867 Voorbidding en antwoorde....282
2868 Krag van voorbidding....282
2873 Die lering van reïnkarnasie is misleiding - die wet....283
2874 Oor die siel - illusies - geestelike werksgroep....284
2875 Fases van ontwikkeling is uniek gedurende `n verlossingsperiode - Inkarnasie van ligwesens - missie van `n kind van God....284
2878 Kennis van die Gees se werk in `n persoon....285
2880 Geloofstryd, ernstige aansporing om die mense daarop te wys....286
2881 Beliggaming van die ligwesens - Missie....287
2885 Leuen en dwaling - Laagtepunt - Oplewing of agteruitgang....288
2895 Versoekings - Innerlike gevegte - Die toets van die wil....289
2901 Wreedhede - Eindtyd - Laaste oordeel....289
2904 Satan se masker - Aan hul vrugte sal julle hulle herken....290
2910 Omvorming van die materie - Oplossing - Ontwikkelingsgang....291
2912 Hou die dood voor oë....292
2914 Eieliefde in die hiernamaals verleng die toestand van lyding - Hulpvaardigheid....293
2915 Verwoesting van die vaste vorm - Begin van die ontwikkelingsgang....293
2917 Die wil vir die goeie - Meer krag....294
2923 Stryd of dien - Arrogansie - Deemoed....295
2928 Strewe na volmaaktheid....295
2929 Afkoop van skuld sonder Jesus Christus....296
3130 Heilig die Naam van Jesus....297
3135 Dood voor die eindtyd is `n genade - Die hiernamaals....297
3137 Korrekte gebruik van die denke - Die wil....298
3138 Geestelike nood - Leed en kommer....299
3143 God se ingryping - Einde van die stryd....300
3148 Die skepping is die bewys van die ewige Godheid....301
3150 Einde van `n verlossingsperiode....302
3151 Ingryping deur God....303
3156 Liefdeswerk - Plig - Vermomming van lig....304
3159a Beoordeling van godsdienstige dogma - verdelings....304
3160 Seën van uitruil van gedagtes....307
3163 Beproewinge en toetse is middele om volmaaktheid te bereik....307
3169 Voortydige afsterwe - die laaste genade....308
3173 Liefdeloosheid - Verwoesting van die skepping - uitbarsting....309
3176 Verloop van die lewe voorafbepaal afhangende van wil....310
3179 Tyd van nood en kommer ook vir die gelowiges....311
3184 God laat die geloofstryd toe....311
3187 Liefde is die beste wapen teen die bose....312

3191 Die teenstander se masker - die Antichris....313
3195 Kindskap van God....314
3196 Slegte wil bepaal die tydsgebeure....315
3199 Die innerlike stem....316
3204 Totale verandering, fisies en geestelik....317
3205 Wedergeboorte - Eenwording van gees en siel....318
3206 Hulpeloosheid in die hiernamaals - Die goddelike wet....319
3209 Tekens van die laaste dae - Geloofstryd - Chaos....320
3211 Die lot van die lewe is God se wil....321
3220 Weerlegging van die leer van reïnkarnasie -Geregtigheid....322
3226 Soek eers die koninkryk van God....324
3227a Wet - Geregtigheid - Rasse - Nasies....325
3227b Wet - Geregtigheid - Rasse - Nasies....326
3230 Dien of stry - Verskillende doelwitte van lyding....326
3232 Vervulling van die profesieë....327
3238 Aansporinge (Joh. 14) - Intrek in die hartswoning....328
3240 Lewe - Ontwaking van die goddelike vonk in die mens....329
3241 Die taak van die dienskneg wat die Woord direk ontvang....330
3244 Selfkennis - Arbeid aan die siel - Genade - nederigheid....331
3256 Behoeftige siele - Berou - Liefdevolle hulp....332
3257 Behoed ons teen versoeking en verlos ons van die Bose....333
3258 Doel van ‘n vroegtydige dood....333
3259 Noodlot - Vrye wil - God se wil....334
3260 Vroeë dood - Die barmhartigheid van God-Hoë ouderdom....335
3261 Eindstryd met of sonder Jesus....336
3264 Nuwe wonders in die skepping van die nuwe aarde....337
3266 Wedergeboorte, Gees - Genade....338
3272 Naasteliefde die gebod - Eieliefde....339
3276 Voorloper van Jesus - Barmhartigheidstyd....340
3277 Het Jesus Christus alle mense verlos of is alle mense verlos?....341
3278 Sondeskuld - God se erbarming - Soenoffer....342
3284 Werk vir die koninkryk van God - Missie....344
3285 Gebed en dade van liefde is wapens teen verleiding....344
3290 Versoekinge van die wêreld....345
3295 Vertroosting - God se Woord is ’n bewys van sy liefde....346
3297 Vergewe of behou van sondes - Dissipels van Jesus....347
3300 Vernietiging van skeppingswerke en gevolge....349
3308 Innerlike aansporing is God se opdrag -Onderwerping van die wil....350
3315 Die aflossing van sondeskuld deur kinders en kindskinders....351
3316 Verskillende gebiede in die geesteryk....351
3317 God se liefde bepaal die mens se lot....353
3318 God se magtige stem - Die einde van die oorlog....354
3326 God openbaar Homself - Beloftes....355
3329 Dogma - Persoonlike verantwoordelikheid....356

3333 Die vergeesteliking van die substansies van die liggaam....357
3334 Rede vir die moeilike lewensomstandighede....358
3343 Gemeenskaplike werksaamheid in liefde in die eindtyd....359
3345 Meervoudige gang deur die skepping - verlossingsplan van God - Die herken in die lig ryk 359
3348 Natuurramp - Goeie en slegte mense sal ten prooi val....360
3352 Kindskap van God - Buitensporig baie leed op aarde....361
3354 Ligwesens beïnvloed die gedagtes....363
3359 Nuwe aarde - Vrye wil - Kennis van goed en kwaad -....364
3366 Nuwe geestesrigting - Mense werk....365
3369 Satan streef om die mense van God te vervreem....366
3371 Die beëindiging van die stryd - 'n skeiding wat ruimte betref....366
3377 Die doel van God se openbarings....367
3378 Lewende wesens - Aktiwiteit - Staat van dwang - Vrye wil - Van diens wees met liefde....368
3379 Ewigheid - Aardse bestaan - Droefheid en vreugde....369
3381 Die hoorbare woord....370
3382 Gebedsverhoring - God se liefde - Verdriet of vreugde....370
3388 Doel van die tyd van nood - Troosryke woorde....371
3389 Maatreëls teen die werksaamheid in liefde....372
3390 Verpligting om geestelike kennis oor te dra....373
3391 Ligwesens - Missie - Geestelike leiers....373
3396 Tyd van barmhartigheid tot die goddelike ingryping....374
3398 Alomteenwoordigheid van God - Wese - Krag....375
3408 Innerlike Woord gedurende die tyd van verdrukking....376
3413 Menslike wil - God se wil - Bemoedigende woorde....377
3414 Die vergeesteliking van die siel - Die oorwinning oor die materie....378
3419 Ontvangs van die goddelike Woord is `n daad van uiterste wilskrag....379
3422 Leed as genadegawe....379
3423 Die verdere verloop van die nood- Oorde van vrede....380
3427 Die krag van geloof en gebed....381
3443 Verpersoonliking van God....382
3445 Wie in My glo - Die genade van die verlossingswerk....383
3448 Troos en Krag in die grootste nood deur God se Woord....384
3456 Die onderrig van die leerlinge - Evangelie....385
3460 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid betoon word. Mat.5:7....385
3465 My Vader en Ek is één - Die krag van die liefde....386
3472 Seën van leed....387
3476 Kleingelowigheid....388
3482 Kontak met God - Instroming van krag....389
3483 Liefdeswerk aan dwalende siele....390
3491 `n Onwankelbare geloof....390
3495 Geestelike en materiële skeppings....391
3505 Die invloed van onvolwasse, vroeg oorlede siele....392
3506 Vaderliefde - Die leiding van God....393

3509 God se wil - Die mag van die teenstander....394
3512 God openbaar Homself deur die skepping....395
3517 God se werksaamheid in die mens - Krag....396
3519 Die einde van die wêreld - Oordeelsdag....398
3524 God se groot Geduld - Geregtigheid - Genoegdoening....399
3529 Vormgeloof - Oortuigende geloof....399
3532 Woorde van liefde van die Vader....400
3537 Ek Is Wie Ek Is....401
3547 Opheldering oor die proses van skryf - Waarheid....402
3557 Wederkoms - Die wegneming....403
3560 Herken die tyd van die einde....404
3565 Woorde van troos van die Vader....404
3569 Wederkoms - Geloofstryd....405
3571 My stem sal weerklink van bo....406
3573 Tyd van beproewing - Jesus, draer van die kruis....406
3577 Die opoffering van die wil....407
3579 Laaste dae - Toekoms - Huidig....408
3580 Wonders - Valse profete....408
3582 Voorbidding deur ander mense....410
3589 Kerk van Christus - Die poorte van die hel....411
3593 Die geestelike en die aardse wêreld staan teenoor mekaar....411
3594 Alles is God se wil of toelating....412
3596 God is die Woord - God se teenwoordigheid - Verskillende maniere van oordra van die Woord....413
3597 Versoek om innerlike verligting....414
3603 Satan weet dat hy nie veel meer tyd het nie - Duiwels in die eindtyd....415
3604 Sterk geloof - Die krag van die geloof....416
3606 Paradys - Stormagtige tye voor die Laaste Oordeel....416
3610 Oorsaak, sin en doel van leed - Insig en Verganklikheid....417
3612 Bewustelik innerlik luister - Die stem van die gees....418
3615 Voorwaardes vir die werking van die Gees....419
3619 Die proses van verlossings - Ewighede - Hel - Verdoemenis....420
3620 Groot ontbering vóór die laaste reddingsmissie....421
3621 Wie My sien, sien die Vader....422
3622 Die hemelvaart van Christus - Verheerliking....423
3624 Word soos die kindertjies....424
3625 Die einde word deur die mense self bepaal - Lae vlak....424
3627 Reinigingsproses van die siele in die hiernamaals....425
3628 Gedagtes vanuit die geesteryk....426
3630 Kosmos - Veranderinge - Katastrofe....427
3632 Knegskap onder die satan en verdoemenis....428
3634 Het julle nie geweet dat Ek in My Vader se huis moet wees nie....429
3635 Betekenis van die Verlossingsdaad....430
3636 Aaneensluiting met God - Band van liefde....430

3641 Geestelike hoogmoed.....431
3642 Die erkenning van die verlossingswerk is nodig om die siel ryp te laat word.....432
3647 Twee wêrelde - goddelike wet van liefde.....432
3648 Taal van die skepping - Kern - Kreatiewe krag.....433
3649 Liefde - Wysheid - Eieliefde - Valsheid - Duisternis.....434
3656 Rus en vrede vir die siel deur diep geloof.....435
3657 Duiwels in die eindtyd - Die dag van oordeel.....436
3660 Krag van geloof - Hulp in elke behoefte.....437
3661 Arbeid aan die siel.....438
3665 Koning van die konings.....438
3670 Geestelike skeppings - Geluksaligheid - "Wat geen menslike oog ooit gesien het nie".....439
3672 Antichris - Einde.....440
3678 Die Christus probleem - Die leer van die liefde.....441
3681 Roep My aan in nood - Diepte van die geloof.....442

Herinnering om te verduur - Geestelike kennis

B.D. No. **0182**
16. November 1937

Kyk, my kind, alles wat jy begin sluit die seën in dat jou gedagtes altyd na die gees gekeer is en iemand wat so streef, tree op in ooreenstemming met die Hoogste Wese. As jy hierdie weg verlaat, sal ontelbare moontlikhede vir jou verlore wees. Jou lewe sal aangaan, maar nie so waardevol as wat dit op hierdie manier moontlik is nie. En omdat dit nie net vir die redding van jou siel is nie, maar vir die siele van baie van die aarde se kinders, moet jy verduur, want jy kan geweldig effektief op die aarde wees. Ons het geen ander manier om geestelike kennis aan jou mee te deel op `n beter manier nie, ons kan net die wette gebruik wat aan ons gegee is deur ons God en Verlosser, en tydens ons kommunikasie met jou, put ons elke moontlikheid uit tot jou voordeel. En weer hang dit van jou wil af om meer en meer te ontvang. Die werk aan jouself. Die immer dieper wordende vereniging met God sal jou ook in staat stel om al dieper deur te dring in die goddelike waarhede, en deur dit te doen, gee jy ons die geleentheid om al die lesse oor te dra, soos voorgeskryf deur ons Verlosser.

Amen.

Misleide mense - Fisiese en sielkundige konflikte

B.D. No. **0183**
16. November 1937

Groot en magtig is God wat jou geskep het, maar klein en magteloos is hy wat Hom nie wil leer ken nie. En daarom moet jy altyd kan vertrou op God dat Hy, in Sy krag en heerlikheid, julle Sy kinders, sal beskerm, teen dit wat nie van Hom af kom nie, as net `n oproep, `n smeekgedagte om hulp om in aanraking met Hom te kom. Wat Hy geskep het, sal voortgaan volgens Sy wil, en wanneer jy die koninkryk van God kies, moet jy al die aardse dinge opgee wat aan jou kleef, omdat slegs die mens geoordeel word en nie sy besittings nie. Maar wanneer God die harte van mense sien, bly niks verborge vir Sy vaderlike oë nie. En gedweë moet jy volg waar die Hemelse Vader jou lei, want Hy lei hulle wat op Hom vertrou, korrek. Loof daarom vir God wat met goddelike liefde, aan almal die plek op aarde gegee het wat nuttig is vir hul verlossing. Diegene wat na volmaaktheid streef, moet dien en altyd bereid wees om te verduur vir God. Dit is onbeskryflik bitter vir diegene wat hul lewens self beplan, om uitgesluit te word van Sy Vaderlike genade. Aan hulle wat glo dat hulle God se liefde nie nodig het nie, wat glo dat hulle alleen in beheer van hulself en hul lot is, die Vader bly ver van hulle, totdat hulle ook in `n stille erkenning van die godheid, sal vra vir die liefde van die Vader. Slegs dan

sal hulle dit ontvang en dit sal op sy beurt die genade vrylaat, op grond waarvan die mens nou steeds hoër opwaarts kan stoei. Groot fisiese en psigiese konflikte wag steeds op hierdie arme misleide mense, want hulle kan slegs op hierdie manier gerig word na hul Skepper. Slegs op hierdie manier sal hulle hul oë en ore oopmaak vir hul geestelike vriende, om uiteindelik deur hulle op die regte weg gelei te word. Byna niemand kom naby aan die Hemelse Vader sonder lyding nie. Jy, My kind, word die genade verleen om te weet jou Verlosser naby aan jou is wanneer jy vol liefde vir Hom is. Jou hart sal juig om toegelaat te word om in konstante kontak met hom te bly, maar gee alles waarvoor jy lief is en wat jy waardeer aan Hom, en jou lewe sal altyd ryker wees, omdat die son van genade vir ewig oor jou sal skyn.

Amen.

Beproewinge

B.D. No. **0184**
17. November 1937

Kyk, my kind, in al jul onheile van die lewe berus `n diepgaande doel en om dit te vervul, moet julle verdra wat God op julle plaas. Jy word dikwels gedring deur die begeerte om as `n kind naby aan jou hemelse Vader te wees, en dit behels ook die gewillige onderwerping aan Sy instruksies. God stuur hierdie beproewinge aan Sy kinders om hulle steeds nader aan Hom te trek, want al hierdie dinge is toetsstene op die aardse weg en deur hulle te oorkom, kan jy in jou strewe vorder. En niks word sonder `n doel deur die hemelse Vader in Sy wysheid georden nie, selfs as mense nie in staat is om dit te begryp nie. Dit is hoekom almal van julle aan Sy bevele onderdanig moet wees, met onvoorwaardelike vertroue in God en dit sal net `n seën vir julle wees.

En nou, my kind, luister na ons onderrig: Wanneer God Woorde van verlossing na sy eie toe stuur wat nie aanvaar word nie, omdat hulle nie die innerlike kontak met hul Skepper verstaan nie, laat Hy beproewings oor hulle kom om hulle te oortuig van Sy wil, want die mens dink so dikwels dat hy in staat is om `n hoër mag te vermy, alvorens hy erken dat sy lot in ander hande as sy eie lê. En weer en weer gee God in Sy liefde, genade aan Sy aardse kinders om die kort tyd op aarde reg te gebruik, dit is volgens God se wil, om voortdurend te strewe na volmaaktheid, dit is die Hoogste Goed wat `n persoon sy eie kan noem, want dit hang net van sy wil af. En God lei herhaaldelik sy gedagtes na geestelike gebiede, hy word so dikwels gewaarsku en ingelig oor die ewigheid, as hy maar net die wil het om sy God en Skepper `n klein bietjie te dien, sal hy die regte weg vind deur geestelike wesens, wat ter wille van sy beskerming, hom op sy reis deur die lewe vergesel. Om die innerlike stem meer te vertrou en nie te veg teen gedagtes met betrekking tot die anderkant nie, gedagtes oor die lewe na die dood, sulke gedagtes sal na almal toe kom en hierdie gedagtes moet geliefd en bekend word aan jou, in plaas daarvan dat dit jou bang maak en jy hulle onwillig verwerp.

Enigeen wat bekommerd is oor die redding van sy siel en doen wat ook al nodig is om geestelik te vorder, sal nie die fisiese dood vrees nie. want hy sien dit net as `n ingang na `n ander lewe wat sal voldoen aan sy hart se begeerte om te verenig met sy God en Saligmaker, Jesus Christus. Daarom, skenk geen aandag aan die smart op die aarde nie. dit is slegs die manier om jou op die regte weg te lei wat jou sal lei na die ewige rus.

Amen.

Ou Testament

B.D. No. **0185**
17. November 1937

Jou geestelike kennis sal groei as jy gewillig jou vertroue in ons plaas en toegewy bly aan jou Verlosser in konstante liefde. Ons word beveel om jou te vertel oor die leerstellings van die Ou Testament. Voor die Verlosser `n mens geword het, het God Sy stem aan sy profete gegee en Sy woord deur hulle oorgedra. Hulle het geleer dat die Christus sou kom om verlossing te bring vir die hele mensdom. Maar die Heer God het nooit vir hulle opdrag gegee om inligting te verskaf oor die sondes van die vaders nie. Net soos vandag, het God altyd aan mense verkondig dat hulle in geloof en met

liefde vir die Skepper moet lewe. En tog het mense dokumente in die lewe gebring wat bedoel is om te getuig van God se wil. Dit kan aanmatigend genoem word as sodanige dokumente nie geproduseer was met die beste voorneme om sodoende God die Skepper van die hemel en die aarde te dien nie.

En nou, as gevolg van hierdie leer, probeer mense alles ontken, selfs die woorde van God self, wat Hy deur sy profete gegee het tot voordeel van die mense. Verwerp dus nie wat buite jou oordeel is nie. Laat God opnuut regeer en aanvaar wat Hy in duidelike woorde aan julle stuur, wat julle harte sal aanraak en wat julle beter sal verstaan as die boek van die vaders. Maar dit is verkeerd om te oordeel wat julle nie verstaan nie, dit moet julle ook nie verwerp nie, want sodoende kan julle ook baie waarheid verwerp. Geen huis behoort sonder die Woord van God te wees nie, selfs as die ou boek nie meer vir jou enige troos gee nie, ignoreer dit nie.

Tye het verander en daarmee saam ook mense se manier van praat. Verloën nie die Woord van God nie, in plaas daarvan, vra die Vader vir verligtende lees, dat julle reg verstaan wat Hy deur die profete aan julle gegee het, en dat die leer van die waarheid oorgedra moet word na jou toe. Weer en weer sal die goddelike Vader se liefde maniere en middele vind sodat Sy leer `n weg sal vind in mense se harte en sal jou beskerm teen valsheid. Hy sal jou gedagtes lei, as jy net wil verstaan en goddelike waarhede ontvang uit die Boek van Boeke, en nie probeer om mense se swakhede en foute op `n menslike manier te bepaal nie.

Slegs suiwer, deugsame, God-toegewyde denke sal instaan vir die waarheid van die woorde wat God liefdevol deur Sy instrumente aan Sy aardse kinders oordra. As hierdie denke gekombineer word met aardse strewe, as dit nie heeltemal gefokus is op die Hemelse Vader nie, dan sal elke werk wat deur menslike hande geskep is, nie meer suiwer goddelik wees nie, maar menslike misleiding wees. Dit verduidelik waarom so baie geestelike ondersoekers weier om die geestelike leerstellings te aanvaar. Maar hier is die feit weereens van toepassing, naamlik dat die wetenskap nie in staat is om te verstaan wat waarheid is en wat verkeerde leringe is nie. Hierdie insig kom slegs diegene toe wat by die Hemelse Vader skuil en Hom vra om verligting. Hy sal nie Sy genade vir hulle weier nie en hulle op die regte weg lei, naamlik die weg van insig. Dus, vertrou jouself toe aan ons woorde en neem kennis van alles wat God jou skenk om die suiwer waarheid aan jou te openbaar.

Amen.

Waarheid - Tekens - Wonders

B.D. No. **0186**
18. November 1937

Die tyd sal kom wanneer dit aan julle geopenbaar sal word wat die Verlosser in Sy liefde vir julle bestem het. Dan moet julle in staat wees om so diep lief te hê dat daar geen twyfel in jul harte kan wees nie. Ons strewe en inspanning poog om sulke krag aan julle oor te dra deur middel van bekendmakings dat julle alles wat jul aangebied word, as suiwer waarheid sal aanvaar. Neem kennis dat alles wat deur God aan jul gestuur word, nuwe lewe in jul gees sal inblaas, dat in baie ure julle reeds in staat was om troos uit Sy Woorde te trek, dat die Verlosser julle slegs sulke dinge leer wat ooreenstem met jul begrip. Sy Werk sal egter afgesluit word met geskenke wat julle sal lei in die diepste waarheid en so `n geestelike kennis oordra dat jul die omvang van Sy liefde en krag daardeur sal herken. Streef na hierdie diepgaande geloof as die basis van jul komende aktiwiteit.

En wees nou gereed om te ontvang: God se onderrig bestaan vir ewig en ewig, en God vind altyd onder die mensdom diegene wat Hom dien en help om Sy leringe te versprei. Maar die menslike oor en hart is nie altyd bereid om dit te aanvaar nie. Al die wonderwerke wat God reeds toegelaat het om te gebeur, word slegs selde as sodanig erken. In die tyd van Christus het baie wonderwerke plaasgevind en selfs toe het slegs `n paar hul na Hom gewend, want die mens het verhard geword deur die invloed van die bose en glo meer in homself as in sy Skepper.

Daarom, geseënd is die een wie se hart oop is vir alles wat van bo kom, wat deur geloof in die Verlosser, sy werk op aarde in diens van God plaas. God sal hulle almal verlig en hulle krag gee om volgens Sy wil te werk tot redding van die mense se siele. So sal julle ook konstante vordering ervaar

en julle doel elke dag vervul. Die aanvaarding van die woorde van God is julle waarborg dat God met julle is en Sy barmhartigheid seën julle. Aanvaar alles nederig, gewillig en toegewyd en voldoen aan die gebooie van God, en julle geloof sal al hoe sterker groei en julle in hoër sfere lei.

Amen.

Heilige sfere - Seën van die werk vir geestelike wesens

B.D. No. **0187**
18. November 1937

Begin dus in die Naam van God. Al diegene wie jou hart na soek is teenwoordig. Jy moet weer teen versoeking veg, dit bemoeilik jou ontvangs, maar bly altyd in liefdevolle kontak met ons en jy sal te alle tye gehelp word. Probeer nou om ons te volg: Ons het deeglik voorberei wat jy sal ontvang en benodig net jou aandag. Almal wat seëninge van ons woorde ontvang, woon in heilige sfere. Dieselfde sal aan jou toegestaan word as jy vir jou Verlosser veg, want `n lewe in heerlikheid is voorberei vir Sy verdedigers. Verlig deur die Verlosser se liefde begeer hulle net om die ewige lig te aanskou, God en Skepper van Hemel en Aarde, van aangesig-tot-aangesig.

Ontelbare siele smeek jou om hulle te help in hul benoudheid, om die beheer deur die bose magte te ontsnap. Vir hulle almal is die weg nog so lank voordat hulle kom waar ewige saligheid op hulle wag. Die geleentheid word jou aangebied om deur jou onvermoeide werk op aarde ook `n groot aantal van hierdie arme siele te verlos, want jy kan aan baie, baie mense wys om ook liefdevol te werk vir so baie geestelike wesens. Deur gebed en vroom gedrag op aarde bly die krag van alle wesens voortdurend groei. Niemand van julle kan die voordelige uitwerking bepaal wat so `n lewenswyse van geestelike strewe het op die geestelike wesens wat rondom julle is nie. So baie, wat nog steeds in kontak is met die wesens op aarde, deur God se wysheid, neem deel in hul aardse lewe met die hoop dat almal na die goddelike Vader sal draai. Hulle aktiwiteit in die hiernamaals is in elk geval om voortdurend te sorg vir hierdie aardse kinders, en hulle geestelike strewe in die hiernamaals het altyd slegs betrekking op die redding van die siele van die aardse kinders wat aan hulle toevertrou is.

Die stryd om sulke siele is dikwels moeilik, en as julle hulpvaardig kan ingryp, deur die oordra van ons leringe aan julle broers en susters op aarde, sal tallose wesens julle hiervoor bedank, en daarom volg hulle julle pogings met konstante kommer en hoop. Ag, as julle mense net kan sien hoeveel seëninge julle met julle werk kan gee, sal julle van nou af net die Verlosser dien en julleself in liefde dompel vir julle medemens, en julle sou net streef na die doel om vir julle ewige heerlikhede te skep.

Amen.

Gebed

B.D. No. **0188**
19. November 1937

Ons ondersteun jou so goed as wat ons in staat is om dit te doen, daarom is al jou vrees en bekommernis onnodig, dit hang net van jou gebed af. As jy altyd jou toevlug hierin soek, hoef jy nie bekommerd te wees nie, want almal se opregte gebed om lig sal beantwoord word. Liewe kind, geestelike magte wil tydelik van jou gebruik maak, hulle wil verhewe leringe van God se wysheid aan jou skenk. Gee aandag aan hoe dit aan jou gegee word. Want die Vader het vir Sy kinders een ding gegee as hulle deur onheil bedreig word - gebed - wat `n barmhartige bewys is van Sy goddelike liefde, om toegelaat te word om Hom te vra! Hy bied aan elkeen die geleentheid om gehelp te word, bloot deur te eniger tyd opregte gedagtes aan Hom te stuur. Met deernis kom die Vader elke persoon tegemoet wat Hom in sy nood roep. Wie onder julle hierdie barmhartigheid verwerp, verbeur elke moontlikheid dat goddelike helpers sy aktiwiteit op die aarde sal verlig. Oorgelaat aan homself sal hy al die nodige kennis mis, hy sal sy lewensweg in valsheid en geestelike duisternis bewandel.

Wat God julle gee deur die seën van gebed, is van onskatbare waarde vir julle, want dit is die kontak tussen die hemelse Vader en Sy aardse kinders. Net iemand wat mislei is, sal so `n barmhartigheidsmiddel verwerp. Elke kind van God sal egter die Vader dank vir hierdie groot barmhartige bewys van Sy liefde en dankbaar aanvaar wat hy aangebied word. God wil julle in gebed

toets, omdat die formele gebede wat julle gebruik, nie voldoende is nie, hulle dring nie deur tot die Vader so lank as wat julle hart nie spreek nie. Dit is slegs waardevol en effektief as julle kinderlik pleit in gebed, hetsy dit in woorde of in gedagtes is. Julle moet altyd uit die hart met God spreek, dan sal Hy julle gebed beantwoord en aan julle gee volgens Sy Wysheid. Om hierdie rede moet julle vertrouend al julle bekommernisse aan julle Vader gee, Wie julle gebed sal beantwoord soos wat dit julle vir ewig sal baat. En onderwerp julle altyd aan Sy wil, want Hy alleen weet wat goed is vir julle, en Hy sal sodanig aan julle gee dat dit `n seën vir julle sal wees. Beskou gebed altyd as `n seën, die brug waarop God julle toelaat om na Hom toe te kom, en gebruik hierdie geleentheid so dikwels as wat julle kan en aan die einde van julle dae, sal julle besef hoe geseënd julle lewe op aarde daardeur geword het.

Amen.

Beskerming teen valsheid -Vermaning om te bid

B.D. No. **0189**
19. November 1937

Jy sal ons onderrig voortdurend hoor. Kyk, God sal aan jou gee volgens jou wil, want dit is goed vir jou. Jy sal altyd in staat wees om Sy Woord te hoor. Sy liefdevolle instruksies sal aan jou gegee word so lank as wat jou wil goed is en jy God wil dien. Maar maak altyd seker dat jy sal voortgaan om te veg vir jou geloof, want dit sal toenemend makliker vir jou word om te ontvang, as jy meer standvastig glo. Oordink alles wat ons jou gee in jou hart en jy sal sien dat groot krag na jou sal vloei as jy toelaat dat die leringe behoorlike effek in jou neem.

Soms sal dit dalk vir jou lyk asof jy jou eie gedagtes neerskryf, maar verwerp altyd sulke idees, die beskerming rondom jou laat nie toe dat foute in jou skryfwerk kom nie. Hierdie onderrig is bedoel vir baie mense, en slegs die suiwer waarheid sal deur jou ontstaan. Pasop dus vir sulke gedagtes wat slegs inmeng met jou kalmte en ook aktief ons uitsendings belemmer. Net een ding is noodsaaklik, dat jy alles met groot geloof aanvaar, dat jy heeltemal vertrou in jou Verlosser, Wie nie sal toelaat dat jy in dwaling wandel nie, en dat jy dankbaar uit sy hand sal ontvang wat Hy aan jou gee. Wees nou gereed en luister: Weereens het `n werker vir God opgestaan, in wie ons almal groot hoop het.

Sodra jou hart deelgeneem het in hierdie groot daad van barmhartigheid deur ons hemelse Vader sal dit nooit weer wil laat los nie. Die plesiere van die wêreld sal nie langer in staat wees om so `n kind te verlei nie, want hy sal leef in God se barmhartigheid. Om elke dag in Sy liefde te lewe is onvergelykbaar meer waardevol. Die begeerte sal binnekort ontstaan om die geestelike wêreld dieper binne te dring, en die wêreld met sy versoekinge kan nie meer die kind van God, enigiets wat vergelykbaar is met hierdie seëninge, bied nie.

En nog waarsku die Vader keer op keer om nie in gebed te verslap nie, want slegs deur voortdurende gebed sal barmhartigheid en krag herhaaldelik verkry word en slegs op hierdie manier kan die mens sy doel bereik. Waak en bid! Sodat julle nie swig voor die versoeker wat meedoënloos poog om die mens te vervreem van goddelike strewe nie. En deur gebed sal julle altyd alle boosheid rondom julle verdryf en slegs deelneem in die barmhartigheid van God. Bly daarom in gebed en roep tot die Vader om hulp met elke gedagte, sodat Hy jou poging sal seën en jou krag sal gee om te glo.

Amen.

Uitwerking op oningeligte geestelike wesens

B.D. No. **0190**
20. November 1937

Met verloop van die tyd sal God ons toelaat om jou die inligting te gee wat jou sal behaag. In die koninkryk van die ewigheid is baie wie jy ook, as gevolg van jou strewe, geleer het om heeltemal anders te dink. Stil en sag kom hulle naby aan jou en gee aandag aan alles wat jy doen en dink. En hulle begin ook geleidelik om hul situasie en hul doel te verstaan.

Hulle gedagtes en bedoelings poog nou om te integreer en kontak te maak met goedaardige geestelike wesens. Jou aktiwiteit op aarde is reeds `n seën vir hulle, hulle kom gereeld na jou toe en beskou die moontlikheid van jou kontak met die hiernamaals in verwondering. Die lig wat jy uitstraal wanneer jy kontak gemaak het, straal en lok baie arme siele, hulle is nog aardsgebonde en waar so `n straal skyn, vergader hulle. `n Liefdevolle gedagte deur jou aan almal van hulle, sal hulle hoop en krag gee om te begin om hulself te verbeter en met hierdie besef na God te keer. Wat jy reeds aan hulle gegee het, is oneindig waardevol en voordelig.

Menige siel sou graag na vore kom en sy bekommernisse en wense aan jou toevertrou, maar die tyd daarvoor het nog nie gekom nie, nie vir hulle nie, en ook wil ons nie jou vrede versteur nie. Nou tree ons net volgens God op en gee net dit wat goed is vir jou en jou gemoedsrus. Maar as jy in staat was om die groep te sien wat jou poging met hoop en angs volg, sou dit reeds genoeg gewees het om jou aan te spoor om die geleentheid te gebruik om so dikwels as wat jy kan, kontak te maak met ons. As dit net moontlik was vir ons om dikwels so `n direkte invloed op die aardse kinders te hê, sou dit baie seën tot gevolg hê!

Jy kan altyd na ons kom met groot geloof en vertroue, ontelbare siele is baie bekommerd dat jy dalk hierdie weg sal verlaat, en sover as wat ons krag toelaat, sal ons almal hulpvaardig by jou staan, daarom kan jy met vertroue voortgaan om jou werk te doen en nie bekommerd wees dat ons ondersteuning ooit van jou teruggetrek sal word nie. Onse God en Verlosser se liefde is onmeetbaar en Hy sal altyd sy eie voorsien met versterking en krag vir hul pelgrimsreis na hul ware huis.

Amen.

Geleerdes - Ryk en arm - Geld

B.D. No. **0191**
20. November 1937

In ooreenstemming met ons God en Verlosser gee ons jou vandag `n boodskap wat jou in staat sal stel om ook aan leerlinge te bevestig dat jou werk verordineer is deur God en welbehaaglik vir Hom is. So baie mense stry `n harde en moeilike stryd om te kan bestaan, terwyl goeie geluk in ander mense se skoot val, en hulle het min simpatie met die swaarkry en lyding van eersgenoemde. As jy glo dat hulle deur God verlaat is, dan moet jy van naderby kyk en jy sal sien dat waar die mens moet veg vir sy daaglikse bestaan, hy baie meer geneig is om die gebooie te onderhou, as waar mense `n makliker lot toegestaan is.

En so sal julle agterkom dat `n bekommerde mens ver meer geneig is om sy gedagtes sodanig te rig dat dit sal lei tot sy heil, maar dat `n persoon wat `n sorgvrye lewe het, van mening is dat regverdiging voor die Hemelse Vader ongerieflik is en sal die idee vinnig verwerp wanneer dit in hom opkom. As jy dit vergelyk met hoe gewillig Christus Sy lot deur Sy liefde vir die mensdom aanvaar het, omdat Hy daardeur die lyding van die aardse kinders se lewensloop wou verlig, dan wys dit hoe min God julle wou belas en hoe baie hy probeer om hierdie las te verminder, deur geduldig die lyding van die mensdom op Homself te neem.

Die omvang van Sy liefde was in staat om ander wesens se lyding te dra, en om Homself te offer vir ander, laat God Homself aan die kruis vasspyker. Gevolglik neem almal wat gedweë en geduldig hul lyding op aarde dra, deel in Christus se daad van verlossing, want die mens sal slegs volmaaktheid bereik deur lyding en duisende en duisende siele sal vir die ewige koninkryk gered word deur lyding. Die ander mense wat nie deur enigiets belas word nie, sal nie baie seëninge van hul lewe op aarde verkry nie, want hulle sal hulself sluit vir al die vermanings wat in hul hart geplaas word en sal ver agterbly by voorgenoemde.

As jy dus wonder waarom God so anders sorg vir Sy eie, waarom Hy een persoon volwasse laat word deur teenspoed en hartseer, maar die ander beskerm teen hartseer en probleme, dan sal God dit Self beantwoord: "Ek het elkeen `n pond gegee, sodat hy dit sal gebruik." Op dieselfde manier as wat die mens se verhouding tot God is, sal hy ontvang. "Is daar iemand onder julle aan wie se hart Ek nie geklop het nie? Is daar iemand onder julle wie Ek nie genader het om deur hom toegelaat te word

nie?" Die arm man gee van die bietjie wat hy het, maar die ryk man slaan `n dowe oor vir die pleidooie van hulle wat hom om hulp vra. En so sal God toegelaat word deur die armes, maar verwerp word deur die ryke, wanneer Hy begeer om deur hom toegelaat te word. Daarom kies God die wat getroue diens aan Hom gee en bly ver weg van diegene wat hardnekkig geweier het om Sy roepstem te hoor. Maar binnekort sal julle ervaar hoe die Vader Sy eie beskerm en hulle van Sy liefde inlig. Dan sal julle ook ontwaak, julle wat vir so lank gehuiwer het om God in julle harte toe te laat. Want die tyd wat julle op hierdie aarde verleen is, is kort.

Maar nou werk verskillende kragte in op die menslike hart, die goeie stry teen die bose, en baie dikwels het die kwaad inderdaad groot mag oor die mens. `n Persoon is baie meer geneig om dit te aanvaar wat hom sal distansieer van God, as sy omstandighede in die lewe hom nie dwing om God in opregte gebed om hulp te vra nie. So sal die krag waarmee die mens in staat sou wees om die versoekings van die bose te weerstaan, geleidelik verminder en die versoeker se krag en invloed sal steeds meer word. Gebed word dikwels vergeet deur `n persoon wie se lewe min stryd vereis om te bestaan. Met verloop van tyd sal hierdie arme siele hulle harte heeltemal verhard vir die voordelige invloed van die geestelike wesens wat aan hulle opgedra is vir hulle beskerming.

Dit is waarom ons julle baie dringend aanraai om afstand te doen van die wêreld en sy aardse plesiere, want slegs dit sal die krag verhoog om te werk vir die redding van die siel. Alle mense wat geseën is deur aardse besittings het die drang om hulself te geniet, wat `n groot gevaar is, want hoe meer hulle hul bedoelings en pogings op die wêreld fokus, hoe meer sal hulle hulself distansieer van die geesteryk, en as hulle bewus gemaak word van die feit dat die ware doel van die lewe eintlik `n ander een is, dan probeer hulle twee maal so hard om sulke gedagtes te verdryf wat hulle op die regte weg wil lei. Met aardse plesier leef hulle hul lewe asof hulle vir ewig sal lewe. En tog sal elke persoon genoeg aanduidings ontvang en hulle sal kan sien, deur die lot van die skielike afsterwe van hul medemens, hoe noodsaaklik dit is om hulself vertroud te maak met die gedagte van `n hiernamaals. Die uur sal vir almal kom, vroeg vir party, laat vir ander, en om `n lang lewe te geleef het sonder om die betekenis daarvan te begryp, sal onbeskryflik pynlik wees.

Dit is die rede waarom die werk om hierdie siele te wen twee keer so hard is, maar ook prysenswaardig. Om so `n siel weg te trek van die teenstander, vereis baie liefde en geduld en lojale uithouvermoë. Enigiemand met die geleentheid om sulke harte te beïnvloed, moet nie nalaat om dit te doen nie, alhoewel hulle oneindig meer hulp op aarde nodig het, omdat hierdie arme siele wie se gedagtes meer verflou is, maklik wegdraai van geestelike sake. Die ontvangs van hierdie inligting veroorsaak vir jou probleme, ons sal jou meer gee wanneer die tyd reg is.

Amen.

Vyande van die mensdom - Stryd -"Die oorwinning is joune"

B.D. No. **0193**
21. November 1937

Neem offergawes na God en Hy sal julle duisendvoudig beloon. Daar skuil ontelbare vyande van geestelike leringe onder die mense. Niks wat buite die menslike kennis en vermoë is, is vir hulle heilig nie en hulle wil elke menslike strewe na geestelike besittings vernietig. En waar moontlik leer hulle dat alle lewe, alle bestaan, sal vergaan met `n persoon se fisiese dood. En sodoende ontneem hulle hom van alle geloof, hulle verhoed elke geestelike siening na `n hoër geestelike, vernietig die geloof in `n hiernamaals, in verantwoording, trouens in alles wat die werklike betekenis en doel van die kort tyd waartydens die mens die barmhartigheid het om op aarde beliggaam te word. Maar `n persoon met so `n afwysende houding teenoor alle goddelike dinge, bereik selfs minder as niks in die lewe nie, nie net sal sy leeftyd heeltemal tevergeefs wees nie, hy word daardeur ook prooi van die mag van duisternis, wat hom al hoe meer na onder sal trek. Oorlog moet teen hierdie vyande van die mensdom verklaar word, met `n sterk wil en alle middele, nou en te alle tye. Na alles, kyk hoe hulle die wel en weë van die menslike siel in hul hande hou.

Waar geen eie aansporing bestaan om hierdie krag te ontsnap nie, is die mensdom in ernstige moeilikheid. Want hulle sal nooit in staat wees om tussen goed en sleg te kan onderskei nie, hulle sal

sonder onderskeid alles erken en ondersteun wat hierdie voorstanders van die teenstander met mooi woorde smaaklik aanbied, en dit sal aan die einde lei tot niks anders nie as `n nasie wie se mense in valsheid leef en God en Sy leerstellings verwerp. En dit, op sy beurt, sal steeds verdeel in baie faksies, en daar sal `n rondtasting in die donker en valsheid aan alle kante wees.

Mense probeer om dit te vernietig en as vals te beskryf en verdraai wat God geleer het en wat Christus op aarde aan die mensdom gegee het, maar julle, Sy getroue volgelinge, moet nie toelaat dat hierdie Hoogste Goed verlore gaan nie, julle moet saamwerk in liefde en harmonie, om mense se band met God te bewaar en deur dit en gebed ook die versekering dat God en Saligmaker, op die regte tyd, elke individu sal help wat Hom volg. Baie siele wat God erken as hul God en Skepper sal agterbly en julle taak op aarde is om die geloof van hierdie siele te versterk en om hulle goddelike barmhartigheid te gee.

Maar harde gevegte sal julle werk voorafgaan, want waar die leer van Christus met vyandigheid behandel word, sal maatreëls geneem word teen diegene wat hierdie leer erken en vir Jesus Christus stry. En om toegerus te wees vir hierdie stryd, sal julle nog om baie barmhartigheid en krag van die hemelse Vader moet vra. Maar die Verlosser sal Self aan julle kant staan en "die oorwinning is julle sin." sê God, want Hy seën almal wat Sy Woord verkondig, en lei hulle na oorwinning.

Amen.

Gedwonge leerstellings

B.D. No. **0194**
22. November 1937

Wees getrou in jou hart en God sal ten alle tye naby aan jou wees. En as God iets op jou plaas wat blyk ondraaglik te wees, sal jy alles kan oorkom met Sy hulp en barmhartigheid.

En luister nou: Ons sal `n kring om jou vorm en begin met ons werk, want God het besluit om jou in te lig oor die gevare vir die Christendom soos dit vandag op aarde geleer word. Indien Sy Woord te eniger tyd verstaan was op `n wyse wat bedoel was om ander te dwing, was dit `n groot fout van die leraars. Want God wil nie enige van Sy kinders forseer om nader aan Hom te kom nie, maar die kinders moet heeltemal en al uit eie vrye wil besluit of hulle hul Hemelse Vader aanvaar of Hom verwerp. Ons sien dus elke dwang wat die kerk of die dienaars van God wil uitoefen teenoor die mensdom as ongewens deur God en dit word nie deur Sy leerstellings vereis nie. Om hierdie rede sal so `n kerk ineenstort, omdat dit nie die basiese vereiste, algehele vryheid van wil, het nie.

Geestelike vryheid kan nie bestaan waar dit bepaal word dat hierdie of daardie gedoen moet word onder dreigement van straf nie, voorts, kan die doel nie gedien word as die kinders van die aarde aan sodanige afgedwonge bepalings voldoen nie. Daarin berus die verduideliking waarom sulke kerke sal verval, alhoewel hulle ook poog om die mense na God te lei deur erkenning van die heiligste basiese toestand, om die mensdom se lewe deur die vrye wil te vorm.

Ander bepalings kom van die koninkryk van valsheid. Enige beperkings is nie God se wil nie en is dus slegs `n hindernis vir die mens op weg na die ewigheid. Julle mag inderdaad Sy Woord onderrig, maar julle kan dit nie kombineer met sodanige voorwaardes wat die mense in `n posisie van beperking sal plaas en wat hul `n ander beeld van God se goedheid en liefde kan gee nie. Maak altyd seker dat julle, die dienaars van God, julle skape met liefde na die Vader trek en leer hulle om daarna te streef om God se hulp te vra, dan is hul weg na die Vader makliker en niks sal hulle bangmaak nie, dit, terwyl julle leerstellings hulle in `n toestand van afhanklikheid plaas, waarin hulle inderdaad hul bes probeer om hul plig te doen, maar hulle innerlike geestelike toewyding teenoor hul Hemelse Vader ontbreek in hul hart. Liefde en verlange na die Vader sal uit die hart kom en moet nie afgedwing word nie. Die menslike siel sal dan veel hoër klim en baie vinniger vorder met die seën van God, wat dit uit eie beweging sal begeer.

Daarom probeer, waar julle kan, aan mense te verduidelik dat hulle nie moet vashou aan wêreldse leringe nie, maar om te luister na die leerstellings van God diep in hulle harte, wat hulle sal vertel dat hulle kinders van God is; en as kinders van God hul die verlange te verhoog om terug te keer na die

Hemelse Vader. Dit moet die basis van die ware Christendom wees, dan sal die Vader julle die weg in liefde en goddelike barmhartigheid wys.

Amen.

Verlosser se liefde - Geestelike visie

B.D. No. **0195**
22. November 1937

Jou strewe is geseënd deur God, en jy sal Sy Woord hoor. Binne `n paar kort ure kan die mees kosbare dinge op aarde van jou af weggeneem word, maar God se liefde bly vir ewig met jou, en om hierna te streef is baie opofferings werd. My kind jou begeerte om jouself by hierdie ewige fontein te verfris, sal elke dag toegestaan word, laat jou gedagtes met Hom alleen wees, dan sal jy `n lewe op aarde lei wat vir Hom aangenaam is, elke dag van jou lewe moet `n konstante gebed vir die hemelse Vader se liefde wees en jou weg op die aarde sal `n maklike een wees, en as `n deel van God Self, sal jy na Hom terugkeer wanneer jou tyd gekom het. God praat met jou as gevolg van Sy groter as groot liefde en wat Hy aan jou gee in hierdie liefde, sal jou weer teruglei na God, as jy dit met jou hart aanvaar.

Baie drade sal hulself ontrafel en God sal jou binnekort voorsien met `n duidelike idee van die skeppingsproses en aktiwiteit in die geesteryk. Jy word die geleentheid gegun om te leer om die ewige koninkryk met geestelike oë te aanskou. Ten einde aktief te wees daar, moet jy `n hoë geestelike vlak op aarde bereik het, sodat wanneer jy in die hiernamaals kom, jy in staat sal wees om te integreer met die leër van die ywerig werkende geestelike wesens. Hulle almal werk volgens God se wyse raad, en die liefdesarbeid wat hulle aan die minder volmaakte geestelike wesens verleen, plaas hulle in `n toestand van onbeskryflike saligheid. Verder is hulle in staat om soos ligwesens te sien en te voel, wat nog nie vir julle verstaanbaar is nie. In die eenwording met die Verlosser, is hulle in staat om in hierdie oorvloed van lig te bly, wat hulle `n gevoel van onskatbare geluk gee. Net die liefde van die Heer Jesus sal in staat wees om jou daar te lei, en deur jou liefde vir Hom sal jy Syne wees in ewigheid.

Amen.

Die maat wat jy gebruik, is die maat wat jy ontvang

B.D. No. **0196**
23. November 1937

Begin dus, My kind: As jy in elke situasie van die lewe bewus bly van die feit dat jy nie iets kan bereik sonder die Vader se hulp nie, sal jy altyd korrek optree en jou oë op die Vader hou. Die maat wat jy gebruik, is die maat wat jy ontvang. Hierdie Woord is deur God gegee aan die kinders van die aarde en daarmee saam die gebod van die liefde vir God en die naaste. Ons weet almal hoe moeilik dit is om dit op die aarde te vervul, want die liefde is nog onbekend aan die mense in die aardse lewe, elke persoon sien nie sy naaste as sy broer nie, maar is meer geneig om te dink dat hy sy teenstander is, en juis hieroor vereis dit dat `n baie groot liefde betoon word, om die liefde wat God van jou vereis, aan jou medemens te toon.

Julle sal beslis baat vind as julle `n poging aanwend om eerstens te besef dat julle almal God se kinders is, en dat net liefde vir mekaar in julle moet woon, op grond waarvan julle mekaar met goedertierenheid moet behandel, in plaas van om mekaar met vyandigheid te behandel, of onverskillig langs mekaar te leef. Dit is die Vader se wet dat julle dieselfde maat sal ontvang as wat julle aan julle medemens gee. Alles wat julle deur die Vader gegee is, moet julle ook aan julle naaste op dieselfde manier gee, maar altyd met die wete dat julle kinders is en dat die Vader se liefde ten doel het om julle te verenig. Daarom, laat niemand ooit tevergeefs vra nie en gee waar slegs die geringste oproep julle oor bereik. In die aardse lewe wil die Vader julle die geleentheid gee om naasteliefde te beoefen, want liefde is die eerste en vernaamste gebod in die hiernamaals, waar almal slegs werk vir `n ander.

Die liefde wat julle nagelaat het om in die aardse lewe te gee, sal julle daar swaar belas, want baie siele verlang na die effek van die liefde wat hul red van die duisternis. Alle goeie dade op aarde word deur God geseën, dit produseer baie verskillende vrugte in die hiernamaals, want elkeen sal maai wat

hy saai, en sal die loon van sy liefde op die aarde weer in liefde ontvang van onse God en Saligmaker, Jesus Christus. Want God is liefde, en om toegelaat te word om in Sy liefde te leef is ewige saligheid.

Amen.

Aarde - Stem van `n donderslag

B.D. No. **0197**
23. November 1937

Dit is dus die Verlosser se wil dat jou kennis al die tyd moet groei. Jy het min te vrees in hierdie dae en kan jouself wy aan geestelike strewe sonder om bekommerd te wees, dit sal jou baie krag asook vreugde gee om die woorde van God te ontvang. Die uitsluitlike doel van al die boodskappe is om jou kontak met die hemelse Vader in stand te hou. Om hierdie rede bemoedig ons jou al hoe meer om getrou te bly en nie te verslap nie, per slot van rekening, dit sal jou geestelike besittings gee wat vir ewig tot jou voordeel sal wees.

Sien, My kind, ons is almal gelukkig oor jou gretigheid en skenk jou graag die gawes wat die Verlosser vir jou voorberei het. Trouens, jy sal nog dikwels moet veg totdat jy God se wysheid heeltemal binnegedring het. Maar jy sal nog nader aan die Verlosser kom, want Sy liefde laat hulle wat aan Hom getrou is, nie gaan nie. Sodra God besluit het om Sy leerstellings in volle vertroue aan jou oor te dra, moet jy ook hierdie vertroue regverdig deur die vervulling van Sy wil en Hom te alle tye dien. Binne `n kort tydjie sal die dag op die aarde aanbreek wanneer God deur al die plekke sal wandel en troos en hoop aan Syne sal gee, en die mensdom sal Sy stem soos `n donderslag hoor wanneer Hy alle ongelowiges en geestelike slapers wakker maak. Maar almal van julle wat in God troos soek, sal in Sy liefde beveilig word. Hy sal Sy kinders beskerm teen swaarkry, hulle sal hul God en Verlosser naby aan hulle voel en hulle gelowig toevertrou aan Hom om hulle te red van alle gevare. Daarom moet julle almal na julle Vader in die Hemel keer met kinderlike vertroue, sodat Hy julle sal beskerm vir nou en vir alle tye.

Amen.

Stryd van die lig met die duisternis

B.D. No. **0198**
24. November 1937

Luister, My kind, dit is God se wil om jou te onderrig in die leerstellings wat ooreenstem met jou gedagtes en daarom wil Ek jou vandag laat weet hoe baie lief ons Heer Jesus vir jou is en hoeveel jou toewyding Hom behaag. As jy ooit `n gevoel van verlating voel, moenie bang wees nie, want Een is altyd naby aan jou, jou Verlosser, wat jou sal help om elke bekommernis te dra. Gaan jou lewensweg vol vertroue en met hierdie wete tot aan die einde en moenie vrees nie! Nie almal word dieselfde lot gegee om fisies en geestelik te werk soos wat jou God en Saligmaker, Jesus Christus vir jou bepaal het nie, maar as jy altyd jou oë opwaarts rig, sal jy in staat wees tot beide en voortdurend die Vader se sorgsame hand voel.

Luister na ons, wat naby jou bly, en probeer om te verstaan: In die begin van die wêreld was alle gees verenig. Dit was `n Wese omring deur die lig van die ewige son. Elemente het deur die heelal gejaag wat weggeskram het van die glans en het gepoog om die goddelike lig te vernietig. Gedurende die stryd van duisternis teen lig verloor talle atome kontak met die lig en die elemente van die duisternis verklaar oorlog op daardie klein liggame van lig wat in die heelal dwaal, om hul oorvloed van lig, wat elkeen van hierdie klein en kleinste wesens het, te blus, en om hierdie wesens in die sfeer van die duisternis in te trek, en so het die stryd tussen goed en kwaad uitgebreek, wat vir `n onvoorspelbare toekomende tyd sal duur. En God het aan elke ligwese die vryheid gegee om volgens sy eie wil te kies. Nietemin sal hierdie wesens voortgaan om fundamenteel aan die goddelike lig te behoort, selfs al duur die stryd vir millennia, en sal elkeen van die kleinste komponente van die ewige lig terugvloei na die oorsprong van sy doel. Dit is die siklus volgens God se wil, dat elke wese vrywillig na Hom keer, met die volle gebruik van sy krag en ondersteun deur die liefde van die

goddelike Vader wat alle lig verwek, en dus die weg terugvind na volmaaktheid en toegelaat word om weer naby aan die hemelse Vader te woon, die ewige Lig.

Wanneer jou wil gerig is na die geestelike sfere, sal jy ook die krag ontvang om jou doel na te streef. Die versekering vir jou strewe rus in jou hart, jy sal in jou hart voel dat jou kontak met die Verlosser tot die vloei van goddelike barmhartigheid sal lei, en gelukkig en met innerlike vrede, sal jy in staat wees om uit te sien na die toekoms. Waar die Verlosser Syne elke dag wil help, sal jou seëninge bring, maar dank God vir elke dag wat jou van Sy Woord leer. En so begin: Waar ligwesens met die duisternis argumenteer, gaan geen graan verlore nie, alles sal nuut ontstaan en altyd streef om die lig te bereik. Die kleinste wesens sal in die heelal bly, en afhangende van hul lewensduur, weer en weer hervorm, totdat hulle uiteindelik `n toestand bereik waarin hulle vrylik hul eie diskresie sal gebruik om te doen soos hulle wil, maar altyd onderworpe aan die Skepper se wil. By die aanvang van hul eie vryheid van wil is hulle ook verantwoordelik vir die verdere verloop van hulle lewe en ontwikkeling, vir die volwassewording van hul siele. Dit is hulle doel om terug te keer na die ewige lig waaruit hulle ontstaan het, maar die tyd wat hulle neem om hierdie doel te bereik, word aan hulle oorgelaat. Gevolglik stry die ligwesens aanhoudend teen die mag van die duisternis. Diegene wat oorwinnend uit hierdie stryd kom, dra op sy beurt by om hulle wat swak is, te help, en die mees effektiewe wapen in die stryd teen die teenstander, is liefde.

O, dit is so aangenaam vir ons om jou ywer te sien! Enigeen wat so na die lig streef, kan nie in die duisternis verval nie, gaan dus voort om ons onderrig so toegewyd te ontvang, per slot van rekening is dit tot voordeel van die redding van jou siel en dié van baie ander. En vandag wil ons jou die finale gevolgtrekking van gister se werk gee: Gedurende kort tussenposes van tyd en ruimte het talle geestelike substansie deur hul tydperk van ontwikkeling gegaan, beliggaam in fauna en flora, en onbewustelik streef hulle ook telkens na die lig. Na `n lang tyd, waartydens hulle voortgegaan het om in verskillende stadiums hoër te ontwikkel, betree hulle die laaste fase voor hul geestelike wedergeboorte, naamlik die beliggaming as `n menslike wese. Op hierdie stadium begin die stryd met die duisternis, wat hierdie aardse wese van sy doel wil ontneem, en die siel heeltemal in die duister af te trek. En omdat die mens op hierdie stadium `n vrye wil het om `n persoonlike keuse vir goed of kwaad, vir lig of duisternis, te maak, dra hierdie stryd geweldige verantwoordelikheid vir sy afvalligheid van die hemelse Vader, die ewige Lig. `n Stryd wat vir duisende jare sal duur, totdat hierdie siel ook uiteindelik verlos is, te danke aan die nimmereindigende liefdevolle hulp van die verligte geestelike wesens.

Tallose wesens sou meer volhardend gestreef het as hulle maar bewus was van hierdie verantwoordelikheid, maar die mens moet sy weg na God uit eie beweging vind, slegs dan sal hy weer in staat wees om deel te wees van wat hy aan die begin was. Waar God se almag en liefde effek neem, sal geeneen van die klein wesens van lig verdwaal nie, dit is waarom jou aandag herhaaldelik getrek word na die feit dat, in die oneindigheid, elke mens sy eie aangewese weg volg wat bevorderlik is vir sy ontwikkeling, in die sorg van die Vader. Die diepsinnigheid van hierdie wet lyk nie vir jou verstaanbaar nie, maar ook sal jy nie in staat wees om jou hemelse Vader se oneindige grootte te begryp, alvorens jy geword het wat jou doel is nie, naamlik om een te wees met die goddelike Vader.

Amen.

Verlosser se woorde - Stormwolke

B.D. No. **0201**
26. November 1937

My liewe kind, inderdaad sal Ek jou beskerm teen verkeerde dinge. Aanvaar alle woorde met geloof in My en moet niks vrees nie. `n Geestelike Wag wat alle boosheid weghou, sal altyd by iemand van Myne geplaas word wat daarna streef om My stem te hoor. Gaan dus voort om na die Wysheid van God te luister en ontsien geen moeite om Haar te ontvang nie. Baie duisende probeer hard om by `n sfeer in te dring wat nog vir hulle geslote is, maar hulle wil dit net wetenskaplik bepaal, maar dit nie in hulle harte ervaar nie, en indien hul bede om lig nie diep uit hulle hart kom nie, dan sal begrip wegbly. Maar aan Myne sal Ek begrip gee en spreek tot hulle harte.

My liewe kind, onbeskryflike vreugde wag op julle, en die lyding op aarde is slegs die leer na geluk wat vir julle bedoel is, en al My kinders word deur My gelei volgens My wyse plan. Veral wanneer julle in gevaar is om te val moet Ek julle laat veg om bo julleself uit te styg, sodat almal die Vader sal soek uit eie beweging. Maar Ek sal julle altyd ondersteun met My barmhartigheid. Daarom, moenie moed verloor as julle dit moeilik vind nie, maar laat julle gedagtes altyd vervaag met die gebed "Liewe God, bly naby my met U liefde en barmhartigheid." Wanneer stormwolke dreig op julle geestelike horison, dan sal elkeen van julle, My getroue volgelinge, gekonfronteer word met die taak om vas te staan teen die dreigende storm. Hierdie wolke is reeds besig om vorm aan te neem en sal hulle skaduwees gooi oor almal wat bereid is om My te dien. Die wêreld sal ook met kort tussenposes poog om julle wat soek te stop. Julle sal gedwing word om baie stil te werk, maar dan moet julle selfs meer vasberade ywer. Dit is tog bo alles noodsaaklik om nog baie meer mense uit die duisternis na die lig te lei, wat net soos julle na My vra en roep om hulp.

Julle sal inderdaad baie bereik, want julle sal altyd julle aktiwiteit hê om saam met My te werk, en wanneer julle harte angstig na bo kyk, sal julle nooit sonder troos gelaat word nie. Aanvaar wat julle aangebied word, en dank die Hemelse Vader elke dag vir Sy liefde en goedheid.

Amen.

Demone swerf deur die heelal - Gebed

B.D. No. **0202**
26. November 1937

Demone swerf in die heelal rond en hits die mense orals aan om in opstand te kom teen die gebooie van God, en waar die Vader om hulp gevra word, daar sal hulle in toom gehou word. Dit is `n wyse wet dat God die wêreld regeer, dat hierdie demone altyd moet luister na die Skepper se wil. Aan sy eie oorgelaat sal `n persoon voor hulle swig, maar God kry die aardse mens jammer oor die diepgaande teenspoed wat om hulle is, dus moet julle net na Hom gaan vir hulp.

Die aarde sal vir `n oneindige lang tyd in gebed moet bly as sy haarself wil bevry van die krag van hierdie donker magte. Moet julle dus nog bekommerd wees as julle hulp in nood ontvang deur gebed? Nog nooit het die Vader julle gevra om op te hou bid nie, die barmhartigheid wat julle daardeur verkry, is onmeetbaar. Hierdie genademiddel is vir ewig tot julle beskikking, dus moet julle dit tot julle voordeel gebruik en die Vader uit die diepte van julle harte smeek vir verlossing van die magte van die duisternis. Dit is julle eie skuld as julle hard moet veg, as julle nie bid en julleself aan die Vader toevertrou in julle nood nie. God skenk Sy liefde en goedheid aan elkeen, en daarom moet julle `n poging aanwend om sy barmhartigheid te ontvang. So spandeer jy elke dag in blye afwagting op die leer wat aan jou gegee word en voortdurend verbeter jou kennis ten opsigte van geestelike dinge.

Begeer altyd om die Woord van God te ontvang en daar sal van ons kant af aan jou wens voldoen word, nietemin, as jy in die barmhartigheid van God wil bly moet jy altyd jou hart aan Hom gee en onderdanig wees aan Sy wil. Jy moet nederig uit Sy hand aanvaar wat Sy liefde vir jou inhou, want eendag sal alle pyn en lyding jou gees se opstanding help en jy sal God se wysheid prys vir alle ewigheid.

Amen.

Dwalende siele in die eter van die uitspansel - Lig en duisternis - Die hiernamaals - Lig

B.D. No. **0203**
27. November 1937

Weereens is ons om jou vergader om aan jou die brood van die hemel te gee, om jou te versterk en die goddelike barmhartigheid met jou te deel. So gou as wat ons voel dat dit jou hartsbegeerte is om die Wysheid van God te hoor, is ons in kontak met jou en luister ons na elke roering van jou hart.

Begin dus: Kyk, daar is `n chaotiese wanorde van soekende en dwalende siele in die eter van die uitspansel, en die gevaar van eensaamheid is die ergste wat kan gebeur met hierdie siele, maar God

stuur geestelike wesens na hulle wat hul bes doen om vir hierdie siele te wys dat hulle ook na volmaaktheid in die hiernamaals moet streef, en dit is waar die eerste liefdesarbeid reeds vir hierdie siele begin. Deur ten nouste met hierdie goedaardige geestelike wesens te verbind, streef hulle stadig op die weg omhoog.

God se goedheid en liefde heers oral, en in die geringste gebeure en prosesse, beide op die aarde en in die hiernamaals, is goddelike Wysheid en goddelike leiding altyd vir alle wesens verborge. Die effek op hierdie soekende siele, sodra hulle `n sprankie van die insig oor hul situasie en hul doel uitvind, is onbeskryflik. Dan streef hulle onvermoeid daarna om hoër te beweeg. Onvermoeid wy hulle hulself aan al die take wat van hulle verwag word, en op hulle beurt probeer hulle weer om die nog minder ingeligte siele te help. Dit is `n aktiwiteit van liefde vir mekaar om die hoogste doel te bereik.

As julle op aarde begin om geestelik te streef, sal julle begroet word deur die helderste lig wanneer julle die ewigheid ingaan en julle sal verstaan en weet, en julle sal die swakheid in die duisternis met al sy gevegte gespaar word. Hoe nader julle aan die Verlosser op aarde is, hoe meer stralende glans sal julle eendag omring. Dit sal julle ongelooflike bevrediging gee om te weet dat julle reeds God gedurende die stryd van die lewe gevind het, en sonder om twee keer te dink, sal julle deelneem aan die liefdeswerk in die hiernamaals en die diepste begeerte voel om altyd nuwe siele met onvermoeide liefdevolle aktiwiteit na God te lei en om hulle die weg na die lig te wys. Die lewe van `n persoon wat dit in gedagte hou terwyl hy nog op die aarde woon, sal ryklik geseën word, want elke gedagte, handeling en prestasie van hom sal vrugte dra in die ewigheid, en elke siel sal daarby baat indien sy onwrikbaar opwaarts streef na die ewige lig.

Amen.

Land van vrede - Gabriël

B.D. No. **0204**
27. November 1937

Ons wil jou gebede vervul en jou onderrig in die leerstellings van Jesus Christus. Aanvaar alles wat jy in jou hart gegee word en lewe daarvolgens. Jy sal baie baat as jy onophoudelik sal werk om dit op te skryf. Die tyd wat dit sal neem om hierdie barmhartigheid te ontvang, sal nie lank wees nie, en om in staat te wees om vir ons Heer en Verlosser te werk, moet jy `n hoë mate van geloof en kennis bereik het. Dit hang uitsluitlik van jou af of hierdie kort tyd goed gebruik sal word. Daarom, moenie toelaat dat enige geleentheid ongebruik by jou verbygaan nie. Die geestelike wesens sal altyd die manier van spreek so kies, dat jy gou sal herken wie Sy leringe aan jou oordra. Maar vandag kry jy `n aankondiging wat bedoel is om baie te verduidelik en sal jou bekendstel aan `n gebied waarmee jy nog nie vertroud is nie. Luister dus:

Baie siele van oorledenes gaan direk na hulle dood na `n spesifieke aangewese land waar geen bekommernis en probleme bestaan nie. `n Engel met die naam Gabriël bestuur hierdie land, en hy bied `n rustige en stil bestaan vir almal. Dit is waar baie moeë siele stille afsondering en gedagte bepeinsing vir die eerste keer leer ken, en by wyse van spreke, vergoed word vir hul besige dae op die aarde, totdat hul uitgerus het en hul mening en doel in die ewige koninkryk oordink het.

Die skynsel van die sonsopkoms stuur `n sagte lig oor die hele vallei, die oog verbly hom voortdurend in die uitstaande skoonheid, geen skadu versteur hierdie visie nie en daar is niks wat hierdie prag versteur nie, net sang en klokkespel omring haar. En die rus versterk die siel totdat sy wakker word uit haar droom en die drang voel om liefdevol aktief te word. Elkeen wat dit op die aarde bereik het, en wat homself in staat gestel het om hierdie dal van vrede te bereik, sal liefdevol benader word deur God en gekies word vir `n wonderlike taak in die hiernamaals.

Ag, as julle net almal julle harte wil volg en die taak herken wat vir julle bedoel is om op aarde te vervul ten einde hierdie vallei te betree, net `n blik in hierdie land sal julle enigiets op aarde laat verduur om daar te wees. Gee dus aandag: Elke getroue volgeling van die Verlosser wat Sy hart aan Hom gee, word lewe belowe deur die Heer, maar wat beteken lewe as mens dit nie in Sy

teenwoordigheid kan geniet nie? Maar, hierdie land is net `n voorsmakie van die lewe naby aan die Verlosser, dit is net `n oorgang van die somber bestaan op die aarde na die verligte gebied van saligheid.

Woorde kan nie die grootsheid wat voortspruit uit die Verlosser se teenwoordigheid beskryf nie, en ten einde in staat te wees om hierdie glans te verduur, moet die siel `n oorgangstydperk te midde van onbeskryflike mooi weivelde, wat `n mens se hart nie kan bedink nie, deurgaan. My liewe kind, ons sou graag dat jy `n glimp in hierdie land kry, maar die Heer ag die tyd nog nie reg te wees vir jou nie, daarom moet jy met meer ywer en getrouheid en liefde vir die Verlosser jouself al hoe meer wy aan geestelike sake, sodat ons jou meer omvattend kan onderrig om jou weg makliker te maak op die aarde en om jou oë hemelwaarts te rig. Jy word `n onmeetlike barmhartigheid verleen deur hierdie openbaring. Aanvaar elkeen met toewyding en bly dankbaar teenoor die Hemelse Vader nou en vir ewig.

Amen.

Die uitspansel

B.D. No. **0205**
28. November 1937

O My kind, besigtig die uitspansel - wanneer dit straal in die prag van sy sterre - nie een daarvan is onafhanklik van die Wil van die Skepper nie, nie een daarvan kan sy baan anders laat gaan as wat die Heer dit bepaal het nie. Alle gelowiges verneem die roep van God as hulle die wonder van die heelal aanskou. Die Vader huisves nou wesens in groot getalle op elkeen van hierdie sterre en so sal julle `n idee kry van die oneindigheid van die heelal, van die ontelbare geestelike wesens wat onderworpe is aan Sy Wil en van Sy onophoudelike bestuur van en werksaam wees vir al hierdie wesens wat almal `n deel is van die ewige Lig.

O, julle kan nie glo hoe onbegryplik dit vir julle mensekinders is nie, julle kan by benadering geen begrip vir julle daarvan vorm nie; anders sou die kolossaalheid, die omvang van die gebiede van die hiernamaals julle laat beswyk. Dog, elke kleinste gebeurtenis word deur die Vader Self gelei, vir elke kleinste wese word volgens Sy Wil gesorg en ontelbare hoogsontwikkelde geestelike wesens staan Hom by om alles uit te voer wat voorkom in die plan van die goddelike skepping.

Woorde is nie by magte om dit vir julle van naderby toe te lig nie, julle kan julle slegs deemoedig buig voor die grootte en die almag van God, in julle situasie op aarde is julle tot niks anders in staat teenoor die geweldige besef nie. Het God julle die barmhartigheid gegee om insae te neem in slegs die kleinste deeltjie van Sy bestuur, in Sy ryk en Sy werksaamheid, dan het julle slegs al daardeur `n onmeetlike seën ten deel geval, want `n kind wat ver weg staan van so `n geestelike belewenis, geval dit aansienlik swaarder om `n sigbare werksaamheid van God te aanvaar, solank hy nie by magte is om in elke kleinste gebeurtenis maar net die Wil van God te sien nie.

Amen.

Ek het jou nodig

B.D. No. **0209**
30. November 1937

Groete aan jou in die Naam van die Vader. Jy moet die weg wat Hy vir jou daargestel het, neem. Sy beskermende hand sal jou op die regte weg lei. Slegs jou liefde het gemaak dat jy hierdie weg neem, maar jou gees is verenig met ons. As jy kontak hou met jou Verlosser, sal goedgesinde kragte altyd aan jou sy wees en probeer om jou gedagtes te beïnvloed sodat alles wat jy bereik in harmonie met die hemelse Vader sal wees. Gaan ongehinderd voort op jou weg en aanvaar die geestelike leringe wat jou aangebied word met `n dankbare hart, want vroeër of later sal die tyd kom wanneer jou hart sal oopmaak vir die ewige waarhede wat God van voorneme is om aan jou te gee wanneer jou geloof onwrikbaar geword het. Ons wag almal vir hierdie tyd, want dit sal ons baie seëninge bring. Onthou dit altyd wanneer daaglikse gebeure jou bang maak. "Ek het jou nodig". Roep die Heer aan jou. Elke wese vervul dit waarvoor Hy geskape is om te doen. Kwel jou dus nie en luister na dit wat jou weer

kalm sal maak: Jou geskrifte word met groot verbasing ontvang. `n Gees van liefde en reinheid vergesel dit, en dit is wat geoordeel word en die hart indring. Die woorde talm saggies in hul ore en hul gedagtes is met jou, en deur die aanvaarding van die woorde van God gee hulle hulself en ons groot genoeë.

En tog sal dit nie in staat wees om hulle te oortuig en hulle te weerhou om te dink dat jy die geestelike kennis van iewers anders gekry het en dit nou herhaal nie, want hulle vind dit ondenkbaar dat God `n geskenk soos hierdie aan iemand sal gee wie se manier van lewe nie saamstem met die leerstellings van hul kerk nie. Hulle 'God' gelowige, toegewyde gesindheid het hulle te alle tye die regte weg laat neem, en innerlik verenig met die Verlosser, het hulle altyd die beste vir mense gegee. Maar, as jy die Verlosser wil dien, laat dan alles vertrouend oor aan Sy diskresie.

Net soos wat jy verlig geword het, sal Hy orals op die regte tyd werk, maar oral op `n ander manier. En net soos Hy aan jou vervulling en troos geskenk het, sal Hy ook aan ander gun dit wat vir hulle voordelig is. Kyk, My kind, welsprekendheid spreek dikwels woorde wat nie in harmonie met die Vader se heilige leringe is nie, en tog verstaan God, want die liefde vir Hom wek dikwels so `n ywer dat die resultate in stryd is met die suiwer leer van Christus. Maar waar `n goeie wil is, sal geen kwaad kom nie, want die Vader beskerm Syne wat Hom volg.

Maar maak van nou af seker dat die onderrig aan jou oorgedra kan word sonder onderbreking, dit is `n ongekende seën as jy permanent met ons in kontak bly. Ons gee jou die inligting volgens die Verlosser se wil. Werk sonder rus om jouself te verbeter, onbeperkte toewyding aan jou Verlosser en oneindige liefde vir Hom sal jou ontvanklik maak vir alle geestelike invloei, en wysheid en leringe van onskatbare geestelike waarde sal na jou toe vloei. God sal jou werk seën, omdat jy in Sy barmhartigheid sal bly so lank as wat jou hart intiem teenoor Hom geneig is. Gaan daarom voort op hierdie weg met `n blymoedige hart, goed bewaak en gelei deur ons beskerming.

Amen.

Bron van liefde - Gevare - Krag van die liefde

B.D. No. **0210**
1. Desember 1937

Kyk na binne en besef dat alles wat God aan jou stuur jou sal voorsien met geestelike kennis en `n steeds dieper band met die hemelse Vader. Ons onderrig slegs diegene wie se hart verlang na hemelse voedsel en wie se bereidwilligheid om te help vir die Heer welbehaaglik is. Baie mense loop onverskillig verby die bron van Christus se liefde, wat hulle verfrissing en troos kan gee, maar nog honger en dors want hierdie verfrissings is onbekend aan hulle. Om te voldoen aan hul wêreldse wense is genoeg vir hulle. Om hierdie rede gee ons al hoe meer aan diegene wat streef na krag en ondersteuning deur God self.

Dit is `n teenstrydigheid dat God lyding stuur aan Syne ten einde hulle daarna te verfris met Sy barmhartigheid en liefde, maar dit is slegs `n teenstrydigheid vir diegene wat nie die Wysheid van God se handelinge en leiding verstaan nie. Volkome vertroue en uiterste toewyding sal sodanige kennis aan jou openbaar, sodat jy graag alles sal opoffer en slegs goddelike Wysheid sal begeer. Moet daarom nie vroegtydig iets oneindig kosbaar verloën nie, `n doel sal gou genoeg vir jou gestel word, want die lewe is kort. Kom dus steeds nader aan ons, en gee ook aandag aan vandag se woorde wat ons met liefde aan jou gee: Jou standpunt vir die waarheid is nie sonder gevaar vir jou nie, die teëstander sal sy versoekings in gelyke mate stuur om jou te konfronteer met struikelblokke op die weg wat jy neem en hy sal nie wegskram van enigiets nie, indien hy sodoende sy doel kan bereik. Jou innerlike stryd gee bewyse van die gevaar waarin jy is. Maar gebed sal jou help en geen kind kan val wie se begeerte vir die Vader so sterk is soos joune nie. Jy sal die liefde in jou hart voel, jy sal besef dat die gees van liefde van goddelike oorsprong is, wanneer al die gedagtes duidelik en suiwer is en almal `n poging aanwend om vir mekaar te sorg en te werk.

Die krag van die liefde word nog nie deur enige van julle herken nie, dit oortref tyd en ruimte, die oorsprong is dikwels onbegryplik en tog is die onvermydelike gevolg `n korrekte besef. En dit laat herleef met so `n krag dat eeue nie in staat sal wees om dit te verminder nie.

Die lewe op aarde is net `n kort stukkie van die tyd in die ewigheid, liefde was egter effektief selfs daarvoor en sal effektief wees vir alle ewigheid. Op hierdie manier het God verseker dat diegene wat van dieselfde gesindheid is, wat Jesus Christus erken as hulle Heer en Hom wil dien met liefdevolle toewyding verenig word op die aarde, en alhoewel hulle almal verskillende paaie neem, bring hul aktiwiteit van liefde hulle saam, hulle gee aan mekaar uit hierdie liefde en voel die opregte begeerte om elke een van hul medemense die weg na die hemelse Vader te wys. Deur salige geestelike kennis te absorbeer, deur aktiewe werke van liefde deur middel van konstante strewe na volmaaktheid, bereik die mens `n vlak wat hom in staat sal stel om `n vorm van lig aan te neem na sy vertrek en wat hom sal verwyder van die swaar van die aarde.

Besef jy watter barmhartigheid dit is om lyding en bekommernis te oorwin? God neem jou lewe om dit terug te gee aan jou met onverwagte volheid van lig en van ongekende saligheid. Kyk, My kind, dit is ons voortdurende strewe om dit vir jou te bereik. Ons wil graag aan jou die weg wys, maar is slegs in staat om jou te leer as jou wil dit sal akkommodeer. Daarom moet jy doen wat jy kan om ons die geleentheid te bied. Ons wens dat jy nie sal moeg word vir jou werk nie, dat jy voortdurend sal bid en werk vir God se liefde en barmhartigheid. Hoe sterker die krag van gebed, hoe meer word ons met jou verenig en hoe dieper sal jy geaffekteer word deur ons Verlosser se onderrig, Wie dit vir jou in liefde berei het. En as teenkanting in jou ontstaan deur die donker magte, moet jy nog meer bid, sodat jy te alle tye oorwinnend uit hierdie stryd sal tree.

Amen.

Lig is lewe - Invloed van God se boodskappers - Oukersaand

B.D. No. **0236**
24. Desember 1937

Salig is hy wat My Woord aanvaar en sy hart verlangend na My wend. My liewe kind, doen altyd jou werk in My barmhartigheid, en bly getrou aan My. Kyk, om die Heer te wil dien met eindelose toewyding sal jou naby aan die hemelse poorte bring, en jou begeerte sal altyd meer en meer opreg word, want My Liefde sal jou nie laat gaan nie. In elke skepsel sien jy God se lewende skepping, en elkeen van God se lewende skeppings is op sy beurt deel van die ewige lig, en lig is lewe. Daarom streef na die lig as jy vir ewig wil lewe.

Die goddelike lig het neergedaal na die aarde om lig te bring aan hulle wat in duisternis leef. Maar in My Vader se koninkryk sal die ewige lig skyn vir almal van julle en julle sal nie nodig hê om enige duisternis te vrees nie. Streef daarom op die aarde na die goddelike lig. Berei jou hart voor vir die Verlosser in hierdie nag, sodat Hy ingang sal vind. Al jou geestelike vriende wil jou help, sodat alles wat jy het om te doen, tot die eer van God en tot jou voordeel sal wees.

My kind, in hierdie nag reis baie boodskappers deur die land, hulle soek ver en wyd om die Verlosser se wil te vervul, deur mense se gedagtes te rig op die uur van Christus se geboorte en sodoende weer te probeer om hulle ontvanklik te maak vir sy leerstellings en die doel van Sy lewe op aarde. Elke poging van ons het ten doel om weer `n geestelike verbinding tussen die aardse kinders en die geestelike wesens om hulle te skep, sodat ons hulle kan help om weer kontak te maak met die Hemelse Vader, die Verlosser. In hierdie nag gaan baie gedagtes na die hemel. O, as ons net in staat was om hulle harte diep in te dring sodat hulle nooit weer hierdie gedagtes sal laat gaan nie, dat hulle kan begin om hul gedagtes elke uur van elke dag in hierdie rigting te wend! Hoeveel genot sal ons nie in staat wees om aan ons geliefde Verlosser te gee nie, en hoe voordelig sou dit nie wees vir mense se siele nie. En die barmhartigheid van God, die Heer sal hulle strewe altyd seën en hulle die krag gee om te werk om hulself van nou af te verbeter, ten einde hulle siele in hierdie lewe te verbeter.

Dikwels kan ons niks doen as om te sien hoe die weg boontoe steeds moeiliker vir die aardse kinders word nie. Hoe hulle hulself vervreem van alles wat goddelik is en gesindhede aanneem wat nie in

harmonie met die leringe van ons Heer Jesus Christus is nie. Ons sien en is nie in staat om te help nie, want hierdie mense vra ons nie om hulp nie. Ons voorneme om hul gedagtes te beïnvloed is tevergeefs, hulle verwerp alles, en gedurende sulke tye is elke poging om die mense te help, vrugteloos. Maar op hierdie oomblik is mense se harte dikwels toeganklik vir sulke emosies, dit is `n geseënde tyd wanneer so baie mense se gedagtes onbewustelik in die geesteryk dwaal, en waar ons dit bemerk, is ons dadelik gereed om hierdie gedagtes verder te lei en `n klein vonkie van begrip in hulle siele aan die brand te steek. Ons wil siele na die Heer lei, en die lig van begrip aan die mense bring. Ons wil graag die siele uit die duisternis ruk en hulle in `n toestand van salige geluk plaas deur die insig en begrip van die goddelike Waarheid, sodat hulle nooit weer in geestelike duisternis sal wandel nie.

Amen.

Goddelike glans van die son - Lig en liefde

B.D. No. **0237**
25. Desember 1937

O, My kind, as jy jouself net altyd sonder huiwering aan jou Verlosser oorgee, sal daar vrede in jou hart wees, en jy sal vry word van alle probleme wat jou belas. Jy sal jouself ophef deur Sy liefde, dit is nie die Heer se wil dat jy moed verloor nie. Ook wil Hy nie hê dat jou gees moeg word nie, daarom gee Hy jou weer troos en krag deur sy woorde. Alle heerskappy en aktiwiteit in die natuur ontstaan uit God se ontsaglike liefde, dit is soos `n konstante uitstraling van lewegewende lig wat almal op aarde en in die heelal beïnvloed. En ten einde alle wesens te vorm volgens God se wyse wil, laat God voortdurend die lig skyn. As die oneindigheid van die kosmos jou bangmaak en jy bewus raak van jou eie nietigheid, moet jy tog nie toelaat dat twyfel in God se liefde en Sy sorg vir elke enkele wese in jou ontstaan nie. Net soos wat die lig van die son die aarde verlig, en alles wat op die aarde bestaan, verwarm en besiel, dit die plante laat gedy en helderheid en warmte aan alle lewende skeppings op aarde bied, dit is ook hoe talle ander sonne hul lig uitstraal, sodat die heelal onderhewig is aan die goddelike glans en hierdie lig sal nooit uitgaan nie, want die hemelse Vader Self is die Lig waaruit alle lewe ontstaan. Die Lig is nimmereindigend en nimmereindigend is die liefde. Beide is die toonbeeld van God en sal vir alle ewigheid bestaan.

God in Sy oneindige liefde en goedheid het Sy wesens in die lig geskep, en daarom sal elke wese ook streef na die lig, en enigiemand wat in die lig woon, is op pad na bo. Enigeen wat na God draai met die begeerte om goddelike lig, sal omring word deur helder lig, want slegs die wil om terug te keer na die oorspronklike toestand, sal jou nader daaraan bring. Elke saailing probeer om deur die grond te breek en om in die rigting van die lig te draai. In die dierelewe is die begeerte na lig net so oorheersend. Moet die mens dan in die duisternis bly en nie na die Vader van alle lig draai nie?

En tog moet die mens `n groot stryd voer teen vyandige magte wat graag sy begeerte na lig in hom wil blus. Hul doel is om die mens se gees te omvou in uiterste duisternis en die ware doel van die lewe weg te steek, ten einde groter beheer oor die mense te kry en hulle te verwyder uit die sfeer van lig, waarna hulle onbewustelik streef, en om hulle af te trek in die ewige duisternis in.

God se liefde en sorg gaan voortdurend oor hierdie aardse kinders wat deur die duisternis bedreig word. Die mens is `n wese sonder `n wil van sy eie as hy eers onderworpe is aan die beheer van die duisternis. Sonder goddelike hulp sal hy nooit in staat wees om homself vry te maak van hierdie beheer nie. Dit is die rede waarom so baie geestelike magte by hom geplaas word sodat geen aardse kind sonder waarskuwing aan hierdie lot oorgelaat word nie. Net soos wat die teenstander die aardse kinders aan die een kant beïnvloed, so beïnvloed die liefde van edele geestelike wesens hulle aan die ander kant en veg vir die siel.

Dit is maklik vir die aardse kind as hy homself net effens oorgee aan die positiewe kragte, want die krag van die goeie, die krag van liefde, is onvergelykbaar sterker as die krag van die bose. Maar die mens word dikwels so mislei, dat sy wil, wat hom na die hemelse Vader moet lei, dikwels juis in hierdie geval faal, en sy wil is weer so sterk dat hy sonder `n tweede gedagte aanvaar wat die

teëstander hom bied. Daarom is dit ook sy eie verantwoordelikheid, want hy gebruik sy krag en wil, wat hy ontvang het om sy siel te bevorder, om van God af weg te val.

Jy, My kind, word deur die Heer benodig, werkers, wat bereid is om van diens te wees en toegewy is aan die Heer, sal diegene wat swak is help om die regte weg te neem, en deur die onderrig van onse Heer Jesus Christus, hul weg terugvind na die Vader. Dit is baie belangrik dat die kennis van die suiwer Waarheid aan mense oorgedra word en as gevolg van die langdurige konflik tussen die kerke, word die leer van Christus vir die mense op so `n manier aangebied, dat hulle dit deesdae skaars wil aanvaar.

Hulle beskou dit nie langer as `n opregte leidende beginsel wat deur God se liefde vir hulle aangebied word nie, maar baie dikwels glo hulle dat dit net `n tradisionele, menslik geskepte onderrig is wat skaars hul harte raak en wat hulle nie meer ernstig opneem nie, maar veel eerder wil verwerp. Dit is waarom die Vader Sy Woord in `n nuwe vorm aan hulle wil oordra, sodat hulle die goddelike liefde daarin sal sien en hul harte oopmaak vir die Stem van Bo.

Die Verlosser woon weer onder die mense. Hy sal altyd in die midde van julle wees wat Sy leringe verkondig, sodat julle doen wat julle leer. Hy sal julle help om die regte woorde te kies, en dus sal Sy Woord weer deurdring tot mense se harte en hulle sal almal, op hul beurt, mekaar liefdevol help, want almal sal ingelig wees en elke mens sal homself losmaak van die duisternis, so gou as wat hulle slegs `n klein straaltjie van die goddelike lig ontvang, aangesien die strewe na die lig sal voortgaan vir alle ewigheid.

Amen.

Hemelliggame - Natuurwette - Ondersoeke is tevergeefs

B.D. No. **0254**
10. Januarie 1938

Dierbare kind, dit is `n oeroue wyse wet, dat in die heelal, sonder onderbreking, volgens die Wil van God, die hemelliggame hulle baan steeds op gelyke afstand van die son aflê, tot in ewigheid self in herhalende reëlmatigheid. Alles wat in die heelal geskape is, is afhanklik van die sonnestelsel. Geen enkele ster (planeet) kan bestaan sonder die ligkrag van die son nie, want elke hemelliggaam se bestemming is dat dit weer ontelbare lewende wesens tot verblyfplek dien, alhoewel die hoedanigheid van elkeen van `n ander aard is.

Sou julle dit wil deurgrond, dan sou julle met wette rekening moet hou wat tot nou toe vir julle volkome onbekend is. Die aarde is een, heeltemal van die res van die ruimte, - die ander hemelliggame - afgeslote ster (planeet) met eie, vir die aarde vasgestelde natuurwette en so kan julle slegs volgens hierdie natuurwette die hemelliggame, wat julle aan die uitspansel sien, vir julleself duidelik maak, maar daarmee kom julle nie nader aan die waarheid nie. Vir alle bewoners van die aarde, geld die wette van die aarde, wat egter afwyk van die wette van die ander hemelliggame, gevolglik sal dit nooit vir julle moontlik wees om denkbeelde en reëls hieroor op te stel nie, want julle beheer nie die wette van die heelal nie.

Dit is ongeveer dieselfde as wat julle aan die wesens in die diereryk verstaanbaar sou wil maak dat die denke van elke mens anders is, net soos wat elke gees sy lewe gestalte gee en hierdie lewens so volkome verskillend kan wees en die dier sou die geestelike atmosfeer nie kan begryp waarin die mens homself bevind nie, ofskoon hy, net soos die dier homself ook op aarde bevind. En so is ook elke hemelliggaam heeltemal verskillend van `n ander, hoewel hulle almal in `n heelal ronddraai en onder die leiding van `n Wil staan.

Sodoende bly die uiteindelike oplossing vir julle mense geslote, daarom is dit volkome sinloos, om wetenskaplike ondersoeke aan die gang te sit oor gebiede en vrae wat die mens nooit kan oplos nie, want selfs wanneer julle `n oplossing gevind het, wie kan bewys dat hierdie oplossing korrek is? Julle sal steeds maar net moet reken met die wette wat vir die aarde geld en julle oordeel fel, maar die heelal bevat sulke groot geheime, dat die ondersoek daarvan deur julle in die aardse lewe vergeefse moeite is.

Wie gee julle die sekerheid dat die skepping van God op alle hemelliggame op dieselfde manier voltrek is. Wie op aarde kan dink dat hy die sake kan deurgrond, waarvan die bewys nie in sy mag lê nie? So ver as wat `n hemelliggaam in die heelal van `n ander verwyderd is, so ongelyksoortig is die bestemming van elke hemelliggaam, ook vir die wesens wat daaraan toegewys is en die wette waaraan hierdie hemelliggame onderworpe is, is deur die Skepper van die heelal gegee volgens Sy goeddunke, maar vir die bewoners van die aarde, heeltemal onbegryplik en nie met die menslike verstand te verklaar nie .

Alle wesens moet die grootte van God aan Sy skeppingswerk sien en as die mens homself eenmaal oorgee aan `n sodanige beskouing, dat hy slegs by benadering op hoogte is van `n baie nietige deeltjie van die skepping en selfs van daardie deeltjie, die aarde, nie in staat is om haar in haar algehele gesteldheid grondig te ondersoek nie, dan moet hy tog iets vermoed van die oneindigheid van die heelal, van die nie te begrype grootte van die Skepper en dit moet vir hom duidelik word dat alles volgens `n wyse goddelike plan geskape is en die mens as `n deel van die skeppingswerk daarin geplaas is, met `n doel daarby waarvan die nakoming daarvan die doel van sy lewe op aarde moet wees. En om God van die heelal te wil dien, moet die resultaat wees van die nadenke van hulle wie die aarde en die hemelliggame wat haar omring, probeer ondersoek, want onuitspreeklik groot is die heelal en onbeduidend klein die mens.

Amen.

Sterre - Verblyfplek van die siele

B.D. No. **0258**
14. Januarie 1938

Sien, ons verkondig aan jou, vandag, in die naam van die Heiland, wat jou vertroud moet maak met die beginsels van die oneindigheid. Julle word so dikwels aangelok om die sterreprag te aanskou en julle dink daarby nie aan welke heerlikhede homself daaragter kan verberg nie? En hoeveel miljoene sterre julle ook aan die uitspansel sien, dit is tog maar `n stukkie van die oneindigheid, dit is maar `n stukkie van die skepping en gee julle nog nie by benadering `n idee hoeveel sulke sterre die heelal nog bevat nie. In die enorme aantal hemelliggame heers slegs een Gees, een Lig en een God.

Duisende en duisende jare lank is dit die Wil van die Skepper om aan volkome vrye wesens op hierdie sterre die moontlikheid te bied om hulself verder te ontwikkel en hulle so langsaam op die toestand van die ewigheid voor te berei, waar `n volheid van lig hulle sal toestraal wat al die lig op die hemelliggame in die heelal verreweg oortref. Maar ook is die volheid van lig op elk van hierdie sterre verskillend van sterkte. Die sonne wat aan hierdie sterre hulle lig en hulle warmte gee, is van sodanige verskillende afmetings, dat geen mens op aarde self daaroor `n voorstelling sou kan maak nie, want dit is gebiede wat ontoeganklik is vir menslike ondersoek en maar net foutiewe gevolgtrekkings sou oplewer.

Maar alles in die wêreldruim is so goed georden, dat van ewigheid tot ewigheid self niks in hierdie wyse ordening van die heelal dit in die war kan stuur nie en nooit sou `n ster homself ook maar uit sy voorgeskrewe baan kan verwyder en ander bane deurloop nie.

En luister nou verder: God het die ruimte vir al Sy wesens geskape om hulself te voltooi en vir die lewensweg op aarde bly daar vir die mens maar `n aantal jare ter beskikking, waarin hy homself `n graad van volmaaktheid sy eie kan maak en wat hom in `n helder omgewing sal plaas. En steeds moet die siel haarself hoër ontwikkel en daar moet vir haar steeds meer geleentheid gebied word.

En dit is die bestemming van elke ster (planeet) om die ontelbare wesens `n ruimte te bied wat ooreenkom met hulle geestelike toestand, waar die werksaamheid van die geestelike wesens verder moet gaan. Om dit aan die mens duidelik te maak, is buitengewoon moeilik, want hy neem dit slegs met sy menslike verstand in en is nie in staat om vir homself `n voorstelling te vorm van die ontelbare hoeveelheid hemelliggame wat onder leiding staan van die goddelike Wil, wat die ontelbare wesens weer die moontlikheid gee om volmaak te word nie.

Amen.

Gevaar van selfsug - Liefde vir God en die naaste

B.D. No. **0343**
22. Maart 1938

God, die Heer is gereed om julle te alle tye te troos, en Hy sal dit in oorvloed doen as julle julle vertrouend tot Hom wend. Waar die Heer self op hierdie manier sorg vir elke wese, sal julle Sy barmhartigheid elke dag ervaar. Hy sal julle harte standvastig lei na die Ewige as julle net daarna streef. Egter slegs `n klein hoeveelheid selfsug, sal die groot barmhartigheid van krag wat aan julle deur God meegedeel is verswak, want iemand wat sy eie ego op die voorgrond stel, sal skaars die regte weg betree of daarop bly. Want liefde vir God en die naaste is die hoogste gebod wat alles omvat. Moet julle nie probeer om hierdie gebod eerste te vervul nie? In daardie geval, moet julle julleself egter nie op die voorpunt stel nie.

Alles wat julle is en besit is aan julle deur God gegee, en tot dieselfde mate moet julle aan julle medemens gee, julle moet hulle alles gee wat julle van waarde ag voor julle na julself kyk en sodoende die ander persoon liefhê soos jouself. Op hierdie manier, ontvang julle dieselfde mate van goddelike barmhartigheid van die Heer as die maat wat julle aan jul naaste gegee het. As julle hierdie hoogste plig beoefen, sal jul lewe op die aarde julle nog geweldige wonderlike dinge bied, in soverre dit julle weg na die Vader makliker sal maak en julle, wat dan voortdurend binne die uitstraling van die goddelike liefde staan, sal in staat wees om julself vir die ewige op te voed.

`n Kort gebed om krag te ontvang vir al die regte stappe sal selfs hierdie gebod vir julle maklik laat lyk om te bereik, en in lewendige kommunikasie met jul geestelike vriende, sal julle die liefde en wysheid van God altyd dieper binnedring en leer om na alles uit `n geestelike oogpunt te kyk. Die gebod van liefde sal julle tot konstante aktiwiteit stimuleer tot aan die einde van jul lewe, en dan sal julle jul lewe op aarde nie tevergeefs geleef het nie, maar gehelp het met die bevordering van julle siele. Dit wat julle aan jul naaste uit liefde gedoen het, sal ruim terugbetaal wees as julle daardeur `n toestand van groter volmaaktheid bereik en die beloning van die hemel verkry.

Amen.

Lyding en Beproewinge. Traagheid van die gees

B.D. No. **0373**
11. April 1938

Daar is soveel gebeurtenisse in die lewe wat die mens moedeloos maak, dit is dan `n band wat die hart van so `n mens omspan. Wanneer sorge en verdriet te dikwels opduik, kom daar twyfel op oor die goedheid en barmhartigheid van God en tog gee dit julle innerlike volmaaktheid, wat julle andersins slegs oor `n baie langer tydperk sou moes verwerf.

En omdat die aardse lewe maar `n kort tyd omvat, sal sulke kwellende of pynlike gebeurtenisse meer dikwels en soms vinnig opmekaar moet voorkom, sodat seën vir julle daaruit kan voortkom, sodat julle die lewe ernstig en sober sal leef en julle verlange steeds meer afwend van die wêreld en haar bekoringe, wat vir julle `n ernstig gevaar inhou.

Vir sommige lyk die lewe dikwels ondraaglik; soms raak die mense so vermoeid dat hul moed sak, en dit dryf hulle om niks te doen om die ontmoedigende lewe te verander nie, en tog so dit vir julle so eenvoudig gewees het, sodra die ware verhouding tot God julle die weg aantoon wat julle moet bewandel. Kyk maar net na die vele skynbaar onoorwinlike hindernisse in julle lewens. Sou julle daarvan kon ontsnap het as daar nie telkens hulp van Bo gekom het nie?

Weliswaar besef julle nie altyd hierdie hulp as van Bo gestuur nie en tog is alles wat gebeur, `n uitvloeisel van die genade van God. Of dit goed gaan of sleg, dit het altyd dieselfde doel, nl. om veredelend in te werk op julle en as julle in staat is om in elke beproewing `n middel te sien tot verbetering, dan is daar ook reeds die erkenning van eie tekortkoming en swakheid en met hierdie besef kom ook die stille wens om dit te bestry.

Dan het alle beproewings reeds hul doel bereik. En daarom moet julle, julle gedagtes in alle moeilike omstandighede daarop rig, naamlik dat hierdie beproewings nodig is om `n hoër graad te bereik. Dat dit met ander woorde trappe van `n leer is wat tot die volmaaktheid van die siel lei. `n Lewe sonder stryd, sou slegs `n stilstaan op dieselfde trap beteken, want die stryd teen julleself is baie moeiliker as teen vyande wat van buite af kom.

Elke ontwaking uit die traagheid van gees is `n vooruitgang, want die waaksame mens sal ook aan sy gees dink, hy sal hom geen gebrek laat ly nie. Dog is die traagheid `n agteruitgang en is in geen geval stimulerend te noem nie. Dit sal alle drang tot die doen van werk verstik en daarom kan dit nooit bevorderend op die siel inwerk nie.

Laat julle daarom nie afskrik as die ongemak van die lewe vir julle swaar te dra lyk nie. As julle hierdeur julle foute ontdek het en daarteen stry, dan sal dit gou weer van julle wyk. Want die Heer laat sulke beproewinge slegs toe totdat hulle hul doel bereik het en verbeterend op die hart van die mens ingewerk het, want Sy wil is nie dat julle moet ly nie, maar alleen dat julle hierdeur die ewige vreugde vir julleself waardig maak.

Amen.

Gewete

B.D. No. **0388**
25. April 1938

Die gewete is die korrekte wegwyser na die ewige lewe. En wie luister hoe sy innerlike stem hom vermaan en leer, sal nie hoef te vrees om verkeerd te gaan nie. En wanneer een van die kinders die weg byster raak, dan het hy nie gelet op wat die Vader deur die stem van die hart gevra het nie. En dit is die enigste verklaring daarvoor, naamlik wanneer die stem van die gewete steeds swakker en swakker word en uiteindelik alle waarskuwings in die mens verstil. Dan het die mens dit aan homself toe te skryf, wanneer dit vir hom moeilik word om die gebooie van God te hou. Want sy onverskilligheid teenoor die innerlike stem trek hom van die regte weg af.

Die liggaamlike oor van die mens neem eerder al die ander dinge op. Dit wil geen vermanings of waarskuwings hoor wat van binne, of wat vanuit die hart kom nie. En so word hierdie stem stadigaan swakker om uiteindelik heeltemal te swyg, omdat die roep van die wêreld hierdie innerlike stem verdring het en veel eerder gevolg wil word.

As daar `n waarskuwing ongehoor deur die hart en die oor by die mense verbygaan, dan sal daar ook geen verontskuldiging te vinde wees nie. En die mens wat nie doen wat die innerlike stem hom voorskryf nie, sal in die duister wandel.

God het die mens so geskep dat hy onderskeid kan maak, indien hy wil. Vir hierdie doel het Hy hom beheer oor homself gegee deur die stem van sy gewete. As hy hierdie stem hoor, dan sal dit vir hom gou duidelik wees tot watter nut en doel sy lewe bedoel is. En as hy hierdie stem getrou volg, sal hy ook tot insig kom. Dit sal hom altyd lei en die mens het geen ander wegwyser nodig nie, solank hy nie teen die innerlike stem veg nie, maar dit as `n permanente vermaning van God beskou. En hoe doelmatig het God julle nie geskape nie, dat julle julleself moet vorm en Hy daarvoor `n permanente begeleier gegee het en dat, op hierdie manier, niemand van julle sonder die bewys van Sy guns bly nie, dit wil sê, dat elkeen van julle mense hierdie innerlike stem baie goed kan verstaan en gevolglik nie as verskoning kan sê dat julle sonder waarskuwing of vermaning was nie.

Julle kan almal dink. En sou julle dan nie almal in jul hart kan voel wat reg en wat verkeerd is nie? En sal julle nie na jul vermoë altyd probeer om te doen wat reg is nie? Wanneer julle voortdurend vermaan word, dan moet julle die hemelse Vader dankbaar wees dat Hy Sy wil aan elke kind deur die stem van die gewete bekendmaak, alhoewel dit deur baie min mense op die regte manier herken word.

Hy praat met elkeen afsonderlik en so begin die werke van die Godheid aan julle mense vanaf die begin van die vrye denke. Die vrye wil word nie beperk deur die stem van die gewete nie, want julle

kan dit aanneem, maar julle kan dit ook afwys. Maar dan sal julle die sagte opwelling wat julle met al die geestelike verbind, onderdruk en julle stryd op aarde sal veel moeiliker wees.

Wie vol liefde voor die Heiland buig, sal in die stem van die gewete die liefdevolle woorde van die Heiland verneem en hy sal al Sy begeertes vreugdevol nakom. En so sal die stem van die gewete vir hom `n ware steunpilaar wees vir al die geestelike denke en belewenisse. Want wie aandagtig na hierdie stem luister, sy gees en hart sal steeds meer verlig word. En dit sal hom nooit aan krag ontbreek om die poort na die ewige saligheid te ontsluit nie, want hy handel dan volgens die innerlike stem, soos wat die stem van God hom voorskryf.

Amen.

Afsondering van die wêreld

B.D. No. **0391**
29. April 1938

Plaas al julle sorge op die Heer. Want as julle My volg, sal Ek weet hoe om julle lyding van julle weg te neem en tydens dae van innerlike oorpeinsing sal julle die konstante stroom van krag ontvang wat Ek altyd tot julle beskikking stel en so sal julle weet dat die Vader naby aan julle is as julle slegs na Hom vra, omdat Ek aan julle wil gee wat julle begeer, want My dogter, die lyding van die wêreld is die resultaat van die sonde van die wêreld. As julle na die beloning van God streef, sal julle baie minder blootgestel wees aan die lyding van die wêreld, dan sal julle slegs moet dra wat julle vrywillig terwille van ander mense dra om hulle lyding te verminder en dan sal Ek hierdie lyding dubbel seën. As julle glo dat julle in die glorie van God sal ingaan sonder dat julle volledige volmaaktheid van siel verwerf het, of as julle streef na die volmaaktheid van julle siel, maar verkies om julleself van al die aardse lyding terug te trek, sal julle nouliks die toestand kan ingaan wat julle tot goddelike wesens sal ophef.

Iedereen wat deelneem aan Christus se werk van Verlossing, wat die kruis dra wat aan hom opgelê word, wat al sy lyding aan die goddelike Verlosser offer, sonder om te brom en te kla, sal daardeur konstant in goddelike guns leef en sy vertrek vanaf hierdie wêreld sal glorieryk wees. Om hierdie rede dra Ek julle nie op om julle terug te trek van die wêreld nie, wat inderdaad oral gevaarlik is, eerder, dat julle gewillig julle kruis moet aanvaar, laat sy gevare julle sterker maak, styg bo dit uit as oorwinnaar van hierdie wêreld, word `n voorbeeld vir ander. Julle moet probeer om die Heer se liefdevolle genade te bereik wat julle met die nodige krag en guns sal toerus om alle wêreldse eise te hanteer, terwyl dit julle ook sal toelaat om julleself te bevry van dit wat julle bind, aangesien Ek My guns aan iedereen verleen, want elke kind kan put uit die fontein van My Liefdevolle seën sonder beperking, julle word ook die krag gegee om julle teen die wêreld te verset.

Jy sien My kind, die natuur word beheer deur baie verskillende kragte, die Heer gebruik dit alles om mense die geleentheid te bied om volmaak te word. Die doel van hierdie natuurkragte is om die konsep van goed en kwaad in die mense te wek en gestalte te gee. Dieselfde is op die gevare van die wêreld van toepassing, wat ook terwille van `n definitiewe keuse van rigting, of vir goed of vir kwaad toegelaat word. Die losmaking van die siel van die bande van duisternis moet nagestreef word en heeltemal vrywillig gedoen word. Om hierdie rede moet die kwaad ook sy invloed kan uitoefen, want as `n siel geen kwaad ken nie, sal die toestand van volmaaktheid sonder stryd, baie laer getakseer word, as wat dit deur konstante stryd bereik word. Hoewel daar voldoende geleentheid in elke situasie in die lewe is om die kwaad te bestry, sal die mag van die duisternis sekerlik in die drukte van die wêreld oorheers. Sy sal probeer om die mensekinders vanuit alle rigtings te benader en die verdienste van sulke siele sal veel groter wees. Die liefde van die aardse kinders vir My, hulle Skepper en Verlosser, is inderdaad `n mooi voorbeeld vir al diegene wat My wil dien, maar `n lewe in afsondering sonder hierdie liefde, sal `n ontvlugting van `n omgewing wees wat veral vir die volmaakwording van die mensdom geskep was, wat dan geen seën vir die persoon sal hê nie, want die toets en die vlakke van verleiding sou nie oorwin word nie, maar was vermy en om sy liefde vir die goddelike Verlosser te midde van die gang van die wêreld te handhaaf, sal inderdaad `n plesier wees. Maar om afstand te doen van aardse vreugde en hunkering weens hierdie liefde, sal lei tot `n kind wat God op aarde reeds

tevrede stel, wat ook sorgsaam deur die Vader versorg sal word en liefdevol en welwillend verby alle hindernisse in die lewe gelei sal word. Julle mense op aarde moet daaroor dink dat julle self hierdie toestand van beliggaming op aarde gekies het, dat julle bereid was om elke las op aarde te aanvaar om die graad van kindskap van God te bereik, wat veronderstel is om julle tot goddelike wesens te vorm.

Hoewel dit julle vrye wil is om terug te trek van julle aangewese lot en julle goeie bedoeling om My te dien, sal julle nie veroordeel word nie, maar dit sal julle van die geleentheid beroof om volmaaktheid te bereik, aangesien julle bewustelik hierdie geleentheid laat vaar het. Die menslike wese word volmaak en vorm homself hoe gewilliger hy die lyding van die wêreld aanvaar, daardeur word hy `n draer van die kruis en loop hy vrywillig die smal weg, wat geen grense het nie en wat weer maklik vir die breë weg verruil kan word, want die aardse vreugde en genoeë van die breë weg maak die oorgang na die smal weg onmoontlik. En so is die eersgenoemde inderdaad beduidend meer aanbevelingswaardig vir julle siel, wat `n behoefte aan verlossing en lig het.

Amen.

Liefdadigheid - Kommer - Die Heiland teenwoordig in liefde

B.D. No. **0399**
5. Mei 1938

Myne sal My heerlikheid sien en aan hulle sal alle seën van die hemel ten deel val. Respekteer mekaar daarom en hê mekaar lief, want deur hierdie liefde word julle dit wat julle My kinders maak. Julle het in alle lewenssituasies baie geleenthede waarin julle hierdie liefde kan uitoefen. Dit sal niemand ontsê word om loon te versamel deur liefdadigheid nie.

Hou God daarom op julle lewensweg, want so dikwels mense met vrae na julle kom, beproef Hy julle hoe julle teenoor hulle optree. En julle sal altyd deur die stem van die gewete `n wenk van bo gegee word. As julle na hierdie stem luister en die geleentheid gebruik, dan word julle siele spoedig volwasse in hierdie liefde. En so besef julle steeds weer dat die liefde die enigste ware weg is na die hart van die Vader. Met Sy lewe op aarde het die Heer alle mense deur liefde probeer wen, julle moet ook die dryfveer van julle hart volg, wat julle steeds sal aanspoor om in liefde werksaam te wees.

Die lewe van Christus op aarde is die riglyn vir hierdie lewe. As julle Hom en Sy woorde kan navolg, dan sal julle dit maklik bereik wat die doel moet wees vir oneindig baie wesens in die heelal. Deur die liefde begewe julle julleself in die genade van God, want oral waar liefde heers, is God Self onder julle. En in die nabyheid van die goddelike Verlosser vloei sy genade in julle en as die goddelike genade julle ondersteun, sal hierdie stryd op aarde steeds makliker word.

Dit moet almal goed beloon op wie die las en kommer van die wêreld druk. As hulle hulself steeds meer daarop toelê om werke van liefde te doen, dan laat God hulle soveel krag toekom, dat hulle dit vinnig in hulself gewaar en die daaglikse sorge hul nie meer bedruk nie. Hierdie sorge word van hulle skouers afgeneem en die lewe is dan makliker om te dra. In al hierdie bekommernisse van die lewe wil die ewige Skepper Homself openbaar.

Wie sonder gedagtes aan die Godheid deur die lewe gaan, moet opmerksaam gemaak word op `n Krag wat hom beheer, waaraan hy hom nie met eie krag kan onttrek nie. As daar nou ware liefde in die handeling van die mens is, dan sal hy ook weldra in hierdie liefde bekwaam word om God in alles te herken, selfs in wat hom bedruk en belas. En as hy dit eenmaal ingesien het, dan dring God Self sy hart binne, want Hy woon tog altyd daar waar ware liefde die dryfveer van alle handelinge is.

As julle die goddelike Skepper nie kan herken nie, maar tog voortdurend in liefde optree, dan het julle siele lankal tot insig gekom en sal dit nog net `n kort tydjie duur totdat julle geestelike oë ten volle geopen is. Hê daarom lief as eerste gebod. Laat die een vir die ander sorg. Laat julle medemens nie gebrek ly nie, gee waar julle kan en moenie in die laaste plek vir hulle geestelike welsyn sorg nie. Wanneer julle self tot insig gekom het, moet julle hulle help om ook tot hierdie insig te kom en dit kan julle alleenlik doen deur die liefde, wat `n uitstroming is van die Heer, die hemelse Vader van ewigheid tot ewigheid.

Amen.

Die uittree uit die moederkerk

B.D. No. **0400**
5. Mei 1938

Die allergrootste domheid word begaan as die mense uit hul kerk gaan waaraan hulle behoort. Die weinige, nog aan God welgevallige geestelike leiers, het dit teenswoordig baie moeilik. Hulle doen hul uiterste bes om hul skapies by mekaar te hou en tog sonder die één na die ander hulle af en vind nie weer die weg terug nie. Dit is dan baie moeilik om weer op die siele van die afvallige in te werk, wat tog die opdrag van elke geestelike leier is en moet wees.

Nou aan die eindtyd, plaas God ook die gawe van onderrig in die hande van dienare wat deur Homself uitgekies is. Nie om die geestelike leiers uit hul amp te verdring nie, maar alleen omdat hulle, wat hulleself buite die kerk bevind, ook die seën van Sy Woord kan bekom. Maar wie luister nog en neem Sy Woord aan?

Vir hom wat die kerk vrywillig gelos het, is dit baie moeilik om homself aan die gebooie van God te onderwerp, nie dat hy nie die moontlikheid sou hê om die ware weg te bewandel nie. As sy hart hom egter ingee wat God welgevallig is en hy volg die stem, sal hy baie spoedig `n vlak bereik wat hom baie hoër kan bring. Maar meestal wil hierdie mense wat hul moederkerk verlaat het, heeltemal niks van suiwer geestelike dinge weet nie. Hulle verloën alles en bevind hulle daarom in `n uiters gevaarlike toestand, deurdat hulle hulself aan kwade magte oorgee. Hulle het elke houvas wat die kerk nog vir hul was, opgegee. Hulle is nou baie eerder geneig om heeltemal ongelowig te word en al hul gedagtes geld alleen nog maar die materiële dinge en die dag van vandag en omdat hulle nie glo in `n lewe na die dood nie, is dit meestal ook die oorsaak dat hulle die geloof opgee wat hulle tot nog toe gehad het.

As hierdie mense eens in groot nood kom, dan ken hulle geen raad nie. Hulle soek dan na God en weet nie waar om Hom te vind nie. Die geestelike leiers sal wel nie meer instaan om die ou tug te handhaaf nie, want dit het sy krag verloor, deurdat die verkondigers van God se Woord hul amp ligter gemaak het. By die meeste van hulle ontbreek die ware diep geloof en hulle kan derhalwe nie meer met heilige ywer opkom vir dit wat hulle leer nie. En so verklaar die een die ander.

Die Woord van God moet in die verkondiger lewend word, wie tot die volk spreek moet van die ware liefde tot Jesus Christus deurdring wees, dan eers sal elke woord wat uit sy mond kom, deur God Self gespreek wees. Dan sal elke woord ook in die harte van die mense indring en steeds inniger sal die klein kudde op aarde, wat die Heiland navolg en bereid is om Hom te dien, met mekaar aaneensluit.

Maar wie sy moederkerk verlaat het, begeef hom in gevaar om hom van die goddelike genade te verwyder, as hy nie die goddelike leer uit vrye wil in sy hart aanneem nie, want die goddelike leer is `n buitengewone genade vir elke mens. En in die teenswoordige tyd is `n worsteling in die hart oor die goddelike leer van groot waarde. En waar `n klein gemeenskap nog saamkom om God se Woord te hoor, daar word die bodem ook in die hart van die mens gereedgemaak. En as die liefde ook nog aktief is in die mens, dan word die mensekind spoedig die seën van God se Woord gewaar, terwyl hy nou ook bekwaam word om dieper in die goddelike leer binne te dring, waardeur die ware insig in God se Woord ook aan hom gegee word. En so word die grondslag vir die geloof in so `n gemeente gelê en staan hierdie gemeente ook voortdurend onder leiding van `n troue herder wat alleen vir God dien, dan sal God se Woord ook wortel skiet in die harte van die gelowiges, sodat hulle dan ook die goeie weg na bo sal gaan.

Daarom, bly julle moederkerk trou, verlaat haar nie, want elke kerk kan julle nog die basis gee waarop julle opwaarts kan ontwikkel, maar net as julle nie net met die ore nie, maar ook met die hart hoor wat julle Hemelse Vader julle laat verkondig deur Sy dienare. Waar julle dus nog God se Woord hoor, weet dat die Heer Self deur Sy dienare tot julle spreek. Weet dat elkeen wat Vader van ganser harte dien, ook bestemd is om Sy Woord te verkondig, sodat daar eenmaal `n ryke oes mag wees. Wie

Sy Woord uit die diepste van sy hart verkondig, die het ook van Hom die opdrag en die krag daarvoor ontvang. Luister na hom en God se Seën sal op julle kom.

Amen.

Vergifnis van sondes

B.D. No. **0444**
31. Mei 1938

Neem jouself in oënskou en erken jou sondes. En as jy oortree het, maak `n beroep op die Heer om vergifnis en Sy barmhartigheid. Slegs dit is welgevallig voor die aangesig van God. Maar as jy glo dat aanhoudende gebede, wat nie van diep binne-in die hart ontstaan nie, die Heer sal bereik en as jy glo dat die Heer net diegene vergewe wat hulself ag om deur `n voorreg nader te wees aan die Heer, wat `n skema uitgedink het dat al hul sondes stelselmatig binne `n spesifieke tyd kwytgeskeld kan word, dan sal die Heer jou anders onderrig.

Deur die Verlosser se goddelike liefde het jy die reg ontvang om in staat te wees om jou vry te stel van jou sondes, as jy hulle in die diepte van jou hart erken, opreg jammer is daaroor en terselfdertyd jou Heer en Saligmaker, Jesus Christus smeek vir Sy goddelike barmhartigheid om jou vry te stel van hierdie sondes, en dan vas besluit om hierdie sondes te vermy uit liefde vir die goddelike Verlosser.

Alles wat `n persoon erken om verkeerd te wees, moet ook deur hom in sy hart verafsku word, en dit sal op sy beurt tot gevolg hê dat hy in sy voorneme sal vermy om te sondig. As hy soos `n kind sy ernstige voorneme bely aan sy Vader dat hy Hom nooit weer wil bedroef deur weer sulke verkeerde dinge te doen nie, as sy afsku aanleiding gee tot diepe berou en die voorneme om homself te verbeter, dan sal God die berouvolle sondaar liefdevol teen sy hart hou en sy sondes vergewe.

Maar gebruike en tradisies is in die wêreld gevestig dat `n persoon heeltemal outomaties kwytgeskeld word van sy sondes en daardeur is `n nog groter boosheid en heiligskennis op die mensdom afgeforseer, want die vergifnis van sondes het `n ware geloofsvernietigende slegte gewoonte geword, omdat dit op so `n manier plaasvind, dat die opregtheid van hart inderdaad as noodsaaklik genoem word, maar dat min sondaars `n poging aanwend om in volle kontak met God te kom. Dat alle formele voorwaardes werklik waargeneem word, maar dat die werklike daad van vergifnis van sonde mense onder die indruk laat dat hulle hul plig nagekom het, selfs al het die persoon se hart nog nie aan die voorwaardes voldoen wat nodig is vir die vergifnis van sonde deur God nie. En daardeur word `n verkeerde leer toenemend meer algemeen, wat in die basiese beginsel en voorneme inderdaad goed en edel is, maar kry net mense in die gewoonte van die uitvoering van `n pligsgetroue aksie, waar die diepgaande diepte nie ernstig genoeg verstaan word nie en wat tog so oneindig noodsaaklik is vir die verlossing van die mens se siel.

Geen menslike wese is die middele gegee om homself te verlos van sy sondeskuld nie, hulle sal altyd die goddelike Verlosser se liefde daarvoor vereis. Nog minder het `n persoon die krag om ander mense se sondes te vergewe. Slegs indien hy in sy bediening optree as `n verteenwoordiger van die ewige Godheid op die aarde en die ander persoon se hart heeltemal opreg is, d.w.s. as laasgenoemde `n beroep op die hemelse Vader doen om vergifnis in die volle besef van sy sonde. Dus is die aardse kind se wil altyd die deurslaggewende faktor en die werk van God se verteenwoordiger is bloot `n simboliese teken van die daad van barmhartigheid.

Daarom sal die daad van belydenis van `n mens se sondes ook altyd `n heeltemal nuttelose daad wees, selfs as `n plig blykbaar vervul is, as die belydenis van sondes nie gelyktydig na die goddelike Vader in `n opregte gebed om vergifnis gestuur word nie. En, alternatiewelik, sal so `n berouvolle belydenis van sonde tot die Vader ook lei tot ware vergifnis van sonde sonder hierdie seremonie.

Mense is dikwels nie meer bewus van hoever verwyder hulle is van die werklike Godheid nie, selfs al voldoen hulle aan al die verwagtinge wat op hulle geplaas word deur die kerk op aarde. Iets wat `n opregte vereiste is, het `n heeltemal meganiese handeling geword en dus kan sodanige nakoming van pligte nie altyd dieselfde seën ontvang nie.

Mense se harte moet die Heer vind, die intieme kontak met die Skepper en Verlosser moet eers gevestig word, dan sal die Heer Sy aardse kinders met `n oorvloed van barmhartigheid voorsien, sodat hulle altyd nader aan Hom sal kom en nie meer sal wil lewe sonder hulle Verlosser op aarde nie. Maar die persoon moet die eerste stap neem. Elkeen weet wat hy gesondig het. En net soos wat hy die sonde self gevind het, moet hy ook innerlike oordenking vind. As hy sy sonde erken, sal hy ook leer om dit te verafsku, en dan volg berou en die begeerte om van die skuld vry te wees. In daardie geval sal sy gebed om vergifnis uit die hart kom en sal ook die oor bereik van die Een wat alleen al die skuld op grond van Sy groot liefde vergewe.

Amen.

Dood in God - Rou - Arme siele - Gebed

B.D. No. **0470**
17. Junie 1938

Dit is `n salige dood om in die Heer te ontslaap en in die hiernamaals te ontwaak in `n oorvloed van lig. Wat julle in die lewe beskore is, sal baie makliker te dra wees, as julle dit aanneem met die oog op die ewigheid, want dan lewe julle as te ware net daarvoor. Weet ook dat al die lyding, as julle dit aan die ewigheid meet, maar `n kort tydjie is, maar dat julle `n ewigheid lank van die vrugte van hierdie lyding mag geniet. Laat dit julle altyd tot troos wees, dat julle einde salig kan wees en die binnegaan in die hemelse ryk nog baie saliger.

Julle begrawe julle dooies en ween oor hulle en tog sou hierdie dag vir julle `n dag van innerlike vreugde gewees het, as julle sou dink dat die siel die aardse lewe ingeruil het vir `n baie mooier lewe en dat die mens van alle lyding gestroop is en nou onbeswaard en verlos van alle lyding, `n nuwe lewe ingaan, waar uiterste skoonheid en geluk al die aardse oortref.

Waarom wil julle dan treur? Poog om reeds op aarde die lot in die hiernamaals te verkry. Poog om julle los te maak van alles wat julle aan die wêreld bind, en julle sal maklik van hierdie aarde kan skei. Maar die een wat die wêreld te liefhet, sal ook die skeiding van die wêreld baie swaar vind. Hy wil homself nie losmaak van die goed van hierdie wêreld nie. Sy hart hang te veel aan die aardse. En hierdie mens vind ook aan die anderkant nie `n voorbereide plek waar hy die goeie lewe van die wêreld kan voortsit nie. Hy het nagelaat om gedurende die aardse lewe hiervoor te werk en hy sal nou vir `n lang tyd moet dien, alvorens hy die geluksaligheid in die hiernamaals waardig is.

Dan het `n mens die reg om oor hierdie siel te treur; egter nie omdat hy van die aarde heengegaan het nie, maar omdat die siel nou onuitspreeklik moet ly om deelagtig te word aan dit wat hy op die aarde moes verwerf. Bid vir hierdie siel. Gee haar deur gebed julle krag, wat sy so dringend nodig het. Wie hierdie siel regtig liefhet, sal in staat wees om haar te red deur hierdie liefde. Want die liefde sal onophoudelik werksaam wees vir sulke arme siele, wat hulle lewe nie goed geleef het nie en nou gebrek moet ly totdat hulle verlos is van hul skuld.

God se sorg gaan onophoudelik na julle uit. Laat dan ook julle sorg toekom aan diegene wat julle van harte dankbaar is vir alle hulpverlening. Onthou dat julle wat op die goeie weg lei, ook dwalend was. Veg en stry om uiteindelik ook die ryk van die lig te bereik. Maar julle wat nog oor die aarde gaan, gebruik hierdie tyd wys en verlang altyd net na die Heer, sodat julle die dood nie sal smaak nie, maar vir ewig sal lewe.

Amen.

God se boodskappers en hul werk

B.D. No. **0480**
23. Junie 1938

Die bereidwilligheid van `n aardse kind om God se woord te ontvang, het die effek dat God se boodskappers instem om te alle tye te help, dus verenig almal wat bereid is om God te dien, binne `n kort tydjie. Die werk aan die ander kant, sowel as op die aarde, is uitsluitlik bedoel vir die siele wat nog mislei is en in die verkeerde rigting gaan. God berei elke boodskap en gee dit aan die

kinders volgens hulle geestelike vermoë. Almal wat die belang van die aardse mense op die hart dra, deel aan hierdie samekoms tussen die aarde en die hiernamaals. Hulle het almal geliefdes op die aarde agtergelaat, of het `n band met hulle deur God se wil, en strewe nou voortdurend om hulle op die regte weg te lei. Dit is `n baie moeilike onderneming, so lank as wat die mens glo dat hy alleen kan loop.

Elke misleide siel se begeerte om hulp sal graag en gewillig toegestaan word. Elke siel se pleitende gebed sal verhoor word en aan elke sukkelende siel sal hulp verleen word. God se boodskappers is in staat tot baie, want God se wil werk deur hulle. En so sal jy ook al die hulp ontvang wat jy begeer, omdat al die wesens rondom jou dieselfde begeer, om vir God ons Saligmaker te werk. Om siele na Hom toe te lei en ontelbare siele van swaarkry en angs te red. Waar jy ookal werk, dien dieselfde doel en jy sal ondersteun word wanneer jy bid.

Met elke openbaring is nog `n boodskap van bo aan jou gegee, elke enkele boodskap sal `n positiewe uitwerking op die aarde hê, en die inhoud daarvan sal altyd dien om harte te ontwaak en lig in die geestelike duisternis te bring. Daar is baie sulke dwalende siele op aarde, almal is deur God genooi. En aan almal sal die inligting oor die ewige Godheid gegee word, maar slegs `n paar sal die lig begeer. Hierdie paar moet met soveel liefde as moontlik genader word, sodat hulle die regte weg kan vind en bereid sal wees om daarop voort te gaan, so lank as wat hulle op aarde lewe. Elke oomblik is lig wat jou gedagtes na die Godheid lei. En elke weg is korrek, wanneer jy dit neem met die wil om God te bereik. Die wil alleen is voldoende vir God om sy boodskappers te stuur om jou te ontmoet, volg dan altyd die stem van jou hart, want jy kan nie meer afdwaal nie. Jy weet nie hoeveel makliker die aardse lewe sal word wanneer jy God gevind het nie, en hoe min jy die dood daarna sal vrees nie, want daar sal geen dood meer vir jou wees nie. Jy sal reeds in die ewigheid woon wanneer jy leef en sterf in God, dan sal die dood slegs `n oorgang in die ewige heerlikheid wees, waar jy God van aangesig-tot-aangesig kan sien.

Amen.

Twyfel - Liefdevolle vermaning

B.D. No. **0491**
30. Junie 1938

Julle wat My kinders is, moet altyd aan My toegewy wees, en dan sal Ek julle seën en My barmhartigheid aan julle skenk, sodat julle vir ewig sal lewe. Maar jy, My kind, sal altyd deur My beskerm word in elke teëspoed, aangesien die wil om na My te kom, uit `n rein hart opgekom het, en in hierdie eenheid met jou Skepper sal die krag voortdurend groei vir ewige nuwe aktiwiteite, om die hele waarheid te besef en om aan My tot diens te wees. Maak altyd met `n blymoedige hart kontak met My en alle probleme sal van jou af wegval; per slot van rekening lei Ek jou self en sal nie toelaat dat jy in jou strewe moeg word nie. Wees nietemin versigtig vir alle twyfel, dit is gevare wat jy altyd moet herken, want niks wat nie My seën het, sal vir lank duur nie.

Twyfel is egter geneig om My seën te verminder as jy nie daarteen veg nie. Ek het so baie openbaringe vir jou en wag net vir jou om sterk te word in die geloof. Onthou altyd dat elke twyfel `n hindernis is om My te bereik en dat jy dit sal oorkom, omdat jy by My wil wees. Ek dra voortdurend kennis aan jou oor van die dinge wat ver verwyder is van ander en elke openbaring sal jou versterk. Maar as jy toelaat dat twyfel in jou hart inkom, sal jy die krag van die openbaring wat na jou toe kom, verminder.

Hanteer daarom alle onsekerheid met die vaste oortuiging dat jy gehelp sal word deur jou Verlosser. Moenie toelaat dat dit in jou ontstaan nie, maar onderdruk dit met al jou wilskrag, want dit ontneem jou van die grootste seën, jou diepe kontak met jou Verlosser, en dit is waarna jy heelhartig moet streef. Niks moet vir jou te moeilik wees om hierdie saligheid te verdien nie, want dit sal jou verlos van alle laste en sal jou oorvloedig gelukkig maak.

Die liefde van die hemelse sorg is ononderbroke vir die aardse kinders wat vir God werk, geen vyand sal mag oor jou hê nie, tensy jy dit self aan hom gee. Onttrek troos, krag en geloof uit die onderrig van God, en aldus versterk, sal jy alles oorwin wat in jou weg staan. Jy sal oorwinnend

tevoorskyn kom uit so `n innerlike stryd, want jou Verlosser staan aan jou sy en beskerm jou op jou lewensweg.

Amen.

Beïnvloeding van swak mense deur laagstaande geeste

B.D. No. **0543**
13. Augustus 1938

In die nabyheid van die aarde, baie naby, hou die wêreld van die geeste hulself oorwegend op, wat deur die duiwel se toedoen, hulleself te veel aan die materie gebind het en wat daarom nie in staat is om hulself vry te maak van die begeerte na die goedere van die wêreld nie.

Daar word onafgebroke geworstel deur dergelike siele, hulle kan hulself nie losmaak nie en vind daarom nie die vervulling van hulle begeertes nie en so poog hulle voortdurend om hulself meester te maak van die wil van swak mense en verlei hulle die om hulle kwellende begeertes uit te voer en sodoende bring sulke geeste uitermatig baie skade in hulle omgewing aan die siele op aarde, wat self al te veel tot sulke begeertes geneig is. Hulle sal steeds gevaar loop om deur sulke laagstaande kragte uit die geestewêreld in beslag geneem te word, wanneer hulle hulself nie inspan om hulle drifte en begeertes baas te raak nie, wat hulle wel kan, wanneer hulle maar net wil en hulself die nodige krag verskaf deur gebed, om weerstand te bied en hulle toevlug te neem tot die goeie geeste wat so `n verlange maar graag wil vervul.

In die werksaamheid van die bose self, asook van die goeie geeste, is al te bemerk welke mag die wesens al eie is en dat dit steeds aan die vrye wil van die mens oorgelaat is van watter mag hy wil gebruik maak. Die ergste gevaar vir die siel van die mens is die verlange na die wêreld en haar goedere. Hiervan maak die geeste met dieselfde aard baie goed gebruik en die gevaar is steeds groter, hoe meer gewillig die aardse mens daarop ingaan, totdat hy ten slotte so verstrik raak in die boeie van sulke slegte wesens, dat hy homself nouliks daaruit kan losmaak en steeds kan net goddelike barmhartigheid hom bystand verleen, as hy maar net daarna verlang.

Hoe groot die gevare van die versoekinge vir die menslike siel ookal is, in gelyke mate is daar nogtans ook wesens teenwoordig wat tot hulp bereid is, die eie wil moet nou net eenmaal steeds werksaam raak om die verbinding met hulle op te soek en dan sal hy ook nooit sonder bystand gelaat word nie.

Want die Goedheid en Liefde van die Hemelse Vader sorg onafgebroke vir Sy skepsels en binne `n kort tydjie kan Hy `n algehele verandering teweegbring vir so `n mens wat smag na wêreldse goed, sodat die prag en die verganklike goedere van die wêreld geen indruk meer op hom sal maak nie, omdat die siel haarself nou gerig het op haar eintlike bestemming en van daardie oomblik af die nietigheid van die aardse wêreld kan insien. Dan is die invloed van die bose geeste ook baie gering, deurdat hulle die verset besef wat hulle vanuit dergelike kant gebied word. Daar kan steeds net `n sterk beïnvloeding plaasvind, waar die wil van die mens hulle tegemoet kom, maar egter nooit daar waar daar uit vrye wil teen sulke swakhede en begeertes gestry word nie.

So sal die geestewêreld aan die anderkant dan ook altyd gepla word deur teenwerkinge en moet hulle ook self `n meer volmaakte insig daarin verkry en die nietigheid van hierdie wêreld leer begryp, wat des te moeiliker is, hoe dieper hulle nog wegkwyn in die boeie van die materie; tog sal die uur van verlossing ook vir hulle aanbreek, waartoe die mense op aarde oneindig baie kan bydra, wanneer hulle hierdie wesens in die gees steeds weer laat poog om hulself te laat indink hoe nietig en skadelik alle aardse goedere vir die siel is en hoe suksesvoller `n strewe na geestelike goedere vir die siel sal wees.

Amen.

Vermaning om te verenig - Vrede - Liefde

B.D. No. **0548**
16. Augustus 1938

Julle wat op die aarde met mekaar in kontak is, moet leer om met mekaar ooreen te kom, julle moet mekaar respekteer en liefhê, julle moet jul bekommernisse deel en `n poging aanwend om wedersydse begrip te hê, almal van julle is per slot van rekening julle Vader se kinders, almal van julle is `n klein deeltjie van die ewige Godheid en dus dieselfde lewende skeppings van Sy liefde. En as jy jouself beter ag as ander, sal jy nie welgevallig wees voor God nie, want dit sal vir jou `n struikelblok wees op jou weg na volmaaktheid.

Julle moet `n verhouding onder mekaar vestig, wat in ooreenstemming met God se wil is. Jy sal werklik baie meer liefde kry waar jy liefde saai, en elke hart wat jy met liefde ontmoet, sal met liefde na jou terugkeer. Dit kan beteken om jouself elke keer te oorwin, maar die voordeel vir jou siel is uiters waardevol. Naasteliefde moet gekweek word en nooit afgeskeep of geïgnoreer word nie, want jou eie krag sal groei in dieselfde mate as wat jy jou naaste in ag neem.

Moet daarom nie toelaat dat verdeeldheid onder julle ontstaan nie, leef in liefde en streef daarna om alles met liefde te balanseer, en moet nie die ander persoon `n rede tot onvriendelikheid gee nie. Jou hele natuur moet suiwer liefde word, dus moet jy ook sorg om altyd liefde te gee en om selfs meer te ontvang. Oordeel nie, sodat jy nie geoordeel sal word nie. Weer en weer moet jy hierdie paar woorde in gedagte hou as jy in gevaar verkeer om oordeelsbesluite oor jou medemens te neem. Almal het foute en swakhede, en baie ken hulleself nie eers nie en dus behandel hulle ander arrogant, maar tog sal iemand wat vriendelikheid beoefen, ook so `n mens met die grootste geduld en rustigheid benader en die verantwoordelikheid van oordeel aan God oorlaat, want Hy alleen sal seker maak dat hierdie mense ook Sy krag sal erken en die grootste las van hul lewens met `n groot nederigheid dra.

Julle behoort altyd jul taak met die grootste liefde te vervul, wat bestaan uit die vereniging met mekaar, en oor n ander persoon se foute kyk en slegs gerig wees om God in alles te dien wat jy doen, sodat jy `n verhouding vestig wat slegs ten doel het om die koninkryk van God aan jou medemens te verkondig, en al jou pogings sal suksesvol wees as jy altyd net ware liefde jou dryfkrag maak.

As jy `n poging aanwend om liefde te gee, sal dit in die goeie grond val en op sy beurt liefde laat ontwaak, liefde kan nooit in verdeeldheid floreer nie, maar liefdeloosheid gee die bose mag steeds meer invloed. Om daardie rede, probeer om jou te weerhou van alle onvriendelikheid as jy jou wil verenig met die Een wat Self ware Liefde is.

Amen.

Diversiteit van die aardse bestaan -Julle sal bid vir lyding

B.D. No. **0579**
11. September 1938

Jy sien, My kind, in die wêreld van jou ouers het jy `n bestemming aangeneem wat gemaak het dat jy aansienlik volwasse geword het. Jou aardse lewe was ryk aan ervarings wat jou denke gestimuleer het, en die manier om geestelik te groei, kon makliker aan jou geopenbaar word. Hoewel mense se lewensomstandighede dikwels nog moeiliker is en gepaard gaan met veel groter armoede en angs, is hulle siele selfs minder volwasse en kan hulle hulself slegs in moeilike omstandighede reinig, en daarom is mense se laste net so verskillend as hul resultate. Voor haar inkarnering as `n mens begeer `n siel om haar beliggaming so vinnig en so goed moontlik te gebruik en neem daarom `n liggaam aan wat `n moeilike voorafbepaalde lotsbestemming het. Overgesetsynde, moet baie siele die weg van suiwering gaan wat ander lewensomstandighede vereis, wat vinniger sal lei tot hul doel, deur `n makliker en meer aangename bestaan, maar waar ander gevare beveg moet word wat die siel moet oorkom.

Dit word deur die Hemelse Vader in Sy Wysheid gereël, selfs as mense op die aarde nie kan verstaan en dikwels verontwaardig is oor die oneweredige verspreiding van aardse rykdom. Maar Hy wat alles weet, wat elke tekort van die siel verstaan en dieselfde volmaaktheid in alles wil sien, weet ook om die

regte hulp te gee en plaas op elke mens dit wat nodig is tot voordeel van sy siel. Elke dag is `n stap nader aan geluk, so sorg dat jy stap vir stap klim. en nie terugtree nie.

Jy sal My, jou Skepper, vir ewig dankbaar wees, vir elke hartseer wat Ek oor jou gebring het, en die Wysheid loof van Hom wat jou geskape het en Wie jou vir ewig naby aan Hom wil hê. Jy moet altyd weet dat die Vader selfs nie een van sy kinders wil verloor nie en dat Hy vir elke wese omgee. En hierdie omgee vereis dikwels metodes wat vir jou moeilik lyk, want jy kan nie die omvang voorstel van die ramp wat jou bedreig nie, want as jy ten volle kan verstaan, sal jy bid vir lyding net om hierdie teenspoed te vermy, maar jy moet jou lewe sonder kennis van jou situasie leef en uit eie vrye wil na bo streef om uiteindelik die hoogste beloning te bereik.

Amen.

Depressie - Geestelike en fisiese traagheid

B.D. No. **0599**
30. September 1938

Gee aandag aan alle depressie wat jou affekteer en beskou dit altyd as die wyse wat deur die Heer gebruik word om die siel aan Sy wil te onderwerp. Kyk, julle mense sou sonder `n tweede gedagte toegee aan `n sekere hoeveelheid geestelike traagheid, as julle nie onderworpe was aan buie wat julle denke beïnvloed nie. Om hierdie rede is dit geestelik voordelig om depressie te ontdek en om dit op te los, want die mens se taak is om voortdurend aktief te wees, sodat sy krag nie verminder nie, en dit is beide van toepassing op sy liggaam en sy gees. Sodra die toestand van verminderde krag plaasgevind het, sal sy geestelike, sowel as sy fisiese aktiwiteit waarskynlik ook kwyn en dit sal altyd dui op `n afname, wat goddelike Wysheid poog om te verhoed, afhangende of die aardse kind vrywillig voldoen aan elke aanmoediging en voorkoming.

Die gevaar van so `n afname is te groot om dit oor die hoof te sien, inteendeel, dit moet beveg word deur gebruik te maak van alle beskikbare hulpbronne, wat dus baie wyslik gebeur deur die onderwerping van `n persoon aan depressie, wat op sy beurt, rede gee vir bepeinsing en dit oefen `n verfrissende effek uit op die liggaam en die gees. Iemand wat altyd sulke aanslae verstaan en dit insien as `n herlewing vir gees en liggaam, sal die meeste voordeel daaruit kry. Hy sal kontroleer van watter kant die gevaar kom en sal homself beskerm, selfs voordat die toestand van traagheid voorkom.

Dit is hoe God sy eie teen moegheid beskerm en dit terselfdertyd kombineer met `n opvoedkundige doel, van verhoogde kragtige aktiwiteit, met deurdagte introspeksie oor hoe klein en onvoldoende die aardse wese werklik is, en sodoende herwin die mens weer sy innerlike nederigheid wanneer hy die risiko loop om dit te verloor. goddelike Wysheid moet dikwels ingryp as die siel se verbetering steeds moet vorder.

Julle mense is so swak en sonder deursettingsvermoë. As dit aan julle alleen oorgelaat sou wees, sonder die ondersteuning van die goddelike barmhartigheid, sou enige vordering baie moeilik gewees het. Niks in die wêreld duur vir ewig nie, ewige afwisseling en verandering hou alles voortdurend aktief. Die gees moet dus ook voortdurend gestimuleer word en God handel hiermee op `n veelvuldige en dikwels veranderende wyse. Maar altyd met die voordeel van die kinders op aarde in gedagte en hulle versorging volgens hul behoefte, dikwels in pynlike, maar ook op opbouende maniere. Die enigste bepalende faktor is egter die uitwerking wat die gebeure of gevoelens op die mens se gees uitoefen.

`n Persoon slaag selde daarin om alle struikelblokke in die lewe met dieselfde gemak te oorkom. Baiekeer sal sy krag hom verlaat en dan moet sigbare hulp van bo kom, maar dit is dikwels van so `n aard dat dit nie baie verwelkom word nie, dit is in die vorm van emosionele depressie wat die aardse kind so belas, dat hy dit sal probeer bemeester en sodoende homself bevry van die dreigende gevaar van traagheid. Dan sal hy tweekeer so hard probeer om God se wil te vervul, hy sal poog om weer `n toestand van innerlike vrede te bereik en kan dit slegs bereik deur middel van verhoogde aktiwiteit. Gevolglik sluit elke depressie, wanneer dit lyk of dit die aardse kind belas, ook `n sekere seën in, mits dit as sodanig herken word.

Amen.

Liefdeswerk teenoor vyande

B.D. No. **0605**
6. Oktober 1938

Bekommer jou daaroor om ook goed te doen aan jou vyande. En neem ter harte dat alle werk van liefde aan hulle, al is dit hoe klein, drie maal geseënd sal wees. Dit help jou om die angel van die vyandskap te verwyder. Dit verskaf genade aan jou en dit wek wederliefde op by diegene aan wie julle goeddoen en daardeur bring julle `n offer van selfoorwinning. Julle het genoeg tyd en geleentheid om julle voor te berei op sulke dade van liefde vir die naaste, waar julle jul ookal met hul in vyandskap bevind. In die begin is dit wel moeilik, maar langsamerhand sal die innerlike stem jou voorneme makliker maak. Sy sal goed met jou praat en nie swyg totdat jy die liefdeswerk gedoen het nie. Die enigste gevaar is net dat jy nie bewus is daarvan hoe onuitspreeklik weldadig die uitwerking van so `n liefdeswerk is nie, wanneer die teenstander dit nie wil erken dat jou liefde goed aan hom doen nie. Dan word julle maklik ontmoedig en geneig om van verdere werke van liefde af te sien en julle glo nie hoe verkeerd hierdie mening is nie. Die geestelike seën voel julle nie so duidelik nie, maar vir die siel is dit van onuitspreeklike waarde en alle laksheid waaraan julle jul hierin skuldig maak, sal julle eens bitter berou.

In die geestelike wêreld word daar voortdurend gerig om die mense te omvorm tot vredeliewende wesens, vyandskap te oorbrug en haat en liefdeloosheid teenoor mekaar te verander in liefde en goedheid. So waardevol as wat die werksaamheid in liefde vir mekaar is, so bitterlik skadelik is dit wanneer die mense in haat en vyandskap teenoor mekaar staan. Dit verniel alle geestelike omgang tussen mense. En siele wat hulself van mekaar wegdraai, altyd met die strewe om mekaar skade te berokken, verstrik hulself so diep in die nette van God se teenstander, dat dit baie moeilik is om hulle daaruit te bevry, omdat dit alleen net deur wedersydse werke van liefde moontlik is.

`n Opwaartse strewe met vyandskap in die hart is onmoontlik, dit moet eers uitgeroei word. Die mens moet probeer om alle haat en wrok uit die hart te verwyder en dan in dieselfde mate `n goeie verhouding tot stand bring. Dan sal julle alle bystand verleen word en vir die tyd van julle aardse lewe is die hulp van goeie geestelike kragte gewis, wat julle beskerm teen hernude vyandelikhede en gevolglik ook die siel teen teenspoed in haar arbeid aan haarself. Neem daarom altyd hierdie gebod in ag, om jou vyande lief te hê en goed te doen aan hulle, dan sal jy onmeetlik aan geestelike skatte wen vir die ewigheid.

Amen.

Gebed - Roep My aan in nood

B.D. No. **0627**
18. Oktober 1938

Die vertroue op die hulp van die Vader sal julle alles in die lewe maklik laat verdra. Want alle leed stuur God en Heiland na julle sodat julle die weg na Hom sal vind. Kom julle egter verblind, verhard en verbitter uit die leed te voorskyn, dan beroof julle julself van alle hulp van bo. Julle sal te alle tye jul toevlug tot gebed mag neem en julle mag sodoende die grootste vertroue hê om verhoor te word. Want wat julle ookal beskore is, daar is niks so erg, dat die hemelse Vader dit nie tot `n seën sou kon verander nie.

Elke kind het die reg om vraend na die Vader te kom. Wie hom in nederigheid tot die hemelse Vader wend, sal nooit `n vergeefse versoek maak nie. Maar julle almal benut die krag van gebed te min. Julle moet julself eers in groot nood bevind, voordat julle God om hulp vra. En tog moet elke dag, elke uur, julle seën bring. Julle moet niks onderneem sonder om die seën van God daarop te vra nie. Julle moet julle in leed en vreugde na bo wend. Julle moet die krag van gebed altyd benut, want julle siele het onophoudelik hulp nodig, sodat julle die doel al in die lewe op aarde sal bereik.

En ook ontbreek dit julle aan krag. Alleen, sonder gebed, is julle maar tot weinig in staat. Maar omdat julle reg het op die genade van gebed, benut dit dan soveel as moontlik. Smeek om hulp in

nood, om reinheid van hart. Vra om genade, om standvastigheid van geloof, om daadkragtigheid in naasteliefde. Vra met jou hele hart, dat God jou Sy liefde sal skenk en altyd vir jou sal sorg.

Julle mag sonder ophou vra. As julle om jul sieleheil bid, sal julle verhoor word. Want as julle insien wat julle makeer, word alle ondersteuning verleen waarvoor julle gebid het. "Vra en julle sal gegee word" sê die Heer. Hy maan julle om julle na Hom te wend in nood. Gee dus gevolg aan hierdie oproep en neem die skatte wat God jul belowe. Maar val nie ten offer aan net die vorm nie. Want die Vader verhoor nooit die wat Hom net met die lippe dringend om hulp versoek nie en wie se harte ver weg is nie.

En wanneer jul gebed nie verhoor word nie, ondersoek dan wat julle nie reg gedoen het nie. Of die gebed wel uit die diepte van die hart opgestuur is, en of dit net van die lippe afgekom het en daarom nie die oor van die Vader binnegedring het nie. Ondersoek of julle om iets aards gebid het, wat die Vader van julle weerhou vanuit vaderlike insig en wysheid. En let altyd op om in elke gebed die wil van God bo julle wil te stel. Want die Vader weet wat goed is vir julle en wat nodig is vir julle sieleheil. Hy sal julle op die regte manier beloon, maar nooit sal Hy julle iets uit verkeerde vaderliefde gee wat net tot nadeel vir die siel is nie. Onderwerp julle daarom aan Sy wil en glo dat Hy julle altyd net so beloon as wat dit vir die siel dienstig en bevorderlik is. En as julle Hom gelowig aanroep in aardse nood, dan sal Sy hulp nie wegbly nie, sodat Sy Woord vervul sal word: "Roep My aan in nood en Ek sal julle verhoor."

Amen.

Leed is liefde - Mense sonder leed

B.D. No. **0646**
30. Oktober 1938

Julle sal My stem hoor, as julle in julle harte die verlange daarna koester. Sien My kind, wel is jou weg op aarde `n voortdurende stryd en dit moet ook so bly tot aan die einde van jou lewe, want dan bly die krag van die wil ook onverswak. As jy op aarde reeds die volkome vervulling van jou begeertes sou ontvang, sou jy traag word in die strewe om na My toe te kom. En daarin soek en vind jy altyd die verklaring van ure en dae wat jou gemoed beswaar. Tog is My Liefde naby jou en verhoed dat jy skade ly aan jou siel.

Die toestand van voortdurende tevredenheid op aarde is uiters gevaarlik vir die siel en My Liefde wil die gevaar van jou afwend en jou tot steeds yweriger geestelike aktiwiteit bring en jou verlange na My versterk, want dit is die ware dryfkrag om geestelik aan jouself te werk.

Ek is jou en julle almal altyd naby, julle herken My egter dikwels nie. Julle soek My, maar julle luister nie na julle innerlike nie, waar Ek julle liefdevol aanspreek. Bly volhard en laat julle verlange na My nie swakker word nie. Dan neem Ek heeltemal besit van julle en sal julle eens die saligste vrede gee, wanneer julle die stryd van die lewe met sukses uitgeveg het.

En laat My nou dan tot jou hart spreek: `n Ongestoorde lewensvreugde val geen sterfling ten deel nie. Die dikwels toegepaste woord leer julle kortliks om die toestand van lyding op aarde te ken. En wie spog met baie vreugde in die aardse lewe, word waarlik nie in liefde deur My versorg nie, want hy kan slegs van ware Vaderliefde spreek, as hy ook die strengheid van die Vader bemerk, of as hy homself so gewillig aan My oorgegee het, dat Ek hom reeds in die aardse lewe geseën het.

Want wie hom in die liefde van die Vader bevind, sal vir die loutering van sy wese deur die vuur van die liefde, of deur leed moet gaan. As sy hart bereidwillig is om lief te hê en in liefde werksaam te wees, dan sal die leed hom ook nie terneerdruk nie en sal hy in leed slegs inniger na My opsien en suiwer liefde word gedurende die aardse lewe. Dog wie van leed gespaar bly, is onuitspreeklik arm, reeds op aarde en eenmaal in die hiernamaals. En wel deur sy eie skuld, want hy het sy medemens geen liefde gegee nie en sal dit daarom ook nie van My ontvang nie. Die lewe op aarde sal hom weliswaar meer geval in ongestoorde lewensgenot en sorglose dae, maar die toestand van sy siel sal droewig en eens baie smartlik wees.

Die vervreemding van die Vaderhart sal merkbaar tot uiting kom, deurdat sy sin en strewe slegs aardse vreugde wil hê en hy sal met ware begerigheid daarna streef, want hy het hom deur sy liefdelose natuur in die mag van die teenwerkende kragte begeef en sal hom meer en meer na hulle toe wend en word dan deur hierdie mag in die maalstroom van die wêreld met al haar verlokkinge, glans en wellus ingetrek.

Daarom, beny nooit die mense waarmee dit skynbaar goed gaan in die aardse lewe nie. Hul lewe is onvrugbaar, hulle versamel niks vir die ewigheid nie, hulle doen niks vir hul siele nie, maar alles vir hul ondergang en geestelike dood. En die aardse lewe is kort, die lewe in die hiernamaals egter oneindig lank. Hulle het op aarde baie laat verbygaan en weinig ontvang en is daarom armer as die armste mense op aarde wat hul dae met leed en vol sorge moet gaan.

Hoe meer julle in liefde werksaam is op aarde, des te meer sal die leed op julle druk, julle eie leed en meer nog die van julle medemens, want `n liefhebbende hart voel as te ware ook die lyding van hulle van wie hulle hou. Dog al die leed is ook weer liefde, innige liefde van die Hemelse Vader, wat julle daardeur waardig wil maak om in sy nabyheid te wees en te lewe in die hemelse paradys. As julle in leed verkeer, weet dan dat julle ook in My Liefde is. Weet dat julle julle Heiland dan steeds inniger in julle hart moet insluit, sodat al julle leed in seën omgesit kan word.

Amen.

Kruis dra in Barmhartigheid - “Vader, laat U Wil geskied”

B.D. No. **0648**
31. Oktober 1938

Keer in julle binneste en sien julle swakhede in en vra Jesus vir Sy bystand, dan sal julle krag ook sterker word, sodat julle sal slaag om die beproewinge van die lewe in sagmoedigheid en geduld te verdra. Die Wil van die Vader stuur hierdie beproewinge aan julle, slegs tot julle eie voordeel. Selde sal `n mens homself, sonder om te mor, in die lyding voeg wat bo hom hang en tog is juis dit `n gewillige onderwerping aan God se wil, wanneer die mens bly en dankbaar al die leed uit die Hand van die Vader in ontvangs neem en so slegs alles as die korrekte vir sy sieleheil erken.

Wanneer die smart groter word, lê die Heiland julle `n klein kruis op wat julle uit liefde tot Hom moet dra. Sulke dae sal die siel oneindig gelukkig maak, want wat die liggaam geduldig verdra, word van die siel weggeneem en haar toestand word steeds vryer. Die liggaamlike leed is die grootste hulp vir die siel en as die mens so-iets met vreugde dra, dan is die siel hom dankbaar en neem van haar kant weer elke geleentheid waar, waarin sy die liggaam kan bystaan deur innerlike aanwysings tot welsyn van die mens in aardse aktiwiteite. Al die leed sal maar net `n verdelende uitwerking hê, wanneer dit die mens nie verbitter teen Hom Wie die leed oor hom toelaat nie en daarom is dit slegs heilsaam vir die siel van die mens.

En as die verleiding groot word om in opstand te kom teen die Wil van God, dink dan aan die lyding van Jesus aan die kruis. Hoe onuitspreeklik smartlik was Sy dood nie en hoe berustend het die Heiland nie al die leed op Sy skouers geneem, uit Liefde vir die sondige mensdom nie. En as julle dit voor oë hou, dan sal julle ook julle ligte kruis wil dra, want Jesus lê dit nie swaarder op vir julle as wat julle in staat is om te dra nie. En die ware liefde tot die Heiland versoet al die leed vir julle.

Eens sal daar vir julle `n lig opgaan hoe dit met die leed gesteld is en julle siel sal jubel wanneer julle op aarde gewillig was en julle groot verdienste verwerf het deur die dra van die leed, wat `n buitengewone weldadige uitwerking in die geestelike wêreld het. Die lewensduur laai vir julle wel soveel op die hals, dat dit julle vir eers onoorwinlik skyn te wees en julle sal teenoor God kla en sal in opstand wil kom teen Sy mees gewyde Wil, maar die Liefde van God sal julle spoedig iets anders leer.

Hy sal julle laat insien dat dit slegs vir julle beswil is, wanneer Hy julle met leed beklee en dan sal die bestaan op aarde vir julle `n ryk loon oplewer, as julle dit ingesien het. Bid daarom steeds uit die diepste van julle harte: “Vader, laat U Wil geskied” en julle leed sal verander in vreugde en met dank sal julle die loon in ontvangs neem, wat julle eens in die ewigheid skadeloos sal stel vir al die leed op aarde.

Amen.

Lyding is barmhartigheid - "Vader, laat U wil geskied"

B.D. No. **0659**
9. November 1938

Bly by jou innerlike stem wat jou altyd sal herinner om te doen wat reg is, en onthou dat die Vader Sy kind korrek sal onderrig, as hy maar net wil luister. Want die moontlikheid is baie groter dat `n ordelike voltooiing van die werk onmoontlik blyk te wees, maar alle middele sal nietemin tot jou beskikking wees, en daarom moet jy nie bekommerd wees oor die struikelblokke wat die Heer elke keer in staat is om te verwyder as dit bevorderlik is vir die werk wat Hy gedoen wil hê nie.

En kom nou nader en ontvang ons boodskap: Wat kan nou met julle mense gebeur as God Sy beskermende hand oor julle hou? Hy sal julle liggaam en siel beskerm, Hy sal julle lei volgens Sy wil, en wat julle ookal opgelê word vir die doel om dit te oorkom, dien slegs tot voordeel van julle siele. Moet daarom nie bekommerd wees nie en plaas julleself met volle vertroue onder julle hemelse Vader se leiding. Alles op aarde het sy doel, geen mens ken die ewige Godheid se planne nie en kan dus nie maklik insien hoe goed en verstandig alles gereël is tot voordeel van die mens nie. Sy erns, wat mense dikwels sien as wreed, is altyd net `n liefdevolle manier om julle eendag iets onvergelykbaar meer pragtig te gee.

En aangesien julle julleself nie vrywillig waardig daarvoor wil maak nie, is dit God se wil om julle deur middel van lyding en droefheid op die weg te lei wat hierdie heerlikhede vir julle toeganklik maak. Eendag sal julle dit besef en die Vader hartlik bedank vir elke berisping in die aardse lewe. Mense op aarde ontvang voortdurend God se barmhartigheid en selfs lyding is barmhartigheid, wat nog onbegryplik is vir julle mense. Maar as julle julleself heeltemal toevertrou aan God, sal julle gou die seën van lyding oor julle voel, en sal julle besef hoe oneindig liefdevol julle gelei word deur die Vaderlike hand, sodat sodanige lyding `n gunstige uitwerking op julle sal hê, selfs in die aardse lewe, maar die voordeel vir julle sielelewe sal onvergelykbaar wees. En ontvang daarom alles wat die Vader aan julle stuur met volle onderdanigheid en weet dat nie een mossie op die grond sal val sonder julle Vader se wil nie, en dat alles wat Hy aan julle stuur slegs `n uitdrukking van Sy wil en barmhartigheid is, die volle omvang sal julle net kan verstaan as julle volmaak geword het, want op die oomblik is julle nie in staat om te oordeel wat nuttig is vir julle of wat tot julle nadeel is nie, daarom moet julle altyd net julle wil onderdanig offer aan julle Vader wat in die hemel is en met alle lyding en smart tot Hom bid in julle harte "Vader, laat U wil geskied." Dan sal julle ook altyd vertroos word.

Amen.

Die werksaamhede van natuurkragte in die Heer se Wil - Katastrofe

B.D. No. **0661**
10. November 1938

Vir die lewensweg van die mens geld die wette wat God aan die begin van die wêreld as noodsaaklik gegee het, steeds vir die geestelike ontwikkeling van die wesens daarop. Dikwels is daar kragte aan die werk daarteen, maar hieroor is `n onsigbare mag geplaas, hulle sal altyd die uitwerking van hulle optrede wat in stryd is met die wette van God, as nadelig vir hulself voel, of hulle sal hulself wend na die Heer se wil, of hul sal volhard in boosheid, en sal dan steeds die Mag van die Heer sterker voel. So ook is die werksaamheid van die natuurkragte altyd en ewig onderworpe aan die Wil van die Heer, want sou dit aan die vyandige mag prysgegee word, dan sou alles spoedig net `n werk van vernietiging wees, omdat die vyandige kragte altyd net vernietigend werksaam is; die Heer se Wysheid en Wil geld egter vir die instandhouding van alles wat geskape is.

Waar die natuurkragte tog `n vernielende uitwerking het, is die Wil van die Heer ook altyd werksaam, maar nooit is die verwoesting `n toelaat van bose kragte nie, omdat daar `n wyse rede is wat die Heer so laat ingryp, wat egter altyd net `n sekere begunstiging van geestelike wesens is, of as die ontwikkeling van menslike wesens dien. Ook het die verwoestings hul goeie en veelvoudige sin. Natuurgeeste word vrygelaat uit die vorm wat hulle onuitspreeklik lank gekluister het, ander

natuurgeeste mag in `n groot mate aan die werk kom en daardeur hul bestemming nakom, omdat slapende geeste uit hulle rus wakker geskud word, wat vir hulle skadelik was. Dat sulke verwoestings vir die mensdom dikwels `n uitwerking vol leed het, is ook `n toelating van God, `n wyse om sy teenwoordigheid aan te dui vir die heeltemal ongelowiges en om `n toetssteen te wees vir die gelowiges wie se krag en geloof as gevolg daarvan moet sterker word; want slegs sulke buitengewone verskynsels, wat almal sulke natuurkatastrofes is, is in staat, om die mensdom in `n toestand van nadenke te bring. Wanneer alle kragte van die mensdom nie toereikend is om dit te stop nie en arm en ryk, hoog en laag, om te ewe aan sulke deur God gewilde katastrofes blootgestel is, bly die vraag tog by die een of ander opkom, naamlik waarom so `n strafgerig die mense getref het en in hoeverre `n goddelike Mag erken kan word. En sulke vrae kan tot `n totale verandering van denke lei en die mense op die weg van insig bring.

By alle natuurkatastrofes gaan kleiner gebeurtenisse dit vooraf, wat die mens se denke vergemaklik, elke voorafgaande gebeurtenis is m.a.w. `n voorbereiding om dit te beleef wat daarop gaan volg. As `n mens nou eenmaal duidelik insien dat geen wêreldse mag in staat is om die kleinste verandering te weeg te bring by sulke basiese uitwerkings van die natuur nie, maar dat almal wat hulle in die gebied van die katastrofe bevind, hieraan oorgelewer is, dan behoort die mens sy gedagtes na bo te rig en moet poog om geestelike opheldering te verkry, maar die mensdom het al so ver gegaan in hulle denke, hulle gebruik hoogstens vir so `n duidelik werksaamheid van die ewige Godheid, die woord "werking van natuurkragte" en poog daarmee om met alles weg te doen wat hul geestelike ingesteldheid nie goed geval nie. Hulle beskou hulself alwetend en wat vir hulle onbegryplik is, is maar net `n uiting van die natuur, in die seldsaamste gevalle egter as `n sigbare ingryping van `n goddelike Geestelike. Die verklaring van alle natuurverskynsels wat hulle die beste pas is: Wat homself verder ontwikkel onder die invloed van die sonstrale, wat weer `n nog onondersoekte kragbron in die heelal is en al die lewe op aarde tot stand gebring het, maar gevolglik ook dat die mens niks anders is as lewende wesens wat deur sulke natuurkragte gewek is nie en wat hulle begin en einde op hierdie aarde het.

Dat in die hele heelal daar `n Geestelike is wat aan die hoof staan van alles, Wie volgens `n wyse plan, deur Sy Wil en Sy Almag, elk van die skepsels, van die kleinste kreatuur af tot by die kroon van die skepping, die mens, alles op hierdie aarde geplaas het met `n bepaalde doel, verstaan sulke (deur hulle eie skuld) onwetende mense nie. Hulle erken nie so `n Geestelike nie en daarom sien hulle ook nooit hoe die Wil van God Hom uiter in die werking van die natuurelemente nie. Hulle wat ver weg woon en nie daardeur getref word nie, skenk glad geen besondere aandag aan sulke katastrofes nie, hulle voer altyd net soortgelyke gevalle aan en daarmee is sulke gebeure vinnig afgehandel. En die Heer moet na steeds duideliker middele gryp. Hy moet sulke katastrofes steeds vinniger op mekaar laat volg en die mense nog skade berokken, as hierdie verskynsels `n indruk moet maak.

Dit is betreurenswaardig hoe min die leed van sy medemens `n werklik gevoel van medelye opwek en hoe `n aanduiding van bo uit gewoonte aangeneem word. En so sal die tekens steeds `n meer geweldige omvang moet aanneem, as dit die mensdom uit hul rus moet wakker skud. Eers wanneer hul eie lewens in gevaar is, heg hulle meer betekenis aan so `n saak en daarom sal nog baie leed en angs die lot van die mensdom moet wees en daar sal dinge aan die lig moet kom waaraan die mense ag sal moet gee en wat nie weerstaan kan word nie. Maar selfs heel buitengewone natuurverskynsels sal met die grootste vanselfsprekendheid verklaar en aangeneem word, want die "wyse manne van die wêreld" is onmiddellik bereid om `n heel natuurlike verklaring te gee vir alles wat vir die mens onbegryplik is, maar nooit sal so `n verduideliking betrekking hê op die werksaamhede van die Heer en Sy Wil nie. Hulle verbeel hulle hulle is daarbo verhewe en het daarom `n totaal verkeerde mening, wat ook vir die mense wat deur hulle onderrig word, nie van nut kan wees nie. So sal menigeen nog sy opvatting verander en daarom ook nog baie offers moet bring, totdat hy die volle insig kry; en om dit te bespoedig, gryp God nou meer dikwels as ooit in en skud en skok die wêreld, sodat almal wat daarop lewe, sal oplet en ag slaan op die goddelike Stem wat aan hulle die Wil van God wil bekendmaak, van sy Almag en Wysheid, en wie in hierdie sin elke natuurverskynsel en die onstuimige

raas van die elemente beskou, sal al so-iets as die Stem van God herken en sy bes doen om altyd die korrekte voor God te doen.

Amen.

Drie-Eenheid

B.D. No. **0662**
11. November 1938

Wees jy steeds bewus van die groot barmhartigheid waarin jy jou bevind en bly altyd gewillig om jou opgelegde taak uit te voer en die Heer sal jou seën. Verneem dan vandag dat jy kortliks die Ewige Drie-Eenheid moet verduidelik. (gespreek tot BD = opm.v/d uitgewer)

Dit is `n probleem wat julle as mense baie las besorg en tog so buitengewoon maklik te verstane is, want die Godheid is slegs alles in Een Persoon. In Homself verenig die Wysheid, die Liefde en die Mag van die Wil. Wanneer daar van `n Drie-Eenheid gepraat word, dan is dit steeds net die alomvattende begrip van Liefde as die Vader, Wysheid as die Seun en Wil as die Heilige Gees. Want die Liefde van die Vader het alles wat is laat ontstaan, vervolgens het die Wysheid van God die geskapenes in hulle regte posisie geplaas en hul bestemming toegeken en die Gees van die Wil het dit heeltemal tot lewe gebring en die bestaan daarvan verseker.

Alleenlik deurdat alles in die een ewige onverganklike Godheid verenig is, omdat God van ewigheid af die alomvattende begrip is van alle Liefde, Wysheid en Mag, is die mees begryplike oplossing van die probleem te vinde, maar waaruit die mens gereeld vir homself `n verkeerde opvatting vorm en daardeur die verkeerde verklaring van die drie Godhede gee. Die lewende verhouding van die kind tot die Vader gee die korrekte uitleg baie maklik, dat God tog alles in alles is en dat daar geen enkele skeiding moontlik is nie, met die gevolg dat alles in God Self ook moet verenig.

Die mensdom met hulle ontoereikende begripsvermoë probeer ook menslike grense aan die ewige Godheid stel en het in hulle eie gedagte `n vorm geskep wat vir hulle die ewige goddelike na eie goeddunke en denkbeelde moet personifieer. Elke personifikasie van God is `n verkeerde opvatting, want `n Wese wat alles in Homself verenig en wat in Sy volheid van Lig en Krag nie voor te stel is nie, kan nie in `n persoon tot uitdrukking gebring word nie. Maar om die voorstellingsvermoë vir die mense moontlik te maak, het hierdie ewige Godheid Homself in `n mens beliggaam, sodat die uiterlike van Hom nou werklik voorgestel kan word, wat nou as God se Seun vir die mensdom verstaanbaar geword het.

In hierdie Seun van God het Liefde en Wysheid, asook die Wil en die Almag verenig en daarom kan niks van mekaar geskei word nie. Deur die dood van Jesus aan die kruis, is die Mag van die dood gebreek, d.w.s., dit het nou vir die mens moontlik geword om die kwaad deur sy eie wil te kan oorwin. Hierdie wil is tegelykertyd krag en so kom die Krag uit God nou ook die gewillige mens op aarde toe, om sy wil in daad om te sit en homself so te verlos. Hierdie Krag van die Heilige Gees is daarom `n uitstraling van die alles in Homself bevattende Godheid, maar nooit `n persoon op sigself nie. Om so `n probleem met die verstand te wil deurgrond, sou maar net tot `n steeds groter dwaling lei, want julle as mense het vir julleself iets gevorm wat juis te menslik was, wat die waarheid nie in die vêrste vêrte benader het nie, toe julle die Godheid vir julleself in `n drievoudige vorm probeer voorstel het.

Amen.

Misbruik van mag

B.D. No. **0665**
13. November 1938

Enigiemand aan wie gesag op aarde gegee word, sal sy amp oordeelkundig moet administreer, want My wil het hom die mag gegee wat hy nou volgens My wil moet beoefen. Mense plaas dikwels groot waarde op die uitoefening van laasgenoemde, met soveel vertoon as moontlik en vergeet in die proses dat die volheid van mag op geen manier hierop berus nie en dat hulle dit te enige tyd kan verloor. Om teen My wil op te tree, is `n teenstand teen die Een wat hulle aangestel het as

regter. En as hele sirkels verenig om verkeerde dade te pleeg, groei die skuld van die regerende magte eksponensieel en alle druk uitgeoefen deur hulle, lei tot `n enorme verantwoordelikheid.

Laat Ek julle vertel: Die dae dat iemand die wêreld regeer tot die mensdom se afsku is getel, en wie glo dat hy die uitsluitlike reg van bestaan op aarde het, maak `n groot fout. Dit is nie julle nie, maar Ek wat die mense op hierdie wêreld geplaas het, sodat elke siel volwasse kan word in die verloop van sy lewe, en dit wat julle geniet, moet julle ook vir ander gun; moenie toelaat dat talle mense ten prooi val aan groot ellende nie, maar toets julleself aan hulle. Ek stel self reg waar nodig, en My oordeel is regverdig.

Julle moet nooit julleself geregtig voel om die hele wêreld in beroering te bring nie. Julle moet op geen manier julle gesag met mag uitoefen nie, maar tree op soos wyse en liefdadige regters, sodat julle aksies eendag genadig en verstandig beloon kan word, want, “oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie”.

Julle optrede op aarde het sulke vreeslike gevolge in die hiernamaals; en as julle maar net geweet het wat se lot op julle wag, sal julle so met afgryse vervul gewees het, dat julle nie in staat sou wees om verder te lewe nie. Moenie My Liefde en barmhartigheid vergeet wat dit self aan alle wesens op aarde gegee het nie. Ek alleen het die mag op Aarde en in die Hemel, Ek sal weet hoe om diegene te straf wat My wette so oortree dat vrees, ellende en angs die gevolge van hul bevele is. Die Laaste Oordeel sal almal beïnvloed, ongeag waar hulle vandaan kom, en dan sal dit wys wie in sy aardse weg regverdig was en wie geweier het om My te erken en My wil te volg. Want alle mag in die hemel en op aarde is aan My gegee. Die mensdom sal vreesbevange wees en diegene wat My wil verontagsaam het, sal dan gestraf word, en Ek sal diegene swaar straf wat teen My gekant was en harteloos en willekeurig onreg gepleeg het op die aarde. Probeer om die mensdom te hervorm, dan sal julle die regterlike amp volgens My wil uitoefen, en nie dat julle onmenslike wrede strawwe op hulle plaas wat nooit `n seën vir julle sal wees nie, nóg in hierdie of in die ander wêreld; want julle optrede is slegs wraak en vergelding, maar nie `n regverdige uitoefening van julle mag nie. Julle oorweeg gedurig net hoe julle jul gesag kan verhoog en skram nie weg om middele te gebruik wat julle onteer nie, en daarom sal julle nooit in staat wees om barmhartigheid in My oë te ontvang nie, want julle aksies is sondig en verfoeilik. Dit lyk of die mensdom fisies baat vind deur julle, maar julle siele sal in diepe duisternis verlore gaan, as die dryfkrag van julle gedrag nie liefde en deernis is nie, en so sal die ellende van die mensdom wat julle verdruk, duisendvoudig terugval op julle, want Ek het inderdaad aan julle die mag gegee, maar nie die reg om dit te misbruik vir dade van geweld wat ver buite My wil is nie.

Amen.

Waardeloosheid en verganklikheid van aardse besittings

B.D. No. **0671**
16. November 1938

Die grootste probleem in die teenswoordige tyd is die vergryping aan aardse besittings. Dit neem werklik skrikwekkend toe en oneindige lang tye sal verbygaan alvorens die gevolge van sulke projekte uitgekanselleer sal wees. Om in te gryp in die openbare lewe is slegs in `n beperkte mate moontlik, want talle volgelinge van Mammon kan weer daarvan voordeel trek deur onwettig te poog om dit te verkry wat God se barmhartige wil van die mens weggeneem het, ter wille van sy siel se redding.

Aardse goedere moet bestaan, ten einde die mens se krag te toets en om hulle wil en drang daarna weg te lei, want slegs die vrywillige verwerping van sulke aanloklike stimuli kan die siel se skeiding van die materie veroorsaak. As die arm van God dus na alle eienaars uitreik, en hul besittings neem of met mag vernietig, dan sou hierdie geestelike vlak nooit bereik kan word deur middel van `n doelbewuste vrywillige verwerping nie, en om daardie rede moet alle versoekings vir die siel in die wêreld bly, om die mens in staat te stel om bo homself uit te styg en homself los te maak van die verlange na alles wat die wêreld bied.

As mense dus streef na geld en goedere, op so `n verskriklike wyse dat hulle slegs dit oorweeg, maar nooit hul siel se redding nie, dan hou `n tyd soos dit ook `n verskriklike gevaar in vir die mensdom, en net God kan hierdie gevaar teenwerk deur mense bewus te maak van die verganklikheid van alle aardse besittings deur natuurrampe, siektes of ander gebeure wat al die besittings min of meer verminder en dit so te sê disintegreer, sonder om deur `n ander hand aangeraak te word, sodat die aansporing vir sonde sal verminder en mense maklik die Bewerker van hulle veronderstelde skade kan herken.

Dit maak beslis sin om daaroor te dink wanneer die tussenkoms van `n hoër mag so baie duidelik waarneembaar is. Dit wat die mens glo om met `n absolute sekerheid self te besit en wat hy angstig wil beskerm teen die wêreld en sy medemens, moet weer en weer geskud word. Want hierdie behoefte vir die uitsluitlike eienaarskap is `n gruwel voor die aangesig van God. Enigeen wat vrywillig sy aardse besittings met sy naaste deel as hy min besit, iemand wat sy surplus gebruik om die armes te ondersteun; sy besittings voldoen aan hul ware doel en sal beskerm word vir die persoon, ja inderdaad, selfs vermeerder word. En `n persoon hoef nooit te vrees om groot ontbering te ervaar as hy altyd `n poging aanwend om die swaarkry van die armes te verlig nie.

Want die maat waarmee julle meet, sal die maat wees wat julle ontvang. Iemand wat altyd eerste aan homself en sy goeie lewenstandaard dink, moet voorbereid wees, want God sal Sy teenwoordigheid laat voel en hom gryp waar hy die gevoeligste is, deur sy aardse besittings te verloor sodat hy sy sogenaamde goeie lewenstandaard sal bevraagteken, en slegs dan sal die siel haarself bewys deur haar weg uit die fisiese ontbering te vind en alles op haar beurt doen om `n aangename lewe te leef voor die aangesig van God en om dan na geestelike besittings te streef.

Geld en besittings dui sekerlik mag op die aarde aan, maar nie in die ewigheid nie. Alles sal daar waardeloos wees, die siele van diegene wat mag en rykdom beskou as hulle god, sal daar in `n baie lae toestand leef, terwyl diegene wat afkerig was teenoor aardse besittings en hulle waardeloosheid herken het, sal in `n verhoogde posisie geplaas word.

Amen.

Wolf in skaapsklere -Voorloper van God voor Sy wederkoms

B.D. No. **0685**
26. November 1938

Die teëstander sal `n maklike tyd hê wanneer hy in vermomming rondbeweeg soos `n wolf in skaapsklere en die mensdom fassineer met sy voorkoms en woorde. Hy sal elke geleentheid gebruik om skade aan die mensdom te bring. Enigeen wat die kloue van die wolf ten prooi val, sal genadeloos aan flarde geskeur word nadat hy mag oor die siel verkry het.

Laat Ek julle daarom vertel: Julle sal hom wat oor die aarde loop herken deur die vurige swaard van sy tong. Niemand sal sy woord betwyfel nie, want dit sal goddelik wees en `n uitstraling van God se diepste liefde. Maar moenie in heerlikheid en glorie na hom soek nie, sy naam is nederig, onbekend, alhoewel hy homself Johannes noem, het sy sterflike liggaam nie die voorkoms wat hom geestelik versier nie. Hy beweeg onder julle en leer deur woord en daad en is `n voorloper van God voor sy terugkeer na die aarde. Waar hy ookal is, sal sy woord getuig van die liefde van God, en hy sal in die harte van die mensdom `n diep verlange wakker maak na waarheid en lig.

Glo nie die stemme van die huidige tyd wat julle wil mislei nie, wat julle sinne wil verdof vir die goeie en edele nie. Los hulle uit en hou net vas aan dit wat God van bo af aan julle stuur, omdat die inklinasie van die teëstander draai in die rigting van die wêreld en nie weg daarvan in die rigting van die ewige Godheid nie.

Wie luister na Johannes se woorde, sal God se woorde direk hoor en sy gees sal die ware verlossing verkondig. En wie hom hoor, sal heeltemal oortuig word deur sy woorde. Hy kom in die lig van die waarheid, niks wêrelds sal aan hom vasklou nie. Die land waarin hy woon, sal geseënd wees deur sy teenwoordigheid. Die uur van oordeel is nie ver weg wanneer Hy verskyn nie. Hy sal alle lyding met geduld aanvaar en net na die stem van God luister.

Onthou hierdie woorde wanneer hy gevange geneem word om sy lot op aarde te verseël. Maar julle mense sal nie in staat wees om God se advokaat te verhoed om uit te voer wat hy ter wille van die mensdom op homself geneem het nie. Julle sal nooit sterk genoeg wees om teen hom te veg sonder straf nie. Maar sy oë sal met sagmoedigheid rus op julle wie hom sal wil seermaak, want sy liefde en geduld sluit almal in wie hom teenstaan in hulle harte. En hy sal baie wen vir homself, want die krag van sy woorde en sy liefde sal groot wees. En die wêreld sal `n groot verlies ly. Die siele sal verdeeld wees in diegene wat hom erken as hulle verlosser uit die diepste nood en diegene wie se enigste aandeel die wêreld is. En hulle einde sal die dood van hul liggaam en siel wees.

En so word lig aan julle gegee om die dade van diegene te sien wat vra om af te daal, hulle wat wegskram van al die lig van bo, en wat daarna streef om dit te blus, sodat die teëstander die siele kan gryp tydens duisternis.

Die van julle wat vra vir lig, sal lig ontvang, die Heer sal nie toelaat dat julle in die duisternis versmag nie, en Hy sal julle beskerm teen die verskeurende wolwe in vermomming wat rondsluip onder Sy kleinvee, en wie daarna streef om verwarring te veroorsaak. Lees Sy Woord en let op die eerste tekens van verwarring. En elkeen wat ore het om te hoor, sal hoor: Die wêreld sal julle nie vrede bring nie, maar slegs Hy, Wie se koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. En Sy vrede sal `n ewige vrede wees en niks in die wêreld sal dit kan vernietig nie en tog sal dit ook regoor die wêreld uitbrei, oor die mense wat die Woord van God sal hoor uit die mond van `n suiwer dissipel van Jesus, wie se liefde die mense wil help en wat God se ewige liefde aan hulle sal verkondig. Hy sal vrede bring aan al die mense wat van goeie wil is.

Amen.

Die seën van siekte en leed

B.D. No. **0687**
27. November 1938

`n Toestand van lyding dwing die mens dikwels om sy hele lewe van naderby te oorsien en dit is gunstig vir die siel en ook heel dikwels vir die liggaam, omdat die mens in die besef van sy verkeerde denke en handel, `n verandering van sy wese nastreef, wat ook `n gunstige uitwerking op die liggaam kan hê, in die opsig, dat `n beskaafde lewenswandel tot handhawing van `n gesonde liggaam, of tot genesing van `n siek liggaam, baie kan bydra. Dikwels moet die liggaam deur siekte en swakte getref word om die mens te laat besef dat sy lewenswandel heeltemal teen God se orde ingaan, want alle waarskuwings en vermaninge wat God die mens laat toekom, bewerk nie wat siekte dikwels tot stand kan bring nie. Die mens is nou in `n sekere sin gedwing om hom van die wêreld en sy vreugde af te wend en hy sien dan die aardse lewe in `n heel ander lig.

Hy sien dan die broosheid en hulpeloosheid van die liggaam in, asook die gevoel van eie swakheid en die onvermoë om hom uit hierdie toestand te bevry en dit bring hom onwillekeurig by hoër geestelike gedagtes. Hy sal hom dan baie eerder met vraagstukke besig hou wat `n gesonde mens glad nie aan dink nie. En sulke gedagtes kan aanleidend wees om te verander, dog alleen as hy hom nie daarteen verset nie. Dan kan die geestelike wesens ook hul arbeid aan die siel van so `n mens begin, deurdat hulle hom steeds meer sal beïnvloed, wanneer hy begin vrae stel wat hom deur die geestelike wesens deur heldere gedagtes beantwoord word. Hy word dan meer en meer in `n geestelike atmosfeer gelei, wat hom weldadig laat voel en hom meer innerlik laat word.

Hy sou `n baie lang tyd nodig gehad het, eer hy in die aards gewoel tot dieselfde insig sou kom. Die tyd sou vir die siel nutteloos verbygegaan het, maar so kan `n kort tyd soms al voldoende wees om hom aansienlik verder te bring.

Daarom moet leed die mens nie ongelukkig maak nie, maar moet dit selfs as `n bewys van liefde van die ewige Godheid aangesien word. Dit sal die mens spoedig insien wat deur leed die regte weg geneem het en nou hierop verder kan gaan, om ywerig te werk vir die heil van sy siel.

Amen.

Aardse besit en eieliefde -Geestelike besit en naasteliefde

B.D. No. **0688**
28. November 1938

Die werk in liefde sal steeds `n uitgestrekte arbeidsveld bly, onophoudelik sal julle daarin kan oefen, as julle julself maar net wil neig tot die ewige Godheid. Aan die volheid van liefdeloosheid onder die mense sal julle ook kan herken, hoevêr die gees van die mens hom verwyder het van die wete dat daar `n God is en hoe hy ook maar na die bevrediging van sy "ek" soek en alle liefde waartoe hy in staat is alleen die "ek" geld. En van hierdie eieliefde gaan daar altyd net onheil uit. Die begeerte om alles wat moontlik is vir homself te besit, is die rede vir alle slegte gewoontes en ondeugde, wat dan aan so `n mens vol eieliefde kleef. Julle kan dit al sien aan die eenvoudige proses van die vermeerdering van besittings. Die mens sal altyd net probeer om alles vir homself te verkry wat vir hom begerenswaardig voorkom en geen manier ontsien, selfs wat teen God se gebooie ingaan, om dit te verkry nie. Hy sal wederregtelik of deur lis en bedrog probeer om sy medemens skade te berokken om dit sy eie te maak. Hy sal die leuen nie ontsien, wanneer iets hom maar die geringste voordeel oplewer nie. Maar die liefde vir sy medemens sal hy nooit meer beoefen nie en sodoende ontbreek by hom alles wat hom nader aan die ewige Godheid kan bring.

Maar in dieselfde mate sal die werksaamheid in ware naasteliefde `n seënryke uitwerking hê. Hierdie mens sal altyd sy bes doen om die naaste te beskerm teen alles wat vir homself nadelig lyk en hy sal hom steeds ophou met die waarheid en lewe volgens die gebooie van God en sodoende ook, deur die aktief wees in werke van naasteliefde, homself altyd mag verbly in die teenwoordigheid van God. Wie onbaatsugtig sy medemens die goeie gee, sy geestelike besit sal groter word en hom in die hiernamaals `n onverganklike loon oplewer. En slegs die wil van die mens sal nodig wees om hom te laat juig in die hoogste geluksaligheid na die liggaamlike dood.

Die verlokkinge van die wêreld is die teenpool en die mens in sy blindheid sien die onwaardigheid van aardse plesiere nie in nie; veeleer probeer hy homself op alle maniere hiervan meester te maak en sy lot in die hiernamaals is daarom armsalig en vreugdeloos, omdat hy in dieselfde mate gegee sal word, as wat hy in die aardse lewe aan sy medemens gegee het. Wie nou al te veel van homself hou, kan die goddelike genade nooit vir homself verkry nie, want God sal sy doen en late nooit seën nie. Alleen die beoefening van liefde teenoor die naaste verseker dit aan hom. Wie bereidwillig van sy besit weggee, sal dubbel ontvang en nie net aards nie, maar in nog groter mate geestelik, want die liefde is die grootste en slegs deur liefde kan die mens homself al op aarde verlos.

Amen.

Voorspelling van `n verwoestende gebeurtenis

B.D. No. **0694**
1. Desember 1938

Dit is baie voordelig vir almal van julle om die woorde van die Bybel te lees, en julle sal besef dat die Heer in Sy tyd Sy wederkoms aangekondig het. Die komende goddelike oordeel is nie die Heer se wil nie, maar slegs die wil van die mensdom, wat poog om byna volledig te skei van geloof, wat `n verdere daling in geestelike duisternis tot gevolg sal hê. Suiwer om `n einde te maak aan hierdie dinge en te red wat nog nie heeltemal deur die duisternis afgeneem is nie, sal die Heer Sy Woord vervul, want Sy Gees het die huidige sowel as die naderende tyd voorsien en in Sy goedheid en sagmoedigheid het God geen steen onaangeroer gelaat om die goddelike oordeel te verhoed nie. Almal wat tans op die aarde leef, sal vooraf in kennis gestel word daarvan en in staat wees om die oordeel vir homself te voorkom, in soverre dat hy deur die Vader se onsigbare hand beskerm sal word teen alle gevaar, as hy net vertrouend na Hom sal keer en Sy krag en liefde erken. Die vele gebeure voor dit, om mense wakker te maak, sal julle ook toon dat die tyd naby is.

Hierdie tyd sal nie ongesiens by enige persoon verbygaan nie, en daar sal baie tekens wees wat bedoel is om mense op te wek uit hulle geestelike traagheid en hulle aandag te vestig op die sigbare ingryping van `n ewige Godheid. En die Satan sal sy hand in alles hê en mense oral beïnvloed om net te luister na die gedagtes en woorde van die wêreld om alles geestelik te verwerp, want in hul oorheersing en arrogansie word mense so oortuig van hul eie krag en mag dat dit noodsaaklik is dat

hulle eie swakheid en ontoereikendheid aan hulle gedemonstreer word deur teëspoed, wat menslike hande nie in staat is om te voorkom nie. Aan die begin sal hulle sulke slae van die noodlot aanvaar, sonder `n bepaalde uitwerking op hul denke, maar dit sal steeds meer dikwels gebeur en selfs arrogante mense innerlik laat bewe as hulle hul kwesbaarheid besef. En een so `n gebeurtenis word deur die Meester voorberei.

Hy sal ingryp in mense se willekeurige aktiwiteite van onreg en voelbaar Sy wil uitspreek vir hulle. Hierdie tyd sal alle emosionele siele verdoof, want die grote van die gebeurtenis sal te kragtig wees om as toevallig beskou te word. En ingeval hierdie gebeurtenis homself herhaal, sal baie mense wakker skrik uit hul slaap en die dagbreek verkies bo die duisternis van gees, en om die Woord van God te verkondig, sal die belonende taak van God se dienaars op aarde wees, want niks in die wêreld gebeur sonder beloning nie. Niks is verborge vir die Skepper nie, en dus sal die Meester se sigbare ingryping nie sonder doel en betekenis vir baie mense wees nie, maar Sy ingryping sal herken word as die helpende hand van die Hemelse Vader wat almal gewillig moet aangryp. Want die tyd is naby waarvan geskrywe is in Woord en Skrif.

Amen.

Gebrek aan selfkennis - Eieliefde - Hardkoppigheid

B.D. No. **0706**
10. Desember 1938

Let op die woorde wat vandag aan jou gestuur word: Die bitterste toestand van die lewe word veroorsaak deur die mensdom self, wat met hulself in voortdurende onvrede lewe en wie die genade van God nie vir hulleself afsmeek nie, waardeur hulle bevry sou word van die druk wat hul beswaar. Steeds beskou hierdie mense hul eie toestand so beklaenswaardig en loop hulle steeds meer vas in somber gevoelens. En hulle hele bestaan is uiteindelik net nog `n grenslose verbittering en dit sonder werklike rede. Hulle eieliefde is te sterk ontwikkel om dit self te oorkom en in die lot van ander mense sien hulle veel eerder die vervulling van die lewe. En so bly `n regverdige beoordeling altyd iets vreemds vir hierdie mense. Hulle wys alle redelike oorwegings af en het so `n baie moeiliker lewe deur eie hardkoppigheid, want met goeie wil sou die lewe vir hulle baie makliker gewees het.

Die lewe self is so leersaam en gee so veelvuldig houvas, wanneer dit maar korrek benut word en toevlug geneem word in alle geestelike nederigheid tot die werksaam wees in liefde, omdat dit as te ware vereffening tot stand bring en die hart verbly. En wanneer die eie persoon laaste gestel word, val al die swaar vanself van die mens af en vind hy die vervulling van die lewe in die werksaam wees vir ander. Die doel van die lewe is tog altyd net die volwassewording van homself, om afstand te doen van die vervulling van eie wense en `n voortdurende bereidwilligheid om diensbaar te wees. Hoe meer die mens homself laaste kan stel, des te vryer sal sy geestestoestand word en hoe meer dikwels hy hom oefen in selfoorwinning, des te sterker word sy wil en die werk aan homself bring `n veredeling van die hele geestelike tot stand. Steeds sal daar dan net rekening gehou word met die welsyn van sy medemens en die pynlike toestand wat die mens kwel, verdwyn en dit wek die wil op om in aksie te kom. Dit is heelwat makliker om die wêreld te oorwin as homself. Die mens wil nie erken dat hy die veroorsaker van sy eie toestand is nie. Hy soek altyd die oorsaak elders as by homself en dit is sy fout.

Waar selfkennis ontbreek, kan hulp moeilik gebring word, want waar moet die hefboom dan aangebring word? Wie net op ander kritiek wil uitoefen, maar nooit op homself nie, sal die hoofsonde moeilik insien. Hy sal homself altyd beklaenswaardig vind en nie die wil opwek om sy toestand te beëindig, wat hom nog terneerdruk nie.

En so is daar maar een ding met die korrekte uitwerking op so `n gemoed: om hom in alle liefde opmerksaam te maak op sy verkeerde instelling teenoor die lewe, die lewe wat die mens self moet baasraak en waardeur hy hom nie moet laat oorheers nie, wat egter telkens die geval is wanneer hy onder die druk van sy stemming ly en dit hom geen uitweg gee nie. Waar die wil is, is ook die daad en dit bevry die mens van alle onheil.

Amen.

Mikrokosmos (die gees se vordering deur verskillende vorms noodsaaklik)

B.D. No. **0716**
19. Desember 1938

Jou Vriende van die anderkant wend Hulle liefdevol na jou toe om jou begeerte te vervul; ontvang dus:

Die wêreld op sigself het maar net een doel, naamlik om die baie lewende wesens, wat draers is van geestelike substansie, tot `n hoër ontwikkeling te bring. Dit kan slegs in `n sodanige omgewing plaasvind waar weerstande van allerlei aard aanwesig is. En hierdie weerstande het die wêreld voldoende tot beskikking, hetsy op hierdie aarde, of op die baie ander hemelliggame. Oral stamp die lewende wesens teen onverwagte probleme en om dit te oorwin, moet alle krag aangewend word.

Hoe dit ookal sy, in elke lewende wese is sulke krag voorhande, deur die kragtoevoer wat elke lewende wese verkry om ten minste te kan bestaan. Maar die verdere ontwikkeling hang nou af van in hoeverre die lewende wese die innerlike krag gaan gebruik, d.w.s., hoe vinniger die opdrag vervul word wat aan die wese opgelê is, hoe vinniger word die geestelike substansie van sy omhullende vorm bevry en kan die volgende stadium van ontwikkeling begin.

Nou is die vraag natuurlik te wagte, naamlik in watter vorm is dit die vinnigste ontwikkeling vir die lewende wese moontlik? Maar hierdie vraag kan slegs hiermee beantwoord word, dat die deurloop van elke vorm onvermydelik is, dat slegs dan `n grens gestel is, wanneer die aaneensluiting van tallose sielspartikeltjies weer `n heeltemal oplewer; wanneer alle siele substansies dus aanwesig is om die laaste beliggaming, die vorm van die mens, te besiel.

Die diepste emosie en die teerste gevoelens in die mens het sy oorsaak in die allerfynste instelling van die siel, wat daarom saamgestel is uit die allerfynste sielspartikeltjies wat vir die opbou van die heeltemal van belang is. Want hulle waarborg die nou gevormde siel, die allerfynste gevoelens en waarnemingsvermoë vir die kleinste skeppingswondere van die goddelike liefde.

Waar hierdie fynste bestanddele nie aanwesig sou wees nie, daar sou die begrip die mens volledig ontbreek het vir die reeds aanwesige en nog te ontstane wonderwerke. Hy sou eenvoudig nie dit kon sien wat nie reeds lewend in hom is nie. Hy moet dus ook alles wat in die skepping aanwesig is, tot in die nietigste bestanddele in homself hê, d.w.s., elke substansie moet in sy siel aanwesig wees, andersins sou hy dit nie buite homself kon waarneem nie.

En hierdie onderrig laat weereens die vraag opkom; maar wat is die aard van die bestanddele van hierdie klein lewende wesens? Dit is egter maklik uit te lê, deurdat hulle weer al die substansies van nog kleinere wesentjies in hulself dra, waar hulle dienooreenkomstig instinkmatig slegs dit bespeur wat in die ontwikkeling (geestelike evolusie) reeds verder gevorder het en dit wat as substansie in hierdie “klein” lewende wesens aanwesig is, weer oorheers.

En die kennis van so `n belangrike skeppingsleer is vir die mens van groot voordeel, want hy leer daardeur eerstens die wese van die mens in sy veelvormigheid ken. Hy kan deur hierdie feit al insien dat die mens die “kroon” van die goddelike skepping is, dat hy innerlik, d.w.s., “sy siel” so buitengewoon fyn saamgestel is, dat so `n “kunswerk” onmoontlik slegs vir die duur van `n aardse lewe deur `n wyse Skepper geskape kon gewees het, want alles wat hy in die natuur beskou, hetsy in die minerale-, plante- of diereryk, is in atome in homself aanwesig.

Die mens het dus die algehele skeppingswerk in die allerfynste verkleining in homself. Hy moet dus in homself ook die weerstande oorwin wat van buite af deur die wêreld op hom neerkom; wat so opgeneem moet word, naamlik dat tallose gevare van buite die mens tot groter weerstandskrag sal aanspoor, dat die geestelike atmosfeer egter netso deur voortdurende weerstande van die onafgebroke in stryd verkerende afsonderlike siele substansies in beweging gehou word; want slegs so kan die siel haarself versterk en vir hoër doeleindes toeganklik gemaak word. Soos wat ook elke lewende wese, ook die kleinste, `n bepaalde werksaamheid het om te verrig, so geld dit ook vir die mens as draer van al hierdie bestanddele. En hierdie opdrag bestaan uit die vergeesteliking van die siele substansies wat

nog `n groot weerstand het tot die eintlike doel, wat veel liewer dieselfde wil doen as wat hulle voorheen in `n vroeëre vorm gedoen het.

Juis daarom moet die mens teen soveel swakhede, gebreke en ondeugde stry, omdat die neigings van die substansies wat in die siel gekluister is, steeds weer tot deurbraak wil kom en die vlees, “die aardse omhulsel”, tot toegewing wil verlei, waarteen daar in die aardse lewe uiterste weerstand gebied moet word.

Slegs so is te begryp watter buitengewone verantwoording die mens in die aardse lewe dra, hoe daar blywend geworstel moet word om ten slotte vergeestelik as oorwinnaar oor alle gevare te kan triomfeer en elke verleiding te kan weerstaan. Want hoe dikwels is “die gees gewillig, maar die vlees te swak”.

Amen.

Bereidwilligheid om te skryf - Ontvangs van die lewende Woord - Egtheid

B.D. No. **0718**
22. Desember 1938

Oneindige wyshede word deur die Heer aan diegene gegee wat aan Hom getrou is. Dit neem dikwels jare voordat `n kind wat bereid is om te skryf, weer sy dienste aan die Hemelse Vader bied en dit verklaar ook waarom sulke skrifte vir so lank onvolledig gebly het en dat net die gewillige toewyding van `n nuwe skrywer die oordra van nuwe geestelike kennis moontlik maak. Die wil was goed, en dus volg `n werk wat welgevallig was aan die Heer, want dit gee net so duidelik uitdrukking aan Sy Gees en Sy liefde, selfs al het die bewoording verskillende eienskappe. Enigeen wat die regte betekenis verstaan, herken ook die Heer en heg geen belang aan die skryfstyl as sodanig nie, maar dit is ook raadsaam om dieselfde sorg in die waardebepaling van geestelike sake uit te oefen. Dit moet altyd onthou word dat baie mense waarlik glo om geroepe te wees, maar nie oor die nodige kwalifikasies vir so `n belangrike taak beskik, om net toegewyd en eerlik God se wil te wil vervul nie. Elkeen wat alle pogings sal aanwend om net daarna te streef, sal ook deur die Heer verwelkom word as `n dienskneg.

Om die lewende Woord te ontvang, is ook `n verantwoordelikheid op sigself vir hierdie dienskneg. Hy moet homself voortdurend monitor om seker te maak dat sy wil heeltemal onderworpe is aan die Heer se wil. Hy moet die geestelike kennis sonder weerstand aanvaar en geen persoonlike oordeel hoegenaamd maak terwyl hy dit ontvang nie, en moet alles uit sy hart weghou wat die geestelike krag verswak, hy moet sy hart suiwer hou en homself waardig maak vir `n persoonlike verhouding met die Heer, slegs dan sal hy die Heer se liefde direk ontvang in die vorm van Sy Woord, en slegs dan sal hy in staat wees om heeltemal oortuig te wees van die waarheid van wat hy ontvang en neergeskryf het.

Die sinskonstruksie wat die Heer aan die mensdom gegee het, was te alle tye so bewoord dat dit diepgaande betekenis gekombineer het met verstaanbaarheid, sodat almal wat op soek is na die waarheid en liefdevol aktief is, dit kan herken. Enigeen wat ander motiewe het wat die egtheid van God se Woord en Sy openbaringe ondersoek, sal skaars in staat wees om duidelikheid te vind tot watter mate die skrifte van goddelike oorsprong is. Want elkeen wat poog om in Sy gees te lewe, wie werklik van diens aan Hom en die mensdom wil wees, sal nooit weer nodig hê om die gees van leuens te vrees nie, want sy doel en strewe geld slegs die Heer, en daarom sal die Heer ook hul werk beskerm en nie toelaat dat dit nadelig sal wees vir die mensdom nie. Dus, iemand wat daarna streef om onderhewig te bly aan die Heer se wil, het ook die beste waarborg om in die waarheid te bly, want slegs die gees wat in die Woord is, sal deurslaggewend wees en nie die bewoording op sigself nie. Enigeen wat dus in liefde leef vir die Heer, sal die Heer ook herken as Hy Homself openbaar deur `n menslike mond of skriftelik. Gee altyd net aandag aan wat jou hart aan jou openbaar, naamlik of die ontvange Woord lewe ontsteek in jou hart, of laat dit jou dof en onverskillig en maak dit geen indruk op jou nie. Jou hart sal altyd vir jou sê wat leuen en wat waarheid is, as jy waarheid soek en begeer. En moenie bekommerd wees dat die Vader sal toelaat dat jy valsheid ten prooi val nie, Hy is, na alles, Self die Waarheid en wil dit altyd aan mense gee en sal dus ook nie toelaat dat die mense wat God liefhet, dwaal nie.

Amen.

Verdeeldheid en onvriendelikheid

B.D. No. **0720**
24. Desember 1938

Waar verdeeldheid in `n hart woon, is Ek nie in staat om in te kom nie, want die eienaar van die huis is nie voorbereid vir My aankoms nie. En só raai Ek julle aan om jul harte te reinig en al die gevoelens van onvriendelikheid daaruit te verban, want dit bevat die saad van die bose. Julle moet `n ernstige poging aanwend om te voldoen aan My vermanings as julle die barmhartigheid wil ontvang om My en My Woord te ontvang. So sal julle baie wenke ontvang wat julle in ag moet neem en daarvolgens leef en julle harte sal dit makliker oorkom wat op die oomblik nog vir julle onoorkomelik lyk. Die gevoel van verlange na My is altyd `n teken van My Liefdevolle aktiwiteit in julle. As die verlange tevrede gestel moet word, dan moet julle alles uit julle harte verban wat niks met liefde te doen het nie. Julle moet net die heilige en suiwere gevoel van liefde binne-in julle voed en elke onsuiwer gevoel verafsku, want dit sal net julle afstand na My vergroot.

Elkeen leef sy eie lewe en is opgevang in sy eie standpunt, en dus moet elkeen se natuur oorweeg en in ag geneem word, gevolglik moet elkeen sy medemens met onvermoeide geduld verdra en probeer om aan te pas by sy aard; en as hy nie daarin kan slaag om dit te doen nie, moet hy op My `n beroep doen vir My barmhartigheid en hulp en hy sal krag ontvang om uit te styg bo homself, hy sal oorwinnend tevoorskyn kom uit alle klein beproewings van die lewe, indien die liefde in hom altyd die oorhand behou, want Ek het julle spesiaal in hierdie omgewing van aktiwiteit geplaas, sodat julle volwasse sal word en beheer kry oor die swakhede en foute wat in julle woon, naamlik hoeveel julle moet oefen om geduldig te wees as julle waardig wil wees vir My geduld enn hoeveel liefde julle moet gee aan julle medemens as julle wil dat My Liefde altyd by julle teenwoordig moet wees. En daarom moet julle altyd liefdevol verenig onder mekaar, die een moet liefdevol sorg vir die ander, en moenie hindernisse tussen mekaar oprig nie, want al hierdie klein versoekings is bloot die middel tot `n doel. Hoe kan julle volmaak word as julle nie leer om julleself te oorwin nie. Bly in die liefde as julle in My wil bly, ken jouself, dan sal jy My ook ken en maak julleself waardig vir My seën.

Amen.

Slegs Liefde erken die Godheid -Soekers na God

B.D. No. **0721**
25. Desember 1938

Slegs in liefde sal julle in staat wees om die Godheid te herken, en `n geweldige drang vir die waarheid sal in julle ontstaan wanneer julle liefdevol besig is. God sal Homself as die Liefde Self aan mense openbaar. Gevolglik sal iemand wat in die lig van die waarheid bly, deur die liefde omhels word en inpas in alles wat deur God se liefde verwag word. Daarom, iemand wat God se wil vervul en streef na toenemende volmaaktheid, sal by wyse van spreke, elke aksie baseer op God se liefde en daardeur, omdat hy uit God ontstaan het, homself weer verenig met die oorspronklike Krag van alles wat bestaan, met goddelike liefde. Alle daaropvolgende aktiwiteite moet dus sy innerlike krag van liefde versterk. Voortaan sal hy dan onvermydelik alle geestelike krag na homself trek wat op hulle beurt, sy wil om lief te hê verhoog en hom stimuleer om dit in werking te stel, want al die krag van die hemel en die aarde, afkomstig vanuit die liefde vir God, as die Liefde Self, sal verenig.

Daarom sal alle God-soekende wesens op die aarde hulself eers so na binne keer dat hulle, deur hul aanvaarding van God se Woord, wat die uitstorting van goddelike liefde is, in staat sal wees om God te ken. En vanuit hierdie besef sal liefde na vore kom en bly groei, en omdat God Liefde Self is, sal die soektog van `n aardse wese nie onsuksesvol bly nie, want die verlange na God is reeds liefde, die mens is net nie bewus daarvan nie, want God neem in Sy liefde besit van elke mens wat na Hom soek.

As julle dit wil verstaan, moet julle in die natuur kyk waar `n ewige totstandkoming van die onvermoeide kreatiewe wil getuig, naamlik God se voortdurende lewendige aktiwiteit van liefde. Alles wat tot stand kom, sal lewe om God te bereik, en selfs al is die weg `n oneindige lang en

moeilike een, sal die geestelike nogtans die finale geleentheid hê om te lewe as `n mens in die vlees, en dit sal sy volmaaktheid beteken, as sy vrye wil nie gekant is teen die goddelike wil nie. Dus sal God se liefde die mens verstaanbaar vashou, waar net die geringste wil om te vorder bestaan, en die verlange van iemand wat God in sy hart wil herken, sal waarlik nie tevergeefs bly nie. En al die geestelike magte sal bymekaarkom om die tot nou toe geïsoleerde krag te versterk deur die instroming van geestelike krag uit die hiernamaals, en dus sal `n ware God-soekende mens nooit toegee aan die gevoel van sy eie swakheid om sy plan te laat vaar nie, maar sy voor-die hand-liggende voortdurende hernude wilskrag, sal hom laat aanhou op die weg van insig en hom uiteindelik lei na die doel.

Amen.

Vashou of los van gedagtes volgens God se wil - Vrees vir die dood

B.D. No. **0722**
25. Desember 1938

Alle gedagtes wat na jou vloei, word deur jou wil begryp. Die ware God-toegewyde sal altyd dit wat nie bedoel is om neergeskryf te word nie, elimineer. Daarom sal jy slegs sodanige openbaringe ontvang wat heeltemal voldoen aan God se wil, en wat tog gedeeltelik net bedoel is vir jou en gedeeltelik as `n suiwer leerstelling aan die mensdom. Hoe meer ywerig en toegewyd jy jou werk doen, wat bedoel is om `n seën vir die mensdom te wees, hoe meer verdienstelik sal jy word vir die barmhartigheid om God se Woord te ontvang, want elke gebeurtenis het `n wyse betekenis vir God. Hy is aanhoudend besig om daardie aardse kinders, wie se oë nog blind is, oop te maak, want God se liefde vir Sy lewende skeppings is oneindig. Enigiemand wat homself toevertrou aan hierdie Liefde, word voortdurend deur Hom beskerm en liefdevol versorg.

Die lewe bied die aardse kinders baie verskillende geleenthede, maar dit dra net by dat hulle hul Skepper vergeet. Hulle sal daarvan hou om hul dae op aarde kommervry te spandeer en sal nie `n einde van hul liggame vrees nie. En daarom streef hulle altyd net na materiële goedere en stoot graag enige gedagtes van die dood ver op die agtergrond. Dit is egter nadelig vir die siel, want die dood word net `n gedagte van vrees of ongemak soos wat hulle ouer word. En dit is nie in lyn met die goddelike orde nie.

Enigiemand wat sy siel in gedagte hou op aarde, sal nie bang wees vir die dood nie, want hy sal dit net sien as `n bevryding van sy siel en die ingaan in die ewige vrede. Die Skepper is enkel en alleen gemoeid om die aardse kind te laat verstaan dat die aardse aktiwiteit die kleinste deel van die behoud van die goddelike skepping is en dat die werk van verbetering van die siel `n persoon se belangrikste taak op aarde is. Alles wat help om die liggaam en `n goeie lewenstandaard te handhaaf, sal vroeër of later ten prooi val aan verganklikheid, maar wat `n persoon vir die redding van sy siel doen, is vir ewig, net soos die siel self vir ewig is. Die siel kan nooit ophou om te bestaan nie, maar dit is van die allergrootste belang in watter toestand, d.w.s. in watter toestand van lig sy in die hiernamaals sal ingaan, omdat die onderskeie toestande van lig die deurslaggewende faktor is of die siel sal ly of hemelse saligheid sal geniet. Dit is baie pynlik vir die siel om die lig te begeer, maar daarsonder moet klaarkom as gevolg van haar eie skuld. En dan weer, sal dit die siel baie gelukkig maak as sy toegelaat word om die gebiede van lig te betree en sodoende deel te neem in die hemelse Vader se nabyheid.

Amen.

Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde. (1)

B.D. No. **0737**
8. Januarie 1939

In die sigbare wêreld is alle wette in die natuur so deur die Skepper gegee dat die geringste handeling wat daarmee in stryd is, ook `n sigbare verwoesting van die geskapene voortbring. En daarom moet die goddelike Wil en Sy Almag werksaam bly om die bestaande te behou. Dus kan geen geestelike op die aardse wêreld na willekeur `n verandering van die natuurgebeure bewerkstellig wat nie ooreenstem met die Wil van die Skepper nie. So sal ook die mens nooit op die een of ander manier kan inwerk op die natuurwette nie en sy strewe om dit self omvêr te werp, sou tevergeefs wees.

Baie moontlikhede kom die mens egter toe, as hy saamwerk met die Wil van God en so as te ware deelneem aan die vorming of hervorming van die aardoppervlak, dus in `n sekere sin ook skeppend besig te wees op die aarde. Maar dan moet ook die wil van die mens hom onder die goddelike Wil plaas, as die tot stand gebragte werk bestaande moet bly. Alle handelinge van die mens moet hulself by die natuurwette aanpas, omdat `n buite beskouing daarvan `n onmiddellike verwoesting tot gevolg kan hê, of ook `n stadige verval van die heeltemal.

Waar die natuurkragte, wat ooreenstem met die Wil van God, by die aardse werke hulself as bevorderlik bewys, sal ook al die skeppings van die mense gunstig beïnvloed word. D.w.s. die mens verrig dan net wat die Wil van die ewige Godheid is, al wil hy dit ook skynbaar self. Al die werksaam wees daarteen, wat nie so deur God gewil is nie, en wat indruis teen die natuurwette, sal net mislukkings oplewer.

Dikwels laat die gevolge homself nie dadelik voel nie, en dit laat die mens tot die verkeerde gevolgtrekking kom, dat hy kan optree volgens eie goeddunke, maar dan is die skadelike gevolge vir die mensdom baie omvangryker, maar vir die verblinde mens dikwels ook dan nog geen bewyse van sy verkeerde optrede en denke nie. So sal ook die grondroof, in en op die aarde, homself op `n skrikwekkende manier uiter aan die mensdom, soos wat hierdie dinge toeneem wat nie strook met die Wil van God nie.

Amen.

Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde (2)

B.D. No. **0738**
8. Januarie 1939

In die vervolg sal alle herstrukturering wel bevorder word en die mense sal probeer om die gevolge te benut. Wanneer die skade wat so ontstaan as onafwendbaar vir die primêre lewensbelang word, sal dit slegs solank moontlik wees, tot die mees ernstige gevolge na vore kom, wat vir die mense `n lewensbedreigende uitwerking sal hê. Want die kleiner kwaad is die probleem, maar om dit te wil keer deur die in stel bring van die eie lewe, is teen die goddelike ordening en dus in stryd met die natuurwette.

Daarom waarsku God vir alle gewelddadige ingryping in Sy skeppingswerke, sodat die mensdom hulleself nie aan ondergang sal prysgee nie. En dit is baie raadsamer om met minder tevrede te wees as om `n oorvloed vanuit die aarde te wil onttrek, want as dit alleen gebeur om aardse goedere te vermeerder, sal die goddelike Skepper nie Sy toestemming gee nie. Want so `n strewe sou nie opbouend wees nie, maar storend en moet gevolglik `n nadelige uitwerking vir die mensdom hê.

Maar laat julle handelswyse en jul maatreëls alleen maar die welsyn van die mensdom tot grondslag hê, stel dus die eie aardse voordeel laaste en voldoen alleen aan die behoeftes van die mensdom, dan sal die Liefdeswil van die Skepper werksaam word en daarna streef om dit, wat vir die welsyn van die mense uit die aarde onttrek word, ryklik te vervang, want dan handel die mensdom nie uit eie wil nie, maar binne God se Wil. En dit is geen oortreding van die natuurwette nie, maar beantwoord heeltemal aan die goddelike ordening.

Die wêreldgebeure sal die bewys lewer dat alle verwoesting sy oorsprong het in onversadigbare gierigheid na aardse besit en dat die Wil van God dit sal stopsit waar `n sekere grens bereik word, wanneer Hy die mensdom nie heeltemal aan ondergang wil oorgee nie. Dus kan die mens nooit ongestraf teen die goddelike wette handel nie, sodat hy homself en sy medemens nie na liggaam en siel in gevaar stel nie.

Amen.

Natuurwette - Verandering en roofbou op die aarde (3)

B.D. No. **0739**
9. Januarie 1939

Luister na die Stem van bo: Dit is `n gevaarlike spel om die natuur te wil trotseer en die roofbou van die aarde word te sterk toegepas in party gebiede, wat die rustige vreedsame volk moet dien om hul liggame te voed. In so `n omgewing moet nog onvolwasse natuurgeeste in groot getalle vrykom, wat hulle nou ook sal uiter. En hulle aktiwiteit bly dan beslis nie vir die omgewing verborge nie, omdat hulle vanuit die binneste van die aarde uitbarstings voorberei, wat juis die werk van sulke vrygeworde geeste is.

So `n gebeurtenis kan slegs begryp word wanneer die mens dit eers probeer voorstel watter ontsaglike aktiwiteit homself moet ontwikkel, wanneer hierdie rigiede vorm, wat op sigself geestelike substansie bevat, skielik opgelos word en al die geestelike substansie, wat nooit werkloos kan bly nie, nou tot volle aktiwiteit oorgaan, sodat hierdie aktiwiteit hom nou op een of ander manier moet uiter.

Die mensdom dink nie daaraan dat hulle self die slagoffer is nie en dat die werksaam wees van die natuurgeeste dit op so `n manier wys, dat die rus van die mensdom vroeër of later erg versteur sal word deur veranderinge in die natuur, wat weer die voedselvoorsiening van die mensdom in twyfel trek en soms ook voelbaar te herken sal wees, deurdat dit ongunstig inwerk op die gemoed en op die siel van die mens en so die mensdom wat sulke hoogtes bewoon, aan bose invloede van die vry geworde onryp geestelike wesens blootstel.

Slegs `n mens wat geestelik gevorderd is, kan dit werklik insien en beoordeel. Die mense sonder sodanige kennis aanvaar al hierdie verskynsels met vanselfsprekendheid en weet nie dat hulle self die oorsaak is van die liggaamlike en geestelike haglike toestand, waarin hulle hulleself op aarde bevind en dat die groot sug na wins die aanleiding is vir die mensdom om die aarde binne te dring om soveel moontlik skatte uit te haal nie.

Maar nooit kan so `n strewe die toestemming van die Skepper hê nie. En so sal `n handeling teen Sy Wil en teen die natuurwette ook `n omvorming van die aarde tot stand bring, wat hom nie gunstig sal laat voel vir die mensdom en nog veel minder vir hul siele nie. Want teen die natuurwette moet die mens nie stry, as hy nie skade wil ly aan liggaam en siel nie.

Amen.

Ek is die begin van alle dinge!

B.D. No. **0750**
21. Januarie 1939

Ek is die begin van alle dinge; neem dit ter harte as die geringste twyfel in julle kom oor die skepping van alles wat julle oral om julle heen sien. As My mag dus voldoende is om uit My alle wesens tot lewe te roep, van welke aard sou die krag moet wees wat teenoor My Wil om te skep, `n nog groter wil om te vernietig stel? Daar sou dan naas My `n tweede Godheid aan die werk moet wees, wie se blyke van krag teen My skeppings krag indruis.

Wie hom die Godheid voorstel as `n onvolmaakte wese, die kan waarlik nog baie gode naas hierdie een godheid stel, maar van die Een ware GODHEID, Wie alles geskape het en alles beheer, het hy hom dan nog geen ware idee gevorm nie. Wie My waarlik wil sien, moet glo en hom as skepsel aan My onderwerp. Dan sal dit lig in hom word en in die lig sal hy My sien as Heerser van die heelal. Hy sal dan besef dat geen teenkrag wat verwoestend werk waar Ek skep kan handel in stryd met My nie. Slegs die materiële omvorming van die aardoppervlak is oorgelaat aan die vrye wil van die mens, sodat die skeppingsdrang van die mense, wat Ek ook in hul harte geplaas het, hom kan uiter in dade. Hulle kan as te ware handel na eie goeddunke, maar sal tog steeds hul eie ontoereikendheid moet insien. Want hulle is altyd aangewese op die almag van die Skepper en op die werksaamheid van die natuurkragte en hulle kan hulle nie eiemagtig daarteen verset nie.

Niks is begrypliker as om die wil te deurgrond van die almagtige Skepper en tog is niks onmoontliker nie. Die menslike verstand is by verre nie toereikend om My in My hele Oerkrag te

begryp nie en nog baie minder sal hy slaag om My te ontleed, d.w.s. My Bestaan en My Wese in enige vorm ookal te bring wat vir die menslike verstand heeltemal en al aanvaarbaar lyk.

Dit is `n hopelose aangeleentheid wat nooit `n bevredigende resultaat kan oplewer nie, behalwe in Jesus Christus. Want Ek was, Ek is en Ek sal altyd `n ewig ondeurgrondelike GEES wees, Wie alles in Homself bevat wat die hele heelal laat sien het, aan WIE die hele skepping onderworpe is, omdat dit uit Hom voortgekom het, wat die begin en die einde is van alle dinge, die Gees wat Liefde is van ewigheid tot ewigheid.

Amen.

Die geloof van die Christendom vir drie jaar getoets

B.D. No. **0754**
24. Januarie 1939

Saam met elke taak gaan daar `n bepaalde verantwoordelikheid en `n kind van die aarde moet met groot toegewydheid daarna strewe om dit na te kom en nie toelaat dat middelmatigheid binnesluip nie, omdat `n taak soos hierdie `n groot verpligting vereis en dat dit te groot is om saam met die daaglikse werk te doen. En laat dit 'n so indruk op jou maak, dat jy al jou wilskrag en toewyding vir hierdie taak sal gee, sodat dit nie weens onbenullighede beperk word nie. Begin nou:

Dit sal drie volle jare neem vir die Christendom as geheel om sy geloofstoets te deurstaan, naamlik om of vas te staan in sy geloof in Jesus Christus as Verlosser van die wêreld, of om dit heeltemal te versaak. En in hierdie drie jaar sal `n duidelike skeiding plaasvind, want die wêreld en sy aanhangers sal probeer om heeltemal te skei met geloof, terwyl die ander hulle steeds stewiger sal saamvoeg, met meer innige toewyding aan hul Redder en Verlosser as ooit tevore.

Die laasgenoemde groep sal inderdaad veel kleiner wees en daarom moet daar `n groot verderf oor die wêreld kom om te red wat nog nie volledig aan die Satan gebind is nie. Die groot groep wat Jesus ontken gaan `n vreeslike tyd tegemoet. Die Heer is sonder genade waar geen ag geslaan word op Sy Woord en Sy advies nie en dit bespot en gehoon word. Dit is van groot belang om te weet dat die Heer telkens probeer om mense met liefde en sagtheid te benader, maar dat Hy steeds meer verharde harte ondervind; hoe Hy ookal besorg is vir die terugkeer van Sy gevalle kinders, dit word nie erken nie; wat dus slegs een middel laat om verharde harte sag te maak, want alle sagtheid en genade was tevergeefs, omdat geen notisie daarvan geneem was nie.

Slegs deur groot beproewing en nood sal die mensdom hul weg terugvind na hul Skepper, maar dan moet die harte spreek, want die Heer sal nie lippegebede in ag neem nie, en daarna sal daar nog `n skeiding in die laatste uur wees wat die onwetende `n vals beeld sal gee. `n Diepe sug na die Vader van Oneindigheid sal voldoende wees om `n kind van groot gevaar te red. Maar die wat nie in Gees en in Waarheid bid nie, sal tevergeefs roep, aangesien hul geroep nie gehoor sal word nie; en so sal daar nie veel wees wie in die laatste uur hul verhouding met die Vader erken nie, maar vir enkeles sal dit waarlik `n seën wees.

Amen.

Maria Verering -Die geboorte van Christus

B.D. No. **0756**
25. Januarie 1939

Jesus se lewe op aarde het `n normale geboorte vereis. Die Godheid wou Homself inkarneer in die liggaam van `n mens op die aarde, dus moes die liggaam `n natuurlike oorsprong hê. Dit moes voortkom uit `n vrou se baarmoeder. Maar in Jesus se tyd was alles buitengewoon vinnig verduidelik, as synde in samewerking met die duiwel. `n Natuurlike verduideliking is sekerlik gesoek, maar as dit nie op `n eenvoudige wyse gevind kon word nie, moes hierdie gevolgtrekking maar doen en dus het talle mense die reputasie van die God-verlaters gekry. Te oordeel aan menslike standaarde was Jesus se geboorte ook so `n gebeurtenis waarby alle voorvereistes ontbreek het, en om hierdie rede was

dieselfde verduideliking bedoel om toegepas te word teenoor `n maagd wat almal geweet het besonder toegewyd was.

Die buitengewone gebeurtenisse by die geboorte het beslis vir baie mense as vreemd voorgekom, maar tog het baie mense min belang daaraan geheg. En so het slegs `n klein groepie die nuus oor `n uiters ongewone geboorte ontvang. Oor die ontwaking van `n lewe waaraan alle natuurlike voorvereistes ontbreek het, was dus `n gebeurtenis wat veroorsaak was deur God se wil en almag. Daarna is dit op so `n manier uitgebuit dat mense die figuur van moeder Maria gebruik het om `n geestelike te skep wat hul verering, toewyding en liefde tot so `n mate ontvang het, dat dit afbreuk gedoen het aan die mens se mees belangrike taak op aarde, naamlik om kontak te maak met die Heer en Verlosser, Jesus Christus Homself. Dit geld vir die uitsonderlike eise vir voorbidding, asook die onlogiese toewyding waar alle regverdiging ontbreek, want die moeder van Jesus is gekies as gevolg van haar vroomheid, maar was geensins bewus van die groot barmhartigheid wat aan haar gegee is nie, sy was God se uitverkore dienskneg en dus verdien God alleen die eer, want alle wesens is Sy werk.

Amen.

Kinderlike vertroue - "Kom almal na My"

B.D. No. **0761**
27. Januarie 1939

Word soos kinders en verwerf daardeur ook die reg om as kind aan die hand gelei te word, en jul weg sal waarlik die korrekte wees. `n Ongekende gevoel van geborgenheid sal julle die lewe makliker laat verdra en as julle jul vol vertroue aan julle God en Heiland toevertrou, sal julle niks ontbreek nie. Want lieflik is Sy woorde: "Kom almal na My, wat vermoeid en belas is en Ek sal julle verkwik".

Wanneer die Heer Self hierdie belofte aan julle gee, dan sal julle in leed slegs maar aan die Heer moet dink en Hy sal jul help om dit te dra, want Sy kinders verlaat Hy nie. Neem hierdie woorde goed ter harte, want die swaar tyd op aarde lê nog voor. En wie hom dan nie vol vertroue aan die goddelike Verlosser oorgee nie, sal onuitspreeklik swaar moet stry. Die werklike troos is te alle tye Sy Woord, in liefde deur Hom aan die mense op aarde gegee. En wie hom daarby hou, sal wonderbaarlik versterk, die swaar leed op aarde kan verdra, want Sy Woord is terselfdertyd krag en sterkte vir die bange hart. En vergeet nie die gebed nie. Bring al jul sorge en nood na die Vader in die hemel, sodat Hy julle betyds hulp kan stuur.

Wie dan ook die weg na die Vader vind, hy sal nie tevergeefs aanklop nie en Sy versoek sal altyd toegestaan word, wanneer dit in alle innigheid na Hom opgestuur word. En wanneer alles rondom jul sal wankel, staan dan stewig en hou vas aan die Woord van God, dat Hy Syne sal beskerm in alle gevare van liggaam en siel.

Amen.

Vrees vir die dood - Die nuttelоosheid van die lewe

B.D. No. **0762**
28. Januarie 1939

Die nuttelоosheid van die lewe is telkens te oorweeg wanneer die lewe nie juis gebruik word nie en so is menige dwaling die aanleiding daartoe. Die siel sal haar in die grootste nood bevind wanneer die tyd op aarde sonder enige geestelike resultaat verbygaan. Dan maak `n angsgevoel hom van die siel meester. Sy sien die einde van haar lewe op aarde steeds naderkom en voel onbewustelik die folterende toestand van nuttelоosheid.

En dit kom dan tot uitdrukking in `n angsgevoel vir die dood. En tog is hierdie vrees vir die dood dikwels weer die laaste middel om tot insig te kom. Wanneer die mens alle aardse doelstellings gerealiseer het, wanneer hy ook naderhand geen werklike bevrediging in die vervulling van sy begeertes kan voel nie, wanneer hy ondanks `n materiële welsyn diep in sy hart `n leegheid voel, dan

probeer hy die rede van hierdie onbevredigende gevoel aan die lig te bring en moet hy insien dat die gedagte aan die voortlewe na die dood hom nie tot innerlike rus laat kom nie. Hy moet insien dat alles, wat hy tot nou toe na streef, `n einde het. En hierdie gedagte gee hom geen gevoel van sekerheid nie, eerder van ongemak, omdat hy in die diepste van sy hart geen werklike antwoord kan gee op wat hom na sy sterwe te wagte is nie.

En die nadenke en kommer bring dikwels teweeg dat hy hom in geestelike vrae verdiep, sodat hy helder van gees skielik die verganklikheid en onwaardigheid van al die aardse leer insien en meer aandag skenk aan die ondeurgrondelike. Dan word sy gees aktief tot dieselfde mate as wat sy verlange na die aardse afneem. En die vrees vir die dood het dit teweeggebring en die siel is gehelp deur die worstelende goeie geestelike kragte om hom. Die gedagte aan die dood kan dus `n onuitspreeklik seënryke uitwerking hê op diegene wat altyd en maklik vervulling gevind het in wêreldse begeertes. Aan die wêreld en die gevare daarvan waarvan hy voortdurend meester was, skenk hy nou geen aandag nie. Maar hy staan magteloos en kragteloos teenoor die dood. En die besef van sy eie swakheid word dan die angs, wat die wil aanspoor om `n weg te soek om die verskrikkinge van die dood te oorwin. En hierdie weg is die verbondenheid met die ewige Skepper, aan wie die lewe en die dood onderworpe is.

Wie tot insig gekom het, vrees nie die dood nie, want sy siel het die weg na die ewige lewe gevind. Dood beteken duisternis en nag. Die luste en begeertes van die wêreld omhul die gees in duisternis en hierdie toestand is dieselfde as die ewige dood. Slegs hy wie die verlange na die wêreld oorwin het, sal uit die nag na die lig kom. Hy sal uit die dood ontwaak tot lewe en hy sal sonder enige twyfel die vrees vir die dood oorwin. Daarom is die loslaat van die wêreld die heel eerste voorwaarde om die gees uit die kettings van die materie te bevry. En elke tree deur die aardse lewe sal dan begunstiging van die siel beteken en geestelik `n positiewe ontwikkeling tot gevolg hê. As die mens die doel bereik het om in die lig van hierdie waarheid te staan en nie die verskrikkinge van die dood hoef te vrees nie, dan sal hy aan die einde van sy lewe kan sê: "My lewe was waarlik nie nutteloos gewees nie".

Amen.

Woorde van die Vader

B.D. No. **0763**
28. Januarie 1939

Al My toegeneë kinders sal My in hulle harte dra, want hulle sal My Gees soek, omdat hulle siele My herken het. En jy, My kind (Bertha Dudde) hoor My stem telkens as jy tyd aan My opoffer; en My werksaamheid in jou sal nie sonder gevolge bly nie. Dit sal steeds minder voorkom dat jy jou bekommer oor die krag wat jy vir My werk nodig sal hê en binnekort sal Ek jou een opdrag gee wat jy met My hulp maklik sal kan volbring. In jou sal die geloof, die liefde en die wil om besig te wees steeds magtiger word en die beloning daarvoor is Ek, want die beloning sal jy met alle ywer nastreef.

My kind, in jou naam is alles verborge wat die mense deur jou geopenbaar sal word:

B - Boete moet hulle doen

E - Erkenning van hulle oorsprong

R - Rusteloos moet hulle arbei aan hulle siele

T - Trou moet hulle wees in hulle liefde

H - Hoor moet hulle na die stem in hulle hart

A - Alle vreugde van die wêreld moet hulle versaak

D - Deemoedig hulself aan My onderwerp, die Vader in die hemel

U - Uitgebreid moet hulle om barmhartigheid smeek

D - Dien moet hulle die Skepper van Hemel en aarde

D - Dien moet hulle ook die naaste

E - Eer moet hulle aan My gee, die Vader in die Hemel tot in alle ewigheid

Weet dat hulle wat die wêreld soek, My nie sal vind nie. Maar die wat My soek, sal Ek tegemoetkom en aan hulle sal Ek My openbaar. Wie hulle aan My oorgee, sal My ook besit en wie om My barmhartigheid smeek, staan al midde in die barmhartigheid, want om My woord te verstaan, is waarlik al een barmhartigheidsgeskenk van My Liefde. Berei jou dus voor en ontvang My gawe as `n teken van My Liefde, dra sorg vir jou siel, My kind en neem kennis van My Liefde. Sorg daarvoor dat jy die reinste liefde vir My in jou hart voel, want al die onreine moet uit `n hart verwyder word waarin Ek wil woon. Slegs in die suiwer liefde vind Ek welbehae, in die liefde wat nie verwag vir haarself nie, maar wat haarself weggee en bereid is om alles te doen om te dien.

Die Reine Liefde is so kosbaar soos `n edelsteen, Sy straal `n helder lig uit, maak gelukkig en wil steeds gee. En wanneer hierdie Liefde van jou besit geneem het, dan sal jy My in jou opneem en My "Beeld" in jou hart dra. En dit sal reeds op aarde vir jou die hoogste saligheid beteken.

Wat jou beskore is as My Liefde jou omgeef, moet nou nog vir jou verborge bly, want jy sal die vlak van volmaaktheid eers bereik deur voortdurend te worstel vir My Liefde. Dit is dus alleen tot voordeel van jouself as jy My en My nabyheid steeds weer uit die diepste van jou hart afsmeek, as jy jouself steeds weer in innige gebed aan My, jou Heiland, wil voorlê.

Ek sal onverwags kom en die "woning" betrek wat jou liefde vir My toeberei het, want Ek maak die wat in My glo en My liefhet onuitspreeklik gelukkig. Ek laat My "kinders" geen gebrek ly wat hulle aan My geskenk het nie, Ek sal nader aan hulle kom en My op die regte tyd aan hulle openbaar.

Amen.

Laatste Avondmaal

B.D. No. **0764**
29. Januarie 1939

Die leuse van julle lewe moet wees 'om die Heer in alle dinge te dien sal my voortdurende inspanning wees!' en Sy seën sal met julle wees waar julle ookal gaan. Luister nou wat die Vader van julle wil hê: Die heiligste sakrament van die altaar was deur God gegee, maar sy betekenis sal julle wyslik moet verstaan. Jy word nou omring deur `n beskermende skild van geestelike vriende wat alles sal weghou wat verkeerd en misleidend is, sodat die mense `n verduideliking deur jou kan ontvang oor `n vraag wat `n gereelde kwessie van geskil geword het. Oor `n periode van tyd was mense se korrekte denke deur `n volledig verkeerde standpunt geïnfiltreer wat verdere konflik en verdeelde opinies veroorsaak het. Sonder om eers toestemming van die goddelike Heer en Verlosser te vra, was `n riglyn gegee wat die goddelike onderrig teenspreek.

Die lewende voorstelling van die Heilige Nagmaal is altyd die aanvaarding van God se Woord in die hart. Wie so My vlees eet d.w.s. wie My Woord met `n hongerige hart ontvang en My bloed drink, d.w.s. wie die waarheid deur My Woord ontvang en heeltemal volgens My Woord leef, hy ontvang My. Dit is hoe My Woord 'dit is My vlees, dit is My bloed.' verstaan moet word: Soos wat die mens brood benodig vir die welsyn van sy liggaam, so word die suiwere Woord van God benodig vir die behoud van die ewige lewe. En net soos wyn krag aan die swakke sal gee, so sal die Waarheid van God die siel versterk, op voorwaarde dat hy haar aanvaar. En wanneer dit gesê word dat die brood en die wyn in My vlees en bloed verander word, dan moet dit begryp word, dat My Woord Myself nader aan die persoon sal bring as daaraan voldoen word, d.w.s. as dit geëet en gedrink word en die mense daardeur Myself met My Woord aanvaar, omdat My Woord liefde leer en Ekself liefde is.

Hy wat My liefhet, sal My opreg in sy hart aanvaar en sal gevul word aan My tafel deur My brood en My wyn, deur die Woord van waarheid en lewe. Die betekenis was in feite reg begryp, maar dit was besluit om die indruk van My Woord seremonieel te vergroot, en toe word daar groter betekenis aan die seremonie gegee, sodat daar verklaar is dat elkeen wat nie daaraan voldoen nie, seën sal verloor. En so was die formaliteit waargeneem, maar die diepere betekenis het verlore geraak. Nagmaal het meer en meer `n formaliteit geword, en die goddelike waarheid kon nie meer in die harte

van die mense ingaan nie. In teenstelling het die seremonie bewaar gebly tot hede vandag toe en die mense glo dat hulle aan hul verpligting voldoen het, as hulle die altaar van die Heer met geloof nader.

Maar hoe kan Ek woon in `n mens wie homself nie eers tot liefde verander het nie, wat nie aan My Woord voldoen en My gebooie hou nie? Elkeen wie My fisies en geestelik wil ontvang en My in sy hart wil dra, moet My brood eet en My wyn drink. Hy moet na die brood van die lewe as voeding verlang, wat uit die hemel kom en hy moet die wyn drink, wat die lewende waarheid is, wat na hom stroom wat dorstig is. Slegs dan sal hy My vlees eet en My bloed drink en sal hy ewig lewe, omdat hy dan in My en Ek in hom is.

Slegs op die en geen ander manier mag julle die Nagmaal verstaan wat Ek met die bogenoemde woorde ingestel het, maar wat julle mense met julle eie diskresie geïnterpreteer het, sonder om die diepere betekenis van My Woorde daarin te herken. Hoe meer gretig julle probeer om slegs die seremonie waar te neem, hoe meer dikwels ontvang julle slegs uiterlik My brood en My wyn en minder sal Ekself aanwesig wees en so sal julle My nie ontvang nie, maar slegs in julle verbeelding naby aan My wees, omdat Ek slegs aanwesig is waar die diepgaande liefde vir My geopenbaar word deur My gebooie te vervul en ooreenkomstig volgens My Woord te lewe. Want hy wat My vlees eet en My bloed drink wat aan My wil voldoen en My dien en wat My vóór die wêreld bely, hy sal My ware dissipel wees met wie Ek Nagmaal sal hou en wie Ek sal vul, aan wie Ek sy deel sal gee. Hy sal deur My gevoed word en sal die brood van die hemel in alle ewigheid ontvang.

Amen.

Liefde - Haat

B.D. No. **0765**
31. Januarie 1939

Sien, My kind, Ek kom met ope arms om hulle te ontmoet wat My gawe wil aanneem. Die sterk verlange van julle harte sal My Liefde na julle dra, My Liefde vir julle wys haarself in julle verlange na My en dit sal ook julle toestand in die hiernamaals wees, julle sal konstant na My verlang en My Liefde sal aan julle vervulling sonder einde verleen. Kyk, Ek plaas liefde in julle harte, sodat julle eendag met verrukking in geluksaligheid sal wees as julle liefde vervul word. Maar Ek het ook die teenoorgestelde impuls in julle geplaas, omdat julle slegs die toestand van geluksaligheid kan bereik deur hierdie impuls te oorwin en so moet julle inspanning in die wêreld veral teen die bestryding van haat van toepassing wees, die gevoel van intense vyandigheid, want haat vergiftig julle siele op `n baie vernietigende manier. Haat vernietig alles wat deur liefde geskep word.

`n Persoon met `n gevoel van haat in sy hart sal nooit ooit volmaaktheid kan bereik nie, want haat is deel van die bose. Haat is vernietigend en so onuitspreeklik neerdrukkend vir die siel, dit is die slegste kwaad, dit is die vyand van elke goeie houding, dit is `n ondeug wat alles onderdruk wat goed en edel is, dit is die oorsprong van sonde. `n Hart wat aan haat oorgegee is, is onbekwaam vir enige edele gevoel. Waar die haat heers, kan geen deug uitgeoefen word nie. Nederigheid, sagtheid, vergifnis en genade, dit is heeltemal vreemde konsepte vir `n hart wat deur haat beheer word. So `n persoon het geen kennis van liefde nie en dit is noodsaaklik as hy op `n positiewe, goeie en God welgevallige manier wil lewe.

Die verskriklike gevolge van haat kan herken word deur so `n persoon in die hiernamaals, hoe die siel van iemand vervorm het wat onder die invloed van haat in sy aardse lewe was. As mense maar net kan weet dat die teenstander volle mag en beheer oor `n haatdraende aardse kind kry, sodat hy dit steeds moeiliker sal vind om hom van hierdie mag en invloed terug te trek en dat hy dit ook steeds moeiliker sal vind om sy weg terug na liefde te vind en dat so `n persoon nie deur `n ander party gered kan word nie, tensy hy opreg daarna streef om homself van die mag van die bose te bevry. Solank hy hom nie met `n vaste bedoeling van hierdie invloed terugtrek om liefde toe te pas nie, sal dit uiters moeilik wees om los te kom.

Dit is seker verstaanbaar dat mense dikwels `n gevoel van haat ondervind wanneer hulle die harteloosheid van ander mense sien en hul onregverdigheid en blykbaar suksesvolle gedrag waarneem,

maar hy moet altyd onthou dat daar `n God in die hemel is wat elke ongeregtigheid te gelegener tyd sal terugbetaal. Hy moet dit ook teenwerk met die feit dat Jesus Christus selfs hulle vergeef het wat vir Sy dood verantwoordelik was en dat `n gevoel van wraak nooit in Hom die oorhand gekry het nie, maar vol liefde het Hy altyd met begrip en medelye reageer teenoor die gedrag van sy aardse kinders. Want liefde moet haat oorwin en daarom moet die kinders van die wêreld hulle ook inspan om die gevoel van haat te onderdruk wanneer dit in hulle opkom en dit slegs met liefde terugbetaal, selfs as die versoeking sterk is om die bitterste haat teen die onderdrukkers van mense te voel. Die meeste mense maak die fout om te dink dat hulle beter as ander mense is en dat hulle hul mag oor hul ondergeskiktes op `n baie blatante manier moet uitdruk, nogtans moet die individu nie met haat antwoord nie, in plaas daarvan moet hy die ander persoon in liefde lei.

Hy moet eers sy eie siel in ag neem wat teen die gevaar van haat beskerm moet word en hierdie stryd is dikwels vreeslik moeilik, tog sal die oorwinning van hierdie skadelike eienskap die siel tot volmaaktheid lei, want dan het die liefde sy teenstander oorwin. Die haat sal dan onskadelik gemaak en vernietig wees deur die krag van liefde en die siel sal dankbaar wees vir die inspanning, aangesien sy verlos sal wees van die bittere angs.

Amen.

Heiligverklaring (Kanonisering)

B.D. No. **0783**
21. Februarie 1939

So veilig beskerm, sal jy werklik nie die risiko loop om aanstoot te gee aan die goddelike wil nie, omdat ontelbare geestelike wesens help om die sukses van die werk en jou geestelike welstand te beveilig en dus ook hul beskerming waarborg, sodat jy onbelemmerd en sonder huiwering kan ontvang wat geestelik vir jou aangebied word. Baie vrae sal nog vir die mensdom deur jou beantwoord word, baie probleme sal opgelos en baie twyfel verwyder word, daarom sal jou toewyding en ywer voortdurend vereis word. Hoe meer gewillig en vrolik jy hierdie werk doen, hoe makliker sal dit vir die helpers in die hiernamaals wees om hulself verstaanbaar te maak, en dus is vandag se boodskap vir jou bedoel, wat betrekking het op `n baie omstrede onderwerp: Heiligverklaring maak baie mense verontwaardig, want dit is volgens hulle sienswyse `n inmenging in goddelike wet en oordeel. Maar diegene wat geregtig en bestem voel om `n gemeenskap van heiliges te vestig, aanvaar om in besit te wees van `n bevoegdheid van oordeel wat ongetwyfeld die menslike vermoëns ver oortref. Want hulle sal nooit kundig genoeg wees om sodanige heiligverklarings in volle wettigheid uit te voer nie. Wat weet mense van `n ander persoon se innerlike lewe? Slegs God kan na `n persoon se hart kyk, net Hy alleen is in staat om die aardse kind se graad van liefde te meet. Net Hy kan gee volgens meriete en weet om die innerlike aard, die volwassenheid van die siel te oordeel.

So het die mense `n onwettige geestelike gemeenskap gestig wat as sodanig die sentrum van bewondering en gebede geword het, wat werklik nie deur die Hemelse Vader bedoel kon gewees het nie, want dit sal meer waarskynlik lei na die aardse kind se skeiding van die Vader as `n opregte verhouding met hom. Die mens nader nie meer die Hemelse Vader Self in gebed nie, maar poog om sy doel te bereik deur middel van intersessie, en dit sal altyd die korrekte verhouding met die Vader belemmer.

Die geestelike wesens wat vir jou sorg, word altyd deur God gekies vir hierdie werk, hulle staan by jou met al hul geestelike krag, hulle beskerm en hou wag oor jou en is voortdurend besorg oor jou geestelike vooruitgang; dit hang egter van God se wil af wie gekies word om jou te beskerm, want julle mense sou nie die regte kennis hê om te besluit na wie om te gaan om geestelike volwassenheid en die grootste voordeel vir die heil van julle siele te verkry nie. Wanneer mense op aarde veronderstel is om die ewige Godheid se oordeel te verwag, wanneer hulle geregtig voel om heilig te verklaar of te veroordeel, is dit soortgelyk aan `n afwagting van die goddelike oordeel, dit is `n sogenaamde onweerlegbare getuienis van `n eerbare manier van lewe wat God behaag, die bewyse daarvan kan egter nooit deur die persoon geproduseer word nie.

Solank as wat hy op die aarde leef, sal die mens fouteer, en daarom sal sy oordeel ook nie onweerlegbaar wees nie. Enigeen wat uiterlik uitbeeld om `n God-welgevallige lewe te leef, is dikwels in homself ver verwyderd daarvan, net so kan `n persoon wat in die aardse lewe ongesiens verbygaan dikwels verlig wees, met `n suiwer innerlike lewe en `n hart wat liefde geword het op aarde. En so moet mense nie verkeerdelik `n reg aanvaar waarop hulle nie geregtig is nie, want hierdie heiligverklaring is nie voordelig vir die mensdom nie, want dit mislei eerder diegene wat op soek is na die waarheid.

Amen.

Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (1)

B.D. No. **0786**
24. Februarie 1939

Gedurende onvoorstelbaar lang tye het die menslike siel eers haar weg deur duisende beliggamings van allerlei aard gegaan. Hierdie tyd het `n sekere volwassenheid tot stand gebring, wat nou in die laaste stadium as mens nog tot hoër volmaaktheid moet lei. Om hiervan op hoogte te wees, moet die uiterste krag gebruik word om die toestand van volmaaktheid te bereik, maar juis hierdie kennis word heeltemal verwerp deur die meeste mense. Jammer genoeg bestaan daar dikwels die verkeerde opvatting dat `n siel haar nie eers moet omvorm tot dit wat sy is nie, maar in die lewende wese in dieselfde toestand teenwoordig is en dat `n mens nou, slegs van `n siel by `n mens kan praat as "iets" wat na die dood voortbestaan. Diere word alle siele of geestelike substansie ontsê en juis dit lei tot heeltemal verkeerde opvattings, deurdat buiten die mens, die uitermate dwingende noodsaaklikheid van alle lewende wesens glad nie ingesien word nie.

Dit is daarom van die grootste belang dat julle die ryke afwisseling, onbeskryflik dikwels plaasvindende omvorming van die uiterlike omhulling voor oë hou, om so eers van die verantwoordelikheid as mens in die lewe op aarde bewus te word. Sou alle wesens slegs `n eenmalige beliggaming toegestaan wees, dan sou die omstandighede van hierdie beliggaming so buitengewoon moeilik moes gewees het, om te kon lei tot die vereiste toestand van volwassenheid om ewig gelukkig te wees. Want die afstand van sulke sieledele tot die ewige Godheid is te onmeetlik groot om in so kort tydjie wesenlik te kan verklein. Daarom het die Skepper van alle wesens hierdie "julle moet" toestand geskep, waarin, volgens God se Wil, elke skepsel sonder eie verantwoordelikheid, hoër ontwikkel.

Om die voorstadium van die menslike siel in alle veelvormigheid deur te maak, is van so `n reusagtige betekenis, want eers daaruit spruit die hele verantwoordelikheid wat die mens teenoor sy siel dra, want hierdie siel het op die ongelooflikste maniere geworstel en alle weerstande trotseer, sy moes soveel eindelose take vervul en haar in alles onder die Wil van God plaas. Sy het `n weg gegaan wat nie maklik was nie, maar wat die enigste weg was, om die siel so te omvorm dat sy die laaste groot kragproef as mens sou kon deurstaan, wanneer die wil in haar om stand te hou, kragtig geword het.

Elke menslike siel is daarom as sodanig `n wêreld in haarself, sy is `n skeppingswerk van alles wat op aarde bestaan en wat vir die menslike oog sigbaar is, en dra dit in die allerfynste verkleining in haarself. Die menslike siel het deur al hierdie wonders van die skepping gegaan en het nou in haar laaste beliggaming `n ontsettende moeilike stryd te verduur, as die duisende jare durende worstel tot op die stadium as mens, nie tevergeefs moet wees nie. Van hierdie verantwoordelikheid moet die mens homself ten volle bewus bly en God om krag vra, om die laaste taak op aarde te vervul en sodoende aan die siel verlossing te bring uit `n oneindig langdurende nood.

Amen.

Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (2)

B.D. No. **0787**
25. Februarie 1939

Beskou die Grootte en Almag van God voor julle gees en dan eers sal julle die onmeetlike Liefde kan verstaan wat julle mensdom omvou, dat elke klein lewende wese homself in voortdurende

versorging van die hemelse Vader bevind en nooit meer verlore kan gaan nie, want die Liefde van God het ontelbare middele en maniere om ook die mees onwaardige, hom bewustelik teen die Wil van God versettende sieledele, tog nog op die weg van insig te lei, al is dit ook na `n onuitspreeklike lang tydperk. Steeds word daar aan die sieledele nuwe omhulsels toegewys en steeds weer is die ontwikkelingsgang daarvan deur so baie weerstande `n nuwe geleentheid om volwasse te word. Om so groot moontlike geestelike volwassenheid in die aardse lewe te verkry, is egter vir die siel uiters winsgewend, want die stryd in die aardse lewe is op sigself wel swaar en vereis baie oorwinning, volharding en arbeid, maar dit is juis gedurende die aardse lewe dat die sieledele oorvloedig voordele gebied word, wat die volwassewording, in verhouding, in so `n kort tyd moontlik maak. Maar waar die wil van die mens hom baie afwerend opstel teenoor die aangebode fasiliteite, is `n volmaak wording te betwyfel, ja dikwels is daar eerder `n agteruitgang te rapporteer.

Nou is die Liefde van die Vader in die Hemel steeds weer bedag om die wese na haar laaste bestemming te voer, en die siel word nou in die hiernamaals geleentheid gebied om aan haar vervolmaking te werk en op te klim na die toestand wat `n losmaking van alle materie tot gevolg sal hê. Dit is `n baie moeilike onderneming in `n wêreld waarin al die tasbare slegs in die verbeelding van die wese bestaan, waarin die siel as te ware nog vasgevang is in alle begeertes en wêreldse luste, waarin sy aan alle aanvalle van daardie soort blootgestel is en haar nie deur eie krag kan bevry nie, waarin alle begeertes, wat in die aardse lewe tot vervulling van die aardse verlange bygedra het, nou tot kwelling word, omdat daar nie meer aan voldoen kan word nie en hulle die siel hierdie kwellende toestand vir so lank berei, tot sy haar bewustelik daarvan afwend en `n verlange na suiwer geestelike genoeë bemerk. Aan so `n begeerte sal dadelik gehoor gegee word deur die in liefde werksame, meer volmaakte geestelike wesens, wat alles doen om `n ongelukkige siel van haar toestand te bevry. Die hulp word dadelik aan die siel verleen, haar wil moet egter net aktief word en haarself wegdraai van dit wat haar nog met die aarde en die wêreldse begeertes verbind.

Waar en hoe die omvorming van die sieledele gebeur, wat die herbeliggaming op aarde betref, is vir die mense nog steeds `n aanleiding gewees tot geskilpunte. So moet dit vir julle voldoende wees om te weet dat oneindige tye verbygegaan het en ontelbare omhulsels in die mees verskillende vorme jul siele omsluit het; dat al hierdie lewende wesens wat deur God se Wil in, op en bo die aarde woon, steeds in die nouste verbinding staan met die doel van volwassewording op aarde, sodat die laaste stadium as mens op die aarde deurgemaak kan word; dat met die verlaat van die aardse liggaam, die siel in `n ten volle onafhanklike ryk oorgaan, dit maak nie saak watter toestand van volwassenheid die siel op aarde bereik het nie. Vir haar verdere ontwikkeling is daar ook die mees ondenkbare geleenthede buite hierdie aarde en as die siel eens haar liggaamlike aardse omhulling verlaat het en die duisende jare durende verblyf op die aarde nie uiteindelik haar volwassenheid teweeggebring nie, dan begin sy in die hiernamaals `n bittere moeilike worsteling, wat die worsteling in die aardse lewe ver oortref. `n Hernude beliggaming op die aarde sou ongeveer dieselfde gewees het as wanneer die Vader teenoor `n onmondige kind, wat weier om Hom te gehoorsaam, hom weer en weer geduldig oorsien, in plaas daarvan om hom in `n streng skool te plaas wat hom die verkeerde van sy handeling laat insien.

Amen.

Weg van die siel op aarde -Leer van herbeliggaming (3)

B.D. No. **0788**
25. Februarie 1939

Hoe ver die sorg van die hemelse Vader vir Sy kinders op aarde strek, kan julle sien daarin dat alle vooraf beliggamings alreeds die grootste moontlike geestelike ontwikkeling waarborg wat in hierdie vorm bereik kan word, sodat die siel van die mens by die binnegaan van die vleeslike liggaam, haarself in `n bepaalde graad van volwassenheid bevind en dat die laaste beliggaming heeltemal voldoende is om kindskap van God te verkry wanneer die mens gebruik daarvan maak om die aardse lewe na vermoë te benut om geestelik vooruit te gaan. Verstryk hierdie tyd van genade deur eie wil of weerstand, is dit nutteloos of van weinig sukses vir die siel, en is dit dan des te meer

betreurenswaardig, omdat die siel die gevolge van haar weerstand nou self moet dra en dit is dat al die onryp en onvolmaakte sieledele in haar terselfdertyd ook leed en straf sal voel. Die siel sal in dieselfde mate ly wanneer sy haar swakhede en foute insien en haarself nie meer hiervan kan bevry, soos op aarde nie. Die tyd van genade van eie verlossing is verby en as die werk van verlossing en liefde van die volmaakte geeste nie sou begin om die siel by te staan om haar opwaarts te help nie, dan sou die siel nou reddeloos verlore gewees het.

Dit is egter `n verkeerde aanname om `n nutteloos deurgebringde aardse lewe na willekeur weer te kan opneem om die versuimde self-verlossing in te haal. As so iets sonder uitsondering deur God van die skepping voorsien sou wees, was die verlossingswerk van die goddelike Verlosser waarlik nie nodig nie, want dit staan dan alle wesens sonder meer vry om die eens mislukte of sleg benutte aardse lewe na willekeur te herhaal en dan sou die enorme groot Seën van die verlossingswerk so aansienlik verminder gewees het, terwyl juis vir die korte duur van die aardse lewe, deur die werk van verlossing, buitensporig baie genade vir die mens verwerf is, om juis `n algeheel vrywording van die materie in hierdie tyd moontlik te maak, hoewel dit aan alle mense oorgelaat word om hierdie weg van genade te kies, om dit nuttig te gebruik, of die tyd van lyding met alle kwellinge in die hiernamaals op hulleself te neem. Die oneindige Liefde van God laat geen siel aan die ewige ondergang ten prooi val nie en daar is eindeloos baie geleenthede tot loutering, maar om die tyd op aarde te gebruik, sal net eenmaal toegelaat word, op weinige gevalle na, waarby God `n besondere taak of bedoeling daaraan verbind en wat egter nie te veralgemeen is nie.

Die leer van reïnkarnasie is beslis skadelik vir die mense, want hulle sal vanuit `n sekere luiheid van gees altyd hul troos of motivering daarin soek, dat hulle eendag al hul onvolmaakthede en foute kan goedmaak. En so `n leer sal nooit seënryk wees nie, want slegs onvermoeide werk aan hulleself is in staat om die resultaat op te lewer, sodat hulle eens tevrede op hul lewens kan terugkyk, terwyl die leer van herbeliggaming steeds `n agterdeurtjie ooplaat, waarvan die swakkes, nalatiges en luies hul bedien. Geen minuut van jul lewe moet julle jul doel vergeet nie; julle moet steeds net die vereniging met God nastreef en poog om die tyd op aarde tot die uiterste te benut. Slegs dan maak julle jul waardig om die sorg en liefdevolle steun van God ten deel te val, gedurende die oneindig lang weg wat julle op aarde gegaan het.

Amen.

Geestelike chaos - Wêreldoorlog - Die Voorloper van Jesus

B.D. No. **0801**
9. Maart 1939

Onveranderd sal aan die wêreld in vervulling gaan wat geskrywe staan, dat geen steen op die ander gelaat sal word nie, want in daardie dae sal die wêreld `n volledige ineenstorting beleef van alles wat duisende jare behoue gebly het. Al die tradisies sal teëgestaan word; dit sal `n ongekende chaos beteken, in geestelike sowel as in aardse opsig.

Die mense sal nie meer kan onderskei in hoeverre hulle menings reg of verkeerd is nie. Hulle sal hulself oewerloos laat meevoer en `n geestelike woestyn sal hul einde wees. Die uiteenlopendste gerugte sal opduik betreffende die Wederkoms van Jesus en `n reusagtige wêreldoorlog sal die mense tot in uiterste nood en vertwyfeling jaag. Maar die nood kan baie goed gestuit word deur die geloof in Jesus Christus, die goddelike Verlosser. Wie Hom deur sy aardse lewe tot Leier gekies het, wie Sy weg gaan, gaan alle bitterheid verby en in die beskutting van Sy liefde sal die aardse vallei met al sy verskrikkinge hom slegs vlugtig aanraak. Maar die nood sal onuitspreeklik groot wees vir almal wat nie die goddelike Heiland in hul harte dra nie. Die aardse leed sal vir hulle ondraaglik lyk, dit sal hulle kwel deur `n algehele verwarring van liggaamlike en geestelike aard.

Maar in die chaos sal `n Lig na binne straal wat almal wat in die Lig staan, met hoop en met troos vervul. Want in die dae sal `n “draer van die geestelike waarheid” onder julle opstaan, hy sal die Woord van Jesus verkondig en die mense met groot hoop vervul. Hy sal `n geweldige redenaar wees vir Jesus en sal Sy Wederkoms met alle ywer aankondig. En deurdronge van die liefde vir die mensdom sal hy die Woord predik wat Jesus Self op aarde geleer het. Hy sal die Voorloper wees van

Jesus, maar wanneer sy uur aanbreek, sal die mense hom verhinder om sy missie te vervul. Die wêreld sal belangstelling vir sy aardse lot toon en gedeeltelik sal hulle sy bestemming en sy werk volgens God se wil erken. Maar die grootste deel van die mensdom sal hulself in die donkerste geestesnag bevind en sal sy vernietiging eis. Gedurende daardie tyd sal die aarde skielik begin dreun en God sal die mensdom met `n onverbiddelike Stem waarsku en vermaan om te bekeer en op hulle sieleheil bedag te wees, want die leed op aarde sal `n groot omvang aanneem en daaraan sal julle al kan sien hoe naby die uur van die oordeel is. Julle moet in julleself keer en aan God dink, wat hierdie tyd steeds in Woord en Geskrif vir julle verkondig het.

Amen.

Opvoedingswerk van God - Geestelike Traagheid - Doel van die Lyding

B.D. No. **0818**
20. Maart 1939

Julle wat nog op aarde leef, gaan `n tyd tegemoet wat vir julle onuitspreeklik smartlik sal wees en julle sal julleself staande moet hou teenoor al die swaar wat vir julle beskore gaan wees. Wat die Skepper van hemel en aarde toelaat, is maar net `n middel waardeur Hy slegs Sy skepsels die leed van hul siele wil bespaar, wat `n heelwat smartliker uitwerking in die hiernamaals sal hê en wat die mens kan afwend, as hy die aardse leed berustend op hom neem en hierdeur gelouter en meer volmaak aan sy siel tevoorskyn kom.

Die mens in sy kortsigtigheid, wat die gevolg is van sy ongeloof, kan nie die opvoedingswerk van die Hemelse Vader begryp nie. Hy mor en kla en is dikwels geneig om `n ewige Godheid te verloën, omdat Sy werksaamheid onbegryplik vir hom voorkom. En hy misken die Liefde en die Barmhartigheid van Sy Skepper, Wie vir hom hierdie weg moes kies, omdat daar geen gehoor geskenk was aan Sy liefdevolle aansporings en woorde van bo nie. Die tyd moet steeds ernstiger opgeneem word, die mens is steeds traer in sy geestelike arbeid en steeds net daarop bedag om aardse verpligtinge na te kom, ongeag wat die uitwerking van hierdie pligsvervulling op die siel het.

Nou moet ook die geestelike wêreld uiters aktief optree en moet die mense op aarde van hulle kant bewyse gee van hulle werksaamheid in en rondom hulle, want die mens maak geen kontak meer met sy Skepper nie. `n Geweldige wankeling aan die grondbeginsels van sy lewe moet die mens eers weer dwing om na te dink oor sy “ek”, vanwaar hy kom en aan sy einde.

In `n heeltemal rustige tyd is die gevaar maar net nog groter om voort te lewe in geestelike traagheid. Waarin die mens laste opgelê word, van welke aard ook al, daar vra hy hom ten slotte tog af welke sin daar aan die hele lewe ten grondslag lê en welke weg hy sou kan gaan om van hierdie aardse sorge en die leed verlos te word; en dan gryp hy wel skugter die Vaderhand wat hom liefdevol aangebied word, Wie hom in die eerste plek aan die geestelike nood van die siel sou wou ontruk. Hierdie doelwit is die enigste motivering vir alles wat kom in die tyd van lyding.

Amen.

Die uur van die dood, sonder voorbereiding -Die marteling van afsterwe

B.D. No. **0826**
24. Maart 1939

Midde in die lewe begin die mens na te dink oor vrae wat betrekking het op sy liggaamlike einde. In hierdie tyd agtervolg die gedagtes hom van `n skielike einde. Aanvanklik probeer hy dit te ontduik en tog sal dit steeds weer by hom opkom. Dit is soos `n voortdurende aandrang om hierdie vrae voor oë te hou. Dit is soos `n ononderbroke aanmaning om aan sy einde te dink en ten aansien daarvan sy standpunt te bepaal. Die geestelike kragte benut elke oomblik om die mens daaraan te herinner en dit is waarlik net gunstig vir die siel om aan sulke gedagtes aandag te skenk.

`n Onopvallende oomblik kan aan die bestaan op aarde al `n einde maak, en niemand het die mag om sy lewe op aarde met `n uur te verleng, wanneer die tyd van sy dood gekom het nie. En daarom

moet elkeen daarop voorbereid wees om die aardse lewe enige oomblik op te gee en die ewige ryk binne te gaan. Hy moet bewus wees van sy voortbestaan na die dood.

Hy moet sy aardse lewe so inrig dat dit in heeltemal ooreenstem met sy taak op aarde en dat dit dus net `n tyd van voorbereiding is op die eintlike lewe in die hiernamaals. Omdat daar voortdurend beheer oor hom uitgeoefen word, of die aardse lewe ooreenstem met die goddelike gebooie al dan nie; wanneer die mens aanvaar om die Skepper van hemel en aarde te dien, wanneer hy steeds verbinding met Hom soek en homself dus bewustelik voorberei en aan sy siel werk, dan sal die gedagte aan die dood hom geen vrees inboesem nie. Hy sal dit eerder as aangenaam voel en leer om die uur van die dood te beskou as die uur van bevryding uit die kettings van die liggaam. Daarenteen sal die mense wat alle gedagtes daaraan angstig verwerp of die aanmaninge heeltemal onverskillig by hulle laat verbygaan, so nou en dan `n makliker aardse bestaan hê, omdat hulle hulself oor niks bekommer wat hulle uit hulle rus sou kan wakker skud nie. Hulle sal steeds maar van die een dag na die ander lewe, sonder enige gevoel van verantwoordelikheid.

Hulle sal hul ook nooit enige beperking oplê ter wille van `n uiteindelike voortlewe nie. Hulle sal alles verwerp wat hul as lewenstaak voorgehou word, maar met die naderkom van die dood van `n ontsettende onrus beset word en sal nou alle verskrikkinge daarvan ten volle moet verduur, as hulle nie vooraf deur `n lang tyd van lyding vir ander gedagtes ontvanklik gemaak is nie. Die uur van die dood sal vir hulle nie welkom wees nie. Hulle sal nog met elke vesel aan hul bestaan hang aan die aardse lewe en sal dit nie wil ruil vir `n ander nie, omdat hulle nie in die minste voorbereid is daarop nie. Maar die uur van afskeid kom vir almal, en dikwels onvoorsien.

`n Onvoorbereide mens ondergaan alle kwellinge van doodgaan en sy einde is waarlik nie begerenswaardig nie. En tog het elke mens dit voorhande om hierdie uur vir homself `n uur van verlossing te maak, as hy sy aardse lewe steeds so geleef het dat hy die verantwoording nie hoef te vrees nie; dat hy elke oomblik van sy lewe aan die Vader in die hemel kon gegee het in kinderlike vertroue, om Sy erbarming en Sy liefde te verkry, omdat die aardse bestaan in voortdurende verbinding met Hom geleef was.

Amen.

Luglose ruimte

B.D. No. **0832**
28. Maart 1939

Daar is buite die aarde `n luglose ruimte wat ten doel het om die "geespartikeltjies" teen te hou, sodat hulle terugverlang na die vorm wat hulle wil ontvlug en hulself dus in die onmiddellike nabyheid van die aarde hou. Hierdie ruimte is `n skeiding tussen alles wat nog in die materie talm, plus die materie self en die buite die materie geleë geesteryk, en sal derhalwe die aarde ten volle isoleer in die wêreldruim van die hele skepping, wat ook op dieselfde wyse as die aarde bevolk is, maar wat onder totaal ander bindende opgelegde wette verkeer as wat vir die bewoners op aarde verstaanbaar is.

Gevolglik is dit op geen enkele wyse moontlik om hierdie luglose ruimte van menslike kant te oorwin nie, deur uitvindsels van welke aard ookal passeerbaar te maak, omdat die funksie daarvan geestelik is: om alles wat van die aarde vlug, weer na die aarde terug te bring (om `n vorm van welke aard dan ook te laat lewe) - aards gesien bevat hierdie ruimte nie die vereiste fluïdum vir menslike lewe nie, wat vir die liggaam van die mens onontbeerlik is.

`n Poging om die deur die Heer se Wil getrekte grense te dring, sal onherroeplik die einde beteken van hom wat dit probeer, omdat nou eenmaal alles, lewende wesens en materie, maar net solank lewensvatbaar kan bly as wat dit in die omgewing van die aarde bly wat sodanig lewe en materie in haarself dra, daarenteen buite hierdie (aarde) ontbreek die elemente wat vir hierdie lewe vereis word, wat deur die Skepper wys oorweeg is en sorg vir al die sieledele wat hul bestemming probeer ontvlug en daardeur hul louteringsweg eindeloos sou verleng.

Die geesteswêreld wat die luglose ruimte beheer, is dus in `n sekere toestand van volwassenheid, waarin hul die funksie opgedra is om al hierdie aardse af te weer. Hoe verder hierdie wesens ontwikkel, des te verantwoordeliker word hul taak ook, waaraan egter steeds die welsyn van die wesens wat aan hul toevertrou is, ten grondslag lê en wat daarom ook met ywer en liefde uitgevoer word. Die mens sal egter nooit daarin slaag om hierdie gebied, wat heeltemal in stryd is met die gesteldheid van die aarde, te benut nie en wat dus ook nie die geringste moontlikheid bied om in te lewe nie, en alle ondersoeke van hierdie gebied sal sonder sukses bly óf die liggaamlike einde van die navorser tot gevolg hê.

Amen.

Liggaamlike gestremdheid en die seën daarvan

B.D. No. **0839**
31. Maart 1939

`n Onvrywillige, maar uiters heilsame lewensbeproewing moet die mens deurstaan, wanneer hy deur sy uiterlike gestalte, nie in staat is om aan aardse genietinge deel te neem nie, d.w.s. wanneer hy deur een of ander gestremdheid die geleentheid tot onverdeelde lewensgenot weerhou is en hy so noodgedwonge moet afsien van aardse vreugde. Hy is nou weliswaar in groter gevaar om in verbittering aan sy Skepper te dink of Hom selfs heeltemal en al af te wys, omdat die wil van `n Godheid, wat volgens sy mening, die sterfling onregverdig met gawes bedeel, onbegryplik is vir hom. Wanneer hy egter ondanks sy teenslag `n diep geloof kry, is geestelike vooruitgang vir hom baie eerder moontlik, omdat dit makliker vir hom gemaak word om die wêreld met sy verlokkinge te weerstaan en hy deur die gebrek aan aardse vreugde, hom baie meer met geestelike probleme kan besighou, wat die toestand van volmaaktheid baie eerder aan hom sal besorg.

En so kom hierdie mense dikwels in `n korter tyd tot die ware kennis omtrent hul lewens. Hulle verlang nie meer volkome vervulling van die lewe nie, maar wag op die tyd wanneer hul aardse bestaan sal eindig, oortuig daarvan dat die ware lewe dan eers sal begin en dat hul aardse lewenswandel ooreenkomstige gevolge sal hê in die hiernamaals. En so het die gestremde mens op aarde dus `n seker voordeel, omdat dit vir hom, wat homself ontsê van aardse vreugde, by wyse van spreke makliker gemaak word, as vir `n welgeskape mens wat voortdurend aan die versoekinge van die wêreld blootgestel is. Maar slegs dan, as hy in oorgawe aan die wil van die Heer, sy opgelegde lot aanvaar en sy Skepper daarvoor dank dat Hy hom hierdie lewe gegee het.

As sulke mense geestelik aktief is, dan sal hulle ook spoedig die vorm van hul liggaam nie meer as teenspoed sien nie, maar die geestelike lewe as `n begerenswaardige doel beskou. Hulle sal altyd net probeer om hul geestelike kennis te verryk en hulle sal ook aan die medemens liefde skenk en vanweë hul lot nie mor of selfs teen God in opstand kom nie.

Amen.

Vervulling van die voorspellings van die Skrif -Die ontvangs van die Woord

B.D. No. **0857**
10. April 1939

"Ondersoek in die Gees", spreek die Heer "en julle sal in die waarheid staan". Wie kan julle beter na die waarheid lei as Jesus, jul Heer, self? Dit het deur Sy wil gebeur dat die deur na die geesteryk wyd geopen is. Hy het die roep van die aarde laat weerklink in die hiernamaals en aan diegene wat `n antwoord verlang, word dit gegee, want elke wil wat deur die Gees werk, word vervul. So sal die nuwe tydperk begin wat sal voortgaan. Die Heer het na hierdie tyd verwys. Hy het daarvan melding gemaak tydens sy verblyf op aarde. Hy het ook die tyd aangegee waarin die geestelike verval van die mensdom sou begin en groot nood oor die aarde sou kom. Hy het van alle gebeure melding gemaak wat die moeilike tydperk sou voorafgaan en ook gewys op die duidelike versterking wat Syne deur die hemel gebied sal word, sodat hulle nie sonder beskerming en troos in die algemene chaos ten gronde sal gaan nie.

As julle nou aan die verskynsels van die huidige tyd aandag skenk, sal julle ook weet dat die tyd naby is. Julle sal egter ook moet verstaan dat die voorspellings, wat dui op die verbinding van die aarde met die hiernamaals, vervul moet word en alles sal nie meer so onwaarskynlik vir julle voorkom nie, wanneer julle besef dat die Skrif maar net vervul word. Die sigbare hulp wat vir julle aangebied word, moet net aan julle die geloof teruggee wat julle al verloor het, naamlik die geloof in die ewige Godheid wat sigbaar en voelbaar onder julle vertoef, herken deur diegene wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou. Dit moet in julle geloof laat ontstaan in sy onmeetlike groot Liefde, waarmee Hy elke mensekind sou wil omvou as hy hom nie teen hierdie goddelike Liefde verset nie. En daarom wil Hy Hom openbaar in `n vorm wat die menslike denke moet opwek en wat terselfdertyd getuig van die voortdurende sorg vir Sy mense. Wie aan hierdie bekendmaking aandag skenk, wie dit ontvang as daaglikse Brood uit die hemele, wie dit die inhoud van sy lewe maak, wie verlang om in die volle waarheid te lewe, vir hom is die Heer te alle tye naby. En hy het ook nooit te vrees dat die Heer die skenking van sy barmhartigheid sal beperk of dit heeltemal sal ophef nie. Dit is vir die Vader in die hemel nog baie meer welgevallig wanneer die mense na die Wysheid uit die hemele verlang.

Elke geestelike begeerte sal aan voldoen word en God seën hulle wat Hom en Sy Woord begeer. Wie hom tot die hemelse aangetrokke voel, word deur die Liefde van die Vader vasgehou en dit gee aan hom die sorg wat hy nodig het vir sy opwaartse weg: Opheldering in alle sake, raad en hulp, krag, troos en onophoudelike genade. En indien die liefde vir die hemelse Vader die dryfkrag is, word die mens spoedig met kennis bedeel, wat aan hom alle goddelike skeppingswondere toereikend verklaar en tog ook buitengewoon gelukkigmakend is vir die nog op aarde vertoefende mens wat hom die groot genade van God waardig maak en sy beste doen om die dwalende mensdom van die sigbare werksaamheid van God in kennis te stel. En so sal hierdie bekendmaking verstaanbaar wees vir die mens wat na God verlang, terwyl die mens wat die goddelikheid daarvan nie erken nie, nooit die diepe sin van die Woorde van bo sal verstaan nie en daarom nie so `n verlange na die waarheid in homself sal voel nie, want dit is slegs die voorreg van die mens wat homself in alle liefde aan die Vader in die hemel oorgee, sodat hy die Woorde van Liefde van bo kan ontvang.

Amen.

Sinlike liefde

B.D. No. **0873**
19. April 1939

Julle ontvang vandag, ter versterking van die gees, nog `n openbaring oor die liefde en wel met betrekking tot `n bepaalde sienswyse. Dikwels word daar so iets deur die mense met die woord “liefde” bestempel, wat wel ook `n liefde is, maar tog heel ver van dit wat vir die mense gepreek word, waarvan die beoefening die eerste en laaste doel vir die mens moet wees.

Dit is die sinlike liefde wat julle so dikwels, as vallend onder die begrip “liefde”, wil opneem. Maar julle moet weet dat julle eerder die ware liefde sal verwoes, as julle nie die sinlike liefde in julle afweer nie, want dit is `n spel van bedrog van die bose. Dit is die bose se middel waardeur hy die menslike siel maar al te dikwels in sy strik vang. Die mens gee hom heeltemal oor aan die mag van die bose as hy nie die fisiese begeertes van die liggaam teenstaan nie. Dit is hierdie liefde wat poog om te besit, wat egter nooit die mens kan veredel nie en dit daarom ook nie kan lei tot die vereniging met die Hoogste Wese nie.

Dus moet die mens veral op sy hoede wees dat sy siel en haar geestelike vooruitgang nie deur loutere liggaamlike verlange in gevaar gestel word nie. Hy moet insien dat dit baie moeiliker is om hierdie begeertes weer te onderdruk as hy eenmaal daaraan verslaaf geraak het en ook dat alle liefde op aarde, wat slegs wêreldse belange dien, nooit reg voor God kan wees nie, want liefde wat nie gee nie, maar slegs die vervulling van eie begeertes is, sal ook slegs aardse resultate oplewer en om hierdie rede is dit nie deur God bedoel nie, want God beskou slegs die die hart se mees innerlike gevoelens. As dit nou waarlik onbaatsugtig is en maar net steeds liefde wil gee, sonder om te let op eie voordeel, sal sulke dade van liefde ook die loon oplewer wat daarin opgesluit lê, dit sal aanleiding gee tot `n innige verbinding met die goddelike Verlosser.

Amen.

Drie-eenheid

B.D. No. **0930**
26. Mei 1939

Sien, My kind, (B.D.) Ek kyk in jou hart en sien jou wil om My te dien, tog mis Ek die geloof van jou siel aan die almag van die goddelike Liefde en so sal jy steeds aarsel wanneer hindernisse jou weg versper, terwyl `n onbeperkte geloof hierdie hindernisse vir jou uit die weg kan ruim, want wie My Liefde begeer, sal tog nooit deur My verlate wees nie en as hy nou My hulp nodig het, sal dit hom steeds op alle gebiede te beurt val en as jou hart na My soek, sal Ek digby jou wees en alles wat die verbinding met My kind sou kon verstoor, ver van jou hou. Want Ek het siele nodig wat My vertrou. Ek het nog baie om vir jou te sê en is daarom, soos jou hart na My verlang, steeds gereed vir jou. Daarom, maak jou gedagte los van die wêreld en verneem die stem van Bo:

Die geheimenis van die goddelike Drie-eenheid is vir die mens nog altyd soos `n klip gewees waarop hy skipbreuk gely het. En daarom kom daar vandag weer `n onderrigting na jou toe wat, sonder om twyfel te laat, in alle duidelikheid sal bydra tot die oplossing en die probleem vir die denkende mens maklik verstaanbaar sal maak.

En dus sal die Gees uit God lewend word en sal die Lig helder en duidelik straal, want die Godheid het medelye met die mensdom en poog om opheldering aan die mense te verskaf oor elke onopgeloste vraag. Die mens is nie by magte om die volgende te begryp nie: Dat die Godheid Homself in één WESE in alle volheid kan ophou, maar dat die suiwer Gees nie te skei is nie en die mees onwaardige wese in nouste verbinding staan met Hom; dat dus ook onder die ewige Godheid maar net hierdie onskeibare Gees verstaan kan word en alles wat uit Hom voortgekom het, Gees uit God is, maar net dat die gevoel om aan hierdie Gees te behoort, nie meer presies ingesien kan word nie en met gevolg dat hy homself afgeskei of verwyder het, desondanks tog steeds maar net uit God voortgekom het, dus altyd en ewig as oersubstansie van die geestelike uit God is. Wie hom gevolglik van die Godheid verwyder het, herken homself nie meer nie, maar bly tog wat hy is, maar wie die verbinding soek met Hom, sy gees bemerk dat hy behoort aan hierdie Godheid en is dus bewus van homself. En nou sal julle kan begryp dat die misterie van die Drie-eenheid van God homself as volg laat verklaar.

Die Liefde van God het Haarself aan die mense bekend gemaak as Vader, dus as Oorsprong van die mensdom. Die Liefde het die skeiding van die mensdom, wat Sy verwek het en die Vader oorbrug en Haarself beliggaam in een Mens, Wie se gees ingesien het dat Hy aan God behoort en wat dus as gevolg daarvan één was met die goddelike Vadergees. En die mens Jesus was derhalwe slegs suiwer uiterlik `n aparte Wese, die gees was egter van God. Die oorspronklike verhouding was tot stand gebring, die Gees het Haarself herken en gevolglik was God in alle volheid in Hom, wat tot woning van God op aarde geword het om vir die mensdom sigbaar te wees.

Die Godheid wat met die menslike liggaam verenig het, het as gevolg daarvan sigbaar geword, om die mense die afstand te laat sien wat hy self geskep het. Die goddelike Liefde het dus werksaam geword en die goddelike Wysheid nou netso in die hart van die Godmens geplaas. Want Sy Gees was immers één met God en moes Homself derhalwe ook in alle Wysheid bevind het en Homself van alle goddelike Krag kon bedien - die Wysheid van God moes Haarself uiter deur die mond van een Mens en dus was al die werksaamheid van Jesus op aarde, die werksaamheid van God deur die Menseseun, egter nie so dat `n tweede wese homself daardeur geuiter het nie. En die begrip God die Vader - Jesus die Seun kan nie anders uitgelê word as dat die Vadergees van ewigheid Haarself deur die mond van `n mens geopenbaar het nie, dus dat Jesus, die Seun, dieselfde is as God, die Vader en vir die mens alleenlik verstaanbaar geword het deur Jesus Christus, wat in Homself die afskeiding van die Vadergees oorwin het, juis deur die insig van die eenwording van die ewige Liefde.

“Niemand kom tot die Vader behalwe deur My nie”. Is dit werklik eenvoudiger te verklaar as dat elkeen wat homself met die Vader wil verenig, ook moet insien dat die goddelike gees in homself onskeibaar verbonde is met die Vadergees en dat elkeen hierdie weg moet vind en daarom die goddelike Verlosser in alles moet navolg, wat Sy lewe vir diegene geleef het, wat net soos Hy, na die

Vader verlang. Dit is op geen andere manier moontlik nie, as maar net deur die navolging van Jesus, wat as Menseseun die voorbeeld gegee het, dat julle gees slegs moet insien dat hy aan die Vadergees behoort en dat daar dan geen versperrings meer sal bestaan wat hom van die Vader sal skei nie.

Amen.

Denkend besig wees - Hart - Brein

B.D. No. **0962**
13. Junie 1939

Verenig julle in die geloof en slaan ag op my Woorde, want die gees in julle sal My Wil duidelik kenbaar maak en jul lewe onherroeplik na die doelwit voer, wanneer julle hierdie Wil van My vervul. Die gedagtes is geestelike krag, dit plant homself voort en dit is gevolglik die beste bewys dat dit nie dood is nie, naamlik dat dit lewe en laat lewe en in voortdurende verbinding staan met die denke van die mens.

Eintlik is die denkend besig wees van die mens `n telkens terugkerende voeding deur geestelike krag. Die mens is in staat om hierdie stroom van krag op te neem, en om dit in `n sekere sin te herlei na die hart, wat as opnamestasie van alle geestelike krag, onafgebroke die na haar toekomende voeding verwag en verwerk en dan teruggee aan die harsingsentrum, en die meganisme van die mens as te ware in beweging sit.

Dit is `n proses wat vir die mens nog heeltemal onbegryplik is. Vandaar dat hy tot nou toe die verkeerde mening as waar beskou dat slegs die brein sy organiese werksaamheid uitoefen, maar die res van die liggaam voorlopig niks daarmee te doen het nie, totdat die wil hom laat geld en die denke nou ook die liggaam tot insig aanspoor. Dat die hart egter die ontvangstasie is en `n eliminasie eers daar plaasvind, in hoeverre die mens die geestelike krag aanvaar d.m.v. die gedagtes wat van die hart opgeneem word, dit is nog skaars bekend. En hierdie proses geskied op die wyse dat die liggaam, saam met die brein as orgaan, die ontvange geestelike behou as geestelik kennis, of ervaar dit net as `n vae impuls wat dadelik weer verwerp word.

Om hierdie rede gebeur dit so dikwels dat weerstand gevoel word wanneer `n besonder insigvolle en gewillige ontvanklike siel, dit wat deur die hart ontvang is, ook aan die brein wil oordra. Die brein weier dikwels om dit heeltemal aan te neem en stuur dit daarom weer terug na die menslike hart, waar dit weer met hartseer ontvang word, maar dit word steeds weer na die brein gestuur, totdat die brein se weerstand afneem en hy nou so optree soos wat hy moet, omdat hy nou gelei word deur die krag van die Gees, wat des te sterker word hoe minder die weerstand van die brein. Denkende aktiwiteit kan slegs op hierdie manier volkome verklaar word en dit verklaar die vraag waarom dieselfde wyshede, op dieselfde manier aan mense meegedeel, heeltemal verskillend opgeneem word, d.w.s. geglo word. En nou word dit verstaanbaar dat dit enkel en alleen van die wil van die mens afhang in hoeverre hierdie geestelike goedere wat deur die hart ontvang word, opgeneem en verwerk word en of hy weerstand sal bied deur die aktiwiteit van die organe, wat slegs die geestelike krag benut vir hul noodsaaklike aktiwiteit, dus vir suiwer aardse denke.

Om egter geestelike probleme op te los, is samewerking tussen die hart en die denkorgane onvermydelik, omdat alle geestelike eers die weg na die hart van die mens neem, alvorens dit verder gelei word, en dan moet dit ten volle aangeneem word deur die organe wat verantwoordelik is vir die denkvermoë. En weereens, `n hart wat in die liefde leef, sal ontsaglik ryk bedeel word met geestelike krag en gevolglik sal die persoon wat liefde koester in homself sy geestelike kennis vermeerder en hy sal lewe vanuit die helderste insig.

Amen.

Wederkoms van Jesus

B.D. No. **0963**
13. Junie 1939

By die wederkoms van Jesus op aarde word die voorspellings van alle profete vervul, want daar staan geskrywe dat die mensdom dan nie meer Sy wil sal eer nie. Maar daar staan ook geskrywe dat sommige Hom tog nog sal dien, dat Jesus na hulle toe sal kom en hulle sal versterk in die tyd van groot nood. Dat Hy vir hulle, wat Syne is, die brood van die Hemele sal gee, dat Hy met hulle die Nagmaal sal wil hou as hulle Hom maar net sal liefhê en Sy gebooie onderhou, dat hulle Sy stem sal hoor, dat Hy nog by hulle in hulle aardse lewe sal wees en dat Hy op aarde te midde van hulle sal wandel.

Maar die mensdom wil hierdie voorspellings nie woordeliks opneem nie en poog om die woorde van Jesus te verswak. Hulle het aan die woorde `n ander vorm, asook `n ander betekenis gegee en wil nou nie hierdie omvormde woorde glo nie. Daarom dink julle dat Hy, wat tog die naaste aan julle is, ver verwyderd is. Julle hoor Sy stem nie meer nie, want julle hele denke en gevoel is afgewend van die goddelike en daarom heg julle ook geen waarde aan hierdie voorspellings nie.

Wanneer julle nie meer weet dat Jesus julle met Sy aanwesigheid wil verbly nie, wanneer julle nie wil glo dat Hy julle liefhet nie en hierdie liefde verlaat het, dan sal julle ook nie die eindelose geluk van Sy wederkoms kan ervaar nie. Julle sal slegs die aardse lewe sien en glad nie ag slaan op die geestelike strominge wat aan julle verduidelik sal word wanneer Jesus onder diegene wat Syne is, sal vertoef nie.

Gedurende die eindtyd neem Jesus as te ware deel aan alle gebeure en dan is dit maklik vir die aardse kinders, wat Hom reeds deur hulle liefdadigheid in hulle harte dra, om Sy nabyheid te bespeur, want vir hulle word die betekenis van die voorspellings duidelik en hulle sal dan kan insien hoe woord vir woord van die SKRIF vervul word.

Amen.

Selfmoord - Onverganklikheid - Ewigheid

B.D. No. **0974a**
21. Junie 1939

Die probleem van die onverganklikheid, die ewigheidsbegrip, kan nie deur die mens opgelos word nie. Hy kan nie met sy menslike verstand begryp wat bo die aardse begrip gaan nie. Andersyds is hom ook geen geestelike verklaring te gee wat toereikend sou wees vir die begrip daarvan nie. Eers wanneer die wese in die ligsfeer ingaan, kry hy `n gedeeltelike opheldering en selfs dit bly nog steeds `n probleem vir hom, want ook kan die EWIGE Godheid nooit heeltemal verstaan word nie. Dit moet gesê word om die volgende begryplik te maak, naamlik dat die mensdom in tye van geestelike nood geneig is om te glo dat hulle `n einde aan hul lewe en daarmee aan hul bestaan kan maak; hulle glo dat hulle slegs `n beperkte tyd bestaan en dus geregtig en bevoeg is om hul lewens te verkort.

Die begrip onverganklikheid, onbegrensde tyd, ewigheid ontbreek by hulle. Dat hulle nooit sal ophou om te bestaan nie, is vir hulle onbewysbaar en dit maak die gedagte dat hierdie lewe die einde is, baie aangenamer. Wel het die mens nou en dan `n gevoel van onbehae oor sy verganklikheid, maar hy stel hom eerder met hierdie gedagte tevrede as met die gedagte aan `n verdere lewe na die dood. Hy sien dat alles op aarde `n tydelike karakter het en wil daarom nie aan die onverganklikheid van sy “ek” glo nie. Om aan so `n mens die begrip van “ewige” te wil bybring, sou eenvoudig net onmoontlik wees. Die gedagte dat iets wat in noue verband met hom staan, nooit sal ophou om te bestaan nie, beswaar hom. Dit wek in hom `n verantwoordelikheidsgevoel op, want die lewe is begryplikerwys heeltemal anders te sien, as dat daar met `n voortdurende bestaan rekening gehou moet word.

(22 Junie) Dus sal die mense die ewige lewe bewustelik ontken en ook nie bang wees om self `n einde aan hul aardse lewe te maak nie, want as hulle hul so van hul aardse lewe ontneem, glo hulle om daarmee `n einde te maak aan alles. Maar hulle dink nie daaraan dat hierdie handeling die gevolg is van `n verkeerde opvatting nie.

Wat hulle weggooi is slegs die houer, nie die lewe self nie. Dit gaan vir hulle gewoonweg aan, want dit kan nie vernietig word nie, nóg op aarde, nóg in die hiernamaals. Dit is in die ware sin van die woord onverganklik, dus van ewigheidsduur. `n Einde daarvan is onmoontlik, omdat die Skepper Self die wese uit Homself voortgebring het en alles wat in sy oersubstansie Goddelik is, onmoontlik ooit kan vergaan.

En so het die Skepper ook in Sy Wysheid bepaal dat daar vir die wese geen beperking gestel word om volmaaktheid te bereik nie, naamlik dat die wese besig kan wees om steeds hoër te gaan en dus voortdurend moet werk om dit te bereik, sonder om ooit uitgeput te raak of om die EWIGE Godheid uit te put. Die mense op aarde kan die begrip "ewigheid" baie moeilik vir hulleself voorstel, so ook kan die onverganklikheid nie heeltemal duidelik gemaak word vir hulle nie, want op die aarde is niks onverganklik nie. En die onverganklikheid van die siel kan ook nie bewys word nie, maar moet deur hulle geglo word.

Die tydsbesef "ewigheid" kan ook nie met die menslike verstand ge-analiseer word nie, want pogings daartoe kan onmoontlik tot resultate lei, as daar nie iets aards is waarmee die mense dit kan vergelyk nie. Deur hierdie mense word iets slegs as waarheid aangeneem as dit deur bewyse gestaaf kan word en sodoende bly hier ook weer net die geloof, naamlik dat die mens moet glo wat nie bewys kan word nie en moet daarom die onverganklikheid van sy wese tot in alle ewigheid in sy denke aanvaar.

Amen.

Werke van naasteliefde - Sonder liefde -Onder dwang

B.D. No. **0985**
28. Junie 1939

Om die algemene welsyn te verseker moet aan diegene oorgelaat word aan wie `n beperkte arbeidsveld toegewys is vir die duur van hul aardse lewe. God het oordeelkundig aan almal die taak opgelê waartoe hulle in staat is en elkeen het die vermoë om vir die algehele welsyn werksaam te wees, daar bly vir die een meer, vir die ander minder geleentheid oor om die laste van sy medemens op sy skouers te neem en hoe meer hy sy beste daarvoor doen, op des te groter seën kan hy reken en des te meer sal die krag van die liefde in hom versterk word en die wil om lief te hê gewek word.

Slegs deur te dien, sal die mens opwaarts kan klim: Hy wat liefde uitdeel aan die naaste en wat homself beskikbaar stel om die nood van mense te verlig en op te hef, egter steeds gedryf deur die liefde tot sy medemens. En dit sal ryk seën tot gevolg hê en die mens sal nooit gebrek hoef te ly wanneer hy steeds gee van dit wat hy het nie. Hy moet ook nooit angstig oorweeg of die gawes sy besit sal verminder nie.

Wie baie gee, sal baie meer ontvang, want God deel Sy gawes ook ten volle uit aan diegene wat uit liefde vir Hom daarna streef om die nood van hul medemens te verlig. "Want wat julle vir die minste van My broeders doen, dit het julle vir My gedoen". En oorweeg nou hoe baie edeler die mens optree wat sy besit deel met die armes, as diegene wat in goed geordende omstandighede voortleef, maar alle gawes wat hy wil uitdeel, vorder van die gemeenskap. `n Goed georganiseerde naasteliefde is soos `n swak olieliggie. Dit vervul nie die doel nie. Dit brand maar in geringe mate en versprei geen lig nie. En so sal sulke werke van naasteliefde, waaraan die liefde ontbreek, geen enkele verlossende uitwerking hê nie. Die mense word wel gawes aangebied, maar die hart swyg. Die gewer offer nie, maar gee gedwonge sy bydrae, en so word die krag van die liefde ook nie aan die ontvangende oorgedra nie, daar word as te ware van die een afgeneem, wat aan die ander gegee word. `n Handeling wat in die liefde van die hart gebore moet word en liefde moet wek, word gemeganiseerd en tot `n onbesonne pligsvervulling gemaak. En hierdie werk is dooie werke vir God. Hy kan nie dit ag wat onder dwang gebore is nie en dit kan nooit `n aktiewe daad van liefde wees nie.

Die mees goddelike in die lewe is om julle besit te deel met diegene wat tog ook skepsels van God is, om alle gawes wat die Vader in die hemel in sy Liefde die mens laat toekom, uit vrye aandrang te deel, omdat die hart die mens daartoe aanspoor. Maar waardeloos is dit wat die mens van wêreldse

kant tot plig aangestel word. Die mens kom hierdie opdrag wel na, maar net omdat hy moet, nie uit eie aandrang nie. En sulke werke van naasteliefde kan geen waardering vind by die Hemelse Vader nie, wat slegs kyk na die hart en die graad van liefde waarin die gawes aangebied word.

Amen.

Die leed van sy medemens help dra -verlossingswerk

B.D. No. **0992**
3. Julie 1939

Julle neem deel aan die verlossingswerk van God as julle die leed van jul medemens gewilliglik op jul skouers neem, dit help dra, en met die oog op die lyding van Jesus aan die kruis, alles berustend dra wat God jul stuur. Slegs deur leed kan die mensdom verlos word, want die leed moet deur werksame liefde oorwin en verminder word en daadwerklike liefde kan dan eers verlossingswerk doen. En die liefde sou op sy beurt geen arbeidsterrein hê, as die leed op aarde nie verlang om verlig te word en die leed juis deur die tot daad geworde liefde teengegaan kan word nie.

En die mensdom draai hulle so dikwels weg om die leed van hul medemens nie te sien nie, verhard daardeur die hart en is op die manier oneindig ver verwyder om op aarde verlossend besig te wees. En daar is nie een onder die mensdom wat nie liefdevolle hulp nodig het nie, en die nood van die tyd stel elkeen meer as genoeg in die geleentheid om hulpvaardig te help en sy naaste by te staan in alle nood.

Wie se hart bereid is om te help, sal ook sien waar sy hulp nodig is, hy sal die haglike posisie van die ander insien en dadelik inspring en hy sal ondersteun word deur die geestelike kant aan wie die begeleiding van die wesens op aarde opgedra is. Want die werk van hierdie gaan ook steeds sonder ophou voort vir die redding van siele wat op `n dwaalspoor gebring is, in die hiernamaals asook op aarde. Die hart van hulle wat in liefde voor al hierdie siele staan, herken die noodtoestand van die wesens en spring dadelik in om te help, beide in geestelike en in aardse opsig. Want beide gaan hand aan hand.

Alle hulp, aards verleen, het onuitspreeklike seën tot gevolg, want dit is `n werk van liefde en gevolglik neem die mens deel aan die verlossingswerk van die goddelike Verlosser, en al is dit ook onbewustelik, kan die mens sy bes doen om te help en te verlig waar hy maar sy medemens in nood sien, want wat hy op aarde versuim, moet hy daarbo in die hiernamaals goedmaak, maar op aarde lewer dit onmeetlike vrugte op.

Amen.

Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe Mat.5:5

B.D. No. **1003**
12. Julie 1939

Leer om julle te beheers en sagmoedig, geduldig en vredeliewend te word, want die tyd op aarde is as proeftyd vir julle gegee, sodat julle gedurende hierdie tyd volmaak kan word en julle ontwikkel en vorm tot nut van julle siele. Julle sal nouliks julle doel op aarde kan vervul as julle dit nie eerste nastrewe nie, want alle nadeel vir julle siele vloei voort uit die onbeheerstheid van julleself. En verneem nou wat die Heer Self aan julle te kenne wil gee.

Julle, My kinders op aarde, sal julle bes moet doen om mekaar in liefde te bejeën. Julle het vir julleself hierdie verblyfplek op aarde gekies met die besef van dit wat julle kortkom, julle het baie geleenthede om julle swakhede en foute te bestry, maar julle sal ook van goeie wil moet wees om van die moontlikhede gebruik te maak wat julle gebied word, om in voortdurende selfoorwinning sterker te word en julle foute te oorwin.

Julle moet daaraan dink My kinders, met welke geduld Ek julle swakhede steeds en steeds weer moet oorsien en hoe My Liefde vir julle desondanks nie ophou nie. Dink net hoeveel meer rede Ek sou hê om ongeduldig te word en hoe Ek tog in uiterste lankmoedigheid en barmhartigheid My kinders in My Hart insluit en hulle liefdevol vergeef as hulle gefaal het, bedink dat My lewe op aarde buitensporig baie geduld geverg het teenoor hierdie sondige mensdom wat My oorgrote Liefde nie

besef het nie en al die goeie wat Ek vir hulle gedoen het, met ondankbaarheid beloon het en wie My ten slotte so onuitspreeklik laat ly het. Hoe baie het die mense My nie verneder nie en alle kwellinge bedink en My, Wie sonder enige skuld was, aan die kruisdood oorgelewer.

En Ek het Self die bitterste onreg geduldig op My skouers geneem en nie My erbarming aan hulle onttrek wat My laat ly het nie. Ek het die Vader in die hemel gebid om vergewing van hul sonde en het My nie van die mensdom afgewend nie, veeleer het Ek getrag om hulle deur geduld en liefde te wen en hul daardeur verlossing te bring.

En daarom sal julle ook julleself op aarde in die deug van selfoorwinning moet oefen, julle moet lewe vir mekaar en slegs julle bes doen, om wederkerig vir mekaar die leed te versag, sodat julle volmaak kan word en die tyd op aarde nie vergeefs geleef het nie. En offer al julle sorge en verdriet aan My op en julle sal sagsinnig word soos duiwe en in alle geduld en liefde met mekaar eens word en `n innerlike vrede sal in julle harte neerdaal en Ek sal julle bystaan as julle in gevaar verkeer om julle selfbeheersing te verloor.

Amen.

Ek is by julle al die dae

B.D. No. **1004**
13. Julie 1939

"Kyk, Ek is by jul al die dae." Hierdie woorde moet altyd vir julle tot troos wees en aan julle vertroue skenk. Ek sal Myne nie alleen laat as hulle na My verlang nie. En Ek wil julle alle leed help dra, as julle maar net gelowig op My sal vertrou. Ek lê julle wel die leed op om te dra, maar net sodat julle aan My sal dink en My as helper in alle nood aanroep om hulp. Want Ek wil jul geloof sterker maak. Ek wil julle geloof so sterk maak dat geen aardse leed julle meer bang en moedeloos kan maak nie.

Maar julle bly mismoedig en dreig om ineen te stort onder die teenstand wat Ek na jul stuur, maar as dit julle nie meer kan ontstel nie, as niks julle meer laat wankel in die geloof aan My hulp nie, dan het julle die graad van volharding in die geloof bereik sodat Ek deur julle werksaam kan wees. Kyk net hoeveel makliker die lewe dan vir julle sal wees, wanneer julle geen ag meer op die daaglikse teenwerkinge hoef te slaan nie en julle jul nie meer oor die daaglikse lewe hoef te bekommer nie. Om `n ware kind van die Vader in die hemel te wees, vereis ook die volste vertroue dat jy in alle nood en alle gevaar beskerm sal word. En so wil Ek My kinders standvastig in die geloof en godsvertroue ken. Ek wil dat hulle My voortdurend soek, dat hulle sonder vrees en vol geloof nader aan My sal kom om steeds aan hul versoeke te voldoen. Hulle moet hul harte steeds tot My rig en hulle moet nooit kleingelowig word nie en My Liefde sal ag slaan op hul nood en hulle daaruit bevry.

Wat `n ongekende volheid van genade is nie te alle tye tot julle beskikking nie, wanneer Ek My hulp aan julle beloof wanneer julle dit verlang. En dit is maar net nodig dat julle glo en vra. EK sal julle nie verlaat nie, want Ek ken tog al die leed op aarde en is bereid om te help waar mense hierdie hulp gelowig verlang. Al julle probleme veroorsaak julle enkel en alleen self. As julle in julle harte ver van My is, moet Ek julle gedagtes op My rig, en wel deur nood en leed. Maar as julle My in julle harte dra, is julle ook aan My Hart geborge. En wat julle dan nog opgelê is om te dra, dien net vir julle eie sieleheil.

Eens sal julle My dankbaar wees wanneer julle insien waarom so-iets vir julle beskore was. Maar op aarde begryp julle dit nie en daarom moet julle sonder murmurering en klagtes slegs die kruisie op julle neem en dit berustend dra uit liefde vir My. Die liggaam vergaan en daarmee die aardse pyne. Maar julle moet vrees vir julle siele, wie se leed baie groter is wanneer die liggaam op aarde die leed gespaar bly. Ek het al my kleine kinders lief en wil nie dat hulle ewige tye lank ly nie. Maar dit sou julle lot wees as Ek die aardse leed, wat waarlik nie die swaarste is om te dra nie, ver van julle gehou het. En as Ek julle My teenwoordigheid beloof, vertrou My dan en word nie kleinmoedig nie. Die een wat julle die leed oplê, kan dit ook van julle afneem. En Hy sal julle waarlik nie tevergeefs laat roep as julle Hom uit die diepste van julle harte smeek nie.

Amen.

Uitvindsels - natuurkragte - Geloof

B.D. No. **1011**
19. Julie 1939

In die era van die moderne tegniek sal die natuurkragte hom in die besonder merkbaar uiter. Want dit gaan daaroor om aan die mens die bewyse te lewer dat al die aardse mag en kennis niks werd is wanneer die Wil van God nie geag word nie. Hoe meer die mens van homself en sy krag oortuig is, des te eerder betwis hy die goddelike Krag en sy eie afhanklikheid daarvan en des te noodsaakliker is dit dat die goddelike Krag hom uiter. Die ontwikkelingsgang van die mens bring velerlei geriewe met hom mee, waaraan die goddelike Skepper Sy Seën gee as dit ontwikkel word ten bate van die hele mensdom. En alle gees wat in tegniese uitvindsels tot uitdrukking kom, probeer gunstig op die mens inwerk om sy strewe opwaartse makliker te maak en stel hul dus so in `n sekere sin in diens van die mense.

Maar ondeurgrondelik is die kragte wat `n halt roep wanneer die mens arrogant geword het. En juis hierdie kragte sal hulself laat voel in onvoorsiene losbarstende natuurkatastrofes, van welke aard ookal. Oral waar die mens glo om onmiskenbare bewys te gevind het om een of ander natuurkrag vir hom nuttig te maak en dit uit eie krag te beheer, kom daar `n natuurkrag tevoorskyn waarop nie gereken is nie, en maak die tot nou toe geldende ervaring ongegrond.

Die mens is die vermoë deur God gegee om die Krag uit God tot nut te maak, egter steeds in dieselfde verhouding as wat hy homself teenoor God instel. En die wat God Self in alle natuurkragte herken, wat in `n sekere sin met God begin aan alle arbeid wat die welsyn van die mense betref en wat betrekking het op uitvindsels van allerlei aard, sal met onverwagse suksesse kan reken.

Die ondersoeke en pogings sal met sukses bekroon word en die goddelike Krag sal as te ware in sulke uitvindings oorgaan, terwyl hy wat glo om uit homself te skep en die mens wat van sy buitengewone krag bewus is, ook wel die Krag van God vra, sal dit hom ook nie weerhou word nie, maar hy neem dit in `n sekere sin onregmatig in besit, omdat hy hom aanmatig om die Goddelikheid uit te skakel en hy homself dus nie onder die goddelike Wil plaas nie.

Dan sal hy spoedig `n teenstroming voel. Hindernis na hindernis sal hom, wat sonder goddelike bystand werk,

die weg versper. En hy sal dit nie kan baasraak nie, omdat hy hom op homself verlaat het en geen hulp vir homself gevra het nie. En hierdie hindernisse sal weer aan natuurmagte toe te skryf wees, omdat alles wat teen die goddelike ordening indruis in `n sekere sin ook die gevolge daarvan moet dra.

En so, ten spyte van herhaalde oorwinning van tegniese probleme, bly die mens steeds onsuksesvol, solank as wat hy in heersing van die natuurelemente geen bewyse sien dat alle kragte in die natuur onderworpe is aan `n Heer en Skepper nie en dat sy poging gevolglik eers sukses sal behaal wanneer hy hom inrig volgens die goddelike ordening en hy maar net kan verwesenlik wat ooreenstem met God se Wil.

Amen.

Wêreldbrand - profesieë

B.D. No. **1017**
22. Julie 1939

`N Wêreldbrand sal aangesteek word en onuitspreeklike nood sal oor die mensdom kom. So staan dit geskrywe in die voorspellings wat handel oor die komende tyd. En die Woorde van God sal vervul word, want Hy sien die komende tyd en daarmee saam die afvalligheid van God. Hy laat baie aanmanings na die mense uitgaan en vind tog geen gehoor nie. Die lig is nagenoeg aan die uitdoof en die mag van die teenstander is groot, wat die rede is dat daar geen aandag meer geskenk word aan die Vader in die hemel nie. En om hierdie nood nou teen te gaan, moet aan die lot van die mensdom op aarde `n ondraaglike gestalte gegee word. En daarom sal daar `n swaar tyd oor die aarde

kom. En te midde van strydende vegters sal die Woord van God ook hewig betwis word. In die grootste teëspoed sal almal God se Woord begeer, aan wie die groot leed die regte insig gebring het. Maar die aardse voordeel wat verwag word van die strydende volkere teen mekaar, sal Ek afwys.

Geseënd sal hulle wees, aan wie die nood die insig van goddelike werksaamheid gebring het. Want die groot gevaar waarin hulle verkeer is verby. En nou kan niks, wat leed vir die liggaam is, hulle meer bangmaak nie. Hulle siele het nou die regte weg gevind, wat wegvoer uit alle nood. Maar sonder weerstand sal die goddelike Woord selde ingang vind in die harte van die mensdom. Oral sal `n groot stryd wees en die vegters vir God sal moet vasstaan en nie wankelend mag word nie en uitgesproke, vreesloos en moedig tot almal spreek. Want God het hierdie tyd voorspel. Hy het al die leed aangekondig en alle meegaande verskynsels voorspel. En gevolglik het die tyd aangebreek waarin die wêreldse gebeure `n vrye loop moet neem vanaf die kant van die Skepper. Want die mense luister slegs na die stem van die wêreld, maar nie na die goddelike Stem wat hulle aanspoor om om te draai voordat dit te laat is nie.

Amen.

Samesyn in liefde maak die aardse weg makliker

B.D. No. **1021**
24. Julie 1939

Die lang weg op aarde is nie so moeilik om te gaan as die mens dit nie alleen hoef af te lê nie, want twee dra al die leed en sorge makliker. `n Eensame reisiger dra alle las en moeite alleen, hy het geen liefhebbende hart waarmee hy sy sorge kan deel nie, niemand wat hom steun as hy dreig om te beswyk nie en niemand wat hy weer kan moed inpraat en vir hom `n steun kan wees in moeilik tye nie. En dit is ook die lot van vele op hul lewensreis, dat hulle hul weg alleen gaan, ofskoon hulle deur baie mense omring is. Hulle sluit hul van die wêreld af en wys alle troos of goeie raad en alle daadwerklike hulp af. En so moet hulle `n vermoeiende uitermate lang weg oor die aarde in voortdurende eensaamheid gaan.

Die natuurwet bind die mensdom aaneen, die natuurwet eis die samesyn, want dit is die grondslag van die skepping en haar lewende wesens om te bestaan. Alles in die mens dwing hom na `n tweede "ek", die mens voel volgens sy natuur die drang in hom om hom te verbind met `n mens van gelyke aard. In alle menseharte woon die liefde wat hom wil uiter teenoor `n ander. Daarom is die verbinding van man en vrou `n onomstootlike wet, ingestel deur die Wil van die goddelike Vader Self.

By alle verbintenisse moet die diepe liefde egter ook ten grondslag lê, elkeen moet hulle beywer om uit die diepste grond van hul hart die ander te dien, alle liefde te bewys en `n gemeenskap te vorm wat heeltemal beantwoord aan die goddelike Wil. Dan sal die seën van God ook op so `n verbintenis rus en beide sal dan die weg deur die lewe makliker gaan, omdat die liefde vir mekaar al die moeilike help dra en hierdie liefde immers ook die sekerheid gee dat die Vader ook teenwoordig is waar suiwere liefde twee mense verbind. Want daar sal die werksaamheid van die ewige Godheid dan ook te siene wees, die suiwere liefde sal die mense veredel en hul blik na bo rig; hulle sal God die Heer herken kragtens die liefde wat in hulle werk, wat goddelik is en vanuit hierdie besef sal hulle ook die krag put om alle probleme in die lewe te oorwin.

Hulle sal hul weg as te ware saam met God gaan, want hulle het in geluksalige samehorigheid bewus daarvan geword dat daar waar liefde is, God ook aanwesig moet wees en hierdie insig stem hulle gelukkig, want die mens weet dat hy veilig is in die troue sorg van die Vader.

Amen.

Genade?

B.D. No. **1023**
25. Julie 1939

Begeer die goddelike genade en die lewe sal vir julle vervulling oplewer, want julle siel en gees sal volwasse word en julle sal die aardse lewe nie nutteloos geleef het nie. En hulle wat die

goddelike genade het, is onvergelyklik ryk te noem, ofskoon hulle in hul aardse lewe baie swaarkry ken, want wat hulle ontbreek vir die welsyn van hul liggame, is hulle veelvoudig aangebied vir die siel. Dit is baie waardevol om te weet dat jy onder goddelike beskerming staan. En wie in die genade leef, word deur God bewaar teen alle gevare vir sy siel. En alle barmhartigheidsgeskenke vergroot die prestasievermoë van die siel van die mens en bring die siel nader aan die doel, naamlik die eenwording met sy Gees uit die Heer. Hoe onuitspreeklik arm daarenteen is die mens wat dink dat hy sonder goddelike genade kan bestaan. Sy lewe is in `n geestelike opsig leeg en hy gaan steeds oor vlakke grond, maar klim nooit opwaarts nie, want die goddelike genade is immers die toonbeeld van die goddelike leiding. Wie om genade bid, sal nie daarsonder gelaat word nie. En om goddelike genade te ontvang, beteken om van alle eie verantwoording onthef te wees, want God Self neem Sy mensekind aan die hand en lei hom, omdat hy te kenne gegee het dat hy na Hom toe wil kom en homself aan Hom toevertrou. "Neem my aan en beskerm my. Ek wil niks anders hê as om deur U gelei te word nie", moet julle gebed klink in die gees. En die Vader in die hemel sal sy kind voortaan nie meer alleen laat gaan nie. Hy sal alle krag ontvang, want dit is die genade van God. Hy sal hom alles gee wat hom ontbreek, naamlik ware insig, `n sterk wil en krag om alles te verrig wat Hy van Sy mensekind verlang.

Wie dus `n beroep doen om genade, sy liggaam sal ook kan uitvoer wat van hom gevra word, d.w.s. die liggaam sal rekening hou met die begeerte van die siel, en sy sal nie meer gerig wees op aardse besit en genot nie, maar enkel en alleen uitgaan na haar vereniging met die goddelike Gees. En dit is die werking van die genade, wat waargeneem kan word deur enigiemand wat die Vader in die hemel in `n innige gebed om genade smeek. Genade is alles wat julle geestelik vooruit help. Genade is alle gedagtes wat aan julle oorgedra word en wat julle na omhoog dui. Genade is alle belewenisse wat julle geestelik raak. Genade is die bymekaarbring van geestelike verwante mense. En genade is elke Woord wat van bo af na julle toe kom. Alles wat julle help om julle te skei van die wêreld, is goddelike genade. En hierom moet julle onophoudelik vra, want dit staan julle onmeetlik ter beskikking. Maar julle wil moet self daarop gerig wees en julle harte moet die Vader in die hemel kinderlik deemoedig daarvoor vra. Dan sal julle nog iets groots op aarde bereik en julle einde sal gelukkig wees.

Amen.

Foutiewe denke - die afwysing van iets sonder om daarmee bekend te wees

B.D. No. **1026**
26. Julie 1939

Die mensdom wys dit af wat hulle tot die grootste seën moet wees en die gewigtigheid van hulle handelinge kan glad nie aan hulle duidelik gemaak word nie, omdat hulle hulself bewustelik afwysend ingestel het teenoor alles wat geestelik is. Sodoende is dit onmoontlik om dit vir die mense duidelik te maak waarin die eintlike rede van hulle foutiewe denke te soek is nie.

Wie homself afwysend teenoor `n saak instel, sonder om in werklikheid iets daarvan te weet, is dit moeilik om die redelikheid daarvan vir hom voor te hou, want hy wil nie. `n Diepe ondersoek na die omstrede tema sou hom egter anders laat oordeel het.

Wie dus opheldering begeer, kan daaraan beantwoordend onderrig word. En daarom is dit onverantwoordelik om steeds in dieselfde vaarwater te bly, d.w.s., nie sy opvatting te wil opgee nie, eenvoudig uit onbekendheid met `n saak; en tot hulle roep die Heer: Open julle ore en julle harte en verneem die Stem wat die waarheid aan julle wil verkondig - en ondersoek dan - en as julle dit dan nog wil afwys, dan is dit julle vrye wil, want nou is julle op hoogte daarvan en kan dan bewustelik julle standpunt daarteenoor bepaal, waartoe julle egter nie die reg gehad het solank as wat julle totaal blind in die gees voortgegaan het nie.

In aardse opsig word al die suiwer objektiewe oplossings gevra van iets wat onverklaarbaar is, hoeveel te meer sou julle dit ook nie geestelik so in ag moet neem en alles wat julle sou wil afwys, vooraf ondersoek nie. Hoe meer julle sinvol begin oordeel, hoe helderder sal julle gees word, die gees sal julle lei, allereers om in te sien dat daar een ewige Godheid bestaan en julle dan ingee om hierdie ewige Godheid vir opheldering te vra en dan sal julle denke en oordele korrek wees.

Probeer net om hierdie goddelike gawe te begryp. Dink in geestelike sin aan die nood van hierdie tyd en die liefdevolle sorg van die ewige Godheid, wat nou eenmaal, as Skepper van alle dinge, nie te ontken is nie. Dink aan die liefde waarmee `n vader op aarde aan sy kind geheg is en pas dieselfde liefdevolle verhouding ook toe op die Skepper van ewigheid en Sy totale skepping en julle sal moet insien dat so `n Liefde wat van Hom uitgegaan het, julle nie in geestelike nood kan en wil laat bly nie. En alles in die heelal is die produk van die goddelike Liefde, daar bestaan niks wat die goddelike Liefde nie verwek en in die lewe geroep het nie. En as julle dit goed voor oë hou, sal julle dit begrypliker vind, naamlik dat die Vader in die hemel nie Sy kinders verlore kan laat gaan nie.

Amen.

Natuurlike instink - Liefde.1 - (Betreffende `n vorige gesprek)

B.D. No. **1027**
29. Julie 1939

Wanneer die verandering in die lewe van `n vrou se siel begin, sal haar vermoë groei om geestelike goed te aanvaar; en tydens hierdie tyd kan alle wêreldse ervaringe `n terugwerkende effek op die toestand van die siel hê. Vir `n aantal jare beïnvloed sekere wette van die natuur die menslike liggaam sodanig dat die liggaam dit nie kan teëgaan sonder om homself te beskadig nie. Hierdie drang is noodsaaklik om die mens se seksualiteit te bewaar, wat absoluut nodig is vir voortplanting. Solank hierdie instink homself duidelik uitdruk, solank die persoon probeer om dit te akkommodeer, sal die drang van die siel vir geestelike voeding haarself nie uiter nie.

Dit word duideliker soos wat die mens se drang na vervulling van die natuurlike instink verminder. Hierdie drang bind die mens outomaties aan die aardse, asof Hy geketting is. Hy is nie in staat om geestelik te groei nie en daarom is die ontwikkeling van sy siel twyfelagtig. Derhalwe kan geen suiwer goddelike verhouding ooit van die aarde na die geestelike wêreld gemaak word, solank die drang van die liggaam nog poog om sy natuurlike instink te vervul nie, omdat hierdie twee wêrelde nie met mekaar harmonieer nie. Hoewel God Self die natuurlike instink in die mens geplaas het, het die mens die opsie om homself vrywillig daarteen te verset. Maar wanneer die mens sonder aarseling daaraan toegee, sal dit die groei van die siel belemmer, terwyl weerstand teen hierdie drang, die kettings van die siel losmaak. En daarom is dit buitengewoon voordelig wanneer die mens sy konstante hunkering daarna bestry. Om uiting te gee aan hierdie instink, is slegs deur God vir die skepping van `n nuwe mens gegee. Buiten daarvoor moet elke persoon probeer om skoon te lewe, aangesien Hy die siel van onvoorstelbare geestelike voordele sal voorsien.

Sodra hierdie liggaamlike drange oorkom word, d.w.s. sodra dit met sukses teëgestaan word en so die vervulling van liggaamlike drange, die siel nie meer in `n toestand van beperking plaas nie, is die siel vry om na bo te groei en kan dan ongehinderd kontak maak met die geestelike wêreld. Die mens was voorsien van alle weerstand om dit in die lewe te oorwin en dit is veel meer prysenswaardiger om hom teen die wêreld te verset met al sy bekoring as om dit doelbewus te vermy. Die Vader in die hemel weet van elkeen se drange en die graad van liefde vir Hom, gevolglik sal Hy ook Sy kinders beproef om hulle weerstand te toets en hiermee sal ons volstaan....

(onderbreking)

Natuurlike instink - Liefde. 2 - (vervolg van 1027)

B.D. No. **1028**
29. Julie 1939

`n Natuurlike perk is geplaas wanneer die krag van weerstand dreig om af te neem en dan kan die siel hulp verwag as sy te swak is om self staande te bly. `n Vrou se doel in die lewe sluit in om versorgend en behulpsaam te wees en sy ontvang haar krag om dit te doen in verhouding tot die liefde wat sy gee en so bestaan `n sfeer van aktiwiteit vir die vrou op aarde wat haar siel ruim geleentheid bied om volmaak te word. Dit is nie nodig om haar pligte te beperk sodat sy tot eer van God in afsondering kan lewe nie. Elkeen wat grotendeels in die diens van naasteliefde wil werk, sal genoeg geleentheid daarvoor in die buitewêreld gebied word. Dit is daarom nie voordelig vir die siel

as `n arbeidsveld aan die persoon toegewys word waar sy slegs `n soort persoonlike verpligting moet vervul, in omstandighede wat weiering of nievoldoening uitsluit en daarom beantwoord die werk van liefdesdiens nie altyd aan die vrye wil van die persoon nie. Die wil van `n persoon wat homself in so `n verpligte situasie plaas mag wel goed wees en sy bedoeling kan wees om sy lewe volledig aan die Heer en Verlosser te wy, maar hy besef nie dat elkeen sy aardse lewe te midde van die wêreldse gedrang kan ontwikkel nie en dat hy meer as genoeg geleentheid gebied sal word om aktiewe naasteliefde te beoefen.

Amen.

My kom die wraak toe

B.D. No. **1029**
29. Julie 1939

"My kom die wraak toe", sê die Heer, en daarom moet julle nie wraak neem nie, in plaas daarvan moet julle `n poging aanwend om kwaad met goed te vergeld, en nie dink hoe julle kan wraak neem vir die verkeerde wat julle aangedoen is nie. Want iemand wat onreg ly en nooit wraakgedagtes koester nie, is saggeaard en geduldig, en sy wil poog om onreg uit te skakel deur niks te doen ten einde bevrediging te verkry vir homself nie. En dit is `n groot vooruitgang vir die siel. Dit is beslis baie moeilik om onregverdig behandel te word en tog die vyand met liefde te behandel, maar in elke geval is dit buitengewoon voordelig. Die mens moet altyd in gedagte hou dat elke gevoel van wraak die siel in duisternis klee, dat dit nooit lig en duidelik in `n menslike siel kan word waar daar plek is vir wraakgedagtes vir die kwaad aangedoen deur `n ander persoon nie, want sulke gedagtes sal onvermydelik lei tot gevoelens van onvriendelikheid en dus geestelike swakheid. En die mens kan nie liefdevol aktief wees as hy nie `n einde maak aan sulke gedagtes in hom nie. Want vyandigheid is `n huldeblyk aan die teenstander. Enigeen wat met sy naaste in vyandigheid leef, het reeds die bose mag alle reg oor hom gegee. Elke gevoel van haat en wraak moet uit die hart verban word, want dit sal lei tot ander onrein gedagtes, net soos, omgekeerd, `n vroom en sagte karakter altyd net bekommerd is om nie verkeerd te doen aan enigiemand nie, en dat alle ongeregtigheid gelos moet word as die verantwoordelikheid van God Self. Want net God kan die skuld van twee vennote oordeel en wat aanleiding gegee het tot die vyandskap. As dit dus in die aardse lewe blyk dat haat en verdeeldheid wil heers, moet die mens veral probeer om hierdie slegte gewoontes uit te skakel. Dit is nie genoeg vir `n persoon om `n argument angstig te vermy nie, hy moet poog om homself waar moontlik aan te pas by die ander persoon en vyandige gevoelens verander in die teenoorgestelde. Die sukses van sodanige voorneme sal onbeskryflik voordelig gevoel word, alle haat sal eindig omdat liefde, sagmoedigheid en geduld sy plek sal inneem, en die persoon sal `n innerlike gevoel van tevredenheid ervaar as hy probeer om, waar moontlik, alle onreg teen hom ongedaan te maak met die wapen van liefde. Liefde blus alle woede, wraak hebsug en die drang om wraak te neem. Liefde verminder die gevoel van onreg gely en sal nooit vergelding oorweeg nie, want sy streef na geestelike volmaaktheid en daarvoor moet elke afbrekende gedagte eers uitgesluit word, en God sal woon waar die mens bo homself uitstyg en die hart verander het na liefde, sagmoedigheid en geduld, want dit is die onvermydelike basiese voorwaarde vir God om Homself te openbaar en dus ook geduld te hê met Sy kinders. Menslike wraak en vergelding is nie toelaatbaar waar die siel haarself wil bevry van haar kettings nie. Gee dus alles aan die Heer, want Hy is die suiwer Liefde self en sal wraak neem volgens die wet van die liefde. Net so moet julle ook `n poging aanwend om liefde onder mekaar te beoefen en altyd en tot in ewigheid God se wil vervul, wat julle waarsku om julle medemens se onvriendelikheid nie te hard te oordeel nie.

Amen.

Medelye - Siek en swak mense

B.D. No. **1032**
31. Julie 1939

Versorg die siekes en swakkes en weet dat hulle ly en julle hulp nodig het. Julle moet medelydend wees en konstant die welsyn van hierdie arme mense oorweeg, wie se liggaamlike kwellinge hul

lewe ondraaglik maak, julle moet probeer om die lyding te verminder en hulle altyd onselfsugtig help. Dit is aangenaam vir God en aangesien julle almal kinders van God is, moet die een vir die ander omgee en nie toelaat dat harteloosheid of onverskilligheid teenoor julle medemens in julle opkom nie. Hoe dikwels gaan die mense by die siekes en swakkes verby, sonder om hulle `n woord van troos te gee, dit is baie neerdrukkend vir hierdie lyers. Hulle is hulpeloos in hul toestand en dankbaar vir elke woord in liefde verleen. En hoe dikwels moet hulle nie daarsonder gaan nie, omdat geen bedagsame woord tot hulle gespreek word nie. Hulle is eensaam en hul siele is diep bedroef, want hulle is honger vir liefde, maar word skamel bedeel.

En die Heer onderrig medelye en beloof ewige seën, want medelye veronderstel liefde en slegs arbeid in liefde sal verlossing vir die siel bring. Medelye is suiwere naasteliefde, want dit wil help en verwag niks in ruil daarvoor nie. `n Persoon kan in liggaam sowel as in siel siek wees en om hulp te bring is altyd onuitspreeklik waardevol, naamlik om woorde van troos aan die liggaamlike swakke te bring en aan die geestelike sieke die regte genesing te bied uit goedhartige behulpsame liefde. Want die liggaamlike lyding sal eendag tot `n einde kom, maar nie die van die siel nie, tensy sy deur aktiewe behulpsame liefde gehelp word om van haar ongelukkige toestand te ontsnap.

Die swak en sieklike persoon het egter twee maal soveel steun nodig, want die liggaam se swakheid laat dikwels ook die siel in hulpeloosheid verval en dit kan slegs deur onselfsugtige liefde gehelp word, anders gestel, om die siel uit haar lomerige toestand te wek en so te stimuleer om haar toestand te verbeter. Dan sal die mens ook sy liggaamlike lyding met geduld dra, as die siel slegs tot die ware erkenning kom weens haar medemens se aktiewe hulp wat haar tydens haar ongunstige tyd steun.

Elke aktiewe medelydende persoon kan onuitspreeklike seën bring, want die aardse kind sal dit sowel aards as ook geestelik voel en so `n persoon sal verlig voel en weens die geestelike krag wat met elke daad van liefde na hom straal, sy blik na omhoog wend. En so sal liefde en medelye vir siek en swak mense `n dubbele seën bring. Dit sal help om die liggaamlike toestand van siek en swak mense te verbeter en terselfdertyd uiters voordelig wees vir die siel en daarom, vergeet nie om hulle julle hulp en goedhartige medelye te verleen nie. Hef hulle liggaamlik en geestelik op en laat daardeur ook hul tyd van lyding `n tyd van geestelike volmaak wording wees en die Heer sal hulle seën wat vol medelye na hul lydende medemens omsien.

Amen.

Die boodskappe is in `n bepaalde volgorde gegee

B.D. No. **1047**
10. Augustus 1939

Luister wat die wil van die Heer is: Alle boodskappe van bo word in `n bepaalde volgorde gegee en die oordra gebeur ook volgens `n bepaalde orde. Julle sal hierdie rangorde egter eers kan ontdek wanneer julle `n volledige geestelike insig verkry het. Diepe wyshede word deurlopend op `n manier aan julle gegee asof dit skynbaar geen verband sou hê met mekaar nie. Alle gawes van bo is weliswaar op sigself afgeronde wyshede, maar ook die skynbaar ongeordende manier van oordra is nodig om alle daaropvolgende boodskappe vir julle verstaanbaar te maak.

Alles dra daartoe by om die aktiewe denke by die mens te stimuleer, sodat hy in kontak kan kom met die gees wat hom omgeef. Die boodskappe moet sodanig aangebied word dat die mens op alle gebiede insig kan verkry om dan daaroor te kan nadink. Die boodskappe moet vir die ontvanger so duidelik wees dat hy ook alles verstaan wat hy op hierdie manier ontvang. Aan hom moet as te ware die hele skepping, asook die werking van die geestelike wesens aan die ander kant voor oë gestel word. Dit gebeur deur middel van sorgsame voorbereide onderrig, wat in `n sodanige opeenvolging voorgestel word sodat die denkvermoë en die bevattingsvermoë van die mens die aangebode kan opneem.

Daarom lyk dit of die boodskappe so nou en dan skynbaar sonder verband is. Steeds word `n ander tema gekies en meer of min uitvoerig beskou. Maar God en die onderwysende geestelike wesens besef die noodsaaklikheid van die afsonderlike boodskappe baie goed, waarby hulle die ontbrekende kennis aanvul met die nodige opheldering. Daarom moet dit ook steeds herhaal word, totdat die aardse kind

heeltemal en al deurdring kan word met dit wat hom aangebied word en die betekenis en die belang van die oorgebringde geestelike goedere vir homself duidelik geword het. Sou die boodskappe slegs eenmaal gegee word, dan sou dit nie tot so `n insig bring as wat nodig is om weer self onderwysend te kan besig raak nie. Dit is nodig dat die mens elke vraag met duidelikheid en beslistheid kan beantwoord, eers dan kan die goddelike leer nog by vele mense ingang vind en daartoe word `n groot en omvangryke kennis in die huidige tyd vereis.

Dit is om die rede dat jy (Bertha Dudde) dikwels boodskappe ontvang waarvan jy glo dat jy dit reeds ontvang het, maar dit is nodig, sodat elke mens eers helder en duidelik deur die boodskappe wat deur jou ontvang is, geleer kan word, as hulle die verklaring van die goddelike woord ter harte gaan neem. Neem daarom bereidwillig aan wat jy by herhaling aangebied word, want jou groot opmerksaamheid en jou gewillige bereidheid sal in `n kort tyd by vele mense `n volmaaktheid teweegbring wat deur God gewil word. En daarom ontvang jy (Bertha Dudde) elke boodskap volgens die wil en die Wysheid van God.

Amen.

Voorspelling van `n groot gebeurtenis

B.D. No. **1055**
13. Augustus 1939

Geseënd is julle werk. Terwille van die mense ontplooi daar `n enorme vinnige bedrywigheid van almal wat verlossend werksaam kan wees. En so is daar weer `n gebeurtenis in sig wat alle gemoedere sal verhit of wat verlammend op die skeppingsvernuf sal inwerk. En hierdie groot belewenis sal die weerstand van baie mense breek, menige siel sal die weg terugvind na die Vader, wat deur hulle erken word as die Beskikker van al die aardse gebeure.

En terwille hiervan sal God Sy Krag en Mag openbaar. Hy, wat alle harte ken, weet ook watter siele hulself nog na Hom kan keer en gee hulle Sy tekens op so `n manier, dat talle mense die aardse lewe sal verloor, maar ook baie sal die lewe verkry, die lewe wat vir ewig duur.

En hierdie tyd, wat nou oor die aarde gaan kom, is met reg `n tyd van stryd te noem, want so sal menige mens ook met homself in tweestryd wees. Enersyds sal hy sy opvattings nie wil prysgee nie, maar andersyds sal hy `n Mag en `n Wil herken en hierdie Wil nie wil en kan weerstaan nie. En die mens moet hierdie stryd tot `n goeie einde bring. Hy moet uit vrye wil sy eie denke opoffer. Hy moet vooropgestelde menings prysgee. Hy moet die gedagtes van verwerping wat in hom opkom probeer baasraak en hy moet uiteindelik alles insit vir dit wat hy in sy hart as die waarheid voel en dus slegs na die stem in homself luister, wat hom wel op die regte weg wil lei. En as hierdie stryd uitgewoed het, sal die mense vir wie die liggaamlike einde bestem was, nie tevergeefs gesterf het nie. En dit staan so kort voor die deur, dat ook die wetende verras sal wees. En let daarom op: Waar God Hom openbaar, gewend en onderrigtend, is die grens van die gebeure.

Wat in die Gees van God voortgaan, sal onaangeraak bly. Maar die aarde sal getref word in `n land waarvan die dae getel is en wat spog met sy krag. Weer het daar `n ommekeer in die tyd gekom en weer kyk die wêreld na hierdie land en op hierdie land begin die vonke te val wat van die goddelikheid getuig. Die vonk wat die vuur aansteek en wat nie geblus sal word nie, want die aandag van die wêreld fokus op die gebeure wat heelwat groter is as alle rusie en stryd van die wêreld. Hulle skenk geen aandag meer aan sake wat die menslike wil beplan het nie, maar net nog aan die aanwysings van bo. En daar sal `n deur uit sy skarniere gelig word, wat tot nou toe geen deurkyk toegelaat het nie. En nou eers sien die mens die Grootte en Almag van Hom wat al die lewe op aarde bestuur en lei. En salig is hulle vir wie hierdie aanmaning nie te laat gaan kom nie.

Amen.

Ateïsme. goddelike ingryping

B.D. No. **1066**
22. Augustus 1939

Die goddelike Skepper moet regmatig die omvang van mense se gebrek aan kommer ten opsigte van geestelike sake aanspreek, aangesien die hele lewe op aarde nutteloos is wanneer die siel haar aardse houer in dieselfde toestand verlaat as wat sy dit ontvang het. En so `n vermorste lewe is `n gruwel voor die aangesig van die Heer, want die Heer het die mense hierdie lewe gegee vir die verbetering van hulle siele, en nie vir `n onbedagsame manier van lewe en die najaag van aardse genietinge nie. Wee hulle wat nie hul taak op aarde herken nie. Talle struikelblokke sal in hul weg geplaas word, sodat hulle daaroor sal struikel en gedwing word om ondersoek in te stel na waar dit alles vandaan kom. So `n struikelblok is soms in staat om `n volledige verandering van denke te laat plaasvind en die roekeloosheid en onverskilligheid teenoor alle geestelike sake op te los. En daarom gryp God se wil altyd in waar geestelike ondergang voorsien word. As die menslike siel se ondergang dreigend is, moet drastiese ervarings die verstand in beslag neem om die siel se val in die afgrond op die laaste minuut te voorkom.

Die duidelik sigbare voortdurende geestelike verval is die beste bewys hiervan. Sal iemand ooit selfs die kleinste gebeurtenis met God assosieer? Gee iemand ooit die eer aan God en dank Hom as die daaglikse lewe goed verloop? Ervaar die mens nie nuwe wonderwerke om en bo hom elke dag nie, laat hierdie voortdurende ervarings hom ooit dink aan sy Skepper? En hoe dikwels lei God se barmhartigheid `n mens deur teenspoed en gevaar, en hy aanvaar dit as die normale verloop van die lewe terwyl hy in werklikheid die Heer sonder einde behoort te verheerlik en te loof. Slegs `n vroom ingesteldheid erken God se leiding in alles, slegs `n gelowige kind plaas al sy vertroue in die goddelike Skepper en Verlosser, terwyl die mensdom skaars geloof ken, en hulle so verwyderd is van geestelike ervarings dat die God van liefde die mense in hul geestelike nood wil help. En so het die dag gekom dat die vloed van goddelike liefde weer op die mensdom uitgestort gaan word, want die geloof in God as Heerser van hemel en aarde sal opnuut ontstaan deur tekens van `n wonderbaarlike aard.

Die gees van `n goedhartige persoon sal helder en duidelik God se werk herken en hy sal sy naaste onderrig en help om die tekens ook reg te interpreteer. Julle mense sal in besit kom van geestelike waardes; maar julle sal na buite kyk en tensy julle `n poging aanwend om na die innerlike stem te luister, sal al die woorde tevergeefs wees en daarom moet die tekens namens God se Wysheid en Krag praat. En julle sal baie daarvan ervaar, hulle sal almal na bo wys, want julle sal geen menslike invloed daarin herken nie, in plaas daarvan, toon hulle slegs God se wil en doel. En hierdie tyd is naby en so sal die tyd van geestelike nood verby wees vir almal wat aandag sal skenk aan hierdie tekens en dit gebruik tot voordeel van hul siele.

Amen.

Sigbare aanwesigheid van die Verlosser - Graad van Liefde

B.D. No. **1077**
31. Augustus 1939

Wie My soek, sal My ook herken waar Ek hom ontmoet, want sy gees is uit My en dus sal niks hom van My skei nie. Ek sal in lewende lywe wees onder hulle wat Myne is en hulle innerlike stem sal My aanwesigheid aan hulle verraai. En wanneer hulle My wil dien, sal hulle swyg en My nie in die openbaar bekendmaak nie, want Ek is dan slegs sigbaar vir die kind wat in die innigste liefde met My verbind is. Ek sal vir daardie kind sigbaar wees, dog vir die ander, wie se gees My nog nie herken het nie, verborge wees. Maar die uur van My koms is vir julle nog `n geheim, want slegs die graad van liefde sal My tot julle en tot in julle midde voer.

Die belofte wat Ek Myne gegee het op aarde, sal getrou, woord vir woord vervul word, want op aarde sal hulle wat My in hulle dra, My mag aanskou. En elke woord uit die mond van so `n kind sal getuig van My heerlikheid en sy stem sal helder klink wanneer hy My lof en ere toesing. Sodra Ek onder julle, My kinders, vertoef, hoef julle nooit meer die aardse leed te vrees nie, want dit sien julle

nie meer raak wanneer julle in My Vaderoog gekyk het nie, want dan sal aardse leed julle nie meer kwel nie.

Ek kom na Myne om hierdie krag vir hulle te bring, sodat hulle die stormloop, wat hulle van buite af bedreig, kan trotseer. My Gees sal julle dan leer om die wat honger is en die wat dors is te kan voed en laaf. Oral waar julle saamkom om My woord te verkondig, daaraan sal Ek ook deelneem en hulle versterk wat in My Naam spreek. Sodoende sal Ek Myself bekendmaak deur die mond van die mense, want Ek kies My stryders. Hy wat saam met My en wat van voornemens is om slegs vir My te stry, sal ook die krag ontvang om goed te kan stry met die "swaard van sy mond". En dan sal hy as oorwinnaar uit die stryd tevoorskyn kom, omdat dit Ek is wat hom lei.

Wie My aanskou, kan nie meer anders as om My met sy hele siel te dien nie. Hy vrees dan ook geen teenstander meer nie, want angs en moedeloosheid is vir hom dan vreemd omdat My beeld onuitwisbaar in sy hart afgedruk is en vir hom van nou af aan die stimulant is tot die hoogste ontplooiing van sy wil.

Die wêreld sal die krag van hom wat vir My opkom met verbasing ondervind. Hulle sal hulle wel teen hom draai, maar sal nie sy wil kan verswak nie. As moedige stryder sal hy nou onvermoeid veg en sal nog vele siele na die ligvolle ewigheid toe lei, want hulle sal deur hom tot die besef kom van die krag en die mag van die geloof in My, die Heiland en Verlosser van die wêreld.

Amen.

Die vorming van `n wolk in die hemel - die lyding en dood van Christus

B.D. No. **1081**
4. September 1939

God, die Heer van Hemel en Aarde sal julle `n sigbare teken gee wat van Sy Mag en Glorie getuig. Dit was van ewigheid af bepaal en sal so opvallend getoon word dat julle, julleself aan die vorm van die goddelike almag en liefde sal verwonder. Hoe onbelangrik die klein wolkie in die hemel ookal mag lyk; dit sal nietemin lewe soos julle s`n berg. En hierdie lewe word deur God ooreenkomstig Sy wil so in die wolkformasie gevorm dat die lyding en dood van die Heer maklik herkenbaar sal wees en julle die Een op die kruis sal herken wat die wêreld wil ontken; julle sal of met afsku gegryp word, of skreeu van vreugde, afhangende daarvan of julle Hom verwerp of Hom in julle harte hou. Die laasgenoemde hul sal in gebed verpoos terwyl eersgenoemde, wat hulle op `n afstand van Jesus Christus bevind, die beeld sal probeer ontken.

En die Heer wil dit so hê, Hy wil die mensdom `n teken van Sy guns en liefde skenk, omdat dit hul geloof sal versterk: Óf om hul geloof in Jesus Christus, Redder van die wêreld te laat herlewe as hulle dit verloor het, óf om dit tot `n onwankelbare krag te laat groei. En die mensdom sal nogmaals poog om die wonder van die goddelike liefde te verkleineer, hulle sal dit verklaar as `n toevallig gevormde verskyning en as onbetekenisvol verkleineer en hulle sal poog om die goddelike Voorsienigheid ongedaan te maak.

Maar dit sal alle menslike verklarings trotseer en sal die vorm behou, sodat die hele wêreld dit kan bekyk. En die gevolg sal wees dat selfs in die van `n mees anti-mistieke oortuiging, `n nadenke veroorsaak sal word. Die tyd het dan aangebreek waar die mensdom buitengewone verskynings sonder geloofsdwang aangebied kan word, omdat die mensdom se denke so smaakloos geword het dat hulle elke verskyning wetenskaplik sal probeer verklaar, d.w.s. met die verstand, wat alle geestelike bemiddeling deur onbekende kragte ontken.

Daarom word die mense se vrye wil nie in gevaar gebring deur dergelike verskynings nie; inteendeel sal wetenskaplike verklarings aanvaar word bo die dat dit `n teken van bo is. En weereens sal slegs die wat God soek en die wat in liefde lewe, die sigbare teken van die ewige Godheid herken; en daardeur word die guns van die goddelike liefde opnuut aangebied aan die mensdom, met slegs weinig wat dit as sodanig erken.

Die Heer maak die natuurlike wette vir `n tyd los, sodat dit die eksperimenteerders moet laat dink; maar waar die begeerte ontbreek om suiwer waarheid te erken, daar kan selfs die sterre hul gewone baan verlaat en die sonne hul glans verloor, sonder om die verharde wil van die mense te buig, maar sal maak dat hulle net meer na natuurlike wette soek en hulle daardeur verder van die ware kennis afwyk.

Daarom is hierdie buitengewone teken `n direkte geskenk van genade; nietemin slegs vir hom wat die wonder van die verskyning met sy hart erken, of begin om daaroor na te dink. Maar hy wat hierdie geskenk van genade nie gaan gebruik nie, sal daardie hemelse vorm sielloos beskou sonder om `n poging aan te wend om betreffende hierdie fenomeen tot `n gevolgtrekking te kom, maar sal dit as `n blinde kans van `n uitsonderlike aard afmaak, want so `n persoon het nie liefde in die hart nie en is nie geskik vir diepere wysheid nie.

Amen.

Gebedsverhoring - Voorwaardes

B.D. No. **1082**
5. September 1939

Wie ookal My Naam in geloof aanroep, sal die volheid van My Krag en Liefde in sy hart ontvang. Sien, julle liggaam is aards en alles wat julle sien is ook aards in sy uiterlike vorm; maar wat binne-in julle is, dit wat binne die uiterlike vorm verborge is, is goddelike substansie en sy voel die instroming van My krag en ervaar dit as uiters weldadig.

En om hierdie rede moet julle altyd die gees binne julle in ag neem en die uiterlike verontagsaam. In elk geval het Ek julle die vorm gegee vir die volwassewording van die siel en Ek sal sekerlik weet hoe om haar ook te onderhou. So waarom bekommer julle, julle daaroor? Wie aan sy siel dink en hom oor haar welsyn bemoei, sy liggaam het werklik nie nodig om hom te bekommer oor dit wat hy nodig het nie. Ek het julle alles gegee wat julle kan sien in die skepping. Ek het julle alles gegee vir `n doel. As julle hierdie doel vervul, sal julle in oorvloed hê wat julle vir jul liggaam nodig het.

En as julle besorg is, roep My Naam aan in volle geloof en julle sal geen aardse ontbering ly nie. Wie ten volle op My vertrou, leef reeds van My Krag en is ook meester van wêreldse dinge, omdat Ek alle krag in `n vertrouende hart plaas om dit ten volle na My te keer, sodat Ek besit van hierdie hart kan neem.

Begryp dit, My kind. Alle mense op aarde mag hul versoeke slegs uiter en hulle sal vervulling ontvang, op voorwaarde dat hulle My in hul harte aanroep, in My glo en My opreg liefhet. Omdat hy wat My liefhet na My wil buig, hy wat in My glo twyfel nie aan My krag en liefde nie en as hy My aanroep, erken hy sy swakheid en kom soos `n bang kind na sy Vader, en Ek kan sy gebed verhoor, want Ek wag in elk geval op die aanroep vanuit die vallei van die aarde. Maar waar nie aan één van hierdie vereistes voldoen word nie, waar liefde, geloof en `n vertrouende gebed nie teenwoordig is nie, moet die aardse kind nog toetse slaag om die weg na My te vind. Julle wil so dikwels nuttelose dinge hê en as Ek dan nie julle gebede beantwoord nie, twyfel julle en ondersoek nie die rede nie; julle vra nie in welke mate julle self te blameer is vir die nie-vervulling nie. Sien, wanneer My ware kinders hul versoeke aan My opdra, laat hulle dit aan My oor hoe Ek hul gebede beantwoord, omdat hulle weet dat Ek hulle nie daarsonder sal laat gaan as dit nie noodsaaklik was vir die voordeel van hul siele nie. Ook vra hulle nie iets wat nie uit hul harte kom nie en word daarom duidelik deur die gees binne hulle gelei. Daarom beantwoord die gebed van so `n kind altyd aan My vereistes en sal gevolglik ook vervulling vind. En as julle die behoefte voel om iets te vra vir die behoud van julle aardse liggame, sal die Hemelse Vader sekerlik nie julle versoek weier nie. My kinders word met baie liefde versorg en word voorsien van alles wat hulle deur hul geloof gelei word om My aan te roep en in My te vertrou, omdat 'Wat julle die Vader in My Naam vra, sal aan julle gegee word'.

Amen.

Kerkgeboue

B.D. No. **1083**
5. September 1939

As vaste plekke om God te vereer, het julle kerke gebou wat nie strook met die Wil van die Heer nie. Daardeur het die eintlike verering van God in die hart van die mens tot `n minimum gedaal. Daar is baie wat meer waarde heg aan uiterlikhede, veral kerkgeboue, as aan die innerlike omgang van die mens met hulle Hemelse Vader.

Tog moet slegs die innerlike omgang die grondslag wees van alle verering van God. Elke handeling wat gepaardgaan met vertoon van praal ontbreek aan diepe innerlikheid, wat egter ook begryplik is, want die mens is meer met die aardse materie verbind, as wat hy hom eenvoudig en innig met die Hemels Vader kan verbind. Waar `n sigbare uitbeelding dus iets geesteliks duidelik moet maak, bestaan die gevaar dat die sigbare die aandag kry, waardeur die geestelike verontagsaam word.

Die aardse mens kan eintlik eers tot innerlike rus, tot vergeesteliking kom, wanneer al die waarneembare, wat binnekom deur `n mens se sintuie, volledig uitgeskakel word. Elke mens moet voortdurend worstel en op sy hoede wees dat aardse verlangens en wêreldse gedagtes nie die oorhand kry nie, want die wil tot die geestelike neem in gelyke mate af soos wat hierdie gedagtes die oorhand kry en dit is dan uiters moeilik om weer in kontak te kom met die geestelike.

Daarom is dit verstaanbaar dat alle seremonies, alle handelinge wat `n sekere geestelike betekenis vir die mens duidelik moet maak, meer geskik is om die mens op die uiterlike te rig en die mens oppervlakkig te laat word. As die mens homself deur innerlike drang wil vergeestelik, dan sal dit vir hom duidelik word hoe volhardend hy teen alle invloede van buite af moet stry, hoe hy steeds weer moet probeer om alles om hom heen uit te skakel, om so heeltemal en al aan die “suiwer geestelike” te kan oorgee. En dit alles is nie moontlik op plekke waar baie mense saam is en waar vasgestelde handelinge plaasvind wat die grootste aandag van die mense vereis nie, wat presies omgekeerd is van dit wat net belangrik is vir God.

Die mens moet nie dink dat dit hom tot sonde gereken sal word as hy al hierdie uiterlikhede nie nakom nie. Wat deur God gewaardeer word, is slegs die diepte van geloof, die graad van liefde en die onbeperkte oorgawe van die aardse kind aan sy Hemels Vader. En wie hom ywerig hiermee besighou, hoef nie die oordeel van die Vader te vrees nie, want hy handel dan welgevallig voor die Vader en soek in alles die “vrug” en nie net die skil nie.

God slaan geen ag op volmaakte handelinge wat slegs uiterlik gedoen word en die kern van die saak nie aanraak nie, want die verinnerliking van die gemoed vereis `n voortdurende verbinding met die goddelike Verlosser en Heiland Jesus Christus. Die vasgestelde tye vir die verering van God is in die vêrste vêrte nie voldoende om volmaaktheid van die siel te bereik nie. Die mens moet eerder vir God, die Heer elke uur van die dag met liefde vereer en dank betuig en hy moet voortdurend na die “vrywording van die gees” strewe.

Daarvoor is voorgeskrewe plegtighede waarlik nie geskik nie, want dit laat die menslike gemoed eerder onverskillig word, omdat die mens verkeerdelik dink dat hy die Wil van God vervul het en dit is vanweë die geestelike stilstand of selfs agteruitgang, buitengewoon betreurenswaardig, omdat die mens elke uur moet benut om aan hulself en hul siele te werk, met volmaaktheid as doel.

Amen.

Voorspelling oor die gebeure

B.D. No. **1084**
6. September 1939

Daar is uitermate seënryk vorm gegee aan julle verdere lewensweg deur God se wyse raadsbesluit en daarom is elke dag slegs `n tree om in `n sekere sin die hoogte te bestyg, wat `n vereiste is vir die arbeid van die Heer in die vorm soos wat dit vir julle bestem is. En daarom moet alles hul gang gaan en moet daar `n gewelddadige ingryping in die bekende rus verdra word, terwille van die

positiewe ontwikkeling van die siel. En intussen moet julle harte nie ten tye van nood vrees nie, want die Heer staan julle liefdevol by en versterk julle in julle gees.

Vertrou en vlug altyd na Hom, Wie jou vertroue sal beloon. En nou wil ons julle onderrig in opdrag van die Heer, sodat julle, julle medemens in kennis kan stel van die verloop van die wêreldbrand. Geen seënryke vrede sal beskore wees vir een van die strydendes nie, want God sal Self ingryp wanneer die tyd daarvoor aangebreek het. Die state, wat so aanmatigend was om `n vreedsame land binne te val, sal hulleself daardeur die grootste skade berokken, want daardie land val onder die goddelike wet.

Binnekort sal hulle lot verseël wees en die wêreld sal duidelik die ingryping van `n hoër Mag erken. En daar rus `n enorme druk op hulle, want hulle sal ook die onregverdigheid insien van die wat die land regeer. En hulle sal hul besin en baie verlang na vrede. Maar hoe duideliker die ingryping van die ewige Godheid sal wees, des te minder sal die mense ag slaan op hierdie aanduidings van bo, waar mense in verblinding so begerig is vir mag en grootheid in hul uur van grootste vertwyfeling wat duisende en nog eens duisende mense sal moet deurmaak.

En tog bring hulle geen verandering aan die menslike lot wat in verantwoordelike posisies is tot stand nie. En slegs die vaste wil van `n diep gelowige mens, wat die noodsaaklikheid van die goddelike ingryping insien, en groot invloed op die ander uitoefen, sal verdere bloedvergieting verhinder. En dit word vir julle gesê dat julle al aan die begin daarvan is. Ons het vir jou gesê dat jy van dit alles moet melding maak, want die tyd vlieg en die mense moet, indien moontlik, dit al vooraf weet, sodat hulle heel ywerige aanhangers kan word van die leer van die Heer wanneer die komende gebeurtenis begin, want julle sal elke dag moet gebruik om vir die Heer te werk. Slegs die wil is julle krag, want as julle wil God se Wil is, sal Hy as te ware deur julle werk. En wanneer julle nou die Wil van God vervul, staan die grootste krag julle ook tot beskikking. Julle sal wel die uiterlike rus deur die gebeure verloor, maar julle geloof sal versterk word en hierdie nuwe wil sal homself bereid verklaar om onverwyld vir God te werk.

Die wêreldgebeure sal egter verder sy gang gaan, net op `n ander wyse as wat dit nou lyk. En van nou af begin die Gees aktief te word en het die tyd gekom dat die dienaars van God hul werk op aarde moet doen. Laat dus alles op julle afkom, wag met geduld op die sending van die Heer en beskou alle gebeurtenisse steeds in die sin dat dit noodsaaklik is vir die rypwording van die menslike siele.

Amen.

Ontvangs van ondenkbare betekenis - Doel van hierdie werk - Numeriese voorspelling

B.D. No. **1086**
8. September 1939

`n Gewigtige werk sal met jou samewerking bereik kan word, en eendag sal die vreemdste menings rakende die oorsprong van hierdie werk gevorm word, en dit sal aanvaar word dat alle dokumente slegs geskryf kon word deur te konsentreer op `n spesifieke gedagtegang, wat `n spesifieke talent ontwikkel het en dat die werk geskep was as gevolg van hierdie geestelike konsentrasie en dat die werking van bonatuurlike magte slegs te danke was aan die skrywer se versteurde verbeelding. Die Heer is egter nou besig om iets voor te berei wat ook hierdie twyfelaars sal laat dink. Hy bepaal die numeriese omvang van hierdie werk se totale volume. Die eerste tweeduisend (2000) hoofstukke wat aangebied word, sal alles bevat wat nodig is om `n persoon genoegsaam te verduidelik, ten einde oningeligte mense te onderrig.

Maar daarna sal spesifiek voorbereide openbarings aan die werk gegee word, om die mense in te lig oor iets heeltemal nuuts en buitengewoon insiggewend, want almal wat hierdie openbaringe getrou aanvaar het, sal ook `n spesiale sending daarin herken, wat die skrywer se taak sal word. Die Heer Self sal Woorde dikteer wat nog nooit tevore aan die mensdom gegee is nie. Dit is die woorde wat die Heer aan sy eie in sy moeilikste uur gespreek het, maar wat nooit vir die wêreld toeganklik gemaak is nie, want tot nou toe het die mensdom nie oor die bevattingsvermoë beskik vir hierdie woorde nie. Jesus se aktiwiteit op aarde is aangeteken, maar nie Sy woorde wat so diep betekenisvol was dat selfs `n

kundige gees dit nie kon inspireer nie, en instede daarvan moet die goddelike Heer en Verlosser alleen die Spreker van hierdie woorde wees.

En ten einde die oordrag te ontvang, is `n baie gewillige hart nodig, wie se enigste begeerte is om in staat te wees om die Verlosser binne haarself te aanvaar en wat al haar sintuie na hierdie heilige ervaring sal rig, en slegs onder hierdie omstandighede kan `n geskenk soos hierdie oorgedra word aan `n aardse kind. Hoe teerder hierdie hart klop vir die Verlosser, hoe duideliker en verstaanbaarder kan hierdie Woord aan haar meegedeel word, want dit vereis `n buitengewone bereidwillige en ontvanklike hart, sowel as absolute geloof. En sodra die oordrag aan die aardse kind gegee is, sal `n missie van so `n ongelooflike betekenis vervul wees, dat julle mense nie in staat sal wees om dit te beoordeel nie.

Hierdie werk sal vir eindelose tye bestaan en vir ewig getuig van God se oneindige liefde en goedheid vir Sy kinders en oor Sy verdraagsaamheid, geduld en barmhartigheid. Nadat dit klaar is, sal die stryd teen die goddelike Woord begin, en dan sal dit duidelik word en geopenbaar word dat niemand hierdie goddelike Woord sal kan weerlê nie. En dit sal gewilliglik aanvaar word waar daar voorheen nog opposisie daarteen was. En so sal hierdie werk onder die mensdom plaasneem en krag en barmhartigheid oordra aan almal wat hulle nie afsluit vir hierdie openbaringe nie en dus vrywillig God se barmhartigheid wil ontvang.

Amen.

Voordeel van kontak van die aarde met die hiernamaals

B.D. No. **1094**
15. September 1939

Dit is buitengewoon voordelig om `n ware geestelike kommunikasie te vestig met die vriende van die hiernamaals, want dit bevorder die siel se volwassenheid binne `n baie korter tyd. Alle geestelike vermoë sal min of meer behoorlik gebruik word, en hierdie krag sal voordelig wees vir die mens, want dit sal sy eie stryd om geestelike volwassenheid aansienlik verlig, en hy sal onbeperkte ondersteuning van die geestelike wesens ontvang, wat belangstel om die mens in elke stryd te ondersteun, geestelik sowel as wêrelds.

Dus bied so `n kontak vanaf die aarde na die hiernamaals `n onbeskryflike voordeel, maar dit word skaars opgemerk en waardeer. Wanneer iemand hierdie weg geneem het en homself onder die beskerming van die geestelike gidse geplaas het, sal hy volkome teen enige geestelike terugval beskut word, hy moet net sy wil bevestig ten einde goed versorg te word en dan sal sy aardse lewe nie so moeilik wees nie, aangesien al die laste wat die mens tot dusver gedra het, gewillig deur die gids gedeel word en sal nie soveel deur die persoon ervaar word wanneer hy die hulp van die geestelike gids vra en dit navolg nie.

In hierdie tyd van lyding op aarde is die geestelike wesens veral baie besig en aktief, want hulle probeer alles om die mens se denke en sodoende hul geestelike lewe te beïnvloed en makliker te maak en tree dus as ware geestelike voogde op. Sodanige kontak is goed in elke sin van die woord, en hulle lig `n persoon omvattend in, en daardeur wek en versterk dit sy geloof en dra sodoende in elke opsig by tot die feit dat die persoon homself gewillig disassosieer van materie en homself gretiglik besighou met geestelike sake.

Daarom is dit verstaanbaar dat die geestelike wesens daarvan hou en dit baie verwelkom wanneer so `n kontak van die aarde na die hiernamaals geïnisieer word en poog dus dubbeld om die aardse kind altyd op so `n wyse te onderrig dat hy nie sal moeg of mat word met sy besluit om hom tot volmaaktheid op te wek nie. Dit hang van die Onderwysers af of `n persoon se wil dan meer op die geestelike lewe sal konsentreer en dat daar dus kontak gemaak sal word vanaf die aarde na die hiernamaals, sodat elke aardse krisis oorleef sal word en hy dus heeltemal ander paaie sal neem as dit wat die persoon ten tye van so `n aardse nood geaffekteer het.

Die mensdom word so baie omvattend beïnvloed deur die salige geestelike wesens, en hulle akkommodeer graag selfs die geringste wil, sodat sulke geskenke van bo ook met uiterste vreugde

ontvang moet word, want eendag sal die mense besef hoe baie meer waardevol dit is om hierdie buitengewone volmaakte inligting te ken; hulle sal net meer gretiglik kontak soek, want die ligwesens se liefde is so bekommerd oor die ellendige mensdom dat hulle van hulle kant af die enigste ding doen wat hulle kan doen. Hulle gee die aardse kind krag in oorvloed, en enigiemand wat hierdie krag gebruik, sal nooit in staat wees om weer, fisies of geestelik, te val nie.

Amen.

Geestelike disintegrasie - Verwoede elemente - Vrugbare grond

B.D. No. **1095**
16. September 1939

Die prentjie van geestelike verbrokkeling sal duidelik sigbaar word by die aanbreek van die dag wanneer die groot ramp die aarde gaan tref. In tye van gevaar het die mense hul toevlug tot die Heer geneem. Met hierdie ramp sal egter net `n klein fraksie van die mensdom Hom onthou, Wie alleen verlossing kan bring, en so sal die lae geestelike vlak duidelik herkenbaar wees deur die wanhoop van die mense wat nie weet waarheen om te gaan vir redding nie. En dit is presies waarom dit nodig is dat hierdie ellende oor die mense kom, want dit kan nog steeds hul denke tot `n sekere mate verander, want die nood sal ondenkbaar en aardse hulp heeltemal onmoontlik wees.

Iemand wat in geloof lewe, sal nie in dieselfde mate bang word deur die ramp as die ongelowige nie, omdat hy in homself elke geval altyd vrywillig oorhandig het aan sy God en Vader. Maar daar sal slegs weinig van hulle wees, en hierdie weinig sal nie in staat wees om deur te dring tot die harte van die mensdom om `n diep opregte gebed te veroorsaak nie. Hulle koppigheid sal so groot wees en hul arrogansie selfs groter en hierdie twee is onoorkomelike struikelblokke vir nederige onderwerping om te smeek om barmhartigheid. Hoe meer verwoed die elemente word, hoe harder en meer hardkoppig sal hul gees te midde daarvan wees. En God sal sorg vir die weinig wat Hom onthou, wie die Vader bely en hulself oorgegee het aan Sy barmhartigheid. Hy sal hulle geloof beloon, sodat hulle dankbaar sal wees en Hom lof toesing, want die Heer sal nie Syne verlaat nie, en Hy sal hulle lei na ware vrede en die ewige lewe, as hulle hul aardse lewe moet prysgee.

Moet dus nie jammer voel vir diegene wat hul lewe oorgee in geloof nie. Hou in gedagte dat Hy wat die lewe gee, dit ook weer kan wegneem, en net so kan Hy wat dit wegneem dit ook weer herstel, maar baie mooier en vreugdevol as wat die mees aangenaamste aardse lewe kan wees. Twyfel daarom nie aan God se liefde, barmhartigheid en geregtigheid nie. Inderdaad sal baie onskuldige mense saam met die skuldiges ly, maar hulle sal duisendvoudig vergoed word, want dit moet alles verduur word ter wille van so baie misleide mense. En die wyse Godheid het ook `n balans geskep in soverre dat die land van die ramp buitengewoon vrugbaar sal word, juis as gevolg van hierdie gebeurtenis. En die mense wat deur die barmhartigheid van God oorleef het, sal hulle lewens aan God wy en dus waarlik in en vir God lewe en ook veg vir Sy Naam. En hierdie tyd sal die begin van geestelike verandering wees, alles sal verenig word deur liefde en die een sal die ander liefdevol help, en hulle sal God se Liefde, Almag en Wysheid erken; Hul dade en gedagtes sal reg wees voor God en die Heer sal met genoeë op almal neersien wat hul weg deur lyding na Hom gevind het en dan aan Hom diensbaar word met hul hele hart.

Amen.

Die afsetting van `n aardse mag

B.D. No. **1103**
21. September 1939

Die gees van enigeen wat die wêreld rede gee om onder voortdurende bedreiging te lewe, toon nie die liefde wat hy in homself moet hê nie. Dit is eerder hulde wat aan die bose gebring word deur die persoon wat onenigheid en twis onder die mensdom versprei. Die mense is veronderstel om liefde en vrede te kweek en almal moet soos broers vir mekaar wees. In plaas daarvan word bittere vyandskap na huise geneem wat vreedsame mense moet beskut; en `n hele nasie sal onwaardig wees

as die burgers van `n land in geestelike gevangenskap leef. Die verslawing van hulle wat as broers behandel moet word, word nie volgens die wil van God goedgekeur nie.

Hulle wat verwaande wette maak wat persoonlike vryheid beperk en dit net om `n vooropgestelde idee deur te druk, sal spoedig ontdek dat hulle te ver gegaan het en dat die noodlot teen hulle wat in beheer is sal draai. Toegegee, aanvanklik sal dit lyk asof die wêreldmag suksesvol is, maar nie vir lank nie, want alle tekens van die tyd wys na die einde van die periode wanneer krag vóór genade kom. Maar as dit onhaalbaar blyk dat die swakkes op aarde gerespekteer word, dan is dit deur die Wysheid van God toegelaat sodat die Geregtigheid van God, Sy Liefde en Sy Almag eendag duidelik tot uiting sal kom, want hy sal tussenbeide tree wanneer die tyd reg is. Julle moet Hom alleen laat regeer en Hy sal die lot van iedereen so reël dat dit vir elkeen draaglik sal wees en met die seën en hulp van God sy lewe tot die regte bestemming bring.

En maak julle nou gereed om `n openbaring te ontvang, waarvan julle die betekenis nie vandag sal kan begryp nie, maar dit sal aan julle verklaar word: Die Heer sal kragtig moet ingryp in die geestelike chaos en die wêreld sal die skaal van die ewige Godheid se ingryping angstig evalueer. En daarom is dit toelaatbaar dat die heerser van `n verontruste nasie eers self die ellende sal moet proe, alvorens hy sterk beïnvloed sal word deur wêreldgebeure. Tot hiertoe sal hy nog die hoogte van sy roem geniet, aangesien die mensdom hom bly aanpor, maar sodra hy geval het, sal niemand met of namens hom praat nie, want in ontbering en bitterste nood het die mensdom vergeet dat hulle hom ook sekere voordele verskuldig is en so sal dit gebeur dat in die komende tyd van ontbering, die wêreld `n algemene opstand teen hierdie outoriteit sal beplan en uitvoer, wat `n mens se val sal veroorsaak, wat homself in `n belangrike posisie sien. En hierdie siel sal `n besluit moet neem, hy sal hom laat lei deur sy siening van opregtheid, hy sal die foute en tekortkominge erken, maar ook die bedoeling van hulle wat verlang na `n verbetering van die hele situasie en sal hulle met minder mag tevrede stel om die mensdom teen verdere rampe te beskerm, want die ongelooflik verbitterde mense sal hulle regte eis en sal vra vir die verwydering van hom wat die onbeskryflike ellende oor die mensdom gebring het.

En die uur sal kom wanneer ryk en arm, jonk en oud, hoog en laag sal besef hoeveel mag hierdie heerser uitgeoefen het en hoe die verstandiges bedrieg was deur sy verskyning en bedrog. En sodra hierdie verandering van rigting plaasgevind het, sal die aarde slegs `n weinig langer so bly, om dan `n volledige nuwe voorkoms te kry as gevolg van `n reusagtige ramp, nie oral nie, maar merkbaar in alle lande wat verenig was in die wêreldoorlog en wedersydse vernietiging beplan het. En dit sal `n verskriklike dag wees wat deur `n verskriklike nag gevolg sal word, want die Heer wag met uiterste geduld, maar as dit geïgnoreer word, sal die gebeure in die wêreld plaasvind en dit sal iedereen volgens verdienste beïnvloed, want God se regverdigheid sal niemand op `n troon laat wat nie sy status regverdig nie en sal hulle verhoog wat altyd getrou aan hom was, nie terwille van die aardse beloning nie, maar vir hul liefde vir die goddelike Skepper. Die lot van iedereen is van ewigheid af bepaal en die Heer voer slegs uit wat in Woord en Skriftuur afgekondig is, sodat die mensdom die waarheid van hierdie voorspellings kan erken en dit ter harte neem.

Amen.

Voorloper - `n Nuwe geesteryk - Nuwe geslag

B.D. No. **1107**
23. September 1939

Die mensdom sal sy ware heil in `n heeltemal nuwe geestesrigting moet erken en hulle sal moet hardop getuig dat slegs dit hulle redding was uit alle nood. `n Gekwelde, deur alle ellende besoekte geslag kan homself slegs verlos uit die grootste aardse kwelling deur die omvorming van hulle innerlike wese en `n deeglike werk aan hulle sielelewe. `n Veredeling op so `n manier sal dan ook `n verbetering van die aardse situasie tot gevolg hê, want slegs die lae geestelike peil is die oorsaak van alle liggaamlike plae. Maar dit word opgehef sodra die mens self geestelik moeite doen om volgens die vereistes van God se Wil te lewe, want die geestelike duisternis van die mens het `n verskriklike uitwerking. Tallose siele gaan die verderf tegemoet en kan nie anders gered word as deur `n bomatige swaar aardse lewe nie.

En in die nood van hierdie siele sal God `n man laat opstaan, wie se gees vol van die goddelike Gees sal wees. Hy sal op so `n wyse van Jesus spreek, dat elke mens wat hom sal sien van verligting sal sug, as bevryder van die gees van ontelbare dwalende mense. Mense sal hom ook bestry, maar sy Woord en gesag sal die vyand beslis neerslaan. Hy sal oor die siele worstel, liefde predik en die harte laat ontvlam. Hy sal hulle aanspoor tot geestelike medewerking. Hy sal die suiwer goddelike leer vir die mense aanbied en elkeen wat gewillig is en wat die regte ding doen, sal die Gees herken wat uit hom spreek.

Hy sal geen aardse mag vrees nie en tog nooit geweld gebruik nie, slegs die mense met groot geduld en liefde wys op hulle verkeerde lewenswandel, hulle versugting na die wêreld en op hulle ondergang. En baie sal sy woord verneem en daarby steun vind, hulle sal in hulself keer en die waarheid van sy woorde insien. Hulle sal hom wil beskerm teen sy vervolgers en daar sal selfs weldra twee partye vorm wat mekaar sal bestry. Maar God sal aan hulle wat vir hom is, groot krag verleen en die mag van die teenstanders sal afneem. En so sal die nuwe Ryk begin. En geseënd is hy wat aan die innerlike stem gehoor gee en opkom vir wat hy in homself verneem. Geseënd is hy wie homself by die leër van die stryders vir Jesus aansluit en teen die wêreld van die teenstander optrek.

Die gekwelde siel sal in die laaste uur bevry en gered word en `n nuwe tydperk sal aanbreek. Die uiterlike skyn, glans en prag van die wêreld sal nie meer so begeer word soos voorheen nie, want die mens sal homself rig op die ontwikkeling van sy siel en sal strewe na geestelike rykdom. Sy verlange sal meer gerig wees op geestelike gawes van bo wat die wêreld nie kan bied nie.

In hierdie tyd sal daar `n nuwe geslag voortkom en die draers word van die ware Christendom. Hulle sal in die liefde tot God en die naaste lewe en die bestemming van die mens insien, dus bewustelik werk aan hul voleinding. Die siel sal haarself met die Gees verenig en haarself verbind met God, die Vader en Skepper van alle dinge, om met Hom verenig te wees tot in alle Ewigheid.

Amen.

Die innerlike stem - Stem van die gewete -hoorbare stem

B.D. No. **1114**
25. September 1939

Die innerlike stem maak die mens bekend met die wil van God en daarom moet daar op hierdie woorde gelet word. Want sou die mens dit nakom, gaan hy ook op die regte weg. Om die stem in homself te hoor, moet die mens bereid wees om die wil van God te vervul. Hy moet as te ware vir die goddelike instruksies vra om daaraan gevolg te gee. En as hy hierdie wil openbaar, sal God Hom ook aan hom openbaar en wel na gelang hy dit waardig is, op verskillende maniere, gewoonlik deur die stem van die gewete. Hierdie is vir alle mense verneembaar wat na sy innerlike luister. Dit is `n aanmaning om die goeie te doen en `n waarskuwing om die kwaad te vermy. Dit is die sekerste wegwyser, die vermanende stem en die waarskuwingsteken van bo.

Wie aandag skenk aan sy gedagtes, sal besef dat dit in hom stroom, gewens of nie-gewens. Daar duik so dikwels gedagtes op wat vir julle hinderlik is, wat julle tot iets wil oorhaal of julle wil verhoed om iets te doen. En steeds is sulke gedagtes vir die mens `n verneembare innerlike stem, die stem van die gewete. As die mens hom nou deur sulke gedagtes laat lei, steeds met die oog op God en met die wil om die regte ding te doen, dan sal hy waarlik korrek gelei word. Maar die nie-navolg van hierdie stem laat die roep van bo steeds swakker word, totdat dit uiteindelik verstil, want die wil vir die goeie, die voorwaarde om aan die innerlike stem gehoor te gee, is nie teenwoordig nie.

As die mens egter deur die ywerige opvolg van die goddelike wil `n innige verhouding met die Vader in die hemel tot stand bring, dan sal die stem des te harder klink. Want waar die wil van die mens homself heeltemal aan die goddelike wil onderwerp, daar sal God Sy stem verneembaar laat klink en ruim Hy alle hindernisse op wat tussen Hom en die mense is. Daarvoor is werklik geen besondere gawe nodig nie, buiten `n hart wat God waaragtig liefhet, sowel as innige oorgawe, want in so `n hart kan die Heer ons Verlosser Self Sy intrek neem en nou duidelik waarneembaar met Sy kind praat. En dit bring alle verrukking van die hemel teweeg in die so gelukkig gemaakte mensekind.

Julle hoef maar net die goddelike stem te begeer en sal nooit `n vergeefse versoek rig nie en die goddelike Verlosser Self sal julle op die mees liefdevolle manier leer en Sy wil aan julle bekendmaak. Hierdie buitengewone genade kom alle mense toe en tog word dit nie waardeer om in regstreekse verbinding met God te staan nie en die welwillende woorde van die Vader te mag hoor nie. Om genade, troos en krag in ongekende oorvloed daaruit te put, is waarlik die grootste geskenk van God se genade en tog word dit so min geag en in tye van nood ly die mense gebrek en wel deur hul eie skuld.

Amen.

Liefde van God - goddelike beskerming -Storms

B.D. No. **1115**
25. September 1939

Hoe versigtig en vol sorg lei die Vader nie Sy ware kinders deur die aardse lewe nie, deur alle gevare heen, en beskerm hulle teen groot nood, liggaamlik sowel as geestelik, want die Vader in die hemel hou van hierdie kinders wat voortdurend na Hom verlang en hulself volgens vermoë uitsit om Hom te dien en volgens Sy Wil te lewe. Wees daarom nie angstig of bekommer en huiwer nie, ook nie in tye van aardse nood nie, want God laat dit by julle verbygaan en Hy sorg dat Hy julle nie belas nie en dat julle altyd gehelp sal word en dit moet vir julle `n troos wees en julle moet met `n blye hart na die toekoms kyk. Want steeds, waar julle ookal is, verleen die Vader julle sy beskerming. Derhalwe is julle nooit verlate nie, al mag dit ook so lyk wanneer alles om julle heen inmekaar wil stort. Wie homself aan die Vader in die hemel toevertrou en Sy genade afsmeek, is onder die veiligste hoede, want `n gebed wat in geloof opgestuur word, sal Hy nie onverhoord laat nie.

En al gaan daar menige storms oor julle heen, die son sal maar weer steeds daarna skyn en steeds weer sal `n soete rus en `n onbewolkte hemel die herinnering aan die voorafgaande storms laat verbleek. En onthou dat ook hierdie storms daar moet wees, want God, wat oor lewe en dood gebied, hou ook hierdie storms in bedwang en as Hy die geraas van die elemente toelaat, sinspeel Hy daarmee ook weer net op `n reiniging van almal wat Hy tot positiewe werksaamheid bestem het.

Hy sonder al die onsuiweres vooraf af, sodat die weg na volmaaktheid vir die geestelikes vry kan word en daar moet nog baie sulke storms oor die mensdom kom en daarom moet julle nie skroom en kleinmoedig word nie. Solank julle die Liefde tot God waardig is, hou Hy ook Sy beskermende Hand oor julle. En dus sal julle moet oefen in die liefde, want daarmee betuig julle julle wil aan Hom en gee julle ook blyke van julle liefde vir Hom en Hy sal julle beskerm teen alle gevaar en julle ook Sy Liefde laat toekom.

Amen.

Geloof is die eerste voorwaarde vir die waarheid.

B.D. No. **1134**
12. Oktober 1939

Ongeag hoe nougeset `n persoon poog om die waarheid te ken, is sy sekerheid nie gewaarborg solank as wat sy strewe nie gefundeer is op `n diepe geloof nie. Sonder laasgenoemde is alles wat aangebied en aanvaar word deur mense, deurspek met foute. In teenstelling daarmee sal die geringste gedagte in geloof ook die suiwerste waarheid wees, maar dan moet `n persoon aandag gee aan die oorvloed van gedagtes wat na hom vloei. Indien hy in geloof in God debatteer oor enige onderwerp, sal hy by wyse van spreke gegryp word en baie diepgaande kennis sal aan hom oorgedra word, en hy kan dan verseker wees dat dit die suiwerste waarheid sal wees, want dit is die fundamentele inherente manier van denke-oordrag wat `n persoon vraend tot die aangestelde onderrigtende wesens kan rig wanneer `n gedagte-begerende verduideliking in hom ontstaan. Die enigste manier vir `n ware openbaring is die vraende begeerte, wat dan onmiddellik beantwoord sal word. Wie is die enigste Een wat alles verduidelik? Slegs die goddelike Skepper Self, en Hy gee die wesens wat Hom dien die taak om elke lewende skepsel in te lig oor dit wat hulle begeer om te weet. Elke persoon se gedagtegang is die gevolg van `n min of meer sterk wil vir die waarheid. Want God Self is die Waarheid. Indien `n persoon die waarheid met volle geloof in God begeer, dan begeer hy

ook God Self. Hierdie begeerte van die persoon se gees vir God, veroorsaak ook die verbinding met die goddelike gees, en so word die gees in die mens opgelei deur die goddelike Gees Self en kan daarom slegs die suiwerste waarheid ontvang. Waar dieselfde begeerte egter bestaan, maar sonder die geloof in God, kan die Godheid nie kontak maak met die persoon se inwonende geestesvonk nie en dus het die teenstander groot krag om van die geleentheid van oordrag gebruik te maak om sy wil aan die persoon oor te dra en hom in dwaling en verkeerde denke in te lei. Die innerlike skakel met God beveilig alle kommunikasie, want enigeen wat tot God roep, wie sy hart oopmaak en luister na die antwoord, sal in staat wees om die absolute waarheid te hoor, want God is bereid om te gee waar `n getroue hart goddelike gawes versoek, en waarheid is altyd en tot in ewigheid `n geskenk van bo.

Waarheid kan slegs van bo af kom, maar nooit uit die afgrond nie. En dus is die mense wys om die goddelike Heer in elke vraag in ag te neem, want die waarheid kan slegs verskaf word deur die Een wat Waarheid in Homself is en geen aardse kind sal dit tevergeefs vra nie, want die Vader in die Hemel sal Sy kinders altyd in die waarheid lei. Daarom moet die geestelik volmaakte wesens ook manifesteer as draers van die waarheid vir diegene wat waarheid wil ontvang, hulle mag nie enige teenstand ondervind as hulle hulself wil uitspreek nie, en daarom vereis dit `n diep geloof in God en in geestelike krag en die oordrag van gedagtes aan die mens. Geloof is dus die eerste voorwaarde waarsonder `n waarheidsoordrag van kennis ondenkbaar is.

Sodra `n persoon hierdie eenvoudige oplossing gevind het, waardeur sy korrekte denke gewaarborg word, sal hy nie gekwel word deur twyfel of neerslagtige en huiwerige nagaan van die uitsendings van waarheid nie, maar hy sal onvoorwaardelik aanvaar wat die Gees aan hom gee, aangesien sy houding teenoor God hom verseker van `n korrekte denke. In vergelyking daarmee sal `n persoon wat voortdurend na wêreldse dinge smag, nie die waarheid begeer nie. Hy voel instinktief dat wêreldse plesier en die vervulling van drange nie die doel van die aardse lewe kan wees nie. maar wil dit nie erken nie, en daarom skram hy ook weg om streng na die waarheid te soek in alle aspekte van die lewe. En juis hierdie doelbewuste vermyding van die waarheid, veroorsaak dat die vors van leuens mag oor sy siel kry. Die ewige Godheid kan min hulp stuur aan so `n siel, omdat dieselfde opposisie ook weer tot dieselfde bose invloede sal lei, want God, die ewige Waarheid Self, wil erken word en daarom is geloof die eerste voorwaarde om die waarheid te kry.

Amen.

Ewige verdoemenis - Nie bestaan - Onverlos wees

B.D. No. **1137**
15. Oktober 1939

Die Skepper van hemel en aarde is onskeibaar verbind met al sy skepsels. Sonder Sy krag is niks lewensvatbaar nie en dus moet hierdie krag aan alle skeppingswerke gegee word om dit te behou. So staan elke wese in voortdurende verbinding met die hoogste Geestelike en kan nie `n nie-deur-God-gewilde weg gaan sonder om homself heeltemal van sy Skepper en Maker af te skei nie. Hy sal altyd `n beroep moet doen vir krag, ofskoon hy hom in die blindheid van sy denke, in die laaste stadium van sy ontwikkeling, onafhanklik waan van elke mag wat bo hom staan. Die ontkenning van `n mag bo hom skakel nie die teenwoordigheid van so `n mag uit nie.

As die wese homself dus wil skei van sy Skepper, gebeur dit net binne sy eie denke, deurdat sy wil bewustelik afwyk van die goddelike Wil, maar nooit kan hy homself deur so `n denke losmaak van sy Skepper nie, want dit sou dieselfde beteken as om `n "nie-bestaan" te hê. `n Skeiding is gevolglik nie moontlik nie en die bewustelike wegdraai van God het net tot gevolg dat die wese nie na die vrywording van sy siel sal streef nie, maar dat hy sal kies om in die onverloste toestand te bly, dus plaas hy homself as te ware terug in die gekluisterde vorm wat hy al oorwin het en het so die gaping tussen sy Skepper en homself eindeloos vergroot, in plaas daarvan om dit te verklein het en hierdie teruggang is dieselfde as `n ewige verdoeming, want vir hierdie wese is die eindelose tye `n onuitspreeklike kwelling. Daar bestaan geen nie-bestaan nie, net `n onverlos-wees.

Die weg na verlossing is vir elke wese begaanbaar en alle moontlike hulp sal aan hom verleen word. Slegs die vereniging met God moet nagestreef word, maar nie die verwydering van God nie. God trek

die wesens in sy oneindige Liefde na Hom omhoog, indien hulle maar net hul oë na Hom wil opslaan, maar as Hy weerstand vind in die wil van die mens en Sy Liefde word nie aangeneem nie, dan staak die verlening van genade ook, maar die kragtoevoer uit God sal hom net soos voorheen verleen word, solank die weg oor die aarde nog nie afgelê is nie.

Eers in die hiernamaals sal hierdie wese, wat weerstand gebied het, die gebrek aan goddelike krag bemerk. Hy word dan in `n sekere sin aan homself oorgelaat. Hy het ook dan nog die moontlikheid om die kloof te oorbrug, maar die gevaar bestaan ook om in eindelose dieptes na benede te stort, wanneer die verharding so groot is dat hy ook dan nog alle hulp sal afwys en dan word die weg na benede ingeslaan, wat weer in ballingskap eindig, sodat die wese weer ingelyf kan word in die vaste vorm, sodat die gang van sy positiewe ontwikkeling weer ewighede sal moet deurmaak, totdat die skeiding van die skepsel van die ewige Skepper uiteindelik oorwin is.

Amen.

Ster - Temperatuur - Voorspellings

B.D. No. **1153**
30. Oktober 1939

Die tyd vlieg verby en die ingesteldheid van die mense verander nie. Daar sal ontelbare siele ten gronde gaan as die Heer hulle nie op die aller laatste nog Sy Liefde sal aanbied en aan hulle die vreeslike ondergang van die aarde voor oë hou nie. En daarom, let op die dae wat hulself wesenlik van die anders gebruiklike jaargetye sal onderskei. Hoe laer die son staan, des te helderder lig sal hy uitstraal en `n uitsonderlike hitte sal die mense verbaas laat staan en dit sal aanleiding gee tot vermoedens van allerlei aard. Deels sal mense hoopvol die komende tyd tegemoet gaan, deels angstige bedenkinge hê en die mensdom sal geneig wees om `n bonatuurlike werksaamheid daaraan toe te skryf .

Tog sal slegs enkeles dink aan hulle verhouding met God. Hulle sal nie besef dat God Self hulle denke na Hom toe wil wend en dus trag hulle ook nie om `n moontlike verklaring te soek in die buitengewone natuurverskynsels nie. Ja, hulle raak baie vinnig daaraan gewoond en haal nie die geringste voordeel vir hulle siele daaruit nie. Want as hulle maar net sou oplet, sou die roep uit die hoogte vir hulle verstaanbaar gewees het, maar hulle wat nie dink aan hulle verhouding met die Skepper nie, bly aardsgesind en neem niks aan van wat hulle geestelik aangebied word nie.

En al hierdie buitengewone natuurverskynsels is uitinge van geestelike aktiwiteite van die kragte wat God onderdanig is en gewillig is om Hom te dien. Steeds opnuut sal geestelike strominge merkbaar word en vir die mense sigbaar word op menigvuldige wyse en tog sal die denke van die mensdom hulself weinig daarmee besig hou, want ook die mag van die duisternis is geweldig werksaam in hierdie stryd teen al die geestelike onderstrominge. Hulle sal trag om die goddelike te verswak en so sal die mensdom slegs aan die aardse gebeure aandag skenk en onverskillig staan teenoor die werksaamheid van die Godheid in die natuur, ofskoon die mense op duidelik gewelddadige wyse daardeur geraak sal word. Slegs `n klein aantal sien dat God Sy Hand na die mense uitstrek en trag om aan die medemens insig te verskaf, maar slegs die weldaad wat liggaamlik voelbaar is, erken die mens, maar nie `n opdrag van bo wat `n verandering van die menslike denke moet bewerkstellig nie.

En in hierdie tyd van welbehae, teweeggebring deur `n buitengewone werking van die son, op `n ongewone tyd, sal daar `n gebeurtenis plaasvind wat ook selfs elke geestelike blinde iets te denke sal gee:

`n Ster sal homself losmaak van die firmament (uitspansel) en sy baan verander. Hierdie ster sal `n ligsterkte hê wat die van alle andere ver sal oortref, hy sal snags helder straal en die aarde nader, sodat ook die verskynsel weer vir die mense ongewoon sal wees en tog terselfdertyd `n bewys daarvan is dat die Skepper van hemel en aarde alle mag het en dus ook aan die sterre hulle baan volgens Sy Wil kan voorskryf.

Wanneer hierdie ster sigbaar word, sal die mensdom die geestelike keerpunt steeds meer tegemoetgaan. Daar sal in geestelike opsig soveel hulp vir hulle aangebied word, dat hulle waarlik net

hul eie wil nodig sal hê om die hulp hul eie te maak. Dog sal hul ingesteldheid steeds meer verstok word, hul denke steeds meer verblind. En die tyd sal dan nie meer ver wees waarvan Jesus op die aarde gepraat het nie; dat `n deur uit Sy skarniere geruk sal word as die mens sy hart sluit vir alle geestelike instorming.

Die lig sal ook daar skyn waar dit duister word, want die ligstraal sal so helder wees dat hy alles sal deurdring en ook die geestelike blinde sal moet sien; slegs sy wil sal dit wegwys en sy einde sal wees dat hy deur die lig verteer sal word, want die duisternis word verdrywe deur alles wat helder, lig en duidelik is. En die lig oorwin die duisternis in soverre dat die donker moet wyk waar die lig van die waarheid voorheen sigbaar afgebreek is. En die leuen en die valsheid sal verkrummel, maar die waarheid sal tot in alle ewigheid bly.

Amen.

Lei ons uit die versoeking - Die "Onse Vader"

B.D. No. **1368**
2. April 1940

En lei ons uit die versoeking. Julle het die sonde altyd te vrees, want dit lê voortdurend op die loer en daarom moet julle waaksaam wees en nie vergeet om te bid nie. Julle moet God herhaaldelik aanroep, sodat Hy julle kan beskerm teen enige gevaar vir die siel. Die mens moet die liste en die bedrog van die vyand vrees. Hy kronkel homself in enige vorm digter om die mensekind heen om sy invloed te laat geld. En steeds sal hy die sonde sodanige vorm gee, dat dit die mens lok en hy alle goeie voornemens vergeet. En daarom moet julle waak en bid, waaksaam wees, sodat hy nie te slim is vir julle nie en bid vir krag om hom te kan weerstaan.

En as julle jul toevlug tot God Self neem, dan sal Hy julle vertroue beloon en Homself bereid verklaar om julle te beskerm. En Hy sal verhinder dat die teenstander verder sy intriges teenoor julle realiseer en as die wil van die mens sterk is, dan sal die teenstander verloor. En dit bring hom daartoe om weer onder `n ander vlag te probeer.

En daarom spreek God: "Vra My om hulp, Ek wil julle help." Net die gedagte, wat julle vraend opstuur, sal `n muur rondom julle oprig, wat die vyand nie kan afbreek nie. Want God laat wel die teenstander die vryheid toe om sy mag te gebruik, om daardeur ook die wil van die mens op te wek om weerstand te bied, maar as die goddelike Verlosser aangeroep word om `n mensekind te red en as julle dus julle hande in gees en in waarheid oplig, dan sal julle altyd op Sy hulp kan reken, want Hy self het vir julle gesê hoe julle moet bid.

Hy sal julle versterk en krag gee om weerstand te bied, maar Hy sal ook die versoekings van die vyand van julle afweer. Want dit is die wil van die Vader, dat julle die gebed gebruik wat Hy julle Self geleer het. Dit sluit alle vrae in wat byna uitsluitlik vir die sieleheil geld. As julle hierdie vrae innig tot die Vader in die hemel voorlê, sal Hy julle volgens julle waardigheid beloon. En streef daarna om die goddelike genade werd te word, sodat dit in julle kan oorvloei en julle dus die krag uit God in ontvangs kan neem en God belowe julle dan sy hulp. Benut dit en dank die Skepper van hemel en aarde vir Sy oneindige liefde en goedheid, wat sorg dra vir elke mens en die invloed van die teenstander sal steeds geringer word. Hy sal moeg word van die voortdurende stryd en teen julle opgee as hy geen resultaat bemerk nie. Dus sal julle "verlos wees van alle bose."

Amen.

Kindskap van God (1) Kerkbywoning

B.D. No. **1375**
8. April 1940

Alles met betrekking tot God moet `n persoon tot sukses lei, indien hy daaraan voldoen of daarvan gebruik maak. Dit moet tot God lei, maar slegs as daar aan alle vereistes voldoen word. Formaliteite sal egter nie tot sukses lei nie. Dit sal slegs makliker vir één persoon en moeiliker vir `n ander wees om die doel te bereik, in soverre dat die laasgenoemde `n besonder moeilike weg gekies

het om te loop, terwyl die ander weg makliker is en net so `n vreugdevolle diens kan wees aan God. Maar die mens onderwerp hom aan voorwaardes wat God nie van hom verwag nie. Dit is nodig om bewus te wees van individuele onderrig wat deur mense by die onderrig van Christus gevoeg is. Eerstens word kerkbywoning verplig, wat nie altyd voordelig is vir die siel nie, maar dit kan ook vernietigend vir die siel wees.

Die idee dat `n mens deur kerkbywoning meer na God sal draai is uiters misleidend; inteendeel is hy in groter gevaar om dit wat `n diepgaande innerlike ervaring moet wees, te verander na `n leë gewoonte. Die ware aspirant sal oral na God soek en sy kerkbywoning sal hom geen skade berokken nie, want hy vind enige tyd en enige plek kontak met God en sal geen bepaalde plek daarvoor nodig hê nie. Daarom is dit slegs nodig om die Woord van God te hoor, wanneer dit nie vir die persoon elders toeganklik is nie en hy slegs God se volle aanvaarding wil vind, wanneer die doel van kerkbywoning die genoemde verspreiding van die goddelike Woord is. Alle ander plegtige aktiwiteite is slegs versierings wat min of meer toegevoeg was deur die mens en motiveer teenswoordig die konsep van `n diens aan God, terwyl iets heel anders as die bywoning van dergelike praktyke, wat niks in gemeen het met die ware werk aan die siel nie, deur diens aan God bedoel word.

Dit is heeltemal onbelangrik en onlogies of en in welke mate die mens aan die vereistes voldoen om aan die Rooms Katolieke Kerk te behoort. Die kerk wat deur Jesus Christus op aarde gestig is, het niks met uiterlike gebruike te doen nie. Ten spyte van sy uiterlike manifestasie, kan sy diepgaande prinsipes sekerlik erken word en hoef so geen hindernis vir die erkenning van die ware onderrig van Jesus Christus te wees en om dienooreenkomstig te lewe nie. Alternatiewelik is hierdie uiterlike manifestasies nie nodig om `n ware Christen ooreenkomstig die wil van God te wees nie. Dit is nie moeilik om te sien dat die mense juis deur hierdie baie formaliteite afgesit word en dat Jesus Christus sekerlik nie die bereiking van ewige saligheid afhanklik gemaak het van die vervulling van menslike verordende gebooie, soos die gereelde bywoning van die kerk nie en nog aan aksies deelneem wat ook menslik bedinkte toneelspel is, wat van geen voordeel vir en geen invloed op die menslike siel het nie.

Die mens moet daaraan dink dat die Heer op aarde beswaar gemaak het teen uiterlike gebruike, dat hy niks gedoen het om Sy Woord effektief te benadruk nie, met uitsondering van wonderwerke, wat bedoel was om Sy Goddelikheid aan mense te bewys. Maar Hy het nooit iets gedoen wat op die een of ander manier die bogenoemde gebruike van vandag te regverdig of te staaf nie, want dit is slegs suiwer menslik ingestelde formaliteite wat geen ander diepere betekenis het as wat mense daaraan gee nie en dit kan nooit met die goddelike wil ooreenkom nie, dus kan dit nie van mense as bewys vereis word vir die voldoening aan die onderrig van Christus nie.

Amen.

Kindskap van God (2) Seremonies

B.D. No. **1376**
8. April 1940

Aldus word die wil van God so geïgnoreer en die gevolg is `n ontsettende stand van sake wat die geloof ernstig in gevaar bring. Slegs weinig mense begryp die belangrikste punt en hulle voldoen wel aan die gespesifiseerde (menslike) gebooie, maar terselfdertyd is hulle so in aanraking met die Heer dat hulle krag deur hierdie verbinding ontvang, maar wat hulle egter aan die vervulling van hierdie gebooie toeskryf. Hierdie misleide begrip sal nie hulle siele skade berokken nie, maar hierdie krag kan ook na `n persoon sonder uiterlik herkenbare seremonies stroom, mits die hart daarna streef om `n vereniging met God in werking te stel, terwyl die seremonies sonder `n innerlike vereniging, nie tot enige soort seën sal lei nie.

Dit is ook belangrik om die vraag oor kindskap van God te stel. Ooreenkomstig dogma kan slegs `n lid van die Katolieke kerk aanspraak daarop maak om homself `n kind van God te noem. Dit is `n absolute verkeerde standpunt wat nie geregverdig kan word nie. Iedereen wie onvermoeid werk om homself te verbeter en wat strewe na volmaaktheid, iedereen wat voortdurend streng ondersoek toepas op homself en sy dade, wat altyd probeer om die goddelike wil te vervul, neem die kindskap van God ernstig op en sal deur die Vader as Sy kind beskou word. Maar verpligtinge en die vervulling daarvan

kan nooit so waardevol wees soos die vrywillige vreugdevolle diens wat vir God so waardevol is nie, want dwang sal nooit `n persoon se eie wil aktiveer nie.

Die onderhouding van die gebooie in `n toestand van dwang, is nie besonder prysenswaardig vóór God nie, maar die geringste vrywillige oorgawe aan die Skepper, is `n buitengewone stap voorwaarts vir die siel van `n persoon. En so het God altyd Sy wil aan die mensdom te kenne gegee, maar Hy het nooit beveel dat dit verpligtend is om Sy wil te vervul nie, omdat dit slegs waarde vir Hom het as die mens bo homself uitstyg en, terwille van sy liefde vir God, `n bepaalde opdrag aanvaar. Want slegs dan sal die mens se wil neerbuig en bewustelik streef om met die Vader in die hemel te verenig, slegs dan sal die verhouding van die kind met sy Vader in werking gestel word. Die mens, soos `n kind, sal poog om gehoorsaam te wees aan sy Vader in die hemel, die kind sal sy Vader liefhê en probeer om Hom te behaag en homself vorm op so `n manier dat die Vader hom liefdevol aan Sy hart sal druk en so sal die persoon bewustelik na kindskap van God streef.

Amen.

Kindskap van God (3) Seremonies

B.D. No. **1377**
9. April 1940

Dink aan die mense wat altyd regverdig en in geregtigheid probeer wees en wat nie aan enige bepaalde gedagteskool behoort nie. Hulle wil is wel na God gerig, dus na die goeie, hulle het egter net nie die korrekte begrip nie, maar dit kom diep vanuit hulle harte en soos met hulle, so ook met elke lid van `n bepaalde gedagterigting. En hierdie innerlike begrip is absoluut noodsaaklik vir elke mens, `n geloof van uiterlike vertoon is nutteloos vir hom daarsonder, alternatiewelik egter, sal die innige begrip, sonder dergelike geloof, ook die korrekte verhouding met God tot stand bring, naamlik die verhouding van `n kind tot die Vader en dit moet eerstens nagestreef word. Hoewel hierdie vereiste waarskynlik makliker begryp en vervul sal word weens godsdienstige dogma van `n kerk, sal die nie-toetreding tot `n bepaalde kerk dit nie uitsluit nie. Dus moet dit ook begryplik wees dat hierdie verhouding met die Vader eers gevestig moet word, alvorens daar van kindskap van God gepraat kan word, naamlik dat laasgenoemde nie deur `n toetreding aan een of ander kerk verseker kan word nie, maar dat die diepe innerlike gevoel van die hart altyd die essensiële faktor is.

Die konsep 'toetreding' kan baie buigbaar wees, maar dit kan afhang van suiwer gebruike, soos die vervulling van gebooie wat deur mense by die goddelike gebooie bygevoeg is, soos: gereelde kerkbesoek, gestereotipeerde gebed en die deelneem aan `n handeling wat slegs simboliese waarde kan hê, tensy dit tot lewe gebring word deur `n baie diepe eenheid met die Vader. Maar dit is aansienlik waardevoller as die mens `n verlange na God sal hê wat nie deur dergelike formaliteite veroorsaak word nie, omdat dit makliker vir hom sal wees om nader aan die Vader te kom. Gelowig soos `n kind, sal hy hom aan Hom oorgee. Hy sal nie nodig hê om so baie hindernisse uit die weg te ruim soos streng onderrig en wonderwerke wat vóór die geestelike oog van `n persoon tot stand gebring word, wat in die eerste plek die gevoel van afstand van God laat ontstaan, dat God slegs deur `n omweg bereik kan word, wat nie maklik oorkom kan word nie, terwyl `n innige gedagte en die verlange na Hom `n mens reeds die seën van Sy liefde sal gee. En bowendien, die diepste emosie alleen sal die skeiding van die Vader verminder of vermeerder en nie uiterlike dade waar persoonlike gevoel ontbreek nie.

Amen.

Ondraaglike nood

B.D. No. **1380**
10. April 1940

Nog `n geruime tyd sal verbygaan en dan sal daar `n byna ondraaglike nood oor die aarde kom. Dit sal die begin van `n tydperk wees waarin die mens weer meer van sy eintlike bestemming sal bewus word, want hierdie nood sal hom die weg na God laat vind, maar sal hom ook by Hom laat vertoef gedurende toekomstige tye. En hierdie nood sal hul uiter in heel verskillende vorms, maar

steeds sal hoër kragte die oorsaak daarvan wees. Die mens sal dus nooit in staat wees om die nood uit eie krag af te weer of te verminder nie en so sal die mens die weg na God makliker daardeur vind as voorheen. En God sal Sy Woord aan die mense oorbring, sodat hulle in daardie tyd `n houvas kan hê, sodat hulle deur hierdie Woord versterk kan word en vir hulself krag daaruit put vir die tyd van die swaar beproewings.

En weer moet gesê word dat slegs daar waar die goddelike Woord in ontvangs geneem word, waar die lig uit die hemel skyn, daar sal ook `n duidelik merkbare verligting van die aardse nood te siene wees. Die mens sal sy toestand van lyding vir homself kan verklein, as sy wil op God gerig sal wees. Dit is die vernaamste en uiteindelike rede waaroor God so `n nood oor die aarde sal laat gaan en geen land sal daarvan verskoon bly nie. Alle mense sal leed moet deurstaan, omdat die sin en die doel van die lyding die terugkeer na God is; omdat die gedagtes wat God gelos het, weer op Hom moet fokus.

Maar God belowe sy beskerming aan diegene wat Hom liefhet. En as die geloof aan hierdie belofte sterk is, sal die mens onbeskadig aan liggaam en siel uit elke ellende tevoorskyn kom. Die Vader in die hemel sal Self vir hierdie kind sorg en Hy sal hom deur alle gevare heen lei. Dit sal dan duidelik sigbaar wees dat slegs om hom na God te wend, redding uit die ergste nood sal bring. Maar nie alle mense sal hulle aan die Wil van God onderwerp nie. Nie alle mense sal die afstand na God verklein nie. Hulle wil sal eerder in versterkte mate gerig wees op die terugkry van aardse goedere en die herstel van die ou toestand waarin hulle geleef het.

En dus sal die groot nood aan hierdie mense geen verandering van hul denke teweegbring nie. Die verlange na materie, na die bose, sal beduidend sterker word. Die gedagte aan God sal egter minimaal of heeltemal afgeskakel wees. Om sulke mense kennis te wil laat maak met die Woord van God, sal sonder sukses wees. Hulle sal nie van die verganklikheid van aardse besit oortuig kan word nie en waar die totale verval van hele landstreke dit nie duidelik genoeg vir hulle kon laat deurdring nie, daar is alle aanduiding tevergeefs.

Die aanhang van materie sal groter word en sal skaars oorwin kan word op die aarde. Maar weereens kan die begeerte hierna nie ook `n begeerte na God en Sy Woord bring nie. Gevolglik sal die mens afwysend staan teenoor laasgenoemde. En hierdie toestand sal heelwat troosteloser wees as voorheen, omdat die laaste hulpmiddel ook gefaal het en die mens nie in sy vrye wil belemmer kan word nie. Hierdie is die siele wat die Satan heeltemal in sy mag het. Slegs gebed kan vir sulke mense `n veranderende invloed bewerk, in soverre `n diep liefde vir hierdie ongelukkige mense, hulle uit die nood van hul siel kan bevry.

Amen.

Beskikking van voorsienigheid is die goddelike wil Waarborg vir die hoogste volmaaktheid

B.D. No. **1386**
20. April 1940

Dit is God se wil dat alles wat leef ondergeskik sal wees aan Sy wette, gevolglik kan niks gebeur wat nie volgens goddelike wil is nie, solank as wat dit betrekking het op gebeure wat `n persoon deur die voorsienigheid vir die doel van innerlike ervaring beïnvloed. Die mens se wil kan nooit goddelike wil teenstaan nie, hy sal nooit daarin slaag om dit af te skaf of te verander wat God bepaal het nie, want dit is nie in sy mag nie. Die mens se wil moet in lyn kom daarmee, hy moet effektief saamstem, selfs al is dit nie in ooreenstemming met sy wil nie, omdat hierdie dwang sy waarborg is om in staat te wees om die hoogste doel te bereik, d.w.s. daardeur word hy alle geleentheid gegee tot hoër ontwikkeling. Maar of hy gaan gebruik maak daarvan of nie, is heeltemal van sy wil afhanklik. Maar as die mens in staat was om sy eie lot te vorm, sou hierdie waarborg nie gegee word nie, want hy het geen idee wat sy gees nodig het en hoe dit kan vry word nie.

Daarom bepaal God Self die lot van elke individuele persoon en reël dit so dat Sy wil nie teengewerk kan word as gevolg van `n gebrek aan begrip of `n wederstrewige wil nie. En so demonstreer die goddelike Skepper met Sy wette, die baie liefdevolle sorg vir Sy lewende skeppings; Sy Wysheid herken die toestand van elke individu en Hy poog altyd om aan almal die grootste

moontlike hulpmiddel te skenk, deur middel van beskikking van die voorsienigheid, wat geestelike vooruitgang verseker.

Die feit dat so baie geleenthede onbenut bly, is nie as gevolg van die Skepper se wil nie, maar is heeltemal en al te danke aan die mens, wanneer hy te min aandag skenk aan sy innerlike lewe. Hierdie persoon kan ook `n ander lewe gegee word, maar ook dit sal hy nie tot voordeel van sy siel gebruik nie, daarom moet hy nie sy onvolwasse toestand van siel sien as die gevolg van sy aardse lot nie. Want selfs as God hom die vryheid sou gee om sy eie lot te vorm, sou hy op dieselfde vlak gebly het, omdat sy wil nie na bo streef nie.

Dieselfde geld vir daardie entiteite wat die wêreld van die hiernamaals bevolk, in volle besit van hulle wil, en wat dus vry is van alle aardse laste. Hulle is ook onderhewig aan `n sekere wet waaraan hulle hulself moet onderwerp. As hulle volmaak is, sal hulle net wil hê wat God se wil is. En in die toestand van onvolmaaktheid is die lot van die wesens in die hiernamaals, net soos in die aardse lewe, aan hulle toegeken en van so `n aard dat dit minstens geneig is om by te dra tot die siel se suiwering, begrip en bevordering. Weereens sal die goddelike wil van toepassing wees, en weereens word dit aan hulle oorgelaat om hulself te onderwerp aan die goddelike wil, of om dit te weerstaan, maar hulle sal nooit hierdie Wil kan verander of dit oneffektief maak nie.

Een Wil regeer almal. Alles wat hulself uit eie beweging ondergeskik maak aan hierdie Wil, is verlos, maar vervloek is die wesens wat die goddelike wil teenstaan. Want hierdie doel sal net eindig met hul ondergang. goddelike wil kan nooit uitgesluit word nie. Selfs waar menslike wil besig is om te werk en dinge tot stand bring wat die goddelike wil weerspreek, dit is slegs met God se toestemming dat hierdie menslike werk daarin slaag om daardeur hulp te bring aan `n siel in geestelike nood, omdat niks ooit kan gebeur wat heeltemal teen Sy wil is nie. Want Sy Wysheid, Liefde en Almag bepaal alles wat gebeur. En hierdie Wysheid, Liefde en Almag wil altyd net dit hê wat die beste is vir elkeen van Sy geskape wesens. En daarom is dit onmoontlik vir enige wese om hierdie wil teen te staan. Slegs die vorming van sy siel word vir die wese gelaat om self te bestuur. Dit word nie in die geringste deur die Skepper verplig nie, en dus kan die wese sy vrye wil gebruik, volgens sy eie diskresie.

Amen.

Katastrofe - Voorspelling

B.D. No. **1398**
28. April 1940

Onverdeelde aandag is nodig, ten einde in staat te wees om die volgende openbaringe te ontvang: goddelike Wysheid het `n gebeurtenis beplan waarvan die gevolge verskriklik sal wees. `n Ramp sal in die baie nabye toekoms ontwikkel wat nie deur middel van aardse pogings voorkom of verminder sal kan word nie. Ontelbare geestelike wesens sal in aksie kom en volgens goddelike opdrag die binnekant van die aarde uitdruk en die aarde sal oopbars en massas water sal deurbars, en `n daad van vernietiging met katastrofiese afmetings sal plaasvind, wat sal lei tot onbeskryflike ellende vir die mense wat daardeur geraak sal word. En dit sal baie vinnig gebeur, want julle mense sal net vir nog `n klein tydjie langer kragtig en veilig wees van al die gevaar. Julle neem slegs gebeure in die wêreld rondom julle waar en julle voel veilig en buite gevaar, maar julle het vergeet dat daar `n Krag in beheer van alles is wat in, op en bo die aarde is.

En aangesien julle van die Een vergeet Wie regeer in ooreenstemming met Sy wil, sal Hy tot julle spreek deur die kragte van die natuur, en julle sal na Hom moet luister, want julle sal nie in staat wees om Sy stem te ontsnap nie. Julle gee geen aandag aan die openbaringe van bo nie, lyding op aarde sal nie julle denke verander nie, maar julle sal nie in staat wees om die goddelike stem te verdring nie, want dit sal sterker wees as al die geraas in die wêreld. En daarom word dit vooraf aan julle verkondig, sodat julle God sal herken wanneer Sy stem sal klink.

Toegegee, die wêreld wil nie enigiets daarvan hoor nie, hulle sal probeer om die groot teenspoed met suiwer aardse middele te beheer en voortdurend goddelike aktiwiteit ontken. En baie sal saamstem met hierdie mening en net die ellende sien, maar nie die goddelike wil erken, wat ter wille van die

mensdom se verbetering, groot streke land sal blootstel aan vernietiging nie. En hierdie keer sal dit homself aankondig deur `n onverdiende pes wat `n land sal tref en hierdie land in baie ernstige probleme sal bring, en aangesien daar geen aardse hulp meer moontlik lyk nie, sal God Self tot aksie oorgaan en opdrag gee aan die elemente van die natuur om in te gryp in die aardse maatreëls.

En wie vooraf gedink het dat hy groot is, sal klein word, want hy sal al sy hulpbronne nodig hê om te herbou wat vernietig is. Mense sal benodig word vir die heropbou van hul eie land wat, nadat dit voorheen gefloreer het, verlate en kaal sal wees en baie werkers sal vereis. En dit is die tyd wanneer mense sal besin oor ander vrae as voorheen. Want iemand wat hierdie tyd oorleef, sal werklik God se guns geniet. Hy het getuig om met God verenig te wees, in die grootste nood het hy sy gedagtes aan die Vader in die hemel gestuur, en die Vader beantwoord die gebed van `n mens wat Hom in baie ernstige teenspoed herken en gevind het. Hy stuur net erge lyding oor die mensdom sodat hulle weer hul geloof in God sal vind. En so sal Hy ook weer die vernietigde geloof met geweld verhoog, deur Sy almag aan mense en die wêreld te toon dat Hy Heer is oor hemel en aarde.

Amen.

Gesamentlike hulp van wesens in die hiernamaals vir misleide siele (1)

B.D. No. **1400**
29. April 1940

Geestelike wesens word met mekaar verbind deur innige liefde en die een is altyd gereed om die ander aktief te help om redding te bring aan onverloste siele, want elke volmaakte gees leef in liefde en is onbekwaam om iets anders as liefde te voel vir elke enkele wese. Wanneer `n wese in die hiernamaals geestelike hulp aan sy beskermling op aarde wil bring, is baie ander geestelike wesens onmiddellik bereid om vir hierdie persoon op aarde te sorg en `n gretige begeerte om vir sy siel in te tree. `n Onbeskryflike aantal hindernisse moet oorwin word, wat die geduld en deursettingsvermoë van die geestelike wesens vereis en tydens hulle oorreding van so `n siel, doen hulle alles denkbaar om `n geestelike verbintenis tot stand te bring. Baie futiele pogings word gemaak, alvorens hulle daarin slaag om die mens te motiveer om hulle oorgebringde gedagtes te aanvaar, wat dikwels deur mense verwerp word in soverre dat alles van `n geestelike aard afgelag en belaglik gemaak word. Maar niks kan hierdie wesens verhinder om hulle pogings onvermoeid voort te sit nie en hulle doen dit met die grootste vreugdevolle toewyding. Dit is tog terwille van hierdie geestelike wesens, wat met die beskerming van mense toevertrou word, dat hulle dit doen, omdat hulle liefde hulle dring om hulle te help. En terselfdertyd veroorsaak elke oorwinning baie vreugde in die hiernamaals, omdat hierdie wesens die lyding van die onverloste siele ken. En as hierdie siele nie in die Evangelie onderrig word voordat hulle in die hiernamaals kom nie, sal hulle weerstand nie verminder alvorens hulle bewus geword het daarvan nie.

In teenstelling kan in die aardse lewe `n vinniger verandering van mening bereik word wanneer die wesens in die hiernamaals die beste gebruik van elke geleentheid kan maak; en dat hulle dit sal doen, word gewaarborg deur hulle ontsaglike liefde vir mekaar en hulle liefde vir mense. Wat hulle kan doen om mekaar te ondersteun in hulle geestelike werk vir die aardse kinders wat aan hulle toevertrou is, sal hulle graag en vreugdevol doen en so dien hulle mekaar met liefde. En die krag van hierdie liefde dra haarself aan mense oor, sodat daar af en toe `n skielike verandering in die mens plaasvind en om geen duidelike rede geestelike sake sal oordink en so na die fluistering vanaf die hiernamaals sal luister, wat die inspanning van die wesens suksesvol sal maak, want liefdesdade oorwin die ergste weerstand. Dit moet net met volharding en geduld toegepas word. En dit word gewaarborg deur die groot liefde van hierdie wesens, want hulle is besorg dat elke persoon bewustheid moet bereik en hierdie sorg spoor hulle aan tot onophoudelike aktiwiteit en werk om die koninkryk van God naby aan die gedagtes van mense te bring.

Amen.

Gesamentlike hulp van wesens in die hiernamaals(2)

B.D. No. **1401**
30. April 1940

Dus werk die geestelike volmaaktes onophoudelik vir die verlossing van die onvolmaaktes en liefde is altyd die motiverende faktor, omdat die toestand van hierdie wesens se volmaaktheid, ook `n gebied van aktiwiteit vereis en dit is wat hulle op aarde, asook in die hiernamaals soek, omdat die onverloste siele aan onbeskryflike ontbering ly, wat nie sonder aktiewe hulp verminder kan word nie. Derhalwe sal die wesens in die hiernamaals gretig probeer om met behoeftige siele kontak te maak en hoewel dit dikwels afmattend en nie suksesvol is nie, sal dit nooit nagelaat word nie. Om hierdie rede moet die wesens `n bomatige hoeveelheid geduld en liefde hê, sodat hulle nie hul pas in hulle werk verslap nie. Soms kan `n eenvoudige verwysing na die ewigheid voldoende wees om `n siel nadenkend te maak en dan word die verbinding gemaak, aangesien die vriende in die hiernamaals hulle gedagtes aan so `n nadenkende persoon kan oorbring.

Maar as die persoon slegs materialistiese gedagtes, op aarde asook in die hiernamaals het, sal sulke wenke ongehoord verdwyn. Hy leef slegs in die hede en sal nie sy hopelose toestand in die ewigheid oordink nie. Sulke siele word buitengewoon hard en moet deur pyn en lyding van hulle situasie bewus gemaak word. En selfs dan sal die ligwesens hulle nie verlaat nie, hulle word egter nie deur die arme siele herken nie, maar is altyd bereid om te help.

Die wesens op aarde word ook permanent omring deur die draers van lig wat hulle gedagtes na die geestelike wêreld wil lei, maar hulle liefde word dikwels verwerp. Hulle hulp word afgewys en die mens bly in dieselfde toestand wat eendag tot `n ellendige lot vir hom in die hiernamaals sal lei. Met die kennis van hierdie dreigende ontbering, sal die wesens nie die mense wat aan hulle toevertrou is, verlaat vir solank hulle op aarde lewe nie. Hulle is ook dikwels die oorsaak van aardse ontbering en lyding, as hulle nie ander middele kan vind om die siel te help nie. Hulle is die oorsaak van mislukkings, verlore hoop en alle soort teleurstellings, wat slegs bedoel is om die futiliteit van hulle aardse inspanning onder hulle aandag te bring en hulle gedagtes in `n ander rigting te lei. Hulle ken die waardeloosheid van alles wat die mens probeer bereik en aangesien dit nie geestelik aan hulle verduidelik kan word nie, omdat dit ferm verwerp word, moet die mense dikwels gedwing word om dit op te offer wat hulle probeer bereik.

Hierdie taak is nie maklik vir die volmaakte wesens nie, omdat hulle emosie liefde is en liefde wil altyd vervul en gee, dit wil geluk en vreugde gee en moet nou wegneem en pyn veroorsaak aan mense vir wie hulle lief is. Maar die lyding wat eendag op hulle wag, sal baie groter wees en om dit vir hulle beskermlinge af te weer, meng hulle dikwels vernietigend op die aardse lewe in. Die finale verlossing van sulke wesens kan slegs bereik word deur lyding, wanneer liefde nie in hulle gewek kan word deur die lyding van hulle medemens raak te sien nie. Dit kan baie vinnig tot `n verandering van mening lei. Hulle eie lyding sal hulle nie altyd tot bewustheid lei nie, maar om die pyn van hulle medemens te sien, sal `n persoon nadenkend maak en hom `n beter begrip gee. En dan sal die gevaar vir hierdie siel verbygegaan het, omdat die hart van `n persoon wat kan liefhê, nie verhard is nie en die invloed van die wesens uit die hiernamaals sal suksesvol wees. Daarom kan die mense se lyding nie vermy word solank hulle nie van die feit bewus geword het dat hulle op aarde lewe om vir die ewigheid voor te berei nie. Slegs lyding sal hierdie gedagte nader aan hulle bring en dit is die enigste hulpmiddel beskikbaar aan hulle wat vir die siele veg.

Amen.

Droefheid oor die oorledenes

B.D. No. **1402**
30. April 1940

Julle moet besorg wees oor die lewendes, maar nie treur oor diegene wat God na Hom roep wanneer die tyd aangebreek het nie. En dus sal julle, julleself moet voeg volgens die goddelike Wil en troos soek by die Heer. Want God is Liefde. Hy stuur geen kommer en droefheid aan julle sodat julle moet ly nie, maar slegs terwille van julle siele, wat deur leed volmaak moet word.

En as julle `n mens verloor wat vir julle lief en dierbaar was, sal julle smart verminder word wanneer julle dink aan die lyding en sterwe van Jesus aan die kruis. Ook julle neem die leed op julle skouers as julle dit vir Jesus dra.

En terwille van die mensdom verdra Jesus die leed, maar julle dra dit vir diegene na wie julle liefde uitgaan wanneer julle dit berustend en terwille van Jesus dra.

Kla daarom nie en roep die siel nie terug na die aarde, as sy die aardse dal verlaat het nie, want vir haar het die uur van vryheid geslaan en al die las van die aardse bestaan het van haar afgeval. En dit moet julle troos wees, dat die Liefde van God oneindig is, dat hierdie Liefde van Hom die lewe beëindig wanneer die tyd gekom het, dat Hy die persoon na Hom geroep het in Sy Ryk.

Die weg op aarde was nie maklik nie en noudat die siele hulle losmaak van die aarde, moet julle nie droewig wees nie, want hulle verwissel die aardse lewe vir `n lewe vol van vrede in die ewigheid.

Amen.

Voortydige verwoesting -Die vry word van die gees

B.D. No. **1408**
3. Mei 1940

Grenselose verwarring van denke, waaraan hebsug en heerssug die grondslag vorm, laat die wantoestande hand oor hand toeneem en die gebod van liefde word totaal verontagsaam. Hierdie demoon het homself van die wêreld meester gemaak, almal jaag na besit en ontsien geen lis en gemeenheid om dit te bereik nie. Daar is geen eerlike strewe waarmee die mens hom besig hou nie, niks is regmatig vir God nie en God kan nooit meer Sy Seën gee oor dit gee wat die wêreld nastreef nie, want die wêreld streef slegs na aardse mag, `n behaaglike lewe en besit. En dit alles is deel van die bose en daarom bedien die mens hom ook slegs van die hulpbronne van die bose, naamlik geweld, leuens, huigelary en bedrog.

Maar God se Wil is om mekaar in liefde te dien, niks te eis nie, niks af te dwing nie, maar om te vra en te gee. Die mense moet in vrede langs mekaar lewe en hul aardse bestaan gebruik om vir hul siele te sorg. Maar hoe kan daar aan die siel gedink word, wanneer die mens maar net leef om aardse goedere te wen? Hy wend al sy krag aan om die materie te vermeerder, wat hy tog moet oorkom, en hy onttrek hierdie krag vanuit die siel, wat dit nodig het vir haar positiewe ontwikkeling.

Die enorme nood van die siel word nog vergroot deur die wederregtelike in besit neem van aardse goed, wanneer dit op onwettige wyse verwerf word, want die geestelike in die materie kom in opstand teen die siel, wat wederregtelik besit daarvan neem. Want die gees voel al die onreg en sy verontwaardiging bring as te ware die siel van die mens in die noute, ofskoon sy nie duidelik bewus word hiervan nie.

Daarbenewens sal ook die onryp geestelike, wat deur gewelddadige verwoestings vry word, wat nie deur God gewil is nie, hom by hierdie verontwaardigde geestelike in die materie voeg en die siel dus ook belas. Daarom sal goedere wat wederregtelik toegeëien is, nooit seën bring aan diegene wat nie die goddelike gebod van liefde ag nie en uit eiebelang en gierigheid daarteen sondig.

God het aan elke skeppingswerk sy tyd gestel, om die geestelike wat daarin geberg word, tot volwassenheid te bring. Alle maatreëls van menslike kant, wat uit selfsugtige motiewe `n gewelddadige voortydige verwoesting daarvan ten doel het, is te veroordeel, want dit het `n vrywording van die geestelike in onryp toestand tot gevolg, wat `n skadelike uitwerking op die mensdom sal hê, as God die mense nie teen die invloed daarvan beskerm nie. Vir `n sekere tydsduur sal hierdie invloed merkbaar word, totdat die onryp geestelike weer in `n uiterlike vorm verban word en dit weer die moontlikheid gegee word om ryp te word. Maar die siel van diegene wat deur liefdeloosheid skuld het aan soiets, sal eendag swaar moet boet hiervoor, want sy ontwikkeling is beperk en kom dikwels selfs heeltemal op losse skrede te staan. Die tyd op aarde word nie deur hulle gebruik om hulself positief te ontwikkel nie, inteendeel, maar net tot vermeerdering van die materie;

tot vermeerdering van dit wat hom vasgehou het deur eindelose tye heen. Die siel verlos haar nie daarvan nie, en begeer dit eerder weer opnuut en dit is haar geestelike agteruitgang.

Amen.

Denkvermoë - Verstand - Beelde

B.D. No. **1417**
13. Mei 1940

Die denkapparaat van die mens lyk soos blanko bladsye solank dit nie in werking is nie, dit is, solank die denkvermoë nog nie ontwikkel is nie, dus as die mens nog nie in staat is om gedagtes te formuleer nie.

In die tere kinderjare is die denkorgaan nog nie in werking nie en is `n bepaalde tyd daarvoor nodig, sodat die menslike brein indrukke van buite in hom kan begin opneem. En dit geskied op die volgende wyse.

Die menslike oog gee `n waargeneemde beeld deur aan die denkapparaat van die mens, die brein, en dit begin dan sy eie werk, deurdat hy die beeld wat ontvang is, laat inwerk op die hoogs sensitiewe retina, wat gevoelig is vir die fynste gewaarwording. Dit neem die beeld op en nou ontstaan bewustelike indrukke wat in die mens as gedagtes opduik en is in `n sekere sin reaktiewe gevolge van hierdie beeld in die menslike brein.

Alle indrukke maak hul dus kenbaar op die tot nou toe leë vlak van die serebrale cortex van die brein en kan, of vir lang tye onuitwisbaar daarin gegraveer wees, of dit kan egter ook deur nuwe indrukke wat bykom, onherkenbaar word en in die onderbewuste verdwyn, dus nie meer in die mens se bewussyn opkom nie.

Solank as wat die mens leef, vorm dit steeds weer nuwe lae, wat bestem is om nuwe indrukke op te neem en te weerspieël. Ewenwel word die gevoeligheid met toenemende ouderdom steeds geringer. Daarom sal dit die beelde nie meer so skerp afteken teen die ontvanglaag nie en gevolglik kan die indrukke ook nie meer so sterk aan die denkapparaat oorgebring word nie, sodat dit hom begin uiter in vergeetagtigheid, in swakker begripsvermoë en in die afneem van die opneemvermoë van indrukke, waarvoor `n sekere konsentrasie vereis word.

Dan werk die denkapparaat nog maar langsaam, die indrukke van buite is nie meer in staat om `n verhoogde aktiwiteit teweeg te bring nie. Die beelde word nie meer duidelik op die serebrale cortex oorgebring nie en daar tree `n stagnasie in op die hele denkaktiwiteit. Die mens sal nie meer vir homself maklik en sonder inspanning die afsonderlike voorvalle in sy bewussyn kan herroep nie, omdat hierdie beelde onduidelik en vaag geword het, maar sal vroeëre gebeurtenisse nog met noukeurigheid kan beskrywe, omdat hierdie beelde nog steeds onuitgewis en helder in sy bewussyn aanwesig is en selfs uit sy vroegste jeug aan die lig gebring word, omdat die helder beelde duidelik ingewerk het op die denkapparaat en alle beelde dus in die vorm van gedagtes tevoorskyn kom.

Die proses van denkend besig wees is soos om in die diepte in te duik en iets na die oppervlakte te bring, wanneer dit oor vroeëre belewenisse gaan. Tallose beelde is in tallose blaadjies ingegraveer deur indrukke wat die menslike oog deurgegee het en tallose vlakke is deur gedagtes in die vorm van beelde bedek wat deur `n van buite af inkomende beeld ontstaan het.

Die funksie van die daartoe bestemde orgaan wat gedagtes “vorm” is dus `n interne afhanklike aktiwiteit, teweeggebring deur indrukke van buite af en uitgevoer deur die wil van die mens, deur hierdie, of die beelde, op hom te laat inwerk.

Hierdie beelde hoef ook nie altyd deur die oog binne te dring nie, ook geestelike beelde kan dieselfde proses in werking stel, beelde wat die mens in homself deur sy wil laat ontstaan het en wat dan `n daarmee samehangende denkaktiwiteit in werking gestel het.

Hierdie orgaan word dus eerstens deur die wil van die mens gestimuleer om aktief te wees en dan neem die gedagtes die rigting aan wat aan die wil van die mens beantwoord. Suiwer aardse belange en aardse denkbeelde sal begryplikerwys ook slegs sulke beelde aan die serebrale cortex deurgee en dan

sal die denkende aktiwiteit homself dus ook sodanig uiter dat sulke aardse gedagtes die mens sal beheers.

Die gedagtegang van die mens is altyd in ooreenstemming met sy wil. Die wil bepaal sy gedagtewêreld. En daarom is die mens ook vir sy gedagtes verantwoordelik, omdat dit hom vrystaan om geestelike oogbeelde aan hom te verskaf van welke aard ookal. Maar hy moet nie vergeet dat te veel aardse beelde die vermoë verminder om indrukke op te neem, en dat dit dus tot sy eie nadeel is, wanneer daaraan beantwoordend, sy geestelike gedagtes verminder en hy einde ten laaste nie meer in staat is om geestelike waarhede, wat d.m.v. gedagtes oorgebring word, op te neem nie.

Dus sal alle gedagtes altyd net dit openbaar waarmee die mens hom die meeste besighou. Derhalwe is die mens, deur die goddelike Skepper toegerus met alle bekwaamhede, waartoe ook die aktiwiteit van dink behoort, heeltemal verantwoordelik vir al sy gedagtes, omdat dit hom vrystaan om dit volgens sy wil in woorde uit te bring.

Amen.

goddelike ingryping - Voorspelling

B.D. No. **1418**
14. Mei 1940

Dit is `n vergeefse oorlog wat die mense van die wêreld teen mekaar voer, want dit sal nie lei tot `n bevredigende uitkoms nie. Die Heer van hemel en aarde het besluit dat dit op `n ander manier sal eindig as waarop die wêreld hoop. Maar hierdie einde sal onbeskryflik wees. Die strydgeraas sal verdring word deur God se stem wat van bo af sal weergalm, dit sal geweldige verwarring onder die mense veroorsaak, aangesien geen menslike opdrag in staat sal wees om dit te stop nie, en mense sal magteloos wees en sal hulle moet onderwerp aan alles wat deur God aan hulle gestuur word. En dan sal dit oorgelaat word aan elke individuele persoon om die hand van God te herken en hom daaraan te onderwerp of in opstand te kom teen sy persoonlike lot. Want dit is bedoel dat die menslike gedagtes na God gedwing sal word, en geseënd is hy wat hierdie weg vind en God herken as die Skepper van alle gebeure en homself aan Hom en Sy barmhartigheid oorgee.

Maar daar sal slegs weinig wees, want die mens is geestelik mislei, hul moderne verklarings het gemaak dat hulle geloof verloor het in `n Wese wat alles bepaal wat op die aarde gebeur, en hulle verhewe houding maak dit moeilik vir hulle om die weg terug na God te vind, en hierdie geestelike arrogansie sal hulle ondergang wees. Slegs iemand wat klein en magteloos voel en God aanroep om hulp, sal sy lewe behou, selfs al sal hy dit fisies verloor. Maar hulle wat glo dat hulle nie God se hulp nodig het nie, sal hul stoflike en geestelike lewe verbeur. En selfs al sal God hom toelaat om sy aardse lewe te behou, sal dit net `n daad van die grootste barmhartigheid wees, sodat hy nog insig kan kry op aarde.

Want God ken die harte van mense, Hy kyk in die verste hoeke, Hy herken elke roering en sal nie toelaat dat enigiets omkom wat nog gered kan word nie. En enigiemand wat te midde van angs `n beroep om hulp op God doen, sal `n wonderlike kalmte in sy hart voel inkom, hy sal skielik die waardeloosheid van die aardse lewe besef wanneer dit nie gepaardgaan met `n diepgaande geloof nie, en hierdie besef sal hom alles gewilliglik laat oorgee wat voorheen vir hom begerenswaardig was.

Hy sal homself geredelik aan God oorgee en aanvaar wat hy uit Sy hand ontvang, - lewe of dood. Maar hy sal slegs sy liggaam oorgee en in die hiernamaals opstaan tot lewe. En so sal sy vertrek van die wêreld nie sy ondergang wees nie, maar sy opstanding in `n beter lewe. Die goddelike wil plaas almal in hulle plek, Hy neem `n persoon van die wêreld, wanneer die tyd vir die einde van sy lewe gekom het en Hy behou in die wêreld diegene wie se aardse lewe nie verby is nie. Want niks gebeur willekeurig nie, maar alles word bepaal deur God se Wysheid en Liefde. Maar as `n mens selfs dan nie God se hand herken nie, sal sy siel ernstige ontbering ly, want hy sal geen ander manier van verlossing hê nie. Hy het sy afstand van God oneindig verleng tydens sy aardse bestaan en het weer gestreef na die toestand van verbanning, daarom is sy lewe op aarde ook heeltemal nutteloos, aangesien hy God

nie herken het nie. En ter wille van sulke siele sal God sy kragtige stem laat hoor, maar as hierdie oproep ook nog ongehoord wegsterf, sal die lot van hierdie siele slegs die ewige verdoemenis wees.

Amen.

Erfsonde - Vrywording

B.D. No. **1447**
1. Junie 1940

Vir sy uiteindelike vrywording word daar aan die mens soveel geleenthede gebied, wat nie eers ingedink kan word nie, maar steeds is die drang tot sonde duidelik in hom te sien en daarom moet die wil buitengewoon sterk wees om hierdie drang te weerstaan en vrywording na te streef. Dus moet hy voortdurend stry teen die verlange in homself, want dit sal meestal gerig wees op dit wat vir die vrywording van die gees belemmerend inwerk, omdat die weerstand andersins geen verdienste van die mens sou wees nie. Die krag van die mens is weliswaar nie toereikend om hierdie stryd met sukses te deurstaan nie, maar die wil laat die mens weer die krag van God vra, wat dan ook aan hom gestuur word. Die wil moet hom dus steeds teenoor die sonde verset, as die vrywording van die gees wil slaag. Sonde is alles wat teen die goddelike Wil ingaan, dus wat die mens skei van God. Die mens is gebore uit sonde, d.w.s. sy siel is die vereniging van geestelike wesenlikhede wat uit vrye beweging met God gebreek het en teen Sy wil inhandel, deurdat hy homself in duisternis begewe het en die lig bestry. Sy weerstand teen God het aan hom die gekluisterde toestand opgelewer en dus is die siel nog steeds iets wat onvry is, gekluister, wat haar eers sal vrymaak deur self te wil gedurende die lewe op aarde. Die mens moet dus eerstens stry teen die sonde, d.w.s. teen alles wat teen die goddelike Wil gerig is.

Die siel het slegs maar beliggaam met die doel om geleentheid te hê om haarself te verlos, om haar wil, wat sedert onheuglike tye teen God gerig was, op te gee, daarteen te stry en uiteindelik die vereniging met Hom na te streef uit Wie sy voortgekom het. Dus is geen mens by sy geboorte vry van sonde nie, vanweë die opstand van weleer teen God en dus is die woord erfsonde nou ook begryplik. Die mens neem die stryd op teen die drang wat in homself aanwesig is wat gerig is teen die lig. Hy sal steeds moet stry om die toestand van duisternis, wat om hom is, te verminder of op te hef en vir hierdie stryd sal hy sy hele wil nodig hê, maar onmeetlike krag staan hom ter beskikking, as hy maar net sy wil ernstig aktief wil laat word en die krag uit God begeer.

Dit is die wil wat deur God verlang word. As die mens sy wil aan God as geskenk gee, dan gee God hom Sy krag in so `n mate, dat hy homself heeltemal kan bevry uit sy gekluisterde toestand, wat maar net die gevolg is van die sonde, die teen God gerigte wil. Elke mens besit by die begin van sy aardse lewe nog die teen God gerigte wil, maar kan dit by die verlaat van hierdie aarde heeltemal prysgegee het, d.w.s., hom aan die goddelike Wil onderwerp het en dit beteken vir die wese die uiteindelike bevryding uit sy smartlike tyd durende gevangenskap.

Amen.

Almag van die goddelike liefde -Wêreldgebeure

B.D. No. **1456**
6. Junie 1940

Skryf die volgende neer: Julle mense het die verkeerde idee oor die almag van die goddelike Liefde. Julle gebruik verskillende riglyne om gebeure te evalueer wat dui op beide lyding sowel as vreugde vir mense. Julle sien slegs die gevolge op `n aardse wyse, maar julle kan julself nie naastenby die geestelike gevolge van die noodsaaklikheid, sowel as die gevolge aan die ander kant indink nie. Julle baseer altyd julle oordeel op menslike gevoelens, en dit laat selfs die liefde van God vir julle wreed lyk. Maar julle is nie bewus van die pynlike toestand wat eendag vir die siele sal wag as Ek hulle teen alle lyding op aarde beskerm en oënskynlik net My Liefde aan hulle skenk nie. Hierdie liefde van My is so groot, dat Ek My lewende skeppings die lyding in die hiernamaals wil spaar en hulle sodoende voor die tyd laat ly in `n toestand waarin hulle nie hierdie lyding soveel sal voel nie.

En tog herken julle nie My Liefde nie en wil julle altyd net met My stry. Julle leef in `n wêreld waar sensuele plesier julle `n sekere mate van bevrediging verskaf, maar in die hiernamaals sal julle, as

julle verlig is, daarna streef om met My te verenig. Maar julle moet julle eers van alle materie losmaak, ten einde in staat te wees om met My te verenig. Maar julle is nog baie ver daarvan, want julle is nog te betower deur materie en dit tot so `n mate dat julle dit nog steeds as aanloklik beskou. En daarom vernietig Ek dit wat in julle weg staan na veel groter geluk met geweld. Ek wil julle weg op aarde verkort wat julle nog in die liggaam moet gaan. Ek wil hê dat julle moet leer om materie te verag, wat slegs `n hindernis vir julle is, en julle herken nie My Liefde nie. Julle wil is nog te sterk om te swig voor die goddelike wil, wat julle werklik net probeer help tot nut van julle siele. Probeer altyd en in elke geval om My groter as groot liefde voor te stel as die motief vir wat Ek stuur of toelaat om met julle te gebeur, en julle sal leer om anders te dink. Dit gee My werklik geen plesier om te sien hoe My lewende skeppings ly nie en dus probeer Ek om groter lyding te voorkom. Julle moet net leer om die gebeure in die wêreld rondom julle vanuit hierdie perspektief te sien, wat eerder gesien moet word as `n bewys van My Liefde vir julle, as `n daad van wreedheid. Weerstaan die gedagtes wat julle laat twyfel aan My Liefde, want dit is net My Liefde wat My laat optree op `n wyse wat vir julle lyk asof julle die lyers is.

Julle is te swak en begeer nie genoeg krag wat julle sal help om materie te oorkom nie, en so sorg Ek vir julle probleme en verwyder die struikelblokke uit die weg van julle hoër ontwikkeling. Ek neem alle aardse besittings van julle af weg, juis omdat hierdie fisiese swaarkry maak dat julle by My sal skuil en dus innige kontak met My sal probeer maak, en dan sal My oneindige liefde julle vasgryp en My oneindige liefde sal julle help om die oorhand te kry. Maar totdat julle julself aan My toevertrou het, sal die verlies van julle aardse besittings pynlik wees vir julle, en dus is julle nog steeds in `n verslaafde toestand, julle is nog steeds te geheg aan materie, en nog steeds herken julle nie My en My Liefde voldoende nie. En julle is selfs geneig om My heeltemal te wil ontken, want julle kyk vanuit `n aardse oogpunt na al die gebeure en versuim om te oorweeg tot watter mate die geestelike noodsaaklikheid bestaan, sodat julle nie omkom nie. Die gevaar van julle geestelike ondergang vereis My ingryping op so `n manier dat julle twyfel aan My Liefde. Maar Ek neem slegs julle geestelike welstand ter harte, en elke gebeurtenis is bedoel om hierdie geestelike geluk aan julle oor te dra. Daarom moet julle vol vertroue onderdanig wees aan My leiding en julle lot uit My hand nederig en gehoorsaam aanvaar en dit sal vir julle tot seën wees, en eendag sal julle vir My dankie sê dat Ek daarmee veel groter lyding in die hiernamaals van julle afgeweer het.

Amen.

Liefde tussen twee persone

B.D. No. **1459**
7. Junie 1940

Wat julle mense liefde noem, is `n gevoel van samehorigheid wat God wil hê en hoef dus nie voor Hom ontken te word nie. God Self het hierdie gevoel in julle harte geplaas om julle gelukkig te maak, sowel as om Homself nader aan julle te bring, omdat diep gevoelde liefde vir `n ander mens gelyktydig liefde vir God moet wees, omdat die ander persoon God se lewende skepping is en dus is nie net die lewende skepping die doel van hierdie diepe liefde nie, maar ook die Skepper Self. So bewys julle dus die Ewige Skepper dieselfde liefde wat julle gee aan Sy lewende skepping. Hierdie liefde moet egter gee en nie begerig wees nie, of die begeerte behoort dieselfde te wees as die liefde.

God het Sy lewende wesens geskep vir wedersydse geluk, die een moet die ander dien, m.a.w. aan die ander gee wat hy wenslik ag vir homself, en as hy liefde vra van hom, moet hy ook liefde gee. Dit is wat God wil hê, Wie daarvan hou om op dieselfde manier Sy liefde aan Sy mense te gee en Wie ook vra om deur hulle bemin te word.

As die mens slegs na wêreldse voordeel kyk, sal sy liefde nie waar wees nie, aangesien dit as gevolg van selfsug ontstaan het, wat nie van goddelike oorsprong is nie. In daardie geval sal die teëstander die gevoel in julle harte plaas om julle wil te verswak en kennis te neem van julle liggame se begeertes. Dan sal almal probeer om te neem, maar nie om te gee nie en dan sal die liefde geen positiewe uitwerking hê nie. Want dit is die liefde vir die wêreld, die liefde van die sintuie, dit is nie `n gevoel

wat God wil hê nie, maar die weg van die teenstander om julle te laat val. Dan sal julle verkeerdelik aan die instink wat oorheers die naam liefde gee, maar in plaas daarvan is dit begeerte en selfsug en nie onselfsugtige liefde wat verblydend is nie.

Diegene wat uit God ontstaan het, moet mekaar weer vind en gesamentlik streef na God om mekaar te ondersteun en te lei op die weg na omhoog. En hierdie liefde moet haarself uitdruk in die verlange na mekaar, die mens moet die ander persoon se teenwoordigheid as God se mees genotvolle geskenk met stralende geluk ervaar. Sy hart, vol van dankbaarheid, moet die Skepper loof, Wie aan hom `n straal van Sy lig van liefde sal stuur. En hulle onderlinge liefde sal aanleiding gee tot goeie gedagtes en sal goeie werke veroorsaak. Hierdie liefde is heeltemal in ooreenstemming met God se wil, sy veroorsaak geluk en uitgelatenheid, sy eis nie maar gee, sy is uit God en lei terug na God, sy ken geen grense nie en sal voortgaan om vir ewig te bestaan.

Want as sy van God is, kan sy nie vasgehou word nie, sy sal altyd en ewig geluk en vreugde beteken en onveranderd bly, omdat sy iets geestelik is wat uit God straal, wat nie die liggaam affekteer nie, maar die mens se siel raak en so sal sy nie deur die liggaam gevoel word nie, maar deur die siel. Liefde is die krag wat tot voordeel van die eenwording van die geestelike wesens is en dra daarom God se volledige goedkeuring.

Amen.

Die gees van gevoelloosheid -goddelike ingryping

B.D. No. **1464**
9. Junie 1940

Die gees van gevoelloosheid regeer die aarde en sy bewoners, en die teenstander het tallose wesens oorwin wie se lewens heeltemal sonder enige liefde is. En talle mense word so ingedryf in die chaos wat hy veroorsaak het en wat haalbaar geword het, juis as gevolg van hierdie gevoelloosheid, wat onbegryplike haat en verdeeldheid tussen mense veroorsaak het. Mense het alle gesonde verstand verloor, want hulle word gelei deur die gees van die duisternis. Dit hou ook mense se denke gevange of verdraai dit sodat hulle nie meer weet wat hulle doen nie. Selde het die mensdom hulleself so deeglik ondergeskik gemaak aan die teenstander se wil soos wat tans die geval is. Daarom moet die teenvoeter ook buitengewoon hard wees, indien `n hoër geestelike toestand moet ontwikkel en mense se hedendaagse geestelike misleiding weer reggestel word. En so vereis hierdie geestelike ontbering goddelike ingryping. goddelike Liefde en Wysheid is daarop ingestel om `n gebeurtenis te gebruik om hierdie swaarkry te verwyder wat, weliswaar, die mensdom sal laat twyfel aan die goddelike Liefde en Wysheid, maar dit is die enigste opsie wat oor is om mense van sekere ondergang te red.

Mense bly onverlosbaar, want hulle kan nie op enige ander manier oortuig word om die geloof te aanvaar nie en hulle voldoen nog minder aan die gebod van liefde vir God en hul naaste. En dan weer, moet die mens op die korrekte wyse dink as hy teen die teenspoed van die naderende tyd gespaar moet word vir sy aardse lewe wat vir hom oorbly. Want die goddelike ingryping sal mense oorval met die krag van die elemente en niemand wat homself nie vooraf met God verenig het, sal voorberei wees daarop nie. En daar sal paniek wees wat slegs God Self kan voorkom, as Hy opreg gevra word om dit te doen. Maar mense sal nie geloof in God hê nie, want selfs diegene wat geloof het en in liefde leef, sal angstig en onseker wees, omdat hulle God se stem ook baie duidelik sal hoor. Hulle gees sal skuil in God, en tog sal hulle siel met vrees en ontsteltenis wag op die gebeure wat nog moet kom. Hulle sal skaars in staat wees om hul medemens te troos en sal self sukkel om die geloof te behou, maar God sal hulle ondersteun, sodat hulle nie in hul geloof sal wankel nie. Maar diegene wat God nie herken nie, sal uitkyk vir redding op die aarde en geen hulp vind nie.

Hulle sal hul denke moet verander of die slagoffers word van die elemente wat deur God self beveel word om Hom te dien. Daar sal onbeskryflike verwarring wees, aangesien slegs die grootste nood nog `n verandering in die geharde sondaars kan meebring, slegs die vrees om hul aardse lewe te verloor, sal mense sag en onderdanig maak en bereid om te bid. Maar sonder gebed kan geen gawe van hulp van bo kom nie, want slegs gebed bied `n vaste waarborg dat God Self sal sorg vir Sy aardse kinders

en hulle uit alle benoudheid verlos. En die uur sal vreeslik lank lyk vir die mense wat moet sien dat alles wat hulle tot nou toe begeerlik gevind het, vernietig word. En tog kan die mense hierdie uur nie gespaar word nie, omdat almal God se liefde en goedheid verwerp het, en daar is geen ander manier om uit die geestelike nood te kom nie. Weer en weer het God se verdraagsaamheid hierdie gebeurtenis uitgestel, maar uiteindelik sal Sy profesie vervul word, want die tyd het aangebreek wanneer uiterste swakheid van wil en ongeloof hierdie ramp sal opwek. Die tyd is naby wat die Heer deur Sy Woord aangekondig het, toe Hy op die aarde geleef het en verwys het na hierdie tyd van afvalligheid van God. Want Sy Woord is die ewige waarheid en sal gebeur, tot op die laaste letter.

Amen.

Volmaakte geestelike orde - Wanorde

B.D. No. **1469**
13. Junie 1940

Alle onvolmaakte gees bring `n sekere wanorde in die wêreld, want alle orde is volmaakte gees, wat optree volgens God se wil en God se wil is orde en volmaaktheid. Die toestand van wanorde kan nooit iets goddelik wees nie, dus sal die wesens wat binne die wil van God is, wat hulle dus binne die goddelike ordening bevind, die wil van God in hulleself dra, d.w.s. hulle sal reeds volgens God se wil handel, as hulle nader aan God wil kom. Die onvolwassene streef egter die teenoorgestelde van God se doel na en sal hulleself volgens die wil voeg van hom wat alle goddelike orde wil vernietig. Die wanorde kan egter slegs aangespreek word wanneer die onvolmaakte geestelike `n vrye wil besit, dus beliggaam word as mens, want elke werksaamheid van die wese is reeds vooraf deur die goddelike wil bepaal en dus moet sy bedrywighede georden wees, want hierin het die totale werk van die skepping tot uiting gekom, wat bestaan uit `n deur God gewilde ordening en wat nie deur ongeloof in `n God-wederstrewende wil verander kan word nie.

Die aardse lewe is egter blootgestel aan die willekeurigheid van die mens en so skep die mens vir homself, na gelang van die gesindheid van sy vrye wil, `n toestand van orde of ook van wanorde. `n Lewe in verbinding met God, met die oorgawe van die eie wil, moet begryplikerwys ook volgens hierdie orde verloop en dit sal heeltemal beantwoord aan die goddelike wil. Die mens kan duidelik nie teen die goddelike wil oortree wanneer hy hom daaraan ondergeskik maak nie. En derhalwe moet sy lewenswandel in ooreenstemming met die deur God gewenste ordening gelei word, sodat hy nie anders kan as om te strewe na dit wat God wil nie. Wat nou egter teen die ordening gerig is, moet dus, omdat dit wanorde beteken, ineenstort. Al die geordende het die waarborg daarin dat hulle sal bly bestaan, terwyl die verteenwoordiger van die wanorde, die teenstander, meer belang daarby het om alles te vernietig en dus daardeur `n geweldige wanorde veroorsaak.

Dit sal nou ook verstaanbaar wees dat die denke van die mens in volledige wanorde gekom het, wanneer hulle op die een of ander manier vernietigend optree op aarde. Steeds sal die drang tot selfbehoud goddelik wees en die vernietigingsdrang satanies en wie toegee aan die innerlike drang tot vernietiging, die maak sy wil bewustelik ondergeskik aan hom wie God se teenstander is en wie Sy skeppingswerk wil vernietig, want die teenstander bedien hom van die onvolmaakte gees om oor God te kan triomfeer. Hy beset die gees, hy poog om die wil van die mens te verswak, sodat hy op `n teen God gerigte wyse werksaam word, d.w.s. dat hy dit wat deur Hom in Sy wysheid geskape is, nie eerbiedig nie en poog dus om dit te vernietig. En dit druis in teen die goddelike ordening.

Alles wat bestaan, dien tot volmaak wording van die onvolmaakte gees. Elke wil tot vernietiging van welke skeppingswerk ookal, is `n ingryping teen die wil van God, wat vir alle gees `n sekere tyd vasgestel het en sal dit eers uit sy dergelike vorm bevry, wanneer die gees in hierdie vorm volwasse geword het, d.w.s. bekwaam geword het om weer die volgende stadium van beliggaming deur te maak, ooreenkomstig God se gewenste orde.

`n Wese wat vroegtydig in sy proses van hoër ontwikkeling gesteur word, sal sy vorm wil ontvlug of ook `n uiterlike verskyningsvorm wil aanneem wat nie by sy geestestoestand pas nie en dit sou, omdat die benodigde volmaaktheid daartoe ontbreek, die begin wees van `n onvoorstelbare wanorde, wat `n skrikwekkende uitwerking op die aarde en ook op die totale heelal sou hê, want alles sou dan aan die

willekeurigheid van die onvolmaakte, God-opponerende gees oorgelewer wees. Dit sou `n openlike stryd teen God wees, wat teen alle goddelike Wysheid sou inwoed, indien dit nie deur God verhinder sou word nie. Om hierdie rede is die wil van die onvolmaakte wese gebonde voor sy beliggaming as mens, om die goddelike ordening in stand te hou gedurende die aardse bestaan, teen die gevaar dat die verkeerde wil so in `n ongekende chaos sal uitbreek, want `n verwarring van die menslike denke kan die ongelooflikste wanorde aanrig.

En al die deugsame geeste beveg hierdie wanorde, want God Self gebruik geen dwangmiddel as hindernis nie en laat die onvolmaakte gees volledige wilsvryheid toe. Altyd sal elke strewe teen die goddelike wil sonde wees; want die wese oortree die goddelike wet, wat op sigself orde is, wanneer hulle genoeë daarin skep om die orde in wanorde te verander. Want dan skik hulle hulself volgens die wil van die teenstander, wat begeer om alles te vernietig wat God geskape het. Hy sal nie slaag nie, maar slegs die wil daartoe is die ergste sonde teen God se Liefde, Wysheid en Almag, dit is verset teen God en lei tot die ernstigste gevolge. Die gees wat woedend teen Hom opstaan, kan nie vryheid geniet solank as wat hy hom verset teen die goddelike wil en teen die goddelike ordening is nie. Solank as wat hy hom nie plaas onder die deur God gewilde ordening nie, is hy nie vry nie.

Amen.

Woedende elemente van die natuur

B.D. No. **1473**
15. Junie 1940

Die grootheid van die Almagtige sal duidelik word gedurende `n tyd wanneer die elemente van die natuur sal woed en onbeskryflike skade sal veroorsaak. Dan het die uur aangebreek wanneer mense se geestelike verval sigbaar sal word, want niks sal hulle aan God herinner nie, niks sal hulle beweeg om te bid nie, want hulle sal hul geloof in `n God verloor het en sal Hom dus nie in hulle nood aanroep nie. Daarom kan die mensdom nie langer op die aarde bly nie, want hulle versuim om die werklike doel van die aardse lewe te oorweeg en dra net by tot die vernietiging van die geloof van die min mense wat nog nie heeltemal van God vervreemd is nie, wat veroorsaak dat ook hulle God verlaat. God se liefde sal laasgenoemde egter verhoed om benadeel te word en sal dus die lewens van diegene wat dreig om hierdie siele in gevaar te stel, met geweld beëindig.

En daar sal `n groot benoudheid wees wanneer die woede van die elemente begin. Dit sal soos `n storm wees wat dreig om alles te vernietig, mense sal nie in staat wees om hulself daarteen te verdedig nie, want hulle sal wees soos brose stingels wat deur die stormwinde gebuig word, hulle sal wil vlug, maar nie in staat wees om die elemente te ontsnap nie. Sonder God se hulp sal hulle weerstand te swak wees, maar `n opregte aanroep tot God sal die krag van die elemente in toom hou, en almal wat hulself in hul gevaar aan God toevertrou, sal gered word. Maar God sal baie naby aan julle wees gedurende hierdie ramp, Hy sal almal se gedagtes aanraak en vir die laaste keer Sy hand aanbied, sodat julle dit kan gryp en gered word. Maar Hy kan julle wil nie dwing nie, julle moet Hom vrywillig erken en Sy hulp begeer. Daar is geen ander manier meer om die mensdom uit sy geestelike duisternis uit te lei na die lig nie, anders as deur middel van `n gebeurtenis wat veroorsaak sal word deur natuurkragte wat so `n beroering in mense sal skep, dat niemand dit kan ontsnap nie. Gekonfronteer deur hierdie natuurelemente sal hulle hul hulpeloosheid moet erken, hulle sal alle ander hulp verloor, sodat hulle sal besef dat dit die einde van hulle fisiese lewe is, en dan eers sal daar `n geringe moontlikheid wees dat hulle God sal onthou wat geregtig is op alle mag en Wie die hemel en die aarde beheer.

God se lewende skeppings het hulself van Hom afgesonder en het vir `n oneindig lang tyd van God apart gebly, maar `n oomblik van uiterste krisis en gevaar kan hierdie skeiding oorbrug. Die siel kan terugkeer na God, en as gevolg hiervan sal sy God Selfs dank vir die onbeskryflike lyding wat haar tot haar sinne gebring het. Maar hierdie oomblik wanneer die siel haar wil na God rig, kan nie deur God met geweld veroorsaak word nie, ten spyte van Sy allergrootste liefde. God se liefde het alles probeer om verlossing aan die siele te bring en hulle die weg na bo te toon, maar die mense se wil was sterk en God kan dit nie breek nie, maar die mens slegs so beïnvloed dat hy sal verander en hom na God wend. Hierdie natuurgebeurtenis is dus die finale poging om die menslike wil op die mees gunstige manier te

beïnvloed. Hierdie natuurgebeurtenis sal so kragtig wees, dat die mens groot krag van sy eie nodig sal hê om ferm te bly in die geloof, en hierdie krag sal gegee word aan almal wat hul gedagtes smekend na God opstuur, want die Vader ken die nood van Sy kinders en sal hulle liefdevol ondersteun as hulle in gevaar is om te wankel, want Sy koninkryk op aarde sal bly staan en `n uitgebreide taak sal uitgevoer moet word, ten einde die goddelike koninkryk te verkondig aan diegene wat God gevind het en `n begeerte sal hê na Sy Woord. En dit is hierdie tyd waaraan die Heer dink, deurdat Hy Sy Woord alreeds toeganklik te maak vir mense, hierdie saad sal op goeie grond val en ryklik vrug dra op die land wat God eers wil reinig van alle onkruid.

Amen.

Mammon - Materie

B.D. No. **1476**
17. Junie 1940

Dit is `n groot gevaar en `n groot onreg, dat julle jul sinne te veel op geld plaas en dat julle julself nie van die materie kan bevry nie, maar dit eerder bly vermeerder. En julle doen en late sal steeds net gerig wees op die vermeerdering van aardse goed. En so sal julle ook geen kennis hê van die bekendmakinge wat die naderende einde aankondig nie. Julle leef in `n wêreld van wense, van die begeerte na die skatte van hierdie aarde en julle vergeet dat dit julle na benede trek, weer na die gekluisterde toestand. Die aardse lewe is aan julle gegee om `n geleentheid te hê om julle van sulke begeertes vry te maak, maar julle gebruik dit om dit te vermeerder. Julle laat jul steeds meer gevange neem en dink nie aan die ontsettende gevolge daarvan nie.

En julle denke is verblind, want julle herken ook nie meer die wortel van alle kwaad nie. Julle kan die leuen nie van die waarheid onderskei nie en julle verheug jul oor elke aardse sukses en julle geestestoestand gaan agteruit. Daar kan geen lig na julle toe kom wanneer julle goed voel in die duisternis nie, want julle bestry self die lig. Julle sluit jul af vir die voorskrifte van bo en julle gaan teen julself tekere, wanneer julle geen ag slaan op die Stem van God wat julle uitsluitsel wil gee oor die verkeerde rigting van julle wil nie. Julle laat slegs dit geld wat beantwoord aan julle liefde en omdat julle liefde die wêreld en sy goedere is, neem julle aanstoot wanneer dit as boos gekenmerk word.

Julle verwerp die Woord van God, wat julle redding moet bring uit die grootste nood. Julle rig al julle opmerksaamheid slegs op aardse gebeure en dink nie daaraan dat hierdie gebeure die gevolg is van verkeerde gedagtes en begeertes nie, wat julle maklik sal kan oorkom, as julle wil op God gerig sou wees, maar dit sal julle nou `n bittere stryd kos. Julle sal teësinnig afstand moet doen daarvan en verbasing sal julle aangryp, by die aanskoue van die waardevolle voorwerpe, wat ten prooi sal val aan die vernietiging. En as julle dan die onwaardigheid van aardse goed insien, sal julle gered word. Maar wee diegene wie se hart hom nog nie kan losmaak van die goedere van die wêreld nie. Daar sal vir hulle op die aarde geen redding meer te bring wees nie, want hulle is nog te veel met die materie verbind en nog te ver van God verwyder, om sy beheer te kan raaksien.

Dit sal diegene tot voordeel strek, wat alle aardse wense bestry, want hy sal ook helder en duidelik die sin en doel van alle gebeure insien vir die verdere ontwikkeling van sy siel. Maar wie steeds maar net die wêreld sien en die skade net suiwer aards wil afwend, ontbreek nog aan die korrekte insig. Sy denke is verward en hy sal hom steeds verder van die waarheid af verwyder, want hy soek en begeer haar nie, maar is heg verbind met dit wat die eiendom van die teenstander is. Sy gedagtes is verward en gevolglik sal ook alle gevolgtrekkings dwaling wees, tensy hy sy verlange na aardse goed in hom doodmaak en slegs geestelike goedere begeer. Dan eers kan dit in hom lig word en dan eers sal hy die oorsaak van die liggaamlike en geestelike agteruitgang van die mens insien.

Amen.

Aardse nood - Gewelddadige ingryping - Lewende geloof

B.D. No. **1478**
18. Junie 1940

Sonder `n gewelddadige ingryping is `n ommekeer van die mensdom nie meer moontlik nie, want hulle denke en strewe is op `n verkeerde doel gerig en die Gees uit God word daardeur aan bande gelê, sodat `n besef van die toestand van gevaar byna onmoontlik is. Uit eie krag kan hulle dus nie meer opstaan nie. Hulle lê gekluister op die grond en het een of ander hulp nodig. En dit kan hulle net op een manier gebied word, wat bliksemsnel die ingewing by hulle sal laat opkom dat hulle die verkeerde weg gegaan het. En daartoe moet die denke van die mens met geweld uit sy gewone loop geskok word.

Kragte moet hul teen die mense draai, waarop hulle tot nou toe nie gereken het nie. En aan hulle moet gesê word wat se hulpelose en magtelose skepsel die mens is, wanneer God sy hulp van hom terugtrek. Hulle moet gedwonge in `n situasie kom, waarin hulle hul toevlug tot gebed sal neem, sodat hulle dan merkbaar hulp gebied kan word en hulle in geloof en vertroue die weg na God kan vind, as hulle maar net gewillig wil wees, want anders sal hulle nie die terugweg na die geloof vind nie. En daarom probeer God nog om die menslike denke op hierdie manier te verander. Slegs `n toestand, wat menslike gesien hopeloos is, sal die mensdom aan `n hoër Wese laat dink, as hy sulke gedagtes tot nou toe verwerp het.

Tog sal ook hierdie wêreldgebeurtenis in baie gevalle tevergeefs wees in geestelike opsig. Die totaal verstokte aardse mens sal geen enkele goddelike beskikking daarin herken nie. Hy sal daarmee verlief neem, sonder om sy instelling teenoor God ook maar enigsins te verander. Hy sal God - as hy Hom nog erken - vervloek weens die oënskynlike onregverdigheid, óf die Goddelikheid totaal verwerp. En vir hulle is daar geen ander reddingsmetode meer nie. Hulle sal heeltemal verlore wees vir ewige tye.

Daar word dus op geen enkele manier dwang uitgeoefen op die denke van die mensdom nie, maar hulle denke word slegs deur buitengewone verskrikkinge en lyding in die regte rigting gelei. En dit word heeltemal aan hulle oorgelaat, om hulself bevestigend of afwysend op te stel teenoor God. Maar die geringste wil na God toe, lewer vir hul vergrote wilskrag op, sodat hulle die geestelike vooruitgang baie goed sal kan verwesenlik, wanneer slegs die gedagte aan God in hulle lewendig word en hulle die krag van God afsmeek en verwag.

God let op die geringste opwelling in die hart en Hy staan gereed met sy gawe van genade. Dit word vir die mens dus in `n sekere sin maklik gemaak om sy geloof in God terug te vind. Maar die verskrikkinge en die leed moet daartoe bydra om die mens gewillig te maak, want dan is die weerstand teenoor God nie so groot soos by die heeltemal rigiede verstoke mens nie, wat net homself en sy aardse goed bedreig sien deur die goddelike ingryping en wie hom verset teen die Mag wat so `n gesag het.

Maar God probeer veral om diegene te help wie se godsdiens tot nou toe net vormgodsdiens was en by wie alle innerlikheid ontbreek. Hy wil hulle help om die innerlike verbinding met die hoogste Wese te vind. Hy wil hê dat hulle in volle vertroue aan Hom sal oorgee, dat hulle hul geloof, wat hulle tot nou toe uiterlik bely, weer bewys, deurdat hulle hul toevlug by Hom sal soek, wie hulle tot nou toe nog nie regtig erken het nie. Hy gee hulle dus nou geleentheid om dit, waarvoor hulle vantevore uiterlik opgekom het, innerlik te beleef en in dade om te sit. Hy wil hul geloof dus tot `n lewende geloof maak, om hulle nou ook te laat kennismaak met die krag van só `n geloof.

Hy wil dat hulle nou innig aansluit by hul Vader in die Hemel, wie hulle altyd slegs met leë woorde aangeroep het. God wil in gees en in waarheid aangeroep word en hierdie nood op aarde sal baie mense daartoe bring om hom in gees en waarheid te wend tot Hom, Wie alleen hulp kan gee. En vir hulle het die aardse onheil dan tot seën geword, want hulle het in verbinding getree met hul Skepper en Hy sal hulle nooit laat gaan nie. Hy sal hulle gedagtes lei tot die regte insig en Hy sal hulle lei deur die duisternis na die lig.

Amen.

Vergifnis van sondes - Onfeilbaarheid - Roetine aksies

B.D. No. **1482**
20. Junie 1940

Die beweerde daad van vergifnis van sondes is net die simbool van wat die Heer op aarde geleer het. Dit is glad nie nodig om `n formaliteit te vervul nie, want die vergifnis van sonde is heeltemal afhanklik van hoe skuldig die mens voor God voel en dit in `n innige gebed aan Hom bely, deur `n beroep op Sy barmhartigheid en vergifnis van sy skuld. Formaliteit is weereens net `n gevaar vir die siel, want so `n handeling sal gemeganiseerd wees, vir iets wat ver te intiem is of behoort te wees om uiterlik identifiseerbaar te wees. Die daad van openbare belydenis van sonde kan lei tot oppervlakkigheid, in soverre die persoon min of meer `n roetinedaad volg, sonder om so intiem met God te verenig dat hy `n behoefte voel om sy sondeskuld aan Hom te bely. Alles wat julle ter wille van julle siel se redding doen, moet lewend wees en `n seremonie soos dit kan maklik lei tot `n lewelose daad, want nie alle mense is op dieselfde tyd een met God om hulself te openbaar aan Hom in al hul swakheid en sondeskuld nie. Maar dit is `n voorvereiste vir die vergifnis van sonde, alle uiterlike dade is blote simbole van wat ooreenstem met God se wil, maar nie die vervulling van die goddelike wil nie.

Wanneer die Gees van God julle aandag vestig op die gevaar waarin julle julself plaas, moet julle dit nie teenstaan nie, maar wees met julle hele hart dankbaar teenoor julle Hemelse Vader dat Hy julle korrek lei, want julle mors baie krag deur die vervulling van uiterlike formaliteite, wat julle eerder moet gebruik vir julle innerlike vordering. `n Innige gedagte van toegewyde liefde sal julle oneindig meer seëninge bring as die ywerige vervulling van kerklike gebooie, wat sonder God se goedkeuring aan mense gegee is. Die verteenwoordigers van hierdie leerstellings het weer hul toevlug geneem tot `n menslik ontwikkelde leer oor die onfeilbaarheid van die hoof van die Kerk, met betrekking tot geestelike wette.

Alles wat van bo aan die mens gegee word, is die suiwerste waarheid, want deur Sy boodskappe van bo spreek God slegs Sy wil uit, maar Hy sal nooit beheer- of dwangmaatreëls gebruik om mense gehoorsaam te maak nie, want dit sou in volle teenstelling wees met goddelike Liefde en Wysheid se uitgaande wet vir die wesens se vrywillige verlossing. `n Gebod deur menslike besluit is `n inmenging met goddelike verordeninge. Gebooie wat mense aanspoor om aksies te neem, hoewel hul eie wil amptelik `n voorvereiste is, sal nooit deur God as korrek oorweeg word nie. Die mens se wil kan nie gereelde aktiwiteite uitvoer nie, in daardie geval is dit nie meer vry nie, maar reeds gebonde deur die wil van die persoon, wie as `n gevolg van sodanige gebooie, `n spesifieke tyd toeken aan mense om hul plig uit te voer.

Dit is `n groot menslike fout wat dreig om die ontwikkeling van die delikate saad van innerlike verlange na God te onderdruk, tensy `n mens se liefdevolle optrede besonder dinamies word en geestelike lig hom skielik laat besef wat God se ware wil is. Eers dan sal hy in staat wees om homself te bevry van `n onderrig, wat as gevolg van menslike bydrae, reeds aansienlik afwyk van die onderrig wat deur Jesus Self gegee was aan mense op aarde. Die mens streef gewoonlik om sy verpligting na te kom, en dit is die grootste gevaar vir die siel, want sy streef nie bewustelik na volmaaktheid nie, aangesien daar aan haar `n plan gegee is wat sy moet implementeer, en deur die aanvoorwerk te volg wat deur ander mense gedoen is, verwaarloos sy haar eie geestelike taak, maar is oortuig daarvan dat sy `n lewe leef wat vir God die Heer verblydend is.

Amen.

Insig in die verganklike en onverganklike

B.D. No. **1500**
2. Julie 1940

Dit is buitengewoon belangrik om op hoogte te wees van die verganklikheid van al die aardse en van die verantwoordelikheid teenoor dit wat onverganklik is. Dit ontbreek die mense aan bewyse vir die onverganklikheid van die siel, hulle probeer daarom alles te verflou of te verloën wat die onverganklikheid van die siel veronderstel en hou dus weinig rekening met hierdie onverganklikheid.

En dit is die gevolg van die onwetendheid dat daar naas die aardse lewe `n geestelike lewe gelei kan word en dat hierdie geestelike lewe die mens eendag `n onverganklike resultaat sal oplewer.

Slegs die geestelike lewe is belangrik, alhoewel dit skynbaar slegs `n begeleidende lewe is vir die aardse bestaan. Die aardse lewe kan wel gelei word sonder enige verbinding met die geestelike, maar dit is heeltemal nutteloos vir die ewigheid. Maar wanneer die mens sy aandag rig op die onsterflikheid van sy siel, kan hy met hierdie faktor rekening hou en aanvaar hy al bewustelik die verantwoordelikheid vir sy siel. En sy inspanning sal nou daarop gerig wees om geestelike skatte te versamel, want hy sien nou die waardeloosheid van aardse besit in, omdat hy weet dat niks daarvan duursaam is nie, maar dat dit volgens die goddelike wet moet vergaan.

Dus hou hy hom by wat hy as onverganklik sien, d.w.s. hy probeer hom dit sy eiendom te maak. En iets onverganklik is geestelik, dus soek hy die geestelike en vind dit ook, want God ondersteun hierdie plan, omdat dit aan die eintlike doel van die aardse lewe beantwoord. As die mens dan eenmaal op hoogte kom van wat waardevol is vir die ewigheid om na te strewe, dan word die verantwoordelikheidsgevoel teenoor die siel steeds sterker in hom en hy leef dan m.a.w. `n tweede lewe, wat heeltemal geskei is van sy eintlike aardse lewe. Hy bring geestelike verbindinge tot stand, hy laat sy gedagtes omhoog swewe in die geesteryk, hy uiter hom teenoor die geestelike wesens, hy vertrou hom aan hulle toe, hy vra om uitsluitsel en raad en laat hom deur hulle onderrig en hy doen alles om sy geestelike kennis te vergroot. Hy streef dus bewustelik na die onverganklike en in dieselfde mate sal hy die aardse lewe, d.w.s. alles wat verganklik is, leer verag. Hy is dus nog op die aarde, maar bevry hom egter van die las wat die aardse bestaan inhou en is heelwat meer in die gebied van die geestelike as op die aarde.

Daarom moet die mens eers kennis gegee word oor die waardeloosheid en onbeduidendheid van alles wat hy kan waarneem en vashou en tegelykertyd moet geestelike kennis aan hom voorgehou word, sodat hy nou self kan kies welke lewe vir hom aantrekliker is. Hy moet die skatte van die wêreld opgee, hy moet sy begeertes anders probeer stil as met aardse genot. Hy moet dit gewilliglik opgee om geestelike genietinge te kan ontvang.

Dit moet vir homself duidelik wees dat die siel slegs bedag moet wees op die onverganklike gedurende haar bestaan op aarde, maar dat daar nie tegelyk aan beide voldoen kan word nie, dus om onverganklike goedere te ontvang en ook aardse goedere te begeer nie. Die een moet opgegee word om die ander te kan ontvang. Die mens moet kies, hy moet sy wil werksaam laat word en hierdie kan slegs uitgaan óf na wat aards begerenswaardig is óf na die rykdom van die siel. Die mens moet kies tussen verganklike en onverganklike goedere.

En wie se gees die waarde van onverganklike goedere insien, sal geseën wees. Want dit sal nou ook vir hom duidelik word dat die strewe daarna die mens gelyktydig ook die nabyheid van God oplewer. En hy sal die verbondenheid met God bemerk wanneer hy geen ag slaan op die verganklike nie en slegs probeer om hom te verryk met geestelik besit. Die toestand van sy siel word aanmerklik vryer, omdat die materie, dus dit wat aardse waarde is om na te strewe, nie meer begeer word nie en gevolglik oorwin is; dus word die boeie van die siel verbreek deur die begeerte na die onverganklike, na geestelike besit. En hierdie vryheid lewer `n onvergelykbare resultaat op.

Hy word in sy ongebonde toestand onvoorstelbaar lewendig en soek verbinding met die geestelike. En die vereniging hiermee besorg hom wysheid en lig in die vorm van kennis, waarmee hy sy siel nou weer vertroud wil maak. Die mens word dus binnegelei in die waarheid en dan het die siel deel aan alle geestelike rykdom, want hy ontvang geestelike krag, wat die gees uit God deur vermeerdering met die geestelike gestuur word. So sal `n goddelike gees deurdringde siel onherroeplik hoër beweeg daardeur, want haar doel moet wees om `n so hoog as moontlik geestelike vlak te bereik, wat nou bereik is deur die oorwinning van alles wat deel uitmaak van die aarde, dus verganklik en wat daarom waardeloos is vir die ewigheid. Hierdie vermeerdering van die geestelike beteken die vryword uit die vorm en dus word die siel van die mens verenig met die Gees uit God, sy is dan waarlik onverganklik, d.w.s. sy leef in ewigheid.

Amen.

Tien gebooie - Motivering vir die wetgewing

B.D. No. **1501**
3. Julie 1940

Die gebod van die liefde tot God en die naaste omvat alle gebooie wat God deur Moses aan die mense bekend gemaak het en dus volg die mens hierdie tien gebooie wanneer hy die groot gebod van die liefde tot God en die naaste vervul. Dit is baie belangrik om oor die oorsaak van die ontstaan van die tien gebooie op hoogte te wees, want daar is soveel gissings in omloop daaroor, wat maklik daartoe kan lei om aan die goddelike Liefde te twyfel.

In die tyd van Moses het daar `n toestand onder die mense geheers wat deur liefdeloosheid gekenmerk was. En so was daar nie meer aan die Enige God gedink nie, want hulle het aan die wêreld gehang, liefde gehad vir Mammon en alle ander aardse vreugde. Dit was onbeskryflik groot en hulle het glad nie die eiendom van hul medemens geag nie en geen aandag geskenk aan wat hulle hul God en Skepper skuldig was nie. Willoos het hulle hul oorgegee aan die mag van Satan en was alles toegedaan wat sy aandeel was.

En God het `n ontsettende ellende oor hierdie mense laat kom wat Hom vergeet het en hulle daardeur tot `n geestelike ommekeer gedwing. Hulle het hul minderwaardige geestestoestand ingesien en daarom tot God gebid om hulle te red uit hul liggaamlike en geestelike benarde toestand.

Toe maak God Sy Wil deur Moses bekend in `n vorm wat alle detail verlig het, om hierdie mense in alle duidelikheid die verkeerde van hul lewenswandel te laat sien.

Die wetgewing op Sinai was so duidelik gewees, dat selfs die mees verstokte sondaar die mag en grootte van God kon besef en nou ook God se Wil moes insien, wat van hom `n diepe innerlike ommekeer geverg het.

Deur Moses het Hy met onverbiddelike stem Sy wette gegee, waardeur Hy die lewenswandel van die mense sterk belig het en aan hulle hul sondige lewe voorgehou, want dit het nie in die geringste aan die goddelike vereiste beantwoord nie. Die mensdom was in daardie tyd so verblind gewees, dat alle gebooie afsonderlik aan hulle gegee moes word om aan hulle hul afwykings duidelik te maak.

Wat tot hul liggaamlike welbehae bygedra het, het hulle vir hulle sonder seën opgeëis, sonder om aan die welsyn van hul medemens te dink en het dus deur hul gedrag ook nie die ewige Godheid erken nie en het niks gedoen om volgens God se welgevalle te lewe nie, maar daarenteen alles gedoen om die naaste skade te berokken en het slegs hulle eie voordeel gesoek. Hierdie lae geestelike vlak het so duidelik aan die lig gekom dat God Hom oor hulle ontferm het en aan hulle getuienis gegee van Sy Krag en Almag en van Sy Liefde, wat dieselfde van Sy skepsels vra.

En Jesus Christus het dieselfde op aarde geleer, Hy het die liefde tot God bo alle andere gestel, en die liefde tot die naaste as bevestiging van die liefde tot God aan die grootste gebod toegevoeg en derhalwe sal diegene aan die goddelike Wil voldoen wat hierdie twee gebooie in ag neem, waarvan die vervulling die lewensinhoud van elke mens moet wees.

Amen.

Sorg vir die heil van die siel - onbaatsugtige naasteliefde

B.D. No. **1504**
5. Julie 1940

Elk vrye uur moet gebruik word vir take wat die welsyn van die mens betref. Die geestelike welsyn moet bo die aardse welsyn gestel word, want daar is geen tyd te verloor nie. Ook die duiwel gebruik alle geleenthede om die mens geestelike skade te berokken en daarom moet die Krag wat daarteen gaan, onophoudelik besig wees om sy werksaamheid te verhinder. Die goeie geestelike krag moet verenig in die werksaamheid teen hierdie mag en daarom mag daar geen onverskilligheid en geen nalatigheid voorkom wat die teenstander tot voordeel sou strek nie, want hy tree nou baie sterker op, hy verswak die wilskrag van hulle wat nie ywerig is met die werk teen hom nie en maak dat hulle moeg word.

Teen die gebod van die naasteliefde word ook gesondig, want daar word verslap in die stryd om die heil van die siele van diegene wat hulpbehoewend is. Dit moet julle ywerigste sorg wees om hulle te help, vir wie die geestelike ondergang naby is. Julle mag hulle nie aan die duisternis van gees oorlaat en julle nie onverskillig van hulle afwend nie, want hulle het julle hulp nodig. Hulle is swak en nie meer in staat om hulself uit die mag van die teenstander te bevry nie. Hulle besef nie die nood van hul siele nie, want alles om hulle heen is donker en sonder lig en daarom begeer hulle ook nie die lig nie.

Maar dit moet julle strewe wees, om `n liggie aan te steek en vir hierdie armes `n klein ligskynsel te bring, sodat hulle kan oplet en julle werk in ag kan neem. Julle moet alles probeer om die onverskilligheid teenoor die geestelik kennis te verander in opmerksaamheid. Julle moet hul gedagtes op die goeie weg wys. Julle moet hulle onderrig en hulle met nadruklike vrae aan hulle siele laat dink om die sin van die lewe te verstaan. Julle moet probeer om hulle te beweeg om die geloof in Jesus Christus aan te neem en hulle voorhou hoeveel seënryker `n gang oor die aarde in liefde is, as om maar net te lewe vir die eieliefde, naamlik die vervulling van aardse begeertes. Julle moet niks van hulle weerhou wat hulle die weg omhoog sal laat vind nie. Julle moet die leer van Christus vir hulle tot oorweging gee, dat hulle maar net opwaarts kan gaan deur in liefde te dien. Julle moet alles doen wat hierdie siele uit die nag van die gees na die helderheid van die dag kan voer. Dan is julle in die mees ware sin van die woord liefdadig.

Die mees onbaatsugtige naasteliefde is dit wat slegs die heil van die siel van sy medemens betref. Dit is `n taak wat oneindige liefde en geduld vra, want die wesens wat hulle in die duisternis bevind, is moeilik te beweeg om die Woord van God aan te neem. Hulle sal almal weerstand bied daarteen, omdat die vyand self julle sterkste teenstander is en die wil van hierdie mense aanspoor tot baie sterk weerstand. En tog kan die liefde van hierdie mense die oorwinnaar wees, as daar met onvermoeide geduld steeds weer om hierdie siele gestry word, juis met die hulpbronne van die liefde. Daar moet nie op die uiterlike kant van die mens gelet word nie, maar op sy siel, wat in `n beklagenswaardige toestand is en self nie meer die krag kan genereer om haar uit die kettings te bevry waarin die teenstander haar gebind het nie.

Wie hom nou in die lig bevind, d.w.s. bekend is met die waarheid, sy liefde sal die nood van sulke siele herken en nie ophou om homself vir hulle in te span nie. Hy sal deur innige gebed probeer om hulp aan hulle te bring. Hy sal die nood van hierdie siele aan die Vader in die hemel voorlê en Hom om krag smeek vir die verlossingswerk, wanneer sy eie krag nie voldoende is en die wil van die mens moeg raak, alvorens die siel vir die ewige lewe gewen is.

Wees daarom onophoudelik werksaam in liefde en laat alle liefde toekom aan die mense wie se siele hul in nood bevind. Laat julle nie deur mislukkings terneerdruk nie, maar verlang te alle tye na die krag uit God, dan sal julle in staat wees om die moeilikste take te vervul. Julle sal die siele van die teenstander ontruk en hulle na die hemelse Vader lei. En hierdie siele sal julle tot in alle ewigheid dankbaar wees daarvoor.

Amen.

Krisis - Gewelddadige voortydige beëindiging -Natuurkatastrofe

B.D. No. **1508**
6. Julie 1940

Die mense gaan `n krisis tegemoet wat verontrustend is, want die grootste gevaar bestaan as dit nie as sodanig erken word en die hoof gebied word nie. Slegs baie min mense kan hulself indink hoe ontsaglik die uitwerking van die geestelike lae vlak ook op die vormgewing van die aarde se oppervlak is. Dit is onbegryplik, solank as wat die mens nie weet watter rol die hele natuur ook in die positiewe ontwikkelingsproses van alle gees speel nie. Alle gees moet krag uit God ontvang. Dus word hierdie krag ook in alles gelei wat as skeppingswerk vir die mense sigbaar is. Dit is in die eerste instansie alreeds nodig vir die behoud van dit wat God geskep het. Maar die eintlike taak is dat die gees homself moet verenig en deur hierdie vermeerdering in homself, `n hoër graad van volwassenheid bereik.

Hierdie eenwording gebeur op `n natuurlike wyse, d.w.s. die goddelike Wil bepaal dat die afsonderlike gees hom met ander moet verbind, deurdat Hy aan al sy skeppings hulle bestemming toegewys het, wat nou ook nagekom moet word, omdat die gees gedwing word om te doen wat God hom as taak gestel het. Maar die toestand van die vrye wil is vir hierdie wesens, wat hulself nog in gekluisterde toestand bevind, `n groot gevaar, in soverre dat die mens sy wil kan gebruik op `n manier wat God teenwerk en dat hulle daardeur die gebonde wesens in groot nood kan bring, deurdat hulle hul onvoltooide gang in `n vorm voortydig beëindig. Hulle bevry dus die geestelike vir daardie oomblik uit die vorm, maar hulle het nog nie die graad van volwassenheid bereik wat vereis word vir die volgende vorm nie.

Dus word die nou ongebonde gees in `n sekere sin onthef van sy taak, wat hy voorheen moes verrig. Hy kan die volgende vorm nog nie bewoon nie en moet dus gedwonge werkloos wees, wat `n pynlike toestand vir die gees is, want sy ontwikkelingsgang word nou beperk, want daar het `n stilstand ontstaan wat die gees nie self kan ophef nie. Hy moet nou ontsettend worstel om weer in `n nuwe vorm ingelyf te word. En hierdie worsteling geskied op `n wyse wat die wesens, wat hulle nog in hierdie vorm bevind, geweldig in die noute bring, d.w.s. wat hulle aanspoor om vinniger te werk. Die nie-gebonde gees bring dus hul drang om te werk oor op die nog gekluisterde gees en dit word nou buitengewoon aktief, wat op onnatuurlike wyse tot uiting kom, naamlik deur `n vergrote werksaamheid.

Dit is dus `n skynbare onreëlmatigheid, `n afwyking of `n verandering van die bestaande natuurwette. Maar dit is tog in ooreenstemming met die goddelike Wil, omdat die verkeerde wil van die mens self die aanleiding daartoe gegee het en dat die regte vergoeding dus toegeken moet word aan die gees wat in sy ontwikkelingsgang gehinder was. Maar die uitwerking van hierdie vergrote werksaamheid sal vir die mens weer voelbaar wees en wel op `n manier waarvan hy minder sal hou. Wat oorspronklik bedoel was om `n lang verblyf aan die gees te verleen, sal nou deur die vergrote werksaamheid die gees in homself op `n ongewone tyd vrystel.

Natuurverskynsels, wat in `n sekere sin in stryd is met die wet, sal dus buitengewone gevolge hê. Dit is die katastrofe wat in die natuur veroorsaak word, wat weliswaar nie direk van die wil van die mens afhang nie, maar indirek tog die gevolg is van `n verkeerde wil.

As die geestestoestand van die mense so laag word dat hulle geen enkele verbinding meer met God het nie, dat hulle nie hul taak op aarde insien nie, nóg die sin en die doel van die skepping ken, nóg die positiewe ontwikkelingsgang van alle gees en hul eie eindelose lang weg oor die aarde nie besef nie, dan sal hulle ook nie bang wees daarvoor om eiegeregtig in te gryp in hierdie skepping nie, wat `n ander doelwit het as die uitbuiting deur mensehande. En hierdie ingryping, wat `n ontsettende uitwerking het, juis op die vroegtydig vrygeworde wesens, het nou onafwendbare gevolge, wat redelikerwys weer deur die mens gedra moet word, ofskoon dit nie vir hulle verstaanbaar is nie, naamlik dat hulle die eintlike oorsaak is van die verwoestende katastrofe, juis deur hul verkeerde teen-God gerigte wil.

En die aarde kan nou so `n gewelddadige vrywording van die gees verwag en deur die handelswyse van die mens word hierdie proses bespoedig. Die gewelddadig vrygeworde gees dring aan tot steeds meer lewendige bedrywigheid, sowel aan die buitekant van die aarde, asook aan die binnekant. En hierdie aktiwiteite word nie deur God beperk nie, omdat die mens self onregmatig ingegryp het en dus `n beliggaming van die gees wat in liefde deur God verleen is, beëindig het teen God se Wil. Alle gees, wat onregverdigheid moet verduur, mag aan hom reg verskaf. Dus is die katastrofe, ofskoon dit heeltemal in stryd skyn te wees met die natuurwette, in ooreenstemming met Sy Wil en dit moet dus erken en beoordeel word as deur God gestuur. Maar die mense wat volgens God se Wil lewe, wat hul eie wil aan die goddelike Wil onderwerp het en dus goed onderrig word deur God se Liefde, Almag en Wysheid, kan alles van bo gestuur kalm bekyk. Al beteken die katastrofe hul liggaamlike einde, hulle sal op die aarde niks verloor nie, maar God se heerlikhede sal vir hulle sigbaar word en hulle sal hul Skepper lof en dank toesing tot in alle ewigheid.

Amen.

Put krag uit My Woord - Voorspelling

B.D. No. **1511**
9. Julie 1940

Julle almal moet krag put uit hierdie Woord van My. Dink daaraan dat Ek Self na julle toe kom om julle te ondersteun in julle stryd met die lewe, besef die feit dat Ek Myne nie sonder troos en krag sal los wanneer hulle behoefte daaraan het nie. Moenie tevrede wees om My krag slegs eenmalig te gebruik nie, maar wil dit altyd hê en dit sal in oorvloed na julle vloei. En só wil Ek julle nog `n keer sê dat julle `n desperate behoefte sal hê vir hierdie krag, want die uur is nie ver wat julle sal ontneem van alle gevoel van veiligheid nie, die uur wat julle naby aan My sal bring wanneer julle maar net aan My sou dink in julle teëspoed. Dan sal julle beslis julle hande in gebed na My uitsteek en My vra om hulp, en dit sal toegestaan word aan hulle wat reageer het op My roepstem wat julle slegs in julle harte kan hoor. Julle sal My teenwoordigheid voel, julle sal die erns van die situasie besef waarin julle is en wat sal maak dat julle in My sal skuil.

Bly getrou toegewy aan My in hierdie teenspoed en dit sal by julle verbygaan. En put vooraf krag en troos uit hierdie Woord van My, aanvaar My vooraf in julle harte, verminder julle weerstand teen My deur bewustelik julle wil aan My te oorhandig en moenie twyfel nie, maar glo, want hierdie geloof sal die grootste nood weghou, selfs al is julle in die middel van hierdie gebeurtenis. Ter wille van die wêreld moet My almag duidelik herkenbaar word vir almal, ter wille van die wêreld sal hierdie groot gebeurtenis oor julle kom, wat My wil en My almag aan julle sal openbaar. En die effek daarvan kan slegs verlig word deur diegene wat glo en vertrouend hul swaarkry aan My sal toevertrou, want My wil kontroleer lewe en dood, en My wil laat mense ly indien dit nodig is, of spaar hulle as hulle hulself aan My oorgee.

En My wil sal ook gebeure so vorm dat dit Myne wat getrou aan My sal bly, net effens sal beïnvloed. Want dit moet die mensdom tref om hulle terug te lei na My toe, vir sovêr dit nog moontlik is en die siele nog nie heeltemal verhard en verblind is nie. Ek is bekommerd oor hierdie siele en gebruik dus die laaste middel, wat wreed lyk en tog die enigste hoop vir hulle redding bied. Ten einde hierdie uur draaglik te maak vir My eie, gee Ek hulle vooraf troos en krag deur My Woord. Enigeen wat hom daardeur sal laat beïnvloed, hoef die gebeure nie te vrees nie. Hy sal van My Liefde en sorg weet en sal sy volle vertroue in My plaas, hy sal nie angstig wag op die dag nie, maar sal vol vertroue wees om deur al hierdie gruwels gelei te word. Want Ek ken Myne en Myne ken My.

Amen.

Onfeilbaarheid - Kerklike gebooie

B.D. No. **1514**
11. Julie 1940

Julle plaas te veel vertroue op die onfeilbaarheid van die hoof van julle kerk, en julle is uiters mislei. Dit was nie God se wil dat Sy kerk willekeurig gevorm word deur mense in ooreenstemming met hulle wil nie. Alles wat korrek en behoorlik was om Sy onderrig te handhaaf en te versprei, is deur Jesus Christus self op aarde aan sy dissipels gegee. Hy het die verspreiding van sy onderrig afhanklik gemaak van die individu se wil om dit te aanvaar al dan nie. Hy het presiese riglyne gegee wat van toepassing was op almal wat Sy onderrig wou aanvaar. Dit het bestaan uit die beloftes wat gemaak was, op voorwaarde dat mense voldoen aan die vereistes van die Heer se onderrig.

Hy het altyd die vrye wil van die mens gerespekteer. Die mens moet sy besluite vrywillig en sonder uiterlike druk maak, en sodoende God se wil vervul. En aan hierdie mense het Hy die ewige lewe beloof, daarom vereis Hy slegs geloof in Hom en Sy Woord wanneer Hy sê: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe, Ek is die middel, die wet en die vervulling, elkeen wat in My glo, het die ewige lewe." Sy liefde wil iets onvoorstelbaar wonderlik gee, naamlik die ewige lewe. En hiervoor vereis Hy slegs die mense se geloof en hulle wil. Maar dit is nie Sy wil om die mensdom, wat reeds in `n gebonde toestand op die aarde leef, met nuwe sondes te belas nie, Die bande van iemand wat waarlik

glo in Jesus en Sy Woord sal losgemaak word, maar iemand wat nie glo nie, is reeds genoeg gestraf deur sy gebonde toestand, want hy moet vir `n ewigheid daarin bly.

Enigeen wat die Gebooie verontagsaam wat deur God Self aan die mens gegee is, enigeen wat dit ontken, pleeg `n sonde, dit wil sê, is ongehoorsaam aan God Wie liefde is, omdat hy nie die gebod van liefde gehoorsaam nie. Hy doen niks om homself te bevry van sy toestand nie, inteendeel hy doen alles om dit erger te maak. Die vervulling van hierdie gebooie is die enigste manier van kwytskelding, terwyl die oortreding daarvan presies die teenoorgestelde is.

Die dogma van onfeilbaarheid het egter `n nuwe wetgewer vir mense geword in soverre as wat hulle die Godgegewe Gebooie vermeerder het met verskeie ander, sodat die nuwe kerklike gebooie min of meer bygevoeg is tot God se gebooie en die versuim om aan hierdie wette te voldoen, beskou word as dieselfde sonde as om teen die God-gegewe gebooie te oortree. En hierdie fout het `n verskriklike nagevolg, omdat mense hulleself nou belas met heeltemal irrelevante, maar verpligte aksies, wat heeltemal onverwant is tot die gebod van liefde vir God en hul naaste. En nou fokus hulle slegs hul hele aandag op die onderhouding van hierdie kerklike gebooie en om hulleself dus so van vermeende sondes te verlos. Die somtotaal van hul siel se taak bestaan dus uit die nakoming van gebooie wat deur mense gegee is of om boete te doen vir die skuld van beweerde oortreding, maar die siel se verskriklike gebondenheid, wat slegs verlos kan word deur die liefde, word deur hulle geïgnoreer.

As hierdie gebooie nodig was, waarlik, sou God dit Self gegee het en die vervulling daarvan eerste aan Sy dissipels op aarde verkondig het. So het mense probeer om Christus se onderrig na willekeur te verbeter en het nie gehuiwer om hulself goddelike goedkeuring daarvoor te gee nie. Deur hulself te ag as verlig deur die Heilige Gees, terwyl hulle nog steeds in `n toestand ver verwyderd daarvan was, is besluit om wette te maak wat nie in ooreenstemming met God se wil is nie. Hierdie wette het mense se sin van verantwoordelikheid vir die God-gegewe gebooie aansienlik verminder, as gevolg van die feit dat die grootste aandag nou aan die nuwe verklaarde gebooie gegee word, tot so `n mate dat die mense dit nou suiwer outomaties onderhou en glo dat hulle Christus se onderrig volg wanneer hulle hul opgelegde plig vervul.

Die waarlik verligte mens word deur God gekies om `n einde te maak aan hierdie betreurenswaardige toestand van sake, dit wil sê om dit te openbaar. God kon egter nooit diegene verlig het wat sulke gebooie gemaak of goedgekeur het nie. Die onfeilbaarheid van die hoof van die kerk is `n verwronge beeld van die uitstorting van die Heilige Gees. Enigeen wat deur die Heilige Gees geïnspireer is, sal die valsheid van hierdie wette herken, maar die wêreldse kerklike mag het verhoed dat hulle hierdie groot valsheid regstel, want hierdie gebooie is nie deur die Gees van liefde gemaak nie. Wetgewers het min belang gehad in die vermindering van die take van die sukkelende siele om hul finale vrylating te bewerkstellig. Hul motief vir die maak van hierdie gebooie was eerder `n drang na meer mag en om die mense te lei na `n bepaalde toestand van afhanklikheid, want terselfdertyd was die versuim om hierdie gebooie te onderhou as `n ernstige sonde geag. Ware dienaars van God het nog altyd hierdie betreurenswaardige toestand herken en wou dit konfronteer, maar die onderrig van die onfeilbaarheid van die hoof van die kerk was reeds te diepgewortel om maklik verwyder te word. En net iemand wat op soek is na die suiwer waarheid en vir wat God Self vir die waarheid en die gees van innerlike lig vereis, sal in staat wees om homself daarvan te bevry.

Amen.

Jy is Petrus, die rots

B.D. No. **1516**
11. Julie 1940

`n Bietjie blydskap in die ontvangs van die volgende boodskap is `n voorvereiste: Die lewende geloof is die rots waarop Jesus wou sien dat Sy kerk gebou word, `n geloof so diep en standvastig soos wat dit deur Petrus ervaar was, terwyl die Heer naby aan hom was. Petrus was dus `n voorbeeld vir almal wat aan die kerk van Christus wil behoort. Want sonder hierdie geloof sou die leer van Christus, d.w.s. Sy Evangelie nie ontvang kon word nie. Slegs geloof bevestig Jesus Christus en aanvaar Hom as die Seun van God en Verlosser van die wêreld. As mense wou aanvaar wat die

dissipels oor die hele wêreld versprei het, moes hulle eers glo in `n God van liefde, goedheid en barmhartigheid, in `n God van almag en wysheid, in `n God van geregtigheid. Slegs dan kon Sy leerstellings hulle binnedring as goddelike wil, daarom was `n diepe geloof `n voorvereiste. Al Sy dissipels was diep gelowig, en daarom het hulle Sy onderrig baie vinnig aanvaar en het probeer om die goddelike wil te eer wat Hy aan hulle openbaar het. En deur dit te doen, het hulle die kennis van die goddelike waarheid steeds meer binnegedring, en dit het ook hul vermoë ontwikkel om in ooreenstemming met God se wil te leer, wat nooit moontlik sou wees as hulle gebrek aan geloof gehad het nie. Daarom sê God "op jou sal Ek My kerk bou," en sy kerk is hulle wat Jesus Christus wil volg, Sy kerk is die klein gemeenskap van hulle wat sterk en standvastig alles glo wat die Heer op die aarde gespreek en gedoen het, wat ter wille van hierdie geloof, `n poging aanwend om te voldoen aan God se gebooie, wat die ewige lewe begeer en dus die aardse lewe leef in ooreenstemming met God se wil. Hierdie kerk is `n gemeenskap van gelowiges.

En wanneer mense diepgelowig is, sal geen krag uit die hel ooit hierdie geloof kan versteur nie of beheer uitoefen oor sulke uiters toegewyde mense wat slegs die Heer soek en Hom erken as hulle God en Skepper. Diepe geloof in God sal altyd die krag van die teenstander oorwin, want almal wat in die geloof leef, leef ook in liefde, en liefde is die teenstander se felste opponent. Daarom is niks meer verstaanbaar as dat God Sy mees toegewyde dissipels as `n voorbeeld gebruik het sodat Hy `n ferm geloof `n voorvereiste gemaak het vir die wat aan sy kerk behoort, sodat Petrus dus vergestalt sal word in hierdie geloof en dat Jesus Christus wil hê dat almal wat aan Sy kerk behoort, ook diep toegewy moet wees. Dit is so maklik om hierdie woorde te verstaan, en hoe word hulle egter nie deur die wêreld verstaan nie.

Amen.

Gaan en onderrig al die nasies

B.D. No. **1517**
12. Julie 1940

Die grootste misleiding van die teenstander bestaan uit die vertroebeling van `n persoon se denke sodat hy aan sy planne kan voldoen.

As die persoon egter nederig vir die goddelike Gees vra, sal sy gedagtes korrek wees en hy sal die betekenis van hierdie Woorde duidelik herken. Hy sal erken dat die wil om te oorheers die werk van die goddelike Gees onbruikbaar maak, dat sy denke mislei is en daarom het valse leerstellings ontwikkel wat die goddelike Woord ernstig vervorm het. En die Heer het nie die mens teëgegaan nie, Hy het nie ingemeng met die vrye wil van die mens nie. Hy het die Evangelie aan Sy dissipels onderrig en hulle beveel om dit oor te dra deur te sê 'gaan en onderrig al die nasies.' Die dissipels se diepgaande geloof was die waarborg vir die werking van die Heilige gees en daarom kon die dissipels nie anders as om die waarheid te onderrig nie. Daarom sal die versekering van onderrig in die waarheid deur `n dienaar van God altyd gevind word in sy diepgaande, dus lewende geloof.

Hy sal `n ware aanhanger wees van Petrus en die kerk wat Jesus Christus Self opgerig het, maar wat nooit veronderstel was om `n wêreldse mag te verteenwoordig nie, maar in plaas daarvan slegs geestelik aan al die nasies ter wêreld versprei moes word.

God het nooit aan mense die taak gegee om `n instelling in die wêreld op te rig en dan, in die konteks van menslike ingestelde gebooie, ook die suiwer goddelike gebooie in te sluit en die onderhouding daarvan min of meer te eis nie, want dit opponeer die goddelike wil. Die mens behoort die onderrig van Christus in homself te aanvaar en dan poog om die wil van God in volle vryheid uit te voer. Hierdie leerstelling moet vir mense aangebied word deur ware toegewyde lerare wat God wil dien en wat dienooreenkomstig deur die Gees van God verlig word wanneer hulle hierdie onderrig aanbied.

In elk geval kan die Gees van God Hom nooit openbaar waar `n struktuur van wêreldse mag ontstaan het en waar die versterking van hierdie mag die enigste doel vir die vele verordeninge en gebooie is wat kwansuis met die hulp van die Heilige Gees verorden was en wat lei tot die insig in die

leer van die onfeilbaarheid van die kerkleiers nie. Die Heilige Gees is egter konstant besig om hierdie misleide onderrig te weerlê en om die mense duidelikheid aan te bied, maar telkens is die mens se wil weer te sterk en verwerp hy die suiwere waarheid om die misleide onderrig aan te hang. En die mense kan nie gedwing word om die waarheid aan te neem nie, ook kan hulle nie gedwing word om God as gewer van die kennis te erken, wat as waarheid aan hulle gegee word nie. Dit moet aan hulself oorgelaat word om die waarheid te herken; nogtans is baie hulp tot hul beskikking. Iedereen met slegs `n geringe verlange na die waarheid, sal daarna gelei word en elkeen wat gewillig is, d.w.s. elkeen wat opreg geïnteresseerd is om die regte pad op aarde te loop, kan enige tyd in gebed vir die krag van insig vra.

Amen.

Wanneer het die Woord van God geen effek nie?

B.D. No. **1534**
23. Julie 1940

Onuitspreeklik verkeerd is dit om aan die toesendinge van bo, in soverre aandag te skenk, dat slegs die buitengewone van hulle ontstaan in aanmerking geneem word, maar dat daar egter van `n innerlike groei geen sprake is nie. Dan is die Woord van God sonder effek, want weereens word daar slegs aardse probleme aangeroer en slegs hieroor uitsluitsel verlang, maar die eintlike betekenis van die goddelike sending word nie begryp nie.

Weinig mense is bereid om vir God te kies en die aardse prys te gee en daarom sal daar ook maar weinig wees wat die Krag van die goddelike Woord in hulself sal bespeur, want hulle kan maar net iets oorgebring word wat hul self innig begeer. En eers wanneer die Liefde van God vir hulle deur die woord van God begryplik geword het, sal hulle die krag uit God begeer en dan eers kan hulle begeer om met hierdie Liefde verbind te word.

Maar solank as wat die toesendinge van bo nie hierdie goddelike Liefde vir die mense aanskoulik maak nie, sal hulle ook nie die verlange na God opwek nie, dus bewustelik na die krag uit God vra nie. Maar die mens wat maar net die aardse gebeure beskou, probeer ook in die buitengewone bewyse van die goddelike Liefde maar net `n oplossing vir die aardse probleme vind, maar geestelike probleme roer hulle nie aan nie en so kan daar ook geen krag die gees toestroom nie, wat egter die eintlike doel van die bekendmakinge van bo moet wees. Dit bly daarom steeds net `n suiwer wêreldse aangeleentheid vir sulke mense en die buitengewone is vir hulle spoedig niks buitengewoon meer nie, hulle neem kennis daarvan, maar trek geen besondere gevolgtrekkings daaruit nie. En so het ook hierdie barmhartigheidsgeskenk geen besondere uitwerking op hulle denke gehad nie, omdat die verlange na God nie in hulle ontwaak is nie en die aardse lewe nog heeltemal te veel op die voorgrond van hulle denke staan.

Daar staan nou `n buitengewone kragbron vir sulke mense ter beskikking, wat nog onbenut gelaat word. Die Heer Self bied hulle Sy hele Liefde aan, deurdat Hy tot hulle kom en Homself sigbaar bekend maak, dog met digte oë en ore gaan die mense daar verby en laat die kosbaarste wat hulle gebied word, onaangeroer.

En so kan God die mense steeds weer bewyse gee van Sy Liefde, Mag en Wysheid, maar daar word egter geen aandag daaraan geskenk nie, of Hy word maar slegs suiwer aards gesien en beoordeel en die goddelike krag word egter nie begeer nie, dus ook nie ontvang nie. En so beroof die mense hulself van `n middel wat hulle moet help met die positiewe ontwikkeling van die siel, en omdat hulle nie aan hulle siele dink nie, inteendeel het hulle steeds net liggaamlike welsyn voor oë, en slaan daarom geen ag op dit wat slegs die siel bevoordeel nie. Hulle gaan `n barmhartigheidsgawe verby en gaan in onwetendheid verder op hulle aardse weg, terwyl hulle met `n goeie wil die oorvloedigste kennis sou ontvang het, wat hulle nie nou, sonder om dit self te verlang, gegee kan word nie.

Amen.

Aard van die Katastrofe

B.D. No. **1538**
25. Julie 1940

Die leraars uit die hiernamaals doen steeds op dieselfde manier hulle bes vir jou (B.D.) en trag om jou lig ontvanklik te maak, maar jou hart is nie altyd gewillig om dit op te neem nie en dan ontstaan daar sulke hindernisse wat die opneem (van die woord) bemoeilik. Onverdeelde aandag moet aan die gawes van die hemel betoon word en alle aardse gedagtes vermy word, dan kom die gedagtes van die vriende uit die hiernamaals maklik binne. Die goddelike Liefde stuur aan jou bodes, wat jou wil versterk in die wil om te ontvang. Hulle bring `n kennisgewing aan jou wat vir jou die toedrag op `n verstaanbare manier beskryf van die katastrofes wat afsonderlik sal beslis oor die dood en lewe van elkeen.

(Soos dit blyk, moet ook skryfknegte aangemaan word om hulle eie gedagtes te laat vaar en hulself in totale opmerksaamheid oor te gee aan die binnestroming van hemelse gawes. Dit is in teenstelling met valse profete wat die lof wil oes met eie- of valse waarhede) (opm. v/d Hollandse uitgewer)

Baie min mense skenk aandag aan die tekens van die komende tyd. Hulle verwonder hulself wel oor afwisselings en onreëlmatighede wat in die natuur opgemerk word, maar gaan ongesteurd daardeur voort. Hulle sien geen uiting van die goddelike Wil daarin nie, maar slegs `n toevalligheid. En dus sal hulle aanvanklik ook geen aandag aan die verskynsels skenk wanneer die natuurgebeure aanbreek nie.

Deur windkouse sal die mense eerstens bedag gemaak word op nader komende onweer. Dit sal so skielik kom dat mens en dier in groot nood sal verkeer, want hulle sal skaars in staat wees om teen die hewige storms weerstand te bied, maar dit sal slegs die begin wees.

Met klein tussenposes sal hewige aardskokke opgemerk word en die hemel sal verduister word, `n gebulder van donderslae sal gehoor word en dit sal so vreeslik wees, dat paniek onder mens en dier sal uitbreek. Hulle sal hul behoud soek deur te ontvlug, dog die duisternis sal hulle verhinder. Maar die nood sal steeds groter word, die gebulder steeds harder, die aardbewinge steeds heftiger. Die aarde sal haarself open en enorme watermassas sal vanuit die binneste van die aarde breek.

En sovêr as wat die oog ookal mag kyk of sien, sal water en duisternis wees en die mense sal `n onbeskryflike chaos beleef. Hulle sal besef dat hulle in die grootste benoudheid gedompel gaan word. Die voorafgaande dae sal so stralend wees, dat `n sekere sorgloosheid die mense sal aangryp en die ommekeer sal dan so skielik kom, dat niemand in aardse opsig voorsorg sal kan tref daarteen nie. Dit sou ook volkome nutteloos wees, want geen aardse mag sal hierdie elemente kan weerstaan nie.

Slegs die gelowige mens sal nou die goddelike almag ervaar en hy sal homself aan sy Skepper toevertrou. En al is sy hart ook bang en al bewe hy, sal hy geduldig wag totdat daar hulp na hom toe sal kom, want hy stuur sy gedagtes omhoog na Hom toe.

Wie die sin en die doel van die lewe begryp het, sal weet dat die uur van beslissing nou vir elke mens gekom het. En hy sal trag om sover moontlik geestelike hulp te gee, hy sal die ongelukkiges vertroos en hulle op Jesus wys, hy sal help deurdat hy `n liggie in die diepste duisternis laat skyn.

Want God sal aan diegene wat Hom herken het en wie hulle dienste vir Hom aangebied het, die moontlikheid bied om vir Hom te werk. `n Ryk arbeidsveld sal aan hulle toegewys word waar die saad op goeie bodem sal val, want God sal diegene spaar wat op Hom ag geslaan het, of wie in die groot nood die weg na Hom sal vind.

Amen.

Die poort na die ewigheid kan al voor die dood deurgegaan word

B.D. No. **1559**
8. Augustus 1940

Vir wie die poorte na die ewigheid oopgaan, sy aardse bestaan hoef nie noodwendig beëindig te wees nie, want hy mag ook al in hierdie lewe insae hê in die ryk wat buite die aardse lewe bestaan. Hy kan van alles op hoogte wees, sonder om hom van die aardse bestaan te onttrek, want die

mens kan nog op aarde `n toestand van volmaaktheid bereik wat hom `n blik in die ewige ryk sal toelaat. Om hom met die ryk buite die aarde en met die bewoners daarvan te kan verbind is `n bewys daarvan dat die poorte na die ewigheid nie eers met die liggaamlike dood deurgegaan word nie, maar dat daar vir baie mense glad geen hindernisse bestaan wat hulle verhinder om die ryk van die ewigheid binne te gaan nie. Hulle lewe op die aarde en is tog ook in hierdie sfere tuis, omdat die goddelike Gees in hulle alle hindernisse oorwin en oral en te alle tye teenwoordig kan wees. Hy bly dus in die ryk van die ewige, ook wanneer die liggaam nog op die aarde vasgehou word. So `n mensekind sal ook geen vrees hê vir die dood, naamlik die liggaamlike dood waarvoor die mensdom vrees nie. Hy sal toegerus wees met kennis van die ewige lewe, sodat hy baie sal verlang na die oomblik waarop hy alle bande met hierdie aarde kan verbreek. Die gees sal sy intrek in sy ware vaderland neem. Hy sal nou voortdurend daar wees, waar hy gedurende sy bestaan op aarde slegs vir kort tye kon vertoef en dus as te ware slegs kon binnekom in daardie gebiede, wanneer die wil van die mens dit toegelaat het. Nou kan hy egter voortdurend daar wees waar sy vurige verlange op aarde hom heen laat dwaal het. En so het die mens dan die verskrikking van die dood oorwin, wanneer hy bewustelik gedurende sy bestaan op aarde in hierdie gebied probeer binnedring, wat die woonplek is van alle gees na die beëindiging van hul lewe op aarde.

Hy is nou nie meer bang vir die onsekerheid van die voortlewe aan die anderkant nie en hy beskou die voortlewe ook nie as iets twyfelagtigs nie. Hy weet verseker en dit beteken dat hy ook die werksaamheid van die ligwesens herken en dat hy homself aan hierdie ligwesens oorgee, juis omdat hy die gevolge van sy onkunde besef en hy homself wil bevry uit `n onwaardige toestand wat sy lot op aarde is, sodat hy aan homself kan werk om die verbinding met die geestelike in die hiernamaals te kan aangaan. Die mens wie se geloof hom die goddelike liefde en barmhartigheid laat insien en wat na hierdie liefde en barmhartigheid verlang, is baie beter af, want dit val hom al op aarde ten deel. Die mens mag sien in `n gebied wat getuig van die oneindige Wysheid van God. Hy mag self geestelike kennis uitdeel op aarde en dus die versperrings afbreek wat die mense op aarde skei van hierdie ligwesens. Hy mag al op aarde die poorte na die ewigheid deurgaan, want hy neem iets in ontvangs wat direk aangebied word deur hierdie wesens wat die ligryk bewoon. En dus verloor die dood alle verskrikkinge vir die mense wat slegs vir God wil dien en in diens van God ware oorwinnaars van die dood is.

Amen.

Die stem van die gewete

B.D. No. **1565**
13. Augustus 1940

Julle het geen beter aanduiding vir wat korrek is, as die stem van die gewete nie, die stem van die hart, wat julle werklik korrek sal lei. Hierdie stem sal julle dikwels lei om te doen wat God behaag. En as julle soms nie regtig weet wat julle moet doen, dink of sê nie, dan kan julle God altyd in alle opregtheid aanroep en Hy sal julle daaroor inlig, sodat alle twyfel, alle besluiteloosheid sal vervaag, sodat julle aksies bewustelik en ondubbelsinnig sal wees. Elke verkeerde gedagte veroorsaak ongemak in julle en al die korrekte gedagtes laat julle bly voel, want al die goeie geestelike wesens om julle poog om julle geestelik in te lig oor wat julle moet of nie moet doen nie, en as julle hierdie voorstelle graag aanvaar, sal dit julle innerlike tevredenheid gee, terwyl dit andersom `n gevoel van ongemak in julle sal laat ontwaak om julle bewus te maak van die innerlike stem.

Die influisteringe van geestelike vriende om `n goeie daad te doen is dikwels die rede waarom hierdie daad uitgevoer word, want `n persoon op sy eie is dikwels te willoos as hy nie gestimuleer word om goed te doen nie. En as hy maar net na die innerlike stem sal luister, sal hy korrek gelei word. Die besef van wat reg is, sal ook in hom ontwaak as hy korrek wil optree. Want sy God-gesinde wil verwerp aanhoudend wat verkeerd is, want hierdie wil lok al die goeie en kundige kragte wat hom eerlik sal onderrig. Alhoewel negatiewe kragte net so hard probeer om hul invloed uit te oefen, sal hulle net slaag indien `n persoon willoos of onverskillig is en dus toegee aan alle geestelike invloede, heeltemal onbewus of hy deur goeie of bose magte gelei word. Dit is waar die bose magte `n maklike

stryd het, alhoewel die stem van die gewete daarna verwytend sal klink en sy innerlike tevredenheid versteur. As aandag hieraan gegee word, dan sal die geleentheid steeds bestaan dat die goeie geestelike magte in staat sal wees om meer oortuigend effektief te wees, maar dikwels dryf die verwyt diep in die hart die persoon om dit te probeer smoor, sodat hy nie meer kennis neem daarvan nie en dus sy gewete doodmaak en nie meer luister na die subtiele stem binne-in hom nie. En dit is uiters ongunstig vir die siel, want dan sal `n persoon dit baie moeilik vind om goedhartige dade te doen, nie omdat hy nie genoeg krag het om dit te doen nie, maar omdat hy nie deur die stem van die gewete gestimuleer word om dit te doen nie, en hy sal ook nie in God skuil nie, Wie alleen `n sterk wil aan hom kan gee en geestelike krag vir hom kan stuur om hom te help. As `n persoon egter die stem van die gewete in hom kweek, indien hy aan alles voldoen wat hierdie stem hom beveel om te doen of nie te doen nie, en as hy uiteindelik, na elke vraag gestel aan die ewige Godheid, luister na hierdie stem, is dit onwaarskynlik om enige ander weg te neem as die een wat lei tot insig nie.

Amen.

Bely Jesus Christus voor die wêreld - goddelike beskerming

B.D. No. **1567**
14. Augustus 1940

Wie Jesus Christus bely, sy lewe is in God se Hand, ook al sê die wêreld en haar gesag hom die bitterste stryd aan, aangesien daar reeds krag uitgestuur word deur die uitspreek van die goddelike Naam. Die liefde van die Heiland seën almal wat hulself aan Hom oorgee, d.w.s., wat in Hom glo, Hom bemin en Sy gebooie onderhou.

Slegs min mense neem die lewe van Jesus tot rigsnoer vir hulle lewens. Wie self egter die moeite sal doen om Jesus in alles na te volg, sal ook spoedig insig verkry en sal die goddelike Heiland en Verlosser nie meer wil opgee nie. Sy liefde openbaar homself so indringend, dat die verlange na die Hemelse Vader steeds in die mens toeneem. Dit is soos `n deurdringende reën wat die uitgedroogde aarde deurdrenk met Sy onontbeerlike woord wat van Bo af na die mense op aarde gebring word en hierdie woord spoor die mense nou aan om Hom aan te neem, wie deur die wêreld verloën word.

Die mens wat God se krag duidelik ervaar, moet homself ook vir die woord instel, hy moet flink en vrylik spreek oor alles wat Jesus Self op aarde geleer het. Die mens moet alles doen om eerstens die menslike hart geskik te maak om die waarheid aan te neem wat deur die mense van Bo oorgebring word.

Eens het Jesus Self gesê: “Wie My voor die mense bely, hom sal Ek ook voor My Vader bely”. Dus het Jesus die mense gebied om vir Sy Naam op te kom, sodat hy dan eweneens die goddelike bystand kan ervaar as hy die hulp van die Vader in die Hemel begeer.

Wie vir die goddelike Naam sal opkom, sal in die komende stryd vir Jesus betrek word, want die vyand sal trag om die mens te ontneem van elke herinnering aan Hom en Sy werke op aarde. Die vyand sal die mens met `n harde straf dreig en het ten doel om die geloof in Jesus Christus as Verlosser van die wêreld te laat verdwyn. Die mens sal ernstig moet stry om stand te hou teen al die influisteringe van kwaadgesinde kragte en slegs die mens wat homself vir Jesus Christus instel en in gelowige gebed tot God, sy node en sorge toevertrou en Hom om beskerming en krag vra, sal sterk en vry wees, want dit beloof Jesus vir al Sy stryders wanneer hulle Hom as die goddelike Heer en Verlosser sal bely voor die mense.

Hier sal die goddelike mag duidelik bewys dat hy sterker is as die aardse mag en hy sal waak oor elke aardse kind, onverskillig in welke gedaante hy Jesus as Heiland bely. Daarom hoef die mens nie besorg te wees dat die aardse gesag hom sou kan vervolg om skade aan hom te berokken nie, omdat hy `n aanhanger is van die ware Christendom. Jesus Christus kan nooit uit die wêreld van haat en liefdeloosheid verdring word nie, al word die stryd ook openlik gevoer. Maar wie sy aardse lewe liefhet, sy hart sal angstig klop en hy sal die gebod van die wêreldse gesag maklik in ag neem, dus sy Heer en Heiland verraai terwille van aardse sukses.

Maar wie die dood nie vrees nie, sal vrymoedig die Naam bely van Hom wat die wêreld verlos het van sonde, selfs as hy daarvoor moet boet deur die aardse mag. Die Vader in die Hemel hou egter Sy Hande beskermend oor die aardse kind en dan sal dit vir die teenstander lyk asof bomenslike kragte teen hom stry. Hy sal aan die kalmte wat, ondanks dreiginge, onmiskenbaar die krag van die goddelike woord en die liefdevolle sorg van die Vader in die Hemel is, herken dat Hy Syne beskut wanneer hulle Hom voor die wêreld bely.

Amen.

Die werking van die leuenvors op die denke van die mens

B.D. No. **1580**
24. Augustus 1940

Kyk na die werke van die mensdom. Hulle word deur die leuengees beheer en dit rig ondenkbare verwarring aan. Steeds meer sal die menslike denke hom verwyder van die waarheid, want die mens neem die leuen gedagtes aan en hy gebruik sy eie vermoë om te beoordeel en gevolglik word die gevoelslewe van die mens ook op dwaalweë gelei.

En dit is dan begryplik dat die omhulsel om die geestelike in die mens steeds dikker word, dus die mens steeds meer en meer van die waarheid verwyder, omdat die gees in hom, homself nie kan uiter nie, d.w.s. die siel is nie in staat om geestelike waarheid in haar op te neem nie.

Sodra die denke van die mens dan `n verkeerde rigting inslaan, klink die stem van die gees in hom steeds sagter en word einde ten laaste nie meer gehoor nie. Die gevolg daarvan is `n mensdom wat in totale onwetendheid verkeer, wat heeltemal ander doeleindes nastreef as wat oorspronklik aan hulle gestel was en die aardse lewenswandel word derhalwe heeltemal vrugteloos, want solank as wat die mens in dwaling leef, kies hy die kant van die mag waarvan hy hom eerder moet losmaak.

En nou gebruik die mag, wat God vyandig is, die wil wat na hom gekeer is en spoor die mens aan tot handelinge wat teen God gerig is, om so alle verbinding met Hom te vernietig en die mens heeltemal onderdanig aan hom te maak. En hierdie toestand kan nou duidelik onder die mensdom herken word. Die aardse lewe word heeltemal onafhanklik van God geleef, selde word daar nog gedink aan Hom uit Wie alles voortgekom het, of alle gedagtes wat die geestelike betref word angstig geheim gehou.

Waar daar tenminste nog aan God gedink word, word Hy nie meer openlik bely nie. Dit is alles sigbare tekens van die aktiwiteit van die kragte wat God vyandig gesind is, want hul invloed word des te sterker, hoe kragteloser die mens word. En omdat die mens hom steeds meer van die ewige Godheid verwyder, word sy krag ook steeds geringer om die kwade invloed te weerstaan.

Daarenteen word nou die krag van die mag wat teen God is, na hom gestuur en dit steun hom in al sy aardse strewes. So word aardse sukses juis deur hierdie krag gewaarborg en daarom dra die aardse sukses nog meer daartoe by om hulle heeltemal van God los te maak, want die mens het dus geen goddelike krag meer nodig nie, en dus roep hy God ook nie meer aan nie, maar ontken Hom.

En dit is steeds die bedoeling van die teenstander, naamlik om die mens heeltemal weg te vat van hul denke aan God, want dan het hy hulle heeltemal in sy mag. Hy het dus oorwinnaar geword oor die wese aan wie dit vry gestaan het aan wie hy die oorwinning wou gee. Hy het egter die teenstander gekies en sodoende sy aardse weg heeltemal verkeerd begin stap.

Maar tog laat God hierdie mense nie verlore gaan nie. Hy wil hulle wys dat al die aardse wat nagestreef word, ook aan Sy Mag onderworpe is, dat Hy dit kan vernietig as dit Sy Wil is. Dit is geensins `n doellose vernietiging van dit wat vir die mens begerenswaardig lyk nie, maar die werk van vernietiging sal, geestelik gesien, ook van die grootste voordeel wees vir tallose wesens. Dog die mens wat nie die diepe betekenis hiervan insien nie, word die hardste daardeur getref, want hulle sal alles verloor wat hulle tot nou toe begerenswaardig in hul lewens geag het. En nou sal hulle weer voor die besluit staan om of weer dieselfde na te streef, of om die verganklikheid daarvan te herken en nou vir hulle onverganklike goedere te versamel.

Gedurende die tyd van vernietiging verloor die teenstander mag en wanneer die mens dan sy onmag besef, is dit moontlik dat hy insien dat daar `n ander Meester bo hom staan en dat hy homself dan na Hom wend. Aardse goedere is `n deel van die bose mag, want dit berg die onverloste gees in haarself. En die mens mag nie verlang na dit wat vir homself `n verblyfplek deur ewighede heen was nie. Hy moet dit nie nastreef nie, juis omdat hy eindelose lang tye nodig gehad het om dit te oorwin. En so moet die waardeloosheid daarvan aan hom bewys word, sodat hy hom daarvan afwend en hom wend tot die dinge van die hiernamaals. Hy moet die aardse opgee en die geestelike begeer, dan sal hy ook die laaste vorm oorwin en hom bevry vanuit alle kettings.

Die gees is egter iets wat sal bly bestaan en behoort derhalwe tot die ryk van die waarheid. Die aardse daarenteen is verganklik en maak dus deel uit van die ryk van die duisternis, die leuen, want dit gryp slegs onvolmaakte gees aan wat die waarheid nie insien nie en wat daarom verban was.

En so kan die mens nooit in die waarheid wandel solank as wat hy aardse goedere begeer en die vors van die leuen mag gee, deur juis dit te begeer nie. En hy sal solank deur die leuen beheer word as wat hy aardse goedere begeer. En hy sal verkeerde gedagtes hê, want die vors van die leuen probeer eers om op die denke van die mens in te werk, om hom heeltemal van die waarheid af te bring. En daarom is die toestand van die mens uitermate bedenklik en dit kan alleen opgehef word wanneer God Self die mag van Sy teenstander breek, deurdat Hy aardse besit vernietig.

Amen.

Die skepping

B.D. No. **1586**
28. Augustus 1940

Die heelal is in sy ontstaan net so min te verklaar as wat die wese van die ewige Godheid vir die mense begryplik gemaak kan word, solank hulle self nog nie die ryk van die lig binnegegaan het nie, want wat julle gewaarword van die skepping, is uiterlik na buite toe, wel materie, maar egter in sy diepste grond geestelik, d.w.s., krag uit God, wat homself verdig het tot `n vorm. Die verdigting van krag tot vorm is egter `n proses waarvan daar in die aardse lewe geen vergelykbare iets te vinde is nie en sal daarom vir die mense onverklaarbaar bly, want krag is iets geestelik, vorm daarenteen, iets verganklik. Dat iets geestelik kan verander in iets wat aards sigbaar is, gaan die menslike begripsvermoë te bowe en kan daarom ook nie vir die mens begryplik gemaak word nie.

God se liefde is krag - Sy wil is krag - en hierdie liefdeswil neem vorm aan. Dus is elke skeppingswerk goddelike wil wat vorm geword het. Dit is verder `n tot vorm geworde goddelike gedagte. Wat God dink en wil, gebeur en gevolglik plaas Hy al Sy gedagtes as skeppingswerke in die heelal. Sy skepping is krag wat van Hom uitgaan, wat gestalte aanneem volgens Sy wil. En daar gaan geen sekonde verby waarin die goddelike wil om te vorm nie aktief is nie, daar gaan geen sekonde verby waarin geen nuwe skeppings in die heelal geplaas word nie, want die krag van Sy liefde is onophoudelik besig. En al die geskapenes word ononderbroke met Sy liefdeskrag gevoed. Gevolglik is ook dit wat deur God geskape is, onverganklik, ofskoon dit van uiterlike vorm verander en skynbaar vergaan. Niks kan in die heelal verlore gaan of vergaan tot niks nie, want alles is goddelike krag, dus onverganklik. Elke skepping het juis deur hierdie krag ontstaan en kan nooit meer vernietig word nie. As die mens dus skynbaar `n werk van vernietiging uitvoer, keer sy vrye wil homself teen die Wil van God.

God trek Sy wil van die uiterlike vorm van Sy skeppingswerk terug en hierdie vorm hou skynbaar op om te bestaan, maar is slegs vir die oog van die mens onsigbaar, totdat God Sy liefdeswil opnuut tot vorm laat word. Daarby is die motief van die verwoesting deur menslike wil deurslaggewend in hoeverre so iets teenoor God `n onreg is.

Wat God egter buite die aarde geskape het, is onaantasbaar vir `n Goddelik vyandiggesinde mag. Dit is maar net aan `n tydelike verandering onderworpe, deels deur die goddelike wil, deels deur menslike wil wat met die aarde in aanraking is. Maar dit is juis hierdie werke van die skepping wat die mens nie kan begryp nie en wie se ontstaan hom laat twyfel.

Slegs die aarde bevat wesens waarin die vernietigingsdrang aanwesig is, terwyl alle skeppings buite die aarde nie onderworpe is aan die wil van onvolmaakte wesens om te vernietig nie. Die skynbare vernietigingswerk het egter tot gevolg dat die goddelike krag nie altyd erken word as oersubstansie van die skepping nie. Dit het tot gevolg dat daar getwyfel word aan die Almag van God, dit het tot gevolg dat mense die ontstaan van hierdie skeppingswerke suiwer aards probeer verklaar, dat mense die skeppende krag van `n wesenlike Godheid probeer verloën en sou hierdie krag graag wil vervang deur `n oer natuurkrag wat vir die mens geloofwaardig skyn, wat onafhanklik is van `n bestaande Wese wat in Homself bepalend is. Elke bouwerk van die totale skeppingswerk volgens plan sou dan egter op losse skroewe te staan kom, indien `n Wese, Wie onoortrefbaar is in die alomvattende begrip van Almag, Liefde en Wysheid, bestry word.

Amen.

Reïnkarnasie - Geestelike aanskoue

B.D. No. **1587**
29. Augustus 1940

Kyk na die sterre aan die hemel, aanskou die uitspansel en laat julle gedagtes dwaal in die oneindige heelal wat skeppingswerke in `n onvoorstelbare hoeveelheid bevat. Die mens is teenoor hierdie skeppingswerke slegs `n nietige skepsel. So lyk dit wel en tog is die hele skepping daarvoor bestem om die gees eerstens met verblyf op aarde as mens voor te berei. Die hele skepping is dus in `n sekere sin vir die mens die middel tot die doel. Die skeppingswerke moes eers die gees tot `n sekere volwassenheid bring, sodat hy dan kon woon in die vlees om in hierdie stadium die gang oor die aarde te kan beëindig. Dit was `n oneindige lang weg op aarde, wat egter nou tot `n einde gekom het, ongeag hoe die siel haar gevorm het, of sy haarself nou in `n toestand van hoë of lae volwassenheid aan die einde van haar lewe op aarde bevind. Die wese het dus sy taak op aarde vervul, ongeag die resultaat, en niks kan egter meer die feit verander dat die gang oor die aarde nou definitief afgelê is wanneer die liggaamlike dood die siel van die liggaam skei nie.

Nou gaan die siel die ryk aan die anderkant binne, wat nou vir haar die ryk van lig kan wees, maar ook `n verblyf sonder lig, as die aardse lewe nie benut was nie. Dit sou nou `n daad van oneindige wreedheid gewees het as die siel ewighede lank in haar troostelose toestand gelaat moes word, as sy geen enkele geleentheid meer gebied sou word om dit wat sy op aarde versuim het, te kan inhaal wanneer die vrye wil verkies om die verblyf sonder lig te ruil vir `n gebied met meer lig nie.

En dus word die siel ook in die hiernamaals geleentheid gebied om haarself te bevry. Dit word aan haar oorgelaat om `n werkkring vir haarself te soek, wat haar dieselfde geleenthede sal bied om die siel positief te ontwikkel, net soos op aarde, of om ook alle sodanige moontlikhede af te wys en te bly in die toestand sonder lig. God het ontelbare skeppings laat ontstaan, juis met die doel vir verdere ontwikkeling van sulke onvolmaakte siele, ver verwyderd van menslike kennis en wat ook nooit verstandelik deurgrond kan word nie.

En wanneer daar dus van `n reïnkarnasie gepraat word, is dit wel korrek, maar dit sal egter nooit plaasvind op dieselfde aarde wat die siel van die mens eens vrygelaat het nie. Die skeppings van God bevat almal wesens wat nog daarna strewe om opwaarts te gaan. Slegs die volmaakte wesens, die ligwesens, het geen skeppingswerke meer nodig vir hul taak of saligmakende besigheid nie. Slegs solank as wat die gees nog gebind is, d.w.s., homself nog nie losgemaak het van die materie nie, is sy blyplek op `n deur God sigbaar in die heelal geplaasde skepping, volgens die toestand van sy volwassenheid, egter steeds buite die aarde, want die verblyf hierop kom met die liggaamlike dood ten einde. Die goddelike skeppings het in so baie ondenkbare variasies ontstaan, dat al die onvolmaakte wesens ooreenkomstig hul toestand van volwassenheid, die moontlikheid het om voortdurend aan hulself te werk en die werk van selfverlossing, wat op aarde begin of nagelaat is, voort te sit of om daarmee te begin. Dit sal steeds daarom gaan, naamlik hoe sterk die wil van hierdie wesens is om by die lig uit te kom, in hoeverre die wese dus verlang om die huidige toestand en omgewing te ontvlug om in sfere met meer lig te kom.

Maar slegs die onbenutte tyd op aarde is nie meer in te haal nie, omdat slegs die verblyf op aarde met die korrek gebruikte wil die wese kindskap van God kan gee, wat op geen ander manier meer moontlik is nie, ofskoon die verlossing uit die duisternis en die binnegaan in die ligsfeer vir die wese ook `n onvoorstelbare toestand van geluk is, maar die pligte van hierdie wesens is anders as die van die ware kinders van God.

Wanneer die mens deur geestelike aanskoue `n blik neem in die werksaamheid van worstelende en ook verloste wesens, dan is hulle tog nie in staat om die graad van lig te besef en nog baie minder die blyplek te herken waarin die siele hulself nou ophou nie. Dit is dus die werksame siele, in soverre hulle `n begeerte het om opwaarts te gaan en hierdie werksaamheid word verkeerdelik as aardse werksaamheid beskou. Daaruit word dus die verkeerde gevolgtrekking gemaak, naamlik dat hierdie wesens hulle weer op aarde bevind. Daar is geen wesentlike kenmerke wat die huidige blyplek karakteriseer nie; die geestelike toeskouer sien meer die eintlike werksaamheid van die wesens as hul omgewing en hierdie omgewing is vir die toeskouer slegs vaag te onderskei. Ook stem dit ooreen met die toestand van lig van die wese en is gevolglik heeltemal verskillend, egter steeds aangepas by die toestand van volwassenheid en by die begeerte van die wese.

As die geestelike nog erg aan die aarde gebind is, d.w.s. nog met al sy sinne die aarde en haar goedere aanhang, dan sal sy omgewing ook sulke vorme aanneem, want die wese skep self hierdie omgewing, beantwoordend aan sy begeertes. Daarom kan die siel wel in aardse hoogtes vertoef, sonder om egter nog met die aarde verbind te wees. Die omgewing sal hom aanpas by haar begeerte en toestand van volwassenheid, maar steeds net in haar idees, wat egter die gees as werklikheid aansien en wat daarom foutiewelik gaan dink dat hierdie wesens weer na die aarde kan terugkeer en hul dus weer mag beliggaam op aarde. Nooit kan onvolmaakte wesens hulle op die aarde in eie reg herstel wanneer hulle die weg oor die aarde gedurende ondenkbare lang tye afgelê het en nou as mens, met die dood van die liggaam, die bestaan op aarde voltooi het nie. Wat hulle aan die anderkant kan verwag, in `n ryp of onryp toestand van die siel, is `n geestelike belewenis heeltemal buite die aarde, want die hele heelal is vol skeppings wat daarvoor bestem is om hierdie wesens in die heelal te vorm, sodat die wesens hulle van alles wat hulle nog belastend omsluit, kan bevry. En as die lewe op aarde nie die verlossing aan hierdie wese gebring het nie, moet hy deur God deur verdere skeppings gaan, sodat hy uiteindelik die lig sal bereik om in die nabyheid van God sy ewige geluksaligheid te geniet.

Amen.

Onwillekeurige dood van onvolmaakte mense

B.D. No. **1589**
31. Augustus 1940

Die onverdiende lot van hulle wat hulself teen hulle wil weens onregverdige dade deur kwaadwillige nasies moes offer, sal nie ongestraf bly nie, want daar moet regverdige vergelding wees wanneer die siele hulle beliggaming verloor deur menslike foutiewe optrede, voor die toegelate tyd wat hulle op aarde vergun is en hulle dus nie volledige volmaaktheid kon bereik nie, wat moontlik sou gewees het gedurende `n lang lewensduur. Dit is `n onverdiende verkorting van die aardse lewe wat hulle voortydig van hul liggame vrymaak en hulle gaan die hiernamaals binne in `n onvolmaakte toestand. Die siel kan slegs dit ontvang wat haar toestand van volmaaktheid verdien het; sy moet in die gebied ingaan wat aan haar graad van volmaaktheid beantwoord. Maar dit moet verstaan word dat om `n einde aan `n menslike lewe te maak binne `n bepaalde toestand van dwang, moet daar versoening voor gedoen word, want niks wat onregverdig voor God is, kan ongestraf bly nie en niemand het die reg om sy medemens se lewe te neem nie. Aan die ander kant egter, moet die mens se siel in die hiernamaals die geleentheid gebied word om self haar verlossing voort te sit wat op aarde onderbreek was. En daarom word daar vir al hierdie te vroeg oorlede siele `n ryk gebied van werksaamheid in die hiernamaals toegewys, sodat hulle slegs van goeie wil moet wees om die toestand van hulle siele ooreenkomstig die aardse lewe te bevorder. As die vooruitgang van die siel se ontwikkeling weens iemand anders se fout onderbreek word, het die wesens in die hiernamaals nog

die mees ongelooflike geleenthede tot hul beskikking om nietemin nog die toestand van volwassenheid te bereik, op voorwaarde dat hulle aktief is en begeer om God te bereik.

Maar in die besonder het `n te vroeg oorlede persoon die groot risiko dat sy siel hom nie van die aardse gebied sal kan losmaak nie, aangesien hy dit verlaat het alvorens hy sy liefde vir die materie kon oorwin, veral aardse plesier. En dan is daar groot gevaar dat hy nie van die geleenthede in die hiernamaals gebruik sal maak nie, aangesien hy nog te veel aardsgebonde is maar nietemin, net soos in die aardse lewe, moet hy sy wil opgee, sodat hy die weg van hoër ontwikkeling kan gaan. Sy wil kan ook nie gedwing word om homself te ontwikkel nie, die siel is net so vry soos op aarde om vrywillig te streef na bo of na die diepte, alhoewel tallose ligwesens sal poog om so `n siel te help.

Maar hulle wat die vroegtydige heengaan van `n mens veroorsaak het, sal weinig geestelike sukses van hul aardse lewe behaal, want hulle skuld sal die laag om hulle eie siele dikker maak en die verlossing van so `n laag sal uiters moeilik wees. Derhalwe sal die persoon geweldig moet worstel om vry te kom van hierdie ontsaglike skuld, die toestand van sy siel sal baie laag wees wanneer hyself die aardse lewe verlaat en hy sal bittere boete in die hiernamaals moet doen vir sy skuld.

Amen.

Innerlike oordenking - Uur van rus - Introspeksie

B.D. No. **1590**
31. Augustus 1940

Dit vereis `n tyd van oordenking om in `n toestand te wees om die innerlike stem te hoor, want dit kan nie te midde van aardse geraas gehoor word nie, dit is nie waarneembaar vir die persoon nie. Net iemand wat in sy innerlike terugtrek, sal in `n toestand wees om dit te hoor, omdat dit slegs diep in die hart weerklink. Dus, ten einde `n verbinding met die gees te stig, is dit absoluut noodsaaklik vir `n persoon om sy innerlike lewe te vorm, deur te poog om dit te harmonieer met die wil van die Een Wie hom die lewe gegee het. `n Innerlike lewe volgens die goddelike wil kan aanleiding gee tot ondenkbare sukses, want dit waarborg toegang tot geestelike kennis. Dit maak die poort na die lewe buite die aarde oop vir die mens. Die mens is nie in `n toestand om hierdie gebiede van buite af binne te dring nie, maar as hy die weg deur middel van sy innerlike lewe neem, deur middel van sy gedagtes en gevoelens wat diep in sy hart gewortel is, dan neem hy die regte weg en sal hy die regte doel bereik.

Die mens het baie uit-die-hart gesprekke met homself nodig en moet homself en sy optrede onderwerp aan self-kritiek en moet altyd die beste wil hê, dan sal hy homself volgens God se wil vorm. Maar hoe meer hy verhinder word deur die buitewêreld om innerlike beskouing te doen, hoe moeiliker sal dit vir hom wees om met die geesteryk kontak te maak, want elke uur van nadenke is reeds, so te sê, die eenwording met geestelike wesens wat probeer om sy gedagtes te beïnvloed en wat, spesifiek gedurende daardie innerlike oordenking, onbelemmerd met die luisteraar van die innerlike stem kan praat. Hierdie wesens kan hulself net opmerklik maak deur die mees subtiele geestelike vibrasies, daarom moet hulle gedurende `n diep stilte ontvang word, anders kan hulle nie aangevoel word nie en gly ondoeltreffend verby die mens se siel.

Hoe makliker julle in `n toestand kom om julle los te maak van die wêreld en julle geestelike kontak begeer, hoe duideliker en meer voelbaar sal die stem in julle weerklink, en daarom moet julle alles in julle vermoë doen om aardse ervarings te vermy wat afbreuk kan doen aan die innerlike werk om julle siele te verbeter, van rus en oordenkingstyd waartydens julle geestelike kontak soek. Julle sal ongetwyfeld baie meer sukses hê as wat julle ooit op `n wêreldse wyse kon bereik.

Amen.

Tyd van lyding - Die doel van aankondigings

B.D. No. **1594**
2. September 1940

Die toestand van lyding op aarde word nog erger en daar wag nog onvoorstelbare ellende, nood en sorge op die mensdom. En dit moet so wees, want daarsonder vind die mens nie die weg na God nie. Daar sal `n tyd kom, so swaar, soos wat die mense dit nog nooit deurgemaak het nie; alle hoop sal verflou, iedereen se moed sal ondergaan en die swaarste depressie sal op die mensdom druk, teweeggebring deur onuitspreeklike lyding, siektes en kwellinge van allerlei aard. En tog sal dit alles verdra kan word in die vaste geloof in God, indien die mens nie alleen sy weg gaan nie, maar God tot sy Vertroueling gemaak het, want dan sal God ook steeds daar aanwesig wees en die nood sal hom nie neerdruk nie en hy sal die groot leed nie so aan die lyf ervaar nie.

Maar slegs weiniges sal krag en troos by God soek, vir slegs weiniges sal die goddelike woord `n bron van krag wees en weiniges, in die vertroue op God se hulp, deur Sy wil verskoon bly van die leed. Want die geloof het verlore gegaan, dit is `n tyd van algehele afvalligheid van God. En daarom klop die Heer opnuut aan die harte van Sy kinders op aarde. Hy uiter Hom deur Sy woord en kondig hul die swaar tyd en die stryd op aarde aan en dat Hy almal sal aanneem wat in hierdie nood na Hom sal kom en Sy hulp afsmeek. Hy trek die nood van Sy kinders na Homself toe, deurdat Hy alle denkbare middele aanwend om kennis aan die mense te gee oor die komende tyd as `n tyd van verskrikking en ellende. Hy wil nie dat die noodlot die mense onvoorbereid tref nie, Hy wil dat hulle hulself vooraf met Hom verbind om dan die groot leed van hulle af te wend. Hy wil Sy skepsels vir Hom wen en hulle nie oorlaat aan die mag van die teenstander nie. En daarom kondig Hy hierdie swaar tyd vooraf aan en onderrig hulle wat Sy woord wil hoor.

Hy is vol goedheid en mildheid en sou slegs in liefde met Sy kinders wil spreek. Maar hulle hoor die vriendelike en liefdevolle woorde nie en dus moet Hy Sy mag toon, sodat die mense Hom kan vrees en Hom dan leer liefhê. Hy moet Homself as Heer van die skepping aan hulle openbaar, sodat hulle Hom as Heerser erken en vra vir Sy liefde.

Maar waar die mense gelowig is, is die bewys van Sy mag nie nodig nie, want daar het die liefde al ontwaak en die liefde vervul wat God verlang. Die Liefde van God is onveranderlik, Sy sal altyd maar uitgaan na Haar kinders wat in gevaar is om te verdwaal. En hierdie Liefde worstel vir julle siele, Sy trag om Haarself bekend te maak en wie self in hierdie liefde leef, sal ook die goddelike Liefde herken. Hy sal die liefdevolle leiding deur alle verskrikkinge en leed van die komende tyd insien en hy sal hom vol vertroue oorgee aan die ewige Liefde en sonder vrees en aarseling hierdie tyd afwag.

En God sal aan hulle dink wanneer hierdie tyd gekom het. Hy sal hulle vol sorg daardeur lei, Hy laat alle teëspoed by hulle verbygaan, Hy versterk en troos hulle waar hulle bang en vreesagtig is en Hy maak Hom bekend in die hoogste nood. Want die Vader in die hemel ken Syne en Hy het hulle Sy beskerming beloof, dat alle leed van hulle weggeneem sal word wanneer hulle smekend die hande na Hom sal ophef. Die mens moet net glo aan God se liefde, goedheid en barmhartigheid. En hy moet `n regverdige lewenswandel lei. Hy moet steeds streef na die goeie en die kwaad vermy, hy moet in innige gebed volhard en in volle geloof God se hulp verwag. Dan sal hy onbeskadig aan liggaam en siel uit die tyd van ellende tevoorskyn kom, want God is naby almal wat Hom herken, Hom liefhet en hulle in kinderlike vertroue aan Hom oorgee en vra vir Sy barmhartigheid.

Amen.

Depressie - Stemming

B.D. No. **1602**
8. September 1940

Mense skenk geen aandag aan die verskillende onderstrominge wat hulself openbaar as verskillende buie nie en so weet hulle nie dat selfs hierdie strominge nie toevallig is nie, dat die stemming van mense daarom slegs die resultaat is van hul houding tenoor God of die teenoorstaande mag. Veral sal die persoon wat aan dergelike buie ly sigbaar gegryp word deur die liefde van God, want God sorg vir `n persoon wat in gevaar is om Hom te vergeet deur sy temperament te beïnvloed,

deur sy vreugde vir die lewe te bederf en hom neerslagtig te laat word en in baie gevalle is dit ongelooflik voordelig, want gedurende sulke tye sal die mens se gedagtes na sy Skepper keer; want slegs wanneer alle wêreldse dinge hul waarde verloor, sal die mens sy ware doel onthou. Daarom moet die mense dae van innerlike stryd ervaar, dae wanneer hulle van die onbelangrikheid van aardse plesier bewus kan word. Die oorsaak daarvan hoef nie altyd daadwerklike ontbering en lyding te wees nie, `n persoon se sombere stemming kan van binne kom sonder enige eksterne rede. En dit is die invloed van die wesens aan wie die mense toevertrou word, wat besorg is oor die redding van hul siele en angstig elke beweging van die menslike hart bewaak.

Daar is `n ernstig risiko dat `n persoon al sy krag kan gebruik om die eise van die aardse lewe die hoof te bied; dan sal hulle tussenbeide kom deur sy verlange na aktiwiteit sterk te rem, as ook sy plesier vir die aardse lewe en die persoon sal gevolglik gedeprimeer voel. En dit is goed as die mens toelaat dat hy daardeur beïnvloed word. As sulke tye die resultaat is van ure van innerlike besinning, sal hulle nie vergeefs na die mens gekom het nie. Maar tog luister alle mense nie na hierdie innerlike waarskuwings nie. Die meeste probeer om hul emosies deur verhoogde plesier te onderdruk en slaag daarmee, juis omdat hulle wil hoofsaaklik gekonsentreer word op die aardse lewe en hulle geen notisie neem van sulke buie nie, hulle poog slegs om die ou toestand van innerlike tevredenheid te herstel. Die mense moet nie kla as hulle dae in hul lewe ervaar wat moeilik en ondraaglik lyk nie en wat slegs deur hul emosionele lewe veroorsaak was. Die liefde van God is baie naby aan hulle en sulke tye is eenvoudig `n manier van hulp deur vriende in die hiernamaals wat die persoon wil teëhou om homself in aardse plesier te verloor. Alles op aarde wat lyk asof die mense plesier moet opoffer, is altyd slegs `n genadebewys van die goddelike liefde, wat slegs hierdie weg gebruik om `n persoon op die regte weg te help, op die weg wat hom na ewige glorie sal lei en hom alles sal oorkompenseer wat hy op aarde moes opoffer, want aardse plesier sal ophou bestaan, maar ewige geluksaligheid sal altyd bly en slegs dit moet begeer word.

Amen.

Word soos kinders

B.D. No. **1610**
13. September 1940

Verneem aldus die woorde van die Heer: "Word soos kinders, sodat julle kan ingaan in my ryk." As julle die kinderlike geloof nie het nie, sal julle moeilik die ryk van God verkry, want julle sal dinge as waarheid moet aanneem, wat dikwels onbegryplik vir julle sal voorkom. En dus sal julle moet kan glo soos kinders. Want God en Sy heerlikheid is nie te begryp nie, maar slegs in die volste geloof as waarheid aan te neem. En so was ook die lewe van Jesus op aarde `n eindelose reeks van wonderdade gewees, wat slegs in die diepste gelowigheid van die hart aanvaar kan word, omdat dit andersins as onmoontlik beskou en verwerp moet word.

Maar die kinderlike geloof beskou alles wat deur God verkondig word as waar. Die kinderlike geloof twyfel nie en bekommer nie. En so moet die geloof wees, om vir God en Sy werke in die openbaar op te kan kom. Want by God is niks onmoontlik nie. Wat Hy wil, dit gebeur. En wanneer Hy van die mense `n diep geloof eis, dan wil Hy Sy Liefde, Almag en Wysheid onvoorwaardelik aanvaar hê, wat alles kan volbring. Die diep kinderlike geloof vra nie hoe of waarom nie. Daar bestaan niks onmoontliks vir Hom nie, geen beperking nie en geen onwaarskynlike nie. En so moet julle geloof geaard wees, sodat God self sy vreugde in julle kan vind. Maar dan staan die poorte van die hemel oop vir julle, want sodra julle glo, sal julle die ryk van God kan binnegaan. En sodra julle glo is daar geen grense meer nie. Want die vertroue van die hart laat alle gees inkom en julle word wetend.

Wat vir julle voorheen slegs aannames was, word nou vir julle duidelik. Julle het deur die geloof tot insig gekom en wat julle insien, het vir julle `n bewys geword dat julle geloof verkeerd was. Daarom word kennis aan julle gegee sonder om julle te bekommer of te vra. Julle geloof het dit aan julle oorgedra en julle ontvang nou, net soos kinders, alle gawes dankbaar uit die hand van die Vader. Julle aarsel nie om dit aan te neem nie, omdat julle in diep kinderlike geloof tot God niks anders as die diepste waarheid verwag nie. En so werp julle geen hindernisse teen hierdie oordrag op nie, soos wat

die te swak geloof so `n hindernis is. Die diepste geloof en diepe liefde vir God gee aan julle die ewige heerlikheid. Word daarom soos kinders, sodat die ryk van God naby aan julle kan wees.

Amen.

Die siel - die geesvonk in die mens

B.D. No. **1618**
18. September 1940

Die siel van die mens bestaan uit die vereniging van tallose sielesubstansies, d.w.s. die versamelpunte van geestelike krag wat as houers die Gees uit God opneem. Elkeen van hierdie tallose sielesubstansies was tevore êrens in iets anders beliggaam, d.w.s. omhul met `n vorm wat ten doel gehad het om die gees te ontwikkel en die moontlikheid te bied vir `n latere vereniging met dieselfde substansies: Die siel van die mens het dus in haar opgeloste sielspartikeltjies wat deur alle skeppingswerke gegaan het en dus as't ware volmaak geword het vir haar allerlaaste beliggaming op hierdie aarde en sy neem ook steeds dieselfde vorm aan as die uiterlike omhulsel wat haar omsluit.

Dit sou diegene wat met geestelike oë kon sien, `n geweldige bekoorlike en menigvuldige beeld bied wanneer hy die siel van die mens in haar samestelling kon sien. Want hierdie skeppingswerk van God is nie vir die mens sigbaar nie, maar onbeskryflik, sowel in haar opbouing, asook in haar doelmatigheid. Die beskrywing van die gedaante van die siel sal die denke van die mens slegs verwar, want die mens begryp nie welke tallose wonderwerke die menslike liggaam in homself berg nie.

Dit is die algehele skepping in die miniatuur wat onder die siel van die mens te verstaan is, want die siel is die binneste van die mens en bevat die algehele skepping. Sy is bestem om in die aardse lewe volmaak te word om met lofprysing tot God, die geluksaligheid van die Hemel te geniet, want die siel berg ook die goddelike Gees in haarself. Die Gees is trouens die oersubstansie van die siel in al haar ontwikkelingsfases, maar die goddelike geesvonk plaas God Self in as die menslik geïnkarneerde siel. Hy blaas Sy asem in die mens, Hy plaas die goddelike in die mens, Hy gee die siel die opdrag om te kies vir die goddelike of die menslike, gedurende haar laaste bestaan op aarde.

A die siel nou, "naamlik die gees uit God wat haarself eertyds teen Hom gedraai het", inwillig om haarself te verenig met die goddelike Gees, dan begin die verheerliking van wat eens van God vervreemd was en word dit weer "lig" in die menslike siel. Sy verenig haarself met die goddelike Gees, wanneer sy al die menslike begeertes wat die liggaam aankleef as verleiding, tot beproewing van die wil, standvastig oorwin het, wanneer sy teen alles ingaan wat die liggaam as sodanig van haar eis en haarself vrywillig onderwerp aan dit wat die goddelike Gees van haar verlang, want dan gee die siel haar vorige weerstand vir goed op en beslis sy vir God. Sy stel haarself nie meer bewustelik op teen die goddelike nie en neem die liefdesuitstraling, die krag uit God aan om die gees in haarself te vergroot, om die vereniging van die gees in haarself met die gees buite haarself te veroorsaak en sy streef sodoende bewustelik tot toenadering met God.

As die liggaamlike begeertes egter oorheers, dan sluimer die goddelike geesvonk in die diepste omhulling in die mens en kan geen "lig" uitstraal nie. Die siel bly in diepe geestelike duisternis en leef haar aardse lewe sonder enige resultaat, want die gees in haar is veroordeel tot `n werklose toestand. En dan dien die aardse lewe geen weg tot hoëre ontwikkeling vir haar nie, maar as `n tyd van stilstand, of selfs agteruitgang. Dan het die goddelike geesvonk onopgemerk gebly en kan homself nie uiter nie, waardeur die krag van die goddelike Liefde die wese nie kan toestroom nie en die vereniging met die Vadergees van Ewigheid dus ook nimmermeer kan plaasvind nie.

En hierdie liglose toestand wat die siel op aarde self gekies het, neem sy saam hierna in die ewigheid in. Sy oordink daar in eindelose kwelling van berou die onbenutte tyd op aarde en moet nou `n veel swaarder stryd voer om haar duister toestand na `n ligvoller toestand te verander.

Amen.

Ure van Eensaamheid - Noodsaaklike skeiding van die Wêreld

B.D. No. **1620**
19. September 1940

Die ure van eensaamheid verleen hulle goed daartoe om die mens tot nadenke te bring en hy moet daarom dikwels die geleentheid soek om alle aardse druk te ontvlug om hom aan innerlike selfbeskouing oor te gee, wat `n seënryke uitwerking kan hê. In sy aanmatiging glo die mens dikwels dat hy nie aan die eise hoef te voldoen wat God aan Sy kinders op aarde stel nie, d.w.s. hy doen nie die geringste moeite om hom geestelik te omvorm, of om `n hoër graad van volmaaktheid te bereik nie, dus om sy wese te veredel nie.

Hy meen dat soos wat hy is, is hy deur God geskape en hy gee geen rekenskap daarvan in hoeverre hyself die vorming van sy wese as taak het nie. En daaroor kan aan hom eers opheldering verskaf word as hy homself aan `n kritiese beskouing onderwerp, as hy sy handeling en denke vergelyk met die eise van God, wat Hy deur Sy gebooie van die liefde aan die mense gestel het. Dan sal sy lewenswandel deur die innerlike stem aan hom voorgehou word, of hy sal opmerksaam gemaak word daarop wanneer sy handeling en denke afwyk van dit wat God wil.

En daarom kom dit slegs daarop neer in hoeverre hy aan die innerlike stem gehoor gee, dit kom daarop neer of sy instelling is om teë te praat, en of hy die aanmaning van hulle wat hom wil help, gewillig aanneem. Gevolglik sal hy ook sy verdere lewe hierop instel, hy sal daarna streef om hom óf te veredel, óf om die innerlike stem te onderdruk deur teenspraak, wat die verlange na die wêreld tot uitdrukking bring. Want die mens wat nog so aan die wêreld hang, neem dit nie so eng met die vervulling van die goddelike gebooie om hulle aardse voordeel te verseker nie. En so sal die aardsgesinde mens nie van plan wees om hom dikwels terug te trek in eensaamheid nie, d.w.s. sy siel verlang nie na die tyd van innerlike beskouing nie, maar trag om hom te bedwelm en die innerlike stem te onderdruk deur die drukte van die wêreld. En dit is `n barmhartigheidsgawe van God as Hy so `n mens gedwonge in situasies bring waarin hy blootgestel word aan eensaamheid.

Weliswaar kan die verlange na die wêreld in so `n mens met versterkte krag voordoen en kan so `n eensaamheid hom geen enkele nut oplewer vir sy siel nie; maar dikwels kom die mens tot insig dat sy lewenswandel nutteloos is en keer hy terug as `n ander mens na die lewe van die wêreld. Die innerlike beskouing het hom tot insig gebring dat sy denke en handeling tot nou toe nie die korrekte was nie en hy trag om hom en sy wese te verander en sy opmerksaamheid meer na die innerlike lewe te wend, waarmee hy ook sal slaag, as sy strewe vir hom erns is, d.w.s. sy wil gerig bly op die korrekte denke. En so kan dikwels `n skynbare kwaad, `n gedwonge skeiding van die wêreld, `n uiters seënryke uitwerking hê, want as die aardse wêreld van die mens weggeneem word, kan die geestelike wêreld nader aan hom kom; want waar aardse afleidings die denke van die mens nie beïnvloed nie, kan kragte uit die hiernamaals nou werksaam raak en in die vorm van gedagtes opheldering aan die mens verskaf oor die eintlike sin en die eintlike doel van die lewe. En hierdie resultaat kan in geestelike opsig die mens heeltemal skadeloos stel.

Amen.

Strafgerig - Tyd van vrede - Gebreekte mag van die teenstander

B.D. No. **1622**
20. September 1940

God se strafgerig is nie meer ver nie. Dit sal slegs nog `n kort tydjie duur en in hierdie tyd sal die wêreld nog baie ellende sien, baie leed en kommer moet dra en deur `n onnoemlike droefnis gaan, want die mens het by die kruis van Golgota verbygegaan en dus moet die mens dit self ondervind, hulle moet onnoemlike leed dra en so die sondeskuld delg, omdat hulle die geloof in Jesus Christus verwerp het, want God wil hulle nie in hulle toestand van ongeloof laat nie en gee hulle nog middele en weë om Jesus te vind.

Die leed wat oor die aarde gaan kom is te gering om te noem in vergelyking met die lyding aan die ander kant van hulle wat, sonder die geloof in Jesus, sterwe, wat Sy verlossingswerk nie erken het nie. Sy lyding en sterwe aan die kruis was die soenoffer vir die sonde van die mensdom. Maar wie homself

afwend van die verlossingswerk, moet self boet vir hulle sondeskuld en hulself gelukkig ag, wanneer hulle dit nog tydens hulle lewe op aarde mag doen.

Sulke siele, wat hulself teen Jesus en Sy verlossingswerk versit, kan aan die ander kant onvoorstelbare kwellinge verwag. Groot leed op aarde kan hulle egter nog die weg tot Hom laat vind en Sy oorgrote liefde laat erken en die toestand van hulle siele kan by die oorlye nou tog so wees, dat hulle die kwellinge aan die ander kant nie hoef te verduur nie. Wanneer hulle egter ook deur die aardse leed geen geestelike vooruitgang bekom nie, dan was elke middel op aarde tevergeefs en God laat `n tydperk oor die mense kom, waarin alles uitgeroei sal word wat geestelik nie meer te redde is nie, waar `n skeiding tussen goed en kwaad sal plaasvind wat slegs diegene die lewe laat behou, wat hulself tot God bekeer het; maar wat alle God-vyandiggesindes wegneem.

Vooraf was aan die wêreld geopenbaar wat God verlang, hulle sal dus nie onwetend wees nie, maar hulle wil nie glo nie. En tot geloof kan hulle nie gedwing word nie, die ongelowiges egter sal sodanig om hulself heen gryp, dat God Syne sal wil beskerm teen die verderflike invloed van hierdie mense wat sigbaar onder die mag van die teenstander staan. Daarom sal Hy hulle mag breek en almal wat hulself teen Hom verset het, aan die vernietiging prysgee. Hy sal Sy wil terugtrek uit elke uiterlike vorm om die gees wat hulself teen hom verset - opnuut geboeid - die eindelose lang weg te laat aflê, want vir hierdie gees bestaan daar geen uitsig op hoëre ontwikkeling en verlossing aan die ander kant nie, omdat hulle wil nog volkome onder die invloed van die teenstander staan.

Daarom sal die strafgerig wat aanbreek `n volledige nuwe tydperk beteken. Wie dan die aarde sal bewoon, sal geestelik vooruitgegaan het en sal God bewustelik wil dien en sal die aardse weg gaan ooreenkomstig God se wil, want hulle sal nie meer so sterk deur bose magte in die noute gedryf word nie. Die erkenning van die Heer sal hierdie mense tot `n blye, in liefde tot God ontbrandende geslag laat word en die aarde sal ook van kommer en leed verskoon bly, want daar sal op aarde reeds `n tyd van vrede en geluksaligheid aanbreek en die mense sal mekaar in liefde dien en so, God welgevallig, na omhoog strewe.

En in hierdie tyd sal die teenstander weinig mag oor die mens hê. Dit sal van hom afgeneem word, deurdat alle gees wat aan hom onderworpe was, van alle vryheid beroof en opnuut in `n vaste vorm gekluister sal word; sodat die teenstander nie sy mag weer kan gebruik, alvorens hierdie wesens weer die stadium van die vrye wil bereik het nie, wat egter weer eindeloos baie tyd sal verg en hierdie tyd `n tyd van vrede op aarde genoem sal kan word.

Amen.

Jesus se verheerliking - " Ek en My Vader is een"

B.D. No. **1739**
15. Desember 1940

Die korrekte oplossing vir die probleem van Jesus se verheerliking na Sy kruisiging verduidelik ook Jesus se woorde " Ek en die Vader is Een". God het Homself geoffer deur middel van `n mens wat elke menslike aspek oorwin het deur die liefde vir God en wie daardeur Sy siel so omvorm het dat God in staat was om in alle volheid woning in Hom te neem. Sy uiterlike vorm, Sy liggaam, het die siel se wil volkome nagekom en was ook net so gesind teenoor die goddelike; dus Sy hele substansie was God-geneigde gees, sodat hy nie meer die proses van ontwikkeling op die aarde nodig gehad het nie en was dus in die toestand om die geesteryk in alle volmaaktheid binne te gaan na die dood van die liggaam.

Alle volmaakte geestelike wesens verenig met die Oerkrag, en word een daarmee deur middel van `n mees opregte samesmelting. Die proses van ontwikkeling van die geestelike wesens wat eens van God weggeval het, sal vir `n oneindige lang tyd duur, en moet deur tallose vlakke gaan, en dit lei ook na bo in die hiernamaals, maar die uiterlike vorm, die minder ontwikkelde geestelike substansie, bly altyd op die aarde agter en stel die siel vry, wat as `n geeswese, wesens van gelyke volwassenheid soek om by haar aan te sluit in die hiernamaals. Die uiterlike vorm los op en die individuele geestelike stowwe sluit aan by soortgelykes ten einde die proses van ontwikkeling voort te sit. Maar Jesus se liggaam, op

grond van sy suiwerheid en van Sy liefdeswerke, het reeds geestelike volmaaktheid bereik en die ondenkbare lyding aan die kruis was die finale proses van suiwering vir die liggaam se geestelike substansie, sodat dit in hierdie heeltemal gereinigde toestand, in staat was om by die volmaakte siel aan te sluit en dit nie meer nodig was om op die aarde te bly nie, dus het die Gees van God, die Siel en die Liggaam verenig en een geword.

Jesus, die mens, was die Middelaar tussen God en die mens, maar nou is God en Jesus Christus Een, hulle moet nie gesien word as twee wesens langs mekaar nie, maar is slegs een Gees wat alles absorbeer wat volmaak is.

Jesus se goddelikheid kan nie op enige ander manier voorgestel word nie as die ewige Godheid Self, wat Homself bloot geaffilieer het met die uiterlike vorm van Jesus, die man, d.w.s. Sy geestelike stowwe is toegelaat om saam te smelt met die Oerkrag, want by Jesus se dood het dit reeds `n graad van volmaaktheid bereik wat die voorvereiste is vir die naaste eenheid met God.

Deur aardse plesiere te verag en, as gevolg van streng selfdissipline, het Jesus se liggaam alle materie oorwin en het dus nie meer `n verdere proses van ontwikkeling nodig gehad nie. Alle geesstowwe in die fisiese vorm was in staat om by die siel aan te sluit en die aardse vallei te verlaat om daarmee saam die hoogtes van die lig te betree. Van hierdie oomblik af was hierdie siel omring deur die mees helderste lig, en gevolglik het Jesus se liggaam en siel die aarde in `n verheerlikte toestand verlaat, want `n gees wat heeltemal met God saamgesmelt het, moet ook lig en krag van Hom ontvang en dit dus op die dieselfde manier uitstraal as die ewige Godheid Self, want Hy was een met God, dus ook lig en krag in oorvloed. Hierdie proses van liguitstraling bly gewoonlik versteek vir die mens, maar God se oneindige liefde vir die mens het toegelaat dat die verheerliking van Jesus sigbaar plaasvind om hulle `n teken van Sy krag en heerlikheid te gee om die geloof van diegene te versterk wat Sy krag en heerlikheid aan die wêreld moes verkondig en om mense te voorsien met die bewys dat Jesus die dood oorwin het, dat die dood van nou af nie meer bestaan vir mense wat Hom volg en wie `n poging aanwend om dieselfde weg op die aarde te neem nie.

Jesus se verheerliking is `n baie omstrede onderwerp vir die mensdom en word gewoon verwerp as `n mite, omdat die mense alle geestelike begrippe vir die uiteindelike doel van alle gees kortkom, vir die finale eenwording met God, om een te word met Hom, Maar Jesus sê "Die Vader en Ek is een," want die Eenwording het reeds in Hom plaasgevind, Sy siel was so gevorm dat Sy in staat was om God te aanvaar en Sy het dus reeds `n ontvanger van lig en krag van God geword, daarom was Hy in staat om in alle wysheid te leer en te werk deur goddelike krag. Hy was so volmaak soos Sy Vader in die Hemel en in staat om soos Hy te skep en te vorm, want Sy natuur was liefde, Sy woorde was liefde, en dus het Hy gewerk op grond van Sy groot liefde vir die mens, want alles wat bestaan en alles wat gebeur kan slegs deur die liefde bereik word. Sy lewe op aarde was `n konstante opeenvolging van wonderwerke sonder prag en praal, maar Hy het dit afgesluit in stralende lig, deur Homself te verheerlik voor die oë van sy eie en op te vaar na die Hemel, na die ewige heerlikheid.

Amen.

My opdrag: Help die behoeftiges

B.D. No. **1742**
17. Desember 1940

Ontvang in alle nederigheid elke geskenk van Bo wat vir julle aangebied word. Julle sal dan God se wil vervul en Hom dien. Wat Hy julle gee vereis gehoorsaamheid aan Hom en julle volle oorgawe. Die ontelbare siele in die wêreld soek na kennis, maar kan hul weg nie alleen na God vind nie en het julle hulp nodig. Julle moet hierdie hulp aan hulle bring deur die liefde en die goedheid van God onder hul aandag te bring, wat so duidelik is om te sien. En soos wat julle gee sal julle ontvang.

Julle siele sal oorvloedig voeding ontvang sodat julle nooit honger sal hoef te gaan nie. Solank julle die behoeftige siele voed sal julle brood van die hemele nooit van julle weggeneem word nie. God sal julle weer en weer nuwe krag gee en julle altyd gelukkig maak, sodat julle Sy Woord altyd aan julle medemens kan gee. Die aarde is inderdaad droog en onvrugbaar, as dit sonder die lewende water bly.

Leeg en vreugdeloos is die lewe van die siel wanneer sy sonder hierdie verkwikking van die hemele gaan.

Julle moet alle dorstige siele help. Julle moet hul `n verfrissende drank aanbied en elke kans gebruik om hierdie kosbare geskenk van God te deel. Dan kan `n groot behoefte vervul word, die waarheid sal versprei word, die lig sal helder skyn en sal hulle nader trek wat in die duisternis is. God sal julle pogings seën, Hy sal julle krag gee om julle opdrag te vervul. Hy sal julle in julle taak lei en sal julle van alles voorsien wat julle nodig het om vir Hom te werk.

Amen.

Bely Jesus Christus - Geestelike verandering

B.D. No. **1748**
24. Desember 1940

Die wêreld kan `n buitengewone belangrike era verandering verwag. Want goeie geestelike wesens sal na die aarde neerdaal en `n radikale verandering van denke teweegbring deur middel van buitengewone gebeurtenisse wat volgens God se wil is. Die stryd tussen die verskillende denkskole sal op `n geweldige skaal gevoer word met die gevolg dat `n skeiding sal plaasvind tussen diegene wat vir en teen God argumenteer. Geen spesifieke tekens sal hierdie tyd voorafgaan nie, die mens sal net meer gereeld gewys word op bonatuurlike dinge, hy sal effektief gemotiveer word om daaroor na te dink en dus verplig wees om `n mening te vorm oor vrae wat bo die aardse dinge is. En dan sal hy hierdie of daardie geestesrigting volg en `n vegter vir sy standpunt word. En so begin `n nuwe tyd, `n tyd wanneer aan die een kant geestelike lig en aan die ander kant diep geestelike duisternis die mense van mekaar sal skei, `n tyd wanneer die geestelike strewe van bogenoemde duidelik sal wys in hul houding teenoor aardse besittings, wat die suiwer wêreldgesinde persoon gretig sal wil vermeerder, maar wat deur die ander verag sal word. En dan sal die mensdom deur `n verandering van denke gaan. Die geesteryk sal homself beliggaam in Godgesinde mense wat in staat sal wees om helder en duidelik te sien en wat met absolute oortuiging dit sal bevestig wat die geesteryk aan hulle oordra.

Maar hulle sal moet veg vir hulle geestelike vryheid. Diegene wat ten gunste van God is, sal verstoot en onderworpe wees aan konstante bedreigings, want die meerderheid van die mense sal goddeloos wees en sal groot krag besit, omdat hulle ondersteun sal word deur die heersende gesag. En tog sal die deugsame geeste wen omdat hulle groot krag besit, want hulle veg met die wapen van liefde. Die nuwe era is bedoel om tot geestelike vooruitgang te lei, die siel sal aansienlike voordele daaruit put, die mensdom sal meer oop wees vir die waarheid en toelaat om meer deur die liefde gelei te word. `n Bewuste strewe na God sal mense wat toegee aan die kragte van die geestelike magte karakteriseer, mense sal `n rustige stemming geniet ten spyte van die uiterlike druk en skynbare hindernisse, want hulle sal weet dat hulle op die regte weg is en sal daarom veilig voel en goed beskerm onder goddelike beskerming en sal dus minder aandag gee aan die vyandelikhede vanaf menslike kant. Hulle sal sterk wees in die geloof, hoopvol en kragtig in die liefde. En die wat nog twyfel, sal hulself ophef deur laasgenoemde, want die diepe en lewende geloof is meer oortuigend as baie gepratery.

Jesus het eens op die aarde gestry vir die siele en in dié tyd het ook `n tydperk van geestelike strewe begin, in daardie dae moes die mense ook `n besluit neem om Christus te bely of te ontken. Hierdie keer sal die vraag ewe beslissend wees. Dan sal die mens ook moet besluit of hy Jesus Christus sal erken en Hom dus bely voor die wêreld en of hy Hom sal verwerp. En die antwoord op hierdie vraag sal weereens sy hoër ontwikkeling bepaal. Want slegs iemand wat Hom bely, sal `n voordeel vir sy siel kry in sy aardse lewe. En die goddelike Woord moet weer versprei word, ywerige dissipels moet weer die Evangelie oor die hele wêreld versprei, en voor dit moet `n ongelooflike hoeveelheid werk gedoen word om hierdie dissipels op te lei, sodat hulle onderrig kan gee volgens die goddelike wil. En die tekens van die komende nuwe era kan reeds gevind word in die feit dat hierdie goddelike onderrig direk van bo na die mense sal kom, dus dat die leer van Christus weer ongerep aan hulle gegee sal word, soos wat dit was in die tyd van Jesus op aarde, vergesel deur wonderwerke en buitengewone gebeure, want daar sal wonderwerke wees gedurende die komende tyd wat die goddelike wil opvallend sal uitdruk, maar hierdie wonderwerke sal slegs verstaanbaar wees vir diegene wat reeds die

werking van die Gees in hulself ervaar en wat daardeur meer intiem met Jesus Christus verbind is en Hom bely voor die hele wêreld.

Amen.

Die siel se swaarkry noodsaak lyding -"Vader, laat U wil geskied."

B.D. No. **1749**
25. Desember 1940

Oneindige vertroue in goddelike leiding maak jou aardse lewensweg maklik, want jy aanvaar alles met `n sekere kalmte, as jy in gedagte hou dat dit so deur God bepaal is en op geen ander manier nie, as gevolg van Sy oneindige sorg vir jou siel. Elke las wat die lewe op jou plaas, is nodig vir die ontwikkeling van jou siel, en hoe meer jy dit benodig, hoe swaarder sal dit wees. Daarom moet jy jouself eers vorm volgens die goddelike wil en die lyding sal geleidelik verminder en sal uiteindelik heeltemal van jou af weggeneem word.

Beoefen liefde, sagmoedigheid en geduld, beoefen deernis en rustigheid, en doen altyd `n beroep op God vir krag om dit te doen en jy sal dit met gemak kan doen, en jy sal `n seën vir jou omliggende naastes wees, want hulle sal daarna streef om jou na te boots. En jou aardse lewe sal makliker word, jy sal oorwinnend na vore kom uit die stryd teen die bose en deur jou beroep op krag nader aan God kom. As jy God wil bereik, moet jy jouself heeltemal aan Hom oorhandig en altyd bid "Vader laat U wil geskied." Jy gee daardeur bewys van jou vertroue in Sy leiding, jy offer jou wil aan Hom, jy oorhandig jouself nederig in Sy wil en erken Hom as jou Vader, en dan sal jy wees soos dit God behaag, geduldig, sagmoedig, nederig en vredeliewend, jy beoefen liefde as jy ook met deernis teenoor jou medemens optree en probeer om hom te laat leef op die dieselfde manier as jy. Dit sal jou aard verfyn en die siel lig en helder maak, want sy sal in staat wees om steeds meer goddelike lig te absorbeer en dit te versprei.

Moet daarom nie kla as jy moet ly nie, dra alles geduldig en weet dat jy nog steeds nodig het om te ly, dat jou siel nog steeds beswaar is en dat God jou in Sy liefde wil help en jou vrylaat uit jou nog drukkende dop. Die siel worstel nog steeds vir haar vryheid, maar word nog steeds vasgehou deur `n krag wat weier om haar vry te laat. Jou eie wil is nog te swak, en ten einde jou wil te versterk, moet jy tot God roep om krag. Indien jy uit eie beweging versuim om dit te doen, dan moet God jou deur lyding aanmoedig om na Hom te kom om hulp, en dit neem dikwels `n ongelooflike lang tyd voordat die siel die weg na God neem, en jy sal net so lank moet ly en `n neerdrukkende toestand verduur. En tog is dit so maklik om jouself vry te stel daarvan, maar jy gee dikwels `n geleentheid vir die teenstander op sy aandrang en kom in opstand teen jou lot, jy kerm en kla en kan dus nie vrygestel word van lyding nie en jou fout berus in die feit dat jy nie God se liefde herken nie en nie dankbaar is teenoor Hom dat Hy jou na hoër sfere wil lei nie. As jy in Sy liefde glo, sal dit ook maklik vir jou wees om op Hom te vertrou en elke dag, ongeag hoe ontstellend dit mag wees, sal `n seën wees vir jou siel en voordelig wees vir jou hoër geestelike ontwikkeling.

Amen.

Stigting van geestelike kontakte op die aarde - Hulp van die wesens in die hiernamaals

B.D. No. **1750**
25. Desember 1940

Die inwoners van die geesteryk is onvoorstelbaar aktief en doen hul taak met soveel toewyding en volharding dat dit tot sukses sal lei. Weer en weer benader hulle die mense wat aan hulle sorg toevertrou is en probeer om hulle te oorreed om vrae te vra, ten einde in staat te wees om daarna die antwoord geestelik oor te dra, en daarom is dit van groot belang dat mense van elke geleentheid gebruik maak om hul menings uit te ruil. Want dan sal dit moontlik wees vir die geestelike wesens om oor te gaan tot aksie, deur mense te inspireer met vrae en antwoorde, dit word deur hierdie wesens aan hulle gefluister, sodat groter probleme opgehaal kan word en die vriende in die hiernamaals in staat gestel kan word om te begin met hul onderrig.

So `n uitruil van gedagtes kan ongelooflik suksesvol wees, want dit stimuleer oordenking agterna, en die geestelike instruksies kan voortgesit word volgens die begeerte om duidelikheid te verkry. Om hierdie rede word dit buitengewoon verwelkom deur hierdie geestelike wesens wanneer `n persoon voortdurend nuwe geestelike kontak maak, want alle pogings aan hierdie kant sal herken word in die wêreld van die hiernamaals en dadelik gebruik word, en dan sal dit afhang van mense se wil tot watter mate hulle oop sal wees vir instruksies.

Drade van die ander kant na die aarde word voortdurend geweef, en as `n aardse kind help om sulke verbindings te vestig, maak dit die taak van die wesens in die hiernamaals aansienlik makliker, want die ingang na die hart moet effens oop wees, en dit gebeur wanneer `n persoon `n vraag in gedagte het en `n antwoord verwag. Dan sal die hart versigtig luister na die stem in haarself, dan kan die wese in die hiernamaals homself uitdruk en verwag om gehoor te word. En as die persoon van elke geleentheid gebruik maak om geestelike probleme te bespreek met sy medemens, help hy terselfdertyd om die ingang van sy hart oop te maak en om die weg te berei vir hierdie geestelike wesens na die mees innerlike deel van die hart. Hierdie hulp is besonder belangrik, aangesien dit die eerste aansporing na `n volledige transformasie van denke kan wees. Van daardie oomblik af kan die persoon in innige kontak met die welwillende wesens van die hiernamaals bly en baie inligting kan deur hulle aan hom meegedeel word, as dit die persoon se wil is om die waarheid te ken en dus luister na die fluisteringe van hierdie wesens, wat nou met toewyding voldoen aan hul taak.

Amen.

Die wraak kom My toe

B.D. No. **1753**
27. Desember 1940

Om wraak te neem is nie reg voor God nie, want dan sal die mens die skuld deel, want hy het toegegee aan `n bose begeerte in homself en is nie meer suiwer van hart nie. Elke gevoel van liefdeloosheid is `n struikelblok op die weg na bo, innerlike stryd is egter vordering. Wanneer die mens vyandiggesind is teenoor `n medemens en vergelding bedink, gee hy homself oor aan die teenstander se mag en moet hy aan sy wil voldoen, wat altyd probeer om liefdeloosheid te vermeerder. En dit plaas die toestand van sy siel op die spel, want sodra hy toegegee het aan die teenstander se begeerte, sal dit vir hom moeilik wees om liefde te beoefen, want die gedagte aan wraak vergiftig sy gevoelens. Wat sy medemens aan hom gedoen het, is veel minder as wat hy nou aan homself doen, want sy medemens se verkeerde dade het hom fisiese skade veroorsaak, maar hy beskadig sy siel en plaas haar in nuwe boeie met elke daad van liefdeloosheid. Hy het geen ander voordeel deur dit te doen nie as om sy gevoel van wraak te bevredig en hy oorhandig homself dan sodoende aan die opponent se beheer en om dan terug te keer na dade van liefde is baie moeilik en kan slegs moontlik wees indien hy sy verkeerde dade besef en berou het.

Die wraakgierige persoon is egter tevrede met sy optrede en ver verwyderd van `n toestand van berou. Die mens moet kwaad met goed vergeld, hierdeur sal hy die mag van die bose verswak, liefde kry en homself sowel as sy teenstander van die invloed van die bose bevry, want sy teenstander sal dit as `n voordelige handeling ervaar, indien hy nie heeltemal verstok is nie, en spyt is oor sy optrede.

Wraak is egter God se verantwoordelikheid. En God is regverdig, Hy neem wraak volgens werklike meriete, Hy sien die mens se hart en niks bly verborge vir Hom nie. En dit is Sy wil om mense te hervorm en om hulle, hul verkeerd werke te laat besef, net soos wat Hy diegene seën wat geduldig die ander persoon se verkeerde werke, sonder opstand daarteen, verduur of aan wraak dink. "Die wraak kom My toe", sê God, Hy maak daardeur Sy wil bekend om die verantwoordelikheid van wraak aan Hom oor te laat, sodat dit nie skade aan julle siele berokken nie, wat baie groter sal wees as wat julle medemens ooit aan julle kan doen.

Amen.

Gedagtes is geestelike krag

B.D. No. **1757**
30. Desember 1940

As die mens insig het, beskou hy sy gedagtes en opvattinge nie meer as self verwerf nie, d.w.s. vanuit homself afkomstig nie, maar as dit wat dit werklik is, naamlik `n uitstraling van geestelike wesens wat hul kennis aan die mens wil deurgee en dit probeer oorbring totdat hy dit as geestelike kennis aanvaar.

`n Gedagte is derhalwe geestelike krag, dus iets geestelik wat vanuit die ryk aan die anderkant `n weg na die aarde gebaan het om deur die hart en brein van die mens opgeneem te word, wanneer hy daarvan bewus word. Die denke van die mens moet nou gevolglik met die gees van die wese ooreenstem wat van die mens besit neem, of aan wie die mens homself oorgee.

Hierdie uitstraling van krag van die geestelike wesens is enorm, dog doen goeie sowel as bose wesens moeite om hul uitstralings na die aarde te stuur, maar altyd sal hierdie uitstraling net ontvang word deur gelykgesinde aardse wesens. So sal daar dus aan elke mens wat dit ontvang d.m.v. gedagtes, deurgegee word wat ooreenstem met sy wese, en hy sal altyd ontvang wat verlang word; dus sal waarheid aangebied word waar die mens honger is vir waarheid, maar egter leuen waar die leuen woon.

Die geestelike besit van die mens sal dus van so aard wees soos wat die mens dit self wil, omdat dit, beantwoordend aan sy wil, aan hom geskenk word deur die geestelike wesens. Die mens kan niks uit homself voortbring nie, hy is nie in staat om gedagtes vanuit homself te laat ontstaan nie, juis omdat gedagtes geestelike krag is en hierdie krag egter eers aan hom gestuur moet word vanuit die geesteryk.

Slegs die onwetende mens glo dat hy die skepper van sy eie gedagtes is. Hy spreek maar net die mening van die wêreld na wat beweer dat die denke slegs `n funksie van die brein is en totaal onafhanklik is van vreemde inwerkinge, naamlik dat die mens al sy gedagtes self het en daar geen direkte of indirekte beïnvloeding van die denke is nie, dus dat goeie of slegte, diep of oppervlakkige gedagtes, slegs van die mens self uitgaan en daarom eie verdienste is.

Hy verloën die geestelike krag wat daarby betrokke is, omdat hy dit nie erken nie. Derhalwe is sulke mense ook nie maklik van die waarheid te oortuig dat dit d.m.v. gedagtes oorgebring word nie, omdat hulle die proses van dink nie korrek begryp nie en ook nie daarin glo nie.

Die eintlike wese van die gedagte is vir hulle iets onbegryplik en dit sal ook so bly, totdat hulle hul eie ontoereikendheid insien wanneer hulle probeer om diepgaande probleme op te los, wanneer die gedagtegang faal, wanneer die mens vanuit homself die laaste verklaring wil gee. Eers wanneer hy met vertroue en verlange na die waarheid, homself wend tot die geestelike wesens en hulle om opheldering versoek, sal hy ondervind hoe geestelike krag in die vorm van gedagtes na hom toevloei en hy sal besef dat hy nie die skepper van sulke gedagtes kon gewees het nie, maar dat iets geesteliks oorgebring was aan hom deur geestelike wesens vanuit die ryk aan die anderkant.

Amen.

Stryd teen die leer van Jesus - Vervolging van hulle wat Hom bely

B.D. No. **1762**
2. Januarie 1941

Dit is onbetwisbaar beter om jouself voor die wêreld openlik vir die kerk van Jesus (die innerlike kerk) uit te spreek as om die teenstander terwille te wees en Jesus te verloën, want wie magtig is in die wêreld, het tog nie die mag om dit te stop wat God teen hom sal stuur nie.

Wie ookal vir Jesus Christus verloën, die verloën vir God, selfs al spreek hy Sy Naam uit om sy geloof te bewys, want as hy diep gelowig is, sal hy ook die Godheid van Jesus erken, want dan leef hy in die liefde en die liefde erken Jesus as die Seun van God en Verlosser van die wêreld. Hierdie insig is `n gevolg van `n diepe geloof, terwyl ongeloof die mens onbekwaam maak om die Godheid in Jesus te erken. As Jesus Christus dus verwerp word, is die bewys van die ongelowigheid van die mense ook gelewer en sulke mense behoort aan die wêreld, wat hulself openlik teen Jesus Christus opstel. Die

wêreld sal vereis dat hulle om Hom heeltemal verwerp, want hulle wil nie meer dat Sy Naam genoem word nie. Hulle wil elke herinnering aan Hom uitwis en die komende geslagte in onwetendheid opvoed. Hulle wil alles vernietig wat op Hom betrekking het, om sodoende `n einde te maak aan die kennis oor Hom en Sy dade. En sodoende sal die stryd ontbrand.

Die wat Hom volg, sal Sy Naam verdedig en Hom bely voor die wêreld en vol vuur oor Hom en Sy leer spreek. Hulle sal terwille van Sy Naam vervolg word, maar tog die vervolging geduldig verdra. Hulle sal krag van Bo ontvang, sodat hulle Sy leer des te yweriger sal verkondig, hoe meer hulle bestry word. Die Krag van God sal sigbaar met hulle wees en Sy liefde sal hulle behoed, sodat die magtiges van die wêreld sal moet insien dat hulle mag nie daarteen opgewasse is nie. Hulle sal moet insien dat daar Een Magtige is, Wie se werke duidelik te sien is.

Dit sal hulle woedend maak en hulle sal probeer om met alle middele hulself as waar te bewys en om hulle wil af te dwing, maar hulle sal deur God se Hand getugtig word, want wanneer die mens homself aanmatig om teen God Self te wil opstaan, plaas Hy hom geheel en al in die mag van die teenstander en so maak God `n einde hieraan. Daar sal dus `n tyd kom waarin wet na wet uitgevaardig sal word en die mense voor die keuse gestel sal word om hulself uit te spreek, vir of teen Jesus. Die aanhangers van die wêreld sal Hom prysgee terwille van ydele loon, hulle sal wel aardse voordele verwerf, maar hulle siele daarvoor verkoop. Baie sal dit prysgee wat eintlik hulle Heiligste besitting moes gewees het, naamlik die goddelike Verlosser en Heiland van die wêreld.

Maar die wat terwille van Sy Naam vervolg sal word, sal duisendvoudig geseënd wees, want Hy sal Self naby hulle wees. Hy sal hulle Leier wees in hul stryd en waar Hy die “Leëraanvoerder” is, daar sal die oorwinning ook wees.

Selfs wanneer dit lyk asof die planne van die teenstander sal slaag, sal dit tog bedrieglik wees, die stryd sal maar van korte duur wees en die wat vir die Naam van Jesus sal stry, sal oorwin.

Amen.

Voortekens van die wêreldkatastrofe

B.D. No. **1795**
30. Januarie 1941

Voor elke wêreldkatastrofe is daar tekens wat dit voorafgaan, sodat die mensdom die nadering daarvan kan herken, want God het alles vir almal tydig verkondig deur Sy woord. En wanneer julle sal ag slaan op Sy aankondigings, sal julle weet dat die tyd nou gekom het en dat julle julleself moet voorberei, sodat julle nie die volledige ondergang tegemoetgaan nie. Alles wat God doen en ook nou oor die aarde laat kom, hang van die menslike wil af, d.w.s., die menslike wil bring weliswaar nie die katastrofe teweeg nie, maar gee deur sy totale verkeerdheid aanleiding daartoe. Die menslike wil word sodanig misbruik dat `n wêreldkatastrofe die onafwendbare gevolg daarvan moet wees, want hierdie verkeerd gerigte wil kan net nog deur iets buitengewoon, - in `n sekere sin iets onnatuurlik -, in die regte baan gebring word.

Hoe meer die menslike gedagte die verkeerde rigting inslaan, des te dringender is die goddelike ingryping nodig, want kosbare aardse tyd gaan verby sonder om die noodsaaklike hoër volmaaktheid aan die wesens te bring. Die misbruikte wil kan egter nooit `n hoër ontwikkeling begunstig nie, maar kan dit slegs verhinder.

Die gebeurtenisse van die tyd, die steeds toenemende liefdeloosheid, die antichristelike strewes en die uitverkose verkondigers van Sy woord, behoort julle te vermaan dat die tyd gekom het waaroor Jesus op aarde gespreek het. En daarom moet julle ywerig wees en aan die heil van julle siele dink, al lyk dit vir julle nog so ongelooflik dat `n natuurkatastrofe oor die aarde sal uitbreek. Weet dat geen ding by God onmoontlik is nie en alles kan gebeur wanneer God dit wil en dat God se wil gebaseer is op die gedrag van die mensdom, deur die verkeerde houding teenoor Hom. Die mense is op die aarde geplaas vir `n bepaalde doel, maar as hulle nie in ooreenstemming met daardie doel wil lewe nie, laat hulle `n goddelike barmhartigheidsgawe verbygaan en God waarsku nou nog eenmaal met onverbiddelike woorde wat niemand sal kan ignoreer nie. Die menslike wil is dus aanleidend tot `n

vernietigingswerk van onvoorstelbare omvang en toe Jesus dit voorspel het, het Hy alreeds die verkeerde wil van die mense voorsien. Maar Sy bedoeling is om die misleide mensdom terug te wen en Hy wend daarom die laaste moontlike middel aan wat skynbaar `n daad van onbeskryflike wreedheid is, maar wat tog net die goddelike liefde en barmhartigheid as beweegrede sal hê, want talryke mense sal nog daardeur tot insig kom en hulle sal dan gered wees vir alle ewigheid.

Amen.

Plig om die goddelike openbarings te versprei

B.D. No. **1797**
30. Januarie 1941

Dit is onbeskryflik prysenswaardig om die Woord van God te versprei. Dit wat deur God se barmhartigheid oorgedra word aan mense, sal nie die uitsluitlike eiendom van die individu bly nie, maar moet oorgedra word aan die vele mense wat dit benodig vir hul siele se redding. Die mensdom is in groot moeilikheid, hulle is so ver van God verwyder dat hulle selfs nie meer Sy wil herken nie en gaan in volledige onkunde deur hul aardse lewe. Maar die mens moet weet wat God van hulle verwag. Gevolglik moet die inligting aan hulle meegedeel word. En om hierdie rede word aardse kinders, wat bereid is om van diens te wees aan Hom, deur God gekies vir die taak om Sy wil aan die mense bekend te maak. Hy onderrig hulle eers Self, sodat hulle daarna hul kennis kan oordra aan hul medemens.

Die mensdom sal vergaan sonder aktiewe hulp, en aktiewe hulp kan slegs gevind word in die Woord van God. Maar op die oomblik word alles deur die mens verwerp, indien dit hulle vermaan om God te onthou of indien hulle oor God op die tradisionele manier onderrig word. Dit is waarom God sy Woord weer aan die mens gee, Hy gee dit met `n verduideliking oor die doel en taak, want Hy wil deur Sy Woord nader aan hulle kom. Hy wil hulle vertroud maak met alles wat verband hou met die skepping. Hy openbaar aan hulle die verband van alle dinge met mekaar en gee hulle die gebooie, wat die basiese voorwaarde is vir hul weg na God. En gewillige mense sal help om hierdie goddelike geskenk te versprei; hulle sal ywerig daarna streef om die goddelike openbarings toeganklik te maak vir alle mense; as God se gretige dienaars sal hulle altyd en ewig Sy werke bekendmaak; hulle sal hul medemens laat deel in die liefdesgawe van barmhartigheid, sodat die goddelike Woord aanvaarding sal vind onder die mens, dat dit hulle geloof sal versterk en hulle motiveer om te doen wat nodig is om op `n God-welgevallige manier te leef, dus om die gebooie van die liefde vir God en hul naaste te vervul. Slegs wanneer `n persoon kennis het van God se wil, kan hy tot verantwoording geroep word, indien hy nie daarvolgens leef nie.

Toegegee, oningeligte persone kan nie verantwoordelik gehou word om rekenskap te gee nie, maar hulle kan ook nie gebruik maak van hul lewe op aarde en `n hoër graad van geestelike volwassenheid bereik nie, want hulle sal buitengewoon liefdevol aktief moet wees vanuit eie beweging, d.w.s. liefde moet in hulle wees, maar in daardie geval sal hulle ook die betekenis en doel van hul aardse lewe en hul taak ken, want God gee Sy Woord aan almal wat dit begeer, dit is net nie altyd uiterlik waarneembaar nie, behalwe in die vorm van geestelike uitsendings. Maar diegene wat die Woord op so `n manier ontvang dat hulle in staat is om dit neer te skryf, is veral verantwoordelik vir die verspreiding van hierdie Woord, want hulle ontvang baie barmhartigheid en moet dit ook deel. Hulle moet die evangelie verkondig aan almal wat dit nie verwerp nie.

Amen.

Die uur van die dood

B.D. No. **1798**
31. Januarie 1941

Vir baie mense het die uur van die dood `n onderwerp van uiterste angs geword, hulle is bang daarvoor en deins terug vir elke gedagte daaraan en dit is altyd `n teken van die gebrek aan volmaaktheid van die siel. Onbewustelik ervaar die siel haar gebrekkige toestand en sien sy ook die liggaamlike dood as die einde van haar aardse loopbaan. Sy voel instinktief dat sy die lewe op aarde

nie juis benut het nie en daarom is die gedagte aan die dood vir hierdie mens afskrikwekkend. Die onsekerheid na die dood verontrus hom, hy is vol twyfel oor `n voortbestaan hierna, maar tog is hy ook nie heeltemal daarvan oortuig dat die lewe definitief verby is nie. En dit is juis hierdie onsekerheid oor die “hiernamaals” wat die mens angstig maak vir die uur van afskeid van hierdie wêreld.

Hoe meer volmaak die mens is, des te minder hinder die gedagte aan die dood hom en dit kom voor uit die wete dat die eintlike lewe eers na die liggaamlike dood begin. Die maklike opgee van die aardse lewe is die voorwaarde vir toegang tot die Ligsfeer, want die mens is dan nie meer gebonde aan aardse goedere nie, want hy het die materie oorwin.

Alles wat die mens op aarde agterlaat, is aardse goedere wat nie meer begeer moet word nie, maar moet graag en met vreugde opgegee word. Alles wat die mens as kosbaar beskou op aarde, moet hy moeiteloos kan opgee, dan is sy skeiding van die wêreld maklik. Daar moet niks wees waaraan die mens hom heg nie, anders sal sy loskom van die aarde altyd `n stryd wees. En daarom moet elke begeerte vroegtydig oorwin word, omdat die dood elke oomblik op die mens kan afkom en hom sal verras.

Die verlange na God is net so deurslaggewend vir die liggaamlike einde van die mens, want wie na God verlang, is gelukkig wanneer sy aardse lewe verby is. Geestelik sal hy hom al in ander gebiede bevind en hy sal verlang na die uur wat hom definitief daarheen sal bring waarna die gees verlang, naamlik sy ware Vaderland. En daarom kan die uur van die dood vir die een wel bangheid, angs en vrees beteken, maar vir die ander `n gawe van dit wat hy al lank oor gedroom en gehoop het. Dit is vir hom die uur van bevryding uit elke vorm en beteken vir hom die ingaan in die ewige Ryk, in die ewige Heerlikheid.

En wat die mens as die dood beskou, kan vir hom die ingaan in die ewige lewe wees, wanneer hy die aardse lewe bewustelik, d.w.s. met God, geleef het en dus volmaak geword het vir die lewe in die ewigheid. Dit kan egter vir hom ook werklike dood beteken en dan bespeur die siel dit en sy deins terug vir hierdie uur, wat egter onvermydelik sal kom wanneer die tyd van die aardse lewe, wat God vir die mens vasgestel het, verby is. En daarom moet elke mens stilstaan by die uur van sy dood en met die oog hierop sy aardse lewe bewustelik lewe, d.w.s. werk aan sy siel, sodat hy die graad van volmaaktheid kan bereik, wat `n maklike en pynlose oorgang van die aarde na die ewige Ryk waarborg.

Amen.

Bid vir goddelike genade - Onwillekeurige uitverkiesing

B.D. No. **1807**
12. Februarie 1941

Wie hom tot My aangetrokke voel, wie in alle nood en kommer na My toe vlug, sy versoeke sal Ek verhoor, want hy erken My as sy Vader en sy smekinge is kinderlik en vol vertroue. En steeds is die Vader bereid om die nood van sy kinders te verminder. En so wil Ek julle ook red en aan julle vrede gee. Dit is net ter wille van julle siele nodig dat julle in `n benarde toestand beland, sodat julle My sal soek en julle harte die oproep na My sal stuur. Want slegs leed bring julle nader aan My. Maar julle is nooit verlate nie, as julle My maar net nie opgee nie, as julle jul net nie van My afwend nie. Vertrou daarom altyd op My Liefde vir julle om hulp te ontvang.

Dit is nooit die eie verdienste van die mens as hy opwaarts klim nie. Inteendeel, dit word deur God se genade bewerkstellig. Maar die mens mag hom nie daarvan weerhou om aan homself te werk nie. Hy mag nooit dink dat hy nou niks daarvoor hoef te doen en slegs op die genade van God hoef te vertrou nie. Hy sal slegs goedgekeur word vir die genade van God, wanneer hy deur sy dade, deur sy gedrag, sy denke en handeling, bewys lewer dat hy opwaarts wil gaan. Hierdie wil, wat hom nou in gebed die hulp van God laat afsmeek, gee hom nou die genade wat weer die vervolmaking van sy siel tot gevolg het. Die goddelike genade is dus in geen geval `n geskenk van God wat willekeurig aan die mens gestuur word nie, waar die een mens ontvang, terwyl die ander mens gebrek moet ly nie. Nee,

die goddelike genade staan alle mense onmeetlik ter beskikking. Geen mens sal tevergeefs die genade van God afsmeek nie. Maar nooit kan dit aan die mens gegee word, sonder dat hy dit vra nie. En daarom sal die enigste verdienste van die mens daarin bestaan, dat hy hom steeds weer in gebed tot die hemelse Vader sal wend en deemoedig om genade vra. Die res bewerkstellig die Liefde van God self by `n mens wat sy wil aan God geoffer het en bewustelik `n beroep doen vir die toevoer van God se krag.

En daarom is dit verkeerd om aan te neem dat God sy genade na willekeur vir die mens gee. Dit sou `n daad van die grootste onreg gewees het, want dan sou slegs die mense salig kan word wat deur goddelike genade uitverkies was. Dan sou die bewustelike strewe na volmaaktheid alle sin verloor, want begryplikerwys sou die vraag daarby geopper kan word: "Hoort ek by diegene wat God uitverkies het vir die ewige ryk?" So `n opvatting sou daartoe lei dat die mens die arbeid aan sy siel nalaat en steeds net die teenwerping wil laat geld, dat slegs die goddelike genade hom kan vrymaak, maar dat dit nie verkry kan word nie. Inteendeel, die mens sou rustig en geduldig moes wag totdat die genade van God hom toestroom. En as dit nie gebeur nie, sou hy vir ewig verlore moet gaan. Wie hierdie siening het, is in `n vreeslike geestelike gemoedsgesteldheid. Hy moet twyfel aan die Liefde van God, aan sy goedheid en barmhartigheid. Verder sou hy sy lewe op aarde as nutteloos beskou wanneer die genade van God nie vir hom beskore is nie. En tog het die mens dit self in sy eie hand, naamlik om homself onbeperk van die goddelike genade te bedien.

Dit staan elke mens vry om so dikwels as wat hy wil tot God te kom, d.w.s. in gebed alles te vra wat gewoonlik genade genoem word. Hoe inniger die mens daarvoor vra, des te ryker neem God hom in aanmerking. En nou eers kan hy op aarde wandel, soos wat dit vir God welgevallig is. Sy lewenswandel is dan nie meer sy eie verdienste nie, maar dat hy dit nou so kan lei soos wat hy doen, is die werksaamheid van die goddelike genade. Alle mense kan vra, dus sal hulle ook in ooreenstemming met hul gebed ontvang. Hulle sal met die genade van God toebedeel word en nou suksesvol die weg omhoog aflê.

Amen.

Miniatuur skeppings

B.D. No. **1810**
14. Februarie 1941

Wat voortgebring is uit die Wil van die goddelike Liefde, moet in sy wording die mees wyse skeppende Gees verraai. Daarvan getuig die oneindig baie skeppingswerke wat die mens, as hy dit aandagtig beskou, die grootste wonderwerke onthul.

God se skeppingswerk sou, uitmekaar gehaal tot die nietigste deeltjies, steeds weer dieselfde skeppings in miniatuur vertoon. Elk skeppingswerk is weer `n wêreld op sigself, wat egter ook alles in sigself dra wat die heelal inhou. Dit is vir die mens onbegryplik, omdat hy nie hierdie miniatuur wonderwerke met die blote oog kan sien nie. Enkele skeppingswerke lyk wel dieselfde, maar is anders vir afsonderlike gevalle. Maar dit is vir hom nie bekend dat alle skeppingswerke `n miniatuur is van die groot skeppingswerk van God nie, wat weer miljarde van sulke miniature bevat wat vir die mens eers sigbaar sal wees as hy in staat is om met geestelike oë te kyk. Dan sal sy verbasing geen grense ken nie en dan eers sal die grootte van die ewige Godheid, wat by magte is om so iets te skep, vir hom ten volle verstaanbaar word.

Die heelal is oneindig, d.w.s. dit ken geen grense, geen begin en geen einde nie. En net so oneindig en onbegrens is die skeppings daarin. Die Wil van die goddelike Liefde neem vorm aan en word dus die mees onvoorstelbare werke. En die kleinste skeppingswerk is deur sy wyse Skepper sorgsaam geskep. Dit omsluit weer ontelbare skeppings wat vir die groot skeppingswerke nie in die minste terugstaan nie, maar wat veeleer deur hul fynheid nog meer betowerend is en daarom heerlik is om te aanskou. En elke nog so `n klein skepping bevat lewende wesens wat in baie duisendvoudige verkleining dieselfde funksies verrig in `n wêreld wat ooreenstem met hulle nietige geaardheid. En alles is onderworpe aan dieselfde wetmatigheid, alles is tot in die kleinste dingetjies oorweeg en word deur die goddelike wil bestuur en gelei. God is in die nietigste sandkorreltjie net so teenwoordig soos

in die heelal. Nie die geringste ontgaan Hom nie en niks is te min of te klein om Sy aandag te verg nie. Alles, ook die kleinste, is die tot vorm geworde gedagte van God, wat - eenmaal uitgestraal - ewiglik nie vergaan of hulself losmaak van God nie. En daarom word dit voortdurend deur die almag van die goddelike Liefde vasgehou en bly dit tot in alle ewigheid bestaan.

Amen.

Menslike “regstelling” aan boodskappe van bo

B.D. No. **1811**
15. Februarie 1941

Die boodskappe van bo moet onveranderd opgeskryf word, anders versit die menslike wil hom teen die wil van God. Elke boodskap het daarom sy eie doel, ook al herken die mens dikwels nie die doel nie. En omdat die verandering van één woord reeds dikwels aan die boodskap `n ander betekenis gee, sal die oorspronklike doel op hierdie manier gemis word.

God maak Self aan die mense bekend dit wat nie met Sy wil ooreenstem nie, wanneer Sy woord deur menslike onbekwaamheid nie so aangeneem word as wat dit gegee was nie. Die mense het dus geensins die reg om die boodskappe te verander nie, want hulle beoordelingsvermoë is nie in staat om `n werk te toets wat nie net vir die teenwoordige tyd bedoel is nie - maar tye moet oorbrug.

Die mens mag wel die beste wil hê, maar moet tog `n sekere graad van geestelike volmaaktheid besit om oor kennis te beskik wat Hom in staat sal stel om volgens die wil van God korreksies uit te voer. Want menslike kennis alleen maak hom nie bekwaam om die waarheid van die inhoud te toets nie.

Slegs die Gees van God bring die suiwer waarheid voort en solank die siel nie in staat is om van `n menslike middelaar hierdie waarheid woordgetrou oor te neem nie, sal sy denke tog so gelei word dat hy geen dwaling sal neerskryf nie. Die skriftuur mag dan miskien minder volmaak wees, dit is egter nooit heeltemal foutief nie.

Elke menslike regstelling kan egter dwaling in homself berg en is daarom nie volgens die goddelike wil nie. Die Gees van God kan Hom des te suiwerder uiter namate die ontvanger minder weerstand bied by die ontvang van die boodskappe, daarom moet elke vorm van eie interpretasie tydens die ontvang van die boodskap agterweë bly. Slegs om die wil van God te dien is die beste waarborg vir `n suiwer en ongehinderde ontvangs en die ontvanger hoef dan nie te vrees om iets anders neer te skryf as wat in die bedoeling van die goddelike wil lê nie. Hierdie wil behoed die denke van die ontvanger teen dwaling, want wat God na die mense toe wil bring, sal Hy ook daarvoor behoed dat hierdie tipe interpretasies die aardse kinders van die regte weg sou afbring. Dit is waarlik Sy wil om die mensdom die suiwer waarheid te gee en dit op die korrekte wyse te onderrig.

Amen.

Paradys toestand - Geestelike wêreld

B.D. No. **1812**
15. Februarie 1941

Die dood van die liggaam is die afsluiting van die aardse bestaan en die begin van die lewe in die ewigheid. Dit is twee heeltemal verskillende wêrelde. Die een wat deel uitmaak van die verlede en ook in homself verganklik is, d.w.s. aan voortdurende omvorming onderhewig is, is die wêreld van die sigbare en tasbare skeppingswerke van God, `n wêreld wat materie is, in teenstelling met die wêreld van die hiernamaals, waar materiële skeppings nie bestaan nie, wat maar net vir die onvolmaakte wesens soos gedagtes is, tot by die oomblik van finale oorwinning. Die vleeslike liggaam het aardse, d.w.s. materiële skeppings nodig, omdat dit self ook so `n skepping is. Maar sodra die vleeslike omhulsel wegval en die siel oorgaan na die geesteryk, is sy heeltemal onafhanklik van sigbare skeppingswerke, wanneer sy `n sekere graad van volwassenheid bereik het. Die wêreld is dan `n wêreld van begeertes.

Elke siel tref dit aan wat sy begeer. En dus sal die lewe in die ewigheid vir die mens `n paradys toestand wees, op voorwaarde dat die siel in die paradys wil vertoef, want sy kan dit wat nog heel

menslik aards is net so begeer. Maar dan kan dit nie `n paradys toestand genoem word nie, want aardse begeertes skakel so-iets uit. In die hoër sfere word aards-materiële goedere egter glad nie meer begeer nie, maar word beskou as deel van die verlede en in die plek hiervan word slegs geestelike goedere nagestreef. Dan word geestelike goedere vir die eerste keer die kragstroom wat die gees in die ewigheid gewaarword en sal bevorderlik wees vir sy vooruitgang wanneer hy vurig daarna verlang. In hierdie wêreld is niks tasbaar of aards sigbaar nie, maar slegs vir die geestelike oog sigbaar, d.w.s. alles bestaan uit "geestelike substansies". Dit is slegs in die gevoelslewe kenbaar. Die graad van liefde van die gees sal in `n sekere sin die sfere bepaal wat die nuwe blyplek van die siel sal wees, want as die siel gewillig is om te gee, ontvang sy ook. En nou is ontvang en gee vir die gees `n saligmakende werk. Sy begeer nie iets tasbaars nie, inteendeel net iets kosbaars, wat in die gevoelslewe tot uitdrukking kom.

En dus is die lewe in die ewigheid `n gestadigde toestroming en uitdeel van goddelike krag. Daar word slegs gees begeer en ontvang en die gevoelslewe word tot onvoorstelbare dieptes ontwikkel, sodat die geluksaligheid steeds groter kan word. Daar is dus nóg stilstand nóg agteruitgang vir `n gees van die ewige lewe, maar slegs ewige heerlikheid.

Amen.

Gemeenskaplike diens aan God

B.D. No. **1814**
16. Februarie 1941

Gemeenskapsdiens aan God kan inderdaad aan die wil van God beantwoord wanneer alle mense gelyktydig deur `n diepe verlange beweeg word om die goddelike Heer en Verlosser te kontak en elke persoon ook bereid is om God te dien. Maar die mense neem gewoonlik slegs `n gebruik waar, `n gewoonte wat oor geslagte heen bewaar gebly het, gevolglik is dit nouliks `n innige behoefte. `n Daad wat werklik vir mense van enorme belang moes wees, het roetine geword. Die mense berei hulself slegs intellektueel voor om kontak met God te maak, d.w.s. hulle probeer om hul gedagtes op te hef na Hom, maar betrek nie hul harte daarby nie. Die kontak met God moet egter uit die hart kom. Om met God te verenig, is die toestand wat die mens se enigste doel tydens sy aardse lewe moet wees, want dan het hy in homself die gevoel gewek dat hy aan God behoort, uit Wie hy voortgekom het. Hy was egter nooit geskei van die Oerkrag nie, maar het dit nie besef nie en het so ver verwyder gevoel, terwyl die bewuste vereniging met God die skynbare skeiding sal oorbrug en die wese sal homself herken as ewig verbind met sy Skepper. Wanneer ware gelowiges bymekaarkom vir `n gemeenskaplike diens, sal hul verenigde gebed die Hemelse Vader bereik en dit sal vir God aangenaam wees.

Maar wanneer mense sonder diepgaande godsdienstige geloof bymekaar kom, slegs vir die vervulling van tradisionele vereistes, sal hul gedagtes dikwels dwaal en `n diepe gevoel van nabyheid aan God sal onbereikbaar wees. Die mens sal sekerlik `n poging aanwend om die Woord van God te ontvang, maar dit sal ook meer met die oor gehoor word as met die hart en sal slegs geestelik voordelig wees as die persoon poog om dit in praktyk te bring. Maar gewoonlik is die mens tevrede met hierdie kort periode van gemeenskaplike kerkdiens en glo om hul plig te gedoen het, deur teenwoordig te wees, d.w.s. om God in die openbaar te erken. Maar God heg geen waarde aan uiterlike handelinge nie, Hy evalueer slegs die verlange van die hart na Hom. En `n hart wat na Hom verlang, skenk geen aandag aan tyd en formaliteite nie, dit sal kontak met Hom maak wanneer dit ookal aangespoor voel om dit te doen. Dit sal God soek weens sy innerlike begeerte en nie om die wêreld `n bewys van sy geloof te gee nie. En dus is die belangrikste die opregtheid van die kontak tussen die mens en sy Skepper en `n gemeenskaplike diens aan God is `n gemeente van ten volle godvrugtige mense, wat die wil van eenwording met Hom in hul harte herberg.

Amen.

Die teenstander wil alle mistieke werke as vals afmaak

B.D. No. **1815**
16. Februarie 1941

Daar is dinge wat die mens nie vir homself kan verklaar nie en wat hy daarom as onverklaarbaar verwerp. Hy is nie ondersoekend nie en daarom dink hy ook nie daaroor na nie en aangesien sy wil nie daarna streef om sulke dinge op te los nie, sal dit ook vir hom onverklaarbaar bly. Maar wat onverklaarbaar blyk, kan nie verwerp word as ‘non-bestaande nie' of afgemaak word as bedrog of heksery weens gebrek aan bewyse nie. Dit is in die besonder op alle wonderwerke van toepassing wat nie deur menslike intellek alleen opgelos kan word nie en wat daarom sonder aarseling afgemaak word as `n opsetlike poging van misleiding, of `n sieklike plan van `n persoon. Mistieke verskynsels kan slegs deur mistici verklaar word, d.w.s. slegs mense wat na die gees strewe, kan die geestesgebied binnedring. Die suiwer intellektuele vermoë van die mens sal nooit die sluier kan lig nie en daarom sal hulle ook probeer om ander mense se geloof in geestelike dinge te vernietig. En dit is wat hulle dan verligting noem en sal so verberg wat die mens as baie belangrik moes herken, die werk van die geestelike wesens in die hiernamaals wat mense van bewyse wil voorsien dat die lewe na die dood op aarde nie verby is nie.

O wêreld van ongelowiges en minagters, waar `n sigbare teken aan julle gegee word, probeer julle dit weerlê en daardeur weier julle die geestelike wesens toegang tot julle. Met julle wysheid en dade wil julle die werk van hierdie wesens vernietig. Dit is meer aangenaam vir julle om die geestelike strewe van diepdenkende mense voor die wêreld belaglik te maak en julle sluit effektief julle eie ingang na die koninkryk, wat tekens na die mense stuur om hulle herkenning makliker te maak. En die werk van die negatiewe kragte kan duidelik in die mensdom gesien word, wat met absolute oortuiging alles van `n geestelike of bonatuurlike aard ontken. Hulle praat namens die teenstander, omdat hy die geloof van mense in die voortsetting van die lewe na die dood, in die ewige lewe en die uur van verantwoording wil vernietig. En die mense steun onmiddellik sy wil en skram nie weg om selfs hulle geloof op te gee nie, hulle aanvaar slegs wat hulle kan aanraak of voel, maar ontken alles wat bonatuurlik blyk te wees. Hoe hoog takseer die mens sy intellek en hoe min sal hy daarmee bereik as God Self hom nie bystaan en hom na die lig lei nie. Maar aan die ander kant is die menslike intellek beslissend vir die mensdom. Dit aanvaar onvoorwaardelik wat dit intellektueel aangebied word. Menslike intellek gee dikwels en sonder aarseling die geestelike waarhede wat hy verwerf het op, omdat die teenstander van God weet hoe om sy superioriteit te wys deur oortuigende woorde te gebruik. Daarom sal hy oral gewillige luisteraars vind, omdat die wêreld verkies om te hoor dat die lewe na die liggaamlike dood eindig. En hy sal daarom maklik saamstem wanneer die uitdrukkings van die geestelike wêreld as verbeelding, bedrog of foutief beskryf word en dit daarom volledig verwerp.

Amen.

Uitbarstings - Verskeidenheid van hemelliggame

B.D. No. **1823**
21. Februarie 1941

Vir die heelal geld `n natuurwet: Die onverwoesbaarheid van dit wat bestaan. Niks kan vergaan nie, maar net verander volgens die Wil van God. En hierdie verandering vind plaas sodat daar iets onsigbaar word om êrens anders weer sigbaar tevoorskyn te kom. Elke nog so klein skeppingswerkie dra hierdie wet in haarself, sodat die skynbare verval dus maar net `n omvorming beteken van dit wat eers daar was. Derhalwe kan ook groot skeppingswerke, soos hemelliggame, `n ander vorm aanneem; dit is egter `n proses wat oor `n ontsaglike groot tydruimte uitstrek, wat, volgens aardse tydberekening, duisende jare verg en dus nooit deur mense gadegeslaan kan word nie, insoverre dit gaan oor fundamentele veranderinge van skeppingswerke. Meestal is dit die erupsies van afsonderlike skeppingswerke wat aanleiding gee om opnuut dieselfde skeppings met kleiner afmetings te vorm.

Hierdie nuwe skeppings vertoon dieselfde aard en gesteldheid as die skeppingswerk waaruit dit tevoorskyn gekom het. Dus sal sulke hemelliggame hulself steeds in die omtrek van `n son bevind,

waar dieselfde samestellende stowwe en dieselfde natuurwette wys dat hulle juis by hierdie son hoort. Aards gesien kan die son nou niks anders wees as `n oneindig vergrote bouwerk, met dieselfde gesteldheid as die planete wat skeppingswerke is wat uit hom voortgekom het, en wat hom omring nie. Gevolglik sou ook al hierdie hemelliggame met dieselfde wesens bevolk moet wees. Maar hier vertoon nou die mees enorme verskille hulself.

Geen enkele skeppingswerk word bewoon deur lewende wesens wat dieselfde is as die van ander skeppingswerke nie en gevolglik is ook die uiterlike gesteldheid van elke hemelliggaam anders en wel steeds aangepas vir die lewende wesens wat daarop lewe. En dit skakel nou ook weer `n selfde samestelling in stoflike opsig uit. Dit is dus maar net die kern van elke hemelliggaam wat uit dieselfde grondstof bestaan, die uiterlike vorm is egter in ooreenstemming met die lewende wesens wat aan hom toegewys is. Alles wat homself in die omgewing van `n son bevind, het voortgekom uit hierdie son, d.w.s., is deur hom uitgestoot, maar het, vanaf die oomblik van sy selfstandigheid, die gesteldheid aangeneem wat pas by die lewende wesens wat die skeppingswerk as verblyfplek sal kry. Die oneindig baie verskillende grade van volmaaktheid van die nog onvolmaakte gees vereis ook oneindig baie skeppings van verskillende gesteldheid, en die rede vir die verskeidenheid van hemelliggame lê daarin.

Amen.

Wederkoms - Die wegneming (1)

B.D. No. **1827**
24. Februarie 1941

Binnekort sal julle My sien kom in die wolke, dan sal julle jubel en juig en bly wees dat die Skrif vervul word. Dan sal die regverdiges My stem hoor wat lieflik in hul ore sal weerklink. Maar diegene wat My verloën het, sal stom wees van ontsteltenis en sal van My af wil wegvlug. Maar die oordeel sal hulle inhaal waar hulle hul ookal sal bevind, want dan het die dag aangebreek wat Ek bestem het vir die “geregtelike sitting” en elkeen sal tot verantwoording geroep word en sal die vonnis nie kan ontvlug nie.

Maar My getroues sal My lof en dank toesing dat Ek My aan hulle openbaar het. Hulle sal in Gees en Waarheid tot My bid. En as hulle My geestelike mag aanskou, sal hulle deurdring wees van die diepste liefde tot My en sal My voortaan dien met die innigste oorgawe, want Ek sal nog baie gewillige dienaars wat My toegeneë is, nodig hê gedurende die tyd van die oordeel.

Ek wil slegs een gemeente grondves (een kudde) en hom `n opdrag gee. Ek wil dat die mense wat My aanvaar en My leer verkondig, hulle verenig en wanneer hulle in liefde saamwerk, sal hierdie gemeente die liefde oral vermeerder. Ek wil egter die mense wat onverdraagsaam en trots is uit hierdie gemeente afskei, omdat hulle die klein kudde van My gelowiges in gevaar bring, want Ek wil te midde van Myne wees en daarom moet diepe deemoed en liefde heers by die mense by wie Ek My intrek gaan neem.

En as Ek sal kom in die wolke, sal Ek almal na My toe bring wat My so innig liefhet dat hul harte My sal tegemoet snel. Ek sal hulle verplaas na `n gebied waar geen leed en ellende meer is nie en hulle `n heerlike nuwe vaderland tot woonplek gee. Ek wil die aarde vernuwe en toeberei vir My getroue dienaars, sodat hulle voortaan werksaam sal kan wees volgens My wil.

Slegs dan sal daar weer `n tyd van vrede op aarde wees en alle mense sal in liefde lewe en My, hul Heer eer en liefhê. Hulle sal dan waarlik My kinders wees na wie Ekself sal neerdaal om met hulle die feesmaal te hou. Ek sal ook weer mense tesame bring en hul verbond (huwelik) seën, waardeur `n nuwe geslag sal ontstaan wat geestelik op `n hoë vlak sal staan en voortdurend My woord sal aanneem, `n geslag wat hulle ootmoedig voor My sal buig en in die diepste liefde met My verbind sal wees.

Amen.

Pligsvervulling

B.D. No. **1829**
24. Februarie 1941

Julle moet nooit tevrede wees om net julle plig te doen nie, maar julle moet meer as dit doen, julle moet vrywillig `n taak aanvaar wat mense nie verwag dat julle dit sal doen nie, maar wat julle uit liefde sal doen, eers dan sal julle liefdevol besig wees en slegs hierdie poging sal waardeer word en aan julle seëninge bring vir die ewigheid. Mense wat getrou hul aardse werk doen, glo dat hulle genoeg gedoen het. In daardie geval is hulle lewe in werklikheid `n lewe van vervulling van hul plig, maar tog is dit nie `n bewustelike diens van liefde nie. Wat `n plig ookal vereis om gedoen te word, stem altyd ooreen met wêreldse doelwitte. Enigiets wat `n suiwerende invloed op die siel het, sal nie gevra word of uitgevoer word as `n plig nie, maar dit moet altyd in absolute vryheid van wil gedoen word, en dit is waarom daar slegs gepraat kan word van `n siel se vordering, wanneer die persoon bo en buite sy plig werk en nie ophou met so `n goedhartige aktiwiteit nie.

Maar enigiets wat `n mens aanvaar vir homself of op `n ander plaas as `n verpligting, het slegs aardse waarde, aangesien naasteliefde nie noodwendig die dryfkrag van die vervulling van so `n plig is nie. Daar is, as `n reël, menslike wette wat ten doel het om die wêreldse orde te handhaaf, waar die vervulling daarvan nodig is om die mense se swak wil te bestry, want baie mense sal nie doen wat hulle verplig is om te doen nie, indien `n sekere sin van pligsbesef nie in hulle gekweek word nie. Alles wat hulle doen, is dus op die een of ander manier voorwaardelik en die resultate `n soort van aardse voordeel, `n aardse manier van lewe, wat net `n eindelose string dade is, wat almal inpas in die kategorie van pligsnakoming en op geen manier lei tot `n geestelike toestand van volwassenheid nie, want juis hierdie vervulling van plig verhoed dat mense werklik liefdevol aktief is.

Alhoewel die vervulling van plig nie aan mense voorgehou kan word as verkeerd of onnodig nie, hou dit nogtans `n sekere gevaar in vir die mens se siel, want hoe meer hy dit gebruik as `n rigtinggewende beginsel van die menslike lewe, hoe meer belang hy juis aan hierdie plig heg, hoe meer glo hy om vrygestel te wees van ware liefdestake, want hy ag sy tyd goed gebruik en tog bly hy geestelik agter as hy versuim om lief te hê, dit wil sê, ten spyte daarvan dat hy ten volle beset word deur pligte, word hy nie deur die liefde aangemoedig om "meer" te doen nie, om sy medemens beide geestelik en fisies te help met dade wat nooit deur mense gevra word nie en daarom kan die liefde ook nooit `n plig wees nie. Vervulling van plig op sy eie behoort beslis in `n aardse wyse herken te word, maar dit is van geen belang vir die ewigheid nie, dus moet die mens sy beste doen en probeer om uit eie vrye wil behulpsaam te word. Hy behoort nie tevrede te wees met die vervulling van sy plig nie, maar uit eie beweging "meer" te doen, hy behoort uit liefde te gee en te help, sodat sy siel verlossing sal vind, wat altyd net baat deur dit wat mens uit sy eie vrye wil en in onbaatsugtige naasteliefde doen.

Amen.

Wêreldgebeure - Bevestiging van die voorspellings

B.D. No. **1842**
8. Maart 1941

Dit gee Ek jou (gespreek tot Bertha Dudde) as bevestiging, dat alles vervul sal word wat God se Gees verkondig het. Die wêreld wil dit nie glo dat hulle dig voor die beslissende uur staan nie, want hulle glo dat die tyd nog lank nie gekom het wat Jesus op aarde verkondig het nie. Sodoende is die wêreld ook nie voorbereid op die natuurgebeure nie en daarom gee God steeds weer sy vermaninge, sodat die mense Hom nie vergeet nie.

God se Gees vergis homself egter nie en waar Hy eenmaal aan die werk is, moet `n mens ook aan Sy uiting geloof skenk en dit sonder vrees as openbaring versprei. Want die “taal van God” is gegee in die mond van die verspreider, wat alleen weergee wat God se wil is. En die wie Hy uitkies het ook hierdie ware insig. Hy neem dit aan en gee dit deur aan andere soos wat God dit wil. Die menslike denke word dan so gelei dat hulle die dinge sien in ooreenstemming met die waarheid en ook hulle vermoë tot oordele sal veel skerper word en hulle liefde tot regverdigheid sal hulle behoed teen verkeerde denke. Wanneer Hy dus spreek, is elke woord in ooreenstemming met die waarheid.

Skryf dus die volgende neer: Alle wêreldgebeure staan in direkte verband met die geestelike toestand van die mensdom. Die oorsake daarvan is maar net aardse strydvrae en daardeur word die ontstaan en die uitwerking daarvan meestal heeltemal as aards beskou. Dat die wêreldgebeure egter in `n sekere sin die gevolg is van die lae geestelike vlak van die mensdom, is vir die aardsgesinde mense nie begryplik nie en daarom wil hulle dit nie glo nie, ondanks die steeds herhaalde waarskuwings. Sodoende sal die mensdom deur die natuurgebeure onvoorbereid getref word en daar sal geen moontlikheid bestaan om hulself daarteen te beskerm of om dit te ontvlug nie. Juis daarom is dit so dwaas om hulself vir God se vermanings af te sluit wanneer dit vir die mens gegee word.

Dat die stryd in hierdie tyd die helfte van die wêreld in sy greep het (08.03.1941) en nog onbeslis is, is die wil van die goddelike Skepper, want die mense mag nie deur wapengeweld self aan hulle hul vermeende reg verskaf nie.

Jesus het die mense die gebod gegee om mekaar lief te hê, maar op hierdie gebod word nie meer gelet nie. Al die bose wat die mensdom maar kan bedink geval hulle, daarom moet hulle ook voelbaar getref word. God Self sal die “regterlike amp” oorneem, sodat hulle weer Één Heer bo hulself sal erken, wat op hoogte is van elkeen se onreg.

Daarom sal julle die stem van God nie as ongeldig kan afwys nie. Julle mag die geloofwaardigheid nie in twyfel trek en self die tydstip wil bepaal waarin elke voorspelling vervul sal word nie. Want die wêreld is in die grootste nood en kan nog slegs gered word deur die aangekondigde katastrofe wat onmiddellik na die groot oorlog sal volg en sodoende in werklikheid die beslissing sal bring in `n geweldige volkerestryd. Want hierdie stryd is slegs `n stryd om grootsheid en mag, waarby elkeen se edel motief ontbreek.

Maar aan hierdie stryd sal `n einde gemaak word deur `n hoër mag en dit sal gebeur soos wat dit verkondig is in Woord en Geskrif.

Amen.

Laat U Naam geheilig word

B.D. No. **1849**
15. Maart 1941

Heilig is U Naam: Dit moet julle met diepe aandag uitspreek en elke dag voor oë hou, hoe oorweldigend die liefde is van Hom wat julle die lewe gee en hoe Sy Gees in julle is wanneer julle met Hom verbonde is. Julle moet tot Hom bid, met Hom in die diepste geloof praat, julle moet julle geloof aan Hom bely, deurdat julle Sy Naam noem, Hom aanroep in gebed, Hom loof en prys en Hom dank sonder ophou.

En as julle Sy Naam uitspreek, moet julle daarvan bewus wees dat julle met die hoogste en mees volmaakte Wese praat, Wie julle in die diepste verering moet nader, vraend om Sy liefde en barmhartigheid. En as julle bewus word van hoe klein en nietig julle is teenoor Hom, as julle in stille eerbied julle oë ophef na Hom en julle nou aan Hom toevertrou, dan sal julle Sy Naam in die diepste innigheid uitspreek, dit sal vir julle die mees gewyde beteken en deemoedig sal julle, julle knieë vir Hom buig. Want Jesus wil ook dat julle van Sy Naam melding maak, Hy wil dat julle Hom teenoor die wêreld bely.

Dit is nie voldoende dat julle Hom slegs in julle harte erken en maar stilweg met Hom in verbinding tree nie. Dit moet openlik in die openbaar bekend word, dat julle aan Hom wil behoort, gelowig en moedig moet julle Sy gewyde Naam uitspreek, julle liefde vir Hom bely en standhou teen alle versoekinge van buite af, om dit te verloën.

Die uitspreek van die goddelike Naam is uitermatig ryk aan seën, want Sy Naam berg krag in Homself en elkeen kan hierdie krag sy eie maak wanneer hy homself aan Hom toevertrou en in volledige innigheid Sy Naam noem, deurdat hy innig bid “Laat U Naam geheilig word”.

Amen.

Die mense glo dat die Woord van God afgesluit is

B.D. No. **1857**
22. Maart 1941

Dit is volkome verkeerd om die woord van God as afgeslote te beskou en elke goddelike openbaring af te wys as `n maaksel van bose kragte. Daar bestaan wel goeie en bose kragte wat hulle invloed op die mens probeer uitoefen, maar slegs die goeie kragte voer die wil van God uit, die bose kragte werk teen God se wil.

Onwetende kragte, wesens uit die tussenryk, kan julle dus geen goeie gedagte laat toekom nie. Hulle is in hulle duistere geestelike toestand nog in die ban van God se teenstander en staan dus meer onder sy invloed as onder die van die ligwesens, maar sodra hulle hul blindheid ingesien het, gee hulle hulself oor aan die ligwesens en voeg hul dan volgens die goddelike wil. En vanaf daardie oomblik sal hulle net deurgee wat hulle deur ligwesens ontvang het.

Dit moet eers verklaar word om die verkeerde mening te weerlê dat die magte van die ander kant hulself willekeurig kan uiter, indien die goddelike openbaringe aan die mense gegee word. Jesus het Self op aarde onderrig en Sy woord tot die mense nader gebring, dit was Sy wil dat die woord neergeskryf word om vir die nageslag bewaar te word. Hy het egter ook deur Sy woord die mense steeds die werke van Sy Gees beloof. Hy het hulle die sekerheid gegee deur as Woord by hulle te bly tot in alle ewigheid, want Hy het tog Self gesê: “Ek sal aan julle die TROOSTER stuur, die Gees van die Waarheid!”.

Julle kan op vele plekke in die Bybel lees dat Jesus steeds weer tot die mense wil spreek, daar is egter geen enkele uitspraak te vinde waaruit afgelei kan word dat Sy woord as afgeslote beskou moet word nie. Weliswaar moet Sy woord onveranderd bly bestaan, d.w.s. daar mag aan die evangelie wat Hyself tot die mense gebring het, geen woord toegevoeg word nie, nog mag daar `n woord daaruit weggelaat word wat die betekenis of sin van Sy woord sou kon verander. Dit beteken egter nie dat Sy woord of Sy boodskappe afgesluit is nie.

Daar mag niks verander word en geen woord toegevoeg word aan die woorde wat Jesus destyds op aarde gespreek het nie. Maar die hoogmoed van die menslike verstand probeer voortdurend te verander en te verbeter, om God se woord duideliker aan die mensdom te maak. Heel dikwels het die sin van hulle woorde misvormd of versluier geword, wat daartoe gelei het dat die werke van Sy Gees, wat deur Hom verkondig is, nie meer verstaan word nie en daarom ook nie meer erken word nie. Vir die mensdom het die begrip verlore gegaan dat God ook vandag nog tot die mens wil spreek, dat die hoor van Sy woord die persoonlike verbinding is wat reeds op aarde nagestreef moet word. Maar in plaas daarvan deins die mense daarvoor terug om te luister na die boodskappe van die goddelike wil. God benader die mense deur Sy woord, maar hulle herken Hom nie, omdat Sy woord nie meer lewend in hulle is nie. Die woord word nog wel dapper gelees, maar die betekenis word nie verstaan nie. Daar het `n geestelike verstarring ingetree, omdat die “bron van die lewende water” self deur die mense verstop is.

God erbarm Homself egter oor die mensdom en laat `n straal van die “lewende water” ontspring uit die rotse, (van die geloof) Hy laat strale van die lewende water uit die lendene vloei van hulle wat verlangend na Sy verkwikkende drank vra, wie hul hart en oor open om Sy goddelike woord in ontvangs te neem. Daarmee word die belofte in die Heilige Skrif ook vervul, anders sou die woord van Jesus tydens Sy verblyf op aarde ook gebrekkig en ongegrond gewees het as Hy Homself nie meer sou openbaar nie en Hy nie telkens weer in die Woord by die mense sou wees en onder hulle vertoef nie.

Die mens het dus nie die reg om God se werke as afgeslote te beskou nie, want doen hulle dit, dan openbaar hulle daarmee hulle onwetendheid en onbegrip oor die inhoud van die geskrewe woord. Want die talryke verwysings na die werke van die goddelike Gees sou hulle daardeur tot niet maak en sodoende bevestig dat hy God se woord nie volgens sy betekenis verstaan nie. En gevolglik behoort hulle dan tot diegene wat dwaal, maar wat hulle dwaling nog selfs aan hulle medemens sal deurgee. Hulle sal dan nie die suiwer waarheid insien nie en dit dan ook van hulle medemens weerhou.

Die Liefde van God is egter onbeperk en wil Haarself steeds weggee, maar sal daarom nooit minder word nie. Die Liefde van God is onuitputlik en God sal Homself steeds weer in Sy Liefde openbaar en liefde wil skenk. Daarom sal elke wese wat self in die liefde leef, ook Sy Liefde mag ontvang, want God is die Liefde en God is die Woord. Wie dus na die Liefde van God verlang, verlang ook na Sy Woord en hy sal dit mag ontvang tot in alle ewigheid.

Amen.

Gelowige gebed - Voorspraak

B.D. No. **1862**
24. Maart 1941

Wie homself in volle geloof aan My toevertrou, sy gebed verhoor Ek. Die lewe sonder stryd bring geen volmaaktheid van die siel tot stand nie, die mens moet stry en slegs dan kan hy die stryd gespaar word, wanneer hy uit eie aandrang sy hele lewe in My Hande plaas, wanneer hy homself aan My toevertrou en gelowig op My hulp bou. Dan is hy soos wat Ek My kinders wil hê. Hy erken My as sy Vader, Wie se Almag en Liefde so groot is dat Hy Sy kind nie in nood sal laat nie. En hy gaan nooit alleen nie, maar hy roep My steeds aan sy sy. Hy is nie besorg en twyfelagtig nie, maar vol vertroue. Hy vrees nie, maar glo. En dié geloof stel Ek nie teleur nie. Wie so in My glo, sal geen vergeefse versoek rig nie. Ek sal hom bystaan en sy verwagtings vervul en daardeur sal sy geloof steeds dieper en meer onwankelbaar word.

Daar sal vrede in hom wees, want hy vrees niks meer nie, hy weet dat hy nooit alleen en verlaat is nie. En diegene vir wie sy gebed bedoel is, sal die krag daarvan bemerk. Dit sal geestelike helderheid teweegbring en krag om te glo. Die mense sal gewaarword dat daar krag na hulle toe kom en die geestelike blik sal omhoog gerig wees. Ek sal Self `n flits van insig stuur in die harte van hulle vir wie die gelowige gebed van My kinders geld. Wat hulle vra, sal aan hulle toegestaan word en My Liefde sal waak oor die swakkes en hulpbehoewendes, dat hulle nie val of verdwaal nie. Want hulle wat op aarde bid vir hulle van wie hulle hou en wat smeek vir die heil van hulle siele, stuur die krag van die gebed na die ander en dus kan die barmhartigheid aan hulle oorgebring word.

Voorbidding is `n werk van naasteliefde. Die voorspraak is die doeltreffendste middel om hulle te help. My Gees soek dan die vereniging met hulle en voer hulle volgens insig. Wat die mens nie uit eie krag kan nie, dit bereik `n gelowige gebed wat vir hom na My omhoog gestuur word. En Ek ontferm My in die besonder oor hierdie siele. Ek laat hulle nie in onwetendheid nie. Ek neem hulle in beskerming met My barmhartigheid, met My Gees, want die liefde van `n mensekind smeek nie vergeefs vir My bystand nie. Wees dus onbesorg, iedereen moet die weg gaan wat hy moet gaan na sy voltooiing. Soos wat dit plaasvind, so is dit goed vir die positiewe ontwikkeling van die siel. En as julle My vol geloof vertrou, lei Ek julle deur alle nood die ewige vaderland tegemoet.

Amen.

Gevoel vir geregtigheid - Die oordeel van julle medemens

B.D. No. **1869**
30. Maart 1941

Die mens moet `n inherente gevoel vir geregtigheid hê, of hy sal nie in staat wees om oor klaarblyklike hartelose gedrag te kan oordeel nie. Elkeen wat hom so verhewe ag, dat hy geen beswaar sal duld, omdat hy homself as onfeilbaar beskou, sal ook nooit regverdig kan dink nie, want hy gun ander nie dieselfde regte wat hy vir homself eis nie. `n Wesenlike verskil moet tussen mense gemaak word. Elkeen wat streng kritiek op homself en sy aksies toepas, sal ook altyd moeite doen om ander mense regverdig te oordeel. Maar iemand wat slegs fout soek by sy medemens en glo om self sonder foute te wees, sal alle gedrag van `n verhewe standpunt af beskou en daarom sal sy oordeel verkeerd wees.

Elke mens kan fouteer; Maar tog moet hy homself ken, dan kan hy sy swakhede bestry en verbeter. Maar elkeen wie geen fout in homself erken nie, sal ook nie na volmaaktheid streef nie.

Wanneer hy onvriendelik optree, sal hy ook nie daarvan bewus wees nie, hy sal homself nie verantwoord nie en sal onbekwaam wees om sy eie aksies regverdig te beoordeel. Hy sal nie `n gevoel van regverdigheid hê nie; hy sal altyd sy eie gedrag as onberispelik sien, maar poog om sy medemens vir die kleinste foutjie te veroordeel. Dit moet vir die mens duidelik wees dat hy geen reg het om sy medemens van `n swak daad te beskuldig as hy nie self `n hoë morele standaard naleef nie. Hy moet altyd sy eie tekortkominge oorweeg as hy die tekortkominge van ander mense wil kritiseer.

Maar iemand met `n inherente gevoel van regverdigheid sal nie iemand anders haastig oordeel nie, want hy sal probeer om homself in dieselfde situasie te plaas en dan die tekortkoming en foute van die ander persoon ook te verstaan. Maar om dit te kan doen, moet hy getrou wees, hy moet dinge sien soos wat dit is, hy moet homself nie te hoog skat nie en sy medemens onderskat nie, want dan sal hy `n ander norm vir sy eie foute gebruik as vir die foute van `n ander persoon en dit sal alle regverdige denke en oordeel uitsluit.

Dit is uitsonderlik waardevol om streng kritiek op jouself toe te pas, dan sal die mens getrou aan homself bly en sal sy medemens nie `n onreg aandoen deur selfsugtig sy gedrag onregverdig te veroordeel en homself bo die ander persoon te plaas nie. En so moet die mens eers homself en sy gedrag bekyk, voordat hy sy medemens kritiseer en homself as regter oor sy medemens aanstel.

Amen.

Onsterflikheid van die siel

B.D. No. **1874a**
4. April 1941

Die leer van die onsterflikheid van die siel is vir baie mense onaanneembaar, omdat hulle die maatstaf van aardse verganklikheid gebruik, omdat niks op aarde bestendig is nie en alles verbygaande is. Dit is die mening van die mens, dus glo hulle ook self om geen uitsondering op hierdie natuurwette te maak nie. Die aardse liggaam vergaan en los skynbaar op, maar die mens begryp nie dat die skynbare vergaan slegs `n oorgangsmiddel is tot `n nuwe omvorming nie. By enige nadenke sal hy insien dat al die aardse een of ander doel moet dien en hy sal ontdek dat selfs die onbeduidendste skeppings in `n sekere verbinding met mekaar staan en dus nie doelloos is nie.

Vergaan so `n skeppingswerk, dan neem weer talryke ander skeppings die oorblyfsels van die eerste in hulself op en sodoende staan dit weer ten dienste van die nuwe skeppings waarin dit dan voortleef.

Die mens hoef maar net `n uiterlike verandering ernstig te beskou, dan moet hy toegee dat die innerlike lewe nie kan vergaan nie. En die innerlike lewe moet hy ten minste ook in die mens veronderstel. Hy moet homself duidelik voor oë stel dat die siel van die mens, die gevoelslewe, nie maar willekeurig te beëindig is nie, omdat die gevoelslewe die eintlike rede is vir elke beliggaming. Die uiterlike vorm is van geen enkele nut, wanneer die innerlike kern nie deur die mensdom erken word nie.

Die opbouing van `n menslike wese vereis steeds dieselfde bestanddele, naamlik liggaam, siel en gees. Die liggaam, die uiterlike omhulsel, voer die funksies uit wat deur die siel bepaal word. Dus is die liggaam maar net die orgaan waardeur die wil tot uitvoering gebring word. Maar op die oomblik van die dood het die siel geen orgaan meer nodig wat haar so op aarde ten dienste hoef te staan nie, omdat sy haar blyplek verwissel het met `n gebied waarin niks uiterlik sigbaar gedoen hoef te word nie. Die liggaam het afgeval, omdat dit slegs die omhulsel was vir die aardse loopbaan, waarin die siel haarself moes vorm tot draer van die goddelike Gees.

En die gees, die derde bestanddeel van die lewende wese, sluimer wel in elke mens, maar begin eers te werk wanneer die wil van die siel aan die gees meer aandag skenk as aan die liggaam, wanneer die siel dus die aardse behoeftes nie so ernstig neem as die eise wat die gees haar stel nie, wat steeds `n agteruitgang van aardse belange inhou. Liggaam, siel en gees hoort wel tesame, maar kan uiteenlopende doelstellings nastreef. Die siel kan haar wil meer op die eise van die liggaam rig, maar kan ook hierdie eise naas haarself neerlê en haar wil slegs vir die gees in haarself nuttig maak. En juis

hierdie wilsrigting sal haar lewe in die hiernamaals bepaal, deur die toestand waarin die siel gaan vertoef na die aardse lewe, wat vir haar geluksaligheid, of ook lyding kan beteken.

Sodoende is die aardse lewe dus die funksie van die liggaam, maar net `n verbygaande stadium waarin die siel haarself bevind, want die siel is die dryfveer van alle aksies op aarde. Sy kan geensins as uitgedoof beskou word, wanneer die liggaam nie meer sy funksies kan uitvoer nie, sy het slegs die liggaam verlaat, omdat sy nou haar verblyf geneem het in `n gebied waarin sy geen uiterlike omhulsel meer nodig het nie.

Om die siel dus as "uitgedoof" te beskou, sou `n totaal valse opvatting wees van haar wese, want die siel is iets wat nie kan vergaan nie. Sy kan egter deur die liggaamlike dood van die mens nie meer die liggaam tot sy funksies aanspoor nie en sy kan ook deur gebrekkige volmaaktheid in `n werklose toestand verval, veral wanneer die mens te min aandag aan die gees geskenk het, maar nooit kan sy egter "nie meer wees nie". Want die siel is iets geestelik wat onverganklik is, terwyl die liggaam uit aardse stof, uit materie bestaan en daarom aan voortdurende verandering onderworpe is, maar ten slotte ontbind word in sy bestanddele, sodra die siel die liggaam verlaat het.

Amen.

Nuwe leefwyse na die katastrofe

B.D. No. **1885**
11. April 1941

Dit lyk vir die mense onmoontlik, dat `n natuurkatastrofe so `n uitwerking kan hê dat die mens gedwing sal word om `n hele nuwe leefwyse aan te neem. En tog staan hulle vlak daarvoor. En hierdie verandering van lewe sal vir menigeen bitterlik moeilik wees, want watter aardse taak hy ookal sal verrig, dit sal met allerlei soorte hindernisse verbonde wees en dit sal buitengewone liefde en geduld neem om dit te kan uitvoer. En tog sal elkeen sy aardse werksaamhede moet verdubbel, want daar sal baie geverg word van diegene wat deur die werk van hulle hande die onvoorstelbare chaos te bowe wil kom. Hierdie mense sal die liefde ken. Hulle sal hulpvaardig wees en sal nou die regte geleentheid soek om hul krag ten volle te benut in diens van Hom wat al die leed oor die mensdom gestuur het, maar wat ook die leed van die mense kan wegneem as Hy wil. En daarom sal God die mense met sy hulp bystaan, as die las vir hulle ondraaglik lyk.

Maar slegs `n klein deeltjie van die mensdom sal volkome gelowig wees en die goddelike Stem herken. Die heeltemal gelowige mens sal in die natuurgebeure slegs die bevestiging van die van bo ontvange geskrifte sien. Sodra die groot natuurkatastrofe sy voortekens vooraf laat gaan, sal hy ekstra daarop let om hom te vorm volgens God se Wil en om te bid, want die innerlike Stem sal aan hom sê wanneer die tyd gekom het. Hy sal homself voor `n groot oorgawe geplaas sien. Maar die mens sal alles moet opgee wat sy hart nog verbly. Dan sal die natuurkatastrofe hom geen noemenswaardige skade berokken nie, want die doel daarvan is dat die mens kan leer om homself los te maak van aardse goedere. Wie dit vrywillig opgee, sal weer van God ontvang wat hy nodig sal hê om van te lewe.

Amen.

Agteruitgang van die plantegroei - Storms - slegte weer

B.D. No. **1888**
14. April 1941

Dit is geen toeval dat die plantegroei van die aardoppervlak verander nie, vir sover dit betrekking het op landstreke waar menslike bemoeiing en die menslike wil beslissend hierin ingegryp het nie. Dit behels in die besonder die woude (reënwoude) of boomaanplantings wat aan die vernietigende wil van die mens ten prooi geval het, wat nie sonder invloed op die klimaat en op die gesteldheid van die grond sal bly nie.

So `n omkap van bome is `n groot gevaar vir die mens wanneer dit te vroeg geskied, d.w.s. voordat die gees in die plantaardige skeppings volmaak geword het tot `n verder lewe in die volgende vorm. Want die vroegtydig vrygeworde gees verlaat nie hulle verblyfplekke nie, sonder dat hulle behoorlik

skadeloos gestel word deur die bestaande wesens wat in die omgewing is en wat deur hulle bedreig kan word nie. Hulle kan hulself dikwels verskriklik in `n ongebonde toestand uiter, wat ook nie deur God verhinder word nie.

Die mense in sulke landstreke sal deur buitengewone storms en verwoesting ly, wat ook die groei van alle plante sal benadeel. Waar die plantegroei egter skraal is, sal ander storings ook gevoel word. Daar sal die watertoestand baie te wense oorlaat, d.w.s. die oppervlakte van die aarde sal toeslik as gevolg van `n gebrek aan watertoevoer. Sodanig kan die landstreke woes en leeg word en ofskoon die mense meen dat hulle geen invloed daarin gehad het nie, is hulle tog die eintlike veroorsakers van die onvrugbaarheid en dorheid van hele landstreke. Die gevaar lê daarin dat dit nie ingesien sal word nie en dat die mens steeds weer nuwe landstreke gedagteloos aan hulle winsbejag ten offer laat val, wat meestal die oorsaak is van die woes word van hele streke.

Wanneer die mens skeppings vernietig vir aardse voordeel, is dit `n toegee aan die mag van die bose. Vir geldwaarde gryp die mens in, in die goddelike skeppingsplan wat aan alles sy bestemming gegee het; ook aan die hele plantewêreld op aarde.

Sulke ingrypings sal ook dan die gevolge hê wat hiermee ooreenstem, ofskoon die gevolge `n bepaalde tyd nodig sal hê en nie dadelik herkenbaar sal wees nie. Storms en slegte weer sal die oorhand kry, waternood (droogte) sal dus plante en kultivars bemoeilik, wat `n agteruitgang van die plantegroei tot gevolg sal hê. Tegelykertyd is dit `n beperking van die ontwikkelingsmoontlikhede vir die geestelike substans, wat sy verblyf in die plantewêreld wil neem volgens sy ooreenstemmende ontwikkelingsgraad, maar wat daarin verhinder word en wat steeds weer geuiter sal word in nuwe storms en slegte weer.

Amen.

Bruikbare werktuig - Versprei die Evangelie

B.D. No. **1893**
20. April 1941

Dit is `n enorme taak om die lig van insig aan die mensdom te bring in `n tyd wat heeltemal duister en sonder lig genoem kan word.

Dit is `n belangrike opdrag waarvoor, vanweë die uitvoering daarvan, die sterkste wilskrag vereis word en daarom is slegs dié mense daarvoor geskik wat Jesus toegedaan is en wie hulself aan Hom tot Sy diens aanbied, wat self swak voel in die diepste deemoed en God om krag bid, Wie hulle as kinders laat lei en wie tog `n sterk wil het as dit daarom gaan om vir Hom te stry, wat sonder vrees teenstand bied teen die vyand, omdat hulle vol vertroue op God steun, wie geen tree stap sonder om die goddelike barmhartigheid af te smeek nie en sodoende versterk in die gees, `n taak aanpak waarvoor diep onbaatsugtige liefde noodsaaklik is.

Hulle staan self in die lig en kan dus die lig ook onder die mensdom versprei. Daar is `n groot nood onder die mensdom en hulle het daadkragtige hulp nodig, maar dikwels wys hulle hierdie hulp hardnekkig af en dan moet Jesus se stryders hulle steeds weer met uiterste geduld inspan om hul taak te voltooi.

Hul inspanning mag nooit afneem nie, hulle moet stry met die swaard van hul mond, d.w.s. vasberade poog om die goddelike woord te verkondig, hulle moet God Self vir ondersteuning bid en ook vir die Krag uit God, die Heilige Gees, vra, sodat hulle steeds die korrekte onderrig kan gee en dus die lig versprei. En nooit mag hulle moedeloos word waar menslike inspanning geen resultaat oplewer nie, want ontelbare geestelike wesens staan hulle by en deur gesamentlike inspanning sal die onderrig tog in sy doel slaag.

Wie hulle egter vir Jesus en Sy leer inspan en poog om dit te versprei onder die mensdom, hulle gees sal met sorg onderrig wees, hulle sal slegs dit kan onderrig wat waarheid is en sodoende in waarheid die lig na die mense bring, want hul liefde vir hul medemens stel hulle in staat om die goddelike

woord in ontvangs te neem en dan word hulle bruikbare werktuie vir God, wat verlossend werksaam wil wees.

Daar vloei `n onuitspreeklike seën na die mensdom deur sulke dienaars van God, wie deurgee wat hulle van God ontvang het. Dit is die enigste redding vir tallose siele wat nog in duisternis smag. Die duisternis kan slegs verdryf word deur die woord wat van Bo kom, want dié woord steek `n lig aan in hulle. En wie die goddelike woord tot hulle laat spreek en dit in die hart oorweeg, sal in die lig mag wandel, want hulle is gewillig en aan hulle sal die krag gegee word om ook dit, wat hulle geleer word, as waarheid te aanvaar. Maar vir die onwilliges geval die duisternis van gees hulle meer en kan nie gedwing word om God se woord aan te neem nie. En tog mag hulle ook nie geïgnoreer word nie, daar moet maar steeds weer gepoog word om vir hulle `n lig te bring, om `n klein skynseltjie te versprei om die verlange na lig in hulle op te wek. En daarom moet die liefde aktief word, want slegs sy kan dié wese verlos uit die duisternis, slegs liefde is in staat om wederliefde te wek en slegs liefde sal die oorwinnaar wees.

En die groot nood op aarde sal slegs deur die liefde van die mense onder mekaar opgehef kan word. Liefde wat haarself uitdruk, deurdat die evangelie gepredik word aan hulle wat in die donkerste van die nag voortgaan sonder om iets te weet van die goddelike Liefde en Barmhartigheid, naamlik van God se Wysheid en Almag.

Amen.

Verwarde denke - Genade - Ongeloof - Geloof

B.D. No. **1894**
21. April 1941

Die verklaring van die mens se ongeloof is in hul verwarde denke te vinde. Wanneer die mensdom hulle aansluit by `n bepaalde geestelike rigting wat heeltemal verkeerd is, in vergelyking met die suiwer leer van Christus, dan is dit `n misleide denke, wat des te meer verreikende gevolge sal hê, hoe minder dit met die waarheid ooreenkom.

Gedagtes wat teenoorgesteld is aan die waarheid, sal van die regte geloof af weglei en `n goeie bodem berei vir ongeloof. Die ongelowige mens sal daarom geen heldere gedagtes kan opneem nie, maar sprongsgewys nou eers dit en dan weer die ander glo, d.w.s. as waarheid beskou, want sy gedagtegang is te verward. Die waarheid sal hy waarskynlik nie as waar insien nie en sodoende is so `n toestand weinig bevredigend, want dit gee die mens geen geestelike vooruitgang nie, maar verontrus hom voortdurend en laat hom nogtans lank in sy opvatting volhard. Hy sal by die suiwere waarheid verbygaan, want hy sluit God uit. Hy sal dus deur eie denke en uit eie krag die onbegryplike vir hom probeer deurgrond en sy denke sal derhalwe op verkeerde weë gaan, oftewel, sy wil om die waarheid te ken, is nie sterk nie en daarom kan dit ook nie aan hom gegee word nie, terwyl die helderste wysheid daarenteen na die mens gestuur kan word wat terwille van die waarheid self na insig verlang.

Geloof en ongeloof het `n teenoorgestelde basis. Om te kan glo moet die mens in `n kinderlike verhouding tot God staan, hy moet hom sonder beperking oorgee aan die ewige Godheid, hy moet homself as klein en onbeduidend beskou en in die ewige Godheid `n Wese van hoogste volmaaktheid sien. Dit is geloof!

Die ongelowige ontken egter alles. Hy beskou homself skrander en wys en is daarom nie toeganklik vir onderrig nie, hy sal hom nooit aan `n hoër Wese onderwerp nie, omdat hy die bestaan van die Wese verloën. Hy voel homself dus hoog verhewe.

En so is die basis heeltemal verskillend. Die denke van die gelowige mens is helder en regverdig, terwyl die ongelowige mens se gedagtes geen orde het nie en ook tot geen korrekte gevolgtrekking kan kom nie, want `n mens wat hom verhewe beskou, kan ook nooit die helderheid van gees ontvang nie, want hy bid nie vir genade nie en dit kan hom daarom nie geskenk word nie.

Sonder die goddelike genade kan die mens egter nie korrek dink nie. Maar dikwels is die wil van die mens te swak om by God Self hulp te soek en sodoende sal hy in onwetendheid ronddwaal totdat hy egter die helderheid van gees in gebed vra en dan deemoedig van die goddelike genade gebruik maak.

Amen.

Verbranding van die liggaam - Bespoediging van die ontbindingsproses

B.D. No. **1899**
28. April 1941

Alles gaan hul verlossing tegemoet, omdat dit die weg moet gaan van hoër ontwikkeling. So maak die geestelike essensie hulleself los van die materie en het dit dan oorwin. Die gees het egter nie altyd genoegsaam rypgeword sodat hy geen aardse omhulsel meer nodig het nie en dan neem hy weer sy verblyf in `n nuwe stoflike vorm. Wanneer die siel nou egter, naamlik die geestelike in die mens, van die liggaam skei, hou die aardse omvorming op, d.w.s. die siel ontvlug die laaste vorm op aarde om nou, onbeswaard deur enige materie, in `n nuwe ryk in te gaan, wat heeltemal anders is as die aardse. Nou word die liggaam weer onderwerp aan ontbinding, d.w.s. die geestelike substansies waaruit die aardse liggaam gebou is, moet hoër ontwikkel, omdat hierdie substansies nog in die beginstadium van ontwikkeling is en die ontwikkelingsgang ook moet deurmaak en vir hierdie doel hulleself weer by die goddelike skeppingswerke voeg, waarvan die doel die hoër ontwikkeling van die gees is.

Dit kan nou op baie maniere gebeur, maar die gees moet steeds die moontlikheid van `n dienende aktiwiteit gegee word. Daarom moet hierdie substansies hulle by so `n skeppingswerk aansluit, waar hulle die een of ander opdrag te vervul het, om deur die vervulling daarvan diensbaar te wees. Want slegs deur diens kan die gees tot volmaaktheid kom. As dit die moontlikheid om te dien ontneem word, dan word die opwaartse ontwikkelingsgang onderbreek wat vir die siel `n uiters pynlike toestand beteken.

Die lydingstyd van die gees kan weliswaar verkort word, maar die gees is die mens nie dankbaar wat in sy ontwikkelingsgang ingryp en hom verhinder om dienend werksaam te wees nie. En wanneer die liggaam van die mens verhinder word om sy natuurlike ontbinding te ondergaan, deurdat mense die proses probeer bespoedig deur verbranding, of op `n chemiese manier, dan gaan die gees `n baie pynliker weg, omdat die proses in stryd is met die goddelike orde en met die bestemming wat God elke skeppingswerk gegee het, want dit minag die wil van God.

Die menslike liggaam moet na die aarde terugkeer, wat sy bestemming is. “uit stof is julle geneem, tot stof moet julle terugkeer”, indien God Self dit nie anders bepaal het deur Sy ingrype en die lewe op `n ander wyse beëindig het as deur die natuurlike liggaamlike dood van die mens nie. Wanneer die siel haar van die liggaam bevry het, dan is die opdrag van die liggaam, dus van die geestelike substans waaruit die liggaam geformeer is, naamlik die liggaam se taak om die siel te dien, vervul. Maar totdat die liggaam volledig ontbind is, word dit nog `n verdere moontlikheid gegee om dienend werksaam te wees, al lyk dit nou onbegryplik vir die mens, terwyl daar met `n versnelde ontbindingsproses, daar geen manier vir die liggaam is om dienend besig te wees nie.

Daarom is dit verkeerd om te glo dat die liggaam van die mens deur `n louteringsproses aansluit by die siel. Die geestelike substansie van die uiterlike vorm het inderdaad dieselfde funksie en verenig uiteindelik met ander ontelbare substansies van die siel om so weer as menslike siel die laaste weg van ontwikkeling op aarde te gaan, maar dit kan nooit gebeur soos dit verkeerdelik deur die mense geglo word nie, omdat daar vir alle substansies `n vasgestelde ontwikkelingstyd bepaal is, wat die mens nie na eie goeddunke kan verkort deur `n uiterlike metode nie, wanneer hy nie die enigste moontlikheid van die geestelike opwaartse ontwikkeling ten volle op die aarde benut het nie. Of anders gestel, as hy nie deur sy lewenswandel, sy ware gesindheid tot God, sy geloof en sy aktiewe liefdadigheid `n graad van volmaaktheid verwerf het wat ook vir die liggaamlike omhulling die aardse weg kon verkort het nie, maar hoe dit ookal sy, dit moet steeds aan die wil van God oorgelaat word welke dienende opdrag Hy nog aan die omhulsel wil toewys.

Amen.

Wie in My glo (1)

B.D. No. **1901**
29. April 1941

Wie in My glo, het die ewige lewe. Kyk, dit was My wil om die dood sy angel te ontneem, sodat my kinders, die mense wat My toegedaan is, die verskrikking van die dood nie sal smaak nie. Want die geloof in My maak die siel pynloos los van die liggaam en hulle sweef na hemelse hoogtes. En daarvoor het Ek self my lewe aan die kruis geoffer, sodat my kinders die dood nie sou smaak nie. My aardse liggaam het gewillig alle smarte verdra, sodat my kinders nie hoef te ly nie, sodat hulle deur hulle geloof in My sonder smart in die ewigheid kan ingaan.

Wie dus glo, het die ewige lewe, want sy geloof is die toegee aan sy verlange na My. Die kind het die skeiding oorwin en die weg huis toe, na die Vader gevind. En daarom seën Ek almal wat glo, want hulle is in waarheid my kinders, vir wie Ek die poorte oopgemaak het na die paradys. En wie dus gesterf het in die diepste geloof in My, sy Skepper en Verlosser, wie My liefgehad het, en op My aangestuur het, die neem Ek op in My vaderhuis. Ek lei hom binne-in die ryk wat Ek berei het vir almal wat gelowig is, want wie in My glo, sal ook daarna streef om My gebooie na te kom, en sy wil seën Ek.

Die dood van die liggaam hoef daarom nie gevrees te word nie. Dit maak vir die kind immers maar net die weg na die Vader vry. En my liefde trek die siel omhoog. Sodra die siel haarself van die liggaam skei, word sy opwaarts gelei deur my dienaars in `n gebied wat vol helder lig die teenwoordige blyplek van die siel word. En daarom moet julle op aarde nie treur nie, want wat die siel op aarde agterlaat, is van generlei waarde. Ek gee julle die lewe om dit van julle af te neem. En Ek neem dit van julle af om julle alle heerlikheid te kan teruggee.

Amen.

Sagmoedigheid en geduld - Die uitwerking op die medemens

B.D. No. **1910**
10. Mei 1941

Om homself tot sagmoedigheid en geduld te omvorm, moet die mens die siel van die medemens voorstel wat haar in die grootste nood bevind, deur die verkeerde wil van die mens en nou moet hy bereid wees om hierdie siel te help. Julle mense moet altyd die gevangeskap van die siel in die gees beskou en dan sal julle vol medelye teenoor hierdie mense staan en met alle liefde en geduld poog om op hulle in te werk om hul wil daartoe te bring om die boeie van die siel losser te maak en haar dus groter vryheid te gee. Maar ongeduld en opvlieëndheid versterk die verkeerde wil en die siel beland dan in steeds groter nood. Want steeds wek goeie en liefdevolle pogings in die medemens goeie gevoelens op en slegs so kan hy gehelp word in die nood van sy siel.

En die siel dank almal wat haar help om die boeie losser te maak, want nou word dit vir haar steeds makliker om die wil te beweeg om die goeie te doen, terwyl die omhulsel van die siel dikker word wanneer die medemens haar liefdeloos behandel, omdat so-iets net verstoktheid en ook liefdeloosheid teweegbring.

Wanneer die siel `n ligte verlossing van haar boeie agterkom, neem haar weerstand af teen dit wat goed is, want die ketting is die mag van die teenstander, wat egter verswak kan word deur die wil om die goeie te doen. Word die mens liefde en geduld betoon, dan keer ook die wil hom na die goeie, want alles doen hom goed wat die liefde as rede het, hy moet slegs die liefde ook as sodanig herken.

Ongeduld en opvlieëndheid sal nooit liefde laat deurskemer nie en dus ook opwinding by die medemens uitlok. Dit lewer groot nood vir die siel op, maar julle het die moontlikheid om sulke nood op te hef en deur julle wese, deur liefde, goedheid, geduld en sagmoedigheid gevoelige opwellinge te veroorsaak, wat gevolglik sal bydra tot die vrywording van die siel uit die bose se mag.

Amen.

Hemelliggame met verskillende ligsterkte en die doel daarvan

B.D. No. **1919**
16. Mei 1941

Watter bestemming die oneindig baie hemelliggame het, is vir die mens onbekend en `n verklaring daaroor is ook maar net d.m.v. die geloof te gee en kan ook net gelowig as waarheid aangeneem word, want `n bewys kan nie gelewer word solank die mens nog aan die aarde behoort nie.

Die hemelliggame het dieselfde taak as die aarde, naamlik om die geeswesens `n verdere moontlikheid te bied om hulself te ontwikkel; hulle is egter verskillend en in hul aard en ten volle anders as die aarde, tog dien almal dieselfde doel, naamlik om die onvolwasse wesens in `n hoër toestand van volwassenheid te bring. En hierdie taak is steeds bepalend vir die gesteldheid en samestelling van alle hemelliggame. Elke hemelliggaam word dus vir die eerste keer bewoon en wel deur sodanige wesens wat nog sigbare skeppingswerke nodig het, omdat hulle siele nog nie volwasse is nie.

Die aard en manier van werksaamheid van sulke wesens op `n hemelliggaam buite die aarde kan nie vir die mense begryplik gemaak word nie. Dit wyk egter totaal af van die taak van die wesens op aarde, want vir hierdie opdrag is materie nodig, terwyl die ander hemelliggame skeppings is waar nóg aardse natuurwette toegepas word, nóg van die wesens wat daarop woon werksaamhede vereis word wat ooreenstem met die van die aarde. Tog stel die mens hom iets soortgelyks voor wanneer hy niks anders vir homself kan voorstel nie. Derhalwe kan daar slegs op hierdie manier opheldering na die mense toe kom, en wel is dit die goddelike Wil dat die mense opheldering daaroor gegee word. Waarheen julle oog hom ookal wend, sien julle goddelike skeppings, maar julle sien nie die wesens wat hulle bevat nie. Die wesens gaan so deur oneindig baie verblyfplekke, voordat hulle weer aansluit vanwaar hulle uitgegaan het. Die gang deur die Heer se sigbare skepping kan voldoende wees om die gees weer die toestand van volmaaktheid te gee, soos dit eens was, dan het hy geen verdere opleiding vir die gees meer nodig nie. Hy kan hom in die ligryk aansluit by net sulke volwasse wesens en homself daardeur steeds meer positief ontwikkel.

Ontelbare siele gebruik egter nie die bestaan op aarde soos wat hulle dit sou kon nie, hulle verlaat dan die aarde in `n onvoldoende toestand van volwassenheid en is onbekwaam om die ligryk binne te gaan. Hulle moet nou `n ander moontlikheid gebied word om verder te ontwikkel, want die Heer se skepping is oneindig groot en vormingsplekke vir die gees is daar waarlik genoeg. Elke oord beantwoord aan die toestand van volwassenheid van die siele wat nou daarin woon. Hulle onderskei hulself slegs in ligsterktes van mekaar, d.w.s. hulle is meer of minder stralend, omdat die straalkrag van alle hemelliggame afhanklik is van die volwassenheid van die wesens wat daarop woon, want hulle graad van volwassenheid is maatgewend vir die straling van die lig wat hulle ontvang. Daar is hemelliggame wat van die lig weggesteek is, omdat daar totaal onkundige wesens daarop woon, d.w.s. wat hulle vir die aangebode onderrigting afsluit. Maar kennis is lig.

Hierdie hemelliggame sonder lig is die digste met siele bevolk, want daar gaan ontelbare siele van die aarde af daarheen wat geen enkele stukkie geestelike kennis in hulself opgeneem het nie en hulle kan daarom ook net aan hierdie hemelliggame toegewys word, waar dit nog donker nag is. Tog ervaar hulle gewoonlik die duisternis as `n kwelling, en dan bestaan die moontlikheid dat hulle lig sal begeer en soek. En dan kan die positiewe ontwikkeling ook by hierdie siele begin en kan hulle in streke met meer lig geplaas word, d.w.s. op hemelliggame wat `n geringe graad van ligkrag het. Maar vir alle hemelliggame geld dieselfde wet, naamlik dat die wesens in liefde werksaam moet wees, want dit gee lig, d.w.s. die lig vloei nou na die wesens wat in liefde aktief is in die vorm van kennis. Daar is hemelliggame wat `n onvoorstelbare ligintensiteit het. Daar bly die siele wat `n welgevallige lewenswandel op aarde aan die Heer gehad het en hulle dien in liefde, totdat hulle in `n hoë graad van sielevolmaaktheid gebring is, of hulself op ander hemelliggame ingespan het om hul taak op aarde, wat hulle verontagsaam het, te volbring en wat nou ligdraers is wat onophoudelik lig ontvang en kan uitdeel.

Vir hierdie geestelike wesens is dit nie nodig dat hulle op sigbare skeppings bly nie. Hulle is nou deur hul hoë graad van volwassenheid bekwaam om te skep en te vorm en doen dit nou tot hul eie geluksaligheid. Gevolglik is die hemelliggame vol besonder bekoorlike skeppings. Dit is geen aardse skeppings nie, dus bestaande uit materie en derhalwe met `n vaste vorm nie, maar kom net ooreen met die verblyfplek van die wesens in geestelike sfere. Net so bevat ook die hemelliggame sonder lig geen materiële skeppings nie, egter nie wat vir die wesens waarneembaar is nie, omdat alles daar voorhande is wat die wesens in hul donker toestand begeer. Vir hulle geestelike oë ontstaan ook aardse skeppings, want hulle wil, hulle verlange daarna, laat hierdie skeppings sigbaar word, egter sonder om materieel werklik teenwoordig te wees. En dit beteken vir die wese `n kwelling, om na iets te verlang wat nooit vatbaar of voelbaar is nie, maar dit slegs as beeld vir homself te hê. Daardeur word die verganklikheid van die aardse aan hulle duidelik gemaak, sodat hulle vanself leer om die begeerte daarna te oorkom, want sonder om dit te oorwin, kan hierdie wesens nooit die ligsfere binnegaan nie.

In die toestand van volmaaktheid is die skep en vormgee egter ietwat anders. Dit is geestelike skeppings, wat geen enkele verband met die begerenswaardige dinge op aarde het nie. Die verskillende hemelliggame is derhalwe verblyfplekke vir die siele van hulle wat op die aarde gesterf het met verskillende grade van volwassenheid. En daar bestaan miljoene en nogeens miljoene hemelliggame met verskillende ligsterkte, sodat elke siel waarlik `n blyplek sal vind wat ooreenstem met haar graad van volwassenheid, om haarself verder te kan ontwikkel, sodat slegs die wil van die wese maatgewend is of sy die weg omhoog in `n korter of langer tyd sal aflê. Die Heer laat geen wese val nie en gee haar steeds weer moontlikhede om haarself te ontwikkel, ook buite die aarde, dus in die hiernamaals.

Tog is die aardse lewe wat nie benut is nie, nooit heeltemal goed te maak nie, want slegs op die aarde kan die siel, as sy haar wil goed gebruik, `n toestand van volmaaktheid bereik wat haar die hoogste erfdeel van die hemelse Vader oplewer, naamlik die kindskap van die Heer. Daar is oneindig baie grade van geluksaligheid, wat die wesens deur hulle ontwikkelingsgang omhoog kan verwerf op die hemelliggame. Maar nimmer sal hulle die geluksaligheid kan geniet wat vir `n kind van die Heer berei is nie. Daartoe het die Heer die mens die aardse lewe gegee, dat hy, solank hy die vrye wil het en hom daardeur krag en genade in onmeetlike mate ter beskikking staan, die allerhoogste kan verwerf, naamlik die kindskap van die Heer, en wat hierdie Woord beteken, kan julle nie alles begryp nie. En tog moet julle, sonder om die betekenis daarvan te weet, deur die aardse lewe gaan, sodat julle in volledige vrye wil al op aarde die eenwording met die Heer sal nastreef, en dan eers die mees geluksalige skepsels in die ewigheid word.

Amen.

Trooswoorde

B.D. No. **1923**
18. Mei 1941

Verneem die woorde van troos: Bly moedig en sterk in verdriet, laat julle geloof nie wankel nie, neem julle toevlug tot gebed en dink nie dat julle verlaat is nie, al dreig daar ook `n wêreld om op julle ineen te stort. Die geloof versit berge en wat onmoontlik lyk, word moontlik deur `n vaste geloof en as julle in volle vertroue tot My om hulp roep, bly julle gebed nie onverhoord nie. Die lewensweg van elke mens is voorgeskryf, dus moet hy ook daarop gaan, omdat die ontwikkeling van sy siel daarvan afhang. Hy sou hierdie weg ook gewillig en graag gaan as hy op hoogte sou wees van die noodsaaklikheid daarvan en van die kwellinge in die hiernamaals, as hy die weg op aarde gespaar sou bly.

Dink daarom nooit aan die aardse lyding nie, want dit gaan verby. Dink aan die eindelose lang tyd in die ewigheid, wat heelwat smartliker sou wees, sonder die leed wat die mens op aarde te verdra het. En so, laat julle nie terneergedruk word deur leed en kommer nie, maar word daardeur sterker in die geloof in My, Wie julle liefhet en daarom in julle lewe dikwels pynlik moet ingryp om julle te red vir die ewigheid. Vergeet nooit dat Ek julle Vader, julle Vriend, julle Broer en Beskermer is nie. En lê My al julle node voor, skik julle gewillig en sonder teenstand volgens My leiding en julle sal waarlik

korrek gelei word. Laat julle nie pla deur vertwyfeling nie, plaas alleen die diep geloof daarteenoor en hoop, want My woord is waarheid en as Ek julle My hulp beloof, hoef julle nie meer te vrees nie.

Amen.

Instinkte van die vorige stadiums bepaal karakter

B.D. No. **1933a**
25. Mei 1941

Die huidige fase van die menslike bestaan is min of meer dieselfde as die toestand van die geestelike substansie in elke uiterlike vorm, naamlik dat die substansie altyd die opposisies wat die kragtigste binne homself is, sal beveg, dus moet die mens veg teen die bose instinkte in homself tydens sy aardse bestaan. Dit word besonder goed ontwikkel, hoe meer geleentheid die geestelike wese gehad het om homself tydens `n vorige stadium te geniet. Hierdie instinkte van die vorige stadiums het hul merk op die geestelike substansie gelaat, d.w.s. die mens moet veral vasberade veg teen sulke instinkte, terwyl die mens wat voorheen sy taak gewillig voltooi het en gevolglik reeds in `n bepaalde toestand van volwassenheid is, `n makliker lewe sal geniet.

Die wil om te dien bevry die substansie dienooreenkomstig, selfs terwyl sy nog omring is met `n vorm. En hierdie nou onderdanige substansie sal lewe in `n vorm wat uiterlik ook die wese se bereidwilligheid toon. Daarom kan die siel se graad van volwassenheid bepaal word deur die uiterlike vorm. In die beliggaming as `n menslike wese verenig slegs daardie sielesubstansies wat dieselfde aard het, maar die stryd op aarde sal ook dienooreenkomstig wees, want baie sielesubstansies verenig en beïnvloed die wese op dieselfde manier as wat dit in die vorige vorm gedoen het. Hoe gouer die wese kan leer om die tekortkominge te bowe te kom, hoe minder sal sy weerstand bied en kan reeds geduldig, gewillig en aktief word gedurende die vorige stadiums. Maar as sy aan `n instink binne-in haar vashou, sal sy ook moet ly as `n menslike wese en dit bepaal haar karakter.

Amen.

Oorerflikheid en aanleg

B.D. No. **1933b**
29. Mei 1941

Die aardse bestaan van die mens stem ooreen met sy natuur, d.w.s. aan sy siel kleef foute en gebreke waarvan hy hom moet bevry deur sy lewenswandel op aarde. Hierdie foute en gebreke is nie by alle mense dieselfde nie, omdat alle sielesubstansies voorheen in `n ander uiterlike vorm geleef het, waarin sekere substansies, goed of sleg, meer of minder sterk ontwikkel het. Gevolglik sal die mense ook in hul aard heeltemal verskillend wees en sodoende ook verskillende opvoedingsmiddele nodig hê, om dit wat goed in hulle is, te bevorder en om dit te oorwin wat gebrekkig of sleg genoem kan word.

Dit sou heel verkeerd wees om aan te neem dat alle siele dieselfde is tydens hulle beliggaming op aarde. Veeleer verskil hulle baie en die mens skryf hierdie verskille in aard toe aan oorerflikheid. Dit kan ook wel na buitentoe so lyk wanneer die kinders in hul aardse bestaan `n bepaalde (erflike) las op die koop toe moet neem en wel karakteristieke eienskappe van hul wese, wat sowel bevorderlik asook hinderlik kan wees om homself geestelik te ontwikkel, waarvoor hy egter nie tot verantwoording geroep kan word nie, omdat volgens hul motivering hul “genetiese samestelling” nie hulle eie fout is nie, dat daar dus in ooreenstemming daarmee ook meer krag nodig sal wees om hierdie aangebore foute te bestry en te oorwin.

Die mens moet teen al sy foute stry en aan homself werk om die volmaaktheid van sy siel te verwerf. En as besondere drifte in hom die oorhand het, moet dit vir hom duidelik wees dat die ouerlike aanleg nie die wese van die mens bepaal nie, maar dat die mens juis hierdie swakhede en foute uit die oneindig vele beliggaminge voor die stadium as mens, tot sy geaardheid laat word het, waarin die wese hom behaaglik voel en niks doen om hom te bevry van sulke foute en gebreke nie. Hy voel sy gebreke as `n goeie reg, omdat hy dit oorgeërf het en dit nie as sy skuld beskou nie.

En tog was dit sy eie vrye wil om homself vir die tyd van sy lewe op aarde aan te sluit by mense wat ooreenkom met sy aard. Juis hierdie mense met dieselfde aard het `n aantrekkingskrag gehad vir die siel wat haar probeer beliggaam en gevolglik praat die mense in die algemeen van oorerflikheid, ofskoon die liggaamlike ouers geen aandeel gehad het aan die aard van die siele vir wie hulle sorg moet dra gedurende hul tyd op aarde nie.

Daarom moet elke siel ook aan haarself werk om haar positief te ontwikkel. Dit kan nooit deur `n medemens, ook nie deur die liggaamlike ouers van haar oorgeneem word nie. Net so is die ouers onskuldig aan die aanleg van hul kinders, al lyk dit ook asof die kinders onder die erfenis van die ouers ly. Elke wese dra vir homself die verantwoording, hy moet slegs, solank hy in die sorg van sy ouers is, gewys word om aan homself te arbei, want die arbeid aan sy siel moet elke mens self volbring, omdat hy hom nie andersins kan bevry van sy sondeskuld van weleer nie.

Amen.

Wil - Genade (Teenwerping Filippense 2: 13)

B.D. No. **1937**
3. Junie 1941

Die geestelike stilstand sal kom, wanneer die wil van die mens te swak raak om struikelblokke te oorkom. Daar kan dan hoegenaamd geen suksesse geboek word nie. Alles is wel afhanklik van die genade van God, maar die mens moet sy deel doen om ryk beloon te kan word met genade. Hy moet wil en om krag vra, dan sal hy die weg omhoog kry. Daar bestaan geen manier wat die wil van die mens uitskakel nie en dus moet die wil eers aktief word. Daarvan kan die mens nie onthef word nie.

Sodra die genade van God as eerste bestempel word, sal die mens daarvan onthef word om sy wil aktief te laat word. En dit is `n dwaling wat weer verdere dwalings tot gevolg het. Tereg het die genade en barmhartigheid van God die mense vasgehou, wat hulle alle moontlikhede gee vir `n finale verlossing. Want dit is `n onvoorstelbare genade van God dat die mens sy weg oor die aarde mag aflê om weer by God uit te kom. Maar in die stadium van die vrye wil is slegs die vrye wil beslissend of daar verdere genade aan hom gestuur sal word al dan nie, omdat die aardse lewe andersins geen proeftydperk sou wees wat die mens moet verduur nie. God wil die suiwer waarheid na die aarde toe stuur. Dus moet Hy opheldering gee waar die mense dwaal of afgedwaal het. Hy moet regstel wat tot nou toe verkeerd verstaan is, want Hy wil die waarheid van die leuen skei. Stel die mens weerstand op teenoor die goddelike strewe om hom die waarheid te laat toekom, dan raak sy wil ook aktief, maar op `n God-vyandige manier en dit kan dan nooit in hom duidelik word nie.

God het die mens die vermoë gegee om te kan redeneer en `n vrye besluit te neem. Dit is weer die genade van God. Die vrye besluit is egter weer van die wil van die mens afhanklik, dus moet die mens wil hê dat die genade van God by hom werksaam sal word. Sy wil maak die hart oop, dat sy ontvanklik raak vir die genade van God en sy wil moet die genade van God ook gebruik. Hierdie duidelike insig laat die mens eers bewus word van sy verantwoording, terwyl die verkeerde opvatting tot nou toe, naamlik dat die mens tot niks in staat is sonder die goddelike genade nie en dat dit die wil van die mens daartoe bring om aktief te word en die drang om werksaam te wees in hom verlam. Daar sou dan ook nie van `n vrye wil van die mens gepraat kan word wanneer God self hierdie wil sou beïnvloed deur die oordrag van sy genade nie.

Die hulpmiddels staan die mens onbeperk ter beskikking, dus word dit vir hulle maklik gemaak om die wil werksaam te laat word, maar die laaste moet die mens uit eie beweging doen. Die eintlike doel van die lewe is die besluit in vrye wil vir of teen God. Gevolglik sal God nooit op hierdie besluit vooruitloop deurdat Hy die wil van die mens bepaal nie, want dan sou die doel van die aardse lewe gemis word.

En daarom word daar steeds weer boodskappe aan die mens gestuur, sodat hulle kan oplet en hulle kan losmaak van dit wat dwaling is, wat menslike voorstelling en menslike verduideliking tot `n dwaling laat word, sonder dat dit die bedoeling was om bewustelike dwaling te versprei. Maar

begryplikerwys weeg juis hierdie uitleg swaar, dat dit God Self is wat die mense tot wil beweeg, want dit lei hulle tot `n verkeerde denke. Nóg word die Godheid korrek gesien, nóg die verantwoordelikheidsbesef van die mens daardeur versterk. Hy vertrou uiteindelik net op die goddelike genade wat die mens hanteer na gelang van die goddelike wil wat na hom toestroom in soverre God die mens genade gee. Maar dan sou hy ook nie ter verantwoording geroep kan word wanneer hy die doel nie bereik wat aan hom gestel is aan die begin van sy beliggaming nie.

Slegs in die vrye wil is hierdie essensie te vinde. Wie egter die vrye wil van die mens bestry, beskou homself as `n marionette figuur wat voortdurend deur `n hoër mag gelei word, sonder om daarby self op een of ander wyse aktief te wees. God se Wysheid en Liefde skakel `n onvrye wil uit, anders sou die positiewe ontwikkeling van die menslike siel onmoontlik gewees het en die lang gang oor die aarde nie daarvoor nodig was as God se wil die kandidate vir die ryk van God sou uitsoek deurdat Hy hulle sy genade laat toekom en wat dan sy vasgehoue mense na die hemelryk lei.

Amen.

Wil - Genade - Insig (aanvulling op nr 1937)

B.D. No. **1939**
4. Junie 1941

Die gang deur die aardse bestaan is die enigste moontlikheid om die wese so ver te vorm dat hy in die stadium as mens vir God kan leer ken en dus in staat kan wees om vir homself iets wesenlik voor te stel en hom met hierdie Wese in verbinding te stel. Hierdie vermoë moet die wese nou ook gebruik om die verbinding met God tot stand te bring. Om te kan insien en te wil aanvaar, dit is die doel van die verblyf van die wese op die aarde. Die eerste is `n geskenk van God se genade. Maar die wese as mens moet self die Godheid wil aanvaar. Daarvan kan God hom nooit onthef nie, anders sal die doel van die aardse bestaan nagelaat wees, wat immers in die aktief word van die wil bestaan.

Maar die insien van die oorsprong en die bestemming laat die wil ook aktief word. Gevolglik is die genade van God wel indirek die mens behulpsaam, ook om te wil. Maar die kleinste weerstand hierteen maak dat die goddelike genade sonder uitwerking raak, en weerstand is `n verkeerde wil. Die wil sal homself steeds in die beliggaming as mens uiter, net dikwels andersom, d.w.s., in `n aan God teenoorgestelde sin, ofskoon alles wat die mens omgewe, getuig van `n goddelike Skepper en dit dus voldoende moet wees om ook die wil op die regte manier aktief te laat word.

Sou die genade van God hierdie wil ook kon rig na die goddelike ordening, dan sou die wêreld verlos gewees het, want daar sou dan waarlik geen wese meer bestaan het aan wie die goddelike liefde nie hierdie genade sou wou laat toekom nie. Dus sou alle mense gedurende hul lewe op aarde tot hierdie besef moes kom en alle mense sou moes aanstuur op God, óf anders sou die oorgrote liefde en barmhartigheid van God ontken moet word, soos Hy die een of ander wese sou laat val, die wesens dus nie daartoe sou bring om die regte ding te wil nie.

Daar ontstaan dikwels sulke verkeerde opvattings onder die mens, en dit is baie moeiliker om so `n dwaling uit die wêreld te help, as om dit in die wêreld te versprei. Maar om God te kan ken, moet die leuen, die dwaling, absoluut uitgeskakel word. Want `n verwarde denke van die mens dra nie daartoe by om die wil op God te rig nie. God moet as oneindig liefdevol, wys en almagtig erken word. Dan eers is die geloof teenwoordig, dan eers word die liefde vir hierdie hoogs volmaakte Wese aktief en vanuit hierdie liefde ook die liefde vir sy skepsels. Dan staan die mens uit eie beweging in die regte insig en die regte wil teenoor God en dan eers kan hy homself heeltemal bevry uit die gebonde toestand, wat die gevolg was van sy verkeerde wil.

Amen.

Sodra die mens God gekies het, het hy reeds sy aardse taak vervul, want van daardie oomblik af het hy die wil om God te dien en Sy gebooie te onderhou, selfs as is hierdie wil nog swak en die persoon nog dikwels oortree. Maar met sy begeerte om te voldoen aan die goddelike wil, het sy laaste weerstand teen God nietig geword, hy het sy oorsprong herken en begeer om terug te keer daarna en sy vrye besluit is geneem. Van nou af sal hy gesteun word deur kragte wat sy wil sal versterk en sy kennis verhoog, en aangesien hierdie kragte reeds een met God is, word hy gevolglik deur God Self in besit geneem en kan hy nie meer neerdaal in sy vorige sondeskuld, naamlik die sonde van rebellie teen God nie.

Hy het homself vrywillig oorhandig aan God en sal vir ewig lojaal bly aan Hom. Terugval sal onmoontlik wees, want die mens streef nou bewustelik na die doel van finale eenheid. En dan is elke uur op die aarde net `n saak van volwassewording, `n toename van lig en kennis, en dit manifesteer in groter dade van liefde, in verlossende liefde. Sodra die mens homself vrygemaak het van die vyand se wil, gaan hy voort met aktiewe werk van verlossing van sy medemens, alle ander aardse werk blyk nutteloos en betekenisloos te wees vir hom en al sy gedagtes en bedoelings is om sy medemens se siel te help. En slegs dan sal hy die mees waardevolle werk doen. Hy sal aansluit by die aktiwiteit van die ligwesens van die hiernamaals en sal op `n verlossende manier werk. Maar almal wat reeds deelneem aan die daad van verlossing op aarde, werk saam met God, vir Hom en sy wil, sowel as sy werk, sal geseën word. Hoewel dit dan groot barmhartigheid vereis, sal dit nogtans oorgedra word aan die persoon sodat hy daarna in staat sal wees om aan te gaan met elke taak wat aan hom gestel word. Om die siel te verlos, beteken dat die persoon se, tot hiertoe, duister toestand verander in lig. Geestelike duisternis is onkunde, lig is egter kennis.

Gevolglik moet daar aan die onverloste siele kennis gebied word, ten einde hulle in hierdie toestand van lig te plaas. Hierdie taak kan dus nie vervul word deur iemand wat nog nie self `n ligdraer is nie, selfs al het hy groot aardse kennis tot sy beskikking.

Die graad van wêreldse kennis van `n persoon wat verlossingswerk op aarde wil doen, is dus heeltemal onbelangrik. Die kennis wat hy wil oordra het niks in gemeen met wêreldse kennis nie. Daar word van hom verwag om goddelike Wysheid aan sy medemens oor te dra, maar dit kan slegs ontvang word deur `n persoon wat homself eers gevorm het op `n manier dat hy lig en krag van God kan aanvaar.

Dan sal hy waarlik `n arbeider in die wingerd van God wees, want hy sal probeer om `n braakveld in vrugbare grond te verander. Net so sal hy probeer om die siele ook ontvanklik te maak vir die krag vanaf God, hy sal poog om geestelike kennis aan hulle oor te dra en so die toestand van duisternis onder die mensdom verander in helder lig. En aangesien dit die uiteindelike doel is van die beliggaming op aarde, moet alles wat bydra tot die verspreiding van lig onder die mense, verstaanbaar, goed en reg wees. Dit is die rede waarom die besluit om hierdie groot taak te bereik, geseën sal word. Dit sal versterk en verlewendig word, sodat die persoon die taak wat hy homself opgelê het, kan bereik.

Die ligwesens in die hiernamaals word ook opdrag gegee om hul hulp te verleen waar dit nodig is, deur krag aan die persoon wat op die aarde is te gee en altyd sy gedagtes te rig op hierdie groot opdrag, sodat die aardse ligdraer nie moeg sal word vir sy werk nie, want die verlossing van die siel is die rede en doel van lewe op aarde. En God, in Sy Wysheid, ken elke persoon se geestelike toestand, Hy sal waarlik iemand wat verlossende werk wil doen, met Sy krag voorsien en barmhartigheid oor hom uitstort, want sy wil om met God verenig te wees, stel hom in staat om die soort werk op aarde te doen wat ooreenstem met die goddelike wil. Sy Gees sal deur hom vloei, en hom toerus met lig en krag, met kennis en mag, hy sal opgewasse wees vir sy finale aardse taak en siele bring na God, so sal hy in waarheid werk as `n arbeider in die wingerd van God.

Amen.

Stappe teen die Christelike geloof

B.D. No. **1950**
12. Junie 1941

Wie hom aan die Heer Jesus Christus in die volgende tyd toevertrou, hoef nie te vrees om verlaat te word wanneer hy deur probleme gekonfronteer word nie. Die mag van die teenstander het inderdaad nooit `n vernietigender invloed op gelowiges gehad as wat nou die geval is nie. Ongelooflike harde maatreëls sal die mense dwing om die Christelike geloof op te gee, vir sy ontkenning van Jesus Christus en vir sy goedkeuring van `n nuwe agenda, wat heeltemal verskillende leringe sal hê as die van Jesus Christus.

En baie sal deur hierdie maatreëls bereik word, tot so `n mate dat baie mense kennis van Hom sal verloor, as hulle hom nie dapper weerstaan, wat homself magtig ag nie. Daar is één wat baie magtiger is en hulle wat hulself aan Hom toevertrou, sal geen bekommernis hê nie. Die Heer sal hulle alles gee, hulle sal skerpsinnig en wys wees en met volle oortuiging spreek vir hul Heer waar nodig en hulle sal elke uitdaging kan weerstaan; want die gees van hom wat vir Christus veg sal wakker wees en in die uur van behoefte tot uiting kom.

Want selfs as alles wat aards is dreig om te vergaan, sal die Woord van God, wat Hyself aan die mense van die wêreld gegee het, ontwyfelbaar bly. Want het God nie gesê, “My Woord sal in alle ewigheid nie vergaan nie”. Terwille van die Woord sal `n stryd ontbrand, maar `n stryd wat niks te make het met wêreldgebeure nie. Dit is `n stryd uitsluitlik oor die erkenning van Jesus Christus. Hierdie stryd sal inderdaad ook offers verg, dog wie deur die goddelike genade versterk wil word, sal die krag ontvang om die offers gewillig te dra.

Hy sal vol ywer vir Jesus Christus opstaan en nie vrees nie en die gebeure onverskrokke trotseer. En die Heer het behoefte aan sulke mense, wat hulself vir Hom offer en altyd bereid is om Sy wil te doen, omdat dit `n moeilike tyd sal wees en volle toewyding sal vereis. Dit bring gebeure wat slegs deur geloof in Jesus Christus gedra kan word, wat ook die mens se siel help om volmaak te word en hom so die grootste beloning bring, want dit is slegs die mens wat in geloof verenig is met die goddelike Gees, wat hom sal laat onderrig en homself krag deur die Woord van God sal gee en hom herhaaldelik sal vermaan om aan sy Heer en Verlosser getrou te bly, wanneer die wêreld hom teenstaan en Hom uit die harte van mense wil dryf.

Amen.

Selfmoord - Lot in die hiernamaals

B.D. No. **1951**
13. Junie 1941

Die weg van die vlees moet tot die einde geneem word en elke wese moet ook die beliggaming as mens ervaar. Die voorafgaande aardse weg kan nie doelbewus verkort of onderbreek word nie. Maar in die stadium van vrye wil sal die mens sy vrye wil kan gebruik en daarom ook sy aardse lewe as mens willekeurig kan beëindig sonder om verhinder te word. Maar die gevolge van sulke inmenging in die goddelike wil is verskriklik. So `n persoon was nog onvolwasse, hy het nog niks herken nie, anders sou hy nie hierdie stap geneem het wat hom van `n groot seën beroof het om sy karakter te verbeter nie, sodat God Self sy lewe kon beëindig. Nietemin sal hy in die hiernamaals bewus raak van sy ellendige daad en sy selfverwyt sal onbeskryflik wees.

As dit die wil van God is om `n lewe te beëindig, ongeag of die persoon nog jonk is en nie gereed is vir die ewigheid is nie, dan sien God die noodsaak daarvan in en die beëindiging van die aardse lewe is `n daad van genade, óf om gevaar vir die siel te voorkom, óf om die siel `n geleentheid in die hiernamaals te bied om haar toestand van volmaaktheid in `n korter tyd te bereik. Die gedwonge beëindiging van die lewe is egter geestelik `n groot stap agteruit, want die siel is skielik sonder krag om haarself te verbeter en is afhanklik van die genade van die ligwesens of mense, d.w.s. as hulle nie gaan help nie, sal sy vir ewig op dieselfde vlak van onvolmaaktheid bly. Die siel sal dit eers in die hiernamaals moet besef en dit sal `n onbeskryflike toestand van selfverwyt teweegbring. Maar as die

siel gewillig is, sal sy elke geleentheid nuttig gebruik om behulpsaam te raak, maar haar stryd sal so moeilik wees dat dit nie met woorde beskyf kan word nie. By wyse van spreke, moet sy haar aardse lyding, waarvan sy wou ontsnap, in die hiernamaals bly dra; dieselfde dinge wat sy wou weggooi, bly nog aan haar vasklou en kwel haar geweldig.

Maar tog is God nie sonder genade nie, selfs nie vir `n siel wat Sy wil verontagsaam het nie, mits die siel nie heeltemal hardnekkig is nie. Na `n tyd, wat vir die siel blyk `n ewigheid te duur, sal sy ook take in die hiernamaals gegee word wat haar situasie sal verlig. En dan sal sy haar wil weer moet gebruik. As sy instem om lydende siele in die hiernamaals te help, sal sy spoedig `n duidelike verbetering in haar omstandighede opmerk. Maar dit kan eers na die tyd wees wat God vir haar aardse lewe aangewys het, dus het sy na alles nie met haar eie wil haar aardse weg verkort nie en moet nog in hierdie treurige toestand ly in die hiernamaals, wat sy op aarde ondraaglik gevind het, totdat God medelye aan hierdie siel toon.

So was haar inmenging in die goddelike wil heeltemal sinneloos; sy het haarself beroof van die genade om haarself op aarde te vervolmaak, maar het op geen manier die beproewing van haar aardse bestaan beëindig nie. Derhalwe is so `n siel bejammerenswaardig, want dit sal `n lang tyd neem totdat sy verlos is en die bewuswording dat sy die seën van God verwerp het, is vir so `n siel so kwellend, dat sy in `n droewige toestand in die hiernamaals verkeer. Sulke siele het veral behoefte aan die gebede van mense. Slegs die liefde van mense op aarde kan hul kwellinge verlig en hulle krag gee om hul lot te verbeter deur hulle wil te gebruik, in soverre as wat die siel in die hiernamaals bereid is om van diens te wees en daardeur, na `n blykbaar eindelose lang tyd haar liglose omgewing te verander, wat begryplik haar aandeel (lot?) moet wees, totdat sy deur die liefde en die genade van God gered word.

Amen.

Demoniese aktiwiteit - Noodsaaklikheid vir goddelike ingryping

B.D. No. **1960**
19. Junie 1941

Nog net `n klein tydjie, en julle sal die woorde onthou wat Ek op aarde gespreek het dat die wêreld in elke opsig chaoties sal word. Binnekort sal julle besef waarheen gevoelloosheid tussen mense sal lei. As julle nog `n vonk liefde in julle het, sal julle die teenstander se krag herken, wat almal tot konflik met mekaar aanhits. Sy aktiwiteit is demonies, en as `n resultaat tree mense ook demonies op in hul liefdeloosheid. En so sal Ek ingryp deur middel van skynbare wanorde wat die orde weer sal herstel, sodat die mensdom se werklike doel aan hulle duidelik gemaak kan word. Wanneer mense alles in hul dwaling vernietig, is so `n daad van vernietiging van bo af absoluut noodsaaklik, sodat die onreg duidelik geopenbaar sal word en die mensdom dit as sulks sal herken. En daar sal groot nood wees, en in hierdie benoudheid sal die mense se pleidooie opstyg tot die Vader in die hemel, wat die doel van My tussenkoms is, sodat mense My sal soek, sodat hulle My weer sal onthou en in My sal skuiling soek.

Want daar is geen ander manier om dit te bereik nie, slegs die felste teenspoed sal maak dat hulle hul weg na My neem, en slegs die felste teenspoed sal nog in staat wees om die mensdom te verander. Maar My gees sal met almal wees wat aan My getrou is. Hulle sal My herken in alles wat gebeur en getrou wag op My hulp, en hulle sal namens My praat en poog om aan hul medemens hul lewensfoute te verduidelik en sal hulle na My verwys. En dan, afhangende van hul houding teenoor My, sal Ek ook sorg vir hulle harte, en waar `n vroom gedagte na My opstyg, sal Ek troos en hulp stuur. Ek sal My Liefde uitgiet oor almal wat hul foute erken en My smekend aanroep, want Ek is lief vir My lewende skeppings en wil hulle slegs red van die grootste gevaar, van `n gevaar wat die aardse lyding wat hulle sal teëkom, ver sal oorskry. En Ek sal My gees op almal uitstort wat bereid is om My van diens te wees, sodat hulle in staat sal wees om hul taak te doen en nie wankel in hul geloof wanneer die tyd van benoudheid aanbreek nie.

Amen.

Innerlike stem - Gedagte - Daad

B.D. No. **2020**
8. Augustus 1941

Dit waarteen die mees innerlike van die mens hom verweer, wanneer die wil om God te dien hom daartoe bring om te dink en te handel, stem nie altyd ooreen met die wil van God nie. Die mens word blootgestel aan die mees veelsoortige pogings vanaf die kant van die teenstander. Hy gebruik elke swakheid van wil om die mens skade te berokken. Maar `n mens wat God toegedaan is, sal ook die fynste opwelling voel wat teen Sy wil gerig is. En daarom sal dit, wat vir die mens in die diepste van sy hart positief is, altyd korrek wees, en dit wat hom onbehae inboesem en wat daarteenoor staan, verkeerd. Selfs dit wat dienstig is vir die welbehae van die liggaam, sal `n sagte onrus in hom wakkermaak, vir sover dit nie met die goddelike wil strook nie, maar met die wil van die teenstander. En daarom moet die mens agslaan op die sagte stem in sy hart en steeds daarna luister. Elke handeling het sy oorsprong in die gedagtes. En `n gedagte is die inwerking van goeie of slegte kragte op die mens. Die gedagte is `n geestelike toevloei van die mag aan wie die mens hom oorgee. En uit die gedagte volg, met gebruikmaking van die krag uit God, die daad.

Word die korrekte gedagte aan die mens oorgedra, d.w.s. neem hy dit in ontvangs wat deur goeie wesens oorgedra word, dan kan die mens nie anders as om hierdie gedagtes te laat realiseer nie, deurdat hy die krag wat in hom aanwesig is, sal gebruik en sy wil aktief maak. Hoe minder weerstand goeie geestelike kragte by die mens ondervind, des te vlytiger raak die mens in sy werke en des te meer gedagtes sal hy benut. En dit is onvermoeide werk, dit is om onophoudelik besig te wees. En wanneer die mens hierdie goeie gedagtes op hom laat inwerk, luister hy na die goeie geestelike wesens, en dan kan hy ook maar net goeie dade verrig.

Maar gewetenlose mense neem ook dit aan wat deur bose kragte oorgedra word. En hulle laat hul wil dan ook aktief word, deurdat hulle bose dade pleeg. Maar hulle word nie daarin gehinder nie en as hulle nie luister na die innerlike stem nie, dan sal elke poging van die goeie wesens ook tevergeefs wees. Hulle invloed sal minimaal wees en gevolglik trek hulle hulleself solank van hierdie mens terug, totdat die mens uit eie beweging weer vir God soek en Hy Hom ook deur hom laat vind. Indien die mens se strewe na voltooiing groot is, dan sal hy ook die innerlike stem herken wat hom korrek sal aanmaan en bespeur hy dan ook wat hy moet verwerp, want God gee die korrekte insig aan die mens wat op Hom aanstuur. En hy hoef slegs ag te slaan op die mees innerlike stem in homself, want hy sal reg gewys word, vir nou en vir altyd.

Amen.

Katastrofe - Vervulling van die Skrif - God se liefde vir die mense

B.D. No. **2033**
17. Augustus 1941

Slegs weinig mense skenk aandag aan die tekens van die tyd, maar hierdie weinig weet dat die tyd aangebreek het wat Jesus geopenbaar het, want dit sal gebeur, soos wat geskrywe is, en hulle besef dat elke tydperk vanaf die ewigheid vooraf bepaal is, Daar is geen twyfel dat `n vreeslike ramp oor die aarde sal kom nie, God se liefde is oneindig en so is Sy barmhartigheid, en alles wat oor die aarde sal kom, is slegs gegrond op Sy liefde. Want sonder hierdie gebeure sou die mensdom gedoem wees. God weet van die baie misleide mense, van hul verkeerde wil, van hulle gevoelloosheid,

Hy weet dat die mensdom in `n toestand ver verwyderd van God is, en Hy het medelye met hulle geestelike ontbering. Hy het geen ander doel as om hierdie ellendige toestand van die mensdom te verander nie, om dit reg te stel en om mense te red van uiterste nood. En Hy het die mensdom se nood voorsien en gedurende die tyd wat Hy op aarde geleef het, aangekondig wat Sy liefde en barmhartigheid aan die mense sal skenk om hulle te red. Maar die mense kan nie en wil nie glo nie, want hulle erken God nie meer nie, maar instede lag en spot hulle en in plaas daarvan om selfondersoek te doen, gaan hulle maar voort op die weg wat lei tot `n ramp.

Die tyd sal kom wanneer die omvang van benoudheid groot sal wees, wanneer die elemente van die natuur so sal woed dat mense nie in staat sal wees om dink en aksies te neem nie, maar daar is geen

ander moontlikheid vir die mense om hulle swakheid te herken nie. Daar is geen manier wat die mensdom kan oorreed om na God te keer sonder sulke lyding nie, en indien hulle nie heeltemal wil verdwaal nie, moet hulle hierdie gebeurtenis aanvaar wat vir ewig voorafbepaal is en dit sal gebeur soos wat die Heer dit verkondig het.

Amen.

Uitverkiesingsleer

B.D. No. **2034**
18. Augustus 1941

Die uitverkiesingsleer moet beslissend uitgeklaar word as mense nie in verkeerde denke geforseer word en heeltemal mislei word nie. Dit is `n werklike gevaar vir mense wat aanvaar wat hulle as `n godsdienstige dogma aangebied word, sonder om ernstig daaroor te besin. Hierdie onderrig vernietig elke impuls in die mens, en deur die onderdrukking van die strewe na bo, word die mens onaktief en gee homself heeltemal oor aan die aksies van die kragte wat nou mag oor hom het. Die persoon sal dan niks doen om hierdie voor die hand liggende traagheid op te los nie, omdat hy glo dat God se barmhartigheid aan hom openbaar sal word wanneer Hy dit wil. Hierdie aanname is `n bewys van sy ongeloof in God se oneindige liefde en barmhartigheid, dit is `n beoordeling van die Ewige Godheid volgens menslike begrip, want dit maak die afleiding dat God se liefde afhang van die waarde of waardeloosheid van die persoon.

God se barmhartigheid sluit alle mense in, en die goddelike liefde is slegs ondoeltreffend waar die mens se wil weerstand bied, want hy wil altyd hierdie wil na homself draai. God is sekerlik bly wanneer mense na Hom vra, wie se wil hom dus in staat stel om barmhartigheid te ontvang. Maar Sy sorg en liefde is altyd besig met diegene wat nog nie in besit geneem wil word deur Sy liefde nie. Hoe dit ookal sy, dit sou egter heeltemal verkeerd wees om te aanvaar dat God se geskenk van barmhartigheid willekeurig gegee word. Dat om dit te ontvang, nie deur die mens voorkom kan word, of aangemoedig kan word nie. Dit sou heeltemal verkeerd wees om menslike beperkings te gebruik met betrekking tot die gee van God se liefde, dit wil sê deur die veronderstelling dat dit afhang van God se behae in die persoon. In daardie geval sou die mens `n droewige skepsel gewees het, want hy is in `n onvolmaakte toestand van volwassenheid wat God se welwillendheid wil uitsluit, hy is nog steeds sondig, dit wil sê, sy wil strewe nog steeds nie na God nie.

God se welwillendheid word nie gewek totdat die wil na Hom keer nie, en dit motiveer God om Sy barmhartigheid in oorvloed vir die mens te gee. Maar God sal nooit Sy barmhartigheid verleen aan `n mens wie se innerlike wil nog in opposisie teen Hom is nie. `n Persoon kan God inderdaad openlik teenstaan, maar sy siel kan God tog begeer, in welke geval die magte van die onderwêreld hom sterk sal beïnvloed om teen God in opstand te kom, en die goddelike barmhartigheid sal hom help om hierdie kragte te oorwin. Dit word ongetwyfeld veroorsaak deur goddelike barmhartigheid, dit het die persoon gehelp wie se hart God begeer.

`n Mens wat goddelike barmhartigheid ontvang sonder sy wil, of in opposisie teen sy wil, sou dan `n uitverkore wese moet wees, hy sou deur middel van barmhartigheid volwasse moet word. Maar sodanige volwassenheid sluit die vrye wil uit en sal daarom nooit tot volmaaktheid lei nie.

Amen.

Verstandelike aktiwiteit (a)

B.D. No. **2039a**
21. Augustus 1941

`n Suiwer geestelike ontvangs produseer suiwer geestelike resultate, dus die wil om geestelike kennis te aanvaar, moet die oordrag daarvan voorafgaan deur die kragte wat dit gee. Dit is dus `n versoek om voordelige geestelike krag, bewustelik of onbewustelik, -bewustelik deur gebed om lig, -onbewustelik deur vrae gestel deur `n persoon wat aan geestelike sake raak en wat gevolglik beantwoord word deur kundige geestelike wesens. As die mens egter meer in kontak is met die aarde, dit is indien hy duidelikheid verlang oor suiwer aardse dinge, kan hy die antwoord op `n

uitsluitlik intellektuele manier aan homself gee. Die intellek is ook `n gawe van God, maar dit kan nie vergelyk word met die geestelike aktiwiteite deur die kragte in die hiernamaals nie, wat in `n toestand van volmaaktheid is en net God se vloei van krag deurstuur, want wat hulle oordra, is `n diepe besef en die kennis van geestelike dinge wat die intellek as sodanig nooit in staat sou wees om vas te stel nie.

Aardse vrae kan egter ten volle opgelos word wanneer die krag van God aktief word, wat na elke lewende wese vloei en wat selfs die persoon wat geen geestelike vrae het nie, mag besit. Gevolglik kan die geestelike kennis van elke aardse strewende persoon baie uitgebreid wees en tog nie lig vir hom beteken nie. Want hierdie kennis sal uitgewis word op die oomblik van dood, terwyl die uitsendings van die geestelike koninkryk die eiendom van elke siel bly, want dit is `n ewige kennis, dus die suiwerste geestelike krag, wat deur God deur bemiddelaars na die aarde gestuur word. Die beste bewyse hiervoor is die feit dat sulke wysheid aangebied word vir mense sonder verstandelike aktiwiteit, terwyl die aardse oplossings sonder uitsondering verstandelike werk vereis, dus deur gebruik te maak van die energie van lewe van God.

Amen.

Verstandelike aktiwiteit (b)

B.D. No. **2039b**
21. Augustus 1941

Die mens kan nie gedwing word om met geestelike magte in kontak te kom nie, want dit is `n doelbewuste daad van die vrye wil. Gevolglik moet hy ook die geleentheid hê om verstandelik aktief te wees, as hy nie `n verbinding kan maak met kundige magte nie, maar in daardie geval is sy aktiwiteit beperk, in soverre hy slegs aardse vrae sal kan oplos. Dan sal slegs sy fisiese organisme aktief wees, hy sal dus die lewensenergie wat na hom vloei heeltemal onafhanklik gebruik van die ondersteuning van die anderkant, solank as wat hy nie `n beroep daarvoor op hierdie kragte doen nie. Die gedagtes wat die persoon nou dink, het glad geen geestelike waarde nie, dus geen ewigheidswaarde nie, dit is nie geestelik nie, maar aards, d.w.s. verbygaande kennis. Maar geestelike aktiwiteit kan ook aan probleme raak wat buite die wêreldse dinge is, maar die mens, as gevolg van sy wil en sy houding teenoor God, weerstaan die invloed van kundige wesens van die anderkant, gevolglik sal sy gedagtes die waarheid heeltemal weerspreek. Dus sal die geestelike magte slegs hulself uitdruk wanneer versoek word deur die mens se wil. Maar te alle tye is geestelike magte aan die werk wanneer geestelike vrae geopper word, terwyl aardse vrae slegs die lewenskrag nodig het wat na hom vloei, selfs al glo die persoon dat sy intellektuele denke altyd elke probleem oplos.

Onkundige - of leuenkragte sal beslis die persoon laat glo dat hy die resultaat op `n suiwer intellektuele wyse verkry het, want dit is hul voorneme om alle geestelike aktiwiteit te ontken, om ook die geloof in goddelike werking te vernietig. Gevolglik beskou die mens homself as die skepper van elke gedagte, en die kragte wat hom ondersteun, sal hierdie mening aanmoedig. Slegs `n persoon wat na God streef, verstaan die aard van denke. Hy voel die strome wat na hom vloei vanaf die koninkryk van die lig. Hy laat hom gewillig beïnvloed deur die goeie geestelike magte. En daarom sal slegs die persoon wat na God streef die waarheid ken, want wat na hom vloei in die vorm van gedagtes, is van God, naamlik die suiwerste waarheid wat volgens Sy wil deur die draers van lig aan die mens oorgedra word, want God is die Waarheid self.

Amen.

God se toestemming - Menslike vrye wil

B.D. No. **2044**
26. Augustus 1941

Menslike vrye wil is die rede vir alles wat mense aan mekaar doen, wat so dikwels onuitspreeklike lyding veroorsaak en tog word dit deur God toegelaat, alhoewel Sy Almag dit kan voorkom, maar dit sou `n beperking van die vrye wil wees as die mens verhoed sou word om te doen wat hy wil. As God sy vrye wil wegneem, sal die mens weer in `n toestand van dwang geplaas

word. Dit sou onmoontlik wees vir hom om sy vrye wil te toets tydens sy lewenstydperk op die aarde. `n Mens moet in staat wees om te bereik wat hy van voorneme is om te doen, eers dan kan dit gesê word dat hy die middele van selfbeskikking het tydens sy lewe op aarde. Slegs wanneer die effek van die vrye wil, in `n slegte sin, gerig word teen mense wat bewustelik `n verhouding met God het en wat tot Hom bid vir beskerming, sal God verhoed dat hulle benadeel word deur `n slegte wil, maar dan word die slegte wil beoordeel as `n voldonge daad.

Op die oomblik is `n eindelose aantal mense onderhewig aan dieselfde slegte wil, dus deel hulle ook die verantwoordelikheid vir die lyding van die tyd, indien hulle die aksies goedkeur wat die gevolg is daarvan. Hulle sal nie vry wees van skuld nie, totdat hulle die bose dade verwerp. Goedkeuring van `n bose daad maak hulle gedeeltelik verantwoordelik vir die lyding wat daaruit voortspruit. Maar wat baie mense as reg beskou, terwyl dit die grootste onreg is, sal nie deur God herroep word nie, want mense moet hul verkeerde dade self verstaan, of hulle sal dit weer doen sonder om dit as verkeerd te herken. Maar dit beteken nie dat God se geregtigheid nie sal ingryp wanneer die mensdom se aktiwiteit so groot word dat die mensdom self in gevaar kom nie. Maar selfs hierdie ingryping is om mense se vrye wil weer aktief te maak, en in die lig van die groot lyding, na die goeie te keer, sodat die mens nou uit eie vrye wil daarna sal streef om op te maak vir wat hy as gevolg van sy vorige goedkeuring, hetsy direk of indirek, self veroorsaak het. God moet die mensdom se optrede toelaat, Hy wil nie die wil van `n mens vasstel voordat hy nie sy eie vrye besluit kan maak nie. Maar wanneer hy uiteindelik besluit het, sal God die effekte verminder waar nodig en toelaat, sonder om te meng met die vrye wil van die mens.

Amen.

Louheid - Wilswakte - verslap in die gebed

B.D. No. **2045**
27. Augustus 1941

Hoe louer die mens is, des te sterker invloed het hy te vrees van die kant van die vyand. Hy bied dan nóg weerstand, nóg probeer hy die krag van God te verkry. En dus loop hy die grootste gevaar om swak te word en te beswyk. Hy moet homself steeds voor oë hou dat die klim omhoog moeisaam is en dat `n verswakking van sy wilskrag heel maklik `n agteruitgang tot gevolg kan hê en dit weer kragsinspanning sal verg om oorkom te word. Die vyand is waaksaam en hy laat geen oomblik van swakheid van die mens by hom verbygaan nie. Maar net so moet die mens ook waaksaam wees, sodat hy sy siel nie aan gevaar blootstel om deur die teenstander in die noue gebring te word nie. En hoe swakker hy voel, des te yweriger moet hy bid vir krag.

Maar as hy ook in gebed lou begin word, dan word die mag van die teenstander groot oor hom en dan kan die stryd teen hierdie mag nie vir hom gespaar bly nie. Daar is wel geestelike wesens wat sal hom bystaan, maar daar moet om hulle hulp gevra word, omdat hulle nie werksaam kan word sonder om aangeroep te word nie. En die mens laat in oomblikke van wilswakte dikwels ook hierdie aanroep agterweë en dan word hy onbeskermd oorgelewer aan die mag van die teenstander en moet hy die stryd self teen hom uitveg, wat dikwels baie moeilik is. En dit is die verslapping in gebed wat sy wilskrag verlam.

Hoe meer dikwels en inniger die mens homself met God verbind, des te minder sal hy aan die invloede van die vyand oorgelewer word, want beide die krag uit God en die mag van die teenstander, kan nie gelyktydig `n uitwerking hê nie. Maar steeds is die krag uit God sterker en weer dit elke werksaamheid van die bose kragte af. In ure van nood, van louheid en wilswakte, is `n innige aanroep tot goeie wesens om ondersteuning voldoende en word die werksaamheid van die anderkant al tot halt geroep. Slegs die wil van die goeie moet nog in die mens teenwoordig wees, dan sal ook die innigheid van die gebed spoedig weer toeneem en sal die mens die gevaar ontkom.

Amen.

Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien - Mat.5:8

B.D. No. **2046**
28. Augustus 1941

In die reinheid van die hart lê die sekerheid dat die mens hom in die waarheid bevind. Wie boosheid doen, dink ook boos, wie egter sy bes doen om skoon en rein te bly voor God, sy denke sal ook dienooreenkomstig wees. Die mens wat suiwer van hart is, sal ook alles verafsku wat teen die goddelike gerig is, hy sal in die diepte van sy hart kan dring, omdat geen onsuiwerheid hom belet nie en ook sal die wysheid in hom opstyg, omdat hy geen hindernis ondervind nie.

En elkeen wat in en met God leef, sal suiwer van hart wees, wat met Hom verbind bly, wat sy lewe bewustelik leef, d.w.s. wat sy taak op aarde insien en hom aan God oorgee en steeds sy bes doen om Sy Wil te vervul. Hy sal sonder God nie meer wil en kan lewe nie en alle onsuiwer gedagtes sal ver van hom bly, hy sal, as hy sou verswak, vir God innig om vergewing vra, omdat sy hart die onreg insien en dit dus nie bewustelik sal wil doen nie. Hy sal hom inspan om die ware weg te gaan en God om krag en genade vra.

Die suiwerheid van die hart moet dus ook tot gevolg hê dat die mens korrek dink, want omdat die hart die houer is wat waarheid uit God opneem, as die mens sy bes doen om dit rein en waardig te ontvang, te vorm en te behou, sal geen onwaarheid meer daarin geduld word nie, dit sal verafsku word, soos al die onsuiwer en daarom afgewys word, omdat die mens wat suiwer van hart is, altyd na die waarheid sal verlang. En verlange na waarheid is ook insig. Verlange na waarheid is ook verlange na God, Wie die Waarheid Self is. Verlange na God skakel die werksaamheid van die vyandige mag uit.

Wie rein van hart is, herken die leuen, gevolglik kan hy ook nie meer op `n dwaalspoor gebring word nie, d.w.s. uit onwetendheid iets as waarheid aanneem wat daarmee in stryd is nie. Hy sal dit afwys, selfs wanneer hy dit nie met sy verstand kan beredeneer nie, dog sy hart verweer hom egter, omdat sy deur die suiwerheid `n uiterste ontvanklike gevoel en vermoë het om geestelike goed te beoordeel wat probeer binnekom.

Onsuiwer gedagtes en handelinge stomp die vermoë van die hart af om aan te voel en daarom sal diegene wat die wêreld en sy vreugde voorstaan, ook nie die waarheid besit nie, want die verlange daarna het ook gedagtes en begeertes tot gevolg wat nie uitsluitlik tot God is nie, maar na hom wie se ryk die wêreld is. En hierdie gedagtes sal nie suiwer en rein wees nie, dit sal drifte wek en bevorder wat die mens moet oorwin wat `n gevaar is vir die reinheid van hart en wat `n hindernis is om suiwere waarheid uit God te ontvang. Maar diegene wie die waarheid het nie, het ook nie die lig nie en hulle sal nie die weg vind wat na God lei nie.

Amen.

Drie-Eenheid

B.D. No. **2056**
3. September 1941

Die leer van die drie-eenheid van God het al aanleiding gegee tot die grootste versplintering onder die gelowiges en sal voortdurend `n bron van ergernis wees, solank as wat die waarheid nie na julle gebring word en aanneemlik aangebied word vir die mense nie.

Geestelike duisternis het dit laat ontstaan, geestelike duisternis het `n uitleg bedink van die woorde “Vader, Seun en Heilige Gees”, wat die denke van die mense in verwarring gebring het. Dit is ook `n geloofsleerstelling wat onvoorwaardelik aangeneem moes word, omdat die mens wat daaroor nadink, nie tot `n bevredigende oplossing kon kom nie en dit dus beslis sou moes verwerp. En dit was teëgegaan deurdat die aanneem van die geloofsleerstelling onder dwang geëis was. Die leerstelling van `n God in drie persone is vir elke regdenkende mens onaanvaarbaar.

Om God as `n Wese voor te stel, is vir die mens nie moontlik nie, want `n Wese gee hom die idee van `n vaste vorm, daarsonder is dit vir hom onbegryplik. Sodra die mens die Godheid vir hom as `n

persoon voorstel, gee hy die vorm `n gedaante. Dit is in ooreenstemming met die begripsvermoë van die mens, maar wyk tog heeltemal af van die waarheid.

Om `n lering te formuleer van `n Godheid in drie persone is slegs geskik om die goddelike Wese te verswak en deur `n menslik begrensde voorstelling `n vals beeld te skep van `n ewige Godheid. Die begrip van die Drie-Eenheid van God is slegs daarin te verklaar waar die voorwaarde om dit te begryp, gegee word deur die wil om die goddelike wysheid te deurgrond deur geloof en liefde.

Mense wat nie diepgelowig is nie, wat nie in die liefde lewe nie, sal die begrip alleen suiwer verstandelik wil ontleed en dit kan nie tot die waarheid lei nie en daar kan geen resultaat tot stand kom wat naby aan die waarheid is nie. Baie raak vir die gelowige mens egter begryplik, omdat hy d.m.v. gedagtes onderrig word vanuit die geesteryk. Geloof en liefde is die voorwaarde tot die kennis oor God se Liefde en Wysheid, oor God se werksaamheid en bestuur. Dit is verder ook die voorwaarde om die waarheid te ontvang.

Dus word hulle ook ooreenkomstig die waarheid op hoogte gebring van die Liefde van God, Wie alles wat is laat ontstaan het. Hulle word onderrig oor die samehang van alle dinge, die allereerste begin, die sin en die doel van diegene wat is en daardeur sien hulle die oneindige Wysheid van God. Hulle word in kennis gestel van die Krag wat alles deurstroom, van die Almag van God, van Sy Wil, wat ononderbroke aktief is en van die samehang van elke skepping met hierdie Krag. Die gelowige, liefdadige mens gryp al hierdie wysheid, want as hy gelowig is en liefde beoefen, stroom die goddelike Gees deur hom heen, d.w.s. hy neem die krag uit God regstreeks in ontvangs en hy word daardeur siende en wetende. Dus sal hy nou ook begryp dat die misterie van die ewige Godheid maar net deurgrond kan word as God Self deur Sy krag in die mens werksaam kan wees, want iets geesteliks kan maar net geestelik begryp word. God is Gees en die krag uit God is ook geestelik. Stroom hierdie nou die mens toe, dan kan hy ook binnedring in andersins ondeurgrondelik gebied, want dan is dit nie die mens wat die vraagstuk oplos nie, maar die Gees uit God in die mens. Maar vir die mens wat slegs met sy verstand dink, sal die geheim van die Wese van die ewige Godheid `n geheim bly. En so was ook die leer van die drie-eenheid deur die menslike verstand uitgelê en het die leerstelling van `n God in drie persone ontstaan.

God kan nooit as `n persoon voorgestel word nie, Hy kan alleen in die gedaante van Jesus Christus vir die mens aanskoulik gemaak word, sodat die mense op aarde daardeur vir hulself `n voorstelling van God kan maak as hulle Jesus Christus in alle glorie in die gees beskou. Die ewige Godheid is Liefde, Wysheid en Krag. Die Liefde is die Verwekker van alles wat is en is die Vader van alles, die Oerkrag sonder Wie niks sou kan bestaan wat is nie. Uit die Liefde het alles voortgekom en alles moet weer tot liefde word wat hulle daarvan afgewend het.

Die Liefde is God Self. En wat uit die Liefde voortgekom het, gee bewys van Sy Wysheid. Die Liefde is God Self, Sy skeppings en alles wat uit Hom ontstaan het, getuig van Sy Wysheid en dus is, wat uit die Vader is, Sy Seun. - En God se Wil, Sy Krag wat alles laat ontstaan, dit is is Sy Gees. God die Vader, God die Seun en God die heilige Gees is in Hom die Wese van die ewige Godheid - Liefde en Wysheid en die Krag van Sy Wil.

“Die goddelike Liefdeswil het vorm aangeneem”, hierdie woorde het dieselfde betekenis as “Vader, Seun en heilige Gees”. Want die Liefde van God het die Wil aktief laat word en geskep. God se Liefde en Gees het Hom beliggaam as Wysheid. Die Gees van God het die Seun uit die Vader laat voortkom. Wie gelowig is en in die liefde leef, sal hierdie wysheid begryp en vir hulle is die Drie-Eenheid van God opgelos.

Maar in welke dwaling verkeer die mense nie by wie dit aan geloof en liefde ontbreek nie en dit tog as `n leerstelling van die geloof aangeneem het, wat selfs vir die knapste wyses onaanvaarbaar bly.

Want wie vir hom `n godheid gebonde aan persone voorstel, by hom ontbreek alle geestelike kennis nog. Hy gebruik iets suiwer aards vir geestelike wesens, wat heeltemal verdwyn in die geesteryk.

Die voorstelling van `n Godheid in drie persone is misleidend, ofskoon die toevoeging gebruik word: “hulle is een”. Die mens word in `n verwarde denke gebring sodra hy dit waag om daaroor na te dink.

Dit is egter vir die mens, van die kant van God af, nie verbode om daaroor na te dink nie. God wil duidelikheid aan hom verskaf en dit is nie Sy Wil dat hy in blindheid deur menslike invloede voortgaan nie, hy moet slegs die ware weg kies wat na insig lei.

En hulle wat self onwetend is en wat hul onvermoë om geestelike kennis in ontvangs te neem, probeer kompenseer deur verstandelike denke en verstandelike opgestelde leerstellings, is waarlik nie geroepe om ander te onderrig nie. God is Gees en Hy kan alleen geestelik deurgrond word.

Amen.

Oortreding van die goddelike gebooie - Sonde - Gebondenheid

B.D. No. **2059**
6. September 1941

Sonde is om in stryd op te tree teen die goddelike gebooie, want dit vergroot die verwydering van God in soverre, dat Hy nie daar kan wees waar liefdeloosheid heers nie. Alles wat teen die gebod van die liefde ingaan, sal ook `n verkoeling van die goddelike Liefde tot gevolg hê en dus die geeswese self skade berokken, omdat hy daardeur in `n steeds onvryer toestand beland.

By `n mens is die uitwerking van hierdie toestand so dat die mag van die teenstander van God oor hom steeds groter word, dat hy deur hom onder sy wil gedwing word, dat sy denke en handeling steeds so sal bly soos wat hy dit wil, dus steeds teenoorgesteld aan God. En dit is onvoorstelbaar smartlik vir die siel, want sy is nog so ver van haar uiteindelike bevryding af; sy neem die gekluisterde toestand saam in die geesteryk in. Want slegs liefde kan die wese verlos, gevolglik moet die liefdeloosheid vasgebind word. En wie dus liefdeloos is teenoor sy naaste, handel in stryd met die gebod van die liefde en sal daarom nooit vrykom uit die gebondenheid wat die opstand van weleer teen God aan hom gebring het nie.

Daarom het God die mense die gebod van die liefde gegee, wat hulle maar net hoef te doen om daardeur nader aan God te kom en as `n geluksalige wese die geesteryk binne te kan gaan. Die mens kan sondig teen die gebod van die liefde, deurdat hy teen die goddelike liefdesleer handel, of ook handelinge agterweë laat wat uiting gee aan liefde tot die naaste. Die mens moet die naaste nie net behoed teen skade nie, hy moet hom van nut wees, d.w.s., hom alles laat toekom wat vir hom voordelig lyk, dan eers word die verbinding met God tot stand gebring; want na `n liefdevolle mens daal God Self neer en keur hom “Sy nabyheid” waardig.

En dit beteken vir hom geestelike vryheid. Die mens bevry homself uit die mag van die vyand, want die krag van God, wat deur Sy nabyheid oorvloei in die mens in, is sterker as die krag van die teenstander van God. En die mens wat homself deur werke van liefde verbind met die ewige Liefde Self sal dan altyd oorwinnaar bly.

By hom sal die kluistering verbreek word en hy sal vrykom van alle dwang wat die teenstander van God op hom wil uitoefen.

Die gebooie van die liefde kan nie verontagsaam word nie, want dit is die middel wat verlos uit die eindelose lang tyd van kluistering. En dit beteken terselfdertyd die brug wat ons met God verbind. Want wie werksaam is in onselfsugtige liefde, kom daardeur steeds nader aan God en hy oorwin alle verwydering van Hom. Hy vervul die eise van God en sal ook die loon van God in ontvangs mag neem wat daarin bestaan dat God Hom met diegene verenig wat Hom in liefde dien, d.w.s. wie in sy medemens ook skepsels van God sien, aan wie hy goed wil doen. Slegs die onbaatsugtige werksaamheid in liefde het die ewige geluksaligheid tot gevolg, soos omgekeerd die gevolg van liefdeloosheid die verdoemenis is en alles wat ingaan teen God of Sy gebooie, `n onreg is voor God, dus sonde.

Amen.

Siele van die oorledenes naby aan die aarde

B.D. No. **2075**
17. September 1941

Solank as wat die siele van die oorledenes nog steeds dink aan aardse besittings en plesier en dit bly begeer, sal hulle in die nabyheid van die aarde bly. Deur hulle verlange is hulle verbind met alles wat hulle begeer en sal altyd naby daaraan bly. Selfs in die hiernamaals kan hulle hulself nie maklik losmaak van dit wat hulle op die aarde liefgehad het nie, met die gevolg dat hulle dit moeilik vind om in die hiernamaals na bo te streef. Geestelik volwassewording word betwyfel, terwyl aardse begeertes nog steeds die siel boei, want begeerte sluit oor die algemeen “om te gee” uit, totdat die siel geestelike voedsel begeer. Met ontvangs hiervan sal haar drang om te gee ook ontwaak of verhoog. Maar as sy nog nie ontvanklik is vir geestelike voedsel nie, sal dit nie vir die siel aangebied word nie, want dan het sy haarself nog nie heeltemal geskei van die aarde nie en sal nooit die waarde kan herken van wat in die geestelike koninkryk as kosbaarste besitting verlang word nie. Maar die begeerte na aardse besittings toon `n gebrek aan volwassenheid van die siel, en daarom is die aarde omring deur talle siele in `n onvoldoende toestand van volwassenheid, wat hulself nie kan losmaak van wat vir hulle geliefd en wenslik lyk in die aardse lewe nie.

Sulke siele kan slegs gehelp word deur gebed, want `n liefdevolle gebed laat hulle iets voel wat hulle tot dan nie gevoel het nie, hulle ontvang `n stroom van geestelike krag, wat iets heeltemal anders as die vervulling van aardse verlange in hulle losmaak. Hierdie instroming van krag laat hulle baie gelukkig voel en hulle draai geleidelik weg van die doelwitte wat hulle tot dan na gesoek het. En so kan `n mens op aarde groot hulp skenk aan die oorledenes en `n geweldige liefdesarbeid as hy dikwels vir hulle bid, wat `n losmaking van die aarde en haar voorheen geliefde omgewing inisieer. Alle aardse dinge is `n hindernis tot hoër ontwikkeling, slegs wanneer die verlange daarna beveg word, sal geestelike dinge na vore kom, en slegs dan sal die opwaartse vordering in die hiernamaals begin, en hoe gouer die geestelike aktiwiteit in die hiernamaals begin, hoe minder sal die siel nodig hê om te veg, want die aardse verlange sal voortdurend verminder, die siel sal haarself steeds meer distansieer van die aarde, en sal materie oorkom het, wanneer sy die begeerte voel vir geestelike besittings. Dan sal sy nie net begeer nie, maar ook wil gee en dit is die begin van die opgaan na die hoogste punt.

Amen.

Misbruik van die gawes wat die mens van die dier onderskei

B.D. No. **2083**
22. September 1941

Ongestoorde lewensgenot is die doel en strewe van die mense wat nog in die donkerste geestelike nag op aarde leef. En sodra hulle dit verwesentlik het, geniet hulle die lewe ten volle en leef dus maar net vir die liggaam, terwyl die siel met leë hande vertrek. En wanneer die mense hulleself alleenlik tevrede stel met liggaamlike genot, is die toestand uitermate onvolmaak te noem. Dit getuig van `n suiwer materiële gesindheid, die mens is dan slegs `n vorm sonder inhoud, hy is iets anders, d.w.s. hy is laer te waardeer as elke ander skepsel waaraan verstand en vrye wil ontbreek, want die laasgenoemde word nie deur hierdie mense gebruik nie, of op `n totaal verkeerde manier.

Die gawe wat die mens onderskei van die dier, moet die positiewe ontwikkeling van die siel ten doel hê, die gebruik daarvan moet enkel en alleen die omvorming van die siel tot stand bring. Die mens gebruik egter net hierdie gawe om na liggaam `n luukse lewentjie te lei en daarom misbruik hy dit.

In hierdie geval is die omstandihede van die individuele mens onbelangrik, want slegs die strewe na die plesiere van die lewe alleen, is `n misbruik van die lewenskrag wat hom toegestuur word, sowel as die gawes wat God se Liefde aan hom stuur.

Of die lewe aan hom vervulling bring al dan nie, verander niks aan die feit dat hy deur sy verlange die duisternis van die siel vererger nie, want die denke daaroor en die strewe daarna hou die siel van haar eintlike taak af weg. Die lewe kan dus ook leeg bly en ontneem van aardse vreugde en tog bring dit geen vooruitgang vir sy siel nie, omdat haar verlange gerig is op aardse genot. Vervulling daarvan

word aan baie geweier, om hulle denke en strewe af te wend en om hulle te rig op geestelike belewenisse en tog vind hulle nie die weg na die geesteryk nie. Die hoogste doel vir hulle bly hulle aardse genot. En so `n gesindheid verminder nie die verwydering van God nie en is dus die oorsaak van `n onvoorstelbare tekort, met verreikende gevolge aan die einde van hulle aardse lewe en hierdie tekort kan nie meer herstel word wanneer die siel die aardse liggaam verlaat nie.

Andersyds kan `n kort tyd op aarde genoeg wees om die versuimde in te haal, as die mens die vorming van sy siel ernstig sal opneem. En daarom word die mens in sy laaste lewensjare steeds meer gekonfronteer met geleenthede wat hy maar moet benut en dit sal vir hom, as hy bereidwillig is, onvergelyklike seën bring, want God laat siele wat op `n dwaalspoor gebring is, nie sonder hulp nie, ook nie wanneer die mens dit nie aanvaar nie, d.w.s. deur sy gesindheid teenoor wêreldse vreugde en aardse goedere hom na die teenstander van God gewend het. God worstel vir hierdie siel tot haar dood. Oor en oor staan Hy met Sy hulp gereed en lei Hy haar gedagtes om gerig te word na die geestelike gebiede. En oor en oor word sy wil geleentheid gebied om te kies. Want die goddelike Liefde is so dat Sy nie sal laat gaan wie homself van Hom wil losmaak nie.

Maar God sal nooit beslissend ingryp in die wil van die mens nie, maar wel duidelik die mense bymekaar bring wat mekaar kan aanvul, d.w.s. Hy laat oningeligte mense in verbinding kom met hulle wat hom van diens kan wees deur onderrig en lering. Hierdie is `n moeilike taak solank die wêreld nog bekoring inhou en die wil daardeur verswak is om enige geestelike waarheid aan te neem. Maar af en toe is ook slegs klein pogings voldoende dat die mens daarvoor ontvanklik word en wel wanneer die wêreld hom minder aantrek. Onvervulde verlange kan ook daartoe lei dat die verlange oorkom word en dan was dit ryklik geseën. Dan was die stryd teen homself, teen die eie begeertes, vir die mens maklik gemaak, deurdat die vervulling daarvan weerhou was. En dit is ook `n genade van God wat tot `n ware beslissing van die wil kan lei. Eendag sal die mens God dank vir wat hulle dikwels so bitter en hard veroordeel het, as hulle suksesvol sal wees, of hulle sal bitter spyt wees as hulle dit ook geïgnoreer het.

Amen.

Stryders vir die ryk van God - Doel van natuurrampe

B.D. No. **2086**
25. September 1941

Dit kan sonder aarseling vermeld word dat die aarde deur kragtige natuurrampe getref sal word, dit moet inderdaad katastrofes genoem word, sodat mense sal weet dat die onderskeie gebeure nie deur toevallighede bepaal word nie. Daar is nie so iets soos toeval nie, alles is voorafbepaal, en alles neem die weg na `n hoër ontwikkeling. En die komende natuurramp sal tallose geestelike substansies vrystel en hulle terselfdertyd voorsien met geleenthede vir nuwe vorme, maar die rampe is bedoel om mense so te beïnvloed, dat hulle sal soek na `n verbinding met God. Mense oorweeg laasgenoemde nou baie selde, dit is hoekom God Self weer aan hulle wil naderkom, al is dit deur `n middel wat vrees en bewing in mense sal veroorsaak, maar as gebeure vooruit verkondig word, sal `n persoon die ooreenkomste herken en sal homself dan toevertrou aan die Krag wat in staat sal wees om hom te help. Die kragte van die natuur is die enigste manier wat die mees ongelowige persoon kan skud en hom terug te lei tot geloof. Maar hulle hou nooit lank aan nie en net so ook duur die wil om te glo net so lank as wat `n persoon in gevaar bly om sy lewe te verloor.

Maar die ewige Godheid sal egter nooit ingryp sodat `n persoon gedwing moet word om te glo nie. Selfs in die grootste fisiese teenspoed sal Hy hom sy vryheid toelaat. Hy veg beslis vir die nog onvolmaakte siele, maar Hy verplig hulle nie. En daarom sal natuurrampe ook moet plaasvind binne sekere ooreenstemminge met die wet, hulle sal net min of meer gewelddadig plaasvind, afhangende van die noodsaaklikheid vir hierdie bedreigde mense wat nie die korrekte besef het nie. En om daardie rede sal hulle in kennis gestel word van die komende gebeurtenisse. Die mensdom sal heeltemal hulpeloos raak en met kinderlike vertroue om hulp roep tot God. Voor dit sal hulle reeds in kennis gestel word van die verskriklike tyd wat hulle nader, en selfs al het hulle net `n swak geloof, sal al die aankondigings met onverskilligheid aanvaar word, want die meeste sal waarskynlik aanvaar dat die

aangekondigde gebeurtenis nie sal gebeur nie. En tog sal mense dit onthou wanneer hulle liggaam en siel in gevaar beland. En dit was die doel, want so afskuwelik soos wat die gevolge van `n natuurramp is, kan dit altyd `n skok bring vir die menslike denke wat ook `n positiewe uitwerking op die mens se geloof kan hê, mits hulle die kennis vooraf ontvang het. Want die hele mensdom staar `n draaipunt van hul lewens in die gesig. En salig is elkeen wat God se wil herken in alles wat gestuur word. Dan sal hy werklik nie in staat wees as om anders op te tree as volgens Sy wil nie en sal altyd die groot benoudheid van sy medemens sien en die ramp sien as `n middel wat hierdie swaarkry kan verlig. En hierdie ramp is op hande, dit sal kom soos `n dief in die nag, en dit sal net so vinnig weer oor wees, maar tog sal die resultaat ondenkbaar wees.

Amen.

Gevaar van die aanvaarding van gevestigde leerstellings - Toets

B.D. No. **2091**
30. September 1941

Dit is onbegryplik wanneer `n persoon `n tradisionele leerstelling ondersteun wat ernstige toetsing kwalik sal deurstaan. Slegs iemand wat honger is vir die waarheid, ondersoek elke leerstelling en sal inderdaad suksesvol wees in soverre hy in staat sal wees om te onderskei tussen valse leerstellings en die waarheid en dienooreenkomstig besluit vir of teen die leerstellings. Hy sal aanvaar wat hy as die waarheid herken en dit behou as `n kosbare besitting. Maar hy sal hom ook maklik disassosieer van wat vir hom onwaar lyk, hy sal dit waardeloos ag en nie huiwer om dit op te gee en te verwerp nie. En slegs dan sal hy die leerstellings waardeer en gevul word daardeur. En omdat dit lewendig in hom geword het, sal hy opstaan vir hierdie leer, terwyl tradisioneel aangeneemde leerstellings lewelose besittings is, want hulle word aanvaar en onderhou as gevolg van `n sekere pligsbesef. Die persoon durf nie sy eie mening lig nie en voldoen streng aan die leer wat mense aan hom gee. So `n leerstelling kan nie lei tot geestelike volwassenheid in `n persoon nie, want slegs dit wat hy herken as die waarheid, suiwer sy natuur. Maar om die waarheid van `n leerstelling te herken, moet die persoon al die voor- en nadele opweeg. As dit sy ernstige wil is, sal hy die waarheid herken en sy werk om sy medemens ook te verlig, sal begin.

`n Persoon kan egter slegs `n leerstelling ondersteun wat hy self aanvaar om waar te wees. Daarom moes hy dit eers ondersoek het, alvorens hy dit kan oordra. `n Seker teken van die waarde van `n leerstelling is wanneer dit met volle vertroue aan `n medemens oorgedra kan word. Indien `n persoon so gevul is daardeur, dat hy in staat is om `n leerstelling verstaanbaar en aanvaarbaar oor te dra, dan sal dit ook aanvaar word dat hy dit self ernstig ondersoek het, want hy kan nie iets verduidelik wat nog steeds vir hom onduidelik is nie, of dit sou nie gestaan het by ernstige ondersoek nie en sou dus deur homself as waardeloos verwerp word. Dus, wanneer dit bespreek word, sal die woordestryd gewen kan word deur die persoon wat `n mening gevorm het oor `n leerstelling en self daaroor nagedink het. Hy sal dit maklik vind om sy medemens in te lig, want hy sal die inhoud van wat hy wil oordra bemeester het, terwyl `n aangeneemde leer meer `n spel van woorde word, want dit kan nie staan teen nadere ondersoek nie en is daarom nie geskik om oorgedra te word nie. In daardie geval kan mense maar net voldoen aan die bewoording van `n leerstelling, maar die betekenis van die bewoording veroorsaak egter verwarring onder die mense, net soos, omgekeerd, die oordra van `n leerstelling wat as waar herken word, sal lei tot `n helder lig en bewuswording in sy medemens. Dit is waarom daar oor en oor teen die aanvaarding van tradisionele godsdienstige leerstellings gewaarsku moet word, want hulle bied min of niks aan mense nie. Maar iets wat mense gelukkig maak, moet ewe aanvaarbaar wees vir alle mense, op voorwaarde dat hulle deurdring is met die begeerte vir die waarheid en `n doel daarin sien om dit oor te dra wat aan hulle geskenk is. Hulle is ten volle in staat om te onderskei tussen waarheid en leuen, dus sal `n onnadenkende aanvaarding van gevestigde leerstellings onmoontlik wees.

Amen.

Aardse maatreëls - oordra van die waarheid

B.D. No. **2096**
4. Oktober 1941

Die mens sal `n buitengewone belangrike opdrag moet vervul wanneer God hom daarvoor uitkies. Die geestelike nood van hierdie tyd benodig daardie soort mense wat aktief besig sal wees in die ryk van God; dit verg mense wat die verbinding tussen die aarde en die geesteryk tot stand sal bring, wat hulle bereid sal verklaar om as tussenpersone tussen God en die mens te werk, wat insig het en aan wie die kennis van die waarheid oorgedra kan word, want om die nood van hierdie tyd te verminder, moet die waarheid eers onder die mens versprei word.

En dit is `n taak wat groot liefde en `n sterk geloof vereis, want hierdie mens sal moet standhou teen die wreedste vyandigheid van die wêreld, hy mag nie onseker word of verslap indien sy sending resultate moet bereik nie. Hy moet bereid wees om ten volle sy lewe vir die waarheid te gee, hy mag geen aardse mag vrees nie, soos wat hy ook geen ag mag slaan op liggaamlike lyding nie. Sy geloof moet steeds sterker word en alles oorwin.

Hierdie belangrike opdrag is dan alleenlik uitvoerbaar wanneer die mens in die innigste verbinding met God staan, as hy deur hierdie verbinding steeds meer krag uit God in ontvangs sal neem, want slegs God is sy sterkte, sy mag en sy krag waardeur hy alles kan volbring wat hy wil.

Om die mense in die waarheid te wil onderrig, is `n onderneming wat groot deursettingsvermoë en geduld vereis, want dit gaan dikwels daaroor om hardnekkige weerstand te breek, wat begryplik is, omdat die geestelike duisternis die mense onbevoeg en onwillig maak om die waarheid aan te neem.

Weer en weer moet hierdie mens probeer om lig in die geestelike nag van sy medemens te bring. Hy moet deur sy eie lewenswandel en die uitwerking daarvan, vir die mens `n goeie voorbeeld wees, hy moet steeds weer probeer om in liefde `n invloed uit te oefen op die mense wat nie begrip het nie en hy mag nie angstig aan die gevolge dink wat as gevolg van sy arbeid van wêreldse kant sou kan ontstaan nie.

Die geestelike nood van die tyd maak daadkragtige hulp noodsaaklik en vereis moedige stryders vir die ryk van God. En die mense sal angstig wees vanweë die maatreëls wat opgelê sal word aan die mense wat God dien. Hulle sal hulle gewillig buig onder die eis van hulle wat sulke maatreëls uitvaardig en daarom sal die stryd twee maal so ywerig gevoer moet word deur hulle wat hulle aanbied in die diens van God.

Die sigbare ondersteuning sal nie ongesiens bly nie en dit sal die krag en die moed groter en sterker maak om die aangewese belangrike taak uit te voer. Want dit gaan oor meer as die aardse lewe wat na `n kort tydjie beëindig word, dit gaan oor elke mens se ewige lewe, wat hyself op aarde gestalte aan gee.

Die wete van die kwellings enersyds en die onvoorstelbare geluk andersyds sal egter die mens wat daarvoor geroep is, daartoe bring om die swaarste leed op hulleself te neem om dit vir hul medemens te bespaar en om hulle te help om die ewige heerlikheid te bereik. En hy sal My belangrike taak met volle oorgawe vervul, want God Self sal hom altyd bystaan.

Amen.

God se oproep tot diens - Innerlike stem

B.D. No. **2099**
5. Oktober 1941

Julle moet in alle opsigte ondergeskik wees aan God, d.w.s. julle moet altyd bereid wees om te doen wat God behaag. Julle moet altyd net Sy wil aanvaar en wat die innerlike stem julle ookal dan beveel om te doen, sal korrek wees, want God Self manifesteer Sy wil vir julle deur die innerlike stem. Doen dus so te sê wat julle wil en tog sal dit hand aan hand gaan met God se wil. In daardie geval hoef julle julle nie meer te bekommer nie, want julle sal dan op die aarde lewe onder die beskerming van julle geestelike vriende wat julle geestelik sal inlig oor die goddelike wil. En geestelike strewe sal altyd eerste van julle verwag word, alhoewel julle aardse werk nie verwaarloos behoort te word nie,

maar as julle, julle dienste aan God bied, is dit Sy wil dat julle te alle tye tot Sy beskikking sal wees, dat julle Hom dien wanneer Hy julle roep om dit te doen. En julle sal Sy oproep hoor wanneer julle na binne luister. Om van diens aan God te wees beteken om te alle tye gereed te wees vir Hom en om Sy oproep te volg. Maar die oproep van bo sal sag en subtiel klink in julle harte, en om dit te hoor, moet julle nederigheid, liefde, sagmoedigheid en rustigheid beoefen. Daardeur vorm julle die hart se oor, wat die mees subtiele oproep sal hoor en julle sal dan altyd weet wanneer God julle nodig het. Dan sal Hy julle nie meer tevergeefs roep nie, want dan sal julle Sy stem hoor en haastig wees om Hom van diens te wees.

Amen.

Skepping van die wesens - Verkeerde wil

B.D. No. **2100**
6. Oktober 1941

Hou in gedagte dat julle die lewende skeppings is van die een wat God teengestaan het, dat julle in die lewe geroep is deur die wil van die God opponerende krag en dat julle dus kinders van sonde is. God het nie Sy krag weerhou van hierdie gees wat eens uit Sy krag na vore gekom het as `n volmaakte wese nie, dus het hy gebruik gemaak van God se krag, en deur gebruik te maak van goddelike krag, tallose wesens laat ontstaan deur sy wil, en dit was julle begin. Julle is die produkte van `n verkeerde wil en tog van goddelike oorsprong, want net God se krag het julle laat word wat die teenstander van God wou. En dit is hoekom julle aan hom onderwerp sal bly, so lank as wat julle wil streef na dieselfde skeiding van God, want dit was die fundamentele idee, die motief vir die afvalligheid van God, om vry te wees van Sy krag, om vry te wees en om te heers oor die wesens. En so het die mees verligte gees wat deur God geskape is, geval tot in die diepste afgrond, hy het teen God gerebelleer en probeer om al die wesens wat uit sy wil na vore gekom het, te beïnvloed om ook teen God te rebelleer. En sy skepsels het toegegee aan sy wil, alhoewel hulle in staat was om vrylik te besluit watter God om te erken. Die wesens was in sy mag, omdat hulle hulle wil aan hom oorgegee het, wat later deur die teenstander van God misbruik was deur hulle te bind en sodoende die oorspronklike vrylewende skepsels te verslaaf. Maar alles wat uit God se krag ontstaan het, het die drang na vryheid, en ten einde die vryheid terug te gee aan die wesens, het God die wesens gegryp vanuit hul maker se krag en hulle in `n vrye toestand in die geesteryk geplaas en hulle die reg gegee tot selfbeskikking. Die wesens het egter ook hul vryheid misbruik en ook sondig geword deur hul aan die opponent se kant te skaar. Maar goddelike krag was die fundamentele substansie van die wesens, en goddelike krag moet sonder versuim terugvloei na God toe. En so het God geworstel vir hierdie weggevalle wesens, sodat hulle die weg na Hom kon vind en hulle wil vir Hom kon aanbied. Menslike intellek kan nie verstaan dat niks wat uit God kom, ooit verlore kan gaan nie, dit kan nie verstaan wat `n enorme taak dit is om dit wat homself gedistansieer het, weer na God terug te lei nie. Ook kan die menslike intellek nie aanvaar dat die mag van die teenstander van God so groot was dat hy wesens kon skep nie, en dat die goddelike krag nie ingegryp het om sy wil te verander nie, sodat hy God sou erken as God bo homself en ook sy skepsels sou beveel om God te benader en te voldoen aan Sy wil. Menslike verstand kan nie verstaan dat oneindige tye verbygegaan het, alvorens die transformasie van hierdie lewende skepsels se denke plaasgevind het en hulle God begin erken het nie, en daarom lig God die mense deur geestelike kanale in van die kennis van watter krag aktief was tydens die skepping van die wesens wat nou hul beliggaming op aarde ervaar. Hierdie wesens het vrywillig daarna gestreef om in opposisie teen God te kom en sou nooit weer na God kon terugkeer as hulle in die toestand van hul vrye wil gelaat was nie, en omdat hulle deur die verkeerde wil geskep is, was die verkeerde wil ook in hulleself en gevolglik moes dit dan teen God streef, want hulle het nie die krag geken wat verantwoordelik was vir hul strewe nie. En dus was die wesens onderhewig aan hul maker, hulle was ietwat onvolmaak, verslaaf en vervreemd van God, wat nie ooreengestem het met Sy wil en natuur nie.

God, as die mees volmaakte Wese, kan nie enigiets naby Hom verdra wat nie ooreenstem met hierdie toestand van volmaaktheid nie. Maar dit was nie die wesens se eie skuld nie, want hulle het nog nie die lig herken nie, want hulle het vanuit die duisternis na vore gekom. God se liefde het

hierdie wesens gehelp en hulle van die lig vertel, Hy het hulle vryheid van wil gegee deur sy teenstander se mag oor hulle te breek en die wesens dus te bevry van sy beheer. Die onvolmaakte geskape wesens kon egter nie verander word deur die goddelike wil om volmaak te word nie, maar moes vir hulleself besluit, hulle moes uit eie beweging na God se teenwoordigheid streef en hulself van die teëstander distansieer. As gevolg van hul vryheid van wil was hulle in `n posisie geplaas om te besluit, aangesien hulle nou van beide magte geweet het. Maar hul verkeerde wil het oorheers en die wesens het weer na hulle maker gedraai en hulself verloor aan die duisternis. En God het hulle innig jammer gekry, want die toestand van diegene sonder lig was pynlik. Sy liefde wou die wesens in `n gelukkige toestand gehad het. En so het Hy die wesens se wil weggeneem, en hulle `n oneindige lang weg laat gaan, in `n toestand sonder wilskrag, wat hulle na volmaaktheid sou lei. En vir hierdie doel het God die skepping laat ontstaan. God het vorms gemaak wat ontwerp was om die passiewe wesens te beskut. So het God die hemel en die aarde geskape, `n geestelike en `n aardse wêreld, wat bestem was om `n woonplek vir die onvolmaakte wesens te word totdat hulle volmaak geword het, Nou was die wesens gedwing om hul arrogansie te los en moes hulle buig voor die goddelike wil. Hulle moes `n toestand verduur wat `n beperking vir die wese was wat voorheen sy vryheid geniet het. Hulle was van hul vryheid ontneem, omdat hulle dit misbruik het. Die weg deur die skeppingswerke het hulle weer nader aan hul vorige vryheid gebring, totdat hulle uiteindelik hul vryheid weer kon ontvang wanneer hul weer menslike wesens geword het, ten einde die toets te slaag of hulle hul vrye wil op die korrekte manier sou gebruik. Daar was inderdaad `n groot risiko dat hierdie wesens nie die toets sou slaag nie, tog moes so `n toets plaasvind, want die terugkeer na God het slegs volle waarde binne `n vrye wil. Dit beteken dus dat die wesens nader aan God sal kom. Die krag van God, wat deur die teenstander gebruik was vir die skepping van die wesens, sou weereens teruggevloei het na sy oorsprong, en terselfdertyd sou die God-opponerende wil verander word in `n wil wat met God ooreenkom, dus kon die wese nou volmaak word, as wat hy dieselfde wil sou hê as God. Die wese, wat geen kennis van God gehad het toe hy geskep was nie, en het slegs God se teëstander herken as sy meester, maar nou kon hy homself bevry uit sy mag en die weg huistoe na sy Vader vind, uit wie se krag hy ontstaan het.

Amen.

Genade van die verlossingswerk

B.D. No. **2101**
7. Oktober 1941

Dit is die genade van die verlossingswerk wat Jesus Christus vir die mense verwerf het, naamlik dat hulle in staat sou wees om hul swak wil te oorwin, dat hulle nie meer weerloos teenoor die vyand van hulle siele sou staan nie, dat onmeetlike krag en genade hulle sou toestroom as hulle dit sou begeer en dat die geringste wil vir God hulle ook hierdie krag uit God sou laat gewaarword en dat dit dan in `n groot geestelike strewe tot uiting sal kom.

Die toestand van die mensdom voor die verlossing deur Jesus Christus was beklaenswaardig. Die mens het geen wil gehad om omhoog te gaan nie, want hulle het geen geloof aan `n verdere lewe na die dood gehad nie. Hul strewe was slegs gerig op aardse voordele en liggaamlike welbehae. Hulle het wel geglo in `n God wat volgens Sy wil hulle aardse lewe kon vorm gee. En dus het hul vrae net gegaan oor die verbetering van die aardse bestaan. Aan die siel en haar vorming was geen aandag geskenk nie, wat gelei het tot `n wêrelds ingestelde mensdom waarvoor die geestelike strewe vreemd was. Dit was die werk van die vyand wat die wil van die mense nog te veel in sy mag gehad het en wat hulle ook opgesweep het tot liefdeloosheid teenoor mekaar. En ter wille van die aardse welsyn was alle middele vir die mens goed en hulle denke en strewe was boos en liefdeloos.

En in hierdie tyd het die Heer na die aarde neergedaal. In hierdie tyd het die mens Jesus geleef, in wie se hart die verlange na God baie groot was en wie se lewensdoel die vereniging met God was. Die eenwording met God was slegs moontlik in die innigste liefde en Jesus het liefde aan al die mense gegee. Hy was onuitputlik in Sy liefde en Hy het die ewige Liefde Self in Hom opgeneem. Jesus het die swakheid van die mense gesien en dat hulle die wil vir die goeie ontbreek het. Hy het geweet dat

slegs die Liefde verlossing aan hulle kon bring en het hierdie liefde tot alle mense gepreek om hulle daardeur aan die mag van die vyand te ontruk.

Deurdat Jesus Christus Sy wil heeltemal onder die wil van God geplaas het, deurdat Hy gebid het: "Vader, nie my wil nie, maar laat U wil geskied", het Hy die wil van God Sy eie gemaak. Hy het Sy wil aan God geoffer en het dus die vyand ontneem van die mag oor Sy wil. En deur Sy dood aan die kruis het Hy die wil van die vyand gebreek en aan sy wil ontwring Hy ook die mensdom vir wie Hy gesterf het. Want die mens Jesus het die dood aan die kruis ondergaan om die mens daardeur vry te maak van die een wat hulle gepynig het.

En God het die offer aangeneem. En aan elke mens wat van die genade van die verlossingswerk gebruikmaak en wie sy wil ook na God bring, gee Hy meer krag. Want wie leef vanuit die navolging van Jesus, sal ook die begeerte hê om hom te ontvlug wat hom wil bind. Maar as hy Jesus Christus nie erken nie, dan behoort hy tot diegene wat nog gebind is deur die wil van die teenstander van God. Oor hulle het hy nog mag en hul eie wil is nie sterk genoeg om hul van hierdie mag te ontworstel nie. Hulle sal hulself steeds weer buig onder sy wil en kan daarom nooit vryword nie.

Jesus het die offer gebring vir die mens wat self te swak was. Hy het Sy sterk wil teenoor die wil van die vyand geplaas en teenoor hierdie Wil kon die vyand nie standhou nie. Want Jesus het `n beroep gedoen op die krag uit God wat Hom deur die innige verbinding met God toegestroom het. En wie Jesus Christus erken as die goddelike Verlosser, sal ook gebruik kan maak van hierdie krag van God. Want dit is die genade van die verlossingswerk, dat die wil van die mens sterk kan word om weerstand te bied, dat die mens die krag kan kry wat hy nodig het vir sy weg omhoog. Jesus Christus het die mense die weg gewys wat omhoog voer.

Ook is dit `n genade, dat die mens van Hom `n voorbeeld kan neem, sodat hy sy lewe op aarde volgens Sy voorbeeld kan leef, naamlik in liefde en geregtigheid. En wie ernstig is met die navolging van Jesus, wie sy bes doen om sy siel te vorm volgens Sy voorbeeld, wie onophoudelik werksaam is in liefde, wie sy kruis geduldig op hom neem en steeds maar bid: "Vader, laat u wil geskied", sy wil sal sterk wees en homself van die vyand van sy siel ontworstel. Want deur die erkenning van Jesus as die Seun van God en Verlosser van die wêreld, het hy reg op die genade wat deur Hom verwerf is.

Die weg na bo sal vir hom maklik word. Hy sal dit nooit sonder leiding hoef te gaan nie, want steeds straal die beeld van die Heiland aan die kruis vir hom. En hy sal weet dat Jesus Christus vir hom gesterf het en dat onmeetlike kwellinge daardeur vir hom gespaar gebly het. Hy sal weet dat niks vir hom te moeilik is nie, omdat Jesus hom die krag sal gee deur sy dood aan die kruis. Hy weet dat sy wil nie sal wankel wanneer hy Hom om genade vra nie. En hy weet dat die mag van die vyand minder geword het, dat hy hom kan oorwin as hy wil, omdat die krag hom juis toekom deur sy wil. Is sy wil gerig op God, dan hou die Liefde van God hom vas en bevry hom heeltemal uit die mag van die teenstander. Maar voorheen was die wil van die mens so swak gewees, dat hy nie vry was uit hierdie mag nie. En hierdie swak wil het die mens Jesus medelye ingeboesem. Hy het Sy sterk wil teenoor die teenstander van God geplaas en het hom oorwin. En wie Jesus Christus erken, sal hom ook oorwin, omdat hy daardeur bewustelik `n beroep doen op die barmhartigheid van die verlossingswerk.

Amen.

Innerlike gevoel - Leidende beginsel vir die lewensweg

B.D. No. **2104**
9. Oktober 1941

Die mens se innerlike gevoel is die leidende beginsel vir sy lewenswyse. So lank as wat `n persoon vrae vra en niks ontken of bevestig nie, dan sal sy innerlike stem met hom praat, waaraan hy slegs aandag moet skenk, om in staat te wees om op die regte weg te bly. Om in staat te wees om dit te bevestig, is dikwels baie moeilik wanneer geloof ontbreek, maar slegs die wil sal die besluit neem. As dit goed is, sal die mens sonder aarseling aanvaar wat hy deur sy diepste innerlike gevoel vertel word, want met sy vrae maak hy sy hart oop vir die invloed van vriende in die

hiernamaals. Maar `n persoon wie se wil nog steeds beheer word deur die teenstander, hou sy hart gesluit vir hierdie voorstelle.

Dan staan hy dit teen en verwerp dit, hy ontken dit dus. Om aandag te gee aan die stem van sy hart, sal slegs gedoen word deur `n persoon wat bereid is om te doen wat reg is, want hy vra vrae en wag vir `n antwoord. `n Onwillige persoon leef sonder om vrae te vra oor geestelike kennis, omdat hy alles van `n geestelike aard, dit wil sê, `n lewe buite die aardse lewe ontken. En iemand wat nie vrae vra nie, kan nie `n antwoord ontvang nie. Die persoon se denke wentel hoofsaaklik om aardse dinge, en hy beskou geestelike navorsing as `n vermorsing van tyd. In daardie geval is hy egter nog so materialisties geneig, dat hy nie die sentiment het vir die sagte stem in homself nie. Daarom sal hy ook nie aandag gee aan sy diepste gevoelens nie. Sy innerlike stem sal hoofsaaklik klink wanneer die liefde vir die wêreld, die sin vir al die aardse dinge, naamlik vir materie, begin afneem. Slegs dan sal `n persoon homself begin besighou met dieper gedagtes, met die gevolg dat hy homself dikwels sal bevraagteken, sodat hy dan by wyse van spreke, homself die antwoord sal gee, wat egter geestelik aan hom oorgedra word deur geestelike vriende, want so gou as wat sy wil goed is en hy God nie verwerp nie, sal hy die waarheid geestelik ontvang en kan hy dan vol vertroue sy innerlike stem glo, oftewel sy innerlike sentiment, en daarna doen wat hy genoodsaak voel om te doen. Slegs die wil moet streef na dit wat goed is, hy sal moet wil doen wat reg is, dan sal hy ook altyd die weg getoon word wat hy moet neem.

Amen.

Die proses van oordrag is `n daad van geestelike uitstraling van krag

B.D. No. **2105**
9. Oktober 1941

Geestelike kontak sal altyd en tot in ewigheid gemaak kan word, maar selde op sulke ooglopende maniere waarop die werking van geestelike magte duidelik herkenbaar sal wees. Indien so `n kontak van die anderkant af na die aarde plaasvind, dan dien dit ook `n doel en dit verduidelik dan ook dat die inhoud van die openbaringe wat aan mense van bo oorgedra word, versigtig beveilig word. Alle voorbehoud met betrekking tot die geloofwaardigheid daarvan moet tersyde gestel word, want dit wat bedoel is vir die hele mensdom en nie net vir `n individuele mens nie, word nie willekeurig of sonder onderskeid aan `n persoon meegedeel nie. Die geringste teenstrydigheid in die inhoud sou veroorsaak dat die mens dit verwerp. En omdat dit God se wil is om aan hulle `n suiwer leerstelling te gee, sal Hy ook verhoed dat die inligting van bo vol foute is.

Die magte wat dit gee, word nie na willekeur toegelaat om te onderrig nie, hulle ontvang hul opdragte van God en kan nie volgens eie wil byvoeg nie, want hulle voer slegs die goddelike wil uit. Hulle lewe self in waarheid en sal uiteraard nie onwaarheid versprei nie. Onkundige wesens is egter magteloos. Hulle is beslis in staat om die gedagtes van die mense te teister wat op hulle selfde vlak van onvolmaaktheid is, maar hulle besit nie die vermoë om korrekte manuskripte te dikteer nie, want wêreldse vermoëns is uitgesluit in die hiernamaals, sodra die toestand onvolmaak is. Die proses van oordrag van geestelike openbaringe op hierdie manier is `n daad van geestelike oordrag van krag. Slegs `n ligwese is in staat om geestelike krag te versprei, want hy is ook `n ontvanger en draer van krag. Maar onkundige wesens, of wesens met onvoldoende kennis, het ook nie krag nie, gevolglik kan sulke transkripsies nie plaasvind nie, omdat dit uiteraard die uitstraling van geestelike krag is. Die lewenskrag wat aan mense toegeken is, is nie genoeg om dokumente van geestelike inhoud binne so `n kort tydjie te produseer nie.

Geestelike magte is dus onmiskenbaar aan die werk, en ander kragte, buiten die kundiges, is nie in staat om iets te gee wat hulle nie self besit nie. Kundige kragte is egter verenig met God, d.w.s. hulle wil is God se wil, en wat hulle onderneem, is God se opdragte. Sou onkundige kragte in staat gewees het om dit te doen, sou hulle valsheid versprei het oor die hele wêreld en die geestelike chaos sou onberekenbaar gewees het.

Onvolwasse wesens is egter beslis in staat om net sulke onvolwasse mense verstandelik te lei in `n heeltemal verkeerde denkwyse, `n heeltemal verkeerde gesindheid onder die mensdom, maar dit was

egter altyd bereik deur beraadslaging. Maar mense wat uitsendings ontvang sonder beraadslaging, ervaar veraf gevolge van geestelike krag, wat geestelike wesens met buitengewone krag tot hulle beskikking, oordra na `n ontvanklike aardse kind wat slegs sy wil oopstel, dit wil sê, wat homself oopstel as `n ontvangsterminaal. Hierdie proses is sigbaar herkenbaar, want die resultate bestaan, dit kom tot stand sonder enige hulp, dit kan nie verduidelik word as `n produk van menslike intelligensie nie, want intelligente denke is nie in staat om sulke inhoud te produseer binne so `n kort tydjie nie. Gevolglik moet dit die werking van `n krag wees wat van buite die aardse sfeer afkomstig is. En as `n krag herken word, dan kan slegs goeie wesens die gewers wees, want net hulle alleen kan krag versprei en stuur, omdat hulleself met krag deurdring is, omdat hulle ontvangers van die krag van God is, daarom deel hulle ook God se wil.

Die feit dat die proses buitengewoon is, word baie gou geïgnoreer en die inhoud word baie sterk gekritiseer. Dit kan egter nie weerlê word nie en dit alleen behoort genoeg te wees om `n gewer af te lei wat nie in die koninkryk van die bose gevind kan word nie. Die teëstander gebruik werklik ander maniere as om die mensdom te verwys na dit wat goed en edel is, hy verkondig nie liefde nie, maar haat, hy probeer nie om lig te bring nie, maar om mense se denke te verwar. Maar hier word wysheid duidelik en verstaanbaar aangebied aan mense, wat net ingeligte kragte in staat is om oor te dra, en alle kundige wesens werk in opdrag van God.

Amen.

Die afval van God - Die teruglei na die Oerkrag

B.D. No. **2106**
10. Oktober 1941

Niks is bestendig nie; alles wat vir die menslike oog sigbaar is, vergaan. Maar die innerlike lewe van die mens is onverganklik, want dit is gees van God se Gees. Uit God se Krag het sy voortgekom en sy moet onherroeplik weer na God se Krag terugkeer. Sy moet haarself aansluit en verenig met die Oerkrag, omdat sy haar eens van Hom losgemaak. Maar `n losmaking van die Oerkrag is in soverre nie moontlik nie, aangesien die Krag van God nie deelbaar is nie. Maar die wil om haarself daarvan los te gemaak het, het bly bestaan en dus moet die wil nou eers weer na eenwording verlang, om dan ook as teruggekeer na die Oerkrag te wees.

Die wese wat ontstaan het uit die Krag van God en die verkeerde wil van die teenstander van God, was werklikhede, essensies, wat beide `n vrye wil en die bewussyn van `n individu in hulself gedra het. Hy het uit die uitstraling van God se Liefde voortgekom en moes oorspronklik as volmaakte wesens oneindig gelukkig wees. Hy moes die goddelike, die wil om lief te hê, alby in homself dra en weer skep en vorm. Maar die verkeerde wil van sy verwekker het ook in hierdie wesens die verkeerde wil geplaas en gevolglik het hierdie wesens, wat vol lig moes gewees het, verander in wesens van die duisternis.

Alles in hulle het verander na die teendeel. Die liefde het verander in haat, die wesens het arrogant en aanmatigend geword, hulle het nie gepoog om gelukkig te maak nie, maar het eerder begeer. Al die goddelike het in die demoniese verander en dus ware wesens gevorm wat teen God was, naamlik voortbrengsels van die verkeerde wil van die wesens, wat God eens bestem het om ligdraers te wees. Die teruglei van hierdie wesens na die Oerkrag was dus slegs moontlik deur middel van `n verandering van wil. Die verkeerde wil moes verander en hulle weer na Hom wend, van Wie hulle hul eens afgewend het. In die begin het hierdie wesens se wil nie verander nie, maar hulle het hul Verwekker gekies. En daarom word die wil van die wesens gebind. Hulle kon hul vrye wil nie meer gebruik nie en moes solank in `n soort van dwangtoestand bly, totdat die wil van die wese gekies het om werksaam te wees in wat hulle eens afgewys het, naamlik tot die dien in liefde, terwyl hulle eens in liefdeloosheid wou heers.

Die gedwonge omhulling van die wesens het die hele skepping opgelewer, wat slegs ontstaan het met die doel om die wesens wat hulle teen God verset het, te bind. Hierdie skeppings, wat vir die menslike oog duidelik sigbaar is, sal voortdurend vergaan - d.w.s. verander - solank as wat hulle die wese in hulself berg, wat die weg van positiewe ontwikkeling daarin moet aflê. Maar die

voortskrydende ontwikkeling kan slegs deur oplos en vergaan van die uiterlike vorm verkry word, want dan eers laat hierdie vorm die wese vry. Die wese verlang egter vuriglik na sy vrywording uit die vorm, want sy oertoestand was vryheid en hy ondervind die onvryheid as `n kwelling. Die verlange na vryheid bepaal nou ook sy vrye wil, om hom te onderwerp en te doen wat daar van hom gevra word. En so rig die eens aan God teenoorgestelde wil homself stadig op God, al is dit ook in `n sekere toestand van "jy moet", maar die laaste wilsproef word aan die wese gestel in sy laaste beliggaming as mens op aarde, waarby die vrye wil aan hom teruggegee word, sodat dit vir hom van nut kan wees om vry te besluit. En hierdie vrye beslissing bepaal sy lewe vir die ewigheid. Die vrye keuse word aan hom gelaat om uiteindelik na God terug te keer, of om ook weer van God af te val.

En in hierdie laaste beslissing gryp God net insoverre in dat Hy die wese alle denkbare geleenthede gee om tot insig te kom, en hom ook onmeetlik krag en genade skenk, as die wese bereid is om dit aan te neem. Maar die laaste besluit moet die wese self neem, of hy weer die toestand vol van lig wil bereik, wat vir hom bestem was vanaf die allereerste begin.

Amen.

Waar twee of drie in My Naam vergader

B.D. No. **2107**
10. Oktober 1941

"Waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde." Watter belofte lê nie binne hierdie woorde van die Heer nie! Hy kondig sy teenwoordigheid aan, aan diegene wat in die Naam van Jesus ontmoet. Dit is dus Sy wil dat mense bymekaar moet kom en aan die Heer dink. Dit is Sy wil dat hulle mekaar moet aanmoedig om te glo en mekaar help en oor Hom praat, sodat hulle Hom in hulle harte kan dra en altyd Sy Naam noem. Dan wil Hy met hulle wees, al is dit onsigbaar. Hy wil hê dat hulle bewus moet wees van Sy teenwoordigheid, hoewel hulle Hom nie kan sien nie. En daarom is dit die Heer se wil dat mense in klein groepies moet vergader om die goddelike Woord te hoor. Maar Hy voeg by, twee of drie. Mense moet in ag neem dat God nie per ongeluk hierdie woorde spreek nie, hulle moet in ag neem dat selfs in hierdie Woorde lê `n diepgaande betekenis.

Gemeenskaplike gebede met baie mense kan nie die Heer se wil wees nie, want iets wat `n diep innerlike ervaring moet wees, word `n meganiese aksie. Want geen formaliteite vind plaas waar net `n paar mense bymekaarkom nie, en hulle dring die goddelike Woord selfs dieper binne, omdat hulle mekaar se standpunte bespreek en ook `n ernstige poging aanwend om te leef volgens hierdie Woord. En hierdie goeie wil trek God reeds na hulle toe, dit is waarom Hy die gelowiges verbly met Sy teenwoordigheid. Maar tydens groot gemeenskaplike gebedsbyeenkomste is die uitruil van gedagtes onmoontlik. Elke persoon is besig met sy eie gedagtes en dit hou nie altyd verband met die geestelike koninkryk nie. Mense dink nie altyd aan vrae oor die ewigheid nie, dikwels is dit ook baie aards georiënteer. God sal dus nooit onder hulle wees nie, want Hy is slegs teenwoordig waar daar opreg na Hom gestreef word. En daar sal net `n paar in so `n gemeenskap wees wat die ernstige wil het om goed te wees en daarom `n beroep op God doen vir die krag om in staat te wees om volgens Sy wil te leef. Dit sal die Heer verbly. Maar daar is nie baie van hulle nie. Die meeste mense vervul net `n plig en hulle geloof is meer `n formaliteit en die goddelike belofte kan nooit aan hulle toegestaan word nie. Dit is waarom mense moet bly by die goddelike Woord, hulle moet in klein groepies bymekaarkom en krag put uit God se Woord, maar hulle moet nooit ooit glo dat dit vir die Heer verblydend is wanneer sulke byeenkomste verëis word as `n saak van plig nie, aangesien dit die diep innige band met God uitsluit, tensy sy wil so buitengewoon sterk is dat hierdie mens alle uiterlike indrukke op hom kan verontagsaam. Dan sal God ook met hom wees. Iemand wat aan `n blote formaliteit voldoen, het nog geen lewende geloof nie, daarom sal hy nie die betekenis in hierdie woorde verstaan wat eintlik inherent is aan hierdie Woorde nie.

Amen.

Geloof in `n voortsetting van die lewe - Gevolge van die aardse lewe in die hiernamaals

B.D. No. **2113**
14. Oktober 1941

Om, om te gee vir die redding van die siel word nie ernstig opgeneem nie en tog moet dit die belangrikste ding wees, want dit is die mens se enigste doel in die lewe. Maar die mens kan nie gedwing word om dit te doen nie, dit kan altyd net weer aan hom voorgehou word dat hy die gevolge van sy lewe op aarde na sy dood sal moet dra, dat hy, indien hy sy siel verwaarloos het, `n baie meer karige en folterende bestaan sal moet verduur as wat die mees verarmde en tergende pynlike aardse lewe maar kon gewees het. Die mens lewe slegs vir die huidige, en hy glo dat hierdie huidige verby sal wees met sy fisiese dood. En daarom maak hy nie voorsiening vir die toekoms nie. En tog is hy net op die aarde ter wille van hierdie toekoms.

Die geloof in `n voortsetting van die lewe na die dood kan nie op hom afgedwing word nie, gevolglik kan daar nie enige ooglopende bewyse uit die hiernamaals vir hom aangebied word, sodat sy vryheid van geloof beperk word nie. Maar as die mens net die goeie wil gehad het om die waarheid te wil weet, sou die geesteryk dit self vir hom waarneembaar gemaak het, dan sou hy ag gegee het op die kleinste teken, en die geloof in `n hiernamaals sou lewendig geword het in hom. Maar die mens is oor die algemeen nie geïnteresseer om enigiets te weet oor `n "aan die anderkant" nie. Hy leef op die aarde en is tevrede met hierdie sekerheid en neem aan dat hy niks meer sal weet of voel na sy fisiese dood nie. En hy oorweeg dit nie dat slegs die uiterlike vorm leweloos word nie, want die gees, die ware lewe, gaan uit. Hy neem nie in ag dat sy nie in staat is om te sterwe nie, want sy is onsterflik, dat sy slegs die uiterlike houer op die aarde agterlaat om haar ware tuiste te betree. En hy versuim om in ag te neem dat hy die geestelike koninkryk vir homself vorm op die aarde, of, dat dit sal ooreenstem met sy aardse lewe, dat dit `n donker, onvriendelike en neerdrukkende óf `n stralende helder en vreugdevolle omgewing vir die mens se siel kan wees. Hy weet nie dat hy sy ongebruikte aardse lewe met ernstige ondraaglike spyt sal onthou nie, want hy sal nooit kan sê dat die kennis daarvan nie aan hom gegee was nie.

Elke persoon sal onderrig in hierdie verband ontvang, maar nie almal sal hierdie onderrig aanvaar nie, want hulle wil nie, en hierdie wil kan nie verplig word nie. Hulle sal slegs hul liggame versorg, hulle sal slegs aandag gee aan sy liggaam se welstand, terwyl die siel geïgnoreer word. Die mensdom se nood is baie groot, en gevolglik moet die fisiese nood ook groot wees, sodat die mens in homself sal kyk en bewus raak van die irrelevansie van alle aardse dinge en ook van sy liggaam, sodat hy dan sy vrae op die oneindige dinge sal rig en as `n resultaat gelei word om anders te dink.

Amen.

goddelike voorsienigheid - Misleide wil

B.D. No. **2117**
16. Oktober 1941

Die gebeurtenisse in die lewe van `n mens gebeur nie deur toeval nie, instede is alles goddelike voorsienigheid en van ewigheid af vooraf bepaal. Die lewe van elke persoon is in detail bepaal en as dit lyk asof die mens se wil `n rol speel, dan is dit slegs omdat God die mens se wil van ewigheid af ken en daarom weet hy ook hoe die persoon sy vryheid van wil sal gebruik. En ooreenkomstig hierdie wil het God gestalte gegee aan die menslike lewe, selfs voor dit begin het. Dus kan die individu nie sy lewe op `n heel ander manier verander as wat God dit bepaal het nie, net soos toeval geen rol speel in die beplanning van die aardse lewe nie. Daarom, ongeag of veranderinge in die lewe gunstig of ongunstig is, alles moet met dankbaarheid en onderwerping aanvaar word, omdat dit slegs bedoel is om `n hoër ontwikkeling vir die siel te bereik, dit is slegs meer geleenthede vir haar volmaakwording.

Dit is `n groot misleiding om te veronderstel dat die wil of werke van `n persoon dit of dat kon verhinder het. Ongeag hoe die mens sal beslis, beantwoord die resultate altyd aan die ewige plan van God, alhoewel dit nie die mens van sy verantwoordelikheid onthef wanneer hy sy wil verkeerd gebruik het nie. God het reeds hierdie persoon se misleide wil in oorweging geneem, d.w.s. die gevolge daarvan word weer nuwe geleenthede vir ontwikkeling. Hierdie opeenvolging het egter nie

betrekking op die misleide wil van `n persoon nie, d.w.s. die misleide wil van `n persoon kan `n daad uitvoer, maar die effek van hierdie daad word nie deur hom bepaal nie, maar deur God Self. En so koördineer God elke gebeurtenis, Hy laat die geleenthede mekaar sodanig opvolg dat dit die persoon se siel bevoordeel en `n mens kan niks doen om die plan te verhinder wat God eens en vir altyd bepaal het nie. Daar is nie so-iets soos toeval nie, dit maak nie saak hoe wonderbaarlik die gebeurtenisse lyk nie, die gang van elke enkele persoon se lewe is altyd die wil van God. Omdat God altyd toelaat vir die vrye wil van die persoon en aangesien Hy dit weet van ewigheid af, het Hy sy lewe ooreenkomstig hierdie vrye wil gestalte gegee.

Amen.

Gebed - Vereniging met God - Belangrike gebeurtenis

B.D. No. **2129**
26. Oktober 1941

Slegs weinig mense verstaan hoe belangrik die gebeurtenis van die vereniging met God is. Maar hierdie weiniges strewe met alle ywer na die eenwording met God, want hulle ken die krag wat hulle daardeur toestroom. Hulle weet dat `n sodanige toevoer van krag hulle gelukkig stem en dat daar niks bestaan wat hiermee vergelyk kan word nie. En wat hulle eenmaal ingesien het, sal beslissend wees vir hul aardse bestaan. Maar die meeste van die mense bly ongeërg as hulle daarvan in kennis gestel word dat die eenwording met God iets onuitspreeklik heerlik en kosbaar is. Hulle kan slegs suiwer aards voel en kan hulself nie in `n geestelike ervaring plaas nie. Hulle bly in hulle afwysende houding as wyshede aan hulle oorgedra word vanuit die geestelike gebied en hulle kan gevolglik nie die vloei van krag ervaar nie, omdat dit met weerstand werkloos bly. En aldus kan die kontak nooit tot stand gebring word tussen die mens en God nie. En die nadeel daarvan is so onvoorstelbaar vir die menslike siel, want sy gaan slegs opwaarts deur die genade van God, en dit kan weer slegs verwerf word deur die erkenning van, en strewe na, die ewige Godheid.

Die toestroming van goddelike genade is steeds die gevolg van die eenwording met God in gebed. Want om te vra vir genade van God, is gebed en dit veronderstel steeds die geestelike verbinding met God. Biddende mense kan nooit val en van God verwyderd bly nie. Hulle sal steeds nader aan God kom, want hulle soek Hom. Hulle begeer Hom en Sy krag en hulle neem dus ook Sy krag en genade in ontvangs. En dit voer onvermydelik opwaarts.

Wie bid, verenig homself met God, as hy bid, om homself steeds inniger met Hom te verbind en uiteindelik heeltemal met Hom verenig te wees. Wie bid, erken God as `n Mag waaraan hy onderworpe is. Hy plaas homself met volledige wil onder Hom. Hy het geen geheim of openlike weerstand teen God nie en dus kan God hom beloon met Sy Liefde, met Sy Krag, met Sy Gees. En wie die Gees uit God ontvang, staan in verbinding met die geesteryk. Daar kry hy kennis en bevind hy hom dus in die lig. En dit alles bring die bewustelike eenwording met God teweeg. Dit alles word deur innige gebed bewerkstellig, wat sodoende die vernaamste gebeurtenis vir die mens is, solank hy op aarde vertoef, want gebed is die bewys van sy wil en van sy keuse vir God. Wie innig bid, het uit vrye wil vir God beslis en hy sal terugkeer na Hom, uit wie hy eens voortgekom het.

Amen.

Werksaamheid van die goddelike Gees

B.D. No. **2133**
29. Oktober 1941

Alles wat na God wys, verraai die werksaamheid van die goddelike Gees en dus sal alles wat goed is en na die goeie streef, dus in verbinding gebring kan word met die werksaamheid van die goddelike Gees. Demoniese werksaamheid trek na benede, dit verander liefde in haat, dit ontken die goeie en edele en streef na `n groter verwydering van God, terwyl die werksaamheid van die goddelike Gees opvoed tot liefde, wat die mens edeler maak en hom laat strewe om nader aan sy God te wees. En daarom sal die mens heel maklik kan onderskei welke kragte hom beheer.

Die mens kan nie goed dink en handel as hy deur slegte, demoniese kragte beïnvloed word nie, as hierdie mag oor hom het nie. Sy denke en handeling sal steeds in ooreenstemming wees met die mag wat hom beheer. Die mens moet so lewe dat hy God welgevallig is, dan beheer goeie geestelike kragte hom, dus wesens waardeur die goddelike Krag stroom. Hy staan dan onder die inwerking van die goddelike Gees, die Kragstroom vanuit God, wat elke wese wat Hy deurstraal, weer terugvoer na God.

Dit is dus die werksaamheid van die goddelike Gees wanneer die gedagtes van die mens hom met God besighou, wanneer hy dus, as hy sy gedagtes by God laat verwyl, d.m.v. gedagtes antwoord gegee word op sy vrae wat hy graag beantwoord wil hê. Vêrder is daar die werksaamheid van die goddelike Gees, wanneer die verlange van die mens na geestelike voedsel gestil word deur die oorbring van die goddelike woord. Dit is die werksaamheid van die goddelike Gees wanneer die mens die gawe verkry om die goddelike woord te begryp soos wat God wil hê dat dit begryp moet word.

Nooit sal die mense tot `n demoniese aktiwiteit kan besluit waar die Wil van God verkondig word nie, waar liefde gebring en ook na verlang word, waar wysheid in oorvloed oorgedra word, wat nooit mensewerk kan wees nie. Die werksaamheid van die goddelike Gees sal nie deur die mense herken word wat hulle nie afsluit vir demoniese aktiwiteite nie, wie nie voldoende teenstand bied en daarom geen duidelike besef het van God en die Krag van Sy Gees nie.

En om hierdie toevloei in homself te kan opneem, moet die mens homself open, d.w.s. positief daarteenoor staan en slegs `n mens wat `n verlange na God het, kan dit doen. Oor hom het demoniese kragte geen mag nie, gevolglik herken hy God waar Hy Homself uiter, waar Sy Gees duidelik werksaam is.

Wie egter nie na God verlang nie, aan hom dring God se vyandige mag hulle op, waarvan die invloed op hom sterk sal wees en hom sal verhinder om dit te herken. Gevolglik sal hy die werksaamheid van die goddelike Gees nie herken nie, of dit as werksaamheid aansien van diegene onder wie hy homself geplaas het deur sy eie wil. Want dit is die werksaamheid van die laaste dae, dat hy die denke van die mens sal vertroebel en in verwarring bring en die mens wie se geloof nie sterk en onwankelbaar is nie, laat twyfel.

Amen.

Die mens is tot niks in staat sonder goddelike genade nie - Gevaar

B.D. No. **2136**
1. November 1941

Die mens word bewus van die gebrek aan krag sodra hy gelowig is. Want dan sien hy homself as `n swak skepsel sonder die genade van God. Gevolglik hoef `n eie swakheid nie spesiaal aan `n gelowige mens voorgehou te word nie, want hy sal homself selde in staat ag om met eie krag by God te kan uitkom. Die gelowige mens sien in God die mees verhewe en mees volmaakte Wese en is bewus van sy eie geringheid en swakheid. Hy sal dus steeds die krag vir sy aardse lewenswandel, vir sy weg omhoog, van God afsmeek. Hy sal God vir genade vra, omdat hy weet dat hy nie sonder die goddelike genade opwaarts kan gaan nie.

Ontbreek dit die mens egter aan geloof, dan beskou hy homself nie as `n kragtelose skepsel nie. Hy is eerder vas daarvan oortuig dat dit van hom alleen afhang om dit te bereik wat hy hom voorgeneem het, hetsy aardse- of geestelike sukses. Gewoonlik streef hy net na aardse resultate en `n geestelike strewe vind hy onbelangrik. Maar vir hom is dit `n direkte gevaar wanneer `n geestelike resultaat slegs met die skenk van genade gemotiveer word. Want omdat hy homself as kragtig beskou, het hy geen twyfel dat hy nie in staat sou wees om hom na God se wil te vorm nie. En daarom maak hy sy geestelike volmaakwording daarvan afhanklik of God hom uitverkies, d.w.s. hom sy genade laat toekom, dus hom bestem het om gered te word. En gevolglik skakel hy sy vrye wil uit wat hom toelaat om te bid om genade. Hy het geen diep geloof nie en kan en wil daarom nie hierdie leerstelling glo wanneer sy kragteloosheid aan hom voorgehou word nie. Maar aan die ander kant wag hy op die goddelike genade, wat hom sonder sy toedoen vashou asof dit goddelike wil is.

Die korrekte geloof laat die mens op die korrekte manier bid, vol nederigheid en oorgawe aan die wil van God. Maar steeds is dit sy eie wil wat hom aanspoor om te bid, terwyl die ongelowige mens self nie aktief word nie, maar wag op dit waarvoor hy moet bid, d.w.s. wat hy van God moet vra. En hierdie instelling kan die gevolg daarvan wees dat die mens geleer word dat hy tot niks in staat is sonder die gawe van goddelike genade nie. En daarom doen hy ook niks om hierdie genade waardig te word nie.

Die leer dat die mens uit eie krag tot niks in staat is nie, bring hom nie tot die vra om toesending van krag nie, inteendeel, dit bring hom daartoe om passief te wag. En daarom is dit beter om slegs die swakheid van wil aan hom voor te hou, sodat hy sy bes kan doen om hierdie swakheid op te hef en nou in die gebed om versterking van sy wil te worstel. Want hierdie krag kan deur God aan hom gegee word, maar die wil kan nie onder dwang tot aktiwiteit aangespoor word nie. Hy moet uit eie aandrang op God afstuur, dan word die goddelike genade ook na hom toe gestuur en sal hy sy swakheid teenoor die ewige Godheid insien.

Amen.

Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie (a)

B.D. No. **2142a**
6. November 1941

Slegs die mens wie se gedagtes na God gekeer is, gaan dieper in op die vraagstuk van die skepping, want hulle peins oor die ontstaan van die heelal, oor die oneindigheid en die Skepper van alle dinge. Hulle sal geen vinnige gevolgtrekkings maak nie, hulle sal gis en in hul gedagtes vrae stel, en d.m.v. gedagtes sal die antwoord ook aan hulle gegee word, sodra hulle op hul gedagtes let. Die geringste bereidwilligheid om onderrig te word deur wetende kragte, beloon God sodanig dat Hy die opdrag gee om die gedagtes van die mense in reguit bane te lei en dus sal hul denke ooreenstem met die waarheid en hulle sal derhalwe uit hulself wyshede kan skep. Die Gees uit God onderrig hulle en dus staan hul vas in die waarheid.

Die wêreld is die produk van die goddelike Liefdeswil. Dit is die gedagte van God wat tot vorm geword het. Al die tasbare en aardse sigbare behoort tot die aarde, die ryk van die materie. Maar buite hierdie is daar die geesteryk, onsigbaar vir die menslike oog, maar wat ook uit die goddelike Krag van die Skepper voortgekom het, want die heelal bevat ontelbare skeppings waarvan die grondstowwe geestelike substansie is, wat die menslike oog nie kan waarneem nie, omdat dit maar net aardse materie kan sien. Sou die mens hierdie geestelike skeppings kon aanskou, dan sou `n besondere kennis vir hom ontsluit gewees het, sy vrye wil sou dan egter in gevaar gewees het, want wat hy sou sien, sou beslissend gewees het vir sy hele lewe op aarde. Maar daarom moet die kennis vir hom verborge bly, sodat hy sy aardse lewensweg heeltemal onbeïnvloed kan aflê.

Die Wil, Wysheid en Liefde van God laat voortdurend skeppings ontstaan wat vir die mens maar net soos baie veraf hemelliggame lyk, waarvan hy dus vermoed dat hulle dieselfde gesteldheid sal hê as die aarde. Hierdie hemelliggame is egter van `n baie uiteenlopende samestelling en heeltemal ontoeganklik vir die inwoners van die aarde. Tog kan die menslike gees ook in hierdie skeppings ronddwaal en wat hy sien en hoor saam met hom terugneem na die aarde.

En dit is `n buitengewone genade van God, want die mens as mens sal nooit in hierdie ryk kan kom nie en daarom sal die kennis daaroor heeltemal by hom ontbreek. So onderrig sy Gees hom egter op die volgende manier:

Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie (b)

B.D. No. **2142b**
7. November 1941

Daar bestaan niks in die heelal wat nie sy Oorsprong in God het nie. Gevolglik moet alles die goddelike Wysheid verkondig, d.w.s. dit moet beantwoord aan `n plan wat God in Sy Wysheid ontwerp het. Niks in die heelal is nutteloos nie, al mag dit ook vir die mens so voorkom. Die hemelliggame beantwoord presies net so aan hulle doel soos die aarde, ofskoon hulle anders gevorm

is. Alles in die heelal bied die nog onvrye geestelike die moontlikheid om hulself positief te ontwikkel. Dit is die enigste doel van elke skeppingswerk.

Dit kan nou egter glad nie aangeneem word dat alle skeppingswerke uit dieselfde substansie bestaan nie, dat dus slegs die aardse substansie, die materie, die blyplek kan wees waar die onontwikkelde geestelike vasgehou word nie, want uit hierdie veronderstelling sou dit volg dat alles in die heelal uit dieselfde aardse substansie bestaan. Verder sou dit meebring dit alle hemelliggame deur dieselfde wesens, dus deur mense bewoon moes wees, maar dit sal `n stilstand in dieselfde toestand beteken, dus in `n toestand van leweloosheid wat nie ontwikkel nie, óf van niksdoen nie. En verder sou dit `n voortdurende duisternis beteken naamlik dat alle hemelliggame skeppings sonder lig sou moes wees. Die hoër ontwikkelde wesens sou egter sulke skeppings as `n onverdraaglike dwang ervaar, want vir hulle uitstraling van lig sou hulle geen wesens kon vind wat gewillig was om dit in ontvangs te neem nie, dus sou die strewe om na God te gaan, nooit verwesenlik kon word wanneer die wese, uit sy toestand van gebonde wees aan die aarde, verlos sou word en in die vrye streek kom waar `n werksaamheid sonder `n omhulling as dwang, moontlik is nie. Dus moet daar ook skeppings bestaan wat geen dwang meer sal wees vir die wese nie. Elke aardse substansie is egter `n dwang vir die wese wat homself daarin bevind, gevolglik moet dit wegval en daar moet skeppings bestaan wat slegs suiwer geestelik verklaar kan word, omdat hulle slegs geestelike substansie is. Hulle bestaan wel, egter net nie sigbaar vir die menslike oog nie, maar slegs met die geestelike oog waarneembaar.

Hulle word dus geestelike skeppings genoem, wat soveel wil sê as dat hulle eers na die aardse lewe gesien kan word, dat hulle geestelike wesens bevat wat al die aardse lewe afgelê het en homself hoër moet ontwikkel. Die toestand van volmaaktheid van die wesens is egter verskillend, gevolglik moet ook die skeppings wat die wesens tot verblyfplek dien, verskillend wees.

Amen.

Hemelliggame - Geestelike en aardse substansie

B.D. No. **2143**
7. November 1941

Vir die positiewe ontwikkeling van die wese is dienende werksaamheid deurslaggewend, en wel word daar, na gelang van die blyplek, ook `n sekere aktiwiteit van die wese verlang en dit stem weer ooreen met die gesteldheid van die hemelliggaam wat hierdie wesens as bewoners het. Aardse sigbare en tasbare substansie vereis ook `n werksaamheid wat weer die sigbare en tasbare tot stand bring en gevolglik moet ook die siel, die geestelike, haarself in `n omhulsel bevind wat tasbaar en sigbaar is. Die taak kan egter ook uit suiwer geestelike aktiwiteite bestaan, d.w.s. nie aan `n vorm of aardse skepping gebind wees nie en wat tog ook `n tipe dienende liefde is, waardeur die wese tot volmaaktheid kan kom. Gevolglik hoef die volwassewording van hierdie wesens nie van aardse skeppings, d.w.s. materiële skeppings, afhanklik gemaak te word nie. Veeleer kan die positiewe ontwikkeling in geestelike sfere vinniger en makliker plaasvind. Tog is dit moeilik om die aktiwiteit in `n geestelike omgewing vir die mens uit te lê. Dit kan nie aan hulle duidelik gemaak word nie, omdat die mens nie `n lewe sonder `n fisiese buitekant vir homself kan voorstel nie, maar by God is geen ding onmoontlik nie en skep Hy dus dinge wat vir die menslike verstand onaanneembaar voorkom, wat volgens menslike begrippe as non-bestaande verduidelik moet word, wat egter ook nie uit die Heelal weg te dink en dus ontken kan word nie. En dit is die hemelliggame wat vir die mense as sterre aan die hemel sigbaar is. Hierdie sterre is eindelose afstande van mekaar verwyder en is aparte wêrelde.

Elke skepping getuig van God se Almag, Wysheid en Liefde, maar die mens sal nie die aard van die sterre verstaan solank as wat hy op aarde vertoef nie, want hy kan vir homself niks voorstel wat nie uit aardse substansie bestaan nie. Die geestelike in die mens is egter ook heeltemal onafhanklik van die aardse materiële substansie en die siel laat al die aardse tasbare of sigbare op die aarde agter sodra sy deur die poort van die ewigheid die geesteryk binnegaan.

En dus is die blyplek van die siel na die liggaamlike dood geen skepping wat bestaan uit aardse substansie nie, inteendeel is die ontelbare sterre daarvoor bestem, wat vir die menslike oog sigbaar is

as stralende hemelliggame, maar in werklikheid nie deur die menslike oog aanskou kan word nie, omdat hulle geen aardse skeppings is nie, wat egter tog deur God geskape is vir die voortgaande ontwikkeling van die nog onvolmaakte wesens.

Amen.

Omvorming van die uiterlike na die liggaamlike dood - Geestelik dood - Aktiwiteit - Niksdoen

B.D. No. **2144**
8. November 1941

Die mens het lewenskrag nodig om enige taak uit te voer, dus beteken dit om besig te wees, ook lewe. As hierdie krag hom ontneem sou word, dan sal hy nie meer in staat wees om homself of ander dinge te verander nie, want hy is leweloos. En die uiterlike vorm verander sodra die mens leweloos geword het. Dit val uiteen en hierdie proses duur totdat elke substansie weer in `n nuwe uiterlike vorm opgeneem is. As die gees dus uit die vorm ontsnap, dan word die agterblywende vorm van sy vroeëre bestemming onthef, maar moet dan `n nuwe bestemming vervul. Hy moet bydra tot die groei van een of ander nuwe vorm.

Die substansie val uiteen om by `n nuwe uiterlike vorm opgeneem te word. Hierdie ontwikkelingsgang vereis weer baie tyd. Die ou vorm los dus skynbaar op. Maar in werklikheid tree die geestelike substansies, waaruit die aardse uiterlike vorm ook bestaan, met ander geestelike substansies in verbinding en vorm `n nuwe uiterlike vorm, omdat die gees wat verdig is tot `n uiterlike vorm, ook die positiewe ontwikkelingsgang op aarde moet deurmaak, want sy staan nog aan die begin van haar ontwikkeling. Sodra iets geesteliks hierdie nuwe uiterlike vorm tot blyplek toegewys word, begin haar dienende werksaamheid. Die vorm word dus tot lewe gewek, want om besig te wees, is lewe. Die krag van God vloei na elke skeppingswerk toe, sodat dit dienend werksaam kan wees, ongeag hoe. En elke aktiwiteit in hierdie vorm laat die gees positief ontwikkel. Gevolglik moet dit wat leef, werksaam wees vir die onvermydelike voortgaan van ontwikkeling. Slegs die dooie toestand sal `n stilstand in haar ontwikkeling behels. Maar alle materie het lewe in sigself, want dit verander, net met verskillende tydsduur. Selfs die mees vaste vorm word deur die invloed van buite, wat met die lugstraling, wat dus met die werksaamheid van die ligdraers saamhang, tot werksaamheid aangespoor, ofskoon dit nie vir die menslike oog sigbaar is nie. Maar die lewe is ook in hierdie vorm in beweging en bring veranderinge tot stand wat dus `n lewe daarin bevestig. Heeltemal dood kan die materie daarom nie genoem word nie, ofskoon dit heel leweloos voorkom. En tog bestaan daar `n toestand van leweloosheid, en wel in die stadium as mens.

In hierdie stadium stroom die grootste mate van lewenskrag die wese toe, wat hy tot dienende werksaamheid moet gebruik. En tog kan die mens totaal ondoeltreffend deur die lewe gaan, sodra hy die lewenskrag wat na hom toe kom, onbenut laat om die taak te vervul wat die sin van sy aardse bestaan is, wanneer hy dit versuim of nalaat wat aan hom die positiewe ontwikkeling oplewer, wanneer hy die werksaamheid in liefde nie in ag neem nie, naamlik die werksaamheid waarvoor God die lewenskrag aan die mens gegee het.

Dan tree daar `n stilstand in sy opwaartse ontwikkeling in. Dit beteken `n toestand van leweloosheid, van dood, en dit is die ergste, omdat hierdie toestand slegs deur die wese self opgehef kan word.

Maar die dooie toestand is `n toestand van kragteloosheid, waaruit die wese homself dus nie meer kan bevry nie, omdat hy vooraf, toe die krag na hom toe gekom het, dit nie wou gebruik het nie.

Vir die uiterlike vorm beteken dit die dood, slegs `n omvorming tot `n ander vorm, dus het alles `n ware verdere moontlikheid vir positiewe ontwikkeling van die geestelike substansie waaruit die uiterlike vorm gevorm is. Maar om geestelik dood te wees, is allerverskrikliks, omdat die laaste genade wat die wese ter beskikking gestaan het, ongebruik gelaat was, omdat die lewenstroom wat God die wese gegee het, nie gebruik was vir dienende werksaamheid nie en die wese het bly staan op dieselfde ontwikkelingsvlak waarop hy aan die begin van sy beliggaming as mens gestaan het.

Geestelike vooruitgang is nie moontlik sonder werksaamheid nie. Die wese het dus deur sy passiwiteit kragteloos geword en sal sonder krag die hiernamaals binnegaan.

Amen.

Stryd teen Jesus - Bystand van God - Twyfel - Werktuig

B.D. No. **2146**
10. November 1941

Daar sal maar min mense te vinde wees wat, in die tyd van die stryd teen Jesus, moedig en openlik vir Hom sal opkom, want die geloof in die bystand van die Heer sal te gering wees en dus sal die mense vir hulle lewens en hulle vryheid vrees en uiteindelik sal hul selfs hulle geloof prysgee, omdat hulle meer van hulle lewens sal hou as van hulle siele. En slegs weinig sal dit waag om so te spreek soos wat hulle dink en slegs weinig sal die bystand van God afbid en sonder vrees vir Jesus Christus erkenning gee teenoor die wêreld.

Maar hierdie weiniges sal sterk wees in die geloof. Hulle sal weet dat die tyd wat Jesus tydens Sy lewe op aarde aangekondig het, nou gekom het, die tyd waarin Hy weer na die aarde sal kom om die mensdom weer vanuit die diepste nood te red. Hulle sal weet dat hul medemens in groot geestelike nood is en dat daar hulp aan hulle gebring moet word en hulle sal hulle taak op aarde duidelik insien en probeer om dit te vervul. Dus sal hulle vry en openlik spreek, sodat die denke van die medemens gestimuleer kan word en daartoe gebring word om `n vrye besluit te neem. Hulle mag nie angstig na die gevolge van hulle handelinge vra nie, hulle moet waar en vrywillig van God getuig en dus eerstens Sy Wil nakom, voordat hulle `n ander verpligting nakom.

En nou sal hulle swaar op die proef gestel word. Die goddelike woord sal punt vir punt weerlê word, op so `n manier dat niks meer daarvan heel sal bly nie en ook sal die gelowige mens deur twyfel oorval word oor die egtheid van die leer van Jesus. En in hierdie sielenood sal Hy Homself openbaar en krag gee aan diegene wat mismoedig word, omdat Hy sien dat hulle Hom wil dien. En nou word die mens slegs `n werktuig in die Hande van God. Want hy verrig wat God wil, hy spreek en handel volgens die Wil van God en hy vrees nie die wêreld en sy mag nie, hy plaas homself inteendeel onder goddelike beskerming. En dit is sy krag, want wie met God ten stryde trek, sal alle teenstand oorwin, hy sal sterk wees waar ander swak word, hy sal spreek waar ander swyg, hy sal werk, ook wanneer dit verbode is en hy sal weet dat hy korrek handel en dat hy nie anders kan handel nie, want die innerlike stem sê aan hom wat hy moet doen of uitlaat.

Amen.

Hy wat in die liefde bly, bly in My en Ek in hom

B.D. No. **2147**
11. November 1941

Bly in My, sodat Ek met jou kan verenig. Jou lewe sal `n deurlopende aktiwiteit van liefde wees. Jy moet alles doen as `n saak van innerlike impuls, en hierdie impuls sal liefde wees, die mooiste en heiligste gevoel wat jy moet toelaat om jou te oorheers. Enigiemand wat in liefde leef, is verdiep in My, iemand wat in die liefde leef, bly vir ewig met My verenig, want hy is wat Ek Self is. Hy is liefde, soos wat Ek self liefde is. Dan sal vrede in jou wees, want die huwelik van jou gees het met My plaasgevind, dit is nie meer buite My nie, maar in My, want sy is Myne vir ewig. Dan sal Ek Self met jou wees en waar Ek is, daar moet vrede en liefde en harmonie wees. En as jy in eenheid met My leef, sal jou lewe op aarde nie `n konflik of bekommernis wees nie, want dan sal Ek namens jou veg en jou bekommernisse op My neem, want Ek is lief vir julle, want julle is Myne sedert die begin. Maar eers moet julle julself heeltemal aan My oorhandig, julle moet alles vir My opoffer, julle moet My so liefhê dat julle gewilliglik alles vir My sal opoffer, en julle moet hierdie liefde vir My bewys deur die strewe om julle medemens te behandel op dieselfde manier as wat julle My wil behandel. Ek wil hê dat julle jul liefde vir My sal bewys deur jul liefde vir jul medemens, Dit is My wil dat julle mekaar moet help, dat een mens bereid sal wees om te ly namens `n ander, dat julle mekaar moet dien in liefde, want dan sal julle werke van liefde op aarde geseën word, dit sal lei tot die wonderlikste beloning. Ek sal met julle wees en julle in `n toestand van diepe vrede en stille saligheid plaas. Want dit is die belofte wat Ek aan julle gegee het, en My Woord bly altyd dieselfde "Hy wat in die liefde bly, bly in My en Ek in hom".

Amen.

Gebede vir die siele in die hiernamaals wat nie liefde op aarde gekry het nie

B.D. No. **2165**
24. November 1941

`n Onverloste siel se lydingsweg is onmoontlik om vir die mens te beskryf, en tog moet julle weet dat sy `n onvoorstelbare hopelose toestand moet verduur, en omdat hierdie kennis bedoel is om mense aan te spoor om sulke siele hulpvaardig te ondersteun, word hulle daarom voortdurend gewaarsku om nie hierdie siele te vergeet nie. Hulle sal die mens wat hul angs verlig het deur vir hulle te bid, duisendvoudig bedank. Siele in die hiernamaals wat mense op aarde agterlaat met wie hulle liefdevol verbind was, het `n voordeel in vergelyking met diegene wat nie vir hulleself liefde op aarde verkry het nie. Liefdevolle gedagtes en vroom wense volg die eersgenoemde, of sulke siele ontvang krag deur innige gebed, wat hul situasie aansienlik kan verbeter. Elke liefdevolle gedagte word paaiend ervaar deur die siele en wek weer liefde, wat dan sal manifesteer teenoor ewelydende siele.

Siele wat egter sonder liefde op aarde geleef het, moet egter honger ly en ly onuitspreeklik. Hulle word gou vergeet, of daar word slegs onvriendelik aan hulle gedink, en dit het `n verskriklike invloed op hul toestand in die hiernamaals. Elke liefdevolle gedagte van die mens op aarde vir die siele in die hiernamaals verlig hul smarte, elke bose gedagte verhoog dit en die siele is nie in staat om hulself te verdedig of mense te dwing om hulle lief te hê nie.

Dus word die siel gevoelig geraak deur liefde of liefdeloosheid wat haar stryd na bo óf vergemaklik óf belemmer. Siele wat geen liefde van mense op aarde ontvang nie, is totaal afhanklik van hulself, in `n donker omgewing waar hulle onbeskryflike ontbering ly. Veral hierdie siele moet op aarde in gebed gedra word, sodat hulle ook die seën van intersessie kan voel, sodat hulle die krag van die liefde binne hulself kan voel, sodat `n `n innerlike verandering kan plaasvind. Want sodra `n liefdevolle gedagte sulke eensame siele vlugtig raak, sien hulle dit en kom in die rigting van die plek van oorsprong van hierdie gedagte, hulle kom naby aan die persoon wat genadiglik aan hulle gedink het en ondersoek hom en sy eienskappe, sy dade en sy gedagtegang. Hulle sal nooit `n persoon teister wat vir hulle goed is nie, alhoewel hulleself selde in staat is tot goeie gevoelens. Tog oordink hulle die rede waarom hulle toestand van lyding verlig wanneer hulle naby aan hierdie mense is en hulle voel `n merkbare verligting deur die gebed vir die sukkelende siele wat in duisternis woon. En hulle leer om te erken dat liefde die enigste manier is om hulle situasie te verbeter. En sodra `n siel hierdie besef gekry het, dan is sy ook sagmoedig en hulpvaardig teenoor ander siele en hulle sal dan die bitterste swaarkry kan vryspring.

Mense op aarde is in staat om oneindig baie siele te verlos van hul swaarkry, as hulle net sal poog om hulleself in te dink in die hulpeloosheid van hierdie siele. Want as hulle `n klein vonkie van liefde in hulself voel, sal die groot lyding hulle beweeg en in hulle die wil wek om hierdie siele te help. Mense moet hierdie arme siele, wat nie die krag het om hulself te help nie, in hulle gebede insluit, hulle moet `n beroep op God doen om barmhartig te wees vir hierdie siele, hulle sal hulle hul liefde gee en nooit gevoelloos aan `n oorlede persoon dink, sodat dit nie sy pyn verhoog nie. Want dan beland die siel in groot gevaar om heeltemal hard te word en elke goeie neiging sal in homself sterf. Maar die siele moet verlos word en die mens op aarde kan `n vreeslike groot bydrae maak tot die bereiking daarvan.

Amen.

Bid vir mense wat ver van God af staan

B.D. No. **2172**
2. Desember 1941

Die mees verste verwyder van God is die mense wat dink dat hulle `n verhewe God (daar bo in die hemel) aanroep om hulp, wie nie glo aan `n Mag Wie hulpvaardig en almagtig is nie, wie nie in die gebed `n brug sien wat lei na die ewige Godheid nie, wie daarom ook geen verbinding aanknoop

nie en daarom heeltemal alleen staan wanneer hulle met `n swaar lot gekonfronteer word, waarby aardse hulp niks meer kan vermag nie. Want as die mens nie in hierdie nood die weg na God kan vind nie, is dit `n bewys dat hy nog in `n erge weerstand volhard teen God, dat die lewe op aarde hom nog geen hoër ontwikkeling opgelewer het nie, dat hy derhalwe in `n baie gebrekkige toestand sal wees wanneer hy sy aardse lewe moet opgee. Hy het nog niks bewustelik aan homself gedoen om op `n hoër vlak te kom nie en daarvoor kort hy ook die krag, omdat hy dit nie in gebed gevra het nie.

En tog sal die mens ook die seën van gebed bespeur, want hulle sal `n merkbare meelewing van hulle wese ervaar, sodra `n medemens vir hulle bid. Hierdie voorbede vermag baie en die grootste deel van die mensdom sou gered gewees het, as die een vir die ander by God om liefde en barmhartigheid sou gevra het. Die afwysende wil sou dan nie meer so groot gewees het nie, want God verhoor die gebed waaruit onselfsugtige naasteliefde blyk, wanneer daar vir die medemens vir die gawe van insig gebid word.

God se oneindige Liefde is dadelik bereid om so `n gebed te verhoor, omdat dit getuig van liefde tot die medemens. Die verwydering van God is egter net deur liefde te verklein en as die wese self faal, dan kan hy nog op aarde deur voorspraak gehelp word en op die regte weg gewys word. Hoe verder die mens van die ewige Godheid verwyder is, des te onvoorstelbaarder is die gedagte aan hulp ook vir hom. En daarom wend hy homself ook nie in gebed tot God nie. Omdat daar egter slegs `n verandering in die denke deur innige gebed bereik kan word, moet die mens geen moontlikheid versuim om vir sy medemens, wat nog swak is in die geloof, innig te bid nie. Die krag van die gebed is enorm en deur die gelowige gebed bereik die mens alles en in die besonder het dit sy uitwerking op die geestestoestand, d.w.s., die mens sal sy weerstand teen die gees opgee, hy sal beweeg word om na te dink en dit wat hy tevore voortdurend afgewys het, nou goed oorweeg en sal dan tot `n ander gevolgtrekking kom as voorheen.

Die mens wat vir sy medemens om geestelike verligting bid, het `n buitengewone invloed op sy medemens en dit blyk dan dat hy nou gewillig aanhoor wat aan hom oorgebring word, ook wanneer sy ingesteldheid aanvanklik daarteen was, sodat hy nou grondig daaroor sal nadink en as dit later weer in sy bewussyn kom, dit graag en met vreugde sal aanneem. En daardeur word die afstand tot God verklein. Innige gebed lewer die grootste krag op en moet derhalwe sy uitwerking op die medemens hê, betreffende die gebed.

Daarom is die mense wat ver van God af staan, nie hopeloos verlore nie, want sodra daar iemand te vinde is wat hulle groot geestelike nood besef en hulle daaruit wil bevry, het hyself `n doeltreffende middel byderhand: Die innige voorspraak by God vir die mens wat voorheen koppig was, word uiters weldadig onderneem, terwyl hy homself nie vir hierdie liefde kan afsluit nie. En hy sal op die regte weg gelei word en tog nog tot insig kom, al is dit ook eers na `n lang tyd; hy is egter nie hopeloos aan die invloed van die vyand oorgelewer nie, veeleer sal die goeie wesens, wat om hom worstel, die oorwinning behaal en die mens help om bevry te word vanuit sy toestand van verwydering van God.

Amen.

Dankbaarheid van die siele in die hiernamaals wat deur gebed verlos is

B.D. No. **2174**
4. Desember 1941

Hoe hulpvaardiger die mens aan die siele in die hiernamaals dink, des te inniger sluit hierdie siele hulself weer by die mens aan. Want hulle sien in hom die redder uit hul noodsituasie. Hulle maak hul verbinding met die aarde eers losser, wanneer hulle die hulp van die mense nie meer nodig het nie, wanneer hulle in `n sekere mate meer volwasse word as die mense en hulleself nou met siele in die hiernamaals kan verbind, wat hul in dieselfde toestand van volwassenheid bevind. Dan staan hulle die mense weer behulpsaam by, maar hulle hou egter nie daarvan om naby die aarde te wees nie. Veeleer probeer hulle om die gedagtes van die mense op te trek in die geesteryk in. Hulle poog om die gees van die mense opwaarts en weg van die aarde te lei, omdat hulle in die ander ryk gelukkiger is en die aarde alle aantrekkingskrag vir hulle verloor het. Maar hulle vergeet nie die mense op aarde nie en hulle staan diegene besonder hulpvaardig by wat hul toestand van lyding versag het en hulle uit hul

nood en pyn verlos het deur gebed en innige gedagtes. As hierdie siele verlos is, dan is daar baie krag vir hulle ter beskikking, wat hulle aan die mense op aarde kan stuur. En hul stryd op aarde sal steeds ligter word en hul geestelike vooruitgang sal maklik herkenbaar wees, want nou skep die verloste siele uit `n onuitputlike bron.

Dit is hul geluksaligheid om te kan help. En hulle liefde sal gerig wees op die mense op aarde wat nog moet veg vir die heil van hulle siele. Hulle betuig nou hul dank op dieselfde manier, hulle help die onverlostes om vry te word van hul gebondenheid. Hoe maklik kan die mense vir hulself hierdie opwaartse strewe maak, wanneer hulle deur hul hulpvaardigheid die liefde van die wesens in die hiernamaals kan verwerf en hulle liefde nou aan hulle vergeld word. Dan kan die mense die hiernamaals in `n toestand van lig ingaan en die folterende toestand van die onvolmaakte wesens sal hulle gespaar bly, want ook dit is geestelike goedere wat die mens op aarde verwerf. Hy sal in die hiernamaals weer sy geliefdes vind. Daar sal geen skeiding wees vir hulle wat op aarde in liefde met mekaar verbind was nie, en wie se liefde ook met die dood van die liggaam nie ten einde gegaan het nie.

Diepgevoelde begrip en gelukkigmakende liefde verbind ook nou hierdie wesens, omdat dieselfde geestelike toestand van volmaaktheid die gevolg is van die wedersydse denke aan mekaar. Wat dit beteken om by te dra tot die verlossing van `n siel, sal eers in die hiernamaals verstaanbaar raak wanneer die gees bewus word van beide die toestand van geluk en die toestand van lyding. En daarom is die verloste wese in die hiernamaals ook steeds bereid om die nie-verlostes te help en sy liefde strek deur die ryk aan die anderkant, asook op aarde. En daarom moet die mense op aarde vriende in die hiernamaals verwerf deur hul voortdurende bereidheid om die siele te help wat nog op hul hulp en liefde aangewese is. Want wat hulle uit liefde vir hulle doen, sal veelvoudig aan hulle vergeld word.

Amen.

Uitbarstings is `n daad van bevryding vir die geestelike substansie wat in `n vaste vorm gebind is

B.D. No. **2175**
5. Desember 1941

Eindelose tye het reeds verbygegaan en eindelose tye sal nog verbygaan totdat die vergeesteliking van die fundamentele inhoud van die skepping voltooi sal wees. Hierdie proses is so onvoorstelbaar moeisaam en vereis so `n oneindige lang tyd, omdat die aanvanklike weerstand van die geestelike substansie nie met geweld gebreek kan word nie, want dit moet vrywillig besluit om oor te gee, en dus kan daar nie ingemeng word om die proses te bespoedig nie. Slegs die toepassing van baie harde druk kan die geestelike substansie se weerstand verswak, Weens die konsekwentheid van die sigbare skeppings, blyk dit byna onvernietigbaar te wees in hul beginstadium en disintegrasie is net weer moontlik deur middel van gewelddadige gebeure. Sulke gewelddadige disintegrasies vind slegs plaas deur middel van God se wil, wanneer die geestelike substansie so sag geword het dat dit nie meer die ondraaglike toestand van gebondenheid vereis nie. Dan sal God hul beperkinge losmaak, en die voorheen harde vorm sal disintegreer en hervorm in nuwe uiterlike vorme en dit is nie meer so `n pynlike toestand vir die geestelike substansie nie. Elke gewelddadige losmaking van `n voorheen vaste vorm, is `n daad van bevryding vir die gebonde gees daarin, terselfdertyd sal vorme wat meer volwasse geestelike substansie huisves, ook onderhewig wees aan verandering. Want die kragdadige disintegrasie van harde substansie, is `n proses wat deur alle geestelike wesens ver en wyd gevoel word. Dit is nie `n geleidelike verval nie, maar `n elementale uitbarsting van die geestelike substansie waaraan oombliklike vryheid deur God verleen word en wat dit gebruik om uit te bars uit dit wat hulle bind. Sulke uitbarstings behels groot veranderinge vir die skeppings wat geraak word deur die vernietiging.

Alle geestelike substansie, met inbegrip van dié wat reeds verder ontwikkel is, raak op hierdie manier ontslae van hul ou vorm, verenig met ander vrygestelde geestelike substansies en neem verblyf in `n nuwe uiterlike vorm, afhangende of hierdie geeste bereid is om in te pas met `n dienende taak. En deur middel van so `n gewelddadige disintegrasie, word die geestelike substans dus beweeg om weer `n dienende aktiwiteit uit te voer, wat `n verslapping van die vorige beperking vir die geestelike

substansie beteken. Dit is waarom elke kragtige vernietiging bevryding behels, d.w.s. verdere ontwikkeling vir die geestelike substans in hierdie vorm gebind, en word daardeur met blydskap verwelkom. Dit is net `n droewige gebeurtenis vir die gees tydens die laaste stadium van ontwikkeling, want dit ontneem die gees van enige verdere vooruitsig van ontwikkeling op aarde en veroorsaak daarom vrees en angs as hy nie gebruik gemaak het van sy laaste woning in die vorm terwyl hy die geleentheid gehad het nie. Maar sulke uitbarstings is noodsaaklik ter wille van die onvolwasse geestelike substansie wat nie op enige ander wyse van haar vaste vorm vrygestel kan word nie. Want sodra sy besluit om van diens te wees, na `n oneindige lang tyd van weerstand teen God, sal die geleentheid om dit te doen ook deur God aan haar toegestaan word.

Amen.

Strengste maatreëls - Vreesloos praat - Sterk wil

B.D. No. **2193**
24. Desember 1941

Dit vereis sterkdenkende mense om goddelike openbarings vreesloos te versprei, want alles wat geestelike vordering aandui, naamlik wat hierdie openbaringe ten doel het, sal lei tot die felste teenmaatreëls en oorlog sal verklaar word teen elke geestelike strewe. Daarbenewens is goddelike openbarings ongeloofwaardig vir die mens, so lank as wat hulle hulleself nog in geestelike duisternis bevind. Elke boodskap van die geestelike koninkryk vereis `n element van geloof om sonder aarseling aanvaar te word. Waar geloof nie bestaan nie, sal dit verwerp word en pogings sal aangewend word om teen die draers van die lig te veg, wat maar net goddelike Wysheid wil oordra. Mense sal die verspreiding van die waarheid wil verbied en vir hierdie doel byna onuitvoerbare wette maak en `n besluitelose persoon sal toegee aan hierdie wette en sy samewerking van God weerhou.

goddelike liefde wil egter hê dat die waarheid versprei moet word. Dit poog om mense te lei na hierdie kennis en om hierdie rede word die kennis deur `n persoon aan hulle onthul. Maar hierdie persoon moet die inligting wat hy gehoor het deur die barmhartigheid van God en Sy gees ook vreesloos versprei. Want sodra hy waardig geag word om hierdie buitengewone barmhartigheid te ontvang, word sy weg na bo makliker, maar hy het ook die taak om sy medemens die weg te toon wat na bo lei, dit wil sê, om die goddelike barmhartigheid ewe toeganklik te maak vir hulle. Dus moet hy praat en probeer om dit wat hy ontvang het, deur geestelike bemiddeling oor te dra. En dit verg moed ten opsigte van die wêreldse owerheid, selfs al moet die verkondigers van die goddelike Woord alle aardse gesag erken, mits dit nie openlik teen God se gebooie gekant is nie.

Enigeen wat probeer om volgens hierdie gebooie te leef, sal ook kan herken watter wêreldse maatreëls geregverdig is al dan nie, en hy sal weet watter wette om eerste te hou. Die verkondiging van die goddelike openbarings aan hierdie mense sal nie onsuksesvol wees nie. Hulle sal aanvaar word as gevolg van die bestaande geloof in `n God van liefde, barmhartigheid, wysheid en almag. Maar waar geen geloof bestaan nie, sal die aanspraakmaker van die Woord met die swaard van sy tong moet veg en mag hy nie bang wees indien hy aangesê word om op te hou praat nie. Hy word benodig as `n middelaar tussen God en die mensdom en hy moet hierdie posisie as `n bemiddelaar getrou administreer. Hy moet die Woord wat hy ontvang het, onvermoeid deurgee en alles noem wat aan hom geopenbaar is, want dit is noodsaaklik dat die mensdom uit sy sluimering ontwaak en dat hulle die inligting gegee word oor God se ooglopende werking, wat gebaseer is op Sy liefde vir die mensdom wat naby aan hulle geestelike ondergang is. Dit is die mense wat Hy wil red en uit die duisternis na die lig lei, Hy bied Sy barmhartigheid aan hulle en laat dit aan hulle oor om hulself daarmee vertroud te maak. En hierdie gawe van barmhartigheid moet vreesloos genoem word, want dit is God se wil.

Amen.

Wysheid, lig en krag is een

B.D. No. **2194**
25. Desember 1941

Wysheid is krag, want kennis is lig en lig en krag is soos een. Enigeen wat verstandig is, wat daarom ook sy kennis kan deel, gee lig uit wat die krag van God is, want die ontvanger voel weer die invloei as krag. `n Persoon aan wie kennis meegedeel is, sal homself oortref, want die geestelike krag in hom vermenigvuldig en verminder nie daarna nie, al deel die persoon dit weer. Sy kennis sal voortdurend groei, d.w.s. die een insig sal die ander volg, en een duidelike beeld na die ander sal in hom na vore kom waar dit voorheen duister was, dus `n geestelike leemte. `n Lig is aangesteek wat sy strale in alle rigtings kan stuur sonder om sy glans te verloor, maar wat `n bron van lig kan word as dit weer en weer nuwe vlamme aansteek en dus geestelike duisternis verban waar die lig begin om te skyn. Sodra die mens kundig geword het, sal hy nooit toelaat dat hierdie kennis braak lê nie, maar hy sal hom altyd aangemoedig voel om dit te deel, en dus werk die kennis as krag, want dit forseer die onderwyser om aktief te word. Daarom sal die kundige wesens in die hiernamaals ook hierdie kennis kragtiger wil versprei. Op geen stadium sal die wesens tevrede wees om hierdie kennis alleen te besit nie, maar sal byna met mekaar meeding om hierdie kennis oor te dra.

En dit is die effek van God se krag, wat vloei in die vorm van kennis in alles wat ontvanklik is, of dit die mens op aarde is, of `n entiteit in die hiernamaals wat die sfeer van God se uitstraling van liefde binnegaan en lig en krag ontvang in die vorm van kennis. Dit wat uit God kom sal altyd aktiwiteit stimuleer, want God verwek voortdurend lewe en alles wat lewe is altyd aktief. Geestelike lewe moet dus `n geestelike aktiwiteit wees, dit moet die vloei van liefde en krag uitgee wat sy oorsprong in God as die bron van krag het, en alles binnedring wat voorheen swak en duister was, dit is die wesens waarby alle kennis ontbreek oor God en Sy werk en hulle moet in hierdie kennis ingelei word, want onkunde is `n toestand van onvolmaaktheid en ellende, wat verander moet word in `n toestand van volmaaktheid en salige geluk deur God se mag en heerlikheid te realiseer. Gevolglik dui dit kennis van lig en krag aan. Die toestand van duisternis sal verdryf en verander word in `n toestand van lig en terselfdertyd die gees in staat stel om ook die duisternis in ander wesens te verdryf en om hulle nader aan die lig te bring, en hulle sal gebruikmaak van hierdie vermoë, want hulle kan hulself nie help om aanhoudend aktief te wees nie.

Amen.

Katastrofe en die nood daarna

B.D. No. **2197**
29. Desember 1941

Baie groot leed staan die mensdom nog te wagte, as hulle nie die weg na God gaan vind nie. In `n tyd, waarin daar so min aan die goddelike Skepper gedink word, dat Hy ook nie in die bitterste nood aangeroep word nie, neem die gebeure toe, en dan bring die kommer en kwelling van die mense hulle om hul harte tog nog op die ewige Godheid te rig. En tog sal dit ook nie voldoende wees sodat die mense verbinding kan soek met God nie. En dus sal Hy Hom op `n ander manier nader aan die mense moet bring, want sonder God sal hulle vir ewig verlore wees.

Die dag van verskrikking is in aantog en die leed sal nie oorgesien word nie. Want in die nag van verskrikking sal die mense alle verbinding met mekaar verloor en nie een sal van die ander weet of hy `n slagoffer geword het van die katastrofe wat vrees en afgryse teweeggebring het en wat niemand kan ontvlug nie. En dan sal die nood leer bid. Die mense sal vrees vir hul geliefdes en vir hulle eie lewens en hulle sal geen aardse hulp vind nie. En dan sal daar vir hulle net nog die weg na God oorbly en in die aangesig van hulle naderende einde sal hulle dan ook hierdie weg vind.

En God sal almal bystaan wat Hom in die nood gaan aanroep, sodra hierdie aanroep vanuit die diepte van die harte kom en God `n verandering van die wil van die mens sien, want God wil nie totaal vernietig nie, maar opvoedend op die hele mensdom inwerk, omdat hulle andersins nie meer gehelp kan word nie. Maar wat se nood daar na die katastrofe sal kom, daarvan sal die mense hul nog geen voorstelling kan maak nie, want alles sal dan braak lê en net die grootste gedienstigheid sal in staat wees om weer `n toestand te skep wat vir die mense verdraaglik sal wees. Maar slegs min mense sal

wil dien. En daarom sal die nood onuitspreeklik groot wees, want die mensdom sal verblind wees en sal nie die sin en die doel van die katastrofe insien waaraan ontelbare mense ten offer geval het nie.

En tog is daar geen ander moontlikheid om die mense terug te bring tot die geloof in God nie. Maar die Heer talm en Sy oneindige Liefde stel die dag nog steeds uit, sodat die mense eers die weg na Hom kan vind en deur die krag van die geloof die grootste leed van hulself kan afwend, want wie vas glo, sal deur die Heer beskerm word en Hy sal hulle Sy Liefde en Barmhartigheid laat toekom. Hy sal hulle in die nood bystaan en Sy Wil sal hulle beskerm, ook in die grootste gevaar.

Amen.

Die Bybel - `n Lamp sonder olie

B.D. No. **2203**
5. Januarie 1942

`n Lamp sonder olie is slegs `n leë houer wat nie aan haar doel voldoen nie, want sy straal geen lig uit nie, omdat die permanente voeding ontbreek wat aan die lig gevoer moet word, en so is dit ook met die heilige Skrif (die Bybel) gesteld, solank as wat die boek nie beskou word as `n waaragtig ligverspreidende werk nie, d.w.s. solank hy nie tot die verligting van die gees lei nie. Die heilige Skrif kan waarlik die hoogste wysheid aanbied vir hom wat in die diepste gelowigheid en met `n hart wat op God gerig is, begeer om die wysheid daaruit te put, sodra die mens dus self deur verlange sy honger na lig laat sien. Dan sal die Boek van die boeke nie net `n leë houer wees nie, inteendeel word dit tot `n skenker van lig. Die mens sal toeneem in wysheid, want hy verlang voeding vir sy gees en hierdie voeding laat die lig in hom tot `n helder stralende vlam word wat sy skynsel ver uitstuur en dit sal die donkerste nag kan verlig.

Die woord van God is geseënd met Sy Krag en hulle wat regstreeks van God die woord in ontvangs wil neem, sal daarom ook voortdurend deurstroom wees met God se Krag. En hierdie krag sal ook na die mens stroom wat met dieselfde innigheid die woord vir homself neem waar dit vir alle mense toeganklik is, sodat hy net daarna moet streef om goddelike wysheid in homself op te neem, sodra hy enkel en alleen lig begeer, want elke honger na Sy Woord sal God stil, Hy sal gee waarna verlang word. Dus moet die hart verlang na geestelike voedsel, dan word dit aan hom gebied in die vorm van kennis, want elke woord uit die heilige Skrif sal nou vir die mens duidelik word en die kennis sal hom gelukkig maak en hom tevrede stem.

Maar hoe dikwels lees die mens maar net die geskrewe woord en laat dit nie tot sy hart spreek nie, hoe dikwels ontbreek die betekenis en insig van dit wat hy lees, omdat hy nie bid vir die barmhartigheid om dit te kan verstaan nie en dan is die Boek niks meer werd as elke ander boek wat slegs die doel het om te vermaak nie. Maar dan mis die lamp die olie, dan is sy sonder lig, sy is slegs `n leë houer wat haar doel nie nakom nie, want sy straal geen lig uit nie en kan ook nie die hart van die mens verlig nie.

Die woord van God kom na elke mens toe wat dit begeer, want die Heer is die woord en aan die wat probeer om Hom te bereik, openbaar die Heer Homself op die mees verskillende maniere. Hy sal hom die waarheid gee deur middel van gedagtes, of Hy sal mense bymekaarbring en Hy sal deur hulle spreek, of Hy sal tot hom spreek deur die Boek van die boeke. Maar steeds moet die bereidwilligheid aanwesig wees om die goddelike woord te ontvang, die hart moet dit begeer, sodat haar verlange vervul kan word. Die Gees uit God sal dan steeds werksaam wees, dit maak nie saak hoe en waar die mens die goddelike woord in ontvangs gaan neem nie, omdat die Gees uit God eers dan kan werk waar die mens se honger na geestelike voedsel, na die lig, duidelik blyk. En dan sal elke dwaling ook uitgesluit wees, want selfs waar so-iets deur die menslike wil ontstaan het, stuur die Gees uit God die denke van die mens so, dat hy korrek begryp en sy kennis dus aan die waarheid sal beantwoord. Hierdie kennis is dan `n lig wat helder in die omgewing straal en wat die krag van sy straling die duisternis instuur. En die kennis sal hy altyd en oral mag verwerf. Die Gees uit God is steeds bereid om kennis uit te deel en waar dit uit die diepste van die hart begeer word, daar sal die hart ook gevoed word, want God wil hê dat dit lig en helder in die harte van die mense word. Hy wil dat Sy woord nie

net uiterlik gelees of aangehoor word nie, maar dat dit diep sal binnedring, sodat dit geestelik goed sal bly vassit om eendag die rykdom van die siel in die Ewigheid te wees.

Amen.

Satan se misleiding - Masker - Materie

B.D. No. **2204**
6. Januarie 1942

Dit is Satan se werk van misleiding wanneer iets aan mense as `n reddingsmissie voorgehou word, maar wat werklik `n werk van uiterste harteloosheid is, dus wanneer mense glo dat `n bittere onregverdigheid korrek is, wanneer edele motiewe voorgegee word wat op lae en selfsugtige gedagtes gebaseer is. Satan sal woorde van liefde gebruik om die mense te beïndruk en hy sal baie suksesvol wees vanweë die mense se harteloosheid, want die mense het onbekwaam geword om die vuil spel van Satan te herken, wat hulle tot vernietiging verlok. Hy sal altyd middele gebruik wat goed en edel lyk. Hy sal nooit veg onder sy ware banier nie, maar verberg altyd sy ware karakter agter `n masker van goed. En daarom is dit besonder belangrik om waaksaam te bly, sodat die mense wat altyd wil doen wat reg is, nie `n slagoffer van sy voordoenery sal word nie. Die mens moet nooit die uiterlike oordeel nie. Woord en daad moet altyd ooreenkom en waar die liefde waarlik gewys word, hoef die werk van God se teenstander nie gevrees te word nie. Satan sal egter nooit `n goeie daad doen nie, aangesien dit sy doel is om alles wat goed en edel is, te bestry, gevolglik probeer hy om mense te beïnvloed om mekaar te benadeel.

Maar God sal nooit `n passiewe waarnemer wees waar Sy teenstander die mense se denke mislei om hul siele van die suiwer waarheid te weerhou nie. En so, waar die teenstander van God aktief valsheid onder die dekking van liefde en menslikheid versprei, gee God terselfdertyd informasie oor die ware aard van wie nou oor die mensdom regeer. God sal hom nog vir `n tydjie in volle beheer laat, wat hy uitgebreid sal gebruik, maar die tyd vir sy vernietigende werk op aarde is beperk, omdat die ware gesig van Satan geopenbaar sal word en sy dade blootgestel sal word. Iedereen wie se wil na God gedraai is, sal Satan se werk van misleiding herken en sal in afsku wegdraai van hom af; maar baie sal toelaat dat hulle deur hom bedrieg word en hulle sal dit moeilik vind om deur die gekonkel van die bose magte te sien.

Maar as waarskuwing moet julle almal weet dat elke belofte van aardse voordele die werk van bose magte is. Dat die goeie magte nooit deel sal hê aan `n aksie wat tot die verbetering van die aardse lewe moet dien nie, want dit sal lei tot die begeerte vir materie, wat egter in die aardse lewe oorwin moet word. Maar dit is wat die teenstander van God veral poog om te bereik, om mense aan materie te verslaaf, om hulle begeerte daarna te motiveer om hulle weer onder sy beheer te bring. En so word die aktiwiteit van Satan deur sy poging om begeerte te skep na dit wat die mense van ontslae moet raak, geopenbaar.

Amen.

Geboorte en sterwe.

B.D. No. **2206**
8. Januarie 1942

Die lot van alles wat vir julle sigbaar is, is verbygaande, maar dit kan nie sinneloos en nutteloos genoem word nie, want die verganklikheid van elke skeppingswerk is tegelyk die voorvereiste vir die ontstaan van nuwe lewe. Dit moet geestelik sowel as fisies verstaan word, want sodra die lewe uit een vorm uitgaan, kom iets nuuts tot stand uit die uiterlike vorm in kombinasie met ander ontbindings van uiterlike vorme, en die ontsnapte geestelike substansies verenig met ewe volwasse geestelike substansies en so ontstaan weereens nuwe uiterlike vorme, en so kom nuwe skeppings tot stand sodra ou skeppings oplos.

Geboorte en sterwe is die ewige siklus wat daarop gemik is om voortdurend hoër ontwikkeling te bereik. Geboorte en sterwe affekteer slegs dit wat vir julle sigbaar is. Die geestelike substansie weggesteek binne-in is ewiglewend; sy bly bestaan vir alle ewigheid. Gevolglik sal alles wat sigbaar

is, die materiële vorm, in werklikheid die geestelike substansie vrylaat na `n spesifieke tyd, maar die geestelike substansie self gaan egter oor in `n nuwe vorm, d.w.s. in aardse materie, totdat sy die materie nie meer vereis nie. Slegs dan sal die ware lewe begin wat nooit sal eindig nie, maar wat vir ewig sal duur. Die siklus van geestelike substansies deur die vorm sal ewighede neem, aangesien hierdie tyd so oneindig lank is vir die menslike begrip, dat `n mens inderdaad kan praat van ewighede. En tog is dit net `n vlietende oomblik in vergelyking met die nimmereindigende ewigheid in die toestand van vryheid.

Alles sigbaar streef na die toestand van vryheid, terwyl alle vrye geeste weer omsien na alles wat sigbaar is, d.w.s. na die verbande geeste daarin en voorsien hulle met nuwe moontlikhede vir bevryding. Dus laat die vrye geeste sigbare skeppings na vore kom vir die gebonde geeste, wat die gebonde geeste moet oorkom om hulself vry te laat. Om sulke skeppings tot stand te bring, is die aktiwiteit van die geeste wat in `n toestand van volmaaktheid en in harmonie met God se wil, gebruikmaak van die krag van God vir die skep en lewe gee aan baie verskillende soorte skeppingswerke.

Daarom hang geboorte en sterwe af van die wil van die vrye geeste wat weens hul liefde vir die gebonde geeste en in diepe wysheid, net skep wat die voordeligste is vir laasgenoemde in ooreenstemming met God se wil. Dit is waarom die kom en gaan van sigbare werke van die skepping altyd `n reëlmatigheid sal demonstreer, want dit word met groot wysheid gedoen en niks in die skepping ontstaan toevallig of sonder betekenis en doel nie. So `n goedbeplande skeppingswerk moet dus ook die grootste geleentheid bied vir ontwikkeling vir die onvolwasse geestelike substansie, die vergaan van sigbare dinge sal net so noodsaaklik en suksesvol moet wees as hul ontstaan; afsterwe hoef nie `n einde aan te dui van wat bestaan nie, maar slegs `n transformasie, omdat wat uit die goddelike skeppende krag na vore gekom het, nie kan ophou om te bestaan nie, selfs al lyk dit so vir die menslike oog. Gevolglik vind daar slegs `n konstante transformasie plaas van dit wat geestelike substansie huisves, net soos wat die geestelike substansie aanhoudend verander deur te groei, aangesien die geestelike substansie wat uit `n vorm kom, verenig met ander substansies van dieselfde soort en sal daarom altyd nuwe uiterlike vorme benodig sodat dit die graad van volwassenheid kan bereik wat weer sal lei tot die eenwording met ewe volwasse geeste.

Die skynbare vergaan van sigbare skeppings dui dus geestelike vooruitgang aan, d.w.s. die samesmelting van geestelike kragte, en dus is die afsterwe van alle sigbare dinge net so noodsaaklik as die ontstaan van nuwe skeppings. En indien selfs oneindige tye verbygaan, sal die liefde van die vrye geeste steeds die nog gebonde geeste elke geleentheid van ontwikkeling bied en gevolglik sal selfs hierdie geeste eendag vrykom en weer die nog onverloste geeste help. En vir hierdie tydperk sal die sigbare skepping ook bestaan, wat voortdurend sal verander, omdat slegs deur middel van deurlopende verandering dit moontlik is vir die geestelike substansies om verder te ontwikkel.

Geboorte en sterwe. Daarsonder kan daar geen verlossing wees nie. Want alle gebonde geeste sal slegs vry wees wanneer hulle ontwaak het tot die ewige lewe, wanneer hulle die weg deur die skeppings op aarde gegaan het, deur die voortdurende verandering van hul uiterlike vorm, deur voortdurende ontstaan en vergaan.

Amen.

Wegneming - wêreldoordeel

B.D. No. **2211**
14. Januarie 1942

Die wêreldoordeel sal skielik en onverwags losbars oor die mensdom en dit sal elke skepsel op hierdie aarde vernietig, want die aarde sal in haarself verander. Alles wat lewend genoem kan word, sal vernietig word deur `n gloeiende brandstorm wat die voorkoms van die aarde onherkenbaar sal maak vir die mense wat nou nog op die aarde lewe. Maar dit moet aan hulle verkondig word, omdat daar enkeles onder hulle sal wees wat beide op die ou, asook die nuwe aarde sal lewe en hulle sal getuig van die wonderwerke wat God aan hulle gedoen het.

Hulle sal die ondergang van die ou aarde in die vlees belewe en tog sal hulle nie daardeur geraak word nie, want die Heer sal hulle nader en dan sal Hy hulle oplig weg vanaf hierdie aarde. Hierdie weiniges sal `n sterk geloof besit en in liefde toegewy wees aan God. Hulle sal heeltemal volgens die wil van God lewe en sal daarom ook erg deur die ongelowige mense vervolg word. Daardeur sal hierdie Godgelowige mense in groot gevaar beland, maar die Heer sal hulle red, deurdat Hy self sal kom om hulle te haal. En dan sal daar `n skeiding plaasvind. Die goeie sal geskei word van die bose, die gelowiges van die ongelowiges. Dan ontneem God die mag oor alle geeste en geestelike substansies van Satan. Hy word dan opnuut gekluister in die vaste vorm en daarmee word die nuwe aarde gevorm.

Niks sal in sy ou vorm bly bestaan nie, want die tyd wat God toegestaan het vir die lewende geestelike substansies op aarde om uit die vorm te kom, het geëindig. Daar sal weer `n nuwe fase begin in die tydperk van verlossing en dit sal met verbasing deur die mense besef word wat op die nuwe aarde geplaas gaan word as stamouers van `n nuwe mensegeslag. Hulle sal nog die ou aarde ken, maar sal nou op die nuutgevormde aarde leef. En hulle sal nou ook die grootheid van God herken, Sy Wysheid en Almag en Sy oneindige Liefde, want hul oë sal `n tafereel sien wat hulle met verbasing en eerbied in hulself sal opneem. Dit sal `n ryk van vrede wees wat lieflik en grasieus sal wees om te aanskou en met `n menigte ongewone uiters bekoorlike skeppings van veelvuldige aard, maar heeltemal anders as die skeppings op die ou aarde.

Die mense sal jubel en God loof dat hul hierdie groot genade deelagtig geword het, sodat hulle nou die nuwe aarde mag meemaak. Hulle sal gou die voorafgaande verskrikkinge van die wêreldoordeel vergeet, ofskoon hulle nie self daardeur getref was nie, want God sal die vernietiging voor hul oë laat plaasvind, maar hulle sal ongedeerd daarvan afkom. En God sal hulle in lewende lywe verplaas na `n plek van vrede totdat Hy die werk van verandering volbring het en dan plaas Hy hulle op die nuwe aarde. Liefde, vrede en eendrag sal nou die mense met mekaar verbind wat die proses van verandering beleef het, hulle sal God loof, Hom dank en in diepe eerbied aanbid. Hulle sal lewe volgens God se wil en Hy sal hulle seën en `n nuwe geslag deur hulle voortbring wat vir `n lang tyd nie meer deur die teenstander verdruk kan word nie, omdat hy van alle mag ontneem sal wees. En dit sal `n tyd wees van vrede en verbondenheid met God, want God sal dan te midde van hulle vertoef, omdat liefde in hierdie mense sal woon.

Amen.

Aardse omgewing - Vermoëns en kennis is onbelangrik vir die volwassewording van die siel

B.D. No. **2216**
19. Januarie 1942

Dit het geen betekenis vir die positiewe ontwikkeling van die siel in welke omgewing sy haar beliggaming op aarde deurmaak nie. Dit is ook heeltemal onbelangrik watter aardse vermoëns die mens besit en op watter vlak van aardse kennis hy staan. Die mens kan aards die vernaamste eienskappe hê, hy kan in alle aardse gebiede en bekwaamhede goed tuis wees, hy kan ook `n hoë graad van kennis besit, en tog kan hy geestelik beduidend laer staan as `n mens wat in die aardse lewe nie al hierdie eienskappe besit nie, maar geestelik hoog ontwikkel is. Ja, dikwels is die geestelike volmaaktheid veel eerder herkenbaar waar alle aardse eienskappe wegval, want hierdie mense is innerliker en meer met God verbonde, omdat hulle in die arbeid aan hul siele nie deur enige invloede van buite belemmer was nie.

Dit lyk soms asof `n welgevormde siel net in `n welgeskape liggaam kan woon, asof die waarheid net te vinde is waar kennis onderrig en ontvang word en asof die graad van kennis afhanklik is van meer of minder hoog ontwikkelde verstandelike denke van die mens en tog kan juis hierdie oënskynlike voordele `n hindernis wees, wat die volwassewording van die mens op losse skroewe plaas. Die mens wie se denke andersins skerp en logies is, kan juis in geestelike opsig die grootste dwaling verdedig, maar dwaling sal nooit daartoe bydra om geestelik vooruit te gaan nie. Dit behels slegs `n lewe in liefde en daarom hoef die mens volstrek geen, deur die wêreld erkende goeie

eienskappe te hê nie en tog kan hy nog op `n baie hoë geestelike peil staan, omdat die liefde in hom teenwoordig is, en Sy die mens waarlik verhef.

Die wil om God te dien, kan net so sterk ontwikkel wees by `n mens wat aards heel klein en nederig daar uitsien, want juis dit trek God, as die Ewige Liefde, aan. Dit help egter die mens, óf sy siel, in die eerste plek om geestelik volwasse te word en dus kan `n welgevormde siel haarself veel eerder ontwikkel by `n mens wat sy opmerksaamheid nie verdeel tussen geestelike en aardse belewenisse nie. In `n sekere sin het sy dit bietjie makliker, omdat die versoekings van buite haar nie so bestorm nie, terwyl die mens van die wêreld wat oor buitengewone gawes beskik, maar dit nie gebruik vir die heil van sy siel nie, ver agter sal staan by die ander siel.

Amen.

Liefde is die sleutel tot waarheid

B.D. No. **2218**
21. Januarie 1942

Die aktiwiteit van liefde is die enigste oorsaak van insig en so is die werke van liefde die enigste weg tot waarheid. Dit is die eerste en allerbelangrikste ding wat die aardse kinders moet weet. Hulle sal nooit die waarheid op `n ander manier kan ontvang nie. As hulle kennis ontvang, terwyl hulle nie `n lewe in liefde leef nie, dan sal dit die werk van Satan wees, of as hulle die waarheid aangebied word, sal hulle dit nie as sodanig herken nie en hulle sal dit verwerp. Die suiwer waarheid sal inderdaad vir menige aangebied word, maar sal verwerp word, omdat die mense nie liefde het nie. Sulke mense klou hardnekkig vas aan valsheid en dit is onmoontlik om aan hulle te verduidelik dat hulle verkeerd is, dat hulle deur verkeerde onderrig op `n dwaalspoor gebring is. Liefde is die sleutel tot waarheid, daarsonder bly die toegang geblokkeer.

Waarheid is egter alles wat vanaf God kom. Die waarheid kan nie intellektueel nagegaan word nie, maar word van God deur die hart ontvang. Die mens kan sekerlik die waarheid verstandelik ontvang, maar hy sal altyd `n verlange na God ervaar. Hierdie verlange is egter liefde en hierdie liefde word lewend in dade van onselfsugtige naasteliefde. Slegs dit getuig van liefde tot God en dan sal die persoon korrek begin dink, naamlik dat die gedagtes wat hy ontvang, ooreen sal kom met die waarheid. Dit sal vanuit die hart ontspring, selfs al glo die persoon dat hy self `n intellektuele gevolgtrekking gemaak het. Maar die gedagtes van `n liefdelose persoon sal nooit aan die waarheid beantwoord nie, want die kragte wat die waarheid bestry, sal `n sterk invloed op die denke van sulke mense uitoefen, aangesien hulle deur hul gebrek aan liefde, hul harte vir sulke kragte geopen het, waardeur hulle toegang kry en hul mag gebruik om die denke van sulke mense te verwar.

God is waarheid, God is liefde, die een sonder die ander is ondenkbaar. Gevolglik kan daar slegs waarheid wees waar daar liefde is. Tallose foute het in die wêreld ingekom as gevolg van die harteloosheid van mense en die waarheid is verdring. Dit kan slegs opnuut versprei word onder die mensdom as hulle hulself verander in liefde en daarom moet liefde eers gekweek word, alvorens `n persoon insig kan verkry. Alle studies is nutteloos as `n persoon nie liefde het nie, want die kennis wat hy daardeur bereik, sal nie aan die waarheid beantwoord nie, of dit sal dooie kennis wees, insoverre dit nie die hoër ontwikkeling van die siel sal bevorder solank as wat dit nie die hart beïnvloed nie, solank as wat dit nie `n aktiwiteit van liefde veroorsaak nie. En dit is waarom alle geestelike kennis deur die riglyn van liefde beoordeel moet word. Dit moet vanuit `n helpende hart stroom en daardeur nuttige aktiwiteite onderrig, dan sal dit waarheid wees en God Self sal die bron van sulke kennis wees.

Amen.

Kerklike wêreldse mag - Opvolgers van Petrus

B.D. No. **2221**
27. Januarie 1942

Lees die Bybel en julle sal sien dat die gees van waarheid tersyde gedruk is op `n voor die hand liggende wyse. Die Woord van God word van julle weerhou, sodat julle wat die waarheid soek, dit nie sal sien nie. Die rekords word getrou onderhou, maar in hoeverre hierdie rekords met die leer

van Christus ooreenstem, dit word nie ondersoek nie. En hoe dikwels is die goddelike Woord nie verander nie, hoe dikwels is die Woord van God verkeerd geïnterpreteer en hoe selde is beswaar gemaak teen die verkeerde interpretasie. Die misleiding van die mensdom kan nie genoeg benadruk word nie, want dit was tog die oorsaak van alle skeurings en godsdienstige konflikte gewees.

Toe Jesus op aarde geleef het, het Hy gepraat van die koninkryk van God, van `n koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie. Hy het nie gepraat van `n wêreldse mag nie, Hy het ook nie gepraat van `n kerklike mag of van `n organisasie nie. Hy het ook nie gepraat van manne wat in die plek van God moet heers oor Sy eie nie. Hy het slegs tot Sy dissipels gespeek: "Gaan en onderrig al die nasies". Hy het hulle die opdrag gegee om die mense in Sy leer van liefde te onderrig en Hy het hulle Sy medewerking beloof as hulle in Sy Gees sou bly.

Want sodra hulle die liefde onderrig het, moes hulle ook self in liefde lewe, dus in die Heer Homself, wie Liefde is, en Hy sou dan Self by hulle wees. Want waar liefde regeer, is alle heersende beheer oorbodig, want waar liefde regeer dien die een persoon die ander en waar liefde regeer is gebooie oorbodig, behalwe die gebod van die liefde wat vir die mense gepredik moet word, omdat God dit Self gepredik het. Enigiets wat liefde onderrig, voldoen aan die goddelike wil, maar die toevoeging van verdere gebooie is nie in ooreenstemming met God se wil nie, want die basis van enige gebod is `n dominante mag.

Maar die mense moet as broeders met mekaar lewe, slegs onderdanig aan die Wil van God as hulle die koninkryk van God wil beërwe. Hulle mag hulleself egter volstrek nie teen die wêreldse mag versit, wat God ingestel het om orde te handhaaf en oortreders te tugtig nie. Maar tog is Sy koninkryk nie van hierdie wêreld nie.

Hy alleen is die Heer en Meester in Sy koninkryk en Hy het waarlik geeneen op aarde nodig om Hom te verteenwoordig sodat hulle mag oor ander mense kan uitoefen nie. Watter Woord van die Heer gedurende Sy lewe op aarde het so `n mag gespesifiseer?

Hy het `n lewe in liefde geleef. Hy het liefde gegee en liefde onderrig. Ware liefde skakel die wil om te heers uit. Die sterkere mag besluit nie om oor die swakkere te heers nie, selfs daar waar die onderhouding van die goddelike gebooie onderrig word, want wat onder dwang gedoen word, word nie baie hoog geag nie, ongeag hoe edel en goed dit is. Eers wanneer die vrye wil in die mens werksaam geword het, sal hierdie handelinge waarde voor God hê.

En so verlang God slegs na die mensdom se vrye wil. Maar nooit het die mense die reg op aarde verkry om hul eie gebooie by die goddelike gebooie te voeg nie. En nog baie minder mag die onderhouding van hierdie gebooie vir die mense as `n plig opgelê word, deur bedreiging van tydelike of ewige straf nie. Want dan sal `n gebod nagekom word om nie straf te ondergaan nie, waar andersins geen ag daaraan gegee sou word nie. Dus kan die onderhouding van sulke gebooie onmoontlik groot waarde vir God en vir ewigheid hê.

Toe die dissipels van Christus Sy opdrag uitgevoer het en die evangelie uitgedra het oor die hele wêreld, was die werksaamheid van God duidelik sigbaar, want hulle het siekes in Jesus se Naam genees, hulle het bose geeste uitgedryf en wonderwerke gedoen. Want God se Gees was met hulle en in hulle. Alles wat hulle volbring het, was die werk van God se Gees. Hulle het die leer van Christus verkondig, die goddelike leer van liefde en het terselfdertyd liefde uitgeleef teenoor hulle naastes. Hulle het dus die begeerte tot oorheersing heeltemal elimineer, want hulle was soos broeders onder mekaar en die een het die ander in liefde gedien.

Dit was die taak wat Jesus Christus Sy dissipels opgedra het vir hul toekomstige werksaamhede. Hy het nie één van Sy apostels aangestel as opperhoof of as leier, aan wie die ander onderdanig moes wees nie, maar wat later ontstaan het en wat heeltemal afgewyk het van dit wat die Heer Self voorgestaan het. `n Kerklik-wêreldse mag is in die lewe geroep wat elke gebod van die liefde so gestruktueer het, dat dit nie meer ooreengekom het met dit wat Jesus die mense Self geleer het nie. Alhoewel die dien in liefde wel nog verlang was, was dit nie meer self deur hulle beoefen nie. En dit was van diepgaande betekenis, want daar het weer dieselfde ontstaan waarteen Jesus gespreek het

tydens Sy lewe op aarde, naamlik dat die mense verplig geword het om te doen wat hulle vrywillig moes doen. En manne van aansien, rang en waardigheid is betitel as opvolgers van die apostels, wie tog hul amp in die grootste armoede beklee het. So ontstaan `n organisatoriese bouwerk, met `n enorme ontplooiing van prag as die alleen saligmakende kerk, wat Jesus Christus sou ingestel het met die woorde: “Jy is Petrus, die rots.”

Hierdie woorde was dus deur mense geïnterpreteer wat na mag gestreef het, maar in geen geval het hierdie woorde die betekenis dat Petrus die stigter van `n kerklike mag sou wees en dat die maghebbers van hierdie kerk die opvolgers van die apostels is nie, hierdie einste apostels wie sonder rang en waardigheid slegs die evangelie, die goddelike liefdesleer aan die wêreld verkondig het. Petrus was die mees toegewyde van hulle en Jesus het sy sterk geloof bekragtig met hierdie woorde: “Jy is Petrus, die rots, op hierdie rots wil Ek My kerk bou”. Jesus noem die gemeenskap van gelowiges Sy kerk, want hulle wat die koninkryk van God wil hê, moet so in die innigste geloof aaneensluit en Sy kerk vorm.

Dit is Sy Wil en met hierdie Wil het Hy die genoemde Woorde geuiter. Dit is egter nie Sy Wil dat hoë en hoogwaardigheidsbekleërs moet glo dat hulle die hoof van so `n gemeenskap is en ook hul mag uitoefen nie, sodat deur tallose gebruike en seremonies die eintlike kern onbelangrik geword het nie, sodat die goddelike leer van liefde onopgemerk gebly het deur suiwer uiterlikhede waaraan teveel waarde geheg word en sodoende word die eintlike sending van die apostels om die wêreld in te gaan om die evangelie te verkondig, nie langer meer herken nie.

Daar mag wel onder die maghebbers nog manne na God se hart wees en Hy sal ook waarlik nie Sy Gees en Sy Genade van hulle weerhou nie, maar hul wysheid sal dan nie die gevolg wees van hul posisie of hul hoë amp wat hulle beklee nie, maar vanuit hul ware lewenswandel voor God. Hulle is dan die ware opvolgers van Petrus, want hulle is sterk in geloof en vanuit die sterkte van geloof put hulle wysheid, want hulle is dan soos `n rots waaruit die lewende water stroom. Hulle sal dan ware verteenwoordigers van die kerk van Christus wees, wat `n gemeenskap van gelowiges is.

Amen.

Selfsug, God se ingryping is die laaste uitweg

B.D. No. **2223**
29. Januarie 1942

In hul ondenkbare selfsug sal die mensdom hulself vernietig as God nie `n effektiewe teenvoeter gebruik om hierdie selfsug te verminder nie. Die mens dink net aan homself en die lot van sy medemens laat hom in die algemeen onaangeraak. Sy denke en gedrag is gevolglik net altyd die berekening van die grootste moontlike voordeel vir homself, wat geestelik `n geweldige nadelige uitwerking het. Daarom word elke dag wat gespandeer word aan die strewe na aardse voordele, tevergeefs geleef. En huidiglik hou slegs `n klein aantal mense in die wêreld hulle geestelike vordering in gedagte. Hulle ignoreer nie hul medemens se nood deur onverskillig te wees nie. In plaas daarvan, probeer hulle om dit waar moontlik te verlig en maak self opofferings, want hulle oorweeg ander mense se swaarkry meer as hul eie swaarkry. En dit is om hulle onthalwe dat God steeds aarsel om die laaste uitweg toe te pas, want Sy liefde wil mense onuitspreeklike lyding spaar en hulle waar moontlik oorreed om liefdesdade te doen.

God se ingryping sal egter lei tot groot lyding, want hierdie lyding is bedoel om mense se harte te verander, en in die lig van hul naaste se ellende en teenspoed is hulle veronderstel om hul eie swaarkry te vergeet. Dus sal hulle teen hul selfsugtige liefde en strewe moet veg, slegs om hul medemens se ellende te verlig. Slegs dan sal hulle aardse lewe vir hulle geestelik suksesvol raak. Maar ongelukkig, veral nou, het mense baie duidelike aardse begeertes, hulle begeer die goedere van hierdie aarde. Elke gedagte het slegs betrekking op hoe hulle dit kan bekom.

Gevolglik neem hulle geen kennis van wêreldgebeure nie en selfs minder van die tekens wat die werking van God aankondig. Hulle gee geen aandag aan die gebeure wat die geestelike verval vergesel nie. Hulle sien nie die oortredings wat reeds aanvaarbaar is nie, ook gee hulle nie aandag aan

die verkeerde konsepte van "reg" en "geregtigheid" nie, en daarom maak hulle ook nie beswaar teen die gees van die tye nie, naamlik die opposisie teen alles wat betrekking het op godsdiens. Hulle is eerder van mening dat alles korrek is, wat duidelik teruggevoer kan word na die teenstander se invloed.

En dit is waarom God Sy invloed handhaaf, d.w.s. Hy werk so duidelik teen hierdie geestelike oppervlakkigheid dat dit gesien kan word deur enigeen wat wil sien. Want Hy neem alle mag. Hy maak mense magteloos, Hy laat hulle voel dat hulle self nie in staat is om God se ingryping te verhoed nie, dat hulle dit sal moet verduur sonder om in staat te wees om dit in die geringste te verander. En dan sal hulle slegs in staat wees om hul karakter te verander, indien hulle bereid sal wees om dit te doen. Hulle sal voorsien word met eindelose geleenthede om die liefdesvonk in hulself te ontsteek, om dit te voed tot `n vlam en dan toepaslik liefdevol aktief te word.

As hulle nie van hierdie laaste moontlikheid gebruik wil maak nie, sal hulle nie meer op aarde gehelp kan word nie, want diegene wie se selfsug te groot is, sal dan nie in staat wees om hul werklike funksie te herken nie, hulle sal vrees vir hul lewe en hul besittings en indien moontlik, probeer om te vervang wat hulle verloor het. In daardie geval sal God se ingryping vir hulle tevergeefs gewees het. Dan sal hulle die gevolge van hul vleeslike toestand moet dra, want dit is wat hulle wou gehad het, want hulle kan nie met geweld losgemaak word van hulle eie selfsugtigheid nie.

Amen.

Leuengees en sy werktuie

B.D. No. **2231**
8. Februarie 1942

Die leuengees beheers die wêreld en wie die wêreld en sy dinge begeer, is `n prooi van hierdie leuengees, want slegs daar kan hy homself handhaaf, slegs daar sal hy as meester erken word, deurdat hy aanvaar word en na geluister word.

Die Gees van Waarheid daarenteen sal maar net veld wen onder die mense wat sal poog om hulself van die wêreld en sy dinge los te maak, wie geen enkele verlange daarna sal hê nie, maar hulself sal besighou met goddelike sake en wie hulle denke daarop sal rig, wat dink aan hulle eintlike bestemming en positief staan teenoor `n geestelike lewe. Daar word die leuengees toegang ontsê, want aan hierdie mense verleen God Self Sy beskerming en Hy onttrek hulle vanuit die mag van diegene wat die leuen in die wêreld bring.

Die mense wat die wêreld toegedaan is, erken daardeur dat hulle aan hom behoort wat sy mag in die wêreld het, want hulle begeer nog hulle aandeel daaraan, naamlik die onverloste materie wat nog baie van die bose geestelike substansie bevat. En daar waar hy die wêreld heeltemal vir homself wil wen, gebruik hy elke geleentheid om die sug na materie in die mense te vergroot, om dit vir hulle as begerenswaardig voor te stel. Daarmee bedien hy homself van die leuen, want die waarheid sou die mense opheldering gegee het en hulle verlange na aardse goedere laat verloor.

En so probeer hy elke waarheid met die leuen te vermeng, hy probeer om die mense in `n verkeerde denke binne te lei, hy probeer om hulle gees te vertroebel, d.w.s. hulle te verstrik in die aardse hartstogte en begeertes, sodat die gees in hulle met die digste omhulsels omgeef word sodat die siel geen enkele opheldering kan kry nie. En al die goddelike probeer hy ondertoe trek, om al die edele te verstik, die waarheid te vertroebel, die liefde uit te roei, haat en onvrede te saai en die mense geleidelik so te vorm dat hulle soos hy sal lyk, dat hulle al die eienskappe sal aanneem wat die bose kenmerk.

Die liefde vir die waarheid is maar by heel weinig mense aanwesig en hulle is die wat deur die wêreld verag word. Maar hulle doelwit is God, wat die Waarheid is en hulle poog om geestelike dinge te verkry wat vir ewig duursaam is. En dus styg hulle bo die wêreld uit en die vors van die leuen sal geen invloed meer op hulle hê nie.

En tog wil hy hulle nog in die noute bring en daarom vereenselwig hy homself met hulle wat ook uiterlik na die waarheid streef, d.w.s. wat die skyn wek dat hy die waarheid soek, maar innerlik is hy die vors van die leuen toegedaan, wie homself en sy lewe liefhet en poog om dit vir homself so aangenaam moontlik te maak, wat midde in die wêreld staan en tog probeer om die verbinding te verloën, en wat sonder `n innerlike drang om homself van die wêreld af te keer, vir sy medemens `n onselfsugtige lewe voorspel en dus die leuen toegedaan is.

Hulle word deur die teenstander gebruik as sy werktuie, deurdat hy hulle laat spreek onder die dekmantel van die waarheid, soos wat die vors van die leuen dit wil. En so vermeng die leuen met die waarheid en die mensdom neem alles aan wat aan hulle as waarheid gesê word en wat tog die grootste onwaarheid is, want hulle het geen insig nie, omdat hulle die waarheid nie begeer nie en die onwaarheid beantwoord meer aan hulle aardse verlange en daarom word dit sonder enige beswaar aangeneem.

Maar die Gees van Waarheid sal deurbreek, sodra die mense hulself vrywillig van die materie afkeer, sodra hulle geestelike dinge sal begeer en hulself na God rig. En Hy sal die leuengees oorwin, want wie die waarheid insien, sal dit verdedig en probeer om dit uit te brei en die onwaarheid sal verdring word en daarmee word hy oorwin deur wie die leuen in die wêreld gekom het.

Amen.

Leuen en waarheid en hul oorsprong

B.D. No. **2232**
11. Februarie 1942

Die werksaamheid van die Gees is nie te misken nie, juis omdat die begrip waarheid en leuen so duidelik van mekaar onderskei kan word, dus waar God of Sy teenstander as oorsprong van dit wat die mense aangebied word, te herken is. Die Gees uit God sal steeds teen alle onwaarheid ten stryde trek, omdat Hy in Hom die suiwere Waarheid is wat Uitstraal van God, Wie die Waarheid Self is. Die waarheid en die leuen is so teenoorgesteld, dat ook die oorsprong daarvan twee heel teenoorgestelde wesens moet wees. En steeds sal die mens wat hom in die waarheid bevind, hom met God verbind voel, d.w.s. vanuit sy innerlik die goeie nastreef, terwyl die aanhanger van die leuen gebonde is aan die wil van die mag wat alle bose drifte en neigings in die mens opwek.

Soos wat die begrip waarheid slegs met God in verband gebring kan word, sal die mens nooit onwaarheid of dwaling hoef te vrees wie homself in verbinding stel met God nie en gevolglik kan die waarheid slegs daar verkry word waar die wil van die mens op God gerig is. Maatgewend daarvoor is egter nie woorde nie, maar die dade van diegene wat glo dat hulle wetend is. `n Mens wat nie ophou om werksaam te wees in liefde nie, sal onherroeplik in die waarheid wandel, want die Gees vanuit God stuur sy gedagtes na goeie insig.

Maar agter die leuen staan die mense wat nie in die liefde aktief is nie, want hulle denke word deur die mag wat teen God gerig is, beïnvloed. Hulle sal steeds waarheid en leuen probeer vermeng. Hierdie mens sal nóg die waarheid begeer, nóg die leuen as sodanig insien, veeleer sal alles wat hom aangebied word aangeneem word sonder om te oordeel en hy sal alles as goed beskou, selfs wanneer `n mens duidelik kan aflei dat daar bose kragte op die spel is. Want hy verafsku nie die leuen nie, omdat hy in sy verstand blind is en deur sy liefdelose wese nog baie verwant is aan hom wie self sonder enige liefde is. En hy sal ook nie die drang in hom voel om die ware en korrekte te wil insien nie, omdat hy niks begeer wat van God is, solank hy hom nog in die mag van die teenstander van God bevind nie.

Die werksaamheid van die Gees is dan begryplikerwys nie moontlik nie, want die Gees uit God kan Hom alleen uiter waar die waarheid begeer word, omdat God die goddelike alleen vir diegene kan aanbied wat poog om nader aan God te kom. Maar die leuen gaan van die teenstander uit en voer ook na hom terug, want alles wat leuen is, beteken verwydering van God en dus aanpassing by Sy teenstander.

Alle kenmerke van die waarheid, asook die van die leuen, word herkenbaar vir die mens wat na die waarheid verlang en hy sal baie spoedig weet waar hy die waarheid moet soek en waar hy die leuen kan vermy. Want die mens wat die waarheid begeer gee homself, d.w.s. sy denke, oor aan God, Wie hom nou met Sy Gees verlig, d.w.s. die denke rig, sodat hy duidelik kan insien en die waarheid goed kan onderskei van die leuen.

Amen.

Katastrofe

B.D. No. **2246**
28. Februarie 1942

Die naderende slegte weer katastrofe is van die uiterste belang vir alle mense, omdat dit ook wêreldgebeure sal verander en die mense sal dan ander verantwoordelikhede en gebeure ondervind, waar die gevolge nie minder moeilik of verontrustend sal wees nie. Die oorlewendes sal aanvanklik deur onrusbarende tye gaan, omdat hulle nie sal weet of en wanneer daar `n herhaling van hierdie natuurramp sal plaasvind nie. Ook sal baie mense nie weet waar hul geliefdes is nie, baie sal alleen en verlate agterbly en verdriet en sorge sal orals wees, en daar sal omtrent nie `n huis sonder ongelukkige mense wees nie en in die land waar die stem van God gespreek het, sal daar geen stad sonder ruïnes wees nie. En dan sal die liefde haarself moet bewys en die een sal die lyding van die ander moet help dra, as die mense `n lewe wil lei wat ten minste draaglik sal wees en nie totale wanhoop nie. Die lyding in die wêreld sal `n ander vorm aangeneem het, maar die mense kon dit nie heeltemal gespaar word nie, solank as wat hulle hulself nie tot God bekeer het en nie gepoog het om hul geestelike taak te vervul nie. En dit is waarom hulle, wat tot dusver onaangeroerd deur wêreldgebeure gebly het, beïnvloed sal word. En so sal die wêreldverwoesting deur `n ongelooflike moeilike tyd gevolg word wat gevoel sal word oral waar liefdeloosheid oorwegend is.

Die mense kan hulself nie voorstel dat `n natuurramp van hierdie omvang op die punt staan om te plaas te vind nie en aanvanklik sal sy omvang nie bekend wees nie, want dit sal baie tyd neem alvorens die nuus om die wêreld sal kan gaan en hierdie onsekerheid sal die lyding en sorge vererger, aangesien alle kontak met die buitewêreld afgesny sal wees en moeilik sal wees om te herstel. En die regerings sal druk op mense plaas om werk te doen wat byna bo hul kragte sal wees en hulle sal hulself nie kan verdedig nie en `n miserabele lewe lei sonder enige hoop op verbetering. Maar sulke lyding is noodsaaklik om die mense tot hul ware doel te lei, naamlik om kontak met God te maak en `n beroep op Hom te doen vir raad en hulp. En dan sal die Woord van God vir hulle toeganklik gemaak word, dan sal hulle ingelig word oor hoe God werk, van Sy wil en Sy goddelike onderrig in die liefde, dan sal hulle geleer word van die lewe na die dood, van die verganklikheid van alle wêreldse dinge, oor die betekenis en doel van die aardse lewe en hul taak, wat bestaan uit die ontwikkeling van hul siele en om `n lewe op aarde te lei wat aan die wil van God beantwoord.

Die uur sal spoedig kom wanneer God die mensdom sodanig sal aanspreek dat die hele wêreld sal skud. In een nag sal onuitspreeklike ellende die mense tref, en hulle wie se lande deur hierdie ramp getref sal word, se volgende dag sal verskriklik wees, want die oorlewendes sal met `n gesig van verwoesting begroet word wat alle vrees en verbeelding te bowe sal gaan.

Maar God se wil is onherroeplik, want hy weet dat die menslike denke geskud moet word, Hy ken die siel se swakheid en om haar in haar swakheid te help, sal alles gebeur, soos wat dit van ewigheid af vooruit bepaal is.

Amen.

Herkenning van die waarheid is `n plig om dit te verdedig

B.D. No. **2247**
1. Maart 1942

In `n wêreld van spotters en lasteraars sal die waarheid skaars in staat wees om haarself te vestig, want hulle ontken alles van `n goddelike aard en dus ook die waarheid wat van God af kom. Maar elke persoon wat die waarheid ken, wat haar herken, is verplig om haar te verdedig, selfs teenoor

diegene wat altyd wil veg teen die waarheid. Om van die waarheid af te wyk, sou dieselfde wees as om saam te stem met die teëstander van die waarheid.

Die waarheid sal altyd beveg word, want sy kom van bo. Maar materialisties georiënteerde mense wil net dit wat van onder af, wat van die wêreld af kom, erken, en sy sal altyd die waarheid weerspreek. As die waarheid op aarde versprei moet word, mag haar verdediger op geen manier lief wees vir die wêreld nie, ook mag hy nie mense vrees wat hom wil verhoed om die waarheid te versprei nie. In stede daarvan moet hy heeltemal afstand doen van alle aardse voordele, en eerder bereid wees om sy lewe op te offer, as om die waarheid te weerhou of teen sy oortuiging te praat. Hierdie vereiste is inderdaad nie `n maklike een om aan te voldoen nie, want `n mens se fisiese lewe is nog steeds te waardevol om dit op te gee ter wille van `n waarheid wat die mense nie wil hê nie en eerder verwerp sal word, maar word tog van God verwag, sodra Hy mense waardig ag om die waarheid van Hom af te ontvang. Herkenning van die suiwer waarheid is ook `n verbintenis om dit aan te gee en om `n oningeligte persoon in te lig oor God se aktiwiteit. En as die mense hierdie gawe met vyandigheid behandel, moet hy nie geïntimideer word en vreesagtig praat of swyg nie, in plaas daarvan, moet hy vreesloos opstaan vir die waarheid, selfs waar die regerende mag stilte vereis. Dit is egter God Self wat hy verkondig en die ingeligte persoon moet God nooit ontken nie, wat hy egter sou doen as hy nie die waarheid gepraat het nie, of as hy iets teen sy beterwete sou sê wat nie ooreenstem met die waarheid nie of wat sal veroorsaak dat valsheid versprei kan word as hy dit as sulks herken het. Sodra die mens God ontken, word hy swak, maar aan die ander kant, as hy die waarheid onderskryf, sal die krag om vas te staan teen elke vyandige argument na hom toe stroom en hy sal oorwinnend bly oor die spotters en lasteraars wat slegs leuens bevoordeel en wat dus altyd teen die waarheid veg.

Amen.

Woorde van die Vader - Die Stem van God - Luister innerlik

B.D. No. **2250**
5. Maart 1942

As jy My Stem wil hoor, dan is `n gedagte wat jy na My toe stuur in vurige verlange, voldoende. Ek is te alle tye bereid om in die Woord by jou te wees. Ek is geneig om sonder voorbehoud met jou te praat, want waar `n liefdevolle hart na My verlang, daar sal My Stem steeds klink en die mees kosbare gawe aanbied, naamlik die suiwer waarheid.

Ek het maar net een doel: Om jou na My toe te trek en om hierdie doel te bereik, het Ek alles laat ontstaan wat jou omgewe. As `n hart My self tegemoet kom, as sy in die diepste liefde begeer om naby My te wees, het Ek hierdie doel bereik, want die vurige verlange daarna is al `n verwesenliking. Ek laat niks val wat daarna streef om by My te wees nie.

En so moet julle weet dit julle My almal kan ken, as julle maar net ernstig wil. Julle moet weet dat Ek oral en te alle tye bereid is om met julle te praat, as julle liefde My soek. En julle sal waarlik voortdurend gevoed word met My Woord en nooit bang hoef te wees dat Ek julle hierdie gawe van genade sal ontneem nie, want My Liefde bly steeds dieselfde. My Liefde word nooit minder nie en My Liefde is onophoudelik bekommerd oor jou en wil jou gee wat jy nodig het om jou vir ewig met My te verenig.

My Liefde wil julle ook in staat stel om lief te hê. En daarvoor het julle My Woord nodig, wat julle uitsluitsel gee oor wat julle is en wat julle taak op aarde is. Julle het My Woord nodig, sodat julle liefde kan leer, sodat julle nader aan My kan kom, sodat julle kan word wat Ek is, sodat julle Liefde word. En dus onderrig Ek al my kinders en bring Ek Myself in die Woord nader aan hulle. En almal mag My hoor. Maar dan moet hulle ook luister na die Stem in hul hart. Hulle moet hul in stilte terugtrek in hul kamertjie, dus moet hulle hulself vrymaak van die wêreld en haar verlokkinge en dan met My tweespraak hou. En as hulle nou opmerksaam en ingespanne na hul innerlike luister, sal hulle ook My Woord verneem. Des te inniger hulle met My verbind en des te meer hulle hul van die wêreld kan afsluit, des te helderder en duideliker sal hulle My Woord verneem.

Hulle moet My toegedaan wees en My onveranderlike trou belowe, dan sal die geestelike oor skerpgemaak word en dan sal hulle My Stem heel goed herken, want dit is Woorde van Liefde wat Ek spreek tot diegene wat hierdie Woorde begeer.

Amen.

Die aan God gelyke wil van die volmaakte wese en werksaamheid - Skep en weer tot lewe bring

B.D. No. **2259**
14. Maart 1942

Al die wesens wat hulself met God verenig het, het ook dieselfde wil as Hy. Die krag van God deurstroom hulle en dus sal nou verwesenlik word wat ooreenstem met die wil van God, want die volmaakte wese bring wel uit homself tot stand, maar in samewerking met God, deurdat hy hom van die krag bedien wat hom vanuit God toestroom. Die wese kan niks anders verwesenlik as dit wat God wil nie en hy sal ook geen ander wil hê nie, want sy wil het homself heeltemal by die goddelike wil aangepas, of ook: Sy wil het heeltemal opgegaan in die wil van God.

Hierdie ooreenstemming van denke en wil is onuitspreeklik saligmakend. Dit het sy beloning daarin dat niks vir die wese onmoontlik is wat hy dink en wil nie, en dat hy nou deur die krag van God kan skep en vorm na eie goeddunke, sonder om ooit teen die goddelike wil te handel, terwyl die wil van die wese wat ver van God verwyder is, in eie reg optree en steeds dit sal wil en bedink wat teen die goddelike ordening gerig is. Maar die wese kan slegs volmaak wees, wanneer hy hom in volle harmonie met die goddelike ordening bevind. God het in Sy wysheid en volmaaktheid alles in die mees volmaakte ordening geskape en sal tot in alle ewigheid Sy skepping lei met Sy wil. Gevolglik sal elke wese wat volmaaktheid bereik het, ook die skepping verlewendig deur sy wil.

Daar sal dus steeds nuwe skeppings ontstaan deur die wil van die wesens, want God laat hierdie wesens tot Sy eie diepe vreugde skep en vorm binne Sy opdrag, in ooreenstemming met Sy plan en Wysheid. En dit is die oertoestand van die wese, waarin hy weer na `n ondenkbare lang tyd ingegaan het.

Die wese kom dus sy aanvanklike bestemming na, deurdat hy die oerkrag - die liefde - vorm laat aanneem volgens sy gedagtes en sy wil. En dit beteken vir die wese `n graad van geluksaligheid wat ondenkbaar is, maar wat ook vir al die wesens ten doel gestel is. En al gaan daar ook ewighede verby, die volmaakte sal onafgebroke saligmakende werksaamhede uitvoer en skep en vorm en so die heelal met steeds nuwe skeppings vul, wat weer ten doel het om die nog onvolmaakte wesens na volmaaktheid te lei.

Die taak van die wesens bestaan dus slegs uit die herlewe van die skepping, met as doel die volmaaktheid van die gees wat die skepping in haarself dra. En hierdie taak is die voorreg van die ligwesens wat hul in `n hoë graad van volmaaktheid bevind. Hulle het dus deur wedersydse eenwording ware groot kragsenders geword wat dus nou ook dienooreenkomstig kan werk. Ook sal hierdie talle wesens slegs een wil hê, omdat hulle, met die krag uit God, ook deur Sy wil deurstroom word, want die teken van hul gelykenis met God is dat hul denke enkel en alleen ingestel is op die verlossing van die nog onvolwasse wesens, omdat hierdie ligwesens met innige liefde vir die onverloste siele vervul is en hulle graag na God wil lei. Hulle poog dus ook dat hulle `n geluksalige toestand bereik. Dus moet hulle eers die denke van die wesens verander en ontvanklik maak vir lig en liefde. Dit is weer die werksaamheid van die ligwesens uit die hiernamaals, waar hulle `n taak vervul wat aan hulle opgedra is.

Die onderrigtende kragte is ook onafgebroke aan die werk, want hulle doel is buitengewoon moeilik en verg so nou en dan `n lang tyd voordat hulle sukses behaal. Ook hierdie ligwesens vervul maar net die wil van God, dus soos wat God se Wysheid die wesens geestelike voedsel wil laat toekom op aarde en in die hiernamaals, so deel die ligwesens dit uit. Want hulle het die hoogste insig en weet daarom ook in watter vorm en hoeveelheid die gawes van God aan die nog onvrye gees aangebied kan word en in watter toestand van volmaaktheid die ontvangende siele hulself bevind.

Elke taak van die ligwesens is slegs ingestel op die verlossing van die nog onvrye wesens, soos wat die wil van God ook onophoudelik die van Hom eens uitgegane krag weer tot Hom wil laat terugkeer, dus al die wesens wil terugwen wat hulle van Hom verwyder het. Alle aktiwiteit van die ligwesens het ten doel die uiteindelike vereniging van die nog van God geskeide wesens met God en hulle verkry daardeur die grootste saligheid deur die werksaamheid met God en vir God in ooreenstemming met sy wil.

Amen.

Dien in liefde uit vrye wil

B.D. No. **2267**
18. Maart 1942

Daar word `n voortdurende positiewe ontwikkeling gewaarborg, solank as wat die wesens nog in `n gebonde wil is, dus deur die gang van die skeppingswerke moet gaan. Want hulle dien, ofskoon hulle in `n sekere sin tot dienende werksaamheid gedwing word. Hulle is egter ook bereid om te dien, omdat hulle andersins nie hul werksaamheid toegewys sou gekry het nie. Die bereidwilligheid om te dien is die eerste voorwaarde vir volgehoue positiewe ontwikkeling.

In die stadium as mens word dit weer aan die wesens oorgelaat of hulle liefdevol werksaam sal wees of nie. Hulle siele is nou in die toestand om volmaak te word, sodat die grootste dwang, naamlik die gebonde wil, vervang kan word deur die vrye wil. Daarom word hulle nie meer gedwing om dienend besig te wees nie. Inteendeel, die siel moet uit vrye wil verrig wat dan weer haar positiewe ontwikkeling tot gevolg het. En so hou hierdie stadium ook `n seker gevaar vir die mens in, dus vir sy siel, indien hy faal, as hy dus nie sy vrye wil gebruik om liefdevol besig te wees nie.

Daarom het God die lewe van die mense op aarde so vorm gegee dat hulle mekaar nodig sal hê om hulle die geleentheid te gee om mekaar te dien. Dit word nie willekeurig so gereël nie en die verskillende lewensomstandighede het hul wyse doel. Dit moet die mens verlig wat dien. Hy word wel deur die omstandighede tot diening gedwing, maar kan homself tog ook nog verset, of die werk onwillig doen. Hy word dan egter deur God in ooreenstemming daarmee beoordeel, dit belemmer dus die volwassewording van die siel, want die dien in liefde lewer eers aan die siel die graad van volmaaktheid op en verlos haar vir goed van die gebonde toestand.

Die menslike lewe is skynbaar ook wel `n lewe onder dwang wat dit in die raamwerk van die natuurwette moet voltrek, sodat die mens baie dikwels die vryheid van sy wil in twyfel sal trek. En tog besit die mens baie vryheid. Want sy denke, handeling en wil staan hom vry. En so kan hy ook teen die goddelike ordening sondig, wanneer sy drang ongeremd is en hy homself aan die duistere mag oorgee.

Die innerlike stryd teen goed en kwaad is sonder beperking aan homself oorgelaat. En dit sal hom makliker of moeiliker geval, na gelang hy werksaam raak in die liefde, dus in liefde dien. Die vrywillige dien in liefde laat hom eers goed van die vryheid van sy wil bewus word. Want dan sien hy in dat hy op geen enkele wyse daartoe gedwing word nie en dat hy eerder die reg het op dieselfde wilsvryheid om teenoorgesteld te handel.

Alle liefdeloosheid versterk die wil om te heers, terwyl by elke handeling in liefde, die drang om te dien groter word in hom. En hierdie dien is `n saligmakende dien, wanneer dit in vrye wil en in liefde verrig word, terwyl `n dien onder dwang - d.w.s. teen sy wil - die mens tot las word en hom innerlik in opstand laat kom. Dan word die mens beheer deur die bose mag, wat hom wil verhinder om homself te verlos.

En daarom is die aardse lewe `n verantwoordelike lewe, omdat daar soveel geleenthede is om in dienende liefde werksaam te wees, sodat die siel haarself kan verlos as hierdie geleenthede in ooreenstemming daarmee gebruik word. En hierdie geleenthede sal toeneem, hoe minder die mense die sin van hulle bestaan insien en vervul, om in hulle die gevoel van liefde op te wek by die sien van die groot nood van hul medemens en sal hulle nou aanleiding gee om dienend werksaam te wees.

Amen.

Eieliefde - `n Geringe wil om verlossend besig te wees

B.D. No. **2268**
18. Maart 1942

Die wil om op aarde verlossend besig te wees, is heel gering te noem, omdat die mens die afstand na God deur hul lewenswandel vergroot het en die steeds groter wordende afstand, ook steeds groter wilswakte beteken. Maar om verwyder te wees van God, beteken ook gebrek aan insig en derhalwe is die mens nie op hoogte van die noodsaaklikheid en die seën van verlossende werksaamheid nie. Hy weet niks oor die gevolge in die hiernamaals nie en doen daarom niks om die "ver van God wees toestand" te verklein nie. Dit is `n sekere gebondenheid van die wil, want ofskoon die wil van die mens vry is, het die teenstander tog nog groot mag oor hom en wel, wanneer die lewenswandel nie beantwoord aan die goddelike gebooie nie. Vryheid van wil besit die mens wel, deurdat hy kan optree en dink soos wat dit hom pas, want werklik gedwing word, kan hy nie deur die bose mag nie, ook plaas God geen dwang op hom nie. Maar as sy denke en strewe boos is, dan wend hy hom uit vrye wil na hom toe, wat sy eie wil eenmaal misbruik het en hy homself nou ook die wil van hom toeëien wat homself na hom wend. En nou is dit vir die mens moeilik om die vrye wil te gebruik en dit word steeds lastiger, hoe meer mag hy die teenstander van God toelaat.

As die mens vry wil word van sy mag en ook ander verlos of hulle behulpsaam wil wees, dan moet hy liefde beoefen. Want liefde is die teenoorgestelde krag van die van die teenstander, wie totaal liefdeloos geword het. Elke werk van liefde maak die mens vry, want dan maak hy homself los van hom wat die orde van God omver wou werp, wie God as die ewige Liefde nie erken nie en wie se krag `n heerskappy in algehele liefdeloosheid is. Verlossende werk is dus elke daad waarvan die dryfveer liefde is.

Maar in die huidige tyd is die eieliefde van die mens bepalend vir elke taak. Elke mens dink net aan sy eie voordeel in sy werk, maar die begeerte om sy medemens daardeur te help, is maar selde teenwoordig. En daarom lewer sulke arbeid weinig geestelike resultate op. As die mense meer met God verbonde was, dan sou die liefde vir die "ek" steeds swakker geword het en sou die liefde vir sy medemens in verhouding toegeneem het. En dan sou die mens van binne aangemoedig word om in liefde te werk, hy sal nou steeds wil help en heeltemal vry wil word uit die geweld van die liefdelose mag.

Maar omdat die wil om verlossend besig te wees so selde te vinde is, het die teenstander groot mag op die aarde en hy spoor die mense aan tot steeds groter liefdeloosheid, sodat die mense hom gewillig volg en mekaar byna oortref in werke van verwoesting en in gevoelens van haat en wraak. En die verwydering van God word steeds groter totdat hulle weer heeltemal ten prooi geval het aan die invloed van die bose en dit dan `n algehele geestelike ondergang sal beteken, waaraan God egter deur sy Mag paal en perk sal stel. Hy sal weer Sy teenstander die mag ontneem oor die gees, deurdat Hy dit weer in die vorm kluister vir `n ondenkbare lang tyd.

Amen.

Die goddelike Liefdesvonk -Ware en verkeerde liefde

B.D. No. **2287**
2. April 1942

Die goddelike Vonk in die mens is die Liefde. God het die Liefde in elke mensehart geplaas en hom `n taak opgedra op aarde, naamlik om die goddelike Liefdesvonk te laat aanwakker tot `n hoogbrandende vlam, wat dan alles rondom haar sal verteer. Die liefde woon dus in alle mense, maar na watter dinge hierdie liefde haar wend, word aan die mens oorgelaat, dus bepaal die menslike wil die teiken van sy begeertes, dus die voorwerp van sy liefde. Geestelike begeertes en aardse begeertes is kenmerke van die ware, dus die God welgevallige, en die verkeerde liefde. Want liefde is `n verlange na eenwording.

Word die mens met iets vertroud gemaak en hy probeer om dit te besit, dan het die liefde al in hom ontvlam. En met beide word hy in kennis gestel, sodat die mens kan besluit. Hy word aardse goedere en verlokkinge van die wêreld gebied, maar hy word ook geestelike goedere ter beskikking gestel, sodat die liefde in die mens nou kan besluit watter voorwerp hy as doel sal neem. En dienooreenkomstig sal die liefde ook groei. Die verlange na eenwording gee dus die aardse lewe eers sy inhoud, want nou streef die mens na besit, geestelik of aards, na gelang die geloof en die verlange na God sterk is. Daarom sal die liefde die aandrang wees vir alle handeling en denke.

Die wêreldse liefde is dieselfde as liefdeloosheid, want wêreldse liefde skakel die liefde vir God uit, wêreldse liefde streef slegs na eiebesit en fokus nooit op die naaste nie. Maar eieliefde is die teenoorgestelde van naasteliefde, dus kom daar uit hierdie liefde liefdeloosheid vir die medemens voort, want elke mens hou van homself, alhoewel sy denke en optrede teenoor sy medemens liefdeloos genoem kan word.

In die begin sal twee begeertes in die mens stry en dan is dit betekenisvol aan watter begeerte in homself die mens sal toegee. As die liefde vir die goeie in hom oorheersend is, dan sal hy spoedig die begeertes na die wêreld oorwin, want die goeie het sy oorsprong in God. Gevolglik stuur die mens op God af en dus rig hy sy liefde op Hom. En hierdie liefde uit homself tot liefde vir die naaste, sal uitbreek in `n hoogbrandende vlam. Maar die verkeerde liefde sal verganklike goedere as doel hê. Dit sal daarom ook onbestendig wees, dit sal steeds nuwe dinge ontdek wat hy begeer en hierdie verkeerde liefde sal die mense afkerig maak van God en hulle na Sy teenstander toe lei. Die goddelike vonk in die siel van die mens sal dan nie gevoed word nie, maar sal eerder in onsuiwer luste verstik. Die suiwer liefde word vervang deur `n begeerte, wat ook as liefde aangesien word, maar met hierdie onderskeid, dat dit nie God nie, maar Sy teenstander ten doel het, sodat daar dus van `n verkeerde liefde gepraat kan word. Hierdie verkeerde liefde is egter tans die kenmerk van die geestelike laagtepunt van die mensdom. Want wie God as doel het - dus wie hulself met Hom probeer verbind - bemin God en is naby aan Hom, dus geestelik meer volwasse as diegene wat ver van God af staan deur hul verkeerde liefde vir die wêreld. Want slegs deur die eenwording met God kan die wese volmaaktheid verkry. En wie daarna streef, het die ware liefde, hy het die goddelike liefdesvonk in homself laat ontbrand en poog om homself te omvorm tot liefde.

Amen.

Christendom - Formaliteite - Geveg teen skole van gedagte toegelaat

B.D. No. **2292**
8. April 1942

Dit wat julle glo om te besit, moet eers verwerf word, omdat julle iets nie julle eie kan noem solank julle met `n formaliteit tevrede gestel word nie. Die onderrig van Christus was gedwing om `n formaliteit te word en hierdie formaliteit word nou verkeerdelik Christendom genoem. Derhalwe noem mense hulself Christene as hulle hierdie formaliteit naleef. Hulle neem aan om die onderrig te besit wat deur Christus geleer was, hulle glo om aanhangers van die kerk van Christus te wees en tog kan hulle ver daarvan wees, as hulle nie volgens die onderrig van Christus lewe nie. Nou dan, as julle ware Christene wil wees, moet julle julleself inspan om diep te delf in die goddelike onderrig van liefde wat Jesus Christus op aarde geleer het. Slegs dan sal dit julle besitting word, dan sal julle iets wonderliks besit en slegs dan kan julle Christene genoem word.

Die Christendom van vandag is nie wydverspreid nie, omdat daar slegs weinig mense op aarde is wat in harmonie met die leer van Christus leef en hulle word oral gevind, dus in elke benaming en skool van gedagte is daar mense by wie die goddelike onderrig van liefde die leidende beginsel vir hul aardse lewe geword het. En hulle is die ware Christene, hulle neem nie uiterlike formaliteite waar nie, nóg is hulle afhanklik van spesifieke organisasies deur mense gestig, wat aanspraak maak om deur God opgerig te wees. Die geestelike gehegtheid is inderdaad baie voordelig vir die ontwikkeling van die siel, terwyl `n formele eenheid meer `n belemmering is, aangesien dit die gevaar inhou dat die formele eenheid meer waargeneem sal word as die onderrig, wat die kern van elke geestelike poging

moet vorm. En om hierdie rede sal die eintlike formaliteit, d.w.s. die struktuur wat ontwikkel is as `n dop om die kern te hou, verrot en ineenstort.

Alles wat deur mense gebou is, sal met verloop van tyd verdwyn en dan sal daar gesien word wie aanspraak kon maak op ware kennis, diepgaande geloof en die suiwere onderrig van Christus as sy eie. Die mense sal nou die diepte van hul Christendom moet bewys en tot welke mate hulle van formaliteite afhanklik geword het, wat suiwer menslike werk is en daarom ook nie kan bly bestaan nie, omdat alles wat deur mense gemaak is, nie kan bly bestaan nie en slegs die van God blywend is. Maar God het deur Jesus Christus die goddelike onderrig van liefde in `n suiwer en onveranderde vorm aan die mense gegee en dit sal ook so bly. Maar alles wat deur mense toegevoeg of verander is, sal vergaan. En so sal geen skool van gedagtes wat van die onderrig van Christus afwyk, bly bestaan nie. Om hierdie rede laat God die geveg tussen die verskillende skole van gedagtes toe, alhoewel dit nie Sy wil is dat daar teen alles wat geestelike inspanning op aarde openbaar, geveg moet word nie. Maar Sy ewige ware Woord sal met al hoe meer duidelikheid na die aarde gestuur word, dit sal telkens weer toeganklik gemaak word vir die mense as die suiwer onderrig van Christus, sodat hulle dit tot hul geestelike besit kan maak en dan hulself vorm as ware Christene, wanneer hulle ooreenkomstig hierdie onderrig sal lewe.

Amen.

Verwoesting van besittings

B.D. No. **2296**
10. April 1942

Die sin en die doel van die lewe op aarde is die finale bevryding van die siel uit die vorm. God verlang niks onmoontliks van Sy skepsels nie en het Hy die mens hierdie taak opgelê vir die duur van sy lewe op aarde, en dan het Hy hom ook alle middele ter beskikking gestel om hierdie taak te kan vervul. En tog faal die mense en hulle laat die tyd en die genade van hul beliggaming ongebruik verbygaan. En die willoos wees van die mense beweeg God tot `n ingryping met `n ontsaglike omvang. Hy sal dit verwoes wat die mense verhinder om hulle eintlike bestemming te kan nakom. Dit is die aardse besit wat die gedagtes en die wil van die mense sodanig vashou, dat hulle hul taak op aarde nie nakom nie.

Die aardse besit hoef in geen geval hinderlik te wees, as dit op die aarde korrek gebruik word nie. Dit kan liewer die siel nog hulp om vry te word, wanneer sy die begeerte daarna oorwin het en die aardse besit in diens gestel het van naasteliefde. Dan het die siel die grootste weerstand op aarde oorwin, haar dus daarvan vrygemaak, omdat sy die materie oorwin het. Maar as die besit die begeerte daarna nog groter maak, is dit vir die siel `n ketting, wat die vrywording daarvan verhinder.

Wat God in Sy Wysheid besluit het, is aards gesien `n werk van verwoesting van reuseomvang en Hy sal die mens ontneem van sy angsvallig verdedigde besit. Dit maak hom dus vry van `n ketting en nou sal die opgang vir die siel makliker kan wees, sodra sy hierdie goddelike toesending waarlik tot nut vir haarself maak, as sy die verganklikheid daarvan insien en haar aandag rig op goedere wat onverganklik is, dus ewigheidswaarde het. Die wil van die mens besluit en die mens is verantwoordelik vir sy wil. Wat hom aards afgeneem word, kan hom duisendvoudig vergoed word, wanneer hy hom onderdanig voeg volgens die goddelike Wil en geestelike gawes verlang as vervanging.

By die aanskoue van die groot ellende, wat die gevolg sal wees van goddelike ingryping, sal menige mens tot die insig kom dat aardse goedere nie nagestreef moet word nie en dat dit die mens slegs dien tot beproewing van sy wil. Maar die mens is tans die materie heeltemal toegedaan en des te swaarder sal die werk van verwoesting hulle tref. En hulle denke en strewe sal gerig wees op die terugkry van goedere. En so sal daar na hierdie goddelike ingryping `n tyd volg wat duidelik die geestelike toestand van die mense sal karakteriseer.

Hulle sal met vergrote wilskrag die lewe op aarde weer net so gestalte probeer gee, sodat dit kan beantwoord aan die liggaam en sy welbehae. En die boeie van die siel sal nie kan losgaan en die siel

loslaat nie. Slegs weiniges sal in hulself keer en aan die goddelike Stem gehoor gee, wat in hulle aanmanend en waarskuwend sal klink en hulle aanspoor om na te dink oor die eintlike doel van die lewe op aarde. En ter wille van hierdie weiniges laat God die groot leed oor die mens kom, wat almal uit die nood van die siel sou kan help. Maar die wil van die mens is vry en hy kan besluit na eie keuse.

Amen.

Die stryd om geestelike mag

B.D. No. **2301**
13. April 1942

Die stryd vir geestelike mag sal ontbrand op `n vlak wat nooit voorheen deur die wêreld ervaar is nie en sal noodlottig wees. Die geestelik bose wil die geestelike goeie deur geweld verdryf en dit is `n vermetelheid wat die goddelike liefde nie onpartydig kan aanskou nie, maar sal die stryd beslissend tot sy einde bring. Hul doel is om die geestelike soeker in so `n mate te onderdruk, dat hy sal opgee en sodoende die oorwinning aan die wêreld gee. As die wêreld in die uitroeiing van alle geloof in `n werklike God en `n goddelike Redder Jesus Christus moet slaag, dan sal dit ook die oorwinning van gelowiges ontneem en die terugslag sal onberekenbaar wees, aangesien die mensdom gesamentlik veroordeel sal word, omdat alle geestelike vordering afgesny sal wees.

Hierdie stryd was reeds dikwels gevoer, maar nooit so meedoënloos soos nou nie. Omdat die teenstander nou self aan die werk is, hy vrees dus niks om beheer oor die mensdom te verkry nie, vind hy gewillige verteenwoordigers, dus mense wat ook vir niks sal stuit nie en die beproewing waarin gelowiges gestort sal word, sal enorm wees. Die strengste maatreëls sal gebruik word om die lewe ondraaglik te maak vir hulle wat nog `n geloof in God en die goddelike Verlosser in hul harte dra.

Omdat hulle voortrefliker is as die ongelowiges en die spotters en hulle hulleself teen elke argument sal kan verset; en omdat God hierdie vrywilligers wil gebruik, wat aan hierdie besondere aanvalle deur die wêreldse mag blootgestel word, sal Hy nie toelaat dat Sy diensknegte gekwel word tot by die punt waar hulle hul geloof sal versaak nie; inteendeel, sal hy sal hulle toerus met groot mag en Hy sal hulle geloof versterk en hulle sal die stryd ingaan en sal tot eer van God veg en beide kampe sal hul aanhangers vind.

En dan sal die stryd met volle intensiteit ontbrand, die deugsame geestelike wêreld sal stry vir die heerskappy oor die bose elemente en die wêreld sal skynbaar wen, om mense te intimideer om hulle geloof te versaak, want hulle glo nie dat hulle die gebeure sal kan trotseer nie. En tydens hierdie nood sal die liefde van God deurgans bekommerd wees oor die mensdom. Hy sal getrou oor Sy klein kudde waak en nie toelaat dat hulle slagoffers word van die magte wat so ooglopend die stryd teen God opgeneem het nie.

Amen.

Waarheid - Emosionele en intellektuele denke

B.D. No. **2302**
14. April 1942

Elke mens beskou homself in `n toestand van selfverwesenliking wanneer hy `n opvatting voorstaan wat hy self intelektueel gevorm het. Tog sal hierdie opvatting nie altyd ooreenstem met die waarheid nie. God het die mens weliswaar `n verstand en `n vrye wil gegee, maar Hy het hom ook `n hart gegee.

Solank die intellek sonder die hart `n oplossing wil vind vir `n geestelike vraagstuk, sal hy nouliks naby die waarheid kom, want die waarheid gaan van God uit en kan slegs deur die gees ontvang word en nie deur die liggaam nie, wat immers nog materie is.

Intellektuele denke is slegs `n funksie van die liggaam, maar die hart is die setel van alle emosies, en die hart herberg ook die goddelike liefdesvonk in haarself en daarom die gees, wat deel is van God. `n Gedagte wat gebore word in die hart, wat dus afkomstig is van die goddelike geesvonk, sal altyd aanspraak hê om op die waarheid gebaseer te wees, want die gees dra slegs die suiwerste waarheid

oor. Of die gedagte egter in die hart gebore is en of dit slegs `n produk van rasionele denke is, hang af van die hart se vermoë om lief te hê.

Hoe inniger `n mens kan liefhê, dus hoe meer hy al streef vir eenheid met God deur werksame liefde, des te helderder sal die gedagtes vanuit sy hart opstyg en die persoon se bewussyn binnegaan. Want hierdie gedagtes is geestelike krag wat voortvloei vanuit wesens wat met God verbind is en dan oorvloei na die hart van diegene wat, net soos hy, met God verenig is deur sy aktiwiteit van liefde.

Daarenteen is die intellektuele denke slegs die funksie van liggaamlike organe, dus die gebruik van die mens se ontvange lewensenergie, wat ook deur die mens benut kan word wat sonder liefde bestaan, dus wie maar min vermoë het tot liefde. Intellektuele en emosionele denke moet dus geskei word.

Laasgenoemde sal altyd by die waarheid uitkom, terwyl die intellektuele denke nie altyd waar hoef te wees nie, selfs wanneer daar gepraat kan word van `n goed ontwikkelde redenasievermoë.

Slegs liefde is beslissend, dus die bepalende faktor vir die waarheid. Die mens het min inligting oor die wese van gedagtes en daarom is die onderskeid nie vir hom duidelik nie. Die gedagtes wat in die hart gebore is, het slegs een ding in gemeen met geestelike kennis verkry deur die intellek, naamlik dat beide die brein moet bereik om die mens se bewussyn binne te dring en dit maak dat die mens aanneem dat elke gedagte sy oorsprong in die brein het, dus intellektueel verkry is.

Nietemin moet verstandelike kennis van `n liefdevolle mens, dus `n mens wie se lewe `n voortdurend werksaamheid in liefde is, heeltemal anders geoordeel word as die suiwer intellektuele denke van iemand wat `n klein kapasiteit het om lief te hê. Eersgenoemde sal naby aan die waarheid kom, terwyl laasgenoemde geen enkele waarborg kan bied vir waarheid en kennis nie, want God reserveer die waarheid vir Homself en deel dit slegs uit aan hulle wie Hom erken, Hom begeer en dit deur werke van liefde bewys.

Gevolglik sal dit wat vanuit `n liefdevolle hart voortvloei, sonder om te huiwer as waarheid aanvaar kan word, want sulke gedagtes is aan `n sekere kontrole onderworpe deur ingeligte geestelike wesens wie se verantwoordelikheid die oordra van gedagtes is en wie dus nougeset waak dat die persoon korrek sal dink. Want deur sy werke van liefde verwerf die mens vir hom die reg en die aanspraak op die bystand van die ligwesens, wie die mens nou teen gedagtes bewaar wat in stryd is met die waarheid.

Amen.

Filosofie van die lewe met Jesus Christus

B.D. No. **2304**
16. April 1942

Slegs `n lewensfilosofie wat bevestig word deur Jesus Christus en wat daarom gebaseer is op die goddelike leer van liefde, sal `n seëning vir `n nasie wees en waarborg dat sy geestelik sowel as aards sal floreer. `n Nasie wat so `n lewensfilosofie aanneem, sal diep verenig bly met die Een wat die goddelike leer van die liefde verkondig en sal geestelik volwasse word en nie blootgestel word aan sulke groot verdrukkinge nie, omdat sy elke poging aanwend om volgens God se wil te lewe en sal dus nie baie lyding nodig hê om te verander nie. `n Bevolking wat hulself skoei op die goddelike Verlosser, wie aan Hom erkenning verleen en wie dus `n regstellende houding teenoor Hom het, leef nie net `n wêreldse lewe nie en sal dus nie net belangstel in materiële besittings nie, maar sal ook na geestelike besittings streef, hulle sal `n innerlike lewe leef en strewe na bo en as gevolg van hul geloof, sal hulle meer kennis hê, want geloof vereis liefdevolle aktiwiteit en laasgenoemde lei tot kennis. En kundige mense leef hul lewens bewustelik met God, dus sal hulle nooit wegdraai van Hom en hulde bring aan die wêreld nie en dus het hulle reeds die materie oorwin, want omdat hulle in besit geneem is deur die liefde van God, sien hulle hul doel van die lewe in die eenwording met Hom. Gevolglik word `n nasie wat homself van materie vrygestel het, hoogs ontwikkel, maar sal nooit probeer om homself te laat geld teen ander nasies nie. Hulle sal vreedsaam wees en bereid om te help, hulle sal nie probeer om hul krag te verhoog of te probeer om `n indruk te maak nie. Hulle sal hul

lewens rustig en in afsondering leef, daarom sal hulle min geag word deur die wêreld, maar sal hooggeag wees deur God. So `n nasie sal nooit in staat wees om te verstaan dat `n ander denkwyse homself kan vestig wat alles van goddelike oorsprong ontken nie, wat dus ook die goddelike leer van liefde uitsluit en dit wil vervang met menslike leerstellings. Maar laasgenoemde sal nie lank duur nie en die nasie wat gehoor gee aan laasgenoemde, sal ondergaan, want niks sal oorbly wat nie van goddelike oorsprong is nie, wat ook `n lewensfilosofie sonder Jesus Christus insluit. En selfs wanneer die mens `n stryd teen Hom voer, sal hulle nooit in staat wees om sy onderrig, naamlik die goddelike leer van liefde te vernietig nie, en `n wêreldbeskouing sonder Christus sal homself vernietig, net soos wat `n nasie wat hierdie standpunt aanvaar het, vroeër of later haar eie ondergang sal veroorsaak.

Amen.

Voortydige verwoestings en die gevolge

B.D. No. **2313**
25. April 1942

Vir alle materie is daar `n sekere bestaanstyd gestel vir die volwassewording van die gees wat daarin is, wat nie self deur die gees na willekeur verkort kan word nie. Slegs die wil van die mens is vry om die gees vry te maak van die materie, oftewel om die tydsduur van sy verblyf na willekeur te verkort, want die taak van die mens is om die materie te omvorm om weer nuwe dinge te skep, wat weer die blyplek van die gees kan word.

Dus is dit in `n sekere sin aan die vrye wil van die mens oorgelaat hoe lank die gees in `n bepaalde vorm sal bly. En hierdie wil sal ook die Wil van God wees, sodra die werk van die mens die omvorming van die materie behels, solank as wat die doel van sulke nuwe geskape vorms weer dienend raak. Alles wat deur menslike wil uit materie totstand gebring word, moet weer tot welsyn dien van die mensdom. Dan sal die tydsduur van die uiterlike omhulsel van die gees heeltemal ooreenstem met die Wil van God.

Maar as `n uiterlike vorm te vroeg opgelos word deur die menslike wil en daar aan die werk, wat nuut ontstaan, geen dienende taak gestel word nie, dan word dit `n ingryping in die goddelike ordening. Die ontwikkelingsgang van die gees word dus onderbreek, of die gees word tot `n taak gedwing wat geen enkele skepsel op aarde ten goede sal kom nie. Dan was die gees deur mensehande verhinder om volwasse te word om te dien.

Terselfdertyd matig die mens hom egter aan om skeppings voortydig te verwoes en verseker daardeur dat die gees in hierdie skeppings vrykom, wat op die hele geestelike lewe `n ongewone nadelige uitwerking het. Want die gees voel baie ongelukkig dat hy nog nie die vereiste volmaaktheid bereik het vir sy volgende beliggaming op aarde nie en probeer homself daarom op die mense afdwing, wat geen gunstige invloed vir hulle sal hê nie.

Die gees kan nie `n nuwe vorm bewoon alvorens die ou vorm nie heeltemal oorwin is nie. Gevolglik raak baie geeste in die komende tyd vry van hul uiterlike omhulsel en hul kan die mense so lank kwel, totdat hul tyd verby is en hul nou die nuwe vorm tot blyplek kan inneem. Die nog onryp geeste, wie se ontwikkelingsgang onderbreek was deur voortydige verwoesting van die materie, waarvan die rede die liefdeloosheid van die mense is, gebruik hul vryheid op `n manier wat die mense nie tot voordeel sal strek nie. Hy sal homself nog so lank in die verwoeste materie ophou as wat daar nog verwoeste dele te vinde is terwyl hy op sy nuwe omvorming wag.

Maar waar die materiaal onbruikbaar geword het, daar soek die gees na `n ander blyplek. Eerstens kwel hy die mens, na gelang die grootte van hul begeerte na besittings en stel hom weer aan hierdie mense voor as dit wat die mens verloor het, en poog dan om die begeerte op te roep en die wil aan te spoor om dieselfde te laat ontstaan, om homself weer daarin te kan beliggaam.

En dit beteken dikwels vir die mens `n pynlike toestand, omdat die moontlikheid vir die gees daartoe ontbreek. En hierdie pynlike toestand is die uiting van die onvolwasse gees, wat hulle op die mens wil wreek vir hul onderbreekte ontwikkeling.

Maar sodra die mens al sy krag insit om van hierdie verwoeste materie ontslae te raak, hou die lastigval van die kant van die gees ook op. Die instelling van die mens teenoor die materie sal maatgewend wees van hoe lank die gees homself in sy nabyheid sal ophou en hom bedreig. Hoe groter die begeerte was en nog is na materie, des te groter invloed het die gees en des te meer gebruik hy sy invloed om die begeerte van die mens nog meer te vergroot.

Waar dit nie deur menslike werk moontlik is om dinge te laat ontstaan om hierdie gees weer te omhul nie, bring hulle ander skeppings in die noute. Hulle probeer hulself daarmee verbind en om hul taak te beïnvloed, wat hulself uiter in verskynsels wat van die natuurlike afwyk, dus in onreëlmatighede wat in die besonder in die planteryk aan die lig kom. Die onvolwasse wesens gryp versteurend in die goddelike ordening in, sonder om deur God verhinder te word, sodat die mens kan insien dat elke werk van verwoesting, elke voortydige vernietiging uit onedele motiewe, ook weer `n verstorende uitwerking sal hê of in stryd met die wet is.

Die gees wat voortydig vryword, is nie kragteloos nie en kan in die vrye toestand steeds die gees, wat op gelyke of hoër trap van ontwikkeling staan, in die noute bring of beïnvloed. En hulle gebruik hul vryheid op `n manier, dat hulle hulself by hierdie gees aansluit en as te ware daarmee saam werksaam wil wees. Dus wil twee intelligensies hulle nou deur `n skeppingswerk uiter. Dit is wel steeds maar pogings, want die gees in die vorm verweer hul daarteen, maar tog word hulle in hul reëlmaat gesteur. En dit het afwykings tot gevolg, wat wel geen verreikende gevolge sal hê nie, maar wat tog merkbaar sal wees, want God laat die gees op hierdie manier wel vergoeding soek en vind, maar sal die ander skeppingswerke beskerm teen belangrike veranderinge deur sulke wesens wat nog heel onryp is.

Daardeur moet die mense herken dat elke oortreding teen die goddelike ordening dit so laat voel dat die goddelike ordening omvergegooi word en dat dit tot nadeel van die mens sal wees, óf deur vertraagde groei in die planteryk óf misoeste, óf ook invloede deur slegte weer, wat ook dikwels die reaksie is van sulke vrygeworde geeswesens in die natuur, in die wolke of in die lug. Baie dikwels is die oorsaak die menslike wil self, wat skeppingswerke voortydig verwoes en daardeur selfs die planteryk ongunstig beïnvloed. Want die vrygeworde gees bly nie werkloos nie, maar soek na nuwe vorme en `n nuwe werkterrein, ook wanneer hy nog nie die nodige toestand van volmaaktheid daarvoor bereik het nie, totdat hy `n omhulsel gevind het wat by sy toestand van volmaaktheid pas en sy ontwikkelingsgang kan voortsit.

Amen.

Waarheid - Afwykings - Misvorming

B.D. No. **2320**
2. Mei 1942

Uit die Bron van die Waarheid kan almal put wat wil drink. God ontsê niemand die dorslawende drank nie en dus sal hy wie daarna verlang, waarheid mag ontvang. Maar God se Wysheid sien ook vooruit op welke wyse die ontvange geestelike lering wat uit die Bron van die Waarheid geput word, gebruik sal word en dit bring Hom daartoe om die waarheid so nou en dan versteek te gee, sodat dit nie misbruik sal word nie, dat dit dus nie die menslike wil verswak en hy dan tekortskiet, of passief word nie, terwyl daar eers `n bepaalde doel bereik moet word.

Dus kan `n mens kennis ontvang wat volledig ooreenstem met die waarheid en dit tog vir homself nie heeltemal begryplik is nie, omdat volledige duidelikheid daaroor hom anders sou laat optree as wat dit vir sy positiewe ontwikkeling bevorderlik sal wees. Tog bevind die mens hom in die waarheid. Sy aandag is slegs op die aardse effek daarvan gerig, terwyl slegs die geestelike ontwikkeling deurslaggewend is.

As die mens egter die kennis in ontvangs geneem het, deur die regstreekse onderrigting van God, dan kan die kennis in hierdie opsig geglo word, as dit slegs na die aarde gestuur was om die mens opheldering te gee, om hulle dus met die waarheid vertroud te maak. Dan word die kennis so aangebied dat dit duidelik uitsluitsel gee oor belangrike vrae en probleme waarop God die mense

graag antwoord wil gee. En diegene wat dit kry, sal nooit `n onduidelike onderrigting in ontvangs neem nie, want dit is God se Wil dat dit lig word in die siel van die mens. Gevolglik sal slegs die mens wat oor `n helder verstandelike denke beskik, bestem wees om die waarheid in ontvangs te neem, wie die goddelike onderrigting dus nie in sy gedagtes sal vervals of onduidelik deurgee nie.

In baie gevalle sal daar meningsverskille ontstaan en dan moet diegene die kennis verdedig wat regstreeks na hom toe gekom het, want sodra geestelike leringe in die besit van mense oorgegaan het, is dit nie meer veilig teen misvorming nie, dus vir veranderinge deur die menslike wil. En so kan die suiwere waarheid in `n werk dus ook nie meer aanwesig wees waar mensehande aktief was in die verspreiding daarvan nie. Want dit is nie altyd verligte mense aan wie hierdie arbeid toevertrou word nie en daarom is daar niks ongewoon daaraan dat daar onreëlmatighede te vinde sal wees nie, dus klein afwykinge in teks of vorm deur diegene wat die goddelike openbaringe vir die mensdom toeganklik gemaak het. Dit is egter van geen belang nie, solank daar nie `n heeltemal ander betekenis daaruit voortkom nie.

Maar God waak oor die waarheid en gee die ernstige soekende mens wat die waarheid begeer, ook die begrip om dit te herken wat nie ooreenstem met die suiwer waarheid nie. Want God Self is die Waarheid en gevolglik kan daar van Hom niks uitgaan wat in stryd is met die waarheid nie, slegs die mens kan iets anders opvat, omdat die krag van sy insig nog gebrekkig is.

Amen.

Geaardheid - Instinkte van die voorafgaande stadiums

B.D. No. **2321**
3. Mei 1942

Die mens se geaardheid stel hom nie vry om homself te regverdig vir sy dade en gedagtes nie. Want elke persoon het krag en barmhartigheid tot sy beskikking om elke slegte neiging te bowe te kom, as hy dit net wil doen. Buitendien het die siel eienskappe in haar menslike beliggaming ingebring wat sy beslis kon verwerp het tydens haar vorige vorme en as `n mens word sy nou take toegeken wat ooreenstem met haar huidige geaardheid, dit wil sê, wat die siel die geleentheid sal bied om oorwinnend uit haar stryd teen hierdie geaardheid te tree. Maar ten einde te slaag moet die vrye wil altyd aktief raak en sy sal versterk word deur God in ooreenstemming met haar houding teenoor Hom.

Indien `n persoon die wilskrag bymekaar maak om `n beroep op God te doen om hulp in sy stryd teen homself, teen sy eie swakhede en foute, dan sal die krag om homself daarvan vry te maak, inderdaad na hom toe vloei. Toegegee, dit vereis `n aansienlike stryd, maar dit kan hom nie gespaar word nie, omdat die siel tydens haar vooraf stadiums haar perke oorskry het, dit wil sê, die geestelike substansie wat in minder beperkende vorms gebly het, het die verminderde beperking tot die absolute limiet gebruik. Sy het haar instinkte effektief tot die hoogste graad ontwikkel wat sy dan in haar beliggaming as mens weer moet verminder en dit vereis groter wilskrag. Net so kon die geestelike substansie homself gematig het gedurende die vooraf stadiums, dus nie ten volle gebruik gemaak het van sy toegekende limiet nie, met die gevolg dat hy nou `n minder moeilike stryd tot hoër ontwikkeling op aarde sal hê.

Sy geaardheid was egter te alle tye in ag geneem in die lewenstoestand waarin die wese, volgens sy neiging, ook die geleentheid gehad het om dit te bemeester. Inderdaad moet baie mense skynbaar harder veg, en tog sal niks onmoontlik van hulle verwag word nie maar onmeetlike krag en barmhartigheid is altyd tot hulle beskikking, maar dit moet deur hulle versoek word, want die siel het haar voorheen toegestaande vryheid verkeerd gebruik en dit onthef haar nie van haar verantwoordelikheid nie.

Amen.

Lewensomstandighede volgens graad van volmaaktheid van die siel en voorkennis daarvan

B.D. No. **2330**
10. Mei 1942

Die genade van die beliggaming as mens word eers aan die siel verleen wanneer sy bereid is om hierdie laaste weg te gaan, dus wanneer haar wil daartoe besluit. Sodra die wese die gang van die ontwikkeling afgelê het in alle voorafgaande beliggamings, het sy daardeur die graad van volmaaktheid bereik wat die voorwaarde is vir die laaste beliggaming as mens. Hierdie is egter ook verskillend en daarom word verskillende lewensomstandighede ook in die laaste stadium vereis. En die wese - die deur eenwording van verskillende substansies geskape siel - word die aardse bestaan voor die gees gestel wat sy sal moet deurmaak met die doel om definitief vry te word. En sy word nog steeds met die vrye keuse gelaat of sy die weg op aarde wil gaan of nie.

Heeltemal bewus van haar taak op aarde, neem sy nou die aardse bestaan op haarself, bereid om in hierdie toestand elke weerstand te oorkom om haar te bevry uit die vorm. Sy is ook op hoogte van die lot wat sy het om te verduur, maar sy sien net die uiterlike lewensomstandighede, nie haar geestelike ontwikkelingsgang nie, en voel sterk genoeg om die aardse lewe baas te raak. In ooreenstemming met haar toestand van volmaaktheid, wat nie tevore in die mees verskillende skakerings bereik kon word nie, maar wat steeds `n beliggaming as mens toelaat, is die aardse bestaan nou vir haar beskore. Dan is haar bestaan meer of minder droewig en ontsettend. Want die laaste geleenthede vir die siel om heeltemal volwasse te word moet so aangebied word, dat sy in hierdie kort aardse bestaan kan omvorm tot `n ligwese as sy dit benut. Maar steeds sal haar lewensomstandighede so wees dat sy geleentheid sal hê om aktief te wees in liefdeswerk. En haar hele volwassewording sal daarvan afhanklik wees in hoeverre sy haar lewe met werksaamheid in liefde sal vul. In alle lewensomstandighede sal geleentheid daarvoor gebied word. Ook die mens by wie dit aan kennis ontbreek, wat dus niks weet oor die gevolge van sy lewe in die ewigheid nie, kan hulpvaardig en dienswillig wees.

Die siel hoef net te kies vir goed of kwaad op aarde en dit kan sy in elke lewensituasie, ook in die mees primitiewe omstandighede. Maar die aardse omstandighede is bepaal deur haar ontwikkeling in die voorstadia. As die siel tevore buitengewoon impulsief was, dan moet sy in die aardse bestaan teen haar aandrifte veg en het die daarvoor ooreenstemmende lewensomstandighede nodig waarin die siel ontslae kan raak van hierdie aanklewing. Die siel word op geen manier benadeel in haar vermoë om haarself positief te ontwikkel nie, ofskoon dit lyk of die aardse toestande vir haar hinderlik is. Die teenwerkinge wat die aardse bestaan vir elke afsonderlike mens oplewer, moet oorwin word. En baie siele het groter teenwerkinge nodig en daarom is die uiterlike lewensomstandighede so aan hul toebedeel, soos wat dit vir hulle van nut sal wees. God is op hoogte van die ontwikkeling van elke siel by haar beliggaming as mens. Hy ken ook die krag van haar wil en Sy liefde probeer vir elke siel die ontwikkelingsgang maklik te maak. Span die siel haar dan in om elke moontlikheid te ontgin, dan sal haar voorbestemde lot ook maklik gedra kan word.

En God sal haar lewensweg verkort, sodra sy haar inspan om geestelik volwasse te word. God se liefde bring die mense so saam, dat hulle mekaar kan dien, dat die een die ander kan leer, dat die een die ander kan gee wat hom ontbreek. En so word geestelike gawes ook vir elke mens aangebied, al is dit ook in die mees verskillende vorms en mate. Maar steeds sal dit wat aangebied word, voldoende wees om hom die regte pad te wys wat hy moet gaan. En slegs sy bereidwilligheid sal deurslaggewend wees watter voordele sy siel daaruit haal. Die wete dat daar `n God bestaan, word ook vir alle mense aanneemlik gemaak en as dit nie van mens tot mens oorgedra word nie, dan sal die geestelike wesens werksaam wees en sal hom leidrade gee deur middel van gedagtes. En steeds word dit net aan hom oorgelaat om geestelike gawes aan te neem al dan nie, dus om dit wat aan hom as gedagte of deur mense oorgedra word, te glo of af te wys. En omdat God elke mens verstand en `n vrye wil gegee het, is hy ook verantwoordelik vir hoe hy beide benut.

Elke goeie wil word deur God herken en daaraan beantwoordend word hulp aan hom verleen. Hierdie hulp het hom tevore al ten deel geval deur eindelose tye heen. En die wese weet ook al voor die beliggaming dat die krag en liefde van God haar sal bystaan. Maar die aardse bestaan moet afgelê

word, sonder enige herinnering daaraan, om die vrye wil van die mens nie in gevaar te bring nie. Maar geen siel word beliggaam sonder om op hoogte te wees van haar weg oor die aarde nie. En met intense wil neem sy hierdie laaste beliggaming op haarself, met die verlange om beslis vry te raak van elke uiterlike vorm.

Amen.

Worsteling in die hiernamaals - herhaalde beliggaming op aarde?

B.D. No. **2336**
14. Mei 1942

Dit is van die grootste belang hoe die lewe op aarde benut word, want sodra dit eindig, begin daar `n heeltemal ander worsteling om opwaarts te klim as wat dit vir die siel op die aarde beskore was. Die lewe op aarde lewer voortdurend krag op, wat sy na willekeur kan gebruik, terwyl die lewe van die siel in die hiernamaals eers met krag geseën word wanneer die siel `n bepaalde graad van volmaaktheid bereik het, maar voor dit was die toestand van die siele heeltemal kragteloos, totdat hulle hierdie graad van volmaaktheid bereik het. En hierdie laaste toestand is nou bitterlik swaar en sou ook heeltemal onmoontlik gewees het as God se genade haar dan ook nie tegemoet sou kom in die vorm van ligstrale wat haar oomblikke van insig gee om die verlange na lig in die siel op te wek. Weer en weer probeer God net om die wil van die siel te verander en haar dan ook die moontlikheid te gee om die wil te verwesenlik.

Die voorwaardes in die hiernamaals is egter heelwat moeiliker om na te kom, want `n kragtelose siel is ook so swak van wil, dat dit groot inspanning en geduld van die kant van die ligwesens verg om hierdie siel daartoe te beweeg om haar wil self aktief te laat word.

Maar nooit sal `n siel in haar stadium van duisternis na die aarde terugverlang om haar mislukte lewenswandel op aarde te wil goedmaak nie, om dit dus af te lê volgens haar eintlike taak op aarde nie. Want hierdie wil sou die siel slegs `n herhaalde verblyf op aarde gegee het. Maar die wil van die onvolwasse siel gaan slegs uit na die materiële lewe op aarde, egter nooit na geestelike vooruitgang nie, want as dit eers aktief geword het in haar, dan weet sy ook dat slegs die diening in liefde haar vooruitgang sal bevorder en daarvoor het sy in die hiernamaals waarlik genoeg geleentheid. Want daar is `n enorme arbeid wat verrig moet word, naamlik om lig in die vorm van kennis aan die siele te bring. Dit is die werke in die hiernamaals wat die mens op aarde nie kan verstaan nie en wat tog bitter belangrik is.

Wat op aarde versuim is, moet in die hiernamaals ingehaal word. En soos wat die geestelike hulp aan sy medemens op aarde `n daad van liefde is, so is ook die taak van die siele in die hiernamaals `n ononderbroke werksaamheid in liefde, `n voortdurende uitdeel van wat die siele kort, naamlik `n uitdeel van lig en kennis aan die siele wat in duisternis vertoef. Hierdie bemoeienis verg die vrye wil, net soos op aarde. Die siel moet bereid wees om dienend besig te wees, dan gaan sy in haar ontwikkeling vooruit. As sy eenmaal die willoosheid oorwin het, dan sal sy vlytig aan haarself werk. Sy sal ook wel in diepe berou dink aan die onbenutte tyd op aarde, maar sal nou `n arbeidsveld voor haar sien wat haar hele bereidwilligheid om te help vereis. Die siel dink nou meer aan die lydende siele rondom haar as aan haar eie toestand. En nou eers vervul sy haar taak met oorgawe en haar eie toestand word steeds meer met lig vervul, omdat sy nou lig en krag ontvang om dit deur te gee. Maar as sy eenmaal `n ontvanger van lig en krag geword het, dan verlang sy nooit meer terug na die aarde nie, tensy daar op aarde `n taak volbring moet word wat die beliggaming van `n ligwese op aarde vereis.

Steeds moet daar in aanmerking geneem word dat alle insig die siel ontbreek in haar toestand van duisternis, omdat sy haar geestelike ontwikkeling op aarde verwaarloos het. Maar as sy dit insien, dan sien sy ook die geleenthede in in die hiernamaals, wat haar opgang verseker. `n Herhaalde beliggaming op aarde sou die siel egter slegs toegelaat word wanneer sy dit sou begeer in volle bewustheid van haar onvolwasse toestand en met die doelwit van `n heeltemal volmaakwording van die siel; wanneer die vrye wil haar dus tot `n herhaalde lewenswandel oor die aarde sou aanspoor om `n toestand van vergrote volmaaktheid te verkry. Maar dit veronderstel reeds `n bepaalde kennis, dus

ook `n bepaalde graad van volmaaktheid, dus `n werksaamheid in liefde, wat die siel aanspoor om deel te neem aan die verlossingswerk in die hiernamaals, omdat sy insien dat alle krag dringend nodig is daarvoor en dat sy nou haar liefde gewillig in diens stel van die verlossingswerk.

Amen.

Goddelike geregtigheid - Inmenging - Ramp

B.D. No. **2340**
19. Mei 1942

Goddelike geregtigheid sal duidelik word deur die gebeurtenis wat vir die mensdom vooruit bepaal is, want die lande wie se leiers die vlam aansteek wat oor die aarde sal uitbrei, sal swaar getref word. Die skuld van hierdie lande sal geopenbaar word deur die komende gebeurtenis wat die mens nie kan vermy nie, nog kan verminder. Alle mense op aarde sal erken dat die geregtigheid van God niks ongestraf laat nie en dat Hy tussenbeide sal tree sodra die maat van ongeregtigheid bereik is.

God het aan die mens `n vrye wil gegee wat nou so misbruik word dat dit vergelding vereis, sodat regdenkende mense wat reg lewe die hand van God sal erken en dit sal verag wat deur eersgenoemde goedgekeur was. Die konflik tussen nasies sal wyd en ver uitgesprei wees en die vuur sal nie maklik geblus word nie. Daarom sal God hierdie vuur self beëindig deur die mense hul geleentheid te ontneem om die stryd voort te sit, deur `n natuurlike gebeurtenis van onmeetlike omvang. Hy sal dit magteloos maak wat voorheen sterk en magtig was en hy sal bewys dat Sy wil en Sy krag sterker is. En elkeen wat nog nie heeltemal deur die teenstander van God verslaaf is nie, sal insien waar hy verkeerd gegaan het en sal moeite doen om `n regverdige lewe te lei.

Amen.

Lyding en sterwe van Jesus aan die kruis - versoeningsoffer

B.D. No. **2342**
21. Mei 1942

Die lyding en sterwe van Jesus was die grootste offer van liefde wat `n mens ooit op aarde kon gebring het. Dit was nie `n versoeningsoffer van `n skuldige mens nie, dit was nie `n verdiende straf nie, maar `n offer wat gebring was vir die sondeskuld van ander mense vanuit Sy diepste liefde vir hulle. Dit was `n vrywillige versoeningsoffer wat Sy medemens moes vrykoop van sy verdiende straf.

Die kruisdood was `n onuitspreeklike foltering. En tog het Jesus dit gekies, omdat Hy wou ly uit oorgrote liefde vir die mensdom. Hy wou iets doen waartoe die mense nie in staat was nie. Hy wou die kwellinge op Hom neem sodat dit die mens gespaar kon bly. Hy het geweet dat die lot van die mense na die dood, lyding en swaarkry beteken, as regverdige straf vir hul wegval van God, d.w.s. teen die Godgerigte wil. En in sy liefde wou Hy die lyding en kwellinge verminder, deurdat Hy dit op Hom wou neem. Hy het dus hierdie leed vrywillig gedra, sodat die ander dit nie hoef te dra nie. En daarom het Hy die mees pynlike dood gekies - die dood aan die kruis - en offer hierdie onuitspreeklike kwellinge aan Sy Vader in die hemel. Hy het die versoeningsoffer aan Hom gebring, deurdat Hy gely en gesterf het vir die sondige mensdom. En die offer was God welgevallig, want Jesus was rein en sonder skuld. Hy was sonder sonde.

Daar was nie die geringste skuld in Hom nie, maar Hy het die dood gekies wat vir die grootste misdade boete gedoen het, wat bittere foltering behels het en wat eerloos was. Hy het Sy reine liggaam aan die kruis laat slaan deur mense wat in hul ververwyderde toestand van God aanhangers van Satan was. En Sy siel het daardeur ook onvoorstelbare kwellinge gely, tesame met die liggaam, want Sy reine siel het elke sonde gevoel as `n kwelling. Die siel wat liefde geword het, ly onder die liefdeloosheid. En tog neem Hy hierdie kwellinge daardeur op Homself om die lot van die mense draagliker te maak. Die offer was in erbarmende liefde aan God gebring en God het dit welgevallig aangeneem.

Die mens Jesus moes geheel en al van Sy liefde vir die wêreld afsien, alvorens Hy die offer kon bring. Hy moes Homself vrymaak van elke begeerte. Hy moes uit vrye wil bereid wees om alles op te gee, en eers toe was Hy tot hierdie offerdood in staat. Sy liefde was so groot, dat dit slegs na die mens uitgegaan het, maar nie na Sy eie liggaam nie. En omdat hierdie oorgrote liefde Hom daartoe gelei het om só `n offer te bring, het God dit aangeneem.

En so verlos Jesus die mensdom van die ewige dood, deur Sy lyding en sterwe aan die kruis, en dit het elke ander dood aan smarte en lyding oortref, omdat Sy liefde so groot was dat Hy bereid was om alles te verdra ter wille van die mensdom wat sonder Sy werk van verlossing - sonder die offer aan die kruis - ewighede lank sou moes ly, as hulle hul ondenkbare groot sondeskuld self wou aflos.

Amen.

Die siel - draer van alle skeppingswerke

B.D. No. **2344**
24. Mei 1942

Die substansies van `n siel in haar samestelling demonstreer `n buitengewoon fyn gekonstrueerde formasie, wat `n betowerende indruk op die mens sou maak as hy dit kon sien. Daar is niks wat nie teenwoordig is in hierdie skeppingswerk nie. Alles wat aanwesig is in die hele skepping, is in `n oneindige verkleining in die siel te vinde, omdat die afsonderlike substansies elke skeppingswerk deurleef het en daardeur ook elkeen van hierdie vorige deurleefde vorms behou het, wat hulleself vermenigvuldig deur `n aanhoudende assosiasie, wat dus voortdurend verander om die geheelbeeld te vervolmaak.

Maar die begrip van die mens is ontoereikend om al hierdie skeppingswerke vir homself voor te stel, tog sal hy dit eendag, oorweldig deur die wysheid en die almag van die Skepper, hierdie beeld kan aanskou wat aan hom die wonderlikste heerlikheid sal onthul. En die geringste en onopvallendste skeppingswerk berg weer in haarself duisende miniatuurskeppings waarin alles vertoon word wat in die groot skeppingswerk van God teenwoordig is.

Die menslike siel is egter die draer van al hierdie skeppingswerke, d.w.s. sy is saamgestel uit ontelbare substansies waarvan elkeen reeds sy bestemming in die skepping vervul het en toegelaat is om te verenig vir die laaste en grootste doel, naamlik om as `n menslike siel die eindelose lang weg oor die aarde te beëindig. Want daar is geen wonderwerk in die hele oneindige skepping wat so buitengewoon pragtig saamgestel is as die menslike siel nie. En dit is `n bewys van haar volmaaktheid wanneer sy haarself soos in `n spieël kan aanskou en haar eie heerlikheid besef, dit is wanneer sy haarself in die stralendste lig sal sien in talle duisendvoudige vorms en formasies en wanneer hierdie oordenking van haarself haar ondenkbaar geluksalig maak, want die sig van die hele werk van die skepping is `n oorweldigende pragtige ervaring vir die siel.

En die siel se beskouinge sal nooit eindig nie, want steeds weer hervorm die beeld haarself oor en oor en bring steeds weer nuwe betowerende skeppingswerke te voorskyn, want die heerlikhede van God is oneindig en so is dit wat Sy liefde voorsien aan Sy lewende skeppings wat volmaak en dus verlig is. Hulle sal voortdurend en ewig Sy Liefde bemerk en daardeur ook voortdurend toenemende geluksaligheid ervaar.

Daar sal geen einde daaraan kom nie, geen begrensing van dit wat die geestelike oog kan aanskou nie. En daar sal ook niks onveranderd bly nie, wat vir die wese `n salige toestand beteken wat progressief toeneem en wat daardeur `n aanhoudende transformasie van die wese se geestelike insig vereis.

Amen.

Jesus Christus was gewy aan God, liggaam en siel

B.D. No. **2345**
24. Mei 1942

Jesus Christus se liggaam het nie meer sy siel teengestaan nie; dit het niks vir homself geëis as dit wat die siel wou hê nie, wat heeltemal een geword het met die gees. Dit was die toestand van Jesus, die mens, toe Hy sy daad vervul het. Dit was `n toestand van uiterste toewyding aan God en die totale afstanddoening van alles wat aan die wêreld behoort. Sy liggaam, wat heeltemal vergeestelik was, was heeltemal onafhanklik van die wêreld en sy wette, dit wil sê die geestelike substansies van sy menslike liggaam het saamgesmelt met dié van die siel en hulself effektief ondergeskik gestel aan die gees se wil, wat baie nou verenig was met die Vader-Gees, en so het die aardse liggaam saam met die siel een geword met die ewige Godheid. Hierdie samesmelting was so buitengewoon belangrik en behels sulke verreikende gevolge wat die siel nie in staat is om te begryp so lank as wat sy nie self die eenwording met God gevind het nie.

Dit was `n daad van geweldige selfverloëning, die allergrootste liefde en oneindige toewyding aan God. Die siel van Jesus, die mens, het gelyktydig sy uiterlike omhulsel, die liggaam, in die sfeer van God se uitstraling van liefde getrek, en beide sy siel en sy liggaam was deurdring deur God se Gees van Liefde, deur Sy krag en Sy lig. Jesus, die mens, was vol krag en lig. Hy was magtig en wys, en elke skepsel het Hom gehoorsaam, die hele Skepping was aan Hom onderdanig, want God was in Hom in alle volheid, aangesien nie die siel of die liggaam Hom meer weerstand gebied het nie, en hierdie oneindige toewyding het ook gelei tot God se grenslose werke.

Nou was dit God Self wat Homself geopenbaar het in alles wat Jesus gedoen en gesê het. God se liefde neem besit van alles wat hulself aan Hom oorhandig, dit deurdring elke skepping so gou as wat sy inherente gees geen weerstand bied teen die goddelike liefde nie. Waar hierdie weerstand ookal verwyder word, kan slegs die liefde van God wees, dus omdat God liefde is, kan God slegs daar wees waar Hy geen opposisie vind wat hul teen Hom verset nie. Alles van God is goddelik, so lank as wat dit geen weerstand bied nie. Slegs weerstand verander God se skepping in iets buite Hom totdat dit sy weerstand uit eie beweging los.

Jesus, die mens, was geheel en al gewy aan God en dus nie meer buite God nie, maar ineengesmelt met Hom, dus Een met God en dus heeltemal van gedaante verander, want die eenheid met God is `n toestand van helder lig. En toe Jesus Christus van hierdie wêreld heengegaan het, het Hy sy liggaam saam met sy siel in die ewigheid ingeneem, want niks in Hom het verdere ontwikkeling nodig gehad nie, beide liggaam en siel was volmaak; elke geestelike substansie was so geneig tot God dat dit deurtrek was deur God se lig en liefde, dat dit soos God was, want dit het heeltemal verenig met die ewige Godheid.

Amen.

Sterwensuur - Lyding en smart

B.D. No. **2348**
27. Mei 1942

Die losraak van die siel van die liggaam is `n ontwikkelingsgang wat meestal baie pynlik deur die liggaam ondervind word, omdat, vir `n skeiding sonder smart en pyn, `n bepaalde graad van volwassenheid vereis word, wat egter selde deur mense bereik word. Steeds sal die sterwensuur die nog onvolmaakte mens laat besef dat hy versuim het om na so `n volmaaktheid te strewe, en dat hy dit nou nie meer uit eie krag kan vermag wanneer hy die menslike omhulsel verlaat nie. En na gelang van die toestand van sy siel, sal die sterwensuur vir hom minder of meer moeilik wees.

Solank julle nog op aarde vertoef, word julle die moontlikheid gegee om julle te reinig van afvalsubstansies en die siel sal haar Skepper in die hiernamaals dank as Hy die siel daarvoor geleentheid gee vóór haar dood, omdat sy dan nie so in die hiernamaals hoef te ly nie. Omdat God regverdig is, moet die siel in die hiernamaals haar lot opneem en het sy baie groter lyding nodig om die graad van volmaaktheid te bereik. Sonder hierdie volmaaktheid is die ingaan in die ligsfeer egter

nie moontlik nie. Sodoende moet lyding en pyn hierdie volmaaktheid vir die siel bring en sodoende moet `n langdurige sterfbed altyd as `n opwaartse weg gesien word.

Julle sien slegs die pynlike toestand van die lyding en dit dra daartoe by dat julle die dood vrees, omdat die doodsuur vir julle ondraaglik lyk. En tog is dit `n gevolg van die oorgrote liefde vir die mens, om hom `n des te helderder lig te laat toekom in die hiernamaals.

En hierdie liefde is die fondament van alles. God stuur slegs lyding en smart op aarde met die doel dat die liggaamlike verlange van die mens gedood moet word, dat hy meer aan sy siel sal dink en haar probeer omvorm tot volmaaktheid. Elke smart wat hierin sukses behaal, is deur God geseën. Die tyd op aarde gaan snel verby en kan met `n goeie wil deurloop word, deur afstand te doen van al die aardse genietinge. Dan omvorm die siel haarself volgens God se wil en het aan die einde van haar lewenswandel geen buitengewone lyding meer nodig om die koninkryk van lig in te gaan nie.

Die smart dra egter by tot `n verhoogde volwassenheid en is daarom `n seëning vir die mens, wat andersins sy foute en swakhede in die hiernamaals sou moes aflê, wat egter uiters smartlik is, dus kan die smart julle volstrek nie gespaar word nie, al gaan die uur van die dood skynbaar stil en sonder smart verby. God ken die toestand van elke siel van die mens en Hy weet ook van sy gewilligheid om die onreine te bestry en so kom Hy die mens tegemoet, deurdat Hy hom geleentheid gee om sy voorneme uit te oefen, deurdat Hy die sterwensuur as `n laaste moontlikheid vir hom laat om hom te reinig van alle afvalsubstansies, sodat hy gesuiwer en ontsondig die ewigheid kan ingaan.

Amen.

Valse christusse - Tekens en wonderwerke

B.D. No. **2353**
31. Mei 1942

Daar sal valse christusse opstaan en tekens en wonderwerke in My Naam doen. Dit is wat Ek voor die tyd vir julle gesê het en My woorde is waaragtig. Maar julle probeer om hierdie Woorde verkeerdelik te verduidelik as julle aanvaar dat dieselfde krag wat My tekens en wonderwerke laat doen het tydens My lewe op aarde, ook in `n bose mag kan wees wat `n gesant van Satan is. Die hemel en aarde is te alle tye onderhewig aan My wil, hulle word beheer deur My wil, en hierdie wil van My onderhou die hele skepping, want `n wil wat strydig is met Myne, sal die agteruitgang beteken van alles wat Ek laat ontstaan het, as Ek aan hom mag gee daaroor. En tog sal tekens en wonderwerke verrig word, maar dit lyk maar net so vir die mense wat sy volgelinge is, want hulle is geestelik blind, hulle ken nie die ware verband van alle dinge nie, en hulle sal alles as tekens en wonderwerke sien wat vir hulle buitengewoon lyk, maar wat elke mens in staat sou wees om te kan doen deur die monstering van al sy wilskrag. Julle is almal in besit van vermoëns wat julle slegs moet ontwikkel om baie dinge te kan doen. Maar die swakheid van wil verhoed dat julle, julle vermoëns ontwikkel, en dus lyk iets vir julle na `n wonderwerk wat egter binne die vermoë van iedere mens is.

En so sal al die tekens en wonders, wat Ek vir julle genoem het, verstaanbaar wees vir elke verligte mens, maar die mense wat nog in geestelike duisternis leef, sal dink dat dit `n bonatuurlike krag is. En hulle sal goddelike krag toeken aan hulle wat My teenstanders is en in My Naam verskyn om die mense te mislei. Hoe donkerder die geestelike nag sal wees wat die mense omvou, hoe makliker sal dit wees om hulle te laat glo in wonderwerke, want hulle sal elke buitengewone daad deur bose magte as sulks aanvaar, maar die buitengewone werke van die lig, van mense wie se wil tot God geneig is, sal nie deur hulle erken word nie, en dit alleen is al `n teken dat die mense onder die spel van die een is wat teen God wil veg. En tog sal hulle gebruikmaak van My Naam. d.w.s. hulle sal hulself as die Christus verklaar, hulle sal die mense verlossing belowe van alle teëspoed deur hulle en hul leerstellings, want hulle sal probeer om hulle te wen deur hulself te beskryf as verteenwoordigers van die Een wat alle mag oor Hemel en aarde besit. En elkeen is `n valse Christus wat `n verkeerde leer in My Naam verkondig en wat probeer om hierdie leerstellings deur buitengewone werke te bevestig, wat egter nooit gesien kan word as `n wonderwerk nie.

Amen.

Geestelike wedergeboorte

B.D. No. **2360**
7. Junie 1942

Die keerpunt in die lewe is die wedergeboorte van die gees, dit is die oomblik wanneer julle bewusword van die geestelike krag wat na julle vloei deur My Liefde. So gou as wat julle julleself onlosmaaklik verenig voel met My, so gou as wat julle bewusraak van die feit dat julle nie sonder My kan bestaan nie, so gou as wat julle My teenwoordigheid kan voel, en hierdie bewussyn julle hele lewe bepaal, die geesvonk in jou na sy Vader-Gees streef en julle ontwaak het tot die die werklike lewe, is julle in die gees wedergebore. En van nou af sal julle bewustelik strewe na My, julle bedoelings en gedagtes sal na My neig, julle dade sal ooreenstem met My wil. En Ek sal besitneem van julle en julle optrek na My toe. Ek sal nie meer toelaat dat julle iewers op julle eie heengaan nie, Ek sal saam met julle gaan waar julle ookal gaan. Ek sal by julle wees en aandag gee aan elke gedagte aan My. Ek sal elke vraag van julle harte hoor, elke oproep om hulp, elke sug na My Liefde en Ek sal julle help, selfs al voel julle dit nie onmiddellik nie. My Liefde vir julle is onbeperk en My sorg nimmereindigend, en so sal Ek nie enigeen van My lewende skeppings sonder hulp laat nie. En Ek sorg veral vir My kinders, want hulle is My Kinders wat My gevind het en wat uit eie beweging op My vertrou. Hulle het al My Liefde. Geestelike wedergeboorte is soos die opkomende son: Dit verskyn toenemend helderder stralend in die uitspansel, totdat dit in die lug in volle glorie is en My skeppingswerke deurdring met lig en warmte, en lewe gee aan nuwe skeppings en hulle aan die lewe hou. Stilstand bestaan nie meer vir `n geestelik wedergebore persoon nie. Hy sal steeds helderder skyn, omdat hy deurdring is met My Liefdeskrag, met My gees. En so kry hy steeds meer lig en krag en verlig ook alles in sy omgewing.

Geestelike wedergeboorte is die ontwaking tot die ewige lewe, en die geestelike wedergebore persoon sal ook in staat wees om die lewelose wakker te maak om te lewe, want waar sy lig ookal skyn, dring dit die duisternis binne met sy helder glans, en waar daar lig is, is daar lewe en waar daar lig is, is Ekself teenwoordig, en Ek gee lewe aan almal wat dit begeer, wat dit bewustelik van My af wil hê, wat ook met verlange na My toe kom, dus, wie My erken. Ek gee julle My woord en daardeur die sigbare teken van My Liefde, Ek gee julle krag, wat manifesteer in verhoogde verlange na My, want hierdie verlange is die teken dat My Vader-Gees die geesvonk in julle na Homself trek, daarom sal julle gelukkig wees wanneer julle na My smag, want My Gees streef op dieselfde manier na julle. En julle harte kan My nie weer laat gaan nie, want Ek laat dit nie toe wanneer hulle hul aan My gegee het nie.

Ek is die Gees van die Waarheid, Ek is Lewe, Ek is Liefde en die Primêre Oorsprong van alles wat bestaan. Wie Ek My Liefde gee, sal bestaan van ewigheid tot ewigheid, Hy sal leef en die volle waarheid ken, daar sal geen misleiding en illusie wees waar hy is nie, hy sal wees wat Ek is. `n Gees, vol van mag en krag vanuit My. Hy sal liefde uitstraal en ongelooflik gelukkig wees om in staat te wees om weer My Gees oor te dra aan die lewende skeppings en om in staat te wees om tot lewe te bring wat eens leweloos was. Hy sal na My aard in alles, want My gees deurdring hom en hy kan dus nie anders wees as Ek nie, `n wese vol van Liefde, Krag, Wysheid en Mag. En so sal julle die geluksaligste wesens in die ewigheid wees, verenig met mekaar en sal altyd naby aan My wees. En julle sal ontvang wat julle begeer, want julle sal altyd net My Liefde begeer, en Sy sal julle voortdurend deurdring, sodat julle kan werk vir julle eie oneindige geluk in My ryk, wat almal wat met My verenig is, in tyd en ewigheid kan deel.

Amen.

Beëindiging van die stryd tussen die nasies

B.D. No. **2361**
6. Junie 1942

`n Geweldige konflik tussen die nasies sal beëindig word volgens goddelike bevel. Dit sal geensins ooreenkom met die nasies se wense nie, inteendeel hulle sal met afgryse vervul word wanneer hulle besef dat die uitkoms hul verwagtinge geheel en al teëgaan. Maar die menslike

wil is magteloos waar God Sy wil uitdruk. En elke dag daarvoor is `n geskenk vir die mense as hulle hierdie dae sal gebruik vir die redding van hulle siele, deur weg te draai van die wêreld na God, voordat God Homself sal manifesteer. Mense was alreeds geraak deur onbeskryflike harde lyding en tog het dit net `n paar nader aan God gebring, want die mensdom skenk geen aandag aan dit wat deur God aan hulle gegee word nie, maar net aan dit wat deur die wêreld aangebied word. Daarom maak hulle nie gebruik van God se barmhartigheid nie, maar hulle probeer voortdurend om hul aardse besittings te vermeerder. En selfs waar mense se besittings vernietig is, sal hulle heelhartig net daarna streef om te herwin wat hulle verloor het. En so word hul stryd teen mekaar meer en meer bitter en kan nie meer op `n aardse wyse opgelos word nie, maar moet deur God tot `n einde gebring word, as dit nie moet lei tot `n volledige inmekaarstorting en uiterste goddeloosheid nie.

Want mense het nie geloof in `n regverdige en alwyse God nie, anders sou hulle reeds deur die wêreldgebeure sien tot watter mate die mensdom hom gedistansieer het van God en waarom God so `n wêreldgebeurtenis sal toelaat om plaas te vind. Want God se wil voorkom nie die mense se wil vir die totstandbrenging van wat hulle deur hul liefdeloosheid ontketen nie. Die komende gebeurtenis sal egter groot twyfel bring oor die bestaan van `n Godheid wat Self vernietig wat Hy geskep het met Sy krag. Maar hierdie twyfel sal slegs na vore kom in mense wat nie in liefde optree nie, terwyl die liefdevolle persoon ingelig sal word en weet dat niks kan gebeur sonder God se wil nie, so sal hy erken dat God die gebeurtenis gestuur het. En hy sal weet dat niks op aarde sonder doel en rede sal gebeur nie en dat alles die siel op een of ander manier sal bevoordeel. Hy sal ook erg geskok word deur die omvang van die gebeurtenis, maar hy sal ook besef dat die mensdom uit sy ontroue bestaan geskud moet word, sodat hulle introspeksie sal doen van hulleself en hulle lewenswyse verander ten einde nader aan God te kom. En salig is elkeen wat `n voordeel vir sy siel uit die komende gebeurtenis sal kry, want hy sal niks verloor nie, maar net wen, en selfs indien sy aardse besittings vernietig word, het hy God daardeur gevind en dit is oneindig meer as wat hy verloor het.

Amen.

Die brein - Toevloei van goeie of slegte kragte

B.D. No. **2363**
9. Junie 1942

Uit die geesteryk stroom daar voortdurend idees en opvattinge na julle toe, wat julle slegs hoef aan te neem om dit julle eie te maak. Julle wil is beslissend van welke aard hierdie denkbeelde is wat julle aanneem, want julle kan dit van die lig, sowel as dit van die duisternis julle eie maak, volgens julle wil.

Die dinkapperaat van die mens is so fyn gekonstrueer, dat hy in werking gesit word deur elke uitstraling, d.w.s. sodra die gedagtes hom soos `n golf omspoel, tree hy in werking deurdat hy aanneem wat hom beval, wat dus begunstig word deur die mens se wil. Want die wil beslis, hy verleen effektief aan `n sekere deel van die gedagtes toegang, terwyl hy die ander verwerp, na gelang van sy houding teenoor die goeie, die goddelike, of teenoor die mag wat vyandig is teenoor God. Want die toevloei van gedagtes van beide magte, van die geestelike krag vol lig of die duistere geestelike kragte, ervaar die mens as weldadig of onaangenaam en neem daarom die een aan, terwyl hy die ander afwys.

Sodoende is die wesenlike instelling tot God beslissend welke idee die wil van die mens op homself sal laat inwerk, want wat sy denkapperaat eenmaal opgeneem het, bly hom voortdurend tot beskikking, want dit kom steeds na die oppervlakte sodra die mens hom daarmee wil besighou.

As die wil van die mens na die goeie gekeer is, dan sal die opgeneemde gedagtes ook daarmee ooreenstem, dus sal hy slegs sulke mededelinge begryp wat hom uit die ligryk toestroom, dus sal hy die goddelike Wil nie teenspreek nie. So `n mens sal hom vernaamlik met geestelike dinge besighou en wêreldse sake buite beskouing laat. Hy sal geestelike honger bespeur en dit aanneem wat geestelik deurgegee word, wat ooreenstem met sy verlange, terwyl hy die ander verwerp.

En so bou elke mens sy geestelike besit self op, dit word vir hom van alle kante gebring, d.w.s. goeie en slegte kragte span hulle in om hul gedagtewêreld aan die mens te ontsluit en hom gewillig te maak om dit aan te neem wat hulle hom aanbied.

Verbind die mens hom nou in gedagtes of in gebed met God, dan sal hy vanselfsprekend ook die sienswyse aanneem wat hom deur God verbinde kragte toegestuur word en deur hierdie kragte word ook die invloed van die aan God vyandige mag afgeweer. Dit is weer a.g.v. die wilsuitinge van die mens, wat hom positief of negatief instel teenoor dit wat hom deur gedagtes aangebied word.

En daarom kan die mens wat na God verlang, gerus wees dat hy ook korrek sal dink, want deur die verlange na God, stel hy homself in staat om die toevloei van geestelike goeie kragte op te neem. En hy sal die denkbeelde van die vyandige krag as vals aanvoel en nie werd om aan te neem nie. Die goeie geestelike kragte vorm sy oordeelsvermoë vir die goeie en die verkeerde en hulle waak daaroor dat die gewillige mens aan geen slegte invloede ten prooi val nie.

Amen.

Einde van die tyd van genade - swaarste leed

B.D. No. **2369**
15. Junie 1942

Die tyd van genade sal spoedig verby wees, maar die denke van die mens sal nie verander nie. Die mens sal steeds liefdeloser word en steeds dieper in die vangnette van die satan verstrik raak, sodat hulle mekaar wedersyds sal kwel en sonder enige liefde sal wees. En God sal elke middel aanwend om hulle uit die lae geestelike vlak te trek. Hy sal hulle van hul aardse goedere ontneem om hulle los te maak van die materie en Hy sal poog om hulle tot nadenke te bring deur allerlei soorte teëspoed. Hy sal hulle in situasies bring waarin hulle na hulp sal soek en hulself na Hom toe wend, maar elke middel sal misluk en die geestelike toestand sal nie verbeter nie.

En dit sal nie meer lank wees voordat God se tugroede die mens gaan tref nie, want die tyd van genade gaan sy einde tegemoet. En daarom sal die aarde nog bitterlike swaar leed moet verdra, want die leed is genade, sodat dit nie by die mens verbygaan sonder om spore na te laat en redding vir die siel te bring nie.

Maar die wil van die mens kan nie gedwing word nie. En as die leed hom nie die regte pad laat vind nie, is daar geen redding meer vir hom nie, en behoort hy by diegene wat op die dag van oordeel die mag van God sal voel en dus ongeskik bevind sal word. En wat die oordeel beteken, kan die mens nie begryp nie. Hulle kan hul dit nie voorstel dat hul siele weer deur duisende eeue heen `n toestand in ongekende kwelling sal moet verduur nie. Maar God wat daarvan op hoogte is, laat niks onbeproef om hulle hierdie lot te spaar nie. Hy kan egter nie die wil van die mens met geweld op die goeie rig nie.

Maar die komende nood sal so groot wees, dat dit in elke mens die natuurlike gevoel sal wek om sy medemens te help, dit wil sê, as hy hom nie heeltemal van alle liefde gestroop het nie. As hy nog tot liefde in staat is, al is dit in die geringste mate, dan sal hy by die aanskoue van hierdie nood ontwaak in liefdevolle werksaamheid. Maar in die een waarby hierdie nood sal verbygaan sonder `n bereidheid om te help, sal die liefdesvonk gedoof wees en die moontlikheid van `n vooruitgang sal nie meer vir hom daar wees nie. Hy sal so ver van God af staan, dat hy buite die uitstraling van God se Liefde staan, wat dus dieselfde beteken as dat die geestelike substansie weer verhard geword het tot die mees vaste materie.

En dan sal die aardse bestaan weer in die grootste kwelling begin van om gebonde te wees. Wanneer die onuitspreeklike lyding oor die aarde kom, dan is dit nog `n daad van barmhartigheid van God, omdat Hy graag die siele die onvoorstelbare leed van `n herhaalde weg oor die aarde sal wil bespaar. Maar dit sal nie as sodanig herken word nie. Veel meer sal die leed `n aanleiding wees om God nog sterker af te wys, omdat die mens nie die geestelike samehang in hul blindheid kan insien nie. Maar daaroor sal voldoende opheldering gegee word, daarom wek God profete op en laat hulle alles vooraf aankondig. Hy sal hierdie tyd nie sonder aanwysings laat naderkom nie.

Hy laat die mense voortdurend vermanings toekom wat hulle oor die sin en die doel van die aardse lewe in kennis kan stel. Maar hulle sluit hul ore en sal die goddelike genadegawe sonder nadenke afwys en daarom sal daar vir hierdie mense geen redding meer wees nie, geen pad wat hulle van die afgrond kan weghou as hulle aan hierdie laaste vermanings en waarskuwings geen gehoor sal gee nie.

Hulle kan maar net opmerksaam gemaak word, naamlik dat die lae geestelike vlak die oorsaak sal wees van die komende leed en dat dit eers opgehef moet word, alvorens daar van God se kant af paal en perk aan die leed gestel kan word.

Wie aan hierdie vermanings en waarskuwings dink wanneer die laaste tyd van genade aanbreek, die tyd van die pynlikste lewe op aarde, wat deur die aanroep tot God nog op die laaste oomblik die ergste van hom sal kan afwend, hy sal nie by diegene wees wat gedoem is om ewighede lank die toestand van algehele hulpeloosheid en onvoorstelbare kwellinge te verdra nie.

Amen.

Die dwaalleer is `n struikelblok vir die mens wat na God soek

B.D. No. **2372**
17. Junie 1942

Die geestelike soekende mens is in `n sekere sin nie vry solank as wat hy homself nie intellektueel kan losmaak van menslike leerstellings wat aan hom verkondig word nie, en wat nie ooreenstem met die suiwer waarheid nie. Sulke doktrines verhinder hom om tot ware insig te kom en so stel hy daardeur self vir hom `n grens aan sy kennis. Want alvorens hy hom nie vrygemaak het nie, kan die suiwer waarheid ook nie vir hom aangebied word nie, of wanneer dit vir hom aangebied word, herken hy dit nie as sodanig nie.

Weliswaar kom God die soekende mens tegemoet, maar Hy wil sonder bedenking aangeneem word. Verkeerde menings wat deur mense opgestel is, is egter struikelblokke wat in `n sekere sin nog `n skeidsmuur tussen God en die mens veroorsaak. Elke valse leerstelling wat die mens nie wil opgee nie, is so `n struikelblok wat die mens nog van God skei. God sal nou wel die mens aanspoor om die hindernisse uit die weg te ruim, d.w.s. dat ander mense sy oortuigings sal skud deurdat daar afkeurende kritiek teen hierdie misleide leerstelling opgebou sal word wat die mens sal beïnvloed om hierdie leer te verwerp.

Verwerp hy dit, dan sal hy ook spoedig die ware insig kry, want nou sal hy deur God Self onderrig word, wat aan hom die ware kennis sal gee, wat hy nou ook bereidwillig sal aanneem. Solank hy egter in sy verkeerde sienswyse volhard, sal dit nie lig in hom word nie. Hy sal dan nêrens `n samehang sien nie, omdat sy kennis maar gefragmenteerd is en nie voldoende is om mense te leer nie. Want gee kan slegs hy wat ook besit, nie hy wat self gebrek het nie.

Hoe gewilliger die mens dus is om die ware weg te bewandel, d.w.s. die goddelike wil te vervul, des te sekerder sal God hom tot insig bring, maar meestal sal dit `n langer tyd neem voordat sulke hindernisse, wat die insig onmoontlik maak, uit die weg te ruim. Daarom moet daar met alle geduld gepoog word om die verkeerde menings van mense te weerlê. En die liefde tot die mens bring dit ook tot stand wanneer `n mens self in die waarheid wandel en die waarheid dus ook verder kan uitgee.

Hy wat die waarheid in hom het, is `n oorwinnaar, want die waarheid is uit God en God kan nooit die mindere wees nie. Wie dus na God soek, sal Hom onherroeplik vind, want Hy sal Hom bekend maak aan elkeen wat Hom ernstig probeer vind.

Amen.

Die wysheid van die wyses sal vernietig word

B.D. No. **2375**
20. Junie 1942

Die wapen van die wêreldse geleerde is die aanbied van getuienis en gewapen hiermee, sal hy steeds in staat wees om homself in die wêreld te handhaaf, dit is dat sy wysheid onaantasbaar sal wees, sodra hy die verworwe kennis met bewyse kan staaf. En wie twyfel aan hierdie kennis is dwaas.

Daarenteen is geestelike kennis nie met bewyse aan te toon nie, dit is nie deur middel van ondersoeke te verkry nie en kan nie sistematies aan die medemens oorgedra word nie, want geestelike kennis is geen produk van die intellektuele denke van die mens nie, maar is slegs `n produk van `n liefdevolle hart. Geestelike kennis het dus niks in gemeen met aardse wysheid nie en kan derhalwe ook nie deur die wêreldse wyses beoordeel word nie, want geestelike kennis is heeltemal vreemd vir hulle en hulle is nie bekwaam om enige kritiek te lewer nie, alvorens hulle nie self, deur met hul hele hart aktief werksaam te raak in die liefde, in die kring van die kundige mense opgeneem word nie. En so sal die wyses van die wêreld nie hulle wysheid kan gebruik om bewyse te lewer om geestelike waarhede te weerlê nie, want hulle sal tekortskiet, hulle sal moet toegee dat hul wêreldse kennis nie toereikend is om die geestelike gebied binne te dring nie.

Maar die geestelike kennis wat verkry is deur werksaamheid in die liefde, sal aardse wysheid omverwerp, sodra hierdie wysheid betrekking het op gebiede wat buite die aardse lê. Geestelike kennis sal ander resultate oplewer as dit wat deur wêreldse wyses verwerf is, dus sal die geestelike ingeligte persoon ook elke bewysvoering vermy en die voorlegging van sodanige bewyse as onbetroubaar beskou en hy sal ook die verstandelike denke van hierdie mense as onbetroubaar beskou en daarom sal mense wat in die geestelike kennis deurgedring het, nie die wêreldse kennis baie hoog ag nie, want hulle sal insien dat dit onvolmaak en gebrekkig is, omdat dit nie in die minste bygedra het om die mense tot insig te lei nie, want goddelike wysheid kan nooit daardeur verkry kan word nie.

Maar desondanks die voorlegging van bewyse, sal die wysheid van die wêreldse wyses verkeerd bewys word. Want mense wat nooit op die goddelike Gees ag geslaan het nie, wie se gedagtes dus nooit gerig was na die geestelike nie, sal dus nou moet insien dat mense sonder wêreldse opleiding, in kennis hulle meerdere is en hulle sal dus ook hierdie waarheid moet erken wat hulle ondersoeke teenspreek, sowel as die gevolglike resultate.

Hulle sal moet insien dat intellektuele aktiwiteit alleen geen waarborg is vir die korrekte wysheid nie. “Ek sal die wysheid van die wyses vernietig en die verstand van die verstandiges tot niet maak”. En dit is in ooreenstemming met die wêreldse ondersoeker se geestelike houding teenoor God, aangesien geen mens die waarheid kan weet sonder geestelike verligting nie, en sonder die erkenning en die strewe na God, kan die mens nie verlig word nie, aangesien laasgenoemde `n toestroming van Krag vanuit God is, wat slegs kan plaasvind deur opnamehouers wat oop is vir hierdie toestroming, andersins kan die krag geen houer vind nie.

Alle geestelike voortbrengsels waarvoor die geestelike Krag uit God nie versoek was of benut was nie, is waardeloos en dit sal steeds oor en oor vervang of verwerp word, want intellektuele denke staan nie stil by een resultaat nie, omdat dit nooit volledig oortuig is van die waarheid daarvan nie. Daarenteen sal geestelike resultate wat met die medewerking van die goddelike Gees ontstaan het, ook vir altyd en ewig onveranderlik bly, omdat dit beantwoord aan die waarheid en sal dan ook as sodanig ingesien word deur mense wat ernstig worstel om die waarheid. `n Intellektuele mens sal ver wegbly van die waarheid, want hy begeer dit nie en as dit dan vir hom aangebied word, herken hy dit nie en dus sal hy nóg wys nóg lief vir die waarheid word. Dus sal ook sy wapen, naamlik die bewysvoering, uit sy hande geneem word, want sy bewysvoering kan nie bestaan teenoor geestelike resultate nie, wat `n regstreekse uitstraling van God is, aangesien sy opponente veg met `n wapen wat hy nie besit nie.

Dit wat deur die werksaamheid van die Gees aangekondig is, sal sigbaar manifesteer en daardeur die bewys lewer dat die waarheid slegs bestaan waar daar na die Gees van God verlang word en dat die waarheid die kennis van die wêreldse wyses by verre oortref, sodat die mense kan insien dat wysheid nie afhanklik is van die menslike intellek nie, maar slegs afhang van die korrekte houding teenoor God en `n ooreenstemmende lewenswandel. Want slegs dan sal die Krag vanuit God, Sy Gees, begeer word en in staat wees om in werking te tree.

Amen.

Smeking van die behoeftige siele vir gebed

B.D. No. **2381**
24. Junie 1942

Luister na die smeking van die dooies. Ontsê hulle nie julle voorspraak wanneer hulle julle herinner aan hulleself nie en weet dat hulle onbeskryflik moet ly sonder julle hulp. Die lot van `n onverloste siel is bomate treurig en niemand van julle weet of `n siel verlos is, of in `n smartlike toestand smag en julle hulp nodig het nie. Slegs deur gebed kan julle hierdie behoeftige siele help, want dan ervaar hulle julle liefde en dit gee hulle die krag om hul eie lot te verbeter. Hulle verander hul wil, wat veral nodig is om `n verandering in hul treurige toestand teweeg te bring.

Die siele is te dankbaar vir slegs die geringste ondersteuning, want hulle is heeltemal op julle aangewese, of op die genade van siele wat alreeds `n hoër graad van volmaaktheid verkry het. Maar die siel mag egter eers hulp aangebied word wanneer haar wil `n verandering van haar bestaande toestand begeer. Maar die wil is egter by sulke siele swak of selfs totaal onaktief en daarom kan hulle vir `n ondenkbare lang tyd smag, as hulle nie gesteun word deur middel van voorspraak in gebed nie, wat hulle die krag sal gee om hulle wil te verander, dus om hulle wil te aktiveer. As julle die lyding van hierdie siele kon verstaan het, sou julle hulle nie tevergeefs laat smeek het nie, want elke gedagte aan `n oorledene is hulle manier om julle aandag te kry en `n hulproep in hul nood.

Die mensdom is so liefdeloos teenoor mekaar en sonder geloof aan `n lewe na die dood. Daarom dink hulle ook nie aan die oorledenes nie, waardeur hulle dan uitermate moet ly. Oor en oor dring hulle weer die gedagtes van die mens binne en wil die mens daardeur aanspoor om vir hulle te bid.

Daar is enorme ellende in die hiernamaals en selfs die siele van onbekende oorledenes kom in die nabyheid van hulle wat vol medelye aan hierdie arme siele dink, want hulle ervaar elke gawe van gebed as `n weldaad, as `n toename in hul krag en wil om na Bo te streef. Mense op aarde wat vol erbarming is, word gedurig omgeef deur hulpbehoewende siele wat hoopvol hulp verwag. Selfs die wil om hierdie siele te help, is `n gawe van krag aan hulle en elke liefdevolle gedagte wat hulle insluit, versterk hulle wil. En dan kan hulpvaardige wesens in die hiernamaals nou hierdie siele te hulp kom en aan hulle die krag oorbring wat hulle nodig sal hê om die ontsaglike smart in die hiernamaals te verminder.

Die mens weet nie hoe om die genadegawe van gebed te waardeer nie. Hulle kan alles bereik deur die regte gebed, want God Self het hierdie seëning vir hulle aangebied en stel geen grense nie. Maar in die hiernamaals kan die kragtelose siel haarself nie help nie, maar is op hulp aangewese. En hierdie liefde en hulp moet julle hulle laat toekom om hulle aan hierdie kwellende toestand te ontruk en om die begin van hul eie verlossing te fasiliteer.

As die siel eenmaal die stadium van haar swakheid oorwinhet , dan is haar strewe slegs opwaarts en haar grootste nood is reggestel. Hoe dit ookal sy, die siel moet die krag hiervoor ontvang deur liefdevolle intersessie, want slegs die daad van liefde kan lei tot die verlosssing van die siel. En indien die siel self te swak is om werk van liefde te doen, moet die mens haar liefdevol bystaan, sodat sy die krag kan kry wat sy nodig het vir haar vordering. Om hierdie rede mag julle nooit die behoeftige siele vergeet nie, want hulle smeek julle om hulp.

Amen.

Onfeilbaarheid van die hoof van die kerk (a)

B.D. No. **2383a**
25. Junie 1942

Elke godsdienstige leerstelling moet ondersoek word, alvorens dit aanvaar kan word. God vereis dit van julle om die teenstander se invloed te verminder, want dan sal julle ook self verstaan hoe hy werk. Sy doelwit is om die goddelike waarheid te infiltreer met onakkuraathede, maar die mens kan sekerlik bewusraak daarvan as hy ernstig ondersoek wat hy aangebied word, met die begeerte om slegs die goddelike, die waarheid, te aanvaar. Die teenstander gebruik menslike wil, hy beïnvloed dus mense om na willekeur ander leringe by te voeg by die goddelike leer en gee dit deur as Godgegewe leerstellings.

Maar menslike werke is nie sonder foute nie en gevolglik word die suiwer goddelike onderrig ook bederf, en selfs meer so, hoe minder mense ondersoek en vir hulself dink. En weereens is dit die teenstander se werk dat die menslike leerstellings nie ondersoek word of nadenkend betrag word nie, maar dat dit van mense verwag word om elke godsdienstige leer onvoorwaardelik te aanvaar en die toetsing daarvan as verkeerd te beskou. Dit bevorder inderdaad die aktiwiteit van die prins van leuens. Maar God vereis dat die mens `n lewende geloof moet hê, dit wil sê, `n geloof van die hart, `n geloof wat met volle oortuiging dit kan bevestig wat hy geleer word. Enigeen wat ernstig daaroor dink, sal in staat wees om alle goddelike waarheid heelhartig te bevestig, maar hy sal nooit in staat wees om die werking van Satan te aanvaar nie. Hy sal dit gou herken as die werk van mense en nadat hy dit waardeloos gevind het, sal hy dit met `n gemaklike hart laat vaar. Ondersoek alles en behou die goeie.

En omdat ondersoek noodwendig die herkenning en verwerping van valsheid behels, het die teëstander geweet hoe om die ondersoek van godsdienstige dogma te voorkom, deur die instelling van `n leer wat bedoel was om die menslike denke uit te skakel en wat dus baie slegte nagevolge gehad het. Dit gaan oor die leer van die onfeilbaarheid van die hoof van die kerk, wat blykbaar die mens van alle verantwoordelikheid kwytskel en hom in diepe geestelike duisternis lei, indien dit aanvaar en beskou word as die goddelike waarheid. Want dan kan misleidende onderrig bygevoeg word as goddelike waarheid, sonder om kritiek of verwerping toe te laat. En so was die deur oopgemaak vir alle valsheid, grond is beskikbaar gemaak vir die teenstander waarop hy sy saad wyd kon uitstrooi.

Amen.

Onfeilbaarheid van die hoof van die kerk (b)

B.D. No. **2383b**
25. Junie 1942

Mense se verpligting om die leer van die onfeilbaarheid van die hoof van die kerk te glo, beteken dat elke bykomende onderrig of reël wat deur die hoof van die kerk opgestel word, sonder kritiek goedgekeur en aanvaar moet word, en dus is die mens se denke en keuse uitgeskakel, selfs al is dit onontbeerlik indien die mens eendag rekenskap van sy verhouding tot God moet gee. Elke persoon moet vir homself verantwoord, gevolglik moet hy sy eie besluit neem met volle vryheid van wil. Maar ten einde `n besluit te neem, moet hy in staat wees om te ondersoek en te oorweeg waaroor hy moet besluit. Dit behoort nie die geval te wees dat `n individu besluit en hierdie persoon dan eis dat derduisende mense sy besluit volg nie, gevolglik word hierdie besluit in die vorm van `n gebod gegee (`n leerstelling), wat ongetwyfeld tot gevolg sal hê dat elke kerklike gebod erken moet word as in ooreenstemming met God se wil, omdat sy fondament die (beweerde) onfeilbaarheid van die hoof van die kerk is. Hierdie leerstellings word dus nou onvoorwaardelik aanvaar sonder dat die mens helderheid oor die betekenis en doel gekry het, en wat roetine-aksies word wat onverwant is aan `n vrye besluit en diepe geloof en `n diepe gevoel van nabyheid aan God.

`n Kerkdiens het ontwikkel wat in werklikheid geen diens aan God is nie. Gewoontes is ingestel wat maar net formaliteite is. Die teenstander se optrede het geslaag om mense te vervreem van die waarheid onder die dekmantel van vroomheid, om hulle te stop om hul eie gedagtes die gebruik en dus `n vrye besluit te neem, aangesien dit alles deur God se teenstander onderdruk word, te danke aan die dogma van onfeilbaarheid. Want sodra hierdie leer geloofwaardig gemaak word aan `n persoon, sal hy nie meer nodig hê om `n mening daaroor te vorm nie. Hy aanvaar dus sonder ondersoek en hoef nie `n besluit te neem nie, omdat iemand anders reeds `n besluit namens hom geneem het en die vrye wil was nie gebruik nie. In stede daarvan moet die persoon die godsdienstige dogma glo wat aan hom gegee word, as as hy nie in konflik wil kom met die besondere godsdienstige dogma, wat die kerk as baie belangrik ag te wees nie, omdat die hoof van die kerk nooit kan dwaal of verkeerde maatreëls kan instel wanneer hy `n besluit rakende die kerk maak nie.

God waardeer net vrye besluitneming, maar dit moet deur die persoon self gemaak word en dus moet die voor-en nadele van godsdienstige dogma deur hom oorweeg word. Slegs dit wat hy in sy hart kan bevestig, kan geloof genoem word, en nie wat hy gedwing word om te bevestig nie. Omdat godsdienstige dogma deur God bedoel teen elke toetsing sal staan, sal dit selfs meer oortuigend

aanvaar word, hoe meer die mens daarin delf. Maar iets wat nie uit God is nie, sal nie teen `n ondersoek kan staan nie en sal verwerp word deur elke persoon wat ernstig na kennis soek.

Amen.

Komende gebeurtenis - Ingryping van God - Nood

B.D. No. **2388a**
29. Junie 1942

Die nasies sal genadeloos teen mekaar woed en die grootste moontlike skade aan mekaar doen. Die mense sal nadelig daardeur beïnvloed word en lyding en sorge sal hul voortdurende metgesel wees. Die harteloosheid van mense sal baie groot wees en sal selfs groter word en so sal hulle die goddelike ingryping steeds nader aan hulself trek. Daar is nie meer baie tyd oor vir dit om plaas te vind wat God aan die mense deur Sy Gees geopenbaar het nie en tog sal die mense verras word, want in hul ongeloof sal hulle nie glo dat hulle self daardeur beïnvloed sal word nie. Hulle sal nie glo dat hul geestelike hardheid so is dat dit hierdie ingryping sal verg nie en dat die tyd daarvoor aangebreek het nie, want hulle poog nie om mekaar te verstaan nie, elkeen wil slegs sy eie voordeel bereik en daardeur berokken hulle hul medemens skade. En dit sal die begin wees van `n ondenkbare tyd van skaarste. Ideale sal verlore gaan en nie weer vervang kan word nie. Die tyd sal dan aangebreek het waarvan die Heer op aarde gespreek het en die bogenoemde ingryping sal die verskriklikste lyding veroorsaak, sodat die mens nie sal glo dat hulle die komende tyd sal kan oorleef nie.

En tog sal niemand dit kan ontkom nie, maar in vrees vir hul lewe, sal elkeen die stem van God hard en duidelik hoor spreek met die mensdom. Die omvang van die vernietiging sal baie mense ewe arm maak, groot eise sal gestel word in die liefde van mense, want slegs aktiewe naasteliefde sal hierdie ellende kan hanteer, terwyl die lae geestelike vlak terselfdertyd verhoog sal word, want `n liefdevolle persoon sal nie sy medemens sonder hulp laat nie en hierdie aktiwiteit van liefde sal lei tot geestelike groei. Elke dag tot dan moet waardeer word en daar is nie meer baie van hulle oor nie. Die dag sal verrassend spoedig kom, wat `n groot verandering in menige opsig sal beteken en te midde van groot benoudheid, sal slegs gelowige mense kalm bly en die ware stand van sake herken. En in hul besef van die geestelike ontbering van die mensdom, sal hulle probeer om hul medemens ook daartoe te bring om te glo, want die gebeurtenis vind plaas terwille van hulle siele en as `n persoon dan werk aan sy siel, sal God se ingryping ook vrug gedra het. Tog sal daar slegs enkeles wees, want hul geestelike blindheid sal die mens verhinder om te verstaan.

(29ste Jun 1942) Slegs weinig mense sal uit hierdie gebeurtenis voordeel trek vir hul siele, wat homself drie keer met kort tussenposes sal herhaal. Dit sal mense van hul denkvermoë ontneem, want so reusagtig sal dit wees, dat alle oorweginge sal wegval en alles sal in `n chaotiese verwarring ontaard. Slegs Sy kinders sal sigbaar deur die Heer beskerm word, want Hy sal hulle later nodig hê om vir hom te werk. Hulle wat vooraf gelowig om krag en steun tot Hom gebid het, sal ook krag en steun van hom ontvang wanneer hulle dit vereis. Selfs wanneer dit sal lyk asof alles verlore is, sal Hy nog steeds alle gebeurtenisse reël. Hy weet waarom Hy so `n ramp sal toelaat om oor die mensdom te kom en Hy sal ook `n einde daaraan maak wanneer die tyd daarvoor reg is. Die krag van geloof sal dit self in daardie tyd wys. Want hierdie gebeurtenis sal aan die godvrugtiges `n bevestiging van die goddelike Woord wees en dan sal hulle die geloof met uiterste versekering en oortuiging steun en hulle sal onoorwinlik wees. Hoe minder mense belas word deur aardse besittings, hoe ontvankliker sal hulle wees vir die goddelike Woord en daarom sal God alles vernietig wat hul weg van groei kan belemmer. Daarna sal daar onvoorstelbare ellende onder die mensdom wees en tog sal hulle dit vir hulself kan verminder as hulle bereid sal wees om mekaar te help.

En God sal alle aktiewe naasteliefde seën en hy sal mense help om die aardse ontbering te verdra. Want wat God wegneem, kan hy ook weer vervang as die mens dit nodig het. Maar tog sal hy sy hart daarvan moet losmaak, want hy moet nie aardse goed as die belangrikste dinge op aarde beskou nie, maar besef dat dit onbelangrik en verganklik is en dat die verbintenis met God die enigste krag en vertroostende middel is om selfs die grootste lyding te kan verdra. Hierdie gebeurtenis is vanaf ewigheid bestem en sal die laaste geleentheid van verlossing wees vir tallose mense wat op die

verkeerde weg sal wees, wat slegs vir aardse goed lewe en daarom ernstig geskud moet word om die doel van die aardse lewe te oordink. Maar slegs `n klein fraksie sal voordeel daaruit trek, terwyl die ander die ou lewensomstandighede weer met groot ywer tot stand sal bring en enige middel sal gebruik om weer aardse goed te verwerf. En dit sal die tyd wees wanneer hierdie nuwe begin deur die Woord van God teëgestaan moet word, wanneer mense sal skei in hulle wat alles sal opgee om lojaal aan God te kan bly en hulle wat alle dinge van geestelike aard sal verwerp en in stede daarvan, die wêreld en sy goed met `n groter verlange sal begeer. En dan sal die magte van lig duidelik teen die magte van die duisternis veg.

Amen.

Omgang met oorledenes - Siele in die nabyheid van die aarde

B.D. No. **2401**
8. Julie 1942

Daar is ontelbare siele in die nabyheid van die aarde wie se toestand van volmaaktheid baie laag is en hulle daarom nog steeds die verlange na die aarde met hulle saamdra, omdat die hoër gebiede vir hulle nog ontoeganklik is. Hierdie siele is nog dikwels nie daarvan bewus dat hulle nie meer by die aarde hoort nie, d.w.s. hulle weet nog nie dat hulle die liggaamlike lewe op aarde beëindig het nie en hou hulle daarom nog in hul ou omgewing op en wil hulle aan die mense verstaanbaar maak, sonder dat hulle egter deur die mense gehoor kan word.

En dit duur soms lank voordat dit vir hulle duidelik raak dat hulle niks meer met die aarde te make het nie. Dit duur lank voordat hulle hulself in hul nuwe omgewing skik en ten slotte wegbly van die aarde. Die toestand van onwetendheid is nie baie bevredigend vir die siel nie, wat nêrens begrip en hulp kan vind nie, omdat sy haarself tot die mens wend, wat hulle nie kan help met dit wat hulle begeer nie.

Eers die insig dat hulle vir altyd van die aarde heengegaan het en dat die mense hulle alleen deur gebed kan bystaan, bring die siele daartoe om oor hulle teenswoordige toestand na te dink en die moontlikheid in oorweging te neem dat hulle hierdie toestand self kan verander. En nou eers sal hulle agslaan op elke geleentheid wat hulle `n hoër graad van volwassenheid kan oplewer. Nou eers keer hulle in hulself en probeer dan vir hulself rekenskap te gee en word dan dikwels deur bitter berou aangegryp, omdat hulle die aardse lewe nie so benut het soos wat God dit gewil het nie.

En in hierdie toestand van berou word hulle dikwels deur die ligwesens opgesoek, wat egter in `n omhulling na hulle toe kom, sodat hulle nie as ligwesens herken word nie. Hulle maak die siel dan oplettend op die leed van ander siele en probeer daarmee medelye in hulle opwek. En nou sal hulle innerlike gesindheid bepalend wees of die ligwesens hulle krag kan gee, en of hulle hulle weer aan hul lot sal oorlaat, totdat hulle medelye vir die noodlydende siele hulle eie leed gaan oorheers en die ligwesens dan nou opnuut en met sukses op hulle kan inwerk.

Die aarde is deur ontelbare wesens omgewe, wat dink dat hulle nog op aarde lewe, maar sonder dat hulle herken word deur die mense, wat dink dat hulle nie bestaan nie, wat hulle nie kan sien of aanraak nie en daarom ook nie wil glo dat die siele van oorledenes die agtergeblewe mense omgewe nie. Want slegs die geestelik oog sou hulle kan sien, die liggaamlike oog is egter blind, gevolglik kan die siele hulle aandag op geen enkele manier trek nie, omdat die mense nie daarop reageer nie, want hulle is afhanklik van die goddelike natuurwette waarin God hulle geplaas het.

Hulle sien en hoor slegs met liggaamlike organe, die siele van die oorledenes moet egter met geestelike oë waargeneem word. En dus is daar tussen die siele van die oorledenes en die mense op aarde geen verbinding nie, suiwer natuurlik gesien, maar daar bestaan maar net `n suiwer geestelike verbinding, wat eers aangeknoop kan word wanneer die mense op aarde die wil sal hê om met die siele in goeie verstandhouding te lewe, d.w.s. wanneer die mens op aarde aan die voortlewe van die siel sal glo en hulle, as gevolg van hierdie geloof, met hierdie siele probeer omgaan.

Die bewustelike opneem van die verbinding met die geestelike wêreld, is die voorwaarde dat daar tussen die mens en die siele in die hiernamaals `n kontak tot stand gebring kan word, waardeur `n

wedersydse toenadering moontlik is. En nou kom dit daarop neer wie meer insig sal hê, die mens, of die siel in die hiernamaals. Want die wetende party moet die onwetende party onderrig.

As die siel in die hiernamaals in `n baie onvolmaakte toestand is, dan kan die mens kennis aan haar oorbring, deurdat hy met die siel kan praat, wat die siele baie goed kan begryp en hoor. Maar as die mens onwetend is, dan word sy deur wetende geestelike wesens onderrig, sodra haar wil hierdie onderrigting verlang.

En dus kan die mense op aarde seënryk inwerk op die siele wat in die nabyheid van die aarde is, want hulle het meestal `n onvoldoende volmaaktheid, hulle weet weinig en het daarom weinig krag. Hulle kan deur oordrag van kennis in liefdevolle gedagtes in soverre gehelp word, dat die siele hulle nou makliker van die aarde sal losmaak en hul aandag nou aan die lydende siele in die hiernamaals laat toekom.

Daardeur kan die liefde in hulle gewek word en kan hulle nou in hoër kennis ingelei word deur die ligwesens, wat die verandering van instelling van die siele herken en nou van hul kant af die siele bystaan.

Amen.

Hoekom gebed nodig is

B.D. No. **2409**
15. Julie 1942

Mense se ywer is tans slegs gerig op materie, en dit beteken `n stilstand in geestelike ontwikkeling. Daar is `n gevaar dat die mens sal agteruitgaan as hy nie sy armoedige toestand gaan herken nie, want God se teëstander probeer om die siele af te trek en om hulle heeltemal vir hom te verower. En hoe meer hy daarin slaag, hoe moeiliker raak dit om weer van hom te ontsnap en na hoër sfere te beweeg. Die mens se wil is verswak en kan slegs met God se hulp verander, wat absoluut vereis om Hom aan te roep om hulp. En dit maak gebed dus die eerste en belangrikste vereiste. Solank as wat die mens nog in staat is om te bid, is hy nie hopeloos verlore nie, aangesien elke oproep vir krag in geestelike nood beantwoord sal word.

Indien die mens nie meer die geestelike benoudheid waarin hy is, kan herken nie, wat ook as gevolg van die teenstander se invloed is, en dus die seën van gebed ignoreer, dan sal hy deur God in situasies gelei word wat sal maak dat hy sy eie hulpeloosheid in aardse probleme sal besef, sodat hy dan sy toevlug tot gebed kan neem en na God roep in sy benoudheid. Hy is altyd gereed om te help, Hy sal nie Sy steun terughou van iemand wat daarvoor vra nie, Hy gee krag aan die swakkes en verlig elke teëspoed, maar Hy wil hê dat Sy hulp bewustelik gevra moet word, Hy wil hê dat die mens na Hom toe sal kom as `n vraer, want dit is die erkenning van sy gebrek aan mag en krag, wat God eis van die wese wat eens in arrogansie en bewustheid van sy eie krag, weggedraai het van die Een van wie hy sy krag ontvang het.

Die wese sal weer `n ontvanger van krag word soos wat dit in die heel begin was en hy sal saam met God werk en nie in opposisie teen God nie, en daarom moet hy eers besef dat hy `n uiters swak wese sonder God se liefde is, ten einde hom te motiveer om weer by God aan te sluit, van Wie hy hom vrywillig gedistansieer het. Daarom moet die eenwording met God weer in vrye wil plaasvind, en dus kan krag nie teen sy wil aan die wese gegee word nie. Maar hy moet sy wil uitspreek deur gebed, deur die begeerte om krag gegee te word, wat God altyd sal vervul. Want Hy wil net erken word as die Gewer van krag, sodat die wese sy voormalige weerstand deur gebed kan laat vaar en dan gewillig poog om weer met God te verenig, sodat hy deurdring kan word met God se krag en so weer `n ontvanger van krag kan word soos wat dit oorspronklik bestem was om te wees.

Amen.

Geestelike dwang - Menslike gebooie - veg teen Christus se onderrig

B.D. No. **2412**
17. Julie 1942

Alle geestelike dwang moet veroordeel word, omdat die mens se aksie wat hieruit voortvloei, waardeloos by God is.

Slegs totale vryheid van wil bepaal die waarde van die aksies van mense. Daarom moet hulle ingelig word oor die onderrig van Christus, maar hulle mag nie verplig word om `n spesifieke lewenstyl a.g.v. reëls en regulasies te lei nie, wat hulle dan pligsgetrou en uit gewoonte sal onderhou. Die mens moet verseker onderrig word om korrek te dink en hulself korrek te gedra, maar hulle moet altyd net op die regte of verkeerde van hul aksies gewys word. Hulle moet meegedeel word om liefde te beoefen, maar hulle moet nooit aangespoor word deur reëls wat nie by hul innerlike wil aanpas nie. Slegs die gebod van liefde moet onderhou word en daarom ook onderrig word, omdat elkeen wat die gebod van liefde vervul, hulle harte so omvorm dat hulle die dinge sal wil doen wat aan God se wil beantwoord. Maar gebooie wat `n persoon verplig om sy lewe op `n bepaalde manier te lei, alhoewel die nalaat om daaraan te voldoen, nie liefdeloosheid teenoor ander mense wys nie, word nie deur God gegee nie, dit staan dus buite die leer van Christus, omdat hierdie onderrig slegs liefde preek, wat egter nie poog om die vervulling van die goddelike gebooie deur middel van eksterne krag te bereik nie.

Want die mens moet homself in uiterste vryheid van wil kan omvorm as hierdie transformasie van gedagtes ewigheidswaarde moet hê. Die vryheid van wil word egter beperk sodra `n verpligte transformasie geëis word. Elke goeie daad wat nie uit die hart kom nie, wat dus nie deur die innerlike drang van liefde gedoen word nie, sal slegs waardeer word vir wat dit in werklikheid is, die uitvoering van `n plig sonder die warmte van hart.

En daar is `n groot gevaar dat die mens te min verantwoording aan homself sal gee vir sy gedagtes en dade, omdat hy glo dat hy gedoen het wat hy op aarde moes kom doen en hierdie geloof het sy ontstaan in die gebooie wat die mense tot die onderrig van Christus bygevoeg het. Slegs die goddelike onderrig van die liefde moet aanvaar word as die onderrig van Christus, maar nooit menslike gebooie wat poog om iets anders te bereik as slegs ware dade van liefde nie.

Waar liefde onderrig word, moet liefde ook beoefen word en dade van liefde moet verstaan word as alles wat vir ander mense voordelig is. Dus word van die mens verwag om goed te doen aan sy medemens en daarom sal die goddelike onderrig van liefde slegs van die mense verwag dat hulle hul medemens teen skade sal beskerm of hulle voordeel sal soek. Wanneer die mens die welsyn van sy medemens oorweeg, leef hy binne die liefde, omdat dit hom aanspoor om ander mense te help. Dit is die ware dade van liefde wat deur God van die mens vereis word en wat aanhoudend deur Jesus Christus in die wêreld beoefen was. Maar as dit van die mens verwag word om iets te doen, alhoewel die nievoldoening daarvan geen skade of pyn aan ander mense gaan bring nie, dan is dit a.g.v. menslike wette, wat nie met die onderrig van Christus verwar moet word nie.

Nietemin bestaan daar groot gevaar dat die gebooie van liefde ten gunste van hierdie menslike toegevoegde gebooie geïgnoreer sal word en dat die betekenis van die onderrig van Christus in die liefde, nie erken sal word nie, wat duidelik is deur die feit dat die mensdom, onbewus van die ware waarde, die onderrig van Christus in die liefde, ten volle wil vervang, omdat hulle meer aandag skenk aan gebooie wat die mens min of meer verslaaf, omdat dit geestelike dwang verteenwoordig.

Die wêreld neem aanstoot hierin en probeer om daarteen te veg en om alles te vervang, met inbegrip van die suiwer onderrig van Christus wat slegs liefde gepreek het. Alles wat deur die mense toegevoeg word by die goddelike onderrig van liefde, word slegs gedoen om die suiwer onderrig van Christus met valsheid te infiltreer, omdat dit afwyk van dit wat Jesus Christus die mens nagelaat het as Sy werke. Maar slegs dit wat van God is, sal bly, maar menslike werke sal vergaan.

Amen.

Aanduidings van `n natuurgebeurtenis - Jesus se verwysing op aarde

B.D. No. **2437**
5. Augustus 1942

Dit is nie toevallig dat verhoogde aanduidings in die natuur, sal dui op `n uitbarsting van die elemente nie, want God stuur hierdie tekens vooraf om die mense voor te berei op `n buitengewone natuurgebeurtenis wat die mense skielik en onverwags sal verras en in ondenkbare ellende gaan dompel. Dit is die bedoeling dat die mens hierdie aanduidings sal assosieer met Sy Woord, want Jesus Christus het reeds van hierdie tyd gepraat toe Hy op aarde geleef het, want Hy wou die uiteindelike gevolge van die mens se lewenswyse aan hulle uitwys.

Die tyd kom nou nader en mense moet agslaan op die tekens wat die gebeurtenis gaan aankondig. Hulle moet niks ignoreer wat afwyk van die raamwerk van die natuurlike wette nie. God Self sal dit aankondig, dit is Sy ingryping in die bestaande wêreldorde, dit is nie Sy wil dat mense enigiets onvoorbereid moet ervaar, wat hulle geestelik sal en kan bevorder wanneer die samehang van alle gebeurtenisse vooraf aan hulle verduidelik was nie. Om hierdie rede het God voortdurend na die komende tyd verwys en die mens ingelig dat die tyd sal kom wat goddelike ingryping sal noodsaak.

Dan word dit oorgelaat aan elke individuele persoon wat hy gaan maak met hierdie waarskuwing. As hy glo, sal hy sy lewe dienooreenkomstig aanpas, hy sal met God kontak maak en nederig sy lot aan Hom toevertrou. Hy sal nie in soveel gevaar wees as diegene wat nie glo aan `n ingryping nie. Laasgenoemde sal hulself ook nie voorberei nie, in plaas daarvan, sal hulle alle verwysings en vermanings verontagsaam. En hierdie natuurgebeurtenis sal verskriklik wees vir hulle, want diepgaande geloof gee `n persoon die vertroue dat hy in elke gevaar deur God beskerm sal word, maar `n ongelowige het niks om aan vas te hou gedurende die laaste oomblik, as hy nie `n God bo homself erken en homself aan Sy barmhartigheid oorgee nie. God het sy boodskappers alreeds lank voor die gebeurtenis gestuur, ten einde die mensdom se denke te stimuleer, en hierdie aanduidings kan erken word deur almal wat dit wil erken. Dit sal aanleiding gee tot nadenke, omdat dit nie net een keer sal voorkom nie, maar hulself dikwels en met gereelde tussenposes sal herhaal, sodat dit deur almal opgemerk sal moet word. Maar elke persoon gee gewoonlik sy eie verduideliking en dit na gelang van sy houding teenoor God. Sodra hy hierdie verskynsels met God se wil assosieer, gee hy daaraan aandag tot sy voordeel, want hy sal hom voorberei vir die tyd wat voorlê, wat tot groot voordeel vir sy siel sal wees. Wat God in Woord en Skrif verkondig het, sal onherroeplik plaasvind, slegs die tyd is onbekend aan die mens. Om hierdie rede moet julle op die tekens let wat God genoem het. En julle sal weet dat die aarde groot aardbewings in die gesig staar wat ongelooflike lyding aan die mensdom sal bring. Dan moet elke persoon homself gereedmaak vir die komende tyd. Hy moet volhard en `n beroep doen op `n sterk geloof, sodat dit nie verswak tydens die werk van vernietiging wat vir die mensdom wag nie. En God sal sorg vir elke persoon wat aandag skenk aan Sy Woord en wat die goddelike ingryping bewustelik verwag.

Amen.

Lewensweg word vooraf deur God bepaal - Vrye wil - Daad en gevolg

B.D. No. **2441**
8. Augustus 1942

Die kleinste gebeurtenisse in die aardse lewe het hul doel, selfs as dit nie vir die mens duidelik is nie. Daar is geen toevallighede nie, maar slegs goddelike voorsienigheid, want elke persoon se lewensweg is tot in die fynste besonderheid voorafbepaal, hoewel altyd in ooreenstemming met die wil van die mens, wat God sedert ewigheid voorsien het. Dit is van so `n groot belang dat mense dit moet weet, maar hierdie einste onderrig lei dikwels tot verkeerde gedagtes, in so mate dat die mens nou glo om vrygestel te wees van alle verantwoordelikheid vir alle gebeure, want alles moet in elk geval volgens God se ewige wil plaasvind.

Die seën van beliggaming sluit ook `n vrye wil vir die mens in, en nou kan hy optree en dink volgens hierdie wil. Dus leef hy sy lewe soos wat hy wil, maar hy moet ook die geleentheid hê om sy wil te toets, m.a.w. om te kies tussen goed en kwaad. Gevolglik is slegs die wil om sy siel geestelik te transformeer, heeltemal vry, terwyl die wil van die mens met betrekking tot aardse sake effektief

beperk is, maar op grond van sy wil kan hy in werklikheid aardse gebeure bepaal, maar hy kan dit alleen doen, maar die resultaat sal egter nooit van hom alleen afhang nie.

Die resultaat van menslike wilsuiting word deur God beheer, naamlik in ooreenstemming met die wysste plan, op so `n wyse dat dit tot voordeel van die ontwikkeling van die siel sal wees, as die mens se wil so sal neig. Gevolglik kan God se wil elke mens se plan verhoed, of hy moet eers God se goedkeuring hê voordat dit uitgevoer kan word. Maar hierdie goedkeuring sal selfs deur God gegee word wanneer `n aksie nie ooreenstem met die goddelike wil nie, sodat die vryheid van wil nie verminder word nie. Maar of dit so suksesvol sal wees of nie, soos wat die persoon gehoop het, is hang nie van die persoon af nie. Alles gebeur volgens God se wil, en alles wat in `n persoon se lewe voorlê is God se wil, Wie aan die mens die geleentheid bied om volwassenheid te bereik, op so `n wyse dat sy siel daarby kan baat.

Aan die ander kant sal die mens homself moet verantwoord vir sy wil wanneer hy iets sleg doen, selfs as goddelike ingryping die uitkoms verhoed. Ooreenkomstig die persoon se wil, wat God sedert die ewigheid ken, word hy gekonfronteer deur al die gebeure wat God verordineer het. Hy het die wil van mense gebruik, wat aan Hom bekend is, as `n riglyn vir hul aardse lewe en gee nou hierdie wil effektief vrye beheer, terwyl Hy die mense wat aan Hom toegewy is, beskerm teen alle negatiewe resultate van ander mense se slegte wil.

Amen.

Onreg - opkom vir reg

B.D. No. **2444**
9. Augustus 1942

Die verblinding van die mensdom gaan so ver, dit hulle nie meer in staat is om te onderskei waar geregtigheid ophou en ongeregtigheid begin nie. Elke mens oordeel volgens sy gevoel en die gevoel beantwoord aan sy lewenswandel, sy innerlike gesteldheid en sy ingesteldheid teenoor God en die wêreld. Die een is die gevolg van die ander. Die lewe van die mens is deurslaggewend, inhoeverre hy die handeling van sy medemens beoordeel. En gevolglik word die onreg nie meer as sodanig herken en verafsku nie, maar dit word geduld en goedgevind, want die mensdom leef nie meer in ooreenstemming met die goddelike Wil nie, maar ver verwyderd van die gebooie van God gaan hulle hul gang, ver verwyderd van die gebooie van liefde. As hulle egter daarop gewys word om die gebooie van God na te kom, word selfs hierdie aanwysing as `n onreg beskou, terwyl die mens openlik ongeregtighede kan bedryf, sonder dat dit afgekeur word deur sy medemens. En eersgenoemde word veroordeel en openlik gebrandmerk. En dit is die verkeerde denke van die mens, wat afwyk van die reguit weg.

Maar hy wat regverdig dink, sal sy geregtigheid nie meer kan verdedig nie. Hy sal homself moet buig, as hy die aardse mag vrees. En tog moet hy hom nie in die war laat bring nie, hy moet optree en spreek wat sy hart hom beveel. Hy sal dit weet - as hy veg vir reg en geregtigheid - as hy hom verbind met God, wat Self die mees regverdige Wese is en Wie ook dieselfde van die mens verlang. Hy sal weet dat sy stilswye dieselfde is as die duld van ongeregtigheid; dat hy moet praat, as hy daardeur ongeregtigheid kan verhinder. Hy mag hom ook nie laat afskrik deur dreigemente van die wêreld nie, as dit daaroor gaan om die siel van sy medemens te bewaar teen dwaling of verkeerde leringe, want hierdie het weer ontelbare verkeerde of onregverdige handelinge tot gevolg.

Reg is alles wat die mens voor God kan verantwoord of wat sy gewete hom by die strengste selfkritiek veroorloof. Maar wie God Self as Regter oor sy handeling en denke erken, sal ook reg gelei word deur die stem van die gewete, wat God as vermaner en waarskuwer in die hart van elke mens geplaas het.

Amen.

Stryd van die wêreld teen die leer van die liefde

B.D. No. **2445**
10. Augustus 1942

Die gedrag van die mensdom stem nie ooreen met die leer van Jesus nie, want dit vereis werke van liefde, om vir mekaar te lewe en dit verg `n verhouding van mense met mekaar soos die van broer teenoor broer. Die huidige mensdom staan egter slegs vyandig teenoor mekaar, van buite lyk dit of hulle mekaar bystaan, maar in hulle harte is hulle steeds maar net bedag op eie voordeel; en die medemens beskou almal as sy teenstander, omdat hyself deur hom geskaad of benadeel voel.

Die mensdom is heeltemal gespeen van liefde en daarom keer hulle hulself teen die Christendom, teen die goddelike leer van die liefde, wat hulle nie meer in ag wil neem nie. Want om die liefde te beoefen, beteken vir die mense selfoorwinning, dit beteken afstanddoen van die materie, `n laaste stel van eie wense en begeertes, `n opoffering van dit wat `n mens liefhet. Die eieliefde moet bestry word, die mens moet homself opvoed tot beskeidenheid om sy medemens daardeur behulpsaam te wees, sodat hy aan hom sal gee waarvan hy afstand doen. Dit is `n offer wat slegs uit die liefde gebring kan word en daarom moet die liefde beoefen word.

Maar slegs selde bring `n mens nog `n offer vir sy medemens, elkeen dink maar net aan homself en daarom vind hy die leer van Jesus lastig en is hy daarmee eens met die voornemens van die mense om dit uit te roei. Waar liefdeloosheid heers, sal die stryd teen die goddelike leer van die liefde sonder bedenkinge gevoer word.

En die liefdeloosheid is oor die hele wêreld versprei, die mense oortref mekaar in wreedheid wat hulle hul medemens aandoen en dus is die hele wêreld skuldig aan die groot wêreldgebeure, wat maar net deur die liefdeloosheid van die mensdom begin is en wat steeds groter liefdeloosheid tot gevolg het en daarom die werk van die hel is en moet as die werksaamhede van demoniese kragte aangedui word, want die mens besef nie die lae geestelike vlak waarin hulle hulself bevind nie. Hulle kyk maar net na die suiwer uiterlike uitwerking van die wêreldgebeure, egter nie na hulle eie geestestoestand nie, want deur hulle groot liefdeloosheid het hulle ook vir hulle medemens aanleiding gegee tot liefdelose handeling.

En solank hierdie wantoestand nie besef word nie, kan dit ook nie opgehef word nie; solank as wat die mens nie die liefdeloosheid as die grootste boosheid insien nie, sal hy homself ook nie inspan om binne die liefde te lewe nie, d.w.s. om nie sulke boosheid aan sy medemens te doen nie. En dus sal hy ook nie die leer van Jesus goedkeur nie, hy sal afwysend daarteenoor staan, omdat die naleef daarvan geen voordeel, aards gesien, vir hom kan oplewer nie. Maar sy handeling sal ook dienooreenkomstig wees, weer sal die liefde verdring word en die gevolg daarvan sal slegs weer groter liefdeloosheid bring. Die een mens sal die vernietiging van die ander een nastreef, hy sal geen remming ken nie, hy sal nie meer in staat wees om reg van onreg te onderskei nie en daarom homself in hardheid en wreedheid oortref en alle liefde sal verkoel en die geestelike dieptepunt sal tot die uiterste toe daal. En `n wêreld sonder liefde kan nie bestaan nie, daarom is hy oorgelewer aan sy ondergang en saam met hom alles wat nie poog om hulself deur die liefde te verlos nie.

Amen.

Aktiwiteit in die binneste van die aarde - uitbarstings

B.D. No. **2448**
13. Augustus 1942

Met verloop van tyd het daar `n verandering in die aarde plaasgevind, beide in haar binneste asook op haar oppervlak. En dit is die gevolg van die ewige omwentelinge om haarself. Daardeur het verplasings ontstaan. Daar het stygings en insinkings ontstaan, wat ook nog van plek verander het, d.w.s. plaaslike verskuiwings. Dus bly die aarde se uiterlike vorm nie onveranderd nie, inteendeel, sy het die mees uiteenlopernde veranderinge deurgemaak, ofskoon haar hoedanigheid dieselfde gebly het.

Daarenteen is die binneste van die aarde onophoudelik werksaam en veroorsaak ook van binne-af veranderinge aan die aardoppervlak. Dit word bevestig deur die plantegroei, wat deur duisende jare

heen verander het en ook nooit meer dieselfde sal bly nie, ofskoon hierdie veranderinge nie binne `n kort tydjie plaasgevind het nie en daarom nie deur die mense, tydens hul lewe op aarde, waargeneem kan word nie. Hierdie veranderinge gebeur gewoonlik baie stadig en is byna nie vir die oog sigbaar nie en het daarom `n baie lang tyd nodig.

Maar soms is die aktiwiteit in die binneste van die aarde ongeremd en dan word skielike omvormings sigbaar, wat groot verwoestings op die aardoppervlak teweegbring en wat vir die mense ontsteltenis en verbasing beteken. Dan los die tot nou toe vaste vorm op. Dit kan nie standhou teen die ongebreidelde aktiwiteit van die elemente in die binneste van die aarde nie en word daardeur met ontsaglike geweld uit die binneste van die aarde na die oppervlak gedryf, waar dit nou uiteenval en in `n nuwe omgewing by die beskikbare aardmassa of natuurskeppinge probeer aanpas. Sulke onweerstaanbare uitbarstings het begryplikerwys `n algehele verandering tot gevolg, ook bo die aarde. Die bestaande word verwoes, waardeur die menslike tot stand gebringde orde omvergewerp word. Daar ontstaan `n onvoorstelbare chaos, wat die mense in uiterste verbasing en benoudheid bring, omdat hulle nie teen sulke aarduitbarstings opgewasse is nie en daardeur tot heeltemal ander lewensomstandighede gedwing word.

`n Verandering van die aarde se oppervlak het egter nodig geword, ofskoon `n verklaring hiervoor net geestelik gegee kan word. Want aards is daar in so `n verandering geen opbou te sien nie, maar `n verwoesting en vernietiging van die bestaande. Maar geestelik is dit baie belangrik. Die gees dring uit die binneste van die aarde na buite. Sy wil aan haar ontwikkelingsgang in die vorm begin. En daar is oneindig baie fases daarvoor nodig, wat die gees moet deurmaak, totdat sy die laaste stadium van haar beliggaming op aarde bereik.

Die nog onontwikkelde gees was vir ondenkbare lang tye in die mees harde vorm gekluister gewees en sy word nou `n sekere vryheid gegee, sodat sy haarself uit hierdie vaste vorm kan losmaak, wat sy nou met wesenlike krag uitvoer. Hierdie uiting van krag word deur die mens as `n natuurkatastrofe ervaar, wat na gelang van die grootte daarvan, meer of minder smartlik vir die mens is. Al die gees word wel weer gekluister, maar bring beide die plante- en die dierewêreld eers in die noute en in versterkte mate die mense, wie uit hul rus gesteur is en tot die uiterste bedreig word. Daar gaan baie lang tye verby, totdat so `n verandering van die aardoppervlak plaasvind, omdat dit nie willekeurig kan gebeur nie, maar slegs met God se toestemming, wat Hy wel gee wanneer die wesens, in besit van vrye wil, dit nie meer gebruik nie. Dan moet daar `n vergoeding plaasvind, deurdat die nog onontwikkelde gees die gevorderde gees in verdere ontwikkelingsfases dwing, sodat hul vinniger in besit van die vrye wil kan kom. En daarom kan die aarde van tyd tot tyd en op verskillende plekke sulke veranderinge te wagte wees, wat altyd hul natuurlike oorsaak het in die voortdurende werksaamheid van die elemente in die binneste van die aarde.

Vir die wetende mens is die natuurkatastrofe dus verstaanbaar, want hy sien nie net die aardse nie, maar ook die geestelike vereiste in en hy sal steeds die bestuur van God daarin herken. Hy ken die noodsaaklikheid van die positiewe ontwikkeling van die gees. Ook is hy op hoogte van die lae geestelike toestand van die wesens wat in die laaste uiterlike vorm die aarde bevolk en van die moontlikheid om hulle te red.

Maar vir die onwetende mens is `n natuurgebeurtenis wat groot verwoestings tot gevolg het, onbegryplik. En hulle sien nie die geestelike, nóg die aardse waarde daarvan in nie. En daarom sal hulle met verbasing vervul wees wanneer die binneste van die aarde in beweging kom en hulle heeltemal magteloos oorgelewer word aan die woede van die elemente, maar wat bepaal is sedert ewigheid kom onvermydelik, sodra die Skepper van hemel en aarde die oomblik daarvoor as reg beskou.

Amen.

Katastrofes in die natuur en hul geestelike verklaring

B.D. No. **2449**
14. Augustus 1942

Die aarde is in `n deurlopende omwenteling om haarself en bly nooit bewegingloos stilstaan nie. Dit is ook die verklaring vir die ontwikkeling van die aarde uit die oorspronklik vloeibare massa tot die vaste liggaam aarde, wat die blyplek geword het van lewende wesens van allerlei aard. Maar die aarde was nog vloeibaar en was ook nie geskik as blyplek vir enige lewende wese nie, totdat dit gestol het.

Nou breek hierdie vloeibare massa `n baan oop na die oppervlak deur uitbarstings, en dit beteken dieselfde as `n totale vernietiging van alle lewende wesens in hierdie omgewing. En daarom word sulke uitbarstings deur mens en dier gevrees, omdat dit hul algehele vernietiging meebring. Die goddelike Wysheid laat dit in gevalle van uiterste noodsaaklikheid toe, d.w.s. die Wil van God gaan elke uitbarsting vooraf, voordat dit kan plaasvind. En dit is gegrond op Sy Liefde en Wysheid.

Die kragte in die binneste van die aarde moet altyd aktief wees, want die werksaamheid gee vir die aarde, d.w.s. vir alle wesens op die aardoppervlak, die moontlikheid van lewe. Want sodra die aarde heeltemal sal stol, sal alle plantegroei ophou. Hierdie innerlike werksaamheid van die geestelike kragte is dus al `n sekere manier van diening om die gees te verlos. En daarom moet daar aan hierdie gees ook eenmaal die moontlikheid gegee word om hulle gang oor die aarde te begin om hulself te ontwikkel, ofskoon ondenkbare tye moet verbygaan voordat die gees die wisseling van vorm op aarde sal kan begin.

Elke natuurkatastrofe kan dus vir die hoogsontwikkelde geestelike wese, die mens, `n einde van sy lewensweg op aarde beteken. Maar dit is terselfdertyd vir die heeltemal onryp gees die begin van `n tydperk op aarde wat ondenkbare lank sal wees, en moet daarom as deur God gewil beskou word. Elke skepping dien slegs die doel om die gees positief te ontwikkel. As daar nou van menslike kant af nie meer `n positiewe ontwikkeling van die siel nagestreef word nie; die doel en die betekenis van die aardse lewe word dus negeer, beëindig God dan hierdie lewe en gee Hy terselfdertyd die gees, wat aan die begin van hul ontwikkeling staan, die moontlikheid om hulleself voortdurend te ontwikkel. Hy vernietig in `n sekere sin, om deur die werk van vernietiging nuwe skeppings te laat ontstaan, wat weer die gees in haarself bevat, waaraan die genade van die gang oor die aarde toegeken word. Want waar God se Liefde en Wysheid aan die werk is, gebeur niks sonder sin of doel nie.

Amen.

Verkryging van genade in die hiernamaals - Effektiwiteit in die ligsfeer

B.D. No. **2450**
16. Augustus 1942

Die genadetyd van die lewe op aarde eindig met die dood van die mens. Want dan gaan sy siel terug na die geesteryk en sal óf ryk geseënd wees met geestelike goedere, óf arm en behoeftig, na gelang sy `n beroep gedoen het op die genade wat haar in die aardse lewe ter beskikking gestaan het. Sodra die lewe op aarde beëindig word, hou die toevoer van genade op in soverre dat die siel nou self daarna moet strewe. Dat sy dus eers deur haar korrekte ingesteldheid teenoor God weer genade kan verwerf, dat sy dus met goddelike genade, d.w.s. met Sy hulp, beloon sal word wanneer sy vir God kies, dus deur die wil om werksaam te wees in liefde, die uitstraling van Sy Liefde verwerf.

Dit is in die mees ware sin van die woord genade, omdat die toets tydens die lewe op aarde eintlik die laaste voltooiing vir die mens moes bring en dat God nou uit Sy oorgrote Liefde die siel ook in die hiernamaals nie Sy hulp ontsê nie, en wel op die wyse dat Hy die siel toelaat om te kyk na die lyding van ander siele en dat Hy haar daartoe wil bring om hierdie lydende siele by te staan. Deur aan hulle hulp te verleen, verwerf sy weer die genade van God, wat God onbeperk uitdeel om die siele uit die mees duistere nood te red.

En hierdie siel is dankbaar teenoor haar Skepper wanneer sy wetend geword het, d.w.s. wanneer sy die uitstraling van God se Liefde in ontvangs kan neem. Dan word sy heeltemal gelukkig en sy loof en prys God ononderbroke. Die ligsfeer word nou vir hierdie siel toeganklik. Dit word nou haar

blywende omgewing. Sy het geen agteruitgang meer te vrees nie. Sy kan maar net in `n steeds ligter ligsfeer ingaan, maar nooit sal `n skaduwee haar geluksaligheid verduister nie.

En nou begin haar aktiwiteit in die hiernamaals, wat haar die grootste voldoening gee. Want sy doen net dit waartoe die diepste liefde haar aanspoor. En daarom is haar huidige aktiwiteit saligmakend. `n Liefdevolle siel is slegs daarop uit om geluk te skenk, om dus dit uit te deel wat haar gelukkig maak. En omdat sy self die toestand deurgemaak het waarin daar geen lig was nie, en die onvryheid as `n kwelling ondergaan het, wil sy in haar liefde die siele te hulp kom wat dieselfde lot moet verdra, want nou weet sy ook dat sy daarmee die wil van God vervul. Sy voel haarself waarlik deurdring van die goddelike wil en voer dit sonder weerstand uit.

En sy beperk nie die siele wat sy omhoog wil lei in hul vryheid van wil nie. Daarom is haar werksaamheid moeisaam en verg dit baie, baie geduld. Maar haar liefde laat haar nie moeg word nie. En die moeite word ook beloon, want sy voel die grootste geluksaligheid wanneer die siel aan haar fluisterstem gehoor gee en haar begin losmaak van die wêreld. Hierdie arbeid aan die siele in die hiernamaals en op aarde is `n verlossende taak, waarvan die mens op aarde die belang maar selde insien. Want eers as sy op hoogte gebring word van die ewige geluksaligheid, word die noodsaaklikheid van hierdie werk verstaanbaar.

Maar sodra die siel in die hiernamaals haarself in die gebied van die goddelike uitstraling van Liefde bevind, is sy ook op hoogte van haar taak en die belang daarvan. En sy vervul dit nou met `n oorgawe wat slegs op haar liefde gebaseer is. Liefde en geluksaligheid is onafskeibaar. Die siel moet geluksaligheid in liefde berei, omdat sy onophoudelik geluksaligheid ontvang. En sy moet die nog gebonde siele help om alle hindernisse uit die weg te ruim wat hul toegang tot geluksaligheid belet. Die siel moet die kennis verder deurgee, waardeur ook die onvrye siele vryword en ook in die ligsfeer kan binnegaan, in die ewige geluksaligheid in.

Amen.

Jesus Christus - God se Seun

B.D. No. **2452**
20. Augustus 1942

Die goddelikheid van Jesus is so dikwels die strydvraag, dat die mense wat in Hom as God se Seun glo, ondergesit word in beantwoording. Hierdie vraag kan slegs akkuraat beantwoord word vir mense wat vas in geloof staan, want aan hulle kan die goddelikheid van Jesus duidelik uitgelê word, terwyl die ongelowige mense geen begrip daarvoor kan opbring nie, waar hulle nóg die aanwesigheid van `n wyse, almagtige en liefdevolle Godheid, nóg Sy werksaamheid erken. En so sal dit vir hulle ook onbegryplik bly dat Jesus self, d.w.s. Sy Gees, kan uitstraal op die mense en ook netso op alles wat wesenlik is wat uit Hom voortgekom het. Hulle begryp ook nie dat daar tussen die Skepper en Sy skepsels `n samehang bestaan wat nooit as te nimmer beëindig kan word nie. Hulle begryp ook nie dat hierdie Godheid, wat altyd en alomteenwoordig is, Homself ook in algehele volheid in `n menslike vorm kon laat ophou nie, dus dat `n mens as gevolg daarvan deurstraal kon word met Sy Liefde en deurstroom word met Sy Krag nie. En dat hierdie Mens dan in Homself soveel goddelikheid bevat het, dat ook Sy hele Wese deurdrenk was met die Gees van God en dat Sy waarlik goddelike wese Hom nou `n Kind van God laat word het. En dit sal vir hom steeds onbegryplik bly, solank hy homself afsydig opstel teen die leer van Jesus, d.w.s. solank hy nie die weg gaan wat Jesus op aarde gegaan het nie, die weg van die liefde, want die wysheid kom slegs deur die liefde.

Die mens wat in liefde werksaam is, sal dit dadelik verstaan, hy het geen verdere uitleg nodig nie, omdat die Krag van God, Sy Gees, al in hom werk, omdat hy homself in die stroomkring van die uitstraling van goddelike Liefde bevind en dat die gevolg van die uitwerking van `n lewe in ware liefde ook vir hom begryplik sal wees. Jesus Christus het egter op aarde so `n lewe in liefde gelei en as gevolg daarvan het Hy Homself ook midde-in die uitstraling van God se Liefde bevind. Hy was omring deur God se oneindige Liefde, Hy was deurstraal deur Sy Gees en `n sterk Wil het Hom deurstroom. Maar Liefde, Gees, Krag en Wil is die Wese van die ewige Godheid. Dus het Jesus ook net soos God geword, Hy was Sy Ewebeeld, Hy was Self `n goddelike Wese, Hy was die Seun van

God, wat nie meer as `n aparte wese beskou kon word nie, maar volkome één met Sy Vader van ewigheid, wat die byeenhoort van Homself met Sy Vader ingesien het, wat die algehele aaneensluiting met Hom nagestreef het en al die vereniging op aarde deur Sy lewe in liefde gevind het.

Amen.

Die mees eenvoudige leefwyse in die komende tyd - die afsonderlike lot van elkeen

B.D. No. **2454**
22. Augustus 1942

Die komende tyd sal `n geweldige verandering van die bestaande lewensomstandighede meebring. En die mense sal gedwing word om `n volkome ander lewe te lei, te midde van verwarring en vreeslike wanorde. Want die komende natuurkatastrofe sal die grootste verwoestings aanrig en `n lang tyd sal benodig word voordat die ou orde herstel sal wees. Elke mens sal genoeë moet neem met `n eenvoudigste leefwyse.

Hy sal nie `n luukse lewentjie vir homself kan opeis nie, maar sal aan swaarkry en laste blootgestel wees, wat hy dink hy byna nie sal kan verduur nie. En dan sal hy homself dikwels die vraag stel waarom hy so `n harde lewe moet lei. En hy sal geen ander antwoord hê as dat die toestand van sy siel hierdie beproewing benodig nie. En wanneer hy hierdie antwoord uit homself kan gee, dan sal hy ook poog om by die moeiliker lewensituasies aan te pas en sal `n makliker lewe in die hiernamaals as vergoeding vir homself insien. En dan sal dit ook makliker word om dit op aarde te dra, want hy moes slegs insig verkry het wat daar oor die mense gekom het, wat beantwoord aan die ewige raadsbesluit van God. En dan sal hy ook vir sy medemens `n meevoelende hart hê. Hy sal hom help waar dit geoorloof is. En die wat in God glo en wat hulle op Hom rig, sal wedersydse nood verlig, want die liefde sal in hulle wees. En liefde help om alles te verdra en te oorwin, want sy gee mens die krag uit God, wat die Liefde Self is.

Die ingesteldheid van die mens teenoor die nood van sy medemens sal maatgewend wees in hoeverre hy self behoeftig en in moeilike lewensomstandighede op aarde sal moet deurbring. Hy sal dit self kan verbeter, deur sy wil om sy medemens te help, want nou gee God hom ook die moontlikheid om sy wil te realiseer, deurdat Hy nou self aan hom kan gee waaraan hy kortkom, sodat hy ook aan diegene kan gee wat, net soos hy, in kommerwekkende lewensomstandighede lewe en dus `n moeilike bestaan lei.

Die verstandelike vermoë van die enkeling sal nie deurslaggewend wees nie, want dit sal nie tot veel in staat wees nie, omdat alle lewensvoorwaardes anders geword het as tevore. En slegs die grootste geduld en die grootste bereidheid om te offer, sal die lewe met mekaar draaglik maak, want God bepaal daardeur watter lot die enkeling sal moet dra.

God self is Liefde en hierdie Liefde wil nie die leed van die mens hê nie, maar hulle geluk. Maar hulle kan nie geluk gegee word, solank hulle God nog nie as die Liefde herken nie. Maar om Hom te leer ken, moet die hart verander tot liefde. En gewoonlik word die liefde gewek deur groot nood en sorg. En dus moet God sulke dinge oor die mensdom stuur, om die vonk van liefde in die hart van elke mens te laat ontvlam en soos wat hy dit sal doen, so sal hy ook deur die ewige Godheid in ag geneem word.

En so kan hy baie gou weer `n draaglike lewe lei, soos wat hy ook self daartoe sal bydra om die nood van sy medemens te verlig en daar sal vir hom waarlik genoeg geleentheid gebied word om sy hart te laat spreek. Hy sal op verskeie maniere werksaam kan wees in liefde. Geestelik sowel as aards sal vereistes aan hom gestel word, waaraan hy maar net hoef te voldoen om die nood vir homself te verminder en om die lewe vir hom draaglik te maak.

Amen.

Bekoringe van die onderwêreld - Stryd

B.D. No. **2455**
23. Augustus 1942

Wie homself opwaarts wil ontwikkel, is ook aan besondere bekoringe van die kant van die onderwêreld blootgestel, want die stryd van die duisternis teen al die ligvolle en die wat na die lig strewe, word met volharding gevoer en verg `n taai weerstand.

En daarom moet die mens elke geestelike stryd beskou as `n bewys dat hy ook behoort aan hulle wat hulself positief wil ontwikkel en dat hierdie gevegte maar net sy wil beproef en hom ook sterker sal laat word. Geen mens wat worstel, sal sonder hulp gelaat word nie en sy siel sal deur ligwesens behoed word, wat hierdie stryd goed kan sien en steeds bereid is om hulp te bied, omdat hulle op hoogte is van die swakhede van die mens, maar wat ook deur hulle eie wil die swakhede moet kan bemeester. Ook het hulle die verlange om na waarde geskat te word vir hulle hulp, maar hulle wil egter meer gee as wat hulle van die mense ontvang, hulle verlang egter slegs opmerksaamheid om hulle kennis oor te bring wat gelukkig maak.

En andersyds dra die kennis by om hom teen die kragte van die onderwêreld te kan stel, dus as oorwinnaar tevoorskyn te kom in die stryd teen bose kragte. Want teenoor `n mens wat weet is die wapens van die bose magte sonder uitwerking, want hy besef hulle lis en kan met sukses daarteen optree. Daar bestaan egter `n gevaar as onverskilligheid homself van die mens meester maak en hy versuim om hierteen te stry en dit is juis gevaarlik, omdat die teenstander van God dadelik bereid is om die onverskilligheid van die wil van die mens in sy greep te kry en dan sal die stryd wat die mens moet voer, dan steeds moeiliker word. Want dit is die sterk kant van die mens dat hy homself dadelik oorgee aan God en Hom om beskerming vra en hy hierdie weg sal gaan deur die kennis wat hy ontvang het. Daarom het die teenstander van God slegs geringe vooruitsigte om `n siel wat na God streef, vir homself te wen, ofskoon sy (die siel) gekonfronteer word met verleidinge in die vorm van geestelike neerslagtigheid en depressie, wat steeds voorkom wanneer die mens homself sterk genoeg waan en minder beroep doen op die hulp van God.

God wil altyd geraadpleeg word, Hy wil die mens steeds as Leier bystaan onder alle omstandighede van die lewe, maar Hy wil ook altyd aangeroep word en as die mens dit nalaat, trek God homself skynbaar van hom terug en laat hom in die nood raak om hom daardeur weer aan Homself te bind, om weer uit die diepste van die hart aangeroep te word, omdat die kragte van die onderwêreld deur die aanroep verdring word en die opwaartse klim nou sonder moeite kan voortgaan, want God wil dit vir die mense maklik maak, maar die swakheid van die wil bemoeilik vir hulle die weg omhoog.

Amen.

Sedeloosheid - Ongeskrewe wette

B.D. No. **2461**
30. Augustus 1942

`n Algemene sedeloosheid begelei die tyd van die liefdeloosheid van die mense en ook dit is `n teken van geestelike verval, dat die mens geen enkele respek meer het vir die fynere gevoelens van sy medemens nie en hulself dus gladnie teenoor mekaar inhou nie. En `n geslag wat sonder sedes en sonder hoë moraal is, sal sy ondergang tegemoetgaan.

Dit is weliswaar onbegryplik vir die mense, aangesien hulle ingetoënheid slegs as menslike bysaak beskou en hulle vind dat `n uitleef van alle drifte by hierdie tyd hoort. En hulle word in hierdie mening versterk deur die totaal valse opvatting dat die sedelike wette die mens maar net hinder om homself uit te leef en daarom afgeskaf moet word.

Nooit as te nimmer sal `n volk, wat vir homself heeltemal geen wette as riglyne wil maak, bly bestaan nie, naamlik wette wat die mense tot `n sedelike halt sal roep om hulle lewe binne die raamwerk van `n sekere maatskaplike ordening te lei. Dit is ongeskrewe wette wat egter tot nou toe deur die mense aanvaar was, omdat hulle sowel die noodsaak, asook die seën van sulke wette ingesien het en hulself terwille van die menslike ordening sonder teenspraak daarvolgens gerig het.

Hierdie wette raak steeds meer in die vergetelheid, oftewel word dit opsetlik deur die mense verwerp, omdat dit hinderlik sou wees vir die uitleef van die instinktiewe drifte. En daarin is daar duidelik `n agteruitgang van die geestelike ontwikkeling te herken, want hoe meer die mens op sy instinkte gerig is, des te minder is hy op God gerig, want hy begeer die wêreld, d.w.s. alles wat aan die liggaam welbehae verskaf en hy laat vanweë die liggaamlike, alles ten opsigte van die medemens buite rekening.

En die gevolg daarvan is dat die mens `n prooi word van geestelike kragte wat `n lewe van ongeremde genot op aarde gelei het, wat hulle begeertes eerste gestel het en dus `n sondige lewe gely het. Hierdie geeste se krag het groot invloed op die mense en hulle gebruik die mense op so `n wyse dat die mense steeds minder ag slaan op die ongeskrewe wette, en dat hulle hulself sonder nadenke aan `n ligsinnige lewenswandel oorgee, dat daar vir hulle ook geen grense meer bestaan nie en slegs dan voldoen dit aan hulle begeertes. Vir die geestelike ontwikkeling is so `n ingesteldheid, ten opsigte van die vreugde van die wêreld, nooit bevorderlik nie, want wat die liggaam verlang, sal steeds tot nadeel van die siel wees.

Tewens sal `n geestelike strewe egter bespot en belaglik gemaak word en dit weer, sonder enige aarseling, omdat die mense die gevoel vir fatsoenlikheid en goeie sedes verloor het. Dus word die mening van die enkeling ook nie geag nie, maar veeleer beskou as die van `n teëparty en dit word daarom verwerp, dikwels op skaamtelose wyse. Want sedeloosheid en geestelike verval gaan hand aan hand.

Die mense spreek wel van vooruitstrewendheid, maar hulle het dit minder as ooit. Hulle spreek van geestelike vooruitgang en tog is hulle ver agtergeblewe, want daaronder verstaan hulle nie die vooruitgang van die siel nie, maar alleen `n misvormde denke, wat die moeite werd lyk om na te streef. Hulle probeer om `n nuwe moraal op te bou, wat `n ligsinnige lewenswandel in die hand werk en streef daarna om dit as ideaal voor te stel. En dus sal daar nuwe wette afgekondig word en ou wette ongedaan gemaak word en in ooreenstemming daarmee sal die mensdom ook verander en elke norm verloor vir `n deugsame Godwelvallige lewe, wat aan die mens `n vooruitgang van die siel moet oplewer.

Amen.

Heldersiendheid - Goeie of slegte kragte

B.D. No. **2464**
3. September 1942

Watter geestelike kragte hul aan die mense uiter wanneer die werksaamheid openlik sigbaar is, moet ernstig ondersoek word deur hulle wat weldenkend is en in die waarheid wil wandel. Want tussen Hemel en aarde, d.w.s. tussen die lewe op aarde en die hiernamaals bestaan daar `n samehang wat nooit onderbreek hoef te word nie, as die mens nat bereid sal wees om dit in stand te hou. En die kragte uit die hiernamaals uiter hul steeds deur die mense wat hulle wil vervul, wat dus in `n sekere sin "geesverwant" is.

So sal die ligwese homself uiter deur edele, goeie mense, daarenteen sal duistere kragte hulself van mense bedien wie se gesindheid onvriendelik is, wat nie in staat is om die goeie na te streef nie, want hulle sal ook gewillig wees om die bose kragte te dien, dus voer hulle gewillig uit wat van hul verlang word.

Maar nooit sal hierdie bose kragte mense kan benader wie se wese goed is nie, dus op God gerig. Daar bestaan geen mag wat so sterk is, dit hulle die ligwese kan verdring nie; die mense wat op God gerig is, word egter steeds bygestaan deur die ligwesens en dus het die duistere magte geen toegang nie, om welke rede `n bose wese uit die hiernamaals hom nooit sal kan uiter deur `n mens wat net die goeie nastreef nie en wie se lewenswandel goeie, edele gevoelens uitstraal nie.

Die gawe van heldersiendheid is `n uiting van geestelike kragte vanuit die hiernamaals, d.w.s. die mens word opheldering gegee deur geestelike wesens oor sake wat die mens andersins nie sou kon deurgrond het nie, omdat die mens slegs dit wat tyd en ruimte betref, uit sy ondersoek of kennis kan

onttrek. Die mens wat in staat is om sulke dinge te sien, beskik dus oor `n krag wat nie aan hom as mens eie is nie, en hierdie krag word aan hom vanuit die geesteryk gestuur. Die geestelike wesens beskik oor hierdie kennis, as dit oor sake gaan wat deel uitmaak van die aarde, en hulle kan dus vir die mens op aarde uitsluitsel gee, want hulle word nie deur tyd of ruimte verhinder nie.

Dus kan hulle hulself, omdat hulle liggaamlik nie meer verhinder word nie, daarheen wend waar hierdie wesens, wat aan die aarde gebind is, hetsy mense is of dooie waar voorwerpe hulself bevind, en kan dan die mense wat hulle raadpleeg, d.m.v. gedagtes opheldering daaroor verskaf. Van die kant van die mens is slegs `n gesofistikeerde ontvanklikheid van sy geestelike vermoëns nodig om hierdie verklarings in ontvangs te kan neem, en hy kan hierdie verhoogde doeltreffendheid van sy vermoëns te alle tye aktiveer, deur daarop te konsentreer om die fluisterstemme wat deur middel van gedagtes in hom opkom, uit die geesteryk in ontvangs te neem.

Dus moet die mens in die eerste plek geestelike kragte aanvaar met wie hy hom na willekeur kan verbind. Maar as net suiwer aardse sake opgehelder moet word, wat niks te doen het met die positiewe ontwikkeling van die siel nie, hoef ook die heldersiende mens nie groot geestelike volmaaktheid te besit nie, maar is dit enkel en alleen genoeg om met hierdie geestelike kragte in te stem en van hulle gebruik te maak deur die bereidwilligheid om aan hul fluisterstemme gehoor te skenk.

Maar dan is hy ook nooit seker daarvan of hy nie deur kragte bedien word wat nog onvolmaak is nie, en dat daar dus ook foute kan insluip. Maar dan sal resultate uit aardse belang nagestreef word, dit sal egter nooit lei tot geestelike vooruitgang nie. Die laasgenoemde is afhanklik van die graad van volmaaktheid van diegene wat verborge dinge kan sien. As hy self diep geestelik ingestel is, dan is hy ook by magte om geestelik in te werk op mense wat `n beroep op sy hulp doen. Dan sal hy self oor `n ryk kennis beskik en hy sal die kennis gebruik vir die sieleheil van sy medemens. Want dan sal ligwesens hom ook bystaan wanneer hy probeer om sake te deurgrond wat andersins vir die mense verborge sou gebly het.

Amen.

Salig is die armes van gees

B.D. No. **2465**
4. September 1942

Hoe klein is die mens tog nie en hoe wys en magtig dink hy nie om te wees nie. `n Goddelike gawe verwerp hy en sy eie wysheid wil hy hoër stel. En hy dink nie daaraan dat ook die denke van sy verstand `n gawe van God is, wat hy egter misbruik as hy dit nie so gebruik dat hy kan leer om God te herken nie.

God is die Oorsprong, maar hy (die mens) slaan homself al te hoog aan, hy wil niks bo hom aanvaar nie, want andersins sou hy ook minder waarde aan sy wysheid geheg het wanneer hy dit gedoen het. Maar hy glimlag uit die hoogte as kennis vir hom aangebied word wat sy kennis ver te bowe gaan, hy glimlag omdat hy meen dat hy alles weet en homself dus ook bekwaam ag om `n oordeel te vel. En daarom kan hy nie in ware kennis toeneem nie, omdat die verlange nie in hom is nie.

En daarom deel God die wysheid uit aan diegene wat hulle gering en onwetend ag, wat hul kennis sou wil vergroot en wie `n Wese bo hulle erken wat van alles op hoogte is, dus ook van die geestelike armoede van Sy skepsels, wat Hy kan ophef.

En salig is die wat hulle arm voel van gees, wat geen wêreldse kennis hul eiendom noem wat hulle aanmatigend van gees maak nie, salig is die wat honger na die Wysheid van bo, wat uit die Bron wil put wat God Self geopen het, want alle mense het toegang tot hierdie Bron, maar geringskattend gaan die mensdom daar verby.

Dog die lewende water wat uit hierdie Bron stroom, is die kosbaarste wat die mens ter beskikking staan. Dit besorg aan hom `n skat wat alle aardse goedere ver oortref, want die Wysheid uit God is `n genadegawe wat die mens nooit meer sal wil ontbeer sodra hy dit eenmaal ontvang het nie. Die

Wysheid uit God het ewigheidswaarde, die Wysheid uit God maak die mens onbeskryflik gelukkig en die Wysheid uit God gee krag om opwaarts te strewe.

Die wêreldse kennis daarenteen verbleek en is waardeloos, d.w.s. dit het slegs nut vir die tyd van die bestaan op aarde en lewer ook maar net aardse voordeel op. Maar geestelike kennis lewer weinig resultaat op vir die aardse lewe en tog sal die mens dit nie prysgee as hy dit eenmaal gevind het nie. En diegene wat dit afwys, bewys maar net hulle wêreldse ingesteldheid daardeur en hul geringe verlange na die waarheid, andersins sou hulle dit as `n kosbare geskenk herken het en sou hulle ook daarna gestrewe het.

Amen.

Wil en genade (Wat kom eerste?)

B.D. No. **2468**
9. September 1942

Goddelike liefde poog om mense te verlig, maar mense aanvaar nie die lig nie. Die mens het egter `n vrye wil, daarom kan hy nie met geweld tot enige besef gelei word nie, dus word die genade van God wat na `n persoon vloei, nie gebruik nie, want sy wil weerstaan dit. Gevolglik moet die wil eerste kom. God se genade kan slegs effektief word indien die mens bereid is dat dit in hom effektief word. Die wêreld is in geestelike duisternis, want hoewel God voortdurend mense wil help met Sy genade, skenk hulle geen aandag daaraan nie en bly duister en oningelig. Om hierdie rede moet mense op verskillende wyses leer hoe min hulle deur God se gees verlig is. Hulle moet self op teenstrydighede afkom van die mense wat hulle veronderstel om waarheid en lig te besit.

Hulle moet self gekonfronteer word deur vrae waarvan die antwoorde buite hul kennisveld is, sodat hulle dan die weg na bewuswording op eie beweging sal neem, want God se liefde en sorg lei Sy lewende skeppings sodanig dat hulle die waarheid sal vind, indien die wil daarvoor in hulle ontstaan. Die gawes van die Gees is werklik die enigste waarborg vir die suiwer waarheid en enigiets wat nie eens is daarmee nie, kan sonder aarseling verwerp word as leuens. Geestelike gawes moet onderling verbind wees, hulle moet duidelike en verstaanbare verduidelikings bied oor God se aktiwiteit en bestuur in die heelal, in die aardse sowel as in die geesteryk. Maar hulle moet ook as sodanig aanvaar word, hulle goddelike oorsprong moet dus erken word as hulle `n persoon moet affekteer as `n manifestasie van God se krag. Want die gawes van die Gees is gawes van genade, wat aangebied word deur God se groter as groot liefde aan die mens, om die weg na bo makliker te maak vir hulle. Maar hierdie gawes van genade kan slegs effektief wees, indien die mens dit as sodanig aanvaar, as hy nie weerstand bied deur dit te verwerp nie, maar getrou hul effek op hom toelaat, en dit vereis sy wil.

As hy egter weerstand bied, dus as hy dit innerlik verwerp, kan daar geen effek wees nie, andersins sou `n persoon teen sy wil in die lig ingelei word, dit is in die kennis in, wat sy vryheid van wil sou beperk. Genade is `n skenking, dus is dit `n geskenk waarop die mens nie geregtig is nie, maar God verwag van die mens om Sy gawe van genade te respekteer, Hy verwag dat daarvoor gevra moet word en dankbaar ontvang word as dit in werking moet tree. Gevolglik is dit ook korrek om te sê dat God se genade eerste kom, maar as die genade oneffektief is, sal mense nie voel dat dit genade is nie.

Amen.

Leuen - Waarheid - Bestry die dwaling

B.D. No. **2474**
15. September 1942

Daar moet teen die dwaling gestry word, want dit is in die wêreld gebring deur hom wat die waarheid wil verdring. Maar die Waarheid is God en wie vir God is, moet ook in die waarheid wandel en die leuen verafsku. Leuens is alles wat teen die waarheid gerig is, leuens is die werk van diegene wat die verste van God af staan en wat ook die mense van God wil verwyder. Die leuen is die produk van die duisternis, sy is skaam vir die lig, omdat sy nie kan bestaan waar die waarheid soos die helderste lig uit die hemel straal nie. En daarom moet die leuen bestry word, want die leuen is opsetlike misleiding wat nie genoeg verafsku kan word nie. Wie in die waarheid wandel, sal ook die

leuen herken en daarteen te velde trek, want die waarheid duld nie dat die dwaling naas haar voortgaan nie.

Maar die vors van die leuen wend alle middele aan om te verhinder dat die waarheid veld wen. Hy klee die leuen in so `n vorm dat dit moeilik is om te herken deur diegene wat nie uitsluitlik na die waarheid strewe nie, want die leuen doen haar aan hulle voor as waarheid.

Maar die mens herken haar nie as dit wat sy is nie, omdat hy nog geen diep verlange na die waarheid het nie. En so wen die dwaling veld en hou hom solank staande, totdat `n yweraar vir die waarheid daarteen te velde trek.

Want hy herken die dwaling as die werk van die teenstander en hy verafsku dit. En omdat hy vir God veg, kan hy ook die ondersteuning van die kant van God verwag, omdat dit God se wil is dat die waarheid in die wêreld versprei moet word. Want waar onwaarheid is, is duisternis en duisternis is onwetendheid en die duisternis moet deur die lig verdring word, want die suiwer waarheid moet versprei word.

Alles wat deur die teenstander onder die mense as dwaling rondgestrooi word, moet vir die suiwere waarheid wyk en die waarheid moet na God lei, Wie Self die Waarheid is. En elke mens wat God dien, moet hom ook beywer vir die waarheid, hy moet ophelderend werksaam wees, hy moet die dwaling blootlê en die mense onderrig waar die suiwere waarheid alleen te soek en te vinde is, want slegs deur die waarheid kan die mens tot insig kom, slegs deur die waarheid kom hy tot `n ware geloof en slegs deur die waarheid kan die siel haarself positief ontwikkel.

Maar waar die leuen die denke van die mens beheer, word die mens self op `n dwaalspoor gebring, want nooit wys die leuen na God nie, inteendeel verwyder sy die mens steeds meer van Hom tot Wie hy moet terugkeer. En dus verhinder die dwaling die mens om sy bestemming te sien, hy kan nooit die doel bereik wat op aarde aan hom gestel is nie, want nooit sal hy dit nastreef wat die doel en sin is van die aardse lewe nie, omdat die kennis daarvoor hom ontbreek.

Waar die leuen is, daar het die teenstander die oorhand en die siel verkeer in gevaar. En daarom lei God Sy stryders op, sodat hulle teen die leuen te velde kan trek, sodat hulle vir die waarheid kan opkom en sonder verskoning die dwaling brandmerk as `n produk van die teenstander.

Want slegs so kan die waarheid versprei, deurdat die leuen verdring word deur die waarheid. Wie egter in die waarheid vasstaan, sal nie bevrees wees om teen die leuen op te tree nie, want dit is sy taak om ook die medemens uit die duisternis van die gees in die helder lig in te lei. En om in die lig te wees, beteken om die suiwere waarheid te ken, omdat slegs die waarheid die mense na God toe kan voer.

Amen.

Geskille van die lewe se genade

B.D. No. **2488**
1. Oktober 1942

Wie vir God gekies het, bly ook in Sy genade. Want elke geskil in die lewe is genade, wat sy weg omhoog moet bevorder. Slegs deur volgehoue stryd kan die mens meer volwasse word, totdat sy lewe `n ononderbroke diening in liefde geword het. Elke weerstand vergroot sy wilskrag wanneer hy dit probeer oorkom. Dit vergroot sy drang om werksaam te wees, waarsonder die lewe `n agteruitgang sou wees, omdat aktiwiteit die omvattende begrip van lewe is. Maar sonder weerstand sou die drang om werksaam te wees ook vervaag en sou die aardse lewe nie tot die resultaat lei wat sy einddoel is nie, naamlik tot die volmaaktheid van die siel, wat slegs in die stryd en in voortdurende werksaamheid volmaak kan word, op voorwaarde dat die werksaamheid `n diening in liefde is en nie in `n vernietigende sin uitgevoer word nie.

Maar wie op God aanstuur, sal nooit die gebod van naasteliefde buite beskouing laat nie en so ook elke geskil van die lewe probeer oorwin, sonder om die naaste skade te berokken. Sy stryd om te bestaan word dus gelei met inagneming van die gebod van naasteliefde. En dit is deurslaggewend, of

alle behoeftes en wedervaringe van die lewe, wat God uit genade vir die mens oplê, ook as genade werksaam sal wees, of hulle as toetsstene op die weg van die aardse lewe oorwin sal word en dus voordele vir die siel van die mens sal oplewer. Want die genade moet ook as genade erken word. Maar hy wie God probeer bereik, neem alles berustend aan wat aan hom deur God opgelê word. En vir hom sal elke leed slegs `n bewys van die Liefde van God wees, wat hom die volmaaktheid van siel moet oplewer.

Amen.

Wil en daad - Verantwoording

B.D. No. **2489**
1. Oktober 1942

Die wil bring die daad voort en is dus die beslissende, ofskoon die daad eers die bevestiging is van die wil. Sonder die wil sal die daad nie tot uitvoering gebring kan word nie. Maar die wil moet ook al sonder die daad voor God verantwoord word, omdat dit die gesindheid openbaar van die mens, sy drang na die goeie of na die bose.

Om die wil te kan laat verwesenlik, moet die mens die toestromende lewenskrag vir homself benut, dan kan hy goeie, maar ook slegte dade volbring. Maar steeds sal hy daardie krag gebruik wat God self aan hom gegee het.

Begaan hy nou `n slegte daad, dan volbring hy dit met behulp van goddelike krag en doen dus iets waarvoor hy homself eendag voor God moet verantwoord. Hy het dan sy wil gebruik, om met die krag vanuit God, die krag van God se teenstander te vergroot, want elke slegte daad is in sigself `n oorgawe aan die bose mag en daarom ook `n vermeerdering van sy mag. Die wil van die mens het homself dan van God afgewend en wend homself tot die bose mag deur elke daad wat teen God gerig is en wat sodoende die bewys is van `n slegte gesindheid.

As die wil van die mens goed is en God toegewyd, dan sal hy steeds die toestromende lewenskrag aan hom gebruik vir dade wat vir die medemens tot nut sal wees. En hy sal homself in dienende naasteliefde beoefen, omdat hy dan sonder ophou werksaam sal wees, dus sy wil tot daad laat word het. En as sy dade uit liefde gebore is, d.w.s. waar die liefde die wil van die mens aanspoor, dan is die wil van die mens na God gewend.

Dan het die wil uit eie beweging vir God gekies en elke daad wat uit hierdie wil voortkom sal vir God geregverdig wees, want God beoordeel hierdie daad ooreenkomstig ons liefdesbereidheid.

Amen.

Materie en Gees?

B.D. No. **2494**
4. Oktober 1942

Wat is die wêreld en sy materie? Hierdie vraag hou baie mense besig en tog is hulle nie in staat om hierdie vraag met hulle intellek op te los nie. Alles wat sigbaar is, is materie, dus substansie wat verdig is as `n vorm. Die substansie het as't ware eers deur die samepersing sigbaar geword, want voor dit was die materie onsigbaar, dit is geestelike substansie.

Geestelike substansie is God se uitgaande krag wat, in ooreenstemming met Sy Wil, dit word wat dit is sodra God vir hom `n bepaalde vorm bedink het. En hierdie vorm is dus weer die samesluiting van tallose substansies, dus `n maaksel wat kan oplos om elke aparte substansie weer vry te laat as God dit wil. Elke materiële vorm is dus vernietigbaar. Die materie is iets wat geen ewigheidsbestaan het nie, want dit is slegs die omhulsel van geestelike substansies wat hulself moet ontwikkel en daarom nie vir ewig in hierdie omhulsels bly nie. Alhoewel materie self ook geestelike substansies is, is dit in ooreenstemming met God se wil, saamgeperste geestelike krag, wat ontwikkel deur aanhoudende ontbinding, verbanning en hervorming, sodat dit weer na `n oneindige lang tyd, ook so `n vorm kan okkupeer. Alles wat sigbaar is, is geestelike krag wat nog in die beginstadium van ontwikkeling is,

terwyl die meer volwasse gees onsigbaar is vir die menslike oog en gebruik `n sigbare vorm om in te woon.

In alle uiterlike vorms leef daar dus iets geestelik, `n wese wat onbewus is van haarself, maar wat egter na vereniging verlang met soortgelyke wesens om haar hoeveelheid krag te vermeerder deur so `n vereniging, aangesien elke wese na volmaaktheid streef.

En sodra die materie oplos en `n vorm uiteenval, streef die vrygeworde geestelike wese na gelyke geestelike wesens wat verenig om lewe te gee aan `n nuwe vorm. Hierdie proses vorm die basis vir die ononderbroke ontstaan en vergaan in die natuur en is dus die oorsaak van voortdurende geboorte en sterwe in die natuur.

Die geestelike substansies deurloop die hele skepping, deels afsonderlik en deels in tallose samevoegings. Korresponderend daartoe is die grootte en aard van die omhullende vorme. Alles wat hierdie geestelike wesens omhul, is materie.

Maar materie self bestaan uit geestelike substansies wat in die begin van hulle ontwikkeling staan en kan daarom vir die menslike oog sigbaar wees, want slegs die reeds meer volwasse gees is onsigbaar. Daarom moet alles wat sigbaar is, nog as onvolmaak beskou word, dus geestelike substansie wat nog ver van God verwyder is en wat nou eers sy weg van ontwikkeling begin. Die gees wat binne die sigbare vorm geberg is, het alreeds hierdie weg afgelê en streef nou na God. Daarom is `n vernietiging, dit is `n sterwe of oplossing van `n vorm, of die verganklikheid van materie binne die wil van God, omdat die voortsetting van ontwikkeling vir die geestelike substansie daardeur moontlik gemaak word.

Amen.

Verkeer met die hiernamaals - Bereidheid om te gee

B.D. No. **2496**
5. Oktober 1942

Dit is onvergelyklik waardevol om julleself in `n toestand te plaas wat julle `n verbinding met die geesteryk gee, want slegs deur so `n verbinding is dit moontlik om in die waarheid gelei te word. En daarom is dit ook deur God gewil dat die verkeer in stand gehou moet word, solank as wat die mens na waarheid streef. Slegs die verlange na waarheid gee julle die reg op so `n verbinding, want dit is die doel van die verbinding van hierdie kant af met die oorkant, dat die suiwer waarheid daardeur na die aarde gebring kan word.

Evenwel, elke mens dink dat hy na die waarheid verlang, sodra hy hom met die hiernamaals verbind het, maar dikwels is dit slegs weetgierigheid, dus die verlange om iets oor die ryk aan die anderkant te weet, sonder om self daarvan bewus te raak van die taak dat die ontvange kennis verder geneem moet word na onwetende medemense. Want wie ontvang, moet ook gee. Wanneer die liefde vir die eie-ek van `n mens sterk gesentreer is, dan neem hierdie mens die kennis uit die geesteryk slegs vir homself in ontvangs.

Dit strook nie met die Wil van God nie, want aan alle denke en handel moet die gebod van die naasteliefde die grondslag wees. `n Liefdevolle hart ontvang en deel die ontvange uit. As die mens egter nie bereid is om te gee nie, dan verloor hy ook die reg om die gawe te ontvang. As hy nogtans die omgang met die hiernamaals in stand hou, dan is daar geen waarborg vir die suiwerheid van die waarheid nie, want nou dring wesens wat deur hul eieliefde nog ver van die waarheid verwyder is, hulle ook op aan hom.

Gevolglik sal nie alle boodskappe in ooreenstemming met die waarheid wees wanneer dit deur `n mens ontvang was wat hom nie in diens van God gestel het nie, d.w.s. wie nie sy wil aan Hom bekend gemaak het om vir Hom en die verspreiding van die suiwere waarheid werksaam te wees nie. Wie God bewustelik wil dien, word behoed teen onware geestelike gawes, want God lei die waarheid slegs na die aarde met die doel om dit aan die mensdom oor te bring. Die ontvangs van geestelike gawes

moet die uitwerking van `n liefdevolle hart wees, want die liefde vir die medemens sal die mens eers in staat stel en waardig maak om geestelike gawes in ontvangs te neem.

`n Verbinding met die hiernamaals kan egter ook deur mense tot stand gebring word wie se graad van liefde baie laag is; hulle sal ook voortdurend mededelinge uit die geesteryk in ontvangs neem, maar dit sal steeds in ooreenstemming wees met die wese se graad van volmaaktheid wat die verbinding aanknoop. Daar word op elke mens beslag gelê wat hom bereid verklaar om boodskappe uit die geesteryk te ontvang. Alle geestelike wesens wil hulle uiter en hulle doen dit ook beantwoordend aan die graad van hul volmaaktheid, dus hul kennis. Die skeidsmuur tussen waarheid en onwaarheid rig die mens egter self op deur die graad van sy verlange na die waarheid. Wie streef na die suiwer waarheid, aan sy verlange word gevolg gegee deur die draers van die waarheid, deur wesens wat vol lig is en in verbinding staan met God. Hulle kan maar slegs suiwer waarheid uitdeel en hulle beskerm ook die ontvangende mens daarteen om dwaling in ontvangs te neem, want hul krag is so sterk, dat hulle alle onvolmaakte wesens verdring uit die nabyheid van die mens wat maar net die waarheid begeer en dit in ontvangs wil neem, om dit verder te versprei onder die mensdom wat in duisternis wil voortgaan.

Amen.

Drie maniere van oordra van die goddelike Woord.

B.D. No. **2510**
13. Oktober 1942

Die evangelie moet verkondig word regdeur die hele wêreld, die leer van die liefde moet toeganklik gemaak word vir alle mense en dit gebeur op verskillende maniere. In die eerste plek word diegene wat deur God geleer is, geroep om ander mense in te lig, dus deur die ontvange leerstellings aan hulle oor te dra om die evangelie te verkondig aan diegene wat dit wil aanvaar. Dit is `n ryklik geseënde taak om te werk vir die sieleredding van ander mense, om hulle volgens God se wil te motiveer en te leer om bewustelik te werk aan die verbetering van hul siele. En hierdie werk word deur God verwag van elkeen wat deur God Self geleer is. En God leer die mense voortdurend wat vrywillig hul harte oopmaak vir Hom, Hy verkondig die Evangelie aan hulle wat dit hoor deur die innerlike stem. En hierdie evangelie verskil nie van wat tradisioneel oorgelewer is deur die Heilige Skrif nie. En dit is `n ander moontlikheid van ontvangs van die goddelike Woord, en dit leer weer liefde, die liefde vir God en die medemens en vir die een wat getrou hierdie Woord aanvaar.

En so het almal die geleentheid om onderrig te word in die Evangelie so gou as wat hulle, met die regte geloof, begeer om God se Woord te leer ken. Dit sal ook verstaanbaar word vir hom, want die wil om goddelike wyshede binne te dring, gee ook aan `n persoon die krag van begrip, wat hom in staat stel om die goddelike woorde te beskou as die Woord van God en kan dus ook deur God geleer word, indien hy vroom en hongerig die Heilige Skrif lees en nie net die Woord aanvaar nie, maar ernstig probeer om die betekenis daarvan te begryp. Maar die goddelike Woord kan ook geestelik oorgedra word aan `n persoon, maar hierdie manier is slegs aan `n paar mense bekend en tog is dit die maklikste van almal. Dit is die direkte kommunikasie in die vorm van gedagtes, `n geestelike oordrag van die goddelike Woord, van die Evangelie aan mense wat altyd bereidwillig is om dit te ontvang. As `n mens begeer om ingelyf te word in die goddelike leer van liefde, dan sal die Evangelie altyd aan hom verkondig word op een manier, want dit is God se wil dat die mensdom onderrig moet word en in waarheid leef.

Amen.

Prehistoriese mense

B.D. No. **2513**
16. Oktober 1942

Tydens eindelose lang periodes het die aarde haarself so ontwikkel dat dit vir ontelbare lewende wesens `n verblyfplek kon wees, met die taak om die plek van onderwys te wees vir die gees. Gedurende hierdie tyd van ontwikkeling het die lewende wesens nog `n ander natuur gehad, hulle was

by die ontwikkelende aarde aangepas in soverre wat enige lewende wese `n lewensmoontlikheid gehad het.

Daar was talryke ontwikkelingstadia en eers vanaf `n bepaalde punt af kon die aarde lewende wesens op haar oppervlak huisves. Dus, soos wat die aarde ontwikkel het, des te talryker het die wesens geword en so het die ontwikkeling van die uiterlike vorm van die aarde en die lewende wesens wat aan die aarde toegewys is met die doel om hulself positief te ontwikkel, omhoog gegaan.

Daarvoor was daar `n ondenkbare lang tyd nodig gewees, maar hierdie ontwikkeling moes plaasvind omdat die gees in, op en bo die aarde moes eers die proef moes deurstaan terwyl hulle gekluister was, wat `n gebondenheid in welke skeppingswerk dan ook vir die geestelike beteken het. In hierdie tyd van ontwikkeling het die gees haar proef deurstaan, en kon haarself langsaam tot `n lewende wese ontwikkel. Die lewensvoorwaardes was aansienlik moeiliker vir haar, maar sy het haarself gehandhaaf en haarself langsaam ontwikkel tot `n tipe mens, wat egter heeltemal verskillend was van die huidige mens.

Dit was `n wese wat nog beperk was, dit het insinktief opgetree, tot `n sekere mate was dit steeds gelei en het nie sy eie vrye wil en intellek gehad nie. Dit was `n wese wat wel uiterlik soos `n mens gelyk het, maar was ten volle op die vlak van die diereryk en het in ooreenstemming met die goddelike natuurwet geleef, dus instinktief sonder om van sy aksies bewus te wees. Die wese was nog nie verantwoordbaar nie, sy lewe het hy gelei volgens die wet van “jy moet”, gedryf deur inherente instinkte wat hulle in die wesens geuiter het in ooreenstemming met die goddelike Wil.

Hierdie lewende wesens was versoenbaar met die primitiewe toestande van die aardoppervlak, maar het in `n sekere sin bygedra tot die verdere ontwikkeling van die aarde, deurdat hulle hulleself vermenigvuldig het en deur hul onbewuste werksaamheid, die omvorming van die aardoppervlak bespoedig, sodat dit meer geskik kon word om meer ontwikkelende lewende wesens te herberg, totdat die eerste mense, toegerus met vrye wil en intellek, toegewys sou word om hierdie aarde te bewoon. Hulle kon nou alles op aarde benut en was deur God Self onderrig, het `n bewustelike lewe gelei of moes dit lei, wat die eintlike sin en die doel van hul beliggaming op aarde was. Nou was hierdie mens egter ook verantwoordbaar aan God vir sy handeling en denke. Hy het `n bepaalde graad van volmaaktheid bereik, waarin hy in staat was om `n lewe te lei binne God se Wil en in ooreenstemming hiermee was hy nou ook verantwoordelik vir hoe hy sy lewe gelei het, omdat hy self aangewese was om al sy gawes te benut. Hy was egter ingelig van die gevolge van sy lewe gedurende hierdie inkarnasie op aarde en so was hy in staat om sy eie vrye wil te gebruik.

Amen.

Die mens van vandag - Bekwaamhede

B.D. No. **2514**
16. Oktober 1942

Daar was geen tydperk waarin sulke hoë ontwikkelde wesens bestaan het as die huidige nie en tog word hierdie hoër ontwikkeling vir die verkeerde redes gebruik. Die huidige mens het deur ontelbare ontwikkelingstadia heengegaan en het nou gedurende die laaste stadium baie kapasiteite wat hy nou met die grootste sukses kan gebruik. Een van hierdie bekwaamhede is dat hy homself kan verplaas na `n geestelike toestand. Elkeen wat hierdie vermoë aangeleer het, kan al van `n toestand van aansienlike volwassenheid praat, want hy sal nou ook in `n ander realm leef, maar hy neem die indrukke vanuit daardie realm nie na die aarde nie, want dit word slegs deur die gees opgeneem wat dit eers sal deurgee wanneer die menslike siel genoegsaam gekwalifiseer geraak het, sodat sy die belewenisse in die geesteryk kan begryp en dienooreenkomstig daaroor geleer kan word. Hoe meer die siel nou die gees in haarself vir inligting vra, hoe meer ontvang sy. En dus kon die mensdom waarlik op `n hoë geestelike vlak gestaan het, as hy alles benut het wat hom gedurende sy aardse lewe ter beskikking gestaan het.

Instede daarvan is die mens heeltemal tevrede daarmee om hulle aardse lewens te leef, maar oorweeg gladnie hulle geestelike toestand nie. En gevolglik nader hulle diepste innerlike wese

weerens die pre-historiese toestand, waarin hulle geen aggeslaan het op hulle siele nie, maar slegs `n dierelewe gelei het, waarin elke hoër ontwikkeling uitgesluit was. Hulle lewe dus gladnie meer hulle aardse lewe bewustelik nie, hulle word ook so gedryf - naamlik deur geestelike kragte wat alle hoër geestelike ontwikkeling wil onderdruk. En dus nader hulle weereens die pre-historiese toestand, maar nou is hulle ten volle verantwoordelik vir hulle dade, omdat die vrye wil en die intellek deur God aan hulle gegee was vir die doel van geestelike vooruitgang.

Amen.

Talente - Opdrag - Agteruitgang - nuwe aarde

B.D. No. **2515**
17. Oktober 1942

Die mens is die hoogs ontwikkelde skepsel op aarde en daarom is aan hom ook `n opdrag gegee wat ooreenkom met sy graad van volwassenheid. Hy is in staat gestel om hierdie opdrag te vervul, as hy dit wil en presies hierdie wil word getoets (dit moet homself dus bewys), dit is dus bedoel om `n besluit te maak. Slegs die wil is beslissend of die mens sy opdrag sal vervul en of hy sy talente sal gebruik en die laaste beliggaming sal benut ooreenkomstig die doel. Maar hy word in geen geval daartoe gedwing nie en daarom sal die aardse lewe hom talryke opdragte gee om uit te voer. Die spesifieke opdrag word nie spesifiek beklemtoon nie, maar moet instede uitgevoer word as deel van sy aardse aktiwiteite om homself te omvorm tot die hoogste moontlike volwassenheid op aarde. As hy hierdie opdrag veronagsaam, dan sal hy egter sy aardse lewe wel verder kan voortleef, maar sy siel sal in `n onvolmaakte graad van volwassenheid bly. En daarvoor sal hy eens self voor God verantwoording moet doen, want die aardse lewe is slegs aan hom gegee om sy siel te vervolmaak. Dus het hy dit misbruik as hy slegs geleef het om aardse aktiwiteite tot eie voordeel te benut, of geen ag daarop geslaan het nie en daardeur God se barmhartigheid geminag het.

Die aarde was sy woonplek en hy was toegelaat om homself tot `n hoogs ontwikkelde wese te beliggaam. Hy was reeds in `n graad van volwassenheid met baie talente van sy eie, maar hy het sy lewe nie méér bewustelik geleef as die pre-historiese mens nie. Hy het sy intellek en vrye wil slegs gebruik vir aardse aktiwiteite, wat geen blywende waarde het nie en hy het God se krag daarvoor gebruik, maar het dit slegs vir wêreldse doeleindes benut, tot vermeerdering van sy eie gemak, en daardeur die begeerte in sy medemens gewek om dieselfde te doen. Daardeur het die aarde ongeskik geraak vir die hoër ontwikkeling van die siel, die aardse het dus oorwegend geword en die mens so sterk oorheers, dat hy sy siel heeltemal vergeet het.

Dus het daar nou `n stadium aangebreek wat `n noodsaaklike verandering verg, sodat die mensdom weer hulle ware opdrag sal kan insien en daarvolgens lewe, want die aarde moet weer `n verandering ondergaan, die aarde moet weer word soos wat sy oorspronklik was en weer moet wees, naamlik `n plek van opvoeding vir die gees waarin die wêreld nie sal oorheers nie, maar slegs die middel sal wees tot die doel. Die wêreld moet weer geskape word, dit moet herstruktureer word, dit moet mense huisves wat bewusteklik sal strewe na finale volwassenheid, wat al hul Godgegewe talente sal gebruik, alleenlik vir die bereiking van die volwassenheid van hul siele, want hulle sal besef dat dit die ware doel van hulle beliggaming op aarde is.

Amen.

Kennis van `n gebeurtenis - Geestelike transformasie (Rome)

B.D. No. **2521**
22. Oktober 1942

Die van julle wat nog nie in die waarheid lewe nie, sal `n groot deel van julle geestelike rykdom moet prysgee, want die tyd sal kom wanneer julle die ineenstorting sal sien van baie wat julle geag het onvernietigbaar te wees. Julle sal besef dat die werk van mense nie sal bly bestaan nie, selfs al het dit daarin geslaag om vir `n lang tyd te oorleef. Julle sal dit ondenkbaar vind dat goddelike voorsienigheid `n werk van vernietiging sal inisieer, wat gelyktydig `n groot geestelike verandering sal aandui en die gedagtes van die mense wat glo dat hulle die waarheid ken, sterk versteur. En julle sal

nie in staat wees om enige ander verduideliking te vind nie, andersins as God se onmiskenbare bewys dat julle verkeerd was. Hierdie valsheid is reeds te diepgewortel in julle dat julle julself daarvan kan bevry en daarom wil God julle help. Hy wil julle wys dat alles moet toegee aan Sy wil, insluitend dit wat vir duisende jare oorleef het. God het die mens `n vrye wil gegee, daarom moes Hy Sy wil onttrek waar mense dit bly teenstaan.

Daarom het Hy nie die oprig van `n instelling verhoed wat nie ooreengekom het met Sy wil nie. Maar Sy wil was egter in die geheim gerespekteer en onderhou, ongesiens deur die wêreld en dus min bekend, maar het vyandige inmenging weerstaan. Maar die mens was egter tevrede met hierdie gestruktureerde instelling wat haarself gehandhaaf het met baie prag en praal en wat baie volgelinge gevind het. Maar eendag sal selfs hierdie werk tot `n einde kom en die einde sal in volle sig van alle mense plaasvind.

`n Gebou wat onvernietigbaar geag was, sal sidder en lei tot `n gebeurtenis wat baie slagoffers in elke sin van die woord sal eis. God se ingryping sal mense se gedagtes skok. Maar God wil aan mense bewys dat alle menslike skeppings vergaan en dat alles wat direk van God af kom, sal voortgaan. Hy wil die mense inlig dat hulle mislei was, Hy wil hulle ontvanklik maak vir die suiwer waarheid. En in die lig van die rampspoedige verandering sal baie mense stilstaan en dink, hulle sal die geloofwaardigheid van hul vorige leerstellings bevraagteken, omdat die ineenstorting hulle van alle geloof beroof het. En hierdie gebeurtenis is nie ver weg nie, die hele wêreld sal daarby betrokke wees, en as hulle getrou is, sal hulle `n duidelike teken herken wat deur God gestuur is na die mense op aarde vir die redding van hulle siele.

Amen.

Verkeerde interpretasie van die Bybel - verkeerde leerstellings

B.D. No. **2524**
26. Oktober 1942

Baie Woorde van die Heilige Skrif word verkeerd deur mense geïnterpreteer en so word hulle mislei om iets te glo wat ver van die waarheid verwyder is. As gevolg van hierdie verkeerde interpretasies het leerstellings ontwikkel wat van persoon tot persoon, tyd na tyd deurgegee was, sodat die valsheid bly versprei het en aansienlik moeiliker geword om as sulks herken te word. God het altyd Sy Woord aan mense gegee, in verhouding tot hul geestelike vlak, en dit was altyd verstaanbaar vir elkeen wat dit reg wou verstaan. Sodra Sy Woord egter rasioneel oorweeg was, sodra die mens gepoog het om die betekenis vas te stel suiwer as `n saak van navorsing, sonder om `n opregte wil te hê om hulself te omvorm, dus sy siel, deur middel van die goddelike Woord, het die Woord moeilik verstaanbaar geword vir die mense. Hul gedagtes het gedwaal.

As gevolg van hierdie toestande het leerstellings ontwikkel wat die goddelike Woord bederf het, in soverre dat dit nie ooreenkom met wat Jesus Christus op aarde gepreek het nie. Die Woord van God word sekerlik nog gekwoteer, maar `n totaal ander betekenis was daaraan gegee en nou verstaan die mensdom Sy Woord nie op die regte manier nie, want menslike verklarings het die betekenis verander. Derhalwe was die goddelike Woord bederf en is weer in hierdie toestand vir die mense aangebied as goddelike Woord, wie nou niks anders aanvaar nie en gretiglik hierdie bedorwe Woord verdedig. En dit is uiters moeilik om die suiwer waarheid aan hulle te bring en om hulle te oortuig dat hulle iets ten volle menslik verdedig, dat hulle `n kultus maak uit `n ten volle menslike produk en dat hierdie menslike produk onbetroubaar is. Alvorens hulle nie self tot hierdie oortuiging sal kom nie, sal hulle beweer dat die waarheid vals is en sal die verdedigers van waarheid dit baie moeilik vind om met hulle te assosieer, omdat hulle nie oop sal wees vir onderrig in hierdie verband nie, want hulle sal hulleself as beskermers van die waarheid voorstel en sal geen onderrig aanvaar nie, want hulle glo dis komende vanuit die koninkryk van duisternis.

En so argumenteer die lig met die duisternis, maar die lig sal nie herken word nie, totdat `n ernstige soeke na waarheid die weg onder die mense sal baan en hulle `n skielike, verblindende besef kry dat hulle slegs aan misleide leringe geglo het. En dan sal daar nog tyd vir alle mense wees wat hulle nietig en onkundig voor God ag, want aan hulle sal genade gegee word om tot die besef te kom, want hulle

sal dan nie meer die waarheid moedswillig verwerp nie, maar dit gretiglik aanvaar wat hulle dan as waarheid sal herken.

Amen.

"Ek sal kom soos `n dief in die nag"

B.D. No. **2534**
2. November 1942

Die mense slaan geen meer ag op die tekens van die tyd nie. Niks lyk vir hulle ongewoon nie en elke gebeurtenis aanvaar hulle sonder om daaroor na te dink. Vir hierdie mense is die aankondiging van die natuurkatastrofe wat op hande is, ook nie geloofwaardig nie, want hulle glo dat die tyd wat in die skrif vermeld word, nog nie aangebreek het nie. Hulle neem geen enkele verklaring aan nie, omdat die gedagte vir hulle onaangenaam is dat die mense van die huidige tyd die slagoffers sal wees. Daarom wil hulle nie aan die komende glo nie en sal daarom verras en onvoorbereid wees wanneer die aangekondigde dag aanbreek. Juis vir hulle geld die woorde wat Jesus eens gesê het: "Ek sal kom soos `n dief in die nag", want hulle sal hul in die diepste geestelike sluimering bevind en sal geen voorbereidings getref het nie. Hul siele sal baie ontberings moet deurgaan wanneer hulle weggeroep word van die aarde. En hulle sal ook nouliks nog tot God kan roep, omdat die omvang van die katastrofe hulle van alle denkvermoë sal beroof.

God se liefde laat egter niks oor die mense kom sonder om hulle eers daarvan in kennis te stel nie. Hy waarsku hulle al vir `n lang tyd vooraf, maar Hy dwing nie die mense om aan hierdie waarskuwings te glo nie.

Vir hulle wat egter op hierdie tekens aggee, sal dit nie moeilik vind om te glo nie. En enigeen wie met God verbind is, sal ook die vermaning van God in die hart voel en sal dan ook self oplet na die tekens van die tyd. Hy sal dan ook moeite doen om in die genade van God te lewe, dus sal hy vir hierdie genade vra en hom dan oorgee aan die barmhartigheid van God.

Nog net `n kort tydjie skei julle mense van hierdie gebeurtenis en die tyd moet julle goed benut, sodat julle dit rustig kan afwag. Julle mag julleself ook nie vlei met die gedagte dat julle al volmaak is en dus geen erbarming nodig het nie. Julle moet julleself ootmoedig toevertrou aan die liefde van God en altyd daaraan dink dat julle laaste uur gekom het. En julle moet luister na die vermaning, wanneer die verteenwoordigers van God Sy woord aan julle bring. Julle sal weet dat die uur nie meer ver is en dat julle gereed moet wees en God se liefde en Sy barmhartigheid sal julle ook bystaan in die ure van nood.

Hy sal aan julle dink soos wat julle aan Hom dink. Hy sal julle die lewe laat behou as dit vir julle siel dienstig is, of julle wegneem van die aarde na `n beter lewe in die hiernamaals, as julle dit waardig sal wees.

Wee egter hulle wat die uur onvoorbereid tegemoetgaan en daarby hul lewe verloor, hul lot in die hiernamaals sal waarlik nie maklik wees nie. En juis daarteen wil God die mense beskerm, deur die komende gebreurtenisse aan te kondig om hulle tot `n ommekeer te beweeg as hul lewenswandel nie volgens Sy wil is nie. En daardeur demonstreer Hy die woorde van die Heilige Skrif: "Ek sal kom soos `n dief in die nag, daarom waak en bid".

Amen.

Geloof aan die onsterflikheid van die siel is nodig om aan julleself te werk

B.D. No. **2544**
10. November 1942

Die mens moet duidelik besef dat slegs die aardse lewe `n middel tot die doel is, maar nooit die doel op sigself nie. Hierdie insig spoor hulle eers aan om te strewe om die doel te bereik waarvoor die mens op aarde leef. Gevolglik moet die geloof aan `n voortlewe van die siel na die dood aan hom oorgedra word, die onsterflikheid van die siel moet met rede omklee word, ofskoon dit nie

aan die mens bewys kan word nie. Kennis moet aan hom gegee word wat die onsterflikheid verstaanbaar sal maak, sodat hy dit makliker sonder bewys sal glo.

Dan eers sal hy die aardse as middel tot die doel beskou en sal hy sy hele lewe instel op die voortlewe na die dood. Eers hierdie gedagte laat hom dan die aardse goedere met andere oë beskou, want hy leer nou om die verganklikheid daarvan te beoordeel en hy rig sy aandag op sake wat vir ewig bly bestaan. En wat hy dan doen, sal hy in verband bring met die lewe aan die anderkant.

Sodra die mens daaraan begin glo dat die lewe nie ophou met die dood nie, sal hy daaroor nadink van welke aard die lewe na die dood mag wees, hy stuur dus sy gees omhoog, na gebiede wat die woonplek is van die siel na haar beëindiging van lewe op aarde. En in hierdie gebiede word daar dan aan hom uitsluitsel gegee en wel d.m.v. gedagtes, sodat die mens nou in volle oortuiging homself as `n pelgrim op aarde begin beskou, wie se lewensloop spoedig beëindig sal word en poog hy dan om hierdie kort tyd op aarde vrugbaar te benut.

Die geloof aan die onsterflikheid is gevolglik onvermydelik onontbeerlik, as die mens aan die arbeid van sy siel wil begin, soos wat ook die geloof die mens verhinder om die lewe slegs suiwer wêrelds te lewe. Maar `n onweerlegbare bewys oor die voortlewe van die siel kan nie gegee word nie. Dit is ook `n lering wat nooit bewys kan word nie, maar deur ywerige nadenke kan dit tot die diepste oortuiging uitgroei. Al die geestelike kan nie bewys word nie, sodat die vrye wil van die mens nie beperk word en die geloof daardeur afgedwing word nie.

Amen.

Slaap die dode?

B.D. No. **2553**
16. November 1942

Die geloof dat siele slaap na die dood is slegs in soverre waar, naamlik dat die onvolmaakte siele in `n heeltemal werklose toestand verkeer, omdat hulle geen krag het nie. Dit is egter geen toestand van gemaklike rus nie, maar `n toestand van kwelling, gebondenheid en magteloosheid en daarom geen toestand om na te strewe nie.

Die siele in die hiernamaals word eers toegelaat om aktief te word by `n bepaalde graad van volwassenheid, waar hulle voortdurend krag ontvang om te werk. Maar dan kan hulle hierdie krag sonder beperking gebruik.

Omdat hul werk egter nie van aardse materie afhanklik is nie, moet dit ook anders wees as werk op die aarde. Dit kan ook nie met laasgenoemde vergelyk word nie, want in die geesteryk is daar heeltemal ander voorwaardes wat werk toelaat of vereis. Dit is `n konstante onderrig en oordra van geestelike kennis, dit is `n suiwer geestelike proses wat baie geluk en saligheid gee aan die siele wat gee en verminder die siele wat ontvang se kwelling deur self ontvangers van krag te word.

Dit is inderdaad `n arbeid van liefde, maar kan slegs met aardse aktiwiteit vergelyk word terwyl die siele in hul toestand van duisternis glo dat hulle nog op aarde lewe, waar hulle, as gevolg van hul eie begeertes, `n denkbeeldige omgewing skep in hul verbeelding en in hierdie denkbeeld ook goeie dade moet verrig.

Maar hoe meer verlig die siel egter word, des te verder verwyder sy haarself van die aarde en aardse denke, en nou is haar aksies nie meer afhanklik van aardse materie nie, nie eers in haar verbeelding nie. Die werk van hierdie siele in die hiernamaals, in die geestelike realm, bestaan dus daaruit om suiwer geestelik ontvange kennis oor te dra. Elke géwende en krag-ontvangende siel het betroubare beskermlinge op aarde of in die hiernamaals vir wie hulle liefdevol met onvermoeide toewyding versorg. Sy moet probeer om haar beskermlinge geestelik te lei na die waarheid, sy moet hulle denke beïnvloed en daardeur duidelikheid skep, sonder om die wil van die siele te forseer en dit vereis onuitspreeklike geduld en liefde, want dit is twee heeltemal geïsoleerde wesens wat teenoor mekaar staan en wat heeltemal onafhanklik kan dink en handel en daarom mag korrekte denke nie onder

dwang oorgedra word nie, om nie te verhoed dat die nog onontwikkelde gees net so `n hoë graad van volwassenheid kan kry nie.

Geestelike kennis moet so aan die nog oningeligte siele aangebied word, dat dit sonder weerstand aanvaar word en moet die verlange na meer gawes opwek. Die ontvangende wese moet dit dus heeltemal vrywillig aanvaar, want eers dan sal die oordra van kennis krag word en verlig. En hierdie daad van oordrag is `n poging wat slegs in liefde oorgedra kan word, want dit is meestal baie moeisaam.

Maar die toestand van `n siel wat verdoem is tot onaktiwiteit, is so betreurenswaardig dat die ligwesens onvermoeid die veeleisende arbeid aanvaar om hierdie siele te verlos uit hul situasie. Andersyds verhoog dit hul saligheid wanneer hul werke van liefde suksesvol is, want hierdie werksaamhede brei so onvoorstelbaar uit, omdat elke ontvangende wese weer op sy beurt sy kennis deurgee in die nou ontwaakte drang om ook die siele wat in duisternis verkeer te help en om so verlossend besig te bly.

Amen.

Ontstaan en vergaan - Dood - Die binnegaan in die geesteryk

B.D. No. **2554**
17. November 1942

Lewe en sterwe, ontstaan en vergaan, dit is die ewige kringloop volgens God se wyse plan. Eers wanneer die mens geestelik verlig is, word hierdie groot geheim duidelik, wat in hierdie ewige kringloop sy oplossing vind. Wat is, moet vergaan om weer te ontstaan en steeds weer word die dinge nuut gevorm, omdat `n ewige bestaan in die materiële wêreld nie moontlik is nie. En wat is, moet vergaan, omdat dit nog onvolmaak is en dit moet weer opnuut ontstaan om volmaakter te word, want slegs die uiterlike omhulsel val uiteen. Maar wat die omhulsel bevat, is iets geesteliks, d.w.s. iets onverganklik, wat die omhulsel ontvlug om `n nuwe omhulsel te bewoon. En die gees moet volmaak word.

Dit is die grondslag van al die ontstaan en vergaan. En daarom kan niks in die materiële wêreld onveranderd bly nie, want dit bevat niks volmaak nie, omdat dit tog net ontstaan het om die onvolmaakte die moontlikheid te bied om volmaak te word. As die gees die graad van volmaaktheid bereik het, dan kan hy die materiële wêreld, die aarde, verlaat en ingaan in die geesteryk. Ontstaan en vergaan is dus noodsaaklik vir die positiewe ontwikkeling van die gees en daarom moet als wat vergaan verwelkom word en alle ontstaan die mense gelukkig maak.

Die vergaan van die vorm beteken `n oorwinning vir die daarin gebonde gees, en oorwinning is `n sege. As die mens tot hierdie insig gekom het, dan sal niks hom meer bangmaak nie. Dan sal hy ook die dood slegs as `n brug na die geesteryk sien, want nou verlaat die gees, die siel, haar laaste omhulsel om die geesteryk onbesorg binne te gaan. Maar een ding moet eers gebeur, naamlik `n bewuste strewe na volmaaktheid van die siel gedurende die aardse bestaan. Sodra die blik van die mens daarop gerig is, sodra hy op hoogte is van die sin en doel van die beliggaming op aarde, dan sal hy bewustelik opwaarts streef. Hy sal volmaak wil word, sodra hy God erken en sy herkoms en sy doel ken en vir hom beteken die dood `n oorwinning van die laaste vorm op aarde, wat die siel nou definitief gaan ontvlug en gevolglik ook die materiële wêreld. Die omhulsel vergaan, maar die gees ontwaak tot `n nuwe lewe, tot `n lewe wat vir ewig sal duur. Maar die mens kan ook `n lewe lei, sonder om van sy doel bewus te wees, en dit uit eie skuld, as hy die materie te veel waardeer en elke geestelike gedagte wat hom bewus sou maak van sy eintlike taak op aarde, daardeur verstrik. Dan gebruik hy sy laaste uiterlike vorm nie meer met die doel om sy siel volmaak te laat word nie. En dan is die dood die einde van sy ontwikkelingsgang op aarde en die positiewe ontwikkeling in alle ander skeppings ondervind in hierdie laaste fase van die aardse lewe stagnasie; die ontwikkeling kom dus tot stilstand.

En dan is die binnegaan in die geesteryk geen ontwaking tot die ewige lewe nie, maar `n toestand van dood. `n Toestand van lewe loosheid word die lot van hierdie siel. Aan die ontstaan en vergaan op

aarde het vir hierdie wese `n einde gekom. Hy het alle stadiums deurgegaan in `n langsame positiewe ontwikkeling, maar in die stadium as mens het hy gefaal. Hy het self sy ontwikkeling onderbreek, omdat die mens gedurende die stadium van sy vrye wil, het hy sy vrye wil misbruik. En die binnegaan in die geesteryk sal dan vir hom begryplikerwys groot kwellinge en ontnugtering beteken, want slegs die volmaakte het die reg op die ewige geluksaligheid.

Amen.

Gebrek aan begrip vir die profesieë - Noodsaaklikheid

B.D. No. **2555**
18. November 1942

Slegs weinig mense besef die erns van die tyd, en dus kan die komende gebeure slegs vir weinig geloofwaardig gemaak word. Solank as wat hulle net na die welsyn van hulle liggame streef, sal hulle slegs aandag skenk aan gebeure wat daaraan verwant is en kan en sal nie `n verandering in die wêreldgebeure verstaan wat deur geestelike dringendheid veroorsaak word nie. Want geestelike ervarings is vreemd vir hulle en al sulke verwysings word onbeduidend en onbelangrik geag, indien nie heeltemal verkeerd nie. Om die komende gebeurtenisse nou vir hulle aan te kondig, sal min sukses hê en tog moet hulle ook gewaarsku word, sodat niemand sal leef om die dag in volledige onkunde te sien nie. Want wat hulle nie nou wil glo nie, sal skielik geloofwaardig word vir hulle en hulle motiveer om hulle gedagtes tot God te rig en Hom aan te roep in nood.

Geestelike gedagtes is dikwels ongerieflik vir so `n persoon, omdat dit maar net sy aardse lewe ondermyn, en as gevolg hiervan verwerp hy dit wanneer dit opgehaal word en dus kan hy ook nie tot insigte kom nie. So gou as wat `n medemens lig- en geestelike gawes aan hom oordra, weier of ignoreer hy die gawe en dus sal hy nie kan gebruikmaak van die tyd wat hom nog skei van die groot natuurgebeurtenis nie, sodat dit hom nie sal verras en heeltemal verbyster nie. En tog kan hy nie op enige ander manier gehelp word nie, as deur die vermelding van die uiters belangrike verandering, selfs al is hy nie ten volle in staat of bereid om dit aan te neem nie. Want net die sekerheid dat die profesie vervul gaan word, sal die persoon reeds na `n skielike insig lei.

God se liefde sal elke persoon ontmoet, en Hy stuur Sy vermanings en waarskuwings aan almal, want Hy ken mense se swakhede en wil hulle help wanneer hulle in die moeilikheid is. Maar meeste van die tyd wil mense nie gehelp word nie, omdat hulle dink dat hulle dit nie nodig het nie. En tog ly hulle geweldig, want hulle het geen innerlike kontak met God nie, hulle het hulself van Hom gedistansieer en sal dus nie na Sy stem luister wat deur middel van `n menslike mond met hulle praat nie. Hulle herken dit nie as God se stem nie en dus sal dit geen invloed op hulle hê nie, want hulle sluit hulself af vir die uitwerking daarvan.

Elke dag op aarde wat in geestelike onkunde geleef is, is `n verlore dag en daar is nie veel meer oor nie, want die groot wêreldse nood het nog nie tot `n einde gekom nie en die mensdom staar `n groter een in die gesig, wat onvermydelik is, ter wille van die mens se geestelike ontwikkeling. Dit sal baie menselewens eis en hul geleentheid vir ontwikkeling op aarde tot `n einde bring. God wil hulle help, terwyl daar nog tyd is en Hy stuur Sy dienaars en verteenwoordigers uit na hulle, sodat hulle in Sy Naam sal spreek en hulle herinner om hulle siele te oorweeg en te streef na hoër geestelike ontwikkeling. En as hulle na hul luister, sal hulle dit wat gaan kom maklik verdra, want hulle sal besef dat niks op aarde sonder betekenis en doel gebeur nie en dat geestelike ontwikkeling die uiteindelike doel van die aardse lewe is.

Amen.

Goeie Herder - `n Hart wat bereid is om te ontvang

B.D. No. **2561**
26. November 1942

Die geringste bereidwilligheid om My te dien, beloon Ek met My Liefde, want as jy jou wil aan My oorgee, hou Ek jou vas en nooit sal jy verlore kan gaan nie, want jy het jou bereidwilligheid om vir My werksaam te wees, aan My kenbaar gemaak. En wat jy ookal sal begin, sal ooreenstem met

My wil wees en derhalwe ook aan My welgevallig wees. Ek dwing geen mens nie, maar Ek gee jou vryheid. En soos wat jy besluit, so sal jy deur My beloon word. Ek sal by jou wees, sodra jy by My wil wees.

Jy alleen bepaal die mate van My Liefde, want as jy jou oopstel, vloei Sy na jou toe. Sodra jy jou hart gereedmaak om te ontvang, neem Ek haar in besit. Maar jy sal My nie onvoorbereid kan opneem nie, omdat Ek nie kan bly in `n hart wat nie vir My vinniger gaan klop nie. Ek word na jou toe getrek, maar netso sal jy ook op My moet aanstuur. Ek rig geen versperrings op as jy dit nie vir jouself oprig nie. Ek is steeds daar vir jou, maar jy sal My moet roep, omdat Ek jou andersins nie kan beloon nie. Maar as jy na My verlang, dan kan jy verseker wees van My Liefde, omdat Ek jou liefhet vanaf die allereerste begin.

Laat Ek in jou hart woon en doen alles om hierdie doel te bereik, want dan is jy magtig en vol krag. Jy is wys en staan in die lig, want Ek Self deurstroom jou met My Lig en my Krag. En dan sal jy van alles op hoogte wees en jy sal tot alles in staat wees, omdat dit Ek is wat jou vervul met Sy Gees, wat dus deur jou werksaam sal wees. As jy my Woorde glo en daarna streef om My in jou hart op te neem, dan sal jy die aarde met sy behoeftes maklik oorkom, want jy streef nou jou eintlike bestemming na. Jy streef na die eenwording met Hom, van wie jy jouself eens afgeskei het en Ek ondersteun jou in hierdie strewe. Ek gee jou krag, sodat jy nie moeg word nie. Ek verlig die weg na My, sodat jy nie verdwaal nie en Ek Self kom jou tegemoet en druk jou aan My Hart. En dan gaan jy saam met My die weg omhoog en sal jy die doel bereik. Ek Self soek na my skape wat op die pad verlore raak en Ek bring hulle terug van die afgrond, want Ek is die goeie Herder, wat besorg is oor sy skape. Ek laat hom nie aan sy lot oor nie, maar Ek klim agter hom aan as hy van die kudde afgedwaal het en gevaar loop om te verdwaal. Want My Liefde omvat al My skepsels en geen enkele een wil Ek in die maalstroom van die wêreld laat ondergaan nie. Maar eers wanneer hy My gaan herken, stuur hy met dieselfde liefde op My af. En dan eers kan Ek my intrek in sy hart neem, wanneer die mens hom voorberei het om My op te neem deur `n lewenswandel in liefde, wanneer dit sy wil is om My vir altyd te dien en wanneer hy blyke gee van hierdie wil deur sy medewerking aan die verlossing van hulle wat dwaal op aarde. Vir hom wil Ek seën en by hom wil Ek My intrek neem.

Amen.

Valse profete - Toets die geeste

B.D. No. **2566**
29. November 1942

God waarsku julle "Pas op dat julle nie deur valse profete mislei word nie." Hy wil julle sodoende herinner om alles eers te toets, voordat julle dit as die waarheid aanvaar. "Toets die geeste of hulle uit God is. "Gevolglik sal profete ook uit die duisternis na vore kom wat die reg veronderstel om hulle leerstellings as die waarheid in die wêreld te versprei. Dan sal die mense hul preke onder die loep moet neem. En hulle sal sekerlik in staat wees om dit te doen as hulle die waarheid wil weet en `n beroep op God doen vir lig. Want God het vir hulle `n aanduiding gegee waarna om te kyk; Hy het vooraf aangekondig dat valse profete, naamlik valse geeste hulleself sal uitdruk. Maar hulle sal Christus ontken, hulle sal Hom nie as die Seun van God erken nie, ook nie as die Verlosser van die wêreld nie. Hulle sal Jesus se goddelikheid betwyfel en daarom nie in die liefde lewe nie, want die liefde erken en bely Jesus Christus.

En so sal julle hierdie vals profete herken deur die feit dat hulle heeltemal sonder liefde sal optree, selfs al probeer hulle om mense vir hulleself oor te wen met soet woorde en oorredende toesprake. Hulle belowe om die wêreld te red en wil jul ontneem van jul geloof in Jesus Christus, hulle wil julle verlei deur hom teen wie God julle gewaarsku het. Hulle preek liefde, tog is hul optrede heeltemal sonder liefde en hulle woorde is misleidend en skynheilig, dit is nie die Gees van God wat deur hulle spreek nie, maar eerder die gees van die een van onder.

Maar waar Jesus Christus egter in die wêreld bely word, d.w.s. waar die Gees van God Haarself uitdruk, daarna behoort julle te luister. Want Sy sal dieselfde Liefde verkondig wat Haarself aan die wêreld geopenbaar het deur Jesus Christus, Sy sal julle die weg na God wys, en Sy sal julle van die

Liefde leer wat julle slegs na God kan lei. Sy sal poog om die seëninge van die daad van verlossing aan julle op te dra en voortdurend verwys na Jesus Christus, die goddelike Verlosser, wat in die wêreld gekom het om julle sondes op Homself te neem deur Sy dood aan die kruis. Jesus Christus het in die vlees gekom, Hy het die weg op aarde geneem om julle te wys hoe julle bevry kan word van die slawerny van die wêreld, van die teenstander se slawerny. Hy het die weg op aarde geneem om julle ontwil, vir julle redding.

Julle behoort hom te volg en vir hierdie doel moet julle hom erken. So sal julle `n ware profeet kan herken, deur die feit dat hy julle sal lei na Jesus Christus, en in daardie geval kan julle geloofwaardigheid gee aan sy woorde, want die Gees wat aan hom getuig, is die Gees van God. Maar verwerp die stem van die een wat Christus teenstaan, want hy praat namens die teenstander van God, wat die mense in sonde wil lei en hulle na hul ondergang lei. Toets die geeste om te sien of hulle van God is. Maar, as God sy diensknegte aan julle stuur wat van Hom getuig, luister dan na hulle en voldoen aan hul onderrig, want hulle is Sy verteenwoordigers deur wie Hy Self met julle sal praat, sodat julle die regte weg na Hom sal vind.

Amen.

Ondeurgrondelike natuurkragte - Die wesenlike werking daarvan

B.D. No. **2744**
17. Mei 1943

Die mens kan die kragte van die natuur benut, hulle kan daarvan gebruik maak en dit vir hul planne diensbaar maak, hulle kan weer dinge laat ontstaan met behulp van hierdie natuurkragte, maar hulle is nie in staat om dit heeltemal te deurgrond nie. Dit bly vir hulle verborge in welke samehang hierdie kragte met mekaar staan en wat dit by nadere ondersoek eintlik is. En hulle sal nooit uitsluitsel daaroor kan verkry nie, omdat dit `n indringing in die geestelike gebied beteken, wat gladnie net suiwer deur middel van wetenskaplike navorsing betree kan word nie. Want die diepste grond van elke natuurkrag moet in die geestelike gesoek word en kan daarom nie verklaar word, solank as wat daar nie op die geestelike weg gegaan word nie, of as die geloof in geestelik werksaamheid nie absoluut teenwoordig is nie.

`n Ondersoek na waarheid roer onvermydelik die geestelike sfeer aan, die sfeer wat die mense gewoonlik niks van wil weet nie. En dus sal hulle slegs in soverre die kragte van die natuur kan deurgrond, as wat hulle dit aards kan verklaar en beredeneer. Die mens kan dus wetenskaplik slegs resultate toon wat hulle kan bewys. Hulle kan dus wel deur hul ervarings die uitwerking daarvan vasstel, maar nooit die oorsaak nie. Hulle word in `n sekere sin slegs beter vertroud met dit wat aards geuiter word en hulle kan dit tot in die fynste detail waarneem en dit dus ook deur middel van navorsing bewys en die krag daarop baseer. En daaraan beantwoordend kan hulle hierdie kragte bruikbaar aanwend.

Maar wanneer hulle kom by wat dit eintlik behels en watter doel dit het, is dit vir die mens nog `n onopgeloste raaisel en sal ook so bly, solank as wat die geestelike weg nie gegaan word nie. En hulle sal ook nie in staat wees om die elemente van die natuur te ondersoek, soos wat hulle hul buitengewoon uitleef nie. Want omdat hulle nie op hoogte is van hul oorsprong nie, is die tyd en aard van hul uitbarsting vir hulle onbekend. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat dit die invloed van die son is en daarop baseer hulle die natuurkragte wat egter vir hulle onverklaarbaar is. Hulle kennis is fragmentaries en vertoon groot leemtes op hierdie gebied. Hulle het wel, deur middel van navorsing, so ver gevorder dat hulle die uitwerking van die natuurkragte kan bereken en dit aan die hand van syfers kan vasstel, maar hulle sal nooit in staat wees om die oorsaak te deurgrond nie. En daarom sal hulle steeds weer verras word en sal nie vooruit kan aandui of en wanneer hierdie kragte werksaam sal word nie. Maar hulle sal die natuurelemente ook nie kan afskakel nie. Hulle sal nie in staat wees om dit te rem of tydelik te rangeer nie, want die kragte het `n noodsaaklike uitwerking, ongeag die sterkte en heftigheid, soos wat die tyd en aard ook nie bepaal kan word van wanneer die natuurkragte uitbars nie.

Daarenteen kan mense wie se gees gewek is, sonder enige wetenskaplike ondersoek, vooruit sien en sowel tyd en plek deurgrond. Maar slegs wanneer die tyd en plek gunstig sal wees vir die ontwikkeling van die mens, wat egter gewoonlik nie die geval is nie, om welke rede God dan ook die kennis daaroor van die mens weerhou, totdat die oomblik aanbreek waarop Hy Homself deur die natuurkragte bekendmaak. Want die kennis van tyd en plek sou `n onvoorstelbare chaos onder die mensdom veroorsaak, `n angs en paniek wat gladnie daartoe sou bydra om die positiewe ontwikkeling van hulle siele te bevorder nie. God bring die mense net naastenby op hoogte, om hulle te wys op die gewelddadige woede van die kragte en om hulle tot die regte ingesteldheid teenoor Hom te kry. Die mense, deur wie God hierdie kennis na die aarde stuur, is egter al sover geestelik volwasse, dat hulle op hoogte is van die oorsprong van alle kragte in die geesteryk. En daarom kan hulle die bekendmaking vanuit `n ware geloof in ontvangs neem en ook vanuit `n ware geloof bekendmaak, wat die ondersoekende verstandsmens egter gladnie kan herken nie, omdat die oorsprong daarvan onbekend is aan hom as navorser en hy nie geestelike verklarings ken nie.

En tog sal die bekendmaking van hom wat vooruitsien, ooreenstem met die waarheid, wat bewys sal word deur die verwesenliking van dit wat geestelik ontvang is, terwyl hulle, wat deur middel van hul verstand ondersoek, verras sal word, omdat hulle geen aanknopingspunte kon vind waaruit hulle `n uitbarsting van die natuurkragte kon aflei nie. Dit sal vir hulle verborge bly, omdat die goddelike Wil slegs opheldering aan diegene gee wat `n geestelike verbinding soek met die geestelike wesens, wat oor alles uitsluitsel kan gee omdat hulle van dit weet, wat andersins vir die mens verborge is, en wat maar slegs in die geesteryk verkry kan word.

Amen.

God se weë is dikwels onbegryplik

B.D. No. **2749**
22. Mei 1943

God se weë is vir die mense dikwels onbegryplik. Deur Sy Wysheid en Sy Liefde word die weë vir die mense uitgestippel, soos wat dit vir hul sieleheil nuttig sal wees, maar die mens is nie in staat om dit te herken nie, hy sien slegs die lyding, maar nie die seën van die lyding nie en hy sien ook nie die doel nie, veeleer kleef sy oë onophoudelik aan die weg wat dikwels onbegaanbaar lyk, hy sien net die klippe en mor en kla omdat God hom oor hierdie weg laat gaan.

En tog moet die mens weet dat God se Wysheid en Liefde hulle so die weg oor die aarde laat gaan, soos wat hul siele dit benodig. Want Hy is baie goed op hoogte van die toestand van die mens se volwassenheid, ook so oor die uitwerking van alle gebeure op hierdie toestand en dus beskik Hy alles wat vir die mense dikwels onbegryplik lyk.

Wanneer die mens uit eie aandrang in gevaar is om verkeerd te gaan, gryp God in tot sy redding, maar laat steeds nog die vrye wil aan hom oor, sodat hy nie die weg onvoorwaardelik moet gaan wat God aan hom voorgeskryf het nie, inteendeel kan hy volgens sy vrye wil gaan, hy word klaarblyklik slegs so gestuur sodat hy `n hoër leiding kan herken wanneer hy al die gebeure om hom heen bekyk.

Sodra hy vol vertroue raak, sal hy hom ook sonder teenstand oorgee aan die leiding van God en dan sal hy nie meer eis nie, maar sal hom gelate skik volgens die Wil van God, hy sal dus op die weg gaan wat God vir hom voorgeskryf het en ten slotte sal hy ook die Wysheid en die Liefde van God besef, sodra hy, volmaak van siel, aan die einde van sy aardse lewe sy weg oor die aarde terugblikkend oorsien.

Op dikwels wonderbaarlike wyse bring God mense saam wat mekaar moet help om opwaarts te gaan, omdat die een die ander nodig het vir sy positiewe ontwikkeling. Hy laat die mense gemeenskaplik deur die aardse lewe gaan, om aan hulle die moontlikheid te gee om mekaar in dienende liefde geestelik vooruit te help. Hy lei die mense in die mees uiteenlopende situasies in, waarin hulle volmaak kan word en dit sal steeds vir hulle onbegryplik wees, solank as wat hulle nie hul geestelike ontwikkeling insien as doel op aarde nie, want dikwels lyk dit asof God die geluk van

die mens ruïneer, maar dan was hulle in gevaar om deur die aardse lewe ten gronde te gaan, d.w.s. hulle het te weinig aan hul siele gedink, wanneer die aardse hulle vurige verlange vervul.

Daarom sal die mens meestal aardse geluk moet opgee terwille van sy siel en sy lewenslot sal dikwels so vreemd wees dat dit vir hom moeilik sal wees om in `n God van Liefde en Wysheid te glo.

Maar die geestelike ontwikkeling is die sin en doel van die aardse lewe en waar dit in gevaar is, waar nie daarna gestreef word nie, het die mens dikwels `n harde ingryping van die kant van God nodig. Sy weë is dikwels vol klippe en dorings, maar dit voer omhoog. En geseënd is hulle wat hulle sonder teenspraak op sulke weë laat plaas en die weë, ondanks alle hindernisse aflê, totdat hulle die doel bereik.

Hulle kan te alle tye terug op die breë goed begaanbare weg gaan, d.w.s. hulle kan vir hulself hul weg oor die aarde aangenaam inrig volgens hulle vrye wil, maar God beskik die gebeurtenisse in die lewe van die enkeling so, dat hy enorme wilskrag sal benodig om dit baas te raak, wanneer hy hom aan die invloed van God wil onttrek.

As hy hom egter deur God laat lei, dan gaan hy skynbaar wel `n baie moeilike weg, maar steeds met die steun van God en kom sodoende ook by die doel uit. Want die hardheid van die lot laat hom die weg na God makliker vind, as wat hy ver van Hom af sou staan, en dan sal hy alle hindernisse oorwin en sal hy ook insien waarom hy so `n weg moes gaan; hy sal leer om te verstaan dat slegs die Liefde en Wysheid van God aan die werk is, Wie die lewensweg van alle mense bepaal om hulle siele te red van die ewige verderf.

Amen.

Woorde van Liefde van die Vader

B.D. No. **2752**
24. Mei 1943

Bly My tog in liefde toegedaan, dan sal julle niks te vrese hê nie, wat ookal mag gebeur en vergeet nie dat wanneer Ek jou lot bestuur, alles wat oor jou gaan kom, goed is vir jou nie. Vergeet nie dat My Liefde jou lewe so sal vorm dat dit goed sal wees vir jou positiewe ontwikkeling nie. Glo in My Liefde, dan sal jy ook leer om alles te verstaan. Jy sal die swaarste geduldig verdra en jy sal My hulp in vaste vertroue verwag, wanneer die lewe vir jou ondraaglik lyk. My Liefde en My wil het immers net jou voltooiing ten doel. En My Wysheid ken die hulpbronne en die weë vir jou. Vertrou daarom op My, omdat Ek slegs op jou geestelike welsyn bedag is en niks oor jou sal stuur wat nie bevorderlik is hiervoor nie.

Word soos `n kind en laat jou sonder teenstribbeling deur My lei, steeds in die hoop en geloof dat Ek jou nie op `n verkeerde pad sal laat gaan nie, selfs wanneer die pad vol klippe en moeilik is. Eens sal jou siel My dank, omdat Ek jou tydens jou aardse lewe laat ly het. Wat is die kort aardse lewe in vergelyking met die ewigheid, waar daar heerlikhede vir jou wag waarvan jy as mens geen voorstelling kan maak nie? Waarom word jy moedeloos as jy in My glo?

Ek is die Liefde en die Liefde sal jou waarlik nie laat ly, as jy die leed nie vir jou siel nodig sou gehad het nie. Ek laat jou ly, omdat Ek jou liefhet en jou wil help, en omdat jy andersins nie die weg na My sou gevind het nie. Jou weg is vol dorings en moeilik, maar die breë weg, wat goed begaanbaar is, lei nie na My nie. Inteendeel, dit lei na die kamp van My teenstander en My Liefde kan nooit toelaat dat jy hierdie weg betree wat onherroeplik na die verderf lei nie.

Vertrou My en gee jou gewillig oor in my hande. Neem die kruis op en vra My, sodat Ek jou kan help dra. Word nie moedeloos en vertwyfeld nie, maar verheug jou daarin dat jy deur die leed bewus geword het van My Liefde, wat jy in elke leed sal herken. Wees geduldig en verwag My hulp, waarvan jy verseker kan wees as jy maar net glo. En as `n swakheid jou bekommer, as jy onseker word in die geloof, bid dan. Roep My aan, sodat Ek jou kan versterk. Stuur net `n gedagte op na My en Ek beveel jou in My genade aan, want Ek sal jou waarlik nie ongetroos laat nie. Ek sal jou versterk

en jou siel sal verheug wees, want sy sal My nabyheid voel en sy sal van die krag bewusword wat `n innige gebed tot My vir jou gee.

Solank as wat jy tweespraak met My kan hou, sal jy nie eensaam en verlate wees nie, want Ek hoor jou altyd en Ek let voortdurend op jou siel, dat sy volwasse sal word, solank as wat jy nog oor die aarde moet gaan. En Ek sal jou ook help wanneer die hulp vir jou liggaam nie duidelik gevoel kan word nie. Ek help dit wat onverganklik is, omdat die onverganklike by My hoort en dus ook na My toe moet kom. En so sal jy altyd My Liefde moet herken en alles gelate uit my hand aanneem, of dit vreugde is of leed.

Jou nood op aarde is gering te noem vergeleke met die nood in die hiernamaals, wat Ek jou wil bespaar deurdat Ek jou hard op aarde hanteer. Wees gelowig en vertrou op My. Eens sal jy insien dat slegs die Liefde My daartoe gebring het om jou op aarde met so `n groot leed te kwel, omdat Ek jou deur `n harde skool laat gaan het om jou te wen vir My ryk, om jou die ewige lewe in geluksaligheid te gee in hierdie ryk. Solank as wat die las van die aardse lewe nog op jou druk, sal jy nog nie volkome die Liefde van jou Vader vir jou besef nie. Maar Ek roep jou trooswoorde toe: Gee die liefde vir My nie op nie, sodat My Liefde jou kan vashou en jou duisendvoudig skadeloos kan stel van al die aardse lyding en alle behoeftes. Neem jou toevlug tot My, sodat Ek jou leed kan help dra. En word nie moedeloos nie, want jou lewe op aarde duur nie vir ewig nie. Ek beëindig dit en sal jou siel na My roep wanneer jou uur aanbreek.

Amen.

Maak jou hart oop

B.D. No. **2762**
1. Junie 1943

Maak jou hart wyd oop en wees bereid om My in die Woord op te neem. En laat jou wil daartoe aktief word, want slegs as jy ernstig wil dat Ek by jou vertoef, sal jy ook sterk wees om jou so te ontwikkel soos wat dit nodig is vir my teenwoordigheid by jou. My Woord getuig van My Liefde en Ek wil dat My Liefde jou gelukkig maak, dan sal jy ook vol liefde wees.

Jou hart moet vol liefde vir My klop en vurig na My verlang. Dan eers kan Ek in die Woord by jou vertoef. Ek kan dan met jou as My kind praat en jou deur My nabyheid gelukkig maak. Open daarom jou hart. Wil dat Ek nader aan jou kom. Maak jou gereed om My te ontvang en word liefde. Niks anders kan jou met My laat saamsmelt as slegs die liefde nie. Want as jy in die liefde leef, pas jy jou aan by My, die Liefde Self. Liefde moet jou hele hart vervul. In die liefde vir jou naaste moet die liefde vir My tot uitdrukking kom. Dan is Ek ook met al My Liefde by jou en sal jy vir ewig Myne wees. En dit is jou taak op aarde, dat jy jou tot liefde omvorm, dat jy jouself oefen in deemoed, sagmoedigheid, vredeliewendheid en geduld. Dat jy altyd `n voorbeeld sal neem uit My lewenswandel op aarde en My dus sal navolg deur `n lewe te lei, soos wat Ek dit gelei het, naamlik in barmhartige naasteliefde. Dit is jou taak op aarde. En daarvoor gee Ek jou die krag wanneer jy daarvoor vra en jou oopmaak vir die vloei van krag wat deur My Woord na jou sal vloei, deur My goddelike genadegawe wat ewig en altyd aan My skepsels oorgedra word, wat hulle tot liefde omvorm, deur hulle wil op My te rig en om naby My te wil wees en dit te laat blyk deur werke van liefde.

My Woord is die onoorwinlike kragstroom wat na julle mense afvloei. En wie My Woord het, wie dit in homself tot lewe wek, sal met My krag deurstroom word. En hy sal nou poog om met al sy sinne by My uit te kom. Hy sal doen wat Ek hom deur My Woord te doene sal gee. Hy sal my gebooie vervul en sy siel sal meer volwasse word. Want nou ontbreek dit haar nie aan krag nie, omdat sy dit voortdurend van My in ontvangs sal neem. En My Liefde vir jou ken geen grense nie en daarom droog die kragstroom ook nooit op nie. Daarom sal Ek ewig en altyd in die Woord na die mens kom om hulle deur die krag van My Liefde, deur die krag van My Woord, na My omhoog te trek. Want wie My Woord het, die kom My tegemoet, omdat die Liefde ook in hom is, wat `n deel van My is en wat Haarself met My wil verenig.

Open jou hart wyd en verleen toegang aan My Liefde. Berei `n woning vir My in jou, sodat EK my intrek daarin kan neem en in jou kan werk, en jy sal al op aarde gelukkig wees. My Liefde sal jou iets bied wat onvergelykbaar mooier is as wat die wêreld jou kan bied. My Liefde maak jou vry van alle gebondenheid. My Liefde skenk jou `n ewige lewe in alle krag en heerlikheid. Maar jy sal hierdie Liefde van My moet wil ontvang, omdat Ek jou nie kan beloon sonder jou wil nie, omdat Ek vrye skepsels my eiendom wil noem en nie deur dwang op jou kan inwerk ter wille van jou geluksaligheid nie.

Verlang daarom vurig na My met al jou sinne. Strewe nie na die wêreld en haar vreugdes nie, maar soek jou ware lewe, jou ware vreugde by My, wat jou oorvloedig kan beloon wanneer jy My toegang verleen tot jou hart. Laat My tot jou spreek in die Woord en aan jou krag gee. Laat My in jou woon en as voortdurende begeleier naby aan jou wees, en jy sal nooit meer die las van die aarde voel nie. Jy sal deur My op veilige paaie gelei word, die ewige Vaderland - die ryk wat Ek vir jou berei het - tegemoet.

Amen.

Die geloof aan `n lewe van die siel na afsterwe - God se genade

B.D. No. **2767**
7. Junie 1943

Deur die genade van God word daar vir julle `n weg getoon, wat, as julle daarop gaan, julle onherroeplik omhoog sal lei. Daar is geen gawe van Bo so seënryk as die aanbied van die goddelike Woord nie, want dit gee julle die riglyn vir julle aardse lewenswandel en verklaar aan julle die wil van God. En die vervulling van die goddelike Woord is `n geestelike voordeel, wat die doel en die betekenis van die aardse lewe is.

Die mensdom se geestelike armoede, sy ontstellende lae emosionele graad van volwassenheid, word nie erken deur die mens nie, hulle glo nie in `n hoër geestelike ontwikkeling op aarde nie, want hulle is fisies en geestelik slegs verbonde aan die aarde. Al hul voornemens en pogings streef slegs na die bymekaarmaak van aardse goedere, en die vervolmaking van die siel as die doel van die aardse lewe word slegs as `n fantasie van die verbeelding beskou, wat vanuit die menslike wil voortkom en nie bewys kan word nie.

Slegs weinig glo aan `n lewe na die dood, maar alleen hierdie geloof maak die noodsaaklikheid van hoër ontwikkeling op aarde verstaanbaar, want slegs dan maak die hele skepping sin, naamlik om die hoër ontwikkeling van die gees te dien.

Maar omdat die geloof by die mense ontbreek omdat hulle `n lewe van die siel na die dood ontken, besef hulle nie dat daar ook `n geestelike doel met die skepping is nie. Hulle sien eerder dat die aardse lewe self die sin en doel daarvan is en hulle dink dat alles bestaan om die liggaam te dien, om dit te voorsien met die grootste moontlike gemak. En hierdie houding verhoog nie die graad van volwassenheid van die mens nie, maar bevorder eerder die verlaging daarvan, as die mens nie hulp ontvang nie, as die liefde van God hom nie te hulp kom met Sy genade en hom verlig nie.

En hierdie genade stroom hul nou toe, maar dit word gladnie deur baie mense besef nie, anders sou hulle verheug gewees het en sou hulle hul stryd op aarde met toenemende weerstand gestry het. Maar die mensdom is geestelik blind. Hulle herken nie die suiwerste waarheid vanuit die Hemele nie en het slegs oë vir die wêreld. Hulle verstaan al die wêreldse dinge, maar dit ontbreek hulle aan die innerlike drang om bo-oor hierdie dinge te kyk om die verborge dinge te leer ken, want niemand kan aan hulle bewys lewer van die lewe na die dood nie.

Amen.

Betekenis van Jesus se kruisiging en gevolge van verwerping.

B.D. No. **2768**
8. Junie 1943

Jesus Christus het aan die kruis gesterf vir die hele mensdom en die mensdom wil hierdie kruisiging as `n geringe puntjie beskryf, as die uitvoering van `n vonnis van `n nasionale aktivis of selfs geheel en al as `n onwaarskynlike mite. Daarom ontneem mense hulself van elke aanspraak op God se barmhartigheid, omdat hulle die grootste werk van barmhartigheid nie erken nie, daarom kan God se barmhartigheid hom ook nie in hulle uitdruk nie. As gevolg hiervan bly hulle wil swak, want God se teenstander wil die menslike wil onderwerp in sy guns, d.w.s. die individu kry nie die krag om hierdie invloed te weerstaan as hy nie Christus se daad van verlossing aanvaar nie. Jesus se offer vir die mensdom kan nooit daardeur verminder word nie. Maar mense wat probeer om Jesus se daad van Verlossing te verminder of heeltemal ongeldig te maak, kom geestelik ooreen met die mense tydens Jesus se tyd op aarde, daarom moet hulle ook dieselfde gevolge aanvaar, hulle moet hulself voorberei vir baie verwoesting, soos wat die lot was van diegene wat vyandig teenoor Jesus Christus op aarde was, wat geweier het om Hom te erken as die Seun van God en Verlosser van die wêreld. Aangesien daardie mense volgelinge van Satan was, het hulle hulself toegelaat om so deur hom beïnvloed te word, dat hulle al die getuienis van Jesus Christus teengestaan het en hulle het Hom verkleineer en alles onderdruk wat Hy geestelik volbring het.

En nou strewe die mense daarna om dit wat nog van Jesus se tyd op aarde getuig, te vernietig, en in vergelyking stem dit ooreen met dieselfde chaos wat in daardie dae plaasgevind het. Geestelik en fisies sal hierdie chaos homself in algehele vernietiging uitdruk, wat die menslike wil nie langer sal kan ontduik nie. Jesus se kruisiging was die enigste manier om die menslike denke op aarde te transformeer, d.w.s. Jesus Christus se offer vir die mensdom het die brose wilskrag van die mens versterk, wat hom in staat stel om met oortuiging weerstand te bied teen die teenstander se eise, sonder om deur hom oorweldig te word. Die erkenning van God in Jesus Christus is dus terselfdertyd die mees betroubare waarborg vir die mens om homself los te maak van die teëstander. Jesus Christus se kruisiging het die mense `n sterker wil gegee. Die mens kan nie hierdie wil op enige ander manier gebruik nie, want sonder Jesus Christus sou hy nog steeds onderworpe gewees het aan die krag van God se teenstander en voldoende wilskrag sou hom ontbreek het om homself te bevry.

Die bedoeling van die wêreld om Jesus Christus dus te ontken, is uiters belangrik, omdat dit die weerstandskrag verminder en voortdurend die invloed van die teenstander van God verhoog. Die mensdom se gedrag openbaar dus steeds meer liefdeloosheid, as gevolg van hierdie invloed, wat slegs teengestaan en geneutraliseer kan word deur Jesus se kruisiging. Die siele van die mense is in uiterste gevaar, omdat hulle sal misluk wanneer van hulle verwag gaan word om Jesus Christus voor die wêreld te bely. Slegs die geloof in Jesus se kruisiging sal mense in staat stel om dit te doen, want slegs dan sal hulle wil sterk genoeg wees om elke weerstand te oorkom. En Jesus Christus het vir hierdie wilskrag van die mens betaal met Sy dood aan die kruis. Hy het hulle vrygemaak van die teenstander se gevangenskap, as hulle in Hom glo.

Amen.

Die geloof in God as oorsprong van die skepping

B.D. No. **2771**
12. Junie 1943

Die oorsprong van alle dinge is Ek en as jy die oorsprong wil ontken, erken jy My nie as skeppende krag en gevolglik ook nie as die magtige Wese wat uit Homself kan voortbring wat Hy wil nie. Jy dink dan dat alle geskapenes uit hulself ontstaan het, sonder die inwerking van `n krag wat `n wil het. En dus glo jy ook nie aan `n formeerder en bewaarder van dit wat vir jou sigbaar is nie. Inteendeel, jy beskou die natuur, sowel as elke skepping, as produkte wat vanself ontstaan het en wat daarom onder geen enkele Mag geplaas is wat hulle beheer nie, wat dus deur geen wil bestuur word nie. En hierdie heeltemal onjuiste mening maak jou onbekwaam om te glo in `n Wese wat in die innigste verbinding staan met dit wat Hy deur eie mag en krag geskep het, want as jy die oorsprong van die skepping ontken, sal jy ook geen verbinding soek met die Skepper nie. Dus sal jy Hom nie

liefhê nie, en ook nie vrees nie en daarom sal jy ook nooit aan jouself werk om nader aan Hom te kom nie.

Dit ontbreek jou aan geloof, ook aan liefde en gevolglik ook aan die waarheid, want jy roep nie die Skepper van hemel en aarde aan wat jou met alles kan voorsien wat jou ontbreek nie. Sonder die geloof in My kom jy nie nader aan die waarheid nie. En om in My te glo beteken om My as Skepper van hemel en aarde te erken en jouself as voortbrengsel van My te sien, wat onskeibaar van My is, selfs wanneer jy skynbaar geïsoleer in die skepping staan. Ek is van ewigheid tot ewigheid en alles wat uit My is, is onverganklik, dus ook ewig in sy oersubstansie.

Die sigbare vorm bly egter nie ewig bestaan nie. Dit is verganklik, al gaan daar ook eindelose tye verby, voordat al die sigbare hul sal vergeestelik het. Hierdie sigbare vorm is wel verganklik vir die menslike oog, sodra die wese daaruit ontsnap om `n nuwe vorm te bewoon, met sy verdere ontwikkeling as doel. As jy My erken as oorsprong van alle dinge, dan weet jy ook dat alle krag wat van My af uitgaan, na My moet terugstroom. Dat die skynbare verganklikheid van die skepping dus die proses is om die geskapene terug te kry, wat My as Skepper en Bewaarder nie wou erken nie, homself dus geïsoleer het en probeer het om die verbinding met My te verbreek.

Wie My erken, probeer ook met My verbonde te bly. Hy glo in My en hy word deur die geloof wetend. Hy weet dat die skepping, die sigbare, net `n middel is tot die doel, maar dat dit nie ewig sal bly bestaan nie, omdat dit net die omhulsel is van die onvolwasse wese wat tot volmaaktheid moet kom. Maar wie geen voeling het met die oneindigheid nie, wie wel die skepping, maar nie sy Skepper sien nie, sy verstand sal nooit die oorsprong en doel van die skepping deurgrond nie.

Hy dink dat hy wetend is, maar is blind in die gees. En sy denke is verkeerd. Die geloof in My as Skepper en Bewaarder van alle dinge ontbreek hom. En sonder hierdie geloof kan hy homself nie met My verbind nie en gevolglik ook nie in My as die Oerkrag opgaan nie, wat die uiteindelike doel is van alles wat vir jou sigbaar is.

Amen.

Inkarnasie - instinkte - voorlopige stadiums

B.D. No. **2775**
15. Junie 1943

Die beliggaming van `n siel kan plaasvind wanneer alle substansies, wat in die mees verskillende skeppings die weg op aarde afgelê en hulself hoër ontwikkel het, hulself daarin verenig het. Want elke skeppingswerk moet in die sielesubstansie aanwesig wees om te inkarnarneer, dit is sodat die menslike liggaam nou die omhulsel word van so `n siel, wat al die lewende skeppingswerke in miniatuur in haarself berg. Die eindelose lang aardse weg van voorheen het die samesluiting teweeggebring van al hierdie substansies en hulle wag nou op hulle laaste beliggaming. Hulle word as siel in die menslike uiterlike vorm ingelyf om die laaste stadium van ontwikkeling deur te maak.

Hierdie beliggaming se tydsduur verskil, na gelang van die volmaaktheid van die afsonderlike substansies. Hulle het in hulle voorstadiums ook al `n sekere mate van vryheid gehad, ofskoon hulle in `n gedwonge toestand volgens die wil van God werksaam was. Maar in die laaste stadium voor die beliggaming as mens, word hierdie dwangtoestand reeds meer en meer verslap, sodat sekere instinkte verminder of selfs verhoog kan word. En dit het weer `n hoër of laer graad van volwassenheid tot gevolg, wat nou weer op sy beurt die duur van die laaste beliggaming as mens sal bepaal.

Sodra alle sielesubstansies hulself versamel het tot `n menslike siel, strewe hulle na hierdie laaste beliggaming op aarde, want hulle weet dat die menslike dop hulle laaste fisiese omhulling sal wees en dat hulle na hierdie bedekking, van alle aardse beperkings kan vrykom. En om daardie rede spandeer die siel slegs tyd daar waar die geleentheid haar gebied word om te inkarneer. Begryplikerwys sal sy haaself inkarneer waar mense se karakter aanpas by haar toestand van volwassenheid, dus daar waar die mense dieselfde instinkte en kenmerke het wat met haar eie wese ooreenkom.

Hoe dit ookal sy, dit sluit nie uit dat `n anders ingestelde siel nie sal poog om met vreemdgeaarde mense te inkarneer nie, slegs om haar eie beliggaming te versnel, maar dan moet sy dikwels worstel met bykomende probleme gedurende haar aardse lewe, omdat daar geen rekening gehou was van haar geaardheid nie en sy nie die eise wat aan haar gestel was, kon nakom nie.

Nietemin, aangesien die siel al vooraf haar aardse lewensweg ken, word sy nie verhinder as sy self hierdie keuse maak nie, aangesien sy die middele tot haar beskikking gehad het om finale volwassenheid te bereik in elke beliggaming. As gevolg van haar talle vroeëre diverse vorme, het sy alle aanlegte van verskillende grade binne haarself en kan dit laat toeneem of verminder volgens haar wil. Sy is dus nie onbekwaam nie en die krag daartoe sal aan haar volgens haar wil toebedeel word. As sy egter lou is in haar strewe, dan sal sy in daardie dieselfde toestand van volwassenheid bly voor haar beliggaming as mens en in daardie geval het die inkarnasie geen hoëre ontwikkeling meegebring nie. Sy sal weliswaar ten tye van haar dood haar fisiese omhulsel afgooi, maar haar begeertes en instinkte, wat sy gedurende haar aardse lewe moes oorwin, sal haar nog met die materiële wêreld verbind.

Sy het derhalwe nie ten volle gebruikgemaak van haar aardse inkarnasie nie en wanneer sy agterkom dat sy haar reg verkwis het om kind van God te word en dit ook nie meer kan bereik nie, ervaar sy `n onbeskryflike toestand van berou, alhoewel daar nog `n oneindige aantal geleenthede in die hiernamaals haar tot beskikking staan om tot die die aanskoue van God te kom.

Maar `n geïnkarneerde siel sal haarself eendag voor God moet verantwoord inhoeverre sy die aardse moontlikhede benut het en welke geestelike vordering sy by haar heengaan bereik het, want die beliggaming as mens is `n barmhartigheid wat nie hoog genoeg geskat kan word nie. Dit is `n gawe wat die mens behoorlik moet waardeer, deurdat die mens alles moet doen wat vir sy opwaartse ontwikkeling dienstig is, want hy kan nie meer terugkom aarde toe wanneer hy dit eenmaal verlaat het nie.

Amen.

Die wil om te lewe - Angs vir die dood

B.D. No. **2776**
16. Junie 1943

Die wil om te lewe is sterk ontwikkel in die mens, solank as wat die siel se volwassenheid baie laag is, wat ook verstaanbaar is, aangesien die wêreld haar nog gevange hou en voorgee om haar begeertes te vervul. Die mens vind dit uitermate moeilik om die aardse lewe op te gee, solank as wat hy nie glo aan `n lewe na die dood nie, want laasgenoemde maak dat hy heel anders na die lewe op aarde moet kyk. `n Diepgelowige mens beskou die aardse lewe slegs as `n intermediêre plek, as `n skool wat hy moet bywoon om toegelaat te word tot die koninkryk waar die ware lewe begin. En hierdie geloof sal hom ook krag gee om alle hindernisse en probleme van die aardse lewe te oorkom, terwyl die ongelowige dikwels ineenstort en sy lewe weggooi in die veronderstelling dat hy dit self permanent kan eindig. Enigeen met `n sterk geloof sal sy lewe met graagte oorgee as dit van hom vereis word, want hy rig sy aandag op die lewe na die dood van die liggaam en sy verlange na die vereniging met God, omdat hy primer voel dat dit die ware lewe is. Solank as wat die mens slegs aandag skenk aan die aarde en sy goedere, belemmer hy sy strewe na bo, want hy begeer dan die wêreld met elke vesel van sy wese en die gedagte om eendag van hierdie wêreld te moet skei, is ondraaglik en neerdrukkend vir hom.

En hieruit word sy geestesgesteldheid geopenbaar, want sy liefde vir die wêreld verklein sy liefde tot God en ander mense en dus is die mens nog geestelik onvolwasse, d.w.s. sy siel het nog nie verenig met die gees in hom nie, want hy is nog nie bewus nie en weet van niks beter as sy lewe hier op aarde nie. Dan vind hy ook elke gedagte aan die dood verskriklik, want hy wil lewe om te geniet, hy begeer die goedere van die wêreld en negeer geestelike waardes. En hierdie lae geestelike vlak kan nie genoeg afgekeur word nie, aangesien die mens nou in die grootste gevaar verkeer om sy aardse, sowel as sy geestelike lewe te verloor. As hy sy aardse lewe nie benut om kontak met God te kry nie, sal hy sy lewe tevergeefs geleef het en dit is beter dat hy sy aardse lewe verloor, as om onder te gaan in liefde vir die materie, wat dieselfde is as geestelike dood. Aardse lewe is `n genade wat aan die mens

gegee word vir hoër ontwikkeling en om bo die materie uit te styg om sodoende die geestelike koninkryk te kan binnegaan.

Solank as wat die gedagte aan die liggaamlike dood vir die mens ondraaglik is, slaan hy geen ag op sy werklike aardse opdrag nie. Die wil om te lewe is so sterk in hom dat hy alles sal doen om hierdie lewe te beskerm en te verleng in die oortuiging dat sy lewe in sy eie hande lê, en weereens is hy bevrees om dit voortydig te verloor. Slegs wanneer hy rekening hou met die hiernamaals en glo aan `n lewe van die siel na die dood, begin die verskrikking van die dood te bedaar en dan verstaan die mens dat sy aardse lewe maar `n voorstadium is van die ware lewe wat ewig sal duur.

Amen.

Verleiding in die vorm van aardse vermaak

B.D. No. **2778**
18. Junie 1943

Julle mag nie glo dat die teenstander julle met rus sal laat nie, selfs wanneer julle na God streef. Sy werksaamheid is onbegrens, solank as wat die wil van die mens swak is. Slegs `n sterk wil kan hom die weerstand bied wat hy nie kan oorwin nie. Steeds is dit die wil wat deurslaggewend is of hy mag oor `n mens kan verkry. Maar as die wil egter swakker word, word sy invloed ook weer sterker en die verleidinge kom in die mees uiteenlopende wyses na die mens toe. En daarom moet hy voortdurend worstel, hy moet voortdurend om krag en genade vra vir die versterking van sy wil, hy moet konstant op sy hoede wees om nie te beswyk voor die versoekings van die bose nie, hy moet waaksaam wees en bid, want die prys is die stryd werd.

Die mens word steeds weer oor en oor gekonfronteer met die wêreld en sy verlokkinge en dit is die doeltreffendste middel van die teenstander om die mense tot `n val te bring, want alles wat deel uitmaak van die wêreld, skei die mens van God. Hy kan nie God en die wêreld tegelyk besit nie, hy moet die een opoffer as hy die ander wil verwerf. Die wêreld bied egter slegs skyngoedere, wat drogbeelde is, wat die mens maar tydelik gelukkig maak en wat in die niet vergaan. Dit het geen blywende waarde nie, vernietig daarenteen selfs nog die geestelike waardes, d.w.s. dit lei die mens af van die geestelike strewe en dit is `n stap agteruit op die weg van ontwikkeling.

Die teenstander is onophoudelik daarop bedag om die mens van God te verwyder en daarom benader hy hom steeds in die vorm van wêreldse vermaaklikhede, hy lok hom met die vreugdes van die wêreld, hy trag om sy sinne hierop te rig en hom dus aan God ontrou te maak. En as die mens hom nie teenstaan met `n vaste wil nie, dan sal hy die onderspit delf en dan het die teenstander die spel gewen. Terwyl die liggaam van die mens aan genietinge deel, kom die siel daarenteen in nood, want met dieselfde mate wat die persoon die aardse genietinge geniet, word die siel te kort gedoen. As die siel sterker as die liggaam kan word, dan sal dit slaag om die mens in `n ontevrede stemming te bring, dit is die innerlike vermanings en waarskuwings wat deur die innerlike stem aan die mens oorgebring word as hy maar net ag sal slaan daarop. Dan sal hy alles in werking stel om die verlange na die wêreld te oorwin en weer met toenemende vasberadenheid na die geestelike streef. En hierdie vasberadenheid sal hom ook die krag en die genade gee om dit te bereik.

Maar die stem van die wêreld is egter dikwels sterker as die innerlike stem, in daardie geval sal laasgenoemde ongehoord vervaag en hy sal homself steeds dieper in die maalstroom van wêreldse genoegdoening stort, want hy wil homself geniet en word gevang in die teenstander se vangnette van leuens, wat die mens steeds hegter aan hom vasketting, deur aan hom die vreugde van die wêreld te bied en om hom heeltemal onontvanklik te maak vir geestelike goedere. Hy het sy wil gebonde gemaak en sal homself moeilik van hom kan losmaak, want die mens moet homself met sy eie krag afwend en na God verlang, voordat die krag en genade werksaam kan word in homself.

Daarom, behoed julle teen die bekoringe van die wêreld. Besef dat die teenstander van God weer en weer op julle sal afkom en dat slegs julle wil hom kan verdryf. Waak en bid sodat hierdie wil sterk genoeg mag word. Gee aandag aan die gevare wat aanhoudend vir julle lê en wag in die vorm van wêreldse versoeking en smeek vir die krag van God om dit te kan weerstaan, want elke val is `n

geestelike regressie en elke oorwinning bring julle nader aan die doel. Wat God julle aanbied, is onvergelykbaar waardevoller en kan nooit deur wêreldse goedere, deur wêreldse vreugde of vermaak vervang word nie. Wees waaksaam en weet dat julle deurlopend onder druk geplaas word deur God se teenstander, wat probeer om julle tot `n val te bring. En daarom, doen `n beroep op God vir krag en versterking van julle wil, sodat julle elke versoeking kan weerstaan.

Amen.

Verwoestings deur menslike wil

B.D. No. **2785**
24. Junie 1943

`N Algemene moedeloosheid sal hom van die mense meester maak by die aanskoue van die verwoesting wat die menslike wil sal verrig. Daar sal `n tyd aanbreek waarin niemand meer seker sal wees om goed te besit of te behou nie. En ook dit is `n teken van die eindtyd, dat die mense ernstig vermaan moet word om die goedere van die wêreld te verag, om slegs geestelike goedere na te streef en hulle voor te berei op die einde, wat vir almal so naby is.

Dit sal `n angstige tyd wees. En die mense sal amper nie meer hul wil kan inspan om hul lewe te omvorm nie, omdat hulle die verganklikheid sal insien van alles waarmee hulle begin. En die lewe sal vir hul ondraaglik lyk. Maar met die oog op die nabye einde sal hierdie toestand van lyding nodig wees vir die mense, wie net daardeur tot die insig kan kom dat die aardse lewe nie die belangrikste doel van bestaan is nie. Elke skepsel sal die stryd gedurende die eindtyd aan die lyf voel. Want ook in die diere- en planteryk het dit sy uitwerking en `n steeds vinniger omvorming sal die gevolg daarvan wees.

En ook sal die mens hul aardse bestaan vroeër beëindig, deels deur die werke van vernietiging, wat deur die menslike wil ontstaan het en deels deur goddelike ingryping wat ook talle menselewens sal eis. Maar al hierdie slagoffers moet die oorlewendes weer tot insigte bring. Hierdie laastes moet bewus gemaak word van hoe vinnig die dood die lewe kan beëindig, sodat hulle aan hul siele sal dink en aan die lewe na die dood. Die dood moet aan die mense verklaar word, omdat hulle andersins die aardse lewe as sodanig te hoog sal waardeer en daardeur in gevaar kom om die eintlike doel van hul lewe op aarde te vergeet.

En dit verg uitermate pynlike gebeure, want die mense gaan gevoelloos by leed en ellende verby as dit nie buitengewoon groot en oorweldigend is nie. Die mense kan nog nie reg van onreg onderskei nie. Hulle dink slegs aan hul eie voordeel en noem alles goed wat dit aan hulle gee. En aan die naaste en sy nood dink hulle nie.

En so kry die teenstander van God `n oorwinning, deurdat hy op sy ergste manier van doen nog nie herken word nie, maar instemming en toegewendheid ontvang. Maar solank die mens nie insig verkry dat hy deur bose kragte beheer word nie, solank hy die werksaamheid daarvan nie verafsku nie, sal hy nie die regte pad vind nie.

En daarom moet die onreg so naby gebring word. Hy moet dit aan sy lyf voel, dit wat liefdeloosheid voortbring. En hy moet homself deur sy eie leed verander. Hy moet wegdraai van die gedrag van die mensdom, wat onder die invloed van die Satan is. En hy sal dit eers doen wanneer hy die nietigheid insien van aardse goedere, waaruit slegs begeertes en bose eienskappe voortkom, wat lei tot die grootste misdade. Want dit is slegs aardse goed, waardeur die mense die grootste leed aan hulself doen.

Dit sal nie meer lank duur voordat alles aan ondergang prysgegee gaan word nie. En hierdie kort tyd sal nog `n tyd van bitterlike leed wees vir die mensdom, omdat hulle ver daarvan af staan om hulle voor te berei en so min aan die lewe na die dood te dink. Maar God sal alle middele aanwend om hulle gedagtes daarop te rig. En dus sal Hy dit toelaat wat die menslike wil nastreef, om die mens nog te red, deurdat Hy die verganklikheid van aardse goed aan hulle sal voorhou, asook van die lewe van die liggaam en sal hulle daardeur tot insig bring.

Amen.

Luister innerlik - Geskenke van bo - Alles wat goed is, is goddelik

B.D. No. **2787**
25. Junie 1943

Elke geestelike gawe vereis onverdeelde aandag vir die goddelike uitdrukking van wil, dit beteken dat die mens innerlik moet luister om hierdie wilsverklaring te hoor. God se wil kan slegs geopenbaar word aan iemand wat terugtrek in sy innerlike lewe, omdat God se stem slegs waarneembaar is in die mens se hart en dus moet `n persoon innerlik luister as hy God se stem wil hoor. En daarom moet `n persoon hom eers losmaak van die wêreld, dit wil sê, hy moet heeltemal vry wees van gedagtes oor aardse belange, hy moet `n verbinding met die geesteryk vestig deur bewustelik innerlik te fokus en in stille kommunikasie wees met die geestelike wesens wat in `n perfekte toestand is of met die ewige Godheid Self.

Hy moet sy geestelike nood aan God verklaar en vra om gelei te word na verwesenliking, hy moet poog om volgens die goddelike wil te leef en moet die ernstige wil hê om God se stem waardig te word, dan sal God ook Sy stem laat hoor in die hart van iemand wat dit wil hoor. Want God benodig mense wat duidelik en verstaanbaar aan hul medemens kan oordra wat die stem van die hart aan hulle oordra, en gevolglik sal hulle ook altyd bereid wees om mense te onderrig volgens die waarheid. Daarom verwag Hy ook die aandag van diegene wat bereid is om die kennis wat hulle ontvang het oor te dra, want hierdie kennis is so omvangryk dat mense elke dag en elke uur iets nuuts aangebied kan word. Maar dit moet ook akkuraat oorgedra word, en dus moet die onderwyser self kundig wees en altyd en ewig hierdie kennis aanvaar, en dit verg konstante geestelike konsentrasie, d.w.s. die ontvanger moet die siel gewillig losmaak van die liggaam en homself heeltemal oorhandig aan die werking van geestelike kragte. Hy moet luister na wat sy geestelike vriende aan hom meedeel en weet dat elke boodskap van die geesteryk vir hom aangebied is volgens God se wil, dat hy dus die waarheid ontvang wat hy presies net so moet oordra. Dus mag sy eie verstandelike begrippe nie die kennis wat hy ontvang, voorafgaan nie, maar hy moet streng hou by dit wat vir hom van bo aangebied word. So gou as wat die persoon versuim om te luister na die stem in sy hart, kan hy nie onderrig ontvang nie, want God sal Homself nie meer merkbaar openbaar nie, om nie mense se godsdienstige vryheid in gevaar te stel nie. Maar aan die luisteraar sal Sy stem so helder en duidelik klink dat hy dit nie sal kan misverstaan nie, en so groei hy in wysheid want hy is onderrig gegee deur God Self, Wie ook Sy hemelse boodskappers gebruik om die waarheid oor te dra aan mense op aarde deur Sy toegewyde aardse kind.

Maar God is ten alle tye die Gewer van die gawes van bo, want dit is God se stem wat hoorbaar deur `n persoon ervaar word wanneer hy aandagtig innerlik luister. Alles wat goed is, alles wat `n persoon aanspoor om goed te doen, wat Hom leer om lief te hê en hom wys in die rigting van God, is `n goddelike geskenk. En hierdie instruksies word altyd aan `n persoon gegee as sy strewe na God en die ewige waarheid is en as sy hart hom ontvanklik gemaak het deur die wil om die stem van God te hoor en deur `n God-welgevallige lewenswyse, anders sal die begeerte na God nie gewortel word in die persoon nie. Maar dan sal sy gedagtes beïnvloed word deur God Self en die geestelike wesens gewy aan God, en hierdie gedagtes sal hoofsaaklik in sy hart ontstaan en moet slegs begryp word deur die persoon se wil deur innerlik te luister na die goddelike gawes wat hy aangebied word. As die persoon `n lewe van liefde leef, sal hierdie gedagtes so `n onuitwisbare indruk op hom maak dat hy hierdie gedagtes sal aanvaar sonder om te twyfel dat dit die goddelike stem is, omdat hy deur die liefde reeds so verenig is met God, dat Hy Sy wil sal ken en altyd daarna sal streef om dit te vervul.

Amen.

Nakomelingskap - die siele wat wag

B.D. No. **2795**
3. Julie 1943

Tallose siele wag vir die beliggaming, daarom moet nuwe geslagte steeds oor en oor ontstaan. Daar moet steeds weer mense gebore word waarin die siele hulle verblyf kan neem, gedurende hulle laaste ontwikkelingsperiode op hierdie aarde.

En daarvoor is die bereidwilligheid van die mense op aarde altyd weer nodig, sodat `n siel haarself kan inkarneer en dit is tewens `n daad van liefde vir die onverloste, wanneer die mens `n siel geleentheid gee vir haar laaste beliggaming op aarde. En daarom moet die wil om `n nuwe lewe te verwek, aanleidend wees tot elke verbinding tussen man en vrou. Maar as hierdie wil ontbreek, dan word `n wellustige funksie uitgevoer, wat egter slegs die verwekking van `n menslike lewe ten doel moes gehad het. En daar word baie gesondig op hierdie gebied, d.w.s. die goddelike wil word nie meer in ag geneem nie. Die liggaam word nie vir sy eintlike opdrag gebruik nie en die gevolg daarvan is dat baie siele vergeefs wag en kan hulself nie beliggaam nie, ofskoon hulle die graad van ontwikkeling, wat `n beliggaming toelaat, bereik het. Hierdie siele hou hulself op in die nabyheid van die aarde en probeer om mense aan te spoor om hulself te verenig, wat meestal die geval is wanneer die mense in liefde verbonde is. Die liefde moet die dryfkrag wees tot `n verbinding waarvan `n nuwe lewe uitgaan. Die liefde tussen twee mense is noodsaaklik, as die tot lewe gewekte siel die moontlikheid wil hê om in die kort tydjie op aarde `n vowassenheid te verkry wat die ingaan in die ligryk toelaat.

En `n verbinding sonder liefde gee siele geleentheid tot beliggaming waarin verkeerde neiginge nog sterk oorheers en hulle het daarom gedurende die aardse lewe `n buitengewone stryd om hierdie neigings te oorwin. Die wil van die mens om nakomelinge te verwek, is ook meestal verbonde met liefde vir mekaar, dit is vir die geïnkarneerde siel van groot voordeel wanneer die liefde oorheers, omdat die liefdesvonk dan ook in die nuutgebore wese oorspring en wat nou veel makliker tot sielsvolwassenheid op aarde kan kom.

Die poging om die verkryging van nakomelinge egter te verhinder, kan vir die siel wat haarself wil beliggaam, ook insoverre nadelig wees, dat hierdie instinkmatigheid van die mens nou ook dieselfde dwang in die nuwe wese versterk en dat sy siel voortdurend `n stryd daarteen sal hê. As hierdie siele egter nie beliggaam nie, dan bevind hulle hulself tog in die nabyheid van mense en beywer hulle, d.w.s. hulle probeer om op die mense in te werk om hulself te verbind, ten dienste van voortplanting. En begryplikerwys sal die liggaamlike neigings dan steeds oorheers, omdat die siele volgens hulle eie geneigdheid trag om op die mense in te werk. Hulle wil dus suiwer liggaamlike begeertes oordra om geleentheid te skep om hulself te beliggaam.

`n Enorme verantwoordelikheid lê daarom by die mense wat hulself instinkmatig sonder liefde verbind. Hulle is omgewe deur siele wat hulself wil beliggaam en lok deur hulle begeertes nog siele met dieselfde neiging aan, wat van hulle kant die ongeremde momente benut om verblyf te neem in `n nuwe verwekte wese, wat nou sy aardse loopbaan as mens begin.

Meestal is daar oorwegend meer van hierdie siele, omdat die getal van diegene wat deur liefde en `n bewustelike wil, nakomelinge in die lewe laat kom, baie gering is. En daarom dwaal die menslike geslag ook steeds meer af van die geestelike, omdat daar maar weinig liefde is onder die mense wat die lewenslig ook sonder liefde aanskou het.

Amen.

Krag van die goddelike Woord - Die voorloper - Wederkoms van Jesus

B.D. No. **2797**
4. Julie 1943

Elkeen sal die krag van die goddelike Woord voelbaar ervaar wanneer die laaste dae aanbreek. Baie drade lei van die koninkryk aan die anderkant na die aarde toe, want oral stuur God Sy Woord na die mense toe wat dit gedeeltelik deur hulle gedagtes of deur die innerlike stem sal verneem en Sy Woord sal oral krag aan die mense bring. Waar die regstreeks oorgebringde woord egter na die mens gestuur word, daar sal hulle ook versterk word wanneer hulle dit gelowig sal aanneem en hulself

daaraan toevertrou. Want dit is `n feit dat God nie Syne sonder hulp sal laat in `n tyd wanneer kwellinge en groot moeilikhede aan die orde van die dag sal wees en wat geweldige krag sal vereis nie.

Daarom seën Hy Sy Woord met Sy krag, sodat almal wat die Woord hoor, bewus sal word van die krag as hulle gelowig is. God se teenstander sal sy volle mag ontplooi en sal probeer om alles neer te trek wat aan hom geen weerstand sal bied nie. Die Woord van God is egter die beste wapen teen hom. Die Woord van God beskerm die mens teen sy aanvalle, want God Self is in Sy Woord by die mense en die vyand is magteloos teen Hom.

As die mens glo, hoef hy niks te vrees wat ookal oor hom mag kom nie. Die wêreld sal wel met alle middele probeer om sy geloof te skud, sy sal hom wil dwing om die geloof op te gee, maar die Woord van God is sterker as die wêreld. Enigeen wie die Woord besit, sal die stem van die wêreld ignoreer, want hy is nader aan God as aan die wêreld en is deurdring met God se krag en die mens sal ook met God in kontak bly deur Sy Woord.

In die laaste tyd sal daar egter iemand opstaan wat die Woord van God hardop en duidelik hoorbaar sal predik aan die mense. Hy sal deur die gees van God gelei word en God se Gees sal Haarself uitdruk deur hom. Sy woorde sal indrukwekkend wees en ook by die volgelinge van die teenstander nie sonder uitwerking bly nie. Hy sal vervolg word deur hulle wat aan die wêreld behoort, maar hulle sal niks teen hom kan uitrig totdat sy taak op aarde vervul is nie. Hy sal die tweede koms van die Heer verkondig en die mense teregwys oor hul leefwyse en hulle inlig oor dinge wat vir hulle nuut sal wees, hy sal hulle tot liefde aanspoor en hul liefdeloosheid kritiseer met skerp woorde, sy toesprake sal reguit en op die man af wees en sal ten doel hê om die mense te wen vir die koninkryk van God.

Vanuit sy woord sal `n krag uitgaan wat die waarheid sal bevestig wat hy spreek. God Self sal spreek deur die mond van Sy dienaar op aarde en baie sal Sy stem herken. Maar uieindelik sal hy gevange geneem word, want Satan sal die mense wat aan hom verslaaf is, aanhits om hom te gryp. Maar dan sal die Koms van die Heer op hande wees, want dan sal die liefdeloosheid op aarde sy hoogtepunt bereik het en selfs die gelowiges sal in die uiterste gevaar verkeer om te wankel. En dan kom die Heer Self om Syne huistoe te bring om hulle te red uit die vyandskap van hulle wat verslaaf is deur die duisternis. En dinge sal plaasvind wat niemand vir homself kan voorstel nie.

Amen.

Professionele sendelinge - Akademiese kennis

B.D. No. **2800**
6. Julie 1943

Elke sending op aarde, met die doel om die gebonde siele te verlos, is aan God welgevallig en het dus Sy seën, maar diegene wat so `n missie as hul lewenstaak aanvaar het, moet ook poog om die suiwer waarheid te versprei. Niemand kan dus hierdie werk doen as hy self nie weet wat die waarheid is nie. En die mens se wil is weereens die beslissende faktor, want dit hang af van die rede wat hom dryf om hierdie werk te doen. Sy goeie wil om aan God van diens te wees en om verlore siele na Hom toe te lei, sal ook aan hom die suiwer waarheid skenk, wat hom in staat sal stel om verlossingswerk op aarde te doen. Dit is waarom so `n voorneme eers voorafgegaan moet word deur die besef van sy eie gebrek aan kennis, wat hom sal aanspoor om opreg na God te gaan en te vra vir geestelike verligting. Slegs dit voldoen aan die eerste voorwaarde vir `n beroep, wat uit die hart moet voortspruit, maar dit moet nie `n beroep in die sin van die woord wees nie. Die gevaar van laasgenoemde bestaan egter wanneer `n persoon homself kundig ag, te danke aan akademies aanvaarde kennis, wat hom nogtans nie in staat stel om te werk as `n onderwyser nie, omdat hy nog nie die waarheid herken nie en dit dus ook nie kan oordra nie.

In daardie geval sal hy nooit in staat wees om sy medemens korrek te onderrig nie. Hy sal nie in staat wees om die doel van die aardse lewe aan hulle te verduidelik nie, want hy het geen kennis van die heel begin en die uiteindelike doel van alles wat die weg oor die aarde moet neem nie. Hy sal slegs streng voldoen aan dogmatiese leerstellings, wat beslis weer akademies oorgedra sal word, maar wat

nie die siel se aktiwiteit sal stimuleer of in staat sal wees om haar inwonende gees te laat ontwaak nie. Die mens sal die kennis slegs intellektueel kan aanvaar, maar dit kan nie sy hart betree nie en kan dus nie die siel se transformasie bereik nie, wat egter absoluut noodsaaklik is vir die siel se verlossing uit die gebonde toestand.

Akademiese kennis kan dus nooit genoeg wees vir `n sending op aarde wie se doel die verlossing van dwalende siele is nie. En dit is dus ook verstaanbaar waarom professionele sendelinge so min sukses het, tensy diepe nederigheid teenoor God en die diepste liefde vir hul medemens hulle aanspoor om hierdie beroep aan te neem. Want slegs laasgenoemde is ware dienaars van God, wie se werk onder die mens `n seën vir hulle kan wees. Ware diens aan God bestaan uitsluitlik daaruit om te help met die verlossing van siele wat vanaf God gekom het en wat van hom geskei het, maar waarvan die ewige Liefde nooit sal wegdraai nie. En sodra `n persoon hierdie taak vir homself in die lewe stel, en in erkenning van sy eie onkunde, God se ondersteuning wil hê, sal hy aan God van diens kan wees. Dan sal hy in staat wees om sy taak nougeset en suksesvol te vervul, hy sal sy missie op aarde vervul en bydra tot die verlossing van die gebonde siele, want daarenteen is die eintlike beroep van `n dienskneg van God geen waarborg dat hy die eerste voorwaarde vervul het nie en moet hy ook die kans om sy medemens in die waarheid te onderrig, geweier word. Gevolglik is die verlossing van hierdie siele te betwyfel, want slegs die waarheid kan die mens vrymaak, omdat slegs die suiwer waarheid verlossend is.

Amen.

Einde van die Wêreld uitbarsting - Vestiging van die goddelike orde

B.D. No. **2803**
8. Julie 1943

Dit is onmoontlik om die wêreldorde weer te herstel so lank as wat mense vol van haat en afguns is, want dit is God-opponerende eienskappe wat alle orde sal vernietig, aangesien enigiets wat teen God gekant is, ook in opposisie teen die goddelike orde is. En dit is `n toestand van uiterste liefdeloosheid wat dit nooit konstruktief manifesteer nie, maar altyd `n vernietigende uitwerking sal hê. Dit is verstaanbaar dat so `n vernietigende toestand nie onbepaald kan aanhou nie, dus sal God Self `n einde daaraan maak en dit op `n manier wat sal lei tot enorme wanorde, maar waarin God se Wysheid nietemin herken sal word as die enigste manier om die orde weer te herstel.

Die mense sal self geen poging aanwend om `n stryd te beëindig wat lyding en oneindige ellende oor die hele wêreld veroorsaak nie. Gevolglik moet dit op `n ander manier beëindig word, dit sal nogtans nie die lyding op aarde verminder nie, want die mensdom het dit nodig. Mense sal moet terugkeer na die ou orde, hulle sal moet leer om hul naaste se besittings wat hulle streef om te besit en waarvoor hulle veg met die verskriklikste wapens, te laat vaar.

Hul verslawing aan aardse kommoditeite sal die Wêreldoorlog veroorsaak, wat moeilik sal wees om te beëindig. Tog sal die mense nie enige aardse wins bereik nie, inteendeel, hulle sal ontsaglike verliese ly, die omvang waarvan die mense geen idee het nie. Want elke oorwinning sal gekoop word ten koste van onbeskryflike verliese, beide met betrekking tot materiële bates, sowel as menselewens. Maar die mensdom sal onsensitief wees vir sulke verliese, en sal dit wat die menslike wil tot stand gebring het, ignoreer, en dus sal die goddelike wil Self ingryp en met geweld `n verandering inisieer van die gebeure in die wêreld, omdat mense se denke slegs verander kan word wanneer hulle voel dat hulle hulpeloos is, dat `n sterker Krag as hulle sin die beheer uit hulle hande neem en hulle wil heeltemal verpletter.

Die geestelike duisternis waarin hulle is, is die oorsaak van hulle hartelose optrede, terwyl hulle liefdeloosheid weer die oorsaak is van hulle geestelike duisternis. Hulle moet besef dat hulle denke verkeerd is, dat hulle die verkeerde doelwitte najaag en dat hulle op `n dooiepunt sal uitkom as hulle hul nie tot die goddelike orde bekeer en hul manier van lewe radikaal verander nie. Die goddelike ingryping is bedoel om hierdie oomblik van besef te veroorsaak, selfs al is hulle nog steeds ver verwyder van geloof in `n hoër Krag, wat hulle lot beheer. En hulle kan slegs geloof verkry deur beraadslaging, en hulle denke sal gestimuleer word wanneer hulle sien dat alles anders uitkom as wat

dit menslik moontlik was om te voorspel. Die geestelike, sowel as aardse chaos wat deur menslike vasberadenheid opgetower is, sou sonder God se ingryping, verhoog het en gelei het tot `n finale vernietiging, omdat die mensdom nie meer die goddelike orde respekteer nie, afgesien van `n paar wat aan God toegewy is en daarna streef om Sy wil te vervul. Maar hulle sal nie die proses wat ontwikkel stuit nie, hulle sal net die rede wees vir die verskerpte maatreëls teen die goddelike orde, en die tyd sal dan aangebreek het wanneer die mensdom homself sal onderwerp aan God se teenstander en hul gedagtes en aksies sal toenemend gevoelloos word. God se ingryping sal onuitspreeklike lyding en vernietiging behels, maar dit is die enigste alternatief om mense terug te lei na die goddelike orde en om hul geestelike toestand te verander, alhoewel dit slegs die geval sal wees met `n klein hoeveelheid van die mense. En daarom kom die tyd van finale vernietiging van hulle wat onveranderbaar is, al hoe nader, soos in Woord en Skrif verkondig.

Amen.

Haat en die uitwerking daarvan

B.D. No. **2810**
12. Julie 1943

Die demoon van haat vergiftig die hele wêreld. En die mense verslaaf hulself aan hom. Maar haat verwoes, terwyl die liefde opbou, maar die werk van verwoesting op aarde sal `n steeds groter omvang aanneem, hoe meer die demoon van haat homself onder die mensdom uitleef. God se werk van vernietiging sal ook geen einde aan hierdie haat maak nie, maar slegs individue hier en daar tot besinning laat kom en hulle sal gevolglik insien deur wie hulle hulleself laat oorheers het.

En terwille van hierdie weinige sal God Homself manifesteer en Sy Mag en Krag toon. Maar die meerderheid sal egter verder in haat leef en hulself handhaaf met middele wat uit haat gebore is en wat steeds meer haat sal laat opvlam. Want haat is verskerpte liefdeloosheid, haat is die mees verskriklikste eienskap, omdat dit `n ontsettende verwoestende uitwerking het, nie net op `n aardse wyse nie, maar ook op `n geestelike wyse. Want dit vernietig alle edele drange of bring dit in groot gevaar.

Die persoon wat in haat leef, word heen en weer deur demone rondgegooi, gevolglik is sy strewe om opwaarts te gaan, voortdurend in gevaar, omdat hy steeds weer teruggegooi word, sodra hy homself deur haat laat meesleep, want hy begeef homself steeds weer in die mag van diegene wat maar net probeer om haat en liefdeloosheid oor te dra op mense. En sy mag oor so `n persoon is groot. En dan des te groter, wanneer die hele menslike ras in haat leef. Dit sal `n geestelike agteruitgang beteken, wat `n angswekkende uitwerking sal hê, insoverre die mense dit gewilliglik sal uitvoer wat nou aan hulle opgedra word deur die haatvervulde mag wat teen God werk, sodat hulle alle besit sal verwoes om aan hul medemens skade toe te bring.

Die teenstander van God is begerig om alle geeste te bevry wat deur God in die skepping verban is. Daarom is sy hele denke en strewe slegs daarop gerig om dit te verwoes wat deur God se Wil ontstaan het. Maar omdat sy wil en mag nie die werke van die skepping kan bemeester nie, poog hy om sy wil op die mense af te forseer. Hy plant haat in hulle en beweeg hulle daartoe om dit uit te voer wat vir hom onmoontlik is, naamlik om die skepping te verwoes. Dus maak hy van die mense wat aan hom gebind is, sy handlangers, hy plaas sataniese gedagtes in hulle, hy wakker die haat in hulle aan en hy steek hulle dus op om die grootste skade aan mekaar te berokken. Die mens voer dit wat die grootste vyand van hulle siele hulle ingee, gewilliglik uit. Hulle dade bring aanhoudend hernude haat voort en die haat produseer steeds weer nuwe dade van vernietiging. So `n vergiftigde mensdom sal progressief sy ondergang tegemoetgaan, want hulle sal kwalik weer die weg terugvind na liefdevolle aktiwiteit.

Amen.

Omvang van verwoesting - Natuurkatastrofe

B.D. No. **2828**
28. Julie 1943

Die mense kan geen voorstelling vir hulleself maak van die wyse waarop God Homself sal uiter nie, omdat daar `n werk van verwoesting sal plaasvind wat `n omvang sal hê wat nog nooit voorheen plaasgevind het nie. En daarom sal die voorspellings geen geloof vind nie en ook sonder uitwerking bly, want die mens wil nie iets buitengewoons aanvaar nie en `n ingryping van God, wat die skepping verwoes, sluit hulle totaal uit. Maar God uiter Homself op `n wyse wat ongewoon is, omdat die doel verwoesting is om mense uit die daaglikse lewe weg te ruk en in ander lewensomstandighede te plaas, wat hul denke en lewenswandel moet verander. En daarom sal God Sy Mag en Sy Krag aan die mense bewys deur die kragte van die natuur. Hy sal Hom hiermee in ongebreidelde uitbarstings aan die mense openbaar, sodat hulle hul tot Hom sal wend om hulp, sodat hulle Hom in hulle harte sal bely en Hom aanroep om hulp. Dit sal `n gebeurtenis wees wat die mensdom sal skok, want die woede van die kragte van die natuur sal geweldig wees. So geweldig, dat hulle sal dink dat die einde van die wêreld aangebreek het.

En die mense sal nie weet watter omvang die natuurkatastrofe aangeneem het nie. Hulle sal maar net hul onmiddellike omgewing kan sien en sal niks weet van die eintlike omvang van die verwoesting nie, omdat alle verbindings met die wêreld verbreek sal wees. Dit sal verskriklike ure wees, ure van die grootste nood en diepste vertwyfeling, omdat geen mens teen die kragte van die natuur opgewasse is nie, omdat elkeen oor hom moet laat kom wat deur God aan hom opgelê is.

Die goddelike Stem sal hoorbaar wees vir elkeen, want dit sal so kragtig klink, dat niemand sy oor daarvoor sal kan sluit nie. Dit sal vrees en verskrikking bring. En tog is dit die Stem van Liefde wat met die mens praat. So hard, omdat daar geen ag geslaan was op die sagte Stem nie, en omdat die mens geroep moet word, as hy nie wil ondergaan deur die lewenswyse wat hy lei nie, naamlik sonder God en sonder geloof aan `n voortbestaan na die dood nie.

Hierdie duidelike uiting van God sal nie deur die meeste mense erken word as dit wat dit is nie en `n God wat regeer en die lot voorbestem, sal deur baie verwerp word. Maar die geweldige natuurgebeure sal die mense daartoe bring om na te dink. En dan sal die wil van elkeen afsonderlik bepalend word, in hoeverre sy denke in ooreenstemming sal wees met die waarheid en hoe hy nou die gedagtes wat in hom opkom, op hom sal laat inwerk. Hy kan tot ware insig kom as hy hom nie afsluit vir die draers van die waarheid nie, wat poog om deur middel van gedagtes onderrig te gee, en ook wanneer hy die mense aanhoor wat aan hom die Liefde van God en die sin en die doel van die lewe op aarde sal verkondig. God gee alle mense die geleentheid om tot die regte insig te kom. En slegs die verlange na waarheid is nodig om hulle die verskriklike belewenis tot nut te maak. Maar slegs weiniges sal dit verlang en hulle sal nie andersins gehelp kan word nie, wanneer hierdie natuurkatastrofe ook by hulle sal verbygaan sonder om indruk te maak.

God sal die uiterste middel gebruik vir die finale skeiding. Hy sal nog eenmaal poog om die denke van die mens te verander. Hy hou hulle die verganklikheid van die aardse voor oë en laat hulle in omstandighede beland waarin hulle Hom sal soek en na Hom sal verlang om hulle by te staan. Derhalwe sal Hy `n werk van vernietiging laat plaasvind, wat egter terselfdertyd `n verlossing beteken vir die gekluisterde geestelike in die vaste vorm.

Die onwetende mense sal maar net die oorweldigende verwoesting sien, maar die wetende mense sal op hoogte wees van die noodsaaklikheid en die seën van sulke verwoestings vir die geestelike ontwikkeling van die wesens. Hulle sal ook die gevaar ken waarin die mensdom homself bevind, omdat hulle hul Skepper nie erken nie en onverantwoordelik voortleef en hulle nie hul hoogste doel van die lewe op aarde vervul nie. En hulle sal weet dat God nou sy geweldige Stem laat weerklink het, omdat Hy medelye het met die mensdom wat sy bestuur en werksaamheid nie ken nie. Hulle sal weet dat God slegs die dwalende siele wil help, sodat hulle Hom sal herken wanneer Hy deur die kragte van die natuur tot hulle spreek.

Amen.

Voorwaardes vir die ontvangs van die goddelike Woord

B.D. No. **2829**
28. Julie 1943

Die ontvangs van die goddelike Woord vereis konstante bereidwilligheid en vreugdevolle toewyding aan God. Dit is waarom dit slegs bereik kan word deur mense met `n God-georiënteerde wil, wat daarna streef om `n God-welgevallige lewe te leef en wat hulle geestelike aspirasie bo alles plaas, omdat hulle met God wil wees en in Sy diens wil wees. Want slegs die begeerte na Hom stel die mens in staat om die goddelike stem innerlik in homself te hoor, die begeerte vir Hom maak hom gou om te hoor en sensitief vir alles wat van God af kom. God se gawe is tot elke persoon se beskikking, sonder diskriminasie, maar word nie opgedring nie en sal dus slegs erken word deur iemand wat aandag gee en sy sintuie open vir die geestelike invloei; wie dus bewustelik en aandagtig innerlik luister, kan dus ook die goddelike gawe innerlik ontvang.

Die goddelike gawe is te vinde in die hart, dit is die skat wat slegs opgegrawe moet word, en vereis geen uiterlike oefening ten einde dit in besit te kry nie. Dit is binne die bereik van almal wat maar net die moeite wil doen om dit aan die lig te bring. God se Liefde bied Homself aan mense in Sy Woord, en die mens se liefde moet Sy gawe aanvaar, die menslike hart moet met dieselfde liefde na Hom streef, om in staat te wees om Sy Woord te ontvang as `n teken van Sy liefde, want die Woord is die teken van Sy liefde wat Hy aan alle mense wil gee deur middel van `n persoon. `n Gewillige en liefdevolle persoon moet die brug wees vanaf die aarde na die anderkant, hy moet homself geredelik tot Sy beskikking stel, hy moet smag na God se liefde en sy hart daardeur ontvanklik maak vir die goddelike Liefde Self, hy moet eenheid met God begeer en gewillig luister na die goddelike Stem wat Homself slegs deur so `n persoon kan openbaar.

Slegs `n persoon wat sorgvuldig kan luister, kan hoor, en `n persoon luister slegs sorgvuldig wanneer hy glo in `n Krag wat Homself manifesteer vir die liefde van die mensdom. Die ontvanger moet glo in `n God van liefde, wysheid en almag, sodat hy sal kyk en in geloof die rede vind vir die goddelike Woord wat oorgedra word na die aarde. En hy moet `n lewe van liefde leef, want slegs liefde trek die Ewige Liefde nader aan hom.

Liefde vir sy medemens dryf hom om die ontvange Woord oor te dra, en enigiemand wat hierdie taak van die verspreiding van die goddelike Woord onder die mense aanvaar, sal ook altyd toegerus word deur God en in staat wees om Sy Woord te hoor. God sal hom voortdurend genoeglike geskenke bied, Hy sal Homself aan hom openbaar om hom opvoed vir `n taak wat so uiters belangrik is, dat God elkeen wat homself tot sy beskikking plaas, as `n arbeider in sy wingerd sal seën.

Amen.

Die missie van hulle wat God wil dien. Versprei die waarheid

B.D. No. **2831**
30. Julie 1943

Dit is `n uitermate moeilike taak om die mense wat van God afvallig geraak het, weer op die regte weg te bring, op die weg van insig, die weg wat na God lei. Dit is `n belangrike taak wat uiterste geduld en groot liefde en volharding verg en daarom stel mense hulle maar selde vir so `n taak beskikbaar.

Maar hierdie weiniges werk vir die ryk van God en sal ook geseënd wees, solank hulle hul wy aan hierdie werk. Die gebrek aan Godgeskoolde kragte se uitwerking is dat die mense selde in die waarheid wandel en dit het weer tot gevolg dat hulle hul lewe nie genoeg waardeer om dit, in ooreenstemming daarmee, ten volle te benut vir hulle siele nie.

As hulle die suiwer waarheid aangebied word, sodat hulle die sin en die doel van die mens op aarde kan begryp, dan sal hulle ook hul lewe dienooreenkomstig lei, behalwe as hulle heeltemal anti-God ingestel is en hulle dink dat hulle sonder enige kennis kan voortlewe.

Wie nie insien dat daar `n God is nie, sal ook geen leerstellings aanneem nie en sal moeilik op die regte weg gebring word. Wie egter God nie heeltemal verwerp nie, kan deur die aangebode waarheid tot insig kom, sodra dit in liefde en geduld aan hom oorgedra word. Die waarheid spreek vir die waarheid alleen, die waarheid het krag en alles sou die mens maklik kon begryp en aanvaar as hulle nie vooraf `n dwaling vertel was, wat hulle blik vertroebel en hulle wil verswak het nie. En tog moet die dwaling deur die waarheid weggedring word en dit is die belangrike taak van hulle op aarde wat God wil dien, wat self vasstaan in die waarheid en daarom ook die insig het wat die gevolge van van `n lewe in dwaling kan insien.

Hulle moet vasberade werksaam wees in die deurgee van die waarheid, wat hul juis vir hierdie sending van God ontvang het. Meestal sal hulle teen weerstand stuit, hulle sal meer afwysing as instemming ervaar, maar mag hulle nie daardeur laat ontmoedig nie. Die liefde vir die dwalende siele moet hulle steeds weer daartoe aanspoor om hulle oor hulle te ontferm en hulle in die waarheid te onderrig.

Want saam met die arbeider op aarde is die geestelike arbeiders van God ook aktief, hulle wat in die gedagtegang van die dwalende mense probeer tussenbeide kom en hulle eweeens inspan om die denke van die mens te verander. Alle steun op die aarde, deur gesprekke wat bewustelik geestelik is, word dankbaar deur die onderwysende wesens in die hiernamaals aangeneem, want dit is tog dikwels die aansporing om na te dink, wat hulle die moontlikheid gee om hulle invloed op die denke van die mense te laat geld.

En daarom sal die bereidwilligheid van `n mens op aarde, wat wil bydra tot die verspreiding van die waarheid uit God, steeds geseënd wees, as dit daarom gaan om aan diegene hulp te bring wat geen verbinding met God het nie, wat so ver van Hom af staan dat hulle nie in staat is om Hom te herken nie en wat daarom in die donkerste geestelike nag voortlewe.

Ook wanneer die inspanning op aarde min sukses behaal het, het dit dikwels in die hiernamaals `n uitwerking en dit kan dan die begin van `n veranderde siening wees, die begin van die weg omhoog. Die goddelike woord, die suiwer waarheid wat in liefde vir `n mens aangebied word, is `n gevoel wat as krag ervaar word, as daar egter nie openlik weerstand daarteen gebied word nie.

En hierdie krag het `n duursame effek, sodra die mens, deur middel van sy gedagtes, sy standpunt bepaal met betrekking tot die waarheid, al is dit ook na `n lang tyd. Daarom kan daar nie ywerig genoeg gewerk word aan die uitbreiding van die goddelike leer nie, want die dwaling is groot onder die mensdom en gevolglik ook die geestelike nood waarvoor hulp noodsaaklik is.

En geen arbeider in die wingerd van God moet hom laat ontmoedig deur afkeur, spot of onwilligheid van hulle vir wie hy die waarheid wil aanbied nie. Sy ywer sal nie vrugteloos wees nie en die siele sal hom dank dat hy hom in liefde oor hulle ontferm het. Die inspanning om dwalende siele die waarheid binne te lei, word nooit van die kant van die ligwesens opgegee nie, al verset hierdie siele hulle ook telkens weer, omdat alles wat vol van lig is en vasstaan in die waarheid, steeds werksaam is tot redding van die dwalende siele.

Amen.

Die taal van die natuur - Skepping en Skepper

B.D. No. **2834**
1. Augustus 1943

Laat die natuur tot julle spreek, welke onbeskryflike wonderwerke hulle vertoon en julle voortdurend My Liefde en almag openbaar. Luister en kyk. Rig julle blik op elke skepsel en herken My wil en My krag en herken Myself in al My skeppingswerke. Kyk net hoe onvergelyklik bekoorlik en hoe veelsydig die skeppings is en hoe sinvol hulle elkeen hul bestemming vervul en dat die doel van elke skeppingswerk die instandhouding van die hele skepping is.

Laat Ek Self tot julle spreek deur die natuur en luister na My stem, dan sal julle My almag, liefde en wysheid herken en voor dit buig, dan sal julle weet dat julle die grootste skeppingswerk op aarde is,

wat My hand geformeer het en dan sal julle besef hoe oneindig graag Ek wil hê dat julle ook in My sal bly.

Aangesien elke skeppingswerk slegs vir julle ontstaan het, is dit slegs `n voorstadium, waardeur julle jul ontwikkel het tot wat julle nou is, tot vrye, selfstandige skepsels wat nog oneindig baie meer kan word as wat julle nou is.

Beskou die natuur en sien haar ontwikkelingsgang, haar groei, wat in alle skeppings van die natuur herken kan word. Die geringste wese is My werk, die kleinste grasspriet is My gedagtes wat vorm aangeneem het. En elke skepsel gehoorsaam My wil en voer dit uit wat Ek hulle as opdrag gegee het en dien weereens die mens, deurdat dit sy bestaan verseker.

Niks is sonder rede en doel nie, niks geskied sonder My wil nie, alles het My Wysheid en liefde as basis. En as My Wysheid vir julle nie duidelik is nie, omdat julle geen kennis het van die samehang wat alle werke van die skepping met mekaar het nie, besef dan tog My Liefde, wat steeds weer in die wonder van die natuur tot uiting kom.

Kyk hoe alles rondom julle groei en bloei, hoe dit volmaak word en vrugte dra, kyk hoe dieselfde proses homself steeds weer voltrek vir julle, om julle mense te beskerm en om alles wat op aarde leef, te behou. Ek het ontelbare skeppings geformeer met die mees diverse afmetings en vorme, met die grootste verskeidenheid en bestemmings en as julle jul oë en ore open, sal niks julle ontgaan nie en My oorgrote liefde en wysheid sal vir julle duidelik word. Want Ek gee, sodat julle kan ontvang, Ek skep, sodat julle nuttig gebruik kan maak daarvan, Ek handhaaf en versorg die skepping, sodat julle harte hul hierin kan verheug en dat julle My sal herken, Ek wat van ewigheid af is aan Wie se bestaan julle twyfel, wie se Wil en Wese julle wil uitskakel en Wie se werk julle beskou asof dit vanself omvorm het.

Julle wandel blind by alle wonders van die skepping verby en julle verstaan nie die taal van die natuur nie, julle sien die skepping, maar nie die Skepper daarin nie, julle sien wel die werking, maar nie die oorsaak nie, die wil, wat die fondament in elke skepping is. Julle glo om vol wysheid te wees en dat julle die ontstaan van alle dinge kan deurgrond, maar julle kennis is lapwerk, solank julle My nie as primêre oorsprong van die skepping erken nie.

In elke skepping van die natuur kom Ek naby aan julle, sy is die uitvloeisel van Myself, sy is `n gedagte wat volgens My wil vorm aangeneem het. Elke natuurlike skepping is `n bewys van My bestaan, omdat daar niks sonder My sou kon bestaan nie, omdat slegs My wil het dit wat julle kan sien en wat om julle is, in die lewe geroep. En niks kan wees of word sonder My wil nie, niks kan bestaan as My wil en My Wysheid nie goedkeuring gee nie. Maar My wil, My Liefde, My Wysheid en My krag moet julle ook `n geloof leer in `n Wese, hulle moet julle laat insien dat almal aan `n Wese behoort, wat ook tot julle wil spreek deur die wonders van die natuur, wat innig verbind wil wees met julle, want julle, ook deel van Sy skeppingswerke, was die uitsluitlike rede vir die ontstaan van die hele skepping.

Ek wil dat julle wetend word, maar dan moet julle luister na die taal van die skepping, na die stem wat hom deur die natuur aan julle bekend maak, julle moet met My, as die intrensieke Skepper van alle dinge kommunikeer en Ek sal julle op julle vrae antwoord gee en Ek sal julle antwoord, ooreenkomstig julle wil om na waarheid te soek, vooropgestel dat julle My as die Gewer van die waarheid sal erken.

Ek is te alle tye naby aan julle, sodra julle verlang om na My te luister, sodra julle maar een gedagte na My omhoog sal stuur. Daarom sal julle My vind, waar julle ookal is, maar die beste is om My in eensaamheid te soek, waar alles om julle heen julle sal herinner aan die Skepper, Wie se wil die hemel en aarde geskape het, omdat Sy Liefde Hom aangespoor het om die wesens, wat hulle eens van Hom afgeskei het, `n moontlikheid te gee om weer naby aan Hom te kom. En die kennis hiervan sal aan julle mense gegee word, die kennis hiervan sal julle self moet begeer en daarom sal julle moet luister na die taal van die skepping, want daardeur spreek Ek tot julle wat My wil hoor.

Amen.

Leed en ellende deur goddelike ingryping

B.D. No. **2839**
6. Augustus 1943

Vir baie mense begin leed en ellende eers met goddelike ingryping, want voor dit was hulle nog onaangeraak daardeur en hulle het geen aandag aan aanmanings gegee nie. Die nood van hul medemens het geen verandering van hul denke teweeggebring nie en daarom moet daar nou nood oor hulle kom, wat as te ware die laaste middel is vir hulle redding. En daarom sal daardie lande nou getref word, wat tot nou toe die swaar leed gespaar was, en wat tog nie sonder skuld is ten opsigte van die wêreldgebeure wat bitterlike swaarkry oor die mense gebring het nie.

Baie mense gaan hard en gevoelloos by die nood van hul medemens verby. En dit is hulle wat die leed self sal moet deurmaak, want hulle wil het geblyk dat wanneer dit gaan oor hul medemens, hulle in laasgenoemde hul vyand sien. En wat die mense aan hul medemens doen, sal nou duisendvoudig op hulleself terugval. En op hierdie manier moet hulle nou boet. Die menslike wil kan geen einde maak aan die ellende nie, want dit is nie menslike kragte wat hulle gaan uiter nie, maar die goddelike Wil Self is aan die werk en sal die mense op hul mees kwesbare plekke tref. Hy sal die mense van al hulle besittings ontneem. Hy sal hulle arm, swak en heeltemal afhanklik van Sy genade maak.

En in hierdie nood sal die mens moet leer om in te sien dat hy niks uit eie krag kan doen nie. Hy moet leer om in te sien dat God regverdig is en dat Hy die mense medelydend straf wat teen Hom en Sy gebooie gesondig het, maar dat Hy ook die wat met Hom verbind is, sal beskerm, alhoewel hulle omring is deur mense wat niks vir God omgee nie. En so sal daar nog baie tot besinning kom en hul eie lot vergelyk met dié van hierdie mense, wie se ondergang van menslike kant bepaal was.

Wat God nou oor die mensdom gaan stuur, sal so geweldig en vol leed wees, dat elke denkende mens `n hoër Wil daarin sal moet sien en in homself keer. Maar weer sal hy slegs aan homself dink. Hy sal nie die algemene ellende sien nie, maar slegs sy eie lot sien. En so sal daar weinig naasteliefde beoefen word. Elkeen sal maar net daarna streef om sy eie lot te verbeter en weer sal hy by die nood van sy medemens verbygaan. En God, wat die wil van elkeen ken, sal daarom so `n groot leed oor die mense stuur om hierdie wil te verander, om hulle sag en meelewend te maak, sodat hulle hul toevlug by Hom sal soek, wie die enigste is wat hul lot ten goede kan verander.

Amen.

God verlang geloof in voorspellings

B.D. No. **2850**
15. Augustus 1943

Laat alle bedenkinge vaar en glo sonder om te twyfel wat Ek aan julle deur My Woord aankondig. Dit is van die grootste belang dat julle, wat My Woord moet deurgee, self geheel en al oortuig sal wees van die waarheid. Want julle kan slegs daarvoor opkom, wanneer daar geen twyfel in julle is nie, wanneer julle self `n diep geloof in My en My Woord het. Wat Ek aan julle bekendmaak, is vir die hele mensdom bestem, want Ek wil nie afsonderlike mense waarsku en vermaan nie, maar deur `n mens wil Ek tot alle mense praat en hulle wys op die tyd van die nabye einde. Ek wil aan hulle bekendmaak wat Ek sedert ewigheid beplan het. Ek wil hulle tyd en geleentheid gee om voor te berei vir die einde en daarom stuur Ek My boodskappers aan hulle, wat moet aankondig wat Ek besluit het.

En dus moet Ek ook van die komende gebeurtenis melding maak. Ek moet aan die mense die verandering van hul lewensomstandighede voorspel en gee daarom enkele mense die vermoë om in die toekoms te kyk om die komende gebeurtenisse aan te kondig, omdat Ek wil hê dat die mense die nabye einde voor oë sal hou en nou ywerig aan hul siele begin werk, d.w.s. streef na hul voltooiing deur `n lewenswandel wat My welgevallig sal wees. En daarom gee Ek deur My Woord, deur die Stem van die Gees, `n beskrywing van wat gaan gebeur.

Ek kondig `n natuurkatastrofe aan, waarvan die omvang `n algehele verandering van die lewensomstandighede sal beteken en wat daarom `n onvoorstelbare uitwerking sal hê. En die wat Ek

daarvan in kennis stel, moet dit deurgee. Hulle moet sonder skroom en sonder bedenkinge daaroor praat met almal. Hulle moet almal baie nadruklik inlig dat hierdie gebeurtenis enige dag kan plaasvind en dat die mens voor `n groot gebeurtenis staan. Hulle moet hulle geen lang tyd meer gee nie, maar die katastrofe as baie naby aankondig. Hulle moet daagliks en van uur tot uur bereidwillig wees, sodat hulle in staat kan wees om hul leeraarsamp te alle tye te aanvaar, wanneer die groot bewing van die aarde plaasgevind het. En hulle moet nie terugdeins vir bedreigings van welke aard ookal nie, want dit is My Wil dat die mensdom die boodskap moet kry.

Dit is My Wil dat mense hulself bereid sal verklaar om hul medemens daarop te wys en daarom onderrig Ek my dienaars ooreenkomstig die waarheid, sodat hulle hulleself vanuit `n diep geloof daarvoor beskikbaar kan stel. En daarom spreek Ek nie met hulle in beelde nie, maar Ek gee helder en verstaanbaar `n beskrywing van die gebeure, wat net so duidelik en verstaanbaar oorgedra kan word, sodat die mens, aan wie die taak opgedra is om My bekendmakinge aan die mense oor te dra, in die ware geloof sal vasstaan. Want dit is My Wil dat daar openlik daaroor gepraat sal word, sodat die mensdom in kennis gestel kan word van die komende, wat onafwendbaar is, omdat die geestelike nood van die mensdom dit vereis.

Die geloof in My Woord moet diep en onwrikbaar in jou wees, sodat Ek Self deur jou kan spreek. Want as jy gelowig is, sal jy net sê wat my Gees jou ingee. En dus kan Ek Self deur jou praat. Maar as jou geloof oppervlakkig is, sal jy maar net huiwerig praat. En dan sal dit ook sonder uitwerking bly by diegene wat jou hoor. Maar hulle moet deur jou gewaarsku word. Hulle moet daaroor nadink en hulself besin. Hulle moet die moontlikheid van `n natuurkatastrofe in oorweging neem, selfs wanneer hulle nie daarvan oortuig is nie, sodat hulle, wanneer die katastrofe begin, hulle hul gedagtes na My sal wend en My daarin herken.

Ek wil dat hê dat jy praat en die mense daarop wys. Ek wil hê dat jy alle bedenkinge of twyfel sal laat gaan. EK wil hê dat jy jouself aan My Woord hou en glo, want slegs `n diepgelowige mens kan met ware ywer opkom vir dit wat My Gees hom ingegee het. Maar die geloof moet verwerf word in gebed. Daar moet met vaste wil daarna gestreef word. Die mens moet sy hart heeltemal aan My toevertrou, sonder enige weerstand, sodat Ek in hom werksaam kan word.

Die mens moet My Liefde voel. Hy moet weet dat Ek nie die mense mislei nie, maar die waarheid vir hulle wil bring en dat Ek hulle wie na My verlang, sal beskerm teen dwaling. En Ek is slegs daarop bedag om die mensdom van die dwaling weg te trek en hulle die waarheid in plek daarvan te laat toekom.

Maar verkeerd is die denke van diegene wat glo dat hulle ongehinderd hul aardse lewe kan voortsit sonder geloof in My en sonder om te glo dat hulle hulleself later sal moet verantwoord teenoor My. Ek poog om hierdie dwaling reg te stel en daarom stuur Ek aanmanings vir die mensdom, wat hul opmerksaam sal maak, en wat `n bewys van My Krag en Sterkte is, maar wat ook My Liefde moet aankondig. Want slegs dit wat vooraf aan hulle bekend gemaak was, kan hulle dan daartoe bring om in My te glo.

En daarom moet daar van die komende dinge melding gemaak word. Steeds weer moet julle daaroor praat, naamlik dat Ek My deur `n natuurkatastrofe sal uiter, om te bewys dat Ek bestaan en die lot van alle mense bestuur, sodat hulle My sal herken, as hulle egter nie koppig en verstok is nie. My Liefde beweeg My daartoe om die mense daarop opmerksaam te maak. Maar voor dit moet Ek My van gewillige mense bedien, om die mense nie in hulle geloofsvryheid te beperk nie. Maar hulle sal namens My praat. Hulle sal My moet aanhoor en dan My Woord deurgee, want Ek bring die waarheid vir hulle, wat nou deur hulle aan hul medemens gebring moet word.

Amen.

Satan se werksaamheid en sy kluistering

B.D. No. **2856**
21. Augustus 1943

In veelvoudige vorm werk die teenstander teen God. En op velerlei maniere probeer hy Christus se leer van liefde te ondermyn. Haat en verdeeldheid saai hy, waar die bodem maar geskik is daarvoor en elke geleentheid neem hy waar om die mense teenmekaar aan te hits en hulle te versterk in hul liefdeloosheid. Want hy probeer om God te verdring. Hy probeer om al die goeie te versplinter en stadig te verander tot die kwaad. Hy probeer om elke gevoel vir die waarheid uit te roei en om opvattings onder die mense te versprei wat heeltemal teen die liefdesleer van Jesus Christus gerig is. En dus streef hy daarna om Jesus Christus self te verdring, want met sy leuen word die mensdom ook die kennis van die grootste draer van die waarheid ontneem. En dit is die doel van die teenstander van God, want dan gaan die genade van die verlossingswerk vir die mense ook verlore, sodra die mens nie meer hiervan op hoogte is nie en daarom nie die genade daarvan bewustelik begeer nie.

Jesus Christus moet egter erken word as die Seun van God en Verlosser van die wêreld. Eers dan kan Hy die mens die genade van sy verlossingswerk laat toekom en eers dan is dit vir hom moontlik om vry te word vanuit die mag van die teenstander van God. Maar die wil van die mense gee self hierdie buitensporige mag aan die teenstander, want as die mense hulle wou verweer het, sou hulle hul wil heeltemal aan God oorgegee het en dan sou die mag van die teenstander gebreek wees. En as hulle ook op hoogte was van die verlossingswerk en die geloof daarin gehad het, sou die mens wat op God afstuur, nie afgeneem kon word nie.

Tog laat God Sy Krag op dieselfde wyse na die aarde toe vloei, sodat die mens in staat kan wees om die werksaamheid van die teenstander te herken en hom te weerstaan. En dus is daar `n stryd tussen die goeie en die slegte geesteryk. Dit is `n voortdurende stryd wat ten doel het om invloed te verkry op die denke van die mens om hulle op die goeie weg te lei. Want eers wanneer die denke van die mens korrek is, sal hy die waarheid insien en begeer. Maar die goeie kragte het weinig sukses. Die mense is heeltemal sonder enige liefde. Dus het die teenstander van God `n maklik spel om hulle vir homself te wen en sonder weerstand gee hulle oor aan sy invloed.

En dus raak hulle self ontslae van alle geloof en alle genade, omdat hulle wil bereid is om die grootste werk van Liefde te ontken, omdat hulle self nie in staat is om liefde te beoefen nie en hulle dus ook nie die Liefdeswerk van Christus verstaan nie. En so sal ontelbare mense aan die aktiwiteite van die teenstander ten prooi val. Maar God, in Sy oneindige Liefde en Barmhartigheid, sal sy optrede net tot op `n sekere punt duld, want sodra hy sy optrede teen God Self rig, sodra daar, na aanleiding van sy invloed, openlik opgetree sal word teen elke mens wat nog vir Jesus Christus ken, word dit `n openlike stryd teen God, wat Hy nie sonder vergelding sal laat nie. Want nou word dit `n ongelyke stryd, deurdat die mens nie meer met die vrye keuse vir God of vir Sy teenstander gelaat word nie. Inteendeel, daar sal dan geen ander keuse meer oorbly as om, sonder enige terughoudendheid, die teenstander van God te kies nie. Die mense sal gedwing word om hulle geloof prys te gee, en dit sal juis van toepassing wees op diegene wat nog aan Hom wil vashou, want die ander het al voorheen vrywillig afstand gedoen van hulle geloof.

Maar God sal nooit dat Sy teenstander die oorhand kry om Hom te verdring nie. En sy laaste ingryping sal hom alle mag en alle krag ontneem. Voordat Hy hom egter gaan kluister, sal Hy die gelowige mense op buitengewone wyse bystaan, omdat, terwille van die ongelowiges, die heftige stryd oor die geloof moet ontbrand, omdat hulle die krag van die geloof moet insien en omdat die buitengewone werksaamheid van die gelowiges hulle nog kan terugbring om te glo, as hulle egter nie alreeds tenvolle in die mag van die teenstander sal wees nie. Maar uiteindelik sal dit ondraaglik word vir die gelowiges, want Satan probeer hulle dwing om aan hom onderworpe te wees. En dan het die oomblik aangebreek dat sy mag gebreek sal word, dat God `n einde sal maak aan sy doen en late, dat Hy hom sal verneder en hom alle mag sal ontneem.

En almal wat hom huldig, sal kragteloos wees. Kragteloos sal hulle aan die Hand van God prysgegee word, Wie regsprekende nou die geeste van mekaar sal skei; wat alles heeltemal sal verdelg wat nie onder sy vaandel gestry het nie, en Hy sal die weiniges beloon wat Hom toegedaan was, soos wat Hy

belowe het. En al woed die teenstander hoe erg, die uur sal kom waarin `n einde aan sy handelwyse gemaak sal word en hierdie uur is nie meer ver nie. En daaraan sal julle die einde herken, dat die satan sonder erbarming sal woed, dat hy die mense teen mekaar sal ophits, dat hy hulle gedagtes sal ingee wat getuig van ongehoorde wreedheid en liefdeloosheid en dat hy hulle sal aanspoor om mekaar te kwel. Dan het die wêreld ook rypgeword vir sy ondergang, dus sal die aarde en alles wat daarop is, deur die Wil van God omvorm en vernietig word, nadat God die mense wat Hom trou toegedaan was, na Hom geneem het, sodat hulle uit die mag van Satan weggeneem kan word.

Amen.

Siel - Onverganklikheid

B.D. No. **2860**
25. Augustus 1943

Alles wat God geskep het, is geestelike krag en as sodanig onverganklik. Tog is die sigbare skeppings aan `n voortdurende verandering onderhewig. Hulle vergaan dus nie totaal nie, maar verander net in hulself. En selfs wanneer dit nie meer sigbaar is nie, hou dit tog nie op om te bestaan nie, omdat God die materie slegs tydelik oplos, totdat die geestelike daarin weer `n nuwe uiterlike vorm benodig. Hierdie verandering dra ook daartoe by dat die gees homself verder ontwikkel, dat dit dus nooit in dieselfde stadium bly nie, maar `n steeds hoër graad van volmaaktheid bereik, totdat dit met sy laaste beliggaming as mens kan begin. Ook die mens is in `n sekere sin verganklik, maar slegs die uiterlike vorm, terwyl die siel, die gees in die mens, ook die laaste uiterlike vorm oorleef en as wese sonder liggaam die ewigheid ingaan.

Vir die mens op die aarde is die gees, die siel, nie sigbaar nie. En tog is sy die eintlike wese wat die liggaamlike omhulsel nodig het, slegs geskape met die doel om uiteindelik volwasse te word op aarde. Maar ná die dood van die liggaam, lei die siel haar lewe verder sonder enige bedekking en daarom ook slegs sigbaar vir die geestelike wesens wat onafhanklik is van die aarde en alle aardse substansie. Wat God geskep het, bly vir ewig bestaan, maar die uiterlike vorm van die bestaan, die toestand van dit wat deur God se wil geskape is, kan baie verskillend wees. Dienooreenkomstig ook meer of minder sigbaar, ofskoon dit ewiglik nie kan vergaan nie.

Die mens met sy fisiese oë is maar net in staat om al die geskapene in die stadium te sien waar dit materiële omhulsels besit, want die liggaamlike oog kan slegs sulke dinge sien, omdat die wese binne die uiterlike vorm, slegs met `n hoë graad van volmaaktheid gesien kan word. En daarom word die onverganklikheid van die menslike siel ook gewoonlik in twyfel getrek, omdat die mens slegs dit wil glo wat hy kan sien en wat hy kan bewys. Maar deur `n bietjie nadenke verkry hy die insig dat alles wat van God uitgegaan het, nie verganklik kan wees nie, al verloor dit haar aardse omhulsel. Eers wanneer hy die gees in homself erken, wanneer hy `n geestelike lewe lei naas sy aardse, uiterlike lewe, sal hy die materie sien as `n bedekking wat nodig is vir die ontwikkeling, en wat vir die gees maar net `n middel tot die doel is. Dan sal hy ook weet dat daar geen einde bestaan vir die gees nie, maar dat die uiterlike omhulsel slegs `n begrensde tydsduur het en solank bly bestaan, as wat die goddelike wil dit wil hê, wat dan die gees vrymaak vir `n lewe buite die aarde, buite die materie, wat nooit meer sal ophou nie, maar vir ewig sal duur. Daarom kan die aardse lewe slegs as `n oorgangstadium beskou word, waarin die gees, die siel, haar laaste uiterlike vorm moet oorwin, sodat sy dan heeltemal sonder omhulsel `n sfeer kan ingaan waar haar eintlike lewe nou begin, in vryheid en bewus van haar krag, wat haar so lank op aarde ontbreek het, omdat sy nog nie die nodige volmaaktheid gehad het nie, waar sy bewus sal wees dat sy vir ewig lewe, dat sy nooit meer kan vergaan nie, omdat dit wat uit God is, onverganklik is.

Amen.

Voorbidding en antwoorde

B.D. No. **2867**
2. September 1943

Gee jou oor aan die werksaamheid van die gees wat jou sal lei in alle waarheid. En wanneer twyfel jou hart beswaar, wanneer daar `n vraag in jou opkom, raadpleeg dan die gees in jou. Dit wil sê, bid tot God vir lig deur die krag van Sy Gees, en jy sal opheldering kry en in die waarheid onderrig word.

Die nood op aarde is onbeskryflik groot. Daar is byna geen mens wat daarvan gespaar gebly het nie. Maar die aardse nood is maar gering in vergelyking met die geestelike nood, waarvan die uitwerking nie duidelik is vir die mens nie en wat hy daarom weinig of glad nie in aanmerking neem nie. Die aardse nood is beperk, omdat die aardse bestaan vir elke mens van baie korte duur is, as dit vergelyk word met die eindelose lang tyd in die ewigheid, waar `n onvolmaakte siel in die boeie van die duisternis kan smag. En hierdie kwellinge wil God van die siel afwend deur aardse nood.

Hy wil die siel nog op aarde suiwer om haar die leed in die hiernamaals te spaar, wat baie bitterder is. God kan dit wel vir die mens op aarde spaar. Maar dit sal `n gebrek aan liefde wees, wat die siel in die hiernamaals smartlik sou ervaar, wat haar andersins sou moes vervul het met dank, as sy sou terugkyk na die tyd van lyding op aarde, wat haar die bitterlike lyding in die hiernamaals gespaar het. Want die leed op aarde moet die mens tot insig bring. Die leed op aarde moet die mens verbinding laat soek met God en hy moet sy wil daartoe bring om die aardse bestaan welgevallig aan God te lei.

Dan eers kan die leed van hulle afgeneem word. Die geestelike nood moet dus eers opgehef word, voordat God die aardse nood van die mense kan afwend. En hierdie geestelike nood moet die aanleiding wees vir voorbidding. Die mense moet vanuit die insig van hierdie geestelike nood en die gevolge daarvan bid vir die mense wat op `n dwaalspoor gebring is. Hulle moet vir God om krag en genade vra, sodat hulle tot insig van hulle noodtoestand kan kom en uit vrye wil na die lig strewe. Want die aardse nood is vir hierdie mense `n genade wat juis tot hierdie insig moet lei. Die mens is maklik geneig om te glo dat die leed op aarde `n straf is vir die mense wat nie volgens die wil van God lewe nie. En daarom vra hulle God om genade. Hulle vra om beëindiging van die aardse lyding, om dit te verkort en dus in `n sekere sin om die barmhartigheidsmiddel weg te vat, wat die mens die volmaaktheid van sy siel moet besorg. Die liefde vir sy medemens bring hom wel tot so `n intersessie, maar dit moet net die geestelike welsyn van die mense geld. Dan betoon hy sy diepe liefde vir hulle en dan kan God hierdie gebed ook verhoor, deurdat Hy die ander in vergrote mate genade kan laat toekom, sodat hulle makliker tot insig kan kom. Maar die vryheid van wil kan Hy nie wegneem nie. Die mense moet self die wil hê om die weg te gaan wat vir God reg is. Dan eers lewer voorbidding vir hulle die Seën op, sodat dit lig kan word in hulle en dat die leed op aarde nie tevergeefs was nie.

Amen.

Krag van voorbidding

B.D. No. **2868**
3. September 1943

Sodra mense vir mekaar bid, is hulle harte in staat om lief te hê. En omdat liefde krag is, vloei hierdie krag oor op die mense na wie die liefde uitgaan. Die gebed het so `n uitwerking dat die mens vir wie die voorbidding bedoel is, merkbaar die vloei van krag sal voel, deurdat hy óf verligting van sy aardse behoeftes sal ervaar óf deur die toestromende krag beter bestand sal wees. En so vervul God elke suiwer aardse gebed wat in liefde vir sy medemens tot Hom gerig word. Maar baie seënryker sal die gebed wees wat slegs vra vir die geestelike voltooiing, naamlik vir insig, lig en waarheid. Dan sal die gebed `n uitwerking hê in die vorm van krag, wat sy medemens alleen maar gewillig hoef aan te neem, om groot geestelike sukses te behaal. En daardeur word begryplikerwys ook die aardse nood verminder, wat immers net dieselfde doel moet hê, naamlik die tot stand bring van geestelik volwassenheid. Maar as die mens nie wil agslaan op die toegewese krag van voorbidding nie, kan God ook nie die leed van hierdie mens verminder, wie se siel Hy wil red en wat sonder sulke leed heeltemal verlore sal gaan nie.

Die mens wil sy medemens help wat in nood is. God is egter liefde en Hy wil ook die mens te hulp kom. En Sy liefde en wysheid sien in dat leed die enigste middel is om die mens te wen vir die ewigheid. En hierdie liefde en wysheid moet begryplikerwys die gebed vir die lydende medemens onverhoor laat, omdat hulle die volmaakwording van die siel begeer, wat ook die sin en doel van die aardse lewe is. En daarom moet die vervulling van gebed aan die wil van God oorgelaat word, want God weet waarlik die beste wat vir `n siel die grootste geestelike voordeel sal wees.

God erken wel liefde, maar as hierdie liefde uit menslike onkunde `n einde wil maak aan die lyding wat aan die mens deur die liefde van God opgelê is, dan sal Hy hierdie liefde wel waardeer, maar egter volgens Sy goeddunke die gebed nie verhoor nie, om verlossing aan die siel te bring. Hy sal dus skynbaar geen ag slaan op die menslike wil nie. Maar die krag van voorbidding werk goed, deurdat hulle dan makliker op God kan fokus wanneer die wil van die mens hom nie heeltemal teen Hom verset nie. En daarom moet alles, leed of vreugde, aan God oorgelaat word en alles berustend en dankbaar uit sy hand aangeneem word, want Hy weet waarlik die beste wat bevorderlik is vir die mens. En Hy lei alles sodat dit die siel tot heil kan strek en die mens geestelik volwasse kan word as hy die wil daartoe sal hê.

Amen.

Die lering van reïnkarnasie is misleiding - die wet

B.D. No. **2873**
7. September 1943

Die goddelike wette is ewig onveranderbaar en alle hoër ontwikkeling in die fisiese, sowel as in die geestelike koninkryk, vind plaas volgens hierdie wette. Daar bestaan diverse variteite fisiese en geestelike skeppings en al hierdie skeppings het slegs een doel, naamlik om die gees wat ver van God verwyderd is, weer na Hom terug te lei. Maar tog is elke stadium van ontwikkeling so verskillend, soos wat daar afsonderlike skeppings is. Dus sal hierdie skeppings altyd bewoon word deur geeste wie se graad van volwassenheid met hulle natuur ooreenkom.

Daar sal altyd `n progressiewe ontwikkeling wees, solank as wat die gees deur die fisiese skepping beweeg in `n verpligte toestand. `n Stilstand of `n agteruitgang in die ontwikkeling kan egter plaasvind gedurende die finale stadium van die fisiese skepping as mens, maar aan die einde van die mens se lewe, sal die gees onherroeplik die hiernamaals ingaan, waar geen verdere fisiese skeppings bestaan nie. Maar `n stilstand of teruggang kan ook in die geestelike realm plaasvind, want die wese behou sy vrye wil, wat egter aansienlik verswak is, as hy slegs `n lae graad van volwassenheid bereik het. Net soos met die aardse lewe, hang opwaartse ontwikkeling egter af van werksaamheid, wat vir die mense op die aarde heeltemal onverstaanbaar is, want hulle begryp nie die betekenis daarvan nie, maar wat daarenteen, afhanklik is van aardse skeppings.

In effek glo mense dat elke aktiwiteit aardse, dit is fisiese skeppings vereis. Daardeur ondersteun hulle die opvatting dat die siel weer na hierdie realm kan terugkeer, waarin sy voorheen haar opwaartse ontwikkeling verwaarloos het, dat sy dus weer na die aarde kan terugkeer om voort te gaan waar sy opgehou het, dat die siel dus haar onderbroke ontwikkelingsgang enige tyd kan herhaal, tot finale volmaaktheid bereik is. En hierdie aanname lei tot `n lering wat nie volgens die waarheid is nie, maar wat oral byval vind en daarom wydverspreid is, naamlik die leer van reïnkarnasie op die aarde. Slegs weinig mense begryp die skadelike gevolge wat hierdie leer vir die mensdom het, as dit nie weerlê en reggestel word nie.

Hierdie lering stel egter die goddelike wet tersyde, naamlik dat volgens die plan van die goddelike Wysheid, alles moet vorder as dit wil vooruitgaan. Reïnkarnasie op aarde sou `n afwaartse ontwikkeling vir die siel gewees het, en sou dus deur God goedgekeur moet wees, en sou dus die goddelike wet teenspreek wat konstante vooruitgang gebied en demonstreer. Alhoewel die wese uit vrye wil wel inderdaad afwaarts kan beweeg, sal God se wil hom nooit terugplaas in `n toestand wat hy alreeds eenmaal voorheen oorwin het nie. En die wese sal nooit toegelaat word om na willekeur `n roete te neem wat hy voorheen gefaal het nie. Nooit mag die wese dus volgens eie besluit `n proses

herhaal waarin hy tevore gefaal het nie. Hy het nog baie duisende der duisende geleenthede om verder te ontwikkel, egter altyd op verskillende skeppings en onder heeltemal verskillende voorwaardes.

Amen.

Oor die siel - illusies - geestelike werksgroep

B.D. No. **2874**
8. September 1943

In die geestelike wêreld is die siel die skepper van haar eie omgewing. Sy leef in `n gebied wat sy vir haarself geskep het deur haar eie wense en begeertes, deur haar denke en haar wil. Alhoewel die voorwerpe nie meer `n fisiese aard het nie, is hulle ook nie geestelik onverganklik nie, maar is trouens illusies, dit is verlangde ideale wat verdwyn, sodra die siel se verlange daarvoor toeneem. En in hierdie selfgeskape wêreld kan die siel, net soos op aarde, die verlange na die materie bestry en oorwin. Sy kan egter ook daarvoor swig en die materie steeds meer begeer, wat sy in haar duistere toestand verbeel is `n realiteit.

Die siel kan dus glo om op aarde te lewe en kan eindelose lang tye in hierdie waangeloof bly, totdat sy dan bewus word van haar gebrekkige toestand en afsien van haar verlange na wêreldse goedere, óf sy kan steeds meer en meer daarmee betrokke raak, wat vergelyk kan word met `n geestelike agteruitgang, wat einde ten laaste sal eindig in haar kluistering in die vaste vorm, want die siel se verlange sal altyd vervul word, insoverre die materie waarna sy verlang, haar buitenste bedekking word. Die agteruitgang van die siel in die hiernamaals veroorsaak dus haar reïnkarnasie, sy moet die lang proses van aardse ontwikkeling herhaal en dan weer, duisende jare later as `n mens, weereens haar laaste aardse lewensproef neem.

Daarenteen is die opwaartse ontwikkeling in die geesteryk onafhanklik van die fisiese omgewing, want die siel gaan slegs omhoog wanneer sy haarself vrygemaak het van aardse begeertes. In daardie geval is `n aardse lewe nie meer nodig nie, want sy het in die hiernamaals dieselfde geleentheid om liefdesdiens te doen, waar die siel dan as te ware deel word van `n geestelike werksgroep, wat buitengewoon aktief is, op `n wyse wat nog nie vir die mens begryplik is nie. Alle wesens het die geleentheid om in die hiernamaals verder te strewe en in hierdie toestand van bewustheid, word hierdie geleenthede ook ywerig benut. Die siele wat egter nog in volledige duisternis verkeer, moet uit vrye wil na God strewe. En om hierdie wil op te wek, is werk die van Ligwesens wat deur hulle volmaaktheid die kennis ontvang het, wat hulle liefdevol probeer oordra aan hulle wat nog duister van gees is. Die geestelike koninkryk bied dus baie moontlikhede om te help dat die siele geestelike volwassenheid bereik.

Amen.

Fases van ontwikkeling is uniek gedurende `n verlossingsperiode - Inkarnasie van ligwesens - missie van `n kind van God

B.D. No. **2875**
9. September 1943

Elke ontwikkelingsfase van die siel vind maar eenmaal plaas in die tydsbestek van `n verlossingsperiode, selfs al het sy nie die toestand van haar vrye wil benut nie. In daardie geval sal hierdie ontwikkelingsfase vergeefs by die wese verbygegaan het en sal sy die gevolge daarvan in die geesteryk op haarself moet neem. Maar die heeltemal aan God weerspannige gees, wie se weerstand nie gebreek kon word gedurende die eindelose lang aardse proses nie, word weer die geleentheid gebied in `n nuwe periode van skepping, waar sy dan, beliggaam binne-in `n vaste vorm, deur `n nuwe fase van ontwikkeling kan lewe in `n nuut beginnende materiële periode.

En dan moet die geestelike substansies, in `n verpligte toestand, weer tot menslike siel ontwikkel word en dan word verblyf in `n menslike liggaam weer toegestaan, as finale proef van haar wil. Hierdie reïnkarnasie kan dus inderdaad plaasvind, maar die proses het sulke enorme impikasies, dat dit aan die mense as die verskriklikste ding voorgestel moet word, ofskoon dit ook `n daad van God se barmhartigheid is, omdat die gees na eindelose lang tye uit haar gevangenskap verlos kan word.

Maar die idee dat die menslike siel egter weer op dieselfde aarde kan reïnkarneer, met die doel om haar ontwikkeling te voltooi, is misleidend.

Wanneer God `n siel vanuit die geestelike realm van lig na die aarde laat terugkeer, is dit slegs `n daad van goedentierenheid, want aan hierdie siel word `n taak opgelê om die onvrye gees op die aarde te bevry. Sodoende inkarneer `n ten volle volwasse ligwese homself dus op aarde om ander geestelik te help, terwyl hy skynbaar op die pad van geestelike ontwikkeling moet vorder, net soos elke ander mens.

`n Terugkeer na die aarde met die doel om volkome volwassenheid te bereik, om op te maak vir die nalatigheid van `n vorige aardse lewe, korrespondeer nie met God se Wysheid nie, want dit sal die progressiewe ontwikkeling onderbreek, want `n terugkeer van die geestelike- na die fisiese toestand, sal `n agteruitgang wees en dus `n teken van die siel se voorneme om haarself te distansieer van God, dus sal sy nie geestelike vordering toon nie. Hulle wat na God strewe, het waarlik genoeg geleenthede in die geestelike realm, waar die siel haarself kan bewys en dus volmaak kan word en verder ontwikkel.

Daarenteen kan hoog ontwikkelde geestelike wesens, wat nog nie die graad van kindskap van God bereik het nie, `n kind van God word deur `n inkarnasie (beliggaming) op aarde met `n bepaalde missie as doel, wat dan altyd verbind sal word met uiterste moeilike lewensomstandighede, en vereis `n voorheen bereikte spesifieke graad van volwassenheid aan die anderkant.

Die leer van reïnkarnasie is `n menslike opgestelde leer wat ooreenkom met hulle begeertes en word daarom steeds oor en oor verdedig, want baie mense kan nie meer die waarheid van bo korrek verstaan nie en verander dit dus om aan te pas by hul begeertes, want die verlange na hierdie aardse wêreld is by hulle nog te sterk en die gedagte om toegelaat te word om na die aarde te mag terugkeer, is vir hulle gerusstellend en bevredigend. Maar hierdie leer is `n belemmering vir die geestelike ontwikkeling van die mens is en sal daarom oor en oor bestry moet word deur hulle wat die suiwer waarheid sal versprei.

Amen.

Kennis van die Gees se werk in `n persoon

B.D. No. **2878**
11. September 1943

God kan Homself slegs aan `n paar mense deur Sy Woord openbaar, omdat die meeste mense die kennis van die werk van die Gees in die mens verloor het en hulleself dus nie voorberei om die goddelike Woord in hulself te hoor nie. Dit is `n proses wat eers geloof in die werk van die Gees vereis, maar die geloof ontbreek in mense en hulle kan slegs hierdie kennis deur liefde verkry, omdat dit hulle gedagtes in die regte rigting stuur en die persoon kan dan ook in sy gedagtes hierdie kennis ontvang. Maar hy sal nooit hierdie kennis as die werk van die Gees herken nie en nie ten volle oortuig daarvan wees nie. Maar die Gees van God wil Haar duidelik en akkuraat openbaar. God wil Homself aan die mense openbaar, daarom sal hy met hulle praat. Hy sal Sy Woord aan hulle stuur sodra hulle in Hom glo, in Sy Liefde, Sy Wysheid en Sy Almag. Want dan sal hulle kontak met God wil maak, `n dialoog met Hom begin en in reaksie Sy stem in hulle hoor. Die Krag van die Gees sal met hulle kommunikeer en `n helder insig oor die mees uiteenlopende onderwerpe sal die resultaat wees. Die informasie van die werk van die Gees in `n persoon moet aan mense deurgegee word, maar dit sal selde geglo word en sonder geloof kan dit ook nie ervaar word nie. Slegs `n persoon se diepgaande liefde sal tot hierdie geloof lei, want dan sal die Gees van God in hom werk en sal hom die idee gee om innerlik te luister. Dit is die begin van `n persoon se daadwerklike onderrig en dus die inleiding tot die diepste kennis. God kan Homself slegs openbaar wanneer `n diep toegewyde hart na hom draai, maar dan sal Hy Sy Wysheid sonder beperking gee.

Derhalwe is die werk van die Gees van die uiterste belang, omdat dit die enigste middel is om die Waarheid te vind en in die diepste diepte van die goddelike Wysheid in te dring. Daarom is dit die enigste middel om kennis te ontvang wat nooit verstandelik verwerf kon word nie, wat die persoon

van buitengewone insig en kennis met betrekking tot God en die mens, die skepping en die geestelike koninkryk sal voorsien. Die diepgaande begrip is slegs moontlik waar die Gees van God kan werk en tog hang die werk van die Gees slegs van die wil van `n persoon af, want dit moet eers aktief word, die mens se innerlike verandering moet eers verwesenlik word, wat die eerste vereiste vir die werk van die Gees in `n mens is. Die mens se wil moet eers besluit om sy siel te verbeter, hy moet hom aanspoor tot dade van liefde, hy moet innerlike kontak met God tot stand bring en moet aandagtig innerlik luister om Sy Woord te hoor, wat dan aan hom gegee sal word deur die stem van die Gees. Maar die meeste mense slaag nie daarin om innerlik te luister nie, selfs as hulle aan alle ander voorwaardes voldoen, omdat hulle nie weet dat God Self in opregte mense werk nie. Hierdie kennis het verlore gegaan en dit is moeilik om hulle te oorreed om dit te toets, om aan alle voorwaardes te voldoen en dan sorgvuldig te luister.

Om hierdie rede word die goddelike Woord nouliks ooit op die mees natuurlik manier na die aarde gestuur nie, naamlik deur God wat tot die mense spreek, deur Self al die wysheid aan hulle te gee en hulle te leer soos wat `n onderwyser sy studente leer. Maar sodra `n mens alles gedoen het om die werking van die Gees waar te neem, sodra hy homself beskikbaar stel vir ontvangs, deur bewustelik innerlik te luister, sal die diepgaande kennis vir hom toeganklik gemaak word. Omdat hierdie kennis bedoel is om tot voordeel van sy medemens te wees, behoort hy dit deur te gee en is hy veronderstel om dit te ondersteun en behoort hy `n bemiddelaar tussen God en die mense te wees, - mense wat nie deur Homself aangespreek kan word nie -, omdat hulle Hom nie kan hoor nie. Hy moet die verspreider van die waarheid op aarde word, hy moet sy lig oral laat skyn en die liefde van God aan die mense bekend maak, Wie na die aarde in die Woord neergedaal het en die Waarheid aanbied, omdat die leuens, wat die siele in gevaar stel, verwyder moet word. Hy moet getuig van Sy Wysheid deur aan die mense te beskryf hoe God se heerskappy en Sy aksies in die skepping en in die geestelike koninkryk is en hy moet Sy Almag verkondig, wat dit bereik wat ookal deur God se wil bepaal is. Hy moet God aan die mense voorstel as die mees volmaakte Wese om hulle liefde vir Hom te wek, om hulle wil te verwerp en hulself ondergeskik te maak aan hierdie Wese, om Hom lief te hê en te dien tot in alle ewigheid.

Amen.

Geloofstryd, ernstige aansporing om die mense daarop te wys

B.D. No. **2880**
13. September 1943

Daar sal `n groot verlange na geestelike voedsel kom, sodra die aarde se omwenteling plaasgevind het, maar dit sal slegs `n verbygaande toestand wees. Die mense sal aanvanklik, gedrywe deur die groot nood, gewillig wees om die woord van God aan te hoor, wat hulle sal vertroos en versterk. Hulle sal dit vir `n kort tydjie ook as God se woord herken en glo, maar dan tree die wêreld weer met sy eise op die voorgrond en ondertussen vergeet hulle, hulle nood en dus ook vir Hom, wat die nood oor hulle laat kom het.

Hulle denke en strewe sal maar slegs gerig wees op die herstelling van die ou omstandighede en dit sal vir hulle ongemaklik wees om die gebooie te onderhou wat deur die woord van God aan hulle bekend gemaak is. Gevolglik sal hulle ook vyandig optree teen die geloof en Sy volgelinge onderdruk en dit sal die goedkeuring van die mense hê. Slegs `n klein aantal sal vashou aan die woord, slegs weinig mense sal standhou deur alle aanvegtinge en trou bly aan God en hulle geloof.

Tog moet die verlange na geestelike voedsel vooraf in so `n groot moontlike mate vervul word, want God se woord moet aan die mense gebring word waar dit maar moontlik is, sodat soveel mense as moontlik daarvan te wete kan kom, want in die daaropvolgende geloofstryd sal God nog elke mens waarsku. Die gelowiges sal vol krag wees en buitengewone dinge volbring, want hulle sal die krag daartoe put uit hulle diep geloof.

En selfs die ongelowiges sal die krag van hierdie geloof herken, want hulle was al voorheen vertroud gewees met die leer van Christus, sodat baie daarvan nou vir hulle duidelik sal word, want hulle sien nou die bewys van wat aan hulle verkondig was.

God laat geen moontlikheid verbygaan nie en Hy laat geen middel onbeproef nie en waar daar nog redding aan die mense gebring kan word, help Hy hulle, as hulle maar daarvoor gewillig wil wees. Hy sal aan baie dienaars op aarde die opdrag gee om te spreek volgens Sy wil, want dit gaan daaroor om Sy leer te versprei en die mense in kennis te stel oor die komende gebeurtenis.

Die geloofstryd is onvermydelik en sal vorm aanneem soos nog nooit tevore nie en hoe meer die mense getrou sal bly aan hulle geloof, des te brutaler sal die teenstander optree om dit heeltemal uit te roei. Maar die gelowiges sal ook oor groot krag beskik. Hulle sal baie kan verdra, omdat God hulle sal versterk en aan hulle krag sal gee deur Sy woord en omdat Hy steeds met hulle sal wees wat Hom en die geloof bely voor die wêreld.

Dit alles moet julle al vooraf aan die mense verkondig en julle moet hulle wys op die tyd van die geloofstryd. Julle moet vir hulle oor die krag van die geloof spreek en van die krag van die gelowiges, wie vir Jesus Christus Self as Leëraanvoerder het in die stryd teen die wêreld. Daar sal nog baie uit die leër van die teenstander oorloop en gelowig word by die aanskoue van die dinge wat gaan gebeur, want God self sal werke deur Sy dienaars laat doen om hulle nog te red wat hulself nie heeltemal teen Hom verset het nie.

Amen.

Beliggaming van die ligwesens - Missie

B.D. No. **2881**
13. September 1943

In die tydsbestek van `n ontwikkelingsperiode word die menslike siel slegs eenmaal beliggaam, tensy sy `n tweede lewenswandel op aarde uit vrye wil op haarself wil neem, met die doel om `n missie te vervul.

`n Herbeliggaming is dus slegs moontlik na afloop van `n ontwikkelingsperiode, as dit nodig is om die wesens, wat nog ver van God af staan en wat op aarde gefaal het, tog nog in die nabyheid van God te bring. Maar so `n herbeliggaming is sekerlik nie in ooreenstemming met die wil van die wese nie. Inteendeel, dit sou gevoel word as `n toestand van dwang, waarin die mens uit vrye wil nooit sou toestem nie. Die hernude beliggaming as mens vereis dan ook die gang deur al die skeppingswerke, wat `n ondenkbare foltering is.

Maar as `n ligwese bereid is om op aarde vir die geestelike ontwikkeling van die mense `n noodsaaklike taak te vervul, dan kan hy homself weer op aarde beliggaam en daardeur ook `n nog hoër graad van volmaaktheid bereik, dan val die gang deur die werke van die skepping weg en die siel inkarneer haarself dus van bo in `n vleeslike liggaam, om nou onder dieselfde voorwaardes as `n mens heeltemal volwasse te word, tot op die graad, wat dan die uitvoering van die sy gestelde taak moontlik maak. Sulke siele word ter beskikking gestel aan siele wat hulself in geestelike nood bevind, hetsy as leiers op aarde, hetsy as mense wat kennis oor God besit en die mense daardeur bystaan met hul geestelike ontwikkeling.

Hoe groter die geestelike nood, des te meer ligwesens beliggaam hulleself om te help. Hulle het egter nie meer die weg oor die aarde nodig om hul eers te omvorm tot ligwesens nie, maar hulle siele is ligsiele, maar sonder om op hoogte te wees van hul geestelike toestand en daarom ook vervul met die strewe na bo, omdat dit vir hul medemens van groot waarde is dat die weg wat omhoog lei, aangewys word. Van `n reïnkarnasie, met die doel om hulself te vervolmaak, kan dus nie gepraat word nie en daarom is die opvatting foutief, naamlik dat `n siel haarself na willekeur kan beliggaam, met die doel om verder te ontwikkel. Want slegs `n volmaakte siel, `n ligwese, neem vrywillig die materiële omhulsel aan, omdat sy liefde geword het en die liefde vir die gebonde wesens haar beweeg om terug te keer na `n kerker wat sy lankal al ontvlug het. Maar `n siel, wat nog ryp moet word, sou haar daarteen verset het om na die aarde terug te keer, omdat sy haarself ontruk voel van die las van die aardse bestaan, sodra sy al die insig het en ook weet van die geleenthede om haarself positief te ontwikkel in die geesteryk, sodat sy dit verreweg bo `n herhaalde lewe op aarde sal verkies.

Die ontwikkelingsmoontlikhede in die geesteryk word egter aangepas by die toestand van volwassenheid van elke siel. Hoe gewilliger die siel is, hoe meer sy daarna streef om positief te ontwikkel, des te werksamer is sy ook en des te meer vergeestelik sy. Sy het geen materiële skeppings meer nodig nie, en skep dit self deur haar begeertes, al is dit ook maar in haar verbeelding. Sy skei haarself steeds meer daarvan af en ook aardse begeertes raak dan meer en meer op die agtergrond. Dienooreenkomstig leef sy nou in `n geestesfeer, in `n omgewing wat maar net `n geestelike skepping genoem kan word. Elke moontlikheid om haarself positief te ontwikkel word haar aangebied en sy het waarlik nie weer `n verblyf op die aarde nodig nie en verlang ook nie daarna nie, omdat sy die aardse lewe as `n oorwonne stadium van haar ontwikkeling beskou, ongeag die feit of sy volwassenheid bereik het, maar wat wel vir die siel moontlik was om te bereik. Maar dit was vir haar `n gebonde toestand, waaruit sy nou bevry voel en waarna sy nooit meer sal streef nie. Maar dit is anders by `n nog heeltemal materiële siel, wat sonder hierdie insig van die liggaam skei en wat nog met al haar sinne aan die aarde gebind is.

Hierdie siele verlang wel terug na die aarde, maar nooit om geestelik volwasse te word nie, eerder om dit slegs suiwer liggaamlik te kan geniet, omdat die liefde vir die materiële wêreld en vir haar eie ek die siel vervul en haar verlange na die aarde steeds groter laat word. Maar hierdie siel moet die liefde vir die materie oorwin en sy moet dit doen in die hiernamaals, omdat sy dit op aarde versuim het. Deur haar begeertes skep sy vir haarself `n aardse wêreld in die geesteryk, sy sien en besit alles wat sy begeer, maar nie in werklikheid nie, slegs in haar fantasie, en wel vir so lank, totdat sy tot die insig gekom het dat sy slegs skyngoedere najaag en haar begeerte daarna oorkom. Dan eers verander haar omgewing en dan eers begin sy met haar taak in die geesteryk, wat aan haar `n positiewe ontwikkeling waarborg.

Amen.

Leuen en dwaling - Laagtepunt - Oplewing of agteruitgang

B.D. No. **2885**
17. September 1943

Die leuengees beheer die wêreld. Dwaling word nie meer herken nie en die suiwer waarheid word bestry. En hierdie toestand moet kwade gevolge hê, want dit is teen God gerig, Wie die Waarheid Self is. Al die onware dra die kenmerk van die teenstander van God. Al die valse vergiftig die denke van die mens. Dit het God nie tot doel nie, maar die wêreld.

En julle herken ook die vors van hierdie wêreld daaraan, dat hy die mense so beïnvloed dat hul hele strewe gerig is op die wêreld en haar vreugdes. Daar is geen geestelike doelwitte wat nagestreef word nie, omdat die mense op `n dwaalspoor gebring is en geen ware insig in die sin van hulle aardse lewe het nie. Slegs die suiwer waarheid kan hulle hieroor opheldering gee, maar hulle is sku daarvoor en hulle sal eerder die leuen en die dwaling aanhang. En dit is `n toestand van duisternis, wat nie kan lei tot geestelike oplewing nie.

As die mense maar daaraan wil dink, dat daar `n moontlikheid bestaan vir opwaartse ontwikkeling van die mensdom, vir `n toestand van groter geestelike volwassenheid, wat op die tyd van die lae vlak kan volg as hulle die suiwer waarheid, wat hulle van bo aangebied word, sal aanneem en hul lewe hieraan beantwoordend sou inrig. As hulle maar net wil lewe soos wat God dit verlang en soos wat Hy dit vir die mens bekendgemaak het deur Sy Woord, wanneer hulle hulself vertroud maak met kennis wat hulle `n geestelike volwassewording waarborg, omdat dit die liefde vir God en vir die naaste vergroot en omdat dit die siele aanspoor om ywerig aan hulself te werk.

Die suiwer waarheid is eenvoudig, duidelik en verstaanbaar en almal kan haar aanneem. Dit kan net tot gevolg hê dat almal geestelik sal vooruitgaan. Maar die mense verset hulle daarteen en hou met uiterste hardnekkigheid vas aan `n misvormde leer, wat ook dikwels die dieper sin ontsê en wat geen goddelike wysheid laat blyk nie. Daarom moet die geestelike toestand voortdurend dieper afsink, want die mense self verhinder dit nie, ofskoon hulle moet sien waartoe hierdie leer gelei het en hoe diep die mense gesink het. Hulle sal moet insien dat dit slegs dwaling tot stand sal bring, want nooit sal die suiwer waarheid sulke resultate tot gevolg hê dat die mensdom homself so ver van die lig kon

verwyder het, naamlik van die toestand om te kan insien nie. Daar kom `n tyd waarin `n nog dieper wegsinking in geestelike opsig sal plaasvind. En daar kan eers `n ommekeer plaasvind wanneer die waarheid ingang gevind het onder die mense. Eers dan is `n geestelike herlewing moontlik.

Solank die mensdom meen om hulself in die waarheid te bevind en tog nog ver daarvan verwyder is, is `n voortdurende agteruitgang te wagte, wat sal eindig met geestelike en aardse chaos, waar die leuen en die dwaling sal oorheers, totdat God, as die ewige waarheid self, sy teenstander alle mag ontneem en daar `n nuwe ryk sal ontstaan, waar slegs die waarheid sal regeer.

Amen.

Versoekings - Innerlike gevegte - Die toets van die wil

B.D. No. **2895**
25. September 1943

Om homself te kan vervolmaak moet die mens deur `n swaar innerlike stryd gaan, omdat hy sy weerstandsvermoë daarin moet beproef. Die geestelike volmaaktheid kan slegs bekom word deur `n korrek gebruikte wil. En daarom moet dit steeds weer getoets word en dit beteken `n stryd vir die siel. Daar moet versoekinge na die mens toe kom, wat slegs een doel het naamlik om oorwin te word, sodat die gees steeds vryer kan word.

Die opgee van eie liggaamlike begeertes moet bereik word en slegs die siel moet tot ontplooiing kom en daarvoor moet die wil sterk wees. En `n voortdurende stryd teen haarself is `n vereiste, vir die volwassewording van die siel. Dit is geen maklike taak nie, maar die verwesenliking, of die sege oor haarself, dit is `n beloning, `n resultaat wat alle moeite en oorwinning werd is, want die vrye geestestoestand maak haar so gelukkig, omdat sy waarlik niks opgegee het nie. Inteendeel, sy is maar net die ontvanger, want wat sy verwerp het, is sonder blywende waarde, maar die vryheid van gees bly ewig by haar.

Hierdie stryd kan die mens nie gespaar word nie. Want slegs deur voortdurende stryd en loutering staal die siel haarself en dan eers is sy geskik vir die vrye geestestoestand, wat `n volle oorwinning van die materie, naamlik van die aardse wense en begeertes vereis. En daarom moet die versoekings steeds weer en weer na die mens toe kom, sodat hy sy weerstandsvermoë kan bewys, sodat hy ernstig aan homself kan werk om die wil aktief laat word.

Alle geestelike vooruitgang bestaan uit selfoorwinning, hetsy dit in die opgee van die eie begeertes teenoor God of teenoor die naaste is, wanneer die mens ter wille hiervan sy begeerte oorwin het en dit as `n offer bring. Hy moet steeds sy eie ek laaste stel. Hy moet opwaarts strewe. Hy moet na geestelike goedere strewe en van alle aardse vreugdes afsien. Dan streef hy bewustelik na die vervolmaking van sy siel. Dan sal dit vir hom steeds makliker wees om stand te hou teen elke versoeking. Die wense en begeertes sal steeds swakker word, hoe meer hy oorwinnaar oor homself word. En die gees in hom sal vryer en vryer word, want niks hou hom meer teë nie en hy kan ongehinderd opwaarts strewe.

Die versoekinge van allerlei aard is rotse en struikelblokke wat oorkom moet word, wanneer die regte pad gevolg word wat na die doel lei. En daar sal nog veelvuldige verlokkinge deur die wêreld die mens aanleiding gee om sy wil te beoordeel. Daar sal steeds weer innerlike gevegte van die siel deurstaan moet word, as die aardse lewe `n voortdurende vooruitgang moet oplewer, as die siel volwasse moet word deur haar eie weerstand. Sonder stryd kan die doel nie bereik word nie. Steeds moet die mens bereid wees om sy teenstander te weerstaan, wie hom steeds weer nader in alle versoekinge van die wêreld en poog om hom tot `n val te bring. Die mens moet voortdurend op sy hoede wees, sodat hy nie beswyk nie. En daarom moet hy sonder ophou stry, totdat hy homself oorwin het.

Amen.

Wreedhede - Eindtyd - Laaste oordeel

B.D. No. **2901**
28. September 1943

In Tyd van ongewone gebeure sal die mense in voortdurende opwinding hou, want nou sal die tyd van die swaarste stryd aanbreek en die voortekens van die eindtyd sal merkbaar word. Soos wat dit vooraf verkondig is, so sal dit vervul word. Die chaos sal steeds groter word, die aardse nood sal toeneem, die mense sal alle hoop verloor, daar sal kommer en ellende aanbreek en die mens se geestelike vlak sal steeds laer daal, want die mense sal steeds liefdeloser word en sal mekaar op elke manier skade berokken. Die eieliefde sal oorheers en daar sal slegs aan eie voordeel gedink word by elke handeling en daardeur sal die nood steeds toeneem. En die gebeure sal mekaar vinnig opvolg, daar sal dinge gebeur wat niemand voorheen as moontlik beskou het nie. Die satan sal onder die mensdom woed en hy sal probeer om hulle ten gronde te rig en die mense sal `n helpende hand bied by die grootste verskrikkinge. Hulle sal vir niks skrik nie, uit eiebelang en dierlike begeertes, sal hulle wraakneem op `n manier wat onmenslik is en hulle sal geen enkele inhibisie op hulleself plaas nie.

En dit sal die tyd wees waarin groot vereistes gestel sal word aan die regverdigheidsgevoel van die mens, waarin hy sal moet kies vir reg of onreg, waarin hy skerp grense sal moet trek, waarin die goddelike gebooie oortree word, waarin hy dus niks moet duld wat strydig is met hierdie gebooie nie, d.w.s. dit mag nie goedgekeur word deur stil te bly of selfs toestemming te gee nie. Dit is die tyd waarin die goddelike ingryping, om aan die grofste liefdeloosheid `n einde te maak, onvermydelik sal wees, want dit sal ontaard in die ergste wreedhede. Wat nog nooit voorheen op aarde plaasgevind het nie, sal hom nou afspeel en die gebeure sal mekaar vinnig opvolg, omdat daar nie meer `n lang tyd oor is tot aan die einde nie, wat egter verskriklik sal wees.

En daarom werk God nog voor dit aan die harte van die mense, en probeer Hy hulle daartoe bring om na te dink en dus sal Hy hulle laat deel in die noodlot van die hele mensdom. Hy sal die mense nie verhinder om mekaar te martel nie en die wêreld sal dinge beleef wat in omvang en wreedheid ondenkbaar sal wees. Want dit is die tyd van die einde en dit is `n tyd van verskrikking, wat nog net oortref kan word deur die laaste oordeel, wat egter nie van die kant van die mense af oor die aarde gaan kom nie, maar uitsluitlik `n daad van goddelike geregtigheid sal wees, om `n einde te maak aan die ongekende ongeregtighede.

Amen.

Satan se masker - Aan hul vrugte sal julle hulle herken

B.D. No. **2904**
30. September 1943

Slegs dit wat die mense van God af binnestroom, kan hulle daartoe bring om korrek te handel. Nooit sal kragte van benede die mense egter die liefde leer en hulle daartoe beweeg om `n God-welgevallige lewe te lei nie. Julle weet tog: “Aan hulle vrugte sal julle hulle herken”. Julle kan dus bevestig aan welke kragte die mens homself oorgee.

En dit is voldoende vir julle wat nog steeds in twyfel verkeer. Welke Gees sou julle liefde leer as alleen God Self? Hierdie liefde is Goddelik en sal daarom nooit deur die wesens uitgedra kan word wat van God weggekeer is nie. Waar liefde eenmaal geleer en beoefen word, daar sal die mag van die teenstander ook gebreek word, dus sou hy homself van `n wapen beroof, as hy eers die werksaamheid in liefde terwille van die skyn sou wil aanspoor. Daarmee sou Hy die mens self die beste middel in die hand gegee het om hom te deursien, waardeur hulle hom self en sy teen God gerigte aktiwiteite kan herken.

Hy probeer om die mense te verblind en ook om hul oordeelsvermoë te verswak en daarom omhul hy homself met die dekmantel van liefde. Hy gee voor om goed en edel te wees, as verteenwoordiger van die goeie, maar daarmee soek hy vir hom slegs voordeel, wat egter steeds weer as aards herkenbaar is en steeds ten koste van ander bereik moet word. Dit is nie werke van liefde waartoe hy die mense aanspoor nie, maar hy omgeef dit met die dekmantel van liefde. Maar dit is geen geestelike

eindpunt wat hy in die oog het nie, dog altyd aards-materieel, maar altyd met die voorwendsel dat dit die hoëre sal dien. Daaraan kan julle dus die werking van benede herken.

Sodra die die innerlike wese egter tot liefde onderrig word, sal julle die goddelike oorsprong herken en weet dat slegs die bode van die hemele so `n leer aan julle kan oorbring, want deur die liefde bevry die mens homself, deur die liefde word hy aan God gelyk, Wie Self Liefde is en daardeur word hy vry van die mag van God se teenstander.

Die satan probeer die mense egter opnuut aan hom te ketting en spoor hulle daarom dikwels tot liefdelose handelinge aan. Hy sit hulle aan tot `n openlike stryd teen God en teen alles wat goed is. Hy probeer die denke van die mense van die goeie aflei om slegs materiële goed na te streef. Daarom gaan sy invloed in die besonder uit na die vernietiging van alles wat vir God is en wat van God getuig. Daarom probeer hy in die eerste plek die mense in hul eieliefde te versterk en sal daarom die liefde tot die naaste nooit hardop preek nie, want slegs so sal hy die siele vir homself wen.

Die Goddelike Liefde openbaar Haarself egter deurdat Sy die mense tot onbaatsugtige liefde opvoed, deurdat Sy die weg vir hulle wys wat voer tot die terugwen van die oertoestand, wat die liefde in die reinste vorm was. Daarom moet alles wat liefde leer, ook van goddelike oorsprong wees, dit moet van God getuig omdat God Self Liefde is en Hy al diegene wat eens van Hom weggeval het, weer na Hom toe wil terugvoer, wat egter slegs moontlik sal wees wanneer die mens weer self liefde word. Daarom het alle inspanning van die ligwesens maar een doel, naamlik om die mense in die leer van die liefde te onderrig en om hulle te help om God te bereik.

Amen.

Omvorming van die materie - Oplossing - Ontwikkelingsgang

B.D. No. **2910**
5. Oktober 1943

Die verandering van die materie vereis dikwels `n eindelose lang tyd. Want eers wanneer dit losraak, stel dit die gees vry wat daarin verban is. Die menslike wil kan die ontbinding van die materie versnel, maar dit is maar `n klein deel van dit wat beskikbaar is, en dit is die omhulsel van die gees wat nie hardnekkig teenstand bied teen God nie. God is sedert ewigheid op hoogte van beide die weerstand, asook van die opgee daarvan, en het die gees ook die blyplek toegewys waaruit verlossing sal kom volgens sy wil. En dit verklaar weer die verskil in gesteldheid van die aardoppervlakte en die plantegroei daarop, die tydsduur van baie skeppings, die uitbarstings wat dikwels voorkom in sekere gebiede, die ontginningsmoontlikhede van die minerale hulpbronne en die verskil in die vermoë om vorm te gee en in die kreatiewe krag en vermoë van mense. Aan die gees wat van plan is om sy weerstand op te gee en te dien, moet die moontlikheid steeds in ooreenstemmende verhouding gebied word om in materie te bly om `n dienende taak vervul. En ook moet die wil van die mense teenwoordig wees om in hulle vaardigheid doelmatige voorwerpe te vervaardig uit die harde materie waar hulle dit dan sal benodig. Daar moet `n voortdurende balans wees tussen kragte wat aktief werksaam wil wees en behoeftes.

Die materie is dus nodig vir skeppings van dienende aard om hul bestemming op `n doelmatige manier na te kom. Eers dan is daar `n deurlopende verandering van die buitenste vorm van die gees moontlik. Maar geweldig baie gees is in skeppings gekluister in beide die mees vaste vorm, asook in die al meer volwasse planteryk, wat vir ondenkbare lang tye onveranderd gebly het. Dit het slegs minimale veranderinge ondergaan deur die dienende doel te vervul, wat egter nie vir die mens duidelik sigbaar is nie, maar wat vir ander skeppingswerke en die ontwikkeling daarvan nie sonder betekenis is nie. Hierdie materie bevat die mees wederstrewige gees en is vanuit hierdie oogpunt van die hardnekkigheid sedert ewigheid tot `n omhulsel bestem. Hy maak wel ook die ontwikkelingsgang deur, maar in `n veel stadiger vorm. Mensehande dra weinig by tot die transformasie van sulke materie en dit word gewoonlik slegs verander deur goddelike ingryping deur natuurkragte, storms, hitte, reën en uitbarstings wat oor `n lang tydperk `n oplossing of `n verandering van die uiterlike vorm tot stand bring. En daarom moet daar steeds ingrypende veranderinge op die aarde plaasvind. Van tyd tot tyd moet die aarde in haar uiterlike vorm omvorm word, om ook aan die gees in die binneste van die aarde

die moontlikheid te bied om na die aardoppervlak te kom om daar sy ontwikkelingsgang te kan begin. En daarom kan die aarde nooit onveranderd bly bestaan nie, want sy is materie waarvan die einddoel ontbinding is, wat wel ewighede sal duur, maar gedurende sekere periodes steeds weer plaasvind as `n dwingende noodsaaklikheid vir die gees wat in vaste vorm gekluister is en wat eendag moet vrykom om hulself positief te kan ontwikkel.

En nou begin die weg van die aardse bestaan vir die gees deur die ontelbare uiterlike vorme, waarvan hy elkeen moet oorkom deur dienende werksaamheid tot by die ontbinding van daardie vorm. En al gaan daar ook duisende jare verby, dan voltooi die ontwikkelingsproses op aarde homself tog, omdat niks op aarde blywend is nie, omdat alles moet verander en moet deels deur menslike wil, deels deur goddelike wil, `n verandering ondergaan. Daar is wel sekere wette van krag, d.w.s. iets mag nie onregmatig verwoes word nie, soos ook die voortbrengsels wat deur mensehande ontstaan het, wat die naaste geen skade mag berokken nie, omdat die gees in die materie gedwing sal word tot liefdeloosheid en sal dit vir die mense wat tot so `n aktiwiteit aanleiding gegee het, laat voel. Die wil om te dien is die basis vir die weg omhoog. En die gees moet hierdie wil steeds weer bewys, deurdat hy in elke vorm sy taak op aarde met bereidwilligheid sal vervul. Hierdie taak kom hy wel onder die wet van dwang na, maar deur sy bereidwilligheid om te dien, verkort hy die duur van sy verblyf in die vorm aansienlik van daardie oomblik af en kan hy nou des te gouer verwissel vanuit hierdie vorm.

Die ontwikkelingsgang van die gees is daarom `n eindelose ketting van deformasie van verskillende vorme en die bereidwilligheid van die gees daarin bepaal die tydsduur van elke afsonderlike vorm. En daarom moet die hele skepping op sigself verander.

Niks kan bly soos dit is nie. Inteendeel, dit moet voortdurend nuwe vorme aanneem. En elke vorm moet `n dienende doel vervul, anders kan die gees daarin nie volwasse word tot by die laaste uiterlike vorm nie, tot by die mens wat dan sy laaste proef in die aardse lewe in vrye wil moet aflê om nou van elke uiterlike vorm bevry te word om as vrye gees in die geesteryk te kan ingaan.

Amen.

Hou die dood voor oë

B.D. No. **2912**
6. Oktober 1943

Hou vir julleself die uur van die dood voor oë en vra julleself af hoe ver julle gevorder het op pad na die ewigheid. Gee aan julleself rekenskap hoe julle verhouding met God is en hoe julle, julle die talente gebruik het wat Hy julle gegee het vir julle tyd op aarde. Ondersoek julleself of julle sal kan staande bly voor die regterstoel van God, of julle aardse lewenswandel reg is voor God, of julle liefde beoefen het en of julle elke uur gereed is om hierdie aarde te enige tyd te verlaat, sonder vrees dat julle julleself voor God sal moet verantwoord.

Oorweeg dit dat julle krag ook met die dood ten einde loop en dat julle uit eie krag niks meer sal kan vermag wanneer julle siel in `n onvoltooide toestand vanaf die aarde heengaan nie. Vra julleself af of julle tevrede is met julleself en of julle in vrede vanaf hierdie wêreld kan heengaan. Oefen die strengste selfkritiek uit en wend dan `n poging aan om julleself te vervolmaak.

Gebruik elke dag wat nog aan julle gegee word, want solank as wat julle nog op die aarde vertoef, kan julle nog baie bereik. Julle het die moontlikheid om julleself nou nog te suiwer, omdat julle die krag daartoe het en dit nog deur liefdeswerke kan vergroot. Hou die dood in gedagte en besef dat julle nietige skepsels is wat geen uur kan uitstel wanneer God die uur van julle dood vasgestel het nie. En bid innig tot God vir barmhartigheid, vir Sy genade en Sy bystand, dat Hy julle Sy liefde sal skenk en met Sy liefde ook die krag om julle weg omhoog te verseker.

Hou slegs die doel voor oë, dat julle moet ontwaak tot die ewige lewe, wanneer julle aardse lewe geëindig het en leef dan volgens hierdie doel. Vervul die wil van God en weet dat elke dag vir julle die laaste op aarde kan wees, dan sal julle voorbereid en bewustelik lewe. En julle sal dan sonder vrees ontslaap en ingaan in die ryk van vrede, in julle ware vaderland.

Amen.

Eieliefde in die hiernamaals verleng die toestand van lyding - Hulpvaardigheid

B.D. No. **2914**
8. Oktober 1943

In die geesteryk het die werksaamheid in liefde presies dieselfde uitwerking as op aarde, naamlik `n vergrote toevoer van krag, dus ook geestelike vooruitgang, want elkeen wat in liefde werksaam is, neem die weg na God en om naby aan God te wees, is die einddoel van alle wesens. In die geesteryk word liefde ook gepredik, d.w.s. die ligwesens maak die onverloste siele daarop opmerksaam, dat slegs liefde aan hulle bevryding kan bring en hulle gee hulle dan ook elke geleentheid om hul in liefde te ontplooi. Geen siel kan haarself positief ontwikkel, as net op die weg van die liefde nie, maar dit is in die geesteryk heelwat moeiliker as op aarde, solank as wat die siel nog onkundig is, dus nog geen insig het nie, want dan gaan dit slegs oor haar eie lot, sy sien nie die nood van ander siele nie, omdat sy nog te veel in die eieliefde vassit, wat die skuld is van haar onwetende toestand.

En hierdie eieliefde verhinder haar om onbaatsugtig in liefde te werk, want die siel beskou haarself as die middelpunt. Sy voel ongelukkig en verontreg, want haar eieliefde verberg haar eie foute, terwyl sy alle foute van die ander siele insien en haarself verhewe voel bo hulle. En dus kan sy geen liefde voel vir al die siele om haar heen nie. Sy is hard en gevoelloos en toon geen belangstelling in die ander siele nie. En vir solank sal sy ook haar nood bitter voel, maar wat wel kleiner sal word soos wat die liefde in haar ontvlam en haar aanspoor om in liefde werksaam te wees. En dikwels gaan daar `n eindelose lang tyd verby, voordat die siel sensitief word en uit eie aandrang bereidwillig raak om te help.

En tog kan sy nie anders as om deur die onderrig van die ligwesens aangemoedig te word om in liefde te werk nie, want sy moet in volle vrye wil besluit om te wil help. Sy moet haar eieliefde opsy plaas, haar eie nood buite beskouing laat en poog om die nood van die ander lydende siele te versag. Dan sal haar tot nou toe kragtelose toestand `n verandering ondergaan. Die siel sal die toevoer van krag bemerk en steeds beter in staat wees om te help en in liefde te werk. Haar toestand word nou steeds vryer en sy besef nou dat dit steeds om haar heen ligter word. Sy word in staat gestel om dinge te sien, wat haar gelukkig maak. Haar kennis word groter en haar wil om by God uit te kom word steeds sterker. En dus word ook haar werksaamheid in liefde steeds yweriger, want sy besef die mag en die krag van die liefde. Sy sien haar doel in en stuur hierop af. Sy poog om in die nabyheid van God te kom om haarself deur die liefde te verlos.

Amen.

Verwoesting van die vaste vorm - Begin van die ontwikkelingsgang

B.D. No. **2915**
9. Oktober 1943

Die wil om diensbaar besig te wees bevry die gees uit die vaste vorm, uit die hardste materie en ontsluit die moontlikheid om homself positief te ontwikkel. En die bevryding uit die vorm is `n ontwikkelingsproses wat steeds duidelik aan die lig kom en wat gewoonlik verbind is met geweldige manifestasies van natuurkragte, wat God gebruik om die harde materie te verwoes. Die gees word dan na `n eindelose lang tyd uit die eerste omhulling bevry. Die vorm word oopgebreek, sodat die gees in ontelbare partikeltjies verstrooi kan word. Hy bly nog wel in dieselfde materie, waaraan `n dienende funksie nou egter toegeken word, óf weer as materie vir nuwe skeppings deur mense, óf ook in die kleinste verkleining om deur plante opgeneem te word, na gelang die aard van sy hoedanigheid en die sterkte van die wil om te dien. Dit is in `n sekere sin die begin van ontwikkeling, wat nou in `n veranderde uiterlike vorm plaasvind.

Die werk van verwoesting is God se wil, wanneer dit sonder menslike inwerking gebeur, of daar word `n verwoesting van materie uitgevoer om dinge te kan vorm, wat `n dienende doel sal vervul. Dit is dus eerstens van God se Wil afhanklik, wanneer die gees die weg van ontwikkeling sal begin. Want die gees het dan uit eie beweging laat blyk dat hy dienend besig wil wees.

Maar die gees in die vaste vorm kan ook deur mensehande en mensewil vrykom, deur ontginning van die aarde, deur die uitgrawing van skatte wat binne die aarde is. En hierdie bevryding uit die materie is God se wil. Maar steeds geld die voorwaarde dat hierdie ontginning vir die welsyn van die mensdom sal wees, dat die opgegrawe skatte dus bestem sal word om die mens te dien, hul lewensbehoeftes te dek en dat dit dus van lewensbelang sal wees. Dan sal die bevryding van die gees uit die vaste vorm soortgelyk wees aan die gebeurtenis van `n verwoesting deur natuurkragte, deur uitbarstings, wat die binneste van die aarde loswoel en na die oppervlak voer.

Sulke uitbarstings sal gewoonlik plaasvind waar mensehande nie kan kom nie. Daar sal deur sulke uitbarstings dikwels eers `n gebied ontstaan wat deur mense bewoonbaar gemaak kan word, sodat die gees wat nou hulle bereidwilligheid toon, die geleentheid gebied kan word om `n dienende funksie te vervul. Steeds sal die gees in die laaste stadium van sy ontwikkeling, naamlik mens, in direkte verbinding wees met die gees wat nou sy lewensweg op aarde begin het. Die eerste het die laaste nodig en daardeur ontstaan die moontlikheid om hulself positief te ontwikkel.

Gewoonlik bring aarduitbarstings die mense in nood, wat hulle uitermate werksaam laat word. En so word daar meer moontlikhede gegee sodat die vrygeworde gees in nuwe vorme verblyf kan neem, want die werk van die mense is nodig om dinge vorm te gee, wat weer `n dienende doel vervul.

Maar ook deur die goddelike Wil kom die gees, waarvan die omhulling nie deur mensehande toeganklik is nie, tot sy dienende bestemming. In die natuur is hulle steeds onderling diensbaar, want oral word geleenthede deur God geskep, sodat die gees in enige vorm volwasse kan word, soos wat hy die wil om te dien, te kenne gee.

Amen.

Die wil vir die goeie - Meer krag

B.D. No. **2917**
10. Oktober 1943

Die wil vir die goeie sal ook meer krag na die siel laat vloei om die begeertes van die liggaam te oorkom. Want daar word met die vrye wil van die mens rekening gehou. Die kragstroom in ooreenstemming met hierdie wil, sal sterker of swakker wees. Die oordrag van krag deur die ligdraers is op aarde, net soos in die geesteryk, van verskeie sterktes, omdat die siel haarself eers heeltemal daarvoor moet oopmaak om dit in ontvangs te kan neem. En die oopmaak is altyd eerstens die gevolg van die wil. En gevolglik sal die wil wat op die goeie - dus op God - gerig is, elke kragstroom sonder weerstand in ontvangs neem.

Die mens sal bereid wees om te ontvang wat die Liefde van God hom aanbied. En dan kan die siel ook meer volwasse word. Sy kan haar by die Gees in haarself aansluit, ongehinderd deur die liggaam. Sy sal geen teëwerking te vrees hê nie, omdat die liggaam hom ook by hierdie strewe aansluit en vir die versoekings deur die wêreld nie meer so toeganklik is nie, hoewel hy nog dikwels daarmee gekonfronteer word, om die sterkte van die wil te beproef en te vergroot. En hoe minder weerstand daar gebied word teen die werksaamheid van die ligdraers, des te meer suksesvol sal die wandeling oor die aarde vir die siel wees, want sy begin haar kettings losmaak.

Sy streef na die vryheid van gees en sy benut die laaste tyd van haar lewe op aarde slegs om die materie te oorwin, wat haar ook `n makliker loskom van die vorm oplewer wanneer haar lewensweg op aarde beëindig word. Maar die mens kan oor homself besluit. Hy kan homself na elke krag wend, na beide die goeie of die slegte. Hy word nie hierin verhinder nie, maar slegs in liefdevolle sorg gelei, sodat dit vir hom maklik sal wees om homself na God te wend. Maar of hy die goeie in homself tot ontplooiing sal bring, is afhanklik van sy wil. En daarom is hy ook verantwoordelik vir sy wil. Hy is as te ware die vormer van sy wil en moet ook die gevolge op homself neem. Want dit word hom ook in alle lewensomstandighede bygebring, dat en waarom hy vir God moet kies in die laaste stadium van sy ontwikkeling.

Hy is nie sonder kennis daaroor nie, want as die kennis hom nie van buite gegee word deur onderrig vanuit die goddelike Woord nie, kan hy dit ook binne-in homself verneem deur die stem van sy

gewete, wat hom aanvanklik hard en verneembaar onderrig, maar wat ook deur sy eie wil stilgemaak kan word. Maar ook kan die siel die liggaam willoos maak, d.w.s. die begeerte daarvan heeltemal by die begeerte van die siel aanpas, dan gebruik die siel die wil vir die goeie. Dan sal sy voortdurend omhoog strewe en oordrag van kragte uit die geesteryk in ontvangs neem, wat haar geestelike voltooiing tot gevolg sal hê. Want die krag uit die geesteryk voer onomstootlik omhoog.

Amen.

Stryd of dien - Arrogansie - Deemoed.

B.D. No. **2923**
13. Oktober 1943

Om volmaak te word, moet die mens allerlei teenstand oorwin, omdat sy vordering omhoog slegs moontlik is wanneer hy stry of dien. Die afval van God het plaasgevind in selfaanmatiging, deur valslik aan te neem om so magtig te wees dat die wese met God sou kon breek, dat hy ook sonder Hom, in die volle besit van krag is. En dus wil die gees heers naas God om homself deur die vergroting van sy eie krag bo God te stel.

En nou moet hy die weg teruggaan; hy moet, om met God te kan heers in die eerste plek sy kragteloosheid insien en nou oor die krag wat hom ontbreek, worstel en vra en in diepste deemoed moet hy God en die wesens wat aan hom afgedeel is, dien. Hy moet stry of diensbaar wees, homself dus oorwin, hy moet vanuit sy aanmatiging terug tot na die deemoed kom en nou die krag nastreef, wat hy eens besit het en bewys het om onwaardig te wees. Dus moet hy bewys lewer om waardig te wees en daarvan getuig deur worsteling en diensbaarheid. Dan ontwikkel die gees homself positief.

Maar as die gevoel om te heers, nou te sterk ontwikkel is in die mens, dan moet hy daarteen stry, hy moet dus `n stryd voer teen homself. En dit is beduidend moeiliker. Ook moet hy die deemoed teenoor die naaste beoefen, hy moet die arrogansie wat hy teenoor God gehad het, aflos deurdat hy homself in dienende liefde tot sy medemens moet wend.

Hierdie is ook God se skepsels en vir God moet hulle soos mense behandel word en nie as onder hom staande nie, maar as gelykwaardig aangesien word. En as die mens `n heersersgeaardheid het, moet hy homself besonder oorwin as hy aan hierdie eis wil voldoen. Hy moet dien, terwyl hy sou wil heers, hy moet worstel, terwyl hy dit kan hê soos wat hy wil. Slegs so kan hy homself positief ontwikkel, want sy wese sal hom velerlei teenstand laat voel, as gevolg waarvan hy meer volwasse kan word. En hy sal homself nie oorwin, alvorens hy sy arrogansie van weleer opgee nie, totdat hy klein en deemoedig teenoor God sal staan en begeer om met Hom verenig te wees.

Amen.

Strewe na volmaaktheid

B.D. No. **2928**
16. Oktober 1943

Die onvolmaakte belet homself toegang tot God en hy kan ewiglik nie die aanskoue van God bereik nie, as hy nie daarna sal streef om sy onvolmaaktheid af te lê en hom aan te pas by die volmaakte Wese van God nie. Hy kan ook nie die uitstraling van God in ontvangs neem nie, solank as wat hy hom nie vir hierdie uitstraling oopstel in die besef van sy gebrekkige toestand nie, en danhierdie toestand ophef. Die strewe na volmaaktheid is die eerste vereiste om dit te bereik. Maar die mens sal eers strewe wanneer hy homself sal sien as `n onvolmaakte wese. Maar hierdie insig ontbreek by die mense, en wel omdat hulle nie `n hoogs volmaakte Wese wil erken nie, omdat hulle so `n Wese - die ewige Godheid - nie in ooreenstemming met hul denke kan bring nie, en omdat hulle nie in voeling is met hierdie hoogs volmaakte Wese nie.

Selfs wanneer hulle oor God praat en voorgee dat hulle in Hom glo, vorm hulle nog nie `n korrekte begrip van Sy grootte en volmaaktheid nie, omdat hulle nog nie ernstig daaroor gedink het nie, naamlik hoe klein hulle teenoor hul Skepper is en hoe onvergelykbaar verhewe die hoogste Wese is, aan wie alle mag ter beskikking staan in die hemel en op die aarde. Eers `n innerlike bespiegeling

daaroor, deur hom innerlik te verdiep in die bewys van die goddelike Liefde, Wysheid en Almag, wat in elke skeppingswerk vir die mens sigbaar word, laat hom `n vermoede kry van sy eie ontoereikendheid en onvolmaaktheid, omdat hy nou eers bewusword van die volmaaktheid van God. En dan eers begin daar vanaf die kant van die mens `n strewe, wanneer hierdie insig hom daartoe aanspoor, wanneer hy vurig daarna verlang om die hoogste en suiwerste Wese gunstig te stem teenoor homself, as hy die Liefde en die welbehae van hierdie Wese sou kon verkry en nou sy bes doen om volmaak te word. Want eers `n bewuste strewe laat hom volmaak word.

Nou eers word die afstand na God kleiner. Die mens sien homself nou as `n skepsel van die volmaakste Wese. Hy sien homself as `n wese wat oorspronklik ook volmaak was en wie se einddoel weer die oertoestand is. Hy weet dat sy afval van God hom ook die onvolmaaktheid opgelewer het en hy weet ook dat die terugkeer na God slegs kan plaasvind in die toestand van volmaaktheid, dat dit hom eers die naby aan God laat kom en dat hy slegs deur volmaaktheid tot die aanskoue van God kan kom, omdat die eenwording met God `n aanpassing by die hoogste en suiwerste Wese vereis.

Amen.

Afkoop van skuld sonder Jesus Christus

B.D. No. **2929**
17. Oktober 1943

Die omvang van die skuld van `n persoon bly onveranderd, solank hy nie die daad van Verlossing deur Christus erken nie; dan moet hyself sy skuld heeltemal verwyder, hy sal heeltemal op sy eie ernstig daaroor moet besin; hy sal dit vir ewighede moet goedmaak, omdat die skuld van die mens onmeetlik groot is!

Die sonde wat die siel op die wêreld begaan het, is reeds voldoende om die siel vir eindelose lang tye van die aangesig van God te verdryf, maar dit is nie die enigste skuld nie; dit is die vorige rebellie teen God, die groot skuld, wat hy nie gedurende sy aardse lewe kan versoen nie en dit word dus saamgeneem die ewigheid in om die Verlosser eendag daar te vind.

Die wese sal vir ewighede in duisternis moet versmag, sy sal vir ewig sonder vryheid wees en sal `n toestand van die mees martelende gevangeskap moet verdra. Vir ewig sal sy sonder die goddelike son van genade wees, want sy het haaself die verste verwyder van God en sal die bitterste ontberings moet ly, want sy tart God gewilliglik uit en kan nie gedwing word om haar wil te verander nie.

Sy moet daarom self vergoeding gee vir haar skuld, aangesien sy haarself nie uit vrye wil bevry het nie. Goddelike wil kan haar egter nie bevry nie, omdat dit ten volle teenstrydig sal wees met die Wysheid en Liefde van God. Gevolglik straf die gevalle siel haarself indien sy nie die Verlossing deur Jesus Christus aanvaar nie, as sy dus weier om Sy offer te erken.

Alle sondes sal vergewe haar word, alle beperkings op vryheid sal van haar weggeneem word en alle versoening kan vermy word, wanneer sy haarself onder die kruis van Christus plaas en toelaat om verlos te word deur Sy Bloed, wat Jesus Christus gestort het vir alle mense en hulle skuld. Hy het die groot offer uit liefde vir die mensdom gebring, aangesien Hy die eindelose lang weg van lyding aan die anderkant ken en omdat Hy medelye gehad het met die groot nood van die siele aan die anderkant, Hy wou hul nood verminder en hul skuld versoen om hulle te lei na ewige saligheid, om aan hulle ewige geluk te gee. Die dood van Christus aan die kruis was die aankoopprys vir die ewige lewe en alle skuld is daardeur versoen. Tog is daar `n onvermydelike voorwaarde: Die mens moet hierdie daad van Verlossing erken, sodat sy skuld deel kan word van die skuld wat Jesus Christus met sy dood aan die kruis betaal het. Andersins bly die skuld van die mens onveranderd en na sy fisiese dood word dit oorgeneem in die geesteryk in as `n las, wat die wese nooit kan verwyder nie, want hy kan nie die krag vind om homself te red nie.

Daarom is Jesus Christus die enigste weg na die ewige lewe! Sonder Hom is daar slegs verdoemenis, maar met Hom verlossing. Sonder Hom is die mens swak en sy wil opponeer God. Maar met Hom streef hy na God en kan hy Krag van Hom ontvang, naamlik die versterkte wilskrag wat Jesus vir hom aan die kruis gekoop het. En om hierdie rede is Jesus Christus die Redder van die wêreld, die Redder

van alle mense wat hulle skuld en hulleself voor Sy voete plaas, wie hulle gelowig en vertrouend aan Hom oorgee en vir Hom om hulp vra. Jesus Christus het die offer aan die kruis vir hulle gebring, sodat hulle van alle skuld en sonde bevry kan word.

Amen.

Heilig die Naam van Jesus

B.D. No. **3130**
23. Mei 1944

Vol liefde en met volle aandag moet julle die Naam Jesus uitspreek, Hy moet vir julle die heiligste wees, julle moet Hom in julle harte dra, Hy moet vir julle die Ster wees wat in die donkerste nag skyn en die son wat helder straal en aan julle lewe gee. En hierdie allerheiligste Naam moet julle nie laat bespot nie, inteendeel, julle moet optree teen hulle wat dit doen en hulle vermaan om hiervan af te sien, sodat hulle nie vir ewig verlore sal gaan nie. Sy Naam moet geheilig word, want Sy Naam het groot krag vir diegene wat hierdie Naam gelowig uitspreek en hierdie krag wil ontvang. Julle sal kry wat julle in Sy Naam vra, want Hy het julle hierdie belofte self gegee, in Sy Naam sal julle, wat as Sy volgelinge, die mense die krag van geloof wil bewys, wondere verrig. Julle sal in staat wees om die bose uit te dryf onder die aanroep van Sy Naam, want niks kan Hom weerstaan nie en die magte van die duisternis trek hulle vir Hom terug, want hulle vrees Hom en Sy Mag.

En soos wat julle gebruikmaak van Sy Naam, om vir Hom werksaam te wees, sal julle arbeid ook geseënd wees, want Hy sal julle self bystaan en Sy genade sal julle oorstroom, Sy Naam sal julle wapen wees in die stryd teen julle vyande wat Sy Naam wil beledig, wat Hom nie wil erken nie en openlik oorlog teen Hom verklaar. En julle sal hierdie wapen moet gebruik wanneer julle in groot nood beland, waar aards gesien ook geen hulp moontlik lyk nie, roep Hom dan aan, spreek Sy Naam gelowig uit, gee julleself aan Hom oor en Hy sal julle red, want Hy is oral waar Sy hulp afgebid word en Sy mag is waarlik groter as die mag van Sy vyande.

Die krag van die goddelike Naam sal ook deur diegene ondervind word waar dit aan eerbied ontbreek vir Sy Heiligheid en wie daarom sonder aarseling alles wil vernietig wat op Jesus Christus en Sy leer betrekking het, hulle wat nie die ewige Godheid in Hom sien nie, wat Sy woord wil bestempel as mensewerk en daarom poog om Hom en Sy leer uit te roei, sonder om die Mag van God te vrees. Hulle sal werke doen wat die gelowiges met ontsteltenis sal gadeslaan, hulle sal Sy Naam hoon en daarvan misbruik maak, totdat God deur Sy dienaars sal werk deur hierdie Naam van Jesus daarteenoor te stel, om hulle te beïnvloed, sodat hulle nie in staat sal wees om oor Hom te spreek of om Hom te belaster nie, sodat hulle van alle krag beroof sal wees en die Mag van God liggaamlik vir hulle voelbaar raak.

Want Sy Naam is heilig en hy wat die Naam misbruik, wat Sy heilige Naam laster, moet boet. Hul sonde is te groot dat hulle ongestraf kan bly en alhoewel dit nog `n straf op aarde tot gevolg sal hê, is daar nog altyd `n tyd van genade vir die mens gegee om in te sien en berou te kry, om te smeek om vergewing van sy groot skuld.

Want God laat nie met Hom spot nie. Sy Liefde is sonder grense, maar as die mense daarteen gaan, is hul harte verhard en is hulle self `n prooi van Satan, wat hom van hulle wil bedien om Jesus Christus te bestry om teen Hom en Sy woord te gaan. Maar Jesus se Mag is groter en Hy help diegene wat Sy Naam gelowig uitspreek wanneer hulle in nood is.

Amen.

Dood voor die eindtyd is `n genade - Die hiernamaals

B.D. No. **3135**
28. Mei 1944

God sal almal genadig wees wat nog hulle onreg gaan insien en daarvan afstand doen. Maar sonder ontferming sal die swaarste straf opgelê word aan hulle wat onversetlik wreed is, hulle wat geen medelye met hul medemens het nie en wat hulself dus oordeel deur hul liefdeloosheid. En

die komende tye sal getuig van die verdorwenheid van die mens, die mees ondenkbare metodes van vernietiging sal bedink word en die mens sal nie aarsel om hierdie metodes te gebruik om hul planne te laat slaag nie en die mensdom se wanhoop sal toeneem. Die leiers, sowel as hulle volgelinge wat ingestem het en hierdie planne ondersteun het, sal verantwoordelik gehou word vir alles. Want God is regverdig en Hy oordeel gedagtes, woorde en dade. Niks is vir Hom verborge nie. Hy kyk in die hart van die mens en elke opregte emosie bepaal die mate van genade wat vir hom ter beskikking staan en wat ook aan hom gegee sal word wanneer die einde kom, want die einde kom onherroeplik. Dit sal egter bespoedig word deur die gedrag van die mense en dus kom `n era tot `n einde, waar geen beter menslike geslag bereik kon word nie, selfs al verleng God Sy geduld en bied Hy meer geleenthede vir die mensdom aan om hulleself te verander. Maar hulle sal nie gebruik maak daarvan nie en daarom sal God die aardse lewe beëindig.

Dit tydperk van ontwikkeling was besonder ryk aan genade vir die mensdom en sou heeltemal voldoende gewees het vir hulle verlossing. Alhoewel God tot aan die einde by die mense staan met buitengewone genadegawes, word daar meestal geen ag daarop geslaan nie, soos wat daar oor die algemeen nêrens meer aandag geskenk word aan dit wat met God, of die eie sieleheil, verband hou nie.

En daarom sal `n langer verblyf op hierdie aarde onvanpas wees, dit sal slegs die liggaam dien, maar nie die onverganklike siel nie. Daarom sal die siel se verdere aardse moontlikheid weggeneem word, maar sy het die versekering van verdere ontwikkeling in die hiernamaals, as sy egter nie ook God se woord in die hiernamaals verwerp nie en ook net as sy haar fisiese lewe verloor voor die Laaste Oorsdeel, voor die einde van hierdie aarde en aanvaar word in die sfeer van die hiernamaals.

Dan is ook die dood voor hierdie gebeurtenis nog `n besondere genade vir die mens as hy nog nie `n besluit op aarde geneem het nie. Agterna in die hiernamaals sal hy nog genoeg geleentheid vind om hulpvaardig te wees en om in liefde te dien. En daardeur kan hy nog sy onderbroke ontwikkeling voortsit, ja inteendeel, selfs nog begin, as hy nie weier om te luister na die hulpvaardige siele nie.

In daardie geval kan hy ook steeds verder agteruitgaan en weer tot die mees soliedste materie terugkeer, waar hy dan nogmaals ook die lang weg oor die aarde moet aflê voordat hy homself weer as `n mens kan beliggaam.

God het dus nog baie seëninge beskikbaar voordat Hy hierdie ou aarde sal vernietig, maar Hy sal nie die mens se wil forseer nie en afhangende van hoe hulle Sy barmhartigheid aanvaar, sal hulle voordeel ontvang vir hul siele. Hulle sal leeg en onbevoeg bly op aarde, sowel as in die hiernamaals, as hulle alle seëninge ignoreer en verwerp, of hulle sal baie vinnig hoër ontwikkel deur elke gawe van genade gewilliglik toe te laat om hulle te affekteer, sodat hulle daardeur baie meer krag kan ontvang. Want God is bomate genadig en barmhartig, maar Hy is ook regverdig en Hy gee aan die mens volgens hul wil.

Amen.

Korrekte gebruik van die denke - Die wil

B.D. No. **3137**
29. Mei 1944

Die gawe om die intellek korrek te gebruik is absoluut noodsaaklik vir die hoër ontwikkeling van die siel, aangesien die mens `n intellek gegee is, sodat hy alles wat om hom is en gebeur, verstandelik kan verwerk, sodat hy daardeur gevolgtrekkings kan maak wat hom nou bewustelik laat soek na die ewige Goddelike. Deur die intellek te gebruik, word die vrye wil aktief in hom, want die mens sal eers iets wil hê, wanneer sy intellek vir hom die nut daarvan voor oë gestel het, daarom is die wil altyd die gevolg van denke.

En die korrekte gebruik van die intellek, naamlik om te wil hê wat goed is en om te verag wat boos is, moet onvermydelik die siel se volwassenheid bevorder. `n Mens kan nie praat van die korrekte gebruik van die intellek wanneer laasgenoemde `n mens aanspoor om homself sleg te gedra nie, in daardie geval word die gawes van intellek wangebruik. Met ernstige en sinvolle oordenking kan `n

persoon gemaklik die aktiwiteit van `n wyse skeppende Krag herken, wat alles wat hom omring in bestaan gebring het en dat hierdie skeppende Krag voortgaan om om te gee vir Sy skeppings. En as die mens eenmaal sover gekom het, dan sal die intellek in staat wees om die wil te oorreed om kontak te maak met hierdie skeppende Krag, want hy sal homself as `n onafhanklike denkende wese beskou, dus as Sy lewende skepsel, en sal dus voorspruitend daaruit ook sy Skepper erken as net so `n denkende Wese van hoogste volmaaktheid en hierdie besef sal genoeg wees om `n kontak te vestig met die Skepper.

Elke mens kan tot hierdie gevolgtrekking kom, as hy sy intellek gebruik om nader aan die waarheid te kom. Die feit dat sy verstandelike aktiwiteit korrek gelei sal word daarna, is die Skepper se werk sodra hierdie persoon bewustelik `n verbinding met Hom gevestig het. Die intellek is egter vir die mens gegee om dit te gebruik tot op die oomblik van kontak, dit was dus by die vrye wil geplaas om in staat te wees om laasgenoemde se beweging in die regte rigting te laat plaasvind, wat sal lei na die doel, naamlik kontak met God. Die enigste voorwaarde is dat die persoon uit eie beweging moet wil wat goed is, dan sal sy redenasie hom onvermydelik lei na die doelwit.

Maar die verstand is aan die mens gegee om tot by die oomblik van sy verbinding, self werksaam te wees. Die verstand is dus by die wil gevoeg, sodat dit die regte rigting kan neem wat tot die doel, tot die verbinding met God voer. Dus moet die intellek gebruik word om die wil te bevorder om bewustelik `n verbinding met God te vestig, maar voor dit moes `n besluit gemaak word ten gunste van God, andersins sou die verstandelike aktiwiteit verkeerd gebruik gewees het deur weerhouding van alle ernstige ondersoek en sal slegs die voor- en nadele van sy omgewing en wat daarin plaasvind, beoordeel gewees het. In daardie geval sou hy nie ten volle gebruik gemaak het van die gawe van redenering nie en die resultaat sal in ooreenstemming daarmee wees, - hy sal nooit die doel bereik nie, hy sal instede altyd twyfel of verward wees, want hy word beïnvloed deur goeie en bose invloede volgens sy eie wil. Deur enstige gebruik kan die verstand selfs `n swak wil verander, en dit is inderdaad sy taak. Om hierdie rede moet die mens hom ook verantwoord wanneer hy die gawe van die verstand misbruik, wanneer hy die gawe nie gebruik vir die eintlike doel nie, naamlik om nader aan die waarheid te kom, wat God nie van diegene sal weerhou wat ernstig daarna streef deur ywerige verstandelike aktiwiteit nie. Met die regte vasberadenheid sal hy uiters suksesvol wees en na ernstige nadenke, sal hy ook sy nadenke beïnvloed om te mik vir dieselfde doelwit.

Amen.

Geestelike nood - Leed en kommer

B.D. No. **3138**
29. Mei 1944

Die mense besef nie waarheen hulle gevoer word nie, want hulle gedagtes is baie meer op aardse gebeure gerig as wat hulle agslaan op hulle geestelike toestand. Hulle vrees vir hul aardse lewe en die verlies van aardse goedere, maar oor die heil van hulle siele is hulle onverskillig, omdat hulle so-iets ontken en hulself ook nie laat onderrig nie. En die goddelike ingryping sal hulle ook nie anders laat dink nie, want ook dit sal hulle probeer om aards te verklaar en hulle sal nooit hul ongeloof as indirekte oorsaak aanvaar nie.

En daarom het die nood op aarde so `n omvang aangeneem en daar is geen mens wat dit nie aan sy lyf voel nie. En ook die gelowige sal daardeur geraak word, want sy ingesteldheid hierteen moet sy medemens daartoe bring om aan te sluit by sy geloof, wat aan die mens krag gee om alles te verdra wat God oor hom laat kom. Hierdie geloof ontbreek by die mense en gevolglik sien hulle ook geen geestelike oorsaak in hul aardse nood nie. En derhalwe hef hulle hierdie nood nie op deur hul lewe te verander na `n lewenswandel wat heeltemal volgens die Wil van God is nie.

Maar hulle kan nie anders gehelp word, as dat leed en kommer hul voortdurende metgesel is, totdat hulle hulleself van die wêreld en alles wat die wêreld betref, vrygemaak het nie; totdat hulle aan hul verhouding met die Skepper van hemel en aarde gedink het en uit vrye wil poog om hierdie verhouding te verbeter. Dan eers laat hulle die aardse materie los. Die dood staan hulle daagliks voor oë en nou eers sien hulle in dat hulle lewe `n ander sin moet hê, en hulle probeer om hierdie sin te

vind. Hulle roep hulself tot verantwoording en vra hulself ernstig af of en hoe hulle die goddelike gebooie vervul het. Want sodra hulle eenmaal glo in `n Mag, voor Wie hulle hulself eendag sal moet verantwoord, erken hulle ook God se gebooie. En hierdie geloof kom nou tot lewe in hulle en spoor hulle aan om hulself innerlik te verander en ook tot ywerige werksaamheid met diegene wat nog heeltemal wêrelds dink en geen aanstaltes maak om hulself te verander nie.

Maar hulle sal nie altyd sukses hê nie. Waar die verlange na wêreldse goed te sterk is, staan die mens ver van alle geestelike gedagtes af. Slegs die wêreldgebeure interesseer hom. Hy ly onuitspreeklik daaronder, maar altyd net uit wêreldse motiewe. Nooit dink hy aan die nood van die siele van hulle wat hard getref word nie, juis omdat hulle siele in groot nood is. Want die goddelike Liefde wil hulle nog red voordat dit te laat is. Sy wil dat hulle nog tot insigte kom en laat daarom die aarde deur uiterlike rampe gaan, sodat daar nog individue gered kan word, wie se harte nog nie heeltemal verhard is nie.

Amen.

God se ingryping - Einde van die stryd

B.D. No. **3143**
1. Junie 1944

Hoe meer die wêreld verstrik raak in dwaling, des te meer verwyder hulle hulself van God en des te liefdeloser is die werke en denke van die mense wat gerig is op die wêreld. En die vergrote liefdeloosheid spoor die mense ook aan tot dade, wat alles oortref wat voorheen gebeur het. En so bring die mense self die ingryping van God na hulle toe. Die mense sien nie meer die onreg in van dit wat hulle doen nie. Die wêreldgebeure gaan in so `n rigting dat daar aards geen redding meer te vinde is nie. Die denke van die mense is verkeerd en staan heeltemal buite die waarheid. Die goeie word vervolg, die bose geër en so word die goddelike ordening omvergegooi, wat `n totale verval tot gevolg moet hê. En so kom die dag steeds nader wat `n einde aan die chaos sal maak, want die toestand van die mensdom is so rampsalig, dat God `n einde daaraan moet bring.

En hierdie einde is naby. Die einde van die woede van die mense teen mekaar, die einde van die stryd tussen nasies, wat nooit die goedkeuring van God kon kry nie, omdat dit `n stryd om mag is, waaraan geen edele motiewe ten grondslag lê nie. Haat en liefdeloosheid van die mense het dit teweeggebring, maar hulle het niks geleer in hierdie stryd nie. Hulle het liefdeloser as ooit geword en hulle haat het gegroei en bring skanddade tot stand, wat nie meer kan vererger nie.

En God sal `n einde maak aan hierdie doen en late op `n wyse dat Hy daardeur herken sal word. Hy sal `n ontsettende verdrukking oor die mense laat kom, wat hulle nie sal kan afwend nie. Hy sal hulle verskrik en hulle sal hul eie magteloosheid voel, omdat die elemente van die natuur hulself van hul kettings sal bevry, en die mense sal magteloos daaraan oorgelewer wees.

En hierdie dag sal nie lank meer op hom laat wag nie. Dit sal so skielik en onverwags kom, dat dit `n skielike verskrikking teweeg sal bring. Dit sal slegs ure neem en tog sal dit van so `n ingrypende betekenis wees, dat alles daarna sal verander en die rampspoed sal eers mettertyd tot die mense deurdring, wanneer hulle die goddelike ingryping in sy totale omvang besef.

Want God wil Homself aan die mense openbaar deur Sy ingryping. Hy wil hulle laat sien dat Hy self die einde sal bewerkstellig, en dat die mens niks daaraan kan doen nie, omdat hulle mekaar eerder wil doodmaak as om dit te wil erken en daardeur die onuitspreeklike nood beëindig.

En daarom sal die einde anders wees as wat die mense hulself voorstel. God sal Sy Mag bewys en die wapens uit die hande van die aardse maghebbers wring. Hy sal besluit en die verloop van die stryd tussen nasies sal daardie mense ontnugter, wat deur geweld dit wou bereik wat hulle nie toegelaat was nie en sal daarom hul magteloosheid herken.

Want dit is God wat uiteindelik die wêreldgebeure bepaal, selfs wanneer die menslike wil dink dat hy dit stuur. En God se Wysheid sien ook die mees doeltreffende middel vir die mense en Hy gebruik

dit om die chaos te beheer, wat die gevolg is van die liefdeloosheid wat derhalwe na hul ondergang gelei het, as God dit nie sou beëindig het nie.

En die tyd van oorlog sal gevolg word deur `n nuwe tyd van konflik, wat egter nie oor wêreldse mag sal uitbreek nie, maar oor geestelike heerskappy sal ontbrand, want die einde is naby en hierdie geestelike stryd sal nog geveg moet word, die stryd wat gaan oor die geloof in Jesus Christus, die goddelike Verlosser en sy Leer.

Amen.

Die skepping is die bewys van die ewige Godheid

B.D. No. **3148**
4. Junie 1944

`N Duideliker bewys vir die bestaan van `n ewige Godheid as die skepping is daar nie. Want daaraan kan die mens daagliks sien hoe wonderwerke voltrek word. Hy kan die werksaamheid van `n krag sien en hy kan nou hierdie krag vir homself voorstel soos wat hy wil. Hy moet dit in verbinding bring met iets wesenlik wat dit daardeur sigbaar tot uitdrukking bring, want werke wat van diepste wysheid getuig, waarvan die bestaan nie doelloos of sinneloos is nie, moet vooraf goed oorweeg gewees het en nou deur `n wil wat oor hierdie krag heers, in `n sekere wetmatigheid tot vorm word. En hierdie wil getuig van `n Wese wat as ewige Skepper van die heelal erken moet word. Geen skeppingswerk het sonder `n bepaalde plan ontstaan nie. Want selfs as die bestemming daarvan vir die mens verborge is, lê dit tog ten grondslag aan elke werk wat uit die wil van die skeppende Mag voortgekom het. Hoe aandagtiger die mens die skepping bekyk, hoe meer oortuig sal hy daarvan wees, om in hierdie werk `n Meester te sien wat uitermate liefdevol, wys en magtig is. En dus kan die skepping slegs tot `n rotsvaste geloof lei, wanneer die mens soekend raak en homself ernstig oorgee aan die gedagtes wat in hom opkom, by die aanskoue van selfs die kleinste skeppingswerkie.

Want God self spreek tot hom deur die skepping en elke mens sal Sy taal kan verstaan wanneer hy gewillig is om te luister. Want die mens sal niks uit eie krag kan laat ontstaan wat vir hom sigbaar is in die skepping nie. Die krag van God moet eers werksaam word en hierdie krag moet toegeken word aan `n wese wat self die eintlike Hy is, omdat elke skeppingswerk `n planmatigheid laat blyk, dat die krag deur die wil bestuur word. Maar sodra `n wil erken word, moet daar ook `n draer van hierdie wil wees, ongeag in watter vorm die mens Hom voorstel.

Want vir die mens is die ewige Godheid onvoorstelbaar en tog moet Hy erken word as `n Wese wat dink en vorm gee, wat Sy gedagtes tot `n vorm laat word deur Sy wil wat van diepste wysheid getuig. Wysheid en almag word dus aangetoon en die liefde as die oergrond van alles wat bestaan, naamlik die liefde vir dit wat elke skeppingswerk in hom dra, vir die wesens wat eens uit sy krag voortgekom het, dus `n deel is van Hom self.

Die mens as soekende, weet niks van die geestelike lewe in die hele skepping nie, voorlopig kan hy slegs die Oerkrag herken, die Skepper van alles wat sy oog sien. Maar die innerlike lewe sal ook nie vir hom verborge bly as hy die kennis nastreef nie. Want eers wanneer hy `n Skepper vol wysheid en mag herken het, dan sal hy ook na die sin en die doel van die skepping vra en hy sal antwoorde kry.

En dan sal hy die Liefde van God herken wat onophoudelik aktief is om nuwe skeppings te laat ontstaan, om hulle as blyplek toe te wys aan die gees wat daarin volwasse moet word. En die mens sal nou `n duidelike beeld kry. Hy onderwerp hom dan in die diepste nederigheid aan sy Skepper wat hy nou nooit meer sal ontken nie, wat hy herken het as `n Wese van die hoogste volmaaktheid, vol Liefde, Wysheid en Almag, op wie hy nou met elke gedagte afstuur, omdat hy die Wese wil liefhê en begeer om diensbaar naby aan Hom te kom. Dus kan die mens ook, sonder dat die goddelike woord deur mense aan hom verkondig was, self kennis neem van Sy bestaan. Want God bring die maklikste middel daagliks vir hom onder oë. Hy hoef net aandag te skenk aan die skepping en dit met hom te laat praat, dan praat God Self met hom. En dan ontvang hy Sy woord direk, deurdat hy opheldering gegee word deur middel van gedagtes, sodat hy tot `n lewende geloof kan kom. En hierdie geloof sal

in hom geanker wees, want die skepping getuig van die Liefde, Wysheid en Almag van God vir elkeen wat as soekende vra en luister na die antwoord wat aan hom deur die Skepper Self gestuur word.

Amen.

Einde van `n verlossingsperiode

B.D. No. **3150**
6. Junie 1944

Julle mense het al `n onvoorstelbare lang ontwikkelingstyd agter julle en nou staan julle kort voor die einde van `n periode, wat aan julle gegee was om julleself te voltooi. Die aardse lewe as mens is die afsluiting van `n ontwikkelingsperiode, maar nou spoed alles na die einde, want die aarde sal nie in sy huidige vorm bly bestaan nie. Sy sal `n totale verandering ondergaan, omdat die menslike geslag, wat tans die aarde bevolk, sy taak om homself te ontwikkel, nie meer nakom nie en dus het die aarde in haar huidige vorm nutteloos geword en daarom moet sy `n hervorming beleef, sodat nuwe moontlikhede weer geskep kan word as blyplek vir die gees, wat die aarde onvoltooid verlaat het en daarom weer in die skeppings van die nuwe aarde verban gaan word. Die eindelose lang ontwikkelingstyd vir die beliggaming as mens, was vir hulle waardeloos omdat hulle gedurende die laaste stadium gefaal het.

Die oneindige Liefde van God het die wesens nog in die hiernamaals die moontlikheid gegee om hulself te ontwikkel, sodat hulle daar nog volwasse kan word, al is dit ook onder baie moeiliker omstandighede as op die aarde. Maar nou gaan `n verlossingsperiode sy einde tegemoet en dit beteken `n afsluiting, ook vir die wesens in die hiernamaals se verleende geleenthede om volwasse te word. Want die mense van die eindtyd sal by hul afsterwe nie meer die graad van volwassenheid hê om in die sfere van die hiernamaals opgeneem te kan word nie, tensy die Barmhartigheid van God hulle vroeër wegroep, in `n tyd van die grootste nood en rampe, wat aan hulle die besef van `n ewige Godheid nog voor hul dood kan gee.

Maar die laastes sal hulleself heeltemal van God afgewend het, hulle sal verhard wees en nie toeganklik wees vir onderrig nie, daarom ook nie vatbaar vir verbetering nie. En die moontlikheid om hulself positief te ontwikkel, sal van hulle af weggeneem word, deurdat die fisiese lewe van hulle afgeneem sal word en die gees in hulle weer opnuut in vaste vorm gekluister sal word. Wat dit beteken, sal slegs verstaan word deur hom wat op hoogte is van die eindelose lang gang wat die gees deur die skepping moet aflê. En ook hy kan dit nie eers by benadering voorstel nie; nie alvorens hy die ligryk ingegaan het en sy eie ontwikkelingsgang ken nie. Maar God het die wesens oorvloedig tyd verleen om hulself te verlos, wat hulle egter nie gebruik het om nader aan Hom te kom nie, maar eerder vir nog groter verwydering. En vir sulke wesens is daar geen vooruitgang meer op hierdie aarde nie, maar veeleer slegs `n voortdurende agteruitgang, waarvan die einde die kluistering in die vaste vorm moet wees. Die mense is nou so onkundig en verhard, dat hulle die eindtyd nie ken nie, dat hulle glad nie bekommerd is oor waarheen die geestelike lae vlak gaan lei nie, omdat hulle al die geestelike verwerp het en maar nog net aan hul aardse lewens aandag skenk. En daar moet `n einde aan hierdie toestand gemaak word, die mensdom moet eers met geweld gewys word op die einde. En as dit ook geen resultate gaan oplewer nie, sal hulle die ondergang tegemoetgaan. Dus sal die aarde, tesame met haar bewoners, `n proses van totale verandering moet deurgaan, deurdat die aarde heeltemal nuut aan haar buitekant gevorm gaan word. Die mense sal ook `n totale verandering van die uiterlike vorm ondergaan, naamlik dat die vleeslike omhulling van die wesens gaan wegval en dat vaste materie dit nou weer gaan omsluit, wat hulle van alle wilsvryheid gaan ontneem en dat hulle nou weer vir eindelose lang tye gekluister sal wees.

Alhoewel dit aan die mense bekend gemaak gaan word, sal hulle nie hul lewenswandel verander nie, omdat hulle nie sal glo nie, en sal deur hulle liefdelose lewe in `n volslae duisternis van gees en totaal verkeerde denke versink. Die mens kan slegs deur liefde tot insig kom en as hy dit nie het nie, is hy blind van gees en ontoeganklik vir elke denkbeeld. Maar God maan en waarsku die mense onophoudelik en as hulle aandag sou skenk aan die tyd en die gebeure daarvan, aan die stemme wat vir hulle die liefde predik, sou hulle ook agterdogtig geword het en begin nadink oor hierdie

aankondiging. Maar die Satan het hulle in sy mag en hulle het nie die wil om hulle van hom los te maak nie. En daarom sal die einde onherroeplik aanbreek, want die verlossingsperiode sal binnekort uitgeloop wees.

Amen.

Ingryping deur God.

B.D. No. **3151**
7. Junie 1944

Die onbegryplike gaan binnekort plaasvind. God Self sal met die mense praat op `n manier wat vrees en angs sal veroorsaak. Dit sal binnekort plaasvind, want die mensdom kan nie langer sorgsaamheid verwag nie, aangesien hulle heeltemal sonder liefde is. Hulle sal self die bal aan die rol sit, en self aanleiding gee tot die ingryping, want hulle oortree voortdurend God se gebooie, die gebod van die liefde tot God en die naaste. En hulle doen weldeurdagte sataniese dade wat sal lei tot hulle ondergang, indien God nie ingryp om nog sodoende siele te red wat hul weg in alle teëspoed na Hom gevind het.

Dit is die teken van die tyd wat God lank vooruit verkondig het, dat die einde van die voorafgaande bitterlike hewige stryd bepaal sal word deur God, want Hy wil Homself en Sy krag openbaar. Hy sal die konflik beëindig, maar anders as wat mense verwag. Deur Sy ingryping, wat van deurslaggewende belang vir die hele wêreld sal wees, sal Hy wêreldgebeurtenisse in `n ander rigting stuur. Mense sal moet besef dat hulle magteloos is en dat `n hoër Mag wêreldsake reël. En hulle sal moet buig voor hierdie Mag. Die benoudheid, wat deur die menslike wil dit byna ondraaglik gemaak het vir baie mense, sal baie erg wees, maar dan sal hulle ook nog moet worstel met verdrukkinge wat God Self na hulle toe gaan stuur en hulle sal nie daarteen in opstand kan kom nie, want hulle kan niemand daarvoor verantwoordelik hou nie.

Tog sal die mense se gedrag voor hierdie dinge nie meer menslik genoem kan word nie, en dus sal God Sy mag aan hulle openbaar. Waar mense voorheen hul mag wou demonstreer deur brutaal voort te gaan teen hulle medemens, sal God Homself in sy optredes toon en in vergelyking met Hom is almal swak en weerloos en hul skandelike woede sal terugval op diegene wat genadeloos net vernietiging wou veroorsaak het, net omdat hulle magtig voel. Niemand kan die daaropvolgende chaos voorstel wanneer mense se ongebreidelde gevoelens van haat en wraak deurbreek nie, en hierdie vernietigende wil beteken die disintegrasie van dit wat God geskep het voordat dit sy doel bereik het.

Mense van die huidige tyd word gekenmerk deur hul volgehoue wil van vernietiging, wat `n teken is dat hulle verslaaf is deur die krag wat probeer om alles uit te wis, om sodoende te verhoed dat die siele nader aan God getrek word. Mense is nie bewus daarvan dat die gewelddadige vernietiging van geskape dinge, hetsy menslik, dierlik of vaste stowwe, verskriklike gevolge het nie, hoe die onvolwasse geestelike substansies daarin woed en verwoesting saai en watter beroeringe dit in die geestelike koninkryk veroorsaak nie. Hulle verpes en beïnvloed mense se siele nadelig en selfs die gelowiges ervaar hul invloed en word moedeloos en ontmoedig. `n Magtige wil sal dus `n einde daaraan moet maak, ter wille van die geestelike wesens wat poog om God te nader en dan weggelei word deur gewillige dienaars van God se teenstander op aarde.

En dit is waarom God se stem sal weerklink, onmiddellik na die implementering van `n plan wat elke gruwel sal oorskry wat nog ooit deur mense uitgedink is. Daar is nog net `n klein bietjie tyd oor, en eers moet daar `n verskriklike gebeurtenis plaasvind vir die hele wêreld om aandag te skenk daaraan, ten einde God se stem selfs nog duideliker te hoor. Baie slagoffers sal nog ten prooi val, dit wil sê, hulle sal hul lewens moet opoffer vir `n oneerlike saak, sodat die mense wat tot hul sinne moet kom, sal agslaan, want hulle almal het bygedra tot die chaos en is dus ook deels te blameer, as hulle nie die onreg besef en ophou om dit te ondersteun nie. Die goddelike stem vermaan en waarsku altyd en tot in ewigheid, dit toon die verkeerde werke aan almal, maar vereis ook dat daaraan gehoor gegee moet word, of anders sal dit weerklink met `n stem van donder tot almal se afgryse en oordeel, volgens reg en geregtigheid.

Want almal is te blameer en slegs diegene wat `n hekel het in die mensdom se gedrag en diegene wie aan God wil behoort, kan vrygespreek word, want hulle herken die onreg en vrees en weet dat die toorn van God die kwaaddoeners sal tref. En die uur sal skielik en onverwags kom, want dit is die laaste groot seën voor die einde, sodat almal wat nie onverskillig lewe nie, bekeer sal word en God sal herken in die natuurramp, wat volgens God se wil onvermydelik is.

Amen.

Liefdeswerk - Plig - Vermomming van lig

B.D. No. **3156**
12. Junie 1944

Wysheid en liefde is goddelik en sal dus nooit gevind word waar God se teenstander werk nie. Maar hy wil homself ook verberg agter `n dekmantel van wysheid en liefde, en geestelik blinde mense sal nie herken dat `n blote versinsel ten doel het om die ware gesig te verberg van die een wie se aktiwiteit in die wêreld slegs ten doel het om mense te ruïneer nie. Maar die geestelik verligte persoon sal sy spel van bedrog herken, en dus is dit sy taak om God se teenstander te ontmasker, om dit wat teen God is, te ontbloot en mense in te lig oor sy onderduimse aktiwiteit. Liefde sal voorgegee word waar die ware aard liefdeloosheid is, en wysheid sal geveins word deur diegene wat sonder kennis is. En dus is die werk van die donker mag om alle helderheid weg te neem, ten einde die mense in diepe duisternis te werp. Liefdeswerke moet onbaatsugtig wees, dit moet `n offer wees, maar dit moet deur eie beweging uitgevoer word, sonder enige uiterlike dwang, want slegs dan kan dit beoordeel word as `n aktiwiteit van liefde, anders sou dit opgelegde pligte wees wat op aarde erken word, maar voor God het slegs die werke van die mens se vrye wil enige waarde. Want slegs liefde kan verlos.

En hierdie liefde sal ook wysheid na vore bring, wat egter nooit gevind kan word waar liefde vergoed word deur werksplig nie. Om hierdie rede moet die implementering van `n daad noodwendig opregte liefde openbaar as `n mens se kennis erken moet word as kennis wat ooreenstem met die waarheid, as goddelike wysheid. Waar die een nie bestaan nie, kan die ander ook nie wees nie. En daarom moet die kennis wat aan mense meegedeel word, ernstig ondersoek word, want iemand wat teen God is, iemand wat mense wil lei in `n verkeerde denke en hulle in liefdeloosheid inforseer, sal dinge gebruik wat `n misleidende lig afgee, deur die goddelike na te boots en sodoende ernstige sielkundige skade aan mense veroorsaak.

En hulle sal hom nie herken nie, hulle sal onnadenkend aanvaar wat hulle aangebied word en hy gebruik dan sy volgelinge om ander mense op dieselfde wyse te beïnvloed as wat hy hulle beïnvloed, sodat hulle, onder die vermomming van liefde en wysheid, teenoorgesteld optree en leer. sodat hulle hulself dwing om met liefde op te tree en valsheid versprei onder die mense. Dit sal `n aanhoudende stryd tussen lig en duisternis bly, en enigiemand wat verlig is, sal veg teen die duisternis; iemand wat verlig is, sal sy lig laat skyn en regstellings maak waar mense verkeerd geleer was.

En ook moet iemand wat verlig is, nie wegskram om openlik te staan teen die aktiwiteit onder die masker van lig en vroomheid nie, hy moet `n oproep maak vir egte werke van liefde en aan mense die sinneloosheid van geforseerde geïmplementeerde werke van liefde verduidelik, hy moet die wysheid wat hy van God ontvang het oordra, wat sy gees verlig het as gevolg van onbaatsugtige optredes van liefde. Want liefde en wysheid sal altyd na God lei, maar as mense nie in kontak met God is nie, besit hulle geen liefde of wysheid nie, en indien dit so lyk voor die wêreld, dan sal dit net die masker wees van die een wat God weerstaan en probeer om liefdeloosheid en onwaarheid onder die mense te versprei. En julle moet openlik oorlog verklaar teen hom, want julle kan verseker wees van God se ondersteuning, wie se instruksies julle nakom deur die onderrig van goddelike liefde, wat alleen wysheid tot gevolg het.

Amen.

Slegs weinig mense besef die waarde van die goddelike openbaringe en selde neem hulle die boodskappe onvoorwaardelik aan. Talryke moontlikhede bly so onbenut en dit het beperkte insig tot gevolg, wat dikwels in `n dooiepunt eindig, terwyl daar egter vooruitgang gemaak kon word. Die geestelike onkunde van die mense kan opgehef word en die duistere toestand kan in lig verander word en tog verkies hulle die nag en is sku vir die lig. Hulle opponeer nog die wêreld van die lig, wat sorgsaam aan elkeen gee wie sy vertroue daarin plaas..

Dit is as gevolg van `n gebrek aan geloof in God se barmhartigheid en Sy gewilligheid om mense by te staan in nood. Hierdie nood is nietemin bewese en bestaan uit die feit dat tallose dwalinge die mense verhinder om God korrek te verstaan, om Hom lief te hê en om hierdie liefde te openbaar deur ander mense blymoedig te help. Hierdie nood bestaan uit `n dooie geloof wat sal faal as dit op die proef gestel word, want as die mens `n ernstige besluit moet maak, sal hy slegs standvastig kan bly as hy `n rotsvaste oortuiging het dat sy kennis en sy geloof waardevoller is as dit wat hom opponeer. En daarom moet die geloof met die kennis ooreenstem, d.w.s. wat die mens glo, moet ook geloofwaardig wees, dus die wysheid openbaar wanneer hy ernstig daaroor nadink. God verwag nie van die mens om iets te glo wat hy nie met ernstige nadenke sou kon aanneem nie. En daarom moet wat onaanneembaar lyk en waaraan, by ernstig ondersoek, die wysheid ontbreek, as menslike toevoeging beskou word, wat bygevoeg is by dit wat God van ons vereis om te glo.

Nietemin is die geloofwaardigheid van dogma duidelik deur die liefde wat daaruit straal, deur God se liefde vir alles wat Hy geskape het, en gevolglik toon liefde en wysheid dus `n goddelike Wese wat besorg is oor sy lewende skeppings.

En so kan elke geloofsleer aanvanklik hieraan beproef word. En elke leer moet so ondersoek word, omdat julle slegs dit moet onderrig wat julle self as waarheid identifiseer het. Dit is egter `n voorwaarde wat meestal verontagsaam word en vir daardie rede alleen die verspreiding van dwalinge aansienlik begunstig. Elke leraar moet ten volle oortuig wees van dit wat hy onderrig. En oortuiging kan slegs deur ernstige ondersoek verkry word. Dan kan die leraar met veiligheid die waarheid wat hy herken het, aan mense oordra wat minder bekwaam is vir sulke waarnemings, maar wat, indien korrek geleer word, nietemin kan weet dat die lering wat vir hulle aangebied word, geloofwaardig is, want dit bevestig God se Liefde en Wysheid aan hulle. Wie opreg dogma wil ondersoek, sal nie tekortskiet aan die vermoë om te dink wanneer hulle die waarheid wil ken nie, op voorwaarde dat die ondersoeker ook in liefde sal leef, andersins kan hy nooit die waarheid verteenwoordig nie, maar sal leuens en dwalinge verteenwoordig, omdat hy homself deur liefdeloosheid oorgelewer het aan die een wat teen God veg.

In die lig hiervan is dit nou begryplik waarom die oorspronklike suiwer en onvervalste leer wat aan die mens gegee was, nou aansienlik verander is en waarom dit nie moontlik was dat die geskrewe rekords outentiek gebly het nie, want ernstige ondersoek rakende hul betroubaarheid en waarheid was ontwyk, deur te eis dat die mense alles kategories moes glo wat vir hulle geleer was.

Die suiwer waarheid sal elke toetsing kan deurstaan en derhalwe onveranderd bly. Maar met verloop van tyd het skeuringe ontstaan, verskillende denkskole en hul afsonderlike leerstellings het aanhoudend geleentheid gebied om te vergelyk en as dit met die goddelike wysheid en liefde vergelyk was, sou elke ernstige ondersoeker ingesien het watter leerstellings menslike werk was en sou dit dus as dwalinge gebrandmerk kon word. Gevolglik is die mense wat bevoeg was om die waarheid te bevestig, maar wat daarin gefaal het en leerstellings gewetenloos oorgedra het, wat by nadere ondersoek verwerp moes gewees het, meestal te blameer en hulle sal ook verantwoordelik gehou word daarvoor, want as gevolg hiervan het hulle foute en leuens versprei.

Daar was egter altyd mense wat uit hul eie sulke ondersoeke onderneem het en as hervormers die ou bestaande leerstellings probeer verander het. En weereens het dit afgehang van hul graad van volwassenheid in hoeverre hulle in die waarheid gelewe het en in staat was om dit as sulks oor te dra.

Gevolglik word die mens oor en oor die geleentheid gebied om standpunt in te neem teenoor godsdienstige leerstellings, want as gevolg van geskille tussen die verskillende denkskole, deur skeuringe binne die kerk, was hulle opmerksaam gemaak oor die verskillende leerstellings, maar wat nietemin vereis het dat hulle dit moes glo.

Nou moet die intellek en die hart aktief word as daar `n evaluasie gemaak moet word en daarvoor is die wil en verlange om die waarheid te ken nodig. Elke volgeling van `n leerstelling ondersteun sy leerstelling en tog kan verskillende leerstellings nie aanspraak maak om waarheid te wees nie, want daar is slegs een waarheid. En elke mens moet poog om hierdie waarheid te bekom. Daarom is dit ook inderdaad noodsaaklik vir `n mens om `n persoonlike opinie te vorm rakende elke godsdienstige instruksie, anders kan dit nooit sy geestelike besit word nie, selfs al sou hy dit met woorde bely. Maar dan is sulke woorde nie `n innerlike oortuiging nie, aangesien oortuiging verstandelike beredenering verg en hierdie denkproses kan slegs korrek gelei word deur `n beroep te doen op die goddelike Gees.

As `n leraar egter die suiwer waarheid aanbied, sal `n persoon dit baie makliker vind om tot innerlike oortuiging te kom, indien hy self daaroor sou nadink, aangesien dit `n sterker wil en begeerte vir waarheid verg om misleiding as verkeerd te identifiseer. En dit is waarom die leraar ten volle verantwoordelik is as hy, as gevolg van sy eie ongeërgdheid of nalatigheid, nalaat om `n beoordeling te maak en dan geestelike inligting versprei waarvan hy self nie heeltemal oortuig is nie. Want as hy homself aangebied het vir onderrig, mag hy alleenlik dit onderrig wat hy self, na ernstige oorweging, aanvaarbaar vind, anders sondig hy teenoor hulle wat glo om wysheid van hom te ontvang en by wie hy met verkeerde denke indring met verkeerde leerstellings. Verder is dit sy plig om mense aan te spoor om die leerstellings ook te evalueer, sodat hulle op hulle beurt ook oortuig kan word van `n lewende geloof en in staat gestel kan word om te onderskei tussen dwaling en waarheid.

(17 Junie 1944.) Intellektuele kennis wat die mense verwerf, sonder om tot God te bid vir geetelike verligting, is onvolledig en kan daarom nie as konsekwent beskou word nie. Vandaar dat daar nog onopgeloste vraagstukke is en dit gee in besonder aanleiding tot twyfel, want verskillende ondersteuners verduidelik dit verskillend. Hieruit blyk dus vanself dat die verskillende resultate ook beoordeel moet word deur enigeen wat slegs die waarheid wil aanvaar. Menslike kennis is nooit onaantasbaar nie en daardie omstrede aangeleenthede hou altyd verband met menslike kennis, menslike interpretasies, en is voor die hand liggend deur die feit dat dit betwis word, want suiwer waarheid vanuit God is altyd dieselfde en sal nooit verskillende resultate oplewer nie. `n Mens sonder `n goeie wil en `n begeerte vir waarheid sal God se oorgedraagde waarheid verkeerd ontvang, aangesien sy gedagtes onderworpe is aan bose invloede wat hom verwar en dit maak die waarheid onverstaanbaar. Maar aan die ander kant sal `n persoon wat opreg streef na waarheid, ook verkeerde kennis bevraagteken. Hy sal nie volledig verseker wees van die waarheid nie en daarom beoordeel hy dit, op voorwaarde dat hy nie verbied word om dit te doen en onvoorwaardelike aanvaarding van hom vereis word nie, wat egter te alle tye, sonder twyfel, satan se invloed is. Want dit sal nooit `n onreg voor God wees om die waarheid ernstig te soek, of dat `n mens `n opinie moet vorm van wat hom aangebied word as waarheid of as deel daarvan nie. Ook mag die mens ook nie gelei word deur ander mense se idee van waarheid nie, maar hy moet sy eie oordeel fel, veral as daar van hom verwag word, of hy homself aanbied, om kennis te versprei en ander mense te onderrig.

God weier nooit Sy hulp aan die mens wie nederig vra vir Sy barmhartigheid nie, maar of die gerespekteerde hooggeplaaste van die wêreld, of die wetenskaplike wat `n hoë wêreldse posisie beklee, hetsy in `n geestelike of sekulêre posisie, homself in die diepste nederigheid sal buig voor God as die enigste Voorsiener van waarheid en dus daardeur voldoen aan die eerste voorwaarde vir die ontvangs daarvan, is te betwyfel, wanneer sy leerstellings nie foutlose verduidelikings aanbied of teenstrydig is met mekaar nie.

Dwaling bestaan al so lank as wat daar verdeeldheid en verskillende interpretasies bestaan, want daar is slegs een waarheid, en om jouself te vergewis van die waarheid, moet die mens kontak maak met die Godheid Homself, hy sal Hom moet vra vir geestelike verligting en deur `n Godgewillige lewenswyse waardig word om direk deur Hom onderrig te word. God weet egter hoe en op watter

wyse hy die mens sal onderrig wat streef en bid vir waarheid, maar die eindresultaat sal altyd die suiwer waarheid wees, aangesien dit God se wil is dat sy lewende skeppings in waarheid sal leef, aangesien Hy hulle ook verlig in ooreenstemming met hulle wil.

Amen.

Seën van uitruil van gedagtes.

B.D. No. **3160**
17. Junie 1944

Die uitruil van geestelike gedagtes sal altyd die strewe na waarheid bevoordeel, want slegs diegene wat dit werklik begeer, sal so `n uitruiling van idees oorweeg en sal dus ook ondersteun en adviseer word deur geestelike magte wat bemiddelaars van verstandelike kennis is wat ooreenstem met die waarheid. En hierdie kragte sal die mens altyd en tot in ewigheid ondersteun, hulle vermeerder die mens se kennis en motiveer sy wil om gebruik te maak van hierdie kennis, wat altyd geestelike vooruitgang aandui. Die ligwesens bring ook geestelike aspirante byeen om hulle die geleentheid te gee om gedagtes uit te ruil. En vrae sowel as antwoorde sal gevra word en aangebied word op aandrang van hierdie ligwesens, wat deelneem aan die mense se gedagtegang, en hulle sal die onderwerpe ophaal wat mense as belangrik beskou.

Ligwesens kyk veral graag na die mense wat luister na hulle influisteringe, dit is diegene wat gesprekke geniet wat van geestelike oorsprong is, want dan sal hulle in staat wees om onbeperkte inligting te gee, hulle sal in staat wees om te onderrig in die vorm van `n dialoog, waarvan die inhoud altyd aangepas sal wees by die mens se toestand van volwassenheid. En die betrokke partye sal altyd voordeel hiervan trek vir hul siele, want elke gawe wat vir die mense deur die ligwesens aangebied word, is `n verligting van die krag van God wat `n konstruktiewe en kennistoename effek moet hê.

Die ligwesens sal altyd die mens se adviseurs wees, solank as wat die mens slegs suiwer waarheid begeer en met hulle korrekte houding teenoor God, geestelike gesprekke motiveer. `n Hoër graad van volwassenheid sal die onvermydelike gevolg wees, want sodra die geestelike kennis aanvaar word, sal dit die persoon stimuleer om dit vir homself of sy medemens te gebruik, en beide beteken geestelike vooruitgang. Geestelike gesprekke moet dus dikwels plaasvind, want dit is na alles nie die verstandelike resultate van die individuele persoon nie, maar die oordragte van krag vanaf die geestelike koninkryk, wat altyd sal lei tot `n toename in geestelike substans, want enigiets wat vanuit die geesteryk kom, dring die menslike siel direk binne en verhoog haar geestelike substansie. Dus is dit `n instroming van krag wat moet lei tot die mens se hoëre ontwikkeling.

Die uitruil van idees is ook `n vorm van onderrig vanuit die geesteryk, maar dit word nie altyd as sodanig waardeer nie, aangesien die mens nie altyd die oorsprong van die gedagtes herken wat gespreek word nie, selfs al behoort hy te besef dat mense altyd deur ligwesens omring word sodra `n geestelike vraag bespreek word, maar egter met voorbehoud dat die mense `n ernstige voorneme sal hê om God te bereik en elke poging aanwend om Hom te herken.

Aan hulle stuur Hy sy boodskappers, hulle bring lig op sy bevel aan almal wat vrae aan God of aan mekaar stel. Want alle uitruiling van gedagtes is `n kwessie van vraag-en-antwoord wat, afhangende van die begeerte vir die waarheid, ook die waarheid sal wees, maar slegs herken sal word as waarheid, indien die mens voor so `n uitruil van gedagtes in opregte gebed `n beroep op God gedoen het om sy gees te verlig.

Amen.

Beproewinge en toetse is middele om volmaaktheid te bereik.

B.D. No. **3163**
20. Junie 1944

Die beproewinge en ellende wat op `n mens geplaas word, word selde erken as `n middel om die hoogste volmaaktheid te bereik. God ken elke individu se graad van volwassenheid, Hy ken hulle harte, en Hy mis nie die geringste beweging wat vir of teen Hom spreek nie. En daarom weet Hy

ook watter graad van ontwikkeling elke mens nog kan bereik, en ooreenkomstig daarmee sal Hy lyding of slae van die noodlot op die persoon plaas as die moontlikheid nog bestaan om die siel se volwassenheid daardeur te verhoog.

Voor sy beliggaming as mens het die siel geweet van alles wat tydens haar lewe op aarde met haar sou gebeur, sy het haar finale beliggaming in volle ooreenstemming aangeneem, in die hoop dat sy oorwinnend tevoorskyn sou kom. Sy het haar genot, sowel as haar lyding, op haar weg van die lewe gesien en haar nie daardeur laat afskrik nie, omdat sy ook geweet het van God se hulp en Sy barmhartigheid en het die moontlikheid voorsien om die materie heeltemal te ontgroei en vir altyd ontslae te raak van sy omhulsel.

Om hierdie rede het so baie siele `n besondere moeilike aardse lot aanvaar, omdat hulle ook die gevolge van `n korrek geleefde aardse lewe ken en hulle ken ook die finale doel en het dit bereikbaar geag. Maar gedurende die aardse lewe verloor hy die bewustheid van sy verlede, en daarom is hy in gevaar om nie sy doel te bereik nie, wanneer hy versuim om van die geleenthede gebruik te maak.

En daarom kom God die siel te hulp deur die skepping van geleenthede op aarde wat die siel in staat sal stel om tenvolle volwasse te word. En dan sal die mens groter teenkanting moet oorkom, soos lyding en hartseer wat op aarde aan hom gegee is, waarvoor hy `n beroep op God moet doen vir krag om dit te oorkom. `n Lewe sonder stryd sal hom egter altyd op dieselfde stadium van ontwikkeling hou en hy sal sy lewe tevergeefs geleef het.

Dit is nie dat hy vir sy sonde op aarde versoening moet doen nie, soos wat dit verkeerdelik geleer word nie, maar dit is slegs belangrik dat hy sal uitkom uit die diepe duisternis waarin hy homself nou bevind, na nog steeds hoër sfere, sodat hy hom kan verander in `n ligwese, sodat hy kan werk aan die verbetering van homself deur weg te doen met alles wat hom verhinder om `n ongekende oorvloed van lig te ontvang.

Hy moet sy ondeursigtige omhulsel effektief reinig deur lyding en ellende, hy sal elke onreinheid van homself moet verwyder, sodat die lig daardeur kan skyn. Hierdie suiwering moet plaasvind deur `n persoon se eie wil, dit kan nie deur God geïmplementeer word sonder die mens se wil nie. Lyding en liefde is die enigste manier om van alle onsuiwerhede gereinig te word, en `n groot mate van lyding is terselfdertyd die uitdrukking van groot goddelike liefde, wat die persoon wil help om van so `n aard te word dat God hom oneindig gelukkig kan maak in die ewigheid.

Erg geteisterde mense op aarde word dus spesiaal deur Sy liefde vasgehou, selfs al lyk dit vir hulle onverstaanbaar. Die lewe op aarde is kort in vergelyking met die ewigheid, en eendag sal die siel met dankbaarheid en lof terugkyk op haar kort aardse tydperk, want die lyding het vir haar hoër volwassenheid tot gevolg gehad, wat sy nooit sonder lyding sou bereik het nie. `n Persoon op aarde het onmeetlike seëninge tot sy beskikking, sodat hy selfs die ergste lyding kan verduur, indien hy in opregte gebed krag van God sal trek, want Hy het hom daarvan verseker. Hy sal niemand wegstuur sonder om diegene te versterk wat sy teenspoed in vaste vertrouende geloof aan Hom meedeel nie, sodat Hy hom kan en sal help. Want die lyding is nooit groter as die En Wie dit oplê nie, Wie werklik genoeg krag het om almal te help in elke behoefte. Hou daarom altyd Sy liefde, wysheid en almag in gedagte as julle belas word deur erge lyding en julle sal getroos voel en geduldig wag vir Sy hulp.

Amen.

Voortydige afsterwe - die laaste genade

B.D. No. **3169**
24. Junie 1944

Ontelbare siele gaan met hul afsterwe in `n onvolwasse toestand oor na die geesteryk en daarom is hulle lot nie baie benydenswaardig nie. Die ligryk is vir hulle gesluit en hulle is in `n omgewing wat ooreenstem met hul onvolwasse toestand, maar wat hulle in geen geval van hou nie, want in hierdie siele is die eieliefde besonder sterk ontwikkel, daarom het hulle ook op aarde weinig liefde vir die naaste gehad en kon nie `n hoë graad van ontwikkeling bereik nie.

Die eieliefde laat haar nou haar onvolmaakte lot besonder swaar voel. Want nêrens kry sy bevrediging nie. Haar eie begeerte stel haar wel alles wat sy ook maar wil voor die gees, maar sodra sy dit probeer aanraak, besef sy dat dit slegs drogbeelde is. En die besef is `n des te groter foltering, hoe meer sy die aardse goedere begeer. Sy het in haar lewe op aarde nog nie die materie oorwin nie en neem die begeerte daarna saam na die hiernamaals. Gevolglik het sy ook nie die behoefte om uit te deel en die siele gelukkig te maak wat in haar lot deel nie, omdat sy ook op aarde weinig medelye gehad het met die leed en die sorge van haar medemens.

En tog verleen God ook nog genade aan hierdie siele en gee Hy hulle weer geleenthede om hulself te ontwikkel, sodat hulle ook in die hiernamaals tot nog groter volwassenheid kan kom. Want deur hulle verlange na die aarde, wat by alle onvolwasse siele `n eienskap is, bly hulle hoofsaaklik nog in die nabyheid van die aarde. En nou kan hulle die deur mensehand verrigte verwoestings sien. Daardeur sien hulle die onwaardigheid van aardse goedere in. Hulle sien die wêreldse nood op aarde en kan hulself selfs daardeur genoop voel, om hulle te wil help om tot uitdrukking te kom. En by enkele siele dra die aardse nood dus by om hul denke te verander. En hulle sal nou die eieliefde oorwin en sal aan die begin van hul positiewe ontwikkeling in die hiernamaals staan.

Hierdie genade word vandag nog deur God aan ontelbare mense verleen. Die liefdeloosheid van die mens bring dus wel hul aardse einde nader, omdat die lewe op aarde nie gebruik was ten behoewe van die positiewe ontwikkeling van die siel nie. Maar tog kan die siele van die gestorwe mense hulle nou nog in die nabyheid van die aarde ophou, om dan by die aanskoue van die leed en die ellende van die mense, hul gesindheid te verander, om die onwaardigheid van aardse goedere in te sien en die begeerte daarna te onderdruk.

Maar as die eieliefde buitengewoon sterk is, dan sal hierdie aardse nood ook nie daartoe bydra dat sy verander nie. Dan sal die verlange na die goedere van die wêreld net nog sterker word. En die eie fantasie sal alle sake waarna die wese vurig verlang, vir haarself voorspieël. Maar dan sal die toestand ook uitermate folterend wees en sal die siel in die grootste gevaar wees om haarself negatief te ontwikkel en die laaste genade in die ryk hierna nie meer gebruik nie. Die gevaar is groot en tog is die afsterwe voor die laaste einde vir sulke onvolwasse siele nog `n genade, want daarna bestaan daar geen moontlikheid meer om in die hiernamaals volwasse te word nie, ondanks die lae graad van volwassenheid.

Daarom is die voortydige afsterwe `n bewys van die goddelike Liefde wat nog graag aan sulke siele redding wil bring, omdat hulle in die lewe op aarde gefaal het. Dit is `n laaste middel om hulself te verander tot liefde. En God sal geen middel onbeproef laat om nog redding te bring aan al die wesens alvorens dit te laat sal wees nie. Maar hoe hulle hierdie hulpbronne sal wil gebruik, word aan hul vrye wil oorgelaat.

Amen.

Liefdeloosheid - Verwoesting van die skepping - uitbarsting

B.D. No. **3173**
28. Junie 1944

In `n wêreld van haat kan geen liefde ontstaan nie en daarom sal die mense steeds vyandig teenoor mekaar optree en so hulle eie ondergang bespoedig. Want liefdeloosheid beteken die einde van dit wat God geskep het. Liefdeloosheid bevorder verwoesting op elke manier. Dit is die dryfveer van `n vernietigende wil en omdat God die menslike wil vryheid gegee het om hom uit te druk en omdat hy die krag daartoe uit die diepte ontvang, leef die mens homself op so `n afskrikwekkende manier uit en dit sal `n versnelde ondergang tot gevolg moet hê. `n Wêreld van haat en liefdeloosheid staan uiters ver van God af en kan nie meer Sy krag ontvang nie, omdat hulle hulself daarvan afgesluit het. Gevolglik is daar vir hierdie wêreld geen bestaan meer moontlik nie en sodoende is die geestelike motivering vir `n ondergang van die ou aarde daardeur gegee en ontelbare geestelike substansies sal in opdrag van God in aksie kom en `n geweldige uitbarsting tot stand bring, want hierdie geestelike substansies wil hul ou blyplek verlaat. Hulle smag na bevryding, om nou van hulle kant af, weg van die aardse, hul positiewe ontwikkeling te begin in die mees verskillende vorme.

Aards beteken dit "`n bewing van die aarde in sy kern en `n totale omvorming van die uiterlike vorm, die vergaan van ou skeppings en die ontstaan van heeltemal nuwe vorms, wat die nog onvolwasse geestelike blyplek kan gee". Verder beteken dit die einde van ontelbare mense en elke lewende skepsel, dit beteken `n verwoesting van die skeppingswerke deur die goddelike Wil, omdat God die gees weer in nuwe skeppingswerke geleentheid wil gee om nader aan Hom te kom en om die eindelose verwydering te verklein en hulle te verander, aanvanklik in gebonde wil en uiteindelik in vrye wil. Haat en liefdeloosheid verwoes, maar die Liefde van God rig weer op. Daar mag niks verlore gaan nie en hy wat hom onontvanklik maak om krag te ontvang deur `n verkeerde wil, sal vergaan en sal in `n ander vorm moet bly, totdat sy wil verander is en hy die krag uit God begeer. Want daarsonder kan geen wese opwaarts gaan nie, daarsonder kan geen wese salig word nie, omdat die krag uit God lewe gee en lewe die einddoel van elke wese moet wees.

Amen.

Verloop van die lewe voorafbepaal afhangende van wil.

B.D. No. **3176**
30. Junie 1944

Die verloop van die mens se lewe stem ooreen met die siel se toestand van volwassenheid tydens haar beliggaming op aarde, wat beteken dat God haar aardse lewe so afgebaken het, dat dit vir die siel die beste moontlikheid vir `n hoër ontwikkeling bied. As die mens die belang van sy siel op die hart dra, sal hy inderdaad gebruikmaak van elke geleentheid om sy doel te bereik terwyl hy nog op aarde is, hy sal homself aanpas by die ewige Godheid deur `n lewe te leef volgens God se wil. Maar hy kan ook alle geleenthede laat verbygaan, sonder om daarvan gebruik te maak, en dit dui op `n geestelike stilstand, `n tekort in sy ontwikkeling.

En hierdie tekortkoming moet weer uitgebalanseer word, daarom stel die lewe dikwels groot eise aan hom wat vereis dat hy al sy krag moet inspan as hy daaraan wil voldoen. Hy word effektief nog `n geleentheid gebied om naasteliefde te beoefen, sover as wat iets van hom verwag word wat al sy wilskrag vereis, maar wat behulpsame naasteliefde veronderstel. As hy aan die vereistes wil voldoen, moet hy sy wil aktiveer en werk tot voordeel van sy medemens. En hierdie aktiwiteit kan lei tot die siel se volwassewording, omdat sy dryfkrag naasteliefde is en dit is die mees doeltreffendste manier om volwassenheid van die siel te bereik. As die mens naasteliefde vanaf `n vroeë ouderdom beoefen het, sal hy gebruik gemaak het van elke geleentheid vir sy geestelike vooruitgang, want dan sal hy ook helder en duidelik die betekenis en doel van sy aardse bestaan herken.

As hy egter halfhartig en traag is en as sy hart verhard is teenoor sy medemens se lyding, dan sal hy ook elke moontlikheid vir ontwikkeling laat verbygaan, hy sal slegs aan homself dink en sy medemens se ellende ignoreer, dan sal hy ook in onkunde van sy werklike taak op aarde leef en sal dus nie bewustelik na bo streef nie. Dit is moontlik dat die siel, voor haar inkarnasie as mens, reeds baie bereid was daarvoor, en die bereidwilligheid het gelei tot haar aardse lewe waarin sy `n baie hoë geestelike vlak kon bereik het, want volgens haar wil gee God haar die geleentheid om aktief te raak. So sal die mens die lewe relatief maklik vind, vir sover sy siel nie weerstand bied nie, maar gewilliglik daarna sal streef om die gebooie van God te vervul, want hy ontvang krag a.g.v. sy bereidwilligheid. Want dit is die krag van die liefde, wat weer lei tot werke van liefde. `n Gewillige siel weerstaan dit nie om liefdevolle dade uit te voer nie, want die liefde woon in haar, omdat `n liefdevolle hart voortdurend liefdevolle aktiwiteite sal stimuleer. En daarom word hy `n oorvloed geleenthede gebied, ongeag van hoe hy hulle gebruik. Hoe minder `n persoon sy innerlike drange weerstaan, hoe gouer sal die siel volwasse word, want dan sal hy voortdurend gedryf word om dade van liefde te doen, en so verander sy siel geleidelik in liefde, hy voldoen aan sy taak op aarde, en elke ervaring dra by tot die hoër ontwikkeling. Want die siel se aardse lewe is voorafbepaal na gelang van haar wil, wat sy dus met groot sukses kan uitleef, sodat sy die volwassenheid op aarde sal bereik wat haar sal toelaat om die koninkryk van lig in te gaan, onmiddellik na die fisiese dood.

Amen.

Tyd van nood en kommer ook vir die gelowiges

B.D. No. **3179**
6. Julie 1944

Hoe lewendiger die geloof is, des te inniger sal die verbinding met God wees, en des te merkbaarder ook die toevoer van krag, wat die mens alles sal laat verdra wat aan hom opgelê word, want die komende tyd sal groot eise stel aan alle mense. Ook die gelowiges sal innig om krag moet vra, want `n storm, wat dreig om hulle weg te trek, sal oor hulle kom. En slegs innige kontak met God sal hulle stande kan hou. Maar nooit sal die nood groter wees as Hy wat dit stuur nie, wat ook steeds bereid is om te help as Hy gelowig aangeroep word om hulp. Maar ter wille van die hele mensdom is die komende nood onafwendbaar. En begryplikerwys sal die gelowiges ook nie onaangeraak bly daardeur nie, hulle kan dit net makliker maak vir hulself deur gelowige gebed.

Die mense gaan die klimaks tegemoet. Niks maak hulle bang nie, hulle veroorsaak groot verwoesting teenoor die wat hulle as vyand beskou en beland daardeur in groot skuld, wat nie anders goedgemaak kan word nie as dat hulle self sal moet ly onder dit wat hulle ander aangedoen het. En daarom sal die nood almal tref wat skuldig is, ook al is daar gelowiges onder hulle wat nou ook die swaar lot op hulle sal moet neem. Die geloof sal hulle krag gee en hoe lewendiger, des te makliker sal die nood gedra kan word. En hulle sal ook in staat wees om op hul medemens in te werk en baie van hulle terugbring tot geloof in God. Want God stuur die nood, sodat dit nog `n opvoedende uitwerking sal hê op die weiniges wat nog te redde is.

En daarom sal die groot komende nood `n genade voor die einde wees. Dit is nog `n middel om die siele te red, wat deur die swaar druk, deur kommer en ellende sal gaan nadink en ernstig sal probeer om hulself te verander. Hulle moet deur die lewende geloof van hul medemens op die regte pad gehelp word. Hy sal hulle moet help om te glo en om kontak te maak met God. En dit moet die gelowiges steeds aan hulle voorhou, naamlik dat hulle dringend nodig sal wees in hierdie tyd van nood, dat God hulle nie voortydig sal wegroep nie, dat hulle lewende getuies sal wees op aarde wat vir Hom en Sy leerstellings sal opkom, wat `n duidelike bewys sal wees van God se Krag wat deur `n diep geloof deur hulle vloei wat in Sy plek sal moet spreek en werksaam moet wees op aarde onder hulle wat ver van God af staan.

Slegs mense kan as tussengangers op aarde werk. Slegs mense kan die Woord van God ontvang en deurgee, omdat God Homself nie openlik kan uiter, sonder om die vryheid van geloof en wil in gevaar te bring nie. En dit moet mense wees wat self by magte is om lewend te glo en wat hulle ook nie deur leed en rampspoed sal laat terneerdruk nie, maar aan die ongelowiges die bewys lewer dat die Krag van geloof hulle deurstroom en dat dit hulle in staat stel om weerstand te bied teen alle aardse kwellinge. Hulle sal ook die nood van die tyd op hul skouers moet neem. Hulle sal hulself moet bewapen met die Krag wat uit innige gebed tot God in hulle sal groei. Hulle moet bereid wees om God as gewillige werktuie te dien, wanneer en waar Hy hulle wil gebruik en derhalwe moet hulle in onderdanigheid alles op hul neem en vol geduld wag op Sy hulp, Wie hulle Sy hulp verseker het, Wie hulle nie in die nood sal laat as hulle Hom gelowig vertrou nie.

Amen.

God laat die geloofstryd toe

B.D. No. **3184**
9. Julie 1944

Die mense sal ernstige sielkundige konflikte ervaar as gevolg van wêreldse wette en dit sal nie meer lank wees voordat dit gaan plaasvind nie. Hulle sal gedwing word om openlik oor hulle geloof standpunt in te neem en God sal dit toelaat, omdat dit noodsaaklik geword het dat die mense hulself sal besighou met die vraag oor hulle sieleheil, waaraan hulle tot nou toe geen aandag bestee het nie.

Hy sal toelaat dat hulle deur die aardse mag verdruk word en in `n noodtoestand raak terwille van hulle geloof, sodat hulle `n duidelike besluit sal moet neem van hoe hulle teenoor hulle geloof staan. Hy laat elke mens sy vryheid toe, dus word geen mens deur God gedwing om Hom te erken as die

innerlike stem hom nie daartoe beweeg om God getrou te bly en dat hy innerlik deur die Stem gedryf voel om Hom voor die wêreld te bely nie.

God sal hom steeds innerlik waarsku en vermaan, en innerlik spreek waar daar nog twyfel heers en wanneer die mens `n swak wil het. Hy sal almal bystaan wat nog twyfel en Hy sal Hom aan hulle openbaar en as die mens van goeie wil is, sal hy ook weet wat om te kies, want die ligwesens aan wie hy toevertrou is, sal hom help en sy gedagtes in `n goeie rigting lei.

Baie mense sal egter dit weggooi wat hul kosbaarste besitting moes gewees het, naamlik die geloof in Jesus Christus as die goddelike Verlosser. Hulle sal sonder aarseling die wêreld kies en hulle siele in groot nood bring. God sal diesulkes nog eers vermaan, deurdat Hy hulle tegemoet sal kom deur Sy diensknegte, deurdat Hy aan hulle die krag van die geloof sal leer en sodoende buitengewone bewyse gee wat tot geloof sal lei as hulle nie heeltemal weerspannig teenoor God is nie.

Daarom laat God die stryd teen die geloof toe en laat dit vorm aanneem teen die verdorwenheid wat die mense kenmerk, want Hy wil Hom in die tyd Self openbaar, sodat die mense gered kan word wat nog slegs `n klein aansporing nodig sal hê om tot geloof te kom.

Daarom sal Hy ook nie die aardse mag verhinder wanneer hulle openlik optree teen die mense wat Jesus bely nie, want nou sal die mense gedwing word om `n keuse te maak, wat besonder belangrik sal wees vir die siel. Dit bestem die lot van die siel vir die ewigheid, óf sy ten lewe, óf sy ten dode sal ontwaak wanneer sy van die aarde skei. Sodat die mense dus nog die regte besluit kan neem, poog God om hulle nog vroeër tot insigte te bring.

Hy trag om hulle te beïnvloed deur aardse en deur geestelike diensknegte wat hulle sal bystaan as hulle nie weet wat hulle moet doen nie. Maar Hy sal hulle wil nie dwing nie, daarom is dit noodsaaklik dat die mens deur aardse metodes self tot `n beslissing gedwing word, sodat hulle verseker is van die vryheid van hulle handelinge.

Amen.

Liefde is die beste wapen teen die bose

B.D. No. **3187**
11. Julie 1944

Die magtigste wapen van die mens teen alle boosheid is die liefde. Wie die liefde het, hom staan God tersyde, omdat Hy in hom is en alles voor sy Mag moet buig. En die bose vlug vir hierdie wapen, of hy laat hom oorwin. Want die liefde is sy heftigste teenstander, waarteen hy nie kan standhou nie. Die liefde maak hom, wat daarmee in aanraking kom diensbaar, as hy die liefde nie duidelik ontvlug nie. En daarom sal die liefde steeds die beste wapen vir die mens bly. Daarmee sal hy steeds suksesvol kan veg en nie hoef te vrees wanneer hy met hierdie wapen ten stryde trek nie.

Dit sal ter harte geneem moet word in elke lewensituasie, by elke onenigheid en veral in die laaste tyd van stryd, aangesien daar selfs teen die liefde ingegaan sal word, want die teenstander van God sal veral daarop aandring, naamlik dat ook die werksaamheid in liefde onderdruk moet word en dus onuitvoerbaar gemaak word. Hy sal die mens daartoe bring, deur `n gebod uit te vaardig, wat remmend sal inwerk op die werksaamheid in liefde, wat van God geverg word. Hy sal nie terugdeins om aan die mense dit wat maar net ooreenstem met die Wil van God, as `n onreg te bestempel nie. Hy sal liefdeloosheid vereis, waar God die werksaamheid in liefde verlang, omdat hy slegs dan kan seëvier oor die mense, naamlik wanneer hulle nie meer die wapen van die liefde gebruik nie.

Dit beteken `n groot gevaar vir die menslike siel, waarteen bewustelik opgetree moet word. En daarom spoor God die mense aan om aktief te raak in die liefde. Hy stel hulle die seën en die krag daarvan voor oë, naamlik wat die mens sal ontvang wanneer hy ononderbroke in liefde werksaam sal wees. Hy mag hom nie van stryk laat bring deur wêreldse voorskrifte nie en hy moet steeds net doen wat sy hart hom ingee, want sonder liefde sal hy wegsink in die duisternis en sal die teenstander sy doel bereik het.

Die liefde is goddelik en wie in die liefde bly, dra God in hom en hy sal geen mag vrees nie, al bedreig dit hom hoe erg. Wie in die liefde bly, sy diepste wese bied weerstand teen die vereistes van die wêreld wat deur die teenstander van God regeer word. En hierdie weerstand kan niemand breek nie, want die krag van die teenstander is swak en kan die krag van die liefde nie ewenaar nie. Die liefde mag nie uitgeskakel word nie, omdat dit algehele ondergang sal beteken. Slegs die wat liefhet, sal lewe, omdat liefdeloosheid onvermydelik die dood van die siel tot gevolg het.

En dit is die doel van die vyand, dat hy al die mense, wat sal poog om die lig te bereik, in die duisternis wil stort. Maar wie in die liefde leef, teen hom is hy magteloos. En wie in die liefde leef, moet ook die liefde uitstraal teenoor sy naaste, sodat hy die krag van die liefde kan besef en hy ook daarna sal streef, deurdat hy liefde beoefen waar daar vir hom `n geleentheid gebied word. Slegs hy wat hom tot liefde omvorm het, sal sterk wees gedurende die komende tyd. Niks sal hom bangmaak nie. Hy sal elke aanval met liefde probeer goedmaak, en hy sal `n skans om hom oprig, wat niemand kan afbreek nie. Die liefde is die magtigste faktor op aarde. Dit is die sleutel tot die Wysheid, dit is die brug na die lewe in die hiernamaals, dit is die waarborg vir die Liefde van God. En dus beteken dit lig en krag en beide is lewe; om in alle wysheid werksaam te kan wees tot in alle ewigheid.

Slegs die liefde lei na die doel. Slegs die liefde gee die gees in die mens sy oertoestand terug. Slegs die liefde bring die mens nader aan God en mag daarom nooit uitgeskakel word nie. En nooit mag die mense hulle onderwerp aan regulasies, wat dit in praktyk sal bring om die liefde te onderdruk en wat daarom die werk is van diegene wat as teenstander van God, heeltemal sonder enige liefde is en dit daarom bestry.

Amen.

Die teenstander se masker - die Antichris

B.D. No. **3191**
16. Julie 1944

Die mense laat hulself toe om deur die masker van die teenstander bedrieg te word en herken nie sy spel van misleiding nie. Om hierdie rede is hy besig om veld te wen, omdat God geen grense aan hom stel nie, solank as wat die mens hom self die mag oor hulle vrye wil verleen. En hy gebruik hierdie mag in elke opsig deur middel van groter werke van bedrog om mense te mislei. Hulle sou sekerlik daardeur kon sien, indien hulle na geregtigheid en reg sou strewe. Maar sulke strewes is die laaste ding waaroor hulle dink, elkeen is slegs geïnteresseerd in sy eie voordeel en niemand vra in welke mate die volgende persoon dieselfde reg het nie. Dit is selfsugtige liefde waardeur die mense hulself aan die teenstander oorgee en wat hulle ook verblind en onbekwaam maak om van sy aktiwiteit bewus te word. Maar as die mense hulself nie daarteen gaan verset nie, sal hulle ten prooi val aan sy beheer en alle helderheid van gedagte verloor, omdat dit die doel van die teenstander van God is om die gedagtes van die mense te verwar, sodat hulle meer en meer sal wegval van God en onbekwaam sal wees om hulself van sy lokmiddel terug te trek, sodat hy sal woed en hulle onvoorwaardelik in die verderf intrek, sonder om enige weerstand te ondervind, omdat slegs die mens se wil beslissend is en dit is te swak. Die teenstander verteenwoordig die wêreld en daarom is hy `n vriend van hulle wat wêrelds is.

Maar hy kom nader onder die dekmantel van godsdiens en daarom laat die mense dit toe om deur hom bedrieg te word. Hy veins goedheid aan hulle, maar sy dade is boos, want hy spoor mense aan tot harteloosheid, tot eiebelang, tot najaging van aardse rykdom, tot verhoogde fisiese gemak en dit alles is `n agteruitgang vir die ontwikkeling van die siel, dit is `n verontagsaming van die ware doel van die aardse lewe, naamlik die volmaakwording van die siel. En die mense herken dit nie, omdat hulle aan hierdie mag verslaaf is wat poog om hulle van God te skei. Die vyand van die siele neem selfs die Naam van God in sy mond, hy dra hierdie kleed om daaragter te skuil en sy sluheid is suksesvol en daardeur plaas hy onuitspreeklik baie mense onder sy spel. Maar wee hulle as sy sluheid geopenbaar word, wanneer die masker afval en sy ware gesig tevoorskyn kom. Dan sal hulle hulself slegs met groot moeite van sy mag kan verlos, want hulle het Hom verlaat, wat die Heer van alle skeppings is, wat die mense kan verlos wat verlos wil word.

Maar die sluheid van die vyand bestaan daaruit om die mense eerstens ongelowig te maak rakende die hulp van die goddelike Verlosser, asook in Sy Goddelikheid self. En hulle wat hom volg, sal geestelik blind wees en sy banier volg en hulle sal hulself vrywillig van die Verlosser van hul siele skei. Die mensdom sal egter nie die aktiwiteit van die donker mag herken nie, hulle sal lig sien waar daar uiterste duisternis is, omdat die geloof dat daar lig is, alhoewel dit die donkerste nag is, ook `n werk van misleiding van Satan is. En hulle sal wegvlug van die ware lig en sal nie luister na die waarskuwings om versigtig te wees wat aan hulle gegee word deur die benoemde boodskappers nie. Hulle sal `n idool aanbid wie se krag slegs bestaan uit die verswakking van die mens se wil, maar wat magteloos is wanneer die wil na God draai.

En julle sal die idool kan herken deur die feit dat hy niks sal doen om julle geloof in `n liefdevolle, wyse en almagtige God te verhoog nie. Dat die Naam van God inderdaad uit sy mond sal kom, maar hy Hom geen gesag sal gee, deurdat hy Hom nie doelbewus sal aanroep nie, dat hy die liefde sal ignoreer en om hierdie rede ver van God, Wie die ewige Liefde is, verwyder sal wees, dat hy Jesus Christus, die goddelike Verlosser nie sal erken nie en dus `n duidelike teenstander van Hom sal wees, hy wat die mensdom, wat `n behoefte aan verlossing het, weer in gevangenskap sal plaas, as hulle hom sal volg en hulleself onder sy banier sal plaas.

Amen.

Kindskap van God

B.D. No. **3195**
22. Julie 1944

In die geestesryk is daar baie onderafdelings, baie grade van geluksaligheid, wat as stralinge van lig in die mees verskillende sterktes herkenbaar is en wat ooreenstem met die graad van volwassenheid van die siele. Sodra die gees, die siel, in die ligryk ingegaan het, is geluk en geluksaligheid haar deel, omdat sy die uitstraling van God se Krag in ontvangs kan neem, wat altyd geluksaligheid beteken, selfs wanneer die siel slegs in geringe mate beloon kan word, in ooreenstemming met haar volmaaktheid. Maar die geluksaligheid neem egter toe, beantwoordend aan die werksaamheid in liefde van die wese, wat steeds sal toeneem in krag, wat `n vermeerderde deurstraling van die goddelike Liefde beteken.

En die wese kan sonder beperking aktief wees. Sy is in `n toestand van lewe, van vryheid en voortdurende liefde, met voortdurende gebruikmaking van die krag vanuit God, omdat die goddelike krag hierdie wese aanhoudend toestroom en die ontvangs van krag `n diepe geluk in haar voortbring. Maar die wese sal nou voortdurend aktief wees. Sy is weer werksaam in die liefde, deurdat sy die krag verder lei en ontelbare wesens daarmee gelukkig maak en hul geestelike vooruitgang bevorder en haarself terselfdertyd tot steeds groter volmaaktheid vorm, wat weer `n vermeerderde skenking van krag vanuit God tot gevolg het. En die ligstrale wat die wese omring skitter steeds meer.

Daar bestaan geen grense in die ligryk nie. En ligsfere is oral waar die wesens die graad van volwassenheid bereik het, sodat hulle die goddelike uitstraling in hulself kan opneem, sodat hulle met Sy liefdeskrag deurstraal kan word. Maar omdat die volheid van die ontvange krag moet beantwoord aan die graad van volwassenheid, sal die ligsfeer ook verskillende ligsterktes uitstraal. Want hoe meer volwasse die wese is, des te nader is sy aan die ewige Godheid, wat as Oerlig `n onvoorstelbare oorvloed van lig uitstraal op alle wesens.

Omdat die volmaakte wesens geen grense ken nie, kan die wese steeds nader aan die ewige Godheid kom, dus steeds verder groei. Sy kan die uitstraling van Liefde direk in ontvangs neem, maar tog nie heeltemal met Hom verenig alvorens sy nie die kindskap van God bereik het nie. Want dit beteken algehele samesmelting met die oerlig. Dit beteken onbeperkte ontvangs van krag en dus die hoogste geluksaligheid.

Elke wese in die ligryk is onuitspreeklik gelukkig en kan steeds nog dieper geluk voel, hoe meer sy haar liefde tot uitdrukking bring en haar ontvangs van lig en krag daardeur vergroot. Maar die wese wat haar eenmaal in die lig in die hiernamaals bevind, ken geen grense nie. En die wete is so

buitengewoon geluksalig, dat die wese kan strewe na steeds groter volmaaktheid en dat die goddelike Liefde ook in Haar uitstraling van krag onbegrens is. Maar steeds is die ontvangs van krag vanaf God anders te beoordeel as die finale eenwording met Hom, wat aan die wese die kindskap van God gee, want sy sal een wees met God en haar werk in die geesteryk sal anders wees as die van die ligwesens. Sy sal heeltemal uit haarself skeppend en vormend besig wees en sal besonder salig wees, omdat hierdie werk die hoogste graad van liefde vereis en daarom haar geluksaligheid tot in die onmeetlike vergroot.

Die binnegaan in die ligryk vind dus plaas sodra die siel die volwassenheid verkry het, wat `n deurstraling van lig toelaat. Maar dan is daar ontelbare grade van volwassenheid en gevolglik ook ontelbare vlakke van geluksaligheid. Daarom kan die siel in steeds nuwe ligsfere ingaan wat altyd hoër word, want daar is geen grense aan dit wat volmaak is nie. Die siel sweef steeds hoër. Sy kom nader aan die Oerlig en tog is sy nie volledig een met die Oerlig alvorens sy nie die reg tot kindskap van God op aarde verwerf het nie.

Die aaneensluiting met God het sy egter gevind, vanaf die oomblik waarin sy die deurstraling van Sy Liefde ondervind het, waarin sy so gelouter was dat sy strale van krag en lig in haarself kon opneem. Want van nou af sal sy ook die ewige lewe hê. Sy kan aktief wees, dus werksaam in liefde, sy kan opstyg na onmeetlike hoogtes, sy kan lig en krag van God in ontvangs neem en deur aaneensluiting met geeste van dieselfde volwassenheid, dit vermenigvuldig en onuitspreeklik gelukkig wees.

Maar soos die volheid van lig vir die mense op aarde nie voorgestel kan word nie, so is daar ook geen manier om die geluksaligheid van die wesens wat die ligsfeer ingegaan het, te vergelyk nie. Want die mens is - solank as wat hy op aarde is - `n onvolmaakte skepsel. Hy sien en hoor slegs met die oë en ore van die liggaam en kan nie die geesteryk vir homself voorstel waarin alle materie ontbreek nie, wat slegs geestelik bestaan en gevolglik ook slegs deur die gees in die mens - deur die siel - waargeneem en verstaan kan word, maar ook slegs dan wanneer die siel `n bepaalde graad van volmaaktheid bereik het.

En daarom kan die mensdom geen voorstelling van die geesteryk vir hulleself maak nie. Hulle kan net glo, en dit ook maar net as hulle gewillig is en hulself sonder innerlike weerstand laat onderrig. Maar hulle kan daarna streef om opheldering te kry en dan sal baie vir hulle duidelik word, want dan sal die eerste ligstrale al `n uitwerking begin te hê. En soos wat daar van nou af aan op aarde `n stadige rypwording in insig, aan lig - dus aan kennis van die suiwer waarheid - sigbaar word, so sal die ontwikkeling van die wese ook in die ryk hierna toeneem. Sy word steeds meer volmaak. Sy sluit haarself steeds meer by God aan, sy word onuitspreeklik gelukkig.

Maar die kindskap van God is `n hoër graad van volmaaktheid en dit bring oneindige verrukkinge mee. Dit is die reg van hulle wat al op die aarde met al hul geestelike vermoëns daarna gestreef het om by God uit te kom, die wat Hom liefhet met hul hele hart en wat Hom in uiters getroue oorgawe wil dien, wat lyding en aardse nood op hulleself geneem het, wat poog om Sy wil te volbring en voortdurend werksaam is in liefde. Want sy het al op aarde gepoog om haarself by die ewige Godheid aan te pas en daarom gryp die Liefde van God haar vas en toon haar die weg na Hom. Maar op aarde sal haar lot nie maklik wees nie. Sy sal baie beproewinge moet deurstaan. Sy sal take op die aarde moet vervul wat groot krag sal vereis met `n vaste wil om by God uit te kom. Maar die goddelike genade sal hierdie siel onmeetlik bystaan, sodat sy die doel sal bereik indien sy maar net daarna sal streef.

Amen.

Slegte wil bepaal die tydsgebeure

B.D. No. **3196**
23. Julie 1944

Die wil om goed te doen geld al as `n volbragte daad wanneer die uitvoering daarvan verhinder word. En net so is die mens verantwoordelik vir `n slegte daad wat hy van plan was om uit te voer, selfs as hy dit nie kon uitvoer nie. Hoe hy hom nou opstel teenoor die handelinge van sy

medemens - of afwysend of saam, - so word sy wil beoordeel, waarvoor hy homself eendag sal moet verantwoord. En daarom bepaal die denke en wil van die hele mensdom die nood en ellende wat oor die wêreld kom. Want solank die mense nie die goddelike gebooie - die gebooie van liefde tot God en tot die naaste - tot riglyn vir hulle lewenswandel maak nie, solank as wat hulle nie veroordeel wat teen hierdie gebooie ingaan nie, is hulle denke netso te veroordeel as die van die uitvoerende. En onvermydelik sal daar `n tyd van moeilike lewensomstandighede wees wat verwag kan word, wat deur God as opvoedingsmiddel aangewend sal word om die denke van die mense te verander.

Want die wil, wat hom deur die gedagtes kenbaar maak, kenmerk die geestelike toestand waarin die mense hulself bevind. En dit is so laag, dat daar groot gevaar bestaan vir `n geestelike ondergang, en dan moet daar middele aangewend word wat hierdie gevaar teengaan. Die mens wat self in die liefde leef, sal ook alles veroordeel wat teen die liefde ingaan. Maar as die mens liefdeloos is vanuit sy hele ingesteldheid, dan sal hy ook instem met alle handelinge van sy medemens wat boos is, en sa hy dan net so skuldig wees asof hy dit self sou uitgevoer het.

Dus bepaal die mensdom self die tydsgebeure. Hulle bepaal die graad van lyding wat aan hulle opgelê word. Hulle bepaal die aard van die gebeure, omdat hulle so getref moet word, sodat hulle denke kan verander. En hoe harder hulle is, des te meer intensief en langer sal hulle moet ly, en in hulle geestelike blindheid glo om onverdiend teleurgestel te word. En tog kan hulle nie anders in hulle denke verander word nie, as hulle nie self bespeur wat hulle by hul medemens goedgekeur het nie. Die verkeerde denke van die mense vind sy oorsprong in liefdeloosheid en daaruit kan niks goeds uitkom nie, inteendeel, slegs bose dade. En daarom beteken dit steeds geestelike agteruitgang.

Eers die insig dat slegs die slegte wil die oorsaak is van wat die hele mensdom tref, kan die mense daartoe beweeg om hierdie wil te verander en dus ook te streef na `n regverdige denke. Dan eers kan die mate van leed en droefenis verminder word en kan daar vir die mense op aarde `n makliker lot beskore wees. Want die goeie denke sal daarin tot uiting kom, naamlik dat elke mens sy naaste dieselfde toewens as waarop hy vir homself aanspraak maak. Die mens sal dan aan sy medemens die liefde betuig wat God vereis en hom gevolglik aan die goddelike gebooie onderwerp.

Amen.

Die innerlike stem.

B.D. No. **3199**
25. Julie 1944

Luister na die stem van jou hart, dit sal vir jou die regte weg wys. `n Mens se wil is dikwels besluiteloos, wat bewys dat hy beïnvloed word deur verskillende geestelike magte wat hom wil wen vir hulle. Op hierdie tydstip sal die persoon `n besluit moet neem, hy mag nie besluiteloos bly nie, maar behoort sy wil in een rigting te draai, en dan moet hy aandag gee aan die innerlike stem wat hom wil adviseer om sy wil korrek te gebruik. Hoe gouer hy daarna streef om die regte weg te neem, hoe duideliker sal hy hierdie stem waarneem. Dan sal dit hom waarsku tydens versoekings, dit sal sy weerstand versterk, dit sal hom vermaan en hom altyd getrou vertel, indien hy in gevaar is om sy eie paaie te wil neem wat nie heeltemal ooreenstem met God se wil nie.

Maar dit is byna onmerkbaar swak in diegene wat hulle lewe geweteloos leef, wat min omgee vir reg en verkeerd. En dikwels sal dit heeltemal stilgemaak word, omdat die persoon versuim om te luister en die sagte stem sal dan deur die stem van die wêreld verdring word. In daardie geval sal die mens in groot gevaar wees, hy sal sy eie besluite moet neem en sal meer geneig wees om na goddelose kragte te luister en sal dus dienooreenkomstig optree. `n Persoon met die wil om `n goeie lewe te leef, dus om volgens God se wil te lewe, sal nooit sonder geestelike leiding wees nie, hy sal gelei word, sy gedagtes sal gerig word, alhoewel sy vryheid van wil nie ingekort sal word nie, sal die gedagtes so naby aan hom kom, dat hy dit sal aanvaar, indien hy dit nie bewustelik sal verwerp nie. En as hy swak is, sal die geestelike magte twee keer so hard probeer om hul gedagtes aan hom oor te dra en hy sal slegs nodig hê om innerlik te luister, die mens sal dus net in `n stille dialoog met homself moet gaan, en dan sal hy duidelik geestelik opdrag ontvang van wat hy moet, of nie moet doen nie.

Maar mense bly egter dikwels nie in hierdie kort beskouing nie, hulle gedagtes vlieg oral rond, die een oomblik hier, die een oomblik daar, en dit veroorsaak besluiteloosheid en huiwering, beide met betrekking tot die goeie sowel as die kwade. Om hierdie rede word julle weer en weer gemaan om aandag te gee aan die stem van die hart, sodat julle duidelik en vasberade kan optree en nie afdwaal van die regte weg nie.

Besluiteloosheid gee God se teenstander `n goeie kans, want dit is die begin van sy beheer, en elke versoeking konfronteer die wil met `n keuse om of vir of daarteen te wees. As die persoon egter aandag gee aan sy innerlike stem, sal hy nie nodig hê om lank te veg nie, hy sal die versoeking weerstaan, omdat hy ondersteun sal word deur die magte van die lig, sodra hy begin aandag skenk aan hulle vermaninge. Dan sal hy ook groei in krag, want sy wil sal die ligwesens die reg gee om krag aan hom te gee, terwyl `n gebrek aan wil hulle verhinder om dit te doen. Want geen mens kry krag teen sy wil nie, maar die ligwesens gee met die grootste liefde om vir die mens se siel. Hulle aktiwiteit is ook onderhewig aan die goddelike wet, wat vrye wil in die eerste plek respekteer. Die innerlike stem is egter slegs hoorbaar vir iemand wat vrywillig innerlik luister, en daarom kan dit nooit as dwang oorweeg word nie, dit kan aangeneem word óf geïgnoreer word, dit kan óf nagekom word, maar ook geminag word, afhangende van die persoon se wil. Dit vermaan slegs liggies en waarsku die persoon, dit help die swakke en lei die besluitelose, maar sal nooit afgeforseer word nie, maar sal slegs gehoor word deur iemand wat luister. Hy sal korrek gelei word en sal in staat wees om sy lewe sonder bekommernis te leef, want as hy voldoen aan die stem van sy hart, sal hy ook weet dat hy korrek en in ooreenstemming met God se wil leef.

Amen.

Totale verandering, fisies en geestelik

B.D. No. **3204**
29. Julie 1944

Omvattende veranderings is op hande, in die fisiese asook in die geestelike sfeer, want die onvermydelike geestelike omwenteling vereis ook `n algehele aardse verandering. Dit vind in die eerste plek plaas in die skeppings van die natuur, wat totaal verander moet word, omdat hul huidige struktuur nie meer voldoende is vir die gees se proses van volwassewording nie. Die geestelike substansies wat nou streef na `n hoër ontwikkeling, moet hierdie weg in `n korter tyd aflê as voorheen en het verskillende vorms daarvoor nodig, waarin hulle dienend besig kan wees, alhoewel in `n gebonde toestand. En hierdie verandering van die natuur het `n ingrypende uitwerking op die menslike geslag wat op die aarde gaan lewe voor haar transformasie. Die voorafgaande tyd sal sonder enige orde wees, daar sal `n algehele disintegrasieproses plaasvind, selfs rakende wêreldse aangeleenthede. Die mense sal die goddelike orde skend en hulle sal `n sterk vernietigingsdrang uitvoer, daar sal ongeëwenaarde chaos wees en die mense sal volkome aardsgesind wees, behalwe die weiniges wat bewustelik sal bid vir goddelike barmhartigheid en dit ook sal ontvang. En omdat `n oortreding teen die goddelike ordening uiteindelik tot verwoesting moet lei, is dit duidelik dat alles wat bestaan, al word dit nie vernietig nie, tog verander moet word om die orde te herstel, wat absoluut nodig is vir die ontwikkeling van die geestelike substansies.

Die skeppings in die natuur sal verander in ooreenstemming met die wil van God en die menslike gees wat haarself voorheen heeltemal van God verwyder het, sal hierdie skeppings as hul woonplek moet aanneem, en omdat die nuwe verlossingsperiode korter sal wees as die voorafgaande periode, sal die nuwe skeppings `n heeltemal ander samestelling hê as die van die ou aarde.

Hulle sal `n sekere sin ietwat harder, dus meer geboeid wees, wat `n veel meer pynlike toestand sal wees vir die gekluisterde gees as wat enige vorige aardse proses was. Dit is dus bedoel om die God-opponerende wil te breek binne `n korter tydperk, ten einde haar te bevry vir die voortsetting van haar evolusionêre proses in ander skeppings. Daaruit voortspruitend sal die hele proses van transformasie ook `n algehele geestelike verandering daarstel.

Daar sal `n tyd aanbreek waarin geen opponerende krag die opwaartse strewe van die siel sal kan verhoed nie, want hulle sou versoekings en beproewinge deurstaan het en sal dit nie meer nodig hê

nie. Hulle sal die graad van volwassenheid bereik het waar hulle, verbonde met God, ontvangers van lig en krag sal word. Hulle sal `n geseënde en vreedsame bestaan voer wat in werklikheid die ewige lewe is, maar wat op aarde ervaar sal word, want hulle sal `n nuwe menslike geslag begin, wat noodsaaklik sal wees vir die opwaartse ontwikkeling van die onvolwasse geestelike substansies in die skepping, dus sal hulle die aardse take moet vervul om die steeds sukkelende geestelike substansies omhoog te help. Sodoende sal dit `n hemelse paradys op aarde word en geseënd is daardie persoon wat toegelaat sal word om hierdie vreedsame toestand te ervaar as inwoner van die nuwe aarde. Dit sal `n tyd van rus en vrede wees, want die stryd tussen lig en duisternis sal tydelik ophou, met duisternis wat die vêrste afstand verwyder sal wees van God en die lig die naaste nabyheid aan Hom. Die wat die vêrste van God verwyderd is, sal gekluister wees en sal `n bepaalde tyd nodig hê vir hulle verlossing, wat weer `n vreedsame geestelike lewe sal verseker vir hulle wat naaste aan God staan, wat onbeskryflik mooi sal wees vir die mens wat die einde van die ou aarde oorleef het, want hulle het getrou gebly aan God gedurende die voorafgaande moeilike tyd van stryd en kan nou die chaotiese toestand verruil vir `n toestand van diepgaande vrede en goddelike orde.

Die Gees van God sal hulle regeer, Sy Liefde sal hulle versorg, Hy sal Self as Vader hoorbaar, sowel as sigbaar, by Sy kinders vertoef na die afloop van die ou era, wat sal eindig met die Laaste Oordeel, dan sal `n nuwe periode van verlossing begin en hierdie Laaste Oordeel sal die totale verwoesting van alles op aarde wees, naamlik vaste materie, plantelewe en dierelewe; ook die menslike geslag sal `n totale verandering ondergaan, soos wat God se Liefde en Wysheid dit verorden het en soos wat Sy almag dit sal vermag, sodat die God-opponerende gees sy weerstand sal opgee en verander.

Amen.

Wedergeboorte - Eenwording van gees en siel

B.D. No. **3205**
29. Julie 1944

Die siel sal `n onweerstaanbare drang voel om omhoog te gaan wanneer sy, weens haar dade van liefde, verenig met die gees in haarself, omdat laasgenoemde dit ten doel het om haar te beïnvloed en te lei na die koninkryk wat haar ware tuiste is. En met dieselfde mate sal sy haarself van die aarde losmaak, dus sal haar strewe en gedagtes nie meer op die liggaam se begeertes gerig wees nie, maar sal gefokus word op geestelike waardes. Sodra hierdie stadium bereik word, sal die siel in gees wedergebore wees, sy sal `n nuwe hoofstuk in haar lewe begin, sy sal die ware doel van haar aardse lewe herken en bewus wees van haar aardse taak. Van hierdie punt af aan kan sy nie weer omdraai nie, sy kan nie weer terugval na haar vorige toestand waar sy geen geestelike kennis gehad het en slegs aandag aan die aardse lewe bestee het nie. En van nou af aan sal sy geestelike rykdom versamel, deur bewustelik omhoog te strewe, en sy sal haarself oopstel vir geestelike invloede vanuit die geestelike koninkryk en sal daarom in goedhartigheid optree, omdat die ligwesens hulself deur die geestesvonk binne die mens uitdruk en dit moedig aanhoudend dade van liefde aan.

Hoe meer die mens in goedhartigheid handel, hoe meer geskik sal hy word om die stem van die gees in homself te hoor en sy kennis te vermeerder. Hy kan sy dade van liefde op twee maniere vervul: Hy kan sy medemens wêrelds, sowel as geestelik help; hy kan ander mense help deur hulle in aardse nood te ondersteun, maar hy kan ook sorg vir die siel van `n ander persoon, deur onderrig te gee wat hy vantevore ontvang het van sy gees, naamlik geestelike kennis wat ooreenstem met die waarheid. Hy kan ewige rykdom oordra en daardeur ander siele omhoog help, en hierdie liefdevolle daad sal uiters voordelig wees, dit is die soort ondersteuning waarvoor die siele vir ewig dankbaar sal wees, omdat geestelike hulp altyd tot opwekking van lewe lei, solank as wat die mens hulp aanvaar, solank as wat hy hierdie hulp nie verwerp nie. Maar sodra die mens egter self op die geestelike weg begin, sal hy nooit alleen omhoog wil groei nie, maar sal altyd sy medemens wil aanmoedig, omdat hy besef dat geestelike strewe die mees belangrikste deel van die lewe is, aangesien dit tot die doel kan lei, op voorwaarde dat die persoon gewillig sal wees.

Die siel sal nie meer gemaklik voel op aarde nie en sal aanhoudend daarna streef om te ontsnap; en om hierdie rede kan sy haarself enige plek en enige tyd ophef tot in die geestelike koninkryk,

aangesien die brug altyd daar gebou sal word waar die mens verlang om in die geestelike koninkryk in te gaan. Die ligwesens sal altyd bereid wees om die krag uit te gee wat hulle van God ontvang het om die menslike siel te help en die geestelike vonk in die mens is altyd bereid om die geestelike gawes aan die siel deur te gee, omdat die geestesvonk in permanente verbinding is met die liggewende wêreld en daarom met God, wat die kennis van waarheid deur die ligwesens meedeel aan enige mens wat dit wil ontvang. Dit is omdat die verlange van die siel, haar gedagtes en bedoelinge, die hoeveelheid geestelike gawes bepaal wat sy ontvang, wat egter onbeperk is, mits die ontvange geestelike rykdom ook met ander mense tot hulle voordeel gedeel word.

Amen.

Hulpeloosheid in die hiernamaals - Die goddelike wet

B.D. No. **3206**
30. Julie 1944

As die siel nie krag ontvang nie, sal sy onaktief bly. En hierdie toestand van traagheid kan slegs reggestel word deur dade van liefde, waarvoor die siel egter onwillig is wanneer sy haarself in hierdie hulpelose toestand bevind in die hiernamaals. Hierdie onwilligheid kan egter op aarde gestimuleer word deur die Woord van God. Die mens kan getoon word dat dade van liefde `n seëning vir hom sal wees en dat hy nou die woord van God ter harte kan neem, hy kan daaroor nadink en vrywillig besluit om goedhartige dade te verrig, want op aarde ontbreek dit haar nie aan krag om sy wil tot uitvoering te bring nie. Dan sal die siel geestelike krag ontvang en haar ontwikkeling voortsit.

Maar dit is anders in die hiernamaals waar die hulpelose siel niks anders kan doen as om te wil hê nie. En of die wese krag sal ontvang al dan nie, hang dus van hierdie wil af. Die siel in die hiernamaals is dus afhanklik van die hulp van meer volwasse wesens, terwyl die mens op aarde sy wil sonder die hulp van geestelike wesens kan gebruik. Daarom mag die mens nie sorgeloos lewe in die mening dat, as hy nie sy doel op aarde bereik het nie, hy in die hiernamaals kan inhaal wat hy op aarde nagelaat het aan sy ontwikkeling. Dit is valse hoop wat hom eens bitter sal berou, ofskoon die toestand in die hiernamaals nie heeltemal hopeloos is nie. Die siel sal nog onuitspreeklike kwellinge moet deurmaak, wat sy maklik op aarde kon voorkom het, deur ernstig omhoog te strewe. Die toestand van hulpeloosheid is onbeskryflik droewig, dit is `n toestand waarin die siel nie willens genees kan word nie, omdat sy van die liefde van ander wesens afhanklik is. En hierdie liefde is soms maar vaag te herken vir die siel en is in ooreenstemming met haar eie liefde teenoor ander lydende siele wat ook ly.

So `n liefdelose siel kan dus ewighede in haar hulpelose toestand deurbring, sonder dat `n besorgde wese haar sal nader, indien sy vashou aan haar selfsugtige liefde, as sy slegs aan haarself en aan haar eie lot dink, sonder medelye oor die lot van `n ander siel. Volgens die goddelike wet kan sy nie ontvang wat sy onwillig is om aan ander siele te gee nie en haar selfsugtige benadering verhoed dus toenadering deur ligwesens om verligting te bring. En omdat sy nie bereid is om aan haarself te gee of om haarself te help nie, kan ook niks aan haar gegee word nie, of nog minder kan sy gehelp word. En die ergste van alles is dat die woord van God ook nie aan haar gegee kan word sodat haar geestelike blindheid verwyder kan word nie, aangesien die woord van God lig is en as gevolg van haar liefdeloosheid, is die siel nog nie ontvanklik vir lig nie. Op aarde daarenteen, word die woord van God ook vir die liefdelose mense aangebied, want dit is die barmhartigheid wat God aan die verlore siele op aarde skenk, wat dit kan aanneem of verwerp volgens hul eie wil. Terwyl die wese in die hiernamaals slegs geraak sal word deur die barmhartigheid van God in soverre sy vry is om liefdevolle gedagtes in haarself op te wek, waarna sy ook krag sal ontvang. Menige siel is egter so verhard, dat sy nie in staat is om liefdevolle gedagtes op te wek nie en dan is dit vir haar `n onhoudbare toestand wat sy nie self kan beëindig nie.

Hierdie siele is egter deur ander mede-lyers omring, wat hul liefde kan laat ontbrand en daardeur kan hulle hul toestand te enige tyd verbeter, indien hulle hulself toelaat om lief te hê, want selfs die geringste wil om hierdie mede-lyers te help, sal aan hulle krag gee. En sodra hulle hierdie invloei van krag opmerk, word hulle meer hulpvaardig en hierdie hulpvaardigheid teenoor ander siele veroorsaak

`n innerlike vreugde, en dan het hulle hul hulpelose toestand oorkom, naamlik die toestand van volkome traagheid. Vanaf hierdie oomblik af aan kan hulle ook die Woord van God ontvang, sodat die ligwesens wat onderrig gee, hulle nou ook kan nader en God se wette aan hulle openbaar en waarom dit nagekom moet word. Die ligwesens se onderrig moet dan begin, sodat die oningeligte siele lig en krag kan ontvang, dit is kennis wat hulle nou met liefdevolle sorg verder kan deurgee om die lot van lydende siele te verbeter. Maar sulke hulpelose siele mag vir ewighede sonder hulp gelaat word, maar hierdie toestand kon egter gemaklik vermy gewees het, indien die mens die beste sou gemaak het van sy geleenthede op aarde, ten einde die hiernamaals volwasse in te gaan wat aan hom lig en krag sou gegee het en wat hom in staat sou gestel het om salig aktief te wees in die geestelike sfeer.

Amen.

Tekens van die laaste dae - Geloofstryd - Chaos

B.D. No. **3209**
2. Augustus 1944

Om die tyd van die geestelike draaipunt aan julle mee te deel (te ken?) sal nie vir die mensdom bevorderlik wees nie, want akkurate kennis sou nadelig wees vir die vrye wil, want die mens sal homself dan gedwonge voel om sy lewenswandel te verander wanneer die bestemde tyd sou aanbreek. Dit is egter nie die wil van God dat die mense moet weet wanneer dag en uur gekom het wanneer Hy `n regverdige “vonnis” oor hulle uitspreek nie. Hulle sal slegs weet dat die einde naby is en aan die tekens van die tyd bewus word van die einde. Maar wanneer toegewyde mense Hom om opheldering vra, sal Hy hulle ook antwoorde gee wat nuttig sal wees vir die redding van hulle siele.

Die Laaste Oordeel word voorafgegaan deur die laaste dae, wat slegs `n paar maande sal duur en gekenmerk sal word deur `n buitengewone kragtige geloofstryd. Sodra hierdie geloofstryd baie openlik gevoer sal word, sodra alle geheimhouding geïgnoreer word en alle geestelike aspirasies prontuit en roekeloos aangeval sal word, sodra wette en dekrete uitgevaardig sal word wat mense se geestelike strewes sal verbied, sodra alle goddelike gebooie nie meer onderhou sal word nie, sodra alle gelowiges vervolg sal word en hulle geen regte meer sal hê nie, het die laaste dae hul finale fase binnegegaan en die Laaste Oordeel kan dan enige dag of enige uur verwag word. Maar voordat hierdie geloofstryd egter sal ontbrand, sal die mensdom hulself in `n geestelike en aardse chaos bevind en daar sal `n merkbare agteruitgang in elke opsig te siene wees. En hierdie agteruitgang sal geïnisieer word deur mense wat deur die Satan gedomineer word. Hy sal homself openbaar in aardse verwoesting en vernietiging, in liefdelose wette, in `n God-opponerende lewenswyse, in burgerlike ongehoorsaamheid en opstande teen regerende magte en in brutale verdrukking deur laasgenoemde, in die beperking van vryheid en in die vermyding van reg en geregtigheid.

Hierdie gebeurtenisse sal begin na `n geweldige aardbewing wat sal plaasvind volgens God se wil om `n konflik tussen nasies te beëindig, wat die mens nie sal kan eindig nie. Die mense wat geraak sal word deur hierdie aardbewing, sal `n verandering in hul gewone lewenswyse ervaar en dit sal `n tyd van ontsettende skaarste en die moeilikste lewensomstandighede wees, en alhoewel hierdie tyd gunstig sal wees vir die verspreiding van die goddelike Woord, sal dit tot geen herlewing lei vir die wêrelds-kerklike mag nie.

Die mense sal inderdaad baie gretig daarna streef om hulle aardse lewensomstandighede te verbeter, maar hulle pogings sal nie saamhang met geestelike strewes nie, ook nie met `n geloof in `n hoër Mag wat hulle tot verantwoording wil roep met die goddelike gebooie wat liefde vereis nie. Daarom sal alles wat inmeng met die terugkeer van die vorige goeie lewenstandaard, aangeval word. Dus sal die geloofstryd begin kort na die goddelike ingryping wat wêreldse gebeure in `n ander rigting sal stuur. Die gebeurtenisse sal mekaar vinnig opvolg, want dit sal verhaas word deur die lae geestelike toestand van die mens. En hierdie geestelike lae toestand sal herkenbaar wees aan hul liefdelose handelinge, aan hulle denke wat van die diepste verdorwenheid sal getuig. Die mense sal dade voorberei wat slegs satanies genoem kan word. En hieraan kan julle die oomblik in tyd herken wanneer die ingryping van God verwag kan word. Die wêreldgebeure self sal `n tydrooster wees vir julle, en deur die dade wat

mense in staat sal wees om pleeg, sal julle kan sien dat hulle hulleself heeltemal van God verwyder het en dit sal die gedagte weerspreek dat hierdie menslike ras nog enige geestelike herlewing kan verwag.

Die mense wat gelowig by God sal bly, sal inderdaad hulle intieme verhouding met Hom verskerp, hulle sal in der waarheid Sy kerk wees wat vas sal staan te midde van alle ellende en beproewing, maar dit sal slegs `n klein groepie wees. Maar die wêreld sal God verloën en sal vyandig wees teenoor almal wat God ondersteun en hierdie geestelike nood sal die naderende einde kenmerk. Daarom, gee ag op die tekens van die tye, gee ag op die gedrag van die mensdom, op hulle afval van God en hulle voorkeur vir die wêreld, wanneer mense duidelik beïnvloed gaan word deur Satan, wanneer hulle aan hom verslaaf sal word en alles sal doen om die goddelike gebooie te verontagsaam, wanneer niks meer heilig vir hulle sal wees nie, nie die lewe van hul medemens of hulle besittings nie, wanneer leuens triomfeer en die waarheid vyandig behandel word, dan sal julle weet dat die einde nie meer ver is nie.

Dan kan julle die gebeure gadeslaan soos wat dit gaan ontvou en aan julle geopenbaar word, want dit sal plaasvind gedurende die leeftyd van `n man, by wyse van spreke, wat die verbrokkeling sal bespoedig, wie hulde sal bring aan die vernietigende beginsels, wie nie konstruktief aktief sal wees nie, maar destruktief aktief. En hierdie man se einde sal ook die einde van die wêreld wees, dit sal die einde van die wêreld in haar huidige vorm wees en die einde van daardie mense wie tans die aarde bewoon, wat apart is van hulle wat aan God behoort.

En nou weet julle dat daar nie meer baie tyd oor is nie, dat daar nie `n lang tydsperiode aan julle gegee word nie en dat die einde binnekort op julle sal wees. Daarom moet julle julleself voorberei en lewe asof elke dag julle laaste dag is, want julle weet nie wanneer julle teruggeroep sal word en of julle sal lewe om die einde van die aarde te sien nie. As julle egter nog as verdedigers vir God benodig word gedurende die tyd van stryd voor die einde, sal God julle gedagtes korrek lei sodat julle sal weet dat die tyd aangebreek het, die tyd van goddelike ingryping deurdat die kragte van die natuur ontketen sal word, ook die tyd van die geloofstryd en die tyd van die Laaste Oordeel. Dit is God se wil dat julle die mense hierop bedag sal maak, daarom sal Hy ook julle gees verlig en julle gedagtes lei op `n wyse wat julle korrek sal verstaan en dat julle slegs dit wat julle behoorlik verstaan het, sal oordra aan julle medemens.

Amen.

Die lot van die lewe is God se wil.

B.D. No. **3211**
3. Augustus 1944

Wêreldgebeure sal hul gang gaan volgens God se wil, en dus sal die aardse lewe ook sy loop moet neem vir elke individuele persoon soos wat dit deur God bepaal is. Niemand kan sy lot vermy nie, maar deur middel van gebed kan hy in volle vertroue `n punt bereik waar God hom sal help om dit te dra as hy self te swak is. En daarom is die mens nie in staat om sy eie lot anders te vorm nie, selfs al glo hy anders, want hoe dit sal plaasvind, is hoe God dit van ewigheid bedoel het, en Hy self sal die gedagtes in `n persoon se hart plaas sodat hy presies sal doen wat ooreenstem met Sy goddelike plan. Die mens het beslis sy vrye wil, maar aardse gebeure moet altyd beskou word as God se wil of Sy goedkeuring met dit wat heeltemal ooreenstem met die ewige Plan. Want God ken elke mens se geestelike toestand van ewigheid af. En dus sal niks oor die mens kom wat Sy diep wysheid nie oorweeg het om vir sy siel voordelig te wees nie.

Gevolglik is dit nie moontlik vir die mens om iets self te voorkom nie, hy kan slegs deur innige gebed die effek op sy liggaam vermeerder, as dit gunstig is, of verminder, indien dit skadelik vir hom sal wees. Om hierdie rede kan die mens hom met volle vertroue aan God se beheer en aktiwiteit oorlaat, aangesien alles wat gebeur, goed sal wees vir sy siel, en die krag van geloof kan inderdaad alle aardse gebeure draaglik maak wanneer die persoon homself ten volle en vertrouend oorgee aan die Vader in die Hemel en Hom alleen laat regeer. Dan kan hy sonder die geringste kommer alles met hom laat gebeur, want niks bestaan wat nie eers deur God goedgekeur en opgelê is en dus beskou word as goed vir sy siel nie. Daarom hoef die mens niks te vrees nie, hy hoef nie bang te wees vir die komende gebeurtenisse nie, sodra hy homself intiem verenig het met God, want immers verloop sy

hele lewe in ooreenstemming met sy houding teenoor God. En as hy dit besef, sal hy kalm en bedaard kan wag op wat aan hom gegee word, omdat hy sal weet dat slegs God se liefde die rede is wanneer vreugde of lyding oor hom kom. Want Hy weet sedert ewigheid wat die aardse kind nodig sal hê om in staat te wees om geestelik volwasse te word, en Hy gebruik hierdie middele. Alles sal sonder versuim gebeur soos wat Hy bepaal het en geen mens sal in staat wees om dit uit eie krag te verander nie. Dit is waarom alle bekommernisse wat `n persoon oor sy toekoms het, onnodig is, want hy sal dit nie kan verbeter, indien dit nie bevorderlik vir hom sal wees nie, net soos wat dit nie erger sal word as die persoon se geloof so sterk is dat hy in noue kontak met God sal bly nie. Want Sy wil moet altyd gedoen word in die hemel en op aarde, geen mens kan Sy wil teenstaan nie, en Sy wil is werklik wyser en dus altyd goed.

Amen.

Weerlegging van die leer van reïnkarnasie -Geregtigheid

B.D. No. **3220**
14. Augustus 1944

`n Helder lig word aan jou gegee, as jy dit wil hê om dit te laat straal. `n Tyd van chaos verwar ook die denke van die mens, want die denkvermoë word swakker en geestelike waarhede kan nie meer as sodanig herken word nie, dit is waarom `n voortdurende toestuur van lig nodig is en dit mense verg wat bereid is om dit te ontvang, waardeur geestelike kennis aan die soekendes oorgedra kan word. So `n lering kan verskeie kere plaasvind. Dit kan kennis wat al teenwoordig is, volledig maak, dit kan as heeltemal nuwe kennis aangebied word as die mens tevore verkeerde gedagtes gehad het, maar dit kan ook as weerlegging van `n verkeerde leer `n gebied duidelik maak waaroor daar nog onduidelikheid onder die mense heers.

Maar die voorwaarde is dat die op God gerigte kragte die geestelike kennis aan die mens sal oordra, wat as opnamehouers van die goddelike Gees hulself bereid verklaar het om God te dien deur die verbreiding van die waarheid. En aan hierdie voorwaarde word voldoen sodra innige gebed oor die stuur van die suiwer waarheid elke geestelik onderrig voorafgaan.

Alle goeie geestelike kragte het maar net een doel, naamlik om die wesens wat op aarde beliggaam is, met God te verenig, dit wil sê, om daarmee behulpsaam te wees. Maar `n geestelike vereniging kan slegs bestaan in die toestand van lig, dit wil sê in die toestand van insig, wat die gevolg is van `n lewe in liefde. Om hierdie toestand te bereik, is `n aardse lewe aan die mens gegee, waarin hy sy vermoëns kan vorm, wat by die begin van sy beliggaming slegs swak ontwikkeld is, maar wat na gelang van sy wil, `n positiewe of ook negatiewe ontwikkeling kan deurmaak. Sy lewensloop sal hom volop geleentheid gee vir hierdie ontwikkeling, maar dit hang nie af van meer of minder ontwikkelde gawes van die verstand nie; slegs van die wil tot die goeie, van die ingesteldheid teenoor God en dus van die werksaamheid in liefde, die strewe om homself by God aan te sluit deur goeie werke. Slegs daardeur kan die mens so `n hoë graad van geestelike ontwikkeling bereik, dat hy al op aarde in `n stadium van lig kan ingaan, dit wil sê dat hy insig kan verkry. Dan het die aanpassing by God al plaasgevind en hierdie toestand verseker die siel dat die mens by sy sterwe toegang tot die ligryk sal kry, in sfere waar hy aan die verlossingswerk van Christus kan deelneem, waar hy in staat sal wees om wysheid en lig aan ander siele te verskaf, deurdat hy hulle in liefde sal onderrig en dus verlossend besig sal wees. Hierdie graad van volmaaktheid kan die mens dus maklik bereik, deur slegs die wil te hê om die goeie te doen en die verbinding met God tot stand bring deur innige gebed.

Dat die mense se begripsvermoë verskillend is, dat hulle meer of minder intelligent is, is glad nie bepalend vir die wil tot die goeie nie. Want die liefde laat die geesvonk in die mens ontwaak. Maar die liefde word in die hart gebore en dit kan uitermate aktief wees in `n mens, wie se verstandelike vermoë aansienlik laer is as `n ander s`n. En selfs waar die lig, die kennis van die waarheid, nie besonder voor die dag kom gedurende die lewe op aarde nie, kan die siel by die binnegaan in die ryk hierna omring word deur lig. Dit wil sê, die insig kan bliksemsnel oor haar kom en `n oorvloedige kennis kan haar nou in staat stel om in die hiernamaals ywerig in liefde werksaam te wees.

En daarom is die idee ongegrond dat `n minder ontwikkelde verstandelike denke afbreuk kan doen aan die volmaakwording van die siel, dat elke siel dus eers die geleentheid gebied moet word om gevorderde liggaamlike vermoëns te benut, om dus `n groter volmaaktheid op aarde te verkry. Sulke siele kan egter op aarde uitermate seënryk werksaam wees vir sovêr hulle hul buitengewone verstandelike vaardighede in diens kan stel vir hul medemens, om geestelike kennis aan hulle oor te dra en hulle daardeur aan te spoor tot verhoogde doeltreffendheid in liefde, maar net so kan `n mens sonder spesiale stimulering, die liefde tot die hoogste ontplooiing bring en hierdie mens sal onteenseglik die hoogste volmaaktheid bereik. Maar sy denke kan heeltemal ongekompliseerd wees, dit hoef geen groter wysheid te laat sien nie en tog sal hy in sy denke en handeling gestuur word deur goeie geestelike kragte, wat hom sal bedien volgens sy begripsvermoë en hom voortdurend aanspoor om meer werksaam te wees in liefde, om sodoende sy vereniging met God te bereik. Want die liefde is die eerste, daaruit word die wysheid gebore en hierdie wysheid is die aandeel van die siel, sodra sy die geesteryk ingaan.

Maar die liefde kan `n eenmalige beliggaming op aarde volledig tot ontplooiing bring, omdat die liefde in elke situasie van die lewe, in elke lewenslot, in elke liggaamlike en geestelike gesteldheid, beoefen kan word, omdat dit slegs voorwaardelik is dat die goddelike vonk in die mens aangesteek sal word en tot die hoogste vlam aangewakker word en dit kan die mees primitiewe mens in sy denke doen, as hy maar net die wil sal hê om goed te wees. Maar die insig in goed en kwaad het hy in homself, omdat beide kragte - goed en kwaad - vir sy siel stry en sy denke dus deur beide geestelike kragte beïnvloed word en die kragte wat die sege oor hom sal behaal, sal wees na wie hy sy vrye wil heen wend.

Hoe sy wil egter sal kies, is tot `n sekere mate afhanklik van sy geloof, van sy ingesteldheid teenoor God en die verlossingswerk van Christus, indien hy kennis daaroor besit, dat Jesus Christus aan die kruis gesterf het vir die swakkes, wat uit hulself nie in staat was om die wil om goed te doen op te bring nie. Maar niemand moet dink om sterk te wees nie. Alhoewel iemand groot geestelike vermoëns kan besit, het hy tog die genade van die verlossingswerk nodig, die deur Jesus Christus gekoopte sterk wil, om hom tot ligwese te kan ontwikkel gedurende sy aardse lewe. En daarom het Jesus Christus dit volbring, sodat almal wat van goeie wil is, salig kan word.

Die mense is in hul geestelike ontwikkeling wel baie agtergeblewe en hulle skenk geen aandag aan geleenthede om vooruit te gaan nie. Dit is `n onmiskenbare afkoelingsproses, wat egter sy oorsaak het in die vrye wil van die mens en waarvoor hy ook self sal moet antwoord. Gevolglik kan die mens vir iets wat deur sy eie skuld plaasgevind het, geen begunstiging verwag nie. Maar dit sou `n begunstiging gewees het indien hy sy ontwikkeling na willekeur deur sy eie skuld versuim het of verontagsaam het en dit kon inhaal met `n hernude beliggaming op aarde. Want hy het sy vrye wil nie op die korrekte wyse gebruik nie, waartoe hy egter in elke lewensituasie in staat gestel was deur die verlossingswerk van Christus, wat die mag van Sy teenstander op die wil van die mense gebreek het deur sy dood aan die kruis. Daar is waarom daar vir `n onvolmaakte siel op aarde geen rede vir `n hernude lewenswandel is wat op goddelike geregtigheid sou kon berus nie, want as mens het hy gefaal, ondanks die toestuur van genade, en kan hy nie na willekeur aanspraak maak op `n herhaling van `n beliggaming op aarde om tot dieselfde graad van volmaaktheid te kom wat `n mens met goeie wil gedurende sy lewe op aarde sou kon bereik het nie, maar hy sal die baie moeiliker weg omhoog in die hiernamaals moet aflê, as regverdige vergoeding vir sy verkeerde wil.

Die mense het wel verskillende insigte, verskillend kennis en verskillende aardse vermoëns. En dit laat hulle dikwels tot die verkeerde opvatting kom dat die volmaakwording van die siel haar voltrek in ooreenstemming met hierdie vermoëns. Maar dan word dit buite beskouing gelaat dat slegs die aktief wees in liefde deurslaggewend is, dat slegs die werksaam wees in liefde die positiewe ontwikkeling kan bevorder. Maar elke mens kan liefde beoefen, want slegs die wil van die mens is daarvoor nodig. Dit is `n drang in die hart, wat in geensins in verband staan met `n bepaalde graad van kennis of `n besonder ontwikkelde verstandelike doeltreffendheid nie.

Dat die afkoeling van die liefde begryplikerwys ook `n beperkte kennis tot gevolg sal hê, is onbetwisbaar en daarom openbaar die duistere geestelike toestand homself ook in die besonder, omdat dit die gevolg is van liefdeloosheid, waarvoor die siel haarself sal moet verantwoord. Daar kan eers van `n hoër ontwikkeling gepraat word wanneer die siel haarself met die Gees verbind het, wanneer sy dus die liefde beoefen en daardeur die geesvonk in haarself tot lewe wek, wat nou voortdurend bly werk, dit wil sê wat die siel aanspoor tot voortdurende werksaamheid in liefde. Gevolglik is daar `n stilstand in die ontwikkeling te sien sonder die werksaamheid in liefde, of selfs `n agteruitgang by duidelike liefdeloosheid.

Maar dieselfde mate van genade staan elke mens ter beskikking en aan hom is dieselfde geleenthede gegee vir die volmaakwording van sy siel. As hy dit nie benut nie en as hy ook geen aandag skenk aan die genade nie, sodat dit nie by hom werksaam kan word nie, dan moet hy ook volgens die goddelike geregtigheid die gevolge op homself neem, dit wil sê hy sal in die hiernamaals self met hierdie toestand moet klaarkom, wat hy uit eie skuld verdien het.

Dit sou dan in `n sekere sin `n onreg wees, wanneer diegene wat nie gebruik gemaak het van die groot genade van die beliggaming ten behoewe van die heil van sy siel nie, nog `n keer dieselfde geleentheid gebied sou word om dit in te haal wat hy versuim het. Dit sou `n onregverdigheid wees teenoor hulle wat hul lewe op aarde heeltemal benut het, terwyl hulle nie op hul liggaam gelet het deur die afsien en voortdurende onthouding van die vreugdes van die wêreld nie. Dieper kennis is dus beslis nie nodig nie, slegs die werksaamheid in liefde. En daarom kan ook die mees oningeligte mens hom positief ontwikkel, as hy maar net werksaam sal wees in liefde, want die kennis sal aan hom gestuur word, sodra hy dit nodig sal hê vir sy medemens, of wanneer hy die geesteryk sal ingaan, want dan kan hy die siele in die hiernamaals gelukkig maak met sy kennis wat nou bliksemsnel aan hom oorgedra word, sodat hy as ligdraer in liefde weer werksaam kan wees in die geestesryk.

Amen.

Soek eers die koninkryk van God

B.D. No. **3226**
20. Augustus 1944

Soek eers die koninkryk van God en jy sal die aardse lewe sonder sorge kan aflê oor dit wat die liggaam benodig, want dit alles sal jou ten deel val soos wat God dit belowe het. Want slegs een ding is belangrik, naamlik dat jy sorg vir die lewe van jou siel. Dan sal God self die sorg oor jou liggaam en sy behoeftes oorneem. Maar sodra jy die geloof in hierdie belofte verloor, sal jy vir jouself moet sorg en daardeur sal jy in die vangnette van die vyand beland, wat hom inspan om hierdie bekommernisse vir jou as die belangrikste voor te stel en wat jou daarvan wil weghou om aan jou siel te dink. En nou loop jy die gevaar om materialisties te word, om jou denke en handel slegs in te stel op die verkryging van materie, in voortdurende sorg vir die liggaam en daardeur die ryk van God te verwaarloos en uiteindelik net nog suiwer aards voort te lewe sonder om rekening te hou met die heil van jou siel.

Slegs een doel het God aan jou lewe op aarde gestel, naamlik dat jou siel haar positief moet ontwikkel. En om hierdie doel te bereik, moet jy jouself losmaak van die materie. Jy mag niks begeer, behalwe wat vir jou siel dienstig is nie. En jy kan haar ook in volle geloof van alle sorge vrymaak, wanneer jy dink aan die belofte van Christus, want sy Woord is die waarheid. En as jy in die eerste plek die koninkryk van God soek, dan vervul jy Sy wil, want dan sorg God ook vir jou. Die strewe van die mense is egter gewoonlik slegs ingestel op die instandhouding van `n goeie lewetjie vir die liggaam, en wel in oormaat, sodat die geestelike strewe op die agtergrond raak en daar begryplikerwys geen geestelike vooruitgang behaal kan word nie. En dit is as gevolg van die gebrek aan vertroue in die Liefde van God, Wie alles in stand hou wat Hy geskep het.

Met die geloof en die vertroue op die hulp van God kan die mens vryraak van enige aardse sorge. Hy kan maklik en veilig deur die aardse lewe gaan, sodra hy alle sorg aan sy sieleheil bestee, sodra hy heel bewustelik na die geesteryk streef, sodra hy poog om die wil van God in alles te vervul, en dus poog om die koninkryk van God te bereik. Maar die geloof hierin is byna nie meer onder die mense te

vinde nie. En daarom bring dit vir hulle `n lewe vol sorge en moeite teweeg. Hulle laai vir hulself `n las op die rug, wat God die Heer belowe het om vir hulle te dra as hulle hul lewenstaak sal nakom, naamlik deur aan hulle geestelike welsyn voorrang te gee, bo die welsyn van die liggaam.

God onderhou die hele skepping. Hy sorg ononderbroke vir die bestaan daarvan. En alles ontwikkel volgens sy wil. En net so geld sy sorg vir die hoogs ontwikkelde skepsel, die mens, en sy aardse bestaan word net so gewaarborg as die van die hele skepping. Tog het God dit laat afhang van die wil van die mens. Hy het hom `n voorwaarde gestel waarvan die vervulling daarvan vir hom `n sorgelose bestaan sal verseker. Maar wanneer die mense hierdie voorwaarde nie in ag neem nie, dan sal hulle `n moeilike lewe op aarde hê, omdat hulle God se sorg vir die liggaam verloor het.

Die mens is die lewe op aarde gegee ter wille van sy siel en dus moet die siel eerste versorg word. Sy moet gegee word wat sy benodig vir haar geestelike vervolmaking en dit kan slegs uit die geesteryk verkry en ontvang word. Daarom moet die gedagtes van die mens eerstens op die geesteryk gerig word, want die aardse ryk bied nie die voeding vir die siel wat by haar ontbreek nie. Die aardse ryk vervul slegs die behoeftes van die liggaam en dit moet die mens homself gelowig en vol vertroue deur God laat doen, soos wat Hy belowe het. En daarom moet hy des te meer na die geesteryk strewe, wat nie aan hom geskenk word nie, maar wat hy in ooreenstemming met sy begeerte sal kry waarna die siel vra.

Werp daarom alle sorge op God. Hy sal die sorge van jou wegneem, hoe inniger jy die vereniging met Hom nastreef, hoe meer jou siel haarself losmaak van die aardse en slegs geheg raak aan dit wat die vereniging met God aan haar sal gee. En in Sy sorg sal jy waarlik geborge wees. Dit sal jou aan niks ontbreek nie, want Hy is vol Liefde en Krag. Hy kan jou versorg en Hy sal jou versorg as jy maar net op Hom, op Sy koninkryk afstuur.

Amen.

Wet - Geregtigheid - Rasse - Nasies

B.D. No. **3227a**
20. Augustus 1944

Dit sal onwaardig van `n hele nasie wees as hy nie aanspreeklik sal wees teenoor homself ten opsigte van sy gedagtes en dade nie. Die gedrag van `n nasie se mense moet onberispelik teenoor mekaar wees; maar hulle moet ook die gebod van naasteliefde teenoor ander nasies nakom, selfs al is dit nie te verstane dat sulke dade en gedagtes teenoor individuele lede gehou moet word nie, maar dat alle gevoelens en bedoelings teenoor `n ander nasie eerbaar en behoorlik moet wees en dat daar nie `n gebrek aan `n gevoel van geregtigheid moet wees nie, dus moet hulle nie weerhou word wat mense van `n nasie vir hulself eis nie. Reg en geregtigheid moet geld vir alle mense, en die verbintenis aan `n spesifieke ras of nasie behoort nie die aksies te bepaal wat teen hulle toegepas word nie.

God het geen beperking gestel toe Hy die gebod van naasteliefde aan die mens gegee het nie, want elke medemens moet as `n broer beskou word, as God se lewende skepping, wat ook behandel moet word met broederlike gevoelens. Die mens moet dus nie self hierdie beperking oplê nie, hy moet nie dink dat hy geregtig is om sekere mense uit te sluit van naasteliefde nie, hy moet die gebod van naasteliefde sonder onderskeid beoefen en sal dus ook verantwoordelik wees teenoor homself as hy hierdie gebod verontagsaam. En daarom moet hy duidelikheid hê oor sy gedagtes en aksies met betrekking tot hoe ver hulle ooreenstem met die goddelike gebooie, Hy kan nie verskillende uitsprake maak volgens sy plesier en eie diskresie nie, hy kan nie sondig teen `n persoon en glo dat sy sonde geregverdig is, omdat hy homself ag om aan `n ander groep te behoort, wie se grense getrek word deur rasse- of volksverbintenis nie.

Hierdie skeidslyn bestaan nie voor God nie, alle mense is gelyk voor die aangesig van God, en reg en verkeerd bly orals nog steeds reg en verkeerd. Dit is nie aanvaarbaar dat `n mens regte vir homself eis wat hy ander mense ontneem nie, en as die mense se gedagtes so mislei raak dat hulle glo om reg te wees, selfs wanneer hulle verkeerd optree, dan het die mens se geestelike ontwikkeling reeds baie laag gesink, want dan plaas hy die aardse lewe hoog bo die geestelike, andersins sou hy nie in staat

gewees het om `n denkwyse te verdedig wat ontstaan het uit die strewe vir eie voordeel nie. Enigiets wat `n mens vir homself benodig, moet hy ook aan sy medemens gun en hy moet nooit sy eie wette opstel as hy nie bang is om deur God beskou te word op `n manier wat hy nie wil hê nie, want dan sal hy gemeet word met dieselfde maatstaf waarmee hy self gemeet het.

Wet - Geregtigheid - Rasse - Nasies

B.D. No. **3227b**
22. Augustus 1944

Die aarde bevat die mees uiteenlopende nasies en rasse, wat in geheel ook verskil in hul graad van ontwikkeling. Tog het geen nasie die reg van God ontvang om minder ontwikkelde nasies te onderdruk of om hulle te ontneem van hulle regte nie. Hulle moet sekerlik `n opvoedkundige invloed uitoefen, indien hulle geestelik hoër gevorderd is, hulle moet swakker nasies beskerm teen sterker verdrukkers, maar `n spesifieke etniese oorsprong moet hulle nooit keer in die uitvoering van hul menslike verpligtinge teenoor `n medemens nie.

Want hulle moet altyd in gedagte hou dat alle mense God se lewende skeppings is, en dat niemand geregtig is om sekere mense uit die gemeenskap van state te werp of om hulle te verdruk en hulle te laat swaarkry nie. Eendag sal hulle hulself moet regverdig hiervoor en hulle sal geoordeel word soos hulle self geoordeel het. Enigeen wat sy medemens hard of sonder liefde behandel het, ongeag van watter etniese groep hulle kom, sal ook net hardheid en liefdeloosheid maai, hy sal geen barmhartigheid vind nie en moet ook nooit `n ligte oordeel verwag nie, want hy sal ontvang volgens sy gedrag, sy wil en sy dade, En daarom moet die mens altyd verantwoordelik wees teenoor homself of sy gedagtes en werke regverdig is.

Geregtigheid vereis egter dieselfde regte vir almal sonder onderskeid. So gou as wat selfsugtige liefde sterk word, trek die gevoel van geregtigheid terug, dan sal die mens gewetenloos vir homself neem wat aan sy medemens behoort. En as hele nasies oorheers word deur hierdie denkwyse, sal daar nooit vrede op aarde wees nie, want die sterkes sal die swakkes onderdruk, of dié van gelyke krag sal lyding en ellende teenoor mekaar veroorsaak en daar sal geen einde aan die teenspoed wees nie. Geen hartelose optrede kan geregverdig word met die beswaar dat ander wette van toepassing is op ander rasse of volke nie, sodat hulle nie kan aanspraak maak op dieselfde menseregte waarop `n persoon van hulle eie etniese oorsprong geregtig is nie.

Alle mense is gelyk voor die aangesig van God, dieselfde wet is van toepassing, altyd en tot in ewigheid voor God, jy moet jou naaste liefhê soos jouself, en elke mens is julle naaste, ongeag van sy rasse- of nasionale herkoms. En so lank as wat hele nasies vasgevang is in verkeerde denke dat hulle ander regte het as die ander, sal onreg ook hand uitruk, mense sal in `n konstante toestand van geskil wees, weer en weer sal vyandelikhede nuwe voeding kry wat sal aanleiding gee tot toenemende erger gedagtes en aksies, want die gebod van naasteliefde sal geïgnoreer bly en dit sal lei tot sondige aksies. Dieselfde standaard vir jouself en jou eie begeerte moet altyd toegepas word; wat `n persoon vir homself wil hê, moet hy nie wegneem van sy naaste nie, anders sal ongeregtigheid voortdurend groei en daarmee saam `n toestand wat ook mense se denke sal verwar. Hulle sal die krag verloor om te oordeel tussen reg en verkeerd, omdat hulle dit self prysgegee het, aangesien hulle self nie regverdig en billik wil dink nie.

Amen.

Dien of stry - Verskillende doelwitte van lyding

B.D. No. **3230**
24. Augustus 1944

In die stadium van wilsvryheid hoef die skepsel nie die teenstander van God te vrees nie, sou hy maar net in die liefde wil ingaan. Dan sal hy hom oorwin, omdat die teenstander van God heeltemal magteloos is teen die liefde. Dus kan die mens hom ook vrymaak van versoekings en verleidings, want dit het geen invloed op hom solank as wat hy in die liefde werksaam is nie. Maar laasgenoemde is egter afhanklik van die vrye wil van die mens en daarom is die mens self die rede van sy bestaan op

aarde, wat beide `n voortdurende stryd of dienende liefde sal wees. God ken elke mens se hart en gee die mens wat hy benodig, maar Hy laat `n persoon ook kortkom as hy nie Sy hulp, Sy bemoediging en Sy raad benodig nie, want dan staan hy Hom innerlik teë en oefen daarom nie liefde uit wat `n God-toegewyde wil openbaar nie. God en Liefde is een en dieselfde en daarom is `n liefdevolle mens ook met God verbonde en sal superieur wees teenoor God se teenstander. Indien die mens gewillig is om aktief werksaam te word in dienende naasteliefde, dan sal hy nie so in die noute gebring word deur die versoekings van die wêreld nie, hy sal dit al in `n sekere sin oorwin het, wat egter nie die feit uitsluit dat hy leed sal moet verdra nie, omdat leed nie net die mense tot God moet bring wie se wil nog van God afgewend is nie, maar dit suiwer ook die mense wat daarna streef om by God te wees. Maar die leed word egter verskillend ervaar in hierdie twee stadia. Eersgenoemde verset hom nog daarteen, omdat hy hom nog nie wil buig onder `n Mag Wie hom in die genietinge van die lewe beperk nie. Hy begeer nog die wêreld en voel elke leed as `n benadeling, as `n onvoldoende genot van die lewe en dus as `n dwang wat hy nie wil aanvaar nie. En dit kan baie leed benodig voordat hy homself sal oorgee en so `n stryd is die werk van die teenstander, wat nog steeds die wêreld en haar vreugdes gebruik om die mens vir homself te wen en wat voortgaan om alles voor sy oë te plaas ten einde sy begeerte daarna te versterk om hom dus daardeur van God te vervreem. Maar as die mens egter aktief hulpvaardig is, dan sal die leed slegs dien om hom volmaak te maak, om volwassenheid van sy siel te bereik en dan sal die teenstander van God weinig mag oor hom hê, want dan sal hy hom afwend van die wêreld en deur sy leed sal hy hom steeds digter by God aansluit.

Hierdie onderskeid moet herken word wanneer die verskillende soorte lyding oorweeg word, wanneer goeie en slegte mense daardeur geaffekteer word, mense wat nog heeltemal van God afgewend is en diegene wat die leed skynbaar nie meer nodig het om Hom te vind nie. Elke keer sal die leed `n ander doel dien, maar die eintlike doel is die volledige vereniging met God. Die grootste gevaar vir die mens is sy geneigdheid na die wêreld en sy eie liefdeloosheid, want dan is hy nog heeltemal verslaaf aan die een wat hom wil vernietig. En dan het hy streng opvoedingsmiddele nodig om te verander. Eers wanneer die geneigdheid na die wêreld afneem, kan die liefde in hom ontbrand en kan die leed dan ander vorme aanneem, maar kan hom nie egter nie heeltemal gespaar word, solank as wat die siel nie volledig gereinig is nie.

Daarom is die beoefening van naasteliefde deurslaggewend vir die graad van sy ontwikkeling, dit is `n deurslaggewende faktor vir die intensiteit van sy leed, want waar liefde ookal beoefen word, dus waar God Self teenwoordig is, daar sal die leed meer draaglik wees, want die mens sal die uitstraling van God se krag kan ontvang en daarom sal die leed hom nie soveel terneerdruk nie: Hy hoef dit dus nie meer te bestry nie, maar moet dit net verdra en wag op die hulp van God, Wie alle leed van hom sal verwyder wanneer die tyd reg is daarvoor. Die mens moet hulpvaardig wees of veg, alles in ooreenstemming met sy wil en sy vermoë om lief te hê. Om te dien sal vir hom maklik wees, maar om te veg sal groot krag verg as hy nie gaan oorgee aan die mag wat alles in sy vermoë sal gebruik om hom in die duisternis in te trek en wat sal voortgaan om `n invloed uit te oefen op die mens solank as wat hy sonder liefde lewe, want dan is hy nog ver verwyderd van God. Slegs liefde sal hom bevry van hierdie mag, slegs liefde sal hom sterk maak, want nou sal die mens met God verenig wees en sal hy sy krag om die teenstander te verslaan van Hom ontvang.

Amen.

Vervulling van die profesieë

B.D. No. **3232**
25. Augustus 1944

Ek stel alle mense in kennis van die komende einde, want Ek maak ook my teenstanders opmerksaam, sodat hulle nie eendag kan sê dat dit vir hulle verborge was nie. Maar wanneer hulle hul ore sluit, wanneer hulle die wat die profesieë aan hulle oordra bespot of uitlag, dan sal My waarskuwings en aanmanings tevergeefs gewees het. Want Ek dwing geen mens om te glo nie. Maar hulle sal opgelig word wanneer die einde naby kom en tog hul verkeerde denke en ook hul hopelose toestand insien.

Die mensdom wil niks meer aanneem wat aan hulle vanuit die geesteryk aangebied word nie. Hulle is so aardsgesind, dat elke gevoel vir geestelike lering by hul ontbreek. Maar Ek kan die mense nie meer aanbied as wat hulle bereid is om aan te neem nie. Ek kan hulle nie deur openlike wonderwerke dwing om te glo nie, omdat hulle my skepsels is wat oorspronklik in volle vryheid van wil werksaam was en dus deur `n dwang om te glo hul vryheid heeltemal sal verloor en dus onvolmaak bly tot in alle ewigheid.

Ek kan Myself slegs deur die mond van mense uiter en moet dit aan hulle oorlaat of hulle My Woord sal herken deur `n absolute verlange na die waarheid en die onbaatsugtige werksaamheid in liefde. Want dan eers sal my Woord vir hulle weerklink en sal hulle die Gewer van die Woord in elke aanmaning en waarskuwing herken en sal hulle dit dus ook nakom. Maar dit is juis `n willoosheid teenoor hierdie geestelike bekendmakinge wat die mense beheers. Hulle neem niks ernstig op nie en glo dat God die gebeure so sal lei soos wat dit met hulle wil en hulle berekening ooreenstem. En daarom doen hulle weinig aan die vorming van hul siele.

En die oomblik sal aanbreek, sonder dat hulle voorbereid sal wees op die nabye einde. Hulle volg slegs die wêreldgebeure en maak hul gevolgtrekkings daaruit. Maar Ek sal hulle laat skrik en aan hulle toon dat Ek die wêreld regeer en dat Ek waarlik so beslis, soos wat dit vir die mens dienstig is. En alles sal gebeur ooreenkomstig My plan van ewigheid, soos wat Ek dit aan julle mense bekendmaak deur my diensknegte op aarde. En die mense sal dan moet insien dat Ek slegs op hul welsyn bedag was, dat Ek hulle wou red en slegs weerstand by hulle gevind het, want die wil tot God verbind hulle siele met My. Maar die wil tot My gee ook aan hulle die begrip vir my Woord, vir My optrede en werksaamheid in die laaste tydperk voor die einde. En dan eers sal daar aan My Woord gehoor gegee word, as daar nog tyd sal wees. Want wat Ek aankondig, gaan letterlik in vervulling, omdat Ek kennis deur die Gees na die aarde stuur, wat geheel en al ooreenstem met die waarheid. En daarom moet alles vervul word wat Ek lank gelede aan julle mense verkondig het, sodat julle daaraan sal herken dat die einde naby is.

Amen.

Aansporinge (Joh. 14) - Intrek in die hartswoning

B.D. No. **3238**
31. Augustus 1944

Julle harte moet rein en vlekkeloos wees as julle My daarin wil opneem. En dus moet julle jul bes doen om edeler te word deur slegs goeie gedagtes in julle te hê, elke bose opwelling moet ver van julle af bly, julle moet mekaar in vreedsaamheid en liefde bejeën, geen wrok of haat in julle laat opkom nie, julle moet steeds tot hulp bereid wees en julle krag gebruik om in die liefde te werk; julle moet herhaaldelik versonke wees in gebed en ook aan die gestorwenes dink, julle moet barmhartigheid beoefen en in alle geduld die swakhede van die medemens verdra en nie wil uitblink nie, veel eerder in deemoed en sagmoedigheid diensbaar wees waar julle maar `n werk van liefde kan verrig. Want dan alleen sal julle na My aard, wanneer julle julleself sal inspan om My in alles na te volg, wanneer julle voortdurend sal werk aan julleself en alle foute en swakhede aflê. Dan kan Ek My Meester maak van julle harte en in julle woon en werksaam wees.

Dit is al `n bomatige groot geluksaligheid op aarde, want wanneer Ek Self by julle sal wees, sal daar geen nood meer bestaan nie, geen aardse leed en geen smart nie, want julle liggame sal niks meer voel nie, slegs vir die wêreld sal dit nog skynbaar gevoelig wees, terwille van die mense wat nog nie `n hoë graad van volmaaktheid bereik het nie, of wat nie My teenwoordigheid wil toelaat nie. En dus sal Ek ook nie duidelik herkenbaar wees nie, maar die mensekind wat hierdie voorwaarde nagekom het om My teenwoordigheid te geniet, sal My nabyheid voel en sal bomate geluksalig wees. Hy sal My hoor en sal gelukkig wees met My stem.

En elke mens kan hierdie geluk aan homself verskaf indien hy ywerig na volmaaktheid streef, indien hy alles sal doen om My welgevalle te verwerf en sy hart omvorm tot liefde, want dan trek hy My onvermydelik na homself toe en Ek sal dan My verblyf in sy hart neem en sal nooit meer van hom af weggaan nie. As julle egter gebreke het en julle julleself nie inspan om dit kwyt te raak nie, rig julle `n

hindernis vir My en My werksaamheid op en Ek sal dan ewig onbereikbaar bly vir julle. Julle sal ernstig moet wil en van My die krag afsmeek om julle wil te realiseer en julle sal dan alles moet doen om vooruit te gaan in julle ontwikkeling, julle sal julleself moet ondersoek en julle foute bestry, julle sal in die goeie moet wedywer en steeds daarna strewe om julle te vervolmaak, dan sal My Liefde julle bystaan en krag sal julle toestroom en julle strewe sal resultate oplewer, julle sal Myself kan opneem in julle harte en dit beteken geluksaligheid, alreeds op aarde en in die ewige vereniging in die geesteryk.

Want die vereniging met My neem alle aardse node van julle af weg, dit maak julle vry en vol krag, dit onthef julle van julle gebondenheid aan die aarde en daar word `n kennis in julle ontsluit wat julle gelukkig sal maak en sal aanspoor om tot die uiterste toe werksaam te wees in liefde. Want My stem sal dan aanhoudend in julle weerklink en Ek sal julle onderrig en lei in al julle weë, julle dade, julle gedagtes en julle wil. Dog dwing Ek julle nie, maar julle hart, wat julle vrywillig vir My aangebied het, sal dieselfde wil in haar hê wat julle heeltemal onder My Wil sal plaas en daarom sal die mens nie meer anders kan dink en wil nie. Dit is dus die grootste saligheid om een te wees met My Wil.

Strewe daarom met alle ywer na hierdie vereniging met My, werk aan julleself en omvorm julleself tot liefde, sodat Ek in alle volheid by julle kan wees, sodat Ek My intrek in julle harte kan neem sodat julle nie meer eensaam en verlate sal wees nie, sodat My Liefde julle gelukkig kan maak en My krag julle kan toestroom, sodat julle die weg oor die aarde nie meer alleen hoef gaan nie, maar sodat julle in My `n voortdurende Begeleier kan hê.

Amen.

Lewe - Ontwaking van die goddelike vonk in die mens

B.D. No. **3240**
2. September 1944

Die goddelike geesvonk in die mens is sy werklike lewe, gevolglik kan `n mens slegs van wedergeboorte praat wanneer die gees in die mens ontwaak het, wanneer hy begin om aktief te raak, want so begin die geestelike lewe. In daardie geval is die mens geestelik wedergebore, want sy fisiese geboorte maak slegs sin en dien sy doel wanneer die geestelike wedergeboorte plaasgevind het. Die goddelike geesvonk word nou bewustelik erken deur die persoon se siel, selfs al is die persoon nog nie in staat om rasioneel te onderskei tussen die twee konsepte van siel en gees nie, want die proses van eenwording van gees en siel kan gebeur sonder dat `n persoon daarvan bewus is, aangesien dit eers aan hom oorgedra word wanneer dit plaasgevind het. Slegs dan sal die gees aan die siel verduidelik wat die eenheid van die gees met die siel beteken, en dan eers sal die siel streef na `n steeds nouer eenheid met haar gees en sal die mees waardevolle kennis daarvan aanvaar.

En van daar af aan sal die mens lewend wees, wat beteken dat hy sy kennis sal benut en bewustelik sal werk vir die koninkryk van God, hy sal gretiglik werk om die bekomde inligting te versprei en sal hierdie kennis oordra aan sy medemens. Die lewe is `n deurlopende aktiwiteit. Toegegee, die mens is sekerlik fisies lewend sonder dat sy inwonende geesvonk ontwaak het, hy is dus aktief op `n aardse wyse en werk dus vir sy aardse lewe, vir sy liggaam en vir sy aardse doelwitte. Maar dit is nie die ware lewe nie, die lewe wat ewiglik is, die lewe waarvan Jesus gepraat het en wat Hy beloof het aan elkeen wat in Hom glo. Ware lewe is die nimmereindigende lewe van die gees, waarvan die verkryging die doel van die lewe op aarde is. Hierdie doel sal slegs bereik word wanneer die mens se gees lewend geword het.

Geestelike wedergeboorte is die mees waardevolle doelwit om na te streef, want dit sal `n onbeskryflike opbrengs vir die menslike siel oplewer. Dit wat deur die wêreld aangebied word, is verganklik en bevoordeel slegs die liggaam, maar nooit die siel nie. In teenstelling daarmee sal dit wat die gees die siel bied, die siel se dors les en haar verfris, hy is haar voeding, hy is dus lewenskrag, hy is `n kosbare kommoditeit wat nie meer kan vergaan nie, wat geluk induseer en hy moedig ywerige aktiwiteit aan en kan dus die Wondermiddel van die lewe genoem word, want die dood, wat die siel voorheen bedreig het en haar onvermydelike deel sou gewees het as wedergeboorte nie plaasgevind het nie, sal nie meer moontlik wees nie. Die vleeslike liggaam is die omhulsel wat die goddelike vonk

huisves en dit is die persoon se vrye wil of hy die omhulsel wil bars, of hy daarna sal streef om die Goddelike in hom te laat ontwaak tot die lewe. As die siel, die draer van die wil, haar na die goddelike gees wend deur te poog om innerlik deur die omhulsel te dring, deur te poog om haarself te bevry van alle aardse begeertes, van slegte gewoontes en ondeugde, as sy poog om die omhulsel op te los deur middel van werke van liefde, sal die goddelike geesvonk begin beweeg, hy sal kontak maak met die mens se siel en haar help om bo haarself uit te styg, hy sal voortdurend advies en instruksies influister en sal dus die siel lei sodra sy toelaat om gelei te word.

Van daar af sal die goddelike vonk in die persoon die leiding neem en dit sal waarlik reg wees. Dan sal die gees en siel mekaar nie meer opponeer nie, maar hul doel gesamentlik nastreef, hulle sal streef na die ewige huis en sal geen aandag gee aan die liggaam, die wêreld en alles wat van `n wêreldse aard is nie, alhoewel die mens nog op die aarde woon. Die mens is lewend, selfs as wêreldse sake van geen verdere belang vir hom is nie, want sy gees is lewend en is voortdurend aktief. Die mens sal dan slegs vir die geesteryk werk, vir die koninkryk van God, hy sal werk om homself en sy medemens te verbeter, hy sal aanhoudend aktief wees, want die inwonende geesvonk laat hom nie toe om te rus nie, dit is, om ledig te wees nie, want dit is skadelik en sinoniem met die dood, `n toestand wat tot in die ewigheid pynlik is en moet daarom gevrees word as die ergste lot wat die menslike siel kan oorkom. Maar helaas, sodra die gees tot lewe gekom het, sal die dood nie meer bestaan nie, want die gees is onsterflik en trek ook die siel die ewige lewe in, in die ewige heerlikheid in.

Amen.

Die taak van die dienskneg wat die Woord direk ontvang

B.D. No. **3241**
2. September 1944

My Woord kan maar aan weinig mense direk oorgedra word, want slegs weinig glo dat Ek Self met mense praat en hierdie geloof is absoluut noodsaaklik om My in staat te stel om myself in `n persoon uit te druk. Mense het nie geloof in My werk, in My almag en liefde nie, en dus kan Ek Myself ook nie aan hulle deur die Woord bekend maak nie, want om in staat te wees om My Woord te hoor, moet die mens se gees lewend wees, aangesien dit deel is van My, en kan homself dus nie manifesteer in die Woord waar Ek nie erken word nie, waar die geloof in My onvoldoende is. Maar diegene wat My Woord hoor en met wie Ek direk kan praat word deur My benodig in die wêreld, want hulle het `n groot taak. Hulle moet die geloof in My onder die mense opnuut laat ontstaan, hulle moet diegene versterk wat nog swak in die geloof is, hulle moet My verkondig en van My Liefde, almag en wysheid praat, hulle moet My naby aan mense bring en hulle verwys na die Woord wat hulle in staat is om self te hoor.

En so sal hulle namens My praat waar My stem nie meer gehoor kan word nie. Ek wil self deur hulle praat, want goddelike werking word nie erken nie, maar dit is noodsaaklik dat mense ingelig moet word oor My wil, dat hulle vermaan word om volgens My orde te leef, dat hulle ingelig sal word van die gevare, wat die gevolg is van `n lewenswyse teen My orde en dat liefde voortdurend aan hulle verkondig moet word, sodat hulle die afstand van My sal verminder en in staat sal wees om te glo en My Woord self te hoor. Die arbeiders in My wingerd is nie baie nie, want die mensdom soek aardse beloning vir hul diens, maar diegene in My diens moet werk vir `n geestelike beloning en hierdie vergoeding is nie aantreklik vir die voormaliges nie. Tog ontvang die paar in My diens veel meer as wat hulle afstaan, want hulle is dienaars van `n God wat al die skatte van die hemel en die aarde tot sy beskikking het, Wie die mag het om alles te gee en Wie in Sy liefde, Syne voorsien met `n oorvloed van ewige geskenke wat uitstyg bo alles wat die wêreld in staat is om aan te bied. Diegene wat My wil dien, kan verseker wees van My Liefde, en Ek bewys hierdie liefde van My deur met hulle te praat soos wat `n vader met sy kind praat, maar op `n manier wat tot voordeel van sy siel sal wees, want nie alle mense is in staat om My Liefdevolle Woord te verdra as Ek My volle oorvloed van liefde bysit nie, en nie almal is volwasse genoeg om My hoorbaar te hoor nie; maar slegs hulle wil om My te help, stel hulle in staat om My Woord te begryp, ongeag in watter vorm Ek dit aan hulle stuur.

My Woord is die teken van My Liefde, maar My Woord is ook die getuienis van My almag vir `n persoon wat nog swak in die geloof is. Want Ek, hoewel onsigbaar vir julle mense, openbaar Myself deur My Woord, wat die ewige waarheid is en sal ook as sodanig erken word, so gou as wat julle in My glo. Maar deur My Woord wil Ek ook bewyse lewer aan die ongelowiges deur dinge te voorspel wat hulle sal ervaar en wat hulle dus in staat sal stel om My waarheid te erken. Terselfdertyd sal Ek hulle ook die bewys van My almag gee, want die komende gebeurtenis sal nie deur mense bereik word nie, maar sal geheel en al My werk wees en daarom sal dit baie mense help om in My te glo.

Dit is die rede waarom Ek My knegte opdrag gee om My voorspellings ver en wyd te uit te dra, want My Liefde geld vir diegene wat nie in staat is nie of wat swak in die geloof is, en ten einde hulle te help, sal Ek Myself vooraf sigbaar manifesteer nadat Ek dit vooraf aangekondig het. Ek verleen die genade om My Woord te hoor aan diegene wat dit wil ontvang, wat My en My Woord met hul hele hart begeer en hulle nederig aan My wil onderwerp. Hierdie genade stel egter die persoon in staat om volwasse te word as hy in homself gevolg daaraan gee. En My Woord is die mees doeltreffende middel van genade, want die siel van iemand wie My Woord het en daarvolgens leef, sal ten volle volwasse kan word op aarde.

Julle moet dus dankbaar wees dat julle My kan hoor deur middel van `n persoon wat My toelaat om met hom te praat, wie dus in My glo, in My werk, My Liefde en almag en wie dus innerlik luister na wat Ek vir hom sê. Julle moet hom nie hoor nie, maar hoor My in elke Woord wat julle bereik, julle moet sorg dat die genade van krag word in julle, julle moet sterk in die geloof word en probeer om julle medemens te motiveer om geloof te kry deur hulle in te lig van die hemelse Vader se sorg vir Sy kinders wat geval het en wat nie meer in staat is om Sy stem te hoor nie. Maar julle moet My diensknegte as My boodskappers ontvang wat die genade van God aan julle wil oordra, wat vrede aan julle wil bring indien julle van goeie wil sal wees. Gee aandag aan hulle woorde en julle sal My stem hoor, voldoen daaraan en onderwerp julleself aan My wil. My knegte is egter geseënd en word deur My voorberei, want hulle werk in My wingerd.

Amen.

Selfkennis - Arbeid aan die siel - Genade - nederigheid

B.D. No. **3244**
4. September 1944

Dit is `n groot risiko vir die mens wanneer hy homself in die voldoening van die eie ek oorgee, as hy dink dat hy geestelik baie hoog ontwikkeld is en homself dus nie ken nie. Want dan kort hy nederigheid, wat hy teenoor God sal moet betoon, indien hy Sy genade wil ontvang om verder te kan ontwikkel. Slegs iemand wie hom klein waan, sal omhoog wil streef, slegs iemand wat swak voel, sal vra vir krag en as hy die hemelse Vader nederig in gebed nader, kan krag aan hom gegee word.

Die mens moet voortdurend werk om homself te verbeter en dit kan slegs plaasvind indien hy homself as onvolmaak beskou, as hy bewus is van sy foute en swakhede en poog om dit van hom af weg te werp. Elke tree na volmaaktheid sal moeisaam geveg moet word, want om teen jou eie foute en swakhede te stry, verg `n stryd teen jouself, teen jou begeertes, teen jou verlange na die wêreld, teen materiële besittings, teen jou bose instinkte wat dit moeilik maak vir die siel om die gees te bevry.

En hierdie stryd is nie maklik nie, solank die liggaam nog eise stel wat belemmerend inwerk op die ontwikkeling van die siel. Maar eers sal die mens homself egter moet herken, hy sal moet weet wat God wil en in hoeverre sy eie wil nog teen die Wil van God gerig is, hy sal moet weet dat God `n volledige transformasie tot liefde verlang, en hy sal moet bedink wat hierdie verandering tot liefde beteken, naamlik dat daar geen bose gedagtes in die mens mag ontstaan nie en daar dus geen bose daad uitgevoer mag word nie, dat elke opwelling in die menslike hart deugsaam en sag moet wees, dat alle slegte gewoontes bestry moet word en dat die mens homself moet leer om sagmoedig, vredeliewend, geduldig, barmhartig en nederig te word.

Hy moet homself steeds voortdurend waarneem en oor en oor sal hy swakhede en gebreke vind, indien hy die arbeid om homself te verbeter, ernstig opneem. Hy sal nie tevrede wees met homself,

solank as wat hy op aarde lewe nie, want hy sal nie op aarde so volmaak word, dat hy niks meer sal hê waarmee hy homself sal kan kritiseer nie. Hy sal na volmaaktheid moet strewe solank as wat hy lewe en hy sal dit slegs kan doen as hy van sy onvolmaaktheid bewus bly, as gevolg van sy streng selfkritiek en solank as wat hy absoluut vasberade bly om die weg omhoog te gaan. En daarom moet hy uiters nederig bly en homself en sy werk gering ag en des te ernstiger vir die toestuur van genade vra, sodat God se krag na hom kan vloei en hom in staat stel om die werk uit te voer om sy siel te verbeter, want God skenk Sy genade aan die nederiges.

Amen.

Behoeftige siele - Berou - Liefdevolle hulp

B.D. No. **3256**
15. September 1944

Wanneer julle mense jul aardse lewe beëindig het en die geesteryk binnegaan, dan sal die tyd van julle bestaan op aarde slegs as `n oomblik voorkom, sodra die herinnering aan van die oneindige lang tyd voor julle beliggaming as mens aan julle gegee word.

Dan sal julle ook die groot genade besef van die laaste stadium van julle ontwikkeling van julle siel, en hy wat dit benut het en wat toegang to die geestelike ryk verkry het, hy wat hom nie hoef te verwyt dat hy die genade van die aardse lewe onbenut laat verbygaan het nie, sal geseënd wees. Want die berou in die hiernamaals is dubbel pynlik, omdat die siel insien dat sy nie meer kan goedmaak wat sy op aarde nagelaat of versuim het nie.

Die berou in die hiernamaals is soveel meer pynlik wanneer die siel besef dat sy dit wat sy vermy het, of nagelaat het op aarde, nie meer kan regmaak nie, wanneer die siel bewus word van die ondenkbare lyding van die oneindige aardse weg en hoe maklik die kort lewe as mens in vergelyking daarmee was, en wat nie korrek gewaardeer was nie. Die siel se berou oor `n verkeerd geleefde aardse lewe is so pynlik en depressief dat dit in sigself veroorsaak dat die siel boete doen en dit vererger haar pynlike situasie, tog is die fisiese lewe met sy vele moontlikhede nou verby en die siel sal nou die gevolge van haar aardse lewenswyse moet aanvaar. Sy sal nou haar ontwikkelingsproses in die hiernamaals moet voortsit, maar met baie meer probleme as op aarde, solank sy nie toegelaat word om die ligryk te betree nie.

Julle mense ken nie die angs van so `n siel wat nog in duisternis is nie en die barmhartige liefde wat sy benodig om hulp te ontvang nie. Julle almal behoort medelye te hê met sulke siele, julle moet in liefde aan hulle dink, andersins kan hulle nooit verlos word nie, want hulle is te swak sonder hulp, want slegs liefde kan aan hulle krag gee en hierdie siele hoop en vra vir hierdie liefde van mense, aangesien die liggeeste eers hierdie siele kan help wanneer hulle bereid word om ander siele te help. Ten einde hierdie gewilligheid te laat ontwaak, moet hulle wil versterk word en slegs die krag van die mense op aarde se liefde vir hulle kan dit bereik.

Verlore siele, dus hulle wat die aardse lewe nie korrek benut het nie, of wat heeltemal sonder `n geestelike strewe op aarde geleef het, is in die grootste nood, want hulle is totaal kragteloos en het `n heeltemal verswakte wilskrag. Om hierdie siele te help, is een van die grootste liefdeswerke wat die mens kan verrig. Hy moet voortdurend vir hierdie siele bid en moet hulle geestelik aanmoedig om in liefde werksaam te word, selfs in die hiernamaals. Oor en oor moet hy hulle aanmoedig om lief te hê, hy moet geestelik met hulle kommunikeer met sy liefde en krag aan hulle skenk, wat vertroostend sal wees vir die siel, want dit sal haar toestand van lyding verlig. En die siele sal ewig dankbaar wees vir die mense wie se liefdevolle hulp hulle verlos het uit hulle smartlike toestand, sodra hierdie siele self in die verlossingswerk kan deelneem, sodra hulle die lyding van ander siele kan help verlig deur geestelike kennis aan hulle oor te dra wat hulle eerstens self moes bekom het.

As gevolg van hulle wil om behulpsaam te wees, word hulle grootste nood bevredig en hulle berou sal verminder met dieselfde tempo as wat hulle gewilligheid om behulpsaam te wees, sal toeneem. Want nou verstaan die siel dat sy in die geestelike sfeer benodig word en in haar entoesiasme vergeet sy van haar eie lyding. Sy streef nou om geestelike waardes te vergaar, sodat sy dit weer kan deel, sy

het `n nuwe sfeer van aktiwiteit vir haarself geskep en poog nou om op te maak vir dit wat sy op aarde verwaarloos het, naamlik om liefde te gee. En nou kan sy haar ontwikkelingsproses voortsit in die geestelike sfeer, danksy die hulp van mense se liefdevolle gedagtes op aarde, vir wie sy ewiglik dankbaar sal wees.

Amen.

Behoed ons teen versoeking en verlos ons van die Bose

B.D. No. **3257**
16. September 1944

Behoed ons wanneer ons versoek word. Lei ons wanneer ons bekoor word, so moet julle altyd bid, wanneer die wêreld dreig om julle van julle geestelike strewe af te bring en julle in gevaar raak om `n prooi te word van die prikkels daarvan. Want dit is `n versoeking wat oor julle kom om julle wil te beproef, dit is `n versoeking waaraan julle altyd blootgestel is, omdat julle weerstand beproef moet word en wat julle egter steeds sal kan deurstaan wanneer julle onder God se beskerming invlug, wanneer julle Hom aanroep vir krag om te weerstaan.

Die teenstander trag om julle steeds weer van God te vervreem en sy middele is gevaarlik, want dit is aangenaam vir die sinne van die mens en daarom verg dit steeds `n stryd van die siel om hom te weerstaan. Maar God se hulp is vir julle ook verseker, wanneer julle julleself aan Hom toevertrou en om Sy leiding vra.

Amen.

Doel van ‘n vroegtydige dood

B.D. No. **3258**
16. September 1944

Voortdurend word die mense herinner aan die verganklikheid van aardse dinge en hulle word aanhoudend gekonfronteer met die dood wanneer tallose mense vroegtydig sterf en hulle magteloos staan in die lig van sulke gebeurtenisse wat smart en ellende oor die mense bring. Maar nog verander hul gesindheid nie en dink hulle nie na oor die eintlike oorsaak van die lyding en die ontydige dood van mense nie. Daarom sal die smart steeds pynliker vorme aanneem. Die mensdom sal die komende wêreldgebeure vol ontsetting volg en verstyf van skok oor die omvang van die rampspoed wat hulle gaan verswelg, want hulle vra daarvoor, aangesien hulle hulleself nie wil verander nie en hulle kom glad nie onder die indruk van die ellende van die tyd nie en sal dus geen voordeel daaruit trek vir hulle siele nie.

En daarom gebruik God die sterkste middele om hulle wakker te skud uit hul traagheid, want ten spyte van mense se wêreldse en liggaamlike lyding, sal hul siele harteloos bly, sal hulle onverskillig bly teen die houe van die noodlot, andersins sou hulle gepoog het om te verander, indien hulle kennis sou gehad het dat hul geestelike houding die oorsaak is van die toenemende smart op aarde.

Vandaar moet baie mense vroegtydig van hierdie lewe vertrek, omdat `n langer lewe hul siele eerder tot nadeel as tot voordeel sou strek, want hulle sou hul geloof heeltemal verloor en slegs sorg gedra het vir hul fisiese bestaan. Ten spyte van hul gebrekkige toestand van voltooiing, laat God dit toe dat tallose mense hul liggaamlike lewe verloor, om hulle agteruitgang te verhinder, om hulle nog die geleentheid te gee om ten volle volwasse te word in die hiernamaals, want die toestand op aarde is nie vir hulle verborge nie en hulle kan ook die ontwikkeling daarvan waarneem en bewus raak daarvan dat, deur die verwaarlosing van hulle siele, deur `n verkeerde lewenswandel, deur ongelowigheid en liefdelose denke, die mense self verantwoordelik is vir die ernstige lyding op aarde.

Ook kan die mense wat reeds vroegtydig deur God weggeroep is vanaf die aarde, nog tot insig kom wanneer gekonfronteer word met die dood, hulle kan nog waarlik verenig met God, hulle kan nog gereinig word deur intense lyding en dan `n verhoogde graad van volwassenheid bereik wat hulle nie met `n langer lewe op aarde sou bereik het nie, en dan word `n vervroegde vertrek vanaf die aarde tot seën vir hulle. En ongeag hoe groot die aardse lyding ook al is, dit is maar net `n middel tot voordeel

van die siele, maar word deur weinig mense as sodanig ingesien. Die omvang van die lyding is bedoel om hulle weg te rig na God, wat elke nood verdryf, indien die mens gelowig vir Sy hulp wag. Waar hierdie geweldige lyding egter ook onsuksesvol is, wanneer die mense Hom vergeet en daardeur in die grootste gevaar verkeer om totaal op die afgrond af te stuur, beëindig God menige aardse lewens en laat Hy skynbaar onmenslike rampe toe, want Hy dink verewig aan die mense se siele en sy oogmerk is om hulle te red, ofskoon die liggaam as resultaat sal vergaan, want God doen nooit iets verkeerd nie, maar net wat goed en tot seën is vir die siel van die mens.

Amen.

Noodlot - Vrye wil - God se wil

B.D. No. **3259**
18. September 1944

Die mens kan geestelike voordeel put uit elke situasie wanneer hy poog om dit te assosieer met God se wil en dit beskou as noodsaaklik vir sy ontwikkeling. Maak nie saak wat met `n persoon gebeur nie, God het die persoon se wil van die begin af geken, en hy vorm dus sy lewe volgens Sy wil, maar Hy maak ook altyd gebruik van die persoon se eie wil as die basis van sy lot, dus is die menslike wil in ooreenstemming met die goddelike wil, in soverre God die lot van die lewe so bepaal dat die mens se wil nogtans sy eie is, of, met ander woorde, God gee sy goedkeuring aan enigiets wat die mens wil hê, maar die gevolg van wat die menslike wil bereik, stem ooreen met Sy plan van die ewigheid en dien die persoon tot geleentheid vir volwassewording, aangesien die gevolg van elke gedagte, woord en aksie nie deur die mens se wil afgedwing kan word nie.

`n Persoon kan dus sy wil te alle tye aanwend, hy kan sy lewenslot vorm volgens hierdie wil, maar hy kan nooit die uitkoms met sekerheid bepaal nie, want dan sal die sogenaamde noodlot van krag raak. Alles vind plaas volgens God se wyse en voorafbepaalde plan van ewigheid. Maar nietemin kan vrye wil nie betwis word nie, die mens sal altyd `n onafhanklike denkende en begerige wese wees wat ook die lewenskragtige energie tot sy beskikking het om sy gedagtes en bedoelings in werking te stel, terwyl die rigting van sy hele aardse lewe, wat God vir Homself voorbehou, slegs betrekking het op die skepping van geleenthede vir die ontwikkeling van die siel. Omdat die mens se betekenis en doel op aarde gaan oor die transformasie van sy wil, van sy innerlike wese, aangesien die aardse lewe aan hom gegee is sodat sy siel volwassenheid kan bereik, sal God in Sy liefde ook altyd die middele en maniere aan hom toon om dit te bereik, en Hy sal hom so in die lewe plaas, dat hy altyd en van elke gebeurtenis `n voordeel vir sy siel kan kry. Maar as die lewe op aarde egter geheel en al ooreenstem met die persoon se wil, sal sy siel nooit volwasse word nie, veral as hy materialisties georiënteerd is en slegs probeer om voordeel te trek vir die liggaam.

Gevolglik moet God die effek verminder of verander waarna die persoon doelbewus na streef en uitvoer, ten einde `n konstante stryd vir die persoon te begin, want die mens bereik slegs volwassenheid deur stryd. Selfs dan pas goddelike wil Homself aan by die mens se wil, Hy laat hom toe dat hy dit uitvoer en beperk nie sy onafhanklike denke en aktiwiteit nie, maar Hy help waar die menslike wil van voorneme is om iets te bereik wat nadelig sal wees vir sy siel, sodat hierdie prestasie nie sal lei tot die gewenste wêreldse sukses nie, maar dat hy, deur sy mislukkings, moet leer om die wil van `n hoër Mag te herken, omdat die erkenning Hiervan reeds `n voordeel vir sy siel is.

Maar in `n geestelike opsig sal God nie beperkings op die mens se vrye wil plaas nie, in `n geestelike opsig sal sy wil onaantasbaar bly en die gevolg sal ook dienooreenkomstig wees. Want die gevolg is reeds die volwassewording van die siel, wat nooit sal toeneem of verminder deur goddelike wil nie, maar is geheel en al afhanklik van die mens se vrye wil. Elke aardse situasie kan deur die mens gebruik word om geestelik volwasse te word, as sy wil maar net daarna sal streef om voordeel vir sy siel te kry. En dan sal God hom altyd seëning op seëning gee, want as die vrye wil na Hom gekeer het deur die strewe om eerstens sy siel te verbeter, dan sal God hierdie siel toenemend meer wek en haar ook die krag gee om sterk te bly in die aangesig van die teenstander. Dus, in `n geestelike opsig, is die menslike wil heeltemal vry, maar selfs in ‘n aardse opsig kan daar van vrye wil gepraat word, selfs al word die bestemming gevorm volgens goddelike wil, aangesien God die mens se

wilsrigting van ewig af geken het en, dienooreenkomstig, hoe sy lewe sou verloop. Wil en totstandbrenging en gevolg moet onderskei word, die mens kan wil en tot stand bring volgens sy wil, en tog is die gevolg God se voorreg, op grond waarvan die mens vervolgens glo om aan bande gelê te word en onderhewig is aan sy lot, want hy weier om `n Kontroleerder van sy lot te erken. Tog is al die gebeure in die hemel en op aarde onderhewig aan die leiding van die Een Wie alles onderhou, Wie in beheer is van alles in Sy hoogste Wysheid.

Amen.

Vroeë dood - Die barmhartigheid van God-Hoë ouderdom

B.D. No. **3260**
18. September 1944

God se wil bepaal in welke graad van geestelike volwassenheid die mens teruggeroep sal word vanuit sy aardse lewe na die geesteryk. Dit is ook `n skynbare onregverdigheid wat die opvatting van die mense versterk dat God bepaalde mense uitgekies het om geseën te word, terwyl ander weer moet ly deur van God verwyder te wees. En tog is hierdie siening heeltemal verkeerd, want goddelike Liefde en Wysheid ken altyd die wil van die mens en beëindig daarom ‘n lewe wanneer hoër ontwikkeling op aarde twyfelagtig is.

In die gebonde toestand, vóór die beliggaming as mens, was daar slegs progressiewe ontwikkeling, totdat die geestelike wese se graad van volwassenheid gereed geword het vir hierdie laaste beliggaming. Nou maak die vrye wil van die mens egter self sy eie besluite en ontwikkeling kan verder gaan, staties bly, of selfs agteruitgaan, en weer kom dit daarop neer of die mens as sodanig reeds sy aanvanklike graad van geestelike volmaaktheid verhoog het en dan in gevaar is om tot stilstand te kom, en of hy op dieselfde vlak bly staan het as in die begin van sy beliggaming en in gevaar is om agteruit te gaan. In daardie geval is dit steeds `n werk van God se barmhartigheid wanneer die mens teruggeroep word, wanneer hy die hoogtepunt van sy ontwikkeling op aarde bereik het, dus wanneer die liefde van God hom beskerm om verder agteruit te gaan, of dat hy nie sy siel sal bevorder gedurende ‘n verlengde lewe nie, want sy skuld neem toe, hoe meer hy sy beliggaming se tyd van genade verkeerdelik gebruik.

Die mens kan vorder gedurende sy jeugjare en dan sy strewe beëindig en die tot nou toe verkreë ontwikkeling kom dus tot ‘n stilstand en dan roep God hom terug en gee aan hom verdere moontlikhede in die hiernamaals om homself te voltooi. Maar die mens kan egter ook in latere jare sy wil verander en sy nog gebrekkige ontwikkeling kan dan `n skielike verbetering ondergaan en sodoende kan hy `n hoë graad van volwassenheid bereik, ofskoon hy voorheen `n lang tyd laat verbygaan het, sonder om aan sy siel te dink. In daardie geval sal God hom `n lang lewe skenk, want God ken die wil van die mens al van ewigheid af en vorm sy lewe dienooreenkomstig, want elke mens se lot word goed oorweeg deur die Liefde en Wysheid van God en is nooit afhanklik van God se willekeurige gebruik van mag nie.

God sal geen geleentheid tot volwassewording op aarde van die mens weerhou, indien hy daarvan gebruik wil maak nie. Maar die mense slaan min ag op sy barmhartigheid en is onwillig om hierdie betrokke inligting te aanvaar. En omdat God sedert ewigheid weet welke mense besonder afwysend teenoor Hom staan en omdat Hy ook weet wanneer die mens die hoogste graad van sy ontwikkeling op aarde bereik het, is ook die duur van sy aardse lewe sedert ewigheid vasgelê, en varieer dit, afhangende van wat die goddelike Wysheid as doeltreffend en suksesvol beskou.

Maar nooit sal God `n lewe op aarde wat die mens `n hoëre volwassenheid beloof, vroegtydig beëindig nie, want God se liefde is verewig besorg dat die mens die hoogs moontlike volwassenheid sal bereik op aarde en nooit sal Hy `n moontlikheid van die mens weerhou wat nog volkome volwassenheid tot gevolg kan hê nie. Dog ken Hy van ewigheid af elke opwelling van die menslike wil en Hy beskerm die siel van `n algehele verlating, dit is van sekere agteruitgang wat sou plaasgevind het as Hy die aardse lewe nie beëindig het nie.

Daarom sal diegene wat voortdurend strewe, `n hoë leeftyd bereik, terwyl hoë ouderdom terselfdertyd ‘n bewys is van `n langsame hoër ontwikkeling, al is dit nie vir ander mense sigbaar nie. `n Lang aardse lewe is altyd `n barmhartigheid, maar ook lewer ‘n kort lewe `n bewys van God se liefde, wat verewig werksaam is, alhoewel dit nie altyd deur die mens herken word nie.

Amen.

Eindstryd met of sonder Jesus

B.D. No. **3261**
19. September 1944

Die gelowige Christen, dus die mens wat in volle geloof in die goddelike Verlosser en Sy werk op aarde lewe, sal in die komende geloofstryd groot verligting ondervind, want die barmhartigheid van die verlossingswerk sal duidelik na hom toestroom, d.w.s. die sterkte van die wil en dus ook die krag om die teenstander te oorwin, in diegene wat in die geloofstryd die maatreëls sal uitvoer teen die gelowiges.

Die geloof in Jesus is die sterkste wapen en die vrees vir die vyand sal ver weg bly van elkeen wat diep en vas in Hom glo, want Sy beskerming en Sy Liefde sal syne omvou, naamlik die mense wat aan Hom getrou sal wees en wat alle wedervarings op hulself sal neem terwille van Sy Naam. En Hy sal hulle help, ook in aardse nood en benouenis. Hy sal hulle gee wat hulle vir hulle liggaam nodig sal hê.

Hy sal hulle die krag gee om vol te hou, Hy sal hulle Sy woord gee, regstreeks of deur tussenpersone en Hy sal ook die ontvangers van die woord beskerm en aan hulle die gawe verleen om te spreek, hulle wat steeds en oral die pad aangewys sal word wanneer die aardse mag hulle tot verantwoording sal roep. En daagliks en elke oomblik sal Hy met Sy hulp gereedstaan en hulle deur alle gevare van siel en liggaam heen lei.

Maar vir hulle by wie die geloof in Jesus ontbreek, sal die geloofstryd baie las besorg. Dit is die mense wat nie heeltemal ver van God af staan nie, wat wel glo in `n hoër Mag, voor Wie hulle hulself eendag sal moet verantwoord, wat hierdie Mag dus ook erken, deurdat hulle vrees om Jesus te verloën, maar wat geen verbintenis met Jesus het nie, wat Sy verlossingswerk in twyfel trek, die wat Jesus as Verlosser van die wêreld en as Seun van God dus sal verloën. Hulle sal in erge nood raak wanneer hulle `n besluit moet neem, want die krag om alles te verdra wat teen die gelowiges onderneem word, sal by hulle ontbreek. En hulle sielenood sal toeneem wanneer hulle die krag van die geloof van die Christene sal sien en sal nie met oortuiging in Jesus Christus kan glo alvorens die kennis oor die betekenis van die verlossingswerk tot hulle deurgedring het nie.

En daarom sal hulle wat in Jesus glo, die taak hê om hulle te onderrig en in liefde te help om in Jesus Christus te glo. En daarom word, deur die woord van God van bo, steeds weer mense tot die regte insig gebring en sodra hulle die wil sal hê om hulle medemens te help, sal die gawe om te kan spreek ook aan hulle gegee word wanneer die nood van die tyd en van die mense dit vereis, want die geloof in Jesus Christus is in die eindtyd nie eenkant te skuif nie. Slegs Hy gee aan die mense die krag om vol te hou en sonder vrees met die stryd aan te gaan. Maar hierdie stryders vir Jesus sal nie oorwin word nie, ondanks die groot mag van die teenstander, want Jesus Christus Self lei Sy leër en Hy voorsien hulle waarlik van die beste wapens wat `n waarborg sal wees vir `n volledige oorwinning, ofskoon die getalle van Sy stryders klein sal wees en erge haat vanaf die teenstander na hulle toegeslinger gaan word.

Maar wie hierdie stryd sonder Jesus aangaan, sal die gevaar loop om omvêrgewerp te word, hy sal nie by magte wees om weerstand te bied en die klein geloof in Jesus wat hy besit, te behou nie, hy sal mismoedig word deur die hardheid van die lewe wat die diep gelowige mens op homself moet neem. En uiteindelik sal hy afvallig word, want hy sal heeltemal kragteloos wees, sodra hy geen aanspraak kan maak op die barmhartigheid van die verlossingswerk nie. En daarom moet hy in Hom kan glo, hy moet homself in volle geloof met God verbind en Hom terwille van Sy erbarmende Liefde vra vir krag en barmhartigheid.

Dit sal `n sware stryd wees vir die gelowiges, maar nie sonder hoop nie, want waar God stry is die sege ook gewaarborg. Maar God en Jesus is Een. En tot hierdie geloof, tot hierdie insig moet julle, julle medemens help om te kom, julle wat deur God Self onderrig sal word, omdat dit vir julle maklik sal wees om sigbaar werksaam te wees, daar waar die diepste onwetendheid nog heers.

Dit is die taak waartoe God julle geroep het en wat julle steeds weer sal moet uitvoer, sodat die laaste stryd suksesvol kan wees vir baie mense by wie die diepe geloof nog ontbreek, want God het erbarming met elke siel wat Hom geen weerstand bied nie en daarom stuur Hy Sy boodskappers aan hulle wat hulp nodig het.

Amen.

Nuwe wonders in die skepping van die nuwe aarde

B.D. No. **3264**
22. September 1944

In elke afsonderlike ontwikkelingsperiode word die geestelike substansie gebonde gehou, totdat dit die volwassenheid kan bereik wat nodig is vir die laaste beliggaming as mens. As dit dan in die vorige fase van ontwikkeling as ‘n mens gefaal het, moet dit weer in die gevangenskap van harde materie die weg deur die mineraal-, plante- en dierewêreld gaan, totdat dit weer ‘n mens kan word. Die geestelike substansie, daarenteen, wat in hierdie tydperk nog nie die laaste stadium bereik het nie, maar wat deur God vrygelaat word deur die laaste vernietiging van die aarde, sal weer gekluister moet word in uiterlike vorms wat sal ooreenstem met sy graad van volmaaktheid, dus sal die onderbroke weg van ontwikkeling voortgesit word in die nuwe ontwikkelingsperiode op die nuwe aarde.

Om hierdie rede sal die nuwe aarde ook weer van baie verskillende skeppings voorsien word, in werklikheid heeltemal nuwe en ander skeppings as die van die ou aarde. En so sal nuwe wonders in die skepping tot stand kom, wat vir die eerste mense wat die nuwe aarde sal bewoon, erken sal word as wonderwerke, as bewys van God se heerlikheid en as bewys van Sy Liefde, Wysheid en Almag. Mense sal uitermate verwonderd wees oor dit wat hulle op die nuwe aarde sal sien en in verwondering sal hulle God prys, liefhê en dank met hulle hele hart. En die siele sal voortgaan met hulle ontwikkeling.

Maar die substansie wat in die harde materie gekluister is, sal gekwel word deur sy gebondenheid en sal poog om te ontsnap. En na gelang van die sterkte van sy wil, sal hy slaag of faal, maar God hou rekening met die wil van die substansie en daarom sal die materie op die nuwe aarde uiters vas en solied wees, sodat die wil van die inherente gees versag sal word en sodoende ten slotte sy weerstand opgee. Gevolglik sal die geringste verandering van die wil die vorm losser maak, in aardse terme beteken dit dat, alhoewel die vaste materie buitengewoon hard sal wees, dit ook baie bros sal wees en sal dus maklik kan breek of uitmekaarbars sodra die wil van God ten doel het om dit los te maak van sy gevangenskap. Net so sal die ander skeppings ook ‘n korter lewensduur hê, omdat die transformasie van die geestelike substansie met ’n vinniger tempo sal voortgaan, wat inderdaad moontlik sal wees, maar wat nietemin sal afhang van die gees se gewilligheid om te dien. Die geestelike substansie word maar net toegelaat om sy finale beliggaming as mens vinniger te bereik as in vorige ontwikkelingsfases, solank as wat sy wil nie heeltemal teen God s’n is nie. En daarom sal die eerste mense op die nuwe aarde wonderwerke op wonderwerke belewe. Dit sal so `n diep indruk op hulle maak, dat hul liefde tot God steeds sal toeneem, omdat hulle deur hierdie liefde hulself steeds nog inniger met Hom sal verbind en in Sy genade sal lewe, maar hulle sal ook hierdie wonderwerke verstaan. Hulle sal weet dat dit slegs uitdrukkings is van God se oneindige liefde, Wie alle gees wil wen vir Homself en elke moontlikheid aan hulle bied om hulle wil te verander.

En dit sal vir `n lang tyd so aangaan, totdat die aanvanklike gebonde geestelike substansie in die plante- en dierewêreld, die stadium van beliggaming as mens bereik het. Daarna sal die kennis van die wonderwerke in die goddelike skepping geleidelik begin kwyn by die mense, die hunkering na die materie sal weer ontwaak en as gevolg van hulle eie hunkering na besittings, wat nog onvolwasse geestelike substansies bevat, sal Satan se invloed op mense weer sterker word. En dan sal die verbinding met God weer afneem en die stryd tussen lig en duisternis sal weer toeneem, wat in die

begin verdwyn het, omdat alles lewend op die aarde met sy eie vrye wil verlig was. Want die ontwikkelingsweg van die geestelike substansie bly altyd dieselfde gedurende elke periode. Die gees moet binne die vaste vorm lewe, totdat hy gewillig is om die weg van diening te gaan deur die skeppingswerk wat minder weerstand sal bied en dan moet hy dien totdat hy ‘n sekere mate van volwassenheid bereik het wat hom in ‘n posisie sal plaas waar hy met sy eie vrye wil sal kan dien, maar anders as in vorige stadiums, word hy nie langer gedwing om dit te doen nie. En in hierdie stadium mag hy nie faal nie, andersins sou die hele vroeëre proses van ontwikkeling tevergeefs gewees het. Die vrye wil van die mens beslis of dit sy laaste beliggaming op aarde sal wees en of dat hy weer die evolusionêre proses weer sal moet deurgaan, of hy na die lig sal draai in die laaste stadium en of hy homself deur duistere kragte gevange sal laat neem, sodat hy weer in die harde materie gekluister moet word vir eeue lange tye wat kom.

Amen.

Wedergeboorte, Gees - Genade

B.D. No. **3266**
23. September 1944

Die begenadiging van die geestelike wedergeboorte is `n bewys dat die vrye wil reg gebruik is, want die goddelike wil bewerkstellig nie hierdie wedergeboorte nie, anders sou geen mens in die duisternis van gees gebly het nie, omdat God elkeen van Sy skepsels liefhet en hierdie Liefde nooit afkoel nie. Die geestelike wedergeboorte is egter `n teken van vooruitgang. Dit is `n stap omhoog na volmaaktheid en kan slegs in vrye wil bereik word.

Tog is die geestelike wedergeboorte `n daad van genade. Dit wil sê, die goddelike genade het dit teweeggebring, want sonder genade is die mens nie in staat om ook maar `n tree verder te kom op die pad na volmaaktheid nie. Dus het die vrye wil die goddelike genade wat die mens ter beskikking staan, op die korrekte wyse benut. Hy het dit op homself laat inwerk. Die vrye wil het dit begeer en in ontvangs geneem en die uitwerking van die goddelike genade is die geestelike wedergeboorte.

Slegs diegene wat sy wil bewustelik op God gerig het, kan dus wedergebore in die Gees wees, wat op Hom afgestuur het en met Hom in verbinding getree het deur innige gebed en wat hom daarom oopgemaak het vir die ontvangs van Sy genadegawe, van Sy Woord en met die krag van Sy Woord. En gevolglik is die opwekking van die gees in die mens `n begenadiging, `n sigbaar word van die goddelike Liefde, wat Haar nou aan die mens deur sy gees openbaar. Sonder die wil van die mens kom die opwekking van die gees nie tot stand nie, tensy die siel gebind word deur `n sterk mag van die Satan wat hom teen sy wil beheer.

Dan kan God die mag van Satan breek en die gees in die mens bevry sonder sy bewustelike toedoen, omdat hy in sy besete toestand van sy vrye wil beroof is. Tog het die siel dan al `n sekere volwassenheid bereik en is nie meer teen God wederstrewig nie. Sodra hierdie mens dus weer oor sy wil kan beskik, wend hy hom ook na God. Dan word die genade van God nog duideliker, omdat tesame met die opwekking van die gees, `n siektegenesing verbonde was wat steeds as barmhartigheidsgeskenk van God gesien moet word. Maar wanneer die geestelike wedergeboorte plaasgevind het, dan moet die wil van die mens voortdurend aktief bly. Die mens moet voortdurend om die toevoer van genade vra. Hy moet homself voortdurend vir hierdie genade oopstel en dit benut. Want die opwek van die gees beteken eintlik `n voortdurende ontvangs van dit wat die Liefde van God die mens laat toekom om volmaaktheid te bereik. En dit alles is genade, maar kan eers deur die mens in ontvangs geneem word wanneer hy hom in volledige vrye wil daarvoor oopstel.

Die vrye wil vra om genade, die vrye wil neem dit in ontvangs, die genade wek die gees tot lewe en die doeltreffendheid van die gees is weer die oordrag van genadegawes. Want al die goddelike, as dit vir die mens toeganklik gemaak word, is genade, omdat die mens in sy lae toestand van volmaaktheid nie waardig is om met goddelike gawes in aanraking te kom nie. Maar die Liefde van God skenk geen aandag aan die onwaardigheid van die mens nie en verleen aan hom goddelike gawes, sodra die mens gewillig raak om dit aan te neem.

Die wil word deur gebed en deur werke van liefde getoon. Want die laaste is die direkte verbinding met God wat aan die mens versterkte genade oplewer. As die mens geestelik wedergebore is, dan het die genade van God by hom werksaam geword en dan bly die mens ook in Sy genade. Want die Gees stuur en lei hom nou en spoor hom voortdurend aan om werksaam te wees in liefde, met die gevolg dat die genade van God hom voortdurend toestroom. En daarom kan iemand wat geestelik wedergebore is, nie meer val nie. Hy kan homself nie meer van God verwyder nie, omdat die goddelike genade dit verhinder, naamlik die Liefde van God wat die mens vashou en voortdurend voorsorg.

Die mens verdien waarlik nie die oordaad van genade wat hom ter beskikking staan nie. Want hy is, solank as wat hy op aarde vertoef, nie so goed en volmaak dat hy met reg aanspraak sou kan maak op die genade nie. Maar hy kan wanneer hy die genade benut. Want dit is die hulpmiddel wat die mens ter beskikking staan om volmaak te word. Alles wat daartoe bydra om die mens positief te ontwikkel, kan genade genoem word.

En so is leed ook `n genade, wat as dit reg gebruik word, oneindig baie seën kan bring en die siel verseker van geestelike vooruitgang. Ook die mens wie se gees tot lewe gewek is, wat dus geestelik wedergebore is, moet leed op homself neem. Want die leed moet hom heeltemal volwasse laat word en moet hom louter, omdat geen siel - ook nie van die geestelike wedergeborene nie - al so helder en rein is dat hy geen louteringsproses meer nodig sou hê nie. En daarom word leed ook as genade beskou, soos alles wat ook die geestelike opgewekte help om homself positief te ontwikkel. Want die doel van die een wat geestelik wedergebore is, moet wees om die grootste moontlike volmaaktheid op aarde te verkry.

Maar hierdie doel kan hy nie sonder die genade van God bereik nie. Maar met Sy genade is hy tot alles in staat. Maar God laat dit aan hom oor hoeveel genade hy wil hê, welke mate van genade hy vra en wil ontvang deur homself daarvoor oop te stel. Maar die geestelike wedergeborene sal nie in die gebed verslap om toesending van genade nie. En daarom sal hy voortdurend op God aanstuur en deur Sy Liefde vasgehou word, wat hom nou nooit as te nimmer meer sal laat val nie, maar wat sy siel onophoudelik sal help om opwaarts te gaan.

Amen.

Naasteliefde die gebod - Eieliefde

B.D. No. **3272**
27. September 1944

Deur die gebod van naasteliefde moet daar `n halt geroep word aan die eieliefde, want dit is die dood van die siel. Die mens mag in `n geringe mate van homself hou. Dit wil sê, dat hy in soverre noukeurig met die barmhartigheidsgeskenk van God moet omgaan, dat hy sy lewe sal beskerm teen moedswillige skade en alles sal doen om hierdie lewe in stand te hou, omdat dit hom nie as nutteloos gegee is nie. Sodra hy egter besonder baie van homself begin hou, kom hy nie die eintlike lewensdoel van sy lewe na nie. Want eieliefde veredel die mens nie, inteendeel, dit trek hom af. Maar die naasteliefde moet onvermydelik die eieliefde kleiner maak en wel in dieselfde mate as wat die liefde tot die naaste beoefen word. En omdat die mens die moontlikheid het om op die mees omvangryke manier naasteliefde te beoefen, sal dit die eieliefde spoedig veelvoudig kan oortref. Maar daarvoor is `n oorwinning nodig, naamlik om aan die naaste goed te doen, wanneer die liefde in die hart van die mens nog nie tot `n helder vlam ontbrand het nie. En daarom het God die gebod van naasteliefde gegee, maar die mens wat egter liefde in homself het, het die gebod nie nodig nie.

Waar die eieliefde egter nog die oorhand het, moet die mens deur die gebooie aangespoor word om teen eieliefde te veg. Hy moet in `n sekere sin daaraan gewoond raak om minder aandag aan homself te skenk ter wille van sy medemens. Dwing hy homself tot werksame naasteliefde - al is dit in die begin ook sonder innerlike drang - dan sal dit spoedig die liefde in hom laat ontbrand en hy sal dan die werke van liefde verrig uit ’n innerlike aandrang om te help en gelukkig te maak. En dan word die eieliefde kleiner en bewys hy aan homself die grootste daad van liefde, want hy red sy siel, maar sonder selfsugtige gedagtes, want hy werk in liefde ter wille van die liefde en die goeie. En dus groei

die liefde tot God ook in hom, wat in die liefde tot die naaste tot uitdrukking kom, want om God lief te hê met jou hele hart is om Sy gebooie na te kom. En sy gebooie verg liefde. Liefde vir alles wat God geskep het, op onbaatsugtige wyse, want die eieliefde soek net eiebelang en is derhalwe nie goddelike liefde nie. En as die mens nie die eieliefde bestry nie, sal hy voortdurend agteruitgaan in sy ontwikkeling, want die goddelike liefde bly dan vreemd vir hom. Maar slegs naasteliefde bring aan hom verlossing.

Die eieliefde wil alles besit, en dit soek slegs aardse goedere en verhinder derhalwe die ontwikkeling van die siel, want slegs hy wat gee, sal ook kan ontvang. Wie egter meer van homself hou as van sy naaste, sal ook niks wil uitdeel nie en daarom ook niks kan ontvang nie. Maar omdat God uitdeel, beantwoordend aan die wil van die mens om te gee, moet die mens eers deur die gebooie aangespoor word om te gee. En soos wat hy nou die gebooie nakom, so word hy ook deur God beloon. En daardeur word hy stadig opgevoed tot liefdadigheid, wat dan ook steeds onbaatsugtiger kan word, hoe meer die mens die eieliefde bestry. En dan eers sal hy ook die seën van naasteliefde besef, omdat dit hom des te gelukkiger maak, hoe meer dit die aandrang van sy hart raak. En des te meer sal die mens ontwaak tot lewe, terwyl die eieliefde hom verdoem om `n geestelike dood te sterf.

Die liefde moet beoefen word, as die gees in die mens lewendig moet word. En daarom het God hom die gebooie gegee, want die mens bly voortdurend in gevaar om teen die vyandige krag te verloor, wanneer eieliefde die oorhand het, terwyl hy steeds nader aan God sal kom, hoe meer hy homself verraai, dus die eieliefde oorwin. Want die liefde vir die naaste gee aan hom die onverdeelde Liefde van God, wat hom sal vashou en wat Homself met hom sal verbind en wat hom die gelukkigste wese op aarde sal maak en eendag tot in die ewigheid.

Amen.

Voorloper van Jesus - Barmhartigheidstyd

B.D. No. **3276**
1. Oktober 1944

Luister na die boodskap van God se Gees! `n Tydperk van barmhartigheid het aangebreek en julle sal die seëning daarvan voel, indien julle bereidwillig sal wees om te strewe na die koninkryk van God. Die ligwesens is natuurlik en voortdurend aan die werk om genadegawes vanuit die geestelike koninkryk oor te bring na die mense op aarde, ligwesens is op aarde beliggaam om die mens te dien as geestelike gidse gedurende die laaste dae, sodat die gedagtes van mense wat na God strewe, verlig sal word en daardeur sal hulle nader aan die waarheid kom. Die Liefde van God sal Haarself openbaar in tye van aardse nood, deurdat Sy hulp sal bring waar dit versoek word. Gelowige mense sal buitengewone dinge volbring en die krag van die geloof sal tasbaar word. Baie seëninge sal manifesteer, want die teenstander sal ook alle middele aanwend om geestelike benoudheid vir mense te veroorsaak en daarom wil God hulle sigbare hulp aanbied.

Gedurende hierdie tyd van genade sal daar `n man verskyn wie se gees van bo is, wie se siel heeltemal verenig sal wees met sy gees en wie daarom ook sal spreek wat die gees aan hom onthul, naamlik die absolute waarheid in die mees helderste vorm. God Self sal deur hom spreek en hy sal die mense vermaan om vol te hou en hulle daarteen waarsku om Hom nie op te gee nie. En hierdie redenaar is die Voorloper van Jesus en wanneer hy verskyn, sal die koms van Jesus ophande wees. Hierdie man sal die maat van genade aansienlik verhoog, want hy sal geweldig ondersteunend wees vir die gelowiges en sal aan die ongelowiges geleentheid bied om te glo, want hy sal lewend wees met krag en mag en sal groot invloed uitoefen op mense wat na hom gaan luister. Sy woorde sal ontsteek en soos ’n veldbrand sprei deur die land waar hy gaan werk. Hy sal sonder vrees of skroom spreek, hy sal die mense inlig, hulle bedag maak en wys op die Koms die Heer in die wolke en op die Laaste Oordeel, tog sal weinig mense na hom luister, want die meeste mense sal God en Sy Gees nie meer wil ken nie, gevolglik sal hulle denkwyse totaal teenoorgesteld wees. Kortom kom dit daarop neer dat hulle nie die gawe van genade verstaan of gebruik maak daarvan nie, daarom sal die einde onafwendbaar wees, want die afgrond sal open en alles verslind wat God nie wil herken nie en wie Sy woord verwerp.

God gee onophoudelik en wat Hy gee is `n onverdiende gawe van genade wat ontwerp is om die mense te help om volwasse te word gedurende hierdie tye van nood. Of Hy leed of vreugde gee, dit sal die persoon altyd help om sy siel op te hef na God, dit sal altyd gerig wees op Hom, dit sal hom aanmoedig en lei op die regte pad en dit is altyd genade.

Wanneer hierdie man arriveer, sal die hoeveelheid genade vir die mense ook vermeerder, want hy sal deur lig omstraal word en die lig sal van hom uitstraal wat hy vanuit die geesteryk ontvang. Hy sal kennis versprei en sy woord sal uiterste wysheid en krag wees en sal maklik aanvaar word, omdat dit vol oortuiging aangebied sal word en ook verstaanbaar sal wees vir die mense wat hom opmerksaam aanhoor. Want God maak dit deur Sy liefde vir die mense maklik om te kan glo, deurdat Hy Sy bodes aan hulle stuur wat oor buitengewone krag beskik en wie daaraan al as bodes van die hemel herken kan word. Maar hy sal van alle kante aangeval word en slegs weiniges sal sy taak verstaan en by hom bly, slegs weiniges sal krag put uit sy woorde, maar hulle sal egter krag en barmhartigheid in oorvloed ontvang en sal in staat wees om die wêreldse konfrontasies te weerstaan, naamlik die vyandigheid wat nou openlik sal plaasvind.

Die laaste dae sal buitengewoon moeilik wees, maar ook buitengewoon barmhartig, want God sal Homself openbaar waar daar maar `n hart in nood verkeer wat haarself sal open om Sy genade te ontvang. Dus sal dit ook moontlik wees om in die laaste stryd op aarde te kan oorwin, dat die siel veilig en ongedeerd daaruit kan kom, dat sy die Ewige Lewe kan behaal indien sy voortydig van die aarde heengaan, of, as sy tot aan die einde volhard op die aarde, dat sy deur Jesus Self in lewende lywe weggeneem kan word om `n nuwe lewe op die Nuwe Aarde te begin.

Amen.

Het Jesus Christus alle mense verlos of is alle mense verlos?

B.D. No. **3277**
2. Oktober 1944

Die mense lees die woord, maar hulle verstaan nie die betekenis daarvan nie en so ontstaan verkeerde lering weens verkeerde interpretasies van die kant van hulle wat My wil dien, as hulle hulself nie vooraf met My verbind en eers vra vir ’n verklaring nie en wanneer hulle dit ontvang, hulle dit sonder weerstand sal aanvaar.

Die mense kom My woord doelgerig na dat Ek die mensdom van sonde verlos het deur My kruisdood, maar hulle verstaan nie die essensie van die woord nie, hulle verstaan nie die betekenis van die daad van verlossing nie. Gevolglik verstaan hulle ook nie wat die mens self moet doen om by die skare aan te sluit wat deur My Bloed van sondeskuld verlos is nie.

Ek het vir alle mense gesterf, met voorbehoud dat hulle My verlossingswerk sal wil aanneem. Ek het geen beperkings gestel nie, maar die mens stel grense waar My verlossingswerk nie erken word nie. En hulle sluit hulself buite die kring van diegene vir wie Ek aan die kruis gesterf het. Gevolglik kan slegs die sonde vir hulle vergewe word wat hulself toelaat om verlos te word deur hulle geloof in My en My dood aan die kruis, terwyl die ander wat My en My verlossingswerk verwerp, se sonde nie vergewe kan word nie, omdat hulle hulself nie deur My Bloed skoon laat reinig nie en omdat hulle nie tot diegene wil behoort vir wie Ek gesterwe het nie.

Weereens is die vrye wil van die mens deurslaggewend en Ek sal hierdie vrye wil eerbiedig. Indien die mense wie sonder geloof in My en My daad van Liefde, se sondeskuld vergewe moes word, dan sou die mens teen sy wil in `n toestand van vryheid geplaas wees. Maar dit is teen My ordening, want dan werk dit teen My geregtigheid sowel as My Liefde, aangesien die mens nie hierdie toestand sal gebruik om met My te verbind nie, ook sal hy nie berou hê oor sy sonde nie.

My woord is waarheid en nooit kan een onwaarheid daarin gevind word nie in die feit dat Ek vir alle mense gesterwe het, dat Ek alle mense verlos het van hulle sonde. Maar hulle vrye wil moet besluit of hulle verlos wil word, of hulle My werk van Liefde wil aanneem, want die wil bepaal Ek nie. Daarom kan die hele mensdom vry kom van sondeskuld, as hulle maar net in My verlossingswerk wil glo, soos

wat hulle egter ook in diepste duisternis en onderhewig aan hulle sondes is en sal bly as hulle My verwerp as Verlosser van die mensdom.

En om hierdie rede lewe die grootste deel van die mensdom nou in sonde, hulle is sonder vergifnis, omdat hulle My nie meer erken nie en daarom het My daad van Verlossing ondoeltreffend geword vir hulle. Gevolglik mag die "vergewing van sonde" nie verkeerd verstaan word nie, dit is nie van toepassing op hulle wat heeltemal apart staan van My nie, nie dat Ek hulle van My af wegdruk nie, inteendeel, hulle plaas die afstand tussen My en hulle en hulle vlug van My af weg, Wie hulle steeds nader en aanhoudend smeek om hulle siele. Ek stel `n geskenk van genade tot hulle beskikking wat hulle kan vrymaak van hulle sonde en skuld, maar as hulle dit verwerp, affekteer dit hulle nie en hulle skuld word hulle nie vergewe nie, want hulle behoort by diegene wat vir My teenstander stry teen My en wie daarom nog deur hom beheer word, totdat hulle hulself toelaat om deur My verlos te word.

En daarom is dit foutief om My verlossingswerk so voor te stel, as sou alle mense voordeel trek van dit wat hulle vrye wil wel kan verwerf, maar wat hierdie vrye wil netso kan weggooi deur verwerping deur heeltemal ongelowig te wees. Slegs die persoon wat My geskenk van genade aanneem, sal bevry word van sy sonde, want vir hom het Ek die skuld gedra, vir hom het Ek gely en die kruisdood op My geneem.

Alhoewel Ek wel vir almal gesterf het, neem almal My nie aan nie. Ek het elkeen se skuld op My skouers geneem, maar nie almal voel skuldig en plaas hulle las op My nie. En dus sal hulle ook nie van hulle skuld gereinig kan word nie, want dit is te enorm vir hulle om dit self te doen, omdat hulle nou ook nog hulle skuld byvoeg deurdat hulle My Liefde verwerp. Maar hoe kan hulle hoop dat hulle sondes vergewe sal word? Hoe kan die mense glo dat hulle van alle skuld verlos kan word, sonder hulle eie bydrae, sonder hul eie wil?

My Liefdesoffer aan julle, naamlik die reiniging van alle sonde deur My bloed, is 'n onbegryplike beduidende seëning vir julle mense, maar julle moet ook hierdie Liefde van My wil ontvang, julle mag dit nie verwerp nie, andersins sal dit geen effek op julle hê nie, andersins kan Ek nie die skuld van sonde verlos nie, andersins sal julle sonde by julle bly totdat julle van plan verander en My erken as julle goddelike Verlosser, Wie aan die kruis gesterf het om julle te verlos.

Amen.

Sondeskuld - God se erbarming - Soenoffer

B.D. No. **3278**
4. Oktober 1944

Op die mensdom het `n oormatige sondelas gerus toe Jesus na die aarde gekom het om hulle te verlos. Dit sal slegs vir diegene begryplik wees wat op hoogte is van die beweegrede van die aardse lewe as mens en van die sin en die doel van die skepping, naamlik die kennis dat die mens terwille van die sonde, die gang deur die skepping moes aflê en dat hulle nou, in hierdie laaste stadium, van hierdie sonde bevry moet word, om weer beslis na God terug te keer, van Wie hulle in die allereerste begin uitgegaan het. Maar die sonde kluister die mens op aarde, die sonde versper vir hulle die weg na God, dit maak dat die kloof tussen die mens en God onoorbrugbaar is en dus maak die sonde die doel van die aardse lewe tot niet, dit stoot die mens weer in die diepste diepte terug, waaruit hy hom al deur die gang van die skepping omhoog geworstel het.

Voor die geboorte van Jesus was die mensdom belaai met sondeskuld, want hulle het God nie meer herken nie, hulle was in `n duister geestelike nag, hulle was gespeen van alle liefde en sonder enige strewe na volmaaktheid, hulle was ontsettend ver van God af en daarom in die grootste gevaar om in die afgrond weg te sink, dus om sonder insig en sonder liefde die weg te gaan wat omlaag voer, na die ewige verdoemenis.

Die verwyderdheid van God het tot uiting gekom in `n lewenswandel wat heeltemal in stryd was met die goddelike gebooie, dit was `n lewenswandel wat ingedruis het teen die goddelike ordening, dit was `n lewe in die mees duidelikste vorm van eieliefde en so `n lewe was vol sonde en heeltemal gerig teen die wil van God. En so `n lewe kon die mens nooit meer die vrywording oplewer plus `n

geluksalige lewe na die dood nie, inteendeel was die gevolg daarvan `n geestelike dood, `n toestand in die hiernamaals van uiterste kwelling waar ewiglik geen einde aan kom nie, omdat die Geregtigheid van God vir elke sonde genoegdoening moes eis en die sondeskuld van die mense al onmeetlik groot geword het, sodat dit vir die mense `n hopelose saak was om ooit in die nabyheid van God te kom.

Maar die verwydering van God beteken vir die wesens kragteloosheid, onmag, duisternis en uiteindelik verharding van hul eie substansie; vir die wese beteken dit om geestelik dood te wees, `n toestand wat baie erger is as die niebestaan, naamlik om totaal opgelos te wees. Maar die vergaan van die wese is onmoontlik, dus is ook die kwellinge van hierdie wesens, wat onvoorstelbaar is, ondraaglik en nimmereindigend.

En dit het medelye opgewek by die ewige Godheid en Hy het die sondige mensdom te hulp gekom, deurdat die ewige Liefde Haarself in `n mens beliggaam het, Wie nou in Sy alles omvattende Liefde die sondes van die mensdom op Hom geneem het, Wie dus die mense daarvan bevry het, deurdat Hy boete gedoen het vir die sondeskuld, deurdat Hy vir God `n offer aangebied het as versoening, Wie Homself, dus Sy lewe gegee het om weer hul vryheid terug te gee, om vir hulle die Ryk van God toeganklik te maak, wat maar net in volledige suiwerheid betree kon word, sonder sonde. Dus het Hy die mensdom verlos van die sondeskuld, Hy het alle skuld op Hom geneem, Hy het onuitspreeklik gely daaronder en het Sy lyding en sterwe aan die kruis opgeoffer aan die ewige Godheid om Hom genoegdoening te gee, om `n regverdige vereffening vir die mens tot stand te bring, sodat hulle weer nader aan God kon kom.

En God het die offer van die mens Jesus aangeneem. Hy het die sondeskuld van die mensdom vergewe terwille van Jesus en die poorte van die hemelryk geopen vir almal wat Sy barmhartigheidsdsgeskenk aangeneem het. Hy het die mensdom van sonde en skuld verlos. Hy het hulle die laaste moontlikheid gebied om die doel van hul aardse lewe te bereik.

Sy oorgrote Liefde wil alle hindernisse vir die mens uit die weg te ruim, wat vir hulle die toegang tot die ewige vaderland versper, maar die grootste hindernis was die sonde, want dit het die mens van sy krag en sy wil beroof. En die gevolg van die sonde was dat die mense kragteloos en willoos op die grond gelê het en kon nie uit hulself opstaan nie, omdat die las van die sonde hulle platgedruk het.

En daarom het Jesus hierdie las van hulle afgeneem, Hy het dit op Sy eie skouers geneem en gedra na die kruis, om nou deur Sy dood te boet vir die sondeskuld van die mens. Die mensdom, wie deur Jesus vrygeword het, kon nou Sy offer aanneem, maar ook afwys.

Die verlossingswerk is volbring en wel vir alle mense, maar nooit sal God die barmhartigheid van die verlossingswerk teen hulle wil aan hulle opdring nie, maar hulle sal die barmhartigheid kwytraak as hulle geen verlange daarna het om verlos te word nie. Dan sal die sonde nog met sy hele gewig op hierdie mense druk en dan sal hulle onherroeplik na die afgrond omlaag getrek word, want dan stoot hulle die Liefde van God af en moet hulle nog ewighede smag in hul onwetendheid; hulle sondeskuld sal nie verminder kan word nie, ja hulle sal by hierdie sondeskuld nog veel aardse sondes opstapel, wat God hulle eers dan sal kan vergewe, wanneer hulle Sy barmhartigheidsgeskenk aanneem, wanneer hulle dus met oortuiging kan glo dat die oneindige Liefde van God Haar oor hul sondes ontferm het en vir hulle `n Verlosser gestuur het.

Die geloof daarin sal bewerkstellig dat die mense berou sal hê oor hulle sondeskuld, dat hulle Hom om vergewing sal vra en hulle aan Sy medelye en barmhartigheid oorgee sodat dat die barmhartigheid van die verlossingswerk dus by hulle werksaam kan word. Die mense sal toeneem in sterkte van wil en krag en sal hulle nou kan bevry uit die mag van die teenstander van God. En slegs die mens wie sy toevlug bewustelik onder die kruis van Jesus soek, kan van vergewing van sonde praat, kan aan Hom sy skuld bely en Hom om erbarming vra. Sy gebed sal verhoor word, sy skuld sal vergewe word.

Amen.

Werk vir die koninkryk van God - Missie

B.D. No. **3284**
8. Oktober 1944

Mense wat deur die Gees van waarheid deurdring is, word gekies om hierdie waarheid te versprei, en dit is `n verantwoordelike taak op aarde, want die ontvangs van die waarheid is ook `n verbintenis om dit verder uit te dra. Aanhoudende aktiwiteit word van hulle verwag, aktiwiteit vir die koninkryk van God wat die waarheid aan die wêreld moet oordra deur hierdie mense. Maar die harte van diegene wat gekies het om dit te doen, moet in staat wees om lief te hê, anders sou die Gees van God nie in staat gewees het om `n uitwerking op hulle te hê nie. En die vermoë om lief te hê, maak die verspreiding van die goddelike waarheid `n vreugdevolle taak, waaraan hulle gretig en gemaklik voldoen. Sodra `n persoon gevul word deur die goddelike waarheid, verloor hy ook die sin vir genot en wêreldse goed; hy kry slegs vreugde uit geestelike kennis en dus word geestelike werk sy doel in die lewe.

En dit is `n verantwoordelike taak as hy in gedagte hou dat hy die geleentheid het om tallose siele op die regte weg te lei, op die weg van besef, en dat hy in elke opsig die meeste van hierdie geleentheid moet maak. As `n verteenwoordiger van God word hy in `n veld van aktiwiteit geplaas waar hy uiters suksesvol kan werk, maar dit vereis `n vaste wil, groot liefde, geduld en deursettingsvermoë, dit vereis die gewillige aktiwiteit van liggaam en siel, want albei moet toegee aan die drang van die gees, wat voortdurend aanspoor om hierdie werk te doen.

Dus moet die mens homself geheel en al tot God se beskikking stel, Wie hom deur sy Gees sal inlig waaruit sy werk bestaan. Solank as wat die siel nog op twee gedagtes hunker, kan sy nie die stem van die Gees duidelik genoeg hoor nie en moet sy poog om hierdie toestand te verdryf deur haarself onvoorwaardelik aan God te oorhandig en `n beroep op Hom te doen vir Sy korrekte leiding in elke opsig, sy moet nie angstig spekuleer en redeneer nie, maar moet haarself volledig en vertrouend oorhandig aan die Gees se leiding en dit sal altyd die regte weg wees, dan sal alle gebeure in die lewe haar so nader, dat sy haar geestelike werk kan doen, sodat sy kan werk vir die koninkryk van God.

Hierdie werk sal aanvanklik nie duidelik wees nie, want die tyd het nog nie aangebreek vir die werk van die arbeiders van God nie, Sy werkers word nog in stilte voorberei en hul aktiwiteit is ook beperk, maar hulle sal selfs in die stilte aktief wees, totdat die tyd aanbreek waar daar `n groot aktiwiteit sal begin vir die redding van die siele wat in groot nood sal verkeer. Maar die gees in die mens sal hom lei na die plek waar sy werk nodig sal wees. Want weer en weer sal siele voorberei word wat ook verantwoordelik sal wees vir die werk van die koninkryk van God, want baie arbeiders sal benodig word in die wingerd van God.

Voor dit sal die goddelike waarheid aan hulle oorgedra word, sodat hulle bevoegde arbeiders sal wees en in staat om vir God te werk gedurende die komende tyd. Want hulle sal deur ontelbare siele benodig word wat nog in geestelike duisternis talm en nie in staat is om die weg na die lig te vind nie, maar daar waar die goddelike waarheid sal wees, dit is waar die lig sal skyn, en as die lig op die regte manier aan mense gegee word, indien die waarheid met liefde vir hulle aangebied word, sal baie harte oopmaak en hulself laat verlig. Om siele te red vir die ewigheid is `n saligmakende missie, dit is `n missie wat voortdurend vergesel word deur God se seën, en elke arbeider in die wingerd van God kan verseker wees van goddelike hulp deur bloot gretiglik te strewe om namens die koninkryk van God op aarde te praat, want dan sal hy altyd deur geestelike kragte ondersteun word en sy werk sal geseën word.

Amen.

Gebed en dade van liefde is wapens teen verleiding

B.D. No. **3285**
8. Oktober 1944

Julle kan maklik die prooi van die mag van die bose word as julle traag word met gebed en dade van liefde. Want hy lê en wag vir enige swakheid om julle te laat val. Hy gebruik elke geleentheid om julle sondig te maak en hy sal sekerlik slaag as julle nie die krag het wat julle deur gebed en dade van

liefde bekom nie. Julle moet daarom nooit veilig voel nie, want die vyand van julle siele sal ook na julle toe kom in die vermomming van `n vriend, hy sal probeer om julle oor te wen om `n maklike spel met julle te hê. En as julle nie oplet nie, sal julle hom te laat herken en julleself nie meer kan beskerm teen sy sluheid en misleiding nie. Gebed sal julle egter teen sy mag beskerm, want dan vestig julle `n verbinding met God, julle rig `n ondeurdringbare verskansing op teen die bose.

Hierdie verbinding met God kan ook gemaak word deur onselfsugtige dade van liefde, wat die krag van God direk aan julle sal gee en dan hoef julle die teenstander nie meer te vrees nie. En hierdie kontak met God deur gebed en dade van liefde moet nooit nagelaat word nie, selfs as `n persoon blykbaar nie `n behoefte aan krag het nie. Want die vyand van siele sal nie maklik sy skandelike planne opgee nie en wat hy nie vandag kan bereik nie, sal hy more probeer, totdat die voortdurende verleidings die persoon so verswak het, dat hy hom met byna geen weerstand sal oorgee, indien die krag van God nie na hom toe sal stroom nie. Maar die mens kan te enige tyd `n innige gebed na God stuur en dit sal altyd verhoor word, want God sal geen mens se siel aan Sy teenstander oorgee nie, want Hy worstel ook vir elke siel om haar vir Homself te wen. Derhalwe sal daar geen tekort aan krag van Hom wees nie, op voorwaarde dat die wil van die persoon dit moet aanvaar. Maar as die persoon `n swak wil tot weerstand het, dan het die teenstander sy spel gewen.

En die Heer waarsku julle om hom nie toe te laat om mag oor julle te kry nie, om julle nie aan hom te oorhandig deur onvriendelike dade nie en om nie te vergeet om kontak met God te maak deur gebed nie, want dan sal julle julle aardse lewe self moeiliker maak, omdat julle julleself voortdurend sal moet verdedig en nie die krag sal hê om dit te doen nie. Die lewe is `n eindelose stryd, want die lig veg voortdurend teen die duisternis en om die duisternis te verslaan, het die mense goddelike hulp nodig, goddelike krag, wat hy in oorvloed deur gebed en dade van liefde sal ontvang. En dit is waarom julle altyd paraat moet wees, want Satan se spel van misleiding is gevaarlik en hy sal oorwin, indien die mens in sy strewe omhoog verslap. Wees daarom waaksaam en bly bid en die teenstander van God sal altyd weerstand ervaar, want dan sal julle God Self as julle getrouste beskermer hê, Wie julle nooit aan die vyand van julle siele sal oorgee nie.

Amen.

Versoekinge van die wêreld

B.D. No. **3290**
12. Oktober 1944

Julle sal oplettend moet wees, sodat julle, wat nog nie sterk genoeg in die geloof is nie, nie die slagoffers word van versoekings van die wêreld nie. Want die aanvalle van die wêreld sal julle heel besonder teiken. Hy probeer julle vir homself te wen en julle oor te haal om van God afvallig te word. En daarom moet julle julself bewapen met die skild van geloof, en dit vooraf sterk maak, sodat dit kan standhou.

Wie nog swak is, moet worstel vir die krag van geloof. Hy moet nie ophou om te bid vir krag en genade nie en sy wil moet steeds op God gerig wees. Hy moet homself oefen in liefde, omdat krag daardeur in hom sal oorvloei en hy sal dan kan standhou teen alle versoekinge van die wêreld. Dus is die liefde steeds die vernaamste. Onophoudelike werksaamheid in liefde sal julle laat groei in insig. Julle sal `n oortuigende geloof verkry en dit sal `n krag bevat wat onwankelbaar sal wees. Die liefde is `n wapen wat alles oorwin en laat die sterkste vyand swig, omdat God Self in die mens werk wat in liefde werksaam is.

En steeds weer moet daarop gewys word dat die komende tyd julle ryklik geleentheid sal gee om naasteliefde te beoefen en dat julle dit nie sal kan weier as julle die verskrikkinge van die tyd wil deurstaan nie, as julle ongedeerd aan liggaam en siel deur hierdie laaste stryd heen wil gaan. Niks anders kan vir julle die krag van die liefde vervang nie en niks anders kan hierdie krag oplewer as werksame naasteliefde nie, as daadkragtige sorg vir siel en liggaam van jul medemens nie.

Beoefen jy dit, sal die tyd van benoudheid jou nie vreesagtig maak nie, want dan sal jy die krag in jou hê om alle weerstande baas te raak. Maar wanneer die liefde by jou ontbreek, sal jy ook wankelrig

word in die geloof, omdat die geloof sonder liefde dood is en `n dooie geloof sonder oortuiging, kragteloos is. Dan sal die wêreld maklik daarin slaag om jou ontvanklik te maak vir haar verlokking. Die aardse lewe sal vir jou baie aantreklik voorkom, want jy kan niks daarteenoor stel wat jou gelukkiger sal maak nie, ook nie die van `n diep verbinding met God deur saligmakende liefde nie. Dan sal jy val en verlore wees vir die ewigheid, want die laaste beslissing is voor die deur en dit sal jy net reg kan neem as jy diep en onwankelbaar glo.

En daarom waarsku God julle baie nadruklik teen die versoekinge van die wêreld en maan Hy julle steeds weer aan tot liefde. Hy wys julle voortdurend die weg wat julle sal moet gaan om in die laaste periode van stryd seëvierend te voorskyn te kom. Maar daar is maar net een weg, die pad van die liefde. En as jy hierdie weg begaan, hoef jy niks te vrees wat ookal mag kom nie. Maar sonder die liefde is die weg moeilik, of - as jy haar verlaat - vol gevaar vir jou siel.

En steeds is die gebed tot jou beskikking. As jy dreig om swak te word, roep God dan aan vir Sy bystand. Lê jou nood aan Hom voor en vra Hom vir genade en krag. En Hy sal jou gebed waarlik nie onverhoord laat as jy bekommerd is oor jou sieleheil en jou toevlug tot Hom neem nie. En die krag sal na jou toevloei om werksaam te wees in die liefde. Benut dit dan op die regte wyse.

Dink steeds daaraan dat jy nie sonder liefde salig kan word nie, maar in die liefde volledige vervanging sal vind vir alles wat die wêreld jou kan bied, want dit is slegs skyngoedere wat jy begeer. Gee nie ter wille daarvan die goedere van die ewigheid op, wat jou diep gelukkig en tot vrye, geluksalige wese sal maak nie. Stry daarom die kort stryd saam met God. Dit wil sê: Bly in die liefde teenoor jou naaste en in voortdurende verbinding met God en jy sal as oorwinnaar uit die stryd tree en ewig in jou oorwinning juig.

Amen.

Vertroosting - God se Woord is ’n bewys van sy liefde

B.D. No. **3295**
15. Oktober 1944

As jy die lewe van jou siel ernstig opneem, sal elke dag en elke uur vir jou seënryk wees, want Ek beloon jou volgens jou wil. En as jy glo om in gevaar te wees, geestelik of aards, moet jy steeds daaraan dink dat Ek Self naby jou is, omdat jy alreeds deur jou wil jouself as myne getoon het, omdat jy dus tot diegene behoort wat van My wil wees, wat daarna verlang om onder My vaderlike beskerming te staan. En hierdie kinders laat Ek nie in hulle nood nie. Inteendeel, Ek red hulle, wanneer dit vir hulle siele bevorderlik sal wees.

Ek het `n geweldig groot liefde vir jou, daar hoort egter `n sekere mate van leed daarby, wat aan jou siel opgelê moet word om volwasse te kan word. En daarom kan die nood nie heeltemal uitgeskakel word in jou lewe nie. Jy sal `n mate daarvan op jouself moet neem, omdat dit nodig is vir die loutering van jou siel. En daarom moet jy leed nie as `n gebrek aan liefde beskou en glo dat Ek jou verlaat het nie. Inteendeel, Ek is in nood nader as ooit aan jou en Ek versterk ook jou siel, sodat sy die moeilike tye sal kan oorwin.

En daarom word jy steeds weer daaruit gelei, sodra jy jouself oorgegee het aan My wil en alles sal dra wat Ek tot heil van jou siel toelaat. Die liefde vir My bepaal jou lot. En hierdie liefde sal jou ook nie hulpeloos laat as jy hulp nodig het nie. Vertrou daarom steeds op My Liefde en laat jou nie terneerdruk deur die nood en die lyding van die tyd nie, want Ek sal dit op die regte oomblik beëindig. My Woord is die mees waardevolle ding wat jy op aarde besit. En hierdie Woord moet alles vir jou wees, want die Woord is Ek self. As jy My het, moet jy na niks anders meer strewe nie, omdat jy andersins die liefde vir My dan deel met dit waarna jy verlang. Maar as Ek in die Woord by jou is, staan die hoogste mate van genade jou ter beskikking. En dus moet jou hunkering na die goedere van die wêreld gestil word. Want wat is dit in vergelyking met My Woord, met die bewys van My innigste liefde vir jou, met die gawe van krag en genade?

Jy het die hoogste as jy My Woord het. En jy moet buiten dit niks meer begeer nie. Want met My Woord kom ook die beloftes na jou toe, naamlik dat Ek vir jou liggaamlike en geestelike welsyn sal

sorg. En omdat My Woord waarheid is, moet jy jou nie bekommerd maak oor dit wat jou liggaam nodig het nie, maar slegs oor dit wat dienstig is vir jou siel.

En wees tevrede met My Woord, wat waarlik die kosbaarste is wat My Liefde jou op aarde kan bied. As jy My Woord het, dan sal dit jou ook nie aan krag ontbreek om jou aardse lewe baas te raak nie, want dan het jy immers My Self en daarom sal jy tog kragtig moet wees en sal die stryd om te bestaan met sukses deurstaan.

Laat jou deur niks die geloof en die vertroue ontneem dat My Woord die enigste kragbron is waaruit jy daagliks en elke uur sal kan skep en wat jou nooit swak sal laat nie. Want as jy my Woord in jou opneem, dan neem jy My self op. En waar Ek is, daar kan geen geestelike en geen aardse nood meer wees nie, alhoewel jy jouself ook oënskynlik in laasgenoemde bevind.

Laat My by jou wees in die Woord en jou lewe sal slegs `n voortdurende positiewe ontwikkeling wees. Die aardse nood sal geen indruk meer op jou maak nie, want jy ag die liggaam geringer as jou siel wat met My verbonde is. Jy het `n sekere bewys van My Liefde vir jou in die hand en My Liefde is waarlik die kosbaarste wat jy kan kry. Sy gryp jou vas en verlaat jou nimmermeer, totdat jy heeltemal met My verenig is en die aarde kan verlaat.

Dit sal nie meer lank wees nie, of die lewe op aarde sal beëindig word. Maar die tyd daarvoor sal `n tyd van stryd wees wat jy sal moet deurstaan. As Ek egter in die Woord by jou sal wees, sal dit jou nie bevrees maak nie. Inteendeel, slegs bemoedig, want Ek het jou my hulp beloof en Ek sal jou nie verlaat nie. En al sal jy nog deur so baie dreigende gevare omring word, solank My Woord na jou toe kom, sal jy ook weet dat Ek Self by jou is en dat jy dit wat vir jou dreigend lyk, nie hoef te vrees nie.

Maar jy sal ook niks anders mag begeer nie, om nie in die mag te kom van hom wat jou probeer benader, deurdat hy die begeerte in jou laat opkom na aardse vreugdes en aardse besit nie. Skenk geen aandag aan alles wat nog tot die aarde hoort nie. En stuur met al jou sinne, met al jou liefde, slegs op My af. Omvorm jou tot liefde, sodat Ek heeltemal verblyf in jou kan neem. Luister na jou innerlike, sodat jy My kan hoor en neem My Woord aan as onderpand van My Liefde, wat ewig na jou uitgaan en jou ook deur alle gevare van liggaam en siel heen sal lei. Want My Woord is waarheid en My Woord belowe die ewige lewe aan almal wat dit gelowig in hul harte opneem en daarvolgens lewe. Verkwik en laaf jou met dit wat My Liefde jou bied. En verlang niks anders as My Woord waaraan jy jouself kan optrek nie.

Amen.

Vergewe of behou van sondes - Dissipels van Jesus

B.D. No. **3297**
17. Oktober 1944

Vir wie julle die sondes vergewe, dit is hulle vergewe en vir wie julle die sondes behou, dit bly hul behou. Dit is ook My Woorde, wat dikwels `n ander uitleg gekry het as wat deur My ingestel is. En om dit reg te stel, is `n mens met `n gewekte gees nodig, wat My stem kan hoor en My opheldering aan julle mense kan oorbring, sodat julle bevry kan word van dwaling en die waarheid kan ken.

My dissipels was bemagtig met die krag om in My Naam wonderwerke te verrig, te genees, dooies tot lewe te wek en daardeur die mense die krag van hul totale geloof in My te bewys. Hulle geestestoestand het al die bonatuurlike werksaamheid toegelaat; want toe My Gees hulle vervul het, was hulle gevul met krag en lig, met mag en wysheid. Daarom kon hulle die waarheid verkondig, omdat hulle hulself daarin bevind het en hulle kon slegs deur hulle woord dinge volbring wat bo alle menslike vermoë gelê het. Want hulle was My dissipels, deur My onderrig gedurende die tyd van My lewe op aarde deur die innerlike woord, hulle het vasgestaan in die liefde en in My geglo, daardeur kon hulle ook My Gees in hulle opneem en daardeur werk.

Die buitengewone dade was tekens van die volwassenheid van hulle siele, wat weer vir die mense moes bewys lewer welke buitengewone gawes die mens kan bereik indien hy volgens My Wil, sal leef, dus as hulle hulleself sou omvorm tot My ewebeeld, naamlik tot liefde. Want liefde is krag en

wanneer die mens in liefde leef, word hy ook deurdring met krag en lig, want die Gees van God, die uitstraling van Sy Krag, kan hom dan deurdring.

En Ek het aan die mense `n lewe in liefde vergestalt. Ek het hulle getoon tot watter krag die mens kan kom en het na My dood lewende voorbeelde nagelaat, wat opnuut My Liefdesleer verkondig het en ook `n voorbeeld van die krag daarvan as bewys gegee het, sodat dit vir die mens makliker kon wees om in My te glo. Maar Ekself was te midde van My dissipels, hoewel nie meer sigbaar nie, maar wel in die Gees. Ek het hulle gelei, omdat alles wat deur My Gees deurdring word, onderwerp is aan My goddelike leiding, omdat Ek nou Self deur diegene kon werk wat in My Naam werksaam was.

Dus het die dissipels nou dieselfde mag en dieselfde reg gehad, omdat alles wat hulle nou gedoen het, My Wil was, hulle was verlig deur My Gees, wat die uitstraling is van Myself. Gevolglik het hulle ook die mag gehad om in My Naam die mense se sondes te vergewe, in die besonder dan, wanneer `n siekte die gevolg van hul sondes was en hulle, om hierdie siekte te genees, ook die sonde self van die mense moes kwytskeld. As hulle egter die onwaardigheid van `n mens ingesien het, hulle ongeloof en hul wil wat van God afgewend was, dan was hulle eweso bevoeg, om hulle in hul sondige toestand te laat; want hulle menslike insig het dit nie bepaal nie, maar die goddelike Gees in hulle, My Gees, Wie alles weet en dus ook op hoogte is van ’n persoon se onwaardigheid en die futiliteit van `n barmhartige aksie by hulle. Ek het My dissipels dus die reg gegee om aan die mense te gee volgens hulle insig, want My Gees was werksaam in hulle en het my dissipels gewaarborg dat hulle denke korrek was.

Maar nou het die mense egter, in wie My Gees nog nie werksaam is nie, vir hulle dieselfde reg aangematig. Hulle het die bevoegdheid om sondes te vergewe of te laat behou op die persoon self betrek, maar nie op die goddelike Gees in hierdie persoon nie en het dus hierdie bevoegdheid toegeken aan alle navolgers van die dissipels volgens die woord en nie volgens die gees nie, en het gevolglik die betekenis van My Woord misverstaan, ofskoon hulle nou ook korrek sou gedink het as hulle geweet het wie regtig My dissipel is. Nie hulle wat hulself aangestel het nie, maar hulle wat Ek aangestel het vir hul bediening op aarde, want Ek het My leerlinge die opdrag gegee: “Gaan heen en onderrig al die nasies”. Maar om te kan onderrig, moet My Gees in hulle werksaam wees, sodat hulle die suiwer waarheid aan die mense kan uitgee en sodat hulle My gebod van liefde in die wêreld kan versprei. Maar die waarheid kan nie anders as deur die werksaamheid van die Gees in besit geneem word nie. Daarom is dit noodsaaklik dat My dissipels deur God se Gees verlig moet wees, alvorens hulle hulself as My dissipels kan reken. In daardie geval sal hulle ook met lig en krag deurstraal word en sal hulle buitengewone dade kan volbring, die Krag van die Gees sal hulle in staat stel om siekes te genees, dus om die mense te bevry van die sondes en die gevolge daarvan, sodra hulle in My en My Naam sal glo. Aan hierdie geestelik verligte mense het Ek die mag gegee om sondes te vergewe, omdat hulle deur hul volwasse geestestoestand kan herken wanneer die mens waardig is, sodat sy sondes vir hom vergewe kan word, want dan tree hulle op namens My en Ek is Die Een wat in werklikheid hulle sondes vergewe. Maar wanneer mense hulleself egter aangestel voel om die daad van sondevergewing te verrig, alhoewel hulle nie deur My geroep is nie, wat nóg deur My Gees verlig is, nóg deur My woord binne hulself, kan hulle aanstelling wel regtens betwis word, aangesien dit alreeds getoon is deur die feit dat hulle onbevoeg is om hulle naaste te herken, ten einde te oordeel of sy sondes vergewe moet word of behou moet word. Die beoordeling daarvan veronderstel alreeds die werksaamheid van die Gees, wat egter ontken moet word by die meeste wat glo dat hulle as God se dienaars geroep is, solank as wat hulle nie die innerlike woord besit nie. Slegs deur My woord is hulle geroep om vir My te werk, want slegs My Woord gee aan hulle kennis, dit dra dus die suiwer waarheid aan hulle oor en dit is absoluut noodsaaklik om in staat te wees om vir My te kan werk. Enigeen wat die waarheid ken, kan dit ook aanstuur en help dus daardeur dat sy naaste bevry word. Enigeen wat My Woord het, sal ook die bevoegdheid van oordeel hê wanneer ’n persoon se wil na God gerig is. Want die mens se gesproke woord is meestal misleidend, die hart is nie noodwendig betrokke in wat deur die mond gespreek word nie. Maar ’n ware dissipel het die gawe om sy naaste te herken en weet daarom watter persoon ernstig is met vergifnis van sy sonde en sal hom nie laat mislei deur baie woorde wat vêr kortskiet aan innerlike oortuiging nie. En daarom kan die vergewing van

sondes ook geen algemene daad wees nie, omdat dit slegs daar kan plaasvind waar dit deur die diepste berou voorafgegaan is en waar dit deur My volgelinge as sulks herken word. Maar in daardie geval sal die oordeel van laasgenoemde geldig wees voor My, want hy het slegs volgens my opdragte opgetree en sy daad sal dan volgens My wil wees. Met daardie woorde het Ek My dissipels laat verstaan dat hulle aksies en denke in volkome ooreenstemming met My sal wees wanneer hulle vir My in My Naam sal werk, dat hulle nie aan iets anders mag dink of enigiets anders mag hê, behalwe wat binne My wil is wanneer die goddelike gees deur hulle werk nie, wat hulle in die eerste plek as My dissipels gekenmerk het. Want Ek stel My dissipels op aarde Self aan, want Ek weet waarlik wie gekwalifiseer is vir hierdie bediening en op wie Ek daardie gawes kan plaas wat noodsaaklik is vir ’n bediening op aarde. En aan hulle sal Ek ook die gesag gee, want dan sal hulle slegs my wil uitvoer.

Amen.

Vernietiging van skeppingswerke en gevolge

B.D. No. **3300**
20. Oktober 1944

Alles wat vir julle oë sigbaar is, getuig van God se liefde, dit is geskep om die gevalle substansie te help, om hulle weer uit hul gevalle toestand omhoog te lei en daarom kan elke skeppingswerk beskou word as `n uitvloeisel van die goddelike liefde en moet dus ook so geag en gewaardeer word. Niks wat God geskape het, mag moedswillig vernietig word nie, omdat die bestemming daarvan, die vervulling van sy doel, verhinder word. En ook mag geen mensewerk, waaraan daar ook `n bestemming toegewys is, naamlik die funksie van hulpvaardigheid, moedswillig vernietig word nie. Want aan elke skeppingswerk, wat deur God se wil ontstaan het, is hierdie funksie toegewys, andersins sou dit nie die hoër ontwikkeling van die substansie kon bevorder nie. En menslike skeppings word ook beoordeel in verhouding tot hulle funksie. Solank as wat hulle die taak vervul om nuttig te wees, solank as wat hulle op die een of ander wyse die medemens of selfs ook andere skeppings dien, dra hulle ook by tot die ontwikkeling van die substansie en vervul hulle hul doel.

Wanneer sulke skeppings vernietig word, het dit tot gevolg dat die gees se vordering van ontwikkeling onderbreek word en dit kan nooit voor God geregverdig word nie, soos wat alle vernietiging van materie gemotiveer moet word deur liefde en geregverdig moet wees voor God. Gevolglik, as vernietiging plaasvind met die doel om voorwerpe te produseer wat nuttig is vir mense, wat ’n nuttige doel het, is die vernietiging geregverdig vir die liefde tot ander mense. Enige ander vernietiging is egter ’n vergryp, ’n vergryp teen ander mense en teen God, Wie se krag voorwerpe geskep het wat waarlik ’n ander doel gehad het as om die prooi te word van die menslike wil van vernietiging. En hierdie vergryp wreek homself baie erg.

Wanneer die dryfkrag van haat en liefdeloosheid tussen mense materie vernietig, dan moet die mens ook daarvoor boet, - materieel, want hulle het dinge verloor wat ’n nuttige doel vervul het, - sowel as geestelik en laasgenoemde op ’n besondere pynlike wyse, want die gees was teen sy wil en voortydig vrygelaat en hierdie gees ontstig alle substansies in sy omgewing, maar veral die mens, deur aanhoudend voor sy sielsoog te verskyn, dus om aanhoudend sy gedagtes te vul met hierdie verlore voorwerpe. Dit is uiters skadelik vir die siel, omdat dit haar ontwikkeling strem. Sy word teruggehou van geestelike aspirasies, haar sintuie word aanhoudend gerig na materiële dinge en daarom kan die skeppings ’n mens stilletjies treiter wanneer dit onbereikbaar raak vir hom, wanneer dit ten prooi geval het aan die menslike wil van vernietiging.

Elke skeppingswerk van God, of deur ’n mens wat maar net konstruktief werksaam wil wees, moet gerespekteer word. Die vernietigende beginsels wys na die dade van God se teenstander en op hierdie moment woed hy in die wêreld. Hy spoor mense aan tot God-opponerende gedrag teen Sy skeppings, hy het die vernietigende drang in mense laat ontwaak, want hulle het geen liefde nie en verstaan nie meer die betekenis en doel van die skepping nie. En dit sal lei tot ernstige gevolge. God sal hierdie vernietigingswerk van die mens teenstaan, wat die invloed van bose krag is, met ’n baie groter werk van vernietiging, maar wat heeltemal geregverdig is binne God se liefde.

Hy sal die gees, wat gewillig is om die weg van diensbaarheid te gaan op aarde, vrymaak van eindelose tye van gevangenskap. Hy sal die vaste materie vrymaak, sodat die mens se vernietigende wil sal stop en die mens sal leer om aardse skeppings te sien vir wat hulle werklik is, naamlik middele vir ontwikkeling, solank as wat hulle hul nuttige funksie kan vervul. Die goddelike vernietigingsaksie sal mense baie meer ernstig affekteer, maar dit is egter noodsaaklik, sodat hulle kan terugkeer na die korrekte denke, sodat hulle elke skeppingswerk kan respekteer en waardeer, sodat hulle weereens hulle funksie kan verstaan en hulleself konstruktief sal besighou. Want dit en slegs dit is die goddelike orde: Naamlik dat alles wat bestaan sal vorder en dat elke menslike skeppingswerk ’n waarborg sal wees vir die ontwikkeling van gees, solank as wat dit sy nuttige doel sal vervul, solank as wat die menslike wil om behulpsaam te wees, dit voortgebring het.

Amen.

Innerlike aansporing is God se opdrag -Onderwerping van die wil

B.D. No. **3308**
27. Oktober 1944

God stel julle in kennis van sy instruksies deur julle hart. Sodra as julle gedryf voel om iets te doen, sodra julle innerlik gedryf voel, sal julle altyd deur die stem van God opdrag kry, met voorbehoud dat julle `n poging aanwend om volgens God se wil te lewe, dat julle dus na Hom sal streef en julle toevertrou aan Sy leiding. Dan sal julle so deur Sy wil gerig word, dat julle dieselfde wil sal hê, want julle het julself bewustelik oorgegee aan Sy wil en slegs dan kan julle voldoen aan die aansporing van julle hart en julle optrede sal reg en in ooreenstemming met God se wil wees. Tog moet julle julself ernstig en noukeurig ondersoek aan watter krag julle die reg gee om julle te lei. Innige gebed beskerm julle teen die teenstander se krag; maar ongeag wat julle doen, sonder dat julle God se seën vra, alles wat julle doen bloot om julle liggaam se welstand te verbeter, alles wat julle doen wat heeltemal apart van God is, is nie Sy instruksies nie, maar Sy teenstander s’n, en dit sal die siel beskadig.

Die persoon wat na God strewe hoef nooit bang te wees om verkeerd te dink en op te tree nie, want sy houding teenoor God laat hom die beskerming geniet van geestelike kragte wat saam met hom wandel, en daardeur word die invloede van bose magte afgewend. Slegs die begeerte na God waarborg goddelike beskerming vir `n persoon, en iemand wat goddelik bewaak word, kan nie afdwaal nie, hy doen net wat sy siel bevoordeel. Hy word deur God Self gelei en elke weg wat hy neem, sal belangrik wees en lei na die doel.

Alhoewel die persoon optree volgens sy eie diskresie, in soverre as wat sy wil hom dring om hierdie of daardie aksie te neem, is dit tog God se wil wat manifesteer deur sy wil, solank as wat die persoon toegee aan die innerlike drang. As hy egter nie toegee aan hierdie drang nie en hy weerstaan dit, word hy besluiteloos, omdat sy wil homself nog nie heeltemal aan God se wil onderwerp het nie. En dit is waarvoor hy moet oppas, want dit is altyd die gevolg van te min gebed. Hoe meer intiem hy in kontak met God is, hoe duideliker sal hy sy afgebakende weg sien en hoe meer gewillig sal hy die instruksies volg wat God aan hom deur sy hart openbaar. Slegs die afstand van God ontneem hom van die skerp sin vir die goddelike wil, want in daardie geval moet hy op homself staatmaak en sal hy onseker wees wat hy moet of nie moet doen nie. En die teenstander van God maak gebruik van sulke situasies deur in te skakel op `n persoon se gedagtes, om hom te probeer aanspoor om al sy aksies op sy eie voordeel te baseer. En dan sal die persoon moet veg, hy sal sukkel om weer sy band met God te herstel, wat hom helderheid van denke sal gee, sodat hy in staat kan wees om die versoekings te weerstaan. Enigiemand wat na God soek, sal nie verkeerd gaan nie, maar die weg van iemand wat Hom uitsluit, sal misleiding wees. Dit is waarom niks onderneem moet word sonder `n gebed vir God se seën nie, dan sal mense se denke korrek gelei word en elke aktiwiteit sal God se wil in ag neem.

Amen.

Die aflossing van sondeskuld deur kinders en kindskinders

B.D. No. **3315**
2. November 1944

Die gevolg van sonde is straf. Dit moet so verstaan word dat elke sonde gevolge het wat weer `n verderf brengende uitwerking vir die sondaar sal hê, om welke rede dan van `n regverdige straf gepraat kan word. Maar hierdie straf is dan nie deur God aan die mens opgelê nie, inteendeel het hy dit self na hom toe getrek, omdat hy die onmiddellike aanleiding daartoe gegee het.

Die uitwerking van sonde kan egter `n langer tyd neem, maar dit sal onherroeplik kom, egter net dat dit dan nie die mens self tref nie, maar sy kinders en kindskinders, dat hulle dus `n straf moet dra wat geslagte gelede veroorsaak is.

Dit is `n skynbare onregverdigheid van God, maar dit gaan steeds oor siele wat volwasse moet word en veral moeilike lewensvoorwaardes nodig het en wat vir hulself besonder moeilike lewensomstandighede gekies het. Hulle dra m.a.w. onverdiende leed en staan ook in geestelike verbinding met die siele van hulle wat hierdie leed veroorsaak het. Hulle word dus deur die siele beïnvloed om `n skuld af te los wat hulle in die ryk hierna sou moes gevolg het en waarvan die tot niet maak in die hiernamaals uitermate baie tyd sou vereis. En God neem die voldoening deur kinders en kindskinders aan.

Wanneer die mens sy skuld self op aarde kan aflos, dan is daar ontelbare moontlikhede daarvoor, d.w.s. die mens moet met die gevolge van sonde klaarkom, hy sal dan in `n sekere sin dieselfde lot moet ly as wat hy vir ander berei het, hy sal die leed moet dra wat hy ander aangedoen het, die sonde in sy uitwerking sal homself tref en hy sal hom nie daarteen kan verweer nie. Maar dan sal hy sy nageslag al hierdie lyding spaar wat hyself veroorsaak het. Maar gaan hy met hierdie skuld die geestelike ryk hierna in, dan sal hy daar geen rus vind nie, totdat hy die mense wat op die aarde noue bande met hom gehad het, daartoe beweeg het deur beïnvloeding van gedagtes, om vir sy vroeëre sonde op die aarde te boet, wat vandag `n aardse lot oplewer wat die sondes van die vaders duidelik laat sien.

Van kinders en kindskinders word die versoening vir die begane sonde aangeneem om in die mense die verantwoordelikheidsgevoel te wek, wanneer hulle die omvang van `n skuld onderskat. Die sondaars in die hiernamaals ly buitengewone kwellinge, wanneer hulle die mense op aarde vir hulle skuld sien boet en daarom word die skuld tweevoudig uitgeboet en in ooreenstemming daarmee vinniger afgelos, soos omgekeerd `n mens wat op hoogte is van die sondes van sy voorvaders, nie so swaar hoef te ly onder die straf nie, omdat dit vir hom regverdig voorkom en sy siel daardeur vinniger rypword op aarde.

Maar uitermate maklik is dit vir `n sondaar om van sy skuld verlos te word as hy dit in diep geloof voor Jesus Christus se voete lê, as hy Hom innig om vergifnis vra, nadat hy ernstig berou daaroor het en sy bes doen om homself te verbeter. Dan sal die gevolge van sy sondes wegbly, hy sal nie bang hoef te wees dat sy skuld deur sy nageslag afgelos moet word nie. Hy sal vrykom van sy skuld, ter wille van Jesus Christus, Wie vir die sondes van die mense aan die kruis gesterf het.

Amen.

Verskillende gebiede in die geesteryk

B.D. No. **3316**
3. November 1944

Onmiddellik na die liggaamlike dood verlaat die siel die liggaam en sweef weg in die geesteryk en na gelang van haar toestand van volwassenheid (rypheid) sal sy naby of ver van die aarde verwyder wees. Dit kan nie ruimtelik verstaan word nie, maar die afstand ontstaan deur die verskille tussen die sfere, ofskoon hulle almal aan die geesteryk behoort, en omdat hulle weg van en buite die stoflike wêreld geleë is. En die siel wat nog onryp is, het wat tyd aanbetref, nog `n baie lang weg om te gaan voordat sy in die ligsfeer sal aankom.

`n Voltooide siel daarenteen word bliksemsnel na haar liggaamlike dood na hierdie sfere oorgeplaas, want sy het geen tyd of ruimte nodig om die afstand vanaf die aarde tot in die ligsfeer te oorkom nie. Slegs die krag wat aan die siel haar toestand van volwassenheid gegee het, is voldoende. Die onvolwasse siele daarenteen, kan nie so vinnig van die aarde skei nie, omdat hulle te kragteloos is om hulleself opwaarts te verhef en tewens ook nog met hul sinne aan aardse dinge gebonde is. Hulle wil nie van die aarde af wegbly nie en vertoef sodoende nog `n lang tyd in die nabyheid van die aarde, gewoonlik in die omgewing wat hulle tydens hul lewe beset het.

Derhalwe ervaar hulle ook nie dadelik die oorgang van die aardse na die geesteryk nie, want hul blyplek lyk vir hulle nog aards en daarom is die siele dikwels nie bewus daarvan dat hulle geen liggaamlike lewe meer het nie. En hulle verstaan nie waarom hulle geen kontak met die mense op die aarde kan maak nie, dat hulle nie gehoor kan word nie en dat die mense geen aandag aan hulle skenk nie. En hierdie situasie bring hulle langsaam tot die besef van hul toestand waardeur hulle dan insien dat hulle nie meer op die aarde is nie, maar in die geesteryk.

Solank die siel nog wêreldsgesind is, kan sy egter nie uit hierdie omgewing wegkom nie. Sy is nog aan die aarde gebind en dit is vir haar `n pynlike toestand, want alles wat sy begeer of dink dat sy besit, is nou vir haar onbereikbaar. Sy moet nou langsaam haar verlange na aardse goedere oorkom en eers wanneer sy daarin geslaag het, verwyder sy haarself meer en meer van die aarde. Die sfere neem dan ander vorme aan en die oog sien geen aardse skeppings meer nie, maar geestelike skeppings, na gelang van die toestand van volwassenheid van die siel. Die geestelike oog van die siel is nou in staat om geestelike dinge te aanskou, wat sy as onvolwasse wese nie kon sien nie, alhoewel dit tog aanwesig was.

Sterf 'n ryper siel egter op aarde, dan is sy direk in staat om in die geesteryk haar omgewing te onderskei, omdat die geestelike oog hierdie bekwaamheid besit, as gevolg van die volwassenheid of rypheid van die siel. So `n siel sal dan ook siele herken wat haar in die hiernamaals ontmoet, terwyl omgekeerd die onryp siele dit nie kan doen nie. Hulle herken slegs siele wat net soos hulle in die duisternis vertoef, wat hulle dus in dieselfde onvolwasse toestand bevind. Maar ligvolle wesens is vir hulle onsigbaar en selfs wanneer hulle hul benader en hul lig bedek, herken hulle hul nie.

Die geestelike oog open eers by ’n bepaalde graad van volwassenheid, dan is daar egter ook lig om die siele, terwyl geestelike duisternis die siele omring wat nie kan sien nie, omdat die geestelike gesigsvermoë nog by hulle geslote is. Maar aardse dinge kan hulle sien, omdat hulle daarna verlang, dit is egter net hersenskimme wat in werklikheid nie bestaan nie, maar deur die verlange van die siel verskyn dit as skadubeelde en vergaan dit sodra die siel dit wil gryp of gebruik. Want deur hul verganklikheid moet die siele insien dat hulle na iets hoër moet streef as aardse verganklike goedere. Solank as wat die siel nog sulke dinge begeer, sal die ligwesens haar ook nie benader nie, want materieel gesinde siele luister nie na die woorde van ligwesens wanneer hulle die evangelie wil bring nie. Slegs deur die gebed van `n mens, kan hulp aan hierdie siele in hierdie toestand gebring word. Dan eers wend hulle hulself van die materie af en soek hulle in die geesteryk na iets anders in plek daarvan.

En dan sal hulpvaardige wesens hulle ook tegemoetkom, wat hulle onderrig en aan hulle die weg omhoog wys. En hoe meer gewillig hulle die onderrigting van die ligwesens aanneem, des te gouer sal hul geestelike oog geopen word en dan word hulle aan die duisternis ontruk. Hulle sal dan gebiede binnegaan waar hulle lig sal uitstraal.

Hulle het dan die weg afgelê wat ’n kort, maar ook `n baie lang tyd kan duur, na gelang van die hardnekkigheid waarmee die siel die stoflike goedere nastreef en wat hulle vir solank aan die aarde sal bind, totdat hierdie begeertes oorwin is. Eers dan sal hulle deur die ligwesens vertroud gemaak word met die suiwer waarheid om dan in die hiernamaals te kan werk vir die ryk van God, waarin die siel nou haar kennis deurgee aan behoeftige siele wat nog in die duisternis van gees verkeer.

Amen.

God se liefde bepaal die mens se lot

B.D. No. **3317**
4. November 1944

My Liefde vloei voortdurend met onverminderde krag na My lewende skeppings, en hierdie liefde bepaal ook die mens se lot op aarde. My doel vir alles wat gebeur is altyd geestelike volwassewording. Nietemin speel Ek `n rol in elke gebeurtenis en die uitwerking daarvan. Ek begelei die mens voortdurend, tasbaar vir hom as Hy homself aan My oorgee, of ongesiens wanneer hy geen kontak met My soek nie.

My Liefde vir My lewende skeppings sal nooit verminder nie, en so moet julle mense My Liefde altyd sien as die rede vir julle vreugde of smart op julle aardse weg, want Ek weet waarlik die beste wat dienstig vir jou is om geestelik ryp te word. En daarom moet jy nooit terneergedruk voel of moedeloos wees met jou lot nie, want omdat dit deur My Liefde bepaal is, is dit goed vir jou, selfs al ervaar jy dit by tye as pynlik. My Liefde gaan uit na julle van ewigheid af, maar julle sal dit nie verstaan solank as wat julle julself nie tot liefde verander nie. My Liefde bly altyd dieselfde, en die diepte van My Liefde kom tot uitdrukking in My Verlossingsplan, wat die basis vorm van elke gebeurtenis en elke skeppingswerk.

As Ek julle nie wou gered het uit julle geestelike nood nie, as Ek julle nie na My toe getrek het omdat Ek julle liefhet nie, sou die hele skepping nie bestaan het nie, want sy enigste doel is om julle nader aan My te bring. En net soos wat die hele Skepping ontstaan het uit My Liefde vir die gees wat van My afgeval het, net soos wat Ek vir julle onbegryplike en onberekenbare werke laat ontstaan het, met die doel om hierdie gees te terug te wen, so is ook hierdie aardse lewe van die gees in die beliggaming as menslike wese, wat deur My Liefde gelei word en met elke detail van die lewe vooruitbepaal, sodat julle weer die finale doel kan bereik, naamlik om met My te verenig.

Maar julle moet weet en glo dat julle altyd en ewig deur My Liefde omgewe is en julle moet hierdie liefde ook herken in leed, in lewensomstandighede wat julle moeilik vind om te dra, in aardse mislukkings, in siekte en teenspoed van allerlei aard. Indien My Liefde dit nie vir julle as voordelig insien nie, sal dit waarlik nie oor julle kom nie. Maar Ek gebruik hulpbronne wat vir julle resultate sal oplewer, omdat My Liefde vir julle oorgroot is, maar julle is in gevaar om vir My verlore te gaan as Ek julle alles sou wil spaar wat julle op aarde sal beswaar.

Plaas julle vertroue in My en My Liefde, wat nooit sal eindig nie, en gee julleself heeltemal ongeremd oor aan My leiding, laat Ek vir julle in elke aardse nood sorg en dink slegs aan julle siele se redding. Werk ywerig vir julle siele, streef na My koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie, en laat alle bekommernisse oor julle aardse bestaan aan My oor.

Dit sal nie meer lank duur nie, en julle moet van elke minuut gebruik maak en geestelik strewe. Slegs Ek is op hoogte van elke persoon se lewensloop, en dit sal volgens My wil afgelê word, dus is elke angstige bekommernis onnodig, want julle kan nie verander wat Ek bepaal het nie, dus kan julle niks verbeter deur julle angstige bekommernis nie. Wees net liefdevol teenoor mekaar, help waar julle kan, en waar julle krag ontoereikend is, plaas julle vertroue daar op My hulp, want My Liefde is altyd gereed vir julle en sal julle nie langer in die moeilikheid laat as wat dienstig sal wees vir jou siel nie. En selfs as jy jou lot hard ag, mag jy nie aan My Liefde twyfel nie. Wat kan jou egter oorkom sonder My wil? En My wil word deur My Wysheid en Liefde bepaal, wat die basis vorm van alles wat gebeur.

Selfs die bose word deur My Liefde aan jou gestuur, tot voordeel van jou siel as jy nie My wil sal teenstaan en alles wat Ek na jou sal stuur, berustend en sonder verset aanvaar nie. En wees daarom nie bang en moedeloos nie, want My Liefde is voortdurend by jou, omdat sy nooit of te nimmer minder kan word as wat Sy sedert ewighede was nie.

Streef slegs daarna om in staat sal wees om hierdie Liefde te voel, deurdat jy `n lewenswyse lei volgens My wil, deur die beoefening van liefde om daardeur in staat te wees om My krag van liefde in jou op te neem. Want of jy jouself ontvanklik wil maak vir die uitstraling van My Liefde al dan nie, dit staan jou heeltemal vry. Maar jou lewe sal baie ligter wees as jy weet dat dit gelei en versorg word

deur My Liefde, as jy My voel en My Liefde in alles herken. Bly daarom verbind met met My deur gebed en werke van liefde, en jy sal krag ontvang op jou aardse lewensweg en jy sal niks hoef te vrees nie, ongeag van wat oor jou gaan kom, want Ek Self sal jou lei tot aan die einde van jou lewe.

Amen.

God se magtige stem - Die einde van die oorlog

B.D. No. **3318**
5. November 1944

Luid en indringend sal die Stem van God weerklink en die lot van die volkere sal beslis word, want God self sal die vonnis uitspreek deur die kragte van die natuur. En teen sy regspraak sal niemand hom kan verset nie, want dit sal regverdig wees en die mense tref wat hulself skuldig gemaak het aan groot ellende en wat hul onreg nie wou insien nie.

Dit sal `n buitengewone hartseer gebeurtenis wees waarin talle mense hul lewens sal verloor, tog is dit onvermydelik, want mense word nie meer geskok deur enigiets wat deur menslike wil bereik word nie, gevolglik sal hulle afgeskrik moet word deur `n gebeurtenis wat nie deur menslike wil afgewend of beëindig kan word nie en wat enorme angs sal genereer, want almal sal gekonfronteer word deur die dood en sal hulself moet voorberei op hul einde. En hierdie gebeurtenis kom steeds nader, dag na dag gaan verby, maar die mensdom verander nie en God se verdraagsaamheid aarsel nog om die mense die geleentheid te gee om om te draai voordat Sy stem weergalm.

Maar dan sal wêreldgebeure ook stadig tot `n einde kom, omdat die natuurramp besig sal wees om plaas te vind, omdat die aarde se binneste in beroering gaan kom en slegs wag vir God om aan die magte van die natuur hul vryheid te verleen, sodat hulle hul uit hul boeie kan bevry. Want die mense wil nie ophou nie, dus gryp God in en maak `n einde daaraan.

Die verskriklike aktiwiteite sal ophou, maar die gevolge sal veel erger wees, want die mens sal verskriklike teenspoed ervaar en sal alles verloor en radeloos wees teen die ontketende kragte van die natuur. Hulle sal die woede daarvan nie kan ontsnap, belemmer of verminder nie, hulle sal oorgelaat wees aan die genade van die natuur en sal net een Verlosser hê aan Wie hulle hulself in hul dringende nood kan toevertrou, tot Wie hulle om hulp kan roep en Wie die krag sal hê om hulle te help.

Maar slegs weiniges sal Hom erken en aanvaar, slegs weinig sal skuldig voel en nederig wag op sy oordeel in die besef van van hulle sondigheid. En oor hierdie weiniges sal God Hom ook ontferm gedurende die ure van verwoesting, wat deur die goddelike wil sal plaasvind, omdat daar geen ander manier is om die geestelike nood op te hef nie en omdat die aardse nood voortdurend deur die menslike wil sal toeneem. En omdat mense geen einde daaraan sal maak nie, bepaal God die einde van `n stryd (oorlog) wat die hele wêreld in beroering gebring het. En daar sal 'n gil van verskrikking oor die aarde galm, wat die mense sal laat verstar. Want die omvang van die rampspoed sal hulle laat verstar en hulle sal in vrees sidder vir 'n herhaling.

Dit is God se bedoeling dat die hele mensdom sal deel daarin, dat hulle sal luister na Sy oordeel en dat diegene wat skuldig is, God se geregtigheid sal herken. Want elke vegtende party sal steeds glo om self reg te wees, slegs mag sal aanvaar word en nie die wet nie, en God se seën kan nie rus op dade wat verwerplik is nie, omdat dit teen die goddelike gebod van die liefde indruis. En God sal die mense straf op dieselfde manier as wat hulle self opgetree het, behalwe dat sy werk van vernietiging baie kragtiger sal wees, sodat hulle Hom daardeur sal herken.

Selfs die steeds gebinde geeste sal hul verontwaardiging uitdruk, omdat hulle uit die goddelike orde geruk is en sal hierdie toestand as pynlik ervaar, want alhoewel hulle deur die menslike wil vrygestel is, sal hulle nie in staat wees om hul vryheid te geniet nie, aangesien dit nie die vryheid van volmaaktheid is nie, want die geestelike substansies word die geleentheid ontneem om aktief te wees en sal in opstand kom daaroor.

Hulle sal egter besig wees waar die geleentheid hom ookal sal voordoen. Maar bo alles sal hulle aansluit by ander geeste wat nog steeds gebonde is en probeer om hulle te oorreed om ook hul

omhulsel te breek en sal hulle daarmee help. Daardeur wil hulle die mense dwing om weer konstruktief aktief te word en om hulle te voorsien van die geleentheid om nuwe skeppings te betree, ten einde voort te gaan met hul proses van ontwikkeling.

God sal nie die geeste teëhou wat deur die menslike wil vrygestel word nie, Hy sal ook Sy toestemming gee wanneer die materie binne-in die aarde begin beweeg, wanneer die geestelike substansies na die lig sal streef en poog om hulle omhullings te breek. God sal Sy wil vir ’n kort tyd terugtrek en die geeste vrye teuels gee, wat egter as gevolg van hulle volledige onrypheid `n werk van vernietiging op enorme skaal sal veroorsaak. En so sal menslike vasberadenheid gekonfronteer word deur `n ander wil, wat sterker is as eersgenoemde, wat skynbaar geen goddelike liefde en wysheid het nie en God se volle goedkeuring dra.

Nog sal die mense nie voor God buig nie, hulle sal nie hul stryd van vernietiging stop nie, hulle sal met duiwels besete wees en sal hulself laat dryf deur hulle, hulle sal meer en meer verslaaf word deur die bose mag en sal dit deur hulle werke en optrede bewys. En om `n einde te maak aan hierdie verval, sal God se wil en almag intree, in `n voor die hand liggende aksie. Hy sal die aarde skud en daarmee saam die mensdom, sodat hulle tot hul sinne kan kom en verander. Want dit sal die laaste tyd wees wat nog vir die siele gebruik kan word. En dit is waarom God se stem kragtig sal weerklink, en Hy roep tot die mense: “Stop julle woede wat julle siele in die verderf insleep; verander julle weë voordat dit te laat is en onthou die Een Wie regeer oor hemel en aarde, Wie julle Skepper en Voorsiener is en Wie se liefde julle onder julle voete vertrap. Dink oor julle einde, want dit is baie naby”.

Amen.

God openbaar Homself - Beloftes

B.D. No. **3326**
11. November 1944

My wil word bekend gemaak aan hom wat homself aan My oorgee en wie My wil dien. Want Ek spreek Self tot julle, nou en vir altyd, soos wat Ek altyd tot die mense gespreek het wie in staat gestel was om my stem te hoor deur die werksaamheid in liefde. Ek was in die Woord onder hulle en sal immer in die Woord by die mense vertoef, tot aan die einde van die wêreld.

Want Ek het Myne belowe, dat Ek My aan hulle sal openbaar as hulle My liefhet en My gebooie onderhou, dat Ek hulle in die waarheid sal inlei en dat hulle My Gees sal ontvang. My Gees is egter My Woord. My Gees is "Ek Self" en dus is Ek Self by diegene wat My liefhet en my gebooie onderhou. En daarom kan hulle ook My Woord direk van My verneem, want Ek openbaar My deur die innerlike stem en maak My wil aan hulle bekend.

En so het My leerlinge My stem verneem. Ek was in die Woord by hulle, nadat My verlossingswerk volbring was. Hulle het My gehoor, ofskoon Ek nie liggaamlik onder hulle vertoef het nie. En hulle het die Woord opgeteken, omdat dit My wil was. In alle suiwerheid het hulle dit weergegee wat hulle deur die innerlike stem verneem het. Want My Woord het helder en duidelik in hulle weerklink, sodat hulle voortdurend op hoogte was van My wil. En hierdie Woord het hulle aan die mense gegee, sodat My wil aan almal verkondig was, sodat hulle hierdie wil kon nakom en geluksalig kon word.

Maar die tyd het hierdie Woord van My nie suiwer en onbedorwe bewaar nie. Dit is nie alles My Woord wat as sodanig aan die mense gegee word nie. Dit het `n verandering deurgemaak deurdat mensewerk daaraan bygevoeg is. Die suiwer waarheid, die deur Myself na die aarde gestuurde Woord, kan slegs geskei word deur diegene wat weer self die Woord kan verneem deur werke van liefde en die wil om My te dien.

Nooit sal My Woord kan vergaan nie. Steeds sal die suiwer waarheid bly bestaan. Dit sal behoue bly tot in alle ewigheid. Maar mensewerk sal nie bly bestaan nie. Wat dus aan die menslike vernietigingsdrang ten prooi val, wat deur besluite en gebooie kragteloos en werkeloos word, is menslike bykomstighede. Want wat van My is, is onverganklik en sal alles deurstaan.

Maar Ek streef `n reiniging na van dit wat as My Woord vir die mense aangebied word en wat nie meer heeltemal ooreenstem met die Woord wat uit My was wat My leerlinge van My ontvang het nie. En daarom stuur Ek die Woord weer direk na die aarde. Ek openbaar My weer en soek weer My leerlinge uit wat Ek deur My Gees in alle waarheid kan lei.

Want Ek sal steeds in die Woord onder die mense wees en aan hulle die brood uit die hemel gee. En in die besonder, wanneer hulle gebrek ly en dit hulle aan geestelike voedsel ontbreek, aan kos wat hulle siele tot lewe moet wek. Dan sal Ek die bron open waaruit lewende water stroom. Ek gee die mense om te eet en te drink, deurdat Ek vir hulle die kos uit die hemele aanbied: My Woord. My vlees en My bloed.

Wie sal My daarin verhinder? Wie sal die goddelike werksaamheid van My Gees as beëindig beskou met die Woord wat deur my dissipels aangebied is? Ek sal by julle bly tot aan die einde van die wêreld, so lui my belofte. Waarom sal Ek nie met myne praat as hul harte daarna verlang nie? En julle mense het My Woord nodig, wat steeds weer My Wil aan julle moet bekendmaak.

Want die Woord het sy krag verloor, omdat dit nie meer suiwer vir die mense aangebied word nie, soos wat my dissipels dit eens van My verneem het. Maar julle mense het die krag nodig wat uit My Woord vloei. En dus gee Ek julle weer die suiwer waarheid. Ek kom opnuut weer in die Woord na die aarde en sal oral weerklink waar die mense wat gewillig en in staat is om liefde te gee, vir My hulle dienste aanbied en in hul binneste luister om My Woord te verneem. En na hulle moet julle luister, want hulle bring die suiwerste waarheid aan julle oor. Hulle maak julle bekend met My wil en hulle wy julle in `n kennis in, wat slegs Ek Self deur My Woord na die aarde toe kan bring. Glo daarom dat Ek steeds weer tot die mense spreek en in die Woord by hulle is.

Amen.

Dogma - Persoonlike verantwoordelikheid

B.D. No. **3329**
14. November 1944

Elk mens is persoonlik verantwoordelik vir sy siel en so moet hy homself verantwoord vir elke slegte daad, asook vir die nalaat van elke goeie daad. Hy kan nie sy skuld op ander afskuif nie, ook kan ander dit nie vir hom vereffen nie, maar hy moet dit self op aarde, of in die hiernamaals, aflos. Net so is slegs hy in staat om die vlak van sy volwassenheid te verhoog, want dit kan nie aan hom geskenk word nie, inteendeel moet hy `n poging aanwend om te lewe volgens God se wil. Dus moet hy die sorg vir sy sieleheil op homself neem, omdat geen ander mens dit van hom kan oorneem nie. Daarom moet hy homself op hoogte bring van die wil van God en Sy Woord aanneem, wat die goddelike wil aan hom wil bekendmaak. En dan moet hy toelaat dat die Woord van God op hom inwerk. Hy mag daarom nie blindelings glo wat mense hom aanbied nie, maar hy moet dit eers met die Woord van God vergelyk en eers wanneer dit geheel en al met laasgenoemde ooreenkom, mag hy hom aan die invloed daarvan oorgee.

As die mens verantwoordelik is vir homself, is hy ook verantwoordelik vir die geestelike leringe wat hy syne noem. Gevolglik is dit sy plig om alles wat hom aangebied word, in diepte te ondersoek, want juis daarvoor moet hy homself verantwoord. Hy kan homself nie beroep daarop dat hy valshede aangebied was en hy daardeur nie tot die waarheid kon kom nie, maar hy moet sy bes doen om agter die waarheid te kom, wat ook aan hom gegee sal word as hy daarna verlang. Aangesien God hom eendag verantwoordelik sal hou, sal Hy hom vooraf eers alle geleenthede bied om die waarheid te ken en daarvolgens te leef. Maar wanneer `n mens hom verlaat op dit wat ’n medemens hom aanbied, dan ontduik hy alle persoonlike verantwoordelikheid. Hy probeer om dit dan op `n medemens af te skuif wat hom onderrig het. Maar God het hom die verstand en die gawe van denke gegee en m.b.v. hierdie gawes kan hy vir homself besluit wat goed en deur God gewil is en dienooreenkomstig handel. Gevolglik kan hy ook aanspreeklik gehou word.

Daarom kan akademies ontvange geestelike kennis, dus ook leerstellings, wat deur die persoon in die vorm van offisiële onderrig ontvang, nie toereikend wees om die volledige kennis van die wil van

God te bereik nie, solank dit nie deur eie nadenke, `n gevoel van verantwoordelikheid in hom laat ontwaak en bevorder nie. En met ernstige nadenke sal die mens besef welke onderrig deur God aan die mense gegee is en welke onderrig vanaf menslike kant daarby gevoeg is. Om homself dus eendag te verantwoord, moet die mens eers met die ontvange kennis betrokke raak en daardeur sal hy ook tussen waarheid en dwaling kan onderskei. Terwyl dogmatiese onderrig die verantwoordelikheidsgevoel in hom laat verstik, ja, dit moet inderdaad verstik, omdat die geloof daarin, of die vervulling van wat vereis word, `n suiwer meganiese saak word en die persoon nie meer verantwoordelik voel vir wat hy dink hy pligsgetrou vervul nie. Want wat hy doen, doen hy uit ’n bepaalde dwang, omdat dit van hom geëis word. Dit is nie `n handeling uit vrye wil nie, ofskoon hy dit ook kan weier of ignoreer, maar die innerlike drang daartoe ontbreek, wat die rede vir elke daad moet wees vir alles wat God van die mens vereis.

Die mens moet bewus wees van die feit dat God slegs dit waardeer wat uit liefde gedoen word, dat sy denke en dade daarom slegs deur liefde beheer moet word en dat alle liefdeloosheid `n sonde teen God is, Wie die Liefde Self is en dat die mens homself daarvoor sal moet verantwoord. Dus, wat hy beveel word om te doen, wat hy verplig word om te doen, skakel die vrye denke en handelinge uit en die mens gee effektief slegs erkenning aan die wêreld, d.w.s. aan hulle wat hom `n plig opgelê het. Om hierdie rede kan dit die siel nie veel baat nie, want die mens handel en dink nie vanuit die hart nie. Derhalwe, aangesien geen persoon die verantwoordelikheid vir die siel van `n ander persoon kan oorneem nie, moet die mens dit self dra en is hy ook verplig om sy denke en handeling noukeurig te ondersoek of dit met die wil van God ooreenstem en daarom moet hy op hoogte wees van die wil van God, wat aan hom deur Sy Woord oorgedra word. Daarom moet die Woord van God die grondslag wees, maar nie menslike interpretasies of toevoegings nie. En om dit te ondersoek, om hom eendag te verantwoord, is `n innige verhouding met God nodig, wie nou ook aan ’n mens wat na die waarheid verlang, Sy wil deur middel van gedagtes sal openbaar.

Amen.

Die vergeesteliking van die substansies van die liggaam

B.D. No. **3333**
17. November 1944

Die liggaam moet die siel help om geestelik ryp te word, deurdat hy homself sal opgee, deurdat hy elke begeerte sal onderdruk sodat slegs die begeertes van die siel tot sy reg kom, wat sy, as die liggaam haar vrylaat, haarself geheel en al aan die gees sal oorgee, dus swig voor die begeerte en aandrang om te dien. Hoe meer die liggaam homself by die begeerte van die siel aansluit, des te meer vergeestelik hy dus ook die materiële buitekant van die siel. En sy sal dan nie meer so 'n lang weg oor die aarde hoef af te lê nie, terwyl 'n geheel materieel ingestelde liggaam nog na sy liggaamlike dood baie lang tyd nodig het voordat hy sy begeertes oorwin het. Die geestelike substansies van die uiterlike vorm van die siel raak as te ware verfyn. Sy is dan nie meer so grof stoflik nie, ofskoon sy nog aardse materie is. Die siel trek haarself mee na die oorkant in die gebied van die gees in, aan wie sy nou alle heerskappy oor haarself afgestaan het, en die liggaam volg haar gewillig. Sy sien nou af van alles wat andersins begerenswaardig gelyk het. Sy is volledig sonder weerstand en daarom ook nie meer op die wêreld gerig nie.

En 'n mens sal vinniger ryp word as liggaam en siel aan die gees in haar onderdanig is. Hy sal haar nou in liefde en wysheid regeer. Wat hy verlang word deur die siel en die liggaam uitgevoer en dit dra by tot geestelike vooruitgang, want die siel sal die stem van die gees kan verneem, omdat die liggaam terselfdertyd bereid is, deurdat hy elke steurnis ver weghou van die siel, terwyl hy homself in die toestand verplaas sodat die stem van die gees homself kan uiter. Want die liggaam moet hom volledig losmaak van die wêreld. Hy moet sy liggaamlike oor sluit en die luister aan die siel oorlaat, sodat sy dit aan hom kan oorbring. Hoe minder die siel deur die liggaam gehinder word, des te duideliker klink die stem van die gees vir haar.

Maar die liggaam bereik daardeur ook goeie resultate. Hy oorwin die materie veel makliker. Hy word in ’n sekere mate versterk deur die spys wat die siel vir haarself inneem. Hy vergeestelik

homself steeds meer en meer en die siel neem by haar heengaan van die wêreld geestelike substansies van haar liggaam in haarself op. Die aards-materiële bestanddele van die liggaam sal nie so ’n lang rypingsproses hoef deur te maak nie, dikwels word selfs die vorming van 'n nuwe mensesiel toegelaat, waar sy haarself dan ten volle kan vergeestelik.

Waar siel en liggaam op die gees afstuur, is so ’n vergeesteliking gewaarborg, indien God se ewige ordening ook in ag geneem word by die positiewe ontwikkeling van die gees. Die gang van die positiewe ontwikkeling kan egter aansienlik verkort word, wanneer die weerstand van die siel gebreek is, dit wil sê, wanneer die siel self elke weerstand opgee, wat steeds die geval is wanneer die liggaam homself losmaak van alles wat hy andersins nagestreef het, wanneer hy vir die siel die geestelike strewe ligter maak, deurdat hy self by haar aansluit en poog om elke aardse boei te verbreek deur bewustelike oorgawe en hom te onderwerp aan die gees in homself, wat siel en liggaam nou na hom toe trek en 'n vinnige positiewe ontwikkeling van beide nou die gevolg daarvan is.

Amen.

Rede vir die moeilike lewensomstandighede

B.D. No. **3334**
18. November 1944

Julle mense sal geen verandering ten goede in julle lewensomstandighede kan verwag, solank julle nie self julle wil en julle leefwyse verander nie. Julle het `n totale verkeerde opvatting van die doel van julle lewe op aarde en julle sou ook nooit daaroor nagedink het as daar vir julle `n sorgelose, eentonige vreedsame lewe in wêreldse genot beskore was nie.

Julle moet egter tot die besef kom van julle eintlike lewenstaak en daarom word julle deur haglike lewensomstandighede aangespoor om daaroor na te dink, omdat julle slegs dan deur ingefluisterde gedagtes antwoord gegee kan word deur wetende wesens wat julle geestelik begelei. En hierdie haglike omstandighede sal versleg, as hulle julle nie tot nadenke kan aanspoor nie, omdat julle dan nie bewustelik lewe nie, dus geen positiewe geestelike ontwikkeling nastrewe nie, wat die sin en doel van julle lewe op aarde is.

Julle sal daarom moeilike tye moet deurmaak op aarde en julle kan nie op verbetering reken, so lank as wat julle julself nie verbeter nie, dus die goddelike wil tot riglyn vir julle lewenswandel maak nie. Want God kan julle slegs op één manier opvoed, sodat julle wil self werksaam word en julle sou slegs weinig leed nodig gehad het, wanneer julle uit eie beweging sou nadink en julle lewe sou vorm volgens die doel van die lewe.

En baie moeilike omstandighede sal julle nog belas, omdat julle geen aanstaltes maak om julle te verander nie. Die aarde sal baie leed sien en hopeloosheid en droefheid sal die mense moeg en gevoelloos maak en tog sou hulle hulself `n maklike lewe op aarde kon besorg, as hulle die leed as `n aanmaning van God sou insien, wat hulle daardeur toeroep om hul lewens te verander vir hul eie beswil.

Want siel en liggaam gaan ten gronde op die weg wat hulle ingeslaan het. En God wil die siel red en belas daarom die liggaam, Hy wil julle mense nog die ware weg wys, as julle maar net wil strewe om na Hom te luister, wanneer julle deur die verswaarde lewe julle gedagtes sal rig op Hom, wanneer julle julself sal afvra wat die betekenis en die doel van julle bestaan is en d.m.v. gedagtes na `n antwoord verlang. As julle na Hom luister, Sy aansporing en waarskuwings in ag neem en dit opvolg, dan sal Hy die sware las wat die lewensomstandighede vir julle sal hê, van julle afneem. Hy sal julle verlos van alle boosheid, geestelik en ook liggaamlik, want Hy verlang slegs van julle dat julle na Hom sal luister en dat julle die eintlike doel van julle lewe sal vervul, dat julle strewe opwaarts sal wees en julle nie net sin sal hê vir die wêreldse lewe nie.

Dan neem Hy die sorge van julle af, vir sovêr dit goed is vir julle siele, want God wil nie dat julle ly nie, indien julle jul geestelike welsyn bo alles stel, maar Hy moet julle met alle hulpmiddele behoed teen die ewige verderf, wat julle egter tegemoet sal gaan, as julle `n aardse lewe lei in sorgloosheid en

wêreldse genot. Dan sal julle siele verlore gaan en sal julle op aarde nie julle doel bereik nie, julle sal nie daarna strewe om opwaarts te gaan nie en dan het julle jul lewe verniet geleef.

Amen.

Gemeenskaplike werksaamheid in liefde in die eindtyd

B.D. No. **3343**
24. November 1944

Myne sal nou moet bymekaarkom, as hulle nie in die laaste dae swak en moedeloos wil word nie. Hulle moet mekaar opbeur en moed inpraat. Verenig moet hulle my hulp vra en dit gelowig verwag. Hulle moet elke geleentheid benut om na My Woord te luister, die liefde te beoefen en innerlike samespraak te hou met My, sodat hulle weer versterk hul daaglikse arbeid kan doen om aan die vereistes van die wêreld voldoen, in soverre dit nie omseil kan word nie. Want die tyd sal moeilik wees vir elkeen. En wie vir homself nie krag gaan kom haal by My nie, wie die krag van My Woord nie op hom laat inwerk nie, vir hom sal die tyd ondraaglik voel en hom terneerdruk.

Maar vir myne het Ek altyd dit gereed wat krag gee, naamlik My Woord, wat uit die hemel aangebied word. Wie dit het, sal ook hierdie tyd kan uithou. Hy sal geen aandag aan die teenspoed skenk nie en die nood nie so voelbaar opmerk nie. Hy sal altyd daaruit gelei word, want Ek sal self my Hande oor hom hou, sodat geen leed oor hom sal kom nie. Ek sal hom self by die hand neem, sodat hy geen misstap sal begaan nie. En Ek sal hom self opbeur en vertroos deur My Woord, wanneer hy moedeloos is en sy hart hom bekommerd maak.

En daarom sal My Woord die enigste bron van krag wees. En vir my Woord sal julle moet saam kom. Julle sal My altyd met julle moet laat praat, in nood en kommer, wanneer julle bang is en in `n benarde toestand verkeer. Julle sal na My Stem moet luister en doen wat Ek van julle verlang, naamlik om voortdurend liefde te gee. Want slegs deur werke van liefde sal die nood verlig word, want dan trek jy My na jou toe en saam met My sal jy alles oorwin. En as julle die liefde ook teenoor julle vyande sal stel, sal julle ook geestelike suksesse kan behaal, want waar julle liefde gee, wen julle die harte en so verswak julle die mag van die teenstander.

En julle sal baie geleentheid daarvoor hê, omdat die nood alle mense in `n toestand sal bring waar hulle om hulp gaan vra. Dan moet jy hulle in die waarheid onderrig. Julle sal vir mekaar `n goeie voorbeeld moet stel en die liefde in praktyk bring. En Ek wil vir julle die moontlikheid gee om behulpsaam besig te wees, sodat julle jul medemens kan aanspoor en opvoed in die liefde. En elke groep wat in geestelike strewe bymekaar sal kom, wat bereid is om My te dien en wie verlang om My Woord in hulself op te neem, moet weet dat hulle onder my beskerming sal staan.

Ek sal steeds te midde van die mense wees wat My as hul doelwit gestel het. Ek sal hulle duidelik te hulp kom in die nood. Ek sal die alleenlopers bymekaarbring, sodat hulle My gesamentlik sal dien. Ek sal aan hulle alle beskerming verleen, sodat hulle nooit bang hoef te wees nie. Want nooit sal die nood groter wees as die Een wat dit oor die mensdom laat kom het nie. Wie My erken as God en Skepper van hemel en aarde, sal net sy gedagtes gelowig en vol vertroue na My hoef op te stuur en Ek sal hom nie teleurstel nie. Sy geloof is die waarborg vir My hulp. Sy geloof roep My teenwoordigheid in en Sy geloof laat My vaderliefde sigbaar word. Hy sal nie tevergeefs na My roep nie, hy sal in elke nood verhoor word.

En gaan daarom die komende tyd onbekommerd tegemoet. Laat My werksaam wees en vrees nie, want My Liefde en Almag sal die tyd beëindig en julle, my getroues, daardeur lei na die ewige geluksaligheid. En julle sal My dank en loof dat julle hierdie tydperk van genade kon deurmaak. Want dit sal diegene wat My trou bly, meer seën oplewer, naamlik `n paradys op aarde en `n gelukkige lewe eens in die ewigheid.

Amen.

Meervoudige gang deur die skepping - verlossingsplan van God - Die herken in die lig ryk

B.D. No. **3345**
25. November 1944

Die gees het `n lang pad om te gaan alvorens dit toegelaat word tot die laaste lewensproef, tot die beliggaming as mens. Dit moes deur baie ander vorms heengaan. Hy moes hom voeg volgens die goddelike wil. Hy was van sy vryheid beroof en dus moet hy hierdie weg oor die aarde in `n sekere sin gedwonge aflê, maar met die finale doel dat hy weer sy uiteindelike vryheid sal verkry. Die beliggaming as mens moet die laaste proef wees waarin die wese homself moet omhul om sy finale vryheid te verkry. Dit wat hy in die toestand van gedwonge wil gedoen het, naamlik om te dien, moet hy nou uit vrye wil doen en mag nie beïnvloed word nie, maar moet slegs gerig word. Hy moet dienend werksaam wees uit eie keuse, aangespoor deur die liefde. As die wese nou bereid is om hierdie dienende weg in liefde te gaan, dan kan hy binne `n kort tyd sy laaste vorm oorkom en binnegaan in die sfere van lig, waar hy weer vry en ongehinderd in geluksaligheid kan werk. Dit is die doel en sin van die lewe deur die skepping.

Omdat die doel die vrye wil van die wese vereis, kan die wese begryplikerwys ook val wanneer hy die vrye wil nie korrek gebruik het nie. Hy mag die doel mis en `n verkeerde weg gaan wat ver van die doel af voer. Dan was `n gang deur die skepping nie voldoende nie, en hy moet, om die doel te bereik, weer hierdie gang aflê. Ja, so nou en dan verskeie kere, totdat hy uiteindelik sy vryheid weer teruggekry het. En vir elke gang deur die skepping word nuwe geleenthede gegee om volwasse te word. Steeds weer word daar ander voorwaardes gestel waaronder die gees die opwaartse ontwikkelingsgang moet aflê. En dit is die ewige verlossingsplan wat eers vir die mense verstaanbaar word, wanneer hulle op hoogte is van die oorsprong en die einddoel van die gees, deur die opwekking van hul eie gees. Slegs dan is hulle in staat om die oneindige liefde en barmhartigheid van God te verstaan, Sy grootte en almag en Sy oorgrote wysheid. Maar hulle sal God eers in die ryk van lig herken, wanneer alle sluiers voor hulle oë sal wegval en hulle terugkyk op die afgelegde gang oor die aarde, wanneer hulle op hoogte sal wees van die oneindige liefdevolle sorg van die ewige Skepper teenoor Sy skepsels, van die hardnekkigheid van hulle in die onverloste toestand en die heerlikhede van die geesteryk.

Alles wat bestaan, het slegs ten doel om die gees na Hom terug te voer, wat eens vir Hom verlore gegaan het deur die wil van die teenstander aan wie Hy ook volle vryheid gegee het. Die ryp gees ken sy onvolmaaktheid en sy afstand tot God van voorheen en is ewig dankbaar en aan God toegewyd, omdat Hy hom nie in hierdie toestand gelaat het nie, maar met alle middele vir hom probeer terugwen het. Hy ken sy eie weerspannigheid en die oorgrote liefde van God en hy word nou byna verteer deur die liefde vir Hom wat hom gered het uit die geestelike diepte.

En al het die gang oor die aarde ook oneindige tye geduur, al het dit die wese ook matelose kwellinge veroorsaak, is die wese self vir sy Skepper dankbaar dat Hy hom hierdie weg laat gaan het, dat Hy hom die moontlikheid gegee het om die laaste doel te bereik en tot aanskoue van God te kom, want hierdie geluksaligheid weeg op teen alles wat die wese in sy weerspannigheid ondergaan het. En daarom is elke nuwe skepping `n bewys van die liefde van God wat die gees, wat Hom nog nie herken nie, tot insig te bring, om hom geluksalig te maak vir alle ewigheid.

Amen.

Natuurramp - Goeie en slegte mense sal ten prooi val

B.D. No. **3348**
27. November 1944

In die uur van hul grootste nood sal baie mense tot God roep, maar nie elke roep sal uit die hart kom nie, want die gevaar waarin hulle sal wees, sal hulle van hul denkvermoë ontneem, en so sal hulle God bloot met hul lippe aanspreek en na hulle gebed sal nie geluister word nie. Slegs hulle wat in staat sal wees om hul gedagtes aan Hom te stuur, al is dit net vir `n paar oomblikke, sal deur God bygestaan word, hetsy deur hulle te red van `n liggaamlike nood, of deur nog genade te verleen aan hulle siele voor die einde.

Die dood moet nie altyd as die grootste ramp gesien word nie, want as `n persoon wat die dood in die gesig staar, sy weg daardeur na God gevind het, was dit `n doeltreffende middel vir sy verlossing gewees, wat meer waardevol is as die behoud van die liggaamlike lewe in geestelike duisternis.

En daarom sal talle mense binnekort hul lewens verloor, deels as `n waarskuwing aan hul medemens en deels ter wille van hul eie geestelike nood. Maar regverdige mense, wie se lewe tot `n einde gekom het volgens God se wil, sal ook weggeroep word van hierdie aarde. Want waar God Self herkenbaar is, waar die natuurkragte, wat aan God onderhewig is, in beroering raak, daar is Sy wil bepalend wie hierdie gebeurtenis ten prooi sal val. Ryp en onryp siele sal hierdie aarde moet verlaat, maar as `n siel God voor haar dood herken het, is haar hoër geestelike vooruitgang in die hiernamaals verseker en sal die beëindigde aardse lewe slegs `n seën vir haar gewees het.

En die aardse nood sal groot wees en sal aan almal nog die moontlikheid bied om die pad na God te vind, want die natuurgebeure sal homself vooraf aankondig. Buitengewone tekens sal dui op `n buitengewone gebeurtenis, sodat elke mens homself nog sal kan besin, en deur sy medemens in kennis gestel kan word van die hoogste Gesag, die Beheerder van hemel en aarde, sodat hy nog die tyd en geleentheid sal hê om met Hom te verbind in innige gebed.

Maar dan sal die mensdom se afstand van God geopenbaar word, want slegs weinig sal Hom aanneem, slegs weinig sal na Hom draai vir beskerming en hulp in hul vrees en benoudheid. Die meeste van hulle sal Hom verwerp, bewustelik en onbewustelik, hulle sal die skouspel van die natuur volg, steeds met die hoop dat dit spoedig sal eindig en daarom sal die uur van benoudheid hulle des te ernstiger tref, omdat hulle heeltemal verlate sal voel, aangesien alle geloof by hulle sal ontbreek. Maar baie van diegene wat ver van God staan, sal bly lewe en vir wie God steeds die geleentheid gaan bied om naderhand to insig te kom.

Goeie en slegte mense sal hulle lewens verloor, en goeie en slegte mense se lewens sal gered word, want hierdie natuurkatastrofe is nog nie die skeiding van die geeste nie, maar slegs `n laaste waarskuwing voor die finale oordeel, waaruit alle mense voordeel vir hul siele moet kry.

Maar dit staan hulle vry hoe hulle hierdie laaste waarskuwing gaan benut. Hulle kan tot insig kom, vóór of na die rampspoedige nag, maar hulle kan ook bly vashou aan hulle ou denke en dus sal die groot gebeure geen indruk op hulle siele maak nie. En so sal die mense wat God vyandiggesind is, naderhand aktief poog om alle geloof in God te vernietig, en hulle sal hierdie natuurramp gebruik as die sterkste bewys dat Hy nie bestaan nie. Hulle sal as die grootste ontkenners van God na vore kom uit `n gebeurtenis wat bedoel was om hulle tot geloof terug te bring. En daarom sal die stryd openlik ontbrand tussen diegene wat sterk en getrou geword het, as gevolg van hierdie gebeurtenis en diegene wat dit oorleef het, ten spyte van hulle ongeloof. En so sal alles die einde tegemoetgaan, nadat die mensdom nog ’n kort tyd van genade verleen is tot by die laaste oordeel.

Amen.

Kindskap van God - Buitensporig baie leed op aarde

B.D. No. **3352**
1. Desember 1944

Om die kindskap van God op aarde te verkry, moet die mens homself omvorm tot liefde en homself daardeur in staat stel om die vereniging met God al op aarde tot stand te bring, sodat hy heeltemal ryp in die ligsfeer van die hiernamaals kan ingaan, wanneer hy van die aarde af weggaan. Hy moet dus sy siel so gelouter het deur werke van liefde, dat God Self in sy siel sal kan woon en sy gees hom met die Vadergees verbind. En dan het die mens sy doel op aarde heeltemal tot `n goeie einde gebring en sy doel bereik om as ligwese binne te mag gaan in die geesteryk, waar hy nou kan skep en werk.

Maar hierdie graad van volmaaktheid vereis `n volledige afstand doen van aardse goedere. Solank as wat die mens nog aan die materie hang, is hierdie versmelting met die ewige Godheid onmoontlik, want die hart is nog nie heeltemal vry van afvalstowwe nie, wat bestaan uit begeertes en gevolglik ook nog nie voorberei is om die goddelike Gees op te neem nie, en dan moet die mens baie leed op

homself neem om die laaste loutering van die siel te bewerkstellig en daarom sal ook aan die uitermate goeie en vrome mense baie leed opgelê word, sodat die loutering van die siel kan plaasvind.

Waar `n buitengewone swaar leed die mense terneerdruk en hulle daardeur `n dieper geloof openbaar, daar kan die siel vóór haar beliggaming `n besonder moeilike lewe op aarde vir haarself gekies het, om die laaste doel te bereik, naamlik die kindskap van God op aarde. Want hierdie doel moet op aarde nagestreef en bereik word en altyd sal dit die swaarste lewensvoorwaardes vereis, omdat die siel heeltemal rein en sonder afvalstowwe die ryk hierna moet binnegaan en sy `n besonder doeltreffende louteringsproses verlang. Want steeds is leed `n hulpmiddel om die geestelike doel te bereik. Dit moet na God lei as die siel nog van God afgewend is, of dit moet die siel louter en kristalliseer, sodat sy as `n heeltemal rein wese in die nabyheid van God kan kom, om nou die mees geluksalige vereniging met Hom te kan binnegaan.

Leed en liefde moet saamwerk om `n mens op aarde te vergeestelik en daarom moet die mens wat in liefde leef, die leed nie vrees nie, dit inteendeel met oorgawe op homself neem, sy gedagtes gerig op die hoë doel wat hy op aarde kan bereik, want hy het vir homself sy weg oor die aarde gekies vanuit die insig dat dit hom sal help om ryp te word tot die hoogste graad, as sy wil hom nie daarteen sal verset nie.

Dog weeg die verrukking van die kindskap van God duisendvoudig op teen al die leed in die lewe op aarde. En die tyd op aarde is kort, dit is soos `n oomblik in die tydsbestek van die ewigheid. En sodra die mens `n diep geloof het, kan hy ook steeds die krag van God in ontvangs neem om alles te verdra wat vir hom opgelê is, want sy gebed sal dan innig tot God gerig wees en God Self sal hom versterk en hom tot oorwinnaar van sy lewe op aarde maak.

God Self gaan haal Sy kind en bring hom na Hom toe, as hy die beproewing van die lewe op aarde deurstaan het en nou as `n heeltemal rein wese van die aarde skei. Maar steeds moes sy weg oor die aarde gekenmerk gewees het deur liefde en leed, omdat sonder hierdie twee, die siel nie volledig rein kon word om God in die hart van die mens op te neem nie en die innige verbintenis met God, wat al op aarde moes plaasgevind het, andersins die siel in stand sou kon hou teen die versoekings van die wêreld nie, andersins sou ook die leed nie die volledige loutering in sigself kon oplewer nie, omdat die krag haar ontbreek om die leed, sonder om te mor en te kla, te dra en elkeen wat mor of wat nog in verset wil kom, nog nie hulleself volledig onderwerp het aan die Wil van God nie.

Maar die siel moet één word met God. Sy moet die innigste band met Hom hê, sy moet self die leed wil dra en dit ook as `n geskenk van God dankbaar in ontvangs neem, vanuit die insig dat dit die laaste versperring tussen God en homself verwyder en dat slegs `n oorwinning van die leed nog vir hom die hoogste geluksaligheid sal kan oplewer, naamlik om `n kind van God te word met alle regte en verpligtinge.

En dit is die doel van alle mense op aarde, maar slegs weiniges bereik dit. Slegs weiniges is deur die liefde so innig met God verbind, dat hulle ook Sy oorgrote Vaderliefde in die leed herken, Wie vir hulle die geluksaligste lot wil berei vir die ewigheid. Hul lot op aarde is nie benydenswaardig nie, maar in die ryk hierna sal hulle op die hoogste trap, staan want hulle sal in die onmiddellike nabyheid van God wees en daarom ook onuitspreeklik gelukkig, want hulle kan, as Sy ware kinders, na behore handel volgens hulle wil, wat ook steeds die Wil van God is. Hulle kan skep en vorm gee en steeds weer bydra tot die verlossing van diegene wat nog ver verwyderd is van God, wat die mees verskillende skeppings nodig het om hulle opwaarts te ontwikkel. En dit is die saligste lot wat in oorvloed skadeloos stel en wat opweeg teen die lyding van die aardse lewe en daarom die doel van alle mense op aarde moet wees.

Amen.

Ligwesens beïnvloed die gedagtes

B.D. No. **3354**
3. Desember 1944

Sodra `n ligdraer in die hiernamaals, `n wese wat kennis het, inslag kan vind by `n mens, sal hy steeds in sy nabyheid bly om elke gedagte te beïnvloed, om hom dus voortdurend te onderrig. Maar steeds sal die wil van die mens deurslaggewend bly of die pogings van die ligwese sukses sal hê. Want ofskoon die wese vol krag is en geheel en al besit sou kon neem van die denke van die mens, sal die mens nie in sy wilsvryheid beperk word nie, dus sal kennis nooit teen sy wil oorgebring word nie.

En daarom verg onderrigting van die kant van die ligwesens oormatige geduld. Hulle moet weer en weer die gedagtes van die mens op `n bepaalde tema rig waaroor hulle bereid is om opheldering te gee en hulle mag nie ongeduldig word wanneer hierdie gedagtes afdwaal nie. En daarom moet hul liefde vir die mense groot wees, sodat hulle steeds weer begrip kan kry vir hul swakhede en nie sal ophou om te poog om die mense geïnteresseer te kry in geestelike kennis nie.

En daarom sal `n mens wat in die mees innerlike verbinding met die ligwesens staan, ook `n ander gedagtewêreld hê, hy sal, ofskoon hy nog nie onderrig is nie, baie nadink oor geestelike temas en hierdie nadenke sal hom bevredig, omdat dit vir hom antwoorde gee wat hom geval. En dan kan die ligwesens tot aksie oorgaan, hulle kan te alle tye in die gedagtegang van die mens tussenbeide kom, hulle kan hul denke op die mense oordra. Maar dit hang van die bereidwilligheid van die mense af om dit aan te neem, of hul inspanning en geduld suksesvol sal wees, want hoe meer bereidwillig die mens is, des te opmerksamer luister hulle in hul binneste, d.w.s. slaan hulle ag op hul gedagtes, hulle laat dit nie dadelik los nie, maar verwerk dit en eers dan kan dit werksaam word, dus kan dit hom aktief laat word, om uit te voer wat vir hom deur gedagtes aangeraai was.

As die mens gehoor gegee het aan hierdie oordrag van gedagtes, dan sal die verlange ook by hom opkom om die gehoorde, dus dit wat geestelik opgeneem is, aan sy medemens oor te dra, want wat hom innerlik besighou, spoor hom ook aan om dit verder deur te gee. En dit is dan die voorbereiding van sy medemens om deur die ligwesens onderrig te word, want sodra iemand sy oor open vir dit wat aan hom meegedeel word, begin hy ook na te dink en dan kan die ligwese weer ingryp en voedsel aan sy denke gee in die vorm van vrae en opheldering deur gedagtes.

Elke mens is aan sulke ligwesens toevertrou, alle mense is deur hulle omring en hulle let op elke gedagte. En sodra die denke hom op geestelike sake rig, dus op dit wat buite die aardse lewe lê, wat nie die liggaam, maar die siel van die mens betref, poog die ligwesens om die denke op `n goeie weg te lei, deurdat hulle die regte kennis sal hê as antwoord op die vrae wat die mense besighou en hulle sal dit deur gedagtes toefluister, sodat hulle dit as van hulself uitgaande, aandag daaraan sal skenk en dit sal ook deur die goeie wil van die mens gewaardeer word. Want die gedagte word eers dan waardevol wanneer dit omgesit word in die daad, wanneer dit wat die mens deur gedagtes aangeraai word, ook uitgevoer word in ooreenstemming met die raad.

Maar by baie mense is die inset van die ligwesens sonder sukses, omdat hulle slegs aardse sake nastreef en nie vir geestelike arbeid of geestelike kennis ontvanklik is nie. Daar is die ligwesens dankbaar vir alle steun deur die mond van `n mens, want die ligwesens kan hulle nie openlik openbaar en kan ook nie die mens teen sy wil in die regte kennis inlei nie, inteendeel, dit hang steeds van die wil van die mens self af of hy die werk van die ligwesens toelaat of weier.

En die ligwesens is aan die wette gebonde, omdat die vrye wil van die mens onaangetas moet bly om die volmaak wording van die mens nie onmoontlik te maak nie. Daarom kan die regte kennis slegs vir die mense gegee word wanneer hulle wil self aktief word, deurdat hulle hulself dus ongedwonge aan die invloed van diegene sal oorgee wat as verkondiger van die lig, hulle met die regte kennis vertroud maak.

Dan eers kan die ligwesens wat hom omring ook by hom hul arbeid verrig, hulle kan hom deur gedagtes onderrig en hom uitsluitsel gee oor elke vraag wat hom sal besighou. En dan word hy voortdurend geestelik gelei en versorg en sy denke word op die regte baan gestuur, want die ligwesens beskik oor groot krag en mag as die wil van die mens hom nie verset teen hul inwerking nie.

Amen.

Nuwe aarde - Vrye wil - Kennis van goed en kwaad -

B.D. No. **3359**
7. Desember 1944

Die menslike wil is vry, maar die gebruik van die wil vereis `n helder begrip van wat die wil kan en moet nastrewe. Om te kan kies, moet die wil geleentheid hê om vanuit twee kante te kies, dus moet dit vir die mens moontlik wees om goed van kwaad te kan onderskei, anders sou die vryheid van wil geen sin gehad het nie. Om hierdie rede het God `n verstand aan die mens gegee, anders sou die vrye wil betwyfel kon word.

Om die verstand nie vir sy eintlike funksie te gebruik nie, beteken dus ook om die gawe van die vrye wil buite beskouing te laat. Die mens het dus `n plig om sy verstand te gebruik, omdat hyself daarvoor verantwoording moet doen. En daarom is dit noodsaaklik om oor die doel en die betekenis van die lewe na te dink, omdat daar dan alle ander vrae opduik waaroor nagedink moet word om tot `n vrye wilsbesluit te kom.

En dit is vir die geestelike ontwikkeling beslis noodsaaklik, sodat die innerlike houding teenoor God, teenoor die goeie, `n verheldering sal ervaar, sodat die mens `n innige verhouding met God leer ken as doel van die aardse lewe, sodat die vrye wil bewustelik na God sal streef en hy daardeur tot die goeie instem. Hy moet daarom ook die mag van die bose ken en moet die bose leer ken om dit te kan verafsku om dan vir één van beide te beslis. En juis daarom kan die bose nie uit die wêreld geban word nie, want anders sou die mens nooit hierdie vrye wilsbesluit kon neem nie.

Die bose moet ook speelruimte hê waarin hy kan uitwoed. Dit is die invloed van God se teenstander op die mense wat nie verhinder word nie, omdat hy tegelykertyd die goeie kragte tot ontplooiing kan bring en die wil van die mens aangespoor word om na die goeie of die bose te strewe. Derhalwe is die negatiewe kragte ook vir God diensbaar, want hulle help al die gees teen hulle wil, wat hulle wil ten goede opwaarts wil gebruik. Maar die negatiewe kragte laat dikwels hulle invloed geld buite hulle bevoegdheid, deurdat hulle probeer om die werksaamheid van goeie kragte te verhinder, wat hulle egter nie deur God belet word nie. Hulle probeer daardeur vir die mense die vrye besluit tussen die goeie en die bose onmoontlik te maak, deurdat hulle die kennis van die goeie, van God, van hulle weerhou en die wil van die mens probeer oorweldig.

Daarom sal God vir `n lang tyd `n einde aan hulle aktiwiteite bring. Hy sal hierdie kragte bind wat vir lang tye die vryheid van handeling gehad het, maar tegelykertyd die mense, wat nog geen duidelike besluit geneem het nie, of wat die bose verkies het, verhinder het om hulle vrye wil te gebruik.

Slegs hulle wat uit eie beweging, ondanks die grootste versoekinge, vir God gekies het, sal bly lewe; wie dus geen wilsbeproewing meer nodig het nie, omdat hulle die swaarste proef deurstaan het. Dus kan daar in die komende tydsbestek slegs mense op aarde woon wat hierdie wilsbeproewing ondergaan het. Hulle sal weet van die aktiwiteite van die teenstander waaraan hulle blootgestel was en wat hulle tog ontvlug het, kragtens hulle vrye wil.

Slegs hulle het dus die rypheid bereik wat hulle veroorloof om `n tyd op aarde te woon, waarin hulle nie beïnvloed sal word deur die teenstander van God nie, terwyl die ander gefaal het en die lang weg van ontwikkeling nogmaals sal moet aflê, totdat hulle weer die stadium bereik waarin hulle hul vryheid van wil sal kan gebruik. Die mense moet voortdurend blootgestel word aan die goeie en die bose en daarom sal die aarde vir solank `n slagveld van beide kragte bly, as wat die onvolmaakte gees homself op die aarde beliggaam.

Die nuwe aarde sal aanvanklik slegs deur ligwesens bewoon word, d.w.s. deur mense in `n toestand van hoë geestelike rypheid. Hulle sal ook voortdurend kontak hê met die ligwesens uit die geesteryk, want die bose sal deur die mag en die wil van God verhinder word om die mense te benader.

Die eerste mense op die nuwe aarde hoef immers nie meer `n proef te ondergaan nie en daarom is dit nie nodig dat negatiewe kragte hulself in die nabyheid van die aarde ophou nie. En dit sal te siene wees aan die toestand van diepe vrede wat op die nuwe aarde sal heers, `n toestand van ooreenstemming en `n saamlewe van mense in volkome harmonie; want die liefde sal regeer en waar die liefde is, kan geen wese standhou wat vyandig teenoor God staan nie.

Maar hierdie toestand sal nie vir ewig so bly nie, want die daaropvolgende geslagte sal weer die teenstander van God mag oor hulself gee. Hulle sal gewillig aan sy verleiding gehoor gee en hulself in dieselfde mate van God verwyder, Wie vir hulle op die nuwe aarde `n paradys wou berei. En dan sal die stryd tussen lig en duisternis weer opnuut begin en voortduur tot aan die einde van `n verlossingsperiode, sodat die mense self kan besluit watter meester hulle oor hulself wil aanvaar. En in die ewigheid sal daar aan hulle gedoen word volgens hierdie vrye wilsbesluit. Hulle sal in die duisternis moet smag of die “Ewige Lig” tegemoet gaan, totdat hulle hulself met die Oerlig verenig het.

Amen.

Nuwe geestesrigting - Mense werk

B.D. No. **3366**
13. Desember 1944

Dit sal die doel van diegene wees wat God nie meer sal herken nie, as gevolg van hulle liefdelose lewenswandel, om mense in `n heeltemal nuwe geestesrigting te dwing. Hulle sal die ou geloof verwerp en sal poog om dit te vervang met ’n nuwe leer, want hulle voorneme sal wees om mense se denke te verwar deur te probeer om alles te weerlê en deur teenwerping twyfel in hulle te wek, ten einde hulle voor te stel aan `n nuwe geestesrigting, waarmee hulle met lis en dwang gewerf sal word. Want hulle sal nie terugdeins om hul doel met oneerlike middele te bereik nie, hulle sal streng optree teen mense wat aan hul ou geloof getrou sal bly en sal diegene eer en bevorder wat hulle terwille sal wees, deur die verspreiding van die nuwe leer. En hierdie leer sal mensewerk wees. Daar sal geen wysheid of liefde daarin geleë wees nie. Die doel van hierdie leer sal wees om die mense minder geestelik te maak en sal aan die mense die verkeerde idee gee oor die doel van hul aardse lewe, want dit sal nie afkomstig wees vanuit die geesteryk nie, want dit sal alle geestelike aspekte ontken en sal slegs wêreldse doelwitte laat geld.

En hierdie leerstellings sal so vir die mense aangebied word, dat niemand hul van die invloed daarvan durf onttrek nie, sodat die daaglikse lewe as te ware afhanklik sal wees van die aanneem van hierdie leer, sodat mense ernstig voor die keuse gestel sal word om dit aan te neem of te verwerp. En hierdie geestesrigting sal oral goedkeuring vind, want dit sal die mens se wêreldse ingesteldheid in ag neem, wat by die meeste mense deurslaggewend sal wees, want die mensdom sal toenemend materialisties word en sal heeltemal afgewend wees van die geesteryk. Hulle sal dit aanneem wat van menslike kant aan hulle gegee word, maar sal nie enige geestelike gawes as sodanig herken nie. Hulle sal God se Woord bespot en belaglik maak en sal elke waarheidsgetroue opheldering verwerp.

Aan die ander kant voldoen die menslike strukture en menslike idees, wat liefdelose mense poog om te versprei, aan die goedkeuring van die meeste. En so sal daar `n geestesrigting ontwikkel wat volkome in stryd sal wees met die suiwer waarheid. Dit sal `n geestesrigting wees wat niks in gemeen sal hê met die leer van Christus nie, want Christus se leer van die liefde sal verbied word. En omdat die liefde nie as die vernaamste geleer sal word nie, sal hulle verkoel. En ook die wysheid, wat ondenkbaar is sonder liefde, sal ook tot `n einde kom.

Mense se denke sal selfs meer vals raak, minder en minder sal mense hul toevlug tot God as die Oerbron van alle wysheid neem en dit sal ook nie meer moontlik wees om die suiwer waarheid aan hulle oor te dra nie. Ook sal die waarheid nie langer herken word nie, terwyl dwaling daarenteen haarself sal handhaaf, aangesien die mensdom nie langer in staat sal wees om waarheid van valsheid te onderskei nie, as gevolg van hul liefdeloosheid. En so sal hulle hulself laat verdring en toelaat om al hoe dieper in `n insiglose toestand te daal. Daar sal geestelike duisternis vir die mensdom wees. Dit sal nag wees onder die mense en niemand sal na die lig verlang nie. En daarom sal die teenstander `n

maklike spel hê. Die stryd teen die geloof sal op alle vlakke van die samelewing gevoer word, want liefdeloosheid sal oral oorheers en mense se insig belemmer. Maar menslike werk sal nie bly bestaan nie. Dit sal vergaan, soos alles wat nie uit God is nie, nadat `n enorme chaos in werking gestel is, want wat hom teen God rig, sal nie vir lank bestaan nie en sal derhalwe deur God Self vernietig word wanneer die tyd van ontbinding aangebreek het.

Amen.

Satan streef om die mense van God te vervreem

B.D. No. **3369**
16. Desember 1944

Die geestelike ontwikkeling in die lewe op aarde is so buitengewoon belangrik en tog word dit meestal buite beskouing gelaat. En dit is die werksaamheid van God se teenstander, wat daarna streef om die mense soveel as moontlik te verhoed om oor hul eintlike lewensdoel na te dink. Slegs aktief nadenke lei die mens na die doel. Dit bring hom binne `n kort tydjie tot die insig van sy roeping.

Maar sodra hy op die een of ander manier gekonfronteer word met die verpligtinge van die wêreld, dat dit sy denke geheel en al in beslag neem, het die teenstander van God sy doel bereik, naamlik om hom van elke geestelike gedagte af weg te hou. En die mens sal nou nie die geringste vir sy siel doen nie, omdat die nood van sy siel nie vir hom duidelik is nie. Want om aan sy siel te werk, moet hy weet dat sy haar in `n onvolmaakte toestand bevind. Hy sal self die oorsaak daarvan voor die gees moet roep, hy sal ook die gevolge moet ken en sy siel in `n verkeerde lewenswandel herken. Dan eers sal hy daarna streef om te verander en aan sy siel te begin werk.

Maar dit probeer die teenstander van God te verhinder, deurdat hy die aardse lewe op die voorgrond stel en elke geleentheid gebruik om die mense te lok met dit wat aan die wêreld behoort. En die mens gaan maar al te gewillig agter die wêreldse versoekings aan. Hy laat hom verlei en volg hom, omdat hy na die vreugdes en die goedere van die wêreld streef, omdat hy heeltemal deur die wêreld ingetrek is.

`n Mens wat nog in die wêreld plesier vind, sal nooit sy gedagtes ernstig laat gaan oor die sin en doel van sy aardse lewe nie. Hy sal nooit sy innerlike lewe versorg nie, maar steeds net aan die buitekant aandag skenk. Hy sal die lewe met volle teue geniet en geen geleentheid laat verbygaan om genot aan die liggaam te verskaf nie, terwyl hy glad nie nie dink aan sy siel nie. En daarom kan hy homself nimmer positief ontwikkel, solank as wat hy te veel aandag aan die wêreld skenk nie, want dit is die doel van hom wat die siel ten gronde wil rig, wat meen om die mag en krag van God te beperk en daarom ook die mense van God te probeer vervreem.

En die mensdom volg hom gewillig na. Hulle verweer hulle nie, hulle weier nie, maar doen alles wat die teenstander van God verlang en hy glo om oersterk te wees in sy mag. Die wil van die mense self vergroot egter hierdie mag. Die mens lewer hulle oor aan die krag wat teen God gerig is, terwyl hy weerstand moet bied en dit ook kan doen, indien hy net sy gedagtes laat opstyg tot God en Hom om krag vra. Want dikwels genoeg word daar aan hom voorgehou wat hy nie moet doen nie en wat hy moet doen. Dikwels genoeg word sy eie lewenstaak aan hom bekendgemaak en word hy aangespoor om daaroor na te dink.

As hy dit nie doen nie, is dit sy skuld, want God laat dit waarlik nie aan geleenthede ontbreek waarin die mens tot insig van sy lewenstaak kan kom nie. As hy hierdie geleenthede laat verbygaan, dan moet hy daarvoor verantwoording doen, soos wat omgekeerd, genade op genade hom sal toestroom, indien hy poog om sy lewenstaak uit eie beweging te vervul, en hy sy gedagtes tot God laat opstyg. Want God gryp elke uitgestrekte hand vas, wat vraend na Hom uitgesteek word, terwyl Hy egter nooit die mens sal dwing om sy wil op Hom te rig, wanneer hy op Sy teenstander aanstuur nie.

Amen.

Die beëindiging van die stryd - 'n skeiding wat ruimte betref

B.D. No. **3371**
17. Desember 1944

Wat vir julle steeds van nut sal wees, sal julle verneem, as julle julleself deur My Self laat onderrig en julle dus op My Stem sal let, wat sag en hoorbaar in julle sal klink. Julle het 'n uitermate verkeerde opvatting oor die verdere verloop van die wêreldgebeure, indien julle glo dat een van die strydende magte as wenner uit die worsteling te voorskyn sal kom. Want My Wil het dit egter anders bepaal, omdat nie die liggaamlike welsyn, maar die heil van die siele bevorder moet word en dit sal 'n totale omvorming van julle lewens vereis, wat egter slegs plek sal kan hê, wanneer alle aardse planne uitgedien is en die mensdom met 'n buitengewone gebeurtenis gekonfronteer word, wat haar denke sal ontstel.

'n Normale afloop van die worsteling van die volkere sou nie 'n verandering van die vertroude lewe tot gevolg hê nie. Tewens is geen van die strydende magte sonder skuld nie en dus kom die oorwinning ook geen mag regmatig toe nie. En daarom sal Ek ’n streep trek deur die planne van mense, ongeag die uitslag. Ek sal al hul verwagtinge ongegrond maak en Ek sal kom met 'n oplossing, wat niemand verwag nie en wat ook deur niemand as wenslik beskou sal word nie. Want Ek sal die stryd op 'n manier beëindig, sodat dit nie meer voortgesit sal kan word nie, selfs al sou die mense dit wil. Want Ek sal die strydendes ruimtelik van mekaar skei. Ek sal natuurlike hindernisse laat ontstaan, wat nie so maklik oorkom sal kan word nie. En Ek sal die mense dus elke geleentheid ontneem om nog verder strydend teen mekaar op te ruk. En dus word die worsteling tussen die volkere teenmekaar afgebreek. Daar sal geen beslissing wees nie, daar sal daar geen mag wees wat oorwin het nie. Inteendeel, die mensdom sal insien dat haar mag ten einde gekom het en dat die goddelike Mag erken moet word, wat al te duidelik herkenbaar sal wees na afloop van hierdie gebeure.

Ek sal die einde veroorsaak en tog daardeur die skuldiges gevoelig straf, want hulle sal self bedrieg voel in die sekerheid van hul oorwinning. Hulle sal verswak en sonder resultaat voel en sal teenoor groot ellende en groot armoede geplaas word. En hierdie einde het Ek al lank tevore bekendgemaak, sodat julle wat nog twyfel, daardeur van die waarheid van My Woord bewus kan raak. Ek sal 'n einde maak, wanneer daar van die kant van die mense, die hoogtepunt van wreedheid bereik is, sodat die wêreld daardeur kan insien dat daar 'n God in die hemel is, wat die sonde straf wat so openlik aan die lig gekom het, sodat hulle sal besef dat nie die mens die gebeure bepaal nie, maar Ek Self, en dit anders as wat die mense verwag het.

En hierdie uur is nie meer vêr nie. En daarom maak Ek My bekend aan diegene wat aan My ingryping glo en wat op die hoogte wil bly van My voorneme, wie Ek opdrag gee om die mense daarop te wys en wie Ek as profete onder die mensdom sal instuur. Want hulle moet vooraf gewaarsku word, omdat Ek nooit so 'n gebeurtenis oor die mense sal laat kom sonder om hulle daarvan in kennis te stel nie, sodat hulle ernstig aan hulle sieleheil sal kan dink en hulself voorberei. Want niemand weet wie daardeur geraak sal word nie. My ingryping sal ontelbare slagoffers eis, oral waar dit sal plaasvind.

Amen.

Die doel van God se openbarings

B.D. No. **3377**
24. Desember 1944

God openbaar Homself aan mense om goddelike waarhede aan hulle beskikbaar te stel, deur `n persoon deur wie Hy spreek tot alle mense. Hy maak Homself bekend aan hulle, d.w.s. Hy druk Homself so deursigtig uit dat `n persoon, indien hy gewillig is, ’n diep geloof in `n Wese kan kry wat uiters volmaak, vol van Liefde, Almag en Wysheid is en wat, as skeppende krag, in die nouste verband met sy lewende skeppings is. Sy openbaringe maak dit baie duidelik, maar dit is vir die mens om dit te glo al dan nie, en om hierdie rede dra Sy openbaringe slegs oor wat hulle moet glo, maar dit sal egter nooit aan hulle bewys word sodat hulle dit moet glo nie.

Dit word heeltemal aan hulle wil oorgelaat, of die kennis aan hulle oorgedra, hul innerlike oortuiging sal word en of hulle daardeur gelowiges sal word. En daarom word God se openbarings so aangebied dat hulle nooit godsdienstige dwang sal aandui nie. Dit kan sekerlik as goddelike openbarings herken word wanneer die mens opreg na waarheid sal soek, d.w.s. na God soek, maar dit kan ook afgemaak word om menslike denke te wees, en `n persoon is heeltemal vry om sy eie gedagtes daaroor te hê. Maar omdat geloof in God noodsaaklik is, ten einde omhoog te klim, sal God Homself weer en weer openbaar om mense kennis te gee oor Homself, oor Sy heerskappy en werke. En Hy doen `n beroep op die mens se intellek om hierdie ontvange kennis geestelik te verwerk en daardeur tot die regte geloof te kom. Want sodra die persoon ooreenkomste ontdek wat in harmonie is met God se natuur, d.w.s. wat God se Liefde, Wysheid en Almag toon, sal hy dit wat vir hom aangebied word, as geloofwaardig aanvaar. En dan sal hy poog om sy eie verhouding met hierdie uiters volmaakte Wese aan te gaan.

En dit is die doel van God se openbarings, sodat mense wat op soek is na Hom, die regte weg sal neem en Hom sodoende sal vind. Hulle moet in staat wees om uit oortuiging te glo en dit behels dat hulle die kennis wat aan hulle oorgedra word, geestelik sal verwerk en dit as gevolg daarvan as die waarheid erken. Want wat God van mense verwag om te glo, moet vir hulle toeganklik gemaak word in een of ander vorm. Maar God kan nooit openlik met hulle praat nie, want dit sal nie geestelike vryheid wees nie, maar dwang, wat mense nie in staat stel om `n hoër graad van volwassenheid te bereik nie.

Alhoewel dit sekerlik `n oortuigende bewys sou wees, sou dit nogtans waardeloos wees, want dan sal die persoon in `n God-welgevallige lewenswyse ingedwing word, maar dit kan slegs die gevolg van `n diepe liefde vir God wees. Want slegs liefde kan lei tot hoër sfere, maar die liefde moet uit die hart ontstaan, in absolute vryheid van wil, as dit goddelik moet wees en na God lei. Liefde is ook die sleutel tot wysheid, want slegs `n liefdevolle persoon sal die waarheid herken, en dit is waarom net `n liefdevolle persoon in staat sal wees om ware geloof te bereik. Maar God verkondig liefde deur Sy Woord, en alles wat Hy deur Sy Woord aan mense verkondig sal dus ook vertrouend aanvaar moet word as die liefde nie uitgesluit is nie. God openbaar Homself dus om mense op te voed om lief te hê, ten einde hulle te laat glo dat Hy naby aan hulle kan kom met Sy gawe van genade, wat ten doel het om hulle te help na geestelike vooruitgang.

Amen.

Lewende wesens - Aktiwiteit - Staat van dwang - Vrye wil - Van diens wees met liefde

B.D. No. **3378**
25. Desember 1944

Alle wesens is besiel deur die wil om te lewe, dit is, elke geestelike wese streef daarna om aktief te wees, want in die begin was hulle vol krag en in staat om dit sonder beperking te gebruik. Die toestand van onaktiwiteit is dus pynlik vir die geestelike wese, omdat dit die wese se ware aard en bestemming heeltemal weerspreek. Om hierdie rede is hy altyd effektief genoodsaak om aktief te bly, maar in sy beperkte toestand, veral in harde materie, word hy verhinder, en dit veroorsaak groot pyn vir die gees. Gevolglik moet sy swakheid eers reggestel word om die wese se toestand draaglik te maak, en die geringste vloei van krag sal hom aanspoor om aktief besig te wees en lewe te openbaar, dit wil sê, elke lewende wese, van die kleinste plantjie tot die hoogste ontwikkelde skeppingswerk, die mens, is `n ontvanger van hierdie krag en is in staat om in verskillende grade werk te verrig, en dus is lewe binne-in hulle.

Elke lewende wese se aktiwiteit, met die uitsondering van die mens, word deur God bepaal, en die lewende wesens voer hul opdrag uit onder `n sekere wet van dwang, d.w.s. hulle maak hulself ondergeskik aan die goddelike wet van die natuur, waarvolgens elke skeppingswerk ’n taak het. Die geestelike wese se drang om te lewe, is egter so sterk dat hy hierdie wet nie sal teenstaan nie, maar sal sy roeping vervul, want sodoende sal hy toegelaat word om toenemend meer aktief te word. Om hierdie rede wys alles in die skepping ywerige aktiwiteit, alles buiten harde materie wat blykbaar dood

is, wys lewe, maar dit het ook lewe, wat so ongemerk vir die menslike oog manifesteer, dat dit skaars opgemerk word en dus beskou word as leweloos, hoewel dit nie is nie.

Hoe meer `n geestelike wese ontwikkel het, hoe meer kan sy aktiwiteite, sy lewe, herken word deur die mens, en hierdie lewe in al die skeppingswerke moet hom die doel van die hele skepping laat oordink. Per slot van sake is die mens as sodanig in staat om hieroor te peins, terwyl hierdie vermoë by al die ander lewende wesens ontbreek. Die mens kan egter grootliks aktief word vanuit sy eie vrye wil. Lewensenergie vloei aanhoudend na hom toe wat hy kan gebruik om voortdurend te werk, en so kan hy reeds aansienlik naderkom aan die toestand van die oorspronklik geskape wese en hy kan in volle vryheid voordeel trek uit hierdie laaste stadium en onmeetlik krag kry en so in staat raak om weer aktief te skep en te vorm soos wat dit sy bestemming in die heel begin was. Maar sy aktiwiteit op aarde moet bestaan uit diensbaarheid in liefde. Slegs dit bepaal of die wese by die ware lewe sal uitkom. Hy kan ook die vermoë om te werk in die aardse lewe misbruik, deur aktief in liefdeloosheid te skep en te vorm, deur gebruik te maak van sy lewensenergie tot nadeel van sy medemens, want hy het ’n vrye wil, hy is nie meer in die toestand van dwang nie, dus gedwing om `n spesifieke taak te doen nie, in plaas daarvan het hy `n vrye keuse, maar hy sal ook verantwoordelik wees daarvoor en die gevolge moet dra.

`n Persoon wat sy krag misbruik, sal dit nogtans nie wil opgee nie, hy wil nie hê dat sy aardse lewe beëindig word nie, hy voel dat alle krag van hom af weggeneem sal word en is dus bang om te sterf, om sy toestand van krag te verloor. Daarteenoor is `n persoon wat liefdevolle diens lewer, net so oortuig is dat hy in die hiernamaals nog meer krag tot sy beskikking sal hê, sodat hy graag sy aardse lewe sal opgee ter wille van sy ewige lewe. Die toestand van oorvloedige krag dui altyd lewe aan, maar swakheid dui altyd die dood aan. Die geestelike wese vrees die dood en begeer lewe. Maar geen lewe bestaan sonder God nie, en God is liefde. Dus, die wese moet liefhê ten einde in staat te wees om te lewe. As hy egter die liefde ignoreer, dan sal dood, dus swakheid, sy lot wees.

Amen.

Ewigheid - Aardse bestaan - Droefheid en vreugde

B.D. No. **3379**
25. Desember 1944

Die aardse bestaan is maar van korte duur, selfs al bereik die mens `n hoë ouderdom. Dit is maar `n fase in die ewigheid wat beskou kan word as `n oomblik. En alles wat die mens aan vreugde en leed moet deurmaak, gaan in `n vlugtige oomblik verby en laat maar net die herinnering agter. Dog kan elke oomblik sy uitwerking hê op die hele ewigheid.

God het egter die lot van elke mens goed oorweeg en Sy liefde het vorm daaraan gegee. Daarom sal niks wat die mens ook moet deurmaak, sonder sin of doel wees nie, dit sal die siel tot heil strek sodra hy hom heeltemal aan die goddelike leiding oorgee en sy lot aanvaar sonder om te mor. God wil die totale onderwerping van die mens bereik, sodat Hy dan eers onbeperk in hom kan werk. Hy verlang algehele oorgawe aan Hom om die siel van die mense te kan deurstroom met Sy liefde en daarom moet sy hart elke verlange opgee wat nie na Hom is nie. Die aardse lewe is kort en moet benut word vir die volkome vereniging met God en elke dag waarin aardse doeleindes die mensehart besighou, is verlore.

Daarom ontneem God dikwels die mense van dit wat hulself nie wil opgee nie, om Homself dan vir

hulle aan te bied as vervanging. En dit is waarlik geen nadeel vir die mens nie, want hy ruil die geringste in vir die kosbaarste en hy sal baie gelukkig wees wanneer hy eens sal insien hoe liefdevol God se leiding was, wat hom tot ewige saligheid wil bring. Want dit is Sy liefde en genade dat Hy Sy wysheid alles laat bestuur, omdat Hy insien wat vir die menslike siel tot nut is en wat hom vir ewig sal kan skaad.

Hy hou sy beskermende Hand oor sy kinders wat ywerig op pad is na Hom en tog in gevaar verkeer om hulle van Hom te vervreem, omdat die wêreld met allerlei verlokkinge op hulle afkom. Maar die mens moet hom met vol vertroue aan die goddelike leiding oorgee. Hy moet weet dat Sy liefde die

aardse bestaan vasgestel het en dat hy Hom eens dankbaar sal wees wanneer hierdie kort aardse tyd verby sal wees, wat egter maar `n oomblik in die ewigheid is.

Amen.

Die hoorbare woord

B.D. No. **3381**
27. Desember 1944

Die innerlike Woord klink beslis duidelik en hoorbaar, maar slegs vir iemand wat innerlik luister en te danke aan sy lewenswyse, sy hart so omvorm het dat God Self in staat is om Homself uit te druk deur hierdie hart. Die mens se siel moet so intiem verbind wees met die innerlike geesvonk, dat sy stem te alle tye gehoor kan word en dat die geesvonk, wat `n uitstraling van God is, in staat is om homself so uit te druk dat die persoon sy stem kan hoor soos uitgespreekte woorde, sodat die woorde in hom sal klink en dus nie misverstaan sal word nie. Net soos mense wat met mekaar van persoon tot persoon praat, praat God met mense deur die hart. Hierdie proses kan nie op enige ander manier verduidelik word nie, maar dit is slegs vir iemand verstaanbaar wanneer hy die goddelike stem gehoor het. Hy voel God se woorde in sy hart en is ekstaties gelukkig om hierdie barmhartigheid te ontvang, want dan kan hy nie meer twyfel nie, geen ongeloof, geen vraag wat nie weerlê of beantwoord kan word wanneer twyfel of vrae in hom ontstaan nie. Die hoorbare Woord is die bewys vir die persoon dat alles wat hy voorheen geglo het, waar is. En die hoorbare Woord openbaar die hemelse Vader se teenwoordigheid aan die persoon, Sy nabyheid, wat onbeskryflike saligheid veroorsaak.

Maar, dit klink so sag en subtiel in die hart dat dit slegs gehoor kan word deur uiterste aandag te gee. Die mees opregte kontak moet geestelik met God gemaak word en dan moet die luister begin, die afwagting van sy barmhartigheid, wat dan merkbaar in hom sal invloei. Maar slegs `n persoon wie se hart in liefde verander het, sal in staat wees om die goddelike stem te hoor, want dit is goddelike liefde wat homself aan `n persoon uitdruk en dit kan slegs manifesteer waar ware liefde bestaan. Maar wanneer `n persoon die goddelike Woord hoorbaar ontvang, sal hy nooit weer hierdie geskenk van barmhartigheid verloor nie, dan sal hy in staat wees om Sy stem te alle tye en op alle plekke te hoor, hy moet net in innige kontak met Hom bly en hy sal die antwoord helder en duidelik hoor. Hy sal nie twyfel oor die waarheid daarvan nie, want hy sal God se nabyheid voel en dit sal ook verstaanbaar vir hom wees dat God Homself hoorbaar manifesteer. Maar so lank as wat die aardse kind nie `n spesifieke graad van volwassenheid bereik het, as gevolg van `n onselfsugtige lewe van liefde nie, sal hy nie in staat wees om die geluk van hierdie salige eenheid met God te ervaar nie. Maar hy moet altyd en ewig innerlik luister en uit die diepte van sy hart vra vir hierdie barmhartigheid, sodat hy die krag om te lewe, volgens God se wil, sal ontvang en Sy ewige liefde sal nader aan hom kom, sodat hy Sy stem helder en duidelik sal hoor, sodat Hy met hom sal praat deur die hart en die aardse kind Sy liefde sal voel en oorvloedig gelukkig wees terwyl hy nog op die aarde is.

Amen.

Gebedsverhoring - God se liefde - Verdriet of vreugde

B.D. No. **3382**
28. Desember 1944

Julle mense begryp nie met welke innige liefde en sorg Ek julle omring nie, anders sou julle nie die toekoms met angs en vrees tegemoet gaan nie. Julle is tog altyd onder My sorg, Ek laat julle nie alleen nie en as julle julself tog verlate voel, is dit slegs omdat julle julself nie open vir die kragstroom wat onophoudelik van My na julle oorvloei nie. Dan moet julle daarmee worstel, sodat julle insig kan kry om My gewaar te word, julle moet julle harte na My wend en My daarin wil opneem. Julle moet net soos kinders in My Arms invlug met al julle sorge en nood en tot My bid dat Ek dit van julle sal wegneem of julle help dra, want My Liefde sal altyd daartoe bereid wees.

Uit My Liefde het julle voortgekom en My Liefde kan vir ewig nie minder word nie. En as julle die grootte van My Liefde kon begryp, dan sou julle heeltemal sorgloos deur julle aardse lewe gegaan het, omdat julle julself dan in My Liefde veilig sal voel. Want die regte Liefde wat met mag en krag

gepaard gaan, kan en wil alles wat goed is, want Sy is diegene tot seën na wie Sy uitgaan. Dog gaan My Liefde uit na al My skepsels en Ek wil altyd net dit hê wat hierdie skepsels tot seën strek.

Ek wil My skepsels vir ewig geluksalig maak en Ek wil hê dat hulle My Liefde sal bemerk, omdat Sy saligheid vir hulle beteken. En as julle mense daarin glo dat Ekself die liefde is en julle nie anders as goed kan en wil doen nie, dan kan julle tog elke sorg agter julle laat. Want liggaamlik en geestelik sorg Ek vir julle en des te oorvloediger, hoe meer julle My by julle werksaam laat wees en hoe minder weerstand julle My bied.

As julle siele dus nog angstig is, hou die wêreld julle nog gevange en daarvan moet julle julself losmaak. Julle moet alles aan My toevertrou en aan My oorlaat hoe Ek die aardse lewe bestuur. Julle moet bereid wees om te offer wanneer Ek `n offer van julle verlang, want dan sal dit vir julle geestelike welsyn wees. En Ek weet waarlik wat die siel nodig het, Ek weet wanneer julle in gevaar is en Ek ken die regte middel om julle teen gevaar te beskerm. En tog is Ek bereid om julle aardse wense te vervul, as julle My in alle innigheid versoek en julle gelowig op die vervulling van julle gebede wag. Want My Liefde laat julle geen gebrek ly nie, Sy gee en vul steeds, solank as wat julle in My jul Vader sien en in kinderlike liefde na My toe kom, wanneer julle in My Liefde glo. Want My Liefde is altyd daar en steeds bereid om te gee. Wat julle somtyds as lyding aansien, is dikwels die brug tot vreugde, dog tot `n vreugde wat bestendig is en ewig nie meer versteur kan word nie.

Om `n groot doel te bereik, moet julle dikwels moeilike weë gaan, tog moet julle nie moedeloos word nie, want die doel is begerenswaardig en weeg op teen alle teleurstellinge en probleme. Maar wie onderweg magteloos en uitgeput raak, sal nie die doel bereik nie. Maar vir hom wil Ek moed inpraat en krag gee, omdat My Liefde hom die hulp nie kan weier nie. Hy moet slegs in My Liefde glo, ook al is dit nie moontlik om My Liefde in Haar hele volheid te deurgrond nie. Glo in My Liefde en doen julle bes om net soos Ek tot liefde te omvorm, deel ook dit uit wat julle besit en gee My daardeur die reg om in en deur julle te werk, want julle sal dan versterk word op julle lewensweg. Julle sal alle hindernisse oorwin en alles uit My Hand dankbaar en berustend aanvaar, naamlik leed en vreugde. Want beide is deur My gestuur om julle voort te help met die ontwikkeling van julle siele. En as julle voortdurend met My in verbinding bly, as julle harte steeds by My wil wees, as julle al julle sorge aan My toevertrou, dan sal Ek julle troos en versterk en julle leed van julle afneem. Want My Liefde verlaat julle nie in nood nie, julle wat Myne wil wees, wat aan My wil behoort tot in alle ewigheid.

Amen.

Doel van die tyd van nood - Troosryke woorde

B.D. No. **3388**
1. Januarie 1945

Vrees nie wanneer die groot nood oor julle gaan kom nie, slaan veel eerder julle oë in volle vertroue op na My sodat Ek julle kan help. En Ek wil julle onder My hoede neem en julle op al jul paaie lei, sodat julle julle doelwit kan bereik. Wie in My glo, sal nie deur leed terneergedruk word nie, omdat hy `n vaste skuiling sal vind in My, omdat Ek hom tot steun is en aan hom krag en sterkte verskaf. Nooit sal hy homself verlate voel nie, nooit sal hy eensaam wees nie, want hy sal My steeds naas hom voel en dus sal hy die hand na My uitsteek, as hy vrees dat die grond onder sy voete wil wegsink. En Ek sal hom vashou en oprig. Wees daarom nie bevrees vir die tyd wat julle tegemoetgaan nie, wag dit veeleer rustig en kalm af en berei julle voor daarop, deurdat julle julself steeds inniger met moet My verbind, sodat julle geloof sterk kan word deur gebed en werke van liefde. Want beide lewer vir julle barmhartigheid op en dit kom in `n onwankelbare geloof tot uitdrukking.

Die besit van `n sterk geloof is `n barmhartigheid, waarvoor julle altyd in gebed kan vra. Daarom is gebed ook die eerste wat julle sal moet aanwend, sou julle vir julleself krag en barmhartigheid wil verkry. En as julle in besit sal wees van krag en barmhartigheid, deur `n sterk en onwankelbare geloof, dan sal julle die komende tyd nie vrees nie, dan sal julle alles wat vir julle sorge baar, aan My oorlaat en julle sal vry word van alle angs, omdat julle sal weet dat Ek aan julle sy staan en dat julle niks in My nabyheid kan oorkom nie.

Maar die tyd van nood is onafwendbaar vir die mensdom wat nog nie die weg na My gevind het, of wat My nie wil erken nie. Die komende nood moet die mense na My lei, hulle moet aangespoor word deur julle voorbeeld om ook hul hande na My op te hef, hulle moet My roep en My as hul Begeleier kies, as hul Leidsman, aan Wie hulle hulself kan toevertrou in ure van gevaar en vir Wie hulle om beskerming sal vra. Ek sal hulle ook helpend wil bystaan, maar nie alvorens hulle My roep kan Ek hul My hulp ten deel laat val nie, omdat hulle eers geloof in My moet verkry, voordat Ek My teenoor hulle kan uiter. Want om hulle sonder die geloof by te staan, sou doelloos wees en sou vir hul siele geen voordeel oplewer nie. Dog terwille van hul siele, laat Ek die nood oor die mense kom, want hierdie siele is in groot geestelike benoudheid, hulle is in gevaar om hulleself aan My teenstander te verloor en Ek kan hulle nie deur dwang na My terugvoer nie, hulle moet inteendeel self die weg na My vind. En die bedoeling van die komende nood sal wees dat hulle My sal aanroep, sodat Ek My dan tot hulle kan wend.

Maar julle wat in My glo, moet nie hierdie tyd van nood vrees nie, want Ek kan julle te alle tye nader en julle gee wat julle nodig het, - krag en barmhartigheid, geestelike en aardse spys. Ek kan julle help in elke nood van die liggaam en die siel. Ek sal elke leed van julle help dra en altyd My bystand aan julle verleen, omdat julle in diepe geloof in My die hande biddend tot My ophef en Ek as julle Vader julle steeds bedien volgens julle geloof.

Amen.

Maatreëls teen die werksaamheid in liefde

B.D. No. **3389**
2. Januarie 1945

Die wêreld sal eise aan julle stel wat julle nooit sal kan vervul as julle ag slaan op God se gebooie nie. Julle moet wel die wêreldse owerheid onderdanig wees, maar as daar openlik van julle verlang word dat julle teen Sy goddelike wil in handel, dat julle dus op die gebod van naasteliefde geen ag mag slaan nie en moet sondig deur liefdeloos op te tree, dan moet julle slegs vir God as julle owerheid erken, sodat julle siele nie ter wille van aardse voordeel verlore gaan nie.

En daarom moet julle die wil van God in julself vas inprent. Julle moet weet waarom julle dit sal moet nakom en watter gevolge `n handeling teen Sy wil vir julle sal oplewer. Julle moet weet hoe buitengewoon noodsaaklik die werksaamheid in liefde op aarde is en dat slegs die liefde julle kan verlos. Verder moet julle weet hoe onbestendig aardse goedere is en wat se onvoordelige ruil julle maak, wanneer julle, terwille van hierdie aardse goedere, julle sieleheil prysgee.

Julle sal baie in die noute gedryf word. En dit sal nie maklik wees om teen die vereistes van die wêreld weerstand te bied nie. Maar julle sal dit kan doen, as julle God om krag vra en julle des te meer by God aansluit, hoe meer die wêreld julle van Hom wil skei. Want dit alles beoog hulle met hul planne en maatreëls, sodat die Christelike leer van liefde uitgeskakel kan word en gevolglik God Self, wat slegs deur die liefde gevind kan word en wat hulle van die mense wil vervreem.

Die mense weet niks van die krag van liefde nie, anders sou hulle probeer het om dit te verkry. Hulle ken slegs eieliefde en hulle probeer hulle besit te vergroot ten koste van hul naaste. En hulle het dus geen agting vir die gebod van naasteliefde nie en hulle eis dieselfde van hul medemens, in plaas van om hulle tot liefde aan te moedig. En hulle sal die mense, wat die gebooie van God tot hulle riglyn gemaak het, erg in die noute bring, omdat laasgenoemde nie in ooreenstemming sal wees met die gebooie van die wêreldse owerheid nie.

En dan sal hulle ernstig moet ondersoek, in hoeverre God se wil te herken is in die vereistes wat die wêreldse owerheid stel, want wat skadelik is vir die naaste, mag nooit uitgevoer word as dit omseil kan word nie, dit wil sê, in soverre die mens nie deur dwangmaatreëls by magte is om hulself te verweer nie.

Die liggaam sal leed en lyding op homself moet neem as dit `n sondige daad daardeur kan afwend. Want sy siel sal eens daarvoor dankbaar wees, deurdat dit hom sal bystaan in sy latere positiewe ontwikkeling. Tewens is die nood van die liggaam nie van lange duur nie. Maar die siel moet in die

hiernamaals boet, as sy nie op die aarde die gebod van naasteliefde in ag neem nie en haarself terwille van aardse voordeel volgens die begeerte van die wêreld voeg, wat liefdeloosheid van die mense vereis. Want wanneer dit sal heers, dan regeer die duiwel die mense en aan hom mag julle jul nie onderwerp nie. Julle sal aan hom weerstand moet bied, selfs wanneer julle baie in die noute gedryf word en vir julle liggaamlike lewe vrees. Want daardeur red julle julle siele van ondergang, en deur julle voorbeeld ook die van julle medemens, as julle die liefde beoefen, ook wanneer die wêreld julle daarin wil verhinder.

Amen.

Verpligting om geestelike kennis oor te dra

B.D. No. **3390**
3. Januarie 1945

Julle word voortdurend opdrag gegee om julle kennis te verhoog, en krag word ook voortdurend aan julle deurgegee wat julle ook vir geestelike werk behoort te gebruik. Daarom moet julle gebruik maak van hierdie krag deur die verspreiding daarvan wat aan julle oorgedra word deur die geestelike onderrig, deur dit oor te dra wat julle ontvang het. Geestelike krag moet nooit tot rus kom nie, d.w.s. `n persoon met krag tot sy beskikking, moet nooit onaktief bly nie, dus moet geestelike krag ook deurlopend gebruik word, anders sal dit sal weggeneem word van die persoon wat dit laat ledig lê. Geestelike werk is alles wat bydra tot `n ander persoon se kennis, dit maak nie saak op watter manier hierdie kennis aan hom meegedeel word nie, slegs die feit dat dit meegedeel is, is belangrik. En hierdie taak word aan julle gegee wat die geestelike kennis van God ontvang, hetsy direk of deur Sy instrumente.

Almal aan wie geestelike kennis aangebied is, en na beraadslaging daaroor, dit aanvaar as sy geestelike besit, sal net voordeel daaruit trek wanneer hy dit met liefde oordra. Want sodra dit vir hom waardevol geword het, sal hy dit ook deel met sy medemens, anders is hy nog steeds in die greep van kragtige selfsugtige liefde en die seën van God se barmhartigheid sal nouliks deur hom gevoel word. Geestelike kennis moet nooit braak lê indien `n persoon nie wil waag dat dit geheel en al van hom onttrek kan word nie. Want dit is `n goddelike wet dat hy wat gee, sal ontvang, en onbaatsugtige naasteliefde is `n voorvereiste sodat die mens kan ontvang. Die geestelik strewende aspirant moet aandag gee aan sy gevoelens en sy begeertes sal toegestaan word, maar dit verplig hom ook om die waarheid deur te gee aan een wat, soos hy, dit wil weet. Verder verbind dit hom ook om die waarheid oor te dra waar valsheid nog bestaan, want die waarheid sal die valsheid vervang.

En dus moet `n draer van die waarheid `n aktiewe poging aanwend om lig te bring aan al die plekke waar duisternis nog bestaan. Dit is geestelike werk wat nooit uitgesluit moet word nie, indien die mens geseënd wil wees om deur die geesteryk opgelei te word. Want die mens is altyd maar net die instrument van die ligwesens wat die waarheid wil deurgee aan alle mense, veral diegene wat in hulle sorg is en geestelik deur hulle gelei word. Mense kan self net selde die ligwesens se sagte stem hoor; daarom kweek hulle instrumente vir hulself wat namens hulle sal praat.

Hierdie aktiwiteit moet nooit geïgnoreer word deur `n ontvanger van lig nie, hy moet praat waar die geleentheid hom voordoen, hy moet mondelings en op skrif kommunikeer, hy moet gebruik maak van elke dag en elke uur en die werk doen waarvoor hy homself aangebied het om vir God te doen, en hy sal deurlopend sukses behaal. Hy sal in staat wees om geestelik te vorder en so ook die mense wat deur hom geestelik toegerus word. Hierdie vermaning is van toepassing op almal wat verkwik word deur die fontein van die ewige lewe en krag en moed put uit die goddelike Woord. Almal beweeg in `n gebied van diensbaarheid waar hulle baie vlytig kan wees, en hulle moet dit nie nalaat nie, anders maak hulle hulself onwaardig vir die ontvangs van die waarheid wat hulle van bo aangebied word. Want dit is kosbare kennis en moet tot voordeel van die mense oorgedra word, sodat dit die geweldige geestelike nood sal regstel, wat die oorsaak is van die mensdom se geestelike verval en wat ook aardse nood en lyding tot gevolg het.

Amen.

Ligwesens - Missie - Geestelike leiers

B.D. No. **3391**
3. Januarie 1945

Wie homself met God verenig, kan homself vir ewig nie meer van Hom skei nie. Daarom kan `n ligwese, wat homself ten behoewe van `n taak op aarde beliggaam het, ook nooit meer van Hom afvallig raak en in die mag kom van die magte van die duisternis nie. Hy sal al meer na God strewe, ofskoon hy ook op aarde as mens aan alle versoekinge blootgestel is en die ontwikkelingsgang moet aflê soos elke ander mens. Maar sy siel sal na God verlang en haarself vol afsku wegwend van die teenstander van God.

So `n mens sal deur en deur goed wees en daarom ook bekwaamhede ontwikkel wat hom sal uitwys as `n werktuig van God. Hy sal op aarde `n ontvanger van krag wees en sal daarom sy medemens kan lei en onderrig, want sy taak, wat die rede is van sy aardse bestaan, is om die mense op aarde as geestelike leier te dien. Die innige verbinding van die mens met God, wat sy siel reeds voor die lewe op aarde gehad het, maak hom tot `n voortdurende ontvanger van krag, dit spoor hom aan tot sy lewensopdrag wat hy ook pligsgetrou en met vreugde en oorgawe aan God vervul. Tog sal hy erg in die noute gebring word deur die magte van die duisternis, want hulle sal elke geleentheid waarneem om die vleeslike liggaam van die ligdraer te verswak en hom tot `n val te bring, want in hulle verblinding weet hulle niks van die hoëre wesens wat die ligwesens, wat op aarde beliggaam is, bystaan nie.

Hulle weet ook niks van die krag waarmee hulle innerlik vervul is nie en van hul mees innige liefde tot God nie, wat die mens ook verseker van die voortdurende beskerming van God. Hulle sien in hom maar net die mens op wie hulle hul verleidingskunste kan toepas en wie hulle op alle moontlike maniere probeer verswak. Maar hy word deur ligwesens omgewe en omdat hy self ontvanklik is vir elke uitstraling van krag uit die geestelike wêreld, beskik hy ook oor so `n mate van krag en barmhartigheid, dat hy dergelike versoekings kan weerstaan.

Die geestelike nood onder die mensdom vereis buitengewone hulpverlening en daarom het God Sy bodes na die aarde laat neerdaal, deels geestelik werkend, deels self as mense onder die mense, lewend, om op hulle in te werk en bo alles, om hulle te onderrig ooreenkomstig die goddelike wil. Hulle sal egter min genoegdoening vind aan die aardse lewe, want die Ewige Vaderland trek hulle onophoudelik weer na Hom toe.

Maar hulle sal eers die taak moet volbring waarvoor hulle die beliggaming as mens op hulself geneem het, want in tye van nood sal hulle werke vir God se Ryk van die grootste belang wees. Dit sal buitengewone krag en uithouvermoë vereis, asook `n wil wat heeltemal op God gerig is.

Bowendien sal die lewensomstandighede gedurende die eindtyd so moeilik wees dat die mense maklik sou faal, indien daar geen helpers en raadgewers was wat hulle behulpsaam sou wees nie, wie hul krag direk van God ontvang, omdat hulle heeltemal met Hom verbonde is. Hulle sal baie seënryk op die aarde kan werk en dus ook hulle taak nougeset volbring, totdat hulle weer in die geesteryk kan ingaan, totdat hulle hulself weer met God kan verenig van Wie hulle egter nooit geskei was nie, ofskoon hulle self op die aarde nie van hierdie verbinding met God bewus was nie.

Amen.

Tyd van barmhartigheid tot die goddelike ingryping

B.D. No. **3396**
7. Januarie 1945

Dit sal nog `n tydjie duur voordat God Homself sigbaar sal openbaar, voor die siklus voltooi is, totdat die uur gekom het waarin die maat van die mense se gruweldade vol sal wees. Maar daar sal nie baie tyd verbygaan nie, want aan julle mense is slegs `n baie kort tydjie van barmhartigheid verleen om julle te distansieer van diegene wat hulself op `n skandelike manier voor God gedra, omdat hulle hulself op die mees gruwelike manier aan hul medemens vergryp. Maar God laat toe dat dit die uiterste toestand bereik, sodat die mense nog kan leer om die weg te herken waarop hulle is, want eers hierdie besef sal hulle motiveer om te verander.

Elke dag is belangrik en vir baie mense is dit sy laaste een en kan beslissend wees vir sy hele ewigheid, maar baie ander sal net `n paar dae oorhê voordat hulle tydelike einde aangebreek het, en dit is waarom God nog talm, alhoewel die gebeurtenis onvermydelik is en Sy plan van ewigheid af bepaal is. Maar mense se lae vlak het baie gouer aanleiding daartoe gegee, hulle liefdeloosheid het die dag nader gebring, sodat elke dag `n geskenk van God se genade aan die mensdom is deur Sy lankmoedigheid en barmhartigheid. En so kan elke dag nog steeds gebruik word en bied aan baie mense die geleentheid om te verander, as hulle maar net van goeie wil sal wees.

Daarom word hulle voortdurend op hoogte gehou van die goddelike ingryping, beide deur middel van Sy Woord, asook deur die uitruil van idees met mense wie se gedagtes van bo ingelig is oor die komende gebeurtenis. Enigeen kan `n mening vorm oor dit wat aan hom meegedeel is, elkeen kan nadink oor die wêreldgebeure, sowel as die einde daarvan, en die gedagte van `n bonatuurlike ingryping in die wêreld sal nie net by weinig voorkom nie, en dan sal `n persoon nog in staat wees om homself tot verantwoording te roep oor sy ingesteldheid teenoor goed en kwaad. Elke mens sal gewaarsku word, direk en indirek, en indien hy na die waarskuwing luister, sal hy in staat wees om voordeel te trek vir sy siel. Want dan sal hy ook die goddelike ingryping as sodanig herken, hy sal leer om te glo en sal gered word, selfs al het hy sy aardse lewe verloor.

En omdat God nog steeds mense se ore wil oopmaak vir Sy oproep, sal Hy nie Sy stem voortydig laat weerklink nie, maar die aangewese termyn sal nie volgens die goddelike orde oorskry kan word nie. En die mense moet daarmee rekening hou dat elke dag die aangekondigde een kan wees waarin Hy Homself en Sy Krag sal openbaar. Want dit wat Hy verkondig het, sal onvermydelik gebeur, maar God hou slegs die tyd verborge. Maar die dag sal kom soos `n dief in die nag, onverwags en groot materiële skade veroorsaak. En slegs die een wie se hart nie meer verbind sal wees aan aardse goedere nie, wat homself met God verenig het en weet dat hy altyd en ewig deur Hom beskerm sal word, sal hierdie dag nie vrees nie. Hulle sal egter deur Hom onderrig word om die mense voortdurend daarop te wys dat Hy Homself sal openbaar, en om hulle te vermaan om die regte weg te kies wat na Hom lei, sodat hulle ook hul toevlug tot Hom sal neem in die uur van benoudheid en hul beskerming en hulp in Hom sal vind.

Amen.

Alomteenwoordigheid van God - Wese - Krag

B.D. No. **3398**
9. Januarie 1945

God is alomteenwoordig. Sy Gees is nie aan plek en tyd gebonde nie, want Sy Gees is Krag, Wie alles deurstroom en daarom oral en tegelykertyd aanwesig is.

Maar hierdie Krag is nie iets onwerklik nie, om welke rede Sy steeds en oral aangeroep kan word, omdat gedagte en Wil hierdie Krag besiel en die gedagte en Wil steeds werksaam word, ook in ooreenstemming met die aanroep, deur wesens, wat die ware uitstraling van Haar krag is en gevolglik dieselfde is as God, maar wat slegs in die allergeringste mate `n ewebeeld is van die mees volmaakte Wese.

God is oraloor, omdat Hy andersins nie volmaak sou gewees het nie, want volmaaktheid ken geen beperking nie, dit ken niks wat aan plek of tyd gebonde is nie. Die volmaaktheid van God kan egter nie deur mense begryp word nie, omdat die mens slegs die begrensde ken en omdat hy die Onbegrensde nie vir homself kan voorstel nie.

Daarom is dit ook moeilik om die alomteenwoordigheid van God vir die mens geloofwaardig te maak, want sodra hy hom die ewige Godheid as `n Wese probeer voorstel, sien hy slegs iets beperkend, wat vir hom maar net plaaslik en ruimtelik voor te stel is. Gevolglik probeer die mens met die uitdrukking “krag” om die ewige Godheid duidelik te maak, wat op sigself wel waarheid is, maar wat aan die persoonlike band van die mens met God sterk afbreuk doen, want dit kan volgens menslike verstand slegs met `n wese tot stand gebring word wat in staat is om te dink en wat `n wil het.

Die verbinding met God is egter absoluut noodsaaklik en daarom moet God as Wese erken word, wat ook heel maklik moontlik is, omdat elke skeppingswerk deur Sy Almag tot vorm geword het, ‘gewil is’ en openbaar dus die diepste Wysheid, dus `n volmaakte denke. En as `n skeppingswerk vir die menslike oog duidelik sigbaar is, word God se Almag ook in `n sekere sin bewys, omdat elke skeppingswerk `n uiting van God se Krag is, dus moet God Self daar wees waar Sy Krag tot uitdrukking kom.

As die mens ernstig daaroor nadink, dan sal die denkbeeld van `n Wese baie aanneemliker vir hom wees, omdat die sin en doel van die skeppingswerke geen twyfel laat ontstaan dat `n Wil vol Wysheid die grondslag daarvan is nie; en waar `n Wil is, is ook die moontlikheid om hierdie Wil uit te voer. Gevolglik kan die verbinding dus tot stand gebring word deur gedagtes waarin iets gevra word, omdat die mens in homself die oortuiging het om te kry wat hy versoek het, waarvoor hy gedagtes opgestuur het, sodat hy verhoor kan word en dat oral en te alle tye, daar aan hom ingewillig kan word vanaf die kant van `n Wese, wat volmaak is en daarom ook vol Liefde en Krag is.

Die Wese van God kan geensins as persoon voorgestel word nie, want dit sou volgens menslike denke `n beperking wees, wat ook moeilik aan die alomteenwoordigheid glo, want die Wese van God kan nie in `n menslike voorstelbare vorm gebring word nie.

Maar in Jesus Christus het die Oerkrag van God, die uitstraling van God, Hom gemanifesteer, d.w.s. Hy het `n liggaamlike vorm heeltemal vervul, Hy het m.a.w. `n Persoon geword (Jesus) wat in hierdie uiterlike vorm leef en derhalwe sigbaar geword vir hulle wat vir hulleself `n voorstelling van God wou maak. Want al Sy gedagtes het God tot vorm laat word deur Sy Wil, so ook die gedagte om Homself vir die mense aanskoulik te maak, sonder dat hulle deur die volheid van Sy Krag en Lig verteer sou word.

Volgens die natuurwet is `n sigbare vorm aan plek en tyd gebonde, en is eers ruimte- en tydloos wanneer hy homself volledig vergeestelik het, tog bly hy vir die mens voorstelbaar. En in die geesteryk kan die oog dan hierdie vorm aanskou en God dus sien van aangesig tot Aangesig. Maar God se Gees is oral en voortdurend werksaam, d.w.s. Hy laat Sy gedagtes deur Sy Wil tot vorm word. Gevolglik moet Hy `n Wese wees, omdat Sy Wil en Sy Wysheid in alles duidelik sigbaar is wat Sy Krag geskape het.

En omdat die ewige Godheid die verbinding met Homself tot stand wil bring, moet die mens ook glo dat God `n Wese is, want as hy Hom slegs as `n krag voorstel, sal hy hierdie verbinding nooit as te nimmer tot stand kan bring nie en dan sal hy sy aardse lewe tevergeefs leef, want `n geestelike vooruitgang moet die gebed tot God om genade as voorwaarde hê en dit sal slegs opstyg tot `n Wese Wat alomteenwoordig is, nooit egter tot `n krag, nie, waaraan die wil en die denkvermoë, dus die kenmerke van `n wese, ontsê word nie.

Amen.

Innerlike Woord gedurende die tyd van verdrukking

B.D. No. **3408**
17. Januarie 1945

Gedurende die tyd van ellende en benoudheid sal julle die stem van die Heilige Gees helder en duidelik hoor sodra julle die verbinding met God staande hou en begeer om Hom Self te hoor. Want Hy sal nie Sy gawe van barmhartigheid onttrek nie, maar Hy sal dit steeds oorvloediger oordra, want Hy weet wat julle nodig sal hê, Hy weet dat julle troos en versterking nodig sal hê en dat slegs Hy dit aan julle kan gee. Hoe inniger julle by Hom sal aansluit, hoe meer sal Hy Sy Woord aan julle skenk, met Sy liefde wat Hy in die Woord tot uitdrukking bring. En julle sal die ellende nie so erg voel nie, want God Self sal julle bo die ellende uitlig. Hy kan julle `n blymoedige hart gee, ten spyte van die uiterlike nood, Hy sal julle beskeie en geduldig maak, sodat julle nie gebrek sal lei nie en slegs begeer dat Hy Homself aan julle sal openbaar, dat Hy met julle sal praat en julle Sy barmhartigheid kan ontvang.

En Hy sal hierdie begeerte aan julle toestaan, Hy sal julle geestelike oor duideliker laat hoor en julle sal Sy stem oral en altyd verneem. En hierdie geestelike voeding sal julle gelukkiger maak as enige aardse vervulling. Julle liggaam sal met weinig tevrede wees, julle sal nie meer daaraan aandag gee nie, en tog sal julle siel ryklik versorg word en nooit gebrek hoef te ly nie. En wanneer julle aardse nood in die gesig sal staar, sal dit julle nie meer ontmoedig nie, want julle sal in staat wees om dit te neem na die Een wat Sy hulp aan julle beloof het, want Hy het julle lief soos `n vader sy kinders liefhet.

Die tyd van ellende en droefheid moet julle dus nie angstig maak nie, indien julle julleself as Sy kinders beskou en innige tweespraak met Hom hou vanuit die diepte van julle harte nie. Hy sal julle antwoord en julle sal Sy stem in julle harte hoor, en wat Hy aan julle sê, sal julle ophef en julle gelukkig maak, dit sal julle versterk en vol vertroue maak, dit sal al julle bekommernisse en nood beëindig, want julle sal in staat wees om diep en onwrikbaar te glo, want julle sal deur God se Gees onderrig word en Sy Stem sal julle tref soos `n vaderlike woord van raad wat julle nooit of te nimmer sal betwyfel nie.

En julle harte sal jubel, want julle sal die liefdevolle Vader herken, Wie se Stem julle waardig geag het. En julle geestelike vooruitgang sal julle alles laat vergeet, julle sal alle lyding en ontberinge verdra wat julle op julleself sal moet neem, want julle liggame sal minder sensitief word, hoe meer die siele vergeestelik. Maar die siel sal egter juig wanneer sy die doel bereik het om God te voel en Sy stem te hoor, so dikwels as wat sy daarna verlang.

Amen.

Menslike wil - God se wil - Bemoedigende woorde

B.D. No. **3413**
20. Januarie 1945

Op die korrekte tyd sal Ek ingryp in die wêreldgebeure en dit in ander bane lei. Maar voordat My wil in aksie sal kom, sal Ek die menslike wil laat vryloop tot die uiterste toe. Wat die mens wil uitrig, sal Ek toelaat om hulle dan voelbaar te onderrig, aangesien 'n saggeaarde onderrig geen meer nut sal hê nie, omdat die mense hulle oor toesluit wanneer die verderflikheid van hul handelinge aan hulle getoon word. Ek pla hulle dus nie wanneer hulle na middele gryp wat elke regskape denkende mens behoort te verafsku nie. Ek verhinder dus ook nie die groot nood wat hulle wil teweegbring nie. Ek ontneem hulle ook nie die lewenskrag wat hulle gebruik om dade uit te voer wat te veroordeel is nie, maar Ek laat hulle toe om werksaam te wees volgens hul eie goeddunke. Daar is egter 'n grens gestel wat hulle nie sal kan oorskry nie. En eendag sal hulle wil tot niks in staat wees nie, omdat My wil sterker is.

Julle, my gelowiges, moet julle nie aan nare gedagtes oorgee nie. Julle sal elke dag vol vertroue moet lewe en steeds maar net My nabyheid nastreef deur onbaatsugtige liefdeswerke. Julle moet help waar julle hulp benodig word en daardeur julle harte ontvanklik maak vir die krag van die liefde wat van My na julle oorloop wanneer julle dit nodig het. Want daar sal eise aan julle gestel word en om daaraan te kan voldoen, sal julle genade en krag van My moet ontvang. Wat daar ookal mag gebeur, dit is My werk, My wil en jou lot wat ontwikkel soos wat jou toestand van volwassenheid dit verg.

Die mense woed nog steeds en elkeen probeer om sy krag deur dade van liefdeloosheid te vergroot en dit is die verderf. Want Ek moet hulle kragteloosheid vir hulle bewys. Maar Ek het Myself voorheen in herinnering gebring dat Ek die mense in so 'n nood sal laat beland sodat hulle na My sal roep. Hul siele sal My moet soek. Hulle moet My nie met die mond aanroep nie, maar uit die diepte van hulle harte moet hulle My om hulp vra. Oral sal nood en ellende wees en tog sal die leed nie in staat wees om die mense te omvorm nie. Hulle sal liefdeloos en heerssugtig bly en sal hul vermeende reg met geweld soek. En waar hulle dit nie sal kan kry nie, daar sal hulle met gewelddadige stryd middele optree. En Ek sal dit toelaat. Maar die einde sal Ek self bepaal. Ek sal op die regte tyd kom en sal My stem laat weerklink.

Wees daarom nie bang nie, maar wag vol geloof op my hulp as dit julle toeskyn dat ernstige gevaar vir julle dreig. My vaderlike oog sal oor julle waak wat met My verbonde sal bly in gebed en werke van liefde. Ek sal niks op julle laat afkom wat julle in gevaar sou bring en Ek sal voortdurend by julle wees wanneer julle My aanroep. En dit is beslis so dat die ure van nood deur My beëindig sal word voordat julle, my gelowiges, daardeur getref sal word. Want Ek het My beskerming aan julle belowe. My woord is waarheid en sal ewig waarheid bly.

Amen.

Die vergeesteliking van die siel - Die oorwinning oor die materie

B.D. No. **3414**
22. Januarie 1945

Dat jy sal moet leer om die wêreld gering te skat, is absoluut noodsaaklik indien jy jou siel heeltemal volwasse wil laat word. Want eers wanneer sy nie meer daarna sal verlang nie, sal sy haarself wend na die geestelike ryk toe, die wêreld wat haar eintlike vaderland is, wat haar alles bied en wat haar help om opwaarts te gaan en wat dus ook die doel is wat sy deur die aardse lewe moet bereik. Hoe meer die mens homself losmaak van materiële dinge, hoe meer sy sinne dood raak vir aardse vreugdes en genietinge, des te meer vergeestelik die siel haarself. Solank die mens op aarde leef, moet hy hom weliswaar tot op ’n sekere vlak volgens die vereistes van die liggaam voeg. Hy moet aardse verpligtinge nakom, hy moet aardse werksaamhede verrig, hy is dus aardsgebonde en kan homself nie suiwer liggaamlik vroeër daarvan losmaak, alvorens God hom nie wegroep tot die geestelike ryk nie. Tog kan die mens 'n tweede lewe lei langs sy aardse.

Die lewe van die siel hoef nie volledig deel te hê aan die lewe van die liggaam nie. Die siel hoef nie dieselfde na te streef as die liggaam nie, maar sy kan vir haarself heeltemal onafhanklik daarvan ’n ryk vorm, wat egter ver vanaf die begeertes van die liggaam af lê. Sy kan haarself na die geestelike ryk toekeer en dan sal die liggaam wel sy aardse taak vervul, maar sal nooit meer aardse plesiere vir homself nastreef nie, veel meer sal hy homself spoedig by die begeerte van die siel aansluit en eweneens probeer om homself geestelik besig te hou, sodra die aardse pligte tyd daarvoor toelaat en geleentheid bied. En sodra hierdie graad bereik is, naamlik dat die mens nou geen meer Ag, slaan op alle materiële goedere nie, sodra hy die geestelike ryk tot die doel van sy strewe gestel het, word hy ook gevrywaar van sterk versoekinge vanaf die kant van die wêreld. Hy kan nie meer daaraan ten offer val nie, hy sal egter net so nou en dan nog effense gevegte moet deurstaan, wanneer die wêreld hom steeds weer haar vreugdes en plesiere aan hom toon en hom daarvoor wil wen. Maar dit is net versoekings wat hy steeds sal oorkom, omdat die kragte van die geestelike ryk, van die ryk waarna sy siel streef, hom nooit meer sal loslaat nie, omdat dit hom met onvermoeide liefde lok en sy siel dus voortdurend beïnvloed, sodat sy die krag in haar sal voel om weerstand te bied.

Hoe meer daar nou afstand gedoen word van die materiële wêreld, des te sterker is ook die kragoordrag vanuit die geestelike ryk. En hierdie toestroming van krag kom nie net die siel nie, maar ook die liggaam ten goede. Want laasgenoemde is nou ook in staat om sy aardse taak te volbring, sonder om die siel te verwaarloos. En die aardse taak sal 'n diening in aktiewe naasteliefde wees. Die mens sal nou ook deur sy aardse werksaamheid die rypheid van siel bereik, omdat hy nou volgens die wil van God gerig word. Want die mens wat aardse doelwitte buite beskouing laat, wat die goedere van die wêreld nie meer begeer nie, sal ook net arbeid verrig wat die medemens tot voordeel sal strek. Hy sal net wil gee, maar sal nie wil besit nie en daardeur sal hy steeds meer na die geestelike ryk streef.

Daardeur kom die siel dus uit vrye wil haar eintlike bestemming na. Sy oorwin die materie en vergeestelik haarself. Sy smoor die begeerte wat aan die liggaam eie is en forseer die liggaam om hom by die begeertes van die siel aan te sluit. Sy trek hom saam die geestelike ryk binne en daardeur streef sy die doel ernstig na wat vir haar op aarde gestel is. En sy sal hierdie doel ook bereik, want alle kragte van die lig staan haar by, sodat sy die weg na die ewige vaderland sal vind.

Amen.

Ontvangs van die goddelike Woord is `n daad van uiterste wilskrag

B.D. No. **3419**
27. Januarie 1945

Slegs weinig mense is in besit van die regstreekse Woord, want slegs weinig het so `n sterk wil, dat hulle bewustelik en aandagtig na hul innerlike luister en ook glo in God se werking in die mens deur Sy Gees. Hierdie geloof is `n voorvereiste, maar dit sou ook lewendig geword het deur die beoefening van naasteliefde, sodat die persoon deur laasgenoemde `n opnamehouer vir die goddelike Gees kon word. Maar hy moet ook die wil hê om aandagtig te luister na die instruksies deur die goddelike Gees. En dit vereis liefde en oorwinning, liefde vir God en oorwinning om alle swakhede en foute te oorkom.

Die mens moet voortdurend werk om homself te verbeter en die wil hê om naby aan God te kom. Daarom moet hy geestelike strewe bo die aardse plaas en dus ook die geestelike werk nougeset verrig en dit behels eerstens die werk om die goddelike Woord te ontvang, wat `n besondere sterk wil vereis, want die daaglikse aanvaarding van die goddelike Woord is `n daad van uiterste wilskrag, omdat laasgenoemde weer opnuut geaktiveer moet word, want slegs dan kan die gawe van die goddelike Gees aan die persoon gebied word.

Alhoewel die persoon slegs `n instrument van God is waarvan Hy Hom bedien om op `n natuurlike wyse met die mense te praat, is die persoon se vrye wil tog deurslaggewend en dus word hy nie gedwing of verplig om te skryf sonder sy eie wil nie, maar hy kan heeltemal vry optree en hoef nie sy ore en hart oop maak nie. In daardie geval sal die ontvangs van goddelike geestelike kennis egter onmoontlik wees.

Dit is die rede waarom slegs weinig mense gevind kan word wat heeltemal vrywillig hulself beskikbaar stel en daagliks volhardend innerlik luister, wat dus hulle wil in aksie stel deur te onttrek van die wêreld, die innige verbintenis met God tot stand bring, Hom te vra en te wag op die vervulling van hul versoek. Dit verg tyd en die verwerping van eise wat deur die liggaam gestel word. Enigiemand wat te veel van sy liggaam hou, d.w.s. wat slegs die doel van die aardse lewe in aardse welstand soek, sal glad nie in staat wees om hierdie wil op te bring nie, want die liggaam sal steeds probeer om die wil te verswak en die mens sal uiteindelik aan die liggaam se begeerte toegee, hy sal onverskillig en traag word, hy sal ook min geloof in God se liefde en goedheid hê en nie `n beroep op Hom doen vir Sy gawe van barmhartigheid nie, en dan kan dit ook nie aan hom gegee word nie. Slegs weinig mense is bereid om hulle wil aan God te oorhandig en hulle deur Hom te laat lei.

Maar hierdie paar sal ware arbeiders in die wingerd van God wees, want hulle het hulself bewys om lojale volgelinge van God te wees en daarom ontvang hulle ook voortdurend die krag om hul wil te versterk en hulle sal altyd bereid wees om na die innerlike stem te luister. En die resultaat sal goddelike geestelike kennis wees wat `n onvoorstelbare geseënde effek kan hê, as `n medemens weer op sy beurt, die wil kan opbring om hom daardeur te laat onderrig. Die wil moet altyd weer aktief raak, omdat God niemand forseer om na sy koninkryk te draai, en daardeur ook tot Sy barmhartigheid nie. Maar enigeen wat hierdie wil opbring, sal deur God geseën word en hy sal in staat wees om groot sukses te bereik, beide vir sy eie siel, sowel as vir dié van sy medemens, En hy sal `n suksesvolle arbeider in die wingerd van God wees en krag en barmhartigheid sal oorvloedig tot sy beskikking staan.

Amen.

Leed as genadegawe

B.D. No. **3422**
30. Januarie 1945

Die eindtyd vol genade word nie deur die mense as sodanig herken nie, want hulle is nie op hoogte van die seën van lyding nie, hulle weet nie dat leed ook `n genade is nie, waardeur die siel wat haarself ver van God bevind, nog gered kan word en dat sy ewiglik nie haar bestemming sal kan bereik, indien sy nie die afstand tot God verklein deur werke van liefde nie. En die werksaamheid in liefde kan die gevolg van groot lyding wees. God gee dan die mense die geleentheid om hulleself in

die liefde te oefen, want die leed neem dan ’n vorm aan waardeur die medemens tot werke van liefde aangespoor sal word, indien hy nie volledig verhard is nie.

Wat `n mens nie vanself sou doen gedurende `n tydperk van geordende verhoudings nie, kan hy tog nog uit innerlike aandrang verrig by die aanskoue van oorgrote nood. Hy kan die lot van sy medemens na hom toe aantrek en hom helpend bystaan, die vlammetjie van die naasteliefde kan in hom ontsteek word en dan sal sy siel die grootste voordeel uit die aardse nood kan trek.

Ononderbroke is God daarop bedag om die siele te lei na nog hoër volwassenheid, of om hulle in die toestand te plaas, sodat die omhulsel van hulle siele sal oplos, sodat hulle voor die einde van die (laaste) dag minstens in die toestand van insig die ryk hierna sal kan ingaan, of dat hulle uit eie aandrang sal aansluit by die klein gemeente wat tot aan die einde sal volhou in die geloof in Jesus Christus, die goddelike Verlosser. As die mens sy doel deur leed bereik, dan was leed vir hom die laaste redding gewees, want dit was genade wat nog kort voor die einde aan hom verleen was. Want sonder leed sal hy in die toestand bly waar hy ver van God verwyderd sal wees, omdat die liefde nie in hom werksaam geword het nie.

Die middele wat God sal aanwend om die siele van die mense te help, sal kort voor die einde besonder skerp moet wees, indien dit nie sonder uitwerking sal wees nie. En in hul geestelike blindheid sien die mense maar net die skerpte van sulke middele, egter nie die seën daarvan nie. Maar dan word hulle deur werke van liefde in `n helder toestand verplaas en dan het hulle tot die skare van stryders van God toegetree en dan kyk hulle vol dankbaarheid op die dae van hul liggaamlike nood terug, hulle sal dan die sin en die seën van die lyding insien en sal dan ook die Liefde van God sien, Wie steeds bedag is op die algehele rypwording van onvolmaakte siele.

Die tyd tot aan die einde sal nie meer lank wees nie, maar die mense is nog so geestelike laag ontwikkel, dat hulle `n aansienlike langer tyd nodig sal hê om dit in te haal. Gevolglik sal hulle `n skool moet deurloop waarin hulle vinniger volwasse moet word, sodat hulle by elke lewensproef sal kan standhou indien hulle elke geleentheid benut. Hulle sal `n louteringsvuur moet deurstaan, die omhulsel van hul siele sal gesmelt moet word deur leed en liefde, dan sal dit moontlik wees om hulself in hierdie kort tydjie nog te vervolmaak, sodat hulle aan die einde tot diegene sal behoort wat sal stry vir God. En dan sal die ewige saligheid vir hulle verseker wees. En hoe vroeër `n mens die liefde uit vrye wil beoefen, des te makliker te dra sal die laste vir hom voorkom, want wanneer die eintlike doel deur leed bereik is, des te vroeër die mens homself dus van die genade bedien het, des te vroeër sal die leed van hom afgeneem kan word.

So sal die barmhartigheid van die eindtyd eers in die geesteryk goed ingesien kan word, want op aarde het die mens as sodanig nie hierdie insig nie en hy sien ook nie die groot geestelike nood in nie, hy weet nie in welke gevaar hy verkeer as hy faal nie en watter vreeslike gedagte dit is om nogeens `n ontwikkelingsperiode te moet deurmaak nie. Hierdie insig sal eers in die geesteryk vir hom beskore wees en dan sal hy dankbaar wees vir alle hulp wat hom in die vorm van lyding op aarde ten deel geval het. Dan eers sal hy insien welke mate van genade God die mense op aarde gegee het en dat dit nooit sonder leed moontlik sou wees om hierdie doel te bereik nie. Maar solank as wat hy op aarde leef, word daar vir hom geleentheid gebied om sy siel hoër te ontwikkel en so lank staan die genade hom ook ter beskikking.

En leed is een van die grootste genadegawes, dit is die mees werksame middel om die mens op te voed om aktief te raak in die liefde. En daarom sal God die middel aanwend vóór die einde kom, om nog siele te wen vir Sy ryk, om hulle te help, sodat hulle nie vir ewig verlore sal gaan nie.

Amen.

Die verdere verloop van die nood- Oorde van vrede

B.D. No. **3423**
31. Januarie 1945

Die mense gee hulself oor aan valse hoop, indien hulle ’n verbetering gedurende die komende tyd verwag, want dit sal slegs vir weinig mense draaglik wees. Slegs die mense wat met My

verbonde is deur gebed en werke van liefde, sal minder belas wees. Die ander sal daarenteen `n tyd moet deurmaak van losmaking, asook die swaarste stryd om te bestaan, om hulle sodoende op die laaste beproewing van hulle aardse lewe voor te berei, op die stryd teen die geloof.

Nood en droefenis vooraf moet maak dat hulle na My sal roep, sodat hulle My sal leer ken, sodat hulle My dan getrou sal bly en toetree tot die skare van My vegters. Sodra hulle met My verbind is, sal die nood en droefenis verlig word. Op grond van hulle geloof sal hulle alle swakhede kan oorwin en Ek sal hulle verligting gee, wanneer hulle die ellende ter wille van hul medemens sal moet verduur.

En daarom kan daar te midde van die grootste nood ook `n stil eiland van vrede wees. Te midde van menslike duiwels kan daar ook mense lewe wat met God verbind is, waaraan niks deur eersgenoemde gedoen kan word nie, want `n digte muur van beskerming, wat deur goeie geestelike wesens gevorm word, omgewe hulle. En daar sal dus oral oorde wees waar My Liefde en Genade sal heers, in teenstelling met die plekke waar My teenstander sal huishou en waar daar geen vrede en rus kan wees nie. Maar Ek sal Self die oorde van vrede vorm, omdat Ek Myne ken en te alle tye vir hulle die lewe draaglik sal maak.

En hierdie oorde moet ook deur die medemense herken word as oorde van vrede, omdat EK wil hê dat hulle wat in die nood verkeer, daarheen sal vlug om woorde van troos en versterking te ontvang van diegene wat self in vrede lewe en wat die Woord nou ook kan uitdeel, deurdat hulle My Woord sal oordra, deurdat hulle die geloof sal wek in My Wysheid, Liefde en Almag. Want hierdie geloof sal die kenmerk van die oorde van vrede wees. Dit sal egter baie min onder die mensdom voorkom en daarom sal daar ook maar selde `n toevlugsoord van vrede ontstaan, want die mensdom herken My nie meer nie en hulle is ver van My verwyder. En waar Ek Self nie kan vertoef nie, daar is geen vrede, geen geluk en geen lig nie.

En die wêreld sal haarself verder in duisternis en aardse nood bevind, ten spyte van die beëindiging van `n stryd fase, wat bitter lyding oor die mense gebring het. Want hulle sal self nie van voornemens wees om onderrig aan te neem van hulle, wat in hul verbondenheid met My, voortdurend wysheid opgedoen het nie. En daarom sal die tyd van nood nie so vinnig beëindig kan word nie, ofskoon die aardse stryd sy einde sal tegemoetgaan. Want slegs hy wat op My aanstuur, kan Ek beloon en aan hom `n makliker lewe besorg. Maar vir die grootste deel van die mensdom sal die lewe op aarde verder `n moeilike stryd bly, totdat hulle hul volgens My Wil sal skik en My Wil hulle s'n maak.

Amen.

Die krag van geloof en gebed

B.D. No. **3427**
4. Februarie 1945

`n Gelowige gebed sal wonders tot stand bring as julle dit in bange nood na My opstuur. En dus het julle `n hulpmiddel wat alle nood kan verban. Hoekom wil julle dan nog bang wees? Want so `n gebed hoor en verhoor Ek, omdat dit welgevallig is vir My. Glo in My en in My Liefde. Glo in My almag en roep My aan en Ek sal julle te hulp snel, want Ek wil nie hê dat julle moet ly nie.

Maar Ek wil deur julle erken word as Vader van Sy kinders en daarom wil Ek dat julle vol vertroue met alle sorge na My toe sal kom, sodat Ek dit van julle kan wegneem, want daartoe het Ek die Mag en ook die Wil. Ek kan julle help en Ek wil julle help, indien julle My nie ontrou is nie, wanneer julle julself as My kinders beskou en die begeerte het om tot die Vader te kom. En hierdie wil bring julle tot uitdrukking deur `n gelowige gebed, deur in diep geloof vir My Genade, Krag en Hulp te vra, wat die toestand is wat op aarde bereik moet word en wat julle in staat stel om `n blik te werp in die geesteryk. Hierdie toestand gee ook aan julle die vervulling van julle versoeke, want dan is julle so dat Ek julle kan toeroep: "Vra en dan sal daar vir julle gegee word". Ek het hierdie belofte Self vir julle gegee en Ek sal dit waarlik vervul as julle op die regte manier tot My bid.

Maar `n ware gebed moet in kinderlike vertroue na My opstyg. Julle moet nie `n oomblik daaraan twyfel dat Ek julle gebed sal verhoor nie. Julle moet my oorgrote Liefde vir julle voor die gees roep en rotsvas op hierdie Liefde bou, sodat Sy julle niks kan weier nie. Maar julle gebed moet hoofsaaklik

julle sieleheil geld en slegs om die afwend van aardse swaar nood. Maar nooit moet julle vir onbeduidende dinge vra nie, want wat julle nodig het vir julle aardse lewe, sal Ek julle laat toekom, indien julle ernstig na My ryk sal streef.

Maar as julle in aardse benoudheid kom, vlug dan vol vertroue na My Vaderhart en Ek sal elke nood verdryf. Daarom sal julle nooit alleen wees nie, nooit hulpeloos en verlate wees nie, want altyd sal julle die gebed hê, indien julle gelowig is. En steeds sal `n gebed, wat uit die hart kom, My welgevallig wees. En Ek verleen My hulp aan die mens, dikwels op `n wonderbaarlike wyse, omdat niks vir My onmoontlik is nie en Ek daarom ook die swaarste nood kan verban, wanneer Ek daardeur `n gelowige mensekind te kenne wil gee van die krag van geloof en gebed.

Amen.

Verpersoonliking van God

B.D. No. **3443**
22. Februarie 1945

Die geloof in `n geestelik tasbare Godheid beteken geensins `n verpersoonlikte Godheid nie en om hierdie rede moet die mens nie `n eng idee van God hê wat alomteenwoordig en buite tyd en ruimte bestaan nie. Hy deurdring alles met Sy Gees, die hele heelal, die hele geestelike koninkryk en daarom is hy nie denkbaar as `n persoon wat volgens menslike begrip, ruimte beperk is nie. In plaas daarvan moet die verpersoonliking van God ten volle vermy word as `n mens enigsins naby die visualisering van God wil kom as die hoogste en mees volmaakte Wese. God het Homself inderdaad aan Sy lewende wesens in `n menslike vorm sigbaar gemaak deur die liggaam van Jesus met Sy Goddelikheid te deurdring en het Homself in Sy verheerlikte toestand aan mense vertoon, sodat hulle Sy ewige Godheid in Jesus Christus kon aanskou. Maar sodra die siel haar liggaam verlaat en in die koninkryk van lig ingaan, sal sy besef dat die ewige Godheid nooit deur menslike intellek begryp kan word nie en dat die beliggaming in Jesus Christus bedoel was om die geloof in `n geestelike tasbare Godheid in mense te wek of te versterk tydens hul aardse lewe, anders sou hulle dit moeilik gevind het om geloof te hê, wat noodsaaklik is om `n verbinding met God deur gebed te vestig.

Daarom het die ewige Godheid sigbaar geword vir die mense in Jesus Christus en in barmhartige liefde het Hy gepoog om Homself vir die mense toeganklik te maak, om hulle aan te moedig om kontak met Hom te maak. Jesus Christus was die Vorm waarin die ewige Godheid vir die mense op aarde beskut was. In die geestelike koninkryk sal dieselfde Vorm geestelik sigbaar wees vir die wesens wat die graad van volmaaktheid bereik het, wat hulle in staat sal stel om God te aanskou. Maar hierdie geestelike tasbare Godheid is oral aanwesig en daarom nooit afskryfbaar in `n beperkte vorm nie. Daarom kan Sy ook nie as `n persoon aangespreek word nie, want hierdie konsep word slegs gebruik vir die aardse lewe, want die mens self, as `n geïsoleerde individu in die heelal, eis vir homself die erkenning van `n persoon, dus word `n persoon altyd verstaan om `n menslike wese te wees. Dat hierdie konsep nooit op die ewige Godheid toegepas kan word nie, is toe te skryf aan die feit dat God Gees is. Maar die gees is nie iets beperk nie, nie iets wat in `n vorm gebind kan word wanneer dit volmaak is nie. Die opperste volmaaktheid is daarom onbegrens, bo alle begrip en deurdring die hele oneindigheid; Sy is alomteenwoordig, omdat Haar fundamentele substansie Liefde is wat ook nie beperk is nie en daarom ook nie as `n vorm voorstelbaar is nie. Die mens se intellektuele kapasiteit is beperk, hy kan niks behalwe aardse dinge visualiseer solank hy nog geestelik oningelig is nie. En daarom sal hy probeer om die ewige Godheid as `n persoon voor te stel, sodra hy in `n geestelike tasbare God glo, in `n God wie hy kan aanbid.

En God het hierdie suiwer menslike drang geakkommodeer deur Homself in Jesus Christus te beliggaam, naamlik deur aan te toon hoe `n mens wat `n God-welgevallige lewe lei met God kan verenig op aarde en so een kan word met Hom. Hy wou mense die weg wys om die finale doel te bereik, naamlik die totale eenwording met God. Die uitstraling van die goddelike Wese het die mens Jesus ten volle deurdring, gevolglik was slegs die eksterne vorm, die liggaamlike vorm menslik, maar Sy Siel en Gees was goddelik, hulle het weer volledig verenig met God van Wie hulle uitgegaan het. Maar tog het die ewige Godheid Haarself nie uitgegee nie, omdat dit onmoontlik is vir die mees

volmaakte Wese om ooit binne `n vorm beperk te word. Nietemin is die ewige Godheid `n geestelik tasbare Iets, naamlik, Sy is geestelike Krag waarin die vermoë van wil en gedagte erken moet word, dus bestaande as `n Wese met Wie die mens innig kontak kan maak deur sy wil en gedagtes te gebruik. Want die mens se wil en gedagtes is ook nie gebonde aan die eksterne vorm nie, maar is deel van die geestelike wese wat in die mens is. Sodra die liggaamlike omhulsel wegval, bly die siel, die geestelik tasbare wese, in staat om te dink en te wil, maar volgens haar toestand van volwassenheid kan die vermoë slegs swakker of sterker wees, terwyl die ewige Godheid, as die mees volmaakte Wese, Haar wil en gedagtes in diepgaande Wysheid en onvoorstelbare Krag uitvoer.

Die menslike liggaamlike vorm is slegs die middel tot `n doel vir die duur van sy aardse lewe. Maar elkeen wat glo in die onsterflikheid van die siel, weet ook dat die eksterne vorm, die persoon, nie vereis word vir die voortbestaan van die siel nie. Nietemin bly die siel bewus van haarself as `n individuele wese, selfs wanneer sy by gelyke volmaakte siele aangesluit het, net soos wat die ewige Godheid ook die hoogste en mees volmaakte Wese sal bly vir die hoogste ligwesens wat heeltemal met God verenig het en onuitspreeklik gelukkig is in hul eie bestaan, omdat hulle altyd en vir ewig die Liefdeskrag van God sal kan ontvang en voel, Wie as ewige Vader, in intieme kontak met hulle sal wees.

Amen.

Wie in My glo - Die genade van die verlossingswerk

B.D. No. **3445**
23. Februarie 1945

Dit is op hierdie oomblik dringend noodsaaklik om vir die genade van die verlossingswerk te smeek. Want nou sal dit blyk hoeveel sterker die wil van die mens kan wees wat terwille van die dood van Jesus, sal bid vir krag en genade.

Jesus het die mees pynlike dood aan die kruis gesterf, om vir die mense lyding te bespaar. Hy het die leed van die mens op Sy skouers geneem, Hy het die kruis vir hulle gedra en sodoende kan die mens teen lyding gespaar bly, mits hulle hulself gelowig onder die kruis plaas, mits hulle Jesus aanroep om Sy bystand, sodat Hy hulle las van hulle kan afneem en dit in hulle plek dra.

En die mens sal na hierdie aanroep versterk wees, want die goddelike Verlosser Self sal hom krag gee as genade van Sy verlossingswerk. En sy wil sal versterk word, alle angs sal van hom wyk, hy sal met meer krag omhoog strewe en aardse leed sal hom nouliks raak, omdat Jesus dit vir hom help dra.

Maar hoe min mense roep Hom egter aan om hulp. Hoe min mense bely ’n geloof in Hom en Sy verlossingswerk en hoe selde word die genade van die verlossingswerk afgesmeek en aldus bewustelik ontvang. Hulle roep God aan, maar herken Hom nie in Jesus Christus nie en daarom het die leed op aarde `n maat bereik wat oorvol skyn te wees.

En dan moet die mense die leed self dra. Hulle moet dit op hulself neem, omdat hulle nie in Hom glo nie. En daarom is die nood so hoog en die mensdom is swak van wil, omdat hulle hulle weg sonder God gaan en daarom enorm swaar belas, deur groot louterende lyding heen moet gaan.

God wil die mens op aarde nog die geleentheid gee om Jesus te herken, deurdat Hy hulle self die weg na Golgota laat gaan, die wat die omhulsel van hulle siele moet laat smelt, die wat in hulle die vonk van liefde moet laat ontsteek, sodat hulle nou ook die weg tot navolging van Jesus kan gaan en Homself as Verlosser van die wêreld kan leer ken. En as die lyding maar tot die doel bydra, dat hulle Jesus nie aan die einde van hulle lewe afwys nie, dan het hulle baie gewen en hulle sal daarvoor vir ewig dankbaar wees en sal ook die lyding seën wat hulle hierdie herkenning gebring het. Maar die vermindering van die lyding op aarde kan hulle net bewerkstellig, wanneer hulle in diep geloof tot Hom daarvoor bid, sodat Hy hulle kan help om sy kruis te dra.

Sy volgelinge sal egter alle swakheid van wil verloor, hulle sal onbevrees deur die lydenstyd heen gaan, want hulle sal die krag uit Hom put, hulle sal gebruik maak van die genade van die verlossingswerk en dus sal dit hulle nie meer aan krag ontbreek waarmee hulle alles sal kan bedwing

wat die wêreld van hulle eis en waardeur hulle ook dus nie deur die leed terneergedruk sal word nie. Want Jesus dra vir hulle die leed, Hy het vir die sonde van die mensdom gesterf en so het Hy ook die straf van die sonde op Sy skouers geneem.

En die mens kan dan gesuiwer uit sy aardse lewe tevoorskyn kom, as hy maar net met ’n diep geloof in Hom om vergewing van sy sondes bid. Hy het dus die middel tot loutering, naamlik die leed, nie nodig nie, terwyl die ongelowige mens slegs nog deur leed gered kan word, mits hulle nie `n algehele verstokte ingesteldheid het nie.

Die genade van die verlossingswerk staan die mens onbegrens ter beskikking en hy kan steeds en voortdurend daarvan gebruik maak. Maar dit sal nie werk vir hulle wat God afwys nie en hulle aardse lot sal nie so eenvoudig wees nie, omdat dit die tyd van die einde is en dit moet benut word, as die siele nog gered wil word. Wie in Jesus glo, weet dat hy nie verlore is nie, want hy vlug met elke nood na die kruis. En hy sal nie tevergeefs vra nie. Sy leed sal draaglik wees, sy wil sal versterk word en sy krag tot oorwinning oor alle geestelike en liggaamlike nood sal toeneem en hy sal sy lewenstryd goed deurstaan en sy aardse weg sal suksesvol wees, want hy sal geestelik volwasse word en die ewige lewe wen. Want Jesus Self het hom beloof: “Wie in My glo, sal nie sterwe nie, maar die Ewige Lewe hê”.

Amen.

Troos en Krag in die grootste nood deur God se Woord

B.D. No. **3448**
25. Februarie 1945

Welke genade en krag daar van God se woorde sal uitgaan wat in Sy Liefde na die aarde gestuur word, sal julle in beangste ure ondervind, omdat julle dan meen om van die hele wêreld afgesny te wees en slegs met God deur gebed in verbinding kan tree. Dan sal Hy in Sy Liefde tot julle spreek en sal aan julle krag besorg, Hy sal julle begelei en vir julle sorg en Sy woord sal vir julle voldoende spys en drank wees, totdat daar hulp na julle toe kom. Geen mens sal julle die troos kan inpraat wat julle uit Sy woord sal toestroom nie, want met Sy woord sal julle Hom ook self in julle nabyheid bemerk en julle gelowig aan Hom toevertrou. En wanneer julle Sy woord sal hoor, sal alles anders sy verskrikking vir julle verloor, want Sy Liefde sal tot julle spreek, Sy Vaderhand sal julle vasgryp en sal julle nie meer laat val nie.

Sy woord sal vol van mildheid en goedheid wees, dit sal julle hoop gee en julle sal dit as waarheid herken en daarom sal alle vrees en angs ophou, omdat julle Hom nou sonder beswaar vertrou. Hoe groter die aardse nood sal wees, soveel nader sal God aan julle wees, as julle Hom maar net wil aanroep. Hy sal julle nie verlaat nie en Hy bring dit tot uitdrukking in Sy woord, wat julle onophoudelik sal mag verneem, regstreeks of deur tussenpersone, indien julle ’n verlange daarna sal hê. Want die verlange sal deur God vervul word. Hy sal julle nie sonder geestelike spys laat nie, Hy sal nie die bron sluit waaruit die lewende water stroom nie, Hy sal julle beskerm teen vernietiging, Hy sal nie toelaat dat Hy deur die menslike wil gedemp word sodat die bron gaan opdroog wat Sy erbarming in volle Liefde geopen het vir julle wat honger en dors het, wat wegkwyn in nood aan liggaam en siel en na lafenis verlang nie.

En dus daal God Self in die woord na die aarde tot Syne, wanneer alle toegang tot julle deur mense ontsê is. Dan sal Hy by julle wees en julle sal ryk gawes uit Sy Vaderlike hand kan ontvang, julle sal liggaamlik en geestelik versterk word en as julle alle aardse hoop opgegee het en julleself slegs aan God alleen oorgee, neem Hy julle lot self in Sy Hande en Hy sal julle red uit alle nood. Want Sy Liefde sal julle omvou, soos wat Hy iedereen omvou wat sy toevlug tot Hom neem in gebed.

Amen.

Die onderrig van die leerlinge - Evangelie

B.D. No. **3456**
3. Maart 1945

My leerlinge moet die evangelie van My af ontvang en dit oral versprei. En daarom sal Ek diegene self onderrig wat op aarde vir My wil werk, sodat hulle volgens My wil werksaam kan wees, sodat hulle My Wil sal kan verkondig soos wat Ek dit self aan My leerlinge sal bekendmaak. Want My wil moet vervul word, indien die mense gered moet word. En daarom moet hulle in die eerste plek My Wil ken. Dit kennis daarvan moet versprei word. Dan eers kan Ek die mense ter verantwoording roep of en hoe hulle My wil kan nakom. En daarom spreek Ek tot die mense op die aarde wat na My wil luister en Ek gee aan hulle die opdrag om My woord deur te gee. En wie My dus dien, sodat hy sal luister na My stem om dan in My plek te spreek tot sy medemens, is My ware leerling. Want Ek sal hom op alle gebiede onderrig.

Ek sal hom inwy in My ewige verlossingsplan. Ek sal hom 'n blik gee in My heerskappy en werksaamhede, in My aardse en geestelike skepping, na gelang van sy opneemvermoë en bereidwilligheid. Maar vooraf moes hy sy dienste uit vrye wil vir My aangebied het. Hy moet bereid wees om op aarde vir My te werk en deur sy lewenswandel daarna streef om My welbehae te verkry. Dan sal Ek hom aanneem as dienaar, as dissipel, en sal hom oplei vir sy werk op aarde, want hierdie werk is bitter nodig.

Die mensdom gaan in totale duisternis van gees voort. Hulle herken My nie meer nie en My wil is vir hulle vreemd. Hulle soek slegs aardse voordeel en dink nie aan hul siel nie. Hulle gebruik die lewe nie vir die doel waarvoor dit aan die mense gegee is nie, omdat alle kennis daaroor vir hulle verlore gegaan het. En daarom moet dit weer aan die mense voorgehou word. Dit moet vir hulle aangebied word in ooreenstemming met hul begripsvermoë. Hulle moet attent gemaak word op My as hul Heer en Skepper. Hulle denke moet na My gerig word. En dit alles sal gewillige leraars op aarde verg, wat die kennis van My self sal moet ontvang en dan, uit suiwer naasteliefde, aan die medemens wil deurgee.

Die liefde moet hulle aanspoor tot hul werk en dus kan slegs sulke mense My dissipels wees wat in liefde vir die naaste lewe, wat die groot geestelike nood sal insien en hulpvaardig hul bystand verleen. Hulle moet dit wat hulle vir hulself vra - naamlik die suiwer waarheid - ook vir die medemens wil gee, omdat hulle andersins nie in staat en waardig sal wees om kosbare geestelike gawes van My te ontvang nie. Maar wanneer hulle in die liefde lewe, sal hulle My dissipels wees wat hul bes sal doen om My na te volg en sal dus nou ook die evangelie van My in ontvangs kan neem om dit oral te versprei. Want hulle moet My gebooie aan die mensdom verkondig, naamlik die gebooie van die liefde tot God en die naaste, waarvan die vervulling hulle die ewige geluksaligheid sal oplewer. Want wie hierdie gebooie nakom, leef volgens My wil. Hy sal voortdurend wil gee en sal daarom ook voortdurend mag ontvang. Hy sal My nou ook wil dien en sal met krag vervul word en sy lewensweg oor die aarde sal aan hom die geestelike volwassenheid gee wat die uiteindelike doel van die mens op aarde is.

En daarom stuur Ek My leerlinge uit oor die wêreld. In alle gebiede roep Ek mense op wat hulle uit vrye wil deur My laat onderrig. So word die evangelie uit die hemele aan die mense verkondig, indien hulle dit maar net wil verneem, want die mensdom is in groot nood en elkeen wat sy dienste vir My aanbied om sy medemens te help, sal as My dissipel geseënd wees. Hy sal krag van My ontvang om sy amp te kan uitoefen en My liefde en genade sal hom vergesel op al sy weë.

Amen.

Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid betoon word. Mat.5:7

B.D. No. **3460**
9. Maart 1945

Salig is hulle wat barmhartig is, wie in nood en teenspoed sy naaste bystaan en hom help om te oorwin. My genade sal sigbaar op hulle rus, want hulle vervul My gebooie, hulle het My lief omdat hulle aan hul naastes, My skepsels, liefde betoon.

Wie hulpeloos en verlate is, sal die liefde wat aan hom betoon word, in dankbaarheid ervaar, dit sal wederliefde opwek en wat dit beteken, sal julle op aarde nie in sy volle omvang kan besef nie, naamlik dat die geringste liefde `n vry word van die mag van die teenstander beteken, `n verandering wat die terugkeer na My inlui, wat slegs deur liefde kan plaasvind. In alle aardse en geestelike nood ervaar die mens liefdevolle hulp as weldadig. Die liefde werk as krag, want sy gaan immers van My as die Ewige Liefde uit en kan slegs lewewekkend werk. Hulpverlening bring goeie gedagtes voort en goeie gevoelens, die siel van die medemens word aangeraak en aangespoor om net so werksaam te word en elke daad van liefde sal verwydering bring van My teenstander, dus `n verkleining van die afstand na My.

Die nood van die tyd, waarin liggaam en siel ly, waarin liggaamlike lyding niks anders kan wees as die gevolge van die nood van die siel nie, noop die doen van werke van barmhartigheid, sodat die mense hulle kan besin en die weg vind na My. En hierdie weg toon julle hul wanneer julle barmhartig is, wanneer julle in onbaatsugtige naasteliefde die medemens volgens liggaam en siel opbeur deur goeie werke, troostende woorde en liefdevolle sorg.

Dan kan liggaam en siel gesond word, omdat laasgenoemde die krag van die liefde bespeur en sy sterk en gewillig word om op My af te stuur. Die liefde sal wederliefde wek en waar die vonk van liefde ontsteek word, daar kan Ekself al werksaam wees, omdat Ek oral kan wees waar die liefde is. En waar Ek is, sal die nood nie meer so groot wees nie, egter ooreenkomstig die graad van liefde waarin die mens homself bevind. Probeer daarom ywerig deur liefde wederliefde te wek en julle sal die siele bevry deur julle werke van barmhartigheid.

Bevryding van die siele sal vir julle `n geluksalige lot in die hiernamaals oplewer, waar slegs die liefde gewaardeer word en die siele julle ewiglik sal dank dat julle hulle die goeie weg gewys het.

Amen.

My Vader en Ek is één - Die krag van die liefde

B.D. No. **3465**
31. Maart 1945

My Vader en Ek is EEN. Hierdie woorde moes Ek tot die mense spreek wat nie kon begryp dat die Liefde, die ewige Krag wat skep, waaruit alles voortgekom het, in My was en My dus in staat gestel het om dieselfde te doen wat die Vader, die Voortbringer van alles wat is, kon volbring nie. Ek wou die Krag van die Liefde wat in My werksaam was, aan die mense bewys en Ek wou dit vir hulle duidelik maak dat hierdie Krag die Oerkrag is, wat alles laat ontstaan het en dat hierdie Krag nou werksaam is in `n mens wat die Liefde in homself het. Want die Vader as die ewige Liefde verbind Homself met elkeen wat hom self tot liefde omvorm het en hy sal dus één met Hom wees.

Die Oerkrag verenig Homself weer met dit wat as Kragstroom van Hom uitgegaan het en gevolglik is die mens wat liefde geword het, nie meer van Hom geskei nie. En dus sal ook die Krag in Sy hele werksaamheid tot uitdrukking kom waar die vereniging met die Vader plaasgevind het en die mens wat deur die ewige Liefde vervul is, sal magtig wees, hy sal sy Mag en Krag kan gebruik en dinge volbring wat buite die menslike vermoë lê, hy sal in staat wees om wonderwerke te verrig, net soos wat ook Ek oor hierdie Krag beskik het en dit aangewend het om aan die mense die Krag van die Liefde te bewys.

Ek wou vir die mense die Mag van die liefde aanskoulik gemaak het, om hulle aan te spoor om in die liefde werksaam te wees, om hulle te beweeg om My na te volg en ook die vereniging met die Vader na te streef. Maar die mensdom het dit nie begryp nie, want hul gees was deur liefdeloosheid verduister en die duisternis van gees kon nie anders opgehef word as deur werke van liefde nie, want geestelike helderheid vereis dat die Krag van God se Liefde met strale moet deurdring, maar dit kan slegs daar geuiter kan word waar liefde beoefen en beleef word. Geestelike helderheid is egter Lig, geestelike helderheid is Wysheid wat gebore is uit die liefde. Gevolglik is Lig en Krag één, Wysheid en Liefde kan nie voorgestel word sonder mekaar nie, net soos wat die Vader nie sonder die Seun bedink kan word nie. Die Liefde verwek Krag en Wysheid as die uitstraling daarvan, as Lig wat geen

donkerte meer laat opkom nie. En die goddelike Wysheid moes My Wese vervul het toe Ek as mens op aarde gewandel het, omdat die Krag van die Liefde in algehele volheid My liggaamlike omhulsel binnegestoom het en dit geskik gemaak het om wonderwerke te verrig.

Maar die mense sal dit nie begryp nie, alvorens hulle nie self liefde geword het en die Krag van die liefde in hulself kan voel nie. Die innigste verbinding kan hulle met God hulle Vader van ewigheid ingaan, hulle kan één wees met hulle hemelse Vader, die Ewige Liefde, net soos Ek één was met Hom, as hulle maar net in liefde wil lewe en hulself daardeur gelyk maak aan die ewige Liefde, die Oerkrag van Wie hulle eens self uitgegaan het. Om deur die ewige Liefde deurstraal te word, is geluksaligheid wat met niks vergelyk kan word nie, dit is om wetend en magtig te wees en die wete dat die Mag regstreeks van God ontvang word en geen skeiding te voel van die Vader nie, Wie se Liefde alles na Sy eie gebied trek wie homself nie teen Hom verset nie. Hierdie geluksaligheid is so oorweldigend dat die sterflike mens nie die vermoë het om dit te kan verdra nie. Tog kan hy dit nastreef in die wete dat die Vader hom na Homself toe sal bring in die geesteryk, indien hy die vereniging met Hom binnegegaan het op aarde.

Maar My lewenswandel op aarde moes vir die mense die Krag van die Liefde aanskoulik maak, hulle moes die betekenis daarvan leer begryp om My lewenswandel self as voorbeeld te neem en net soos Ek, ook die Vader, die ewige Liefde, as doel van hulle lewe op aarde kies. Die vereniging met God het al op aarde plaasgevind, in `n sigbare uitwerking vir die mense, wat sonder enige liefde was en daarom sonder Lig, d.w.s. onwetend. Ek wou hulle te hulp kom en hulle die weg toon, naamlik hoe om uit die donker van die nag in die helder Lig van die dag in te stap. Ek het hulle onderrig en aan hulle die gebod van die liefde gegee, want God was in My en dus ook Sy Wysheid. Ek was één met My Vader, vir die mensdom onbegryplik, Ek was met Hom versmelt vir ewig, want alles wat self in liefde verander het, keer na die ewige Liefde terug.

Amen.

Seën van leed

B.D. No. **3472**
28. April 1945

Wie hulle skik volgens My Wil, sal in My die mees liefdevolle en sorgsame Vader vind, want Ek sal hom nie meer in die benarde toestand van sy siel laat nie. En wanneer die siel nie meer in nood is nie, dan sal ook die liggaam nie meer so hoef te ly nie, ofskoon sy substansies hulle nog kan vergeestelik deur die leed en dit `n vinniger positiewe ontwikkeling kan beteken vir die gees wat nog gebonde is in die uiterlike vorm van die mens.

Julle mense weet nie hoe graag Ek vir julle die weg sou wil verkort wat na My lei en wat julle uiteindelike vrywording as doel het nie. Julle moes `n onvoorstelbare lang tyd oor die aarde gaan vóór julle beliggaming as mens en hierdie laaste periode van ontwikkeling is slegs kort en sal julle tog totale vrywording kan oplewer, indien julle wil korrek gerig is. En Ek wil julle help, sodat julle julle doel op aarde sal bereik, sodat julle julle blik op My sal rig en saam met My die weg gaan tot aan die einde van julle lewe, want dan sal julle nie verkeerd gaan nie. Maar julle wend julle blik dikwels tersyde en laat julle verlei deur die bekoringe van die wêreld. Julle wil streef na aardse goedere waarna julle verlang en dan beland julle in gevaar om in die gebied van My teenstander te kom.

Daarom moet Ek julle dikwels laat aanpor, sodat julle wakker kan word en weer op die weg let, sodat julle My nie vergeet nie en tot My sal roep in nood, sodat julle wil weer vir My sal geld. Dog solank julle nie van die weg afdwaal nie, solank julle julle blik na My ophef en trag om My Wil te vervul, sal Ek voelbaar by julle wees en sal Ek oor elke skrede waak. Ek sal julle by die hand neem en julle lei oor alle hindernisse op die weg heen, wat julle egter sal moet oorwin, omdat julle positiewe ontwikkeling dit vereis.

Maar niks mag julle dan bevrees maak nie, niks mag julle laat moed verloor of moedeloos laat word nie, want solank julle My as Begeleier het, deur julle wil wat op My gerig is, sal julle nooit sonder krag wees nie. Steeds weer sal Ek julle versterk en al lê julle die weg ook vol moeite af, behaal julle so

die grootste voordeel vir liggaam en siel, want hule sal hulself meer en meer vergeestelik en julle einde sal salig wees. En eens sal julle, terugkykend, die seën van die leed insien wat julle moes verdra. Want Ek verlang waarlik slegs die beste vir julle, maar Ek kan julle nie die geluksaligheid van die Ewige Lewe gee, solank julle gees nie volmaak is nie, solank julle nog nie volledig gelouter en ontslae van alle afvalstowwe, My tegemoet kan tree nie, want slegs My nabyheid is geluksaligheid vir julle en dit vereis reinheid en suiwerheid en daarmee wil Ek julle help, solank julle nog op aarde vertoef, want My Liefde vir julle is oorvloedig en wil julle leed verkort, sodat dit julle nie beskore sal wees in die hiernamaals nie, waar julle dubbel sal ly, omdat julle dan sonder krag sal wees.

Ek het geen genoeë daarin wanneer julle moet ly op aarde nie en My Liefde sou ook die leed graag vir julle wou bespaar, maar dit sou dan net tot julle nadeel wees, want julle sal nooit as te nimmer die ewige geluksaligheid kan bereik nie, julle sal nimmermeer in krag en vryheid werksaam kan wees nie en julle lot sou ewig dit van `n gevangene wees, kragteloos en gebonde in die sonde en ewig ver van My. Maar My Liefde tot julle is groter as My medelye en omdat My Wysheid die leed insien as die enigste middel om julle terug te wen, om julle vry te maak uit julle gebondenheid, sal julle op aarde deur `n harde leerskool moet gaan en `n kort tydjie `n lot op julle moet neem wat vir julle wel swaar en ondraaglik voorkom, maar wat tog maar net `n bewys is van My Liefde vir julle.

Maar julle het dit self in die hand om die leed vir julle te versag. Julle kan dit self draaglik maak vir julle, wanneer julle julle bes doen om My Wil te vervul, wanneer julle in die liefde sal leef. Want die liefde is krag, die Liefde is Ekself en as julle julleself in die liefde oefen, sal julle ook deurstroom word met krag en julle hoef dan nie meer te vrees dat die leed julle sal terneerdruk nie, want nou oorwin julle dit saam met My en Ek sal julle waarlik nie sonder hulp laat wanneer julle My kinders geword het deur werke van liefde nie.

Bly in die liefde, want so bly julle ook met My verbind, neem deel aan die nood van die medemens en stel julle eie nood tersyde, dan sal julle self die leed vir julle verminder, julle sal dit nie bemerk nie en die aardse leed sal steeds beter te dra wees, want dan suiwer julle julleself deur die liefde en sal dan nie die leed soseer nodig hê om julle siel volmaak te laat word nie.

Sodra julle leer om die leed te sien as `n bewys van My Liefde, sodra julle dit as `n middel beskou waardeur Ek wil trag om julle te verander om julle gelukkig te maak, sal dit julle ook nie meer so smartlik tref nie, julle sal dit geduldig verdra en sal julle nie meer verset teen die ongeluk wat julle dink wat net hard is, maar wat julle egter op aarde al kan omvorm tot ’n ligwese, indien julle daardeur die weg na My kan vind. En benut dus die tyd so tot aan die einde.

Doen alles om julle in die liefde te oefen en omvorm julle hart, sodat Ek intrek daarin kan neem en julle daardeur vol krag kan word om alle teenstand te oorwin. Want waar My Liefde werksaam is, is daar geen swakte, geen moedeloosheid en is daar geen sorge nie. Waar Ek werksaam kan wees, is daar vrede in die siel, hoop en sterkte en `n voortdurende gevoel van sekerheid, want Ek lei Myne by die Hand, Ek beskerm hulle teen die mag van die bose.

En julle sal bewus word van My beskerming; julle sal julle vol geloof aan My oorgee en My laat regeer. En vaderlik sal Ek My oor buig na My kinders en sorg vir hulle tot aan die einde van hul lewe, totdat hulle die geesteryk kan ingaan, waar hulle in My teenwoordigheid tot in alle ewigheid geluksalig sal wees.

Amen.

Kleingelowigheid

B.D. No. **3476**
6. Mei 1945

Waarom is julle bang en waarom aarsel julle? En waarom is julle so kleingelowig? Waarom hou julle nie vas aan My Woord wat My hulp en genade belowe vir julle nie? As julle in My Woord glo, sal alle bangheid van julle afval. Maar sonder hierdie geloof is julle soos `n riet wat wuif in die wind, onstandvastig en prysgegee aan die bose magte wat probeer om julle te ontwortel. Sonder geloof in My en My Woord is dit donker in julle en julle siele word wanhopig.

Daarom sal julle voortdurend moet worstel vir ’n diep geloof. Julle moet tog weet dat niks kan gebeur sonder die wil van `n hoër Mag nie. Julle moet weet dat die wil van die afsonderlike mens nooit die verloop kan bepaal van dit wat hy vir homself voorneem nie, as Ek nie My toestemming gee nie, aangesien daar dan geen ellende op die aarde sou gewees het, as die mens dit in sy hande sou gehad het om self sy lot te vorm nie. En dus sal julle `n hoër Mag moet erken wat die lot van elkeen beheer. En as julle geloof in hierdie hoër Mag gekry het, moet julle ook leer om te glo in die Liefde en Wysheid van hierdie Mag, maar nie as julle die menslike maatstaf gebruik wat onvolmaak is, naamlik liefdeloosheid en gebrekkige kennis nie.

Julle sal veral moet poog om die liefde te herken, terwyl julle nadink oor die skepping en sy Skepper. Wanneer julle `n ontvanklike hart sal hê, sal julle die taal van die skepping verstaan, wat slegs aan julle die liefde en wysheid verkondig van Hom wat alles laat ontstaan het. Wanneer julle `n ontvanklik hart het, kan Ek julle Self onderrig oor die sin en doel van die skepping en julle aardse lewe. En dan sal julle ook leer om My sien as Liefde, Wysheid en Mag. En dit is die geloof wat julle sal sterk maak en elke onheil en elke versoeking sal trotseer.

En indien julle ’n goeie wil het om uitsluitsel hieroor te kry deur My Woord te hoor of te lees, sal julle julle geloof hierdeur verdiep en julle sal nie meer bang wees nie, want My Woord bevat krag wat op julle sal oorspoel, indien julle dit in diep geloof sal opneem en daarvolgens sal leef. Vra en worstel vir `n sterk geloof. Laat julle nie terneerdruk deur die nood van die tyd nie, want dit sal oor julle kom, sodat julle des te inniger na My kan roep. En julle geloof sal onwankelbaar word wanneer julle My hulp sigbaar gewaar.

Julle kleingelowiges wil Ek egter toeroep: Laat al julle sorge vaar. Beskou julle as My kinders van ewigheid, wie die Vader van ewigheid liefhet en wie Hy nooit sal wil verloor aan die magte van die duisternis nie. En probeer alle gebeure slegs vanuit hierdie liefde, wat julle wil terugwen, te verklaar. En julle sal gelowig word, omdat julle dan die doel en die sin sal insien van dit wat Ek oor julle stuur. Julle sal vol vertroue om hulp kan roep na die Vader wat julle liefhet en julle versoek sal ook vervul word. Sodra julle die korrekte verhouding tot stand gebring het, die verhouding van `n kind tot die Vader, sal julle ook korrek en welgevallig tot My kan bid en verhoor word. Want Ek wil as Vader aangeroep word. Julle moet as ware kinders na My toe kom en dan sal daar onmeetlike genade en krag julle toestroom. En julle sal alle sorge en laste oorwin, want dan dra julle niks meer alleen nie, maar julle Vader wat in die hemel is, help julle dra. En weet dat alle nood vir julle tot seën kan wees en eens sal ophou, want die aardse lewe is kort, maar dit is beslissend vir die ewigheid.

Amen.

Kontak met God - Instroming van krag

B.D. No. **3482**
17. Mei 1945

Neem elke geleentheid waar om die verbinding met My tot stand te bring deur gebed en werke van liefde, en jy sal nooit sonder krag wees nie. In welke lewensituasie julle julself ookal bevind, sal julle voortdurend die toevoer van My krag benodig indien julle julself hiervoor oopmaak deur innige gebed. En wanneer julle in liefde werksaam sal wees, sal my krag eweneens in julle oorvloei, omdat julle My - die Liefde Self - dan tot julle trek. En so hoef jy niks te vrees nie, nie swakheid of gelatenheid solank jy in liefde besig is en bid nie, solank die gebed uit die hart na My opstyg nie. Want dan hoor en verhoor Ek julle, soos wat Ek dit aan julle beloof het. Glo en vertrou wanneer jy bid, dan kan jy ook seker wees daarvan dat aan jou versoek voldoen sal word.

My wil stuur jou lot in ooreenstemming met jou geloof. En My wil kan nood en leed te alle tye verdryf. Maar My Liefde dink steeds duidelik aan Myne, sodat hulle hul Vader sal herken as Hy Hom openbaar. En as Myne reken Ek almal wat in gebed naby My kom, wat elke stil oomblik benut om tweespraak met My te hou, wie hulle gedagtes dikwels na My opstuur, wie My soek uit eie aandrang en wie se harte vurig verlang na My en my nabyheid.

Hulle kom Ek steeds te hulp, sodat hul geloof sterk kan word, sodat hulle hulleself steeds voelbaarder van My krag bewus kan word en hulle My sal herken in elke gebeurtenis op hul lewensweg. Om in voortdurende verbinding met My te bly, verseker hulle te alle tye van My beskerming en My hulp. Want hulle verbinding met My bevry hulle ook van geestelike nood, omdat My Gees in hulle kan werk. En My Gees lei hulle korrek. My Gees toon aan hulle elke weg, elke woord en elke daad. En daarom kan die mens wat hom voortdurend met My verbind, sy lewensweg vol selfvertroue aflê. Want Ek sal sy hand aangryp en hom lei en sy weg sal geseënd wees.

Amen.

Liefdeswerk aan dwalende siele

B.D. No. **3483**
18. Mei 1945

Erbarm julle oor die dwalende siele en beskou hulle as siekes wat gehelp moet word. Laat hulle dus geen gebrek ly in hul groot geestelike nood nie. Die nood van die liggaam kom tot `n einde, maar die siel daarteen dra dit met haar mee in die ewigheid in, tot in die hiernamaals.

Maar daarvan kan sy gespaar bly as sy op die aarde nog tot die waarheid kan kom, wat julle die dwalende siele moet laat toekom. Help hulle as julle die geleentheid gebied word. Spreek met hulle van die liefde van God, Wie na hulle verlang. Hou hulle hul gebrekkige toestand van volwassenheid voor wat die nadering tot God onmoontlik maak. Toon hul die weg na genesing, die enigste weg wat tot die doel lei, naamlik die weg van die liefde.

Maak hulle opmerksaam dat hulle sonder werke van liefde nie tot volwassenheid kan kom nie en nie hul doel sal kan bereik nie en dat die aardse lewe slegs aan hulle gegee is vir die vervolmaking van hul siele. Rig hul gedagtes op die geestelike, hou dit aan hulle voor om na te dink oor die doel van hul aardse lewe. Verduidelik die betekenis van die skepping aan hulle, die doel van lyding en aardse nood en probeer om hulle te beweeg om hul geestelike nood reg te stel. Dit is `n liefdeswerk van reusagtige betekenis, wanneer julle julleself oor die dwalende siele ontferm en hulp aan hulle probeer bring. En laat julle nie afskrik deur `n aanvanklike afwysing nie, bring die woord van God nader aan hulle en dink steeds aan julle opdrag, naamlik dat julle verlossend besig moet wees op aarde.

Ontelbare siele bevind hulle in geestelike nood, maar hulle gee slegs aandag aan hul aardse nood en keer nie in hulself, sodat hulle `n straaltjie lig kan opwek nie. Hulle let slegs op die verbetering van hul aardse lewensomstandighede en weet nie dat dit die gevolge van geestelike nood is nie en dat dit eers reggestel moet word, alvorens `n verbetering van die aardse lewe kan plaasvind nie. Laat hulle hierdie kennis daaroor toekom en help hulle om die weg omhoog te gaan en hul siele sal julle ewig daarvoor bedank. Want hul nood word aanhoudend groter, hoe meer dit na die einde beweeg, sodat die teenstander van God steeds meer mag wen, want sy invloed is baie skadelik vir die siele.

Die kennis van die doel van hul aardse lewe kan hulle teen sy invloed beskerm en die siel met `n goeie wil kan haarself aan sy mag ontruk, sodat sy hom sal herken as boos en insien dat hy van God afgewend is. Ewenwel moet sy met kennis vertroud gemaak word en die werk van barmhartigheid moet julle uitoefen waar julle ookal die geleentheid daartoe gebied word. Julle moeite sal nie sonder sukses wees nie, want die nood is groot en die einde kom vinnig nader en elke uur moet benut word vir die koninkryk van God. So is dit die wil van God wat eerbiedig moet word, indien julle energieke arbeiders in Sy wingerd wil wees en Hom wil dien.

Amen.

`n Onwankelbare geloof

B.D. No. **3491**
28. Junie 1945

Sodra die mens homself in ’n onwankelbare geloof tot My wend in sy nood, sal sy nood opgehef word. En gevolglik sal julle nooit hulpeloos en verlate wees nie, want julle hoef niks te vrees nie, omdat julle te eniger tyd self elke onheil kan verban, as gevolg van julle geloof. Maar eers wanneer

julle `n onwankelbare, diep geloof julle eiendom kan noem, sal julle ook vasstaan in die krag van die geloof. En julle moet poog om dit te verkry en sonder ophou bid en worstel daarvoor.

Want dit sal noodsaaklik wees vir die komende tyd, wanneer dit daaroor sal gaan om vir My en My leer op te kom. Indien julle totaal deurdrenk sal wees van die geloof in My en My Liefde, in My Mag en My Wysheid, dan sal julle geen sekonde huiwer om My te bely nie, want julle sal op My hulp vertrou, wat julle waarlik ook sal kry.

Ek sal julle bly help, sodat julle geloof sterker kan word. En steeds sal julle My reddende en leidende hand kan ervaar, indien julle oplettend sal wees, indien julle innig met My verbind sal bly deur gebed en voortdurend liefde beoefen. Julle lot mag vir julle hard voorkom, maar dit is noodsaaklik en sal suksesvol wees vir julle siele, wanneer julle daarna streef om volgens My behae te lewe.

Elke dag en elke uur, elke gebeurtenis, nood en leed, kan aan julle siele volmaaktheid verskaf, indien julle dit vanuit `n geestelike standpunt beskou en daaraan dink dat My Liefde en Wysheid vir julle gegee is vir die beswil van julle siele. En met hierdie kennis sal julle julself ook vol oorgawe aan My Wil onderwerp en dit vir My daardeur moontlik maak om julle te lei en vir julle te sorg, sonder om weerstand te ondervind.

Neem dus altyd julle kruis op, wat waarlik net deur My Liefde aan julle opgelê word. Maar glo ook steeds dat Ek julle sal help om dit te dra, dat julle die krag sal hê om vol te hou en dat Ek steeds bereid sal wees om julle helpend by te staan, wanneer dit vir julle ondraaglik lyk. `n Sterk geloof is tot alles in staat. Worstel en bid daarom dat julle van die swakheid van julle geloof sal ontslae raak, sodat Ek julle te alle tye kan beloon volgens julle geloof.

Amen.

Geestelike en materiële skeppings

B.D. No. **3495**
23. Julie 1945

In God se skepping bestaan daar ontelbare wêrelde, wat die positiewe ontwikkeling van die gees ten doel het, wie die weg na God moet terugvind. En ontelbare wêrelde is gevolglik draers van hierdie gees, wat - beantwoordend aan haar toestand van volwassenheid - deels materieel, deels geestelik gebonde hierdie wêrelde bewoon. Daar is nie net aardse materiële skeppings waaraan die taak opgedra is om die gees te herberg nie.

Omdat daar verskillende grade van ontwikkeling is, het die gees nie altyd die materie nodig nie, maar sy kan ook in geestelike skeppings haar positiewe ontwikkeling voortsit, sodra sy die weg deur die aardse materie gegaan het. Maar ook dan moet die gees nog take vervul wat willekeurige skeppings benodig, wat slegs vir die geestelike oog sigbaar is en onvergelyklik is in hul veelsydigheid, aard en bestemming.

Aan al hierdie skeppingswerke kan die gees haarself toets. Sy kan haar wil om lief te hê tot daad laat word, na gelang van haar volheid van krag en lig. Die geestelike skeppings raak vir die geestelike oog eers sigbaar wanneer die wese `n bepaalde graad van volwassenheid bereik het. Voor dit bevind sy haar in wêrelde - wanneer sy die aarde onvolmaak verlaat het - waarin sy geen enkele skepping kan herken nie, omdat dit heeltemal donker om die wese is.

Dus neem ook die skeppingswondere toe met die toestand van volwassenheid, sodat die wese ewighede deur steeds weer nuwe skeppings kan aanskou en hierdeur die oneindige liefde van God kan insien. Die geestelike skeppings is baie uitgebrei en vir die menslike oog heeltemal onvoorstelbaar. Hulle lê voortdurend getuienis af van die vormgewende wil van God, van Sy liefde wat voortdurend probeer om Sy skepsels gelukkig te maak, en van Sy onoortrefbare Wysheid. Hulle is egter onverwoesbaar, maar veranderlik, omdat die wesens nie rus nie. Inteendeel, hulle is voortdurend werksaam. En geestelike skeppings is weer die uiting van krag van volmaakte ligwesens wat voortdurend werksaam is en skep om die geeste wat nog onontwikkeld is, of wat in ’n lae graad van

volwassenheid verkeer, geleenthede te bied om voort te gaan met hul ontwikkeling. Geheel onvolwasse wesens het materiële skeppings nodig. Maar vanaf `n bepaalde graad van volwassenheid is dit nie meer nodig nie en word dit deur geestelike skeppings vervang, wat egter die wesens ook die moontlikheid bied om tot die helderste lig te kom. Hoe verder die gees van God verwyder is, des te harder is die omhulsel waardeur sy omring is en des te materiëler is ook die skepping wat aan hul opgedra is om te bewoon. Indien die siel die aarde verlaat het in die toestand waarin sy ver van God verwyder was, dan voel dit vir haar of sy nog deur dieselfde materiële skepping omring is, ofskoon die geesteryk nou haar blyplek geword het. Hierdie skeppings staan voor haar geestelike oog, omdat die begeerte daarna nog so groot is, dat die siel self in haar gedagtes materiële dinge skep en sy nou dink dat sy hierin bly.

Dit is dus geen geestelike skeppings wat ontstaan het deur die wil van God en die ligwesens nie. Inteendeel, dit is `n skynskepping wat die siel self opgetower het deur haar wil, wat sy dus in werklikheid nie sien met haar geestelike oog nie, maar wat sy slegs in die herinnering aan die aarde voor haar gees laat ontstaan het. Sy sal ook nooit van hierdie beelde kan geniet nie, omdat hulle altyd verdwyn, sodra hulle deur die wese gebruik wil word, sodat die siel baie spoedig die verganklikheid van haar skeppings besef, en wat ook die bedoeling daarvan is.

Die geestelike skeppings daarenteen is onverganklik, maar verander voortdurend, hulle word dus steeds meer volmaak vir die geestelike oog van die wese. Hoe verder sy in volmaaktheid groei, kry sy weer nuwe skeppings wat sy mag aanskou, in onvermoede heerlikheid getuigend van die Liefde, Wysheid en Almag van God. En tog is dit ook weer aansporend om in liefde werksaam te wees, omdat al hierdie geestelike wêrelde wesens bevat wat deur die stuur van krag hulself positief ontwikkel en daarom op die versorgende geestelike ligwesens aanstuur, aangetrek deur die volheid van lig wat van hierdie wesens uitstraal.

Materiële wêrelde is gewoonlik sonder lig en benodig ekstra sorg van die ligwesens. Maar die sorg vir die bewoners van materiële wêrelde is `n daad van erbarming van die ligwesens, waarin ook terselfdertyd diep vreugde geleë is, omdat die liefde hulle onophoudelik daartoe aanspoor om vol ontferming werksaam te wees. Geestelike wêrelde straal self lig uit, omdat hulle inwoners ontvangers van lig is in verskillende grade van volwassenheid. En daarom staan die geestelike wêrelde in verbinding met die materiële wêrelde. Hulle straal hul lig uit na oorde van duisternis, beantwoordend aan die bereidwilligheid van die inwoners om lig te ontvang, en hierdie bewoners kan die geestelike wêrelde waarneem as stralende hemelliggame wat in sekere bane draai om die hemelliggaam sonder lig. Die ligstraling vind egter slegs geestelik plaas en word dus slegs ervaar deur die bewoners van die materiële wêreld wat verlang na lig en hulself deur `n lewenswandel omvorm om lig op te neem. Eers in die geesteryk is die ligstraling sigbaar vir die wese wat in staat is om geestelik te sien deur die volmaaktheid van haar siel.

En so het ontelbare skeppings uit God se wil ontstaan om vorm te gee, wat Sy oneindige liefde laat ontstaan het om die onvolmaakte gees na volmaaktheid te voer en die volmaakte gees gelukkig te maak. En Sy mag en heerlikheid kom in al Sy skeppingswerke tot uitdrukking. Dit word egter eers in sy totale omvang duidelik sigbaar vir die wese wat in die sfere van lig geluksaligheid geniet om in die nabyheid van God te vertoef en voortdurend deur sy liefdeskrag deurstraal te word. Want dit is geluksaligheid, naamlik om van God se krag en mag bewus te word, deur Sy liefde omvou te word en in gelyke wil met God werksaam te mag wees tot in alle ewigheid.

Amen.

Die invloed van onvolwasse, vroeg oorlede siele

B.D. No. **3505**
4. Augustus 1945

Daar vertoef ontelbare siele in die nabyheid van die aarde, wat sonder besef van die ewige Godheid afgesterwe het, wat geestelik blind die ryk hierna binnegegaan het en wie nog onbewus is van hul armsalige toestand, wie in die nabyheid van die mense bly wat op aarde in hul omgewing was. En hierdie siele spoor die mense dikwels deur hul begeertes en aandrang aan tot handelinge en

woorde wat strook met hulle wil, dus dra hulle hul denke oor op mense wat hul geen weerstand bied nie, wat dieselfde geestelike ingesteldheid het en daarom ontvanklik is vir die invloed van die siele.

Die vinnige skeiding van die aarde, dikwels in die midde van hul lewe deur die inwerking van demoniese kragte, aan wie tallose mense ten offer val, verplaas die nog onvolmaakte siele uit die toestand van krag na `n toestand van volledige kragteloosheid. Hulle voel dat hulle niks meer volgens eie wil kan volbring nie en hulle probeer daarom om hul wil oor te dra op die mense wat nog lewe om hulle daardeur nog te laat geld, om hulle dus te beweeg om hulle wil uit te voer. En hierdie ongunstige invloed vanuit die ryk van die duisternis het op aarde `n heel besondere nadelige uitwerking, omdat die aantal mense wat sterwe, daagliks groter word daardeur en vele mense die moontlikheid ontneem word om hul toestand van volwassenheid op aarde te bereik.

Die aarde word tans omgewe deur duistere gedaantes, wat selfs die kragte van die lig toegang tot die aarde probeer belet en wat sukses behaal waar die mense onverskillig teenoor die geestelike staan. Die onvolwasse siele strewe nog steeds dieselfde na as wat hulle op aarde nagestreef het en hul verlangens dra hulle aan die mense oor wat dieselfde gedagtes, begeertes en toestand van volwassenheid het. En hulle word dan die gewillige uitvoerders van dit wat hulle deur middel van gedagtes ingefluister kry.

`n Hoër onnatuurlike sterfte deur optredes as gevolg van menslike haat en liefdeloosheid, sal ook die duisternis in die gebiede naby die aarde vergroot, want die mense het nog nie hul aardse lewe benut nie, hulle het nog nie die geestelike sukses bereik wat `n lang lewe op aarde aan hul sou gegee het nie, meestal was hulle lighartig en wêrelds en daarmee ooreenstemmend sal ook hul verlangens wees nadat hulle gesterf het, tensy besonder moeilike lewensomstandighede hulle nog ter elfde ure die waardeloosheid van hul lewenswandel laat insien en hulle hul denke kon wysig voordat hulle die geesteryk ingaan. Dan sal die siel ook nie deur die diepste duisternis omgewe wees nie, maar sal af en toe `n ligstraal sien opflits, wat hulle agternasit en spoedig in `n meer ligter omgewing kom. Maar dan sal hulle verlange nie meer na die aardse materie wees nie, want hulle het hulleself maklik van die aarde en hul vroeëre omgewing losgemaak en vind nou in die geesteryk `n vervanging wat vir hulle waardevoller lyk.

Die onvolwasse siele kan egter nie opstyg na hierdie gebiede nie, hulle is asof met kettings aan die aarde gebind en bevind hulle steeds in die nabyheid van hul nabestaandes of gelykgesinde mense op aarde. En hulle (mense op aarde) geestestoestand sal moeilik verbeter kan word, solank hierdie kragte uit die hiernamaals hul invloed laat geld. En die onwetendheid van hierdie kragte is nie geskik om verhelderend op die mense in te werk nie, bowendien bemoeilik hulle die toegang vir die ligwesens na hulle en slegs die ernstige wil van die mens self maak die weg oop vir die ligwesens. En daarom het `n aardse chaos, wat ontstaan het deur die wil van mense en wat baie lewens geëis het, ook `n geestelike agteruitgang tot gevolg, want ook na die dood van die mens sal sy gedagtes nog werksaam wees.

En die mense moet hulle beskerm teen die invloed van onryp, vroegtydig gestorwe mense deur vir hulle te bid en te vra vir beskerming deur die ligwesens, om korrek te dink en vir God se genade en krag. Dan sal die pogings van die duister geestelike kragte vrugteloos wees, want hulle sal by die mense geen gehoor vind nie en sal die siel geen skade kan berokken nie. Want dit berus egter by die wil van die mens self, of hy die goeie sal nastreef om met goeie kragte in verbinding te staan en of hy hom onverskillig wil oorgee aan die dwingende gedagtes van bose kragte.

Die mens kan homself beskerm, maar hy moet dit wil en gevolglik bose gedagtes en handelinge verafsku. Hy moet self `n weg bewandel wat beantwoord aan die gebooie van God, dan sal elke invloed vanuit die geesteryk wat deur lae kragte uitgeoefen word, sonder effek wees. Want lig dring oral deur waar dit begeer word, waar die goeie nagestreef word en geestelike vooruitgang vurig verlang word. Daar is die ligwesens onophoudelik besig en hulle verjaag alle duistere gedaantes om die mense, want hul mag is groot, sodra die mens hul hierdie mag toestaan deur sy wil.

Amen.

Vaderliefde - Die leiding van God

B.D. No. **3506**

Waarom is jy bekommerd en waarom aarsel jy?

Toon Ek geen belangstelling vir jou lot, deur steeds My hulp vir jou te belowe nie? Skenk jou die volle vertroue aan My en laat Ek jou lei, want My leiding is waarlik korrek. Aan My hand kan jy welgemoed voortstap. Die liefde van die Vader beskerm jou en sal jou nie tot ’n val laat kom nie. Dog sal jy klein probleme moet oorkom, sodat jy die hand van die Vader des te vaster sal vasgryp, sodat jy nie Sy leiding sal vergeet en jou losmaak en die pad alleen wil aflê nie. Want dit sal vir jou gevaarlik wees. Deins daarom nie terug vir probleme wat daagliks vir jou lastig op die pad voorkom nie. Neem al die struikelblokke op in die volle vertroue van My hulp, en jy sal dit maklik oorkom en weer rustig op jou pad kan gaan. Want Ek vergesel jou voortdurend, sodra jy My leiding wil aanneem. En vanuit My nabyheid sal krag jou oorstroom en dus hoef jy niks te vrees nie, hoe bang die wêreld jou ookal maak. Dit is My wil, of Ek laat toe dat die mense in erge nood beland, ter wille van hulle siele wat nog van My afgewend is. Maar Ek bekommer My vol liefde oor Myne, ofskoon hulle sal moet deel aan die leed en die nood van die gemeenskap. Laat Ek vir jou sorg en bevry jou hart van elke liggaamlike sorg.

En dink slegs aan jou siel, dat sy geen gebrek hoef te ly nie. Bly met My verbind. Bid en beoefen die liefde en jy sal nooit meer sonder krag wees nie. Want Myne vergeet Ek nie en elke oproep na My hoor en verhoor Ek. En glo vas en sonder twyfel dat niks vir My onmoontlik is nie en dat Ek in die hoogste nood nader aan jou is as ooit. Maar hierdie nood is in My plan van ewigheid voorsien, egter slegs as hulpmiddel vir die verdwaalde siele wat andersins verlore sou gegaan het. Wie egter in My glo, in My Liefde en Almag, kan alle sorge laat wegval, want hy sal as My kind steeds die liefdevolle hand van die Vader mag voel, wat hom sorgsaam sal begelei op sy lewensweg. Die lae geestelike vlak van die mense vereis 'n tyd van nood, wat so ingrypend sal wees dat dit vir die mense ondraaglik sal voorkom. En tog mag julle wat deel van Myne is, hierdie tyd van nood nie vrees nie. Want solank jy deur innige gebed en werke van liefde met My verbind bly, deur met jou wil tot My welbehae te lewe, sal jy ook beskerm wees teen die verderflike invloed van diegene wat julle tot ’n val wil bring. En dus sal die magte van die duisternis wat deur mense wil werk, ook weinig invloed op jou hê.

Hulle sal jou wel laat skrik, maar sal nie aan jou kan skade toebring nie, omdat Ek voor jou sal staan en elke onheil van jou sal afwend, in soverre dit nie vir jou siel nodig is nie.

Glo daarom en vertrou. Hou aan My vas en My Vaderhand sal jou sorgsaam weglei uit elke gevaar.

Amen.

God se wil - Die mag van die teenstander

B.D. No. **3509**
9. Augustus 1945

Hemel en aarde gehoorsaam My wil en ook die kragte van die onderwêreld, alhoewel die laaste My weerstaan en 'n wil in homself het wat van My afgewend is. Maar watter doelwitte hulle ookal nastreef, wanneer My wil nie die toestemming gee nie, is hulle magteloos, maar Ek laat ook hul kwade wil geld as beweegrede vir My Liefde en Wysheid, ofskoon dit vir die mense onbegryplik is.

Die kennis van goed en kwaad is nodig vir die finale verlossing van die gees uit die gebonde toestand. Die volmaakte wese moet die bose verafsku as die ergste boosheid en moet daarom ook 'n blik kan werp in sy dieptes. Sy moet, om goed te wees, heeltemal van die boosheid afwyk. Aangesien die gebonde wese egter nog onder die invloed staan van die een aan wie ons die toestand van die gebonde wees te danke het, sal sy ook aanvanklik meer toegekeer wees tot die bose. En solank sy self goed voel in 'n bose omgewing, solank sy bose handelinge verrig sonder enige bedenking dat sy verkeerd handel, is sy nog so ver van die volmaaktheid verwyder dat sy nooit My liefde sal kan voel nie. Sy moet eers tot insig kom om dan in vrye wil vir God óf vir die bose te kan kies.

En Ek het die mens self die vermoë gegee om goed van kwaad te onderskei. Tog het Ek ook My teenstander die mag gegee om in te werk op die wil van die mens, om hom te verlei tot bose dade,

sodat hy nou vry sal kan besluit. Maar nooit het Ek bestem dat die bose kragte hul versoekings op die mens moet uitoefen nie. Want My wil noem slegs dit goed wat liefde in homself het. Bose dade wat die mense uitvoer onder die invloed van hierdie kragte verhinder Ek nie, want dit moet vir die mens aanleidend wees om daarteen op te kom. Dit moet sy insig in goed en kwaad verfyn. Dit moet hom help om daarvan ontslae te raak en in die diepste afgryse daarvan weg te keer.

Maar Ek laat nie altyd die beplande uitwerkings van sulke dade toe nie, maar verswak hulle of verhinder hulle, na gelang van die noodsaaklikheid van nood en leed om die siele van die mense te hulp te kom. Die bose moet ingesien en verafsku word, aangesien die siel haarself andersins nie daarvan kan vrymaak nie, want dit is beslissend oor hoe die siel, die denke, die gevoel en wil van die mens homself sal instel wat dit betref. Bose gedagtes, bose gevoelens en 'n verkeerde wil bring bose dade voort, maar My teenstander trag om die denke en wil af te pers vir hierdie bose dade, deurdat hy die gevoel van die mens prikkel deur voorstellings wat die liggaam bekoor. En dus poog hy om die siel van die mens heeltemal aan die begeertes van die liggaam te onderwerp en daardeur sal hy sy doel bereik, deur hulle van My te vervreem.

Maar Ek ontneem hom nie hierdie mag nie. Dit hang immers van die mens self af of hy vir hom die leiding sal gee. Want die gees is ook voortdurend besig om goeie gedagtes aan die mense oor te bring, om hulle dus insiggewend te maak vir die begrip van goed en kwaad. En die mens is nie aan die kragte van die onderwêreld prysgegee nie. Alle kragte, ook die bose, dra by tot die verlossing van die gees, aangesien die laaste besluit tog by die mens self lê in welke rigting hy sy wil aktief wil laat word. En nie die goeie, nóg die bose kragte kan hierdie wil bedwing nie, omdat My wil hulle 'n halt toeroep wanneer die vrye wil van die mens nie gerespekteer word nie, want My wil regeer hemel en aarde, die geestelike en die aardse ryk, en Hy regeer vol Liefde en Wysheid om die gevallenes te verlos.

Amen.

God openbaar Homself deur die skepping

B.D. No. **3512**
13. Augustus 1945

Die goddelike Wil om vorm te gee, het werke laat ontstaan wat sigbaar geraak het vir die menslike oog om Hom Self aan hulle te openbaar in die werke van die skepping. Sy doel was om die mens daartoe te bring om Hom te erken, om sy liefde te wen en sy wil na Hom te keer. Sodra God se grootte en heerlikheid, Sy liefde, Almag en Wysheid herken word, sal die mens ook afstuur op die hoogste Wese.

Dog sonder hierdie insig wend sy gees hom na die dinge wat vir hom begeerlik voorkom vir die lewe op aarde. Die mens dra `n liefde in homself wat verkeerd kan wees wanneer dit uitgaan na dit wat verganklik is. Hy sal altyd iets nastreef, maar die voorwerp van sy strewe moet goddelik wees, iets geestelik wat volmaak is, dan is sy liefde goed. God Self is die mees volmaakte geestelike Wese en dit vereis die diepste liefde om na die mees volmaakte Wese te strewe. Daarom moet Hy ook geken word en daarom openbaar Hy Homself aan die mense deurdat Hy skeppingswerke voor hulle oë laat ontstaan het wat getuig van Sy Liefde, Almag en Wysheid. En die mens wat God se skepping opmerksaam aanskou, moet Hom leer liefhê. Hy moet God se Liefde en Sy Wysheid voel wat aan elke skeppingswerk sy bestemming toegewys het en hy moet teenoor Sy grootte en in Sy onoortreflike Wese versink in eerbied en ontsag.

Die erkenning van die ewige Godheid het onherroeplik die liefde tot Haar as gevolg en die mens sal bewustelik op God afstuur, hy sal poog om met Hom in verbinding te tree, hy sal homself aanbied aan Hom Wie hom voortgebring het as Sy skepsel, om met Hom in verbinding te bly, omdat hy Hom bemin. Die liefde tot God is die dryfveer van `n ywerige strewe, want sonder liefde behoort die mens aan die wêreld, omdat sy verkeerde liefde na die wêreld uitgaan. Om God te kan liefhê, moet Hy egter herken word en God Self help die mense om Hom te leer herken. Hy toon Homself aan hulle in Sy grootte en mag. In Sy skeppings is Hy vir die mens tasbaar naby, want alles wat uit Sy Wil ontstaan het, is Sy oorspronklike substansiële geestelike krag, dus uitgestroom uit Diegene wat Hyself is, die Kragsentrum, `n onuitputlike Bron van Liefdeskrag.

God is die ewige liefde Self, Hy is Krag en derhalwe in elkeen van Sy skeppingswerke teenwoordig, wat vir die mens begryplik word wanneer hy God herken het, as hy in die Wese van die Liefde deurgedring het deur sy eie werksaamheid in liefde. As hy die vlak van insig bereik het om die Wese en die Krag van die Liefde te besef, dan sal hy God ook nie meer in die vêrte soek nie, maar sal Hy vir hom in elke skeppingswerk naby wees en sy liefde tot Hom sal gedurig groei en sal hom voortdurend meer laat ryp word in insig. En elke mens kan tot die besef van die ewige Godheid kom, indien hy Sy werke ernstig beskou en `n ernstige wil sal hê om deur te dring in `n gebied wat vroeër vir hom geslote was, naamlik God se werksaamheid in en die bestuur van die heelal.

God stil die dors na kennis van die mens wat probeer om Hom te deurgrond in `n verlange na waarheid en ’n strewe na insig. Want Hy wil herken word, Hy wil Homself aan die mense openbaar, sodat hulle met Hom in verbinding kan tree. Hy wil bemin word deur Sy skepsels en daarom maak Hy Homself bekend as `n Wese Self vol van liefde, Wie hoogs volmaak is en met die volste reg aanspraak kan maak op die liefde van Sy skepsels. Maar Hy wil die mense nie dwing om Hom te bemin nie en daarom staan dit elkeen vry om die goddelike skepping tot homself te laat spreek of om onverskillig daarby verby te gaan.

God is die mense altyd naby in Sy werke, maar slegs voelbaar vir hulle wat poog om Hom te herken en wat daarom die grootste moontlike aandag aan al die dinge skenk waardeur hulle omgewe word. Hulle sal Hom voel en in liefde tot Hom ontbrand, hulle sal probeer om Hom te deurgrond, hulle sal hulle gedagtes laat dwaal in die oneindigheid en vrae vra wat vanaf die geestelike kant beantwoord moet word en hulle sal tot insig kom, waarvan die gevolg `n strewe na volmaaktheid is om nader na die hoogste en mees volmaakte Wese te kan kom, omdat die mens sal voel dat dit die einddoel van sy aardse lewe is, naamlik dat hy homself moet verenig met God uit Wie se Krag hy eens voortgekom het.

Amen.

God se werksaamheid in die mens - Krag

B.D. No. **3517**
19. Augustus 1945

Die mens moet bereid wees om alles op te gee indien hy die krag van God geheel en al in ontvangs wil neem, indien hy dit in alle volheid in hom wil laat invloei om daardeur iets bonatuurliks tot stand te bring. Wie alles opgee, wie sy hart heeltemal losgemaak het van aardse goedere, van die wêreld en haar bekoorlikhede, het die eieliefde oorwin.

En sy liefde kan maar net korrek wees, naamlik die liefde vir die naaste en gevolglik vir God. En hy sal voortdurend besig wees met werke van liefde. Hy sal daardeur in `n baie noue verbinding met God kan tree en Sy kraguitstraling direk in ontvangs kan neem. Want daar sal geen hindernis meer bestaan nie. Sy wil sal op God gerig wees en sy handeling sal ooreenstem met die wil van God.

Om jouself los te maak van die wêreld, beteken om jouself te verenig met God. Maar hierdie skeiding sal eers moet plaasvind, voordat die mens hom sonder weerstand kan oopmaak vir die kragtoevoer uit God. Die wil daartoe moet bewys word deur die daad. Want die wil om hom aan te sluit, kan ook bestaan by die mense wat nog louwarm is en wat op die wêreld gerig is. Hulle sal egter eers tot insig moet kom deur ernstige oorwinning van dit wat vir die mens op aarde begerenswaardig voorkom.

Maar dan ontvang hy meer as wat hy opgegee het, want die kraguitstraling uit God sal hom oneindig meer gelukkig maak. Hy sal in volle besit van die krag uit God die aardse lewe baasraak. Hy sal egter eerstens `n geestelike lewe lei en sal oor skatte beskik wat sy lewe ’n ryk inhoud sal gee, wat hy nooit meer sal wil misloop nie en wat hom sal aanspoor om voortdurend in die liefde werksaam te wees.

Hy sal `n kennis syne kan noem wat sy oorsprong in God sal hê en daarom die suiwerste waarheid sal wees. Hy sal groot insig hê en dit sal hom vry en gelukkig maak. Hy sal geen swakhede meer ken nie, geen vrees of angs nie, want die krag uit God sal nooit so iets toelaat nie. En sy strewe sal voortdurend wees om die wil van God te vervul, om Hom te dien en die naaste dieselfde

geluksaligheid op aarde te besorg wat vir hom beskore is. Maar die krag uit God sal hom ook in staat stel om dinge te volbring wat buitengewoon sal wees en wat bo die krag van `n mens sal uitgaan. Sy wil sal die sterkte bereik sodat hy tot alles in staat sal wees in sy geloof aan die krag van God wat in hom sal werk.

Daar sal in hom geen hindernis meer wees vir die toestroming van die krag vanuit God nie en dan sal daar ook geen grense bestaan vir die werksaamheid daarvan nie. Want nou is dit God wat in hom werk. En die wil van die mens sal nou ook die wil van God wees, wanneer die aaneensluiting met God plaasgevind het. Ononderbroke onbaatsugtige werk van naasteliefde en die totale opgee van aardse begeertes, gee aan die mens op aarde die aaneensluiting met God. En nou sal die Liefde van God ook duidelik in die mens werk en sal hom beloon met onmeetlike geestelike goedere, naamlik met die ontvangs van die goddelike Woord, wat as direkte uitvloeisel van God, die grootste kragbron is waaraan hy hom nou kan versterk en lawe.

God Self sal nou in hom werk en die mens sal nou vol krag en mag wees. Sy wil sal slegs uitvoer wat God se wil is. En God se wil sal gerealiseer word deur `n mens wat die krag van God in homself sal hê. Maar vir sy medemens sal dit bonatuurlik voorkom, omdat hulle die krag van God nie in hulleself kan voel nie en ook geen begrip sal hê vir die werksaamheid daarvan nie. As hulle egter self die aardse materie sou oorkom, as hulle hulself ook daarvan sou wil losmaak, dan sal dieselfde dinge ook vir hulle moontlik wees en die toedrag van die ongewone werksaamheid van mense sou verklaar kon word, omdat die lig gelyktydig met die krag die mens toestroom, naamlik die insig in geestelike werksaamheid.

Lig en krag is een. En daarom sal dit vir die wetende mens glad nie bonatuurlik lyk nie, eerder net as `n verhoogde graad van geestelike vooruitgang. Hy sal weet dat al die onvolmaakte sonder krag en lig is, maar dat krag en lig die aandeel is van diegene wat ernstig na volmaaktheid streef en wie hom stap vir stap positief wil ontwikkel. En daarom sal die wetende mens ook alle vrees vir die wêreld verloor, omdat hy sal weet dat hy in innige verbinding met God staan en dat hy te alle tye op Sy krag aanspraak kan maak.

Hy sal dus gevrywaar wees van die aanvalle deur die wêreld, tot op die oomblik wat God se wil aan hom gestel het vir sy liggaamlike einde. En daarom sal hy niemand vrees nie, maar sal hy in staat wees om sy medemens vrees in te boesem, wat onkundig teenoor sy krag en mag sal staan. As oorwinnaar van die materie, sal ook elke boei van die materie van hom afval. Hy sal geestelik vry wees en dit beteken ook mag oor die materie, omdat dit onderworpe is aan die wil van God, wat tot uitdrukking sal kom in die mens wat met krag deurstroom word.

God sal in hom werk en die toestand van die mens sal gelukkig moet wees, om homself geheel en al aan die werke van God te kan oorgee en voortdurend aktief te wees volgens sy wil. Hy sal sy wil slegs gebruik om werksaam te wees in die liefde, naamlik om sy medemens te wys op die Liefde van God wat `n kosbare gawe laat toekom aan die mens wat hom met Hom wil verenig, wat die materie sal oorwin en dus ongehinderd die krag uit God in hom sal laat binnestroom deur voortdurend in die liefde werksaam te wees.

Hy sal die mense wys op die krag van die liefde wat haarself nou op ’n duidelike wyse sal uiter. Hy sal hulle inwy in die krag en mag van die goddelike Woord, wat tot liefde opvoed en wat die wegwyser is na God. Hy sal die mense met hul taak op aarde wil bekendmaak en sal poog om hulle te beweeg om hulle ook los te maak van die materie, wat waardeloos en verganklik is, sodat hulle geestelike goedere kan ontvang, sodat die krag van God ook by hulle geuiter kan word, sodat God self in hulle kan werk.

Amen.

Die einde sal aanbreek wanneer niemand dit sal verwag nie. Dit sal `n tyd wees wanneer die mense wat God verwerp het, die lewe ten volle sal geniet, terwyl gelowiges angstig in nood sal verkeer en die koms van die Heer verwag. Maar eersgenoemde sal glad nie dink aan die komende einde nie, want sonder aarseling sal hulle op hul wilde weg voortgaan, hulle sal die aardse genietinge mateloos gebruik, hulle sal swelg en sondig en sal heeltemal onder die invloed van die satan staan. Dit sal 'n tyd wees waarin daar ’n skynbare verbetering in die lewensomstandighede ingetree het, waarin die aardse nood opgehef sal wees vir die mense wat hulself sal voeg volgens die eis van die opperheerskappy, waarin slegs diegene sal moet ly wat ter wille van hul geloof uitgestoot is.

En te midde in hierdie vreugderoes sal die oordeel bykom as ’n verrassing - ook vir die God-getroues - omdat niks vooraf enige skyn daarvan sal hê dat daar 'n verandering in hul droewige toestand sal intree nie. Die sondeskuld van die mensdom sal op sy hoogste wees, hulle sal hulself heeltemal van God losgemaak het en hulle na Sy teenstander gewend; hulle het dus sy deel op aarde ontvang, naamlik aardse vreugdes in oormaat. En die denke en strewe van die mense sal steeds boser word en sal tot uitdrukking kom in die optrede teen die gelowiges, wie sonder erbarming gekwel sal word en hulpeloos sal staan teenoor hul mag en meedoënlose geweld. Hulle sal ten volle arbeid vir die satan verrig en die mense sal ryp wees vir hul ondergang. En so sal die einde kom, soos wat dit in woord en geskrif verkondig is. Dit sal 'n dag vol ontsetting wees vir die mense. Die aarde sal verdeel, vuur sal losbreek vanuit die binneste van die aarde en al die elemente sal in opstand kom. En die mense sal probeer om te vlug en in onbeskryflike paniek raak, maar waarheen hulle hulself ookal wend, sal dit orals dieselfde wees, naamlik 'n sekere ondergang.

Die einde sal dan gekom het vir almal wat ’n gees sal hê wat van God afgewend is, sowel as die verlossing uit die grootste nood vir Syne wat in lewende lywe weggeneem sal word en so die liggaamlike einde sal ontgaan. God het hierdie tyd al lank tevore aangekondig, maar daar was geen ag geslaan op Sy voorspellings nie en so sal die mense hulleself skielik in 'n verskriklike toestand bevind, waaruit daar geen redding sal wees nie. Die ondergang van die ou wêreld is sedert die ewigheid besluit, maar wanneer dit gaan plaasvind, is vir die mense verborge en so sal hulle dit meemaak gedurende 'n tyd waarin hulle hulself bewustelik as here van die wêreld waan, waarin hulle sal poog om soveel genot as moontlik uit die lewe te haal, waarin hulle heeltemal deur die wêreld gevange geneem is en God daardeur uit hul denke verdryf het.

En so bereik God dit dat Hy nie vergeet sal word nie. Hy sal hulle wat teenoor Hom gesondig het, ter verantwoording roep, omdat hulle Hom nie erken het nie. Hy sal die Reg spreek oor alle mense en sal hulle van mekaar skei, deurdat Hy sy eie mense omhoog sal bring na Sy ryk en die ander weer in die ban doen deurdat hulle hul liggaamlike einde op 'n verskriklike manier sal vind, sodat hulle siele weer opnuut gevange geneem sal word, dit wil sê die wil van die gees sal gebind word, sodat sy in die onvryheid van wil, weer die weg van ontwikkeling sal moet aflê in die nuwe skepping. Dit is 'n gruwelike gebeurtenis en tog 'n daad van goddelike geregtigheid, want die sondigheid van die mense sal sy hoogtepunt bereik het. Hulle sal in diens van die Satan staan en sal self pure duiwels geword het, vir wie daar niks anders moontlik is as liggaamlike vernietiging en geestelike gevangenskap nie, sodat die God-getroues van hulle bevry kan word en 'n lewe in vrede en eendrag sal kan lei op die nuwe aarde .

En of God ookal sal talm en steeds weer geduld sal hê terwyl die sondigheid toeneem, die einde sal onherroeplik kom en dit op 'n tyd waarop hulle dit nie sal verwag nie. Want ook die gelowiges sal verbaas staan, omdat dit sal lyk of al die wêreldse die oorhand kry, omdat die mag van diegene wat die wêreld verteenwoordig, sal toeneem en die gelowiges magteloos en regteloos deur hulle gemaak is. En dus sal die wêreld skynbaar stabiel wees en tog sal haar ondergang so naby wees - totdat die dag sal aanbreek het wat God sedert ewigheid vasgestel het, wat niemand vooraf sal kan bepaal nie en wat tog volgens God se plan, die finale oplossing sal bring van dit wat op die aarde is. Slegs God ken hierdie dag, die mense moet hom steeds verwag en hulle daarop voorberei, sodat hulle aan diegene sal

behoort wat God vooraf gaan wegneem, sodat hulle nie tot diegene sal behoort wat verdoem sal word op die dag van die oordeel soos wat dit in woord en geskrif verkondig is nie.

Amen.

God se groot Geduld - Geregtigheid - Genoegdoening

B.D. No. **3524**
26. Augustus 1945

Die dade van liefdeloosheid kry die oorhand en van My Geduld word uitermate baie geverg. My Geregtigheid word uitgedaag, die mensdom stapel sonde op sonde en dink nie aan die gevolge, wat vreeslik is nie. Hulle bespoedig self hul ondergang, want die grens wat daar gestel is, mag nie oorskry word nie. Maar dit sal vinnig bereik word. Nog kan die mense vry te werk gaan, hulle word nie deur My verhinder nie en hulle kan gebruik maak van hul vryheid. Maar spoedig sal My Wil hulle verhinder en hul lot sal vreeslik wees. Hulle wil dit egter nie anders hê nie, want al die denke en strewe van die mense is boos, hulle bring bose dade voort en die liefdeloosheid neem toe, die afstand na My toe word steeds groter en kan slegs in volle verstarring van die geestelike substansie eindig, omdat die uitstraling van My Liefde die gees nie meer kan raak wat haarself van My verwyder het nie.

En die volledige verstarring van die geestelike substansie beteken: Om deur vaste materie omsluit te word, beroof van die vrye wil en sal moet optree volgens My Wil, wat met syne in stryd is. En dus sal dit `n toestand van kwelling en pyn wees waarop die wese self afgestuur het deur sy verkeerde wil tydens sy laaste beliggaming op aarde. Alle liefde het uit die harte verdwyn, of die liefde is slegs vir die wêreld en is derhalwe verkeerd. Die wil is van My afgewend, sodra die liefde nie op My gerig is nie en My teenstander verkry dan mag oor die siele van die mense, want hulle wil is na hom gekeer.

En so is daar geen keer meer daaraan nie, want die dag van die oordeel kom steeds nader en elke dag is `n genade, `n bewys van My oorgrote Liefde en Geduld, om die mense nog die moontlikheid te gee om te verander. Elke dag bring soveel leed dat die mense aandag daaraan moet skenk en hul gedagtes geestelik moet rig. En dit is nog nie te laat om te verander nie. En terwille van die weiniges wat leer om My te herken in leed en nood, beoefen Ek nog geduld. Ek skep geen behae in vernietiging en verwoesting nie, maar Ek verhinder nie die menslike wil nie. Maar eendag sal Ek My Wil daarteen bring, wat hom ook wel vernietigend sal uiter, maar dit sal gepaardgaan met Wysheid en Liefde en sal daarom `n seënryke uitwerking hê op die gees wat nog in ontwikkeling is en wat ook vir die mens seënryke gevolge sal hê wanneer hy My en My Mag daarin sal herken.

Ek sal die liefdeloosheid tot `n einde bring, sodra hierdie grens bereik word. Maar die einde sal vreeslik wees, want My geregtigheid veroordeel ter genoegdoening van die sonde, omdat hulle geen ag geslaan het op My aanmaninge en waarskuwings nie en hulle het nie die kort tyd van genade benut nie, wat nog aan hulle verleen was deur My oorgrote Geduld en Barmhartigheid.

Amen.

Vormgeloof - Oortuigende geloof

B.D. No. **3529**
30. Augustus 1945

In tye van die grootste nood sal die geestelike toestand van die elke mens duidelik word, in soverre, dat sy geloof óf heeltemal versterk sal word, of heeltemal verlore sal gaan, indien dit voorheen slegs 'n vormgeloof was wat nie oortuigbaar was nie. Baie sal van hul geloof wegval. Hul blik sal nog te veel op die aardse gerig wees en hulle sal die wêreldgebeure en hul eie lot nie in ooreenstemming kan bring met die ewige Godheid, van wie hulle, weens hul onkunde, vir hulleself slegs 'n gelukkige aardse bestaan verwag. Hulle wil slegs 'n God erken wat vir hulle al die aangename dinge van die lewe skenk. Maar dat hulle hul die welsyn op aarde self verspeel het deur hul lewenswandel, deur hul afstand vanaf God, is vir hulle onbegryplik. Hoe erger die nood nou op hulle sal afkom, des te verder sal hulle hulleself van Hom verwyder. Hulle sal Hom afwys, sal hulle nie volgens hul lot skik nie, sal mor en kla en probeer om die noodtoestand vir hulself te beperk, deur onregverdige dade en liefdelose gedrag teenoor hul naaste. Hul geloof in God was slegs 'n vormgeloof wat nie kon standhou by 'n

ernstige beproewing nie, aangesien dit ook sonder waarde was en eers 'n oortuigende geloof sal moet word. Daar is maar min mense wat hulself in tye van nood digter by God sal aansluit, wat vas in Hom sal glo en hulle nie van hierdie geloof sal laat afbring nie. Hulle sal die leed aansien vir wat dit is, naamlik 'n middel waardeur God die afvallige mense vir Hom wil wen. Hulle sal God onophoudelik om krag vra en sal nou ook in staat wees om die leed te verdra. Hierdie geloof sal hulle hierdie krag gee en God sal syne nie verlaat nie, naamlik die wat in Hom glo en in alle nood hul toevlug tot Hom sal neem. Maar die toestand van die ongelowiges sal hopeloos wees, solank as wat hulle slegs aandag sal skenk aan die aardse gebeure en nie sal dink oor die sin en die doel daarvan nie. Maar daar sal 'n opheldering moet plaasvind, want die vormgeloof is geen geloof soos wat God dit vra nie. Dit is skools oorgedra op die mense en het self nog nie by hulle lewendig geword nie. Dit is 'n dooie geloof wat die siel nie vooruit help in haar ontwikkeling nie en wat daarom 'n sterk beproewing sal benodig, sodat die mens sy denke en sy ingesteldheid teenoor God daardeur sal kan insien. Wie Hom sal afwys, onder die indruk van die nood en die aardse gebeure, onder die indruk van sy eie lot, sal deur groter beproewinge moet heengaan om hierdie geloof nog te verkry, of hy sal verlore gaan en aan die einde by diegene aansluit wat veroordeel is, wat aan die teenstanders van God behoort en daarom die regverdige straf moet ontvang, wat weer die gang deur die nuwe skepping sal moet aflê ten behoewe van hulle verlossing. Die gelowiges sal eweneens aan swaar beproewinge blootgestel word, maar 'n oortuigende geloof sal hulle nie so maklik laat wankel nie, en God sal diegene bystaan wat aan Hom getrou sal bly, wie alle beproewinge sal deurstaan en wie hom des te inniger by God sal aansluit, omdat hulle vas in Hom en Sy Liefde, Almag en Wysheid sal glo. En vir hierdie vaste geloof sal hulle beloon word op die dag van die oordeel, wanneer God hulle self sal inbring in die paradys, waar 'n einde sal kom aan alle nood en waar hulle uitermate gelukkig sal wees in die teenwoordigheid van God.

Amen.

Woorde van liefde van die Vader

B.D. No. **3532**
1. September 1945

Jy het 'n geweldige Helper aan jou sy en desondanks wil jy moed verloor? Jy sal te alle tye nader aan My kan kom deur gebed. Jy hoef hierdie genade maar net te gebruik en wanneer jy My aanroep, sal jy verseker wees van alle bystand, in watter gevaar jy ookal mag verkeer.

My krag is groter en kan elke onheil binne 'n oomblik besweer. Hierdie mag sal jy voor oë moet hou as dit dreigend word sodat jy angstig en kleinmoedig raak. Jou Vader in die hemel sal jou nie verlaat nie. Hy is in die nood nader aan jou as ooit, solank as wat jy jou as een van Sy kinders beskou en Hom vol vertroue aanroep om hulp. Steeds weer verseker Ek julle van My beskerming en steeds weer sal Ek julle opbeur deur My woord. En steeds weer sal Ek julle die krag gee om weerstand te bied teen die bose. En inniger as ooit sal My liefde jou omsluit wanneer jy jouself in die nood van liggaam en siel bevind en wanneer jy na My toe sal vlug in die vertroue dat Ek jou sal help. Jy sal jou te alle tye geborge mag voel wanneer die wêreld om jou heen raas, wanneer aardse maatreëls jou ontstel en bangmaak.

Steek dan slegs jou hand uit na My, sodat Ek jou korrek kan lei, en Ek sal jou lei op 'n pad waar die onheil van jou sal wyk.

Want Ek loop langs jou en met My kan die mag van die bose waarlik nie wedywer nie. Hy sal My ontvlug en hy sal vir hom mense uitsoek wat, net soos hy, in die duisternis wandel. En hy sal geen ag slaan op hulle wat aan My kant loop nie, in die lig, en wie daarom onbereikbaar vir hom sal wees. Glo en vertrou My en laat jou nie terneerdruk deur aardse nood nie. Let slegs op jou siel en laat die sorg vir jou aardse lewe aan My oor. En gee My die reg om vir jou sorg, deurdat jy jou wil heeltemal aan My kan oorgee. Dan sal die aardse lewe vir jou draaglik wees.

Want Ek sal steeds by jou wees, solank as wat jy jou gedagtes na My verhef en begeer om met My verbonde te wees. Ek roep na My skapies en wanneer Ek hulle gevind het, wanneer hulle na hul Herder teruggekeer het, laat Ek hulle nie meer verdwaal nie. Ek bly by almal wat by My wil wees en

verlaat hulle nimmermeer nie. Wanneer Ek jou hierdie versekering gee, waarom is jy dan nog bang? My woord is waarheid en sal ewig waarheid bly. Ek buig My steeds vol liefde oor na My kinders, sodra hul sagste roep tot My deurdring. Kom daarom steeds na My toe wanneer julle belas en belaai is.

My Liefde is steeds bereid om te gee. My Liefde is steeds bereid om te help. Ek kan jou help en Ek wil jou help en vra net jou geloof en jou vertroue, sodat die krag van My Liefde in jou werksaam kan word.

Amen.

Ek Is Wie Ek Is.

B.D. No. **3537**
5. September 1945

EK IS WIE EK IS van ewigheid tot ewigheid. Ek is sonder begin en sonder einde, want Ek is EEN Gees Wie in sigself Krag en Liefde is, uit Wie alles voortgekom het wat is, wie die Wil en denkvermoë besit en sodoende in alle Wysheid werksaam is.

Ek is Wie Ek is... sonder My is daar niks en sonder My kan daar niks bestaan wat is nie. Ek is die Krag wat die hele heelal deurstroom, die Wil wat alles regeer en die Liefde wat alles vashou wat uit My Mag voortgekom het. Van My het alles uitgegaan wat die heelal met sigbare en onsigbare skeppings vul en ewig sal dit so bly, naamlik dit, wat in samehang met My, deur My geskape is, want Krag kan nie gedeel word nie en is nie te skei van die Bron van Krag nie, Sy bly wat Sy is, naamlik die uitstraling van Myself. Alle skeppings is Wil wat tot vorm geword het, wat met die Krag werksaam is en My gedagtes tot werklikheid laat word het. Maar Ekself is skepping en Skepper tegelyk, want dit bevat My Krag, die oersubstansie van Myself, in homself; dus moet Ek ook oral self wees waar skeppings van My aan die lig kom.

Ek is Een Gees Wie Almagtig, Liefdevol en Wys is, Wie voortdurend aktief is en dus werksaam is in Liefde en Wysheid, vir Wie niks onmoontlik is nie, omdat die Krag van die Liefde onvoorstelbaar is en Sy geen grense ken nie. Ek is Een Gees en dus sonder tyd en ruimte, Ek is van ewigheid en oral en niks bly vir My verborge nie, niks is vir My onbereikbaar nie, want Ek is die enig volkome Wese en uit My kom slegs die volmaakte voort. Wat in My sy oorsprong gehad het, was geestelik en wat as My ewebeeld in alle volmaaktheid gevorm is, was deur die Krag van My Liefde tot lewe gebring. Dit was `n deel van My, onlosmaaklik met My verbind, dit was My uitstraling, wat Ek `n vorm gegee het, wat nou as vrye selfstandige wese, net soos Ek, kan skep en vorm gee deur My Krag wat die wese aaneen toestroom.

En My Gees deurstroom alle wesens wat van My uitgegaan het. En dus is Ekself in hulle en Ek sal nooit ophou om te bestaan nie, net soos wat die wesens wat van My uitgegaan het, ook nooit kan vergaan nie, omdat dit `n deel van My, van die Krag van My Liefde is. En so getuig alles van My wat Ek geskape het, soos wat alles My Krag in hulle dra, want sonder hierdie Krag kan niks bestaan nie. Sigbaar en onsigbaar vir die menslike oog werk Ek en My werksaamheid is steeds die uiting van Krag van My, Wie van ewigheid tot ewigheid is. Wie My erken het, sien My oral, hy weet Ek is oral teenwoordig en hy voel My, want met elke asemhaling neem hy My Krag in ontvangs, wat aan hom My nabyheid verraai.

En elke mens wat sy verstand gebruik, sal My moet erken, want daar is niks wat nie van My getuig nie. Die bestaan en wording van elke skeppingswerk is in My bepaal en My Krag en My Gees het al die geskapenes tot lewe gebring en die lewe alleen is al bewys van My bestaan, dit bewys `n Skepper, Wie aan Sy werke lewe gee, omdat geen enkele wese homself lewe kan gee en in stand kan hou nie. En lewe dra alles in hom wat duidelik sigbaar is, want selfs die skynbaar dooie materie leef, niks bly in sy uiterlike vorm bestaan sonder om te verander nie, dus is dit werksaam in hom, al is dit ook in die kleinste mate, en doeltreffendheid is lewe.

Ek was, Ek is en Ek sal die volmaakste Wese bly tot in alle ewigheid, Wie tot alles in staat is kragtens Sy Wil, Sy Liefde en Sy Wysheid, wat skeppend en gestalte gewend werksaam is, wat

ontelbare wesens geskape het en hulle tot in alle ewigheid gelukkig wil maak. Nooit sal `n wese My volmaaktheid kan ewenaar nie en tog trek Ek alles in My nabyheid na My omhoog, om geluksaligheid te skenk deur die uitstraling van My Krag, wat alles deurstroom wat verlang na sy oorsprong, wat dus deur regstreekse oordrag van Krag die vereniging met My gevind het, Wie Was, Is en Sal bestaan van ewigheid af tot ewigheid.

Amen.

Opheldering oor die proses van skryf - Waarheid

B.D. No. **3547**
13. September 1945

Die aanbied van My Woord is `n suiwer geestelike proses wat slegs verwesenlik kan word deur 'n mens wat ’n innige verbinding met My tot stand gebring het en wie nou bewustelik na sy innerlike luister. Want aangesien die mens self nie besig hoef te wees nie, maar slegs die ontvanger is van die uitstraling van gedagtes, moet hy hom na 'n toestand verplaas, sodat die uitstralings hom kan tref. En hierdie toestand is een van ’n volledige losmaak van die aardse wêreld en 'n versinking in die geestelike ryk. Dit wil sê: 'n bewustelike afwend van die aardse om die sinne te fokus op My ryk wat nie van hierdie wêreld is.

Die geestelike uitstralings sal nou die hart van die mens tref in die vorm van gedagtes wat die ontvanger nou kan opskrywe. Hoe makliker die mens in staat is om homself los te maak van sy aardse omgewing, met des te minder belemmering vind die oordrag van geestelike leringe plaas. Die strydvraag, naamlik van welke geeste die oordrag van gedagtes af uitgaan, word vanself beantwoord deur die inhoud daarvan. Waar liefde onderrig word, waar My verlossingswerk in diepte behandel word, kan slegs Ek die bron wees en moet die oorgebringde gedagtes as My Woord herken word.

Elke aanbieding van My Woord moet deur innige gebed voorafgegaan word, anders kan hierdie proses nie plaasvind nie, anders sal die mens suiwer aardse arbeid verrig. Maar dit sou ook dan nog sonder dwaling kan wees, omdat ook die gedagtes van die mens gelei kan word deur die wesens van die lig, om te verhinder dat die Woord wat aan die mense toegestuur word, aangetas word. Dit behels slegs gevalle waar die verbinding met My minder diepgaande is.

Want 'n mens wat deur My geroep is om te werk vir My ryk, wat geroep is om ’n tussenganger te wees tussen My en die mense wat nie op My afstuur nie, word deur My beproef. En sy denke sal hom nie vergis nie, omdat sy wil goed is en hy My dus wil dien. Die geeste van leuens en bedrog wat sy wil en sy hand wil bedien, verhoed Ek, so ook word elke onkundige wese toegang tot hom verbied, indien hy vir My werksaam wil wees.

En elke opname is 'n daad van wilsvryheid. Dit betuig van sy wil om My diensbaar te wees. En so gryp Ek sy wil vas en lei hom. En dan sal die mens slegs My wil uitvoer. Hierdie geestelike onderrigting is nie te vergelyk met menslike opvattings wat deur eie nadenke verkry word, sonder die bewuste oorgawe van die wil aan My wil nie. Want omdat die mens 'n vrye wil het, kan hy sy gedagtes ook in die rigting stuur waarin hy glo.

Hy word nie deur My gedwing om korrek te dink nie, net soos wat hy ook nie belet word om verkeerd te dink nie. En dus het alle geestelike kragte ook toegang tot hom, wat hy nou deur sy wil, kan begunstig. Maar as die mens sy wil bewustelik aan My oorgee, dan kan hy maar net My wil in hom hê, want nooit sal Ek hom oorlaat aan die magte wat nog 'n wil het wat My opponeer nie.

Wie na My verlang, hom neem Ek in besit en Ek laat hom ewig nie meer van My af weggaan nie. En eers wanneer 'n mens homself bewustelik vir My aanbied, dus sy wil aan My oorgee, kan Ek hom roep vir 'n amp op aarde waarin hy vir My werksaam moet wees. Maar dan sal hy ook beskerm wees teen verkeerde denke, teen verkeerde geestelike invloed. Want dit gaan daaroor om My Woord wat My Liefde na die aarde stuur, te ontvang en te verbreed. En Ek sal waarlik My Woord beskerm teen onsuiwer, onware inhoud wat die teenparty aan die mense wil voorhou.

Waar My Woord ontvang word, daar is waarheid. En verkeerde lering word uitgeskakel, omdat verkeerde denke die invloed is van bose kragte wat geen toegang het tot 'n mens wat My wil dien nie, solank hy vir My werksaam is.

`n Suiwer geestelike proses kan maar net suiwer geestelik verloop. Daar moet 'n onvoorwaardelike oordrag van gedagtes plaasvind, omdat eie denke, dus die gebruik van die werksaamheid van die verstand, langer tyd verg om geestelike resultate in hierdie vorm deur te gee.

Daar is dus 'n uiting van krag herkenbaar wat steeds net kan uitgaan van gewers van krag, dus ligwesens wat ontvangers van krag is. En dit waarborg ook suiwer waarheid. Want al die wat vol lig is, staan vas in die waarheid en die ewige waarheid is Ek Self.

Amen.

Wederkoms - Die wegneming

B.D. No. **3557**
24. September 1945

`n Ongewone donder sal die lug vervul wanneer die die dag van oordeel gaan aanbreek. Dit sal vir die mense die laaste teken wees, maar sal slegs herken word deur hulle wat in My glo. Dit sal die gelowiges vul met groot vreugde, want nou sal hulle die koms van hul Heer elke uur verwag. `n Sterk geloof is nodig om die koms van God in die wolke te verwag, want hierdie gebeurtenis sal so besonders wees, dat die goddelose sal hoon en spot wanneer daaroor gepraat word. Hulle sal die donder wel kan hoor, maar sal nie die koms van die Heer in die wolke kan sien nie. En oor hierdie rede sal hulle geen ag slaan op die ongewone geraas in die lug nie en sal hulle glad nie laat steur in hul lewenswyse nie. Hulle sal steeds uitgelate en gewetenloos wees en sal slegs wêreldse genot najaag.

Maar die gelowiges sal hulle versamel en hulle met vrolike harte voorberei op die koms van hul Heer. Hulle sal aan die einde van hul krag wees en hulle sal weet dat hul lydenstyd nou beëindig gaan word. Eensgesind sal hulle God in die laaste uur van hierdie aarde bely, ofskoon dit die verlies van hul aardse lewe kan beteken, omdat die wêreld onbarmhartig teen hulle sal optree. Maar die verskyning van die Heer sal die planne van die goddelose vernietig, want skielik sal hulle die skare van die gelowiges sien wat van die grond af omhoog swewe. Gelyktydig sal vreesagtige donder weerklink en die agtergeblewe mense sal vol ontsteltenis vermoed dat iets vreeslik oor hulle gaan losbreek. Maar deur die ongewone gebeure van die wegneming verstar hulle en hulle sal nie tot enige denke in staat wees nie. Hulle sal probeer ontvlug, maar sal geen uitweg meer sien nie, want oral sal vlamme op die aarde uitbreek, waarby geen ontsnapping meer moontlik sal wees nie. Hulle sal `n verskriklike einde vind, want daar sal geen redding meer moontlik wees vir hierdie mense wat as ware duiwels op die aarde gewoed het en vol sonde was nie.

Maar die klein kudde van God-getroues sal die einde van die ou aarde kan volg. Voor hul oë sal die goddelike vernietigingswerk afspeel, terwyl hulle dit self ontkom het en nou veilig vertoef op `n plek van vrede, soos wat God beloof het.

Dan het die einde van `n verlossingsperiode en die begin van `n nuwe een aangebreek, sodra die ou aarde weer verander sal word volgens die wil van God. Dan word die God-getroues verplaas na die nuwe aarde om daar weer verder te lewe as stamouers van die nuwe mensegeslag waarmee die nuwe verlossingsperiode sal begin. Slegs vir die wetende mens met `n diep geestelike insig sal hierdie gebeurtenis van die wegneming begryplik en geloofwaardig wees. Dit bekroon egter `n tyd van angstige nood en leed en is die besluit en bewys van Sy heerlikheid en vir wie Hy ’n lot voorberei het wat getuig van Sy heerlikheid. Dit is `n daad van die diepste goddelike liefde vir Sy skepsels, wat nou in Hom die Vader van ewigheid herken. Hulle het die weg na Hom teruggevind en het met Hom één geword deur die Liefde. En nou kan Hy Self onder hulle vertoef, want waar die mens hulself tot liefde omvorm het, bestaan daar geen hindernis meer vir die goddelike Liefde nie.

Amen.

Herken die tyd van die einde

B.D. No. **3560**
27. September 1945

Dit is uitermate onwaar om die tyd van die ontbinding van die aarde as nog vêraf liggend aan te dui en bowendien is hierdie dwaling skadelik vir die siele, omdat hulle dan geen ag meer sal slaan op die vermaninge en waarskuwings van die laaste tyd nie. Net so onwaar is dit egter om die tyd te wil vasstel, want daardie kennis is vir die mens verborge. Maar God wys deur sieners en profete steeds weer op die einde wat naby is, om die mense aan te spoor om `n lewe te lei wat pas by `n einde wat spoedig sal plaasvind, om hulle bewus te laat word van die verantwoordelikheid teenoor hul siele en dat hulle steeds op die einde moet voorberei.

Die einde is naby, maar die dag weet niemand nie, buiten God. Die tekens van die tyd wys wel op die einde, dog sal dit skielik en onverwags kom vir elke mens, ook vir die gelowiges wat weet en wat hul bes sal doen om `n lewe te lei wat pas by die nabye einde. Menslike geestelike vermoë en menslike verstand sal nooit in staat wees om heeltemal in die goddelike plan van ewigheid binne te dring nie en daarom sal hulle nóg die tyd, nóg die wyse van die einde kan vasstel. Slegs waar die Gees van God werksaam is, onderrig Hy die mense op welke wyse die einde gaan plaasvind, maar sal steeds die dag en die uur wanneer dit gaan gebeur in die duister laat. Want dit het God Homself voorbehou en om daarvan op hoogte te wees, sal vir die mense verborge wees.

Die gelowiges is weliswaar in staat om aan die lae vlak van die geestelike ontwikkeling, die tyd van die einde te herken en dan ook daagliks die koms van hul Heer te verwag en deur hulleself innig met Hom te verbind, sal hul dit ook bemerk wanneer die dag van die oordeel in aantog is. Wie egter die tyd vooraf wil vasstel, wie glo om ingewy te wees, sonder `n kennelike werksaamheid van die Gees, sal met sy aankondiging dwaal en aan hom sal die mense ook geen geloof skenk nie, want hy sal slegs daartoe bydra om die ongeloof aan die einde te versterk.

Selfs die voorloper van die Heer, wie deur God Self na die aarde gestuur is om die besluiteloses te red, selfs hy sal geen dag aanwys nie. Ook hy sal die nabye einde verkondig en die mense steeds weer vermaan, om dit daagliks en op elke oomblik te verwag. Hy sal deur God se Gees verlig wees en die Gees van die Vader, Wie Homself in hom en deur hom sal openbaar, ken waarlik die dag en die uur. En tog hou Hy dit ook nog vir die mense geheim, omdat dit vir hulle nie goed sal wees om dit te weet nie. En so sal die uur skielik en onverwags kom, net soos wat God dit verkondig het, - te midde van die vreugderoes van die wêreld sal Sy Stem weerklink, tot ontsteltenis van die ongelowiges, maar vir die gelowiges egter, tot troos en vreugde.

Amen.

Woorde van troos van die Vader

B.D. No. **3565**
2. Oktober 1945

Wie homself swak van gees voel, laat hom na My toe kom. Ek wil hom versterk. Wie dreig om in die geloof te wankel, laat hy My aanroep, want Ek wil nuwe lewe in sy geloof inblaas. Ek wil hom weer deur My Woord opbeur, sodat hy geestelik en liggaamlik sterk kan word en alle weerstande kan oorwin wat hom moedeloos laat word het.

Ek sal hom te ete en te drinke gee en die krag van My hemelse voeding sal hy baie goed bespeur, deurdat hy vol vertroue sy aardse verpligtinge sal nakom en hy sy hart herhaaldelik tot My sal verhef in gebed. En sy toevlug na My sal hom altyd opbeur, want niemand kom tevergeefs na My nie. Niemand klop by My aan sonder dat Ek vir hom oopmaak nie en niemand wat `n gawe verlang, gaan met leë hande van My af weg nie. Maar aan die geestelike nood dink Ek in die besonder. En om dit op te hef, laat Ek die mense dikwels moeilike weë gaan, sodat hulle My kan leer ken en My om hulp sal vra.

Maar wie uit eie beweging na My toe kom, wie My tot sy daaglikse raadgewer maak, wie niks begin sonder om My Seën af te smeek nie, wie hom elke dag en elke uur vir die toevoer van My krag oopmaak deur gebed en werke van liefde, wie dus bewustelik leef en aan sy siel werk, sal ook

voortdurend deur My versorg word en geestelik en aards getroos sy welsyn aan My kan oorlaat. Hy sal nie aan gevaar blootgestel word nie, selfs wanneer aardse nood hom bestorm, as beproewing van sy geloof.

Die weg na My is altyd vry. En die brug is te alle tye die gebed, die innige verbinding met My en die aanroep van My Naam. En steeds sal julle antwoorde kry. Julle sal altyd in nood gehelp word, wanneer julle vas en hoopvol glo en op My sal vertrou. Want Ek ken al julle behoeftes en bekommernisse en weet ook hoe om hulle altyd reg te stel. Maar julle moet glo, om nou in te sien watter krag daar in die geloof lê, as julle gehelp wil word.

Laat My heers en let net op julle siele, dat hulle geen gebrek hoef te ly nie. Want slegs dit is julle wil, terwyl Ek die versorging van jul liggame sal oorneem wanneer julle gelowig is en bewustelik op My sal afstuur. En kom daarom steeds na My toe wanneer julle moeg en belas is en Ek sal julle verkwik. Hierdie belofte het Ek julle gegee en Ek sal waarlik daarby hou. Julle sal My nooit tevergeefs aanroep wanneer julle in liggaamlike of geestelike nood is nie, want Ek is altyd bereid tot hulp, omdat Ek julle sedert ewigheid liefhet.

Amen.

Wederkoms - Geloofstryd

B.D. No. **3569**
6. Oktober 1945

Wie hom vir die kerk van Christus uitspreek, sal deur die wêreld aangeval word en sy lot op aarde sal moeilik, maar van korte duur wees. Sodra die nood ondraaglik raak, sal God diegene red wat Syne is en al hulle nood beëindig. God self wys die gelowiges steeds weer op die einde, sodat hulle teen die aanslag van buite af kan standhou, sodat hulle getrou kan volhard totdat Hy hulle verlos.

Hy het hulle reeds lank tevore in kennis gestel hoe Satan tekere sal gaan en Hy belowe hulle Sy beskerming, omdat hulle die waarheid van Sy woord sal insien en sterk sal bly, ten spyte van teenstand. En wanneer die gelowiges die verloop van die wêreldgebeure en die geloofstryd aan die brutale gesindheid van die maghebbers herken, maar ook die waarheid van die goddelike woord insien, sal hulle Sy woord des te yweriger verdedig, omdat hulle geloof steeds dieper sal word en menslike maatreëls hulle nou nie meer kan skok nie.

Hulle sal ook krag van God ontvang volgens die maat van hulle wil en geloof en sal daardeur die moeilike tyd kan deurstaan. God sal hulle, wat aan Hom trou bly, nie in die steek laat nie, tensy Hy hulle nog voor die einde van hierdie aarde na Sy ryk wil bring, indien hulle liggaamlike einde volgens goddelike bestemming aangebreek het.

Tog het Hy in die eindtyd op aarde nog kragtige verteenwoordigers van die kerk van Christus nodig, sodat Hy die skeiding van die geeste kan voltrek. Hy het mense nodig wat Sy Woord kan verkondig en aan die ongelowiges, sonder vrees of huiwering, die liefdesleer van Christus kan predik, sodat die ongelowiges die krag van die geloof kan besef en nog eenmaal wakker geskud kan word uit hulle geestelike traagheid, sodat hulle hul nog in die laaste uur kan besin om die weg na God te gaan, wat alleen aan hulle redding kan bring, wat hulle alleen kan verlos, omdat Hy hulle sal versterk om hulle van die bose los te maak en na God te streef.

Dit is die laaste genademiddele wat die ongelowige mense duidelik die krag van geloof sal laat sien. Maar min sal die krag benut, omdat die mensdom verstrik geraak het in die vangnette van Satan en die wêreld bomatig aanhang, dus die doel van die lewe slegs in sprankelende lewensgenot sien. Daarom is die einde nie meer ver nie en sal dit herkenbaar wees aan die wyse hoe daar teen die geloof ingegaan word, wat waarlik duiwels genoem kan word.

Maar dan moet die belyers van Christus bymekaarkom en gesamentlik die hulp en die koms van Christus verwag. Want dan kan elke dag en elke uur die einde wees, omdat die aardse nood van die gelowiges `n hoogtepunt sal bereik wat God se onmiddellike verskyning sal vereis, omdat die belofte

dan vervul sal word wat God deur Sy woord aan die mense gegee het, naamlik dat Hy hulle wat Syne is, sal red uit die grootste nood.

Amen.

My stem sal weerklink van bo

B.D. No. **3571**
8. Oktober 1945

En My stem sal weerklink van bo. Hy sal geweldig wees en die mense sal daarna moet luister, selfs wanneer hulle andersins geen aandag aan My skenk nie. Afhangende van die toestand van hulle siele, sal hulle gewillig of onwillig hulle oë na die hemel moet wend, want hulle sal hulself blootgestel vind aan `n krag wat hulle nie meer kan vermy nie. Toegegee, dit sal slegs die harte van weinig raak, maar hulle sal geholpe wees, selfs as liggaamlike hulp sal uitbly. Maar by meeste sal vrees en bekommernis oor die liggaamlike lewe oorheers en My stem sal nie voldoende wees om daarna te luister en na My terug te keer nie, ten spyte van uiterste nood en ellende. Hulle sal nie wil insien dat My stem uitgaan na diegene wat nog ver van My staan nie, en met verharde harte, sal hulle net probeer om hulleself te red en tog magteloos wees teenoor die kragte van die natuur.

Hulle sal elke houvas verloor, want die aardoppervlak sal wankel, `n woedende storm sal die lug vul en elkeen sal op homself aangewese wees, want niemand sal die ander kan bystaan nie. En My stem sal weerklink van bo. Ek sal praat met `n donderstem en al die elemente van die natuur sal My Wil gehoorsaam, hulle sal vir My spreek en getuig van My mag. Ek tree die mense openlik tegemoet en dwing hulle nie om in My te glo nie, want nog steeds bly dit vir hulle oop om die werksaamheid van die kragte van die natuur te laat geld, en om My te verloën as die Wese wat ook die kragte van die natuur lei volgens Sy wil. En so sal die finale middel van onderrig voor die einde ook geen geloofsdwang vir die mense wees nie, selfs al spreek dit duidelik genoeg vir My, maar sal ook herken kan word deur die mense wat van goeie wil is en wat nie heeltemal afhanklik van is van My teenstander wat hulle vir ewig van My wil skei nie.

Wat Ek deur My Gees verkondig het, sal vervul word, die aarde sal bewe en die elemente van die natuur sal onberekenbare skade aanrig en talle menselewens eis. Tog is dit sedert ewigheid bepaal, want selfs hierdie gebeure is `n hulpmiddel wat deur My gebruik sal word, ten einde nog steeds mense oor te wen na My toe, omdat ander vorme van benoudheid en angs nie genoeg is om hulle hul weg na My terug te vind nie en Ek `n skerp tugroede oor die verharde mensdom sal moet swaai. En dit is absoluut waar dat Ek nie sal rus voordat Ek weer al My lewende skepsels teruggewen het nie. En dus sal My Liefde, wat hulle wil red van hul ondergang, nooit eindig nie, selfs as hierdie liefde nie herkenbaar is in My werksaamheid nie. Maar wie op My stem Let, sal ook My Liefde gewaarword en hy sal My dankbaar wees tot in alle ewigheid.

Amen.

Tyd van beproewing - Jesus, draer van die kruis

B.D. No. **3573**
10. Oktober 1945

Wanneer God julle beproef, aanvaar Sy toetse nederig en wag getrou vir Sy hulp. Want die lyding en beproewinge sal nie eindig totdat die laaste dag aangebreek het nie. Dit is nog steeds nodig om siele te reinig en te hervorm tot by hulle fisiese dood of om siele te wen wat nog wegstaan van God se liefde. En die tyd wat oorbly tot aan die einde van die ou aarde is kort. Daarom moet dit in elke opsig gebruik word. Slegs teenspoed en lyding van die liggaam sal nog hierdie siele kan help om te verander. En hierdie teenspoed sal ook die mense beïnvloed wat na God streef. Maar hulle kan ook die grootste seëninge kry uit hierdie teenspoed, indien hulle dit sal herken as `n middel wat gebruik word deur God se Liefde, ten einde die afstand tussen Hom en mense binne `n kort tyd te verklein, om die siel in staat te stel om God se liefdeslig direk te ontvang, wat die ewige lewe vir die siel sal beteken.

Verdra julle beproewing sonder om te kla, want dit word bepaal deur God se liefde vir julle siele se vinniger volwassewording. En weet dat hy julle nooit sonder krag sal laat om hierdie toetse te slaag nie, weet dat Hy julle altyd sal help om julle kruis te dra as julle in geloof van die goddelike Verlosser, Hom daarvoor vra. Weet dat alle benoudheid tot `n einde sal kom wanneer julle die aardse vallei sal verlaat om die geesteryk binne te gaan. Dit sal net `n kort tydjie van beproewing wees, tog sal dit `n seën wees vir julle, as julle die goddelike wil daarin sal herken en nie sal mor en kla nie. Dit wat vir julle bestem is sedert die ewigheid, dien julle wat glo, om julle siele te bevoordeel, of om die van julle wat nog ver van God is, te omvorm.

Buig daarom voor die goddelike wil en dra julle klein kruisie, en as julle voel dat dit te swaar is, laat Jesus, die draer van die kruis, julle help, Wie die kruisiging op Homself geneem het, ter wille van julle teenspoed en Wie namens julle gely het uit Sy groter as groot liefde. Roep Hom aan en Sy hulp sal vir julle verseker wees. Sy liefde is altyd daar vir julle, en julle aardse nood sal draagbaar wees, julle sal julle proewe oorkom en vas staan in die geloof. Die hele mensdom het die teenspoed en lyding nodig, en daarom werp God dit op die aarde om haar inwoners te wen vir Sy ryk. En selfs wanneer Syne moet ly, sal hulle in elk geval nog groter volmaaktheid bereik, en hulle sal vir ewig dankbaar wees teenoor hul Skepper en Voorsiener, hul Vader van ewigheid, Wie in Sy liefde, die regte dinge gebruik om hul siele te vorm as draers van lig, terwyl hulle nog op aarde is. Word daarom nie wanhopig nie en laat julle nie moedeloos word deur die teëspoede van die tyd nie. Die einde is naby en daarmee saam die tyd van julle verlossing en julle binnegaan in die geesteryk, waar alle lyding tot `n einde kom.

Amen.

Die opoffering van die wil

B.D. No. **3577**
14. Oktober 1945

Gee jouself aan My oor en Ek sal jou Vader wees, nie net Skepper en Behoeder nie, maar in vurige liefde jou Vader wat vir jou sorg, wat in die geluk van Sy kinders ook Sy diepe vreugde vind. Ek roep jou voortdurend. Laat jou dus deur My Liefde haal. Kom na My, eweneens met liefde in jou hart. Gryp My Vaderhand vas en bly voortaan by My. Bly in die nabyheid van Diegene wat aan jou alle heerlikhede kan bied en jou hunkering kan stil, wat jou met geestelike gawes kan verbly en bomate met lig en krag kan vervul. Kom na My toe, laat al die aardse agter wat as skeiding tussen My en jou staan. Bring slegs jou siel vir My, jou wil, en laat Ek die leiding oorneem en jy sal waarlik korrek gelei word, want My kinders lei Ek na die doel en Ek laat hulle nooit meer uit My hand nie.

Wie in vrye wil die weg na My gevind het, wie dus sy vrye wil aan My skenk, hy is My kind en vir hom geld My diepste vaderliefde en sorg. Wie sy wil aan My opoffer, moet hom egter van die aardse losgemaak het. Hy moet elke verlange na die wêreld oorwin het, anders kan sy wil nog nie volkome na My uitgaan nie. Gee jouself aan My, dan sal Ek besit neem van jou en wat nou aan My behoort, bly vir ewig van My. Geen enkele fisiese sorg mag dan jou hart beswaar nie, want jou Vader in die hemel neem dit op Homself, soos wat Ek dit belowe het.

'n Liefdevolle vader doen alles vir sy kinders. Hy hou leed en sorg ver van hulle af, as hulle hom maar net onbegrens sal vertrou, in sy arms in vlug en beskerming en hulp van hom verwag. En jou Vader in die hemel dra waarlik die vurigste liefde vir Sy kinders in Sy hart. En Sy kinders sal hierdie liefde mag voel in tye van swaarste aardse nood. Hulle sal My stem verneem en hulle harte sal vinniger vir My begin klop en hulleself heeltemal losmaak van die wêreld.

Streef dit na deurdat jy jouself sal inspan om jou wil geheel en al aan My wil te onderwerp, deurdat jy jouself aan My sal gee, sodat My Vaderliefde jou kan omvou. Slaan geen ag op die bekommernisse en die lyding van die wêreld nie, maar slaan julle oë en harte op na My, Wie bo die aardse wêreld staan en wat paal en perk aan alle nood kan stel deur Sy krag. Trag om My Vaderliefde te verwerf, deurdat jy My al jou liefde laat toekom, deurdat jy slegs sal verlang na My, en Ek sal vir ewig vir jou sorg, want dan sal julle My ware kinders wees na wie My Vaderliefde uitgaan, wat hul weg oor die aarde onder my leiding sal aflê en daarom ook hulle doel sal bereik.

Amen.

Laaste dae - Toekoms - Huidig.

B.D. No. **3579**
16. Oktober 1945

God het aan mense voorspel wat sal gebeur met die aarde in ooreenstemming met Sy ewige plan van Verlossing, want Hy wil nie hê dat hulle die laaste dag onvoorbereid moet ervaar nie, Hy wil nie hê dat hulle skielik verras moet word in hul onvolmaaktheid nie, maar gee hulle genoeg geleentheid om vooraf volmaaktheid te bereik. Hy wil hulle aanmoedig om geestelik te word, Hy wil hulle waarsku teen die gevolge, indien hulle Sy aanmanings gaan ignoreer, en hy wil Syne in kennis stel van al die gebeure gedurende die laaste dae, om hulle geloof te versterk en hulle hoop en vertroue te gee vir hulle verlossing. Hy sal nie toelaat dat enigiets met die aarde gebeur sonder om die mense eers te in kennis te stel nie, sodat hulle Hom sal herken in alle komende gebeure. Maar Hy sal nooit afwyk van Sy ewige plan van verlossing wat Hy in wysheid oorweeg het vir die doeltreffendheid daarvan nie.

Die einde mag wel sy tyd neem, maar dit sal onherroeplik aanbreek, en om daardie rede moet alle profesieë oor die aarde en die tekens van die laaste dae letterlik opgeneem word. En dus kan die mens die einde enige uur verwag, hy moet altyd verwag dat dit kan plaasvind in die teenwoordige tyd, en moet daarom groot belang hê aan die verbetering van homself, sy siel, sodat sy ongedeerd kan uitkom en kan staan voor die aangesig van God op die Oordeelsdag. Sodra die mens glo dat die einde in die toekoms sal plaasvind, raak hy onverskillig en stadig met die werk aan homself.

As hy egter verwag dat God se profesieë in die teenwoordige tyd in vervulling sal gaan, sal hy die transformasie van sy natuur ernstig opneem, en dit is God se bedoeling van die begin af, en Hy dring daarop aan dat mense hul natuur verander. Maar eendag sal sy profesieë die hede word en hulle sal woord vir woord vervul word. En net voor hierdie gebeure gaan plaasvind, sal mense die profesieë die minste glo en dit self sal wys dat die laaste dae aangebreek het. Wanneer niemand die transformasie van die aarde meer verwag nie, wanneer mense alle relevante inligting verwerp, wanneer hulle na al die gebeure kyk uit `n geheel en al aardse en materiële oogpunt en die goddelike Skepper ignoreer, d.w.s. wanneer hulle elke verband tussen die mensdom se lot en die goddelike wil ontken, dan is die uur nie meer ver nie, want dan het die mensdom die graad van volwassenheid bereik wat die einde gaan veroorsaak.

En dan sal God se aankondigings letterlik in vervulling gaan, tot die afgryse van diegene wat nie geglo het nie en daarom heeltemal onvoorbereid sal wees, en tot die vreugde en troos van die weinig wat gewag het vir die laaste uur as die uur van bevryding vanuit die grootste aardse nood. Want eendag sal die toekoms die hede word, en hoewel God se liefde oneindig groot is, sal God se geregtigheid eendag sy plek inneem en `n einde maak aan `n toestand wat rampspoedig sal wees vir die nog onvolmaakte geestelike substansies in die heelal. En om daardie rede moet mense herhaaldelik aan die einde herinner word, hulle moet ingelig word deur die Woord van God wat sy profete gebruik om die mense te waarsku en te herinner en daarom met hulle deur bemiddelaars moet spreek. Die einde is naby, en geseënd is hy wat die profesieë glo en homself voorberei. Die dag sal onverwags kom en al die lewende wesens van die aarde sal in die ewige lewe, óf in die dood ingelei word, soos wat God dit in Woord en Skrif verkondig het.

Amen.

Wonders - Valse profete

B.D. No. **3580**
18. Oktober 1945

Laat julle nie op 'n dwaalspoor bring nie, want die teenstander probeer steeds om die duisternis om julle uit te brei en die lig van bo af te skerm. Hy probeer julle met leuens en dwaling te vang en wil julle daardeur ongevoelig maak vir die suiwer waarheid. Hy is steeds daarop bedag om julle uitkyk te vertroebel, julle gees in die war te bring en die Wese van die ewigheid Godheid vir julle te versluier.

En daartoe bedien hy homself van sulke hulpbronne, wat moeilik as begogeling van die satan ingesien kan word, indien die ernstige wil na die suiwer waarheid nie teenwoordig is nie. Hy hou vroomheid voor aan die mense, hy kom in die liggewaad van 'n engel, omdat die mense self ’n begeerte het na prag en praal en hy die goddelike heerlikheid slegs met uiterlike prag verbonde voorstel. Hy hou vir hulle die heerlikheid van God voor, waar hy liggelowige mense vind wat behae daarin skep. En daardeur verbrei hy dus die leuen en die dwaling en verduister hy so die denke van die mense. Hulle neem die onwaarheid aan en wys die suiwer waarheid af, wat in 'n eenvoudige gewaad deur God Self na die aarde gestuur word.

En so verbrei die leuen en die dwaling baie vinniger as die waarheid, omdat die mense dit self wil hê en omdat die verbreiders van die dwaling onder die dekmantel van 'n verkondiger van die leer van Christus werk en daarom oral instemming vind. Want die Satan werk met lis en geweld. Hy bedien hom van mense wat die waarheid nie ernstig begeer nie en dan word hulle aan hom gebonde, want hulle begeer God, Wie die ewige Waarheid Self is, ook nie ernstig nie. En so het die Satan, die vors van leuens, ’n maklike spel.

Wat die mense opbou, is slegs onder die aanroep van God van blywende waarde. En God wil in gees en in waarheid aangeroep word, aangesien Hy andersins Sy Oor sluit. En dit skakel alle uiterlikheid uit. Alle seremonies, prag en praal verhinder die ware gebed, die gebed in Gees en in Waarheid. Wie aan die uiterlike aandag skenk, sal moeilik in staat wees om die innerlike verbinding met God tot stand te bring, want steeds sal die teenstander homself tussen hom en God stel, hom aflei en sy sinne deur uiterlikhede gevange neem. En soek God daarom nie in prag en praal nie, soek Hom nie in 'n omgewing waar aardse materie die uiterste uitwerking het nie. Daar het die teenstander van God sy arbeidsveld en hy bewerk dit met sukses.

God openbaar Hom in die verborgene. Hy openbaar Homself aan die mense wat klein en beskeie voortgaan. Hy openbaar Homself aan diegene wat vir Hom moet spreek, want sy openbaringe is bedoel vir die hele mensdom en Hy sal Hom slegs bedien van die afsonderlike mens as werktuig, deur wie Hy Self met die mense wil praat. Sy openbarings het as hoofdoel die verbreiding van die waarheid en die verkondiging van Sy Wil, waarvan die opvolg daarvan, aan die mense die ewige geluksaligheid sal gee. Deur sieners en profete kondig Hy ook die einde van die wêreld aan en maak Hy hulle opmerksaam op die tekens van die eindtyd. En dit is Sy Wil dat die mensdom opheldering daaroor gegee word, sodat niemand sal kan sê dat hy nie aangemaan en gewaarsku is wanneer die einde oor hulle losbreek nie. En altyd sal hierdie sieners en profete mense wees wat self die diepste geloof sal hê en wat sal lewe in die liefde, wat anders is as wanneer die teenstander van God vir hom mense uitkies om vir hom werksaam te wees waarmee hy weerklank vind. Daarom moet daar heel besonder gelet word op die lewenswandel van hulle wat hulleself dienaars van God noem, naamlik of hulle beantwoord aan God se Wil, aan Sy gebooie.

Maar dan kan daar ook aan die openbaringe geloof geskenk word. God werk in die stilte, weliswaar ook openlik en buitengewoon, maar nie deur wonderwerke, wat die mense dwing om te glo, soos wat Hy ook uiterlike vertoon uitskakel, omdat Hy nie poog om die mense van die wêreld deur prag en praal te wen nie, maar Hy hulle harte wil afwend van daardie bedrieglike lig van die wêreld. Onnatuurlike werksaamheid moet deur die mense van die wêreld ook as natuurlik verklaar kan word, aangesien dit andersins 'n geloofsdwang vir hulle sou beteken het, wat egter nooit deur God uitgeoefen sal word nie. En so sal slegs diep gelowige mense spesiale openbarings hê, sodra die Liefde van God hulle hiervoor waardig gemaak het en Hy Homself aan hulle te kenne wil gee.

Maar openlike wonderwerke bring die mense daartoe om te glo. En dit sou geen geestelike vooruitgang vir hulle gewees het nie, want die vrees vir God kan nooit die liefde vervang wat die mens Hom moet skenk om by Hom te aan te sluit nie. Maar die onvolwasse mens sal deur wonderwerke maar net tot vrees aangespoor word, egter nooit tot liefde nie.

Maar die Satan bedien homself van sulke middele, waardeur hy die mense wil stuit in hul liefde tot God. En sy werksaamheid sal ongehinderd plaasvind, veral daar waar die sondigheid groot is en die mense weinig op die innerlike, maar instede op die wêreld gerig is. Ook daar verskyn hy slegs onder

die dekmantel van vroomheid. Hy strooi die mense sand in die oë, sodat hulle nie by magte is om duidelik te sien nie en hy oefen gevolglik sy invloed uit, wat nog bevoordeel word deur valse verteenwoordigers van Christus; deur mense, wat hulle geroepe voel om sy leer te verkondig en wie self te min in die waarheid vas staan om die leuen en dwaling as sodanig te herken en hulle daarvan af te skei, aangesien hy met lis en met krag werk. Maar God is Liefde en Sy openbaringe straal slegs Liefde uit en voed op tot Liefde.

En lê so die maatstaf, naamlik waar liefde onderrig en beoefen word, daar is die waarheid, want daar is God Self. Maar waar die lig van die wêreld al te sterk straal, daar vertoon die teenstander van God homself. En sy werk is leuens en teen God gerig, ook wanneer hy die optrede in liggewaad daarby bring. Wie 'n wil het wat op God gerig is, sal hom herken, ten spyte van sy masker. En hy word daartoe geroep om sy medemens te waarsku teen die valse profete, wie steeds sal optree wanneer die mense in nood is, maar wie egter die geestelike nood nog aanhelp in plaas van om dit op te hef. En God roep die mense toe: Behoed julle van die valse profete, want die eindtyd sal deur hulle benut word om teen God werksaam te wees, teen die ewige Waarheid.

Amen.

Voorbidding deur ander mense

B.D. No. **3582**
20. Oktober 1945

Hoe dwaas is dit nie om die direkte verbinding met God te omseil en van `n ander mens gebruik te maak, wie se gebed hom moet help. God slaan slegs ag op die gebed wat in diepste liefde vir die naaste na Hom opgestuur word en die krag van die liefde kom nou die behoeftige toe. Enige ander gebed is egter nutteloos. In sy medelydende liefde stuur God leed en nood oor die mense om hulle te beweeg om hulself onbeperk aan Hom toe te vertrou, om hulle daartoe te bring om die korrekte verhouding van `n kind tot die Vader tot stand te bring, omdat die krag van die goddelike liefde eers dan die hart van die mens kan raak om sy siel deur die toestroming van krag te help om haar geestelik positief te ontwikkel.

Word hierdie innige verbinding buite beskouing gelaat, dan is die toestroming van krag slegs gering en ook maar net gewaarborg wanneer die voorbidding vir die medemens uit `n liefdevolle hart kom, omdat die mens andersins heeltemal sonder krag bly en sy siel gebrek moet ly. Nooit kan `n mens vir sy medemens die omvorming van die gees bereik nie. Inteendeel, hy moet self aktief raak. Hy moet self sy wil op God rig en homself met Hom in verbinding stel om krag te kan ontvang.

Liefdevolle voorbidding is slegs in soverre nuttig vir hom, sodat daar vir hom krag gestuur kan word wat sy verswakte wil sal versterk, sodat hy dus deur die voorbidding die krag kan ontvang om homself na God te rig. Hierdie toevoer van krag is die uitwerking van die liefde van sy medemens, maar sonder liefde is elke gebed nutteloos. Want slegs opregte liefde sal daartoe lei dat `n gebed in gees en in waarheid na God gestuur word en dan ook `n resultaat sal bereik.

God verlang die verbinding met Hom, wat elke mens tot stand kan bring wanneer hy wil. Wie hom op die gebed van `n ander mens verlaat, sy wil gaan nog nie uit na God nie en dus sal die gebed ook sonder uitwerking bly. Die mens kan met `n innige, diep sug heelwat meer bereik as wat `n lang gebed kan vermag waaraan hierdie innigheid ontbreek, soos ook die innige gedagte aan God hom meer krag sal oplewer as voorspraak deur medemense. Maar God beoordeel die graad van liefde van die een wat bid vir sy medemens, omdat liefde steeds krag gee en `n liefdevolle voorbidding dus ook nie sonder uitwerking sal bly nie. En daarom kom daar steeds weer swaar lyding en bitter nood oor die mense afsonderlik, sodat hy Hom nie moet vergeet, Wie hom alleen kan help nie, omdat hy die regte verhouding tot stand moet bring wat hom die toevoer van krag van God sal verseker en omdat hy self aktief moet word om sukses te kan boekstaaf vir sy siel. En die mense moet nie vergeet dat sy medemens nooit hierdie verantwoordelikheid van hulle kan afneem nie, dat elkeen homself moet verantwoord en daarom ook aan homself moet werk. En die werk kan hulle slegs doen met die hulp van God, Wie hulle in innige gebed moet aanroep om krag en liefdevolle begeleiding, sodat hulle hul doel kan bereik, sodat hulle siel op aarde volwasse kan word.

Amen.

Kerk van Christus - Die poorte van die hel

B.D. No. **3589**
29. Oktober 1945

Die kern van die leer van Christus is die gebod van die liefde tot God en die naaste. Waar dit dus onderrig en beoefen word, is die ware Christendom, daar is die kerk van Christus wat haar grondslag het in `n vaste geloof in Hom en daarom ook sal bly bestaan wanneer al die ander ten gronde sal gaan.

Sy kerk omvat die gelowiges wat volgens Sy gebod van die liefde lewe en hulle daardeur deur Sy Gees vervul word, wat homself duidelik of ook wel in die verborgene sal openbaar, na gelang dit vir die siel van elkeen afsonderlik nuttig is. En aan hierdie kerk het Jesus Christus die onverganklikheid beloof met die woorde: “Die poorte van die hel sal haar nie oorweldig nie”.

Tegelykertyd het Hy egter met hierdie woorde tot uitdrukking gebring dat die kragte van die hel haar sal bestorm. En Sy Woord is waarheid en sal vervul word aan die einde van die tyd wat God geestelik vir die verlossing toegeken het. Dan sal die kerk van Christus aangeval word deur alle magte wat God vyandiggesind sal wees. Maar sy sal oorwinnaar bly en herken word as onverganklik deur hulle wat aan haar behoort, deur die gemeenskap van die gelowiges wat vasgestaan het in die ware Christendom, wat die leer van Christus navolg en in die liefde lewe.

Maar hierdie kerk van Christus sal klein wees, slegs `n klein groepie sal aan haar behoort en tog sal sy oor die hele aarde verteenwoordig wees. Oral sal mense woon wat waarlik in liefde werksaam sal wees en wat gevolglik ook egte Christene sal wees. En hul liefde sal aan hulle wysheid gee en daaruit sal hulle ook wederom diep gelowig word. Hulle sal die God van Liefde, Wie Hom in Jesus Christus op aarde beliggaam het, erken en bewustelik strewe om na Hom te luister.

Aan hulle het God beloof om by hulle te bly tot aan die einde. Hy het hul Sy Gees beloof, omdat hulle in waarheid aan Sy kerk behoort wat Hy Self gestig het. En so sal Hy hulle ook tot die laaste toe behoed van ondergang, geestelik en wêrelds, omdat hulle sal lewe soos wat Christus hulle geleer het, in liefde tot God en die naaste.

En hulle wat op die einde behoue sal bly van die dood, sal behoort aan die wat God na Hom gaan bring na die ryk van vrede, voordat die groot vernietiging op aarde sal plaasvind. Die klein kudde wat Sy kerk uitmaak, sal weer die kern wees op die nuwe aarde. En ook daar sal die leer van Christus weer verkondig word. Die liefde sal beoefen word en die mense sal vanuit die diepste geloof lewe, want die liefde van God het Hom aan hulle geopenbaar, wie dan ook Self onder hulle sal vertoef, omdat hulle Sy gebod van die liefde tot God en die naaste vervul het.

En dus sal die kerk van Christus bly bestaan en sal alle tye trotseer, omdat daar altyd mense aan haar sal behoort wat deur hul geloof in die Verlosser van die wêreld, met liefde vervul sal wees en hul aktiwiteite `n onafgebroke diening in liefde sal wees. Want niks kan vergaan wat in God sy oorsprong het nie, wat die liefde as grondslag het en daarom self goddelik is.

Amen.

Die geestelike en die aardse wêreld staan teenoor mekaar

B.D. No. **3593**
3. November 1945

Die aardse wêreld en die geesteryk staan teenoor mekaar, daarom is die eise aan die mense ook van so ’n teenstrydige aard. Nooit kan die mens beantwoord aan die aansprake van beide nie, want hy moet onvoorwaardelik vir een kant kies.

Die geesteryk kan begryplikerwys slegs geestelike goedere uitdeel en dit onder voorwaarde, wat indruis teen die begeertes van die wêreld, terwyl die wêreld die mense aardse skatte bied. Die begeertes van die wêreld staan egter in die weg van die eise van die geesteryk, in soverre dit liggaamlike genot en behae op die voorgrond stel en vir die siel die strewe na die geesteryk bemoeilik

of selfs heeltemal onmoontlik maak, want die siel moet die eise van die geesteryk nakom en die liggaam vir dieselfde verlange probeer wen, wat egter die opgee van aardse verlange daarmee meebring.

Sodoende staan twee wêrelde teenoor mekaar en die mens word voor die keuse gestel watter wêreld hy gaan kies. En steeds sal die een wêreld die prysgee van die ander eis. Want steeds sal óf die liggaam óf die siel hulleself moet uitspreek, d.w.s. die siel sal moet kies wat belangriker is, haar eie omvorming of die welbehae van die liggaam, gedurende die tyd van die lewe op aarde as mens. Die geesteryk skenk sy kosbare gawe waarvan die mens die volle waarde nie kan begryp nie, wat egter onverganklik is en sal vir die siel `n rykdom beteken wat sy in die geesteryk kan benut vir haar eie saligheid.

Die wêreld bied die liggaam wel ook skatte, maar hierdie is verganklik en kan nie saamgeneem word na die geesteryk nie. Hulle sal vergaan soos wat die liggaam vergaan, wanneer die siel hom verlaat en van die aardse wêreld heengaan na die geesteryk. En omdat die siel op aarde slegs van een ryk kon ontvang, is sy dan in die geesteryk arm aan goedere, wanneer sy die aardse wêreld voorrang gegee het. Daarenteen lewer die vrywillige prysgee van aardse goedere haar onvermydelik geestelike besittings op, want sy het die aardse dinge opgegee toe die liefde in haar werksaam geword het, anders sou die begeerte na aardse dinge oorheersend gewees het.

Waar die liefde egter ontwaak het, streef die siel bewustelik of onbewustelik na die geesteryk en sy skenk dan geen aandag meer aan aardse goedere nie. Dus word die siel van die mens voor die keuse gestel gedurende haar aardse lewe om óf die aardse wêreld, óf die geesteryk tot doel van haar strewe te maak. En na gelang van haar keuse, bepaal sy ook haar lot in die geesteryk waar sy sal heengaan wanneer die proeftyd op aarde vir haar verby is en waar geestelike rykdom of armoede, saligheid of `n betreurenswaardige toestand dan op haar sal wag. Maar die saligheid vereis die oorwinning van alles wat aan die wêreld behoort en wat dus verganklik is.

Amen.

Alles is God se wil of toelating

B.D. No. **3594**
4. November 1945

Jy sal oplettend moet wees en sal elke gebeurtenis as deur My gewil of toegelaat moet beskou, indien jy seën daaruit wil haal vir jou siel. Slegs die voortdurende sekerheid dat My wil agter alles staan wat gebeur, sal jou rustig laat word, ofskoon jy in 'n bewese tyd vol onrus leef wat vir jou in ’n vergrote mate moeite en sorg sal beteken. Sodra jy My oral en in elke gebeurtenis sal erken, sal alle onrus van jou wegval, want dan weet jy dat Ek ook bereid is en die mag het om vir die enkeling 'n meer gunstige toestand te skep. En hierdie geloof sal nie deur My beskaam word nie, want 'n sterk geloof probeer Ek maar net te ontwikkel omdat Ek dit nodig sal hê gedurende die komende tyd, omdat Ek op aarde steunpilare nodig sal hê wat slegs deur 'n sterk geloof daartoe in staat sal wees om my ryk op hierdie wêreld te help bou of om dit te beskerm teen verwoesting deur my teenstander.

Hierdie sterk geloof probeer Ek om in jou te ontwikkel. Ek probeer om dit voortdurend te verdiep en onderrig jou onophoudelik deur middel van gedagtes oor My skeppingskrag en My wil om lief te hê en vir die gees inagnemende deur elke gebeurtenis om jou heen daarmee in samehang te bring. En wanneer jy dus op alles sal ag slaan en in die besonder op jou lewensweg, dan sal jy steeds My liefde vir jou moet insien wat steeds weer paaie sal vind wanneer jy hulp benodig. En jy sal jou in die volste vertroue aan jou lot oorgee, want Ek, jou Vader van ewigheid, lei jou wel korrek. En vir My is niks onmoontlik nie, as jy maar in vaste geloof aan My liefde en krag My hulp verwag. Ek wil dat jou geloof sterk sal word en moet dit daarom ook aan beproewings blootstel waar dit moet bewys, waardeur dit sterker sal word totdat dit onwankelbaar geword het en jy nou ’n deugsame implement vir My op aarde geword het.

Niks gebeur sonder My wil of My toelating en alles kan jou tot seën strek as jy dit vanuit hierdie standpunt bekyk. Want dan sal jy My ook steeds in jou nabyheid voel. Jy sal nie net voel nie, maar van

alle sorge bevry wees, omdat jy dit kon toevertrou aan My, die Sterkere wat jou altyd help wanneer jy daarvoor vra. Ek sal steeds aan jou kant staan, sodra jy maar net My teenwoordigheid sal toelaat deur jou geestelike verbondenheid met My, deur goeie gedagtes en goeie werke, sodra jy jouself aan My leiding sal oorgee en ook moedig dit wat onoorwinlik lyk, sal wil oorkom met My hulp. Dan sal elke las of hindernis kleiner word. Dit sal inmekaarstort en stap vir stap sal jy naderkom aan die doel, omdat Ek by jou sal wees, omdat Ek met jou meegaan en jy aan My hand veilig en verseker jou doel sal bereik. Glo daarom en beskou alles as My wil, wat ookal oor jou kom. En glo dat vir My, die Liefde en Bron van krag van ewigheid, niks onmoontlik is nie.

Amen.

God is die Woord - God se teenwoordigheid - Verskillende maniere van oordra van die Woord

B.D. No. **3596**
7. November 1945

En só is Ek in julle midde in die Woord soos wat Ek belowe het. Ek sal julle nie alleen laat nie, julle sal ook My teenwoordigheid kan voel en so kom Ek nader aan julle deur die Woord, want Ek Self is die Woord en iemand wat My Woord het, kan ook van My teenwoordigheid praat en veilig voel in My nabyheid.

Ek is Self `n Gees wat nie gebonde is aan enige materiële vorm nie, maar is Krag en Lig in die hoogste graad en wat, as gevolg van Sy wil en Sy denkvermoë, as `n Wese betitel word, wat in Liefde en Wysheid werksaam is en dus Liefde en Wysheid uitstraal tot in die oneindigheid. En My Liefde gee die Krag en die Lig `n vorm, sodat julle mense daarvan bewus kan word, omdat julle nog nie volwasse genoeg is om Krag en Lig in sy fundamentele substansie te ontvang nie. En hierdie vorm is My Woord, wat Ek oordra aan julle, sodat julle volwassenheid kan kry.

`n Gees wat lig en krag self is, kan maar net in die vorm van lig en krag teenwoordig wees, en dus moet My Woord, die uitstraling van Myself, lig en krag bevat, en dit kenmerk My nabyheid. En daarom het Ek julle die belofte gegee dat Ek by julle sal vertoef tot aan die einde van die wêreld, deur die feit dat My gees altyd met julle sal wees wat lig en krag wil ontvang, deur die feit dat My regstreeks uitgestuurde Woord voortdurend oorgedra word aan julle om My teenwoordigheid aan julle kenbaar te maak.

Ek is met julle, en selfs as Ek nie sigbaar onder julle wandel nie, het julle nogtans die bewys van My teenwoordigheid in julle hande as julle My herken in die Woord. Want Ek is Self die Woord, en julle sal dit voortdurend ontvang sodra julle My en My nabyheid begeer. Dus sal iemand wat My herken in die Woord, ook diep gelukkig wees oor My nabyheid, en alle twyfel, alle vrees en alle bekommernisse sal hom verlaat, want hy sal weet dat die Een naas hom, hom hulpvaardig sal ondersteun in alle nood van liggaam en siel.

Gevolglik bring My Woord krag en seën, want wie na My Woord verlang, open Ek die deur na sy hart waardeur Ek kan ingaan om woning te maak by hom. En Ek sal hom ewig nooit weer verlaat as sy wil na My gerig is en hy My in die Woord herken het nie. Want die Woord is die vorm waardeur Ek Myself uitdruk, waardeur die mees volmaakte Gees van ewigheid Homself aan die onvolmaakte wesens kenbaar maak ten einde hulle tot volmaaktheid te lei.

Ek is naby aan julle. Waarom huiwer en vrees julle dan nog, julle wie My Woord het, regstreeks ontvang of deur die mond van die ontvanger. Ek is met julle almal, omdat julle begeerte na My Woord julle liefde vir My toon. En onthou dat slegs die vloei van My Woord aan julle, julle die sekere bewys sal gee dat Ek Self met julle is. Iemand wat nie begeer om My te hoor nie, begeer nie My nabyheid nie, sy hart dring hom nie na My nie, want anders sou sy verlang het na die uitdrukking van My Liefde, na `n bewys van My teenwoordigheid.

Die begeerte na My Woord kan egter verskillend van aard wees, die mens kan verlang om getroos en versterk te word deur geestelike bemoedigende woorde, hy kan sy kennis op geestelike gebied wil verryk, hy kan ook in dankbaarheid aan My dink en dit daarom kenbaar wil maak en daarom na My teenwoordigheid verlang. Hy kan by My wil bly in `n intieme samespraak en My Woord in sy

gedagtes inneem, maar sy gevoel moet altyd geestelik gerig wees, dan sal Ek Myself laat vind en sy roep sal My na hom toe trek, en Ek sal Myself openbaar deur My Woord, want anders sou die mens nie in staat gewees het om My nabyheid te verduur nie.

En so sal My Woord op verskillende maniere tot hom kom, deur die regstreekse werksaamheid van die gees in hom, sodat hy in staat sal wees om My Stem self te verneem, naamlik deur die ontvangs vanaf `n direkte ontvanger wat in My opdrag My Woord verkondig, of by wyse van geestelike oordrag van kennis vanuit die geesteryk, of deur die lees van die Woord wat na die aarde gestuur is, of deur geestelike gesprekke met `n medemens. Ek sal altyd omsien na `n hart wat My vol verlange begeer, Ek sal altyd met diegene wees wat My wil hoor, want Ek is Self die Woord, en so woon Ek Self onder mense wanneer hulle na My Woord luister met die opregte wil om My met hulle te laat praat.

Dan sal Ek hulle die brood van die hemel aanbied, My vlees en My bloed. En as hulle My aldus eet en drink, moet hulle ook innig met My verbonde wees, as hulle My Woord in diepe geloof wil aanvaar dat Ek Self die Woord is, sal hulle My in hulle harte aanvaar en Ek sal hulle voortdurend gelukkig maak met My teenwoordigheid. Want Ek het julle die belofte gegee dat Ek by julle sal bly tot aan die einde van die wêreld, en My belofte word waar deur elke Woord van My, omdat My Woord waarheid is en sal bly tot in alle ewigheid.

Amen.

Versoek om innerlike verligting

B.D. No. **3597**
8. November 1945

Elke mens kan vra vir die genade van innerlike verligting en hy sal van God ontvang wat hy begeer. Korrekte denke en goeie optrede sal die gevolg wees wanneer God die persoon se gees verlig, en dus sal iemand wat bid vir die genade van innerlike verligting, `n lewenswyse hê wat ooreenstem met God se wil, want as God se Gees die persoon se gedagtes en aksies bepaal, sal hy slegs doen wat goed is en hoef hy nie te vrees vir iets onregverdig nie. Maar hy moet op die innerlike stem let, hy moet homself oorhandig aan die werking van die Gees, dus moet hy sy hart oopmaak, sodat die gedagtes wat aan hom meegedeel word van die welwillende geestelike kant, hom kan beïnvloed.

Die mens se wil bepaal die geestelike wesens se invloed op hom. As hy begeer om deur God verlig te word, dan sal God wesens aan sy sy plaas wat sy denke korrek sal lei, mits hy hulle nie teenstaan nie. Teenstand sal egter `n onbuigsame wil wees wat nie gelei kan word nie, wat voor die versoek vir innerlike verligting, idees in gedagte gehad het en nie bereid was om dit op te gee, om homself dus sonder weerstand aan God se leiding toe te vertrou nie.

Enigeen wat God versoek vir geestelike verligting, moet bereid wees om homself gedweë te oorhandig aan Sy leiding, hy moet altyd net innerlik luister en gehoorsaam wees aan die influistering van sy hart wat hom aanmoedig om iets te doen of nie te doen nie. Hy moet hom laat lei deur sy gevoel, want dit is God se stem as die persoon ernstig daarna streef om te doen wat reg is. Hoe meer hy sy eie wil aktief laat word, hoe minder hoorbaar sal die Gees se stem wees, want God vereis `n afstanddoening van die wil, `n onderwerping aan God se wil om dan ongehinderd te werk in die persoon deur sy Gees.

God se Gees sal hoorbaar en duidelik praat in almal wat hulself onvoorwaardelik oorgee aan Hom, Hy sal hulle deur alle gevare lei, Hy sal hulle denke reg lei, en wat hulle moet doen al dan nie, sal ooreenkom met God se wil. Toegegee, dit sal nie strook met die mens se vereistes wat dit net sinvol ag om een aangewese doel na te streef nie, wat dus die persoon se eie wil aanspoor om aktief te wees en `n afstanddoening van die wil as `n tekortkoming beskou.

Maar solank as wat die mens homself so kragtig ag en glo om self in staat te wees om alles te bemeester, sal hy ongetwyfeld aardse sukses kan behaal, maar sal nooit geestelik vooruitstrewend ontwikkel nie, want sy denke en aktiwiteit sal nie altyd voldoen aan God se wil nie, omdat hy versuim om innerlike verligting van God se Gees te vra. Want God se vyandelike mag meng dikwels in met sy

denke en aktiwiteit. Die persoon luister na influisteringe wat gemaak word deur die wesens wat onderworpe is aan die teenstander en sy lewenswandel sal dienooreenkomstig wees.

Bid daarom vir die genade van innerlike verligting. Bid vir die werksaamheid van die goddelike Gees in julle, en vertrou julle dan toe aan die gedagtes wat in julle binnestroom. Volg die aandrang van julle hart en julle sal nie bang hoef te wees om verkeerd te dink of te handel nie, want God sal julle versoek verhoor en Hy sal Self werksaam wees deur Sy Gees in die mense wat hulself aan Hom toevertrou, soos wat Hy beloof het.

Amen.

Satan weet dat hy nie veel meer tyd het nie - Duiwels in die eindtyd

B.D. No. **3603**
15. November 1945

Die poorte van die hel gaan verder oop, namate die einde naderkom. Alle kragte van die duisternis ontplooi hulself en storm op die mense af en die vors van die onderwêreld het groot krag. Hy sien dat hy aan die einde van sy tyd gekom het en probeer dit nog op alle maniere te benut. En in hul verswakte wil stop die mense hom nie, maar hulle is sy gewillige dienaars, wie hy aanspoor om teen God op te tree, om hulle vir altyd van God te skei.

Die vors van die onderwêreld weet dat hy nie meer veel tyd oorhet nie. Onherroeplik sal sy mag gebreek word, wanneer die einde van hierdie aarde aangebreek het. En aan die woede van die Satan is dit te sien dat die einde nie meer ver is nie. Die gruwelikste gebeure hoop hy op. Daar word dade gepleeg wat niemand voorheen as moontlik beskou het nie. Die mense is vir niks meer bang nie en hulle besef selfs nie meer op watter laagtepunt hulle hulself bevind nie, in watter diepte hulle afgetrek is deur `n mag wat buite elke goddelike ordening staan, wat totaal sonder enige liefde is en wat ook in die harte van die mense elke vonkie liefde verstik; wat elke vlammetjie uitdoof wat nog in die verborgene swak gloei.

Dit is `n tyd van grenslose haat en die grofste liefdeloosheid. Die mense lewe onderling nie meer soos broers nie, maar hulle bejeën mekaar op elke manier as vyande. En slegs weiniges staan mekaar by en laat hulself nie geestelik oorweldig nie. Dit wil sê, hulle verweer hulle teen die inmenging van Satan en soek beskerming by God, vraend om hulp teen die vyand van hul siele. En in hulle is die liefde nog nie verstik nie en hulle optrede beantwoord aan die gebooie van God. En daarom sal hulle deur die vyand van hulle siele baie erg in die noute gebring word gedurende die laaste tyd, en wel deur hul medemens, wie die wil van hom uitvoer wat hulle wil verderf.

Die hel het haar poorte geopen. Talle duiwels kom daaruit en begewe hulle in die nabyheid van die aarde, waaroor hulle hul giftige asem versprei en hulself tot nut maak, volgens die wil van hulle meester. En bereidwillig word hulle opgeneem. Die mense self gee hulle hul speelruimte. Hulle duld hulle nie net in hul nabyheid nie, maar hulle staan hulle vrywillig die bodem af, waarin hulle slegte saad kan uitstrooi om hulle heeltemal te vergiftig. Hulle maak hul harte oop en verweer hulle nie teen diegene wat hulle probeer verderf nie.

En as daar `n dienaar van God kom wat die mense waarsku teen die kragte van die onderwêreld en hulle vermaan om hul deure te sluit en slegs toegang te verleen aan God en Sy Liefde, dan word hy onaangehoor die deur gewys. Op sy woorde word geen ag geslaan nie en die vors van die onderwêreld behaal die oorwinning. En dit gebeur slegs deur die wil van die mense, wat vry is om oor hulself te beslis.

En die einde kom steeds nader. God se stem sal nog vorentoe deurdringend gehoor kan word, maar sal ook slegs weinig aandag kry, omdat die mense hulle al te veel in die ban bevind van hom wat hulle omlaag probeer trek in die ryk van die duisternis in. En op die lig wat terselfdertyd helderstralend van bo na die aarde neerstroom, sal geen ag geslaan word nie. En daarom is daar geen terughou meer nie: Die verlossingsperiode sal ten einde loop, om deur `n nuwe tydperk opgevolg te word. Die satan sal gekluister en van alle krag gestroop word en saam met hom alle geeste wat hulle aan hom onderwerp het, soos verkondig in woord en geskrif.

Amen.

Sterk geloof - Die krag van die geloof

B.D. No. **3604**
16. November 1945

En elkeen sal gehelp word volgens sy geloof. Die mens wat My Gees in hom laat spreek, wat dus deur innige verbinding met My, poog om sy geesvonk te verenig met die Vadergees, sal vasstaan in die geloof, selfs wanneer hy ten tye van aardse nood swak en moedeloos word en My angstig om hulp vra. Die gebed tot My is `n teken van die geloof. Die aardse nood bring egter dikwels die liggaam in die noute in so `n mate, dat hy mag verkry oor die siel en hom skynbaar oorweldig. En dan word die mens angstig en moedeloos, maar sy geloof het nie opgehou nie. Want die siel wat eens die pad na My gevind het, sal altyd in nood aan My vashou en so haar geloof bewys. En vir haar kom Ek te hulp.

Dit is `n swak geloof wanneer die mens in tye van nood twyfel aan My en My mag, wanneer hy in gevaar is om die gees nie meer te laat geld nie en aan die wêreld sterker mag en regte toeken. Dan is sy geloof regtig in gevaar en dan kan Ek My ook nie openlik openbaar deur wonderbare hulp nie, omdat Ek dan die geloof sou afdwing, maar dit is vir die siel van die mens skadelik.

Maar wanneer die mens daagliks om My Vaderliefde worstel, wanneer hy hom voortdurend aan My Liefde en genade toevertrou en al sy bekommernisse en behoeftes in gebed aan My voorlê, sal hy ook `n diep geloof hê. En hy moet slegs probeer om die liggaam soveel moontlik die swye op te lê, dit wil sê, hy moet minder aandag aan die aardse probleme skenk en hulle heeltemal gelowig aan My voorlê. Hy moet poog om die siel alleen te laat praat, om dus deur die stem van die Gees die uitstraling van My Liefde te verneem, wat hom krag sal gee om ook die probleme van die liggaam te bemeester. Want die gelowige sal gehelp word, omdat Ek myne nie in nood laat wanneer hulle My om hulp aanroep nie.

En hoe minder aandag hulle skenk aan die behoeftes van die liggaam, des te minder sal dit hulle beswaar. En dit is die krag van die geloof, naamlik om alle aardse sorge aan My oor te laat en rustig op My hulp te wag. Die liefde vir My skepsels spoor My daartoe aan om hulle voortdurend hulp te gee, in die besonder as hulle hulself in geestelike nood bevind. En die geestelike nood raak des te groter, hoe verder hulle van My verwyder is, dus ook sonder geloof is. En dan moet die aardse nood weer hard op hulle druk, sodat hulle die weg na My kan vind.

Maar wie die weg na My gevind het, wie bewustelik My Liefde begeer en dus in My glo, in My Liefde, Wysheid en Almag, het geen harde opvoedingsmiddele meer nodig in die mate soos die ongelowige nie en hy kan ek altyd helpend benader. En sy lot op aarde sal ligter wees, ofskoon hy ook nie heeltemal vry daarvan kan bly nie, weens sy medemens en tot loutering van sy eie siel. Maar steeds sal Ek tot hulp bereid wees, wanneer sy roep uit sy hart na My opstyg.

Laat My Gees dus voortdurend tot jou spreek. Luister ook in aardse nood aandagtig na die stem van die Gees in jou, verbind jou dus in gedagte innig met My en luister na My stem, wat jou sal troos en krag gee, wat jou die innerlike vrede sal teruggee wanneer jy dreig om dit te verloor en wat jou ook aardse raadgewinge sal laat toekom wanneer jy dit nodig het. Want as jy met My verbonde bly, kan daar niks op jou afkom wat jou kan skaad nie, omdat My nabyheid jou altyd sal bewaar teen die werksaamheid van die kragte van die duisternis. Want waar die lig is, kan nooit duisternis wees nie. En waar Ek is, het die vyand van jou siel nooit toegang tot jou siel nie.

En prent dit goed vir jou in, naamlik dat Ek alle nood kan verdryf. En as jy diep en onwankelbaar daarin glo, is My hulp vir jou verseker. Worstel vir `n sterk geloof. Bid sonder ophou daarvoor. Dan sal alle nood ver wegbly van jou, omdat jy self in staat is om dit met My krag te besweer, wat jou `n sterk geloof sal gee.

Amen.

Paradys - Stormagtige tye voor die Laaste Oordeel

B.D. No. **3606**
20. November 1945

Die laaste oordeel sal `n einde maak aan alle gruwels en daar sal vir `n lang tyd vrede op aarde wees. Daar sal `n toestand van goddelike orde op aarde bestaan waar slegs liefde sal regeer, waar die liefde alle mense onderling sal verbind, waar die liefde van die enkeling ook die werksaamheid van God se Gees gewaarborg sal wees, waar elke mens in staat sal wees om God se Stem te hoor en uitermate gelukkig sal wees om te weet dat God so naby aan hulle is en waar God ook sigbaar onder sy eie sal vertoef op `n wyse wat nog vir die huidige mense ondenkbaar is. Mense op die nuwe aarde sal weer in die paradys lewe, in siele harmonie, in vurige verlange na God en Sy Liefde en in voortdurende vervulling van hul verlange. En al die boosheid sal vir `n lang tyd verban word.

Maar voordat hierdie toestand op aarde kan bestaan, moet `n storm oor die aarde kom wat `n reinigende en verwoestende effek sal hê, `n storm waarin slegs die diep gelowige en God-getroue mense sal kan standhou. Hulle sal in groot nood beland, maar die tyd van hul verdere lewe op die nuwe aarde, sal ruimskoots vergoed vir alle vorige nood en lyding. Want sodra die bose magteloos geword het, sal hulle nie meer geteister word nie en die geluksaligste vrede sal hulle lot wees. En daarom moet die finale stormagtige tyd nie deur die gelowiges gevrees word nie, want God se wil is Meester bo al hierdie gebeure. God se liefde sal werksaam wees onder Sy eie en Sy Mag sal die mag van Satan op die regte tyd breek.

En ongeag van wat die gelowiges te wagte kan wees, - wêreldse mag, menslike haat of liefdeloosheid, sal dit nie in staat wees om die komende saligheid op aarde of in die koninkryk van die hiernamaals te verhoed vir diegene wat getrou sal bly aan God nie. Hulle sal die siel nie kan doodmaak nie, ook al wil hulle die liggaam doodmaak. Maar God sal ook dit verhoed, omdat Hy wil hê dat Syne die paradys op die nuwe aarde moet bewoon, omdat hulle die stamouers van die nuwe geslag moet vorm en omdat hulle skadeloos gestel moet word vir hul vorige tyd van nood, as `n teken van God se oorgroot liefde Wie vir Sy eie `n salige lot op aarde wil berei. En daarom sal hulle ook in die tyd van storm deur God toegerus word met buitengewone krag, waarmee hulle in staat sal wees om alle boosheid te oorwin en wat hulle in staat sal stel om teen die ergste vyandigheid stand te hou. Want die grondslag van hulle geloof sal erg geskud word. En slegs in diegene wat hulle begeerte vir die aardse wêreld oorwin het, sal die krag ontstaan om weerstand te bied.

Maar iemand wat steeds sal toelaat om betower te word deur die aanloklikheid van die wêreld, sal alle weerstand opgee. Hy sal nie behoort aan die skare van God-getroues nie. Hy sal sy siel verkoop vir `n slegte beloning, want hy glo dat wat hy gekry het, sal op die Oordeelsdag verval. En alle gruweldade sal op hierdie dag tot `n einde kom, alle God-weerspannige geeste sal verban word en die hele heelal sal `n toestand van rus betree, `n toestand van vreedsame aktiwiteit wat onvergelykbaar sal wees met die rus van die dood, wat die lot sal wees van die verbande geeste wat in volledige kragteloosheid in vaste materie gekluister sal word en wat vir eindelose tye nie werksaam sal kan wees nie.

En hierdie tyd gaan julle mense nou tegemoet, en julle het nie veel meer tyd oor nie. As julle gereed wil wees gedurende die laaste dae voor die dag van oordeel, moet julle nog ywerig werk om julleself te verbeter. Julle sal steeds inniger in kontak met God moet kom. Julle sal daagliks en uurliks krag moet versamel en volhard in voortdurende gebed, sodat julle voortdurend kan krag ontvang, sodra julle jul harte oopmaak en God se genade en krag begeer. En Hy sal by Syne wees en met hulle vertoef tot aan die einde. Hy sal by hulle vertoef in die paradys op die nuwe aarde en onlosmaaklik met hulle verbonde bly tot in alle ewigheid.

Amen.

Oorsaak, sin en doel van leed - Insig en Verganklikheid

B.D. No. **3610**
22. November 1945

Die wêreldsgesinde mense is so ver van die waarheid verwyder, dat hulle daardeur ook nie weet welke krag daar uit die geloof en die innige verbinding met God te put is nie. Hulle skenk daarom steeds net aandag aan wêreldse gebeurtenisse en besef nie dat die verkeerde houding teenoor God die oorsaak is van alle wêreldgebeure wat die mense leed aandoen nie. En solank hierdie insig by die mense ontbreek, sal hierdie smartlike toestand nie verander nie. Die leed sal slegs weer ander vorme aanneem, sodat die mense deur die verskeidenheid van hul nood en beproewinge eens op die gedagte sal kom dat `n ander Mag as die menslike mag agter alle teenspoed staan. Dat nie net die menslike wil die veroorsaker is nie, maar dat die wil van `n hoër Mag tegelykertyd in aksie kom en dat hulle teenoor hierdie hoër Mag `n vaste standpunt sal moet inneem.

Die kennis van die suiwer waarheid verklaar alles. Dit maak die groot nood begryplik, omdat oorsaak, sin en doel daardeur herkenbaar is. Dan eers is daar ’n moontlikheid vir verandering, wanneer die mense hulle by die sin en die doel aanpas, dus probeer om die oorsaak van lyding en nood op te hef, wat egter vir die wêreldsgesinde mens onbegryplik is en sal bly solank die wêreld vir hom die vernaamste sal wees, solank hy sy liggaam alle voorregte verleen en die siel gebrek laat ly.

Die kennis van die waarheid kan egter slegs aan die mens gestuur word wat hom van die wêreld losgemaak het, want sodra die kennis aan die wêreldsgesinde mens oorgedra word, sien hy dit nie as waarheid in nie en wys hy dit daarom af. Derhalwe moet hy deur vergrote leed in `n toestand geplaas word waarin hy bereid sal wees om die waarheid aan te neem, deurdat hy deur lyding en nood geleer het om die waardeloosheid van wêreldse goedere in te sien en die verlange daarna verminder het. En beantwoordend daaraan styg die verlange na die waarheid, op voorwaarde dat hy nie deur slegte kragte beïnvloed sal word wat sy denke heeltemal verwar en hom van die waarheid probeer aflei nie, wat die haat in die mens aanwakker, hoe meer die wêreld met haar vreugde hom teleurstel. Hierdie mense vind nie meer die verbinding met God op aarde nie en elke middel wat God aanwend, mis sy doel.

Want dit is vir die siel van die mens van groot voordeel, indien sy nog op aarde die verganklikheid van aardse besit leer insien, wanneer sy leer om dit te verag en nie meer oormatig aan die aardse gebind word nie, wanneer die siel vanaf die aarde heengaan, selfs as sy in `n lae toestand van volmaaktheid die hiernamaals ingaan.

Die oorwinning van die materie in die geesteryk is dan nie so moeilik nie en die positiewe ontwikkelingsproses kan vinniger voltrek word, sodra daar eenmaal `n begin daarmee gemaak is in die geesteryk. Hierdie siel neem in die geesteryk die waarheid wat haar aangebied word eerder aan, sy is nie meer so weerspannig teen God as op aarde nie. En daarom is die lot van die siele wat heengegaan het, nie so hopeloos wanneer hulle op aarde deur groot leed die verganklikheid van aardse goedere ingesien het nie, wanneer sy skynbaar in ’n tyd van nood haar aardse lewe as slagoffer verloor het.

Sodoende is ook die leed en die nood wat deur die bose wil van mense veroorsaak word, nuttig vir die siele wat nog ver van God verwyder is. En daarom laat God dit toe dat die mense in vrye wil teen mekaar tekere gaan tot Hy dit self sal stopsit, as dit met sy plan van ewigheid ooreenstem. En solank as wat die mense in onwetendheid lewe, solank hulle hul ore sluit vir die waarheid, laat Hy hulle deur hul eie handelinge volwasse word en hulle sal deur onuitspreeklike nood en lyding moet gaan, omdat hulle dit self so wil en daarom ook self die veroorsakers van hul lyding is.

Amen.

Bewustelik innerlik luister - Die stem van die gees

B.D. No. **3612**
24. November 1945

Om bewustelik innerlik te luister, bevorder geestelike ontwikkeling tot `n groot mate, want dit stel jou in staat om krag te ontvang vanuit die geesteryk. Dit demonstreer die wil om kontak te maak met die geestelike sfeer, dus met God, en waar hierdie wil bestaan, is daar ook die waarborg dat God

naby aan `n persoon sal kom, dat Hy Homself sal openbaar, verstandelik of deur middel van die stem van die gees wat egter slegs gehoor kan word deur `n persoon wat homself voorberei het vir die ontvangs van geestelike gawes. Maar hy sal grootliks geseënd wees, `n bron sal vir hom oopgemaak word waaruit hy voortdurend `n heerlike verfrissende drankie sal kan kry; God sal Self vir hom `n geskenk aanbied wat sy hoër ontwikkeling sal bevorder, want dit kom van God af en is `n middel om die persoon heeltemal te verenig met God. `n Ongelooflike rykdom van genade sal vir hom toeganklik gemaak word, die ewige skatte wat afkomstig is van die geesteryk en wat die persoon saam kan neem na die geesteryk om daar met hulle te werk vir sy eie geluk en vir die redding van ontelbare siele in nood.

Die geestelike rykdom wat ontvang word deur `n persoon deur die innerlike stem, is dikwels so groot dat hy nie in staat is om dit ten volle te verstaan en te gebruik nie, maar hy sal onvoorstelbaar gelukkig wees in die geesteryk, want die omvang van sy rykdom bepaal ook sy aktiwiteit en die graad van sy geluk. Hy het die goddelike gawe uit vrye wil aanvaar, hy het vrywillig gewerk om homself te omvorm om die Krag van die Gees te ontvang, en dit sal deur God geseën word en Hy laat Sy Gees in werking tree in die persoon, Hy voorsien hom met krag en genade, Hy gee hom onbeperkte kennis en lei hom in die ewige Waarheid in. Maar hy kan nooit hierdie heerlike geskenk bied aan `n mens wat niks doen om hom ontvanklik te maak nie, wat versuim om te werk om homself te verbeter, of wat nie bewustelik innerlik luister nie, want die oordra van geestelike rykdom aan hom sal verpligte geloof veroorsaak en die siel teen haar wil laat volwasse word, maar dit sou teen die goddelike orde wees.

God sal geestelik praat met iemand wat in kommunikasie met Hom bly, wat Hom vra en wag vir die antwoord en so ook bewustelik innerlik luister, Hy sal die persoon se gedagtegang in die regte rigting stuur, Hy sal hom onderrig volgens sy geloof en geestelike volwassenheid. Want elke verbinding met God deur gebed of gedagtes wat neig na Hom, maak die hart oop vir die instroming van krag uit die geesteryk, en hierdie persoon kan altyd toegerus word met krag en genade. Hy word `n houer vir die goddelike Gees sodra hy glo in die werking van die Heilige Gees, in God se werking in die mens. Hierdie geloof is die voorvereiste om ontvanklik te word, andersins sal die mens nie bewustelik kan luister na wat die stem van die Gees sê nie. En hierdie geloof word maar selde gevind, gevolglik manifesteer die werking van die Gees maar selde.

Dit is ook die rede vir die mensdom se geestelike ontbering, omdat hulle die bron van lewe ignoreer waaruit hulle altyd in staat sal wees om hulle te verfris en te versterk. Die mens kan nie geestelik volwasse word sonder `n geestelike vloei van krag nie, hy kan nie vorder nie, maar bly op dieselfde stadium van ontwikkeling. Geestelike krag kan slegs vanaf die geesteryk oorgedra word na die aarde en vereis dus `n verbinding tussen die geesteryk en die aarde, wat vrywillig gemaak moet word. Waar hierdie wil afwesig is, is die mense swak, die siele ly geestelik en kan nie hulp ontvang nie. Om hierdie rede maak God gebruik van `n mens wat homself ten volle bewustelik beskikbaar stel as `n bemiddelaar tussen die geesteryk en die aarde, wat met `n diep geloof in God se werking deur die Gees, homself as `n ontvangsterminaal, as `n houer vir die goddelike Gees aanbied, te danke aan sy wil om sy medemens te help en van diens te wees aan God. En so vloei goddelike gawes van barmhartigheid sonder maat na hom, die bron van goddelike wysheid gooi in hierdie houer tot voordeel van almal wat daaruit gaan drink, wat nie die bron van die ewige lewe omseil nie, maar verfris en versterk hulle op hul reis deur die lewe. Hul weg na bo sal `n maklike een wees, hulle sal reis deur vas te hou aan God se hand en dus veilig die doel bereik, want Sy gawe is heerlik en waarborg geestelike sukses vir almal wat dit uit sy hand aanvaar.

Amen.

Voorwaardes vir die werking van die Gees

B.D. No. **3615**
28. November 1945

Jou kennis sal gefragmenteerd wees solank die Gees in jou, jou nie onderrig nie. En jou bekommernisse en ondersoeke sal nie voldoende wees indien jy jouself nie vooraf met My in verbinding gestel het, vraend om My Gees, om verligting van jou denke nie. En wie derhalwe sy

kennis verkry het sonder om My hulp vooraf af te gesmeek het, kan wel van menslike wysheid spreek, maar sal nooit goddelike wysheid syne kan noem, naamlik 'n kennis van die geestelike ryk betreffend en ooreenstemmend die waarheid nie.

Want slegs Ek deel daardie kennis uit. Weliswaar aan elkeen wat dit begeer, maar met die vereiste dat dit nagekom sal word volgens die voorwaardes wat Ek stel, sodat My Gees in die mens kan werk. Dus is kennis, die suiwer geestelike waarheid, altyd alleen dan gewaarborg, wanneer die een wat vra, homself heeltemal onderwerp aan My wil, wanneer hy sal leef volgens My leer, in liefde vir My en vir die naaste. Aan hierdie vereiste moet die mens eerstens voldoen, indien hy waardig geag wil word vir My genadegawe, naamlik die oordra van die suiwer waarheid deur My Gees.

Verder moet hy 'n diep verlange na waarheid hê. Hierdie voorwaarde stel Ek ook. Maar hieraan word weinig aandag geskenk. Want as voorwaarde om kennis te ontvang wat ooreenstem met die waarheid, moet die mens homself eers ontdoen van sy kennis wat hy van mense ontvang het. Dit wil sê, hy mag nie self aanneem om reeds wetend te wees nie, omdat hy hom andersins moeilik sal open vir die toestroming van die suiwer waarheid, indien dit nie gaan ooreenstem met sy ou kennis nie.

Voor die oordrag van die suiwer waarheid kan plaasvind, moet die persoon bereid wees om afstand te doen van die kennis wat hy besit. En hierdie wil sal slegs deur die mens opgebring word wat nog nie oortuig is van die waarheid van sy eie kennis nie. Glo hy egter om die waarheid te besit, sal hy waarskynlik nooit daarvoor vra nie. En gevolglik kan dit ook nie aan hom oorgedra word nie. Die dwaling van sy kennis kan dus nie blootgelê en uitgeroei word nie. Die volledige vrywillige oorgawe aan My en die luister na wat Ek hom sal bekendmaak deur My Gees, is die enigste manier om tot die suiwer waarheid te kom.

En daarom moet die mens 'n diep geloof besit. Hy moet vas daarvan oortuig wees dat Ek die waarheid aan hom kan en wil oordra. Hy moet oortuig wees van die werksaamheid van die Gees in homself, van My regstreekse werking in die mens, anders sal hy nie in stilte gaan en luister na wat My Gees aan hom verkondig nie.

Die bewustelike aandagtig luister na binne is dus eweneens 'n voorwaarde wat vervul moet word om My te kan hoor. Want die stem van die Gees is saggies en teer en weerklink slegs in die een wat homself heeltemal van die wêreld sal afsluit, wie dus in sy binneste sal luister, wie dus daardeur die verbinding met die geestelike ryk tot stand sal bring, - met My, as gewer van die Waarheid, as die Vadergees, Wie se deel as geesvonk in jou siel rus. Jy moet die Gees in jouself laat spreek en jou siel so vooraf omvorm dat sy in staat sal wees om die uitgiet van die Gees te kan opneem. En die oorvloedigste kennis sal die aandeel wees van 'n mens wat hierdie voorwaardes sal vervul, wat ernstig na die waarheid sal streef en My, as die Ewige Waarheid, daarom vra.

Want Ek wil die waarheid aan die mense gee. Ek wil nie dat hulle in duisternis van gees voortgaan nie. Ek wil hulle na My toe trek, na die geestelike ryk. En dit is slegs moontlik deur die oordrag en ontvangs van die suiwer waarheid wat alleen na My lei, omdat dit van My uitgegaan het. En wie dus soek, sal die regte gedagtes hê. Hy sal binnedring in die diepste kennis, in die geestelike gebied wat geslote sal bly vir al diegene wat op een of ander wyse poog om kennis te bekom, want dit is My wil.

Die gebed om verligting van gees deur die Gees alleen waarborg nog nie Sy werksaamheid as die ander vereistes ook nie in ag geneem sal word nie. Ek sal egter nie daarvan afsien nie, omdat die één die ander bepaal. Want 'n geestelike gawe kan slegs aangebied word wanneer My wet nagekom word, wat van ewigheid af vasgelê is.

Amen.

Die proses van verlossings - Ewighede - Hel - Verdoemenis

B.D. No. **3619**
4. Desember 1945

Dit verlossingsproses van die gees duur solank as wat die gees self daarvoor nodig het. Dus kan daar nie van dieselfde tydsduur gepraat word nie, maar elke wese bepaal dit self, deur die

hardheid van sy weerstand, deur sy wil om homself te laat verlos. En daarom kan daar ewighede verbygaan, voordat hierdie proses voleindig is en daar mag verskeie verlossingsperiodes hiervoor nodig wees, maar daar kan ook net een tydperk wees wat toereikend sal wees vir die verlossing van die gees, sodra hy self gewillig is en die verlossing in die laaste stadium bewustelik sal nastreef.

Dit laaste stadium kan vroeër of later in `n verlossingsperiode deurgemaak word deur die gees, want ook hier is die wil van die gees in gebonde toestand deurslaggewend, ofskoon sy wil nie vry is nie. Die wese moet wel sekere aktiwiteite verrig, maar kan nie teen die goddelike Wil ingaan nie. Maar hy kan hierdie taak gewilliglik nakom, hy kan self streef na `n losser maak van sy kettings en dan sal hy nie so `n lang tyd nodig hê vir sy positiewe ontwikkeling in die "jy moet" toestand nie en kan hy des te gouer die laaste stadium van wilsvryheid binnegaan, waarin hy finaal sal moet kies of hy in liefde en uit vrye wil bereid sal wees om diensbaar te wees, of sal terugval in sy weerstand teen God.

En daarom kan `n wese wat in die voorstadium vinnig opwaarts geklim het, deur `n onbenutte lewe op aarde as mens die verlossingsproses self langer maak, terwyl hy dit dan in die ryk hierna sal moet voortsit onder aansienlik moeiliker omstandighede. In die geesteryk kan daar weer ewighede verbygaan, voordat hy die ligryk sal kan binnegaan. Ook bestaan die moontlikheid dat hy dieper kan wegsink en uiteindelik weer die gang deur die skepping sal moet gaan met gebonde wil, dat daar dus `n tweede verlossingsperiode nodig sal wees en ook dalk meer vir hierdie wese, om eendag sy doel te bereik.

`n Gees wat met harde weerstand teen God volhard, sal `n heelwat langer tydsduur nodig hê vir sy verlossing. Hy sal in harde materie vasgehou word en sal ewighede nodig hê vir sy positiewe ontwikkeling in die "jy moet" toestand, maar ook dit sal eenmaal lei na die laaste stadium as mens, waarin hy die laaste wilsproef sal moet aflê. Ook dan bestaan die gevaar van `n stilstand of agteruitgang, maar ook die moontlikheid van `n volkome verlossing.

Maar die laaste sal voorwaardelik steeds kleiner word, hoe verder `n verlossingsperiode gevorderd is. Kennelik is die weerstand teen God nog nie gebreek nie, ondanks die eindelose gevangenskap vooraf. Dit blyk uit die lae geestelike vlak van die mensdom, uit hul ongeloof en uit `n lewe sonder verbinding met God. Maar die mense wat in hierdie tyd tog hulle doel bereik, moet ’n baie sware stryd verduur as vergoeding vir hul eindelose lang weerstand vooraf, maar kan ook uitermate baie krag en genade verwag van die kant van God, wat die wese sal bystaan in oorgrote Liefde om hom na die doel te lei.

Maar die wese wat faal, sal onherroeplik nogmaals die ontwikkelingsgang moet deurgaan, sonder dat hy die geleentheid gebied word om in die hiernamaals volwasse te word, want hy het nie die volwasse graad bereik wat vir `n positiewe ontwikkeling in die hiernamaals vereis word nie. Hy is baie meer in die mag van Satan, dus al sovêr weggesink, dat alleen nog die binding in vaste materie - naamlik `n volgende gang deur die skepping in die toestand van "jy moet" - die wese sal kan help om die groot afstand na God te verminder en sodoende ook die totale kragteloosheid, wat die gevolg van sy verwydering van God is. En so is dit moontlik dat verskeie ontwikkelingsperiodes nodig sal wees om `n wese na die doel te bring.

En daarom word daar ook van die ewige verdoemenis gepraat, van hel en dood, omdat dit tydperke is wat na menslike gevoel ewighede duur, wat die verstand van die mens met sy begrip van tyd nie kan verstaan nie en wat daarom ook die erbarmende Liefde van God duidelik maak, waarmee Hy te alle tye op die mense probeer inwerk en in die besonder in die tyd van die einde, om hulle van so `n herhaalde gang oor die aarde te bewaar, om hulle te bring in die toestand van volwassenheid, wat `n ingaan in die ryk hierna moontlik maak om die ontwikkeling daar voort te sit. Want eendag sal die tyd uitgeloop wees wat God die gees toegelaat het om homself te verlos en `n nuwe tydperk sal begin volgens verlossingsplan van ewigheid, wat aan al die gebeure ten grondslag lê en wat slegs die verlossing van die onvrye gees ten doel het.

Amen.

Groot ontbering vóór die laaste reddingsmissie

B.D. No. **3620**
5. Desember 1945

En so lei Ek julle op `n weg wat, hoewel inderdaad hard en klipperig, definitief by die doel sal eindig wat julle op aarde moet bereik. Julle sal nog vreeslike ure beleef en sal steeds nader aan My moet kom, julle sal baie ellende in julle omgewing sien en sal julleself dikwels afvra waarom Ek sulke wanhoop toelaat. Julle sal self groot ontbering ervaar en sal My in vrees aanroep, maar julle gebede sal nie tevergeefs wees nie. Ek sal altyd gereed wees om te help wanneer die ontbering sy hoogtepunt bereik het, soos wat Ek julle beloof het, omdat Ek julle teen die ergste sal beskerm, omdat julle Myne is en My wil dien en as My arbeiders die voordeel het van My versekerde beskerming. Wat ookal gebeur, moenie opgee nie, omdat wat My Wil toelaat om te gebeur, noodsaaklik is vir die siele van mense wat na aan julle is en My nie kan vind nie. Maar wanneer die tyd reg is, sal Ek tussenbeide kom. Ek sal geen steen onaangeroer laat om meer siele te wen alvorens Ek die laaste reddingsmissie vóór die einde begin het nie, want baie sal hul aardse lewe verloor en Ek wil nog die lewe van hul siele bewaar, sodat hulle die geestelike koninkryk met `n skynsel van lig kan ingaan.

Dit is die doel van die groot ontbering vóór die einde. En julle sal getuies wees daarvan, al is dit net tot sovêr as wat dit vir julle draaglik sal wees. Die haat en die liefdeloosheid van mense sal die begin van die teenspoed wees, hulle kan nie tevrede wees nie, hulle sal nie in vrede wil lewe nie, hulle sal haat aanblaas op enige manier en sal die mense so in groot probleme inforseer. Hulle sal deur Satan regeer word en sal sy gewillige dienare wees. Geen huis sal gespaar bly van vyandige dade nie, geen mens sal van lyding gespaar word nie en geseënd is hy wat sy toevlug in My neem, hy sal gehelp word en telkens deur My sterke hand gelei word, telkens sal sy weg verlig word en sy doel sigbaar wees, wat Hom vreugdevolle hoop sal gee om alle teëspoed moedig te oorwin. Wie My hand sal neem en hom daardeur laat lei, hoef nie te vrees nie, maak nie saak hoe erg sy ontbering sal wees nie. Wie My aanroep, sal Ek verhoor en hom nie sonder hulp laat nie. Omdat Ek julle My Woord gegee het dat Ek julle sal beskerm en vir julle sal sorg, dus kan julle My met blinde geloof vertrou en alles aanvaar wat met julle gaan gebeur, omdat My wil alle ontbering op die regte tyd sal beëindig.

Amen.

Wie My sien, sien die Vader.

B.D. No. **3621**
6. Desember 1945

Wie My sien, sien die Vader, want die Vader en Ek is één. Ek het die mense hierdie woord gebring, maar hulle het dit nie herken as God se woord nie, naamlik as uiting van Sy oneindige Liefde vir Sy skepsels nie, hulle het dit beskou as die woord van `n mens, deur My aangebied uit Myself, omdat hulle in die duister was en hulle niks geweet het oor die werksaamheid van God in die mens nie en dus kon hulle die stem van God nie meer self verneem nie, wat vir hulle `n bewys sou gewees het van die teenwoordigheid van God, van Sy werklike bestaan en Sy nuwe verbinding met die mens. Maar Ek wou vir hulle hierdie kennis gee, Ek wou hulle vertroud maak met die Krag van die liefde en die geloof, sodat hulle van die teenwoordigheid van God voelbaar bewus kon word wanneer hulle My leer ter harte sou neem. Ek het as Bemiddelaar na hulle toe gekom, deur God gestuur om in Sy opdrag die mense wat van goeie wil was, Sy woord te verkondig.

Die VADERGEES van ewigheid het in My gebly om openlik deur My werksaam te wees. Wat Ek gespreek en wat Ek gedoen het, was Sy werk, Sy Wil, Sy Krag en Sy Liefde. Ek was maar net die vorm waardeur God Homself geopenbaar het, omdat Sy aanwesigheid vir die mense wat hulself in `n diep geestelike duisternis bevind het, andersins onverdraaglik sou wees En die Een wat deur die VADERGEES omhul was, was ook van Hom af, want alles in My het gestreef na die bereiking van die VADERGEES, ofskoon dit `n sterflike omhulsel was, net soos by elke ander mens. Maar dit het onsterflik geword deur die Gees, wat in hom (sterflike omhulsel) was. Ek was die mens Jesus, maar slegs volgens die uiterlike vorm, want alles in en van My was vergeestelik deur die Liefde, Ek was verenig met die ewige Liefde van Wie Ek nie geskei kan word nie, gebonde vanaf ewigheid.

God as Gees is nie vir die mense sigbaar nie, maar in My persoon het Hy Homself vir hulle sigbaar gemaak, Hy het My liggaamlike kleed aangeneem en Homself hierin aan die mense vertoon, Homself laat sien as Wysheid, Liefde en Almag. En My werksaamheid op aarde het diegene wat in My geglo het, die goddelikheid bewys, deur wonderwerke wat slegs vir God moontlik was en wat My Wil kon verrig, omdat God in My was en dit Sy Wil was wat My dus deurstroom het, Sy Wysheid en Sy Krag. En so het daar dus geen skeiding meer tussen God en My sterflike omhulsel bestaan nie, Ek het één geword met Hom, Hy het My heeltemal vervul, Hy het Self op die aarde in My uiterlike vorm gewandel, wat slegs `n werk van Sy Liefde was, om die mense nader na Hom toe te bring.

En Ek het hulle Sy woord gebring, Hy het Self deur My die ewige Woord gespreek, het vlees aangeneem om Homself deur die mense te laat hoor. Want hulle was nie meer op hoogte van die geheimenis van die ewige Liefde nie, naamlik die VADERGEES van ewigheid, Wie se Woord die verbinding tot stand gebring het met die mense. Hulle het nie meer die Krag van Sy Woord geken nie, wat alles na Homself trek wanneer Hy werksaam word by die mens, hulle het nie geweet dat elke mens in staat was om die goddelike Woord in homself te verneem nie, as hy homself tot liefde omvorm volgens God se Wil om die goddelike Liefde in homself te kan opneem nie. En daarom het God Self na die aarde toe gekom en Hy het hulle weer die kennis gebring dat die mense verlos moet word uit hulle duisternis.

En die mense het Hom nie herken nie, hulle het My as mens gevolg, terwyl Ek die goddelike in My gedra het. En Ek moes dit laat gebeur om hulle wil nie onvry te maak nie. Ek het hulle die Woord gebring, maar hulle het dit nie aangeneem nie en hulle het Hom nie in My herken, wat My geheel en al vervul het nie, hulle het My gesien, maar nie vir God in My nie. Wie Homself nie vir hulle oë verberg het nie, inteendeel, Wie tekens en wonderwerke verrig het om die blindes siende te maak. Maar aan die gelowiges, aan hulle het Hy Homself in Sy Liefde, Wysheid en Almag openbaar en hulle het Hom sien opvaar na die hemel in alle glorie, hulle het My omhulsel voor hulle oë gesien vergeestelik en in stralende Lig hoër opstyg na die ryk wat hulle Vaderland van ewigheid af was.

Amen.

Die hemelvaart van Christus - Verheerliking

B.D. No. **3622**
7. Desember 1945

My lewe op aarde was `n weg van liefde wat Ek afgesluit het met My dood aan die kruis.

My liggaam was op aarde, en dit was onderhewig aan al die natuurwette. My siel was by God. Sy het `n geestelike lewe geleef en daardeur sterk genoeg geword om ook die liggaam aan Haar te onderwerp, om ook eweneens na God te streef. En daardeur het siel en liggaam vergeestelik geword, sodat die uiterlike vorm wat met God, - die ewige Vader - in alle volheid gevul was, nie meer `n struikelblok vir Sy werking was nie. Die uiterlike vorm kon dus nie meer ’n prooi word van die liggaamlike dood nie, omdat slegs materie wat onvolwasse geestelike substansies huisves, sterflik is, d.w.s. in homself veranderlik, maar nie volkome vergeestelikte substansie nie.

En daarom kon siel en liggaam die geesteryk binnegaan, want hulle was volmaak, hulle was deurskynend en deurdrenk met lig en krag en kon nou die aarde verlaat,- `n gebeurtenis wat My dissipels moes deurmaak, wat voor hulle oë afgespeel het, sodat hulle die heerlikheid van God kon aanskou en hulle krag kon ontvang vir hul sending op aarde wat daarna begin het om die mensdom te verlos. Hulle taak was om mense in te lig van My daad van Verlossing, van My lewenswandel, My onderrig, van My smartlike lyding en dood aan die kruis en van My opstanding en hemelvaart.

En vir hierdie taak moes hulle voorberei wees, hulle moes self `n lewe van liefde leef, hulle moes diep gelowig wees, hulle moes My as hulle Vader van die ewigheid herken. Hulle moes My leer in geheel in hulleself opgeneem het om nou weer ander verder te kon lei. Hulle moes bekend wees met die waarheid om My offerdaad te verstaan, en dus moes hulle lewende volgelinge wees en in staat om met innerlike oortuiging te predik. En om hierdie rede moes hulle My hemelvaart op aarde meemaak, die laaste teken op aarde van My heerlikheid, My goddelikheid, wat Ek as menslike wese aan hulle

kon gee, naamlik dat My lewe op aarde afgesluit is, maar dat dit lewend moes bly vir Myne, vir so lank as wat die wêreld sal bestaan. Want My verheerliking was die vervulling van dit wat Ek gepredik het. Dit was inderdaad begryplik vir My dissipels, maar slegs verstaanbaar vir mense wat My sal navolg en `n lewe van onbaatsugtige liefde leef en daardeur in staat gestel word om die ewige waarheid te begryp en die diepste goddelike Wysheid in hulleself op te neem. Dan sal My hemelvaart ook vir hulle geloofwaardig wees. Want hulle sal weet dat die vergeesteliking van siel en liggaam die doel van die aardse bestaan is en dat die ontvangs van die strelendste lig die gevolg daarvan is. Daarom was die doel van my lewe op aarde net die prediking van die liefde. Daarom het die Woord vlees geword om die mense op die regte weg te wys, om vir hulle 'n lewe in liefde voor te lewe en om hulle aan te spoor om My te volg.

Slegs die liefde bring 'n vergeesteliking tot stand en slegs die liefde verlos die mensdom van die dood en wek hulle op tot die ewige lewe.

Amen.

Word soos die kindertjies

B.D. No. **3624**
10. Desember 1945

Word soos kindertjies en vlug na My toe in alle nood. En vrees nie, want julle hemelse Vader laat niks toe wat jou welsyn nie dien nie. Glo en vertrou My, julle Vader van ewigheid, dat Ek my hande beskermend bo julle uitsprei. En sien in elke nood van die liggaam slegs 'n liefdevolle opvoedingsmiddel wat bedoel is vir jou siel. Maar weet ook dat die nood van die liggaam deur My opgehef sal word as jy vas daarin sal glo en My vaderliefde in alles sal herken wat ookal gebeur. Wees sorgeloos soos kindertjies en laat elke sorg oor aan julle Vader. En let slegs daarop om die wil van julle Vader in die hemel te vervul, en My vaderliefde sal julle vasgryp en julle aan My hart druk. Vra en bespiegel nie angstig wat gaan kom nie, maar bly rustig en wag slegs op die hulp van julle Vader wanneer die nood op julle druk. Vertrou ten volle op My en Ek sal julle lei op al julle weë. Julle sterkte lê in die kinderlike vertroue en in deemoedige gebed, want dit sal Ek nie beskaam nie en Ek sal julle altyd verhoor. Maar moenie bang wees en moenie twyfel nie.

Die liefde van die Vader sal julle red uit elke gevaar en die geroep van die kind sal nooit ongehoord wegsterf nie. Maar om te word soos die kindertjies sal julle alle weerstand moet opgee. Julle sal steeds maar moet wil dat Ek julle by die hand neem. En julle sal My gewillig moet volg en nooit ander paaie wil gaan nie. En so sal julle in gelowige vertroue moet vra en julle nou vol oorgawe op My verlaat en elke gebeurtenis nou as My wil beskou.

Want dit is my wil. Niks gebeur teen My wil as julle jul bekommernisse aan My toevertrou het nie. Slegs diegene wat alleen te werk gaan, sonder om My seën en My hulp te gevra het, laat sy wil werksaam word, wat nou dienooreenkomstig 'n effek sal hê, maar nie altyd tot sy heil nie. Hom kan Ek My hulp nie gee nie, omdat hy dit nie as My hulp sal insien nie, maar sal dit as sy eie verdienste beskou. Maar die paaie van My kinders plat Ek af, selfs wanneer dit moeilik begaanbaar lyk. Gee julle vol vertroue slegs aan My leiding oor en julle sal steeds die liefdevolle hand van julle Vader voel, wat julle veilig en ongedeerd deur al die onheil van hierdie wêreld heen sal lei. En put steeds troos en krag uit My woord.

Laat die Vader spreek tot Sy kinders en neem elke woord van liefde op, wat julle weer tot liefde sal aanspoor. Laat die stem van die Vader nooit ongehoord wegsterf nie, maar wees bly dat julle in staat is om dit te hoor, dat die Vader daarin Sy liefde vir julle kenbaar maak en volg Hom en Sy woord met blymoedige ywer.

En julle sal My behae verkry. Julle sal die Vaderliefde steeds sterker voel. Julle sal geen nood meer vrees en goed geborge aan My hart wees.

Amen.

My ewige besluit sluit die einde in, en dus sal dit sonder versuim plaasvind wanneer die mense se lae geestelike vlak dit sal vereis. Die einde sal dus voorafgegaan word deur `n tyd wanneer mense hulself uit eie vrye wil van My sal distansieer, sodat Ek hulle nie meer sal kan beïnvloed met My Liefdeskrag nie, want hulle sal dit self verhoed. Maar waar My Liefdeskrag ophou, dit wil sê waar dit nie meer in staat sal wees om die gees te affekteer nie, dit is waar die lewensaktiwiteit ook tot `n einde sal kom. Die geestelike wese sal neerdaal na toestand van verharding, wat die gevolg is van onvoldoende krag, waarvoor sy haarself afgesluit het.

Die mens as sulks sal steeds in besit wees van lewensenergie, maar omdat hy dit op `n heeltemal verkeerde manier sal gebruik in die laaste dae, omdat, in plaas van na My te strewe, hy heeltemal uit sy eie vrye wil weg van My af streef, sal Ek ook sy lewensenergie van hom af moet wegneem, wat dus die fisiese einde beteken van ontelbare geestelike wesens wat as mense op aarde beliggaam is en wat, ontneem van hul finale vorm van ontwikkeling, daarna weer heeltemal sal verhard, dus in swakheid en duisternis sal neerdaal, totdat My Liefde hulle weer `n vorm sal gee waarin hul proses van ontwikkeling opnuut kan begin.

Die geestelike wese kan nie lewe of aktief wees sonder `n instroming van krag nie, maar hierdie krag sal nie teen sy wil na hom vloei, terwyl hy in die toestand van vrye wil is nie. Aan die begin van sy inkarnasie as `n mens was laasgenoemde sekerlik willoos, of sy wil was nog besluiteloos, en hy kon die lewensenergie wat aan hom toegestaan was, op enige manier as `n geskenk van genade gebruik. Maar wanneer mense eenmaal die laagste punt bereik het, wanneer hulle nie meer sal gebruik maak van hierdie lewensenergie om geestelike krag te bekom nie, wanneer hulle die instroming van krag van My af bewustelik sal weerstaan, sal Ek ook die energie van die lewe van hulle onttrek.

Hulle sal die proses van ontwikkeling weer ’n keer moet herhaal, wat weer sal begin met `n uiters swak toestand in die mees soliede vorm, in harde materie, waarvan die oorwinning weer `n oneindige lang tyd sal neem. Ek sal graag die geestelike wesens hierdie lang gevangenskap wil bespaar, en daarvoor sal alle denkbare middele vooraf deur My Liefde gebruik word, maar die mense is onleerbaar.

Wanneer My dienaars aan hulle hul geestelike ontberings verduidelik, en hulle herinner aan die ernstige gevolge van hulle ongeloof, en hulle aandag gevestig word op die nabye einde, sluit hulle hul ore dig. Hulle glo nie in My ewige plan van Verlossing nie, hulle glo nie in My en My nimmereindigende liefde nie en so bring hulle die einde self nader. Hulle bly nie net op hul lae geestelike vlak nie, maar daal steeds verder, Hul eie wil verhaas die ontbinding van dit wat die geestelike omhul, net soos hulle eie wil die mens laat terugkeer daarna wat sy siel reeds lank tevore oorwin het. Dit is nie My wil nie, maar die mense se eie wil wat die einde bepaal, maar Ek het hierdie wil sedert ewigheid voorsien en sal dit weereens bind, omdat die vryheid van wil misbruik word.

Enigeen wat My Woord het, ken My Liefde, hy weet van My plan van Verlossing om die siele te verlos en hy sal ook die einde voorsien, want hy sal die geestelike ontbering herken. En enigiemand wat nie hierdie swaarkry gaan herken nie, sal nie deur My Liefde gevul wees nie, want hy is nog steeds in geestelike duisternis en kan skaars daaruit kom in die lig van die dag. Want Hy het My Woord nodig om dit te doen, naamlik die lig wat hom verlig en sy kennis verryk. En hy sal die fisiese teenspoed van die tyd verstaan, wat veroorsaak word deur die enorme geestelike ontbering.

Enigeen wat My Woord het, sal die einde met `n vaste geloof verwag, want alles sal gebeur soos wat Ek in Woord en Geskrif verkondig het. Daarom, skenk aandag aan My Woord wanneer dit aan julle gebring word deur My boodskappers, skenk aandag aan die Woord wat aan julle gebring word van bo, wat julle die suiwer waarheid waarborg wat van My af kom, die Gewer van die waarheid, en wat Ek aan julle gee met al My Liefde, sodat julle die weg na My kan vind deur die Woord, sodat julle nie verlore sal gaan vir My koninkryk nie, en nie weer deur die proses van ontwikkeling moet gaan, wat onbeskryflike angs vir julle siele sou beteken. Skenk aandag aan die Woord sodat julle aan Myne kan

behoort, wat gespaar sal word aan die einde om die koninkryk van vrede in te gaan, soos Ek belowe het.

Amen.

Reinigingsproses van die siele in die hiernamaals

B.D. No. **3627**
15. Desember 1945

Die reinigingsproses van die siel van `n gestorwe mens in die hiernamaals begin dadelik na die afsterwe van die liggaam, maar in ooreenstemming met die wil van die siel. Die siele wie se gees nog heeltemal in duisternis verkeer, ervaar hierdie duisternis as `n groot kwelling. En hierdie kwellinge is die begin van die proses, wat daartoe bydra om die wil van die siel te verander, wat weer verskillende lang tye kan duur, maar altyd as basis van die reinigingsproses dien.

Voortdurend gee die liefde van God geleentheid om die wil te verander, maar die middel daartoe is in die hiernamaals vir die siel nie as `n daad van liefde van God herkenbaar nie. En tog kan dit binne `n kort tyd tot die doel lei, as die siel nie al te weerspannig is nie. Sy moet haarself heeltemal reinig van laer substansies voordat sy lig kan ontvang. Daarom sal haar toestand, totdat sy lig ontvang, ook `n toestand van ellende wees. Daarom is die lot van onvolmaakte siele betreurenswaardig, omdat hulle van menslike kant nie genoeg hulp deur liefdevolle voorspraak gebring kan word nie, of onderrig d.m.v. gedagtes en die aansporing om in liefde besig te wees nie.

En indien die siel nie heeltemal verstok is nie, sal sy geleidelik opwaarts gaan in haar ontwikkeling. Elke smart sal die harde omhulsel laat smelt, sy sal toeganklik word vir hulp en so probeer om vry te raak, ook as daar soms `n baie lang tyd daarvoor nodig sal wees, voordat die reinigingsproses beëindig is en die siel as ontvanger van lig in liefde kan werk. Maar ook meer volwasse siele moet hulle nog verder ontwikkel, om heeltemal ligdeurlatend te raak. Want die lig van verskillende sterkte kan `n siel beroer, na gelang van haar toestand van volwassenheid, wat tot `n steeds hoër graad kan styg.

Die siel kan reeds soveel kennis opgedoen het met haar ingang in die geesteryk, dat sy nie meer in `n duistere omgewing hoef te bly nie, dat sy alles kan insien en begryp terwyl sy haar bevind in `n sirkel met swak of sterker lig en gevolglik ook selfstandig werksaam kan wees. En tog moet sy haarself nog omvorm om meer lig te kan ontvang. Ook moet sy nog uitkristalliseer tot die hoogste helderheid en dit weer deur werke van liefde ten bate van die hulpbehoewende siele. Want die opofferende liefde teenoor die ongelukkige siele suiwer die siel en maak haar steeds ontvankliker vir lig. En in gelyke mate styg haar eie blydskap ook, omdat sy verlossend besig is.

Sodra `n siel hoër op wil gaan, doen sy haar beste daarvoor en sal sy ononderbroke daarmee besig wees, sodat sy deur haar wil om ander lydende siele te help, ook weer krag ontvang wat haar gelukkig maak en haar naarstiglik besig laat raak. Maar dit vereis dat sy haar swak wil oorwin, dat die ondeurdringbare duisternis om haar heen oopgebreek word, dat sy vir die ligstrale wat die erbarmende liefde van God haar in die duister stuur, toeganklik raak en dat sy haar duistere toestand wil ontvlug.

Haar worsteling om opwaarts te gaan, haar kwellinge en die donkerte van haar omgewing word as reinigingsfaktore beskou. Haar omhulsel los op en word ligdeurlatend en nou is haar opgang na Bo, na die lig, verseker. Want wanneer haar eie wil besluit het, help God haar voortdurend om opwaarts te gaan, totdat sy met lig deurstraal, kan werk in die geesteryk, soos wat haar bestemming is.

Amen.

Gedagtes vanuit die geesteryk

B.D. No. **3628**
16. Desember 1945

Gedagtes stroom na julle toe vanuit die geesteryk, wanneer julle julleself geestelik rig en daarom ook kontak soek met die ligwesens van die geesteryk. Derhalwe kan elke gedagte julle tot seën strek, op voorwaarde dat julle ’n ernstige wil sal hê om ingelig te word, dus om in die waarheid onderrig te word. Maar om deur behulpsame goeie geeste versorg te word, is dit noodsaaklik dat julle

altyd ooreenkomstig die wil van God leef, want julle word ook deur kragte van die duisternis omring wat julle gedagtes op ’n dwaalspoor wil bring. En julle verwerp of verleen hulle self toegang tot julle, afhangende van julle lewenswandel wat julle lei, julle wil en julle ingesteldheid teenoor God en die goeie.

En daarom sal julle ernstig moet ondersoek of julle jul bes doen om volgens God se wil te lewe, indien julle die waarheid begeer. Julle sal moet weet dat dit die werksaamheid van die geestelike wesens uit die hiernamaals is, dat hulle probeer om gedagtes aan julle oor te bring en dat julle die kragte wat julle self aantrek deur julle lewenswandel en deur julle wil, hul beïnvloeding toelaat. Daarom sal julle ook moet ag slaan op julle gedagtes en dit ondersoek of dit na God toe lei en of dit julle van die geloof in God weghou. Elke goeie, tot liefde opvoedende en op God gerigte gedagte, is die werksaamheid van goeie geestelike kragte en dit moet julle aanneem en julle daardeur laat lei, want sodra julle aan hierdie werksaamheid aandag skenk, sal dit ook julle lewenswandel beïnvloed en julle siele tot voordeel strek.

Maar sodra jy tot God bid vir 'n korrekte denke, sal die goeie geestelike wesens steeds julle leiers en gidse wees. Hulle sal inwerk op julle gedagtes en poog om geestelik goedere aan julle oor te bring om die rypheid van julle siele te verhoog. Hulle sal poog om geestelike goedere aan julle oor te dra, in die mate waarop julle die werksaamheid van bose kragte skadeloos maak, deurdat julle hulle dadelik as dwaling herken en afwys. Verbind julle met God, poog om te lewe volgens Sy welgevalle, dan hoef julle ook geen bose geestelike kragte te vrees wat julle denke op 'n dwaalspoor sal bring nie, want julle gee julleself oor in die hande van goeie geestelike wesens, wat nou vir julle in liefde en geduld sorg en julle gedagtes lei, sodat dit sal ooreenstem met die waarheid en julle geestelike ontwikkeling bevorder, omdat julle dit self nastreef.

Amen.

Kosmos - Veranderinge - Katastrofe

B.D. No. **3630**
19. Desember 1945

Wat homself in die kosmos voltrek, is vir julle onbekend en julle sal ook nooit die wette van die natuur so diep kan deurgrond dat julle in staat sal wees om dit te bepaal nie, wanneer en hoe veranderinge hulself voltrek wat hulself volgens die ewige verlossingsplan van God moet voltrek om die werke van die nuwe vormgewing van die aarde voor te berei.

En julle sal steeds verras word deur gebeurtenisse wat hulself in die natuur afspeel en sal daarom ook nou onverwags voor `n geweldige natuurverskynsel te staan kom, wat begryplik sal wees vir hulle wat dit met geestelike oë sal aanskou, maar wat vir die oorgrote meerderheid van die mense onbegryplik sal bly, omdat hulle die samehang van al die gebeure, ook die kosmiese bepaalde, nie met die geestelike ontwikkeling van die mens en al wat wesenlik bestaan, kan insien nie, omdat hulle ook nie op die hoogte is van die verwagte einde en die omvorming van `n skeppingswerk (die aarde) wat slegs die geestelike ontwikkeling moet dien en tans nutteloos geword het nie, as gevolg van die afgewende wil van die mense teenoor God.

Wat daar in die natuur gaan gebeur, gaan onmerkbaar te werk en daarom sal die mense weinig aandag daaraan skenk. En tog sou hulle baie afwykings kon gesien het, wat hulle wantrouig moes gemaak het, indien hulle opgelet het en die skepping tot hulle laat spreek het. Daar speel veranderinge in die binnenste van die aarde af wat sal lei tot uitbarstings, wat eers gedeeltelik tot uitbarsting sal kom, waarna dit dan op die vasgestelde tyd na `n volledige verwoesting van die aardoppervlak sal voer, omdat die ewige verlossingsplan van God sal verloop soos wat Sy Wil dit vasgestel het. In die binnenste van die aarde sal ontelbare geestelike wesens hulself bevry en God het Sy toestemming hiervoor gegee. Hy sal hulle op die vasgestelde tyd aktief laat word, omdat hulle werksaamheid nie teen Sy wet van die ewigheid gerig is nie.

En die aarde sal begin bewe wanneer hierdie wesens aktief gaan word. Hier en daar sal sy haarself open en hierdie wesens se weg vrymaak na `n ander vlak as tot nou toe. En groot veranderinge sal

hulself aan die aardoppervlak voltrek waar hierdie gebeurtenisse sal plaasvind, tot verskrikking van die bewoners wat blootgestel sal wees aan `n vreeslike natuurkatastrofe. Maar dit sal slegs `n inleidende gebeurtenis wees op die daaropvolgende volledige verwoesting van die aarde, `n laaste waarskuwende stem vir almal wat dit sal oorleef en `n heenwysing op die nabye einde, waaraan die mense voorheen geen aandag geskenk het nie. Maar die spreek van God sal verstaanbaar wees vir elkeen wat die wil sal hê om te verstaan.

Alles wat homself in die heelal afspeel, ook elke kosmiese verandering, word bepaal deur die ontwikkeling van die gees en ofskoon die mense dit nie begryp nie, as gevolg van hulle eie skuld en onkunde, moet hulle gekonfronteer word met die werksaamheid van die wesens wat nog in die binnenste van die aarde gekluister is en wat strewe na vryheid ten dienste van hulle positiewe ontwikkeling. Tallose menselewens sal met die uitbreek van die gees omkom en min of meer volwasse die geesteryk ingaan, maar ook sal ontelbare wesens vrykom en kan hulle in `n ander vorm opwaarts strewe.

En so is die geweldige natuurgebeure tegelyk `n voorval om verlos te word uit die eindelose lang tyd van kluistering in die mees vaste materie en `n oorgang vir die gees wat homself daarin bevind na `n ander minder pynlike vorm; soos dit egter ook die ontwikkelingsgang van die gees op die aarde (die mens) beëindig wat in die laaste stadium was en die vrye wil kon gebruik het om verlos te word.

Niemand kan die kosmiese gebeure vooraf bepaal het, indien hy nie daaroor in diepe geloof deur die Gees van God onderrig was nie, want die goddelike natuurwette is vir die mens nie inskiklik nie, sodat dag en uur steeds geheim sal bly, totdat die eerste merkbare verskynsels hulself sal aankondig, waaraan daar vir eers geen aandag geskenk sal word nie. Maar sodra die dag in aantog kom, sal `n groot onrus al wat leef oorval, mens en dier sal dit innerlik bespeur en slegs hulle wat `n opgewekte gees sal hê, sal in staat wees om `n verduideliking daaroor te gee en sal tog nie aangehoor word deur hulle wat wêreldsgesind is nie, wat `n verwoesting van die aarde nimmer wil en sal aanvaar nie en dus volkome verras sal word deur die uitbreek van die natuurelemente.

En steeds kondig God weer hierdie gebeure aan, Hy laat die mense nie in onwetendheid oor wat hulle in die komende tyd te wagte staan nie. En Hy gee Sy bodes steeds weer die opdrag om van dit wat kom, melding te maak. Want hierdie dag sal nie meer lank op hom laat wag nie. En wie oplettend is, sal ook dit herken wat verander en sy blik sal geestelik gerig wees, want alles wat gaan kom volgens die ewige verlossingsplan van God, het die ontwikkeling ten doel van die gees wat in gevaar is en wat deur God se liefde gehelp sal word.

Amen.

Knegskap onder die satan en verdoemenis

B.D. No. **3632**
21. Desember 1945

Verkneg sal julle vir ewige tye wees, wanneer julle julleself aan die satan verkoop terwille van aardse loon. Onvry en kragteloos sal julle weer vir ’n eindelose lang tyd wees, want sodra die satan gekluister word, verloor ook al die gees, wat hulleself in vrye wil aan hom gebind het, hul vryheid. En dit beteken weer 'n eindelose lang tyd van kluistering, wat vir julle vol kwelling sal wees en onnoemlike lyding sal meebring, omdat onvryheid en kragteloosheid nie strook met die oertoestand wat julle deel was voor die afvalligheid van My nie.

Maar soos wat julle julleself verklaar het vir my teenstander, sal julle ook sy lot op julle moet neem, wat My teenstander vir julle sal veroorsaak, naamlik duisternis, onmag en gebondenheid en ook kwellinge deur ewighede heen. Die weg omhoog lê helder en duidelik voor julle, as julle dit maar net wil begaan. En dit sal julle ook nie aan krag ontbreek nie, maar julle sal My daaroor moet vra, maar mag julle nie aan diegene oorgee wat julle wil verderf nie. Hy lok julle met aardse vreugdes, met materiële goedere, om julle siele te wen. Maar Ek belowe geestelike goedere aan julle. Ek wil julle binnelei in die ryk van vrede, waar daar baie wonings vir julle gereedstaan, as julle maar net aan My oproep gevolg wil gee, die wêreld verag en slegs daarna streef om by My en julle geestelike welsyn

uit te kom. Maar as julle My nie wil aanhoor nie, as julle aan stem van My teenstander aandag wil skenk en julle deur sy beloftes laat verblind, kan My Kragstroom julle nie tref nie en die weg omhoog sal vir julle te swaar wees, indien julle nie My Hand wil aangryp en julle laat lei nie.

Ewige vryheid wil Ek julle gee, maar julle gee die voorkeur aan slawerny onder die mag van My teenstander. Julle verkies self die weg na benede na sy ryk en maak daardeur die ewige vaderland onbereikbaar vir julle, wat aan julle heerlikhede bied van onvergelyklike aard. Maar julle wil is vry en as julle slawerny begeer, sal julle dit ook moet dra. Julle sal julleself vir lang tyd in gevangenskap moet begewe, omdat die moontlikheid eenmaal bestaan dat julle julleself in vrye wil na My sal wend, dat julle My Woorde sal glo en julle sal wil verlos uit die knegskap van satan, wie My teenstander is en sal bly, nog ewighede lank, voordat ook hy homself onder My Wil sal buig en al die boosheid geheel en al verlos sal wees.

Maar My waarskuwende stem weerklink weer en weer: Verkoop nie jou siel terwille van aardse goedere nie. Streef daarna om die geestelike ryk te beërwe. Stuur op My af en laat julle deur My Hand omhoog lei, sodat julle die heerskappy van diegene kan ontvlug wie julle vir ewig wil verwoes.

Amen.

Het julle nie geweet dat Ek in My Vader se huis moet wees nie

B.D. No. **3634**
23. Desember 1945

Luister na die stem van die Gees: Elke persoon moet homself so omvorm dat die Vader in hom verblyf kan neem, dus sal hy self God se huis wees waarin die Vader werksaam kan wees. Julle almal dra die goddelike geesvonk in julle wat deel van My is en daarom sluimer Ek in julle en wag om deur julle liefdevolle aktiwiteite en `n innige band met My, wakker gemaak te word, maar solank as wat julle onaktief bly, sal julle nie My teenwoordigheid kan voel nie, alhoewel die geestelike vonk in julle rus. Ek kan slegs in werking kom, indien julle julleself so omvorm dat julle My kan opneem. Slegs dan kan Ek werksaam wees in My huis, dan Ek My intrek by julle neem en julle onderrig in die volle waarheid. Dan sal Ek in die huis van My Vader wees, dan sal Wysheid wees waar Liefde is. Dan sal julle `n huis van God geword het, wat die heiligste bevat, wat God Self as woonplek gemaak het.

Ek is by julle en nooit meer sal julle alleen gaan op aarde nie, maar julle sal steeds My teenwoordigheid voel en deur My Gees deurstroom word wat julle sal lei in alle waarheid, wat julle sal onderrig, net soos wat Ek onderrig was in dit wat van My Vader is. Want Ek, Wie tot Wysheid geword deur die Liefde, moes op aarde onophoudelik werksaam wees en liefde en wysheid uitdeel.

Ek moes die medemens gee wat Ek self ontvang het, omdat Ek hulle wou help om salig te word. En dus moes Ek wees in dit wat van My Vader is, waar Ek Sy woord kon verkondig, waar die mense bymekaargekom het om Sy woord te hoor. Gevolglik sal die huis van God steeds daar wees waar Sy woord onderrig word, waar dit van buite af deur mense aangebied word, of van binne verneem word, waar die Vader steeds kan werk, dit wil sê, waar mense deur die liefde ontvanklik geword het vir die Wysheid vanuit My. Want steeds wil Ek in My huis werksaam wees. En My huis is die harte van die mense wat My wil opneem en wat dus omvorm het tot liefde, sodat Ek Myself as ewige Liefde met hulle kan verbind. My huis is oral waar My gees werksaam kan word. Maar sonder die werke van My Gees sal julle in leë sale vertoef, omdat julle lewe in 'n plek uitsoek waar julle dink om My daar te vind.

Ek kan slegs daar wees waar My Vader is. En My woord kan slegs ten diepste verneem word waar die liefde is. Maar Ek self is die Woord en as julle na My wil luister, sal julle jul harte so moet omvorm dat julle in staat kan wees om My op te neem. Julle sal julleself tot liefde moet omvorm en nou die deure vir My oopmaak, sodat Ek My intrek kan neem in julle harte. En jou hart sal My woning wees, waar jy ook maar sal vertoef.

Amen.

Betekenis van die Verlossingsdaad

B.D. No. **3635**
24. Desember 1945

En onthou die Een wat julle van alle sonde verlos het, Sy daad van Verlossing is van so `n gewigtige betekenis dat julle nie sterk genoeg vermaan kan word om dit in gedagte te hou nie. Julle moet altyd in gedagte hou dat julle vir `n oneindige lang tyd verlore sou gegaan het, as Jesus Christus nie julle sondeskuld op Homself geneem het om julle deur Sy kruisiging verlos het nie. Maar julle sal Hom moet bely, as julle wil deel in die seëninge wat Hy deur sy dood vir julle verwerf het. Julle moet in Hom glo en julle bewustelik onder Sy kruis plaas, julle moet met en vir Jesus Christus lewe, d.w.s. in gedagtenis aan Hom al julle take uitvoer, hulpvaardig wees en voldoen aan Sy leer van liefde, ten einde julleself waardig te maak vir Sy gawe van genade, om julleself waardig te maak vir Sy liefde, wat julle wil beskerm teen `n oneindige lang tyd van foltering en lyding in die hiernamaals. Die goddelike Verlosser is barmhartig teenoor alle sondaars, Hy het hulle skuld gedra en gely en gesterf daarvoor, Hy het Homself as versoening geoffer, omdat Hy die mens liefhet en hulle geweldige geestelike ontbering wou verminder.

En so het Hy vir die mense `n gawe aangebied, waarvan hulle die omvang op die aarde nie kan begryp nie, en Hy vra net erkenning vir Sy daad van liefde, julle erkenning vir Hom en jul bewustelike belydenis van Sy kruisiging. Hy vra julle om Hom te alle tye in gedagte te hou. Die mense moet dit nie vergeet nie, want hulle moet altyd onthou dat hulle sonder Hom vir `n oneindige lang tyd verlore sou gewees het.

Daarom nader Hy die mense weer en weer deur julle aan Hom te herinner, weer en weer poog Hy om julle oë op Hom te rig, weer en weer word die persoon, as `n draer van sy eie kruis, gemaan om Hom te onthou. Alle lyding is bedoel om sy aandag te vestig op die Een wat alle sondes op Homself geneem het en voortdurend die mense help om hul lyding te dra, indien hulle in `n diep geloof in die goddelike Verlosser, hulle laste aan Hom gee en `n beroep op Hom doen vir genade en liefde.

Mense dra nie hul lyding sonder verdienste nie, Jesus Christus was egter heeltemal sonder sonde en het die mensdom se sondeskuld op Homself geneem. Hy het dus `n veel swaarder las op sy skouers gedra, `n kruis wat so geweldig swaar was, dat Hy byna daaronder gebreek het, nogtans het Hy die daad van Verlossing volbring, omdat Sy liefde vir die mensdom so groot was en Hom die krag gegee het tot aan die einde.

Amen.

Aaneensluiting met God - Band van liefde

B.D. No. **3636**
25. Desember 1945

Daar word 'n onlosmaaklike band gevorm rondom God en die wesens wat probeer om hulle by Hom aan te sluit deur die liefde. Onafskeidbaar bly hulle nou met God verbind, om steeds nader aan Hom te kom, voortdurend op Hom gerig, om deur Hom vasgegryp te word om in geluksaligheid saamgesmelt te word met die ewige Liefde wanneer hulle volmaak geword het. Hierdie band is die doelwit van al die wesens wat eens uit Sy krag voortgekom het. God is die Middelpunt van krag van ewigheid en van Wie alles afkomstig is en tot Wie ook alles weer moet terugkeer, volgens God se ewige ordening. Slegs hulle wat weer by God is, is geluksalig. Hulle is volmaak, deurstraal met krag en lig en aldus skeppend en vormend besig. Nooit sal hierdie toestand meer verander in soverre die geluksaligheid van die wese verminder sal word nie. In plaas daarvan neem dit voortdurend toe, omdat die volmaakte geen grense ken nie, omdat daar op God, as hoogs volmaakte Wese, voortdurend aangestuur word tot in alle ewigheid.

Om met die ewige Godheid saamgesmelt te wees, beteken deelname aan die vormgewing van die skeppingswerke. Dit beteken leiding en versorging van die wesens wat hulle in hierdie skeppings bevind. Dit beteken verlossende werksaamheid aan die onvrye wesens. Dit beteken geluksaligheid en harmoniese saam streef met ewe volwasse wesens, en openbaringe van onvermoede heerlikhede wat onvolwasse wesens onmoontlik sal kan aanskou.

Dit is die ewige lewe, geen toestand van kragteloosheid en duisternis meer nie, maar net nog werksaamheid in die lig en ongekende volheid van krag. Dit is die ewige lewe wat Jesus Christus belowe het aan diegene wat in Hom glo en Sy gebooie onderhou. Wie deur die nakoming en opvolging van Sy liefdesleer al op aarde die verbinding met God aanknoop, naamlik die band wat die siel steeds nouer met God aaneensluit, het haarself heeltemal verenig met die ewige Liefde.

En so moet die mens dus onvermydelik tot die geloof kom in Jesus Christus as die Verlosser van die wêreld, omdat die band met God andersins tot in ewigheid nie tot stand gebring kan word nie. Want die afstand deur die onvolmaaktheid van die wese is te groot en kan nie self deur die wese verklein word nie, omdat die afstand van God terselfdertyd kragteloosheid beteken. Maar deur Sy dood aan die kruis, het Jesus die krag vir die mense verwerf. Hy het afgekom na die aarde om die mense te verlos van hul wilswakte en kragteloosheid en om aan hulle die pad te wys wat al op aarde na die aaneensluiting met God lei. Maar sonder die geloof in Hom en Sy werk van verlossing, kan die mens nooit die kragteloosheid en wilswakte oorkom nie. Hy sal nooit opwaarts kan gaan nie, omdat die teenstander van God hom teëhou en sy lewe tot in ewigheid sal wil verhinder.

Maar wie in Jesus Christus glo, sal salig word. Hy sal Sy gebooie nakom. Hy sal sy bes doen om 'n lewenswandel in liefde te lei en sal daardeur ook krag ontvang om die verbinding met God tot stand te bring. En God sal hom nooit laat val nie. Hy knoop die band van die liefde om hom heen en sal nie toelaat dat dit losraak nie. Inteendeel, dit omstrengel diegene steeds vaster wat op Hom afstuur, totdat hy onafskeidbaar met Hom verenig is.

Amen.

Geestelike hoogmoed

B.D. No. **3641**
30. Desember 1945

Geestelike hoogmoed hinder mense om die waarheid in te sien. Almal moet hieraan dink, dat dit slegs bereik kan word deur diep nederigheid deur die mens, wat vanuit die insig van sy gebrekkigheid begeer om te weet, wat nie glo om reeds wetend te wees voordat hy innig gebid het om die waarheid nie.

Deur sy verstandelike werksaamheid verwerf die mens wel `n kennis, of hy neem dit van buite af aan as dit hom geval en hy hou daaraan vas. En hierdie kennis is vir hom voldoende, veral wanneer dit met sy begeertes en opvattings ooreenstem. Hy sal hom afsluit vir alles wat hom aangebied word en wat nie met sy kennis ooreenstem nie, met die bewustheid dat hy die ware kennis besit. Hy sal homself verhef bo sy medemens wat anders dink en wys dan alles af wat aan hom van hulle kant af aangebied word, sonder om self stelling daaroor in te neem. En hierdie mense is moeilik om in die waarheid in te lei, want slegs die mens wat homself onwetend waan en sy ontoereikendheid insien om in geestelike kennis deur te dring, vra deemoedig daarvoor. En slegs aan hierdie gee God sy genade, want Hy wil in deemoedige gebed daarvoor gevra word.

Die geloof dat hy die ware kennis besit, verhinder die mens om daarvoor te bid, solank hy nog in dwaling leef. Want die in die waarheid binnegedronge mens bly ondanks die mees oorvloedige kennis innerlik deemoedig en sy gebed om vermeerdering van sy kennis styg voortdurend op na God. Want hy voel oneindig klein teenoor die grootte van God wat vir hom steeds verhewener word, hoe groter sy kennis word. En dus sal hierdie mens ook toeganklik wees vir geestelike gesprekke, terwyl hy, wat meen wetend te wees, sulke gesprekke vinnig sal beëindig, omdat hy hom nie wil laat onderrig nie, maar daarenteen sy kennis self probeer versprei, want hy het steeds `n geestelike arrogansie, bestempel as - eie geestelike besit - wat vir hom onaanvegbaar voorkom.

Selfs die dienaars van God, Sy boodskappers, wat aan hom die waarheid bring, probeer hy te onderrig, want so iemand erken nie die werksaamheid van die Gees nie en hy probeer met sy verstandelike denke alles te ondersoek wat die ander teen hom inbring. Hy bestry die werksaamheid van die Gees. Hy dink hy is ryper en slimmer en erken God ook nie as Gewer van die Waarheid, wat

Homself uiter deur sy boodskappers nie. Hy stry met menslike wysheid teen goddelike Wysheid en hy onderwerp hom nie deur God Self te vra om verligting van sy gees nie.

Daarom kom hy moeilik tot die waarheid, solank die gees van aanmatiging in hom woon. Eers die insig van volkome onwetendheid op geestelike gebied kan hom daartoe bring, om homself deur middel van gedagtes vraend besig te hou. En dan eers kan die waarheid vir hom kom, wanneer hy dit deemoedig sal afsmeek, want God gee aan die deemoedige Sy genade, maar aan die verwaande openbaar Hy Hom nie.

Amen.

Die erkenning van die verlossingswerk is nodig om die siel ryp te laat word

B.D. No. **3642**
31. Desember 1945

By die verkryging van die volwassenheid van die siel hoort onherroeplik die openlike belydenis van Christus en Sy verlossingswerk. Die mens kan nie ryp word sonder liefde nie. Wie egter die liefde het, erken ook Hom wat uit liefde vir die mensdom geoffer is. Hy weet ook dat Christus die dood aan die kruis op hom geneem het as genoegdoening vir die groot skuld van die mensdom, dat Hy hulle dus wou verlos van 'n eindelose lang tyd van gevangenskap. En gevolglik sal hy ook hierdie werk van groot liefde en barmhartigheid erken en self onder die kruis van Christus gaan staan om ook die barmhartigheid van die werk van die verlossing deelagtig te word.

Maar die barmhartigheid van die verlossingswerk bring eers die rypwording van die siel teweeg, want die Verlosser trek nou die siel omhoog. Hy besorg krag aan haar om die goeie te wil en te doen. Wie Jesus Christus en Sy werk van verlossing nie erken nie, bly in die mag van satan. Hy behou 'n swak, van God afkerige wil. Die siel sal op 'n lae vlak van ontwikkeling bly staan, want die liefde ontbreek haar.

Maar die liefde erken Jesus Christus, want waar die liefde is, is ook die wysheid en die krag om die suiwer waarheid te ken. En so sal die verlossingswerk van Christus geheel en al verstaanbaar wees vir die liefdevolle mens, terwyl die liefdelose mens in totale onkunde sal wees oor sonde en skuld van die mensdom, oor die sin en doel van die aardse lewe, oor die bestemming en die opgawe van die mens op aarde. As hy van dit alles op die hoogte sal wees, is sy lewenswandel al 'n lewe in liefde.

En dan sal die goddelike Verlosser vir hom alleen maar die sinnebeeld wees van diepste liefde, Wie hy moet erken en Wie hy ook aan die wêreld sal bely, wanneer dit van hom gevra word. En sy siel sal daarna streef om opwaarts te gaan. En sy sal ook sekerlik haar doel bereik, omdat sy nie uit eie krag streef nie, maar met Jesus Christus, omdat haar wil deur Hom versterk word en die siel onophoudelik krag en genade sal ontvang.

Want sy belofte lui: "Wie in My glo, sal die ewige lewe hê". Die geloof in Jesus Christus en Sy werk van verlossing is absoluut nodig om self die ryk binne te kan gaan, wat die ewige lewe beteken vir die siel, wat vol lig en krag is en wat die geluksaligheid beteken wat Jesus diegene belowe het wat in Hom glo, omdat hulle hul bes sal doen om Hom na te volg en 'n lewe in liefde te lei, soos wat Jesus dit vir hulle op aarde uitgeleef het. Want slegs die liefde sal vir hulle die hoogste geluksaligheid oplewer vir die ewigheid.

Amen.

Twee wêrelde - goddelike wet van liefde

B.D. No. **3647**
4. Januarie 1946

Die goddelike wet vereis liefde, dus is alles wat liefdeloos is, goddeloos, dit is baie ver van God af, dit is Sy teenstander se deel wat heeltemal sonder liefde is en om hierdie rede is Hy God se direkte teenoorgestelde. God en Sy teenstander heers oor twee wêrelde wat altyd apart sal bly totdat die wet van liefde vervul is en beide wêrelde verenig. Nietemin strek God se mag ook oor die wêreld waar sy wet geïgnoreer word, omdat alles in hierdie wêreld vanuit God gekom het, hulle het hul slegs

gedistansieer van Sy sfeer van liefde. En Sy krag toon dit self in soverre Hy ook regeer in die koninkryk van die hartelose, dit wil sê, Hy bestuur al die gebeure in ooreenstemming met Sy wil.

Ten spyte daarvan dat God se teenstander groot krag en mag tot sy beskikking het, is dit nogtans beperk en het hy geen mag oor die werke van die goddelike skeppende krag nie, hy het geen mag oor die skeppings waarin liefdeloosheid gevange is om hulself te verander in liefde nie. In hierdie toestand is die gees, wat voorheen van God weggeval het, geïsoleerd van sy teenstander se krag en verplig om die wet van die liefde te vervul, alhoewel sy wil nog nie sy optrede bepaal nie. Dit stel die gees in staat om makliker van die goddelose wêreld na God se wêreld oor te gaan, wanneer hy toegelaat word om hierdie toets op aarde te ondergaan.

Maar dan kom die krag van God se teenstander tot sy reg en met geslepenheid en mag probeer hy om vas te hou aan die geestelike wese van sy wêreld, hy probeer sy liefdeloosheid te verhoog, hy probeer sodat die gees die goddelike sal opgee. Hy poog om hom te weerhou van die goddelike wet van liefde en maak hom geheel en al geneig volgens sy begeertes. Maar God, in Sy genadige liefde, sal nie die gees vir Sy teenstander oorgee sonder `n geveg nie.

Gedurende die laaste stadium as `n mens sal Hy hom herhaaldelik kennis gee rakende Sy wet van liefde. Hy sal die persoon voortdurend deur liefde nader en sal hom die geleentheid bied om hierdie goddelike gebod te vervul. Hy sal Sy wêreld aan hom toon, óf in sy , óf deur middel van sy medemens en hom aanmoedig om `n besluit te maak vir een van die twee wêrelde. En as hy bereid is om die vereistes van die goddelike wet uit te voer, as hy bereid is om liefde toe te pas, sal hy ook die regte weg herken wat lei tot die koninkryk van lig.

Hy sal die duisternis sien van die koninkryk wat aan God se teenstander behoort, hy sal die gevolge van liefdeloosheid sien soos wat hy die krag van die liefde sal herken, en hy sal homself vrywillig onderwerp aan die goddelike wet, hy sal homself omvorm tot liefde en dus `n applikant wees vir die geesteryk, die wêreld wat aan God behoort, hy sal die teenstander van God verloën om vir ewig te behoort aan God, Wie die liefde Self is, want Hy het self liefde geword.

Amen.

Taal van die skepping - Kern - Kreatiewe krag

B.D. No. **3648**
5. Januarie 1946

Leer om die taal van die skepping te verstaan. God Self praat met julle deur middel van die skepping. Hy kan voortdurend gesien word deur al die werke wat vanuit Sy liefdeskrag vloei. En Hy het julle die vermoë gegee om Sy skepping te sien, om julle intellek te stimuleer, en daarom is dit Hy Self wat julle verstandelik instruksies gee, mits julle bereid is om Sy instruksies te aanvaar wanneer julle kyk na die skepping rondom julle, wanneer julle nadink oor die betekenis en doel, sy oorsprong en oor die Een wat dit tot stand gebring het.

Elke relevante gedagte is `n vraag wat deur God Self beantwoord sal word, mits julle dit werklik beantwoord wil hê. Die ewige skeppende krag kan nie ontken word wanneer julle nadink oor die oorsprong van die werke van die skepping nie. Die ewige skeppende Krag moet deur elke persoon erken word, maar die oorsprong, die bron, word dikwels deur mense betwis. Hulle wil nie altyd `n volmaakte Entiteit erken as die bron van die kreatiewe krag nie. Die skepping het nog nie duidelik genoeg met hulle gespreek nie, hulle verstaan nog nie die taal nie en hulle gedagtes moet eers in die regte rigting gerig word om tot die korrekte gevolgtrekking te kom.

Die skepping openbaar `n besondere en duidelike ooreenstemming met die reg, `n ordelikheid, wat nie oortref word kan nie. Iets so ordelik is altyd die gevolg van `n sterk wil, en van `n Wese wat aanspraak maak op hierdie sterk wil. Verder getuig die orde ook van die Wysheid van hierdie Entiteit wat dit voortgebring het, want goed deurdagte wette elimineer alle onverstandigheid. Ook `n Wysheid wat niks sonder betekenis en doel tot stand gebring het nie en wat ook in staat is om die betekenis en doel daarvan bekend te maak. Daarom moet hierdie Wese, wat die skepper van die kreatiewe krag is, intelligent wees, en op grond van Sy wil en krag, in staat wees om Sy gedagtes te laat vorm aanneem.

Daarom moet dit `n uiters volmaakte Wese wees wat Homself openbaar in al die werke van die skepping, Wie erken wil word in Sy volmaaktheid, Wie op sy beurt Sy krag gebruik om ander intelligente wesens te voorsien met bewyse van Sy bestaan, want Hy is in nouste kontak met hierdie intelligente wesens in soverre hulle ook uit Hom ontstaan het, dat hulle ook die produk is van Sy skeppende wil en Sy kreatiewe krag, wie Hy in `n toestand van volmaaktheid wil bring, ten einde hulle ook draers te maak van oorvloedige krag, sodat hulle ook kreatief aktief kan wees vir hul eie saligheid.

Die Skepper se noue verbintenis met Sy lewende skeppings moet erken word, die mens moet bewus word van die verhouding tussen hom en die ewige skeppende krag. As `n wese in sy eie reg moet hy die krag erken wat oneindig sterker as hyself is, as `n Entiteit in sy eie reg, of Hy sal verlore wees in die skepping as die enigste intelligente wese wat in besit is van ’n (vrye) wil en nie in staat is tot aksies waarvoor hy nie krag het nie.

Verder is dit absurd om te aanvaar dat `n Krag, wat alles geskep het, lewe sou gee aan intelligente wesens, sonder om Self intelligent te wees. Dieselfde geld vir die mens se inherente wil, wat egter ontken word as die oorsprong van natuurlike krag. Wat sou die skepping gewees het sonder intrinsieke inwoners. Van watter doel sou hierdie onoortreflike orde gewees het as dit nie deur wesens erken kon word nie, as dit nie getuig van `n Opperwese, wat erken wil word nie. Wat sou die mens wees sonder intelligensie en wil, - `n onvolmaakte lewende skepping wat nie ordelike skeppings nodig het om te bestaan nie. Die feit dat die mens in staat is om te dink en `n vrye wil het, is ’n bewys van `n Skepper wat in uiterste volmaaktheid in staat is om te dink, en in ooreenstemming met Sy wil, om Sy vermoë met wysheid te gebruik en in volle besit is van krag. Dit is ook `n bewys dat die mens nie sonder rede en doel geskape is nie, en dat hy denke en wil gegee is ten einde die rede en doel te herken en daarna te streef. Hy moet besef dat hy nie die aardse lewe kan bemeester, ten spyte van denke en wil nie, want hy moet `n sterker Wese bo homself erken Wie se wil deurslaggewend is en hy moet Sy wysheid en liefde aanvaar en daarvoor buig.

En God praat met mense deur middel van die skepping. Hy motiveer hulle om dit te oorweeg en bied gewilliglik verduidelikings aan, indien dit opreg verlang word, indien mense hul kennis laat vaar, en hulself oorhandig aan die ewige skeppende krag, Wie aan hulle hul intelligensie gegee het. Dan kan hulle gedagtes in die regte rigting gelei word, sodat hulle ook sal lewe volgens wat inherent is aan elke skeppingswerk, maar wat die persoon ook kan herroep, want hy is in besit van `n vrye wil. Maar wil hy leef in God se bestemde orde, dan sal Sy wil in ag geneem word, en hy sal kennis gegee word oor alles wat hy wil weet.

Amen.

Liefde - Wysheid - Eieliefde - Valsheid - Duisternis

B.D. No. **3649**
6. Januarie 1946

Alle duisternis sal julle verlaat, elke sluier sal van julle oë afval, die Liefde van God sal dit self helder en duidelik aan julle openbaar, as julle die moeite sal doen om in liefde te lewe, aangesien die wysheid uit liefde voortkom, naamlik die bewuswording van die suiwer waarheid, en julle sal wetend word, afhangende van die graad van liefde wat julle bereik het. Maar sonder liefde sal julle in geestelike duisternis bly, sonder liefde sal julle nooit ingelig word nie, sal julle nooit in staat wees om waarheid van leuen en valsheid te kan onderskei nie, sal julle nooit die diepte van die Godheid kan verstaan nie, Sy heerskappy en werke sal vir julle verborge bly. Daarom het Jesus die liefde op aarde verkondig.

Om hierdie rede kon Hy die waarheid slegs aan mense bring wat Sy onderrig in liefde gevolg het, om hierdie rede kon Hy Sy dissipels leer en aan hulle `n diepe kennis gee, omdat hy die liefde in hulle herken het en dit is waarom hy hulle as Sy dissipels gekies het. Die mense moet eers aangemoedig word om lief te hê, anders kan hulle die waarheid nie vind nie.

Liefde is God, waarheid is God en daarom, wie sonder liefde is, is sonder God en leef in valsheid. Maar om in liefde te lewe beteken om goed te wees teenoor ander mense deur `n diepe innerlike drang uit die hart, om te help wanneer hulle dit nodig het, wanneer hulle ontbering ly, maar altyd sonder eie belang, altyd deur die aansporing van die hart, dan is dit goddelike liefde en nie eieliefde waarteen die mens homself moet verset as hy God wil behaag nie. Eieliefde verhinder die mens om goedhartig teenoor ander mense te wees, dit is daarom die grootste gevaar vir hom, aangesien dit hom lei tot verkeerde denke, valsheid en duisternis van gees, omdat eieliefde voorheen tot die val van die geeste gelei het.

Die ten volle verligte wese het in geestelike duisternis verval a.g.v. die verkeerde soort liefde, hy kon die waarheid nie meer onderskei nie en het `n volgeling geword van hom wat teen die waarheid veg, teen God. Daarom is elke persoon wat sonder goddelike liefde bestaan, `n dienaar van hom wat heeltemal sonder liefde is en sal net so ver van die waarheid af wees soos hy, wat weens sy liefdeloosheid ver vanaf God is, omdat God, Liefde en Waarheid één is. En dit is waarom slegs die mens wie self goedhartig handel en wie weens sy liefde gelei word tot wysheid, in waarheid kan lewe en God op aarde sal ken. Alle sluiers sal van Hom afval, hy sal die doel helder en duidelik herken, aangesien God Homself aan hom sal openbaar, Hy sal hom in waarheid lei en hom verander in `n ontvanger van lig en krag, selfs al op aarde. Dit sal hom in staat stel om met liefde te werk vir die siele van sy medemens en hulle die weg toon wat tot die waarheid en lig sal lei, sodat hy aan hulle kan verduidelik dat slegs die aanhang aan die onderrig van liefde van Jesus sal lei tot die regte denke en verligting van die gees, sodat sy medemens ook die waarheid en daarom God Self as die ewige Waarheid sal ken.

Amen.

Rus en vrede vir die siel deur diep geloof

B.D. No. **3656**
14. Januarie 1946

Julle harte sal onrustig bly, solank julle nie vas gaan glo in My ewigdurende liefde en sorg vir al My skepsels nie. Slegs `n diepe geloof sal julle rus en vrede gee vir julle siele. En dus sal julle eers moet poog om dit te verkry, dan sal julle die aardse lewe baasraak, ook in die moeilikste tye, in aardse nood en benoudheid.

Steeds weer roep Ek julle toe: Wat kan met julle gebeur sonder My wil en toelating? My krag is so sterk dat dit alles kan verhinder wat Ek wil. En My Liefde vir julle is so groot dat Ek ook verhinder wat tot nadeel vir julle siele is. As die liggaam desondanks moet ly, beskou dit dan ook as `n bewys van liefde, want dit dien julle siele die beste.

Vrees daarom geen aardse leed nie, maar vertrou My, dat Ek ook dit draaglik sal maak, as julle maar glo in My, in My Liefde en mag. Probeer om julle in te dink dat `n krag wat My vyandig is, julle te gronde wil rig, en dat Ek dit nooit sal toelaat, uit liefde vir julle nie. Die vyandige krag probeer om julle wil te wen en as hy nie slaag nie, woed hy teen julle.

As julle wil nou ernstig op My gerig is, dan staan Ek ook as beskerming by julle en die werksaamheid van die teenstander sal niks oplewer nie. En so sal julle tog steeds moet glo dat Ek by julle is, dat julle nooit weerloos aan sy invloed oorgelewer is nie. En hierdie geloof sal julle troos en rus gee, want Ek beskaam dit nie. Julle geloof is die beste wapen teen die vyand van julle siele. Dit stel Ek nie teleur nie en Ek help julle in elke nood, geestelik en aards. As julle egter bang is en twyfel, dring die teenstander by julle in en oefen hy sy invloed uit.

Julle kan maar net `n sterk geloof bereik as julle julself voortdurend met My in gebed verbind. Want die voortdurend aanroep gee julle ook innerlike sekerheid dat Ek julle kan help. En julle sal ook My Liefde voel wat julle in elke nood wil help. Laat geen aardse sorg opkom nie, want hierdie neem Ek van julle oor wanneer daardie tyd kom. En dink slegs aan julle siele en sorg ywerig daarvoor, deurdat julle hulle sterk en kragtig maak deur My Woord. As julle My Woord aan julle siele verskaf, sal hulle sterker word in die geloof. En as julle glo, sal geen aardse nood julle ook meer bangmaak nie.

Voortdurend gee Ek julle die versekering dat Ek julle sal beskerm in elke gevaar van liggaam of siel. Glo My Woord en rus en vrede sal in julle harte inkom. Julle sal elke sorg aan My oorlaat. Julle sal ook julle geloof op ander kan oordra, want `n diep geloof straal sy krag uit en laat ook die swak geloof van sy medemens oplewe.

Wees nie bevrees nie, maar glo dat Ek vol krag is en julle liefhet. En onbesorg sal julle deur die aardse lewe gaan, steeds verseker van My hulp. Geen nood sal julle in benoudheid bring nie, selfs al moet julle dit ter wille van julle siele verdra. Want Ek beëindig dit wanneer die tyd aanbreek, Ek sal julle help volgens julle geloof.

Amen.

Duiwels in die eindtyd - Die dag van oordeel

B.D. No. **3657**
15. Januarie 1946

Die dag van die oordeel sal alles beëindig, goeie en slegte werke op hierdie aarde, soos wat dit verkondig is in woord en geskrif. Dit sal `n verskrikking wees vir die bose, vir die duiwels van die eindtyd, wat as beliggaamde mense op die aarde vertoef, soos dit egter ook `n dag van vreugde en oorwinning sal wees vir die mense wat te alle tye die goeie nagestreef het, wat My herken en bely het, ten spyte van die ergste woede van die duiwels, wat onder die heerskappy van Satan staan. En My regverdigheid sal geopenbaar word, niks sal verberg kan word nie, niks sal onder valse skyn bly bestaan nie, elke daad en elke gedagte sal openlik tevoorskyn kom, en Ek sal die mense oordeel volgens hul lewenswandel. En alle nood sal vir Myne eindig. Maar die groot nood vir hulle wat gebonde is aan My teenstander, sal nou eers begin en dit sal hul veroordeling wees, dat Ek hulle weer gevange sal neem, dat hulle - van hulle vrye wil beroof - weer in die hardste materie vir eindelose lange tye sal moet smag.

Maar die duiwels van die eindtyd het voorlopig geen erbarming te verwag nie, want hulle woede teen My en Myne is te erg en bring die hardste straf mee. Tewens is `n verandering van hul gesindheid op hierdie aarde nie meer moontlik nie, want hulle het te diep weggesink en in die geestelike toestand weer naby aan dit, wat My beweeg het om die skepping vir die gevalle engele te laat ontstaan, en dus moet hulle weer die gang deur die skepping aflê, as die moontlikheid eens moet bestaan, om uit vrye wil nader aan My te kom.

Die laaste oordeel is die inleiding daartoe en is ook die afsluiting vir die siele wat hulle weerstand beslis teen My opgegee het, wat in vrye wil op My afgestuur het en My behae probeer verwerf het op aarde. En dus sal die goeie van die bose geskei word en voor die oë van alle mense op aarde sal die gebeurtenis van die vernietiging homself afspeel en dit sal `n groot verbasing wees vir alle aardbewoners, want Myne sal Ek eers wegneem. Ek sal hulle in lewende lywe van hierdie aarde af neem en hulle oorplaas na `n oord van vrede, totdat die werk van die hervorming van die aarde volbring is, wat hulle dan weer tot verblyfplek sal dien.

Die einde is naby en julle almal sal die uur van die oordeel moet vrees, julle wat nou hoon en spot en nie meer aan die regverdigheid van Hom glo, wat julle die lewe gegee het nie. Hierdie uur moet julle vrees en alles daarvoor doen om dit nie `n uur van verdoeming vir julle te laat word nie. Glo dat die tyd naby is, wat Ek vooraf aangekondig het en berei julle daarop voor. Want die tyd wat nog aan julle gegee word vir julle lewenswandel op aarde, is buitengewoon kort. Dit is slegs nog `n laaste fase, wat ook uitermate vol leed sal wees en herken daaraan dat julle in die eindtyd leef en die einde geen uitstel meer duld nie, want as die duiwels self op aarde tekere gaan, beëindig Ek hulle bestaan. En dat die duiwels woed, sal julle almal daaraan kan herken, naamlik dat hul doen en late teen My gerig is, dat alle liefde sal verdwyn, dat die mense in die grofste liefdeloosheid mekaar skade berokken, dat hulle as duiwels onder mekaar tekere gaan en elke goddelike ordening verontagsaam.

Maar waar die liefde verdwyn, daar is die ryk van My teenstander en hierdie ryk sal Ek vernietig wanneer die laaste dag aanbreek, wat Ek as die einde bepaal het sedert ewigheid, met die besef van die wil van die mense en hul geestelike laagtepunt, want dit getuig dat hulle aan My teenstander behoort.

En Ek roep julle almal baie nadruklik toe: Dink aan die nabye synde einde. Berei julle voor, sodat julle aan Myne kan behoort. Laat julle nie deur die duiwels verlei nie, maar bied weerstand teen hulle, sodat julle nie aan die oordeel onderworpe sal wees nie. Want die laaste dag is nie al te ver meer nie. En julle sal verras word, indien julle geen ag sal slaan op My Woord nie, as julle nie gaan glo nie. Maar Ek wil julle waarsku voordat dit te laat is en stuur met hierdie doel My boodskappers na julle toe, wat My Woord aan julle moet bring, wat Waarheid is en sal bly tot in alle ewigheid, want dit gaan van My uit, Wie die ewige Waarheid Self is.

Amen.

Krag van geloof - Hulp in elke behoefte

B.D. No. **3660**
18. Januarie 1946

Julle kan My vir elke behoefte om hulp vra, al lyk die vervulling van julle versoek vir julle onmoontlik. Slegs dan sal julle die krag van geloof kan verstaan, wanneer hierdie behoefte deur die buitengewone begeleiding van My wil, vervul word. My krag en My Liefde kan doen wat vir julle onmoontlik lyk, op voorwaarde dat julle gebed vir My `n sterk geloof sal toon en dat julle, julleself met volle vertroue aan My toevertrou het. Neem daarom julle toevlug tot My met al julle behoeftes, vertel My julle probleme, julle sorge en vrese en vra My vir hulp. En waarlik, Ek sal julle nie vergeefs laat roep wanneer julle gebed `n diepe geloof toon en wanneer julle nederig sal wag op My hulp nie. Daarom het julle nie meer nodig om te vrees nie, op voorwaarde dat julle vas glo. Die diep opregte mens behoort vir ewig aan My, hy behoort aan My Kerk, hy is één van die wie Ek nooit sal verlaat nie en wat daarom ook altyd My beskerming sal geniet.

Maar nou, terwille van ander mense en ook vir julleself, as `n geloofstoets stel Ek julle telkens aan wêreldse gevare bloot om julleself te bewys, sodat julle medemense My mag vind en deur julle bewys kan vind van krag en geloof, sodat hulle ook kan leer om te glo en so hulle geestelike armoede verminder. En hoewel alles sal plaasvind ooreenkomstig My plan van ewigheid, het die gelowige mens nie nodig om enigiets te vrees nie, omdat My begeleiding wonderbaar is. My krag is groter as groot en My Liefde sal altyd `n oplossing vir elke probleem vind vir hulle wat aan My behoort.

Dus, wat onvermydelik noodsaaklik sal wees vir die hele mensdom, wat hulle sal sien as ontbering en ellende, kan iemand met volle vertroue in My heel onaangeraak laat; hy hoef nie daardeur beïnvloed te word nie, alhoewel hy homself reg in die middel van `n gebeurtenis sal bevind wat die hele mensdom as rampspoedig sal beskou, omdat hy My hand vashou en dit hom veilig en ongedeerd sal lei deur alle moeilikhede. Julle kan alles verban met `n vaste geloof en nóg mense nóg geestelike kragte sal julle skade kan berokken wanneer julle na My sal vlug met `n vaste geloof en julleself sal toevertrou en julleself onvoorwaardelik aan My en My barmhartigheid sal oorgee.

Ek ken egter die krag van geloof in elke enkele persoon en sy lot sal geskik word ooreenkomstig sy geloof. Maar om volmaak te word, sal die siel moet worstel vir hierdie kragtige geloof, dit kan nie aan die siel gegee word sonder haar eie bydrae nie, sonder haar strewe en opregte gebed nie. Maar iemand wat stry vir ’n diep vaste geloof, sal dit ook verkry, omdat sy gebed vir geestelike rykdom is en dit sal nie onverhoord bly nie. Daarom sal hy telkens gekonfronteer word met gebeurtenisse wat sy gebed behoort te verdiep, wat bedoel is om sy geloof te versterk. Daarom kan julle na My toe kom met al julle behoeftes en My om voorkoming of hulp vra. En Ek sal julle beslis nie teleurstel nie, Ek sal altyd gereed wees om te help, sodat julle My kan leer ken, My Liefde en My alomteenwoordigheid, en julle geloof sal steeds dieper raak, totdat julle julle aardse lewe onbesorg sal kan leef, omdat julle dan die krag van geloof sal ken en julle vertroue te alle tye in My sal plaas.

Amen.

Arbeid aan die siel

B.D. No. **3661**
19. Januarie 1946

Ondersoek julleself, erken julle swakhede en probeer dit oorwin. Dit is die arbeid aan julle siele, dat julle sal probeer om mense te word wat in My ordening sal bly, volgens My Wil sal lewe en julleself tot liefde omvorm. Want elke swakheid, elke tekortkoming en ondeug het sy oorsaak in liefdeloosheid en eieliefde.

Sagmoedigheid, vredeliewendheid, deemoed, geduld, barmhartigheid en regverdigheid is tekens van naasteliefde. En wanneer julle hierin tekortskiet, is julle nie met liefde vervul nie en moet julle dan ywerig arbei aan julleself. Maar daarvoor moet julle eers julle swakhede en gebreke as sodanig erken en daarvoor is ernstige selfkritiek nodig, `n ernstige besinning en regstelling van julle houding tot My en julle medemens.

Vir My moet julle as Vader respekteer, ook elke mens egter as broer en suster, omdat julle almal "kinders" is van een Vader. En My kinders moet mekaar liefhê, dan sal hulle ook My welgevalle ten deel val en Ek sal Self by My kinders kan vertoef. Elke ondeug hou My teë en dit is slegs tot julle nadeel, want sonder My en My teenwoordigheid sal julle swak en onvolmaak bly en sal julle nie julle doel op aarde kan bereik nie.

Julle doel is volmaaktheid, verandering tot liefde, verandering van julle wese na die oertoestand wat julle vrywillig opgegee het. Want slegs die oertoestand is geluksalig en solank julle daarvan vervreem is, sal gebrekkigheid, onwetendheid en kragteloosheid julle lot op aarde, sowel as ook in die geesteryk wees.

Ek wil julle weer die geluksaligheid verskaf en vermaan julle daarom voortdurend dat julle dit moet nastreef, dat julle die omvormingsarbeid van julle wese ernstig ter hand neem, dat julle deur innerlike oordenking sal leer om in te sien hoe weinig julle denke en handeling met My Wil ooreenkom, wanneer julle nog in die eieliefde volhard.

En daarom moet julle, julleself beywer dat julle hierdie gebrekkige toestand verander, dat julle die liefde beoefen waar en wanneer julle die geleentheid gebied word. Want slegs deur die liefde kan julle salig word, slegs deur die liefde kan julle julle tekortkominge en ondeugde bemeester.

En wanneer julle die liefde nog nie in julle voel nie, omvorm julle dan verstandelik tot regdenkende mense. Wees sagmoedig, vredeliewend, ootmoedig en geduldig en soek altyd om julle medemens te help. Want dan sal die gevoel van liefde in julle ontwaak, dit sal julle gelukkig maak en julle aanspoor tot liefdadigheid. En dan dryf die verstand julle nie meer nie, maar die hart en dan gaan julle tree vir tree omhoog. Daarom, slaan julleself gade, keer in julleself en vra julleself ernstig af of julle korrek dink en handel en julle hart sal julle dan antwoord gee. Ook sal Ek julle self te hulp kom wanneer julle hierdie vrae ernstig aan julleself sal stel. Ek sal julle die krag laat toekom om uit te voer wat julle ernstig wil en die arbeid aan julle siele sal dan ook gunstig vooruitgaan. Julle sal bevrediging vind deur julle onder My Wil te stel en voortdurend en verseker omhoog gaan, omdat dit dan julle wil sal wees om volmaak te word.

Amen.

Koning van die konings

B.D. No. **3665**
23. Januarie 1946

Die Koning van die konings regeer in Wysheid en Liefde oor Sy koninkryk en al die vorste oor die wêreld moet sy krag vrees, indien hulle nie Sy wil respekteer nie, indien hulle nie aan Hom onderhewig is met alle nederigheid en Hom nie erken as hulle Heer nie. Want Sy krag rig alle lotgevalle volgens Sy oordeel, insluitend die lotgevalle van elke nasie en hulle heersers, aangesien Hy met Wysheid regeer en Sy aktiwiteit word bepaal deur diepgaande Liefde. Selfs al laat Hy die mense hul vrye wil toe en laat Hy daardeur hierdie heersers om op te tree en te regeer volgens hulle wil, sal Hy nogtans verskyn as Koning van die konings wanneer die tyd aanbreek, wanneer die geestelike en

aardse nood op aarde dit van Hom sal vereis om dit op te los deur gebruik te maak van Sy krag. Dit lyk nie of hierdie tyd aangebreek het vir die wêreld nie, omdat die owerstes en die konings van hierdie wêreld na 'n vreedsame oplossing streef (Januarie 1946), maar hulle sal nie slaag nie. Dit sal misluk, omdat die een wat Satan se kneg op aarde is, dit sal weerstaan. Geestelik egter, het die tyd aangebreek wat 'n radikale verandering noodsaak, want die mensdom erken nie meer die grootste Heerser nie en om daardie rede sal hulle op die harde manier moet uitvind. En wanneer Satan se aktiwiteite daaruit bestaan om tweedrag aan te hits, in plaas van die ondersteuning van vrede, sal die tyd ook op die aarde aanbreek vir die Koning van die konings om te verskyn en die wil van die aardse regerende magte met sy wil teen te staan. Dan sal daar sekerlik vrede onder die mensdom wees, maar nie geluk of voorspoed nie. Dan sal 'n ander soort teëspoed begin en dit sal ook deur die mense verduur moet word om hulself voor te berei op die nabye einde. Vir 'n kort tydjie sal die aardse mag gebreek word, maar dit sal weer opstaan, erger as ooit, en sal die finale werk van vernietiging inisieer. Dit sal oorlog verklaar teen enigiets wie die Koning van die konings sal kies. Dit sal Hom nie aanvaar nie, dit sal alle mense van Hom wil wegdraai en sal die gesag bely wat beheer word deur Satan en dus openlik veg teen God. En dan sal die einde kom. Hy sal slegs vir 'n kort tydjie regeer om sy heerskappy vir 'n oneindig lang tyd te laat vaar, want hy sal aangekeer word en ontneem word van elke geleentheid om te regeer. En slegs Een sal regeer en hierdie Een sal in die Liefde en Wysheid regeer vir die voordeel van almal wat op die aarde woon. Hulle sal die Koning van die konings erken, omdat hulle Syne uit hul eie vrye wil geword het, hulle het dit bewys deur Hom en Sy Naam dapper te bely voor die wêreld, voor Sy teenstander, en so sal hulle beloon word op die nuwe aarde met 'n salige lewe in die paradys.

Amen.

Geestelike skeppings - Geluksaligheid - "Wat geen menslike oog ooit gesien het nie"

B.D. No. **3670**
28. Januarie 1946

Alles wat vir julle sigbaar is, getuig van My mag en krag en liefde. Maar tog skep My Liefdeskrag ook onsigbare skeppings wat julle in die geesteryk sal verruk, maar slegs wanneer julle die graad van vryheid sal bereik wat geestelike beskouing sal toelaat. Dan sal julle julleself inderdaad verwonder aan die wonderwerke van My Liefde, dit sal julle verruk, nietemin sal dit ook vir julle begryplik wees, want julle sal Myself dan as krag en liefde herken, dan sal julle reeds so deurdronge wees daardeur, dat julle sal kan verstaan dat dit die diepste grond van alle skeppings is en julle sal Hom vir ewig wil loof en prys Wie Sy wil handelend laat optree om voortdurend werksaam te wees in liefde.

Die geestelike skeppings kan nie deur die mense op aarde voorgestel word nie, want hulle is die toonbeeld van harmonie, volmaaktheid, skoonheid en veelsydigheid. Dit is uitermate wonderskone maaksels, wat deur voortdurende afwisseling steeds pragtiger word om te aanskou en wat die oë van die toeskouer nooit sal vermoei of oorversadig nie, maar steeds die diepste geluksgevoel en dankbaarheid teenoor My, die Skepper van hemel en aarde, sal uitlok. Die aardse skeppings kom vir die mens ook wel lieflik voor en laat sy hart vinniger klop, in die besef om teenoor die Skepper van ewigheid te staan, Wie ten volle almag en liefde is. Die mooiste skeppings van die aarde is egter slegs 'n swak afskynsel van die geestelike skeppings en sal 'n vergelyking daarmee nie kan deurstaan nie, omdat My liefde op die aarde nie so duidelik herkenbaar kan wees nie, omdat die mense self nog nie verander het in liefde nie.

Maar aan siele wat liefde geword het, kan Ek ook die volheid van My Liefde laat toekom. Die vormende Liefde kan Haarself aan hulle openbaar en Ek kan hulle laat sien en aan hulle openbaar wat Ek hulle beloof het: "Wat geen menslike oog ooit gesien het en geen menslike oor ooit gehoor het, het Ek vir diegene berei wat My liefhet". En die skeppings sal steeds mooier word, hoe dieper die wese in staat sal wees om lief te hê. Die diepe liefde sal hulle insae gee in My bestuur en heerskappy in die geestelike ryk, want hulle sal nie meer onvolmaak staan teenoor My nie, maar hulle sal geword het

wat Ek self is, naamlik Liefde. Hulle sal self vol mag en krag wees, om in die hoogste volmaaktheid self te kan skep en formeer volgens My wil, deur My krag.

'n Vergelyking vir hul werksaamheid in die geestelike ryk kan nie vir die mense op aarde gegee word nie, omdat daar heeltemal ander wette heers en die geestelik werksaamheid niks met die materiële arbeid, met die take op aarde, in gemeen het nie. Maar dit is 'n werksaamheid in geluksaligheid, 'n werksaamheid wat die hoogste geluk beteken vir die wese wat liefde geword het, wat kan dink, kan voel en kan wil, wat in staat is om te sien en te hoor, wat as aparte wese gewaarwording het en tog, in verbinding met ander wesens, uitermate gelukkig is, omdat die krag en liefde daardeur vermeerder en haar vermoë vergroot om werksaam besig te wees. Dit is 'n toestand van die geluksaligste harmonie waarin die inwoners van die geestelike wêrelde hulleself bevind, 'n toestand waarna voortdurend gestreef moet word, sodra die siel tot insig gekom het op aarde of in die geestelike ryk.

Dit is 'n toestand waarin Ek alle wesens sou wil oorplaas, omdat Ek hulle liefhet en vir hulle die heerlikhede van My ryk wil laat aanskou. Want die werksaamheid van My liefde is onafgebroke besig met die gelukkig maak van My skepsels. My liefde is oneindig en wil gee en gelukkig maak en daarom wil Ek My skepsels waardig maak, om in geestelike skeppings te mag vertoef. Maar hulle moet dit self wil, hulle moet in vrye wil omvorm tot liefde, om in die geestelike ryk onuitspreeklik gelukkig gemaak te kan word, tot in alle ewigheid.

Amen.

Antichris - Einde

B.D. No. **3672**
31. Januarie 1946

Die gees van die Antichris is in die wêreld sedert Jesus Christus Sy verlossingswerk volbring het. Voortdurend het hy gepoog om Sy werk te ontkrag, voortdurend het hy geveg teen die aanhangers van Jesus, voortdurend het hy die mense aangespoor tot liefdeloosheid, dus om in stryd met die wil en die leer van Christus op aarde besig te wees, deels deur geestelik werksaam te wees om die gedagtes van die mense in die war te bring, deels in die uiterlike gedaante van 'n mens in die gewaad van kennis en wysheid. Steeds weer sal daar 'n menslike leer staan teenoor die leer van Christus wat sal probeer om te weerlê, wat dus antichristelik gerig sal wees en steeds weer sal dit die werksaamheid van die satan wees, aktiwiteite van die kragte van benede, om die doel te bereik om mense van God afvallig te maak, of om hulle weg na Hom te versper. En hierdie antichristelike aktiwiteite sal voortdurend toeneem en sal heel duidelik voor die einde aan die lig kom.

Die Satan self sal op aarde werksaam wees in die uiterlike gedaante van 'n mens, die Antichris in persoon, wie se werk uitermate noodlottig sal wees vir die hele mensdom. Want van hom sal die wette uitgaan wat ten doel sal hê om die geestelik gesinde denke uit te roei, wat al die geestelike strewe sal teengaan en die mense heeltemal verwêrelds. En dit sal die laaste taak wees van hom, wat teen God stry, want dit sal 'n oorskryding wees van die grense van sy magsbevoegdheid, wat God onverbiddelik sal straf.

Daar sal 'n vinnige verandering wees in wêreldse gebeurtenisse. Kort op mekaar volgend sal groot wêreldse veranderinge voltrek word en daar sal 'n heersende mag op die voorgrond tree, deurdat hy die lotgevalle van alle volke sal wil bestuur en wat in plaas van ordening, 'n totale wanorde tot stand sal bring, want haar bepalings raak in die eerste plek die onderdrukking van elke geloof. En hy sal op die aarde veel aanhangers vind en dit sal die teken wees van die einde. Want die mense sal hulle nie hierteen verset nie, maar hulle sal hulle byna eensgesind uitspreek vir hom, wat as hulle held en oorwinnaar vereer sal word en wie se doelwit hulle sal aanvaar en dus ondersteun.

En nou sal die moeilikste tyd vir die gelowiges begin. Die doen en late van die wêreld sal vir hulle onbegryplik voorkom, die geduld en die liefde van God sal vir hulle onvoorstelbaar wees, Wie so iets toelaat, dat Sy allerheiligste Naam belaster en bespot word en dat die aanhangers van Jesus Christus voëlvry verklaar en vervolg sal word op die mees genadelose manier. Maar hulle sal steeds dieper

deurdring tot die waarheid van die Goddelike woord, dat dit alles voorspel was en gee hulleself dus ook vol vertroue oor aan die goddelike leiding. Die Antichris sal op die mees skrikwekkende wyse woed, en sal die mense verblind deur sy dade wat hy met ondersteuning van die krag van benede sal uitvoer.

Die Satan self sal deur hom werksaam wees as die vyandige gees van Diegene wat werksaam is in die skepsels van liefde en geloof, in die mense wat God bo alles liefhet en wat vas in Hom glo en daarom groot nood sal moet verduur deur die teenstander van God. Mens sal hom huldig, mense sal altare vir hom oprig, mense sal hom aanroep as messias van wie die verlossing moet kom, want hy sal dade volbring wat die mense sal beïndruk, maar dit sal geen werksaamheid in liefde wees nie, maar slegs 'n werksaamheid in arrogansie en heerssug. Hy sal as mens besig wees en sal poog om sy krag menslik te verklaar en sal alles bestry en ontken wat goddelik is, wat op God dui en van God getuig. En sy wil sal ontsettend sterk wees.

Hy sal gebied en wie aan sy gebod weerstand bied, vernietig hy. Hy sal poog om aan alle leringe van Christus, aan alle kennis oor Hom en Sy verlossingswerk, 'n einde te maak, hy sal poog om alles deur die drek te sleep en aan diegene wat hom in sy werksaamheid teen Christus sal help, sal hy beloon as koninklike, soos wat hy ook daarenteen vol haat sal optree teen Sy aanhangers.

Die persoon van die Antichris sal herken kan word aan sy uiterlike skoonheid, aan sy liggaamlike krag, want die satan sal hom omgeef met 'n kleed om nie herken te word as die een wat hy is nie. En buitengewone vermoëns sal die opmerksaamheid van die mensdom op hom rig en aan die bewondering sal geen einde kom nie. In uiterlike prag en praal sal hy op die aarde vertoef, in teenstelling met Jesus Christus, wat onopvallend te midde van sy broers sal wandel, gespeen van alle aardse goedere, met 'n hart vol liefde vir die medemens. Maar die hart van die Antichris sal rof en gevoelloos wees teenoor alle aardse nood en tog sal die mensdom hom toejubel, verblind deur sy uiterlike glans en sy krag. En skielik en onverwags sal hy optree, hy sal homself openbaar in die grootste nood en met sterk hande die mag en die gesag vir hom toeëien. Hy sal belowe om redding te bring en hy sal geen teenstand ondervind nie, omdat die mense maar slegs aandag sal skenk aan die aardse nood, maar geen ag sal slaan op die gees van die held, wat wil uitblink en homself as heerser sal oprig met ondersteuning van die mense wat net so daaroor dink nie. En dan sal die einde naby wees. Want die geloofstryd wat nou sal begin, lui die totale vernietigingswerk in, wat betref hierdie aarde. Dit sal maar ’n kort tydjie neem, maar sal so heftig wees, dat daar 'n buitengewoon sterk geloof nodig sal wees om nie te swig nie.

Maar weer draai God Homself teen sy teenstander. Want Hy is in die gees te midde van diegene wat vir Hom stry en die Antichris sal tevergeefs oploop teen die skans van die geloof. En van sy troon sal hy neerstort in die poel van die verdoemenis. Sy heerskappy sal nie lank duur nie, maar hy sal onuitspreeklike lyding aangerig het onder die hele mensdom, wat vir die grootste deel sy kant gekies het, wat alle geloof in God laat vaar het, wat aan sy aardse verwesenliking geglo het en uiteindelik ook deel sal hê aan die verdoemenis, want hulle is die teenstander van God onderdanig en sal daarom ook in sy lot moet deel. En dit sal die einde wees. Jesus Christus sal oorwinnaar bly en sy kerk bly bestaan tot in alle ewigheid.

Amen.

Die Christus probleem - Die leer van die liefde

B.D. No. **3678**
6. Februarie 1946

Deur die Christus probleem sal die mense van hierdie aarde skipbreuk ly in die laaste tyd voor die einde. En wel omdat hulle self sonder enige liefde sal wees en daarom die grootste Liefde nie kan en wil insien nie. En omdat die leer van Christus heeltemal teen hulle wense en gedrag inwerk, sal dit bestry word as hinderlik vir die werk van die heropbouing wat hulle van plan is om te verrig na die vernietigingswerk wat die natuurkatastrofe gaan veroorsaak. In die Christelike leer sien hulle `n hindernis vir die uitvoering van hulle planne en daarom verklaar hulle oorlog teen Christus.

Totale onwetendheid en ’n duiwelse gesindheid sal die dryfvere wees van hierdie stryd waardeur hulle ook die aanhangers van Christus, wat kennis het, van hulle laaste houvas sal wil beroof, terwille van aardse goedere. Want elke maatreël sal indruis teen die goddelike gebod van die liefde. Die mense sal gedwing word in `n denkrigting wat hulle volledig tot duiwels sal omvorm, indien hulle hulself nie verweer en by Hom beskerming soek nie, Hy alleen wat vir hulle hulp kan bied teen die Satan en sy kragte op aarde, Christus wat Homself teenoor hom sal plaas om te stry.

Christus sal nie geag word nie, want die mense op aarde sal probeer om alles wat goddelik is, uit te roei. Hulle sal egter vir Christus nóg as Goddelik, nóg as Verlosser van die mensdom erken en daarom sal Hy openlik na benede gedruk word, Sy Naam sal belaglik gemaak en bespot word en Sy aanhangers sal op die ergste wyse in die noute gedryf word. En dit sal noodsaakliker as ooit wees dat mense Hom sal bely teenoor die wêreld. Want slegs Hy verskaf aan die mense die krag wanneer hulle Sy verlossingswerk erken, slegs Hy het die mag oor die Satan en slegs Hy versterk die mense om weerstand te bied.

Maar sonder Hom sal die mens tot niks in staat wees nie en sal aan die mag van Satan oorgelewer word, sonder Hom sal hy in sterk kettings vassit, waaruit hy homself nie sal kan bevry nie. En daarom word juis oor die Christus probleem besonder duidelike onderrig aan die draers van die waarheid gegee, sodat hulle almal kan onderrig wat duidelikheid daaroor verlang. Dit word aan die mense uitgelê dat die Goddelikheid van die mens Christus slegs uit Liefde bestaan, dat deur die liefde elke mens homself tot `n goddelike wese, tot `n kind van God kan omvorm en dat elke mens deur die liefde tot buitengewone kapasiteite kan kom, omdat die liefde as sodanig `n krag is wat die ewige Liefde as uitgangsbasis het en werksaam is in elke mens wat tot liefde geword het, sodat dit vir die mense nou ook begryplik sal word dat hulle nooit as te nimmer Christus en Sy leer mag verwerp nie, as hulle nie wil ondergaan in die ryk van die duisternis nie, waar kragteloosheid en ewige duisternis die lot van die siele is.

Elke stryd teen Christus as die Bringer van die leer van die liefde en daardeur die goddelike Wegwyser na krag en lig, sal daarom die swaarste en pynlikste gevolge moet dra, as dit nie weerstaan gaan word nie, as die stryder homself nie by Christus gaan skaar waar hy nooit as te nimmer oorwin kan word nie. En wat daar ookal geëis gaan word van die mense in die laaste tyd, hulle wat saam met Jesus gaan en vir Hom en Sy leer opkom, sal oor buitengewone krag beskik om alle eise van die wêreld te trotseer. Maar hulle wat Hom verloën, wat hom as knegte van Satan behulpsaam sal wees om Jesus en Sy leer uit te roei, sal onverhoeds getref word deur die oordeel, want hulle duiwelse gesindheid kan geen erbarming vind by God op die dag van die oordeel nie. Onwetendheid is geen verontskuldiging nie, omdat elke mens voldoende geleentheid gegee was om oor Christus en Sy verlossingswerk, oor Sy taak en Sy leer van die liefde op aarde na te dink, sodat dit vir elkeen wat gewillig is, nie moeilik sal wees om ’n begrip te kry van `n probleem, wat slegs `n probleem bly solank as wat die mens homself nie daarmee besig hou nie.

Elkeen wat in die liefde leef, weet watter krag die liefde is en hy weet ook dat die Godmens Jesus alleen oor die buitengewone krag beskik het, omdat Sy Wese suiwer Liefde was. En as die mense nie heeltemal kragteloos `n prooi wil word van die vors van die onderwêreld nie, dan moet hulle vir hulself krag verwerf deur die liefde, hulle moet Jesus Christus navolg, hulle moet Hom en Sy leer erken, hulle moet Sy gebooie onderhou en dit vereis maar net liefde en daardeur sal hulle oorwinnaars bly oor alle kragte van die onderwêreld, want hulle stry met Jesus Christus, Wie onoorwinlik is en sal bly tot in alle ewigheid.

Amen.

Roep My aan in nood - Diepte van die geloof

B.D. No. **3681**
9. Februarie 1946

In ure van nood hoef julle maar net vol vertroue tot My te roep en Ek sal nader aan julle wees as ooit. Elke verbinding met My deur middel van gedagtes, het vir julle My nabyheid as resultaat, want Ek is `n Gees Wie julle in die kleinste maat in julleself dra. En as julle oproep tot My uit die

diepte van julle hart kom, is dit die geesvonk in julle wat na My, die Vadergees van ewigheid, toe snel wat nie van My te skei is nie en wat My dus na julle toe trek. Weliswaar is Ek altyd naby aan julle, maar slegs merkbaar wanneer julle wil bewustelik na My sal streef en julle My teenwoordigheid afsmeek. En so sal julle My nabyheid bemerk, dat daar van binne af `n rus oor julle sal kom wat in die vaste geloof in My en My hulp gegrond sal wees.

Roep My aan in nood en Ek sal julle verhoor. As julle glo dat Ek bestaan en dat Ek julle bemin, dat niks onmoontlik is vir My Mag nie en julle roep My vanuit julle harte, dan sal julle, sonder om te twyfel in die vervulling van julle versoek, My hulp afwag. En julle sal gehelp word. Maar alle twyfel verswak die krag van julle geloof, julle maak dan die werksaamheid van die gees in julle onmoontlik, julle verhinder hom om homself na My, die VADERGEES te begewe en hy kan dan ook nie die krag oorbring wat van My deur die geesvonk op julle oorgaan nie.

Waarlik gelowige kinders wil Ek My eiendom noem, wat die woord van die Vader sonder enige beperking vertrou, wat hulself aan Hom oorgee in elke nood en elke gevaar, wat nie bang is en kleinmoedig word nie, omdat hulle hulself veilig voel in die hoede van hul liefdevolle Vader. Hierdie diepte van geloof maak julle baie sterk in die gees, dit verdryf alle aardse en geestelike nood, want `n onwankelbare geloof veroorloof My om ongehinderd werksaam en voortdurend merkbaar teenwoordig te wees. Dan kan Ek ook duidelik sigbaar werk, Ek kan die onmoontlik skynende tot stand laat kom, omdat `n diep geloof `n volheid van krag tot gevolg het, waardeur die mens self, of ook die geestelike krag vir hom, oorwinnaar word van alles wat hom sorg baar.

Glo en julle sal altyd gehelp word, laat My krag deur julle geloof na julle binnestroom en laat julle nou deur die gees in julle, rus en sekerheid verskaf, want die groter wordende krag in julle gaan van My uit, dit is `n uitstroming van Myself en dus is Ekself in en by julle, na gelang die sterkte van die geloof en die innigheid van julle oproep na My.

Op aarde sal julle nooit kan begryp dat Ekself, die geesvonk in julle, Liefde, Krag, Lig, alles een is, dat Ek dus steeds teenwoordig is waar die gees in julle kan werk, waar liefde beoefen word en Ek as Krag en Lig duidelik sigbaar is. Want wanneer dit alles vir julle begryplik sou wees, sal julle nie meer kan twyfel nie. Julle moet egter julle beste doen om dit te begryp en julle moet die gees in julle raadpleeg sodat hy julle onderrig en aan julle opheldering gee oor dit wat vir julle nog onverklaarbaar is, wat julle nie begryp nie.

En die gees in julle sal julle onderrig. En weer is dit Ek Self Wie julle onderrig, Wie julle na My toe wil trek en aan julle die Waarheid bring, sodat julle die weg na My kan vind, sodat julle vermoëns geestelik gerig kan word en julle verlang om met die VADERGEES in verbinding te tree. En dan sal julle geloof steeds dieper en sterker word, steeds sal julle My meer herken, My voortdurende aanwesigheid sal julle bemerk en julle in volledige rus aan My en My leiding toevertrou. En julle sal waarlik korrek gelei word op hierdie aarde, julle sal die regte weg gaan, wat na die ewige vaderland lei en julle doel sekerlik bereik.

Amen.